Die CJH de Wet-saak: 'n Histories-kerkregtelike beoordeling

PJ Venter

Orcid.org/0000-0003-0391-8493

Proefskrif voorgelê ter nakoming vir die graad *Philosophiae Doctor in Kerk- en Dogmageskiedenis* aan die Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof PH Fick
Mede-Promotor: Prof A le R Du Plooy

Gradeplegtigheid: Mei 2019
Studentenommer: 10540067

VOORWOORD

In Jesaja 1 sê die Here – *Ek verdra geen ongeregtigheid ... nie* (vgl. vers 13). In 2 Kronieke 19 word aan die regter gesê: *Kyk wat julle doen, julle spreek nie reg vir die mens nie, maar vir die HERE; en Hy is by julle in die regspraak* (vgl. verse 6&7). Watter troos om te weet by God is geen onreg of partydigheid nie. Mag hierdie studie in die lig ontvang word. Onreg en ongeregtigheid moet nagegaan en uitgeroei kan word. Mag die studie die wetende en onwetende onreg van meer as 70 jaar gelede nie net nader aan die lig gebring het nie maar dat die soeke na reg deel vorm van ons soeke na God se Koninkryk waar God Sy geregtigheid wil byvoeg.

Aan prof. Rikus Fick en prof. Andries du Plooy groot dank en diepe waardering vir die studieleiding, die begrip en saamwerk wat diep delf en saam dink geverg het.

Aan die De Wet-familie, veral Cas op Joubertina, dankie vir die dokumente en aanstuur van sertifikate en foto's wat sinne en gesigte een kon maak. Dankie dat die saak, so klink dit vir my, julle nie verbitterd gelaat het nie.

Aan Carmie Huisman, jy weet so 'n studie is alleen moontlik met wat argivaal beskikbaar is. Dankie dat jy meer as net die beskikbare gebied het en dit so aangebied het dat ek daaruit vrylik en vrymoedig kon werk en weer kon teruggaan in wat nog weer ontsyfer en nagespoor moes word.

Dank ook aan:

Hester Lombard en Berna Bradley van die Jan Lion Cachet biblioteek vir wie geen navraag en versoek onmoontlik was nie en hulle het altyd moeite gedoen.

Die argief-personeel by Unisa wat bereid was om diep te grawe om die enigste manuskrip van De Wet se MA-verhandeling in Staatkunde op te diep.

Prof. Schalk Vorster vir proeflees en taalversorging wat belangstellend, verantwoordelik en met groot begrip gedoen is.

Dr. Gerard Schuring - Watter ontdekking op Leeupoort van 'n talekenner wat my studieverlof ingelei het, eenvoudig net saamgewerk het en vir wie geen bladsy te veel was nie.

Prof. Marinus Wiechers, waardeerde lidmaat in ons gemeente vir sy belangstelling en herinnering aan familieverbintenisse wat in die saak 'n rol kon gespeel het.

Rina Noëth vir vertaling wat 'n stukkie van die anti-Engelse De Wets laat Engels praat.

Magriet Venter en familie vir die ruim gebruik van julle tuiste in Leeupoort tydens my studieverlof.

My vrou, Christine - jou ondersteuning, hulp en aanmoediging is die agtergrond op elke bladsy.

Ons kinders, Johann en Lise - julle inleef en saamleef, selfs in die tye van my “wegleef”, verdien baie meer as net ’n dankie-sê.

Pa Jan en ma Truia vir julle meeleef en altyd daar wees as dit goed gaan en ook as dit broekskeur gaan. Dankie dat julle kerkgang, julle voortleef en uitleef van geloof my en Annatjie se lewens gevorm het.

My swaer Naas en Mias en Clarissa, dat ons die pad sonder Annatjie op aarde nog kan voortsit.

My skoonma, swaers en skoonsusters - julle belangstelling het gewys julle gee om.

Die Gereformeerde Kerk Pretoria, die Kerkraad, die gemeente, vir die ruim studieverlof, die belangstelling, die inleef en voortdurend op julle hoede wees. Julle verdien een groot dankwoord wat hopelik voortdurende bediening nou in meer gereelde huisbesoek mag omskep.

Vorige gemeentes – Hoedspruit, Outjo, Otjiwarongo, Biermanskool, Dendron, Magalakwin – dat ek daar kon wees en julle my help vorm het in denke en woorde wat my al nader aan die onderwerp gebring het.

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir ruim finansiële steun om hierdie studie van die grond te kry.

Die NWU se finansies en beurse-afdeling, vir volgehoue finansiële steun, so lank ek dit nodig gehad het.

Opgedra aan Annatjie

Jou naam en stryd is my herinnering dat die lewe verder strek as ’n graf in Zandfontein –

ek sou so graag hierdie saak met jou wou deel ...



CJH de Wet- as jong teoloog en professor

Kuratorium wat in 1945 tot aan die einde van die De Wet-saak in 1946 betrokke was.
Voor CJH de Wet, HJR du Plessis, ID Krüger (v), TT Spoelstra (skriba), JP Jooste, JD du Toit, S du Toit
Agter JH Kruger, JV Coetzee, ELJ Venter, PJS de Klerk, DG Venter, ASE Yssel

Studente van 1944 waarvan sommige se klas-aantekeninge in die saak teen De Wet gebruik was.
Voor: studente D Kempff, JC Kruger en MJ Booyens.
Middel: student GPL v/d Linde, proff. S du Toit, CJH de Wet en JD du Toit en student KS van Wyk de Vries.
Agter: studente SP du Plessis, PW Buys,
MJP Olivier (NG Kerk),
C Hattingh,
GP Scheepers, T Steyn

Kranslegging by voet van Vrouemonument tydens GKSA Sinode 1939.
CJH de Wet aan regterkant tweede persoon naaste aan die krans.
JD du Toit (Totius) met geboë hoof aan linkerkant naaste aan die krans. Langs Totius staan ID Krüger en langs Krüger staan JV Coetzee wat soos De Wet ook in die rigting van kamera kyk.

OPSOMMING

Casparus Jan Hendrik de Wet (1887 – 1959) is in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis ’n besondere figuur en ’n soort skadufiguur in die geskiedenis van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA). Sy lewe en bydrae in die Suid-Afrikaanse geskiedenis geniet soveel erkenning dat ’n artikel oor hom in die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek,* III: 235-236 aangebied word. Hierdie publikasie wat in 1977 uitgegee is, is waarskynlik die laaste gepubliseerde werk waarin die naam en persoon van CJH de Wet op biografies nagevorsde wyse ter sprake gekom het.

Hierdie studie is die eerste waarin daar ook gepoog is om aan CJH De Wet ’n teologiese ruimte te bied wat nog nie in die geskiedskrywing rondom prominente GKSA-teoloë aan hom gegee is nie. Die hoofsaak is die klag van leerdwaling wat in die vroeg-veertigerjare van die vorige eeu teen hom aanhangig gemaak is. In die byna 160-jarige bestaan van die GKSA is hy die eerste en enigste teologiese professor wat op hierdie wyse aangekla is en ’n ingrypende en uitmergelende kerkregtelike proses moes trotseer. In hierdie studie is die De Wet-saak vir die eerste keer histories en kerkregtelik nagevors. Een van die hooffigure in die klag teen De Wet was die baie bekende en bekroonde teoloog, die hooggeagte JD du Toit (Totius).

In die geledere van die GKSA is De Wet beskou as die grootman (in gestalte) wat in sy prediking net so “groot” was. ’n Vroeëre skoolhoof van Boshoff in die Vrystaat het hom beskryf as “ons magtigste prediker, wat as sulks van sy skouers af uitgesteek het bo al ons predikante ...” Hierdie “grootman” het homself in die geledere van die GKSA verneder en verkleineerd gevoel, dit is in die kerk waaraan hy die grootste deel van sy teologiese lewe (1912 – 1946) toegewy het.

De Wet was die eerste teoloog in die GKSA wat in 1921 in Kerkreg gedoktoreer het met ’n proefskrif getiteld *Die Kollegiale Kerkreg.* Hy het hierdie studie by die Vrije Universiteit in Amsterdam onder prof. HH Kuyper voltooi. Hierdie studie het hom gedwing om diep in die Duitse teologie- en literatuur te delf, wat hom later in die Suid-Afrikaanse konteks as van die grootste kritiese kenners rondom die teologie van Schleiermacher en Karl Barth uitgesonder het.

De Wet se blootstelling aan die Duitse invloede en werke, wat Karl Barth insluit, kon later indirek ’n oorsaak gewees het dat hy in sy eie teologiese aanbiedinge misverstaan en verkeerd geïnterpreteer is. Sonder dat De Wet doelbewus Barthiaans was en hy Karl Barth baie krities

bejeën het, is daar sekere van De Wet se beskouinge rondom die *Filioque-leer* en ook sy vertolking van die Erfsonde-leer wat ’n realistiese beskouing voorhou en met opset wegbeweeg van ’n federalistiese beskouing. Dit blyk dalk meer Barthiaans te wees as wat De Wet self sou erken het.

Die hoofsaak wat in hierdie studie kerkregtelik aangepak word, is om agter die persoon en die saak van CJH de Wet in te skuif en na te gaan watter teologiese aspekte vir CJH de Wet uitgestaan het. Verder om te bepaal wat veroorsaak het dat hy deur sy eie kollegas nie meer geskik geag is om sy bediening in Potchefstroom voort te sit nie. Wanneer De Wet aan die einde van die geding skerp en negatief teen JD du Toit skryf, is die logiese vraag: wat het hom daartoe gedryf? Hy skryf onder andere: “Prof. JD du Toit het op die laaste Sinode aktief teen my opgetree en my openlik en publiek voor die Eerw. Sinode beskuldig van kettery ...” JD du Toit het daarop aangedring dat in 1946 die eerste buitengewone Sinode in die geskiedenis van die GKSA opgeroep moes word omdat hy dit noodsaaklik geag het om die vorige Sinode se “halwe werk reg te maak”. Die “halwe werk” verwys na die hantering van die leergeding teen De Wet tydens die Sinode van 1945.

Die Kuratorium was verantwoordelik om die De Wet-saak kerkregtelik te hanteer. Die grootste uitdagings waarvoor hulle te staan gekom het, was om oor die ware leer, maar ook oor die persoon wie se leer op nege gronde onder verdenking was, oordeel te fel. Volgens ds. JV Coetzee, een van die prominente kuratore en ’n noue bondgenoot en vertroueling van JD du Toit, was die meeste van De Wet se “dwalinge” in sy studente se aantekeninge te vind. JD du Toit en JV Coetzee het baie moeite gedoen om in opdrag van die Kuratorium ’n rapport saam te stel wat die saak van De Wet in sy grond moes bestudeer en blootlê. Dit was die aanleiding tot ‘n uitgebreide dogmatiese studie in ’n rapport van oor die 50 getikte bladsye. In die rapport word De Wet op al nege gronde van die beskuldigings as skuldig voorgehou.

Die oproep tot die buitengewone Sinode van 1946 was in hoofsaak daarop gemik om hierdie uitgebreide studie die groot toets te maak waarom CJH de Wet nie langer mag dien nie. Hierdie studie het ’n oordeel probeer vorm oor die persone, die bevoegdhede, die werkswyse, die ervarings en die mandate wat aan alle betrokkenes in die De Wet-saak toegedeel was.

ID Krüger was as voorsitter van die Kuratorium daarmee gediend dat sy skoonseun, op daardie stadium adv. F Rumpff (’n latere hoofregter in Suid-Afrika), vanuit die burgerlike reg op verskeie fasette van die De Wet-saak inspraak moes lewer. Dit verklap in ’n groot mate die Kuratorium se

eie onsekerheid in die hantering van die saak. Rumpff en nog ’n bekende professor in die Regte, maar in teologiese kringe baie bekend, prof. LJ du Plessis, is op bykans elke faset van die saak vir advies genader. In die studie is nagevors watter groot invloed die burgerlike reg, soos dit in geregshowe geld, in die saak teen De Wet, wat veronderstel was om kerkregtelik hanteer te word, gehad het. Die studie poog ook om vas te stel of die gevaar van nepotisme die saak beïnvloed het. ID Krüger met sy skoonseun, F Rumpff, en JD du Toit met sy seun, S du Toit, verteenwoordig hegte familie verbintenisse en almal was groot rolspelers in die De Wet-saak.

Die sinodale en kerkregtelike proses met CJH de Wet het op 8 Februarie 1946 op tragiese wyse geëindig. De Wet het alle vertroue in die kerkregtelike proses verloor. Hy het met ’n skokkende bedankingsbrief alle bande met die Teologiese Skool Potchefstroom en die Kerke in die GKSA verbreek, wat eindig met die bittere verwyt: “vaar heen”. Enkele dae later reik De Wet ’n verklaring uit: “Waarom ek uit die GKSA uitgedryf is?”. Hierin verwyt hy onder andere die kerkverband van nepotisme en van klakkelose napraat van ander prominente teoloë. Volgens De Wet dui dit daarop dat die GKSA op daardie stadium geen oorspronklik wetenskaplik gefundeerde teologie beoefen nie. Dit is harde aantygings wat ook in hierdie studie geweeg en verreken moes word.

Sleutelterme

Buitengewone Sinode	Extra-ordinary Synod
De Wet, CJH	De Wet, CJH
Du Toit, JD (Totius)	Du Toit, JD (Totius)
Kuratore	Curators
Leerdwaling	Heresy
Tug oor ampsdraers	Discipline over office bearers

ABSTRACT

Casparus Jan Hendrik de Wet (1889-1959) is a special figure in the history of the church in Southern Africa. He may also be seen as a background figure concerning the history of the Reformed Churches of Southern Africa (RCSA). His life and his contribution to the history of South Africa enjoy such recognition that an article was written about him in the *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, III: 235-236. This book was published in 1977 and may be the last published work where the name and person of CJH de Wet was biographically researched.

This study is the first that tries to give CJH de Wet a space that has not yet been given to him where prominent RCSA theologians are concerned. The main reason is because of the complaint laid against him in the early 40's of the previous century concerning a teaching error he allegedly made. In the approximately 160 years of existence of the RCSA, he is the first and only professor in theology that has been accused in this manner and who had to face a drastic and tiresome church disciplinary process. In this study the de Wet case is being researched for the first time historically and in the light of the Church Order of RCSA. One of the main role players in this complaint against De Wet was the well-known and renowned theologian, JD du Toit (Totius).

In the ranks of the RCSA De Wet was seen as an impressive man (in built) who delivered impressive sermons. An earlier principal from Boshoff in the Free State describes him as "our magnificent reverend, who physically stood out head and shoulders above his colleagues" (free translation). This large man has felt himself being humiliated and belittled in the RCSA, the church where he spent the majority of his active life as theologian (1912-1946).

De Wet was the first theologian in the RCSA who obtained his doctorate degree in Church Order with the title "Die Kollegiale kerkreg". He completed his studies at the Vrije Universiteit in Amsterdam under the guidance of Professor H Kuyper. This study forced him to undertake thorough research on German theology and literature, which enabled him later in the South African context to be one of the biggest critics of the teachings of Schleiermacher and Karl Barth.

De Wet's exposure to the German influence and works, which includes Karl Barth, could later be seen as a reason why he was misunderstood and misinterpreted in his own theological teachings. Without purposely being Barthian and being very critical about Karl Barth, there are some of De Wet's insights about the *fillioque* doctrine and also his interpretation of the original sin that entails

realistic view and a definite movement away from a federalist view. It seems to be more Barthian than what De Wet would have agreed to.

The main purpose of this study is to determine from a church order point of view what is behind the person and the case of CJH de Wet and to determine which theological aspect CJH de Wet found to be most important. Furthermore, it will also be attempted to determine what has caused him to be regarded by his colleagues as not fit to continue his work in Potchefstroom. When De Wet, at the end of this case, is offensive and negative towards JD du Toit, the logic question to ask is: What has driven him to this point? He later wrote: “Prof. JD du Toit acted actively against me at the last synod and accused me openly and publicly of heresy before the honourable synod” (free translation). JD du Toit demanded that a special synod should be called in 1946 - the first extra-ordinary synod meeting to be held in the history of the RCSA. He saw it necessary to finish the “unfinished” work done by the previous synod. The “unfinished” work referred to the accusation of erroneous teachings against de Wet during the synod of 1945.

The curate was responsible to handle the case according to the Church Order. The biggest difficulty they had to face was to judge the teachings, but also the person who was under suspicion. According to JV Coetzee, one of the prominent curators and a friend of JD du Toit, most of De Wet’s alleged wrong teachings were to be found in the class notes taken by his students. JV Coetzee and JD du Toit went through a difficult period compiling a report about the assignment given to them by the curate. It was supposed to expose De Wet. It was also the start of a lengthy dogmatic study report of over 50 typed pages. In the report De Wet is found guilty of all 9 accusations.

The summons of the extra-ordinary synod of 1946 was mainly aimed to test this report and to determine why CJH de Wet should no longer serve as a professor. This study has tried to judge the persons, their capacities, the procedures at work, the experience and the mandate that the concerned parties had regarding the De Wet case.

ID Krüger was the appointed chairperson of the curate. He was satisfied that his son-in-law, at that stage advocate F Rumpff (later chief judge of South Africa), could comment on different aspects of the De Wet case. It reveals to a great extent the curate’s own uncertainty in dealing with this matter. Rumpff and another well-known professor of law, and also well known in theologian circles, professor LJ du Plessis, was called upon for advice in almost every aspect of the case. In this study it is researched to what extent common law, as applicable to civil courts, played a part in the case against De Wet.

Abstract

This study also tries to determine whether if nepotism played a role in the ruling of the case. ID Krüger with his son in law, F Rumpff, and JD du Toit with his son, S du Toit, represented close family ties and everyone was a main role player in the case against De Wet.

The synod and the church judicial process ended tragically. De Wet lost all confidence in the way the church handles the case. With a shocking letter of resignation, he broke all ties with the Theological School in Potchefstroom and the RCSA; it ended with a bitter resentment: “vaar heen”. Only days later De Wet published a declaration stating reasons why he left the RCSA. He accused the church of nepotism and the obsequious parroting of other prominent theologians. De Wet stated that the RCSA at that stage didn’t practice any scientific founded theology. These are harsh statements that have to be judged in this study.

Key terms

Curators	Kuratore
De Wet, CJH	De Wet, CJH
Discipline over office bearers	Tug oor ampsdraers
Du Toit, JD (Totius)	Du Toit, JD (Totius)
Extra-ordinary Synod	Buitengewone Sinode
Heresy	Leerdwaling

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1 1

INLEIDING 1

OORSIG 1

1.1 INLEIDING 1

1.2 VERDERE AGTERGROND 2

1.3 PROBLEEMAREAS 5

1.3.1 TEOLOGIESE LEEFWÊRELD VAN DE WET 5

1.3.2 KERKLIKE TOESTANDE NA DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG 6

1.3.3 TEOLOGIE AAN DIE TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM 7

1.3.4 KERK EN POLITIEK 8

1.3.5 HERMENEUTIESE “KORTSLUITING” 10

1.3.6 STUDENTE-VERHOUDINGE EN KLASAANTEKENINGE 11

1.3.7 BOTSING VAN PERSOONLIKHEDE 13

1.3.8 SPYT EN BEROU 14

1.3.9 KERKLIKE “GROEPSGEES” 15

1.3.10 TWAALF JAAR SE “DWALINGE” 16

1.4 AKTUALITEIT EN PROBLEEMSTELLING 16

1.5 NAVORSINGSVRAE 16

1.6 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT 17

1.7 METODOLOGIE 17

1.8 HOOFSTUKINDELING 18

HOOFSTUK 2 19

DE WET SE KINDER -, STUDENTE - EN BEDIENINGSJARE 19

OORSIG 19

2.1 INLEIDING 19

2.2 DIE DE WET-FAMILIE IN BREËR VERBAND 21

2.2.1 GENEALOGIESE GEGEWENS VAN DIE DE WET - FAMILIE 21

2.2.2 GEBOORTE VAN CJH DE WET, WOENSDAG 23 MAART 1887 23

2.3 DIE DE WET - FAMILIE IN ENGER VERBAND 24

2.3.1 CJH DE WET SE EIE GESIN 27

2.3.2 DIE DE WET-GESIN EN DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG 30

2.4 SKOOL EN TERSIÊRE OPLEIDING (1902-1915) 31

2.5 VERANDERING VAN KERKVERBAND EN TEOLOGIESE SKOOL (1912-1915) 32

2.5.1 POTCHEFSTROOM EN DIE REBELLIE (1914-1915) 34

2.6 GROOT ROLSPELERS IN DE WET SE VORMING 37

2.7 DE WET AS BEDIENAAR VAN DIE WOORD (1916-1925) 39

2.7.1 BEDIENING: STEYNSBURG (1916-1923) 39

2.7.2 BEDIENING: BLOEMFONTEIN (1923-1924) 42

2.8 BUITELANDSE STUDIE IN KERKREG (1920-1921) 43

2.9 BEROEP EN BEVESTIGING AS PROFESSOR (1925) 44

2.10 BYDRAES EN UITDAGINGS BY DIE TEOLOGIESE SKOOL (1925-1946) 48

2.11 “DIE WAGTORING” EN ANDER BESONDERE TEOLOGIESE WERKE 50

2.11.1 DE WET SE BETROKKENHEID BY DIE DU PLESSIS-SAAK IN STELLENBOSCH (1928-1932) 50

2.11.2 “DIE WAGTORING” 53

2.12 DIE EERSTE TEKENS VAN GESPANNE VERHOUDINGE 55

2.12.1 AANVANKLIKE GOEIE VERHOUDINGE 55

2.12.2 DIE BEGIN VAN DIE SPANNING - POLITIEKE GEBIED 56

2.12.3 DIE UITBREIDING VAN DIE SPANNING - TEOLOGIESE GEBIED 57

2.13 SLOT 60

HOOFSTUK 3 63

DE WET SE POLITIEKE LOOPBAAN EN KERKLIKE SPANNING WAT DIT TEWEEGGEBRING HET 63

3.1 INLEIDING 63

3.2 POLITIEKE TENDENSE EN GEBEURE IN DE WET SE LEWE TUSSEN 1930 EN 1950 64

3.2.1 VROEËRE GEBEURE 64

3.2.2 DEPRESSIE EN DROOGTE 65

3.2.3 VERSTEDELIKING NEEM TOE 65

3.2.4 EKONOMIESE VERWARDHEID 66

3.2.5 POLITIEKE LEIERS KOM IN SPANNING MET MEKAAR 66

3.2.6 KOALISIE-POLITIEK 68

3.2.7 DIE AFRIKANER-BROEDERBOND 70

3.3 DE WET SE POLITIEKE BEGIN IN DIE “WAAKSAAMHEIDSKOMITEE” 77

3.3.1 DIE DRIEMANSKAP WORD “GEBORE” 79

3.3.2 DE WET, PARTYPOLITIEK EN DIE PU VIR CHO 82

3.4 DE WET SE MAGISTERGRAAD IN STAATSLEER 83

3.5 DE WET SE POLITIEKE WILDERNIS (1937) 84

3.5.1 DIE REPUBLIKEIN BRING DIE MOEILIKHEID NÁ DIE OPPERVLAK 85

3.5.2 VERTROUE TUSSEN DIE POLITIEKE LEIERS WORD AL MINDER 87

3.5.3 CJH DE WET EN LJ DU PLESSIS 93

3.6 DE WET EN DIE CHRISTELIK REPUBLIKEINSE BEWEGING 94

3.6.1 DE WET SE EIE REPUBLIKEINSE BEWEGING 95

3.6.1.1 “ONS CHRISTELIKE REPUBLIEK” EN “VREEMDE GEDAGTES” 95

3.6.1.2 DE WET SE SIENING VAN DEMOKRASIE 98

3.6.1.3 DE WET SE SIENING VAN ’N GRONDWET 99

3.6.1.4 DE WET EN APARTHEID 101

3.6.1.5 DE WET SE STAATKUNDIGE OORTUIGINGS IN KONTEKS .. 102

3.7 ANDER PREDIKANTE SE POLITIESE BETROKKENHEID IN DIESELFDE TYDPERK 103

3.7.1 DE WET GEEN UITSONDERING 103

3.7.1.1 LP VORSTER EN WJ DE KLERK 104

3.7.1.2 CWM DU TOIT EN DIE NUWE ORDE 105

3.7.1.3 POLITIEKE TYD- EN STRYDGENOTE VAN DE WET BUITE GKSA 111

3.7.1.4 JONGER GESLAG PREDIKANTE TOG AAN DE WET BEKEND 117

3.8 DE WET SE POLITIEKE BETROKKENHEID IN EN NA DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG 121

3.9 DE WET SE BETROKKENHEID IN DIE VESTIGING VAN AFRIKANER NASIONALISME 123

3.10 SLOT 128

HOOFSTUK 4 132

DIE BESONDERE AKSENTE IN DE WET SE TEOLOGIESE DENKE 132

4.1 INLEIDING 132

4.2 TEOLOGIESE AKSENTE IN DE WET SE STUDENTEJARE (1909-1915) 134

4.2.1 TEOLOGIESE AKSENTE IN STELLENBOSCH (1909-1911) 134

4.2.1.1 DIE STROMING VAN “METODISME” BLY GEVESTIG 136

4.2.1.2 CJH DE WET EN SJ DU TOIT 137

4.2.2 TEOLOGIESE AKSENTE IN POTCHEFSTROOM (1912-1915) 139

4.2.2.1 TEOLOGIESE AKSENTE IN DE WET SE VROEGSTE OPLEIDING 140

4.2.2.2 CJH DE WET AAN DIE LEERSTOEL VAN JD DU TOIT 141

4.2.2.3 CJH DE WET AAN DIE LEERSTOEL VAN SO LOS 144

4.3 TEOLOGIESE AKSENTE IN DE WET SE BEDIENINGSJARE (1916-1925) 145

4.3.1 DIE HERVORMING VAN DIE 16DE EEU EN DIE GELOFTE VAN 1838 ... 145

4.3.2 GEWETENSKLOUSULE EN INKORPORASIE VAN UNIVERSITEIT 146

4.3.3 DIE KOLLEGIALE KERKREG 147

4.3.4 DE WET EN JESUS SE BERGPREDIKASIE 149

4.4 TEOLOGIESE AKSENTE IN DE WET SE BEDIENING AS PROFESSOR 150

4.4.1 SAMEWERKING TUSSEN VERSKILLENDE KERKE 150

4.4.2 FILOSOFIESE EN VULGÊRE (ALGEMENE) CHRISTENDOM 152

4.4.3 VERHOUDING TUSSEN GELOOF EN WETENSKAP 153

4.4.4 VERSTAAN VAN INSPIRASIE EN SKRIFGESAG 155

4.4.5 MENSBESKOUING 156

4.4.6 ONTSTAAN VAN VOLKE EN VOLKERE-VERHOUDINGE 157

4.4.6.1 TEOLOGIESE BESINNING RONDOM DIE ONTSTAAN VAN VOLKERE 159

4.5 PLEIDOOI VIR ’N EIE VAKWETENSKAPLIKE TYDSKRIF 161

4.6 DE WET SE TEOLOGIESE BESINNING OOR DIE DOEL EN BETEKENIS VAN DIE BELYDENISSKRIFTE 163

4.7 TEOLOGIESE OMWENTELING RONDOM TWEEDE WÊRELDOORLOG 165

4.8 TEOLOGIESE KLEMVERSKUIWINGS WAT IN DE WET SE TEOLOGIESE LOOPBAAN UITSTAAN 168

4.8.1 DE WET IS GOED ONDERLÊ IN DUITSE TEOLOGIE EN STROMINGE .. 170

4.8.2 ’N AL HOE GROTER VERSKUIWING WEG VAN DIE NEO-CALVINISME 174

4.9 TEOLOGIESE IMPLIKASIES WAT HIERDIE VERSKUIWINGS TOT GEVOLG KON HÊ 176

4.10 SLOT 177

HOOFSTUK 5 182

DIE HISTORIESE VERLOOP VAN DIE SAAK TEEN DE WET 182

5.1 INLEIDING 182

5.2 HEEL VROEGSTE AANDUIDINGS 183

5.2.1 FEBRUARIE 1932: 'N DUIDELIKE VERSKIL RONDOM DIE BELYDENISSKRIFTE WORD OPGEMERK 183

5.2.2 DIE STILTE WORD VERBREEK 184

5.3 GROOT GEBEURE EN SAKE 185

5.3.1 MEDITASIES 185

5.3.2 VERLOOP VAN GEBEURE RONDOM STUDENTE SE KLASAANTEKENINGE 187

5.3.3 SLUITINGSREDE VAN TEOLOGIESE SKOOL: 27 OKTOBER 1944 189

5.3.4 KOLLEGAS TREE TOE TOT DIE GESKIL 189

5.3.5 "MOEILIKHEDE AAN DIE TEOLOGIESE SKOOL" 190

5.3.6 REDAKSIE KOMMISSIE SE VERSLAG VAN GEBEURE 191

5.3.7 DE WET MAAK OMMESWAAI? 193

5.3.8 DESEMBER 1944: 'N MAAND VAN BAIE WOELINGE OM HIERDIE SAAK 193

5.3.9 SPESIALE VERGADERING KURATORIUM: 19 DESEMBER 1944 195

5.3.10 DE WET DIEN BESWAARSKRIF IN BY DIE SINODE VAN 1945 196

5.3.11 KURATORIUM SE VOORDRAG AAN DIE SINODE 1945 197

5.3.12 SINODESITTING 24 JANUARIE 1945 EN VOLGENDE DAE 200

5.3.13 DE WET VERDEDIG SY BESWAARSKRIF 201

5.3.13.1 DIE KURATORIUM VERWEER HULLE TEEN DIE BESWAARSKRIF 205

5.3.13.2 DE WET SE REPLIEK 208

5.3.13.3 UITSPRAAK OOR DIE BESWAARSKRIF 211

5.3.14 KONTRAKTUELE OOREENKOMS TUSSEN TEOLOGIESE SKOOL EN P.U.K. 212

5.3.15 KURATORIUM SE VOORDRAG EN DE WET SE BEVESTIGING 214

5.3.15.1 NIE “DEFINITIEWE SKULDIGVERKLARING” NIE? 216

5.3.15.2 DIE “ACHILLIES HEEL” VAN HIERDIE SAAK 219

5.3.16 DIE SINODE SLUIT AF MAAR MET DIE SAAK WORD NIE AFGESLUIT NIE 219

5.3.17 TOETS VAN REGSINNIGHEID WORD NOU ’N “BEDENKTYD” 221

5.3.18 DIE SAAK DUI OP GEEN VERBETERING NIE 224

5.3.19 DIE VERHOUDING MET DIE STUDENTE BLY OP ’N LAAGTEPUNT 225

5.3.20 DE WET ONSEKER OOR WAT REGTIG VAN HOM VERWAG WORD 225

5.3.21 GEMEENTES BETUIG STEEDS HULLE MEELEWING MET HIERDIE SAAK 227

5.3.22 DE WET DIEN SY SKRIFTELIKE VERKLARING IN 228

5.3.23 WEEREENS SPESIALE KURATORE-VERGADERING: 8-10 MEI 1945 230

5.3.24 GEEN BEVREDIGENDE OPLOSSING 232

5.3.25 DE WET WORD VAN DIE NUUTSTE VERWIKKELINGE VERWITTIG 235

5.3.26 DAAR WORD NOG MEER AANTEKENINGE GEVRA 236

5.3.27 DIE SAAK WORD GEPUBLISEER MET DE WET SE WEERLEGGING 237

5.3.28 POGINGS TOT BEMIDDELING EN NUWE REGSADVIES 241

5.3.29 DE WET GESKORS 243

5.3.30 SPESIALE KURATORE-SITTING: 14-15 AUGUSTUS 1945 244

5.3.31 GEMEENTES VERMAAN NOG WEER TOT UITERSTE VERSIGTIGHEID 245

5.3.32 REGSADVIES WORD NOG WYER INGEWIN 246

5.3.33 DE WET VERLANG GEWAARMERKTE AFSKRIFTE 247

5.3.34 DIE BESLUITE VAN HIERDIE VERGADERING 248

5.3.35 DIE BEMIDDELINGSKOMITEE HET MAAR GEKOM EN GEGAAN 249

5.3.36 WEERLEGGING WORD IN ONTVANGS GENEEM 250

5.3.37 PUBLISERING VAN DIE RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE PRE-ADVIES 250

5.3.38 DE WET MAAK 'N "AANBOD" IN WAT HY NOEM DIE "ANTWOORD" 251

5.3.39 VERVROEGDE KURATORE-VERGADERING: 24-26 OKTOBER 1945 254

5.3.40 'N BROEDERLIKE "SAMESPREKING" 255

5.3.41 'N SINODE MOET BYEENKOM 258

5.3.42 VERHOUDINGE OP 'N LAAGTEPUNT: DE WET LÊ KLAGTES NA VELE KANTE 258

5.3.42.1 INHOUDELIKE VAN DIE BESWAARSKRIFTE 260

5.3.42.2 MINDERHEIDSRAPPORT JM DE WET 263

5.3.42.3 SKRYWE VAN LIDMATE VAN STEYNSBURG 264

5.3.43 OPROEP BUITENGEWONE SINODE 264

5.3.43.1 DE WET VRA OPROEP VAN SINODE 266

5.4 HARTSEER AFLOOP VAN DIE SAAK 267

5.4.1 DIE SINODE SE VERLOOP 267

5.4.2 "ERNSTIGE ONGEREELDHEID" VIND PLAAS 268

5.4.3 ANDER VERTEENWOORDIGERS OP DIE SINODE 268

5.4.4 STUKKE WAT LAAT INGEHANDIG IS 269

5.4.4.1 BEOORDELING VAN ONTVANKLIKHEID 269

5.4.5 DIE BEHANDELING VAN DIE SAAK 270

5.4.6 RAPPORTERING 271

5.4.7 VRYDAG-OGGEND: 8 FEBRUARIE 1946 SE “VAAR HEEN”- BRIEF 272

5.4.8 DIE “BEDENKTYD” HET ’N “VAAR HEEN”- TYD GEWORD 273

5.5 SLOT 275

HOOFSTUK 6 277

DIE TEOLOGIES-DOGMATIESE AKSENTE VAN DIE KLAG TEEN DE WET 277

6.1 INLEIDING 277

6.2 TEOLOGIES- DOGMATIESE AKSENTE IN DIE EKSEGESE 280

6.2.1 DE WET SE EIE METODE VAN EKSEGESE 280

6.3 DE WET SE EKSEGESE RONDOM JAKOB 281

6.4 DE WET SE EKSEGESE OOR JOB 282

6.4.1 DIE BEWEERDE DWALING IN DE WET SE EKSEGESE 283

6.4.2 JD DU TOIT EN DE WET SE OPENLIKE KONFRONTASIE MET MEKAAR 285

6.5 DE WET SE EKSEGETIESE KLEM OP MELGISEDEK 286

6.5.1 DE WET SE BEWEERDE DWALING MET MELGISEDEK 287

6.6 DE WET VERKLAAR VAN SY EIE EKSEGETIESE BEKLEMTONINGE AS “VERVALLE” EN HERROEP HULLE 287

6.7 TEOLOGIES-DOGMATIESE AKSENTE IN DIE DOGMATIEK EN BYBELSE TEOLOGIE 289

6.7.1 DIE SELEKSIE VAN DIE GROOT TEMAS 290

JV COETZEE EN LATER OOK JD DU TOIT SE WERK 290

6.8 JD DU TOIT SIEN DIE TEOLOGIESE VERSKILLE IN BAIE ERNSTIGE LIG 291

6.9 FILIOQUE-LEER 294

6.10 OOR DIE PERSOON EN NATURE VAN CHRISTUS 298

6.10.1 DE WET SE VROEËRE CHRISTOLOGIE 298

6.10.2 DIE MENSWORDING VAN CHRISTUS 298

6.10.3 JV COETZEE BESKOU HIERDIE AS DIE GROOT KNOOPPUNT 299

6.10.4 HOE HIERDIE AKSENT IN DIE FINALE KLAG VERVAT IS 301

6.11 OOR VERKIESING EN VERWERPING 303

6.11.1 JV COETZEE SE UITBREIDING HIEROP 304

6.11.2 KURATORIUM SE FINALE RAPPORT HIEROMTRENT 306

6.12 OOR DIE ERFSONDE 307

6.12.1 JV COETZEE SE AANVANKLIKE NASPORING 308

6.12.2 DIE TEOLOGIESE AKSENT TOT FINALE RAPPORT VERWERK 309

6.12.2.1 DE WET SE VREEMDE MANIER VAN UITDRUKKINGE SKEP ’N VERDERE PROBLEEM 311

6.13 OOR DIE GESAG VAN DIE BELYDENISSKRIFTE 312

6.13.1 DE WET PLEIT BAIE LANK VIR ’N OFFISIËLE VERKLARING VAN DIE BELYDENIS 314

6.13.2 DIE KURATORIUM BETREK WEEREENS DIE WYER VERBAND 315

6.14 DIE SLUITINGSREDE: 27 OKTOBER 1944 317

6.14.1 DIT WAAROP DIE SLUITINGSREDE VIR DIE KURATORIUM AANKOM .. 321

6.14.2 DIE SLUITINGSREDE SE IMPAK BEGIN 1946 322

6.15 DIE SLOTWOORDE VAN DIE TEOLOGIESE KLAGTES 326

6.16 SLOT 326

HOOFSTUK 7 330

DIE KERKREGTELIKE RAAMWERK VAN DIE SAAK 330

7.1 INLEIDING 330

7.2 KERKREGTELIKE BEGINSELS EN RIGLYNE TER SPRAKE 332

7.2.1 KERKREGTELIKE OORSIG ARTIKEL 53 EN 54 KERKORDE 332

7.2.1.1 DIE INHOUD VAN DIE ONDERTEKENINGSFORMULIER 335

7.2.1.2 WAARIN VERSKIL DIE FORMULIERE? 337

7.2.1.3 DE WET SE NAKOMING VAN ARTIKEL 53 EN 54 KO 338

7.2.2 KERKREGTELIKE OORSIG ARTIKEL 79 EN 80 KERKORDE 339

7.2.2.1 KERKREGTELIKE TOEPASSING VAN ARTIKELS 79 EN 80 KO 342

7.3 KERKREGTELIKE BEVOEGDHEDE VAN DIE KURATORIUM 346

7.3.1 DIE KURATORIUM SE ROL EN BEVOEGDHEDE 347

7.3.1.1 DIE SENAAT VAN DIE TEOLOGIESE SKOOL 350

7.3.2 DIE KURATORIUM EN “NADERE VERKLARING” 353

7.3.2.1 DE WET SE LATERE VERKLARINGS 356

7.3.2.2 TEKORTKOMINGE IN DIE “NADERE VERKLARINGS” 359

7.3.2.3 DIE KURATORIUM EN DE WET SE “LAASTE VERKLARING” . 360

7.3.3 KURATORIUM ONTVANG SINODALE MANDAAT AS “GEVOLMAGTIGDES” 364

7.3.4 KURATORIUM EN BEDENKTYD 366

7.3.5 DIE KURATORIUM EN DIE DU TOIT TEOLOGIESE PROFESSORE 370

7.3.5.1 JD DU TOIT SE KERKREGTELIKE ROL IN DIE SAAK 370

7.3.5.2 S DU TOIT SE KERKREGTELIKE ROL IN DIE SAAK 374

7.3.6 KURATORIUM SE HANTERING EN OORDEEL OOR STUDENTE-AANTEKENINGE 378

7.3.7 KURATORIUM SE BEVINDING OOR SKULDIGBEVINDING EN BEROU.. 380

7.4 KERKREGTELIKE BEVOEGDHEDE VAN DIE KERKRADE 385

7.4.1 KERKRAAD POTCHEFSTROOM 386

7.4.2 KERKRAAD BLOEMFONTEIN 390

7.5 KERKREGTELIKE BEVOEGDHEDE VAN DIE MEERDERE VERGADERINGS 394

7.5.1 DIE SINODES MOET KERKLIKE REGSPRAAK LEWER 395

7.5.2 KERKREGTELIKE SAKE WAT SINODE 1945 MOES HANTEER 399

7.5.2.1 DE WET SE BESWAARSKRIF 400

7.5.2.2 DIE VOORDRAG VAN DIE KURATORIUM 404

7.5.2.3 DE WET SE BEVESTIGING 411

7.5.2.4 KURATORIUM SE REAKSIE OP DIE BEVESTIGING 411

7.5.2.5 KOMMISSIE AD-HOC VOORDRAG 413

7.5.2.6 KURATORIUM SE FINALE VOORDRAG 415

7.5.2.7 VOORSITTER SINODE SE “BEROU-VRAAG” 416

7.5.3 KERKREGTELIKE SAKE WAT DIE BUITENGEWONE SINODE 1946 MOES HANTEER 417

7.5.3.1 SAKE WAT DIE SINODE VOORAFGEGAAN HET 417

7.5.3.2 DIE KURATORIUM SE VYF REDES VIR 'N BUITENGEWONE SINODE 422

7.5.3.3 'N KERKREGTELIKE PROSES WAT AL SKEWER TREK..... 423

7.5.3.4 'N GEWORSTEL RONDOM FINALE "VOORDRAG"-FORMULERING..... 426

7.5.3.5 DIE SINODE VERKLAAR SEKERE SAKE VROEG REEDS "NIE-ONTVANKLIK" 427

7.6 KERKREGTELIKE RAAMWERK VAN SOORTGELYKE SAKE..... 431

7.6.1 SOORTGELYKE SAAK TEEN JANSSEN IN DIE NOORDE VAN AMERIKA 431

7.6.1.1 DIE JANSSEN-SAAK IN 1922 WÉÉR TER TAFEL 433

7.6.1.2 STUDENTE-AANTEKENINGE WORD 'N AL HOE PROMINENTER DEEL 436

7.6.2 SOORTGELYKE SAAK TEEN GEELKERKEN IN NEDERLAND..... 440

7.6.3 SOORTGELYKE SAKE IN DIE SUIDE VAN AFRIKA 447

7.6.3.1 DIE SAAK TEEN PROF. JOHANNES DU PLESSIS 447

7.6.3.2 DIE SAAK TEEN PROF. AS GEYSER..... 452

7.7 SLOT..... 457

HOOFSTUK 8 464

DIE FINALE BEOORDELING VAN DIE SAAK..... 464

8.1 INLEIDING..... 464

8.2 IN WATTER MATE WAS CJH DE WET REGTER IN EIE SAAK? 465

8.2.1 IS DAAR 'N HERMENEUTIESE "KORTSLUITING" IN DIE SAAK? 470

8.3 WAS DIE DE WET-KANT VAN DIE SAAK ENDUIT GEHOOR? 474

8.4 IN WATTER MATE WAS DIE BUITENGEWONE SINODE GEPREJUDISEER? 475

8.4.1 WAS DIE BUITENGEWONE SINODE WERKLIK NODIG? 482

8.5 DIE GEVAAR VAN NEPOTISME IN HIERDIE SAAK 485

8.6 HET DE WET SE POLITIEKE STRYD DIE KERKSTRYD BINNEGEDRING? 486

8.7 DIE PERSOONLIKHEID VAN CJH DE WET EN DIE INVLOED HIERVAN 488

8.8 ANDER BERIGTE OOR HIERDIE SAAK 492

8.8.1 WEERLEGGING VAN SEKERE VERKEERDE AFLEIDINGS 492

8.8.2 VERBETERDE VERHOUDINGS TREE LATER NA VORE 493

8.8.3 GETUIENISSE BUITE DIE KERKVERBAND 495

8.9 WATTER RIGLYNE (BESLUITE) DIEN TANS VIR SOORTGELYKE SAKE 496

8.9.1 DIE TUG OOR PROFESSORE– ENKELE VOORGESTELDE RIGLYNE ... 498

8.10 SLOT 502

HOOFSTUK 9 504

SAMEVATTING EN FINALE GEVOLGTREKKINGS 504

9.1 INLEIDING 504

9.2 SAMEVATTING VAN HOOFSTUKKE 504

9.3 FINALE GEVOLGTREKKINGS 535

9.3.1 POLITIEKE BEÏNVLOEDING VAN DIE SAAK 535

9.3.2 HER-EVALUERING VAN DE WET SE TEOLOGIESE DENKE EN AKSENTE 535

9.3.3 DIE TOEPASSING VAN BELANGRIKE REGSBEGINSELS 537

9.3.4 DIE ROL VAN DIE BOTSING VAN PERSOONLIKHEDE..... 540

9.3.5 DIE ROL VAN SPYT EN BEROU IN HIERDIE SAAK 541

9.3.6 HOE KON DIE TRAGIESE AFLOOP VAN DIE SAAK VOORKOM GEWEES HET?..... 542

9.4 FINALE BEVINDING 544

HOOFSTUK 1

INLEIDING

Oorsig

1.1 Inleiding
1.2 Verdere agtergrond
1.3 Probleemareas
1.4 Aktualiteit en probleemstelling
1.5 Navorsingsvrae
1.6 Sentrale teoretiese argument
1.7 Metodologie
1.8 Hoofstukindeling

1.1 INLEIDING

Aan die begin van 1946 het die eerste buitengewone sinode in die geskiedenis van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) plaasgevind (Acta,1946:7). Die noodsaak vir hierdie buitengewone kerklike vergadering het ontstaan vanweë ’n klag oor beweerde dwaalleer wat teen prof. CJH de Wet (1883-1959) aanhangig gemaak is.

Die spanning wat hierdie saak in die hele kerkverband veroorsaak het, het wyd en diep getref. De Wet se posisie en rol teenoor die kuratore van daardie tyd en sy posisie teenoor die redaksie van *Die Kerkblad*, staan op die voorgrond. Die rede vir die klagtes wat teen De Wet gelê is, het van verskillende kante gekom. Die reeks “Meditasies” wat De Wet oor baie jare in *Die Kerkblad* geskryf het, het in die vroeë veertigerjare van die vorige eeu al meer vrae en kritiek ontlok. Die wyse waarop die kritiek hanteer is, het nog De Wet nog die redaksie tot bevrediging hanteer. Dit het ’n wesentlik deel van die klagtes geword.

Die belangrikste deel van die klagtes het bestaan uit studente-aantekeninge wat as bewyse aangevoer is dat De Wet dwaalleer aan die studente geleer het. Hierdie studente het agter die rug van De Wet die beweerde dwaalleer by ’n kurator, ds. JV Coetzee, aangemeld. Coetzee het die saak verder gevoer. De Wet en die kuratore het in die proses al verder vanmekaar verwyder geraak. Dit is hoofsaaklik uit die geledere van die kuratore dat die klagtes in 1945 alreeds tydens ’n sinodale vergadering gelê is. In die daaropvolgende jaar het die spanning tot die hou van ’n

buitengewone sinode aanleiding gegee (Acta,1945:58; GKSAA, Teologiese Studente-aantekeninge 1.7 – 1.15).

'n Verdere aanleidende rede vir van die klagtes teen De Wet het gekom vanweë 'n "sluitingsrede" wat hy in Oktober 1944 by die Teologiese Skool gelewer het. De Wet het die kerklike situasie krities bejeën met die vraag of reformasie nog in enige van die Afrikaanse reformatoriese kerke moontlik is. Hierdie toespraak is deur van die toehoorders, soos onder andere prof. J Chr Coetzee, as kerkverskeurende uitsprake ervaar.

Dit het al duideliker geword dat De Wet met van sy kollegas in die Teologiese Skool, wat proff. JD du Toit (Totius) en prof. S Postma ingesluit het, oor van hierdie klagtes vervreemd begin raak het.

1.2 VERDERE AGTERGROND

In 1946 toe die leergeskil (leergeding) op sy ergste gewoed het, was De Wet 59 jaar oud. In die tydperk van langer as 21 jaar (1925-1946) waarin De Wet as professor gedien het, en selfs daarvoor, toe hy nog predikant was, het hy baanbrekerswerk in die teologie gedoen. Hy het 7 jaar (1916-1923) in Steynsburg gedien, en is daarna na Bloemfontein waar hy baie kort gearbei het (1923-1924) voor hy as professor beroep is (GKSAA, Steynsburg, Notuleboek 1915-1925. 1.1.5. 14 Jul. 1916, Art 9; GKSAA, Bloemfontein, Notuleboek 1921-1927. 1.1.3. 17 Aug. 1923, Art 17).

As professor aan die Teologiese Skool het hy vir langer as 21 jaar met besondere ywer gewerk. Talle moeilike teologiese, maatskaplike en politieke vraagstukke het sy aandag geverg. In die Du Plessis-saak wat vanaf 1928 in die NG-Kerk gewoed het, het De Wet nog duidelike standpunte teen Du Plessis na vore gebring. Min het hy besef dat daar later in die GKSA op soortgelyke wyse na die De Wet-saak verwys sou word. Nog later het die Nederduitsch Hervormde Kerk, vanaf 1961, 'n uitspraak rondom 'n professor gelewer, wat bekend geword het as die Geyser-saak. By die Geyser-saak is daar ook studente-aantekeninge wat oorweeg is. Die drie persone in die sake staan egter tyds gewys, roepings gewys en politiekgewys ver uitmekaar, wat maak dat die sake min verwantskap toon en elke saak selfstandig gesien moet word.

De Wet was diep betrokke by die politieke uitdagings en strydpunte van sy tyd. Hy was vanaf 1933 baie aktief in party-politiek. In April 1935 het hy soveel politieke opgang gemaak dat hy 'n medeleier van die party geword het. Hierdie leierskap het as die driemanskap bekend gestaan

waarin De Wet saam met adv JG Strijdom en mev M. Jansen as medeleiers van die sg. “Gesuiwerde Nasionale Party” gedien het (Basson, 1980:95).

Die vroegste en grootste seer in De Wet se lewe het aanvanklik nie uit sy teologiese arbeid gespruit nie, maar het uit politieke geledere voortgekom. Vroeg in 1936 is daar politieke strydbyle teen De Wet geslyp. Hierin is hy in baie opsigte gediskrediteer en selfs gebrandmerk as ’n republikeinse ekstremis (Koorts,2014:310). Marx (1998:205) beskryf De Wet se politieke loopbaan as “a particular radical exception, even among the Calvinist fundamentalists, however”[1]. Thom (1980:20) wys op die intense spanning wat tussen De Wet en DF Malan opgebou het. Moodie (1980:143) maak ’n saak daarvoor uit dat De Wet se politieke loopbaan ’n besondere invloed op die studente gehad het.

Na De Wet se onttrekking uit aktiewe party-politiek het die kritiek teen hom fel toegeneem. Moodie (1980:44) beweer dat LJ du Plessis na De Wet verwys het as ’n “inconvincible schismatic”. Du Plessis het aanvanklik as redaksielid van *Die Republikein* baie nou met De Wet saamgewerk. Albei die Potchefstromers wat as leiersfigure by die Universiteit betrokke was, het hulle vir die nuwe politieke party beywer, met Du Plessis wat later onderleier van die Nasionale Party geword het (Van der Schyff, 2003:481). Du Plessis het as middelman tussen De Wet en Malan en tussen De Wet en Strijdom by tye vrede probeer bewerk, maar Moodie beweer dat Du Plessis nie baie suksesvol was om De Wet tot ander insigte te bring nie

Tien jaar na De Wet se groot politieke teleurstellings het die stryd teen hom op teologiese gebied meer geword. Hierdie teologiese stryd kan tot vroeg 1942 teruggevoer word. Vanaf 1942 kom al hoe meer briefskrywers in *Die Kerkblad* na vore wat De Wet, na aanleiding van uitlatings wat hoofsaaklik in sy Meditasies gemaak is, tot verantwoording roep (*Die Kerkblad,* 5 Jun. 1942). In die eerste ernstige teologiese klag is beweer dat hy die gesag van die belydenisskrifte betwyfel.

[1] Marx laat hom in sy oorspronklik Duitse werk uitvoerig oor De Wet en sy politiek uit: “*„Allerdings bildete ein Mann wie Prof. CJH de Wet von der Universität Potchefstroom selbst unter den calvinistischen Fundamentalisten eine besonders radikale Ausnahme. Obwohl er in den ersten Monaten des Bestehens der winzigen NP im Transvaal Mitglied von deren Führung gewesen war, wandte er sich bald völlig von Parteien ab und geißelte deren Bestehen mit einer Mischung aus völkisch-nationalistischen und calvinistisch-fundamentalistischen. Argumenten als volksfremd und unchrislich. Typisch über fundamentaistische Kreise hinaus ist die Begründung seiner Ablehnung von Parteipolitiek daß diese namlich notwendig zu Kompromissen führen müsse und zudem selbst eine Űberfremddungserscheinung sei. Dan eintreten für Säuberungen im kulturnationalistischen Erbe – Säuberungen, die vor allem parlamentarisch-demokratisch Institutionenbetreffen- sind symptomatisch fűr die breite Welle der Delegitimierung des parlamentarisch-verfassungsmäßigen Systems in den späten 30er Jahren.“*

Die buitengewone sinode wat op 6 Februarie 1946 begin het, is deur verskeie oor en weer korrespondensie en beskuldigings voorafgegaan. Talle van hierdie strydpunte het veral in die vorige twee jare, 1944-1945, baie sterk na vore getree. Dit was in 1945 waarin prof. De Wet 'n groot deel verpligte verlof moes neem, wat as "bedenktyd" hom vir lank uit sy doseerwerk gedwing het (Acta 1945:201) . Dit was duidelik dat hier 'n onverkwiklike stryd voorhande was.

Die afwykinge en beweerde dwalinge waarvan De Wet uiteindelik aangekla is, is op nege gronde onderskei, wat wyd uiteenlopende en sterk teologiese temas bevat het. Dit het gehandel oor die Filioque-leer, die nature van Christus, die leer oor die uitverkiesing en die verwerping, die leer oor die erfsonde, die verhouding tussen die Woord van God en die belydenisskrifte, die stadium waarop Job wedergebore is, die lokaliteit van God in die droom van Jakob, die moontlikheid dat Melgisedek eers 'n heidense priester kon wees en is die GKSA nog ware "Skrifkerk" (Acta, 1945:56-57; 194-196; 217-218).

Daar kan nie twyfel wees nie dat elk van hierdie sake oor belangrike dele van die gereformeerde leer gaan. De Wet het self die belang van al nege hierdie punte erken (Acta, 1945:217-218). Hy het in 1945, toe die klagskrif reeds ingedien was, sy aandeel tot "skuld en spyt" uitgespreek oor die mate waarin sy leringe verkeerd kon wees en twyfel kon saai (Acta 1945:201). Hierdie spyt was vir 'n groot deel van sy klaers nie genoeg nie. Hulle het by monde van die voorsitter van die Sinode in 1945 gemeen dat sy blote spyt nie 'n ware erkenning en berou bevat oor hoe verkeerd hy in elke opsig in hierdie leer gehandel het nie.

Die sinode het hom na 'n moeilike tyd nog weer 'n "bedenktyd van drie maande" gegee (Acta, 1945:201). Hierna het talle konflikte plaasgevind, spanning het weer opgebou waar dieselfde klaers vir De Wet in 1946 in 'n buitengewone sinode aangekla het.

Verder moet genoem word dat De Wet baie vroeg in hierdie sinode in 1946 alle vertroue in die kerkregtelike proses verloor het. Hy het op 8 Februarie 1946 met 'n skokkende bedankingsbrief alle bande met die Teologiese Skool Potchefstroom en die Kerke in die GKSA verbreek, wat eindig met die bittere verwyt van "vaar heen" (Acta, 1946:52).

1.3 PROBLEEMAREAS

1.3.1 TEOLOGIESE LEEFWÊRELD VAN DE WET

De Wet is in die Nederduits-Gereformeerde (NG) Kerk Ladybrand gedoop. Hy het ’n groot deel van sy jeug in die NG-kerkverband opgegroei. Sy eerste teologiese blootstelling en opleiding was aan die Victoria Kollege[2] (1909-1911) waar hy steeds as lidmaat van die NG Kerk Stellenbosch gestudeer het. Brümmer (2013:80) wys daarop dat die vroeëre professore in Stellenbosch die rigting van die “revivalism” gevolg het, wat vir lank die tekens van wat hy noem ’n “mistieke teologie” gedra het. Die mistieke tradisie staan volgens Brümmer (2013:19) sterk in aansluiting by die Réveil. Die Réveil het uit ’n hele aantal opwekkingsbewegings in die eerste helfte van die 19de eeu in verskillende Europese lande ontstaan.

In daardie tyd was daar in Europa en Suid-Afrika heelwat van die aanhangers van die *Réveil*, waarna ook verwys word as die “etiese rigting”, of dan ook die “etiese-ireniese” rigting genoem[3] (Brümmer,2013:21,193). CJH de Wet was as jong student in die NG-Kerk volledig aan van hierdie leringe blootgestel, alhoewel hy op daardie stadium baie meer krities daarteenoor gestaan het as wat later in sy lewe die geval blyk te wees. Dit kan moontlik wees dat sy kritiek hom daartoe gedwing het dat hy eerder na Potchefstroom gekom het om as predikant in die GKSA af te studeer as om langer lidmaat van die NG Kerk te wees en predikant in dié kerkverband te word.

Die leer en lewe van CJH de Wet was vir die grootste deel sterk neo-calvinisties gekleurd, maar dit wil voorkom of van die teologiese strydpunte en twyfel wat later om sy persoon ontstaan het, sy al hoe meer kritiese benadering teenoor die neo-calvinisme was. In watter mate hy in sy latere leringe eerder as teoloog van die “etiese-rigting” en al minder Kuyperiaans beskou kan word, is ’n probleemarea wat in die studie ondersoek moet word.

Die Réveil kan beskou word as ’n soeke na ’n diep persoonlike ervaring van gemeenskap met God wat sterk klem lê op ’n vroom lewe voor God. Meijer (2010:50) wys hoe die wortels in die Réveil beweging in die Engelse metodisme en Duitse piëtisme lê. Hierdie rigting het doelbewus weg beweeg van wat die “dogmatisme van die ortodoksie” genoem is (Brümmer, 2013:19). Terselfdertyd het van die verteenwoordigers van hierdie rigting sterk klem gelê op die persoonlike geloofslewe en die Christelike vryheid, en ’n vrome lewenswandel is veral deur sommige teoloë

[2] Later het die kollege die Universiteit van Stellenbosch geword.
[3] Dié geslag Murray predikante, prof. Nicolaas Hofmeyr, DF Malan, e.a. was predikante en teoloë voor CJH de Wet, wat bekende navolgers van die “etiese rigting” was.

in Stellenbosch voorgestaan. Meestal was hierdie volgelinge sterk anti-Kuyper gesind en het terselfdertyd van hulle kant baie kritiek teenoor die neo-calvinisme uitgespreek.

Coetzee (1986:21-29) is van mening dat om die Réveil kerkhistories te begrond daar behoorlik van die metodisme en die mistiek rekenskap gegee moet word. Die beoordeling hiervan bly in alle geval baie moeilik. Coetzee (1986:28) wat die denke van Andrew Murray blootlê, stel dit dat hy "sonder twyfel 'n mistikus was". Vanaf die tyd van Murray is die Kaap metodisties beïnvloed. Die verstaan van die werk van die Heilige Gees word baie duidelik hierdeur geraak. Coetzee gebruik glad nie die positiewe aanmerkings op hierdie tyd soos wat wel by Brümmer die geval is nie. Brümmer het in sy onlangse werk oor die beoordeling van die teologie in die NG Kerk (vroom of regsinnig), hom baie duidelik positief by Andrew Murray se standpunte, en veral by prof. Nicolaas Hofmeyr wat hy bestempel as van die "oorspronklikste en skerpsinnigste teoloë wat die NG Kerk ooit voortgebring het", geskaar (Brümmer,2013:28).

'n Baie bekende leerling van Hofmeyr was die latere prof. Johannes du Plessis by die Teologiese Kweekskool Stellenbosch, wat homself beskryf het as 'n aanhanger van die etiese-ireniese rigting in die teologie. Brümmer (2013:202) laat hom baie positief oor prof. Johannes du Plessis (1868-1935) uit, iemand teen wie De Wet as lidmaat van die GKSA aanvanklik baie skerp krities sou staan. Of daar enige verband tussen die teologiese strominge wat Du Plessis voorgestaan het met dié wat De Wet later bepleit het, waaraan hy beslis vroeër blootgestel was, sal vasgestel moet word. Die gevolge van Du Plessis en De Wet se oortuigings was dat beide ernstige klagtes van leerdwaling in die gesig moes staar.

1.3.2 KERKLIKE TOESTANDE NA DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG

Die Tweede Wêreldoorlog het in 1944 geëindig. Kerklik was gelowiges wêreldwyd verward en verdeeld. Dit val op dat die klagtes teen CJH de Wet veral in die nadraai van die oorlog sterk na vore begin tree het. Teoloë van verskillende lande wat hulle sterk teen Hitler en Nazisme uitgespreek het, is wel wyd gelees en as gereken beskou. Barth, Holwerda, Schilder en Bonhoeffer is maar enkele teoloë wat 'n hoë prys moes betaal, selfs van hulle met hulle lewens, vir hulle teologiese verset teen Hitler se Nasionaal Sosialistiese ideologie. Al was die teoloë in Suid-Afrika nie so intens by dié oorlog betrek nie, kan aanvaar word dat die verwarring wat daaruit voortgespruit het, ook ter plaatse sy tol geëis het. Die verwarring het veral gespruit uit die wreedheid en die onreg tydens hierdie oorlog gepleeg, wat mense teologies verward laat vra het waarom God dit toelaat.

Teologiese vraagstukke en besinnings wat na die oorlogstydperk sterk na vore getree het, was ook van die sake waaroor De Wet besin het. Die skeppingsleer en die mens as beelddraer van God, die besinning oor die persoon en nature van Christus, die leer oor die verkiesing en verwerping en die verstaan van erfsonde was na die oorlog van die sake wat deeglike besinning geverg het. Terselfdertyd het die vraag na wat die ware Kerk is weereens sterk na vore gekom. De Wet het besliste kritiese vrae en uitgangspunte voorgehou oor of hervorming nog weer in die Kerk moontlik is. Na die pas afgelope oorlog het De Wet in 1944 as rektor van die Teologiese Skool die vraag in sy sluitingsrede van die jaar voorgehou, naamlik of enige van die bestaande Afrikaanse Kerke op daardie stadium nog as ware kerk gesien kon word. Sy pleidooi om hierin weer na ’n ware “Skrifkerk” te vra, is om verskeie redes nie goed ontvang nie. Veral onder die akademiese geledere van hulle wat baie nou met De Wet saamgewerk het, was hierdie rede ’n bitter pil om te sluk. (Kyk De Wet afsluitingsrede, 27 Okt. 1944; Acta 1945:58).

Uiteindelik is hy in die besinning oor hierdie sake aangekla oor standpunte wat hy in die verwarring kort na die oorlog gestel het. Het die De Wet vóór die wêreldoorlog anders oor sake gedink as die De Wet ná die oorlog? Die saak wat hier as probleemarea behoort nagevors te word, is of die na-oorlogse verwarring wel by De Wet al sterker deurgeskemer het?

1.3.3 TEOLOGIE AAN DIE TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM

In van die skerpste bewoordings wat De Wet teenoor die GKSA in 1946 uitgespreek het, was sy oortuiging dat die wetenskaplike standaard van werke wat deur teoloë in die GKSA na vore gebring is van swak wetenskaplike gehalte getuig. De Wet stel:

> “Die Geref. Kerk word in die meeste van sy leiers, beheers deur ’n gees van tradisionele napratery (napraat van sekere teoloë), wat vir my onhoudbaar geword het, omdat die opinies van enkelinge bo Skrif en Konfessie gestel word” (*Die Westelike Stem*: 23 Feb. 1945).

In dieselfde openlike verklaring wat die redes aanbied “waarom ek uit die Gereformeerde Kerk uitgedryf is”, stel hy verder dat die:

> “Geref. Kerk in die meeste van sy leiers deur ’n gees van dor-verstandelike objektivisme, (voorwerplikheid), waardeur die Uitverkiesing en Genadeverbond veelal moet dien net as ’n vyeblaar waaragter die mens sy persoonlike verantwoordelikheid ten opsigte van die Evangelie-roeping kan wegdoesel. Omdat ek die persoonlike en subjektiewe benadruk het, daarom is ek uitgekryt vir ’n

> ketter. Ek het geestelik honger en dors gelei in die “citadel” van die Gereformeerdes. Ek sien nie langer kans daarvoor nie” (*Die Westelike Stem*: 23 Feb. 1946).

In hierdie verklaring laat De Wet hom uit oor die wetenskaplike bydraes van die GKSA-teoloë in sy tyd, wat hy as van geen oorspronklike gehalte beskou nie. In dié sin kan aanvaar word dat ’n toets vir wetenskaplikheid vir De Wet is om wel ook selfstandige oorspronklike werk te lewer. De Wet beskou die “leiers in die Geref. Kerk” as napraters en navolgers van ander groter teoloë, en wat dus geen oorspronklike selfstandige denke na vore kon bring nie.

1.3.4 KERK EN POLITIEK

Die kerkgeskiedenis in Suid-Afrika val baie keer nou saam met wat die politieke geskiedenis van hierdie land oplewer. Dit is algemeen bekend dat bekende politieke figure onder andere DF Malan, eers predikant was voordat hy vanaf 1934 in die politiek getree het. De Wet het in sy lewe baie met Malan te doen gehad. De Wet was ’n groot politieke rolspeler in die tyd wat Malan ook al hoe groter politieke opgang gemaak het. Thom (1980:20), DF Malan se biograaf, beskou die latere kritiek wat De Wet op die politieke rigting van Malan uitgespreek het, as van die felste waaraan Malan blootgestel was, waarin Malan “kwaai moes deurloop”.

De Wet het in die tyd opgegroei toe wyd aanvaar is dat kerklike betrokkenheid in baie gevalle ’n noue politieke betrokkenheid insluit. Die De Wet-familie was polities bekend en uitgesproke. Hulle was ook ’n familie van uiterstes. As voorbeeld kan dien CJH de Wet se oom, die veel geroemde genl. CR de Wet wat as held in die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) groot bekendheid verwerf het. Later, tydens die Rebellie van 1914-1915, was dieselfde CR de Wet sterk teen die regering gekant, en is hy as rebel gevange gehou.

CJH de Wet het hom in sy sterk politieke familie ingeleef en sou as jong student saam met sy oom duidelike politieke standpunte na binne en buite handhaaf. Genl. De Wet het hom van sy jonger broer, genl. Piet de Wet, openlik gedistansieer, omdat Piet dan as “verraaier en joiner” nie enduit aan die kant van genl. CR de Wet in die Vryheidsoorlog gestaan het nie. Die naam Piet de Wet is as skandvlek in die familie voorgehou. As jong teologiese student was CJH de Wet in 1914 blootgestel aan sy oom wat op die gronde van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom tydens die Rebellie vanaf ’n perdekar as verhoog ’n toespraak gelewer het om die saak van die Rebelle te bepleit.

Talle predikante in die GKSA was op daardie stadium toe De Wet student was, nie net polities uitgesproke nie, maar het baie sterk party-politieke bande aangeknoop. Die stigting van die Nasionale Party (NP) in 1914 met genl. JBM Hertzog as leier, het in die predikante geledere van die GKSA en onder die studente in Potchefstroom wye steun geniet. As student in Potchefstroom was ds. WJ de Klerk De Wet se predikant. In dieselfde tyd het WJ de Klerk hom vir die NP-kandidatuur, terwyl hy predikant was, in die party-politiek beskikbaar gestel. Ander predikante in die GKSA wat openlik party-politieke bande uitgeleef het en as parlementêre verteenwoordigers gedien het, terwyl hulle predikante was, was ds. LP Vorster[4] en CWM du Toit[5], 'n halfbroer van JD du Toit (Totius).

Hierdie voorgangers en medestaanders van CJH de Wet het in hulle oortuigings en belangstelling laat blyk dat hulle in sowel kerklike as politieke sake betrokke wou wees, en die vraag ontstaan hoe dit kerklike beoordeel moet word. Hierdie studie wil daaraan aandag gee. Toe De Wet hom al meer in die politieke wildernis bevind het, is dit opvallend hoe hy met die verloop van sy politieke vervreemding al meer van sy kerklike medestaanders vervreemd geraak het. Op 'n los nota wat rondom 27 Augustus 1944 dateer staan 'n opmerking geskryf wat De Wet aan ene Jan Reinecke as persoonlike opmerking op 'n gradedag dit gestel het:

> "Ek sal in botsing met ons kerke kom. Kan nie aan 'n kerk hoort wat net aan 'n halwe Bybel glo nie, om die politiek reg te kry, moet ons net een boere Kalv. kerk kry".

De Wet het 'n intense belangstelling in staatsleer, politiek, die regte en selfs die ekonomie uitgeleef. Hy het in 1935 'n MA-graad in Staatsleer verwerf. Die onderwerp van sy studie was "Die Republikeinse Konstitusies van Suid-Afrika". In hierdie studie het hy die konstitusionele grondslae in Suid-Afrika in vier fases onderskei. Die kenmerke van die konstitusies tesame met 'n kritiese beoordeling van die konstitusies is deur De Wet aangepak. De Wet het ook 'n B ECON-

[4] Louis Petrus Vorster is op 24 Julie 1862 op die plaas Grootfontein, distrik Middelburg (KP) gebore. Hy was baie betrokke in die politieke aktiwiteite en strome van sy tyd. As predikant van Rustenburg het sy politieke betrokkenheid al meer toegeneem. Die naam van Vorster is openlik verbind met die stigting van die Nasionale Party op 7 Januarie 1914. Vorster het geglo 'n predikant het 'n plig om polities betrokke te wees. Standpunte soos dié van Andrew Murray wat geglo het dat bedienaars van die Woord uit die party-politiek moet uitbly is deur Vorster as "dopers-asketies" afgemaak. Vorster het sy politieke sieninge kerklik so wyd gemaak dat hy gemeen het as kerkverband is die Gereformeerde kerke die verteenwoordigers van "het echt konservatiewe deel van die Afrikaanse nasie te wees" (vgl. 3.7.1.1).

[5] CWM du Toit (geb. 30 September 1890) was predikant in Bloemfontein (1925-1929), waar hy CJH de Wet in hierdie gemeente opgevolg het. Hy was polities baie aktief. Hy het as parlementariër in die Unie-parlement vanaf 1929 gedien. Daar is selfs uit Engelse kringe gemeen dat hy geskik is om 'n toekomstige Eerste minister van Suid-Afrika te word (D'Assonville, 1999:221; vgl. 3.7.1.2).

graad in ekonomie verwerf. Daarmee saam was hy ook vir ’n LLB in die Regte ingeskryf. Hy het ’n enkele vakke gekort om die graad te kon voltooi.

De Wet se studies in en betrokkenheid by so ’n wye verskeidenheid van terreine wat naas sy teologiese werksaamhede plaasgevind het, bring die vraag skerp na vore hoe kan ’n predikant so wyd uiteenlopend sy gawes aanbied sonder om die gevaar mis te loop om persoonlik en kerklik nie groot skade te ly nie. Veral as daar politieke misbruik en inmenging begin plaasvind, blyk dit dat dit in De Wet se lewe die geval was.

1.3.5 HERMENEUTIESE “KORTSLUITING”

Cochrane (1994: chapter 7) is van mening dat die Du Plessis-saak wat vanaf 1929 tot 1932 in die NG-Kerk gewoed het, ten diepste ’n hermeneutiese verskil aandui. Dit kom voor of die Du Plessis-saak sekere raakvlakke met die De Wet-saak in die GKSA vertoon. Die heel latere saak teen prof. AS Geyser, van die NHK, wat in 1961 ook deur onder andere klasaantekeninge gedryf is (Van Aarde, 1992:169), toon op sy beurt verdere raakvlakke met die De Wet-saak.

Cochrane tipeer die kern van die klag teen Du Plessis soos volg:

> “Johannes du Plessis, 1920 editor of Die Kerkbode, found himself at the center of a storm of controversy concerning, among others, his acceptance and use of the new tools for the interpretation of scripture which began to dominate European theology in his day, especially through the influence of Bultmann, Barth and Brunner. The climax which shook the DRC to its foundations came with his removal from the post of professor in New Testament and Missiology in 1930. The impact of the new consciousness of the problems with the interpretation of Christian scripture, a hermeneutic revolution, was such as to bring to light the interpreter’s own world and presuppositions in the task of exegesis, and to show that doctrinal theology, if it is to be biblical, must take scripture as an internal norm, and critical scholarly investigation of scripture as a necessary control over its conclusions. Another way of making the point, probably seen clearly by those who attacked Du Plessis, is that theological conclusions, if they are to be sustained within the Christian community, will have to find within their own sources the guiding presuppositions which may control illegitimate interpretations. External presuppositions for the interpretation of scripture and the formulation of doctrine were brought into question” (Cochrane, 1994: From participation to isolation: Afrikaner Reformed churches).

In die behandeling van die De Wet-saak sal daar vasgestel moet word of die hermeneutiese toepassings van De Wet die rede tot aanstoot van sy kollegas kon wees. Die vraag is of die klagtes teen De Wet nie ten diepste op hermeneutiese verskille en ontsporinge dui nie?

In die breëre toepassing sal daar 'n verdere probleemarea na vore kom in wat Grönum (2008:69) rondom CJH de Wet se tydgenootlike kollegas in hulle hermeneutiese vertrekpunte vasgestel het. Van CJH de Wet se kollegas was JD du Toit (Totius), JV Coetzee, A. Duvenage, S du Toit en JP Jooste. Al hierdie manne het 'n mindere of meerdere kritieke rol tot die formulering van die klagtes teen De Wet bygedra.

Grönum (2008:69) het in hierdie bekende GKSA-teoloë se eie werke bemerk dat hulle nie voorstanders was van "objektiewe wetenskaplike arbeid" nie. Dit maak dat "induksie" as 'n metode nie 'n sentrale rol speel in hulle arbeid nie. 'n Skerper onderskeid plaas hierdie kollegas binne 'n soort van fundamentalistiese denkmodel wat hulle met 'n besondere "foundationalist epistemologiese" (denkteorie) verbind. In hierdie foundationalist-denke word daar gesoek na basis-beginsels wat hierdie beginsels as gereedskapstukke vir die strukturering van kennis gebruik. 'n Belangrike aspek waarop Grönum (2008:83) wys, is dat die GKSA-tydgenote van De Wet verbind kan word aan wat genoem word 'n "Kuyperiaanse Foundationalist[6] epistemologiese denkraamwerk".

'n Probleemarea wat die studie verder sal ondersoek, is om die aspekte van "ontmensliking" in hierdie vorm van hermeneutiek te ondersoek. Hierdie vorme van ontmensliking hou moontlik verband met wat De Wet in sy nood beskryf het naamlik dat hy "die persoonlike en subjektiewe benadruk het, daarom is ek uitgekryt vir 'n ketter. Ek het geestelik honger en dors gelei in die 'citadel' van die Gereformeerdes. Ek sien nie langer kans daarvoor nie" (Die Westelike Stem: 23 Feb. 1946).

1.3.6 STUDENTE-VERHOUDINGE EN KLASAANTEKENINGE

De Wet is in sy roeping en bediening vanaf die eerste gemeente, Steynsburg, deur kinders en jongmense geraak. Steynsburg was in daardie tyd die bakermat van "Christelik-Nasionale Onderwys" wat gereformeerde onderwys in verskillende rigtings bevorder het. Vanaf April 1916 toe De Wet in Steynsburg gekom het, het hy dadelik by die onderwys betrokke geraak.

[6] Foundationalism is 'n filosofiese denkteorie wat glo dat geloof geregverdig word deur dit op ander basiese geloofstandpunte te baseer. Foundationalism wil geregverdigde ondersteuning vir ander geloofstandpunte bied.

Daar is geen stadium van De Wet se werk waarin hy nie of met kinders of dan later in al meer besonderhede met studentebediening en -opleiding betrokke was nie. Notules van die gemeentes wat hy bedien het bewys sy betrokkenheid oraloor.

In ’n brief (26 Mei 1943) wat De Wet aan die kuratore geskryf het, beskryf hy sy teleurstelling wat hy op ’n kongres van die JV (Jongeliede Vereniging) ervaar het, wat duidelike aanduiding was dat daar besliste spanning aan die opbou was:

> “Wat die vergadering se Kalv.studierigting betref. Dit spyt my dat ek dit nie kan bywoon nie. Op die kongres van die JV (laaste April) het ek onder die indruk gekom dat as ek my beskouing oor sake gee, dan word dit opgevat as opposisie en dan word daar aanstoot uit geneem en dit gee net onaangenaamheid af (en ek sien tog nie kans daarvoor nie). Daarom het ek finaal besluit om sulke vergaderings en besprekings nie meer by te woon nie, behalwe dié wat direk verbind is met ons werk aan die Teol. Skool en PUK” (GKSAA, Teologiese skool Kuratorium 1943- 2.1.3.3).

Die probleem wat die studie wil ondersoek, is om te probeer vasstel waar De Wet se teleurstelling en spanning met van die studente begin het. Getuienisse vanuit die notules gee verdere bewyse dat verhoudinge tussen De Wet en die studente op al meer gespanne voet geplaas is. Vroeg in 1945 het De Wet die studente nie meer in sy huis wou ontvang nie. Daar staan genotuleer:

> “Die Teologiese Senaat het op sy vergadering 6 Maart 1945 besluit die volgende onder u aandag te bring: - Art.3 Senaatsnotule 15 November 1944. Nadat prof. Dr. S. Du Toit bostaande skema aan elke lid van die Senaat skriftelik ter hand gestel het, gee die rektor uit die voorsitterstoel kennis aan die Senaat dat hy hom, aan die behandeling van die saak onttrek en dat hy nie meer sal deelneem, aan enige geestelike werk ten bate van studente van die Teol. Skool nie, omrede: - 1. ‘die studente dit nie waardeer nie en dit met ondankbaarheid bejeën. 2. Daar onder die studente nuusdraers is wat buite die klaskamer gaan oorvertel het wat hy in die klasse met hulle behandel. Wie die studente is wat dit doen, weet hy nie, maar dit het tot sy kennis gekom dat daar studente is wat buitekant gaan oorvertel wat hy met hulle in sy klasse bespreek. Hy wil sulke nuusdraers nie in sy huis hê nie’ (GKSAA, Brief van 1 Mei 1945-gemerk 25/45)”.

In dieselfde veld van probleme word gekyk na die optrede van teologiese studente wat so ver gegaan het om aantekeninge van De Wet se doseer- en klaswerk onder verdenking te bring, sonder medewete van De Wet. Die studente het hierdie aantekeninge met ds. JV Coetzee opgeneem, waarna Coetzee die aantekeninge aan die kuratore, waarvan Coetzee self deel was,

bekend gemaak het. Die etiese optrede van studente en kuratore behoort nagegaan en geweeg te word. De Wet self het hierdie optrede heeltemal onaanvaarbaar gevind. Hy het hulle optrede beskryf as die “mees laakbare metode”. Soos hy dit dan stel:

> “Sekere studente het gaan nuus dra. Agter my rug om. As hulle meen ek verkondig kettery, moes hulle na my toe kom. Trouens die Kuratore erken dit self in hulle brief aan my. Hiermee erken hulleself dat hulle op die verkeerde weg is. Daar is beter weg. Van die studente was dit mees laakbaar. Ek beskou dit immoreel (in die betekenis van die woord), dat hy gunstige oor verleen het aan die nuusdraende studente. Bereid te antwoord. Hy gaan agter my rug om by Kuratorium aankla. In die kerk mag dit nie gebeur nie, al geskied dit ook in die wêreld. Die Kuratorium het dit goedgekeur omdat hy dit nie afgekeur het nie. Die Kuratorium gee toe dat metode verkeerd is” (GKSAA, Teologiese skool Kuratorium 1945: Persoonlike aantekeninge).

’n Verdere probleemveld wat hier ondersoek moet word, is in hoeverre sulke studente-aantekeninge enige aanduiding kan gee van ’n beweerde leerdwaling. Is die getuienis van sulke aantekeninge noodwendig betroubaar? Is die gebruik van sulke aantekeninge eties geregverdig?

Daar sal in die ondersoek aangedui moet word watter gewig hierdie aantekeninge in die behandeling van die hele leergeding opgeneem het.

1.3.7 BOTSING VAN PERSOONLIKHEDE

Die tragiese verskynsel wat in Kerk en samelewing dikwels na vore kom, is dat persone met mekaar in spanning kom as gevolg van botsing van persoonlikhede. Dit lyk in die geval van prof. CJH de Wet en ds. JV Coetzee duidelik so ’n geval te wees. Voordat die klag van die kuratore, waarvan JV Coetzee ’n prominente lid was, gestalte kon aanneem was daar heelwat ander insidentele gevalle wat daarop dui dat die twee persoonlikhede met mekaar in botsing geraak het.

Dit kom in heelwat artikels na vore waar daar duidelik ’n tendens begin ontstaan het dat die twee moeilik rondom dieselfde vuur kon bly sit. Van die skerper verskille tussen die twee was reeds in 1942 duidelik teenwoordig in openbare kerklike korrespondensie in *Die Kerkblad,* waar De Wet en Coetzee rondom die saak van CNO-onderwys mekaar teëgegaan het. Coetzee beleef dit dat hy “van twee kante klappe om sy ore” gekry het (*Die Kerkblad,* 19 Junie 1942:14)

Die probleem tussen hierdie twee persone, met hulle verskille, kon nooit op ’n ordentlike versoening uitloop nie, wat gemaak het dat aanvaar kan word dat die spanning net verder

opgebou het. Hierdie botsing van persoonlikhede het selfs kerklike aandag buite die GKSA getrek. In die persoon van prof. SP Engelbrecht (1945:10) wat in die geledere van die Nederduitsch Hervormde Kerk (NHK) was, het die botsings tussen Coetzee en De Wet besondere aandag geniet. Engelbrecht het in sy spanning met JV Coetzee, die saak van CJH de Wet uit ’n onverwagse hoek bygetrek.

Die probleemarea wat in hierdie botsing van persoonlikhede ondersoek sal moet word, is om die verskynsel van sodanige botsings aan te toon en watter remedie behoort gevolg te word as sodanige spanning net vererger.

1.3.8 SPYT EN BEROU

Tydens die sinodale vergadering aan die begin van 1945 is daar besluit dat CJH de Wet onderwerp moet word aan ’n “toets van regsinnigheid”. Hierdie toets het presies gehandel oor die nege sake waaroor die ingediende klag hom van die beweerde dwalings aangekla het (Acta, 1945:195-196). De Wet het staande hierdie sinode ’n bevestiging ingedien wat as openbare voordrag gedien het en waarin hy op grond van al nege die geskilpunte die gereformeerde belydenis rondom elke punt bevestig (Acta, 1945:184, Acta, 1945:215).

In die bevestiging het hy gepoog om elke keer sy kant oor sy beskouing van die belydenis te stel. Waar hy gemeen het daar misverstand oor sy meditasies oor Job en Melgisedek kon plaasvind, was hy bereid om die meditasies op hierdie punte “vervalle” te verklaar. Hy het spesifiek gemeld dat die meditasie oor Jakob wat verskil kon veroorsaak het, heeltemal geskrap moet word. (Acta, 1945:217 Bylaag 8).

Tydens die hantering van hierdie saak is daar staande die sinode met “innige dank kennis geneem van dr. De Wet se openlike herroeping van al die aan hom voorgehoue afwykinge” (Acta, 1945:201).

Die gebeure direk hierna open die volgende groot probleemveld waar die voorsitter van hierdie sinodale vergadering, ds. DN Kotzé, op hierdie kritieke stadium die besliste vraag aan De Wet gestel het, naamlik dat in ag genome sy openlike herroeping van sy leer en die spyt wat hy by die oorsaak hiervan te kenne gee, of daar by hom “hartlike berou oor die gebeurde” bestaan (Acta,1945:201). Die Handelinge van die vergadering gee nie duidelik die reaksie van De Wet

op genoemde vraag weer nie, maar dit kan aanvaar word dat hierdie “hartlike berou” volgens die verdere verloop van die vergadering vir ’n groot deel nie werklike “hartlike berou” betoon was nie.

Daarom die onmiddellike opvolgende besluit om De Wet wie se skuldigbevinding volgens die oordeel van die vergadering van “so ingrypende aard is” effektiewelik nog as “geskorste” te behandel, al word die woord “skorsing” nêrens in enige van die stukke genoem nie. Die proses wat verder gevolg is, dui baie duidelik daarop dat hy soos ’n “geskorste” behandel was, al word dit nie so aangedui nie. Dit blyk nog ’n verdere probleem in die kerkregtelike hantering van die saak te wees.

Die vergadering het besluit om aan hom “bedenktyd” van drie maande te verleen, wat daarop sinspeel dat hy in die tyd sy “posisie aan die Teologiese Skool in oorweging moet neem” (Acta, 1945:201). Die optrede van Kotzé het klaarblyklik nuwe spanning gebring deur De Wet se “spyt” nie as genoegsame “berou” te ag nie.

1.3.9 KERKLIKE “GROEPSGEES”

Wanneer De Wet alle bande met die Teologiese Skool op Potchefstroom en die GKSA verbreek, maak hy melding van hierdie “groepsgees”:

> “... dat daar “in die hoofstad van die Gereformeerdes ’n ongesonde en sieklike groepsgees is wat van buite ondersteun word en wat vol is van afguns en naywer. Omdat ek nie kop in een mus daarmee wou saamgaan nie, daarom moes ek uit die sinagoge gewerp word en enige middel was goed om hierdie doel te bereik” (*Die Westelike Stem*: 23 Feb. 1946).

Hierdie aantyging, sou daarvoor enige gronde bestaan, is in alle opsigte ernstig as dit aangetoon kan word. Die bewys tot bestaan van sodanige “groepsgees”, sal as probleemarea nagevors moet word.

Die feit is dat hierdie aantyging nie heeltemal geïsoleerd na vore kom nie. In die tyd van De Wet se bediening as professor het kerkrade en lidmate beswaar gemaak teen bv. die aanstelling van prof. S Du Toit, seun van prof. JD du Toit (Totius). Hierdie klaers het beweer daar is nepotisme en ’n vorm van groepsgees in Potchefstroom aanwesig (GKSAA, Kuratore-aantekening, 1936). Die feit dat enige vorm van nepotisme aanleiding tot die vorming van sodanige “groepsgees” sal gee, sal in hierdie studie as definitiewe probleem en gevaar aangetoon moet word.

1.3.10 TWAALF JAAR SE "DWALINGE"

Een van die kuratore, ds. JV Coetzee, het daarop gewys dat die beweerde dwaalleringe van De Wet vir 12 jaar in sy doseerwerk aan die orde was (GKSAA, Teologiese skool Kuratorium, Jan-Mrt 1945, Persoonlike aantekeninge - 2.1.4.1). Indien dit wel die geval was dat De Wet op die beweerde dwalinge solank kon voortgaan, is dit 'n ernstige refleksie op die kuratore van daardie tyd wat die verantwoordelikheid dra om oor die leersuiwerheid van die professore toesig te hou.

1.4 AKTUALITEIT EN PROBLEEMSTELLING

Kerklike tughandeling is altyd 'n gelade, aktuele en selfs emosionele saak. Toe die saak teen CJH de Wet na vore kom, was hierdie die eerste en tot op hede die enigste geval in die byna 160-jarige bestaan van die GKSA dat 'n professor verbonde aan die Teologiese Skool Potchefstroom van leerdwaling aangekla is. Dit handel spesifiek rondom die professore wat kragtens Art 18 KO, 'n besondere roeping en dienswerk moet uitvoer[7].

Die gebeure wat reeds meer as 70 jaar gelede rondom die saak afgespeel het, is nog nooit tevore kerkhistories, kerkregtelik of pastoraal nagevors nie. Daar is reeds verskeie male in publikasies opgemerk, soos onder andere deur prof. PJ Coetzee, dat daar "meer deernis" in die saak moes gewees het (*Die Kerkblad,* Mei 2003:13). Drie jaar later het prof. LJ Botha weereens die onafgehandelde aktualiteit van die saak onderstreep deur na die saak te verwys as 'n "tragiese gebeurtenis" wat hy aanvaar wel 'n "ander uitkoms kon gehad het" *(Die Kerkblad,* September 2006:12).

Die studie sal poog om 'n aktuele bydrae te lewer deur in die ontleding van die saak Bybelse riglyne vas te stel.

1.5 NAVORSINGSVRAE

Die sentrale vraag wat nagevors moet word is of daar wel kerkregtelike onreg teenoor De Wet gepleeg is. Indien wel watter kerkregtelike onreg teenoor sy persoon, sy roeping, sy bedienings- en doseerwerk plaasgevind het.

[7] Art 18 Kerkorde lui soos volg: Die dienspligte van die professore aan die Teologiese Skool is om bedienaars van die Woord op te lei, die Heilige Skrif uit te lê en die suiwere leer teen die ketterye en dwalinge te verdedig.

Ander vrae rondom die sentrale vraag geweef is die volgende:

- Watter spanning het De Wet se politieke loopbaan tot die latere kerklike spanning bygedra?
- Wat was die besondere aksente wat CJH de Wet in sy teologiese denke voorgehou het?
- Watter regsbeginsels is tydens die saak toegepas?
- Wat was die rol van die botsing van persoonlikhede in hierdie saak?
- Moes die vereiste tot berou so deurslaggewend in hierdie saak gewees het?
- Hoe kon die tragiese afloop van die saak voorkom gewees het?

1.6 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentraal teoretiese argument van hierdie studie is dat die kerkregtelike hantering van die saak teen prof. CJH de Wet op ernstige leemtes dui, wat daartoe gelei het dat De Wet se beweerde dogmatiese dwalinge nooit na behore getoets is nie.

1.7 METODOLOGIE

Hierdie kerkhistoriese en kerkregtelike studie sal hoofsaaklik fokus op die tersaaklike primêre bronne. Dit sluit in talle oorspronklike geskrifte in die hand van prof. De Wet self, kuratore verslae, rapporte, notules, studente- en klasaantekeninge.

- Om De Wet se kinderjare en latere bedieningswerk in gemeentes na te vors, is daar talle outobiografiese werke bekend. Sy kinders het ’n besondere bydrae tot die tydperk gelewer en notules van die kerkrade waar hy gedien het, sal nagevors word.
- Om De Wet se politieke loopbaan na te vors, sal sy eie geskrifte op staatkundig-politieke terrein nagevors word. Heelwat skrywers het die besondere spanningsvolle tyd wat hy beleef en teweeggebring het, na vore gebring.
- Om die besondere klem in De Wet se teologiese denke aan te dui, is daar talle boeke, geskrifte, verhandelinge en artikels uit sy eie pen gelewer, om dit na te vors.
- Om die ander faktore wat kerkhistories tot hierdie klag bygedra het, sal ander tendense en vraagstukke spesifiek in hierdie tyd vanuit talle ander literatuur nagevors word.
- Om die belangrikheid van die dogmatiese aksente wat in die klag vervat is na te vors, sal talle standaardwerke in die dogmatiek nageslaan word.

- Om die historiese verloop van die saak en om die prosedures te kontroleer van hoe en wanneer dit aan De Wet duidelik gemaak is dat die saak teen hom ’n tugsaak is, sal die geskrifte en “stenografiese” gesprekke wat met De Wet in die hantering van die saak gevoer is, nagegaan word. Die vasstelling van die lys van klagtes is in talle geskrifte opgesom en die nege punte van die klaggeskrif is in verskeie bronne met groot uitbreiding opgesom en weergegee. Talle notules in die hand van die skriba van die kuratore in hierdie tyd bied lig op hierdie saak.
- Om die saak kerkregtelik te beoordeel, sal talle handboeke in die kerkreg bestudeer word tesame met die bevindinge wat in ander soortgelyke sake (gevalle) na vore kom.

1.8 HOOFSTUKINDELING

1. Inleiding
2. De Wet se kinder- studente- en bedieningsjare
3. De Wet se politieke loopbaan en die kerklike spanning wat dit teweeggebring het
4. Die besondere aksente van De Wet se teologiese denke
5. Die historiese verloop van die saak teen De Wet
6. Die teologies-dogmatiese aksente van die klag teen De Wet
7. Die kerkregtelike raamwerk waarbinne die saak plaasgevind het
8. Die finale beoordeling van die saak
9. Samevatting en finale gevolgtrekkings

HOOFSTUK 2

DE WET SE KINDER -, STUDENTE - EN BEDIENINGSJARE

Oorsig

2.1 Inleiding
2.2 Die De Wet-familie in breër verband
2.3 Die De Wet-familie in enger verband
2.4 Skool- en Tersiêre opleiding (1902-1915)
2.5 Verandering van kerkverband en Teologiese Skool (1912)
2.6 Groot rolspelers in De Wet se vorming
2.7 De Wet as bedienaar van die Woord (1916-1925)
2.8 Buitelandse studie in Kerkreg (1920-1921)
2.9 Beroep en bevestig as professor (1925)
2.10 Bydraes en uitdagings by die Teologiese Skool (1925-1946)
2.11 “Die Wagtoring” en ander teologiese werke
2.12 Die eerste tekens van gespanne verhoudinge
2.13 Slot

2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die persoon en werk van CJH de Wet nagevors. Aan die hand van biografiese gegewens word gelet op wie hierdie De Wet is, vanwaar hy kom, sy besondere familie, sy huislike omstandighede, en die omgewings- en sosio-politiese invloede wat daar van die begin af na hom uitgegaan het. In die bepaling hiervan sal sy kerklike betrokkenheid en die wyse waarop hy van kerkverband verander het, in die brandpunt staan.

Dit is belangrik om hierdie sake na te gaan ten einde te bepaal watter faktore van die begin tot die einde van De Wet se lewe ’n deurslaggewende invloed en rol in sy lewe gespeel het. Tegelyk moet daar vasgestel word watter van hierdie sake alreeds vroeg in sy lewe teenwoordig was, en wel in die saak vir hom en teen hom ’n rol gespeel het.

Verder sal die hoofstuk let op watter rigting De Wet se skoolopleiding en teologiese opleiding gevolg het. Die mense wat in hierdie tyd groot invloede kon uitoefen, word hierby ingereken, om

te bepaal in hoe ’n mate De Wet in sy vormingsjare deur hulle beïnvloed is. Watter rol ander mense in sy lewe kon speel en watter invloed hy as jongman en student na ander mense laat uitgaan het. Dit word ’n besondere interaksie wat in die lewe van De Wet deurgaans aan die werk is.

Die hoofstuk moet De Wet se vroeëre werk as bedienaar van die Woord, in twee gemeentes wat deel van die GKSA is, insluit. In hierdie verband word gelet op die roeping, dryfkrag en oortuigings wat De Wet hierdie gemeentes ingedra het. By watter kerklike sake was De Wet direk betrokke en wat het kerklik vir hom in die brandpunt gestaan?

De Wet het op vroeë ouderdom ’n besondere geleentheid ontvang om in die buiteland te studeer. Daar het hy hom in die Kerkreg onderskei deur ’n studie getiteld “Die Kollegiale Kerkreg”. Vanuit hierdie studie word nagegaan hoe die kerklike invloede wat daar vanuit die buiteland en veral Amsterdam waar hy studeer het, hom in sy studies kon beïnvloed. Aan die resultate van hierdie studie en die verandering wat hierdie studie in die Gereformeerde Kerkreg in Suid-Afrika teweeggebring het, word besondere erkenning verleen.

De Wet is as relatiewe jong man, 38 jaar oud, na die Teologiese Skool Potchefstroom, kragtens Artikel 18 KO, as professor beroep. Daar moet vasgestel word hoekom hý beroep is. Watter invloede het meegewerk dat hy professor geword het en nie iemand anders ouer en meer ervare as hy nie?

Hiermee saam word sy plek en bydraes aan die Teologiese Skool ingewerk. Dit was van die begin af duidelik dat sy roeping en rol aan die Teologiese Skool bestem was vir groot uitdagings. Watter uitdagings daar was, hoe hy dit aangepak het, watter verskil hy kon maak, watter spanninge hy veroorsaak het, sal na vore kom. Die feit dat hy in sy persoonlikheid en aanpak van sake dikwels gespanne verhoudinge kon veroorsaak, sal die hantering van hierdie spanning na vore bring. Hoe ander hom hanteer het en die spanning wat hy weer van hulle kant beleef het sluit hierby aan.

2.2 DIE DE WET-FAMILIE IN BREËR VERBAND

2.2.1 GENEALOGIESE GEGEWENS VAN DIE DE WET - FAMILIE

Volgens Pama (1983:20 e.v.) is die betekenis van die van De Wet om 'n "geregsdienaar" te wees[8]. HC De Wet (2001:1) stel dat die "mees logiese is dat die oorspronklike stamvader se beroep met die wet te doen gehad het, bv. advokaat, griffier e.a". Volgens ander teorieë word beweer dat die familie beroepsnarre (hereditary court jesters) aan die howe van Nederlandse baronne was (De Wet,2001:1). Volgens Duval (2012) is daar bespiegelinge dat die van De Wet wel 'n Duitse verbintenis mag hê, en dat die oorsprong dan dui dat "de Wet' originated from the town of 'Wettin' in Germany". Die teorie word nie wyd aanvaar nie.

Die stamvader van die De Wets in Suid-Afrika was Jacobus de Wet, gebore in Mei 1673[9] en oorlede in 1711 wat in 1693 op 20 jarige ouderdom in diens van die "Verenigde Oost-Indische Compagnie" (VOIC) getree het. Hy het in 1693/1695 (bronne verskil) op die skip Nigtevegt na Suid-Afrika gekom. Sy ouers, albei van Amsterdam is Jacobus de Wet en sy moeder is Helena Stalmans. Sy vader was in Amsterdam 'n kunsskilder van beroep. Hulle het oorspronklik van Haarlem gekom en was 'n tyd lank in Skotland woonagtig. Die koninklike skilderye wat op versoek van die koning tydens sy verblyf in Brittanje (1673-1683) deur hom geskilder is, dra spesifiek die naam "Jacob de Wet". Die Skotte het soms na hom verwys as "James de Wit". Daar is vandag nog talle skilderye in koninklike besit in Brittanje wat van die skilderhand van Jacobus de Wet afkomstig is.

Die eerste beroep van die jonge Jacobus de Wet in Suid-Afrika is om as "provisioneel assistent" vir die Hollands Oos Indiese Kompanjie (H.O.I.K), en so ook vir goewerneur Simon van der Stel op te tree. Later het hy keldermeester/boekhouer geword en het tot in 1701 ook in die "Hof van kleine zaken" gedien. In 1704/1708 (bronne verskil) het hy uit diens van die VOIC getree en het

[8] Ander teorieë rondom die herkoms van die van De Wet is dat dit 'n vervorming is van die oorspronklike van De Witt, wat dan gedui het op van die familielede wat besonder wit van gelaat was of moontlik hulle haarkleur. HC de Wet (2001:1) vind hierdie teorie nogal aanvaarbaar waar hy aantoon dat die oorspronklike stamvader van die De Wets in Suid-Afrika sy van soms as De Witt aangegee het. Nog 'n teorie is dat die van De Wet kom van een van die spruitjies in Nederland wat genoem is "De Wet" en is daar aanvanklik na hierdie mense langs hierdie spruit verwys dat hulle kom "van De Wet", bedoelende van daardie spruitjie. Die "van" gedeelte het later weggeval en het net die "De Wet" gedeelte oorgebly. 'n Interessante verskynsel wat moontlik lg. teorie kan ondersteun, is die feit dat in die familiewapen van die De Wets 'n getande meganisme bekend as 'n waterwiel is wat gewoonlik in die waterkanale as bakkiespomp of in van die watermeule in die waterkanale diens moes doen. Die mees aanneemlike teorie bly egter die eerste moontlikheid om dit aan 'n wetuitlegger of dan bepaald 'n geregsdienaars in diens van die wet te verbind.

[9] Duval (2012) gee sy geboorte aan as 17 Januarie 1673.

volgens Theunissen (1945:31) as vryburger aan die Liesbeekrivier gaan boer. Sy eerste kind is buite-egtelik verwek in 'n "onwettige verbintenis met Josina Pretorius in 1696 gebore" (Pama, 1983). Die seun is Jacobus Wilhelmus genoem wat as "adelbors ook in diens van die Kompanjie" was (Theunissen, 1945:31). Op 16 April 1698 het die stamvader egter met Christina Bergh, dogter van Olof Bergh, steeds 'n bekende naam in Suid-Afrika, in die huwelik getree. Hulle het 5/6 kinders gehad (bronne verskil). Die stamvader is in 1710 of 1711 oorlede.

Die eggenote van die latere bekende Voortrekkerleier, Piet Retief (1780-1838), Magdalena Johanna (Lenie, 1782-1855) Retief was ook 'n nooi de Wet, 'n voorsaat van die De Wets, waaruit De Wet ook afstam. Sy was die tweede jongste dogter van Pieter de Wet, getroud met Maria Petronella Opperman. Sy was 'n merkwaardige vrou wat haar eerste man, veldkornet Jan Christoffel (Carel) Greyling in 1811 (31 Des) deur aanvalle van die Xhosas verloor het; toe weer verloor sy haar tweede man op byna soortgelyke wyse toe die bekende Piet Retief op 6 Februarie 1838 deur Dingaan en die Zoeloes vermoor is[10] (Duval, 2012).

Dit val op dat alle De Wets in Suid-Afrika egter afstam van of die eersgenoemde Jacobus Wilhelmus uit die Pretorius verbintenis of die ander deel in Suid-Afrika is afstammelinge van Johannes Carolus, die jongste seun uit die Bergh-huwelik wat direkte voorsate van Lenie de Wet en CJH de Wet is (Theunissen, 1945:31). In die familie van De Wet is die Opperman-familie ook 'n prominente van, trouens genl. Christiaan Rudolf de Wet se doopname is van oorsprong familiename van die Oppermans.

In die nasate van Jacobus Wilhelmus, die oudste van die De Wet familielyne in Suid-Afrika, is hulle verbintenisse met die Du Toits weer baie opvallend (Theunissen, 1945:31). Duval (2012) stel dit dat 95% van die De Wets in Suid-Afrika is van oorsprong nasate van Jacobus Wilhelmus de Wet is en dat net die orige 5% uit die Bergh-huwelik afkomstig is.

[10] Die dood van haar eerste man het saamgeval met die van landdros Anders Stockenström wat besig was om ongewapend met 'n groepie Xhosas te onderhandel om hulle te oorreed om hulle gebied te verlaat voordat die oorlog uitbreek. Giliomee (2004:93) meld hoe Stockenström op daardie oomblik die boodskap ontvang het dat vyandelikhede reeds uitgebreek het. Hy en sewe van sy manne is afgemaai. Hieronder word afgelei dat Carel Greyling onder die sewe getel het, terwyl Lenie hulle sesde kind verwag het, gebore op 8 Maart 1812. Volgens Duval (2012) het hierdie "De Wet-vrou", alleen voor die kansel moes staan, toe hulle seuntjie Barend Christiaan gedoop is. Uit dié huwelik was hulle tweede seuntjie, Petrus Jacobus, blind, wat ook besondere uitdagings gestel het. Die kind ontvang uit sy ouers se gesamentlike testament, ook 'n slaaf met die naam "Present" wat hom in sy blindheid moes bystaan (De Wet,2001:15). Carel Greyling het Lenie met 'n groot boedel agtergelaat wat 1680 skape, 531 bokke, 129 beeste, 22 perde en 4 slawe ingesluit het. Die waarde daarvan word op 8665 riksdaalers bereken. Die weduwee Lenie Greyling (née De Wet) is op 4 Julie 1814 met Piet Retief getroud.

De Wet het later baie nou met die bekende prof. JD du Toit (Totius) aan die Teologiese Skool Potchefstroom saamgewerk. Hulle voorgeslagte was op meer maniere deur huwelike aanmekaar verbind, alhoewel De Wet uit die Opperman-lyn voortspruit en nie die Du Toit-lyn soos wel die geval met Totius is nie. Die Du Toits het baie ingetrou met Jacobus Wilhelmus de Wet se nasate.

2.2.2 GEBOORTE VAN CJH DE WET, WOENSDAG 23 MAART 1887

In die jare na die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) het dit alles vir CJH de Wet begin. Ses jaar na die slag van Amajuba is De Wet op Woensdag 23 Maart 1887 in die distrik van Ladybrand, op die plaas Juist Zoo[11] gebore (De Wet, 2001:172; Van der Vyver,1969:157; Jooste,1972:25, Anon., sa “Onbekende skrywe oor oupa”).

De Wet se oom, die bekende genl. CR de Wet (1854-1922), het reeds in 1881 ’n rol in die slag van Amajuba gespeel. Hy was een van die manne wat daardie Sondag 27 Februarie 1881 onder bevel van Danie Malan die berg teen die oostekant, met elke burger wat net 13 patrone gehad het, uitgeklim het (D’Assonville, 1996:30,58; 2010:15). Genl. CR de Wet se naam is in die militêre geskiedenis in Suid-Afrika diep gegraveer. Veral tydens die Tweede Vryheidsoorlog was die naam van genl. CR de Wet op sovele se lippe oor sy vernuf, sy deursettingsvermoë, sy dappere moed en ongekende ywer – eienskappe wat CJH de Wet trots in sy familie voortgedra het.

Omtrent 500 km van Amajuba, ver van die oorlog, is die seuntjie, Casparus Jan Hendrik de Wet, die elfde kind van genl. CR de Wet se oudste broer, Johannes Marthinus de Wet en sy eggenote Lasya Christina (née Kruger, Sara genoem, ’n niggie van pres. Paul Kruger) gebore. Hulle bly in die distrik Ladybrand en in die stille plaasgemeenskap, word hierdie seuntjie De Wet, deel van ’n reeds groot huisgesin (De Wet, 2001:168; Van der Vyver, 1969:157; Duval, 2012).

De Wet is in die onafhanklike Vrystaatse-Republiek (OVS) gebore; daar was JH Brand die president - in 1884 die laaste keer herkies. In 1888 is Brand oorlede. Brand was in baie opsigte beskou as ’n goeie president, selfs bekend as “Vader des Volks” (Van Schoor, 1969:211). Hy is in 1889 deur president FW Reitz opgevolg (Van Schoor, 1969:218). Reitz wat as president tot in 1895 gedien het, is deur pres. MT Steyn opgevolg. In die tyd van Reitz word daar melding gemaak van hoe daar besondere samewerking tussen die Afrikaanssprekende kerke van

[11] Die vroeëre minister van Finansies en latere Staatspresident van Suid-Afrika, Nico Diedericks se ouers was aangrensend aan Juist Zoo.

gereformeerde oorsprong in die Vrystaat was (Van Schoor, 1969:219). Die regering van Steyn was gekenmerk deur sterk pogings om die Afrikaners in die onderskeie republieke so naby as moontlik met behoud van eie onafhanklikheid en identiteit, te laat saamwerk. Hy was sy lewe lank as politieke leier 'n aggressiewe teenstander van Britse imperialisme (Van Schoor, 1969:220).

Enkele jare voordat De Wet sy eerste lewenslig aanskou het, het die gereformeerde president, Paul Kruger se eerste ampstermyn as staatspresident van die Zuid Afrikaanse Republiek (ZAR) op 9 Mei 1883 begin (Du Plessis: SJ, 1969:245). Die republikeins-staatkundige denke van al hierdie genoemde politieke leiers het dwarsdeur De Wet se lewe 'n groot invloed op sy eie ontwikkeling en denke in Kerk en politiek uitgeoefen.

2.3 DIE DE WET - FAMILIE IN ENGER VERBAND

Johannes Marthinus de Wet (1846-1899) hy wat die vader van CJH de Wet was, is die oudste van 13 kinders (nege seuns, vier dogters). Johannes Marthinus is gebore uit die huwelik van Jacobus Ignatius (Kootjie) de Wet (geb. 13 Julie 1823, Boontjieskraal, Caledon) in 1844 getroud met Aletta Susanna Margaretha (née Strydom, geb. 28 Februarie 1828, dogter van Gerrit Cornelis Strydom en Johanna Helena Olivier). Op sy beurt was Kootjie de Wet se ouers Johannes Marthinus de Wet en Elizabeth Johanna Opperman.

CJH de Wet se ouma, genoem Elizabeth, sterf op 16 Mei 1870, op 42 jaar. Haar sterwe is nege dae na sy geboorte geskenk het aan hierdie gesin se jongste kind, Barend Johannes Jacob de Wet[12]. So was De Wet se vader Johannes Marthinus de Wet, die oudste van hierdie 13 kinders en Barend die jongste.

Johannes de Wet, was reeds 11 maande oud voor hy in die nuutgestigte NG-gemeente, Burgersdorp[13], deur ds. John Murray gedoop kon word, omdat sy ouers in die tyd van sy geboorte

[12] Die kinders van Ignatius Jacobus (Kootjie) de Wet is soos volg: Johannes Marthinus de Wet (De Wet se vader) ; Gert Cornelis de Wet; Jacobus Ignatius de Wet; Helena Johanna de Wet; Generaal Christiaan Rudolf de Wet; Aletta Susanna Margaretha de Wet; Johannes Jacobus de Wet; Anna Catharina de Wet; Generaal Pieter Daniel de Wet; Albertus Stephanus de Wet; Daniël Rudolph de Wet; Barend Johannes Jacob de Wet. Daar is bronne wat daarop dui dat Kootjie de Wet later weer getroud is met Lasya Christina Kruger. Uit hierdie tweede huwelik is dan gebore Cecilia Maria Erasmus en Jacobus Ignatius de Wet.

[13] Die NG gemeente Burgersdorp is op 13 Oktober 1846, dieselfde jaar as Johannes se geboorte, gestig. Die stigting het op Klipfontein, die plaas van Gert Buitendach plaasgevind. Die gemeente is "Burgersdorp" genoem omdat die lidmate van mening is dat dit hulle as "burgers" is, wat die christendom na hierdie gebied gebring het (Joubert, 2000:3)

te ver van enige kerk en predikant in die Kaapkolonie gewoon het, om hom vroeër te laat doop (De Wet, 2001:168). In die tyd het hulle in die omgewing van Aliwal-Noord gebly. Duval (2012) wys daarop dat Kootjie en sy eggenote hulle volgende drie kinders almal in Burgersdorp gedoop het.

Dit kan afgelei word dat waar Burgersdorp die eerste gemeente binne die verband van die GKSA in die Kaapkolonie is, gestig in 1860, dat Kootjie de Wet heeltemal op hoogte was met die kerklike omstandighede en spanninge wat in daardie tyd, lank voor die stigting van die Gereformeerde Kerk Burgersdorp in dié distrik teenwoordig was. Die spanninge het later aanleiding tot die stigting van die Gereformeerde Kerk Burgersdorp gelei.

Kootjie de Wet het die distrik in 1852 verlaat. Hy het toe 'n Vrystater geword. Hy en sy gesin het hulle eers naby Smithfield gevestig, later het hulle nog dieper die Vrystaat ingetrek en hulle toe by Kalkfontein (latere Reddersburg) naby Bloemfontein gevestig waarna hulle na die plaas Nuwejaarsfontein getrek het (De Wet,2001:168). Weereens sou Kootjie de Wet baie naby die "Doppers" van daardie tyd gebly het, want soos Burgersdorp die eerste gemeente van die Gereformeerde kerke in die Kaapkolonie was so het Reddersburg, die eerste gemeente van die Gereformeerde kerke in die OVS geword.

Kootjie de Wet het sekerlik kennis geneem van die tragiese gebeure wat kerklik in Reddersburg in die geledere van die "Doppers" afgespeel het, soos Jooste (1958:131-132) melding maak van die tragiese geval van ds. JSL Venter (vroeër predikant van die die Gereformeerde Kerk Pretoria) en later ds. J Beyer, eerste voltydse Gereformeerde predikant in die Vrystaat wat vanaf 1862-1869 Reddersburg bedien het. Venter was toe lidmaat van Reddersburg (op 'n wyse onder art 11 KO[14] vanaf Pretoria beroepbaar gestel) en ds. Beyer was daar predikant. Beide hierdie predikante het op baie omstrede wyse die gemeente Reddersburg verlaat (Jooste, 1958:149-154).

[14] Art 11 KO lui soos volg: "Die kerkraad wat die kerk verteenwoordig, is verplig om sy bedienaars van die Woord met behoorlike onderhoud te versorg en mag hulle nie die onderhoud weerhou of hulle uit hulle diens ontslaan sonder kennis en goedkeuring van die klassis met advies van die deputate van die partikuliere sinode nie". JSL Venter is onder baie moeilike omstandighede uit die diens in die Gereformeerde Kerk Pretoria "ontslaan" en het op Reddersburg, as deel van die "Mostertshoek-wyk" tevergeefs gewag dat hy 'n beroep na 'n ander gemeente kan ontvang. Op baie omstrede wyse het hy in 1884 saam met ander lidmate in hierdie wyk, die kerkraad van Reddersburg beskuldig en het hy later die jaar saam met 17 ander lidmate die gemeente en kerkverband verlaat. Vir n kort tyd het Venter en sy ondersteuners 'n soort "huiskerk" van hulle eie gevorm, maar dit het gou weer tot n einde gekom (Jooste, 1958:132).

Kootjie de Wet en sy nabye gesin het altyd lidmate van die NG Kerk gebly, terwyl daar onder die geledere van die 9 seuns, veral van die kant van Johannes Marthinus de Wet, De Wet se vader al meer oortuigende geluide in die rigting van die GKSA gemaak is. Later het 'n ouer broer van CJH de Wet, nl. Johannes Jacob de Wet, noemnaam ook Kootjie (1879-1950), se seun, dr. JM de Wet ook predikant in die GKSA geword. JV Coetzee (1946:11) wys in sy polemiek met SP Engelbrecht van die Nederduitsch Hervormde Kerk rondom "Geskiedenisversaking en Neo-Calvinisme", op die familieverbintenis van die twee De Wets in die GKSA, dat hulle neefs vanmekaar is.[15] Johannes Jacob (Kootjie de Wet II) is in 1904 met Elizabeth Carolina Maria Venter getroud, oorspronklik van Barcelona Clocolan, waar die kerkverband van sy vrou moontlik rede kon gewees het dat hierdie ouer broer van De Wet heel vroeër reeds deel van die GKSA-kerkverband geword het. JM de Wet[16] moes in die hantering van die latere De Wet- saak teen sy oom CJH de Wet 'n moeilike rol vervul.

Die grootvader, Kootjie I, was militêr betrokke as sersant in die Bo-Modderrivier-wyk, waar hy later die plaas Kareefontein tot dorpsgebied laat verklaar het. So het die dorp Dewetsdorp tot stand gekom, vernoem na die grootvader Kootjie de Wet. In 1880 het Dewetsdorp dorpstatus verkry. Volgens Duval (2012) is Kootjie de Wet op 23 Oktober 1891 op die plaas Nuwejaarsfontein naby Dewetsdorp oorlede. Op sy grafsteen word hy onthou as "eerste resident, vrederegter van hierdie dorp en Kerk"

Opvallend is die twee latere generaals, wat albei seuns van Kootjie de Wet is. Die latere bekende genl. CR de Wet (1854-1922) is die 4de oudste kind en dan genl. Piet de Wet (1861-1929) die 9de kind in die besondere familie[17].

[15] Meer korrek moet JM de Wet as 'n broerskind van CJH de Wet gesien word.
[16] JM de Wet wat predikant in die GKSA was se oudste seun, Johannes Jacob (Dewey) was 'n bekende naam in die destydse PUK se Fakulteit Opvoedkunde en het ook vanaf 1988-1994 as Viserektor van die destydse Vaaldriehoekkampus van die PUK gedien. Na sy aftrede het hy die voorneme uitgespreek om hom toe te lê op studiemetodes in afstandsonderrig (De Wet, 2001:170).
[17] Genl. Piet de Wet was 'n kontroversiële figuur in die Tweede Vryheidsoorlog, wat in die latere deel van die oorlog as "joiner" uitgekryt is. Daar het onlangs heelwat nuwe navorsing rondom hierdie hoogs omstredenheid na vore gekom. Hiermee het diepgaande navorsing voortgespruit met twee gepubliseerde werke, albei uit die pen van Albert Blake. In 2010 het Blake vir Piet de Wet in sy navorsing rondom "Boereverraaiers" ingesluit. In 2016 het Blake die twee De Wet-broers weer nagevors, nl. genl. Christiaan de Wet en Piet de Wet, in sy werk getiteld "Broedertwis; Bittereinder en Joiner: Christiaan de Wet en Piet de Wet".

2.3.1 CJH DE WET SE EIE GESIN

Die vader van De Wet, Johannes Marthinus de Wet, gebore 19/21 Februarie 1846, is in 1867 met Lasya Christina (née Kruger[18]) getroud. Lasya is gebore 1/13 November 1849[19]. Haar noemnaam was Sara en sy was 'n niggie van pres. Paul Kruger (De Wet, 2001:168). Haar ouers was Barend Johannes Jacob Kruger en Celia Maria Kruger

Johannes Marthinus de Wet, die vader van De Wet, sterf tydens die slag van Magersfontein op 11 Desember 1899, waar hy as kommandant van die Ladybrand-kommando diens gedoen het. Hy was toe 53 jaar, 9 maande en 20 dae oud gewees.[20] JM de Wet se eggenote, Sara de Wet, sterf ook tydens die oorlog, op 6 Julie 1901, terwyl sy in die konsentrasiekamp op Springfontein aangehou is.

Uit die huwelik is 13 kinders gebore. Die oudste was 'n dogter, Cecilia Maria, geb. 2 Augustus 1867, sy is op 1 September 1867 in Bloemfontein gedoop en met Andries Louis Erasmus getroud. Die tweede kind is 'n seun, Jacobus Ignatius, geb. 19 Julie 1869 en ook in Bloemfontein op 5 September 1869 gedoop. Hy was 'n boer in die Winburg-distrik. Uit sy huwelik met Maria Magdalena Johanna Catharina Kotzee is 4 kinders gebore. Hy sterf as 28 jarige op 22 Augustus 1897. Die derde kind is weer 'n seun, Barend Johannes Jacob, geb. 4 Okt. 1870. Hy het geboer by Bordeaux in die Lindley distrik. In sy eerste huwelik op 31 Mei 1892 met Margaretha Maria Pretorius (dogter van Wynand Johannes Pretorius en Jacoba Elizabeth de Wet) is 3 kinders gebore. Sy eerste eggenote sterf in die konsentrasiekamp op Kroonstad op 15 November 1901. In 1903 is hy weer getroud met Jacoba Elizabeth Roets Botha. Uit hierdie tweede huwelik is een kind gebore. Sy tweede eggenote sterf op 3 September 1967. Barend is tydens die Anglo-Boereoorlog as krygsgevangene na Ceylon gestuur. Die vierde kind, ook weer 'n seun, genoem na sy vader, Johannes Marthinus de Wet, is op 27 Des 1873 gebore en op 16 Nov. 1873 in Ladybrand gedoop. Hy het op die geërfde familieplaas Juist Zoo in die Ladybrand distrik geboer. Hy is op 3 Sept. 1894 in Bloemfontein met Maria Catharina Margaretha van Biljon getroud. Uit

[18] Opmerklik dat beide die De Wet broers (Johannes Marthinus de Wet en genl. CR de Wet) met Kruger-nooiens getroud is. Genl. CR de Wet se vrou, Cornelia Margaretha Kruger, was 'n dogter van 'n neef van Paul Kruger. JM de Wet se vrou Sara, die moeder van De Wet, was 'n direkte niggie van pres Paul Kruger. Opmerklik dat die moeder van De Wet dieselfde name dra as die tweede vrou van sy grootvader Kootjie de Wet, ook Lasya Christina Kruger, wat op 12 Aug. 1826 gebore is,

[19] Ander bronne gee haar geboorte aan as in Desember 1848.

[20] Die grootste deel van sy lewe het hy op die plaas Juist Zoo in die Ladybrand distrik geboer. Hierdie grond het die gesin bekom vanweë hulle vader se deelname aan die 1865 Basoeto-oorloë, waar die grond bekend as die "verowerde gebied", ná die tyd aan JM de Wet toegedeel is ("Onbekende skrywe oor oupa"). Die Diedericks familie was mede-bewoners op die plaas waarvan die latere staatspresident Nico Diederichs ook vandaan kom.

die huwelik is drie kinders gebore. Hy sterf as banneling op 10 Junie 1902 terwyl hy in die krygsgevangenekamp in St. Helena in aanhouding was. Dit is in dieselfde tyd wat De Wet as 14-jarige seun ook op die eiland aangehou is.

Die vyfde kind is weer ’n dogter, Aletta Susanna Margaretha, geb. 19 April 1875 en ook in Ladybrand op 4 Julie 1875 gedoop. Sy tree op 5 Augustus 1895 in die huwelik met Hermanus Johannes van Biljon. Van die sesde kind is daar nie veel bekend nie. Hy het Gert Cornelis de Wet geheet, is op 11 September 1878 gebore en op 20 Oktober 1879 ook in Ladybrand gedoop. Dit wil lyk asof hy baie jonk oorlede is, want die negende kind word ook weer Gert Cornelis gedoop.

Die sewende kind is weer ’n seun, Johannes Jacob de Wet, wat dieselfde bynaam as sy oupa gehad het, nl. Kootjie de Wet. Hier bestaan die eerste direkte verbintenisse wat daar uit die familie met die GKSA gemaak kan word. Kootjie is op 9 November 1880 gebore. Hy het eers in die distrik van Heilbron op die plaas Palmietkuil geboer. In 1904 is hy met Elizabeth Carolina Maria Venter getroud; sy is in die Clocolan distrik op die plaas Van Barcelona gebore. Uit die huwelik is drie kinders gebore. Johannes de Wet sterf op 9 Mei 1951 en sy vrou vier jaar later, op 25 November 1955. Volgens alle aanduiding is dit die eerste seun wat in sy volwasse lewe hom by die verband van die GKSA gevoeg het.[21]

[21] Sy oudste seun, ook Johannes Marthinus de Wet het later predikant in die GKSA geword. Dr. JM de Wet is op 21 Junie 1906 in Ladybrand gebore en hy sterf op 17 September 1986 in Potchefstroom. Hy is getroud met Aletta Martha Catharina Schutte, vanaf Buffeldoorns, Potchefstroom wat al ’n aanduiding gee dat sy uit die nageslag van die eerste stigters van die GKSA is. PJW Schutte is in 1859 die eerste ouderling van die wyk Mooirivier toe Potchefstroom nog as wyksgemeente vanaf Rustenburg deur ds. Dirk Postma bedien is. Uit die huwelik is vier kinders gebore, drie seuns en ’n dogter. Die oudste is Johannes Kruger[21] en dan ’n dogter Annemarie getroud met Julian Thom en die derde kind is Andries, getroud met Chrissie Kruger en dan die jongste seun Theunis getroud met Lidia van der Walt. JM de Wet se eie akademiese loopbaan toon op meer punte ooreenkomste met die van sy oom, CJH de Wet. Soos De Wet het hy hom vroeg akademies goed gekwalifiseer. Hy het in 1926 sy BA-graad voltooi, in 1929 sy MA-graad, in 1930 sy BD-graad. Hy het ook sy doktorsgraad in 1945 in Amsterdam aan die Vrije Universiteit voltooi. Dit net ’n jaar voor die De Wet-saak op die spits gedryf is. As onderwerp vir sy studie was hy geïnteresseerd in die lewenstoerusting van die mens waar hy dan ook sy onderwerp aangebied het as “Die hoogste lewenstoerusting bly steeds die soewereine genade van God”. JM de Wet het sy bediening in 1931 in Ventersdorp begin waar hy tot in 1939 gearbei het. Volgens JM de Wet (1977:15) se eie herinnering het sy oom, CJH De Wet hom die laaste naweek in April 1931 in die gemeente in Ventersdorp bevestig met as teksgedeelte die woorde uit die Korintebrief, “Wee my as ek die evangelie nie verkondig nie”. Daarna het JM de Wet vanaf 1939-1946 die Gereformeerde Kerk Innesdal bedien. In 1946 het hy na Kroonstad verhuis waar hy tot in 1950 predikant in Kroonstad was. Vanaf 1950-1952 bedien hy die Gereformeerde Kerk Middelburg (KP), vanaf 1952-1957 is hy predikant in die Gereformeerde Kerk Rustenburg en sy laaste gemeente in die verband van die GKSA is Lindley-Reitz kombinasie, waar hy vanaf 1957 tot 1960 predikant was. Nog ’n ooreenkoms met De Wet is dan ook die latere verlating van die GKSA kerkverband, waar JM de Wet hom by die Nederduitsch Hervormde Kerk (NHKA) gevoeg het. In die NHKA was hy predikant in Standerton en later het hy die Hervormde gemeente in Schweizer-Reneke bedien.

Volgens HC de Wet se geslagsregister en studie rondom die De Wet familie-300 jaar, sien hy 'n besondere verbintenis tussen CJH de Wet en sy ouer broer Kootjie. Dit kan 'n redelike verklaring wees waarom CJH de Wet hom later by die GKSA gevoeg het. HC de Wet stel CJH de Wet as 'n fisiese groot man voor[22], iemand met 'n onuitputlike bron van energie. Hy stel CJH de Wet in sy studie verder soos volg voor:

> "...na sy (CJH de Wet) se terugkeer uit die ballingskap was hy wees en sonder onderwysopleiding. Hy gaan bly by sy ouer broer Kootjie naby Sannaspos[23]. Opbrengs van sy ouers se plaas bring genoeg in om hom verder te laat studeer. Matrikuleer op 21-jarige ouderdom aan die historiese Franschhoekskool in 1908. In 1911 behaal hy sy B.A.-graad aan die Universiteit van Stellenbosch" (De Wet,1990:167).

Die agtste kind in die gesin van De Wet is weer 'n dogter, Lacya Christina, gebore op 10 Oktober 1882, gedoop in Ladybrand op 7 Januarie 1883. Sy sterf in haar fleur van amper 18 jaar op 23 Junie 1900 gedurende die oorlog terwyl sy in die konsentrasiekamp in Springfontein was. Die negende kind is weer 'n seun, ook genoem Gert Cornelis. Weer sterf hierdie Gert Cornelis soos die vroeëre Gert Cornelis baie jonk. Al wat van hom bekend is dat hy in 1883 gebore is en dat hy in 1894 sterf.

Die tiende kind in die gesin van De Wet dra dieselfde Opperman name as die bekende generaal nl. Christiaan Rudolf. Hy is op 1 November 1884 gebore en hy word op 18 Januarie 1885 ook in Ladybrand gedoop, waar hy die grootste deel van sy lewe in die Senekal- distrik geboer het op die plaas Springfield. In sy eerste huwelik in 1903 met Regina Maria Anderson, gebore in April 1883, dogter van Johan Wilhelm Anderson en Anna Magdalena Anderson, is 7 kinders gebore. Sy eerste eggenote sterf op 20 September 1919. Hy trou weer in 1921 met Martha Catharina Magrietha Grobler, gebore 16 April 1890 en hulle het saam 7 kinders gehad. Hy sterf op 6 Julie 1944. Sy laaste eggenote sterf op 30 Junie 1979.

---

[22] Volgens Van Rensburg (1977:236) was hy 'n donker forse man (1,9 meter 104,5kg) sterk soos verskeie ander uit die De Wet familie.

[23] Die dorp Fauresmith is aangelê op die plaas met die naam Sannaspos. Dr. NJ van der Merwe (sien hfst. 3), onderwyser, predikant en latere bekende politikus, het ook 'n groot deel van sy jeug op Sannaspos deurgebring. Moontlik het De Wet en Van der Merwe mekaar in die tyd al kon leer ken. Van der Merwe wat as baie jong seun tydens die 2de Suid-Afrikaanse oorlog die bestuur van die dorp moes behartig saam met nog 'n maat, 11 jaar oud. Die meeste inwoners is na die konsentrasiekamp Norvalspont afgevoer en was die Van der Merwe deel van 'n handjie vol wat op Sannaspos agterbly het. Mans was daar net drie, 'n baie siek man en dan die twee seuns wat baie jonk groot take moes verrig. Van daar het die seuntjie NJ die "burgemeestersterstitel" gekry, in die latere outobiografiese werk van NJ van der der Merwe tydens die oorlog wat genoem word *Die Burgemeester van Sannaspos* (vgl.3.7.1.3.2).

Die elfde kind is dan die hooffiguur in hierdie studie, Casparus Jan Hendrik de Wet, gebore 23 Maart 1887, en hy is op 10 Julie 1887, soos die meeste van sy broers en susters, ook in Ladybrand gedoop.

Die twaalfde kind is weer ’n dogter, Maria Margaretha de Wet van wie daar nie veel bekend is nie. Sy is drie jaar na De Wet gebore, op 15 Januarie 1890, en sy is op Ladybrand op die 6de April 1890 gedoop. Die laaste en jongste kind in die besondere gesin van De Wet is hulle jongste broer, Pieter Daniel de Wet, gebore op 7 Januarie 1892, toe hulle moeder reeds 43 jaar oud was. Hy is op 17 April 1892 gedoop. Hy is deel van die hartseer gebeure van die tweede Anglo-Boereoorlog, want hierdie jongste broer sterf op 22 Januarie 1902 in die konsentrasiekamp Springfontein aan ingewandskoors, omtrent ses maande na sy moeder ook op 6 Julie 1902 in dieselfde kamp oorlede is.

2.3.2 DIE DE WET-GESIN EN DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG

Dit is asof die De Wet-kind tussen die Afrikaner se groot Vryheidsoorloë gebore, eintlik vir oorlog voorberei moes word. Toe die Tweede Vryheidsoorlog op 11 Oktober 1899 uitbreek, was De Wet ’n seun van twaalf jaar oud. Hy was aan die begin van sy skoolloopbaan toe daar skielik ’n einde aan moes kom. Saam met sy ouer broers gaan hy op die Ladybrand-kommando maar vanweë sy jeugdigheid is hy slegs toegelaat om in die voorrade-afdeling diens te doen. Watter hartseer jare sou hierdie nie word nie? Hy verloor albei sy ouers in die oorlog.[24]

[24] Sy vader is tydens die slag van Magersfontein op Maandagnag, 11 Desember 1899 gedood, waar hy as kommandant van die Ladybrand-kommando diens gedoen het. Hy het onder bevel van kommandant Adriaan Petrus Johannes Diedericks gestaan. Op daardie stadium was hy 53 jaar oud. Volgens getuienis is JM de Wet saam met Diedericks gedood toe hulle beveel is om ’n gaping toe te maak waar ’n klompie Engelse geslaag het om tussen die helling en die nek van die Magersfontein kop deur te beweeg. Die Engelse het die nag die fout gemaak om ’n klompie vasgemaakte perde as Boeremagte aan te sien en het op hulle begin skiet. Sodoende het die Engelse hulle verskanste posisie verraai. Dit is op die stadium dat die Ladybrand-kommando so pas daar aangekom het en Diedericks het vir De Wet en van sy manskappe gestuur om die gaping toe te maak deur die Britte van agter die bergkop aan te val. Dit is tydens hierdie skermutseling dat JM de Wet en sy bevelvoerder gedood is. Volgens Breytenbach (1971:165) was die 11de Desember 1899 deel van ’n harde fase in hierdie oorlog. Genl. PA Cronje, bevelvoerder tydens hierdie slag, het volgens Breytenbach op hierdie nag van JM de Wet se dood kanse verspeel om die Engelse ’n “vernietigende hou toe te dien”. Die skatting is dat daar wel op die dag tot 2000 plus Engelse soldate gedood is. Op dieselfde dag was daar ook baie gewondes en die ambulansafdelings die hele tyd besig gehou is om die gewondes te versamel. Daar is sprake van treinvrag na treinvrag gewondes wat na die suide toe weggestuur is vir verpleging. Selfs in daardie nag na die dag se verskriklike verliese is daar sprake van hoe die ambulansdienste hulle “tot digby die loopgrawe kon waag om die groot aantal wat daar in ’n bedenklike toestand gelê het, sommige van vroeg die oggend af, na die veldhospitale en ambulanstreine toe weg te neem”. Al is daar so baie Engelse gedood en het die Boeremagte hier kon triomfeer, was die oorwinning van Magersfontein vir die De Wet gesin van Juist Zoo ’n tragedie.

De Wet se moeder sterf op 6 Julie 1901, 52 jaar oud ook as gevolg van hierdie bittere oorlog. Haar sterwe is so bietjie meer as 18 maande na haar man se dood, terwyl sy in die konsentrasiekamp op Springfontein aangehou is. In dieselfde konsentrasiekamp is De Wet se ouer suster, Lacya Christina de Wet, en ook hulle jongste broer, Pieter Daniel de Wet oorlede. Die verliese vir De Wet strek nog verder en is die gesin deur hierdie tragedies uitmekaargeruk. Hulle oudste broer, Barend de Wet het wel die oorlog oorleef maar is as banneling na Ceylon weggeneem De Wet se tweede oudste broer, Johannes Marthinus de Wet, het ook tydens die oorlog gesterf terwyl hy as banneling op St Helena aangehou is.

Op dieselfde eiland as dié waarop sy broer sterwe, is De Wet as veertienjarige "weeskind" in April 1901 na St Helena verban. Van Rensburg (1977:235) wys daarop dat De Wet tydens sy ballingskap ernstig siek aan maagkoors was, "maar sy sterk gestel en onversetlike gees stel hom in staat om te oorleef. As teruggekeerde banneling in September 1902, 15 jaar oud weier hy om die eed van getrouheid aan Brittanje af te lê. Sy broer Kootjie, toe reeds lidmaat van die Gereformeerde Kerk Ladybrand, het hom aanvanklik gehuisves. Sy gestorwe ouers se plaas het aan hom die nodige finansies voorsien om verder te gaan studeer (De Wet, 2001).

2.4 SKOOL EN TERSIÊRE OPLEIDING (1902-1915)

Na De Wet as banneling kon terugkeer, het hy na Kaapland gegaan waar hy eers in Wellington by Blauwvlei skoolgegaan het. Die skoolhoof, mnr. Wium, het in hierdie deel van De Wet se lewe 'n groot deel in sy verdere vorming bygedra. In 1908 het die 21-jarige De Wet sy matriek in die historiese Franschhoekskool voltooi.

Vanaf 1909 tot 1911 is De Wet deel van Victoria Kollege[25] (die latere Universiteit van Stellenbosch). Hier vorm hy deel van sovele leiers en voorlopers in die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat vantevore by die gees en rigting van hierdie kollege ingelyf was[26]. Victoria Kollege was in daardie jare, soos die grootste deel van Stellenbosch, 'n baie belangrike politieke en kulturele sentrum waar die praktiese samestelling van die gewese republieke en die kuskolonies en al die probleme wat daarmee verband hou, onder sy politieke en kulturele leiers en studente druk bespreek is.

[25] Victoria Kollege ter ere van die naam van koningin Victoria, was in 1881 nog bekend as Stellenbosch-kollege voor dit in 1887 Victoria Kollege geword het. Voor 1881 was dit bekend as Arts Department, 'n ontwikkeling uit die Stellenbosch Gimnasium, wat eintlik op sy beurt uit die Teologiese Seminarie deur die NG kerk in 1859 begin, ontstaan het.

[26] DF Malan, JBM Hertzog, JC Smuts en baie van die belangrikste politieke- en kulturele leiers van die tyd het daar gestudeer.

In 1911, die laaste jaar wat De Wet nog hier was, het JBM Hertzog reeds geluide begin maak wat kon dui op die begin van ’n breuk tussen hom en die Eersteminister, Louis Botha, nog voordat dit amptelik erken of bekend was. Hertzog is in hierdie laaste jaar van De Wet op Stellenbosch uitgenooi om wat genoem is “Ons spreekuur” die studente toe te spreek. Hertzog het sterk aangedring op die bevordering van Hollands in die staatsdiens en veral in die onderwys. In die studente-geledere het Hertzog baie simpatieke reaksie ontvang. Ons kan aanvaar ook van De Wet. So het De Wet aan die einde van 1911 sy BA-graad in Stellenbosch voltooi. In hierdie tyd was hy steeds lidmaat van die NG Kerk.

2.5 VERANDERING VAN KERKVERBAND EN TEOLOGIESE SKOOL (1912-1915)

Al die jare was De Wet nog lidmaat van die NG Kerk, maar die beïnvloeding om na die Gereformeerde kerke oor te gaan, het van verskeie oorde gekom, nog voordat dit amptelik sy besluit kon wees. Sy vader, JM de Wet se oortuigings en liefde vir die Gereformeerde Kerke is reeds gemeld, dat Johannes de Wet se “hart eintlik by die Gereformeerde Kerk was”. Volgens ’n familiebron het hy die baie jong De Wet aangemoedig om as hy predikant wil word, dit in die Gereformeerde kerke moet wees. Familielede naby aan De Wet het hom voortdurend aan die wens van sy vader herinner.

De Wet se sesde oudste broer, Johannes Jacob de Wet wat later as ouderling in Ladybrand gedien het, is reeds lidmaat van die Gereformeerde Kerk Ladybrand, toe De Wet nog ’n student aan Stellenbosch is. Spesifiek hierdie broer sou as tipe van voog in die lewe van De Wet ’n groot rol speel in die jare wat hy as “wees” agtergelaat is.

DN Kotzé (1980:103) meld in sy eiesoortige publikasie, *Ek blaai terug,* wat grootliks oor sy eie geskiedenis van bediening handel dat die bediening van ds. HPhJ Pasch, wat vanaf 1911 tot 1920 in Ladybrand predikant was, die finale oortuiging vir De Wet verskaf om amptelik na die Gereformeerde kerke oor te kom. Dit gebeur spoedig.

In die begin van 1912 het De Wet sy studies by die Teologiese Skool van die GKSA in Potchefstroom begin. Min sou De Wet kon verwag watter geweldige dramatiese gebeure eintlik die volgende vier jare in die geheel van Suid-Afrika se geskiedenis sou afspeel. De Wet se tyd in Potchefstroom sou met die mees dramatiese hiervan oorvleuel. Die sterk Christelik-nasionale standpunte waaraan De Wet in Stellenbosch aan blootgestel was, was in Potchefstroom nie

anders nie. Die verskil sou kom in wat die Gereformeerde ("dopper") beskouing en beoordeling van soortgelyke gebeure is.

Potchefstroom is in daardie jare in die universitêre wêreld ook die "aspoestertjie" genoem. Finansieel het dit in Potchefstroom met die "universiteitswese" uiters broekskeur gegaan; dit is as opleidingskollege dikwels nie erken nie.

Van der Vyver (1969:133,136) som hierdie jare soos volg op:

> "Die jare 1913-1919 was vir die Teologiese skool krisisjare, jare van vol riviere en hoog opslaande vlamme, in die geskiedskrywing al omskryf as die jare van die naderende onheil of as die jare van die stormwolke. Die Christelik-nasionale, dit wat selfs al bestempel was as die innigste wese het soos rivierwater gebruis en die bestaan van opleiding bedreig ... die vuurvlamme het hoog opgelek na die voortbestaan, erger nog: na die innigste wese, na die Christelik-nasionale karakter van hierdie inrigting. Sou die rivier dit dalk oorstroom en sou die vuurvlamme dit miskien verteer".

Die Teologiese Skool Potchefstroom het aan die begin van De Wet se studentetyd net een voltydse leerkrag, prof. JD du Toit (Totius), gehad. Hy het pas in 1911 begin. Die "periode van die vaders" in die persone van professore Dirk Postma en sy skoonseun Jan Lion Cachet[27] is verby. JD du Toit is die eerste doktor in Teologie wat nou teologiese professor geword het. Die tyd van teologiese opleiding is in dieselfde tyd verleng. Drie jaar as finale fase het in 1910 vier jaar geword. De Wet sou by die besluit moes inval. Die eise van die tyd eis "modernisering".

Spoedig kom daar die besef dat 'n tweede professor in teologie benoem sal moet word. Daar is geredeneer dat al is die GKSA in 1911 'n klein kerkverband, dit wel n bepaalde rigting op godsdienstige en maatskaplike vlak verteenwoordig waarvan 'n ontsaglike krag en invloed in die geskiedenis op lande en volke uitgegaan het. Hierdie pleidooi van ds. Hamersma in die Almanak van 1911 word gunstig gehoor, maar die uitvoer daarvan sou nog drie jaar neem. Eers op 20 Augustus 1913 het dr. SO Los vanaf Pretoria die beroep aanvaar. Hy is eers aan die begin van 1914, De Wet se voorlaaste jaar as student, deur ds. JA du Plessis as professor bevestig. Die literariese departement met sy leerkragte was proff. F Postma, J Kamp en APC Duvenage.

[27] Opmerklik dat De Wet in die voorwoord van sy proefskrif (1921) wel van Prof. Jan Lion Cachet besondere melding maak in wat as volg lui- *Gaarne bring ik ook bij hierdie geleentheid hulde aan die nagedagtenis van wijle Prof. Jan Lion Cachet bij wij ik nog bijna 'n jaar mog gestudeer het te Potchefstroom.*

De Wet se teologiese opleiding in Potchefstroom is hoofsaaklik net deur twee persone, nl. professore JD du Toit (Totius) en SO Los behartig. In 1915, die jaar wat De Wet sy studies voltooi was hulle "baie" naamlik 56 studente. Die daaropvolgende jaar, 1916, het die totale getal studente tot net 16 studente gedaal. Dit is duidelik dat die studentegetalle deurlopend nie hoog was nie en almal het mekaar goed geken. De Wet verlaat Potchefstroom op die vooraand van die lang verwagte nuwe wetsontwerp wat in 1916 van staatsweë oor hoër onderwys in werking tree, wat veral die Literariese Departement ingrypend geraak het.

2.5.1 POTCHEFSTROOM EN DIE REBELLIE (1914-1915)

In die Gereformeerde Kerk Potchefstroom waar De Wet sy jare in Potchefstroom as student deurbring, was die rebellie 'n groot vuur in kerklike gras. Die nuwe student De Wet se predikant, ds. WJ de Klerk het nuut hier aangekom. De Klerk is in Oktober 1911 in die Gereformeerde Kerk Potchefstroom bevestig, enkele maande voor De Wet se koms. De Klerk het JD du Toit (Totius) in die gemeente opgevolg, wat vanaf 1903-1911 hier predikant was. JD du Toit het pas die beroep na die Teologiese Skool opgevolg in die plek van prof. Jan Lion Cachet. Vir De Wet het dit baie nuwe dinge beteken. 'n Nuwe kerk, 'n nuwe plek en 'n nuwe predikant.

Die Gereformeerde Kerk Potchefstroom is in die laaste twee jare van De Wet se studie (1914-1915) in van die grootste krisisse gedompel wat die gemeente geken het. Dit word as jare van onrus bestempel.

De Wet se oom genl. CR de Wet, speel in die tyd in Potchefstroom ook 'n rol. Die generaal is 'n keer die spreker op die terrein van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom toe daar op 2 Oktober 1914 'n protes-vergadering gereël is, geskeduleer om in die "Lyric Theatre" plaas te vind. Die vergadering kon nie behoorlik aan die gang kom nie, want regering-ondersteuners het met soveel geweld daardie saal binnegestorm en stoele en eiers rondgegooi en selfs die krag afgeskakel sodat alles in donker gehul was. Raath (2014:88) noem dat hierdie verrigtinge "deur 'n rampokkerlelement ontwrig" is. Vanuit hierdie chaos het die organiseerders met prof. F Postma as "voorsitter" besluit om die vergadering na die kerkplein van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom te verskuif. Daar het nuwe moeilikheid gewag, want toe hierdie nagenoeg 800 mense na die kerkterrein vir hulle vergadering oorkom, was daar reeds op die terrein heelwat lidmate van die gemeente van ver plekke saamgetrek omdat dit in die gemeente 'n Nagmaal-naweek was.

Onder baie van die lidmate was daar ook regering-ondersteuners en hierdie gebeure op hulle kerk se terrein sou nie geringe nagevolge inhou nie. Die student De Wet was daardie aand die aanskouer van hoe 'n perdekar op die kerkterrein vir sy oom, genl. CR de Wet, reggetrek word. Generaal De Wet het as eerste spreker opgetree. Regeringsondersteuners, insluitende ook lidmate van dieselfde gemeente as De Wet, het dit op die terrein baie moeilik gemaak deur die sprekers dood te sing, nogal met Engelse volksliedjies soos "Rule Brittania", "Soldiers of the king" en "The lass of killiecrankie".

Generaal CR de Wet en prof. F Postma het hulle baie duidelik op die Woord van God beroep as rede vir hulle opstand om nie die regering met die inval in "Duits-Suid-Wes" (Namibië) te ondersteun nie. Postma het sterk nadruk daarop gelê dat die Here se Woord bepaal dat nie ander se grenslyne oorgesteek mag word nie. Die verbod op die oorsteek van ander volke se grondgebied het hulle skriftuurlik begrond. PJW Schutte wat 'n ouderling in die gemeente was, het vanaf die perdekar 'n spreekbeurt ontvang waarin hy hom bloot op sy gewete beroep dat daar nooit met die regering saamgestem kan word in hulle oorgaan tot oorlog in Suid-Wes-Afrika (Namibië) nie. Schutte het ook 'n mosie van protes "teen die Duitswes-veldtog" ingestel wat met groot meerderheid aanvaar is.

Dit was die begin van groot moeilikheid in die gemeente waarvan De Wet deel was, moeilikhede wat baie duidelik met die optrede van sy oom, generaal CR de Wet, vererger het. Dieselfde naweek was daar lidmate wat gemeenskap met die Gereformeerde Kerk Potchefstroom beëindig oor hierdie probleme en onenigheid.

Die persoon en roeping van ds. WJ de Klerk het al meer in die spervuur gekom, omdat hy dieselfde teenkanting as De Wet en die sg. rebelle teen die oorlog in Suid-Wes (Namibië) gehad het. WJ de Klerk is in die laaste studiejaar van De Wet genader om hom in Oktober 1915 as kandidaat vir die Nasionale Party verkiesbaar te stel. Dit was verdere vet in die vuur wat vir die volgende vyf jaar na baie kante in daardie gemeente gebrand het.

Die Teologiese Skool waarbinne De Wet studeer en wat baie van sy oortuigings vorm, is by al meer sosio-politiese spanninge en insidente betrokke en daarby ingetrek. Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog op 4 Augustus 1914 bly 'n bepalende faktor. Die hele land het begin kook.

Genl. JBM Hertzog se wegbreek van generaal Louis Botha word 'n al hoe groter realiteit. Hertzog is in dieselfde jaar as wat De Wet in Potchefstroom gekom het, in 1912, uit genl. Louis Botha se

kabinet weggelaat. Dit het gekom na Hertzog se omstrede “Suid-Afrika eerste” toespraak by De Wildt. Soos in Stellenbosch, waar die meeste van die studente van Victoria Kollege en van die NG kerk se “kweekskool” oorwegend aan Hertzog se kant was, so was dit ook in Potchefstroom.

Die vuur in die gras, soos daar op 12 September 1914 na die Rebellie verwys is, het begin brand. Nagenoeg 11 400 mans het saam met De Wet se oom, die reeds bekende genl. CR de Wet, en genl. Beyers rebelle geword. Dit nadat generaal CR de Wet eers deur baie wroeging gegaan het of dit wel gedoen mag word. Generaal De la Rey word op 15 Sept 1914 doodgeskiet. Prof. JD du Toit (Totius), een van De Wet se leermeesters in Potchefstroom, neem saam met ander predikante op Sondag 20 September 1914 ’n leidende rol by die begrafnis van De la Rey in Lichtenburg. Dieselfde Du Toit is ’n leidende figuur op die protesvergadering, net die volgende dag ná die begrafnis van De la Rey, steeds in Lichtenburg. Die regering word tot die einde van daardie maand van September 1914 tyd gegee om op die protes te antwoord. Krygswet is op 12 Oktober 1914 afgekondig, twee dae na Maritz se sg. “verraad” waar hy op 9/10 Oktober 1914 saam met die troepe onder sy bevel, na die Duitsers oorgeloop het. Duitsers in die Unie is swaar gestraf.

Op 1 Desember 1914 word die oom van De Wet, generaal CR de Wet, wat altyd die “koning” op sy wit perd Fleur in die Tweede Vryheidsoorlog was, 150 km van Vryburg deur motorvoertuie van die regering, in die sg. Betsjoeanaland ingehaal. Voor die spoed van ’n motor is ’n perd nie bestand nie.[28] Die held van die vroeëre oorlog, dertien jaar gelede, is vir die eerste keer ’n gevangene. Hierdie De Wet is deur mense wat Afrikaans kon praat as gevangene behandel[29]. Generaal De Wet se eerste “nederlaag” het eintlik al op 11 November 1914 by “Mushroom Valley” begin, waar hulle toe reeds oorwin is. Op 21 November het CR de Wet nog saam met 25 manskappe deur Boshof kon vlug in die rigting van die Vaalrivier. Op 1 Desember word hulle op Waterburg, 150 km van Vryburg gevang. Of De Wet in hierdie tyd van al die bewegings van sy oom op hoogte gestel is, is nie bekend nie. Hy sou wel spoedig van sy gevangeneming verneem.

Op 8 Desember 1914 verdrink generaal Beyers, in die Vaalrivier terwyl hy op sy vlug voor regeringsmagte is. Daar is baie bewerings dat hy in die rivier doodgeskiet is, onder die dekmantel dat hy aan ’n hartaanval gesterf het. Op 16 Desember 1914 word kaptein Jopie Fourie gevange geneem. Die Sondagoggend van 20 Desember 1914 word Fourie gefusilleer ten spyte van Dr. DF Malan se pleidooi by genl. JC (Jannie) Smuts (1870-1950) die vorige dag om hom te

[28] Die gebruik van motorvoertuie het vanaf 1910 in Suid-Afrika begin toeneem.
[29] Kol JF Jordaan was in bevel van diegene wat De Wet gevange geneem het.

begenadig[30]. Niemand, ook al die studente in Potchefstroom, kon in hierdie dramatiese jaar van al hierdie gebeure onaangeraak gelaat word nie.

Die spanning en verdeeldheid wat die oorlog en die Rebellie in kerke oral in die land gebring het, het in Potchefstroom 'n daaglikse gesprek geword. Nie net Gereformeerde Kerke is ingrypend hierdeur geruk nie, maar ook die NG Kerk hou in Bloemfontein 'n spesiale "konferensie" rondom die impak en hantering van die Rebellie. In hierdie tyd word op die predikante-konferensie van 27-29 Jan. 1915 deur NG predikante ernstige vraagstukke rakende kerk en staat en veral die kwessie rondom die reg tot opstand bespreek - vraagstukke wat dwarsdeur De Wet se lewe vir hom uiters aktueel was. DF Malan is beskou as iemand wat op die konferensie van NG predikante 'n belangrike bydrae gelewer het.

2.6 GROOT ROLSPELERS IN DE WET SE VORMING

In hierdie besondere tyd van branding en spanning is die 27-jarige De Wet in 1914 met die weduwee Maria Magdalena Johanna Wessels (née Wentzel) getroud. Sy is op 8 Desember 1889 gebore, dogter van Christiaan Lodewyk Wentzel en Anna Catharina née Nel (De Wet,1990:168). Maria Wentzel was volgens Van Rensburg (1977:236) die suster van die broers Lodewyk Wentzel en Jannie Wentzel. Die broers het soos hulle swaer CJH de Wet 'n lewendige belangstelling in die politiek gehad. Die broers was agtereenvolgens Volksraadslede van Christiana.

Al het die huwelik in so 'n onstuimige tyd begin, is hulle huwelik geseënd en is hulle hul lewe lank gelukkig getroud. Uit hierdie geseënde huwelik is vyf seuns en een dogter gebore waarvan die twee laaste seuntjies baie jonk oorlede is. Mev. De Wet het reeds 'n seun uit haar eerste huwelik, Johannes Wessels gehad wat deur De Wet soos sy eie aanvaar is. De Wet se eggenote is in Maart 1943 (19 Maart 1943?) na 'n lang siekte oorlede. Volgens die geslagsregister is sy in Winburg gedoop eindelik ook in Winburg begrawe

Die kuratore het in hulle rapport op 18 Nov. 1943 daarvan melding gemaak dat die dood van De Wet se eggenote "'n slag (is) wat ons geagte broeder besonder swaar getref het. Die Senaat het daarna aan die geagte professor verlof toegestaan vir die res van die eerste kwartaal" (GKSAA, Kuratorium rapport Bylaes (II-XIII) 18 Nov. 1943, 2.1.3.3). De Wet is na sy eggenote se dood in

[30] Die Sondagoggend, 20 Desember 1914, toe Jopie Fourie geskiet is, het DF Malan uit Psalm 29 in die kerk waar HS Bosman predikant was, gepreek. Die opskrif van sy preek was "God in die donderstorm". Dieselfde DF Malan en De Wet het in hulle latere lewens nog nader aan mekaar gekom.

April 1944 met ’n oujongnooi, mej. ASM Erasmus (Aletta Susanna Margaretha) getroud (*Die Kerkblad*, 5 Mei 1944:9; De Wet, 2001:168). Mej. Erasmus was voor haar huwelik met De Wet onderwyseres en leidster van die CSV (Van Rensburg, 1977:236).

Wanneer De Wet in 1921 sy proefskrif, “Kollegiale kerkregering” voltooi, is die studie opgedra aan sy vrou en sy kinders. Hierin het hy benewens sy studieleier, dr. HH Kuyper, ook die name van belangrike rolspelers tot op die stadium in sy lewe en werk in Suid-Afrika aangedui. Hy het groot waardering vir hulle wat as professore hom onderrig het, met name dr. JD du Toit (Totius) en dr. SO Los. Hy verwys na hulle “bij wie ik die grootste deel van teologiese opleiding mog ontvang het in Suid-Afrika” (1921: i). In dieselfde proefskrif is die merkwaardige opmerking rondom prof. Jan Lion Cachet vervat. Hy stel dit soos volg:

> “Gaarne bring ik ook bij hierdie geleentheid hulde aan die nagedagtenis van wijle prof. Jan Lion Cachet, bij wie ik nog bijna ’n jaar mog studeer het te Potchefstroom.”

Hierdie opmerking is merkwaardig aangesien Lion Cachet volgens Ras (1981:218) reeds in 1909 deur die kuratore aanbeveel is dat vanweë afnemende kragte hy sy emeritaat kan aanvaar. In April 1911 lewer Lion Cachet sy afskeidsrede uit Sag. 4:10. Die kuratore het egter Lion Cachet versoek om na sy uittrede nog hulp aan die Teologiese Skool te verleen, in nog ten minste 6 vakke (Ras, 1981:219). Waar De Wet eers in 1912 in Potchefstroom gekom het, het hy deel geword van die studente wat in die laaste kragte en insigte van Lion Cachet kon deel, wat De Wet soos in die voorwoord van sy proefskrif aangedui, op besondere wyse in herinnering kon roep. Lion Cachet het vir De Wet slegs 9 maande kon klas gee, want Lion Cachet is op 21 September 1912 oorlede (Ras, 1981:223).

Nog iets besonders wat as raakpunt tussen De Wet en Lion Cachet dien, is die feit dat Lion Cachet predikant in Steynsburg was (1883-1894), terwyl De Wet, wanneer hy in 1921 hierdie herinnering aan Lion Cachet opdra, die dienende predikant in Steynsburg is. Vanuit die Teologiese Skool en die Gereformeerde Kerk Steynsburg kan aanvaar word dat De Wet vir Lion Cachet as ’n groot rolspeler in sy bediening beskou het.

In 1922 kan weereens die agting wat De Wet vir die rol van prof. JD du Toit (Totius) in sy bediening gehad het, aangedui word. In dié jaar het De Wet ’n bundel as vrug van sy studies oor “Die Bergpredikasie” van die Here Jesus (Matt. 5) uitgegee en het hy vir JD du Toit gevra om die voorwoord hiervan te skryf. Du Toit maak dan in besonder melding van die gawes en liefde wat hy glo die Here vir De Wet gegee het om sy Woord so besonder uit te lê.

Wanneer De Wet tien jaar na sy proefskrif in 1931 'n studie uitgee, *Die Bybel en die Christus van die Bybel*, word hierdie besondere werk "opgedra aan die nagedagtenis van my ouers". Dit is merkwaardig in die lig daarvan dat De Wet, wat baie jonk albei sy ouers gedurende die Tweede Vryheidsoorlog verloor het, sy vader in 1899, sy moeder in 1901, wel hierdie studie aan hulle nagedagtenis opgedra het. Dit bewys as watter rolspelers hy sy ouers beskou het, al was De Wet maar 12 jaar oud by hulle dood en is hulle al meer as 30 jaar gelede oorlede. As hy in hierdie studie die strydpunt aanknoop, met die rigting wat in Stellenbosch ontstaan het, gedryf deur prof. Johannes du Plessis, in sy *Het Zoeklicht*, dan hou De Wet die nagedagtenis van sy ouers as rolspelers vas.

2.7 DE WET AS BEDIENAAR VAN DIE WOORD (1916-1925)

2.7.1 BEDIENING: STEYNSBURG (1916-1923)

Nadat De Wet sy studies suksesvol voltooi het het hy die beroep na die Gereformeerde kerk Steynsburg aan die einde van Februarie 1916 aanvaar (Jooste, 1972:26). Hy was sedert die ontstaan van die gemeente in 1872 die sesde predikant wat hier gearbei het. Steynsburg was op daardie stadium in rou omdat hulle vorige predikant, dr. PC Snyman[31] op 9 Mei 1915 oorlede is. 'n Bietjie minder as 'n jaar na die oorlye van ds. Snyman, op 8 April 1916 het De Wet predikant in die Gereformeerde kerk Steynsburg geword. Hy het hierdie gemeente tot in 1923 bedien.

De Wet se eerste gemeente is in daardie jare die bakermat van die CNO-skole-beweging. So het hyself baie vroeg in sy bediening reeds met die onderwys en onderrig van jongmense op 'n breër vlak as net kategetiese onderrig te doen gekry. De Wet het op die dag van sy bevestiging hom reeds oor die onderwys uitgelaat.

[31] Dr. Snyman (geb. 16 Jun.1875) was die seun van ds. Willem Jacobus Snyman en Sophia Elizabeth Susara (geb. Snyman). In 1903 het hy na Steynsburg gekom waar hy spoedig in die nuwe gemeente hom met hart en siel aan die CNO-aksie toegewy het. Deur sy harde werk het hy inderdaad daarin kon slaag om Steynsburg as 'n soort bakermat vir CNO te maak, wat deur De Wet net verder opgebou is. In 1911 het Snyman van sy kerkraad verlof ontvang om met sy gesin na Nederland te gaan vir verdere studies. Hy het in 1913 tot doktor in die godgeleerdheid gepromoveer met 'n proefskrif oor die profesie van Sefanja. In hierdie tyd het die Teologiese Skool hom ook as professor beroep, maar hy het die beroep nie aanvaar nie. (SO Los is toe na hom beroep en het prof. in NT geword) Kort nadat Snyman in 1914 van Nederland teruggekeer het, het hy ernstig siek geword en is hy in 1915 oorlede. Sy eggenote was Gertruida Adriana van Rooy en uit hierdie huwelik is sewe kinders gebore waarvan die oudste seun die latere bekende prof. WJ Snyman is- "die man van nuwe en ou dinge". WJ Snyman, later die predikant van die Geref. kerk Krokodilrivier, net voor hy die professoraat deels in die plek van De Wet aanvaar het, het in die hartseer-gebeure rondom De Wet in Februarie 1946 in die Gereformeerde Kerke in SA se eerste buitengewone Sinode nog ooit, as voorsitter van hierdie hartseer-sinode gedien.

> "Altyd was zijn begeerte te werken in de opvoeding door Christelik onderwys en hier is de weg daartoe gereed" (GKSAA: Steynsburg, Notuleboek 7 April 1916: Art 7).

De Wet het die hele tydperk wat hy in die gemeente gearbei het die noue verband tussen kerk en skool op unieke wyse bly uitdra. Drie maande na sy bevestiging is die Jongeliede-vereniging weer ingestel. In Steynsburg sou vergadering na vergadering sake van uiteenlopende aard rakende die skool en onderwys op die agendas moes hanteer. Dikwels moes daar weer beplan word vir nog verdere uitbreiding. De Wet het met ywer aan skoolsake in Steynsburg sy aandag gegee. In 1916 was hy reeds saam met di. Postma en Van der Walt deel van 'n subkommissie wat die belange van die skool moes behartig. Toe daar in 1915 sprake kom dat daar amalgamering van die hoër klassie van die twee hoërskole moes plaasvind, was De Wet deel van die kommissie wat die amalgamering moes hanteer (Van der Vyver,1958:125).

In die vroegste jare van sy bediening in Steynsburg is dit duidelik dat De Wet hom beywer vir die opbou van die Afrikaanse taal. Die kerkraad van Steynsburg het op voorstel van De Wet dit op 26 Augustus 1916 goedgekeur dat die notule voortaan in Afrikaans geskryf sal word (GKSAA: Steynsburg, Notuleboek 26 Aug.1916: Art 23).

Die volgende jaar op 8 September 1917 is daar besluit om spesiale kollektes vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans in te samel. As man van eerstes het De Wet nie net gesorg vir van die eerste Afrikaanse notules en 'n paar jaar later vir die eerste Afrikaanse proefskrif in Kerkreg nie, maar hy was ook die eerste wat hom in Steynsburg beywer het dat Hervormingsondag weer gevier moet word. In hierdie tyd het van sy eerste preke in druk verskyn toe hy ten bate van die Gereformeerde Gymnasium Steynsburg 'n preekbundeltjie laat verskyn het met drie Hervormingsdag- preke en twee Dingaansdag-preke, ook volledig in Afrikaans.[32]

Die belange van die Teologiese Skool het reeds in 1917 in Steynsburg besondere aandag gekry. Die daarstelling van die Jubileumfonds wat in 1919 die 50-jarige viering van die Teologiese Skool herdenk, het onder De Wet se leiding met groot stukrag gevorder.[33] Op 13 April 1917 is prof. J.D. du Toit (Totius) by 'n gemeente-vergadering in Steynsrus teenwoordig om die belange van die studente en die waarde van die Jubileumfonds te bepleit (GKSAA: Steynsburg, Notuleboek 13

[32] 'n Baie gewilde preekbundel in die beginjare van De Wet se bediening waarvoor in Steynsburg groot bestellings voor was, was die bundel "Licht op mijn pad"', was nog in 'n baie meer Hollandse Afrikaans, as wat De Wet hom sou laat welgeval.

[33] Die doel van hierdie fonds soos ook in Steynsburg bepleit, was dat daar 'n staande fonds gestig moet word sodat beurse aan studente gelewer kan word en geboue vir teologiese opleiding opgerig kon word.

Apr. 1917: Art 29). De Wet en die kerkraad het hierdie saak oor die volgende twee jaar goed ondersteun. Die gemeente het goed bygedra deur kollektes wat gereeld ingesamel is.

Dit is duidelik dat De Wet in die eerste gemeente wat hy gedien het, nie geskroom het om in sake van landsbelang sy stempel af te druk nie. Toe die armblanke-kwessie hard op die harte druk, het De Wet direk daarby betrokke geraak. De Wet het hom in samewerking met die NG Kerk beywer vir die oprigting ook van ’n Industriële skool in hulle gemeenskap. Rondom die beginsel van gratis onderwys, die posisie van die vrou in die kerk, die uitbreiding en verspreiding van preekbundels, sending en nog baie meer is sake waarvoor De Wet met groot ywer in die gemeente gearbei het.

Dit is duidelik dat hy homself vir die bediening gegee het, in die mate dat daar op 16 Mei 1919 ’n tydperk van onbepaalde verlof aan De Wet toegestaan is, omdat hy ernstig siek geword het. Die kerkraad het verwag dat hy ten minste drie maande verlof moet neem om te herstel. Op 5 Julie 1919 skryf De Wet aan die kerkraad dat hy sodanig kon herstel dat hy van voorneme is om sy bediening te hervat.

Nadat De Wet in Nederland verder studeer het, het hy weer sy werk met nuwe ywer hervat. Verskeie ander sake soos sending, Sondaghandel (insluitende onderhandeling met slagters om nie op Sondaemiddae vee te slag om Maandagoggende aan die publiek te verkoop nie) verg deurlopende aandag waar sake rakende die onderwys steeds prominent uitstaan. In Augustus 1921 word die besluit geneem dat daar meer gedoen moet word om ouers te oortuig dat hulle eerder hulle kinders in die gereformeerde skool moet plaas in plaas van die publieke skool. Die stigting van ’n Dorkas-vereniging word in dieselfde tyd goedgekeur. Die voorwaarde is dat die susters alle fondse wat die vereniging insamel aan die diakonie moet oorbetaal. Dit word besluit dat daar “gesonde samewerking tussen die twee liggame moet bestaan”. Lidmate wat buite gemeentegrense gewoon het, maar wat in Steynsburg lidmate wou wees, is vermaan om hulle eerder by die gemeentes in hulle grense te voeg. “Hulle is egter vry om die kerk hier te besoek” (GKSAA: Steynsburg, Notuleboek 19 Aug. 1921).

Vroeg in 1922 is De Wet se oom, die bekende genl. C.R. de Wet, oorlede. Die kerkraad stel dan ’n mosie voor om te simpatiseer met “mev. genl. C.R. de Wet en familielede in die swaar verlies deur hulle gely deur die afsterwe van haar eggenoot genl. C.R. de Wet” (GKSAA: Steynsburg, Notuleboek 17 Feb. 1922: Art 2).

In 1922 het De Wet se eerste volwaardige preekbundel, getiteld *Die Bergpredikasie* verskyn. Hierdie preekbundel getuig van ’n besondere aanpak waar Mattheus 5-7 aan die orde kom.[34] In Steynsburg, waar De Wet sy bediening begin het, is die naam De Wet as sinoniem met prediker beskou. Vir hulle was hy “die vurige besielde redenaar wat so diep kon grawe in die geheimenisse van Gods Woord, ’n kolos sonder weerga” (Jooste, 1972:27). Die getuienis rondom sy prediking het eenvoudig aangegroei, soos Van der Vyver dit stel (1969:157):

> “Die Gereformeerde kerke sal hom die meeste onthou vanweë sy begeesterde prediking, klinkklare gedagtes, voedingryke dieptes. Op die preekstoel was hy in sy element, gevoelvolle vertolker van die magtige evangelie, wat met sy groot figuur, deur Gods genade klein geword het voor Gods Woord. En die gemeente het saam klein geword.”

Op 17 Augustus 1923 het De Wet aan die kerkraad bekend gemaak dat hy die beroep na Bloemfontein wil aanvaar. Op 23 September 1923 is daar aan hom eervolle losmaking uit die Gereformeerde Kerk Steynsburg verleen.

2.7.2 BEDIENING: BLOEMFONTEIN (1923-1924)

Op 29 September 1923 is De Wet in die Gereformeerde Kerk Bloemfontein ontvang en bevestig – ’n gemeente waarin hy bietjie meer as ’n jaar gearbei het. Soos in Steynsburg was De Wet in hierdie gemeente bemind en geliefd. Daarvan het die kerkraad van Bloemfontein getuienis kon gee dat daar in hierdie 16 maande goeie dienste deur De Wet in Bloemfontein en die Vrystaat verrig is. Weereens is daar besondere melding gemaak van sy besondere gawe om te preek en is hy waardeer vir sy opbouende preke. Preke wat in besonder ’n reeks oor die uitverkiesing bevat, is gelewer. Die waardering vir hierdie reeks was so groot dat daar op die kerkraad versoek is dat dit “in pamflet uitgegee moes word” (GKSAA: Bloemfontein, Notuleboek 9 Aug. 1924: Art 13).

Soos in elke gemeente van die Here was daar heelwat sake wat in Bloemfontein besondere aandag geverg het. Dit was die tyd dat Bloemfontein in alle erns gewerk het om ’n nuwe kerkgebou op te rig, waar daar reeds al in 1919 besluit is dat dit gedoen moet word. Die gebou sou vir 750 lidmate voorsiening moes maak. De Wet het in die proses om fondse vir die oprigting van die gebou in te samel ’n leeue-aandeel gehad. Op die vergadering van 7 Junie 1924 het hy

[34] Die voorwoord tot hierdie bundel is op 17 Julie 1922 deur JD du Toit (Totius) versorg. Verskeie kontakte tussen Totius en De Wet in die beginjare van De Wet se bediening getuig van die goeie verhouding wat daar tussen hulle was.

toestemming verkry dat hy in eie persoon in die gemeente kan begin kollekteer (GKSAA: Bloemfontein, Notuleboek 7 Jun. 1924: Art.17).[35]

Ander sake wat in daardie tyd in Bloemfontein aandag verg is o.a. die verskynsel van lidmate wat lede geword het van die Vrymesselaarsbeweging, waarteen die kerkraad streng moes optree. Nog ’n saak wat aandag trek in die tyd wat De Wet predikant in die gemeente was, is ’n beskrywingspunt wat die kerkraad by die sinode laat dien het dat diakens na alle meerdere vergaderings afgevaardig moet kon word. Die saak van ruildienste tussen die Geref. Kerk en NG. Kerk het De Wet die kerkraad geadviseer dat hy nie gevaar daarin sien nie as die kerkraad seker is van ’n NG-predikant se gereformeerde beginsels.

Onbevestigde getuienis rondom De Wet se tyd in Bloemfontein, soos mondelings deur prof. Bouke Spoelstra aan skrywer oorgedra, is dat De Wet ’n tragiese ongeluk met sy motor gehad het, waarin hy ’n kind doodgery het. Spoelstra (mondelings oorgelewer op 14 Jun. 2016) herinner homself dat sy vader, ds. Tjibbe (TT) Spoelstra, aan hom dit gestel het dat die dood van hierdie kind en die hartseer en skuldgevoel daaraan verbonde, ’n saak kon wees, wat nooit behoorlik deur De Wet verwerk was nie. So het dit die Spoelstra familie voorgekom. Daar kon ongelukkig geen skriftelike getuienis ter bevestiging van hierdie ongeluk en wat daar gebeur het, opgespoor word nie.

Op 6 Augustus 1924 is De Wet as derde professor deur die kuratore beroep. Op 9 Augustus 1924 het De Wet die kerkraad oor die beroep ingelig, wat met duidelik gemengde gevoelens aangehoor is. De Wet het tot vroeg in 1925 nog in Bloemfontein aangebly. Sy aanvaarding van die beroep was vir die gemeente, na hy so kort daar kon arbei, nie maklik om te aanvaar nie. Daar was dan ’n kommissie uit die “dorpskerkraad” wat hom kom spreek het oor “sy gaan na Potchefstroom”. Op 20 Januarie 1925 het De Wet sy afskeidspreek in Bloemfontein gelewer en is daar eervol van hom afskeid geneem. Op 11 Februarie 1925 is hy as “hoogleraar in Godgeleerdheid aan die Teol. Skool in die Gereformeerde Kerk” bevestig.

2.8 BUITELANDSE STUDIE IN KERKREG (1920-1921)

In die tyd wat De Wet in 1919 ernstig siek was, het die oortuiging by hom al sterker geword dat hy verder moet studeer. In dieselfde skrywe waarin hy die kerkraad bedank het vir die spesiale

[35] Die gebou is wel eers vier jaar later voltooi waar ds. CWM du Toit, De Wet se opvolger in Bloemfontein, die gebou namens die gemeente in gebruik geneem het.

siekteverlof, het hy hulle versoek om aan die begin van 1920 in Nederland by die Vrije Universiteit Amsterdam verder te studeer.

Hy het hierdie buitelandse studie op 18 Junie 1921 voltooi. In die volgende hoofstuk, wat in besonder De Wet se teologiese bydraes en aksente wat hy in die teologie gelê het, bestudeer word daar meer volledig oor die inhoud van sy proefskrif gehandel. In die geskiedenis van die Afrikaanse taal dra die proefskrif 'n verdere uniekheid, want dit is die eerste teologiese proefskrif van 'n Afrikaanse student in Afrikaans geskryf wat by 'n buitelandse universiteit voltooi en aanvaar is.[36] Die hoofstuk wat handel oor De Wet se eie teologiese insigte en werk sal in besonderhede na hierdie proefskrif terugkeer.

In die tyd wat De Wet in Nederland studeer het, het hy self daar op verskeie plekke die Woord van die Here bedien. Hy het later in Nederland bekend gestaan as die "vurige man" (Jooste, 1972:27).

2.9 BEROEP EN BEVESTIGING AS PROFESSOR (1925)

CJH de Wet is op 11 Februarie 1925 as die derde voltydse professor aan die Teologiese Skool Potchefstroom bevestig. Op hierdie datum is dit presies 66 jaar na die stigting van die Gereformeerde Kerk Rustenburg, wat beskou kan word as die begin van die GKSA wat in Rustenburg op 10/11 Februarie 1859 begin het. Jooste (1958:106) wys in sy beskrywing van die geskiedenis van die Teologiese Skool dat op daardie stadium JD du Toit (Totius) en JA du Plessis die dienende professore was. Du Plessis het in 1921 in die plek van dr. SO Los professor geword. Tydens die sinode van 1924 is daar besluit om 'n derde professor te benoem, gesien in die lig daarvan om JD du Toit se hande bietjie losser te maak met die oog op die groot taak van Bybelvertaling en Psalmberyming waarby hy betrokke was.

[36] De Wet het hom nie net in die Teologie diep ingegrawe nie maar hy het as professor in teologie ook verskeie ander kwalifikasies verwerf. Hy het ook 'n M.A.-graad in Staatsleer verwerf. In hierdie besondere studie het hy die "Republikeinse Konstitusies van Suid-Afrika" (1935) bestudeer. Hierdie studie het die konstitusionele grondslae gedurende vier fases in Suid-Afrika onderskei. In die studie is daar gekyk na die neerlê van konstitusionele grondslae in die ou kolonies, in die Groot Trek, in die Republiek van Natal en dan die konstitusionele voorgeskiedenis van Transvaal en die Oranje-Vrystaat. Die kenmerke van die konstitusies, tesame met 'n kritiese beoordeling van die konstitusies, is deur De Wet aangepak. Buiten De Wet se akademiese prestasies in Teologie en Staatsleer lees sy verdere akademiese kwalifikasies as volg. Hy het ook in die ekonomie 'n B.Econ graad behaal. Hy het net 'n paar vakke gekort dan sou hy ook L.L.B.–graad agter sy naam kon skryf.

CJH de Wet is as die enigste geskikte kandidaat beskou, al was hy nog relatief jonk - 38 jaar oud. Sy akademiese kwalifikasies waarin hy uitgestaan het, sy agting in die kerkverband was alom bekend en spesifiek die gemeentes waarin hy gedien het, het hom as die geroepene uitgesonder. Hy was beskou as ’n besonder hardwerkende mens. Hy is in alle opsigte as geskik beskou om hom in die roeping as professor te onderskei in wat hy op daardie stadium reeds in die akademie duidelik gemaak het, maar ook in sy verhouding tot jongmense op Steynsburg. Die wyse waarop hy skoolsake en studentesake met onderskeiding in Steynsburg kon hanteer het hom vooruitgeloop en sou hy met studente in Potchefstroom op tersiêre vlak handel. Dit gee die antwoord waarom hy op daardie spesifieke stadium beroep is.

Ds. Dirk Postma, predikant van die Gereformeerde Kerk Burgersdorp en voorsitter van die kuratore, het die bevestiging van CJH de Wet waargeneem (*Die Kerkblad,* 3 Maart 1925:1). Ds. Postma het in besonder verwys na die vreugde en dankbaarheid dat ná net meer as 55 jaar van selfstandige teologiese opleiding daar weer ’n derde teologiese professor bevestig kon word. Hulle was met vreugde vervul dat die getal professore weer een meer kon wees. Hiermee saam was Postma (1925:1) se inleidende opmerkings deur te verwys na die kleinheid van die GKSA as kerkverband soos hy dit stel “ons ook meestal maar die geringe in die land is- ja waar ons tans ook leef in ’n tyd van algemene onverskilligheid ten opsigte van leer en belydenis, van toenemende wêreldgelykvormigheid, mag dit waarlik as ’n teken ten goede opgemerk word, dat ons die stap doen” (*Die Kerkblad,* 3 Maart 1925:1). Hiermee saam het Postma verwys na die vroeëre leuse van ons vaders by die Teologiese skool “*Veracht de dag der kleine dingen niet”.*

Met hierdie leuse het hy uitgebrei dat hulle in geloof en vertroue wil voortgaan “om die roeping en arbeid te volbring wat God op Kerk en Skool gelê het”. Daar is die vorige jaar tydens ’n sinode in Rustenburg besluit om nog ’n professor te benoem. Hulle het die besluit geneem in die besef dat die wetenskap in die algemeen vorder en die Kerk daaroor bly kan wees, veral in die lig van die uitbreiding van die literariese afdeling van die Universiteit en dat hierdie kollege uitgebrei het met ’n aansienlik aantal professore, lektore en studente. Daarom die uitbreiding by die Teologiese skool se professore dat die “akute stryd in die wetenskaplike wêreld, gevoel die Kerk haar roeping om ook nog meerdere sorg te bestee aan die opleiding van sy aanstaande predikante”. Nog ’n rede waarop Postma gewys het dat die benoeming noodsaaklik was, is omdat prof. JD du Toit (Totius) sy talente en aandag al meer aan ’n Afrikaanse vertaling van die Bybel sal moet wy. Hy wys op die noodsaak dat so ’n vertaling nou dringend nodig is. Dit bring egter mee dat Du Toit se tyd en klasse by die Teologiese Skool daardeur geraak sal word.

Daarin is De Wet goed toegerus om te voldoen “aan die wetenskaplike eise van ons tyd”. Daar is melding gemaak van sy “persoonlike vlyt” en het Postma verder bevestig dat “ons stellige hoop en verwagting is egter, dat u tog u gewigtige amp aanvaar uit nog hoëre beweegredene, spesifiek om die jongmanne tot Bedienaars van Gods Woord, jongmanne wat hulle in diens moet stel van Koning Jesus tot opbouing van sy Liggaam - die Gemeente - tot verheerliking van God”.

Die Skrifgedeelte waarmee hierdie bevestiging plaasgevind het, is 2 Korintiërs 4:6: **“**Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn—dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus”. In die prediking is die teksgedeelte nog in Nederlands aangehaal “God die gezegd heeft, dat ’t licht uit de duisternis zou schijnen is Degene die in onze harten geschenen heeft, om te geven verlichting der kennis der heerlikheid Gods in ’t aangezicht van Jezus Christus”.

Daar is in die prediking in besonder gelet op wat ’n begenadigde bediening is, hoe daar sekere kennis van die verligting deur God is en hoe dit moet geskied tot opbou van die liggaam van Christus. Waar dit gaan om die begenadigde bediening het Postma daarop gewys dat Paulus hier geskryf het met sy oog, meer op die leraarsamp, as wat dit op die herderlike werk wys (*Die Kerkblad,* 3 Maart 1925:2). Postma verwys telkens in sy prediking na die baie dwalinge wat in Korinte was maar hoe daar ’n uitnemende en begenadigde bediening kon wees. Paulus kon hierdie bediening doen as iemand in ’n nuwe bedeling en as leraar van die grote genade in Jesus Christus. De Wet word opgeroep in die prediking dat al wat hy eintlik met die studente moet maak, is om hulle “dienaars van God” te maak. Hulle moet hulle plek in die kulturele en literêre wêreld kan inneem maar by uitnemendheid moet hulle wees “begenadigde bedienaren van Gods heilgoedere aan Sy gemeente”.

In wat Postma bestempel het as die sekerheid wat daar in God se verligting kan wees, wys hy daarop dat Paulus nie alleen oortuig was van sy roeping as dienaar van Christus nie, maar hy is ook “seker van die waarheid van die boodskap, wat hy moet verkondig”. Al moet hierdie boodskap in Paulus se tyd na wêreldstede o.a. Korinte, Rome en Athene uitgaan, het Paulus hom steeds nie geskaam vir wat die evangelie is nie. Dit is ’n krag tot saligheid vir die Jood en die Griek. Paulus het hierdie groot vrymoedigheid net van God kon verkry. Postma verwys telkens dan in die prediking na hoe ’n besondere sekerheid Paulus wel mee begenadig was. Opvallend dat Postma telkens in sy preek melding maak van die groot vorderinge wat daar in die wetenskap plaasvind en dat dit “ons bestaan in menig opsig veraangenaam en verryk het - maar wat baat my ten slotte in die uur van smart en in die aangesig van die dood - wat baat my die beheersing

van lug, die onderwerping van die aarde, die seën van die kultuur, die triomf van die wetenskap of die estetiese genieting van die kuns" (*Die Kerkblad,* 3 Maart 1925:3).

Postma verwys ook in die prediking na die besondere uitspraak wat Bavinck in dié verband gemaak het, nl. dat die teoloog nie alleen die weg *deur* die lewe kan wys nie maar ook die weg *uit* die lewe kan wys om selfs dan in wisselvallige tye, "onder die wisselingen van het lot en in de ure des sterven zekerheid te verschaffen van de dingen die onbewegelik zijn" (*Die Kerkblad,* 3 Maart 1925:4). Verder is daar heelwat ander lang aanhalings van Bavinck na vore gebring, wat wys op die respek en erkenning wat Bavinck se lesers vir hom gehad het - ook in die GKSA is dit verwag.

Waar Postma vir De Wet in die prediking herinner aan die opbou van Christus se liggaam, is sy verwysing skerp gefokus op die metafore van lig en donkerte. Lig in die skepping wat ons die ryke verskeidenheid van God se wonderbare skepping toon. As die lig van God se Woord oor ons kom, dan kom daar lewe. Dit roep die dienaar op tot opbou en veral waar dit gaan om die verdere uitskiet van die ligstrale van God se genade dat daar bedienaars van hierdie Woord opgelei moet word. 'n Dienaar wat as instrument in die krag van God homself oral moet kan laat geld. Alleen die Woord van God en die beloftes daarin vervat, dien tot hierdie opbou en versterking. Hierin het Postma vir dr. A Kuyper aangehaal waar die Woord van God 'n "kunsstuk" van God genoem word. 'n Kunsstuk, "deur God gewrocht, dat het past voor alle eeuwen en voor alle personen". Postma wys ook na die uitspraak van Calvyn dat hy soos 'n biesie voor hierdie Woord wil buig.

Postma het by hierdie bevestiging van De Wet as professor in besonder gewys op die taak van die Evangelie-dienaar, maar het in besonder ook die studente opgeroep dat daar 'n gewilligheid moet wees om opgelei te word tot hulle "grootser roeping" (*Die Kerkblad,* 3 Maart 1925:5).

Dit is baie duidelik dat De Wet onmiddellik met groot ywer die nuwe uitdaging en roeping as professor opgeneem het. Sy hoof-verantwoordelikheid is van die begin af hom toegedeel, nl. die dogmatiekklasse wat hy waargeneem het. Dit het ingesluit dat hy by die kollege, wat sou uitgroei tot 'n volwaardige Universiteit, geen moeite ontsien het om dadelik daarby betrokke te wees nie. Hy het as hoogleraar steeds student gebly. Die studies (en grade B Econ, MA in Staatsleer en het hy ook net 'n paar vakke gekort vir 'n LL.B.) dui op sy hardwerkendheid en wye veld van kennis wat hier aan die werk was. Die studente wat sy dogmatiekklasse bygewoon het, het volgens Van der Vyver (1969:157) dit insiggewend en nooit vervelig gevind nie. Hy is beskryf as

'n "oorspronklike denker en het met eie insigte en dikwels flonkerende gedagtes nuwe bane oopgetrap". J Chr Coetzee (1959:149-150) voeg hieraan toe:

> "Met die groei van die P.U.K. en die benoeming van meer teologiese professore oor die jare het sy leeropdrag van tyd tot tyd gewysig: van 1935 het hy Dogmageskiedenis en Bybelse Teologie gedoseer, van 1942 was hy professor in Dogmatiek, Dogmageskiedenis, Bybelse Teologie en Christelike Etiek (prakties) en van 1944 tot sy uittrede in 1945 was hy verantwoordelik vir Dogmatiek, Bybelse Teologie en Christelike Etiek (prakties). Sy studente getuig eenparig van sy besondere gawes as dosent. Sy kolleges was gekenmerk veral deur die omvattendheid van sy aanbieding; van besonderhede het hy min gehou; hy was die man vir die hooflyne en beginsels."

J Chr Coetzee (1959:149-150) wys hoe hy De Wet in besonder leer ken het as skrywer. Hy som De Wet se positiewe rol as teoloog soos volg op:

> "As student, as prediker, as professor, as skrywer het prof. De Wet uitgeblink in drie dinge: diepte van insig, verte van visie, vastheid van oortuiging".

2.10 BYDRAES EN UITDAGINGS BY DIE TEOLOGIESE SKOOL (1925-1946)

As deel van De Wet se inougurele rede, "Filosofiese en Vulgêre Christendom" (1925), op die dag van sy bevestiging gelewer, het hy hierdie rede afgesluit deur aan te toon met watter gesindheid en uitdagings hy in Potchefstroom wil begin. Sy voorneme stel hy soos volg tot JD du Toit (Totius)(1925:19):

> "Hooggeagte Kollega Prof. Dr. Du Toit, ek beskou u in menig opsig as my geestelike vader en sal u altyd nog so bly beskou. En waar u geroep is om saam met andere die groot werk van die Afrikaanse Bybelvertaling te doen, mag die Here u daarin bekragtig, en op Sy tyd u weer in ons midde terugbring".

Vir hulle ander kollega, prof. JA du Plessis het De Wet die volgende gesê (1925:19):

> "Hooggeagte Kollega Prof. Du Plessis, ek kom aan u sy te staan, en dis my 'n troos om te weet dat u reeds rype ervaring en kennis het van die werk waarin ek as beginner met u moet saamwerk. Mag ons werk steeds gekenmerk word deur die gees van broederlike samewerking. Ek bedank u albei vir u welkomsgroet".

Selfs die besondere bande wat De Wet vroeër aan Stellenbosch verbind het, was die dag met sy bevestiging en rede nie geknip nie. Hy het dit baie op prys gestel dat die rektor van Stellenbosch ook in Potchefstroom teenwoordig was en het in sy voorneme tot samewerking met alle kollegas hom so teen prof. Cillie uitgedruk:

> "Ook u hooggeleerde Prof. Cillie, Rektor van die Universiteit van Stellenbosch my opregte dank vir u oorkoms, belangstelling en hartelike woorde. Ek dink terug aan die tyd toe ek as leerling aan u voete gesit het. Dis nie alleen vir my persoon nie, maar ook vir ons Teol. Skool en P.U.K. 'n eer dat u in ons midde is. Mag u besoek daartoe strek dat 'n nouere kontak tussen Stellenbosch en Potchefstroom bewerk word, en mag die Here u seën in u gewigtige taak."

De Wet moes onmiddellik na sy bevestiging as professor 'n groot rol by die Teologiese Skool en die Universiteit vervul. J Chr Coetzee (1959:149-150) wat vir De Wet baie vroeg in sy akademiese loopbaan en as predikant leer ken het, beskryf sy pad en verhouding met De Wet in gunstige terme. Hy stel dit:

> "Ek het prof. De Wet vir eerste maal ontmoet toe hy aan die begin van 1912 student geword het aan die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk op Potchefstroom. Ek was toe student aan dieselfde inrigting en in my laaste jaar vir die graad B.A. Hy was onder ons studente bekend as 'n hardwerkende en baie begaafde jongman. In ons studenteverenigings en -samekomste het hy hom openbaar as iemand met 'n breedheid van insig en 'n helderheid van formulering wat kenmerkend gedurende sy hele latere optrede sou wees.
>
> Na die dood van ds. P. C. Snyman, predikant van die Gereformeerde Gemeente van Steynsburg, is ds. De Wet daarheen beroep. Ek was destyds onderwyser aan die Gereformeerde Gimnasium aldaar, die enigste oorblywende C.N.O.-skool. Ek het hom daar geleer ken as 'n geïnspireerde en inspirerende prediker. In die organisasie van die Gereformeerde jeug van die Steynsburgse gemeente het hy en ek innig saamgewerk. Vir die jeug was hy 'n aantreklike leier".

Veral in die tyd waar beide Coetzee en De Wet as nuwe professore in Potchefstroom omtrent in dieselfde tyd begin arbei het, kom Coetzee se waardering steeds na vore:

> "Dr. De Wet en ek het saam professore in Potchefstroom geword. In Februarie 1925 het hy professor aan die Teologiese Skool geword, en is hy gelyktydig ook benoem as spesiale lektor in die Teologie aan die P.U.K. Toe die Fakulteit van Teologie aan die P.U.K. in 1930 in werking getree het, het hy professor geword, en wel in die vakke Ou- en Nuwe-Testamentiese Teologie en Dogmageskiedenis. In die akademiese lewe van die P.U.K. het hy 'n belangrike plek ingeneem.

> Behalwe vir sy kolleges aan studente vir die graad in Teologie, het hy as lid gedien op verskillende komitees van die Senaat, veral die Komitees vir Leerkursusse, vir Lesings en vir Koshuise. Hy was ook Dekaan van die Fakulteit van Teologie vir die jare 1933 en 1934 en was toe ook lid van die hoofkomitee, die Komitee van Algemene Sake ..."

J Chr Coetzee het in 1943 steeds op besondere wyse met De Wet saamgewerk. Hulle twee was die samestellers van 'n studiestuk in opdrag van 'n sinodale deputaatskap waarin De Wet die eerste hoofstuk moes opstel. Coetzee het die res van hierdie studie afgehandel en die ander hoofstukke voltooi[37]. Die studie is later as boek uitgegee, getiteld "Die beginsels, Metode en Geskiedenis van die Kategetiese Onderwys".

'n Jaar later was J Chr Coetzee ook deel van die korps wat krities teen De Wet begin staan het. Coetzee het dit veral gehad oor De Wet se afsluitingsrede, gehou 27 Okt. 1944, met as opskrif "Is Kerkhervorming vandag nog moontlik?". 'n Deel van hierdie kritiek is later as deel van die klag teen De Wet aangebied, en wat hierdie studie grondig moet ondersoek.

2.11 "DIE WAGTORING" EN ANDER BESONDERE TEOLOGIESE WERKE

2.11.1 DE WET SE BETROKKENHEID BY DIE DU PLESSIS-SAAK IN STELLENBOSCH (1928-1932)

'n Besondere uitdaging by die Teologiese Skool waarby De Wet baie nou betrokke was, is die golwe wat die Du Plessis saak vanuit Stellenbosch gedryf het, maar waarvan die golfslae Potchefstroom nie gemis het nie. Al drie die professore in Potchefstroom, JD du Toit (Totius), JA du Plessis en De Wet was op een of ander wyse met die Du Plessis-saak verbind (Malan,1933:212). Strauss (2014:54) wys in die nuutste navorsing rondom hierdie saak, wat vanaf 1928 tot 1932 sou voortduur, hoe professor Johannes du Plessis (1868-1935) (nie te verwar met prof. JA du Plessis in Potchefstroom nie) veral op drie punte met heersende standpunte van die NGK van destyds verskil het. Strauss (2014:54) onderskei die drie sake soos volg:

- Die inspirasie van die Bybel
- Die hoëre kritiek op die Bybel
- Die goddelike natuur van Jesus Christus

[37] J Chr Coetzee het in 1939 reeds 'n besondere studie voltooi wat handel oor *Die Gereformeerde Beginsel en die onderwys in Transvaal 1859-1937.* In die latere opdrag deur De Wet en Coetzee saam uitgevoer kan aanvaar word die vroeëre studie het hulle reeds baie gebaat.

D'Assonville (1993:156) gee 'n nog breëre raamwerk aan hierdie geskilpunte om aan te dui waaroor die Du Plessis saak gehandel het:

- Vraagstuk oor die onfeilbare inspirasie van die Heilige Skrif
- Die vraagstuk of Christus by sy menswording sy goddelike eienskappe afgelê het en of Hy, wat die geskrifte van die Ou Testament betref, onkundig was en geen gesaghebbende oordeel kon gee nie
- Die vraagstuk of 'n leraar die reg het om gevoelens voor te staan wat strydig met die belydenisskrifte is, sonder om dit eers aan die sinode bekend te maak[38]

Van Johannes du Plessis wat in 1916 professor in Stellenbosch geword het, (presies dieselfde jaar wat De Wet as predikant in Steynsburg begin arbei het), kan aanvaar word dat hy en De Wet goed aanmekaar bekend was. Du Plessis het as NG-professor Nuwe Testament en Sendingwetenskap as hoofopdrag gehad, maar het heelwat ander vakke, o.a. ook Hebreeus gedoseer.

De Wet het wel al in 1912 in Potchefstroom begin studeer, maar die tyd wat De Wet as jong student in Stellenbosch sy voorgraadse studies gedoen het (1909-1911), was Johannes du Plessis reeds in Stellenbosch se kringe goed bekend, waar hy vanaf 1910-1912 as redakteur van *Die Kerkbode* gedien het. Daar kan aanvaar word dat die teologiese rigting wat Du Plessis voorgestaan het, gedeeltelik kon bygedra het tot De Wet se besluit om eerder sy studies in Potchefstroom voort te sit, omdat De Wet in meer opsigte op daardie stadium met die groter kring van denke waarvan Du Plessis net 'n onderdeel was, nie kon saamgaan nie.

'n Groot deel van die Du Plessis denke staan in lyn met dié van Andrew Murray, waar Du Plessis se denke in baie opsigte met Murray s'n ooreenkom, maar in Skrifbeskouing sou selfs Murray en Du Plessis mekaar moeilik vind. Die waardering wat Du Plessis (1920) vir Murray gehad het, kan duidelik gesien word in die biografiese werk van Du Plessis oor "Het leven van Andrew Murray". Dit is belangrik om daarop te wys dat selfs Andrew Murray vir Du Plessis op 'n stadium gewaarsku het dat hy in sy nuwere rigting te ver gaan (Brümmer, 2013:163). Terselfdertyd het Du Plessis op velerlei wyses homself as felle bestryder van die denke van dr. Abraham Kuyper en prof. Bavinck beskou (Brümmer, 2013:150).

[38] Senator FS Malan het in 1933 'n breedvoerige studie oor die Du Plessis-saak uitgegee getiteld *Ons Kerk en prof. Du Plessis.* In die bylaes tot hierdie studie (289-327) is die volledige klagskrif van die kuratorium, asook die volledige verweerskrif van prof. Du Plessis vervat.

Brümmer (2013:138) wys daarop dat Du Plessis, DF Malan, e.a. geensins verteenwoordigend van die neo-calvinisme van Abraham Kuyper in Nederland en SJ du Toit (Totius se vader) van die Paarl was nie. Dat De Wet wel al vroeëre aangetrokkenheid meer die rigting van Kuyper en Du Toit gehad het, kan aanvaar word, gesien sy besluit om Potchefstroom vir Stellenbosch te verruil.

In hoofstuk 4, wat meer in besonder die aksente van De Wet se teologiese denke na vore bring, word aanvaar dat daar meer aandag aan die teologiese verskille tussen De Wet en ’n prominente deel van Stellenbosch uitgewys sal word.

In die hoofsaaklik biografiese hoofstuk oor De Wet word volstaan deur te verwys na sy oorgegewe betrokkenheid saam met JD du Toit (Totius) en JA du Plessis, teen prof. Johannes du Plessis. Die Du Plessis-saak word allerweë beskou as ’n saak wat die NGK in “sy fondamente geskud het” (Strauss,2014:56). Johannes du Plessis het in talle opsigte die GKSA as kerkverband aangeval, dikwels selfs beledigend, soos om Dirk Postma, wat by die stigting van die eerste gemeentes voorgegaan het, ’n “skeurmaker” en “huigelaar” te noem. Prof. JA du Plessis sou in Potchefstroom in baie opsigte baie moeite gehad het om sy naamgenoot in Stellenbosch te weerlê. JA du Plessis se boek (1925), “Die Gereformeerde Kerk en Kerkregering gehandhaaf teen Prof. dr. J du Plessis deur prof. JA du Plessis”, is in dieselfde jaar uitgegee as De Wet se bevestiging as professor by die Teologiese Skool. De Wet sou sy gewig ten volle agter prof. JA du Plessis ingegooi het en dadelik in die stryd verder met Du Plessis teen sy eweknie en naamgenoot in Stellenbosch bly stry.

Du Toit se betrokkenheid word in hierdie saak in besonder na verwys deurdat Du Toit selfs in Nov. 1931 in die Kaapse Hooggeregshof moes verskyn om in belang van die NG Kerk getuienis te lewer, toe Johannes du Plessis hom tot hierdie hof gewend het om die besluit tot sy skorsing en afsetting te hanteer (Malan,1933:212; D’Assonville, 1993:154-160; Brummer, 2013:201; Strauss, 2014:55,). Du Toit se besondere bydrae in die verhoor teen Johannes du Plessis is tydens strenge hofverrigtinge en meedoënlose ondervraging deur regters en advokate gelewer. Die advokaat wat in belang van prof. J. du Plessis opgetree het, was ’n adv. De Wet, maar dit kan aanvaar word dat daar nie besondere naby familie verbintenisse tussen die twee De Wets was nie. Hulle onderskeie standpunte in die tyd wat die verhoor sou duur, sou moeilik versoenbaar wees. Du Toit se betrokkenheid by die Du Plessis-saak soos weergegee in *Die Kerksaak* (1931:126-141), is veral op die terrein van die inspirasie van God se Woord, die skolastiek, die Hoër Kritiek, die skrywer/s van die Pentateug, tekskritiek en vele ander, maar veral t.o.v. die *kenosisleer,* is van besondere belang.

Dit val op hoe De Wet se eie skryfwerk in die tyd wat die Du Plessis-saak aan die gang was (1928-1932), met reëlmaat Johannes du Plessis se standpunte sou bestry, sonder dat daar deur hom selde direk na Du Plessis verwys word. Voordat die Du Plessis-saak op klagtes en selfs hofsaak sou uitloop, was De Wet saam met sy kollega, prof. JA du Plessis, direk betrokke in die organisering van 'n konferensie ter verdediging van die Skrifgesag. Dit kan aanvaar word dat daar reeds sterk gevoelens in die land bestaan het, m.b.t. die rigting soos deur prof. Johannes du Plessis bepleit en hoofsaaklik weergegee in die tydskrif *Het Zoeklicht ,* wat sedert 1923 al onder redaksie van Johannes du Plessis bestaan het, sterk gevoelens in Potchefstroom opgewek het wat as bedreiging vir die Skrifgesag beskou is.[39] Vandaar De Wet se organisasie van bepaalde konferensies en ook die breedvoerige terugvoer wat hy in *Die Kerkblad* gegee het (7 Sept. 1926:16-17).

2.11.2 "DIE WAGTORING"

De Wet se volhardende pleidooi sedert Des. 1926 vir die oprigting van 'n eie teologiese tydskrif kan moontlik gesien word as poging om die veld en invloed wat *Het Zoeklicht* gedek het en die dwalinge daarmee saam, teë te werk. Al het die NG Kerk hulle eie pogings tot 'n teenvoeter vir *Het Zoeklicht* daargestel in die vorm van die tydskrif *Die Ou Paaie* (spottend na verwys as *Oupajane*) wat onder redaksie van DR Snyman sterk teen Du Plessis gekant was, is daardie leemte onder die gereformeerdes as deel van die GKSA, beslis nie gevul nie. De Wet het heeltyd hierdie leemte kon aantoon tot daar uiteindelik na baie oorreding en harde werk deur De Wet begin is met 'n eie teologiese tydskrif in Potchefstroom, eers bekend as *Die Wagtoring,* waarvan De Wet vir aantal jare self die hoofredakteur was. Sedert 1933 het die naam verander na *Die Koers,* wat steeds in Potchefstroom onder wetenskaplikes en akademici goed bekend is en uitgegee word.

Dit is sekerlik nie te betwyfel nie dat De Wet se artikel in 1929 in *Die Kerkblad* (2 Apr. 1929:558-559) gepubliseer, getiteld "Die maatstaf vir regsinnigheid" hy in belang van sy kollegas, maar ook in teëwerking teen wat uit Stellenbosch gekom het, 'n artikel met so 'n tema aangebied het. In 1930 tot 1931 handel De Wet in besonderhede met 'n reeks in *Die Kerkblad* (2 Des.1930:1752-1753; 16 Des 1930:1777-1778; 20 Jan 1931:1799-1800) oor die inspirasie van God se Woord. Dit in aansluiting met wat sy kollega, prof. JD du Toit omtrent 'n jaar later, aan die einde van 1931 in die hofsaak van Johannes du Plessis met baie vrae oor die leer van die inspirasie, gepeper is.

[39] Volgens Malan (1933:25,51) het die eerste uitgawe van *Het Zoeklicht* in Januarie 1923 verskyn. Du Plessis wat hierdie "omstrede" blad begin het, was 55 jaar oud toe die eerste uitgawe verskyn het.

Daar kan aanvaar word dat JD du Toit in sy verweer in die hofsaak baie uit De Wet se artikel, elf maande terug nagevors, aangebied het.

In van De Wet se grootste teologiese bydraes, uitgegee in sy boek “Die Bybel en die Christus van die Bybel” (1931), is dit duidelik dat die hooftemas van De Wet se boek grootliks ooreenkom met die hooftemas in die saak teen Du Plessis. In die hoofstuk wat pertinent De Wet se teologiese beklemtoninge dra, word hierna breedvoerig teruggekeer (hoofstuk 4).

Ander bydraes en uitdagings wat De Wet tot die kerke en Teologiese Skool kon lewer, is die tyd wat hy gewy het aan die leiding wat hy geneem het. Hy het van 1933 tot 1934 as dekaan van die Fakulteit Teologie gedien. Hy het meer kere as rektor by die Teologiese Skool diens gedoen, ’n taak wat hy vir die laaste keer tot aan die einde van 1944 vervul het.

Daar kan aanvaar word dat De Wet dikwels op navrae by ander gemeentes advies moes gee en hy het dikwels by gemeentes opgetree waar hy besondere temas aangebied het. In die tyd wat ds. HPhJ Pasch met die kerkraad van Frankfort baie spanning moes hanteer omdat hulle vir Pasch aangekla het van indringing in hulle diens, het De Wet as vriend van Pasch nie geaarsel om sy bydrae te lewer nie. Die Kruisgemeentes soos ook deur Pasch bedien was chiliasties oortuig en De Wet het ’n rede oor die Duisendjarige Ryk in Frankfort in die tyd van spanninge aangebied (Venter, 2014:136). In 1936 was CJH de Wet die prediker met ds. HPhJ Pasch se begrafnis (Venter,2014:164). Daar is reeds daarop gewys is, dat dit deels Pasch se besondere invloed op De Wet was, wat hom tot die geledere van die GKSA aangespoor het. (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 31 Okt. . 1936).

Al was JD du Toit direk met die eerste Afrikaanse Bybelvertaling as een van die hoofvertalers aangewys (’n taak waarin hy homself onderskei het), het De Wet hierin ook ’n bydrae gemaak. Volgens J Chr Coetzee (1959) was De Wet amptelik deel van die kommissie vir Afrikaanse Bybelvertalers tot en met die voltooiing van die opdrag in 1933.

Een van die laaste uitdagings waartoe De Wet homself verbind het, en waarin hy nie geslaag het nie, was om te verhoed dat die Teologiese Skool en die Universiteit in 1945 tot nuwe reëlings vir samewerking ooreenkom. De Wet was ’n felle teenstander van hierdie nuwe samewerkingsooreenkoms wat hy op talle gebiede bestry het. Dit word allerweë beskou, en is deur homself ook beleef, as van die groot redes waarom daar in die vroeë na-oorlogse jare (1944-1945) nie meer die hartlike vertroue en samewerking tussen hom en kollegas kon wees as wat

daar wel baie duidelik in die beginjare in Potchefstroom was nie. Jooste (1958:106) beskryf hierdie “Ooreenkoms” as een van die groot redes hoekom De Wet sy bediening neergelê het. Dié studie sal wel aantoon dat die redes baie verder strek as dat hierdie die enigste rede kon wees. Dit was wel vir De Wet ’n groot rede vir ongelukkigheid.

2.12 DIE EERSTE TEKENS VAN GESPANNE VERHOUDINGE

2.12.1 AANVANKLIKE GOEIE VERHOUDINGE

In die biografiese deel word slegs ’n aanduiding gegee van verhoudinge waarin De Wet betrokke was en wat al hoe meer gespanne geraak het. Van De Wet se kant het hy aanvanklik goeie verhoudinge met kollegas en studente nagestreef. Dit het vir die eerste jare so voortgeduur waar hy gerespekteerd en met ontsag sy roeping uitgevoer het. In sy inougurele rede (1926:19) word sy voorneme tot hartlike samewerking en goeie verhoudinge duidelik uitgespel. Uit die getuienis van Van Rensburg (1977:235) in die tyd wat JD du Toit “byna voltyds met die Bybelvertaling en Psalmberyming besig is, verrig hy (De Wet) ’n reuse gedeelte van die werk aan die Teologiese Skool, veral na die oorlye van prof. JA du Plessis”. Van Rensburg (1977:235) wys verder in besonder op die jare 1933-1934 waar hy as dekaan van die fakulteit Teologie gedien het.

Daar kan talle voorbeelde van baie goeie verhoudinge gegee word. Die jongere De Wet het met JD du Toit (Totius) die grootste deel van sy lewe baie goed saamgewerk. So is Du Toit genader om met die uitgawe van De Wet se preekbundel in 1922 oor die Bergrede van Jesus die voorwoord te skryf. De Wet het met sy ander kollega, prof. JA du Plessis net so goed saamgewerk. Daar is duidelike voorbeelde van De Wet se ondersteuning van prof. JA du Plessis in Potchefstroom in die tyd wat Du Plessis met sy naamgenoot in Stellenbosch groot stryd gevoer het. Prof. JA du Plessis se boek “Die Gereformeerde Kerk en Kerkregering gehandhaaf teen Prof. dr. J. du Plessis van Stellenbosch deur prof. JA du Plessis van Potchefstroom” (1925) is ’n stille getuie van hoe Du Plessis in sy oortuigings rondom Kerkreg op De Wet se toe onlangs gepubliseerde kerkregtelike denke kon reken.

Dit wil wel voorkom of De Wet selfs met andere kollegas buite die verband van die GKSA goeie verhoudinge gehandhaaf het. Sy inougurele rede gee duidelike groete boodskappe en hartlike samewerking deur wat in De Wet se tyd vanuit Stellenbosch in stand gehou is. Selfs met persone in die Nederduitsch Hervormde Kerk is daar verhoudinge opgebou. Selfs in De Wet se moeilikste jare het iemand soos prof. SP Engelbrecht vir De Wet in die bresse getree waar Engelbrecht vanaf 1945-1946 in onverkwiklike debatte teen ds. JV Coetzee uitgevaar het in die gespanne

publikasies rondom “Neo-Calvinisme” en “Geskiedenisversaking” wat die geleerdes, Coetzee en Engelbrecht teen mekaar opgestel het. Engelbrecht (1945:10-11) maak dit duidelik dat hy met ongenoeë kennis geneem het van die wyse waarop spesifiek Coetzee in die sake teen De Wet betrokke was. Op sy beurt neem Coetzee (1947:6-14) weer vir Engelbrecht baie kwalik oor hierdie inmenging en uitsprake ten gunste van De Wet.

2.12.2 DIE BEGIN VAN DIE SPANNING - POLITIEKE GEBIED

Die party-politieke domein waarin De Wet homself al dieper ingeleef en betrokke geraak het, gee baie duidelik die eerste tekens van gespanne verhoudinge. Hier het hy dit nie net in die onmiddellike politiek ontgeld nie, maar het dit oorgeloop na die akademiese kringe waarin hy gestaan het. Die besondere spanninge in die politiek word in hoofstuk 3 in meer besonderhede na vore gebring.

Basson (1980:111-113) wys in watter gelade politieke spanninge De Wet, in die tyd vanaf 1934 met die onenighede en die skeuringe in die party-politiek, betrokke was en wat al verder opgebou het. Vanaf Apr. 1936 het De Wet die politieke strydbyle al skerper in die openbaar begin slyp (Basson,1980:117). Dit het so ver gegaan dat De Wet in Maart 1937 daartoe oorgegaan het om ’n nuwe politieke beweging in die lewe te roep (Basson,1980:126). De Wet is in die tyd vir verskeie sake kwalik geneem, o.a. dat hy ’n baie weifelende houding ingeneem het. Dit het wel al duideliker geword dat hy oorweeg om veel eerder ’n “volksbeweging” te organiseer as om bloot met die gewone party-politiek ’n verdere pad te loop. So is hy stelselmatig al hoe meer uit die politieke strukture geskuif.

Toe daar weer leiers verkies moes word, is De Wet nie tot die driemanskap herkies nie, want JG Strijdom het laat blyk dat die instelling van die “driemanskap” in alle geval volgens hom, ’n “Potchefstroom besluit” was waarmee hy nooit ingenome was nie (Basson,1980:127). In De Wet se plek is prof. LJ du Plessis saam met mev. Jansen as onderleier verkies. Hierdie nuwe leierskap dui daarop dat beide die Potchefstromers, De Wet en Du Plessis se verhouding hierdeur geraak is. Van der Schyff (2003:477) beskryf die twee manne as kollegas. Van der Schyff (2003:479) beskryf duidelike tekens van spanning met De Wet soos volg:

> “Verhoudinge binne die geledere van die ‘Gesuiwerdes’ was ook nie wat dit moes wees nie en in sy leiersposisie was De Wet spoedig in velerlei twisgesprekke betrokke, enersyds oor die nuwe party se program van beginsels maar andersyds ook oor praktiese aspekte soos die verkryging van ‘n amptelike mondstuk vir die nuwe party. Hoewel *Die Republikein*, wat na die oorname van

> die Potchefstroomse koerant *Die Weste*, in Pretoria uitgegee is en saam met *Die Volksblad* as amptelike partymondstukke aanvaar is, het dit steeds as spreekbuis vir veral De Wet en sy geesgenote opgetree en sodoende spanning geskep. De Wet het ook kwaai kapsie gemaak toe dit bekend geword het dat 'n te-stigte dagblad, met finansiële ondersteuning uit die Kaap, in die plek van *Die Republikein* as amptelike mondstuk van die party in Transvaal sou dien."

Marx (2009:205) gee 'n duidelike samevatting as die tekens van gespanne verhoudinge bymekaargevoeg word. Marx stel dit soos volg:

> "A man like Prof. C.J.H. de Wet of the University of Potchefstroom was a particularly radical exception, even among the Calvinist fundamentalists, however. Although a leading member of the tiny "Purified" NP in the Transvaal for a few months, after its inception, he soon turned his back on political parties, castigating them with a mixture of volk-nationalist and Calvinist - fundamentalist arguments as volksvreemd (alien to the volk) and unchristian. His rejection of party politics, which stretched beyond fundamentalist circles, typically asserts that they invariably lead to compromises and are in themselves symptomatic of foreign domination. The call for a purge of the cultural, nationalist heritage, a purge that mostly targets parliamentary and democratic institutions, is symptomatic of the broad wave of delegitimisation of the parliamentary - constitutional system in die late 1930s" (Marx,2009:205-206).

2.12.3 DIE UITBREIDING VAN DIE SPANNING - TEOLOGIESE GEBIED

Noodwendig het die spanning wat hy in die politieke en akademiese geledere ervaar het, nie van kerklike sake geskeie gebly nie. Dit wil voorkom of hy al hoe meer hierdie vervreemding moes hanteer wat dikwels nie met goeie gevolg afgehandel is nie.

De Wet se predikant in Potchefstroom, ds. JV Coetzee is iemand wat die duidelikste tekens van gespanne verhoudinge tussen hulle weergegee het. Daar is reeds na SP Engelbrecht se kommentaar teen Coetzee ten gunste van De Wet verwys. Selfs kan aanvaar word dat Engelbrecht moeilik vrede met Coetzee kon vind. Waarom die spanning altyd so hoog teen Coetzee opgebou het, is moeilik om vas te stel.

Coetzee het in 'n opname, deur stenograwe opgeneem, hom soos volg oor sy verhouding met De Wet uitgespreek. Daarin ontken hy enige vorige gespanne verhoudinge tussen hulle wat kon aanleiding gee tot sy deurslaggewende rol in die klag teen De Wet. Coetzee beskryf hulle verhouding soos volg (GKSAA, JV Coetzee versameling, Diverse ontvang... De Wet saak, 1940-1950):

> "Die professor en ek is studie maats, ons is, laat ek dit maar so stel feitlik kalwers van dieselfde jaar. Ons het Teologie 3 jaar saam studeer, en as ek moet sê dat teenoor die professor daar by my 'n ander gevoel bestaan as teenoor my ander studie maats, vir wie ek nie alleen die hoogste agting koester nie, maar vir wie ek 'n besondere plek in my hart het, dan sê ek nie teveel nie. Nie alleen dit, maar deur al die jare het ons geen persoonlike kwessies ooit met mekaar gehad nie. Ek is 14 jaar predikant op Potchefstroom, 14 jaar lid van die Senaat van die Teologiese skool en vir die grootste gedeelte sekretaris van die Senaat, en persoonlike rusies en persoonlike kwessies tussen my en die professor was daar nie. Dit kan ek met 'n rein gewete verklaar. Daar was by my geen animus gewees nie, ook nou nie, maar ek het gehandel, soos ek gehandel het, alleen omdat ek van oordeel was dat my plig as Kurator my dit oplê om so te handel. As ek dan verkeerd geoordeel het dan is dit 'n oordeelsfout, maar ek kan met die volste vrymoedigheid sê , dat ek ter goeder trou gehandel het" (Kuratorium, 19 Des 1944).

Coetzee ontken enige ernstige verskil wat voorheen tussen hom en De Wet bestaan het, maar dat daar wel vroeëre geskilpunte tussen hom en De Wet bestaan het, is duidelik. In *Die Kerkblaaie* van Mei en Junie 1942 was De Wet ongelukkig oor 'n verslag wat Coetzee rondom die CNO-saak tydens 'n sinodale vergadering voorgehou het. De Wet (*Die Kerkblad,* 22 Mei 1942:10) neem Coetzee op verskeie punte in die verslag kwalik dat hy wel De Wet se naam in die verslag noem maar dan eensydig teen De Wet se beskouing rondom onderwys sy standpunt stel. Coetzee het hom in sterk uitdrukkinge in 'n volgende uitgawe van *Die Kerkblad* (19 Jun. 1942:14) teen De Wet verdedig met o.a. 'n beroep op Ps. 141:5. Coetzee beskuldig in die antwoord vir De Wet op vooroordeel en kleingevoeligheid. Dit blyk dat Coetzee wel nie sodanige verskille in ernstige lig beskou het nie en dat dit geen persoonlike saak tussen hulle was nie. Tog is dit duidelik dat geskilpunte wel voorgekom het, vóór die groot saak teen De Wet begin het.

In Mei 1943 is daar duidelik sprake van ongelukkigheid van De Wet se kant oor die verloop van gebeure wat dui op al meer gespanne verhoudinge. Op 26 Mei 1943 het De Wet 'n brief aan 'n kollega geskryf met die volgende inhoud:

> "Wat die vergadering se Kalv.studierigting betref. Dit spyt my dat ek dit nie kan bywoon nie. Op die kongres van die JV (laaste April) het ek onder die indruk gekom dat as ek my beskouing oor sake gee, dan word dit opgevat as opposisie en dan word daar aanstoot uit geneem en dit gee net onaangenaamheid af (en ek sien tog nie kans daarvoor nie). Daarom het ek finaal besluit om sulke vergaderings en besprekings nie meer by te woon nie, behalwe dié wat direk verbind is met ons werk aan die Teol. Skool en PUK" (GKSAA, Brief 26 Mei 1943).

Ten opsigte van die saak wat in 1944 al meer in die spervuur kom (wat hierdie studie later in baie meer besonderhede poog te ontleed) kan hier bloot genoem word dat die verhouding tussen die redaksiekommissie van *Die Kerkblad,* met name weereens ds. JV Coetzee, ds. TT Spoelstra en prof. S du Toit baie tekens van gespanne verhoudinge gedra het. Die feit dat daar in die openbaar teen De Wet sekere artikels in *Die Kerkblad* gepubliseer is om hom onder verdenking te bring, sal later duidelik aangetoon word.

De Wet se verhouding met die kuratore was in hierdie tyd op net sulke gespanne voete geplaas. Die klas-aantekeninge van studente wat ontleed is en deur Coetzee vir die kuratore as belangrike bewysmateriaal gebied is om die dwalinge aan te toon, was verdere groot tekens van spanning en ongelukkigheid aan beide kante. Die kuratore was al meer in die posisie van onverkwiklike vergaderings en onenighede wat tussen De Wet en hulle op groot ontevredenheid van hulle kant, maar ook van De Wet se kant gedui het. Dit is duidelik dat die kuratore later geen twyfel oorgehou het dat De Wet ernstig dwaal nie.

In die stenografiese opnames wat tydens kuratore-vergaderings opgeneem is, was daar velerlei beskuldigings en bewyse van groot ongelukkigheid oor wat tussen De Wet en die kuratore bestaan het. Selfs De Wet se stemtoon, liggaamshouding en groot ongelukkigheid word nie verbloem nie. Die feit dat daar later tussen die partye al hoe groter ongeduld met mekaar aan die ontwikkel was, is ook baie duidelik. Die stenografiese opname van 19 Des 1944 stel die voorsitter (ID Krüger) soos volg aan die woord:

> “Ek wil hier openlik verklaar dat ek stilgebly het van vanmôre maar die manier waarop die professor hier verskyn het, was alles behalwe beleefd. Die broeder het geen verskoning gevra om te staan of te sit as hy op vrae antwoord nie, op watter manier die professor die vrae ontvang en die antwoorde gegee het en ek wil hê die professor moet dit ook weet dat hier staan in die Kuratore Reglement die Kuratore is die deputate van die Sinode... U strem ons in ons opdrag maar wat u sê, geagte professor is nog lank nie wet nie en dit wat u sê is vuig, is nog nie klaar nie. Dan is ons wat dit betref op ’n dooie punt en ek sal moet rapporteer dat u ons gestrem het om verder te gaan met die kuratorium vergadering” (GKSAA, JV Coetzee versameling, Diverse ontvang... De Wet saak, 1944-1950).

De Wet het daarop bevestigend geantwoord dat hy dit weet. Maar soos hy dit stel, dan moet “hulle (lees die kuratore) hul ook so teen my gedra. Ek het niks met hulle te doen nie”.

Dr. Jooste gee direk hierna in hierdie opname baie sterk sy gevoelens weer oor hoe onbevredigend die situasie en gesprekke hom laat. Hy stel dit soos volg:

> "Geagte Voorsitter ek wil beswaar maak. Ek voel hier in my siel beswaar dat ons hier deur die professor eenvoudig behandel word soos kinders. Ek sê dit met nadruk. Hier het die professor gesê, 'ek het niks met julle te doen nie'. Ons het nog nie gesê "Professor De Wet maak so en prof. De Wet maak só nie. Hier word 'n toestand geskep dat ons nie meer met vrymoedigheid het om hier te sit nie. Dit is baie onaangenaam maar ek wil notuleer hê dat ek protesteer teen die wyse waarop die liggaam hier behandel is. Daar is nie 'n enkel respek vir hierdie liggaam betoon terwyl ons met sulk 'n ernstige saak besig was en ek maak beswaar daarteen. Ek wil my beswaar laat notuleer. Ons sit op ander liggame ook waar ons met onderwysers en ander mense te doen kry en waarlikwaar ons ondervind nie daardie maniere wat ons hier op hierdie stonde moes belewe het nie" (GKSAA, JV Coetzee versameling, Diverse ontvang... De Wet saak, 1944-1950).

Dit is duidelik dat verhoudinge en vertroue tussen die partye diep nadelig geraak was. Die feit dat regspraak moet geskied waar deelnemers al meer met mekaar in twisgesprekke betrokke raak, vorm 'n groot deel van die spanninge wat daar teenoor De Wet opgebou is. Dit wil voorkom asof hy in sy onmiddellike kring van kollegas en politieke genote hy bitter min vriende in hierdie spanningsvolle tye oorgehad het. Die mate waarin sulke spanninge alle verteenwoordigers geplaas het en daar nog van objektiewe regspraak sprake kon wees, stel duidelike uitdagings aan wat die kerklike reg se funksie is.

2.13 SLOT

Hierdie hoofstuk het aangetoon watter faktore van die begin tot die einde van De Wet se lewe 'n deurslaggewende invloed en rol in sy lewe gespeel het. Daar is daarna verwys hoe CJH de Wet onder moeilike omstandighede tussen sy broers en susters moes opgroei na hulle beide hulle ouers tydens die Tweede Vryheidsoorlog gesterf het. As 12-jarige weeskind, reeds deel van 'n groot huisgesin, is hy as die jongere van die kinders met groot uitdagings gekonfronteer. Nogtans het hy deur sy lewe gepoog om sterk te staan en het nie vir groot en moeilike uitdagings teruggedeins nie. Sy vroeë kennismaking met oorlog, die dood en finansiële uitdagings, het noodwendig die jongmens tot vinnige volwassenheid gedwing, met die kenmerk om self verantwoordelikheid te aanvaar en nie agter ander mense te skuil of hulle na te boots nie. Kenmerke wat deurlopend in sy lewe 'n groot dryfkrag was, maar terselfdertyd groot moeilikhede kon veroorsaak as daar verskille tussen standpunte na vore gekom het.

Hy het ná die oorlog, as 15-jarige jongeling geweier om die Britse eed van getrouheid af te lê. Hy het deur bemiddeling van 'n ouer broer na die oorlog weer na die skool kon terugkeer. Hierdie broer, Kootjie de Wet wat vanweë huweliksverbintenis lidmaat van die Gereformeerde Kerk Ladybrand geword het, kan beskou word as van die figure wat deurslaggewend kon wees in die besluit van CJH de Wet om later predikant in die GKSA te word. Die rol wat De Wet se vader en ds. HPhJ Pasch in die beïnvloeding daartoe kon speel, verdien verdere vermelding.

Die De Wet familie en veral die huisgesin van CJH de Wet het hom getrou bygestaan. Waar hy op 21 matriek voltooi het, kon hy finansieel bly staatmaak op die steun uit die plaas van sy gestorwe ouers. Die rol wat sy oom, genl. CR de Wet, in sy lewe gespeel het, veral in sy studiejare en in sy politieke beïnvloeding, kan nie geringgeskat word nie.

Die energieke en groot gestalte van CJH de Wet, het as student in Stellenbosch en Potchefstroom goed presteer. Al was dit jare van rebellie en politieke onrus en baie woelinge op party-politieke front het De Wet homself nooit onbetuig gelaat nie. Sy belangstellingsveld was besonder wyd en het hy op talle gebiede akademiese kwalifikasies behaal. In die staatkunde 'n MA-graad, in die regte was hy met LL. B besig, in die rekenkundige wêreld het hy 'n B.ECON. voltooi, benewens wat hy in die teologie behaal het. Hy is van die eerste studente in die GKSA wat in die buiteland op die gebied van Kerkreg gedoktoreer het. Die erkenning vir hierdie werk strek besonder wyd en het ander kerkregtelikes soos BB Keet die invloed van De Wet se studie op hulle denke erken. Die rol wat hy gespeel het om Afrikaans as akademiese taal te erken, is aangetoon. Hy was van die eerstes wat sy proefskrif in die buiteland in Afrikaans geskryf het waar dieselfde proefskrif lof ontvang het as 'n kerkregtelike deurbraak in die verstaan van kerkregering.

In die gemeentes (Steynsburg en Bloemfontein), waar De Wet as bedienaar van die Woord gedien het, was sy werk van besondere bydrae. Hy was prediker by uitstek, maar in skoolverband en in die gemeenskappe van verarming en swaarkry waaraan die Afrikaner in die jare van sy bediening blootgestel was, het De Wet hard probeer om in die lewens van lidmate en volksgenote 'n verskil te maak, wat hy in baie opsigte reggekry het. Ons kan aanvaar hierdie uitdagings het die politieke vuur in De Wet net verder aangeblaas.

Op politieke terrein het De Wet net soveel opslae gemaak, maar beslis op die terrein ook meer "vyande" as vriende agtergelaat. Die persoonlikheid De Wet het polities homself in baie opsigte vereensaam, omdat dit voorkom asof hy al meer sy eie sin en strewes kon najaag en nie werklik in die opsig die party-leiding in die politiek waarin hy gestaan het, leierskap kon deel nie. Politieke

spanninge het klaarblyklik teologies verwikkeld geraak wat nog De Wet, nog sy teenpartye op gesonde gereformeerde basis kon ontrafel.

'n Kenmerk van onbuigsaamheid en strenge handhawing van wat hy glo reg is, kon vroeg reeds bemerk word - eienskappe wat heel waarskynlik al sterker begin uitstaan het, hoe ouer hy geword het. Hoe hierdie eienskappe tot baie gespanne verhoudinge aanleiding kon gee, kan op sigwaarde al duideliker gesien word. Die wyse waarop dit op De Wet se latere verhouding met sy kollegas en dan ook sy studente negatief deurgewerk het, was onafwendbaar.

Hierdie hoofstuk het gewys op die besondere persoon, die gawes en erns wie CJH de Wet was en waarmee hy sy lewe geleef het. Die hoofstuk het die besondere bydraes wat De Wet op talle gebiede, kerklik, kultureel en polities gelewer het aangetoon, maar sy ontwikkeling van 'n al hoe sterker polemiese styl in persoon, verhoudinge en aanbieding van sy werk het hom al meer vervreem van tydgenote en kollegas. Die spanning hierin het steeds bly opbou. Dit wat later as hartseer krisis sy roeping in die GKSA beëindig het, waarvan hierdie studie poog om die kerkregtelike proses na te vors, sal getoets word aan die eise van die kerklike reg. Vóór dit kan geskied word in die volgende hoofstuk in die besonder oorgegaan tot De Wet se politieke loopbaan en kerklike spanning wat dit teweeggebring het.

HOOFSTUK 3

DE WET SE POLITIEKE LOOPBAAN EN KERKLIKE SPANNING WAT DIT TEWEEGGEBRING HET

Oorsig

3.1 Inleiding
3.2 Politieke tendense en gebeure in De Wet se lewe tussen 1930 en 1950
3.3 De Wet se betrokkenheid by die "waaksaamheidskomitee"
3.4 De Wet se Magistergraad in Staatsleer
3.5 De Wet se politieke wildernis (1937)
3.6 De Wet en die Christelik Republikeinse Beweging
3.7 Ander predikante se politiese betrokkenheid in dieselfde tydperk
3.8 De Wet se politieke betrokkenheid in en na die Tweede Wêreldoorlog
3.9 De Wet se betrokkenheid in die vestiging van Afrikanernasionalisme
3.10 Slot

3.1 INLEIDING

Die naam van CJH de Wet is wat die nasionale politiek betref in die tydperk van 1930-1950 van die 20ste eeu baie prominent. Hy is selfs beskou as een van die groot politieke aktiviste in daardie tyd. Saam met hom het manne soos HG Stoker en LJ du Plessis hulleself as van die grootste teenstanders in die rigting van wat die oorheersende politiek was, uitgespreek. Waar genl. Smuts en ander politieke leiers in daardie tyd pro-Britse sentimente gedra het en indirek Britse imperialisme gesteun het, was De Wet een van die felle teenstanders van die verbritsingsproses.

Hierby moet gevoeg word dat min leiers in daardie tyd so verbete geywer (en geveg) het vir 'n Republikeinse as soos CJH de Wet. Dit wil by tye voorkom of hierdie ideaal by hom allesoorheersend was. Dit was die oorsaak van baie spanning en stryd wat hom sy politieke balans en gewildheid al meer en meer laat inboet het. Hierin het hy as politikus gefaal, want waar 'n politikus gedurig moet streef om al méér die steun van die volgelinge gevestig te kry, sodat al meer en meer mense tydens demokratiese verkiesings vir hom/haar moet stem, was CJH de

Wet alles behalwe suksesvol. Adv. JG Strijdom (latere eerste minister in Suid-Afrika) het hom hierin nie net voorgegaan nie, maar verbygegaan en al hoe meer gewild geword.

CJH de Wet het nie gejaag na gewildheid nie. Inteendeel, vanweë sy onversetlike rigting om 'n republikeinse konstitusie en ideaal gevestig te kry toe die tyd nog glad nie daarvoor ryp was nie,het hy 'n dure prys moes betaal. Hy het al méér ongewild geword, selfs onder diegene wat hom in die posisie laat kom het.

Die uiteindelike doel van hierdie hoofstuk is om CJH de Wet se aktiewe en doelgerigte politieke deelname aan te toon. Hierin sal gesien kan word in watter mate CJH de Wet in die sterk politieke familie waarin hy opgegroei het, hierdie politieke deelname voortgesit het. Terselfdertyd sal sy naam tussen dié van baie ander predikante in verskillende kerkverbande, wat self polities baie aktief was, geplaas word. Die invloede wat daar deur polities-aktiewe predikante op mekaar uitgeoefen is, mag nie onderskat word nie. Hierdie hoofstuk gee reeds 'n aanduiding tot watter mate aanvaar kan word dat die politieke spanninge in die geheel van die De Wet-saak 'n bepalende rol kon speel in die latere kerkregtelike teologiese spanninge waarin De Wet hom begewe het.

3.2 POLITIEKE TENDENSE EN GEBEURE IN DE WET SE LEWE TUSSEN 1930 EN 1950

3.2.1 VROEËRE GEBEURE

Die twee dekades vanaf 1930 tot 1950, en veral die dertigerjare, is deur jare van politieke stabiliteit voorafgegaan. Vanaf 1924 tot 1929 het die land, met genl. JBM Hertzog (1866-1942) as een van die grootste politieke leiers 'n tydperk van stabiele en welvarende politiek beleef. Van Jaarsveld (1975:242) beskou dit as van die vernaamste redes waarom Hertzog in 1929 se nasionale verkiesing sy steunbasis merkwaardig vergroot het. Volgens Giliomee (2007:283) het die Nasionale Party in 1929 vir die eerste keer die mag op eie houtjie oorgeneem. Dit volg nadat Afrikaans in 1925 as amptelike taal verklaar is. In 1928 is daar 'n nuwe amptelik landsvlag (oranje-wit-blou) die eerste keer naas die Union Jack gebruik. Dit kan as 'n tyd van 'n herrysende Afrikanernasionalisme beskou word (Giliomee,2007:288). In dieselfde jaar het die Kommunistiese Party in Suid-Afrika opslae gemaak waar die Kommuniste besluit het om hulle vir 'n "onafhanklike naturellerepubliek" te beywer wat hulle beskou het as 'n stap "in die rigting van 'n werkers- en kleinboererevolusie" (Giliomee, 2007:184).

Op internasionale vlak het verskeie gebeure in Europa daartoe bygedra dat die kloof tussen fasciste en kommuniste en tussen sosialiste en nasionaliste vinnig verbreed het. Giliomee (2007:283) beskou hierdie Europese gebeure as die groot hupstoot wat Adolf Hitler nodig gehad het om in Duitsland aan bewind te kom.

3.2.2 DEPRESSIE EN DROOGTE

Met die aanbreek van 1930 het die politieke situasie in Suid-Afrika drasties versleg. 'n Hele aantal faktore moet hier in aanmerking geneem word. Aan die einde van 1929 het Suid-Afrika saam met die res van die wêreld 'n tyd van ekonomiese depressie ingegaan. Dit het begin met die ineenstorting van die New Yorkse Aandelebeurs wat spoedig deur die ontwikkelende wêreld versprei het.

In dieselfde tyd, veral vanaf 1932, het van die ergste droogtes Suid-Afrika getref. Hierdie uitgerekte droogte het tot gevolg gehad dat daar omtrent 15 miljoen stuks skape gevrek het en die prys van mielies, die vernaamste landbouproduk, het vanaf 1929 tot 1933 met die helfte gedaal. Wolboere het vier keer soveel wol as vyf jaar tevore moes uitvoer om dieselfde inkomste te verdien. Volgens Coetzer e.a. (1991:123) is veral ook die vrugtebedryf in die tyd ernstig geknou.

3.2.3 VERSTEDELIKING NEEM TOE

Die plaasbevolking het drasties begin afneem. Die regering se grootste ondersteuners in die verlede was mense wat op plase gewoon het. Giliomee (2004:293) wys in dié verband hoe daar met die drastiese verstedeliking, verskeie pogings was om die mense te oortuig om weer na die platteland en plase terug te keer. Dit het nie geslaag nie.

Die klem het al meer na stedelike armoede verskuif omdat die probleem daar soveel meer sigbaar was. CJH de Wet was ten nouste by die armoede-vraagstukke betrokke. Die verstedeliking van Afrikaners het hulle in die grootste armoede gedompel en De Wet saam met ander politieke leiers, het geglo dat daar na 'n politieke oplossing vir hierdie vraagstuk gesoek moes word. Die opvatting dat arm Afrikaners wat stede toe getrek het, beter gevaar het as dié wat op die platteland gebly het, het al hoe meer posgevat. Dit is 'n opvatting wat op sigself al politieke uitdagings daargestel het waarby ook De Wet betrokke was

3.2.4 EKONOMIESE VERWARDHEID

In die begin van De Wet se ernstiger deelname aan die politiek, het dit gepaardgegaan met die vraag na die ekonomiese koers wat Suid-Afrika moes inslaan. Daar was al hoe groter druk dat Suid-Afrika, soos Brittanje in hierdie tyd, van die goudstandaard moes afstand doen. Hertzog as Eerste Minister, saam met sy Minister van Finansies, NC Havenga (1882-1957), het geglo dat daar nie van die goudstandaard afgewyk kon word nie. Davey (1969:372) stel dit dat "nog nooit tevore in die geskiedenis van Suid-Afrika het 'n suiwer ekonomiese twispunt al die ander kwessies op die politieke toneel só oorskadu nie". Dit het gemaak dat die kritiek op die regering se ekonomiese beleid al hoe meer toegeneem het. Die uitvloei van kapitaal uit die land het al hoe groter bedrae beloop. Daar is in die tyd gevrees dat van die handelsbanke gedwing sou word om te sluit (Giliomee, 2007:283). In hierdie tyd was Havenga saam met Oswald Pirow (1890-1959) as Hertzog se grootste vertrouelinge beskou wat groot inspraak tot besluitneming gehad het.

3.2.5 POLITIEKE LEIERS KOM IN SPANNING MET MEKAAR

Nog 'n rede waarom die politieke situasie in die dertigerjare van die vorige eeu bemoeilik is, was die spanning wat in die partygeledere van genl. Hertzog begin kop uitsteek het. Dit het aanvanklik begin met die verskille wat daar tussen genl. Hertzog en die leier van die Nasionale Party in Transvaal, Tielman Roos (1879-1935) ontstaan het. Roos was een van die stigters van die Nasionale Party gewees. Hy het vanaf 1924 tot 1929 as Minister van Justisie gedien. Hierna is Roos 'n tyd lank as appèlregter aangestel, maar hy was glad nie daarmee gediend nie (Van Jaarsveld, 1975:243). Ten spyte van sy gesondheidstoestand wat hy vroeër as rede aangebied het om uit die aktiewe partypolitiek te tree, het hy, volgens Davey (1969:372) opportunisties by 'n Geloftefees in 1932 duidelik gemaak dat hy na die politiek gaan terugkeer. Koorts (2014:255) beskryf heeltemal tereg Tielman Roos as desperaat en gewetenloos en 'n "ou meester van politieke opportunisme" in die verkryging van sy doelwitte.

Van Tielman Roos se voorwaardes was dat die goudstandaard nie meer gehandhaaf moes word nie. Koorts (2014:255) wys daarop hoe Roos vir genl. Jan Smuts in die geheim besoek het, toe Roos agtergekom het dat hy nie weer by Hertzog enige vertroue kon inboesem nie. Roos het selfs vir DF Malan as politieke vennoot probeer oorhaal, maar Malan was op geen wyse daarvoor te vinde nie. Malan het selfs Tielman Roos se optrede as politieke hoogverraad beskou (Koorts, 2014:255).

Dit was wel in dieselfde tyd waarin daar ’n toenemende verwydering tussen Malan en Hertzog besig was om plaas te vind (Koorts,2014:255). Hertzog het probeer om Roos tot swye te bring maar het glad nie daarin geslaag nie. Inteendeel, Tielman Roos het polities al sterker na vore gekom. Roos het weer begin om sy “ou evangelie van ’n sentrale party” te verkondig. Volgens Koorts (2014:255) het Tielman Roos genoeg volgelinge in die Volksraad gehad om die regering sy meerderheid te ontneem en die mag aan genl. Jan Smuts te oorhandig.

Al hierdie politieke verwikkelinge het gemaak dat daar ekonomies ’n nog groter inploffing in die land was. Al meer beleggers se geld het in groot bedrae die land verlaat. Dit was net twee weke na Tielman Roos se toespraak dat die regering inderdaad op 28 Desember 1932 besluit het om wel van die goudstandaard af te stap. Dit gebeur ten spyte van vroeëre ondernemings, o.a. van Hertzog en sy Minister van Finansies, dat daar op geen wyse van die goudstandaard afgewyk sal word nie. Hierdie besluit om die goudstandaard vaarwel te roep, is volgens Koorts (2014:256) aanvanklik so vaag geformuleer gewees dat daar verwarring was of dit werklik gedoen is.

Al hierdie onsekerhede en verwikkelinge het tot gevolg gehad dat Hertzog en sy partygenote glad nie meer die sekere posisie, soos drie jaar tevore, in die regeringsparty gehad het nie. Die regering het selfs ’n tussenverkiesing wat in 1932 in Germiston plaasgevind het, verloor. Hertzog het gevrees dat as daar ’n mosie van wantroue deur die parlement teen hom gestel word, dit geslaagd kon wees.

Genl. JC Smuts het hierdie politieke onsekerhede tot voordeel van sy eie politieke rigting in die Suid-Afrikaanse Party aangewend. Dit het veroorsaak dat daar aanvanklik deur Smuts en Roos rondom samesmelting en koalisie-regering gekoukus is. Aanvanklik het Hertzog en sy ander partygenote hierdie samesprekings nie goedgekeur nie. Algaande het ’n moontlike samesmelting van Hertzog en Smuts se onderskeie politieke partye vir meer politici al meer aanvaarbaar begin lyk. Genl. Hertzog was onder enorme politiese druk, veral gegewe die feit dat hy onderneem het om as leier van die bewindhebbende Nasionale Party te bedank as hulle van die goudstandaard afstap. Van die onderneming het daar dadels gekom maar die politieke druk op Hertzog en partygenote het nie afgeneem nie.

3.2.6 KOALISIE-POLITIEK

Sommige historici soos Coetzer e.a. (1991:149) verwys na die jare vanaf 1933 tot 1939 as die "smelterstydperk". Aan die begin van Januarie 1933 het genl. Hertzog die koalisievoorstel van genl. Smuts nog summier verwerp. Hierin het Tielman Roos steeds met sy politieke spel voortgegaan en is die idee van 'n "Nasionale Regering" deur Roos en 'n paar ander lede al sterker gedryf. Roos het egter op premierskap aangedring wat dit vir Smuts baie moeilik gemaak het om Tielman Roos as 'n bondgenoot te aanvaar. Op die wyse het Roos wel vir Hertzog en Smuts in mekaar se rigtings gedwing. Op die einde het Smuts, volgens Steyn (2015:121), voorgestel dat 'n "National Government" saamgestel moet word. Dit het daarop neergekom dat Smuts oortuig was dat daar in nasionale belang saamgewerk moet word en die Nasionale Party (NP) van Hertzog en die Suid-Afrikaanse Party (SAP) van Smuts, tot die Verenigde Party (VP) gevoeg moet word (Steyn, 2015:143).

'n Maand later het Hertzog tot baie se verbasing en veral dan tot baie se diepe teleurstelling, ingesluit CJH de Wet, ingestem dat 'n koalisieregering gevorm moet word (Van den Heever, 1946:247). Dit was gebaseer op 'n sewe punt-program van beginsels. Hierin het Hertzog vooraf vir Oswald Pirow en NC Havenga in die geheim aangesê om met een van Smuts se vertrouelinge en voorbokke, nl. Patrick Duncan, te beraadslaag om die koalisie-moontlikhede al sterker te oorweeg. Een van Smuts se ander troue medewerkers, Jan Hofmeyr, was die laaste gesant wat hierdie koalisie-beloftes met Smuts deurgepraat het. Smuts het hierdie verwikkelinge in belang van "eenheid" in die parlement voorgedra, wat by Hertzog 'n al hoe groter oortuiging teweeggebring het dat hulle hierdie rigting moes ingaan.

Volgens Steyn (2015:143) het die ondenkbare plaasgevind. Coetzer e.a. (1991:153) wys daarop hoe hierdie koalisie-ooreenkomste wat Hertzog en Smuts met hulle onderskeie partye met mekaar aangegaan het, 'n deel van die Suid-Afrikaanse bevolking "verbyster het".

Hertzog het die grootste deel van sy politieke loopbaan, vir 'n onafgebroke 30 jaar, die kiesafdeling Smithfield in die Vrystaat verteenwoordig. Hy het gewoonlik in groot besluite wat geneem moes word dit verkies om vanaf Smithfield sy besluite te verduidelik. So het hy uit Smithfield gepraat toe hy die destydse Nasionale Party gestig het (Coetzer e.a. , 1991:122). Toe hy in 1933 tot die koalisie-politiek oorgegaan het, het hy weereens verkies om vanuit die Vrystaatse dorp, wat bietjie meer as 160 km van De Wet se tuisdorp, Ladybrand, geleë was, sy beweegredes vir die koalisie uiteen te sit. Hertzog se vernaamste redes tot die koalisie, waarmee

De Wet (1940:9) drasties van Hertzog oor die koalisie verskil het, is deur Hertzog in drie punte verdedig (Coetzer e.a. 1991:164):

- Hy het te kenne gegee dat die Nasionale Party wel alles gekry het waarvoor hulle gestry het.
- Die Nasionale Party sowel as die Suid-Afrikaanse Party van Smuts het geen toekoms as geïsoleerde partye meer gehad nie.
- Hertzog het beweer dat die volk van Suid-Afrika hierdie koalisie geëis het en met niks minder tevrede sou wees nie.

Hierdie koalisie-gebeure het vir DF Malan, wat aanvanklik baie naby Hertzog sy politiek uitgeleef het, in opposisie geplaas. Dieselfde aand wat Hertzog sy voorneme tot koalisie openbaar gemaak het, het Malan reeds ’n persverklaring uitgereik om sy misnoeë hiermee te kenne te gee. Hierdie verklaring het as die Malan-manifes bekend gestaan (Coetzer e.a.,1994:153; vgl. ook Koorts, 2014:261). Koorts (2014:258) wys daarop dat Hertzog se ommeswaai vir DF Malan uit die veld geslaan het. Malan kon hierdie samesmelting op geen manier oorweeg nie. Hertzog het duidelik besef dat hy in die persoon van DF Malan nie meer ’n bondgenoot gehad het nie. Van der Schyff (1974:487) beskryf die nuwe party, bekend as die Verenigde Party (VP) wat tussen Hertzog en Smuts tot stand gekom het, as ’n “kunsmatige party”, waar daar “onvermydelik vervreemding ontstaan tussen hulle en die eertydse Nasionale seksie wat hulle in die Verenigde Party bevind het”.

Hierdie verdeeldheid was diep en daar is later bekend gemaak dat saam met Malan daar 29 ander koukuslede was wat teen koalisievorming gekant was (Koorts,2014:262). Van hierdie koukuslede was die mense met wie CJH de Wet die pad polities probeer loop het. Scholtz (1979:429) wys daarop dat een van die ander predikante dr. NJ van der Merwe (1888-1940) uit Hertzog se tuisprovinsie dit breedvoerig uiteengesit het dat Hertzog se hoofsaaklik drie redes tot samesmelting op elke punt nie die toets van die tyd kon slaag nie. Van der Merwe het die Nasionale Party in die tyd beskryf as nie maar net ’n politieke party nie, maar as “’n tradisie, ’n geestes-rigting, ’n nasionale strewe” wat gedien moet word (Scholtz,1979:429).

Van der Schyff (1974:487) wys daarop dat die eertydse Nasionaliste en diegene wat met die samesmelting saamgegaan het, “harde woorde en bittere verwyte oor en weer geslinger het, so asof die twee groepe se paaie onherroeplik uiteengegaan het”. Vir die nuwe party wat rondom Malan begin vorm aanneem het, het die woorde “gesuiwerde” ’n eretitel en “smelter” ’n skeldnaam geword. Andere het weer minagtend na die heethoofdige Nasionaliste verwys as “Malaniete” en

"Gesuiwerdes" (Van der Schyff, 1974:487). Ook die heethoofdige CJH de Wet was duidelik deel van die sg. "Gesuiwerdes",maar om hom onomwonde 'n "Malaniet" te noem, is nie korrek nie.

Dit moet aanvaar word dat CJH de Wet lankal reeds nie veel ooghare vir DF Malan gehad het nie. Albei was teologies goed onderlê maar DF Malan, wat sy teologiese wortels en inslag betref, is in die kringe van die sg Hoër Kritiek[40] gevorm. Malan was 'n gepromoveerde van Utrecht wat sterk verskille met die gegradueerdes van die Vrije Universiteit van Amsterdam (VU), De Wet ingesluit, gehandhaaf het. Diegene wat in Amsterdam studeer het, was baie skepties oor die meeste van die resultate van die historiese kritiek. Hulle het dit dikwels as veels te spekulatief beskou (Brümmer , 2013:3).

Malan was o.a. ook 'n bondgenoot van prof. J du Plessis van Stellenbosch, latere redakteur van *Het Zoeklicht* wat teologies sterk aansluiting gevind het by baie van sy teologiese uitsprake in *Het Zoeklicht* wat dan ook later tot die sg Du Plessis-saak (1929-1932) aanleiding gegee het. Du Plessis en Malan het in die vroeë jare gemaklik met mekaar aan dieselfde simposium meegewerk en dieselfde verhoë gedeel (Brümmer, 2013:154). Die betrokkenheid van De Wet om sterk standpunte teen prof. J du Plessis van Stellenbosch in te neem, word elders in hierdie studie volledig bespreek.

Daar was teologies geen kompromie tussen die twee inrigtings, die VU van Amsterdam en die Universiteit van Utrecht moontlik nie, wat dit vir De Wet en Malan op plaaslike bodem baie moeilik gemaak het om selfs op politieke terrein saam te werk. Wie teologies so drasties van mekaar verskil, is nou stelselmatig in een politieke kraal gevoeg. Dit het beslis bepaalde uitdagings aan die politieke samewerking gestel.

3.2.7 DIE AFRIKANER-BROEDERBOND

Die tyd wat De Wet aktief tot die politiek toegetree het, is volgens Giliomee (2007:289) omtrent dieselfde tyd wat die Afrikaner-Broederbond in 1929 'n geheime organisasie geword het. Alhoewel die Broederbond reeds in 1918 in Johannesburg tot stand gekom het, was dit nie aanvanklik daarop gemik om die meeste van sy bedrywighede in die geheim te bevorder nie. Giliomee (2012:265) beskryf in 'n latere werk dat die Broederbond aanvanklik gestig is omdat

[40] Hoër Kritiek (Literêr-Historiese kritiek) is 'n belangrike vakgebied in die teologie wat benewens die studie van tekste in die Bybel ook die outeurskap en datering van verskillende Bybelboeke krities navors. Dit probeer ook die verskillende bronne vasstel waaruit die Bybelskrywers geput het. Dit probeer terselfdertyd die verskillende literêre genres van die Bybelboeke te onderskei (Brümmer 2013:1)

soldate 'n NP-vergadering in Johannesburg uiteen probeer jaag het. Wilkins en Strydom (2012:44-45) beskryf hierdie gebeure soos volg:

> "On the night of April 17, 1918 a Nationalist meeting addressed by the party's Cape leader, Dr D F Malan, who had left the church for politics, was broken up by a mob. The National Club building in Johannesburg was vandalised, fittings and furniture were smashed up and set alight in the street. In the mayhem, members of the audience were beaten up. It had a marked effect on three young Afrikaners, HJ Klopper, HW van der Merwe, and DHC du Plessis. Still in their late teens, the three met on a koppie in Kensington, Johannesburg the following day and pledged themselves to form an organisation to defend the Afrikaner and return him to his rightful place in South Africa. They were helped in their task with advice from the Reverend JF Naude, a Dutch Reformed Church minister. On the evening of June 5, 1918, they held a meeting with a few others at the home of Danie (D H C) du Plessis in Malvern. This meeting can really be taken as the formation of the Afrikaner Broederbond, at that stage called Jong Suid-Afrika."

Die aanvanklike doelstellings was om die Afrikaanse kultuur en die ekonomiese aksies van die Afrikaner op gekoördineerde wyse te bevorder. Dommisse en Esterhuyse (2005:26) beskou die stigting van die Broederbond as "teenvoeter vir die Vrymesselaars en Sons of England". Daarmee saam noem hulle dat die primêre doel was om Afrikanerbelange te bevorder. Giliomee (2007: 289) wys daarop dat die organisasie in 1933 uit 1003 lede bestaan het, versprei oor 53 takke of afdelings. Slegs vier van die afdelings was in die Kaap terwyl die res oor die Transvaal en die Vrystaat versprei was.

Giliomee (2007:289) is van mening dat die werklike dryfkrag van die Broederbond hoofsaaklik vanuit die Potchefstroomse akademici gekom het, mense waaronder De Wet gereken is. Hulle was die mense, soos Giliomee (2007:289) dit stel, wat van die "Neo-Calvinistiese denke deurtrek" was. Dit kan aanvaar word dat waar die Broederbond sy vernaamste invloed op die gebied van die kultuur en die onderwys uitgeoefen het, De Wet homself aanvanklik met hierdie doelstellings vereenselwig het. Wilkins en Strydom (2012:60) stel dat prof. JC van Rooy wat in 1934 as voorsitter van die Broederbond gedien het, baie duidelik van die hoogste politieke oogmerke met hulle handelinge beoog het. Van Rooy het in 'n rondskrywe dit soos volg gestel:

> "Brothers, our solution for South Africa's ailments is not that one party or another shall obtain the whip hand, but that the Afrikaner Broederbond shall govern South Africa".

Bloomberg (1990:96) beweer dat CJH de Wet ten volle betrokke was by aktiwiteite van die Broederbond wat volgens hom op verskeie terreine meegewerk het om 'n netwerk van Christelik

Nasionalisme te bevorder. Volgens Bloomberg (1990:80) het JD du Toit (Totius) in baie opsigte gepoog om in die vestiging van die Potchefstroomse Universiteit, wat aanvanklik as Kollege opgerig is, 'n replika van die Vrye Universiteit van Amsterdam in Suid-Afrika te vestig. Die studente wat Totius om hom vergader het, is dan hiervolgens uitgesoek om in talle opsigte die sterkste verteenwoordigers van Afrikanernasionalisme in Suid-Afrika gevestig te kry. Bloomberg (1990:79) beskou dit as 'n doelbewuste operasionele strategie wat deur die Broederbond daargestel is om hieraan uitvoering te gee. As hy na JD du Toit (Totius) verwys, dan stel hy dit soos volg:

> "Among those who fell under his spell were JC van Rooy, LJ du Plessis, HG Stoker, DW Kruger, AH van der Walt and DJ van Rooy. All later became professors at the college. Taken as a group, they constituted the most virile and extreme exponents of Afrikaner Nationalism. During the 1930's and 1940's they were responsible for almost all the theoretical work on Christian-Nationalism. The majority of this group also became leaders in the AB, and doubtless played a leading role in its conversion into a Christian-Nationalist organ."

Al bevat hierdie lys nie aanvanklik die naam van CJH de Wet nie, wil Bloomberg wel vir De Wet op verskeie maniere by van die Broederbond se werksaamhede betrek. In dié geval word De Wet en N Diederichs, 'n latere Staatspresident van Suid-Afrika, dikwels in dieselfde asem genoem as Broederbond-lede wat op verskeie wyses die studentelewe via organisering vanuit die Broederbond tot Afrikanernasionalisme kon laat meewerk. Hiervolgens stel Bloomberg (1990:96) dit soos volg:

> "Two important youth organisations were established under Broederbond auspices. The first was the students organisation, the Afrikaanse Nasionale Studentebond. In April 1933 a conference of student militants from the universities of Pretoria, Potchefstroom and the OFS decided to break away from the integrationist National Union of South African Students (NUSAS) which had been founded in 1924. The split paralleled the growing split between Nationalist die-hards and fusionists in politics; it was not only a rejection of the 'liberalism' of NUSAS, but also of Hertzog's concept of co-operation between the two white groups at all levels. Meeting at Potchefstroom, the 200 delegates decided to form a new all-Afrikaans student movement. The leading figure within this project was Dr. N Diederichs of the University College of the OK and a future Chairman of the AB. The full extent of Broederbond involvement is revealed in the list of conference speakers which included JC van Rooy. LJ du Plessis, CJH de Wet and G Cronje, a sociology lecturer at Pretoria University, who represented the pro-Nazi Dietse Studentbond. Other brethren or future brethren who attended included JD du Toit, G Dekker, DF Malherbe and Theo Wassenaar."

Giliomee (2007:289) beskryf hierdie nuwe studentebeweging wat ontstaan het as 'n "radikaal nasionalistiese studentebond". Daar moet daarop gewys word dat Giliomee en Bloomberg wel in hulle historiese benadering en beskrywing van die Broederbond deur verskillende brille kyk. Waar Bloomberg, ingesluit ook die latere werke van Wilkins & Strydom, na lede van die Broederbond as o.a. "Super Afrikaners" verwys en dat Broederbond besluite en medewerking as absoluut deurslaggewend in die politiek (ook in die kerklike lewe) deur die genoemde outeurs beskou word, Giliomee dit as oordrewe beskou.

Giliomee (2004:372) stel dit dat daar verskeie joernaliste e.a. was wat aan die Broederbond "'n belangrikheid buite alle verhouding" toegeskryf het. Dit kom daarop neer dat die Broederbond beslis nie die grootmeester in alles was en alle lede eintlik maar soos marionette moes handel nie. Latere werke wat in detail op die invloed van die Broederbond fokus, ook die studie van 'n historikus soos Ernst Stals, wys daarop dat daar beslis nie die magtige invloed van die Broederbond uitgegaan het, soos sommige beweer nie. Waar Giliomee (2004:373) vir Stals aanhaal, wil Stals daarop wys die bond het in baie opsigte "geen finale besluite geneem of besliste leiding gegee nie". Eintlik was die bond volgens hierdie skrywers 'n sukkelende organisasie waarvan die invloed baie beperk was en "wat gedien het as 'n debatsforum vir 'n klein groepie aktiviste wat meestal ver van die werklike politieke aksie verwyder was (Giliomee,2004:373). M du Preez (2012:xx), wat die voorwoord in "The Super Afrikaners" versorg het, verskil van Giliomee ten opsigte van die werklike impak wat daar vanuit die Broederbond in Kerk en politiek was. Dit wil voorkom of Du Preez en Giliomee se oordeel wel krities bejeën moet word. Du Preez se siening dat die Broederbond eintlik die frontorganisasie was wat alle politieke handelinge kon bepaal lyk in baie gevalle oordrewe te wees maar Giliomee is weer te huiwerig om die invloed wat die Broederbond wel kon hê, te onderskat.

Hoe groter die getal lede van die Broederbond geword en hoe meer aktivisties hulle rol geword het, kan wel aanvaar word dat die invloed van die Broederbond algaande groter geword het. Dit gee nog nie die bewyse dat dit 'n super-liggaam was wat alles kon beheer nie. Dis wel duidelik, selfs in die bloeityd van CJH de Wet se politiek, waar die Broederbond in baie opsigte op nog wankelrige bene gestaan het, dat daar gesiene politici in die Broederbond gereken was en andere in dieselfde tyd groot vrese vir wat die invloed van die Broederbond kon wees, gekoester het.

Iemand wat sulke vrese duidelik na vore gebring het, is genl. JBM Hertzog. In die tyd van sy politieke skeiding met DF Malan, kon Hertzog sy vrese vir die Broederbond nie besweer nie.

Malan self was ’n Broederbond-lid vanaf Aug. 1933. Hertzog het sy probleme met die Broederbond in April 1937 in ’n Broederbond-rondskrywe soos volg gestel:

> ‘‘Die Afrikanerdom sal sy uiteindelike lots bestemming van oorheersing in Suid-Afrika bereik. ....Broeders, ons oplossing vir Suid-Afrika se moeilikhede is nie dat hierdie of daardie party die oorhand sal hê nie, maar dat die Afrikaner-Broederbond Suid-Afrika sal regeer.’’

Terselfdertyd het Hertzog “die bond daarvan beskuldig dat dit ’n Potchefstroomse fanatisme versprei wat daarop uit is om die Engelse as ware burgers uit te sluit” (Giliomee, 2007:289). By hierdie fanatieke kring het Hertzog vir CJH de Wet ingereken.

Hertzog se aanvalle op die Broederbond het wel al heel vroeër begin. Volgens Coetzer e.a. (1991:194) was Hertzog self nooit lid van die Broederbond nie en het hy reeds op 7 Nov. 1935 ’n skerp aanval op die Broederbond gemaak. Wilkins en Strydom (2012:54) beskryf Hertzog se aanval op die Broederbond soos volg:

> “However, when the sun set over Smithfield that clear November day the carefully nurtured, closely guarded secrecy lay shattered. The venerable old Boer general, Hertzog, had launched a blistering attack on the Broederbond and poured scorn and contempt on its creators' claims to be better Afrikaners than anybody else. The echoes of that speech, delivered in a strained and croaking voice by Hertzog, who was suffering from a throat infection, were to reverberate around South Africa for years to come. Even today, the organisation must look back at what became known as the Smithfield address with a shuddering distaste for the unwelcome memories it recalls. Smithfield was a watershed for the Broederbond, from which it has never fully recovered. It launched a wave of suspicion and mistrust which has worried the organisation ever since.”

Hertzog het in hierdie tyd die Broederbond daarvan beskuldig dat hy van sy kulturele grondslag afgewyk het en hom al te veel met die politiek begin bemoei het. Hertzog se aanvalle op die Broederbond het veral in skerpte toegeneem toe hy al meer predikante begin verdink het, CJH de Wet ingesluit, dat hulle volgens hom ’n te groot rol in die politiek speel. Dr. NJ van der Merwe was ’n NG-predikant wat ’n leidende rol in die Broederbond gespeel het in die verdediging van die organisasie teen Hertzog se striemende aanvalle daarop (Van Schoor, 1987:853).

Giliomee (2007:289) bevestig dat Hertzog nooit bewyse kon lewer vir die invloed wat hy aan die Broederbond toegeskryf het nie. Die Broederbond het wel volgens Giliomee die verdelings in die geledere van die Afrikanernasionalisme weerspieël. Terselfdertyd wil Giliomee dit ontken dat die

Broederbond enige beduidende rol in die ontwikkeling van apartheid gespeel het. Eintlik was dit net ’n klankbord vir meningsverskille in die geledere van die Afrikanernasionaliste. Soos hy sit stel: “Die organisasie het probeer om die kabinet te beïnvloed, maar oor die algemeen was dit eerder die kabinet wat die bond gebruik het” (Giliomee,2007:289).

Dieselfde sterk gevoelens wat Hertzog teen die Broederbond gehad het, was ook by genl. Jan Smuts teenwoordig. Steyn (2015:169) wys daarop dat Smuts in 1945 daarop aangedring het dat geen lede in die Staatsdiens lede van die Broederbond mag wees nie. Smuts het hierdie organisasie beskryf as “anti South-African and dangerous and had laid down that no Broeder would be permitted to hold a post in the civil service”. Smuts het selfs so ver gegaan ná hy die verkiesing in 1948 teen dr. DF Malan verloor het, om die regering te beskryf as “this Broederbond Government” (Cameron, 1994:181).

Uit wat volgens die ontstaan en verloop van gebeure in die Broederbond bevestig is, is dat CJH de Wet in Potchefstroom met sy politieke doelwitte in baie opsigte deur lede in die Broederbond ondersteun kon word. Giliomee (2012:265) maak die stelling dat “teen die 1930’s het die Afrikanernasionaliste organisasiemense geword”. Die Afrikaner-Broederbond het in die organisasie van die Afrikaner in die tyd ’n deurslaggewende rol gespeel.

Dit bly egter ’n ope vraag, gesien in die lig van die geheimsinnige aard wat die Broederbond in die tyd aangeklewe het, in watter mate De Wet se latere vervreemding en spanning in die politiek en nog later in die GKSA, nie deur die lede van die Broederbond aangewakker en selfs moontlik aangevuur is nie. Daar is tekens dat De Wet sy strydbyle in die spanninge wat gevolg het hoofsaaklik met lede van die Broederbond in Potchefstroom opgeneem het. Om konkrete bewyse van Broederbond-aktiwiteite direk teen De Wet te vind, het nie na vore gekom nie.

Dit val op dat in die latere Geyser-saak in die sestiger-jare daar groot gewag gemaak word dat die Broederbond in hierdie saak ’n deurslaggewende rol gespeel het. Alhoewel die Geyser-saak in baie opsigte ooreenkomste toon met die De Wet-saak is die rol wat die Broederbond teen Geyser gespeel het volgens sommige historici blatant herkenbaar. Beyers Naude (1995:74) beskryf in sy outobiografiese werk dat hy van oordeel is dat die Broederbond ’n magtige organisasie is wat sy “invloed in die Afrikaner se politieke, kulturele (en kerklike lewe)” laat geld het.

Dreyer (2016:8) wys daarop hoe verskeie teoloë oorsee en ter plaatse (PA van Stempvoort, Hendrikus Berkhof, JN Barkhuizen van den Brink, B Gemser) in die klagtes teen Geyser vas oortuig was dat die Broederbond in die geval ’n deurslaggewende rol gespeel het. Hy stel dit soos volg:

> “They were unanimous in their view that the charge of heresy against Geyser was politically motivated, orchestrated by the Afrikaner Broederbond and devoid of all theological substance.”

Dreyer (2015: 191) het in ’n vroeëre studie aangetoon hoe die media en nuusberigte in die tyd rondom Geyser deurtrek was van die oortuiging dat die Broederbond ’n baie groot invloed in die kerke met die saak teen Geyser kon hê. Dieselfde studie (2015:191) beweer dat al hoe meer invloedrykes onder die Afrikaners dit nie langer kon verduur dat die Broederbond die politiek, die ekonomie, die religie en selfs die SAUK so moes beheer nie. Ds. Kálmán Papp II, vroeër van Hongarye wat ’n gewaardeerde predikant in die Nederduitsch Hervormde Kerk geword het, het na die skuldigbevinding van Geyser op 8 Mei 1962 hom ook aan die kant van Geyser gestel. Papp het die vraag gevra: “Is status-subordinasie kettery?” Volgens Kálmán Papp III (2010:313) het sy vader uitsprake van talle ander bekende teoloë en Skrifgegewens aangebied om Geyser se onskuld aan te toon. Dit is egter nooit deur Papp vir publikasie aangebied nie, omdat hyself bang was vir ’n moontlike klag en afsetting uit die amp (Papp:2010:313). Sy vrese het die Broederbond ingesluit.

Geyser se eie agenda teen die Broederbond was openlik en hy het vir homself baie vyande in die proses gemaak. Volgens Dreyer (2015:191) was selfs ’n broer van Geyser, wat ook in die kerkverband as predikant verbonde was, een van die felle stryders teen sy eie broer. Volgens die waarneming het hy eintlik sy broer weerstaan in die sin wat genl. CR de Wet en genl. Piet de Wet as broers politiese weersin teen mekaar ontwikkel het. Van Aarde e.a. (2014:7) stel dit dat Geyser se broer hom as die duiwel wat hom soos ’n engel voordoen beskryf het. Dit is ook bekend dat hierdie spanning en hartseer rondom Geyser veroorsaak het dat sy vrou meermale in hierdie buitengewone omstandighede behandeling moes ontvang en dat hulle seun selfmoord gepleeg het.

Geyser het hom openlik as “vyand” van die Broederbond verklaar en alles in die stryd gewerp om geheime doelwitte en persone bloot te lê (Van Aarde, e.a. 2014:6). Die skade wat die Geyser-saak aan die beeld van die Broederbond aangerig het, is volgens Van Aarde e.a. (2014:7) van so ’n ingrypende aard gewees dat ná hierdie saak die Broederbond eintlik moreel bankrot en blootgelê was. Hierdie skrywers is oortuig dat die Broederbond het na Geyser nie weer na behore

kon herstel nie. Volgens hulle het daar ná Geyser eintlik maar net 'n skaduwee oorgebly van wat die eens magtige geheime organisasie was. Ironies dat dieselfde uitsprake ook na Hertzog se aanval op die Broederbond gemaak is. Tog het die Broederbond daarna eintlik net nog sterker na vore gekom (vgl. die Bloomberg-uitsprake).

In die lig van die Broederbond se baie groot rol in die Geyser-saak kan latere navorsers rondom De Wet dit oorweeg om vas te stel of die Broederbond nie in die saak téén De Wet dalk 'n heelwat groter rol gespeel het as wat aanvanklik gedink is nie.

3.3 DE WET SE POLITIEKE BEGIN IN DIE "WAAKSAAMHEIDSKOMITEE"

Die feit dat genl. JBM Hertzog in 1933 met genl. Jan Smuts verenig en daar 'n samesmelting van die onderskeie politieke partye was, het vir CJH de Wet op die politiese landkaart van Suid-Afrika geplaas. Die leidende figure in Transvaal wat teen samesmelting en vereniging gekant was, het op 11 November 1933 die eerste keer in Johannesburg vergader om, soos hulle dit gestel het, die ou Nasionale Party (NP) te red. Die stryd tussen nasionalisme en imperialisme was aan die orde (Basson, 1980:69).

Van nasionale kant is daar besluit om die sg. "Waaksaamheidskomitee" in die lewe te roep (Van der Schyff, 2003:478). Volgens Basson (1980:42) het hierdie komitee op inisiatief van dr. Theo Wassenaar van Pretoria ontstaan, wat nie die aanvanklike goedkeuring van adv. JG Strijdom gehad het nie. Strijdom het dit beskou as "'n verspilling van kragte". By hierdie eerste vergadering van die komitee is CJH de Wet as voorsitter verkies. Ds. WJ de Klerk, die skoonvader van Strijdom en predikant van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom, was ook lid van die komitee. In dieselfde tyd het De Klerk as registrateur en voorsitter van die Raad van die PUK gedien. Basson (1980:69) wys daarop dat ds (latere prof.) PJS de Klerk, ook in die PUK- bestuur opgeneem is.

Die eerste opdragte wat hierdie komitee hom ten doel gestel het, was die opstel van 'n manifes waarin De Wet 'n leidende rol gespeel het. Die manifes het hulle houding jeens samesmelting duidelik uiteengesit (Basson, 1980:69). Scholtz (1979:430) wys daarop dat hierdie manifes oral in die Transvaal versprei is. Die lys van ondertekenaars was benewens CJH de Wet, ook AA Koomans, JG Strijdom, TC Visser en ds. WJ de Klerk. In die manifes is na Hertzog en Smuts se samesmelting verwys as "'n onafrikaanse samesmeltingsbeweging" met die imperialisme en die kapitalisme. In die manifes is hulle ideaal uitgespel wat uitdruklik daarop sinspeel dat "die groot

ideaal van Afrikaners moes wees om na vryheid te streef totdat Suid-Afrika, afgeskei van die Britse kroon en ryk, 'n vrye republiek sal wees- die historiese en mees gewenste staats-en regeringsvorm vir Suid-Afrika". Duidelik kom die ideale en formulering van CJH de Wet in hierdie manifes na vore. In die Vrystaat is in 1934 'n soortgelyke waaksaamheidskomitee gestig (Scholtz, 1979:430).

Die Transvaalse manifes het sy grondslag en raamwerk in 8 dele vervat:

- Daar is gewys op die onversoenbaarheid van nasionalisme en imperialisme.
- Daar is terugverwys na Hertzog wat sy party (Nasionale Party) kon laat gedy vanweë die feit dat die imperialiste en die Unioniste se invloed te sterk in die politiek van genl. Louis Botha en Jan Smuts was.
- Die feit dat die ou Nasionale Party "Suid-Afrika eerste" gestel het - dit was Hertzog se vertrekpunt - het die party as tuiste vir die Afrikaner in sy strewe na onafhanklikheid gedra, veral om van die Britse kroon afgeskei te mag wees.
- Die manifes het daarop gewys dat genl. Hertzog tot in 1933 hom sterk teen samesmelting uitgespreek het.
- Die feit dat Hertzog polities 'n ommeswaai gemaak het deurdat hy in Februarie 1933 kon verklaar dat hy geen onderskeid meer tussen die doelstellings van die twee partye kon maak nie.
- Hierin was die visier steeds op Hertzog se politieke ommeswaai ingestel gewees om daarop te wys dat Hertzog nou indirek 'n aanhanger van imperiale politiek geword het, net soos Jan Smuts. Vir hulle as republiekgesindes was hierdie 'n groot terugslag in *Die Republikein*se strewe wat daar gevoer is.
- In die voorlaaste plek is uiteengesit waarom samesmelting verwerp word. Hierteen was daar veral gegriefdheid deur te wys op die deursnee imperiale benadering wat die ou Suid-Afrikaanse Party (SAP) gevolg het. Weereens is die onversoenbaarheid tussen 'n imperiale en nasionale benadering beklemtoon. Die groot invloed wat die ou Unioniste op die SAP party gehad het, is uitgewys. Die koerante van die SAP–rigting het in alle geval geen ruimte vir die deursnee Afrikaner en sy taal gemaak nie. Die wrange vrug wat Kapitalisme in die SAP teweeggebring het met die belange van Hoggenheimer gedurig voorop, is as steen des aanstoots beklemtoon. Daar is daarop gewys dat die werklike belange van die Afrikaner nie in so 'n party sal kan dien nie.
- In die laaste plek kan die hand van De Wet in die opstel van hierdie manifes duidelik gesien word deur die volksideale op politieke, kulturele en ekonomiese gebied te verwesenlik.

Op al drie hierdie terreine het CJH de Wet mettertyd homself in verdere navorsing en studies onderskei. Hy het in die tyd 'n B Ekon-graad verwerf en terselfdertyd gewerk aan 'n MA-graad in Staatsleer. In 1935 het hy hierdie verhandeling, getiteld die "Republikeinse konstitusies van Suid-Afrika" voltooi. Asof dit nie genoeg was nie, het hy aan 'n LLB-graad gewerk, waarvoor hy op die einde nog net enkele vereistes moes nakom.

3.3.1 DIE DRIEMANSKAP WORD "GEBORE"

Vroeg in Augustus (8-9 Aug 1934) was genl. Hertzog besig om in die Hollandia-saal in Pretoria die kongres te hou waarop hy met groot sukses sy besluit tot samesmelting aan die orde gestel het. In hierdie stemming het 281 afgevaardigdes hulle ten gunste van Hertzog se verandering in politiek uitgespreek. Genl. Kemp van Wes-Transvaal het uit die staanspoor 'n venynige aanval op adv. Strijdom gedoen en eintlik indirek De Wet sterk bygekom. Dit was ook genl. Kemp wat aanvanklik spottenderwys na Strijdom en sy volgelinge verwys het as die "Gesuiwerde" Nasionale Party, min wetende dat sy spotnaam vir hulle 'n eretitel en so hulle naam geword het (Van der Schyff, 2003:479). Daar was aanvanklik maar 'n klein minderheid, 38 lede, waaronder De Wet en LJ du Plessis, ds WJ de Klerk, toe ook die PUK-registrateur, en natuurlik ds. De Klerk se skoonseun, die politieke leier, adv. JG Strijdom, wat hulle toe openlik van Hertzog gedistansieer het deur die vergadering te verlaat.

Hierdie verwydering het op die voorstel van prof. LJ du Plessis plaasgevind wat kennis gee dat hulle nie langer saam vergader nie. Direk hierna het die groep hulle eie vergadering saamgestel wat in die Polley's Hotel, ook in Pretoria, plaasgevind het (Basson, 1980:86). Onder hierdie uitstappers en handhawers van die "Gesuiwerde Nasionale Party" het ook AH Koomans, 'n uitgewer in Potchefstroom, en mev. MM (Mabel) Jansen[41] wat met hierdie vergadering tot voorsitter verkies is, getel. Daar is op voorstel van prof. LJ du Plessis besluit dat met hierdie eerste vergadering 'n hoofbestuur verkies moes word. So word die Federale Raad gevorm, waarop De Wet saam met Strijdom, mev. Jansen en dr. Wassenaar hierdie Raad aangewys is.

Met die vroeëre voorstel dat daar 'n "Program van beginsels" opgestel moes word, is gekonstateer dat daar 'n nuwe politieke party, die Gehandhaafde NP, in Transvaal gestig is. Daar is voorgestel dat die nuwe party "Die Republikeinse Party" genoem word. Hierdie voorstel het nie by Strijdom

[41] Mabel Jansen die eggenote van dr. EG Jansen het in die Afrikaner kultuurlewe en politieke lewe 'n groot rol gespeel. Benewens die leiersrol wat sy aanvanklik saam met CJH de Wet as deel van die driemanskap opgeneem het, was sy sekondant van dr. CF. Visser toe daar op sy voorstel besluit is om onder die jeug die Voortrekkerbeweging te stig. Sy was ook deel van die eerste hoofbestuur van die FAK.

byval gevind nie, want hy was bang dat hierdie benaming daarop dui dat hulle eintlik net die republikeinse ideaal nastreef en nie in die volle sin as politieke party na vore tree nie. Daar is toe volstaan met dit waarmee genl. Kemp hulle wou spot, deur na hulleself as die "Gesuiwerde" NP in Transvaal te verwys.

Hierdie was alles die voorloop van wat op 'n verskuiwing in die partypolitieke landskappe in Suid-Afrika gedui het, veral toe die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party (VP) op 4-5 Desember 1934 met groot fanfare in Bloemfontein gestig is. Drie maande ná die Pretoria-gebeure, is die skeuring tussen die Verenigde Party en die "Gesuiwerde" Nasionale Party finaal voltrek (Basson, 1980:86).

Die koerantwese waarbinne CJH de Wet homself goed kon laat geld, het gou besef dat Hertzog se staatmaker-koerant, *Die Transvaler*, nie meer as hulle spreekbuis kon dien nie. Daar is toe meer op *Die Volksblad* en 'n nuwe koerant in Transvaal, *Die Republikein*, gereken.

Laasgenoemde koerant was later 'n groot rede gewees waarom De Wet in die politieke wildernis beland het. Aanvanklik toe alles nog op goeie vordering gedui het, was *Die Republikein,* wat op 17 Julie 1934 ontstaan het, inderdaad 'n goeie mondstuk, deurdat hulle die ou bekende koerant in die Wes-Transvaal nl. *Die Weste* met hierdie nuwe koerant kon vervang. Op dieselfde datum het Strijdom sy gelukwense aan *Die Republikein* oorgedra omdat hy volkome op hulle steun kon reken.

Tydens al hierdie gebeure wat in die tweede helfte van 1934 plaasvind, is CJH de Wet dikwels op die voorgrond geplaas. Dit was dieselfde tyd waarin hy en adv. JG Strijdom nie minder nie as agt vergaderings in Wes Transvaal gehou het. Dit was veral in die gebiede rondom Wolmaransstad, wat tradisioneel die bakermat van genl. Kemp was, waar De Wet en Strijdom hulle steun ongekend en onverwags kon uitbrei (Basson,1980:94). Dit kan aanvaar word dat hierdie saamreis en aanvanklike goeie samewerking tussen De Wet en adv. JG Strijdom vir Van Rensburg (1977:236) onder die indruk gebring het dat De Wet 'n "troue vriend en geesgenoot van adv. JG Strijdom was".

Dit wil voorkom of die verhouding tussen hierdie twee wel met sekere gebeure op goeie betrekkinge gedui het soos die sukses van die reisverhaal in Wes Transvaal, maar dit is wel duidelik dat politiek en die deurwerking daarvan dikwels vriendskappe, hartlikheid, vertroue en samewerking versuur het. Dit blyk baie gou die geval tussen De Wet en Strijdom gewees het.

Trouens, die hartsgesindheid wat Strijdom agter De Wet se rug eers later bekendmaak, was nie so goed as wat dit wou lyk nie. Dit is nog een van die groot vervreemdings wat De Wet in sy politieke en latere teologiese loopbaan moes verwerk.

Toe die eerste kongres van hierdie nuwe party op 16-17 April 1935 plaasvind, was die verkiesing van die leierskap hoog op die agenda. Daar is toe besluit om die leierskap aan drie persone op te dra, wat bekend geword het as die sg. driemanskap. So het adv. JG Strijdom, mev. M (Mabel). Jansen en prof. CJH de Wet die driemanskap gevorm wat die moeilike politieke wa moes trek. Die eerste en moeilikste opdrag wat hierdie driemanskap dadelik aan moes aandag gee, was die opstel van ’n algemeen aanvaarbare “program van beginsels”. Dit het gou duidelik geword dat De Wet hom hier reeds begin bewys het as iemand wat moeilik was om mee saam te werk. Waar die program voorsiening moes maak vir wyd uiteenlopende standpunte van Noord en Suid het dit gou duidelik geword dat hierdie “program” juis ’n bedreiging vir party-eenheid was.

De Wet word deur Basson (1980:98) beskryf as iemand wat aanvanklik die party-eenheid hoog op die agenda gehad het. Terselfdertyd beweer Basson dat De Wet wel later van standpunte verander het. Aanvanklik was De Wet die eenheidsoeker wat aanvaar het die probleme met die republikeinse klousule was maar bloot die verskil in formulering tussen Noord en Suid. Basson sien die figuur van De Wet op die stadium as een “wat besonder sterk klem gelê het op eenheid in die party en gepleit het dat daar nie toegelaat moes word dat die politiek van die Unioniste ’n wig in die NP-geledere indryf nie” (Basson,1980:98). Hierdie beginstadium van die formulering vir die “program van beginsels” was dieselfde tyd wat De Wet met ywer ’n reeks artikels publiseer waarin hy “Christelike Republikeinse Staatkunde” bepleit het.

Belangrik om hier reeds op te merk dat die hoofleier in hierdie politieke groepering, nl. dr. DF Malan nie die “driemanskap”-leiding goedgepraat het nie. Trouens, daar is smalend deur hom en andere, selfs ook Strijdom, daarna verwys dat hierdie ’n “Potchefstroom-besluit” was (Basson,1980:127). Later het Malan dit so sterk gestel dat die probleme wat die party intens in Transvaal ondervind het, aan die “driemanskap” te wyte was.

Dit dien vermeld te word dat in De Wet DF Malan eintlik ’n politieke teëstander gehad het - alles behalwe die leier wat Malan ook vir hom moes wees (Basson, 1980:125). Koorts (2014:310) gee die skuld vir hierdie mislukking van die driemanskap aan De Wet, soos sy dit stel: “De Wet is ’n republikeinse ekstremis” wat gemaak het dat die reëling betreffende die driemanskap nie gehou

het nie. Dit wil voorkom of Koorts eensydig vir Malan in die beoordeling van hierdie verhoudinge bevoordeel.

3.3.2 DE WET, PARTYPOLITIEK EN DIE PU VIR CHO

So het CJH de Wet baie gou al dieper en dieper in die partypolitiek betrokke geraak. Hy het grootliks daartoe bygedra dat daar by die PU vir CHO, insluitende die Teologiese Skool, Potchefstroom, besin moes word oor die personeel se politieke deelname (Van der Schyff, 2003:478). Die SAP-minister wat intussen die VP-party se minister van onderwys geword het, JH Hofmeyr, het met die rektor van die Universiteit, prof. F Postma, bespreek dat hy op sy personeel se aktiewe deelname aan die politiek moet let. Hofmeyr het probeer bewys watter skade dit aan die inrigting van die universiteit kon aanrig. Hofmeyr het verder voorgestel dat die Senaat die aangewese liggaam moet wees wat dit moet hanteer (Notule Senaat: art 19, 1934).

Die saak het wel die Senaat se aandag geniet, maar die lede het hulle uiteindelik besluit om hierin geen voorskrifte te gee nie en dat hulle nie hulle lede in die deelname aan die politiek mag belemmer nie. Na verdere besinning wou die Senaat geen gewetens bind nie en het voorgestel om geen besluit in dié verband te neem nie. Selfs net die voorstel dat lede hulle deur prinsipiële oorwegings moet laat lei, het aanvanklik byval gevind, maar selfs hierdie algemene reël het die Senaat nie as ’n besluit bevestig nie. Dit bewys hoe uiters versigtig daar in dié verband gewerk is.

Toe daar polities besin moes word oor rasse- en kleurverhouding tussen die verskillende volke in Suid-Afrika was die naam van CJH de Wet wel deel van die lys van 12 personeellede wat vanaf die PUK op so ’n Raad rondom hierdie volkere-verhoudinge in die lewe geroep is (Van der Schyff, 2003:545).

Die dorp Potchefstroom waarbinne die Universiteit geleë is, was vir De Wet tot nog in 1939 van besondere belang. Dit was tydens Potchefstroom se eeufees waar De Wet as een van die genooide sprekers die gulde geleentheid benut het om steeds as vurige republikein sy politieke sieninge te beklemtoon. Hy het by die geleentheid dit betreur dat die Vierkleur nie naas die Union Jack en die Unievlag gewapper het nie. Hy het dit beskou as deel van die ondergeskikte posisie van die Afrikaner wat volgens hom 60% van die blanke bevolking uitmaak.

3.4 DE WET SE MAGISTERGRAAD IN STAATSLEER

In 1935 het De Wet ’n 182-bladsye MA-tesis oor “Die Republikeinse konstitusies van Suid-Afrika” voltooi (Argiewe afdeling, Unisa 320.968 WET). Dit vorm deel van die Africana by die Universiteit van Suid-Afrika in Pretoria. In hierdie studie bepaal De Wet dat die geskiedenis van ’n staat en die konstitusies van dieselfde staat altyd in noue verband staan. Suid-Afrika het hiervolgens twee geskiedkundige rigtings nl. die nasionale en die imperiale. Elkeen bepaal ’n eiesoortige konstitusie. Aan die hand van hierdie vertrekpunt het sy studie hoofsaaklik in drie hoofstukke uiteengegaan.

In die eerste hoofstuk het hy gepoog om elk van die konstitusies ’n historiese agtergrond te bied. Daarna het hy bepaalde grondslae onderskei wat ’n republikeins–konstitusionele bedeling histories vereis het. Hy onderskei gebeure in die “ou Kolonie” en daarna wat met die Groot Trek gebeur het om dan uit te kom met wat hy noem “die Republiek van Natal”. In hierdie historiese hoofstuk sluit hy af deur die konstitusionele voorgeskiedenis van Transvaal en die Oranje-Vrystaat na te vors. Dit het hom in hoofstuk 2 gebring om by elk van die konstitusies bepaalde kenmerke vas te stel.

In die laaste hoofstuk het hy aan die hand van die kenmerke ’n kritiese beoordeling gebied waar hy elk se deugde en gebreke onderskeidelik uitgelig het. In sy slothoofstuk gaan hy in besonder daarop in om die grondslae van ’n Christelik-Republikeinse konstitusie te onderskei. Dit kan sekerlik as die groot doelwit van hierdie akademiese werk beskou word om in die tyd waar hy volledig die praktiese politiek moes beoordeel en ’n leiersrol daarin moes vervul wel akademies daarvoor toegerus te wees.

In die historiese konteks waarin De Wet bepaalde agtergrond aanbied is om by Adam Tas (1706) alreeds die geboorte van die Suid-Afrikaanse nasionalisme aan te dui. In die Kaap het hierdie nasionalisme sy besondere gevolg gehad 90 jaar later in die ontstaan van die Republieke van Graaf-Reinet en Swellendam in 1796.

In die 90 jaar het hierdie nasionalisme volgens De Wet drie trappe deurloop. Hy beskou Adam Tas as die wortel van ekonomiese nasionalisme waar daar geprotesteer is teen ekonomiese uitbuiting van die Kompanjie. Die tweede soort nasionalisme wil De Wet plaas in die tyd rondom 1779. In die tyd van die agitasie van Tielman Roos was daar opeising van regte “op die gebied van regspleging en regering- hier beluister ons die polsslag van ’n volksiel wat homself bewus

word om homself wil wees en homself wil regeer, 'n volksiel wat 'sy eie' opeis maar in dit alles wou die koloniste nog deel bly van Nederland- dus maar 'n kulturele nasionalisme, of soos ons miskien vandag sou sê: 'n selfstandige Suid-Afrika onder Nederlandse konneksie". Die derde trap van nasionalisme noem De Wet (1935:2) "politieke nasionalisme wat duidelik en beslis los wou kom van buitelandse oorheersing".

De Wet is van mening dat die Suid-Afrikaanse nasionalisme sy hoogste vorm aangeneem het met wat hy noem "republikeinse nasionalisme". Dit was hierdie tipe nasionalisme wat volgens hom by Swellendam en Graaf-Reinet in 1795 hoogty gevier het. Die Engelse oorname van die Kaap kon hierdie nasionalisme nie uitwis nie. Na 1806 het dit net nog sterker voortgegaan en stel De Wet (1935:4) dit dat "die Groot Trek het die uitbreiding van die Suid-Afrikaanse republikanisme gebring ... ja 'n uitbreiding veral deur wedergeboorte van die ou republikeinse ideaal van Kaapland". De Wet gaan in sy studie voort deur daarop te wys dat die drie vorme van nasionalisme soos vroeër onderskei heeltyd by die Voortrekkers teenwoordig was. De Wet is van mening dat die manifes wat Piet Retief daargestel het dieselfde tipes nasionalisme onderskei. Hiervolgens het die manifes gepoog om 'n eie land en vryhandel te dryf (ekonomiese nasionalisme)..."hulle wil hulle taal, sedes en godsdiens handhaaf - kulturele nasionalisme; en hulle wil vry wees - politiese nasionalisme. En hierdie vryheid sou net een vorm hê nl. republikeinse vryheid". Die Voortrekker het hulleself as 'n vrye volk beskou en daarom aan hulle vryheid die vorm gegee volgens hulle histories-republikeinse verlede.

3.5 DE WET SE POLITIEKE WILDERNIS (1937)

CJH de Wet as medeleier in die driemanskap was van korte duur. Waar hy in April 1935 tot hierdie posisie verkies is, het hy op 4 September 1937 sy leierskap en lidmaatskap van die party heeltemal beëindig (Basson, 1980:127). In die minder as twee en 'n halfjaar wat hy die posisie beklee het, is die strydbyle binne party-geledere net skerper en skerper geslyp. Veral vanaf 9 April 1936 het hy in die openbaar dit al duideliker gemaak die ingrypende verskille tussen hom en die res van die party-leiding wat net nie tot vergelyk kon kom nie.

In die eerste jaar van April 1935 tot April 1936 was die stryd meestal agter die skerm gevoer. Daar is van meet af aan duidelike verskil in benadering rondom die republikeinse siening. In Augustus 1935 laat De Wet 'n reeks artikels *Die Republikein*-koerant verskyn waarin hy Christelik Republikeinse Staatkunde bepleit. Dit val op dat die artikels verskyn in dieselfde jaar waarin De Wet sy verhandeling voltooi het wat aan hom 'n 'n MA- graad in Staatkunde besorg het. Die

tema van De Wet (1935:1) se studie is “Die Republikeinse konstitusies van Suid-Afrika”. Dit kan aanvaar word dat hy graag die resultate van sy studie prakties in die politiek wat hy leiding moes bied, wou terugploeg, maar die geleentheid is hom nooit behoorlik daarvoor gegee nie.

Die deurlopende verskil tussen hom en Strijdom het elke keer teruggekom by die opstel van die program van beginsels en beleid. Hierin het De Wet en die Federale Raad ook nooit behoorlik met mekaar kon ooreenkom nie. Soos Basson (1980:110) dit stel is die “Gesuiwerdes” saamgestel “uit die hardkoppige gedeelte van die Afrikanervolk... en waar dit met sy eie opvatting nie gestrook het nie, het hy wel deeglik van hom laat hoor”. Al was die probleme uiters kompleks is dit duidelik dat die propagering van die Republikeinse ideaal die vuur in die meeste van die struwelinge is.

Daar het vroeg klein krakies verskyn soos o.a. ongelukkigheid rondom iets so eenvoudig soos treinkaartjies. Toe die Federale Raad die eerste keer in Kaapstad vergader toe is JG Strijdom, mev. Jansen, ook ander lede soos Visser en Stoffberg is daar, maar De Wet as mede-leier is nie daar nie. Dit het toe geblyk dat De Wet ontevrede was oor daar nie gratis treinkaartjies aan die Transvaalse lede geskenk is nie. Hy het dit as onbillike reëling beskou en sodoende nie die kongres bygewoon nie.

3.5.1 DIE REPUBLIKEIN BRING DIE MOEILIKHEID NÁ DIE OPPERVLAK

Nogtans het die begin van De Wet se politieke wildernis meer duidelik geword deur die stryd wat daar in die koerantwese gevoer is. Toe die party gestig is, is *Die Republikein*-koerant, wat vroeër bekend was as *Die Weste,* diep in die politiek ingetrek, sodanig dat *Die Weste* nie meer verskyn het nie, maar alle middele is in *Die Republikein* aangewend. Van der Schyff (2003:479) verwys selfs na *Die Republikein* as De Wet se koerant. Hierin het De Wet ’n baie groot rol gespeel. Selfs teëstanders van De Wet sal toegee dat sy hart in hierdie koerant was dat dit ’n sukses moet wees.

Die nuwe party het nog nie eers ’n jaar bestaan nie, toe word die bedenkinge teen *Die Republikein* al gemaak dat dit nie die mas opkom nie. Waar Hertzog *Die Vaderland*-koerant wat daagliks verskyn het, steeds as ondersteuning kon gebruik, was die swakplek van *Die Republikein* dat dit slegs weekliks, later half-weekliks kon verskyn. Daar is al harder daarop aangedring dat as *Die Republikein* wou slaag, dit ook ’n dagblad moes word.

Hierin word De Wet dit erg verkwalik en ontleders meen hy het nie oop kaarte gespeel oor hoe die koerant sy basis en fondse kon verbreed nie. Basson (1980:112) beskuldig De Wet daarvan dat hy hier in sy optrede "heeltemal omgespring" het. Dit kom daarop neer dat Strijdom, De Wet en ook DF Malan mekaar in Johannesburg sou ontmoet oor die oprigting van 'n nuwe maatskappy wat die Transvaalse koerant moes uitbou. *Die Republikein* sou ook teenwoordig wees. Die finansiering sou deur die publiek by wyse van die verkoop van aandele geskied. Selfs senator WA Hofmeyr het ingestem om die skema bekend te stel. Dit sou op dieselfde basis as dié waarop *Die Burger*-koerant in die suide sy uitbreiding bewerkstellig het. Hierin word beweer dat De Wet met al die planne bekend was, selfs dat hy heel ingenome daarmee was, óók die ander provinsies, Kaap, Natal en die Vrystaat met die oog op propaganda betrek moes word. De Wet het dan, volgens Basson (1980:112), selfs ingestem om die saak van die dagbestuur na die hoofbestuur te verwys.

Basson (1980:194) gee wel toe dat De Wet baie agterdogtig was oor die nuwe koerant waarvoor al meer stemme opgegaan het, veral oor die invloed wat die suide (Kaapse Nasionaliste) en Malan daarin kon hê, omdat hy hulle lou-warm republikanisme bly verkwalik het.

Die "omspring" van De Wet het klaarblyklik onverwags gekom. Moontlik het dit ook op heelwat misverstand berus, want De Wet het wel duidelik sy beswaar teen 'n "dagbladonderneming" baie duidelik gemaak. Hy wou veel eerder toesien dat in plaas daarvan dat 'n nuwe koerant die plek inneem, *Die Republikein* eerder uitgebou moes word. De Wet was wel beswaard dat die Kaaplanders die Transvalers voor 'n voldonge feit gestel het, wat die Transvaal sy eie oortuigings sou ontneem. De Wet het in hierdie skielike ommeswaai volgens die ontleders skielik begin pleit dat dieselfde party in elke provinsie sy eie oortuigings moes kon uitleef. Of hierdie ontledings altyd as reg en billik teen De Wet beskou kan word, is in sekere opsigte te betwyfel.

Muller (1990:489) sien die verskyning van *Die Republikein* as een van die redes waarom die stigting van 'n nuwe Gesuiwerde Nasionale blad bemoeilik is. Volgens Muller het Steyn, Vorster en De Wet wat as 'n "groepie begeesterde voorstanders van 'n Nasionaal-Christelik-republiek" 'n nuwe koerant vir lank sterk teengestaan. Die inmenging en ingrype uit die Suide met Malan vooraan het hulle nie aangestaan nie. Daarom het hulle geen geesdriftige samewerking getoon toe daar fondsinsameling in Transvaal gehou is om die nuwe koerant aan die gang te kry nie. Volgens Muller (1990:489) is dit van die redes waarom die afskeiding van die Gesuiwerde Nasionale Party plaasgevind het. Selfs nadat *Die Transvaler* as nuwe koerant begin het, het De

Wet hulle steeds vir ’n jaar nog voortgegaan met die verskyning van *Die Republikein.* Die eerste verskyning van *Die Transvaler* het op 1 Oktober 1937 plaasgevind.

Dr. HF Verwoerd (1901-1966), op daardie stadium 36 jaar oud, het die eerste redakteur van die nuwe koerant geword. Dit het gemaak dat De Wet en Verwoerd wat polities veronderstel was om naby mekaar te staan, vanweë hierdie “koerantgeding” moeilik kon saamwerk. Hulle onderskeie koerante het mekaar openlik geopponeer. Dit bring Verwoerd in die lang ry van politici waarmee De Wet nie gediend was nie. Waar De Wet sekerlik aanvanklik bedoel was om as Strijdom se regterhand te werk, het Verwoerd waarskynlik dié plek ingeneem wat baie vir De Wet aanvanklik bestem het. Strijdom het vir Verwoerd aanvanklik nie ten volle vertrou nie, maar gou het dit duidelik geword dat Verwoerd, wat uit die Kaap gekom het, in Transvaal ’n tuiste gevind het, waar hy selfs tot Malan se argwaan ’n groot voorstander van die Republikeinse ideaal geword het. Muller (1990:493) beskryf Verwoerd as dat hy “meer Transvaler geword het as die Transvalers self”. In teenstelling met Verwoerd was dit duidelik dat De Wet nooit gepoog het om die gewildheid van mense na te jaag nie; dit wat ’n politikus moet kan doen, om die mas op te kom, was De Wet nie beskore nie.

Dit is baie duidelik dat De Wet in hierdie koerantstryd verbitterd gelaat is, wat baie vinnig ander punte van spanning en intense verskil na vore gebring het. Strijdom het later volgens Basson (1980:196) so ver gegaan om persoonlik met professore en lektore te skakel om te bepaal of De Wet nog enige politieke krag en bedreiging teen hulle ingehou het. Strijdom se gevolgtrekking was dat sy invloed hoofsaaklik tot Potchefstroom beperk was en dat hy eintlik maar net in akademiese kringe in Potchefstroom nog na geluister is. Hiervolgens stel Basson (1980:196) dit dat De Wet “feitlik alleen gestaan het”.

3.5.2 VERTROUE TUSSEN DIE POLITIEKE LEIERS WORD AL MINDER

Vanaf 9 April 1936 het De Wet sy misnoeë, teleurstelling en skerp kritiek teen die politieke rigting wat hyself help stig het, in die openbaar al duideliker begin maak (Basson, 1980:116). Van der Schyff (2003:479) verwys ook na die verhoudinge “binne die geledere van die ‘Gesuiwerdes’ was ook nie wat dit moes wees nie en in sy leiersposisie was De Wet spoedig in velerlei twisgesprekke betrokke...” Soos De Wet dit bewoord was sy stryd gemik teen die gebrekkige Christelike grondslag van die party. De Wet het gemerk dat die party in gebreke gebly het om duidelik ’n Protestants-Christelike grondslag na vore te bring. Hy wou dat beginsels baie duideliker geformuleer moes word. Hier het hy die vroeëre art. 13 uitgesonder wat oor onderwys handel.

De Wet het daarop aangedring dat die woord “Christelik” by die benaming “nasionale onderwys” gevoeg moes word. Sonder hierdie byvoeging was sy verweer dat hulle dan in alle geval maar met neutrale staatsonderwys sou moes voortgaan, wat maar net weer ’n byvoeging van die gewetensklousule bevat het.

Terselfdertyd het De Wet begin deur sy skerpste bedenking teen die party se program van beginsels en beleid al duideliker na vore te bring. Dit was vir hom ’n probleem dat daar meer aandag aan “eenheid” in die party as wat daar aan “suiwerheid” aandag gegee word. Hy beskou hulle dokumentasie wat hulle beleid verwoord as “swak”, iets wat aanmekaar aangepas word, iets wat “gemaak” is, nie werklik uit die “volksiel gebore” nie. Hy het sy misnoeë met die voorgestelde nasionale vlag uitgespreek deur dit as ’n kompromis te bestempel. Die skerpste punte van verskil het bly vashaak oor die republikeinse klousule wat hy as “vaag en onsuiwer” beskou het (Basson,1980:117).

Hierby het ander baie belangrike klemverskille sterker na vore begin kom. De Wet was ook ontevrede oor die status van die Unie kragtens die selfbeskikkingsreg van Suid-Afrika. Hierdie vorm van soewereine onafhanklikheid het ’n koöperatiewe imperialisme ten gevolge gehad. Hy het geglo daar moet meer in Suid-Afrika gebeur as bloot ’n verandering van regering. Die vorm van regering moes nie maar iets soortgelyk aan die “Britse koninkryk” wees nie; ’n heeltemal ander staatsvorm moes sy beslag kry, wat alleen vanuit ’n Republikeinse vertrekpunt kon geskied. Basson (1980:117) gee toe dat De Wet aangedring het op suiwerder formulering van beginsels. Hy het hiermee nie gevorder nie, want daar is gemeen dat hy sy staatsbeskouing te akademies voorgestel het en dat hy nie die ontwikkelinge “tussen 1926 tot 1934 as ’n stap vooruit erken het nie” (Basson,1980:118).

Dit het later al duideliker geword dat hy ’n baie eng siening van die Afrikaner gehad het. Van der Schyff, (2003:477) som dit op deur te stel dat hy onomwonde beklemtoon het “Suid-Afrika behoort aan die Afrikanervolk”. De Wet se ingewikkelde staatsbeskouing het al hoe meer die partypolitieke- leiers van daardie tyd vreemd laat regop sit, want hy het openlik verklaar dat daar in die plek van ’n politieke party daar veel eerder ’n volksbeweging moes plaasvind wat nie langs party-politiese bane afgegrens mog word nie. “Vir hom was ’n beweging verkieslik bo ’n party” (Basson,1980:128).

Basson (1980:126) sien De Wet se verdere politieke handelinge breedweg soos volg:

> "Hy (De Wet) het wel op 12 Maart 1937 daartoe oorgegaan om 'n konferensie van twee honderd mense in die Nasionale Klubsaal te Pretoria byeen te roep, blykbaar met die doel om 'n nuwe politieke beweging in die lewe te roep. 'n Uitnodiging om by die Nasionaal-Republikeinse Eenheidsfront aan te sluit, het hy van die hand gewys, omdat hy nie genader is om met die opstel van hul program van beginsels behulpsaam te wees nie. As motivering vir die byeenroeping van die konferensie het hy die feit genoem dat hy tydens die 1936-Transvaalse kongres hom die reg voorbehou het om te verskil van die Federale Raad se beginselprogram en op 'n helderder formulering aan te dring. As beswaar teen die NP het hy dieselfde beweegredes geopper as wat die hoofbestuurslede aangevoer het toe hulle bedank het. Nogtans het hy alle voorstelle van samewerking met die Nasionaal-Republikeinse Eenheidsfront op behendige wyse ontwyk. Op hul aandrang dat hy sy lidmaatskap van die NP moes beëindig, het hy geweier, maar beloof dat hy weer eens met die Transvaalse hoofbestuur 'n korrespondensie oor die aangeleentheid sou voer. Sommige sprekers het ongeduldig geword oor De Wet se weifelende houding. Hy is selfs gevra of hy gekom het om aan die konferensie leiding te gee en of hy gekom het om advies te vra. Die konferensie oor Christelik-Republikeinse politiek is grootliks in die wiele gery deur lede van die Eenheidsfront, alhoewel De Wet 'n mosie wat hom ondersteun, met 'n meerderheid van stemme goedgekeur gekry het. De Wet het op 16 April 1937 per brief met die Transvaalse hoofbestuur in verbinding getree. Daarin het hy melding gemaak van sy optrede en konferensie, en gevra dat die Federale Raad se program van beginsels in hersiening geneem word. Sy doel was om die Nasionale Party meer te laat wees as 'n blote politieke party, om dit te laat wees in die ware sin van die woord: 'n Volksbeweging. Die hoofbestuur het hierdie versoek in oorweging geneem en besluit om te antwoord dat, alhoewel hoofbestuurslede simpatie met De Wet se Christelik-republikeinse ideaal gehad het, die Federale Raad se program van beginsels nie in dié stadium in heroorweging geneem kon word nie, aangesien die Transvaalse kongres dit met 'n meerderheidstem aanvaar het. De Wet is gevra om met die NP as enigste Volksbeweging saam te werk."

Hierdie skrywe was vir De Wet die laaste strooi en hy het op 4 September 1937 sy bedanking as lid van die NP ingedien. Van der Schyff (2003:480-481) berig aangaande De Wet se bedanking soos volg:

> "Die spanning in die 'Gesuiwerdes' se geledere het hoog geloop. Prof. de Wet was duidelik gefrustreerd en op 20 Maart 1936 bedank hy gevolglik uit die Driemanskap, die Federale Raad en die Hoofbestuur van die party. In *Die Republikein* van 9 April 1936 het hy ernstige bedenkinge ingebring jeens etlike aspekte van die nuwe party se program van beginsels. Die biograaf van Strijdom gee toe: 'Ongetwyfeld het De Wet aangedring op 'n suiwerder formulering van beginsels. Hy het beslis die vinger gelê op sake wat na aan die hart van die Nasionalis gelê het. Maar of hy veel bereik het met sy betoog, val te betwyfel.' Dit was akademies, blote debatspunte en die Nasionaliste kon hulle vereenselwig met 'die wese' van die program van beginsels.

> Hoewel kollega Du Plessis die sienswyses van De Wet grootliks ondersteun het, was hy gekant teen verbrokkeling van die party aangesien dit juis die ideale van De Wet en *Die Republikein* sou vernietig. Anders as De Wet, was hy bereid om geskille op die agtergrond te skuif ter wille van party-eenheid.
>
> Dat De Wet darem nie 'n stem roepende in die woestyn was nie, blyk uit die feit dat die voorsitter en ses ander lede in Junie 1936 uit die hoofbestuur van die party bedank het. Dit was egter nie veel meer as die spreekwoordelike storm in die teekoppie nie en, anders as De Wet se voorspelling, sou die te stigte nuwe dagblad vir Transvaal – Die Transvaler, wat vanaf 1 Oktober 1937 met dr HF Verwoerd as redakteur verskyn het − 'n wenner blyk te wees."

Dit is duidelik dat De Wet die Brits-georiënteerde partystelsel verwerp het en dit gestel het dat die Boererepublieke nooit op 'n partystelsel berus het nie. Iets wat aanvaar kan word soos hy aangetoon het in sy Staatsleer-studies wat hy op hierdie stadium voltooi het (De Wet,1935). Hy het in alle geval geen vertroue meer in partyleiers oorgehou nie en het politieke partyskappe as uitgedien beskou, waarby die oordrewe demokrasie vir hom 'n gevaarteken was (Basson,1980:128). Hy het in hierdie "gevaarlike demokrasie" die uitgediende spreuk van die Franse Rewolusie nl. "die soewereine volkswil" ingelees. De Wet het beweer dat hy sedert 1926 al begin pleit het vir die "Christelik Republikeinse politiek" wat nie 'n "oordrewe demokrasie" aanvaar nie. Basson (1980:128) verkwalik De Wet dat, as dit die geval was, hy hom nie as 'n medeleier in die partypolitiek beskikbaar moes gestel het as hy hierdie verkiesingspolitiek so ernstig bevraagteken het nie. Dit terwyl iemand soos JG Strijdom beskou word as 'n "demokraat by uitstek... as iemand wat 'n onwrikbare vertroue in die demokrasie gehad het" (Basson,1980:128).

Opsommend word De Wet se latere politieke standpunte soos volg saamgevat:

> "De Wet en Steyn Vorster en sy groep het verklaar dat hulle geheel en al hul vertroue in die partypolitiek, die demokrasie en die koukusstelsel verloor het. As rede daarvoor kan aangevoer word dat hulle as Boerevolk die eersgeboortereg van die land opgeëis het. Daarom moes die hoogste ideaal van die Afrikaner, naamlik die daarstelling van 'n soewerein-onafhanklike republiek sonder verwyl ingestel word, terwyl die reg van enige ander bevolkings- of taalgroep om dit te betwis, sonder redenasie van die tafel gevee moes word. Dit was die reg van die Afrikaner as primêr ingesetene van Suid-Afrika. Vanweë die politieke verloop het dit, vir die oomblik altans, buite hul vermoë geblyk te wees. Gevolglik het hulle vertroue verloor in die situasie waarin hulle verkeer het, die partypolitiek daarvoor blameer en na ander strooihalms gegryp om hul ideale te bereik" (Basson,1980:127).

Daar is bespiegelinge dat De Wet se siening elemente kon bevat het van Hitler se "nasionaal-sosialisme" wat in 1933 in Duitsland al sterker posgevat het (Basson,1980:127). Dadelik gee die ontleders toe dat hulle geen verwysing daarna in enige van die oorspronklike literatuur kon kry nie. Dit moet bo enige verdenking staan dat De Wet wel met die teologiese strominge in Duitsland goed op hoogte was, maar hy het deurlopend teen die Duitse politieke rigting van Hitler standpunt ingeneem. De Wet se sterk afkeur van gebeure wat met die Ossewabrandwag (OB) verband hou, is 'n verdere bewys dat hy nie sito-sito in enige politieke stroming op te neem is nie (Van der Schyff, 2003:522). Die OB het wel sterk trekke van 'n nasionaal sosialistiese beweging oorgehou. Dit val op dat De Wet se kollega aan die Teologiese Skool, prof. S du Toit, net so krities soos De Wet teenoor die OB gestaan het (Van der Schyff, 2003:522). De Wet het volgens Van der Schyff (2003:522) in hierdie tyd die ongepubliseerde geskrif getiteld "Vreemde gedagtes" uitgegee, waarin hy sy kritiek teenoor die OB beklemtoon, naamlik dat die OB "se beklemtoning van die gemeenskap ten koste van die enkeling, as synde in stryd met die Bybel" (is).

Al het De Wet in sy persoon die optrede van die OB nie goedgekeur nie, het dit nie beteken dat ondersteuners van De Wet nie terselfdertyd baie sterk bande met die OB gehad het nie. Basson (1980:165) wys daarop dat van die Hempbewegings in die geledere van die OB, spesifiek dan die Swarthemde[42], mense was met wie De Wet wel direkte onderhandelinge gehad het. Hierdie skakeling met De Wet is later teen hulle gehou toe hulle graag nouer skakeling met die Nasionale Party nagestreef het. Marx (2008:503) verwys na NGS van der Walt wat volgens hom een van die belangrikste propagandiste van die OB-ideologie was. Hy is volgens Marx (2008:503) 'n belangrike opsteller van die beleidsdokumente van die OB. Van der Walt was later redakteur van die beweging se amptelike mondstuk getiteld *Die O.B.* Dit terwyl Van der Walt 'n student van LJ du Plessis was, was hy 'n sterk ondersteuner van CJH de Wet. Daar word na NGS van der Walt as een van die Calvinistiese fundamentaliste binne die OB verwys (Marx 2008:503).

Al het ander wegbrekers vanaf Strijdom soos SPE Jacobsz baie gou hulle eie politieke partye o.a. die Nasionaal Republikeinse Eenheidsfront gestig het, kon hulle De Wet nie oorhaal om by hulle aan te sluit nie. Trouens, toe Malan en Strijdom al lankal van mening was dat met De Wet in hulle geledere daar geen vordering kon wees nie, was De Wet steeds die een gewees wat sy

[42] Volgens Van Tonder (2013:19) het Manie Wessels die sg Swarthempbeweging gestig. Ironies genoeg het hulle bekend gestaan as die Nasionale Demokratiese Party, waar dit later blyk dat De Wet in volskaalse demokrasie geen voordele meer kon insien nie. Van Tonder stel dit verder dat Chris Havermann later weer van Wessels weggebreek het en sy eie Swarthempbeweging gestig het, wat toe bekend gestaan het as Die Volksbeweging. Hulle was uitgesproke anti-Semities en was hoofsaaklik in die omgewing van Johannesburg bedrywig. Dit is duidelik De Wet het nie hier ingepas nie.

lidmaatskap tot die bittere einde volgehou het. So het dit aangehou, soos reeds aangetoon, tot op 4 September 1937 toe hy vir oulaas op ’n kongres dié party van sy swak program van beginsels en beleid wou oortuig. Toe dit weereens misluk, het hy as lid van die NP bedank.

Die feit dat De Wet sy vertroue al minder in die leiers kon vestig, en *vice versa*, die feit dat baie hom as moeilik, selfs as ’n skeurmaker beskou het, het sy politieke eiland net verder verklein. Ongelukkig soos wat daar dikwels in partypolitieke geledere gebeur, het De Wet die vuil spel van politiek moes ervaar.

Basson (1980:130) se uiteindelike weergawe van wat die probleem met De Wet werklik was, kom eintlik daarop neer dat hy op daardie stadium iemand was met wie samewerking baie moeilik geword het. Hy stel dit soos volg voor:

> “Die ander saak wat aandag verdien, was hoekom Strijdom so hardhandig met De Wet en die Steyn Vorster-groep te werk gegaan het, ten spyte van die feit dat sy sienswyse meer met hul gedagterigtings ooreengestem het as met dié van Malan. As rede daarvoor kan aangevoer word dat heelwat Transvaalse Nasionaliste met hulle in botsing gekom het en die indruk weldra ontstaan het dat samewerking met hulle 'n kwessie van onmoontlikheid was, en omdat die besef geleidelik posgevat het dat hulle in elk geval van plan was om die NP te verlaat. Insiggewend in hierdie verband is 'n brief van dr. Theo Wassenaar, alhoewel ten aanvang vermeld moet word dat ook hy dikwels met ander in geskille betrokke was. Wassenaar het geskryf dat hy en mev. Jansen reeds in 1934 saamgewerk het om De Wet uit die leierskap te weer...”

Die laaste woord in die verband waar leiers mekaar al minder vertrou het en uiteindelik tot die breekspul aanleiding gegee het, kan gegee word aan die oud-predikant en hoofleier van die NP, dr. DF Malan. Alhoewel daar vroeër reeds aangetoon is waarom De Wet en Malan teologies nie rondom dieselfde vuur gesit het nie, het hulle politiese paaie nie beter verloop nie. Basson (1980:130) beskryf dit soos volg:

> “Malan het Strijdom volkome in sy siening en optrede ondersteun toe hy die hoop uitgespreek het dat De Wet en die Steyn-Vorster-groep nou finaal moes afskei, aangesien hulle slegs die eerskomende kongres wou gebruik om publisiteit vir hul standpunt te wen, omdat *Die Republikein* nie aan hulle 'n groot genoeg platform gebied het nie. Malan het die mening uitgespreek dat hulle in werklikheid reeds lankal met die party gebreek het. Hy het ook saamgestem met Strijdom dat hul gevolg maar baie gering was...”

3.5.3 CJH DE WET EN LJ DU PLESSIS

LJ du Plessis was saam met HG Stoker uitgesproke teenstanders van die Britse imperialisme. Hierin was die manne van Potchefstroom een met CJH de Wet. LJ du Plessis wat in baie opsigte met die sieninge van De Wet akkoord gegaan het, was in sy aanslag 'n baie beter politikus as De Wet, veral as dit gekom het by die versoeningsrol wat hy heeltyd probeer speel het. Trouens, daar is selfs die beskuldiging teen Du Plessis dat hy op twee stoele probeer sit het, deur eenkant sy partyleiding in die persone van Strijdom en Jansen nie te vervreem nie, maar tog De Wet wat saam met hom in Potchefstroom 'n strydros was, nie buite te laat nie. Daar was die tye wat Du Plessis vir dr. DF Malan trompop oor sekere verskille kon aanvat, soos bv. die "dagblad kwessie" wat Du Plessis gevoel het heeltemal uit die hande van hulle as "Transvalers" gehaal is, met skadelike gevolge.

Volgens Moodie (1980:143-144) het die verhouding tussen Du Plessis en De Wet later baie spanning teweeggebring. Hierin stel Moodie dat toe Du Plessis genader is om De Wet se Christelik Republikeinse beweging te ondersteun dat:

> "...Du Plessis, for all his republican zeal, was not prepared to reject the National party out of hand, partly because he saw CJH de Wet as an 'inconvincible schismatic', but also because he believed that republicanism alone would be insufficient to reach a national majority..."

Een van die latere groot verskille tussen De Wet en Du Plessis het o.a. ook gekom in die deelname aan die Ossewabrandwag-beweging (OB). Du Plessis het hom in die geledere van die beweging veilig gevoel, terwyl De Wet baie krities teenoor die beweging gestaan het (Van der Schyff, 2003:522). De Wet het selfs 'n geskrif getiteld "Vreemde gedagtes" laat verskyn waarin hy sy kritiek teen die OB uiteensit. Vir De Wet was die oorbeklemtoning van die gemeenskap ten koste van die verantwoordelikheid van die enkeling (individu) in stryd met God se Woord. Hierdeur moes De Wet al meer vereensaam het in die politiek, want baie kritici soos hy wat met die Nasionale Party ontevrede was, het hulle verdere heil en rigting in die OB gevind, maar nie De Wet nie. So skerp krities hy homself teen die partypolitiek begin posisioneer het, net so krities is hy teenoor die OB.

De Wet kon eintlik nêrens party-polities gemaklik raak nie, soos dit al meer met Du Plessis die geval was, sodat hy eintlik in die OB maar ook in die partypolitiek genestel kon wees. De Wet het nêrens genestel geraak nie. Selfs die groot leier van die Nasionale Party, DF Malan, het dit reguit teenoor Strijdom gestel dat hulle "De Wet ... nou finaal moes afskei" (Basson,1980:131).

Daar is gemeen dat die groep wat De Wet gevolg het in alle geval baie klein was, wat nie veel skade in die party kon veroorsaak nie.

3.6 DE WET EN DIE CHRISTELIK REPUBLIKEINSE BEWEGING

Die Waaksaamheidskomitee is volgens Basson (1980:81) omskep in die Christelike republikeinse beweging. In die sin is De Wet nie die alleen-skepper van die beweging nie. Sy partygenote het hulleself aan die begin net so sterk hieraan verbind. Alhoewel De Wet se vervreemding in die politiek in 1936 al erger geword het, is daar tog in 1934 al besluit op die naam van die Christelik Republikeinse beweging – 'n beweging waarop De Wet eintlik sy laaste politieke hoop gevestig het.

In die polities spanningsvolle tye het De Wet daarop gewys dat hy hom sedert 1926 al begin beywer het vir Christelik Republikeinse politiek. Hy het egter deurgaans ontken dat hy hom ooit beywer het vir 'n Christelik Republikeinse Party (Basson, 1980:128). Tog het sake so verwikkeld geraak dat De Wet later beskou is as leier van sodanige party, wat sekerlik nooit in die werklike sin as politieke party beskou kon word nie. Tog het JG Strijdom dit anders vertolk, naamlik dat mense wat *Die Republikein*se ideaal te sterk najaag dalk 'n eie party kan stig, of soos hy dit gestel het, dat "Nasionaliste by CJH de Wet se Christelik Republikeinse Party sou aansluit, indien daar nie tot 'n bevredigende ooreenkoms oor 'n republiek met Hertzog gekom kon word nie" (Basson, 1980:297).

De Wet het tog wel verklaar wat hy met die Christelik Republikeinse beweging bedoel het. Op 22 Mei 1936 het hy hierdie doelstellinge soos volg uiteengesit: soos Basson (1980:128) dit opsommend stel:

> "Hy het die Brits-georiënteerde partystelsel verwerp, en daaraan toegevoeg dat die Boererepublieke nooit op 'n partystelsel berus het nie. Die party was ook daaraan skuldig dat hy eenheid belangriker as suiwerheid geag het. Daarom was 'n beweging verkieslik bo 'n party."

In 1939 tydens Potchefstroom se eeufeesvierings, het De Wet weereens sy politieke sieninge beklemtoon naamlik dat daar 'n buitepolitieke eenheid vir die Afrikaners moes kom. Hy het geglo dit kon alleen bereik word onder die vaandel van die Christelik Republikeinse politiek wat hy as nalatenskap van die Voortrekkers beskou het (Van der Schyff, 2003:559). De Wet het by die geleentheid dit baie sterk gestel dat hy eers weer sou feesvier as Potchefstroom deel uitmaak van 'n vrye en Christelik Suid-Afrikaanse Republiek (Van der Schyff, 2003:559-560).

3.6.1 DE WET SE EIE REPUBLIKEINSE BEWEGING

Van Rensburg (1977:236) het op sy beurt De Wet beskou as die eintlike stigter van *Die Republikein*se beweging. Hiervolgens het De Wet vanaf 1936 al sy kragte daaraan gewy. Wanneer Van Rensburg dit opsom dan stel hy dit soos volg: “Hy (De Wet) wil gryp na ’n Republiek waarvoor hy meen dat die tyd ryp is en wat nie benut word nie. Dit maak mettertyd van hom ’n vereensaamde politikus”.

Dat De Wet daadwerklik al meer sy politieke toekoms buite die partypolitiek, en veel eerder binne ’n beweging wou posisioneer, is duidelik. Die publikasies wat De Wet in belang van die beweging geskryf het, wys sy leiersrol wat hy hierbinne vervul het. Terselfdertyd het hy groot aspirasies met hierdie pogings nagestreef. So getuig talle van sy publikasies in hierdie tyd. In 1937 skryf hy “Een ding is nodig! ’n noodoproep tot die Afrikanerdom”. In 1939 volg hy dit op met die publikasie “Die nuwe rigting, drie vrae beantwoord”. In 1940 skryf hy waarskynlik sy mees idealistiese werk “Ons Christelike Republiek”. Een ander ongedateerde werk bestaan wat aanvaar kan word in 1941 uitgegee moes word, in die tyd waarin Malan en sy party en die volgelinge van die OB al meer in spanning en vervreemd van mekaar geraak het. De Wet se geskrif, getiteld “Vreemde gedagtes”, is uitgegee onder naam van die Christelik Republikeinse Studievereniging. Daarin aarsel De Wet nie om openlik die OB en dan die rigting rondom Nasionaal-Sosialistiese rigtings in sterk teologiese en politiese terme te beoordeel en af te wys nie.

3.6.1.1 “ONS CHRISTELIKE REPUBLIEK” EN “VREEMDE GEDAGTES”

In sy omvattendste werke, “Ons Christelike Republiek” en ook “Vreemde Gedagtes”, maak De Wet sekere opvattinge van hom baie duidelik en het hy beredeneerd logies daaroor gehandel. Dit kan aanvaar word dat groot gedeeltes van De Wet se latere politieke publikasies korter verwerkings, toepassings en ’n voortvloeiing van sy M-verhandeling getiteld “Die Republikeinse konstitusies van Suid-Afrika” was. In beide die werke, “Ons Christelike Republiek” en “Vreemde gedagtes”, is die opklaring van begrippe vir hom belangrik. Hy wil duidelik maak wat sy volksbegrip is, wat sy owerheidsbegrip is, wat owerheidsgesag is en wat die verhouding tussen volk en owerheid moet wees. Hiermee saam in “Vreemde gedagtes”, praat hy eerstens van die staatsbegrip. Daarna kom hy by die volksbegrip. Hierin is die verhouding tussen enkeling en

gemeenskap dan grondliggend. Daarmee saam wil hy duidelik maak wat ’n “Volksbewegingsbegrip” moet wees.

De Wet (1940:3) wil ’n volk gewoon as ’n natuurlike voortvloeisel van die huisgesin beskou.

> “’n Volk is eintlik net ’n vergrote huisgesin, wat ontstaan het uit huisgesinne, wat ontwikkel het tot stamme en dan saamgesnoer word tot ’n volk.”

De Wet was in sy volksbegrip oortuig dat daar weer al meer gewerk moet word in die rigting van wat hy ’n “Nasionale volk” noem. In *Vreemde gedagtes* beskou De Wet ’n volk se ontstaan uit families en stamme deur organiese uitbreiding. Hy beroep hom op Gen. 10. ’n Volk kom vanwaar ’n familie vandaan kom. Soos De Wet dit stel: “Die Skepper het die familie ingestel met die huwelik as die grondslag” (Gen. 1 en 2)”.

Sy owerheidsbegrip (1940:4) hang ten nouste saam met wat ’n Staat is:

> “Die owerheid is die draer van die gesag en hy moet dit aanwend ten goede van die volk. Assulks is die owerheid die DIENAAR van God ten goede van die volk. En daarom is die owerheid verantwoording skuldig aan God en nie aan die volk nie; die gesag is van God en moet dus net gebruik word vir die doel waarvoor dit gegee is, nl. ten goede van die volk...”

In dieselfde bepalinge waarsku De Wet hoe owerhede daartoe kan kom om hulle gesag te misbruik. Hy beskou volk en owerheid as twee aparte groothede, alhoewel hulle onafskeidelik van mekaar is. Hy stel dit soos volg:

> “Die verhouding tussen die volk en die owerheid is die reëling tussen die twee waardeur hulle pligte en regte teenoor mekaar bepaal word. Hierdie reëling tussen (volk en owerheid) kan ons beskou as ’n organisasie wat dan staat genoem word. Vroeër toe die volk en die owerheid nog meer natuurlik was, was die verhouding beliggaam in die gewoontes en gebruike van die volk. Dit was dus bepaal deur gewoontereg en dit was ongeskrewe. Later, toe hulle meer onnatuurlik geword het, moes die reëling beskryf word en is dit beliggaam in die sogenaamde Grondwet of Konstitusie...
>
> Hierdie staat is dus eintlik ’n dooie ding en geen lewende wese soos die volk en die owerheid is nie...Die staat kan dus nooit in die plek van die volk of die owerheid tree nie.”

In die geskrif “Vreemde gedagtes” is De Wet in besonder met die Staatsbegrip besig. Van die begin het hy die Staat beskou as die reëling van die verhouding tussen volk en owerheid. Hy sien die Staat só: daar waar God die familie ingestel het, het “die Skepper ook die staatsgedagte ingesluit”. Dis vir De Wet belangrik om in weerwil van die Nuwe Orde en die Nasionaal-Sosialistiese begrippe daarin vervat aan te dui dat die Staat nie ontstaan het as gevolg van die sonde nie. Gelowige aanhangers van die Nuwe Orde sien die instelling van die Staat eers by Noag. Daarmee stem De Wet nie saam nie, maar sien dit reeds as skeppingsordening. Dit bly vir De Wet ’n logiese lyn dat drie agtereenvolgende vorme van gemeenskap (familie-stam-volk) aanleiding gee tot agtereenvolgende vorme van owerheid–gesag-staat.

De Wet het in 1940 sy staatgedagtes toe nog verder uitgewerk: omdat in die moderne staat die instelling as ’n onpersoonlike en onnatuurlike wese voortkom, dit ’n “lastige en gevaarlike ding kan word”. Hy het daarmee volhard dat die Staat in die regte en goeie sin van die woord ’n “natuurlike iets” moet wees. Net soos die volk en die owerheid drie vorme deurloop het: “familie-stam-volk en familiehoof-stamhoof-volkshoof, so ook het die Staat sy drie vorme deurloop: die familie-staat, die stam-staat en die volk-staat. In die sin kan ons sê dat die Skepper ook die staat ingestel het...”

De Wet se verstaan van owerheidsgesag en wat die verhouding tussen volk en owerheid moet wees bring hom die tot volgende stap in sy politieke denke. Hierin stel hy sy groot ideaal dat ons volk ’n “Christelike Republiek moet begeer. Ons begeer nie ’n koninkryk nie, maar ’n Republiek”. Hy trek dan sterk ten velde teen wat hy noem die koninkryk van Brittanje en die leed en die seer wat daarmee gepaardgaan. Hy motiveer dit verder soos volg:

> “Voordat die Afrikanervolk kennis gemaak het met die Britse koninkryk het ons volk sy eie republiek al gehad: in 1785 die Republiek van Graaff Reinet en Swellendam; en die hele Kaapland sou daarna ’n republiek geword het, as England dit nie in sy geboorte gesmoor het nie! In 1838 die Republiek van Natal; in 1854 die Oranje-Vrystaat Republiek en in 1858 die Zuid-Afrikaanse Republiek...”

De Wet maak dan heelwat afleidings en ontledings van wat op die einde as wesentlik gevaarlik in ’n demokrasie beskou kan word. Hy maak egter duidelik onderskeid tussen wat hy noem ’n valse demokrasie is en wat die wese van sy begrip van ’n demokratiese is.

’n Valse demokrasie dra duidelik die kiem van rewolusie. Hierin sien hy in England en veral in Frankryk weereens die slegte voorbeeld. Hy stel:

> "England het deur sy sogenaamde konstitusionalisme maar dieselfde weg opgegaan as die Franse Revolusie nl. die weg van valse demokrasie. Maar England het dit net onder die skyn van demokrasie gedoen terwyl Frankryk dit deur Revolusie gedoen het. Maar die gevolge is dieselfde, nl. wetteloosheid en bandeloosheid in veel gevalle, swakheid en onvermoë om te regeer terwyl die owerheidsgesag ondermyn en deur die modder gesleep word. As teen-middel hierteen is die eksperiment van die party-regering ingevoer: maar dit het die kwaad net vererger, want in die plek van die absolute koning het feitelik net gekom die absolute Eersteminister! In soverre by die moderne politiek die gesag ook verdeel is, berus ook die moderne republiek op valse demokrasie."

3.6.1.2 DE WET SE SIENING VAN DEMOKRASIE

Dit sal heeltemal 'n vereenvoudiging wees om net te stel dat De Wet teen demokrasie gekant was. Dit is noodsaaklik om hierin fyn te onderskei. Hy wil by demokrasie uitkom, maar nie in die revolusionêre sin daarvan nie:

> "Die wese van demokrasie bestaan nie daarin dat die gesag verdeel word tussen die owerheid en die volk nie: dit is revolusionêr! Die owerheid is die draer van die gesag (en dit is wenslik dat die volle gesag berus by die staatshoof!) en die owerheid moet regeer en nie die volk nie.
>
> Nee die wese van demokrasie is dat die volk sy staatshoof kies. 'n Koninkryk kan dus nooit demokraties wees nie, want die koningskap is erflik. Net 'n Republiek kan demokraties wees: maar dan moet die demokratiese daarvan nie gesoek word in die verdeling van gesag nie, maar dit bestaan in die reg van die volk om sy owerheid (meer bepaald: sy staatshoof) te kies. Dit is die eintlike verskil tussen 'n koninkryk en 'n republiek.
>
> En juis hierin bestaan die beste van 'n republiek as staats- en regeringsvorm: die volk kan die beste man kies om hulle te regeer en daarin is hulle belange gewaarborg, terwyl by 'n koninkryk pa se oudste seun koning word net omdat hy die oudste seun is, ook al is hy 'n groot nul."

De Wet (1940:7) beredeneer die "demokrasie" wat hy voorstaan dan nog verder, tot by die aanwysing van 'n President.

> "Die volk moet dan ook direk sy President kies, dat is al die stemgeregtigde burgers moet self die President kies. So was dit by die Boere-Republieke...

> Omdat die volk die reg het om sy staatshoof te kies, daarom het die volk ook die reg om so ’n staatshoof weer te verwyder as hy sy gesag misbruik. Verwyder nie deur revolusie of wat ook al nie, maar deur die stemreg van die volk...”

Waar De Wet in bogenoemde aandui wat owerheidsgesag is en wat die verhouding tussen die volk en die owerheid moet wees, wy hy in duidelike terme uit oor die “valse demokrasie”:

> “Hierdie misbruik van gesag wat ons in Suid-Afrika so goed ken, is egter grotendeels te wyte aan die imperialisme, wat ’n vreemde gesag van buite af, op ’n volk afforseer. Dit is inderdaad nie ’n natuurlike owerheid nie, maar die mees onnatuurlike! Die sogenaamde demokrasie wat so by ons aangeprys word, is dus ’n valse demokrasie. Ons volk kies nie sy owerheid nie. Ons kies nie eers die Eersteminister nie. Maar al sou ons hom ook kies dan sou dit nog absoluut niks beteken nie, want hy net so min as die Goewerneur-Generaal is ons staatshoof. Ons staatshoof is die Britse koning wat in Londen troon en sy koningskap is erflik!
>
> Arme Afrikanervolk! En dan word ons wysgemaak dat ons demokraties is. En bo alles nog dat ons VRY is. As ’n volk egter self sy staatshoof kies – en dit kan alleen ’n vrye volk doen- dan is die gevaar van magsmisbruik feitlik uitgeskakel.”

De Wet wys verder in “Ons Christelike Republiek” dat behalwe die stemreg die vrye volk sy eie staatshoof kan kies en dat daar ook ander regte is wat die volk moet beskerm. Hy praat van die reg van “privaat-inisiatief in die volkslewe” en die “reg van verhoor” voor die regbank. Dit neem nie weg dat die volk dan ook groot verpligtinge moet nakom nie. Eerste noem De Wet “die plig van onderwerping en gehoorsaamheid aan sy wettige owerheid, die plig van krygsdiens, die plig van belasting-betaal...” Hiermee saam (waar De Wet self 'n M Econ graad ook behaal het) wys hy in watter mate ’n Republiek wel heelwat goedkoper is as die stelsel waar die land eintlik ’n deel van die Britse koninkryk is - in naam ’n demokrasie wat hy as vals beskou.

3.6.1.3 DE WET SE SIENING VAN ’N GRONDWET

De Wet wys verder op sy kennis van die verstaan van ’n land se grondwet. Hierin spreek sy studies rondom die konstitusies van Suid-Afrika grondig mee. Dit is sekerlik op dié punt wat hy en Strijdom en Malan al hoe verder uitmekaar beweeg het. Hy het ’n algeheel nuwe grondwet bepleit wat ’n Christelik Republikeinse Grondwet moet wees. Hy beredeneer dit soos volg:

> "Maar ons moet duidelik wees: hierdie Nuwe Grondwet moet 'n Christelik-Republikeinse grondwet wees. Ons kan dus die bestaande grondwet nie gaan dokter en lap en stop nie en dit dan as die Nuwe Grondwet proklameer nie. Niks daarvan nie!
>
> Die bestaande grondwet is 'n monargale grondwet, dat is: dit is 'n grondwet vir 'n koninkryk en nie vir 'n Republiek nie en jy kan dit met die beste doktery nie daartoe omvorm nie. Nee! Toe England Suid-Afrika verower het, toe het hy *Die Republikein*se konstitusies opsy geskuif en 'n monargale grondwet ingevoer. As Suid-Afrika 'n Republiek word, dan sal die monargale grondwet opsy geskuif en 'n Republikeinse Grondwet ingevoer word" (De Wet, 1940:9).

Wanneer De Wet (1940:10) "Ons Christelike Republiek" vooropstel dan is hy baie duidelik in wat die beginsels moet wees. Hy sit die grondslag uiteen. Daarin moet alles waarlik Christelik wees. Christelike wetgewing, Christelike Nasionale onderwys, Christelike Publieke sedelikheid.

Sy uiteensetting van die sentrale owerheid sien soos volg daaruit: Aan die hoof van die Republiek sal daar 'n President wees. Die President word elke drie jaar deur "Die Burgers" gekies. Die President sal by drievoudige gesag berus: Die Wetgewende gesag wat hyself moet uitoefen, bygestaan deur die Regering. Dan kom ook die Uitvoerende gesag. Daarin speel die amptenary 'n groot rol. In die laaste plek moet daar die Regsprekende gesag wees wat deur die Regbank beheer word. Regters sal deur die President en die regering aangestel word.

De Wet het duidelik plek gesien vir plaaslike owerhede. Daarvan het hy ook 'n breedvoerige uiteensetting gegee. Hierdie tipe owerhede het hy in die plek van die provinsiale en munisipale stelsels gesien. Hy was van mening dat provinsiale grense moet verdwyn. Hy stel dit: "As England nie Suid-Afrika verower het nie, sou daar geen provinsiale grense gewees het nie, maar die Afrikanervolk sou vanaf Tafelberg tot aan die Limpopo een onverdeelde volk gevorm het."
Ons kan aanvaar dat De Wet in twee(twis-)gesprek met die Nuwe Orde bly staan het. Hy het grondige verskille met hulle aangedui soos sy "Vreemde gedagtes" aantoon.

Hy het self die eie en nuwe orde vir die volkslewe in groot besonderhede uiteengesit. Dat De Wet groot ideale en duidelike beginsels in "Die Republikeinse beweging" nagestreef het, is duidelik. Hy het self gedroom van 'n nuwe geldeenheid vir die land, wat hy die "floryn" noem.

> "Op ekonomiese gebied: Die Republiek sal sy eie geldstelsel het. Met die floryn as eenheid" (De Wet, 1940:12).

Op ekonomiese gebied het De Wet kragtens finansiële stelsels sterk standpunte gehad. Hy het nie geglo in onbeperkte privaat-inisiatief (kapitalisme) nie, maar net so min het hy die vernietiging van privaat inisiatief (kommunisme) aanvaar. Die stelsel wat hy voorstaan is "beperkte privaat inisiatief-stelsel sodat almal 'n behoorlike kans kan kry". Hy beredeneer dit soos volg:

> "Dit beteken beperkte grondbesit deur maatskappye en individue. So ook sal bemarking van produkte beperk word om almal 'n kans te gee. Die boere moet hulle eie boere-markte hê, waarop hulle self hulle produkte verkoop vir billike prys wat hulle self vasstel. Die spekulant moet verdwyn..." (De Wet, 1940:12).

3.6.1.4 DE WET EN APARTHEID

De Wet se beskouing oor Jode en swartmense in Suid-Afrika het duidelike probleme na vore gebring. Sy beleid hiervolgens skep talle vrae: Eerstens sy siening oor die Joodse vraagstuk:

> "Die regte oplossing is dat die Jode moet teruggaan na hulle land (Palestina). Waarskynlik sal die huidige oorlog die oplossing bring; anders behoort *Die Weste*rse volke in konferensie die vraagstuk op te los. Maar intussen sal hulle net onderdane en nie burgers van die Republiek wees nie en as onderdane sal hulle saam met die ander blanke elemente onder strenge en behoorlike wetgewing staan, sodat geen parasitisme deur enige blanke beoefen sal word nie."

De Wet (1940:13) se beskouing rondom die posisie van swartmense lui soos volg:

> "Segregasie van nie-blankes[43]: In die Republiek sal 'n strenge segregasiebeid toegepas word. Die Naturelle in naturelle-gebiede met 'n behoorlike skema onder toesig van die Owerheid om voldoende 'werkvolk' te verskaf aan blanke werkgewers: die Indiërs in Indiër-gebiede en die Kleurlinge in Kleurling-gebiede.
>
> In hierdie nie-blanke gebiede sal die beroepsregte net aan nie-blankes behoort en beroepslisensies sal aan nie-blankes uitgereik word net in nie-blanke gebiede."

De Wet het sy "Ons Christelike Republiek" rondom die verdediging-stelsel en sosiale vraagstukke afgesluit. Met die verdediging het hy geglo die kommando en wapenskouing-stelsel is die oplossing.

[43] Rassistiese terme is in talle van die oorspronklike dokumentasie gebruik. Hier en elders behou vir historiese akkuraatheid.

Wat die sosiale vraagstukke betref het De Wet geglo "...dit is 'n historiese feit dat die Afrikanervolk die enigste blanke nasie in Suid-Afrika is - die ander blanke elemente is dele van nasies buite Suid-Afrika. Op grond van hierdie feit sal die Afrikanervolk die maatstaf wees en sal Afrikaans die amptelike landstaal wees! As oorgangsmaatreël sal Engels 'n tyd lank as tweede landstaal erken word".

3.6.1.5 DE WET SE STAATKUNDIGE OORTUIGINGS IN KONTEKS

De Wet het as teoloog en predikant met sterk politiese oortuigings hierdie "Ons Christelike Republiek" afgesluit met wat op "Godsdienstig-sedelike terrein" sy toekomsvisie was:

> "Dit dien vermeld te word dat op godsdienstig-sedelik gebied miskien nog groter herstelwerk nodig is. Die godsdienstig-sedelike verval kan in eerste instansie nie op rekening van die Afrikanervolk geplaas word nie (alhoewel ons daarmee glad nie te kenne wil gee dat ons volk hierin onskuldig staan nie), maar die vernaamste faktor wat hierdie verval bewerk het, is die ongewenste elemente wat Suid-Afrika binnegestroom het...elemente wat om God en sy gebod niks omgee nie en nog minder omgee vir die Christelike karakter van die Afrikanervolk, maar wat net hier is vir geldmaak en plesier. Van hierdie ongewenste elemente sal die Republiek langs wetlike weg gesuiwer word."

Sy laaste sterk politiese pleidooi was sy aansluiting by sy oom, genl. Christiaan de Wet, se woorde- "My volk moet 'n vry volk wees: My volk moet 'n volk wees wat God vrees".

Dit word afgelei dat CJH de Wet homself kon voorstel as toekomstige President van die Republiek van Suid-Afrika, as hy die politieke mag kon verkry. Dit is wel duidelik vanuit sy breed uitgewerkte staatkundige en politieke raamwerke en beleide en akademiese werke hy deeglik en nougeset daaroor nagedink het en daarmee geworstel het. Dit wil voorkom as hierdie "amp" in die rigting moes ontwikkel en sy politieke aspirasies voete kon kry, hy daartoe bereid sou wees.
In hierdie uiteensetting is dit wel duidelik dat De Wet kind van sy tyd was met die insigte van sy tyd. Dis daarom van belang om hom in konteks te lees, in wat Suid-Afrika 80 jaar gelede baie anders gemaak het as die land in die 21ste eeu met wat demokraties en grondwetlik 'n totaal nuwe Suid-Afrika daargestel het.

In elk geval sal baie van hierdie tipe denke sonder enige omhaal van woorde deur groot getalle mense, selfs in vandag se terme as ongrondwetlik en "rassisties" beskou word. Dit bly 'n vraag of hy as kind van sy tyd met die werklikheid van sy politieke insigte werk toe die term "rassisme" nog nie eers bestaan het nie, in watter mate sulke mense van rassisme beskuldig kan word. In

vandag se terme is so ’n beskuldiging in alle geval nie net maklik om aan te toon nie, maar ook as *ad rem.*

Dit plaas De Wet nie net as politikus in sy tyd nie, maar moet hy polities ook gelees word as teoloog tussen teoloë, as predikant tussen ander predikante.

3.7 ANDER PREDIKANTE SE POLITIESE BETROKKENHEID IN DIESELFDE TYDPERK

3.7.1 DE WET GEEN UITSONDERING

Om CJH de Wet as predikant en teoloog uit te sonder wat meer as andere by politiese aktiwiteite betrokke geraak het, sal nie aan hom reg laat geskied nie. De Wet is een van baie predikante wat polities baie aktief was. Baie van die predikante het hulle politiese deelname as deel van die vervulling van hulle roeping beskou en dit dienooreenkomstig verdedig. Heelwat van die predikante in verskillende kerkverbande in Suid-Afrika het politieke leiersrolle gehad wat die politieke betrokkenheid nog meer na vore gebring het. Dit is duidelik dat kerklike vergaderings in hulle standpunte en besluite ’n versigtige rol tot die beoordeling van predikante se betrokkenheid in die politiek gespeel het. Aan die een kant het die Kerkorde in die GKSA duidelik die bepalings kragtens artikel 30[44] van die Kerkorde dat alleen kerklike sake op kerklike wyse deur kerklike vergaderings behandel moet word. Sulke vergaderings mag nie direk in politieke sake inmeng en so tot allerlei politiekery oorgaan nie. Tog was daar altyd in die kerklike besluite dié standpunt, ook op grond van Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, dat die amp van die Owerheid duidelik in God se Woord onderskei word en dat elke gelowige ’n bepaalde roeping ontvang het wat hy/sy teenoor die Owerheid moet nakom. Hiermee saamgelees het kerklike besluite daarmee rekening moes hou dat artikel 28 van die Kerkorde[45] ’n wedersydse bepaling en verpligting bevat. Een kant word die plig van die owerhede uitgespel maar in dieselfde sin, word aan predikante opdrag gegee om getrou en ywerig by die gemeentes eer en eerbied teenoor de owerhede op te wek in soverre die owerheid voldoen aan die beginsels deur God se Woord vir hulle daargestel. Daarom is daar geen kerklike bepaling of besluit wat ’n predikant summier kon verbied om nie by

[44] Die volledige Artikel 30 KO staan soos volg: “Kerklike vergaderings moet alleen kerklike sake en dit op kerklike wyse behandel. Op meerdere vergaderings moet alleen sake behandel word wat nie in mindere vergaderings afgehandel kan word nie of sake wat by die meerdere vergaderings tuishoort.”

[45] Artikel 28 KO staan soos volg: “Soos dit die plig van die owerhede as instellings van God is om aan die kerk en sy ampsdraers hulp en beskerming te bied, so is dit die plig van alle predikante, ouderlinge en diakens om die gehoorsaamheid en eerbied wat aan die owerheid verskuldig is, getrou en ywerig by die gemeente in te skerp en hulle moet trag om in die vrees van die Here, die guns van die owerheid jeens die kerke op te wek en te behou in belang van die kerke. Dit is ook die plig van die kerklike vergaderings om korrespondensie met die owerheid te onderhou om die nodige medewerking van die owerheid te verkry en in voorkomende gevalle as kerk van Christus voor die owerheid te getuig.”

politieke sake betrokke te raak nie, alhoewel daar altyd kragtens Artikel 30 van die Kerkorde na ’n versigtige benadering en betrokkenheid gestreef sal moet word.

3.7.1.1 LP VORSTER EN WJ DE KLERK

Een van die vroegste predikante in die GKSA wat polities baie aktief en uitgesproke was, was ds. LP Vorster (1862-1934). Ds. Vorster het geglo dat dit die plig van ’n predikant is om polities betrokke te wees. In dieselfde tyd het Vorster die uitsprake van ds. Andrew Murray, wat gemaan het dat predikante uit die partypolitiek moes bly, as “dopers-asketies” beskou. Vorster was betrokke by die Nasionale Party vanaf sy stigting in 1915. Hy het die kiesafdeling Albert, wat die groter distrikte van Burgersdorp ingesluit het, toe reeds as volksraadslid verteenwoordig terwyl hy predikant was. Hy het met daaropvolgende verkiesings steeds die setel behou en predikant gebly. Vorster het hom deurgaans vir Die Republikeinse ideaal beywer. Dit kan aanvaar word dat hy en CJH de Wet in dié opsig vroeg reeds politiese bondgenote was – ’n ideaal wat by De Wet die alles-oorheersende in sy politieke loopbaan geword het.

Nog ’n predikant wat die politiese seile wyd gespan het in die GKSA was ds. WJ de Klerk, grootvader van die latere oud-pres FW de Klerk. De Klerk het homself vir die kandidatuur van die Nasionale Party, direk ná die stigting in Potchefstroom, beskikbaar gestel. Dit het volgens Jooste (1958:258) groot beroeringe in Potchefstroom veroorsaak. Die politiek rondom De Klerk het in die studentetyd van CJH de Wet prominent aandag op sinodale vergaderings verkry vanweë baie lidmate se beswaardheid weens die vermenging van kerk en politiek. Daar is besluit dat die sinode nie verder op hierdie saak sou ingaan nie (Acta,1916: Art 83). Hierin kom dit na vore dat kerke besluit het dat hulle geen bedienaar van die Woord kon verbied om polities aktief deel te neem nie, soos wat die geval met CJH de Wet was.

Hierdie besluit het verdere prinsipiële besinning van kerklike vergaderings geverg. Opmerklik dat daar in die vroeëre geskiedenis van die GKSA rondom die 1914-rebellie die besluite oor predikante wat hulle vir die parlement verkiesbaar wil stel, geneem is (Du Plessis, 1988:364). Die riglyn wat toe in die GKSA gegeld het, is dat dit vir so ’n predikant op grond van Art 12 Kerkorde[46] nie nodig was om tot ander staat van die lewe oor te gaan nie. Kerklike vergaderings het op die vroeëre stadium anders besluit as wat later die geval was.

[46] Artikel 12 KO staan soos volg: “Omdat 'n bedienaar van die Woord wat eenmaal wettig beroep is, lewenslank aan die kerkdiens verbonde is, mag hy nie tot 'n ander staat van die lewe oorgaan nie, behalwe om gewigtige redes waaroor die kerkraad en die klassis moet oordeel met advies van die deputate van die streeksinode.”

In die geval van ds. LP Vorster was die besluit in 1916 dat die Dortse Kerkorde art. 12 nie van toepassing is op 'n predikant wat tot die parlement verkies is nie (Du Plessis, 1988:209). So 'n predikant bly in diens al word hy tot die parlement verkies en moet hy met sy kerkraad die nodige reëlings tref vir Woord- en Sakramentsbediening en herderlike werk terwyl hy parlementsittings bywoon. In latere gevalle soos bv. dié van ds. CWM du Toit het dit al duideliker geword dat die vorige besluite hersien moet word en dat dit inderdaad op grond van Art 12 Kerkorde hanteer moet word. Hierdie persone is toe daartoe genoop om op grond van Art 12 tot "ander staat van die lewe" oor te gaan. Dit lyk inderdaad die regte prosedure te wees as 'n vroeëre predikant voltyds in politieke strukture betrokke wil wees moet hy vanweë gewigtige redes van sy lewenslange roeping losgemaak kan word.

In Oktober 1941 het WJ de Klerk en die redakteur van *Die Kerkblad*, ds. JV Coetzee, ernstig verskil oor 'n inleidingsartikel wat Coetzee in *Die Kerkblad* (17 Okt. 1941) rondom "eedverbreking" geskryf het. De Klerk neem Coetzee in twee briewe dit kwalik dat hulle (De Klerk ingesluit) wat vroeër by die Ossewabrandwag (OB) aangesluit het en met 'n eed daartoe verbind was, veral diegene wat by Monumentkoppie op 9 Sept. 1939 'n vorm van eed moes aflê, nou nie meer die eed in ere gehou het nie (GKSAA: Teologiese Skool Kuratorium Bylaes 1941-1944. 2.1.3. 21 Okt 1941, 29 Okt 1941.2.1.3.1).

De Klerk se verweer was dat die OB wat in 1939 opgetree het en die OB in sy vorm in 1941 drasties van mekaar verskil het en dat die OB van sy koers gewyk het. Volgens De Klerk was die OB in 1939 nou aan die Nasionale Party (HNP) verbonde en sy ledetal was 300 000 omdat hy nie toe in spanning met die HNP was nie, maar intussen het daar groot verskille tussen die twee organisasies ontstaan. Die feit dat die OB al hoe meer teen die partystelsel begin werk het, het De Klerk van die OB begin vervreem. Hy neem die OB kwalik dat die gees van "Nasionaal-sosialisme het sy kop al hoër en hoër uitgesteek" (Brief gedateer 21 Okt. 1941). De Klerk is van mening dat hulle leiers die reg het om hulle lede vanuit die OB terug te roep en "onverdeelde trou aan die party te bewys". De Klerk sluit sy brief af: "Die verbreking van die eed, as daar 'n verbreking is, moet gesoek word by die OB en nie by die HNP nie".

3.7.1.2 CWM DU TOIT EN DIE NUWE ORDE

'n Ander politiese aktiewe predikant wie se dienstyd in die GKSA gedeeltelik met dié van De Wet oorvleuel het, was ds. CWM du Toit (1890-1962) . Du Toit was De Wet se opvolger as predikant

in Bloemfontein toe De Wet as teologiese professor in Potchefstroom beroep is. Du Toit het ten nouste met De Wet saamgewerk met die 1933- Bybelvertaling waar Du Toit soos De Wet in die breë kommissie van die eindvertalers gedien het. Alhoewel beide, Du Toit en De Wet invloedryk in die kerklike lewe betrokke was, was Du Toit en De Wet beslis nie voortdurend van dieselfde politieke standpunte oortuig nie.

Vanaf 1929 het Du Toit voltyds politikus geword toe daar in Bloemfontein twee setels vir die Nasionale Party gewen is. Du Toit het kort daarna as volksraadslid in die Unie-Volksraad begin dien. As volksraadslid het hy eers vir die Edenburg-kiesafdeling verteenwoordig en later ook die Colesberg - kiesafdeling, ná hy van die Edenburg-setel afstand gedoen het. Hy het later gepoog om in 1938 in Krugersdorp sy politieke merk te maak, maar het nie daar as lid ingekom nie. Die Verenigde Party het toe reeds bestaan en Du Toit het, soos De Wet, by die “Gesuiwerdes” gestaan. Du Toit was een van 19 ander “gesuiwerde nasionaliste” wat in 1934 reeds as LV’s gedien het, maar teen Hertzog besluit het, deur nie lede van die nuwe Verenigde Party te word nie. Du Toit is toe kort hierna as ’n “Gesuiwerde” LV vir die kiesafdeling Marico verkies.

DF Malan was as jong man reeds krities ingestel op CWM du Toit se vader, ds. SJ du Toit wat in 1895 noodgedwong ’n medewerker van Cecil John Rhodes geword het. Omdat gerugte reeds versprei is dat Du Toit “in Rhodes se sak was”, het Malan sekere vrae oor SJ du Toit laat vra, waar SJ du Toit ook bekend was as predikant wat nie geskroom het om polities baie aktief te wees nie. Sommige historici het hierdie samewerking tussen Du Toit en Rhodes as ’n “onverklaarbare verskynsel” beskryf. Scholtz (1975:195) wys daarop dat dit nie so onverklaarbaar is nie, gegewe SJ du Toit se groot ontnugtering wat hy in sy tyd in Transvaal ondergaan het, sy bankrotskap, die sg “Hollandse kliek” van Pretoria en ook hoe sy en pres. Paul Kruger se weë uiteengegaan het Opmerklik hoe dit in hoofsaak die politiek in Transvaal was wat vir SJ du Toit in die arms van Rhodes laat beland het.

Soos De Wet het ds. SJ du Toit se seun, ds. CWM du Toit nie enduit die pad met DF Malan geloop nie. Verwikkelinge met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog toe genl. Hertzog nie langer met genl. Smuts verenig kon bly nie, het Oswald Pirow, een van Hertzog se getrouste volgelinge oor baie jare, in geheel uit sy Nasionaal-Sosialistiese kas geklim en volgens Koorts (2014:345) het hy en genl. Jan Kemp ’n nuwe politieke party genaamd die “Volksparty” gestig.

CWM du Toit het hom in dieselfde tyd tot hierdie politieke rigting van Pirow gewend, wat baie gou vir Du Toit in die geledere van die “Nuwe Orde” ’n staanplek verskaf het. De Wet was op daardie

stadium reeds baie dieper die politieke wildernis ingedryf en het hy nog Malan, nog Pirow, nog Strijdom, nog minder Hertzog polities nagevolg. De Wet se openlike verwerping van Nasionaal-Sosialisme en sy openlike opstelling teen Nazisme het hom en Du Toit wat by Pirow gestaan het, buite politieke bereik van mekaar geplaas.

Aanvanklik was die “Nuwe Orde” van Pirow ’n politieke beweging in die “Volksparty” maar DF Malan kon vir lank die “Nuwe Orde” met hulle eie propaganda en eie party-struktuur duld nie. Malan het in Augustus 1941 ’n mosie kon deurvoer wat nie hierdie “Nuwe Orde” langer in party-geledere goedgesind was nie. So het Pirow en 17 ander lede, CWM du Toit ingesluit, in Augustus 1941 vanaf Malan weggebreek.

Pirow, ook ’n oud-student van Potchefstroom (Scholtz, 1981:631) en een wat sy *alma mater* gereeld besoek het, het nie gehuiwer om in Potchefstroom, waar CJH de Wet sekerlik teenwoordig kon gewees het, sekere radikale politieke uitsprake te maak nie. Scholtz (1979:461) wys daarop hoe Pirow in Sept. 1937 voor die studente in Potchefstroom felle kritiek teen demokrasie uitgespreek het. Moodie (1980:210) stel dit dat Pirow so vroeg as 1934 eintlik geen pleitbesorger vir demokrasie meer was nie. Hy sou hom toe reeds ten gunste van ’n republiek en “diktatorskap” uitgespreek het.

Almal was wel bewus dat Pirow meermale met Adolf Hitler in sy ministeriële jare in direkte kontak was. Met hierdie besoeke aan Europa het Pirow ook met Mussolini kontak gemaak. Van Tonder (2013:20) stel dit dat daar bewyse bestaan dat Pirow self nie ’n gelowige was nie. Volgens hierdie getuienis het Pirow dit gestel dat ’n volk se heil eerder in ’n nasionaal-sosialistiese benadering geleë was as in die navolging van die Profeet van Nasaret. Pirow het volgens dieselfde getuienis oor die Kerk se onmag om die lot van Afrikaners te verander te velde getrek. Scholtz (1981:633) wys ook daarop dat Pirow nie lid van van ’n Afrikaanse Kerk was nie. Verder stel Scholtz dit dat Pirow “selde indien ooit genooi (is) om aan ’n Geloftedagviering deel te neem en hy het hom ook nie altyd in die geselskap van die nasionaalgesinde Afrikanerdom tuis gevoel nie”. CWM du Toit het voortdurend geskerm dat dit nie waar is dat die “Nuwe Orde” nie gelowig sy uitgangspunte stel nie.

Dit bring sekere vrae na vore, soos waarom CJH de Wet dan wel in *Die Kerkblad* (6 Nov. 1942:13) redelik breedvoerig aan politieke uitsprake van Pirow in Lydenburg aandag gegee het. Die bedoeling kon wees om lesers van die blad op hoogte te bring van uitsprake van Pirow waarteen De Wet gemeen het Pirow en sy aanhangers “kerklik” gewaarsku moes word. De Wet het in sy

brief inleidend opgemerk dat hy net kerklik wou reageer op Pirow want hy besef “die politiek van adv. Pirow met sy nuwe orde... dit hoort nie tuis in ’n kerkblad nie”.

Dit het gou in opvolgende uitgawes van *Die Kerkblad* duidelik geword dat daar inderdaad lidmate in die GKSA was wat Pirow en sy “Nuwe Orde” gesteun het. Een so ’n leser en briefskrywer was HB van der Walt wat in *Die Kerkblad* (4 Des 1942) skerp op De Wet gereageer het. Van der Walt het gemeen dat De Wet veronderstel is om “’n deeglike studie van hierdie Nuwe Orde te maak en minder waarde te heg aan ’n kreupele persberig...” Dieselfde briefskrywer sluit in ’n dreigende toon teen al die professore af as hy skrywe “dat hierdie halsoorkop en sonder 100% deeglike studie veroordelings van ons professore nou regtig ’n end moet kry!” De Wet het op 18 Des 1944 in dieselfde kerklike orgaan weer gereageer op Van der Walt en hom verseker dat hy wel deeglike studie van die “Nuwe Orde” gemaak het en hulle “roekelose uitdagings”. De Wet sluit af: “Ek dink br. Van der Walt behoort versigtiger te wees met sy veroordelings”.

In hoofsaak het De Wet gewaarsku dat Pirow nie kon voortgaan om die Afrikaner wys te maak dat die Afrikaner “eendag sal moet kies vir of teen Nasionaal-Sosialisme, sonder enige rekening te hou met Christelik-nasionaal of Calvinistiese oortuiging!” De Wet stel dan sy Calvinistiese politiek soos volg as hy skrywe:

> “Hierin beluister ek ’n uitdaging of dreigement al as adv. Pirow sy sin kry met sy “Nuwe Orde” dan sal daar godsdienstig-sedelike dwang op ons volk uitgeoefen word: daar sal geen rekening gehou word met jou godsdienstig-sedelike oortuigings nie, maar jy sal ingewring word in die “Nuwe Orde” keurslyf. Aan hierdie astrante uitdagings wil ek duidelik en beslis in naam van die Calvinistiese Christelikheid van ons volk die handskoen toewerp en aan adv. Pirow sê: ‘Die Afrikanervolk is in sy diepste wese nog ’n Calvinisties Christelike volk en die kenmerk van die Calvinistiese godsdiens was en is en sal wees dat hy vir godsdiens- en gewetensvryheid God meer gehoorsaam as die mens: dat hy hom net voor God en anders voor niemand buig nie!
>
> Ons volk sal hom beslis nie voor die keuse van ‘vir of teen’ enige iets laat dwing nie: met hierdie nageaapte grootdoenery sal ons beslis net niks te doen hê nie.
>
> Adv. Pirow veroordeel dit dat daar met die Calvinisme gespekuleer word vir politieke doeleindes: maar hy self buit tog ook weer die Calvinisme uit vir sy ’Groep-belange’ want hy sê dat die ‘egte Calvinistiese geloof van die Boerenasie deel uitmaak van die “Nuwe Orde”!

> Ek wonder wat adv. Pirow nou eintlik nog weet van die 'egte Calvinistiese geloof van die Boerenasie'. Hierdie uitbuiting van ons volk se godsdienstig-sedelike gevoel moet nou inderdaad 'n end kry". (*Die Kerkblad*, 6 Nov. 1942).

Hierdie skrywe van De Wet is die vorige jaar (27 Jan. 1941) voorafgegaan deur optredes waar CJH de Wet en JD du Toit (Totius) op 'n meerdere vergadering reeds 'n afwysende uitspraak oor die "Nuwe Orde" gemaak het. Die Gereformeerde Partikuliere Sinode van Transvaal was in 1941 in sitting twee maande na die stigting van die "Nuwe Orde". De Wet en Du Toit het tydens die vergadering 'n gesamentlike verklaring uitgereik waar hulle die sinode versoek om hierdie "allerbelangrikste maar ook allergevaarlikste" beweging te verwerp. Van Tonder (1913:20) wys daarop dat De Wet en Du Toit na hierdie beweging verwys het as dat dit 'n vergoddeliking van die staat is soos by die nasionaal-sosialisme. Scholtz (1984:158) vat De Wet en Du Toit se verklaring volledig saam wat soos volg lui:

> "Voorop moet staan dat ons as Bybelgelowiges en Calviniste die hoofpunt van die 'nuwe orde' geensins kan aanvaar nie, want die 'nuwe orde' gaan uit van die vergoddeliking van die staatsmag en vergoding van die nasie as sodanig. Hieruit moet noodsaaklik volg die verloëning van God in Sy Hoogheid en die opheffing van die selfstandige kringe in die volkslewe, wat ingevolge die uitspraak van die Skrif hul reg van bestaan erlang het soos bv. die kerk, die huisgesin, die skool, ens... Deur die woord Christelik by die 'nuwe orde' te voeg, word die saak geensins Christelik nie, maar is die vrees nie ongegrond nie dat dit gebruik word as 'n vlag om 'n sekere lading te dek. Inteendeel is die verbinding van 'Christelik' en 'nuwe orde' in histories geworde geldende sin 'n teenstrydigheid"

Scholtz (1984:159) beweer dat ds. JV Coetzee self ook in die afwysing van die orde saam met De Wet en JD du Toit opgetree het.

Die driemanskap De Wet, JD du Toit en Coetzee met De Wet vooraan het selfs verder gegaan en die sinode versoek dat die ander Afrikaanse kerke hulle in "gelyke gees" hieroor sal uitspreek. Verder is daar besluit dat 'n pamflet opgestel moes word om die gevare van die "Nuwe Orde" uit te spel en aan alle lidmate te versprei. In die tyd waar die afwysinge plaasgevind het, het die twee half-broers JD du Toit en CWM du Toit polities teen mekaar te staan gekom, want CWM du Toit was van die predikante wat die sterkste kapsie gemaak het teen die verklaring van die driemanskap teen die "Nuwe Orde".

CWM du Toit het die "Nuwe Orde" verdedig as die oplossing vir 'n nuwe Republikeinse staat. Hy wys daarop dat die "Nuwe Orde" hom vir die stigting van 'n Suid-Afrikaanse Christelike blanke

nasionaal-sosialistiese republiek beywer. Hy het nog verder gegaan en op 17 Februarie 1941 voorgestel dat die kerke self die bepalings van Christelike godsdiens vir die Beweging kon opstel (Van Tonder,2013:20). Scholtz (1984:159) wys daarop dat CWM du Toit geredeneer het dat die kritiek van die Sinode "miskien mag geld teen die nuwe orde wat ons nou in Suid-Afrika propageer nie...ons erken die leiding van God". Nadat De Wet saam met JD du Toit en Coetzee daarin kon slaag om die totalitêre karakter van die Nuwe Orde baie deeglik te ontbloot, het dit daartoe bygedra dat CWM du Toit en Oswald Pirow na die algemene verkiesing van 7 Julie 1943 "vir goed van die politieke toneel verdwyn" (Scholtz, 1984:159).

Nog 'n predikant in die GKSA wat in die tyd nie gehuiwer het om politiese uitsprake te maak nie, was ds. (latere prof.) PJS de Klerk. In die tyd wat CJH de Wet aktief in die politiek gestaan het, was De Klerk predikant van die Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos. De Klerk het geglo dat 'n nuwe heidendom in Duitsland aan die ontwikkel was. PJS de Klerk het soveel polities gelaaide uitsprake, selfs vanaf die kansel, gemaak dat lidmate daarteen beswaar gemaak het (Van Tonder, 2013:114).

De Klerk het met ds. CWM du Toit haaks geraak oor dieselfde redes waaroor De Wet en Du Toit van mekaar verskil het. De Klerk se uitdaging aan Du Toit was moontlik net nog meer uitdagend. Du Toit was op die stadium steeds LV van die Marico-kiesafdeling. De Klerk het in 'n stadium vir CWM du Toit uitgedaag om hom binne die volgende twee maande op enige openbare platform te ontmoet om te debatteer oor De Klerk se stelling dat die inhoud van ds. Du Toit se pamflet oor die Nuwe Orde "in flagrante stryd met Gods Woord" sou wees. Dit het uitgeloop op 'n openbare debat op 23 Oktober 1941 in die Nasionale Klubsaal in Paul Krugerstraat, Pretoria, waar ds. Du Toit sy siening verdedig het dat "die Nuwe Orde met sy Nasionaal-sosialistiese grondslag vir Suid-Afrika vir ons Boerenasie aanneemlik is en versoen kan word met die Calvinistiese lewensbeskouing".[47] De Klerk het dit betwis. Aansienlik meer mense het opgedaag as vir wie plek in die saal was, maar onder die voorsitterskap van oudmin. PGW. Grobler, ook 'n Gereformeerde lidmaat, het die debat ordelik verloop.

In verband met CWM du Toit se verdere kerklike lewe en betrokkenheid in die GKSA is daar tydens 'n kuratore-vergadering in Nov 1942 deur ds JV Coetzee navraag gedoen "in die geval van CWM du Toit wat bedank het as lidmaat van die Geref Kerk en dus vanself af is as predikant". Die verdere advies van die Regsdeputate is toe ingewin en daar is aanbeveel dat daar aan die kerkverband by wyse van die korresponderende Kerkraad van die OVS in *Die Kerkblad* kennis

[47] Die strekking hiervan is dieselfde as waarmee De Wet vir Pirow uitgedaag het.

gegee moet word (GKSAA: Teologiese Skool Kuratorium Bylaes 1941-1944. 2.1.3. 16 Maart 1942. 2.1.3.2. Art 17).

3.7.1.3 POLITIEKE TYD- EN STRYDGENOTE VAN DE WET BUITE GKSA

3.7.1.3.1 CR KOTZÉ

Daar was heelwat ander predikante en tydgenote van CJH de Wet wat nie deel van die GKSA kerkverband was nie, maar soos De Wet polities aktiewe deelname getoon het. Die naam van ds. CR Kotzé (1881-1950) tree hier na vore, waar hy in 1941 met De Wet noue samewerking gehad het rondom die Joodse vraagstuk in Suid-Afrika. De Wet het hierdie jaar 'n lesing by die Federasie van die Studente Calvinistiese verenigings in Suid-Afrika gelewer (*Koers in die krisis*:1941) wat handel oor Die Volk Israel onder die volke. Ds. Kotzé het by dieselfde geleentheid oor Die Joodse vraagstuk gehandel. Die twee lesings het sterk raakvlakke wat daarop dui dat die twee predikante oor hierdie moeilike vraagstuk sterk aansluiting bymekaar gevind het.

Ds. Kotze was, volgens Strauss (2014:97), in die NG Kerk se Tweetoring-gemeente in Bloemfontein 'n baie bekende bedienaar gewees. Gemeentes wat Kotzé vroeër bedien het, sluit in Salisbury (die latere Harare in Zimbabwe; vanaf 1911 tot 1917), vanaf 1918 tot 1921 was hy in Tarkastad predikant gewees, daarna was in hy in Kimberley (Du Toitspan-gemeente) en vanaf 1934 tot 1947 was hy predikant in Bloemfontein. De Wet was wel vroeër as Kotzé vir 'n kort tyd predikant in Bloemfontein, terwyl Kimberley en Bloemfontein nie ver vanmekaar geleë is nie. Hulle sou mekaar maklik kon opsoek.

Daar is verskeie ooreenkomste op vroeë ouderdom tussen De Wet en Kotzé. Soos De Wet het hy ook as jong man aan die Tweede Suid-Afrikaanse oorlog (1899-1902) as jongman deelgeneem en is soos De Wet gevange geneem en na St Helena verban. Dit is baie waarskynlik dat hulle mekaar baie vroeg goed kon leer ken en mekaar kon beïnvloed het.

Kotzé was in die NG Kerk in die laat jare twintig van die vorige eeu 'n sterk teenstander teen prof. J. du Plessis (Loots,1977:490). Die Du Plessis- saak het in die NG-Kerk 'n groot saak rondom leerkwessies geword. In dié opsig was hy en De Wet, alhoewel in verskillende kerkverbande medestanders, omdat De Wet ook baie sterk standpunte teen Du Plessis ingeneem het. Kotzé was in dié tyd die outeur van die werk "Die dwaling in ons kerk".

Volgens Olivier (2002:260) was ds. Kotzé baie bekend in Bloemfontein as 'n "onkreukbare Afrikaner wat geen kompromie geken het nie". Olivier (2002:260) wys verder daarop dat die Ossewabrandwag (OB) in Feb. 1939 in die pastorie van ds. Kotzé gestig is. Prinsloo (1996:350) bevestig dat ds. Kotzé in hierdie tyd as voorsitter verkies is; saam met hom is verkies, NGS van der Walt as sekretaris en kol. Laas wat later as leier en organiseerder na vore getree het. NGS van der Walt was in sy studentedae in verskeie opsigte as iemand baie naby De Wet geïdentifiseer (Marx: 2008: 503). Prinsloo (1996:352) wys verder daarop dat ds. Kotzé die man was wat tydens die Heldedagfeesvierings in Bloemfontein OB-lede gemotiveer het "om volkshelde te vereer, waarna kranse op die grafte van pres. MT Steyn en CR de Wet gelê is".

Vanaf 1941 het die OB hom al meer teen demokrasie uitgespreek, 'n al meer militêre beeld vertoon het en in sommige gevalle by sabotasies betrokke geraak. Dit was die tyd wat ds. Kotzé hom nie langer met die OB kon identifiseer nie en hy het uit die beweging bedank. Opvallend is dat CJH de Wet nooit direk met die OB verbind kon word nie en deurlopend heelwat kritiek teen die beweging geuiter het. In dié opsig was hy en Kotzé duidelik nie deelgenote van die begin af gewees nie. Loots (1977:490) wys daarop dat ds. Kotzé in die tyd wat hy in 1920 en 1921 in Tarkastad was 'n "pennestryd teen die chiliaste gevoer het". Dit kan nog 'n verskil tussen hom en De Wet konstateer omdat dit wil voorkom of, soos De Wet ouer geword het, hy al meer 'n simpatieke hart en oor teenoor die Gereformeerde groepering van chiliasme getoon het.

3.7.1.3.2 NJ VAN DER MERWE

'n Vroeëre NG-predikant wat polities diep spore getrap het en wat omtrent dieselfde tyd as De Wet gebore is, is dr. NJ van der Merwe (1888-1940). Hy is in Senekal, ook as 'n Vrystater, gebore en was sy lewe lank hoofsaaklik deel van die Vrystaatse politiek. Sy skoonvader was president MT Steyn. Volgens Langner (2015:14) was Van der Merwe op deurlopende wyse aan die president blootgestel, lank voor daar nog sprake was van 'n huwelik met die president se dogter. Toe NJ van der Merwe 'n jong seuntjie was, het pres Steyn Fauresmith besoek, waarheen die Van der Merwes intussen verhuis het en waar dit die 5-jarige NJ se eerste ontmoeting met die president was.[48] Hy is in 1916 met die tweede jongste dogter van die president getroud.

Van der Merwe het sy skoonpa se lewe en politiek so sy eie gemaak dat uit sy pen 'n uitgebreide lewensbeskrywing oor pres. MT Steyn verskyn het. Van Schoor (1987:851) wys daarop dat Van der Merwe kort na die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog Potchefstroom besoek het en aktief

[48] Die gesin het voor hulle na Fauresmith verhuis het, ook op Koffiefontein gebly.

betrokke geraak het by die protesbeweging (rebellie) waarby CJH de Wet se oom genl. CR de Wet aktief betrokke was. Kort hierna het Van der Merwe hom by sy skoonvader, pres. MT Steyn by Onze Rust aangesluit waar hy as sekretaris van Steyn behulpsaam was met die opstel van telegramme en met briewe aan die rebelleleiers en die owerheid. Volgens Langner (2015:121) het NJ van der Merwe homself eers as onderwyser bekwaam en het hy dan later op sy tuisdorp, Fauresmith 'n tyd lank skoolgehou. As onderwyser het hy hom in die sport en die kultuurlewe onderskei. Hy was deel van die Vrystaat se Curriebekerspan en was die stigter van die eerste Afrikaanse jeug- en debatsvereniging in die Suid-Vrystaat.

Hierna het die roeping om predikant te word, posgevat en is Van der Merwe na Stellenbosch om teologie te studeer. Volgens Langner (2015:13) was dit 'n belofte van Van der Merwe se ma, Anna (geb. Du Toit) dat toe die driejarige NJ dodelik siek was en almal sy ma op sy sterwe wou voorberei, dit sy was wat geglo het sy kon net vir haar kind bid. Sy het toe reeds 'n ouer seuntjie Hendrik aan die dood moes afstaan. Hierdie was hulle enigste seun tussen 6 dogters. Sy het volgens die getuienis die Here gesmeek om hulle seuntjie te red en is daar geglo dat "NJ het voor die poorte van die hemel omgedraai en 'n sterk en gesonde seun geword". Volgens Langner (2015:13) het Anna dikwels gesê: "Hy is my Samuel, want ek het hom van die Here afgesmeek en hy moet eendag as hy groot is, niks anders wees as 'n dienskneg van die Here nie".

So het NJ, wel toe al onderwyser, waarskynlik aan die herinnering van sy ouers na Stellenbosch gegaan om predikant te word. As De Wet en Van der Merwe mekaar nie op Sannaspos leer ken het nie, sou hulle heel waarskynlik in Stellenbosch mekaar dikwels ontmoet het. In Stellenbosch het sy liefde vir Afrikaans net nog duideliker geword. In sy studentejare neem hy leiding in die Christelike Studentevereniging (CSV) waar hy later as voorsitter gedien het.

Hy het vroeër as De Wet in die bediening getree en was as NG predikant met "hulpdiens" in Port Elizabeth (1913-1915), daarna was hy as voltydse predikant in die NG Kerk Wepener (1915-1919) en daarna het hy, so bietjie vroeër as de Wet, by die VU in Amsterdam gaan studeer waar hy sy doktorsgraad in Nuwe Testament verwerf het. Sy proefskrif het gehandel oor "Die sosiale prediking van Jesus Christus" (Langner,2015:124, Van Schoor, 1987:852). Van NJ van der Merwe word dieselfde uitsonderlike prestasie vermeld as wat by De Wet die geval was, naamlik dat hulle beide hulle onderskeie proefskrifte in Afrikaans geskryf het. Langner (2015:124) beskryf hierdie studie as die "heel eerste Afrikaanse doktorsgraad in Teologie". Dit is vatbaar vir bespreking of hierdie plek nie eintlik De Wet toekom nie. Wat wel met sekerheid gesê kan word, is dat De Wet se studie beslis die heel eerste kerkregtelike studie in Afrikaans was. Vanaf 1921-

1924 was Van der Merwe predikant in die NG Kerk Theunissen waarna hy voltyds in die politiek getree het.

'n Saak waarin Van der Merwe en De Wet sterk bymekaar aangesluit het en daar noue samewerking tussen hulle was, was by die eerste vertaling van die Bybel in Afrikaans.

Van der Merwe het by sy eerste sinodesitting in 1916 al vir 'n Afrikaanse Bybel gepleit. Langner (2015:123) wys daarop hoe ds. JD Kestell toe as voorsitter van die eerste Afrikaanse Bybelvertalingskommissie benoem is en Van der Merwe het as sekretaris op hierdie kommissie begin dien. Dit was ook Van der Merwe wat aanvanklik gevoel het die vertaalwerk vorder te stadig. Hy het die voorstel gemaak dat mense spesiaal vir die werk afgesonder moes word. Sy voorstel is aanvaar en op die wyse is JD du Toit (Totius) later deur die sinode van die Gereformeerde Kerke benoem om hom 'n tyd lank met 5 ander vertalers uit die verskillende Afrikaanse kerkverbande net vir hierdie vertaling af te sonder. CJH de Wet het as adviseur vir hierdie vertaling gedien.

Toe die vertaalwerk van die eerste Bybel in Afrikaans na 17 jaar voltooi is, was Van der Merwe teenwoordig by die ontvangs van die eerste besending van hierdie nuwe gedrukte Bybels toe dit in 1933 in Kaapstad gearriveer het. Op foto's van oopmaak van die eerste krat, is NJ van der Merwe op die foto teenwoordig. Opvallend is dit dat op hierdie dag De Wet en JD du Toit, wat so nou met hierdie vertaling gemoeid was, nie op die foto teenwoordig is nie. JD Kestell het na die ontvangs van hierdie eerste Afrikaanse Bybels vir NJ van der Merwe die volgende geskryf:

> "Ek kan nie vergeet wat u gedoen het vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans nie. Ondermeer dink ek aan u voorstel in die Vrystaatse Sinode wat die begin was van die arbeid wat die Kerke bestee het aan die vertaling van die Bybel in Afrikaans."

Hy was tydens die Sinode waarop daar besluit is om die Bybel in Afrikaans te vertaal ook die baanbreker dat daar in Afrikaans gepreek moet word. Hierdie voorstel is goedgekeur.

NJ van der Merwe word gereken as een van die besondere "eksponente van 'n Afrikaanse Neo-Calvinisme, of Boere-Calvinisme" (Strauss 1998:54). Van Schoor (1987:852) beskryf die ideaal van 'n republikeinse staatsvorm vir Suid-Afrika as een van die belangrikste dryfvere in Van der Merwe se politieke loopbaan. In dié opsig het hy en De Wet baie nou bymekaar aangesluit. So openlik en kragdadig as wat Van der Merwe "Die Republikeinse" strewe en beweging in die Vrystaat ondersteun het, so het De Wet dit in Transvaal gedoen. Saam met CWM du Toit en dr.

TC Visser was Van der Merwe deel van “Die Republikeinse Bond” wat in September 1930 gestig is. Anders as De Wet was Van der Merwe die persoon wat alles in sy vermoë gedoen het dat Malan en Hertzog na die eerste skeuring weer polities met mekaar moet versoen. Hy het dit as ideaal vir lank nagejaag waar dit voorkom of De Wet van mening was dit nooit haalbaar sou wees nie. Waar De Wet saam met JG Strijdom en M Jansen gesamentlik die eerste drie leiers van die Gesuiwerde NP in Transvaal was, is Van der Merwe in dieselfde jaar as leier van die Gesuiwerde NP in die Vrystaat gekies.

Van der Merwe het self geen probleem daarmee gehad om na homself as Calvinistiese Afrikaner te verwys nie. Om as “egte Calvinis” en in dieselfde asem as “ware volksman” bekend te staan, was aanvaar as identiteite wat mekaar ingesluit het. So het die “Boere-Calviniste” mekaar verstaan. ’n Ware Calvinis moes ’n ware volksman ook wees. Daar is talle voorbeelde in De Wet se vroeëre lewe net soos by Van der Merwe dat hy polities sy volkskap met Calvinisme ingekleur het en so sy politiek uitgeleef het. Van der Merwe het in Julie 1929 die eerste voorsitter geword van die pas gestigte Calvinistiese Bond (Strauss,1998:56). Van der Merwe het saam met CJH de Wet bydraes gelewer in die reeks “Koers in die krisis”, waarvan die eerste uitgawe in 1935 verskyn het. In hierdie eerste uitgawe is Van der Merwe se bydrae getiteld “Calvinisme en kultuur”.

Daar is baie ander voorbeelde van ooreenkomste wat tussen Van der Merwe en De Wet getref kan word. Benewens dat hulle bedieningstyd grootliks oorvleuel word aanvaar dat hierdie “Boere-Calviniste” veral in die dertigerjare van die vorige eeu ’n baie dominante rol op verskeie terreine van die lewe uitgeoefen het. Van der Merwe was ’n kultuurman op vele terreine waar hy, benewens die party-politiese verpligtinge en leiersrol wat hy vervul het, hoofleier van die Voortrekkerbeweging (1931-1940) was en intens by die Vrystaatse Helpmekaar betrokke was. Benewens sy groot rol by die reeds genoemde Calvinistiese bond is hy op die direksie van Nasionale Pers en Voortrekkerpers benoem. Hy was op die Raad van die Universiteitskollege van Bloemfontein; hy was lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; hy was deel van die sentrale Volksmonumentekomitee wat die oprigting van die Voortrekkermonument in Pretoria moes behartig; en hy was bestuurslid van “Die Republikeinse Bond”. Dit is duidelik dat by die politieke- ondernemings en sake waarby Van der Merwe baie betrokke was, die politiek van CJH de Wet ondersteunend daartoe was, alhoewel CJH de Wet nie sy vlerke so wyd gesprei het as wat by Van der Merwe die geval was nie. Op ’n foto wat in 1935 van die Nasionale Party se Federale Raad geneem is, verskyn Van der Merwe en CJH de Wet.

Die oorsprong en rigting waarbinne Abraham Kuyper (1837-1920) gedink en gewerk het, hetsy teologies of staatkundig, word gekenmerk deur ’n kultuurfilosofie wat ’n besondere soort volks- en rasse teologie tot gevolg gehad het. Volgens Brümmer (2016) was die denksisteem van Kuyper uiters bruikbaar vir die ideologiese onderbou vir Afrikaner-nasionalisme en aansluitend ook vir die beleid van apartheid. Dit het sterk tetiese denke veroorsaak wat sake of sinteties tot christelik verklaar het of as die antitese aan die lig kom is dit gewoon as onchristelik getipeer.

Op die volkslewe toegepas is dit by De Wet en Van der Merwe duidelik die geval dat van die Afrikaner daar eintlik ongekwalifiseerd aanvaar is dat hierdie volk Christelik is en dat die hele volk “in sy geheel aan die Christelike kant van die antitese te lande gekom het” (Strauss,1998:55). Dit hang volgens Strauss (1998:55) nou saam met Kuyper se veronderstelling dat taal en kultuur en volkskap ewemagtig ingebed lê in wat die Here se algemene genade aan die mensdom beteken. Van der Merwe was oortuig dat Calvinisme aan die Afrikaner ’n “geestelike waarmerk” gee as dié volk van Suid-Afrika wat “ons volk’ in sy getalle sou beskerm deur nie in die Afrika-konteks te midde van die see van heidendom onder te gaan nie.

De Wet (1940:1) het hierdie veronderstelling, naamlik dat die Afrikaner ’n Christelike volk was, heeltemal in lyn met die neo-calvinistiese denke van Van der Merwe verkondig. In sy studie “Ons Christelike Republiek” dan stel De Wet dit soos volg:

> “Waarom begeer ons volk ’n Christelike Republiek? Die antwoord is - omdat die Afrikanervolk ’n Christelike volk is en bygevolg Christelike staatkunde wil voer waarvolgens ons volk regeer moet word en waarvolgens ons volk moet lewe en werk as volk”

Van der Merwe het, soos De Wet, die republikeinse ideaal as groot dryfkrag in sy lewe gesien (vgl. Liebenberg, 1969:383). Dit het teweeggebring dat daar verskeie geleenthede was waar hy met genl. Hertzog koppe gestamp het waar Hertzog geen so ’n sterk ondersteuner van hierdie ideaal was nie. Toe Hertzog en Malan in 1940 weer in die proses was om te probeer herenig met die stigting van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty, was Van der Merwe en Hertzog in ernstige verskille gewikkel rondom die opstel van die nuwe party se program van beginsels. Sodanig dat hierdie verskil direk bygedra het tot Hertzog se einde as politikus waar dit nie aanvaar is dat Hertzog alleen so ’n program kon opstel nie en sy program nie aanvaar is nie

Polities het Van der Merwe die kiesafdeling van Winburg sy lewe lank (1924-1940) verteenwoordig, waar hy onverwags op 52-jarige ouderdom waarskynlik aan ’n hartaanval

oorlede is.[49] Scholtz (1984:104) beskou Van der Merwe as een van die manne wat vir DF Malan goed onderskraag het. Van Schoor (1987:853) beskryf Van der Merwe as iemand wat geen ekstremis was nie. Hy was tydens onderhandelings die een wat meermale bereid was "tot kompromieë ten einde 'n ooreenkoms te bereik mits dit nie onversoenbaar met sy beginselstandpunt was nie". In dié opsig was De Wet anders. Dit het duidelik geword dat De Wet moeilik enige kompromie ter wille van samewerking kon akkommodeer.

3.7.1.4 JONGER GESLAG PREDIKANTE TOG AAN DE WET BEKEND

3.7.1.4.1 JD VORSTER

Nog 'n predikant waarmee CJH de Wet polities kontak kon hê, was ds. JD (Koot) Vorster (1909-1982). Alhoewel Vorster heelwat jonger as De Wet was, is dit opvallend dat die geestesrigting en politieke deelnames wat by Vorster teenwoordig was, in baie opsigte ooreenstem met dit waarby De Wet vroeg reeds betrokke was. Vorster het in 1934 in die bediening getree waar De Wet toe reeds baie jare in Kerk en politiek werksaam was. Die opkoms van die neo-Calvinisme in die dertigerjare is volgens Langner (2007:11) gebeure wat 'n onuitwisbare indruk op Vorster gemaak het en waarby De Wet net soveel belang as hy gehad het. Soos De Wet het Vorster ook belang gehad by die Du Plessis-saak waarvan die jonger Vorster homself nie uitgesluit het nie. Vorster se betrokkenheid by die Afrikaanse Nasionale Studentebond herinner sterk aan dit waarmee De Wet verbind was.

3.7.1.4.2 DIE NAUDÉ –PREDIKANTE, AS GEYSER, A VAN SELMS, BB KEET

Iemand wat 'n jonger tydgenoot van Koot Vorster was, maar wat beslis nie van CJH de Wet se politieke dampkring kon loskom nie, was die vroeëre ds. Beyers Naude (1915-2004) . Beyers Naude se vader Jozua Naude, ook 'n teoloog en predikant, was aan De Wet goed bekend. Jozua Naude was in 1918 stigterslid en eerste president van die Afrikaner-Broederbond. Volgens Dommisse en Esterhuizen (2005:26) was Jozua Naude baie goed bevriend met Anton Rupert en het hulle op verskeie gebiede met mekaar nou saamgewerk. Tussen Jozua Naude en CJH de Wet se politieke denke sal daar groot raakvlakke aangetoon kan word. Albei se roeping om Afrikaner-armoede te verbeter is opvallend. Die sterk nasionalistiese kleur van denke is heeltemal gemeenskaplik. Ook Jozua Naude se baie sterk anti-imperialistiese ingesteldheid het hom en De Wet sterk medestanders gemaak.

[49] Opmerklik dat CJH de Wet se eerste eggenote, Maria (Wentzel) ook in Winburg gedoop is en na haar sterwe ook daar begrawe is (vgl pt 2.6).

Daar kan aanvaar word dat teologies daar wel vroeg reeds sterk verskille tussen Jozua Naude en De Wet was. Terwyl De Wet as teologiese student nie die gees en rigting van Stellenbosch se teologiese opleiding kon waardeer nie, sodanig dat hy van kerkverband verander het, het Jozua Naude al sterker inslag gevind in die kerklike strukture waarvoor De Wet nie te vinde was nie. Dit wil nie voorkom of die dampkring van Andrew Murray, wat bekend geword het as ’n meer metodistiese benadering in die geloof en politiek, vir die Naude-familie as struikelblokke voorgekom het nie, terwyl De Wet daarmee in groot stryd was.

Pauw (2006:10-11) onderskei op voetspoor van prof. David Bosch (1929-1992) hoofsaaklik drie hoofstrominge rondom teologiese identiteit wat hy beskryf as “Reformed evangelicalism”, en dan “Kuyperian neo-Calvinism” en in die laaste plek praat hy van “neo-Fichtean romantic nationalism”. Brümmer (2017) beskryf dit wat Bosch en Pauw as “reformed evangelicalism” beskou as “evangelikaalse spiritualiteit” waar hy hulle as die “evangelikales” voorstel wat voortdurend in stryd met die neo-calvinisme na vore kom. Brümmer stel dit dat die neo-calvinisme hierdie “evangelikaalse spiritualiteit” as “metodisties” afgemaak het. Dit word afgelei dat De Wet in sy vroeëre lewe baie duidelik kenmerke van die “Kuyperian- neo-Calvinism” vertoon het en dit hom tot die GKSA laat kom het.

Dit is wel duidelik dat die rigting wat die latere Beyers Naude polities-maatskaplik ingeslaan het op geen wyse gestrook het met die politieke rigting wat De Wet in sy politieke ywer aangepak het nie. Dat daar wel ’n soortgelyke kritiese ingesteldheid was en geen vrees om die normale orde en gevestigde leierskap uit te daag in die daarstelling van oortuigde neergelegde beginsels nie sou De Wet en Beyers Naude, hoewel nie heeltemal tydgenote nie, tog wel kritiese bondgenote kon maak. In hulle politieke ywer en ietwat “vreeslose gehoorsaamheid”, soos daar opsommend dikwels na Beyers Naude verwys word, kan talle optredes van De Wet vanuit sy oortuigings ook as ’n “vreeslose gehoorsaamheid” tipeer kon word.

Die latere Beyers Naude het sekerlik een van die predikante geword wat as die felste bestryders bekend geraak het van die rigting wat nasionalisme in Suid-Afrika na apartheid laat beweeg het en wat hy met alles wat hy is en het teengestaan het. Hierin het Beyers Naude nie net ’n heeltemal ander rigting ingeslaan as selfs sy pa nie, maar in De Wet sou hy ewenwel ’n groot politieke teenstander gevind het.

Daar sou nog heelwat ander figure van predikante in die Suid-Afrikaanse kerklike- en politieke konteks aangetoon kon word, wat in die latere tyd van De Wet polities net so bedrywig was. Toe was De Wet glad nie meer jonk nie en die andere was eintlik nog jonk en aan die begin van hulle aktiewe bediening. 'n Predikant wat presies in die jaar waarop die de Wet-saak in 1946 in Potchefstroom op die spits gedryf is, in Pretoria professor in Nuwe Testament (en Praktiese Teologie) aan die Universiteit van Pretoria geword het, was AS Geyser (1918- 1985). Geyser was lidmaat van die Nederduitsch Hervormde Kerk wat 15 jaar na hy professor geword het, in 1961 baie soortgelyke spanninge en onverkwiklikheid moes verduur as wat met De Wet in die veertigerjare die geval was. Waar De Wet in 1946 as professor en lidmaat alle bande met die GKSA op ekstreme aktivistiese wyse beëindig het, het Geyser dit in 1968 met die Nederduitsch Hervormde Kerk gedoen.

Raakvlakke tussen die vroeëre De Wet-saak en latere Geyser-saak sal by hoofstukke 6 en 7 meer volledig hanteer word maar dit is opmerklik dat Geyser ook nie geskroom het om eksegese met 'n politieke konnotasie te lewer nie (Van Aarde,1992;162). Dit is Geyser se politieke bondgenootskap met Beyers Naude in die sestigerjare wat politieke spanning so hoog opgedryf het dat die kerklike lewe die terrein geword het waar die spanning breekpunt bereik het, alhoewel 'n groot deel van die spanning 'n politieke begin gehad het. In Geyser se geval het hy doelbewus vertroulike dokumente en inligting wat deur Beyers Naude aan hom toevertrou was, aan die media laat uitlek om sodoende die Afrikaner-Broederbond (AB) bloot te lê in omdat hy geglo het dat hulle laakbare werkswyse en geheimsinnigheid nie langer mog voortduur nie. Geyser was ook die man wat Beyers Naude met die tydskrif *Pro-Veritate* sterk ondersteun het, toe hulle 'n spesifieke Afrikaanse tydskrif begin het om teen die beleid van apartheid te werk. Volgens Dreyer (2015:185) was Geyser die man wat vir Beyers Naude uitgenooi en voorgestel het om die redakteurskap van die tydskrif in Mei 1962 op te neem.

Geyser het soortgelyk as De Wet dit beleef dat in sy geval daar klagtes van dwaalleer op teologiese terrein teen hom gelê was, wat ook deur klaswerk en studente-aantekeninge saamgestel was. In watter mate studente se aantekening as betroubare maatstaf tot sodanige klag van dwaalleer teen professore kan dien, wat wel kritiese standpunte stel om hulle vakgebied te verskerp, sal later moet dien.

Weereens kan aanvaar word dat, soos met Beyers Naude en selfs een van Geyser se nabye bondgenote, prof. Adrianus van Selms (1906-1984), wat as teoloog en predikant ook nie vir die politiek teruggedeins het nie, baie van die sogenaamde teologiese probleme en klagtes wat teen

hulle opgekom het, in wese ’n politieke begin gehad het. Die spanning het soos met De Wet kerklik verskeurend deurgewerk.

In vergelyking met die Du Plessis-saak (1929-1932) wat duidelik in ’n teologiese-kerklike bedding ontstaan en verloop het, sonder dat daar openlike politieke inmenging en dryfkrag in die saak die deurslag kon gee, was dit in die De Wet en Geyser-saak beslis nie van die politiek te skei, as dit by die skeiding van weë kom nie. Dit het dan ook erge kerklike spanning teweeggebring. In Geyser se geval word openlik en blatant die AB vir die kerklike skeuring verkwalik en is daar selfs bewyse (Van Aarde *et al.*,2014:6). Soos reeds in hierdie hoofstuk aangetoon, is dit in De Wet se geval moeilik om die AB openlik van ál meer klagtes teen De Wet direk te beskuldig. Alhoewel dit nie heeltemal uitgesluit kan word nie dat De Wet se ekstreme Republikeinse gedagtes en dryfkrag vir die AB ongemaklik gelaat het, ten spyte daarvan dat De Wet vroeër ’n baie aktiewe lid en medewerker in die AB was.

Daar moet net weer bevestig word dat De Wet polities in die teenoorgestelde rigting as Beyers Naude, Albert Geyser en Adrianus van Selms gestaan het. Selfs die teoloog BB Keet in Stellenbosch wat ’n groot waardering vir De Wet se kerkregtelike denke gehad het en volgens sommige ingrypend daardeur beïnvloed is, het nie vir die politiek teruggedeins nie. Keet was ook saam met De Wet deel van die vroegste Afrikaanse Bybelvertalings se advieskomitee. Hulle was aan mekaar goed bekend.

In Keet se geval is hy sterk te verbind met De Wet se kerkregtelike studies in Nederland, maar De Wet het in Keet beslis ’n politieke teenstander gehad waar Keet en Geyser gesamentlik sterk anti-apartheid uitsprake laat hoor het, soos o.a. in hulle gesamentlike boek “Vertraagde aksie”. Dit moet heeltyd in aanmerking geneem word dat hierdie latere sterk anti-apartheid-teoloë ’n geslag later as De Wet opgetree het en dat hulle sterk politieke optredes gefundeer moet word in ’n tyd toe De Wet nie meer politieke rekenskap van homself kon gee nie.

De Wet was in sy tyd wel oortuig daarvan dat om apartheid as on-Bybels en onchristelik te verklaar nie kon gebeur nie en nie moontlik was nie. Daarin het hy in sy tyd nader aan Potchefstroom beweeg as enige van die teoloë hierbo genoem wat die teologiese regverdiging van apartheid nie meer kon uitstaan nie. Dit kan aanvaar word dat De Wet ’n ekstreme verdediger van apartheid was. Hierin het hy met sy kollegas JD du Toit (Totius) en ook die seun van Totius, latere professor en kollega van De Wet, prof. S du Toit geen verskil rondom apartheid gehad nie. In sommige gevalle kan dit vermoed word dat De Wet die nasionale beleid van die veertigerjare

rondom apartheid nie as radikaal genoeg beskou het nie. Opmerklik dat prof. S du Toit hom voortdurend beywer het dat apartheid aan die Skrif getoets moet word. Du Toit anders as De Wet het volgens Du Plooy (2002:13) wel die moontlikheid oopgelaat dat apartheid nie reeds die volle toets aan die Skrif ondergaan het nie. De Wet was van mening dat apartheid hierdie toets reeds ten volle geslaag het, maar Du Toit het in sy "Openbaringslig op die Apartheidsvraagstuk" geredeneer dat "dit is dringend noodsaaklik dat ons Apartheidsbeleid aan die Skrif getoets word. Hier lê ons grootste norm en as ons beleid hiermee nie in harmonie is nie, moet dit dienooreenkomstig gewysig word. As ons beleid in stryd is met die Ordinansies van God kan dit geen seën bring nie".

3.8 DE WET SE POLITIEKE BETROKKENHEID IN EN NA DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG

Dit is duidelik dat De Wet sy stem gevoeg het by die stemme wat teen oorlogsdeelname gekant was. Die monstervergadering wat AE Rupert op 2 Sept. 1939 in Pretoria gereël het om die Unieregering te versoek om in die komende stryd neutraal te bly, is deur die Afrikaanse Nasionale Studentebond van Potchefstroom onderskryf (Olivier, 2002:257). Olivier stel dit verder dat daar wel ook stemme opgeklink het ten gunste van deelname aan die oorlog. Soos hy dit stel:

> "Daar was natuurlik ander stemme in kerklike geledere wat die Smutsregering gesteun het in sy besluit om aan die oorlog deel te neem. Die polarisasie wat ontwikkel het tussen die opponerende groepe (vir en teen deelname aan die oorlog) het die spanning in die samelewing en natuurlik ook in die kerklike lewe laat oplaai."

Gedurende die oorlog het die Ossewabrandwag (OB) 'n tyd lank 'n prominente rol gespeel. Terwyl talle predikante by die OB aangesluit het en 'n aktiewe rol in die OB gespeel het, het CJH de Wet hom nie met hierdie beweging kon vereenselwig nie. Hy gee in hierdie tyd 'n publikasie uit getiteld "Vreemde gedagtes", waarin hy spesifiek prominente gedagtes van die OB bevraagteken wat hulle in die oorlog as dryfkrag beskou het. Hy stel veral vier kritiese vrae waarin hy van die OB verskil en hulle tot verantwoording roep.

Hy kom eerstens in spanning met hulle staatsbegrip. Daarna worstel hy met hulle volksbegrip en stel hy bepaalde vrae rondom die verhouding tussen enkeling en gemeenskap. Hy het in die laaste plek met hulle gehandel oor die "Volksbewegingsbegrip". Dit is duidelik dat De Wet selfs tydens die oorlog nie gehuiwer het om as selfstandige denker skerp na vore te tree nie en kon hy

deur sy kritiese aanslag mense wat naby hom was, moontlik vervreemd het. In die tyd waarin De Wet met baie van die dinge geworstel het, was dit HG Stoker se werk “Stryd om die ordes” wat in die kring waarin De Wet gewerk het, selfs vir teoloë, “die ontsluitingsgeheim van die hele problematiek was” (Olivier,2002:260).

Dit is duidelik dat De Wet alreeds tydens die oorlog en al meer na die einde van die oorlog nie opgehou het om teologies skerp te dink rondom wat die gevolge van die oorlog aan die gelowiges gedoen het nie. Sy werke waarin hy homself al meer in die profesieë van die Woord van die Here begin verdiep het, spreek boekdele van sy eie vrae en worsteling wat besig was om rondom hom plaas te vind. Een so ’n wydverspreide werk van De Wet in hierdie tyd is sy publikasie “Wagter-hoe laat is dit? (Jes. 21:11-12). Die wêreldgebeure beskou in die lig van die Skrifprofesie”. Die baie nadelige gevolge van die oorlog was vir De Wet ’n dringende vraag: “waar staan hierdie wysers op die uurwerk van God, dit is hoe laat is dit op die uurwerk van die Almagtige?”

In De Wet se nadenke wat die oorlog by hom teweeggebring het, is dit duidelik dat hy veral met die plek en die rol wat Israel in die toekoms sou moes vervul besondere erns gemaak het. Hy beredeneer die sake ná die oorlog soos volg:

> “Die totstandkoming van die staat ‘Israel’. Die eerste wêreld oorlog (1914-1918) het ‘n groot stoot gegee aan die terugkeer van Israel na Palestina; die tweede wêreldoorlog (1939-1945) het nog ‘n groter stoot gegee; die konsekwensies van hierdie oorlog kan nog nie bereken word nie, maar dis nie onmoontlik dat Rusland sal kies vir die Arabiese volke, en dat Amerika dan sal kies vir Israel nie. En opmerklik dat baie Jode hulle grond in Palestina *koop.* Die *derde* wêreldoorlog sal heelwaarskynlik die *volle* herstel van Israel teweegbring: hulle sal dan ook waarskynlik hulle vergrote land (Irak) verower.
>
> Die toekomstige taak van Israel sal heelwaarskynlik volvoer word in die Duisendjarige Vredestyd. Maar ook daarna, wanneer satan weer **los** sal wees en die godsdiensoorlog sal organiseer – dan sal Israel ook weer die middelpunt wees; want die doel van satan sal wees om die “laer van die heiliges en die geliefde stad” te omsingel (Openb. 20:9 vgl. Eseg. 38 en 39). En ja, as hierdie sondige bedeling verby sal wees, dan sal Israel die fondamente lewer vir die stad van God, die nuwe Jerusalem: die twaalf stamme van Israel en die twaalf apostels van die Lam (Openb. 21:12 en 14). Die geskiedenis van Israel onder die volke bestaan dus uit drie tydperke:
>
> Die *verkore* Israel – vanaf Abraham tot op Christus
> Die *verworpe* Israel – vanaf Christus tot op die terugkeer van Israel uit die wêreldballingskap.
> Die *herstelde* Israel – vanaf sy terugkeer tot die voleinding van die eeue.”

Dit val op dat De Wet in sy publikasies na die oorlog baie duideliker homself voeg by dié van die Chiliastiese rigting in sy tyd wat in die GKSA goed bekend was, maar deur heelwat bestry is. De Wet se verwysing na die “Duisendjarige Vredestyd” en sy positiewe uitsien daarna laat nie twyfel in watter mate hyself hierin chiliasties geglo het nie.

3.9 DE WET SE BETROKKENHEID IN DIE VESTIGING VAN AFRIKANER NASIONALISME

Van Jaarsveld (1961:219) sien die ontwaking van Afrikanernasionalisme as ’n proses wat reeds in 1877 begin het. Daarin beskryf hy die karakter van nasionalisme soos volg: Nasionalisme ontwikkel hiervolgens vanuit ’n gevoel van minderwaardigheid wat spruit uit onreg en frustrasie. Om jouself hiermee te handhaaf, word daar op duidelike skeidslyne aangedring wat aanvanklik gerig was op skeiding tussen Engels- en Afrikaanssprekende mense. In die proses het die Afrikaanssprekendes self skeidings onder mekaar laat plaasvind. Die tweede karaktertrek van nasionalisme is wanneer die begrippe “nasie” en ook “vaderland” sterk beklemtoon word en mense al meer tot beide hierdie begrippe aangetrokke voel.

Individue wat swaar gely het, ontwikkel ’n sterk band tot mekaar om in die stryd mekaar te wil bystaan. In die derde plek onderskei Van Jaarsveld (1961:222) nasionalisme as ’n verlange tot self-bewaring (self-preservation) en die instandhouding van ’n nasionale identiteit. In die vierde plek beskryf hy die karakter van Afrikanernasionalisme as ’n oortuiging dat hierdie volk geroepe en verkies is wat in religieuse konteks geplaas word. In die vyfde plek word nasionalisme volgens Van Jaarsveld (1961:223) getipeer as dat ’n liefde vir die volk se verlede ’n belangrike kenmerk vir Afrikanernasionalisme geword het.

Wanneer Van Jaarsveld se gedagtes rondom nasionalisme op De Wet se eie skrywes as primêre bron toegepas word, dan is dit opvallend hoe al vyf hierdie onderskeidinge in die ontwikkeling van nasionalisme by De Wet besondere raakvlakke vind.

De Wet (1940:1) het in sy beskouing van wat ’n volk is verskeie ander standpunte rondom volkskap verwerp. Hy het hom glad nie kon vereenselwig met die gedagte dat ’n volk ’n samestelling is van verskillende rasse onder dieselfde vlag en dieselfde ekonomiese stelsel en feitlik ook in dieselfde land is nie. Hy sê hierdie “is duidelik ’n imperialistiese ding wat ontstaan het... Dit is die mees onnatuurlike gedrog op aarde en ’n onchristelike opvatting van wat ’n volk

is". In dieselfde konteks wys hy die volksbegrip af wat dit stel "dat 'n volk 'n soort kultuur-eenheid is, dat is 'n groep mense wat verbind word deur dieselfde kultuur". Hierdie beskouing wys hy af omrede die geskiedenis volke ken "wat feitlik kultuurloos was". Verder stel De Wet (1940:2) dat kultuur "'n baie vae ding" is en dit iets is wat jy kan aanleer en ook weer kan aflê...". 'n Derde opvatting oor volkskap wat hy afwys is "dat 'n volk 'n soort sielkundige eenheid is, dat is 'n groep mense wat saamgebind is en beheers word deur dieselfde 'volkswil'. Hierdie opvatting beskou hy "as die swakste en die gevaarlikste, want dit is in sy diepste wese revolusionêr".

As De Wet (1940:2) dan wel sy volksbegrip neerlê, is dit duidelik dat die neocalvinistiese verbondsbeskouing in sy beskouing van wat 'n volk is diep neerslag vind. Hiermee het hy sterk meegewerk in die vestiging van 'n afrikanernasionalisme wat op verskeie maniere na vore gekom het. Hy sien 'n volk soos volg:

> "'n Volk is 'n groep mense wat saamgebind is deur hulle afkoms. In hierdie sin is 'n volk 'n natuurlike iets. Net soos die Skepper die mens geskape het en deur voortplanting nog elke mens se afkoms bepaal, so skep Hy ook volke en bepaal hulle afkoms. Die grondslag van die volk is die huisgesin. 'n Volk is eintlik net 'n vergrote huisgesin wat ontstaan het uit huisgesinne, wat ontwikkel het tot stamme en dan saamgesnoer word tot 'n volk. 'n Mooi voorbeeld hiervan is die Afrikanervolk (nie die Suid-Afrikaanse Volk nie!) wat voortgekom het uit Nederlandse en Franse en Duiste families in Suid-Afrika".

As hy praat van die "afkoms" dan is dit iets wat "bewaar en gehandhaaf" moet word. De Wet se sterkste pleidooi in die vestiging van nasionalisme kom na vore as hy skryf "teenoor die Imperiale volk moet weer herstel word die Nasionale volk!" Hy is van mening dat "die imperialisme het 'n mengelmoes-volke laat ontstaan. Dis die vloek van die imperialisme vir die volke-wêreld en dit word tyd dat 'n suiweringsproses begin moet word".

In 'n vroeëre studie waarin De Wet (s.a.:8) polemies standpunt teen die OB inneem, het hy reeds met die gedagte begin werk dat 'n volk suiwer moet wees - hy gebruik die woord "skoon": 'n Skoon volk sal 'n skoon republiek bring: 'n gemengde volk sal 'n gemengde republiek bring." In hierdie studie stel hy Hand 7:26 en Gen. 10 as Skrifgronde en bewyse hoe volke uit families ontstaan het. Dit moet volgens hom organies uit die familie groei "met die huwelik as grondslag".

Bloomberg (1990:79) wil die verhaal van Potchefstroom en die vestiging van Afrikanernasionalisme grootliks laat ooreenkom met die tyd waarin De Wet in 1925 in Potchefstroom gevestig geraak het. In die vorige jaar, in 1924, het Abraham Kuyper se seun,

ook De Wet se promotor in Amsterdam, prof. HH Kuyper, 'n besondere besoek aan Suid-Afrika gebring. Bloomberg beskou die besoek as gewigtig in die lig van die gevolge daarvan. Hy stel dit soos volg:

> "It was the son of the famous Abraham, Professor H.H. Kuyper, who first implanted the idea of a formal organisation of Christian-Nationalists in South Africa. During the course of a goodwill tour in 1926 (sponsored by the Netherlands Reformed Churches), the young Kuyper urged the creation of a specific Christian-National organisation. He urged Calvinist-Nationalists to form themselves into a confessional-political body modelled on the ARP which his father had founded in Holland. As the bearer of the most revered name in Dutch theology Kuyper was royally received in DRC circles. He held talks with such graduates of the Free University as E.E. van Rooyen, Ben Keet, D.J. Keet, W. Nicol, D.F. Erasmus, P.S.Z. Coetzee and N.J. van der Merwe, all of whom were leaders in the NGK. He also addressed a special Synod of the Potchefstroom's small GK, a sister church to the one to which Kuyper belonged. Throughout, he hammered a single theme: the need for inter-church unity among the Afrikaners, and for Kuyperian-oriented Calvinists, irrespective of their ecclesiastical affiliations, to consolidate forces (through confessional bodies of the Dutch style) for the purpose of propagating the Calvinist world-outlook."

Die rol wat CJH de Wet en veral die tydskrif wat op inisiatief van De Wet ontstaan het,gespeel het, word dan sterk na vore gebring. Die tydskrif word soos volg voorgestel:

> "In 1928 Potchefstroom launched a theoretical journal, Wagtoring (Watchtower), edited by C.J.H. de Wet, 'to propagate in various fields of life, the principles of the Holy Scriptures, according to Calvinism."

Bloomberg (1990:104) beweer dat die rol van die professore van Potchefstroom as van die sterkste rolspelers in die vestiging van Afrikanernasionalisme beskou word. Hy stel dit soos volg:

> "The chief impetus came from Potchefstroom University, where the spirits of Kruger's Republic and Kuyper's Christian-National idea flourished. It was from their work that the Broederbond drew the Christian-Nationalist concepts which gave status and significance to 'Purified' Nationalism'. We turn now to an examination of Potchefstroom's contributions to the development of the Broederbond's creed.
>
> The journal Koers was founded in June 1933 and it soon became the most authoritative theoretical organ of Christian-Nationalism. It's founders were the Broederbond Chairman J.C. van Rooy; J. Chris Coetzee, the most influential protagonist of CNE; A.H. van der Walt, Potchefstroom's Professor of History; and D.J. van Rooy. This group, most of whom probably belonged to the AB,

> were later joined by L.J. du Plessis, Koers replaced the more narrowly Calvinist Wagtoring, a quarterly devoted to 'propagating in the various fields of life, the principles of the Holy Scriptures according to Calvinism'. which was edited by C.J.H. de Wet. The new editorial board promised that Koers would remain faithful to the basis of its predecessor, namely the 'Holy Scriptures'. It would appear more frequently and cover a greater variety of topics. The new name (which translates as Faith, Spirit or Direction) better expressed their aim than the defensive-sounding Wagtoring. Although de Wet claimed that the change was merely organisational. in fact the new journal was more aggressive and far-reaching in tone and object."

Marx (1998:205) het vir De Wet uitgesonder en 'n unieke rol aan hom toegeken in die vestiging van Afrikanernasionalisme. Hy stel dit soos volg:

> "A man like Prof. C.J.H. de Wet of the University of Potchefstroom was a particularly radical exception, even among the Calvinist fundamentalists, however. Although a leading member of the tiny 'Purified' NP in the Transvaal for a few months, after its inception, he soon turned his back on political parties, castigating them with a mixture of volk-nationalist and Calvinist- fundamentalist arguments as volksvreemd (alien to the volk) and unchristian. His rejection of party politics, which stretched beyond fundamentalist circles, typically asserts that they invariably lead to compromises and are in themselves symptomatic of foreign domination. The call for a purge of the cultural, nationalist heritage, u purge that mostly targets parliamentary and democratic institutions, is symptomatic of the broad wave of delegitimisation of the parliamentary- constitutional system in die late 1930's."

Die vestiging van Afrikanernasionalisme word wyd aanvaar as dat dit hand aan hand met die oplewing van Kuyperiaanse Neo-Calvinisme in die dertigerjare gebeur het. Dit gaan volgens sekere teoloë, soos Brümmer (2016) noodwendig gepaard met 'n eensydige uitverkiesingsleer, wat Brümmer beskryf as die calvinistiese uitverkiesingsleer. Wanneer daar in besonder na De Wet se betrokkenheid gekyk moet word in wat sy aandeel in die vestiging van Afrikaner-Nasionalisme was, dan kan sy naam net sowel ingelees word in waar Brümmer (2016) vir dr. JD du Toit en dr. PJS de Klerk verdink in hulle aandeel tot Afrikaner-Nasionalisme. Brümmer stel dit soos volg:

> "In die 1930's was daar egter 'n sterk oplewing van Kuyperiaanse neocalvinisme in Suid-Afrika. Die neocalviniste het hulle begin organiseer in 'n Calvinistiese Bond van Suid-Afrika en 'n Federasie van Calvinistiese Studenteverenigings in Suid-Afrika (FCSV). Die doel van hierdie bewegings was om die neocalvinistiese ideologie van Abraham Kuyper in Suid-Afrika uit te dra. Hierdie bewegings het veral in die Gereformeerde Kerk en by die Potchefstroomse Universiteitskollege sterk steun

> gehad. Onder die voormanne hier was die filosoof H.G. Stoker en die teoloë J.D. du Toit (die digter Totius) en P.J.S. de Klerk."

Vosloo (2015:195) het in sy studie rondom die Bybel en die regverdiging van apartheid wat in die veertigerjare van die vorige eeu in Suid-Afrika voorgekom het, ook vir JD du Toit (Totius) en prof. EP Groenewald uitgesonder as van die sterkste stemme ten gunste van apartheid. JD du Toit, wat in 1944 tydens 'n volkskongres in Bloemfontein 'n lesing aangebied het nl. "Die godsdienstige grondslag van ons Rassebeleid", volgens Vosloo (2015:196), vanuit Genesis se skeppingsverhaal die regverdiging vir apartheid gehaal waar hy na God as die "*Hammabdil"* ("Skeidingmaker") verwys wat op talle terreine van die skepping bepaalde skeidinge aan die orde gestel het. Dit word dan op die volkerewêreld net so toegepas. Dis opmerklik soos vroeër deur Du Plooy (2002:13) aangedui dat JD du Toit se seun, prof. S du Toit iets van 'n reserwe rondom sy siening oor apartheid gehad het, dat apartheid net sal slaag as God dit seën. As dit geen seën ontvang nie, het S du Toit geglo moet die beleid "dienooreenkomstig gewysig word".

Daar kan aanvaar word dat tussen die vestiging van Afrikanernasionalisme en die beleid van apartheid daar 'n onbreekbare korrelaat is wat nie ontken kan word nie. As JD du Toit in hierdie studie as een van die sterker eksponente vir apartheid en noodwendig in sy nasionalistiese beskouinge uitgelig word, kan aanvaar word dat De Wet se rol nie minder gering was nie. In baie opsigte is reeds aangetoon dat De Wet nog nouer by die politiek van sy tyd betrokke was as wat met JD du Toit die geval was.

Prinsloo (1996:346) is van mening dat die Eeufeesherdenking van die Groot Trek in 1938 "die ontwikkeling van 'n eksklusiewe Afrikanernasionalisme" bevorder het. Hierdie "geslote konserwatiewe Afrikanernasionalisme" sien Prinsloo (1996:346) as 'n ideologiese stroming wat tot die "beswil van die volksgroep se totale volksontwikkeling moes strek".

Op 'n los geskrewe papier is moontlik 'n aanduiding van die gevaarlikste uitspraak wat De Wet rondom die Kerk en politiek gemaak het. Dit is geskryf toe daar reeds baie ander spanninge tussen De Wet en die kuratore en tussen De Wet en die redaksiekommissie van *Die Kerkblad* was. Hierdie opmerking staan soos volg:

> "Op 27 Aug. (1944?) gesprek met Jan Reinecke. Hy sê: Met gradeplegtigheid was ek op Potch en by dr. De Wet, want ek was een van sy komm.-lede. Toe het hy gesê: 'Ek sal in botsing met ons kerke kom. Kan nie aan 'n kerk hoort wat net aan 'n halwe Bybel glo nie, om die politiek reg te kry, moet ons net een boere Kalv kerk kry"

Hierdie uitspraak staan moontlik in verband met wat later groot spanning en verdeeldheid by De Wet rondom sy kerkbeskouing veroorsaak het. Op 27 Okt. 1944 het De Wet by die sluiting van die jaar se klasse van die Teol. Skool en die P.U.K. vir C.H.O., volgens opvatting van heelwat hoorders, die uitspraak gemaak dat hervorming in die kerke nie meer moontlik is nie. Sommige het hom verstaan dat uittrede uit al drie die Afrikaanse kerke sou moes gebeur. 'n Vraag is of dit aansluiting vind by die polities gelade uitspraak teenoor Jan Reinecke. In hoofstuk 6 sal hier met baie meer besonderhede na hierdie "sluitingsrede" teruggekeer moet word. Sy laaste sinne in hierdie sluitingsrede staan soos volg:

> "...Dat kerk hervorming in Suid-Afrika onder sulke omstandighede 'n uitgeslote saak is, spreek feitlik vanself: die Protestantse kerk is ook nog maar *mensverankerd,* soos blyk uit die name "Luther," "Calvyn," "Wesleyane", ens.
>
> Buitendien sal die kerk, soos altyd, so ook nou, nie *geneig* wees om homself te hervorm nie. Ons hoor wel genoeg dat die kerk *vol gebreke* is, maar as in een asem word dan ook weer gesê: maar die kerk is tog reg en goed. En buitendien, soos reeds aangetoon, is die historiese weg nie die van kerkhervorming nie maar wel van *kerkherstigting.* En die magtige saak waaroor dit moet gaan, is die van *sifting* tussen geloof en ongeloof, en geloof beteken *persoonlike en volle* geloof, dit is, persoonlik glo aan die *volle* Skrif en in die *volle* Christus van die Skrif en in die *volle* God van die Skrif!
>
> Alleen só 'n geloof kan weer *christelike vryheid* bring. Almal wat só glo moet en sal mekaar *vind:* uit aldrie die Afrikaanse kerke."

Van De Wet se politieke beskouing in 'n sin soos almal "uit aldrie die Afrikaanse kerke" moet mekaar vind, saamgelees met die opmerking aan Reinecke "om die politiek reg te kry, moet ons net een boere Kalv kerk kry", wys daar was groot spanning nie net polities aan die gang nie, maar kerklik het die spanning en verwarring net groter geword.

3.10 SLOT

Soos aan die begin van hierdie hoofstuk gestel kan bevestig word dat De Wet nie net polities baie uitgesproke was nie, maar hy het inderdaad baie sterk politieke bande aangeknoop. Hy het voortgebou op wat sy oom, genl. CR de Wet en ander lede van hierdie familie nagelaat het. In die volgende hoofstuk waar De Wet se teologiese denke ontleed word, sal ook vasgestel kan word in watter mate sy teologiese en politieke denke bymekaar aangesluit het. Dit kan aanvaar

word dat die politieke spanning wat in hierdie hoofstuk duidelik aangedui is wel tot latere kerklike spanning aanleiding gegee het, wat ook in die volgende hoofstukke nader beskryf sal word.

Hierdie hoofstuk het gepoog om De Wet se aktiewe politieke betrokkenheid en loopbaan oor omtrent ’n tydperk van twintig jaar na te vors. Die tydperk van 1930-1950 is in sekere opsigte van die moeilikste politiese jare wat daar in die geskiedenis van Suid-Afrika was. Groot droogtes, depressie, skommelinge, onsekerheid en politiese stroomversnellings was duidelike kenmerke van die tyd. Skeuringe in die politiek het in hierdie tyd plaasgevind - drie keer, sommige sal selfs ’n vierde skeuring in 20 jaar net in Afrikaner-geledere kan aandui. Dit was die tyd van die Ossewabrandwag (OB), die Hemde-bewegings, die Nuwe-Orde- tydvak wat die politiek en party-politiese rigtings radikaal beïnvloed het. Teenoor baie van hierdie bewegings het De Wet sterk krities gestaan, soos teen die OB en die Nuwe Orde, wat baie vroeëre medestander al hoe meer van De Wet vervreem het. Die Tweede Wêreldoorlog binne-in hierdie tydperk het genoeg van sy eie probleme en spanninge teweeggebring.

De Wet met sy politieke betrokkenheid kan gesien word as een van die predikante in die GKSA wat nie net die mees aktiewe loopbaan polities gevolg het nie, maar in baie opsigte omstrede was. Dit het nie net politieke spanning nie, maar ook kerklike spanninge teweeggebring. De Wet is egter maar een lid van heelwat kerke en ander kerkverbande se teoloë en predikante wat invloedryk die politieke landkaart ingekleur het.

De Wet was as lid van die AB (Afrikaner-Broederbond) deur talle skrywers uitgesonder as iemand wat sy politiek in hierdie geheime organisasie sterk laat voortleef het. Dit maak hom volgens kritici ’n model van die neo-Calvinistiese tydvak wat hierdie teologiese stroom in sy denke rondom Kerk en volk deurslaggewend beïnvloed het. Die AB in Potchefstroom word van politiekery in die sterkste graad verdink. Tot vandag is daar historici wat Potchefstroom en sy invloed met die AB as eksponent daarvan wil uitsonder. In die Potchefstroomse konteks waar baie kritici die wieg en sterkste strominge rondom die neo-Calvinisme wil aandui, is De Wet duidelik onder bedenking en bespreking.

De Wet word nie net as stigter van die eerste neo-Calvinistiese blad *Die Wagtoring* beskou nie, maar aan sy uitvloeisel, wat tot vandag as die tydskrif *Koers* bestaan, is die neo-Calvinistiese etiket sterk verbind. Dit maak De Wet, soos sy kollega JD du Toit (Totius) aandadig aan politieke denke wat vandag as skande en klad die land opgelê word. De Wet met Du Toit se denke rondom nasionalisme en sy gevolglike kristallisering in die beleid van apartheid was vir baie geen model

vir politieke uitkomste nie. In die opsig word teoloë soos Beyers Naude, BB Keet, AS Geyser en A Van Selms vir hulle teologiese verwerping van apartheid geloof. Al dra De Wet en Geyser beide die etiket dat hulle teologies rondom hulle kerkverbande as “bannelinge” gesien kan word - wat die De Wet-saak in die GKSA en die Geyser-saak in die later jare van die Nederduitsch Hervormde Kerk gevorm het - is Geyser en De Wet duidelike politieke teenpole, alhoewel hulle nooit tydgenote was nie.

Aanvanklik is daar prominente leiersrolle aan De Wet in die politiek toegeken. In Transvaal moes hy as medeleier in die driemanskap van die pas gestigte Gesuiwerde Nasionale Party met die stigting reeds ’n groot rol vervul. Hyself het hom akademies vir die politiek met 'n M-verhandeling in Staatsleer voorberei wat aandui dat hy groot belangstelling en aspirasies in die politiek nagestreef het. Hy was ’n vurige Republikein en in talle opsigte die groot dryfkrag in die propagering van Republikanisme.

Hy was aktief in die stigting van en medewerking met die Christelik Republikeinse Studievereniging en die propagandakomitee vir Christelik-republikeinse politiek in Suid-Afrika. Hy het hom aktief teëgesit teen imperialisme en was in geen opsig met die holistiese en imperiale politiek van genl. Jan Smuts gediend nie. Hy sal as “politieke vyand” van hierdie politieke rigting beskou kon word. Selfs in sy eie party is daar aanduidinge dat hy baie gou al hoe meer ongewild geword het. Teenoor DF Malan en selfs adv. JG Strijdom, wat sy politieke stalmaats moes wees, was daar nie gemaklike verhoudinge nie. Hy is later beskou as iemand onder wie DF Malan “kwaai moet deurloop”.

De Wet sal deur sommige selfs as polities ekstremisties beskou word. As gevolg van hierdie tipe benadering het baie van die politiese kringe waarin hy veronderstel was om tuis te wees, hom nie kon insluit nie. Dit wil voorkom of hy hom moeilik aan partypolitieke rigtings en party-politiese beginsels kon onderwerp. Hy het hom naderhand sterk teen demokrasie, soos wat in Brittanje se Westminster-stelsel beoefen en waarop ook Suid-Afrika se parlementêre stelsel geskoei was, uitgespreek. Hy het geglo die Afrikaner moes sy selfstandigheid en vryheid in elke opsig kon behou. Teenoor Engelse (en in ’n sekere sin Joodse) burgers het hy polities krities gestaan in sy eksklusiewe politieke benadering. Wie hom nie met die Afrikanerkultuur en die -taal en Republikeinse ideaal kon vereenselwig nie, moes uitgesluit word.

Tog was De Wet teologies sterk ingebind in die dogmatiese verstaan van die verbondsvolk Israel en hulle politieke vryheid wat hy geglo het hulle profeties gaan toekom. Dit wil na ’n tipe politiese

dualisme lyk. Dit wil selfs voorkom of De Wet in sy latere loopbaan chiliastiese sentimente getoon het, maar hierdie vermoede sal nog duideliker bevestiging moet kry. Dit is wel duidelik dat in die moderne politiek De Wet vir die staat Israel 'n eie toekoms sou sien, maar die gevaar wat die Jode vir ander lande se ekonomieë en hulle eie ontwikkeling inhou, was vir De Wet wesentlik. Tog was hy nooit 'n Jode-hater nie en het hy beslis nie die Nazisme van Hitler en Mussolini se fascisme in hul Suid-Afrikaanse "eweknie", Pirow, ondersteun nie, maar De Wet het wel in Suid-Afrika die Jood buite die Afrikanerkonteks geplaas. Nasionaal-sosialisme was buite De Wet se politiese denke. Trouens, De Wet was van die begin af van die felste bestryders van die OB en die Nuwe Orde en was daar nooit 'n toegeneentheid tot hulle nie, wat hom onderskei het van ander Potchefstromers soos HG Stoker, LJ du Plessis en nog andere wat aanvanklik sterk OB-sentimente gehad het.

Al hierdie feite maak dat De Wet baie moeilik polities gekatalogiseer en geëien kan word. Hy is eintlik nooit enduit polities geplaas nie. So omstrede soos sy politieke uitsprake was, so het sy teologiese uitgangspunte ook verwar. Dit is hierdie tipe verwarring wat nie uitgesluit kan word in die beoordeling van wat later die De Wet-saak 'n gekompliseerde saak maak as daar teologies en kerkregtelik daaroor besin moet word nie.

HOOFSTUK 4

DIE BESONDERE AKSENTE IN DE WET SE TEOLOGIESE DENKE

Oorsig

4.1 Inleiding
4.2 Teologiese aksente in De Wet se studentejare (1909-1915)
4.3 Teologiese aksente in De Wet se bedieningsjare (1916-1925)
4.4 Teologiese aksente in De Wet se tyd as teologiese professor (1925-1946)
4.5 Pleidooi vir ’n eie vakwetenskaplike tydskrif
4.6 Teologiese besinning oor die doel en betekenis van die belydenisskrifte
4.7 Teologiese omwenteling rondom Tweede Wêreldoorlog
4.8 Teologiese klemverskuiwings wat in De Wet se teologiese loopbaan uitstaan
4.9 Teologiese implikasies wat hierdie verskuiwings tot gevolg kon hê
4.10 Slot

4.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk wil ’n oorsig bied oor die teologiese leefwêreld van De Wet. Die ondersoek begin waar De Wet se teologiese opleiding in 1909 in Stellenbosch `n aanvang neem. Dit gee reeds ’n aanduiding of hierdie eerste leerskool dalk `n rede kon wees dat daar later ’n leergeding teen De Wet was. In die leergeding is hy beskuldig van sake waarvan die saadjie in Stellenbosch geplant kon gewees het.

Daar word veral gekyk na die teologiese invloede en opleiding aan die Victoria Kollege, wat later die Universiteit van Stellenbosch geword het. Hierdie kollege het sy fokus van teologiese opleiding op die “revivalism” laat val. Dit het tegelyk ’n mistieke tradisie teweeggebring wat hierdie hoofstuk in meer besonderhede wil ontgin. Die metodisme het groot baat by hierdie rigtings gevind waarvan die invloede wyd gestrek het. Die werklike reikwydte van hierdie invloede word nagevors, ook in die mate waartoe De Wet deur al hierdie strominge beïnvloed kon gewees het.

Die feit dat De Wet aanvanklik krities teenoor die Stellenbosche rigtings gestaan het, moet nagevors word. De Wet se leer en lewe het in 'n al hoe sterker neo-calvinistiese rigting beweeg, waarvan die redes nagegaan sal word. Dit gebeur ten spyte van baie kritiek in Stellenbosch teen die neo-calvinisme . Die sterk invloed wat SJ du Toit op hierdie neo-calvinistiese rigting gehad het, word beoordeel. Hier word die vraag weereens gevra waarom De Wet aanvanklik as oortuigde neo-calvinis, later al meer daarvan begin afwyk het.

De Wet se teologiese opleiding het vanaf 1912 na Potchefstroom geskuif. Hierin word nagevors wat De Wet se teologiese opleiding in Potchefstroom anders gemaak het as wat die opleiding in Stellenbosch op daardie stadium was. Twee gesiene teoloë in Stellenbosch, maar teenoor wie baie kritiek in Potchefstroom uitgespreek was, was dr. Andrew Murray en prof. Johannes du Plessis. Die hoofstuk sal aantoon hoe Murray, maar veral Du Plessis, in De Wet se teologiese denke beoordeel is. Hiermee saam moet die standpunte van hierdie twee teoloë op 'n ouere De Wet se teologie vergelyk kan word, wat moontlik aanleiding kon gegee het tot die leergeding waarin De Wet hom vanaf 1944 al hoe meer begewe het.

Wanneer De Wet in 1916 in die bediening tree, eers op Steynsburg en daarna vir 'n kort rukkie in Bloemfontein, was hy as 'n gerespekteerde teoloog bekend. Die hoofstuk kyk na die teologiese aksente wat in dié tyd, vanaf 1916 tot 1925 in De Wet se bedieningsjare na vore gekom het. Hierin word veral sy eerste teologiese publikasies en sy doktorale proefskrif se aksente nagegaan.

De Wet het in 1926 by die Teologiese Skool in Potchefstroom as die derde professor in teologie begin werk. Hy het as professor besondere teologiese bydraes kon lewer, waarin veral twee van hierdie bydraes se betekenis en invloed aangetoon sal word. Vanaf 1928 het De Wet hom vir 'n eie vak-wetenskaplike tydskrif beywer, toe bekend as *Die Wagtoring,* wat later by die Universiteit in Potchefstroom as die tydskrif *Koers* bekend geword het; 'n tydskrif wat tot vandag 'n besondere bydrae in die lewens- en wêreldbeskouing van akademici belig, wat van die begin af 'n reformatoriese inslag wou bied. De Wet word nie net as stigter van die tydskrif erken nie, maar sy eie teologiese aksente in die tydskrif sal kortliks aangedui word. In die geheel van hierdie studie is daar sekere teologiese uitsprake van De Wet wat in die vroegste uitgawes van *Die Wagtoring* na vore kom, wat in die latere leergeding teen hom gehou is. Hierin word o.a. gewys op die feit dat De Wet in dié tydskrif gepleit het vir 'n nuwe belydenisskrif.

'n Ander teologiese bydrae van De Wet as professor is sy publikasie in 1931, "Die Bybel en die Christus van die Bybel". Hierin het hy veral sy teologiese aksent sterk teen dié van prof. Johannes du Plessis van Stellenbosch gerig. In dieselfde publikasie gee De Wet duidelike dogmatiese standpunte oor hoe hy die Persoon en die nature van Christus verstaan, wat later as een van die kernsake in die leergeding teen De Wet opgestel is. Die vraag wat beantwoord moet word, is of hierdie vroegste publikasies van De Wet alreeds aanduidings kon gee van wat later 'n leergeding teen hom geword het. De Wet het hom in dieselfde publikasie oor die kenosis-leer en die leer oor die inspirasie van die Bybel verantwoord. Albei hierdie leerstukke het wel in ander teologiese leergedinge na vore gekom. In die Janssen-saak in Amerika wat in 1922 plaasgevind het, en waaruit kerkregtelik baie geput is om die saak teen De Wet te motiveer was die kern van die geding die inspirasieleer. In die Du Plessis-saak was die kenosis-leer in die brandpunt en in die saak teen Geyser wat in 1961 plaasgevind het, was weereens aspekte van die kenosis leer uit Filippense 2:6 die kern van die geding.

In die laaste deel van die hoofstuk word teologiese omwentelinge in die Tweede Wêreldoorlog nagegaan om daarmee sekere teologiese klemverskuiwings by De Wet aan te dui. In die vasstelling van hierdie verskuiwings word bepaal watter teologiese implikasies sulke verskuiwings op De Wet kon gehad het, wat op die lange duur tot die hele leergeding aanleiding gegee het.

4.2 TEOLOGIESE AKSENTE IN DE WET SE STUDENTEJARE (1909-1915)

4.2.1 TEOLOGIESE AKSENTE IN STELLENBOSCH (1909-1911)

Wanneer CJH de Wet in 1909 by die Kweekskool in Stellenbosch vir sy teologiese studies aanmeld, het hierdie inrigting die vreugde beleef om hulle halfeeufees[50] te vier (Smit, 2009:99). In 1909 was daar 23 studente in die teologie aan die Kweekskool ingeskryf. In die eerste vyftig jaar van teologiese opleiding is hierdie inrigting gekenmerk deur die besondere invloed wat die eerste twee professore, proff. J Murray en NJ Hofmeyr, daar gevestig het. Van die begin af is geglo dat benewens die gereformeerde karakter, hulle opleiding ook in die konteks van herlewing moes geskied (Coertzen,2009:10). Brümmer (2013:17) wys daarop hoe John en Andrew Murray en Nicolaas Hofmeyr, as driemanskap, nie net tydgenote was nie, maar bevestig hy dat "hierdie drie manne het 'n bepalende invloed op die teologie van die NG Kerk in Suid-Afrika gehad". Al drie het in dieselfde tyd in Utrecht gestudeer. Hulle word deur Brümmer (2013:17) as mistici

[50] Die Kweekskool is op 1 Nov. 1859 begin waar daar 2 professore (J Murray, NJ Hofmeyr) en 4 studente (CS Morgan, WP Rosseau, W Robertson, EZJ de Beer) in daardie eerste jaar van eie teologiese opleiding aangemeld het.

bestempel, veel sterker as wat hulle konfessionaliste was. Die uitgangspunt by die mistici is dat die “regsinnigheid van die hart” belangriker is as die “regsinnigheid van die leer”.

Met hierdie teologiese aksent word daar meer klem gelê op die liefde van Christus as wat daar met die uitverkiesing en die almag en die soewereiniteit van God gehandel word. Brümmer (2016:333) sien hierdie verskille in `n ernstige lig as hy beweer dat daar eintlik verskillende godsbeelde na vore kom. By die een waarby Calvyn direk betrek word, is die klem op die almag en die soewereiniteit van God. Brümmer glo dat in Stellenbosch dit nie die uitgangspunt was nie. Brümmer meen dat die Réveil oorgegaan het na die Etiese rigting en die Etiese rigting na die “evangelikaalse” spiritualiteit. Hy verklaar dat hierdie oorgange in Stellenbosch hulle teologiese aksente was.

Dit wat as teologiese aksente in Stellenbosch vir De Wet geraak het, was sekerlik sy totale afkeer van die Liberale kringe, wat o.a. die Godheid van Christus en die gesag van die Woord van God deurlopend bevraagteken het. Daarmee is daar geen vergelyking met De Wet of selfs met die grondleggers van die Kweekskool in Stellenbosch te maak nie. Hulle was net sulke felle teenstanders van die modernistiese liberalisme soos De Wet dit was. Die feit dat De Wet nie in Stellenbosch met die teologiese aksente in daardie tyd aan die Kweekskool kon voortgaan nie, lê veel eerder op die terrein waar hy die evangelikaalse spiritualiteit nie bó die neo-calvinistiese uitverkiesingsleer kon verklaar nie. Die besondere spiritualiteit in Stellenbosch het meer klem op die werk van die Heilige Gees geplaas as wat daar in besonder op die kruisiging en opstanding van Christus die klem geplaas was. Coetzee (1986;108) wys daarop waar die kruisiging en opstanding van Christus volgens die gereformeerde teologie die sentrum van die besondere openbaring vorm, daar staan volgens die aanhangers van die evangelikaalse spititualiteit, veral soos deur Andrew Murray beklemtoon, die Pinkstergebeure meer in die sentrum. Die werk van Christus is hiervolgens voorlopige trappe en die einddoel is om by die uitstorting van die Heilige Gees uit te kom. De Wet het hom op daardie stadium meer kon aansluit by die gereformeerde neo-calvinistiese oortuiging dat die Heilige Gees nie iets anders wou leer as om net Christus en Sy werk die einddoel van God te maak nie.

4.2.1.1 DIE STROMING VAN "METODISME" BLY GEVESTIG

In 1910, nadat CJH de Wet sy eerste studiejaar in Stellenbosch voltooi het, het daar van WA Joubert[51] 'n proefskrif verskyn, die eerste van 'n nagraadse teologiese student van Stellenbosch wat nie aan Utrecht gepromoveer het nie. Trouens hy het sekere kritiese vrae oor die teologiese rigting in Utrecht geopper. Joubert het by die Vrije Universiteit van Amsterdam sy studies voltooi. Sy proefskrif is getiteld: "De verhouding van Gelooven en Weten in de Nederlandsche Theologie der 19de eeuw, in bijzonder by Doedes en Van Oosterzee".

Joubert het saam met sy studieleier krities na die teologiese aksente van Doedes en Van Oosterzee gekyk om die verhouding tussen geloof en rede te bestudeer. Daar word aanvaar dat die dogmatiek van Bavinck beslis nie in die tyd van De Wet aan die Kweekskool doseer is nie. Coertzen (2009:16) wys daarop dat Van Oosterzee se dogmatiek in 1910 alreeds vir 40 jaar in Stellenbosch aan studente geleer was en dat ook Doedes se teologiese werke die bekendste in Stellenbosch was. Dit is eers vanaf 1910 dat daar begin is om bietjie meer krities na die Kweekskool Stellenbosch se direkte aansluiting by die Utrechtse Skool te kyk.

Al was CJH de Wet op daardie stadium in sy tweede jaar van studie, kan aanvaar word dat hy deel gevorm het van hierdie kritiese benadering wat daar teenoor Utrecht en die Etiese teologie na vore gekom het. WA Joubert se proefskrif het vinnig uit ander oorde kritiek ontlok. JA du Plessis, wat later ook as professor in Stellenbosch gedien het, en teen wie die latere Du Plessis-saak in 1926-1932 gevoer is, was van die eerste wat Joubert beskuldig het dat sy studies "Gereformeerd en nie Nederduits-Gereformeerd" is nie. Met "Gereformeerd" het Du Plessis daarop gesinspeel dat Joubert met hierdie studie veel eerder in die kringe van die GKSA 'n tuiste kon vind. Dit word aanvaar dat met die klein getal studente in daardie jare en dat almal baie naby met mekaar meegeleef het, CJH de Wet op behoorlike wyse met Joubert se studie kennis gemaak het en daardeur beïnvloed is.

Al was dit langer as vyftig jaar na die ontstaan van die Kweekskool in Stellenbosch, toe De Wet daar student was, word daar erken dat die gees van die Réveil met sy klem "op persoonlike bekering, die persoonlike ervaring van God se genade in Christus en 'n vroom en praktiese lewe op die voorgrond gestel moes word". Brümmer (2016:498) erken dat "die evangelikaalse

[51] WA Joubert se kleinniggie Bettie Joubert (Elizabeth Jacoba Joubert) was later die eerste eggenote van SJ du Toit. Dit is duidelik dat CJH de Wet en SJ du Toit aan mekaar goed bekend was en baie van die teologiese standpunte wat SJ du Toit as uitsondering in die Stellenbosse geledere gehandhaaf het, wel deur CJH de Wet gedeel is.

spiritualiteit van mense soos Andrew Murray allesoorheersend was". Brümmer (2017) poog om die etiket wat die evangelikaalse spiritualiteit as 'n metodistiese stroming bestempel het, te ontken. Hy kon egter op verskeie punte nie aantoon wat hierdie evangelikaalse spiritualiteit in hulle benadering dit anders maak as in hoofsaak 'n metodistiese benadering nie.[52]
Brümmer (2017) gee in sy jongste artikel 'n kort opsomming van die teologiese aksent waarmee De Wet Stellenbosch verlaat het:

> "Die uitverkiesingsleer van Calvyn het implikasies wat in stryd is met die evangelikaalse spiritualiteit wat vanaf die tweede helfte van die 19de eeu kenmerkend was vir die Kaapse Kerk. Die Kaapse teoloë het enersyds geleef vanuit hulle evangelikaalse spiritualiteit en andersyds as goeie gereformeerdes die uitverkiesingsleer onderskryf, sonder om hulle moeg te maak oor die logiese spanning tussen die twee... Die neocalviniste het die evangelikaalse spiritualiteit in die NG Kerk afgewys as "metodisties".

Terwyl Brümmer beweer dat die Kaapse teoloë nie bereid was om hulle oor hierdie innerlike spanning moeg te maak nie, kan aanvaar word dat by CJH de Wet wel 'n aspek was waaroor hy hom moeg gemaak het.

4.2.1.2 CJH DE WET EN SJ DU TOIT

Om De Wet in 1911 in Stellenbosch te beskryf as die SJ du Toit van daardie tyd, is nie vergesog nie. Op die oog af was albei uitmuntende predikers en albei het sterk eskatologiese elemente in hulle teologie benadruk. Albei het kultureel en polities sterk uitgestaan. Waar SJ du Toit se werke deurlopend chiliasme in die Ou Testamentiese profesieë en Openbaring uitgedra het, is daar in De Wet se latere teologiese aksente sommige chiliastiese vertrekpunte. Albei was alleenstryders en dikwels eensame figure.

SJ du Toit is van die groot uitsonderings in Stellenbosch wat die neo-calvinisme in sy oortuigings en sy konsekwente handhawing van die gereformeerde belydenisskrifte voorop gestel het, tot ergernis van sy medestudente en selfs latere kollegas. Met De Wet was dit dieselfde toe hy stroomop in Stellenbosch van sy Kuyperiaanse neo-calvinistiese oortuigings geen geheim gemaak het nie. Eddie Brown (1993:386) toon oortuigend aan hoe groot die invloed van Abraham Kuyper op ds. SJ du Toit was. Hy stel dit dat "Du Toit het Kuyper op die spoor gevolg en

[52] Dit is opmerklik dat hierdie tipering van Brümmer om die teologiese opleiding in Stellenbosch in 2016-2017 deurlopend as in die gees van die "evangelikaalse spiritualiteit" te tipeer, 'n nuwe term is. In die vroeëre werke van Brümmer waar hy in 2013 reeds baie breedvoerig oor die heersende geestesrigting en teologiese aksente in Stellenbosch gehandel het, kom die term "evangelikaalse spiritualiteit" nie voor nie.

persoonlik geken". Hierdie invloed is van so 'n aard dat Du Toit in sy eie geledere en in die konteks van sy omstandighede in die Kaapse Kerk 'n alleen-stryder was; sommige verwys na hom as 'n "eensame Ismael".

Dit wat JD du Toit (1917:9) oor sy vader skryf is belangrik om die konteks breër te sien. Oor die studente wat aanvanklik lyk asof hulle vyandig teenoor SJ du Toit gestaan het, sê SJ du Toit dat nadat die vier jaar van studies verstryk het, hulle as studente saamgestaan het. Van SJ du Toit kom later die getuienis "werd ik gekose als president van die studente-korps". DA Scholtz (1975:20), in sy omvattende studie oor SJ du Toit as "Kerkman en Kultuurleier", bevestig dat SJ du Toit se vervreemding tussen die Stellenbosse studente gou verdwyn het en in die vierde en laaste jaar van sy studie is hy gekies tot president van die studentekorps.

Dit wat Du Toit op sy tyd en De Wet op sy tyd wel eensame figure in Stellenbosch kon gemaak het, was sekerlik hulle oortuigde calvinistiese beskouinge wat veral op twee terreine deurslaggewend na vore gekom het. Albei het hulle vertrekpunte sterk vanuit die Kuyperiaanse oortuiging rondom die uitverkiesingsleer geneem. Daarmee saam word die soewereiniteit van God baie sterk beklemtoon. Brümmer (2016:497) noem dit die "neocalvinistiese ideologie van Abraham Kuyper".

Die vermoede kan wel uitgespreek word, sonder om dit voldoende te bewys, dat SJ du Toit bygedra het tot CJH de Wet se besluit om na sy eerste drie jare in Stellenbosch die res van sy studies in Potchefstroom te voltooi. Hierdie oorweging stem grootliks ooreen met wat SJ du Toit vir sy seun, JD du Toit geadviseer, het. Toe was dit 'n keuse tussen Stellenbosch en Burgersdorp. SJ du Toit het toe reeds, ten spyte van deurlopende verskille met o.a. prof. Jan Lion Cachet, wel in Lion Cachet 'n vertroueling en vriend gehad wat moeite gedoen het om vir JD du Toit 'n plek vir opleiding in die GKSA in Burgersdorp te bied.

So kan dit nie uitgesluit word nie dat SJ du Toit wel in die belowende student CJH de Wet, wetend of onwetend, ook die saadjie en aansporing kon plant om eerder in die GKSA predikant te word, soos wat sy seun JD du Toit dit toe reeds was.

Daar is heelwat teologiese aksente wat in die lewe van SJ du Toit uitgestaan het wat in die lewe van die jonge CJH de Wet dieselfde klem gedra het: hulle benadering tot die onderwys dat die Staat hulle hande van die onderwys moes afhou en ook die benadering dat onderwys in die moedertaal moes geskied. Brown (1993:389) stel dit dat Du Toit se onderwyssiening "kan

breedweg omskryf word as soortgelyk aan dié van Kuyper". De Wet het soos Du Toit die Afrikaanse taal en die bevordering daarvan baie hoog geag. Albei se oortuigings dat daar 'n goeie Afrikaanse vertaling van die Bybel moes wees, is ewe merkwaardig. Beide was groot voorstanders daarvan dat 'n omvattende Christelike kultuur in Suid-Afrika bevorder moes word. Hoe SJ du Toit gereformeerde politiek bedryf het en wat die latere CJH de Wet se sieninge en bedryf in die politiek was, dra eweneens merkwaardige ooreenkomste.

Brown (1993:388) se opsomming van SJ du Toit maak duidelik hoe in later tye oor CJH de Wet dieselfde geoordeel is:

> "...hy was 'n ambisieuse leier, wat hom nie laat lei het nie. Met gloed het hy standpunt gestel, debatte en polemiek gevoer, maar sy oortuigings het hom op sleeptou geneem. In die proses het hy nie altyd die beginsels waaroor hy so sterk gevoel het en persone uitmekaar gehou nie. Hy het nie gehuiwer om agter die skerms te werk nie, en het nie verdenking voorkom nie."

4.2.2 TEOLOGIESE AKSENTE IN POTCHEFSTROOM (1912-1915)

In die tydperk wat CJH de Wet by die Victoria Kollege in Stellenbosch (digby die Kweekskool) begin studeer het, was hy as plaasseun van die Ladybrand distrik reeds met die predikant van die Gereformeerde Kerk in Ladybrand, ds. HPhJ Pasch in noue kontak (Kotzé, 1980:103). Venter (2014:170) toon aan hoe daar dwarsdeur De Wet se studente- en bedieningsjare noue kontak tussen ds. HPhJ Pasch en CJH de Wet bestaan het. Dit kan aanvaar word dat Pasch se teologiese insigte en aksente op die jonge De Wet besondere indruk gemaak het. Dit is ook die rede waarom Kotzé oortuig is dat ds. HPhJ Pasch aan huis van die De Wet-gesin die teologiese deurslag kon gee vir De Wet se oorgang na Potchefstroom.

Hiermee saam moet in gedagte gehou word hoe familie-getuies oor CJH de Wet se vader geoordeel het, naamilik dat sy "hart eintlik by die Gereformeerde Kerk was". Daar is sprake daarvan dat in die familie die deurlopende oortuiging van meer kante bestaan het dat as De Wet predikant wou word hy dit in die GKSA moes word. Dit saamgelees met die feit dat CJH de Wet se ouer broer, Kootjie de Wet[53], met wie hy baie nou saamgeleef het, reeds lidmaat in die GKSA was. CJH de Wet het as baie jongman, direk na sy terugkeer as banneling, by sy broer Kootjie

[53] Johannes Jacob de Wet. Hy was die 7de kind in die gesin. Vanweë sy huwelik met Elizabeth Carolina Maria Venter wat lidmaat van die Gereformeerde Kerk was, het hy ook lidmaat in die GKSA geword.

op ’n plaas naby Sannaspos (Fauresmith) gebly. Daar word aanvaar dat hy reeds kerklik met hulle meegeleef het. Die Gereformeerde Kerke was op verskeie maniere reeds aan hom bekend.

Al hierdie blootstellings aan die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika neem nie weg nie dat daar wel aanvaar kan word dat De Wet hoofsaaklik vanweë teologiese spanning met die rigting in Stellenbosch sodanig verskil het dat dit hom selfstandig laat besluit het om sy laaste vier jare van studie in Potchefstroom voort te sit. Dit kan aanvaar word dat hierdie besluit om na Potchefstroom te skuif geen politieke besluit was nie, maar wel duidelik ’n teologiese besluit.

Die teologiese aksente waarmee De Wet as student in Potchefstroom dadelik in aanraking gekom het, kan hoofsaaklik van kontak met drie persone afgelei word. De Wet het vir ’n baie kort tydjie by prof. Jan Lion Cachet klas ontvang; daarna het hy deurlopend by JD du Toit klas ontvang en was dr. SO Los se teologiese aksente ook deel van De Wet se leerskool as student in Potchefstroom.

4.2.2.1 TEOLOGIESE AKSENTE IN DE WET SE VROEGSTE OPLEIDING

Toe CJH de Wet in 1912 by die Teologiese Skool in Potchefstroom begin, was hierdie inrigting wat sy lokaliteit betref nog in sy kinderskoene ná die verskuiwing vanaf Burgersdorp. Die verskuiwing was gedurende 1904/05, ses jaar tevore, alhoewel daar vanaf 1869 in die GKSA volle selfstandige teologiese opleiding van predikante vanuit die kerkverband was. In 1912 was die kerkverband 53 jaar aan die gang, wat in kerklike terme ’n kort tyd is. Van Tonder (2009:19) wys daarop dat vanaf 1910, toe Suid-Afrika ’n Unie geword het, dit wel indirek teologiese implikasies gehad het.

Coetzee (2009:44) wys daarop dat by die oprigting van die Teologiese Skool die klem uit die staanspoor op die beoefening van die gereformeerde teologie geval het. In die eerste jare is hoofsaaklik lesmateriaal wat van die Christelik Afgeskeie Gereformeerde Kerk in Nederland afkomstig was, gebruik. Dit het beteken dat baie van die beginsels wat in die afskeiding van 1834 in Nederland gegeld het, ook hier neerslag moes vind.

Van der Vyver (1969:124) skryf dat vanaf 1910 daar heelwat veranderinge in die opleiding plaasgevind het. Die tydperk van die vaders, soos daar na die eerste Dirk Postma en sy skoonseun Jan Lion Cachet verwys word, wat as eerste dosente vir eie teologiese opleiding in die GKSA baanbrekerswerk gedoen het, is nou behoorlik afgesluit.

4.2.2.2 CJH DE WET AAN DIE LEERSTOEL VAN JD DU TOIT

Vanaf 15 Apr. 1911 het JD du Toit hierdie vaders se werk voortgesit. Na hom word verwys as 'n "Calvinis in die egte sin van die woord" . Dit word aanvaar dat toe De Wet hom nege maande later, aan die begin van 1912, by die geledere in Potchefstroom voeg, die meeste invloed en teologiese aksente vanaf JD du Toit uitgegaan het.

Met JD du Toit se werkywer en diepgang in sy teologie, bewys Van der Vyver (1969:127) dat daar vanaf 1910 ingrypende besluite in Potchefstroom rondom die teologiese opleiding geneem is. Die studie is vanaf drie jaar na vier jaar verleng. Wanneer daar 'n vergelyking gemaak word na die hoeveelheid vakke wat in 1869 in die teologiese opleiding aangebied was en wat vanaf 1910 die hoeveelheid vakke was wat De Wet in sy teologiese opleiding moes ontvang, is daar 'n merkwaardige verskil. In 1869 was daar sowat 7 hoofvakke met dan hulle kleiner onderafdelings, maar vanaf 1910 was daar in die vierjaar-opleiding ten minste 16 hoofvakke wat in twee dele verdeel was. Elk van die 2 dele het bestaan uit 8 verskillende onder-afdelings.

In dié tyd is die voorneme duidelik uitgespreek dat Potchefstroom die Vrije Universiteit van Suid-Afrika moes word, soos wat die Vrije Universiteit van Amsterdam in die tyd van Abraham Kuyper dit in Nederland was (Van der Schyff, 2003:74).

Tegelyk is aanvaar dat Suid-Afrika in totaal ander omstandighede as Nederland verkeer. JD du Toit het volgens D'Assonville (1971:68), terwyl hy in Nederland was, sekere aspekte in hulle teologie aangestip waarmee hy nie saamstem nie. So het hy sterk in reaksie gekom teen die selftevredenheid en "gearriveerdheid" waarmee sommige vraagstukke in Kampen en Amsterdam gehanteer is.

JD du Toit het sy voorneme duidelik gemaak dat hyself eerstehands die teologiese wetenskap sou ondersoek. Hy wou as oorspronklike denker werk. Soos hy dit gestel het: "Ik wil dan probeeren en zelf die kwesties voor mijn gemoed op te lossen". In sy latere volledige werk rondom JD du Toit het D'Assonville (1993:94) aangedui dat hy geskryf het dat dit "heilloos sou werk as jong Suid-Afrika eenvoudig die teologie van Nederland net so sou oorneem". Daar moes oorspronklike denke wees en Suid-Afrika moes sy eie Gereformeerde teologie uitbou. Om alles maar net so van Nederland oor te neem, het Du Toit gesê, dra 'n "Judaïstiese gevaar".

Wanneer JD du Toit in April 1911 as die enigste teologiese professor begin arbei, was sy inougurele rede daarop ingestel om calvinisties te wees. Die titel van sy inougurele rede is “De zestiende-eeuwse profesie en haar betekenis voor onze tijd.” Du Toit (1911:5) vergelyk hulle omstandighede met die tyd van Nehemia toe daar so baie opgebou moes word. Hy wys verder daarop dat hierdie opbou nie onbepland en willekeurig mag geskied nie. Hy wys verder na die besondere taak wat die jongmense, soos o.a. CJH de Wet, in hierdie oprigting moes verrig. In dieselfde rede lê Du Toit die klem op die amp van die gelowige, wat hy noem “die al te zeer verwaarloosde ambt”, wat hy meen daar veel meer oor gepraat moes word.

Du Toit (1911:5) het daarvan werk gemaak om dikwels na sy buitelandse studie rondom “Het Methodisme” te verwys. Hy huiwer nie om die gevaar van die Metodisme na vore te bring nie, veral waar dit gaan om die teologiese aksente wat by teologiese opleiding behoort te geld. Hy stel dit dat die metodisme in sy skoonheid maar ook in sy swakheid raakgesien moes word.

Du Toit (1911:6) betuig instemming met HH Kuyper waar Kuyper die belang van wetenskaplike arbeid aan hulle as studente geleer het. Volgens Du Toit het die hervormer Zwingli ’n moeilike stryd met die wederdopers gestry omdat hulle die wetenskap verag het. Volgens Du Toit moes opleiding in diens van die Woord op wetenskaplike wyse geskied. Die wederdopers met hulle “drijving des Geestes” was vir Du Toit ’n gevaarlike tendens waar “iedereen de vrijbrief gaven om voor de gemeente op te treden”. Hierin kom na vore die erns waarmee Du Toit in sy klasse sy studente geleer het dat daar wel geleerdheid in “de kennis van de grondtalen van de H Schrift” moet wees en die uitlegging en toepassing daarvan was eweneens belangrik. Dit wat Du Toit dan onder die opskrif plaas van alleen na behoorlike opleiding en toerusting kon daar as “profeten gesproken” word. “De gewone gemeenteleden mochten in het openbaar de Schrift niet uitleggen, maar hadden de gelegenheid nadat de profeten gesproken hadden, om óf kritiek op het gesprokene uit te brengen of iets nieuws eraan toe te voegen”.

Dit val op dat Du Toit voortdurend bekommerd was dat die standaard van werk wat gelewer word, nie aan die hoë standaarde voldoen wat hy daaraan gestel het nie. Aan die einde van 1914 het hy ’n rede gelewer wat handel oor die “Methode van echte studie”. Dit was woorde gespreek by die oordrag van die rektoraat aan die tweede teologiese professor, dr. SO Los, wat vanaf 1915 as rektor aangestel is.

In die student se metode van studie onderskei Du Toit (1914:4) twee deurslaggewende faktore. Eerstens moet die student in die studie sekere dinge duidelik kan raaksien (opmerken). In die

tweede plek moet die student in staat wees om die geleerde teorie behoorlik toe te eien en te verwerk. Du Toit het terselfdertyd beklemtoon dat om opmerksaam te wees moet daar reeds ’n duidelike standpunt bestaan waaruit die opmerkings voortspruit en om hierdie opmerkings behoorlik te verwerk moet daar in de studie rus en kalmte wees. Du Toit het dit baie duidelik teen die oorhaastige aframmeling van werk wat nog die opmerklike, nog dit wat verwerk moet word, kon nakom.

In hierdie metode van studie was Du Toit oortuig dat studente eerste geleer moes word om te studeer en hulle geleer moes word “om te leren denken”. Du Toit (1914:12) beskou Dr. Abraham Kuyper hierin as ’n goeie voorbeeld om na te volg as dit gaan om die vreugde van denke wat die vreugde van studie word. Die grondbeginsels, wat Du Toit ook vir De Wet in hierdie metodes van studie vasgelê het, was dat in die metode van studie daar op so ’n wyse gewerk moes word dat die metode die student in staat stel om die werke sy eie te maak.

’n Volgende beginsel was dat studente die vermoë moes aanleer waardeur hulle insig tot die dag van hulle dood vermeerder kon word. In die opsig was Du Toit van mening dat die professor-student-verhouding sodanig moes wees dat hy die student nie net in die klaskamer onderrig nie, maar dieselfde student in sy studeerkamer moes inneem en presies aantoon hoe hy werk, hoe hy lees, hoe hy aantekeninge maak, hoe hy daardie aantekeninge tot ’n geheel verwerk. Dit het vir Du Toit om meer as net opvoeding gegaan, dit moes daadwerklike akademiese vorming word.

In die tyd wat De Wet sy studies onder Du Toit voltooi het, is dit duidelik dat Du Toit nie net behoorlike rekenskap gegee het rondom die metodes om behoorlik te studeer nie, maar het Du Toit in 1916 sy publikasie voltooi wat hy “Preek-Methode” genome het. Weereens het Du Toit gewys op die belang dat studente wat die Teologiese Skool verlaat die lewende bewyse moes wees van die wetenskaplike metode wat gevolg is. Hierin was Du Toit (1916:3) se standpunt soos volg:

> “Hoofdoel en strekking van onse Skool is nog altijd prakties, hoewel dit nie uitsluit nie dat naar strenge methode gearbei word.

Du Toit het in die metode van prediking wat hy in die tyd aan De Wet geleer het twee aspekte in die metode van preekmaak onderskei. Die eerste belangrike vraag was hoe die preekstof verkry is en daarna hoe dit behandel moes word. In die verkryging van stof was daar vir Du Toit net een bron, nl. dat die skrifverklaring net kon werk met Skrifopenbaring... “die prediker moet sijn stof eenvoudig aan die skrif ontleen”.

4.2.2.3 CJH DE WET AAN DIE LEERSTOEL VAN SO LOS

Nadat De Wet reeds twee jaar in Potchefstroom studeer het, is die oortuiging gevestig dat die werk te veel is om op die skouers van net een professor in die Teologie te rus. Ander faktore soos die toename van die getal studente en die stryd teen die ongeloof wat al swaarder geword het, het die Sinode genoop om 'n tweede professor in die Teologie te beroep. Aanvanklik was een van De Wet se voorgangers in Steynsburg, dr. PC Snyman beroep, maar na hy die beroep bedank het, het die beroeping gegaan na dr. SO Los (1871-1944) wat die beroep aan die begin van 1914 opgevolg het (Jooste,1958:272). Van al die vakke wat hoofsaaklik op die Ou Testament betrekking het, het dr. JD du Toit steeds die grootste deel doseer terwyl prof. Los in hoofsaak vakke vanuit die Nuwe Testament doseer het.

Prof. Los het by die Teologiese Skool benewens sy Nuwe-Testamentiese onderrig, 'n besondere aksent op die waardering van Kerkgeskiedenis geplaas. Hy was in 1911 reeds 'n besondere medewerker met ds. T Hamersma en dr JD du Toit om die eerste volwaardige kerkgeskiedenis-handboek vanuit die GKSA saam te stel.[54] Hamersma het die afdeling vanaf die apostoliese vaders tot die tyd van die Hervorming hanteer. Dr. Los was verantwoordelik vir die tyd vanaf die Hervorming tot hulle eietydse Kerkgeskiedenis. Deel hiervan was ook die besondere geskiedenis wat in Nederland rondom die afskeiding en doleansie afgespeel het. JD du Toit het as afsluiting in die handboek 'n aantal taferele bygevoeg waar hy die "geschiedenis van de Hollandse Kerken in Zuid-Afrika" geskets het.

In die voorlaaste jaar van De Wet se teologiese studies het Los 'n boek uitgegee getiteld "De Paraenetiese nakatechisatie", wat ook as sy inougurele rede gedien het by sy bevestiging as professor op 7 Februarie 1914. Die waarde van kategetiese onderrig is deur hierdie studie van Los in die besonder beklemtoon. Hierin kom Los se liefde vir die kerkgeskiedenis weereens sterk na vore en dit kan aanvaar word dat hy hierdie liefde voortdurend aan sy studente oorgedra het. In hierdie werk lê Los besondere klem op die noodsaak en waarde van voortdurende onderrig wat aan gelowiges gegee moes word. Sodoende vind daar voortdurende groei in die geloof en uitbreiding en bekendmaking van insig in die gelowige se lewe plaas. Daar kon volgens hom

[54] In *De Kerkbode* (1912:14-15) verskyn 'n resensie oor hierdie besondere boek. Dit verskyn van die hand van die redakteur prof. J. du Plessis wat vanaf 1910 – 1912 as redakteur van hierdie kerklike tydskrif gedien het. Opvallend skerp is kritiese opmerkings wat Du Plessis in hierdie resensie oor die bydraes van Los en Du Toit maak. 'n Duidelike bewys dat Du Plessis min waardering vir die kerkverband gehad het waarby CJH de Wet hom op daardie stadium so pas as student in 1912 gevoeg het.

geen stadium in 'n gelowige se lewe wees waarin hierdie onderrig nie meer konstant moes plaasvind nie. Dit is dan met hierdie besondere klem wat De Wet in 1915 die Teologiese Skool in Potchefstroom verlaat het met die besef van hoe belangrik voortdurende onderrig moes wees.

4.3 TEOLOGIESE AKSENTE IN DE WET SE BEDIENINGSJARE (1916-1925)

4.3.1 DIE HERVORMING VAN DIE 16DE EEU EN DIE GELOFTE VAN 1838

De Wet was vroeg in sy bediening teologies baie aktief. Benewens die normale bedieningswerk in Steynsburg het hy hom in 1917 reeds beywer vir 'n teologiese herbesinning rondom die vieringe van die Hervorming van die 16de eeu en ook die vieringe rondom die Gelofte van die Afrikaner in 1838.

Rondom Hervorming het hy drieërlei aspekte onderskei (De Wet, 1917, 1,11, 17). Eerstens het hy gekyk hoe die voorbereiding tot hierdie gebeurtenis plaasgevind het. Daarna bring hy na vore hoe daar 'n deurbraak met die hervorming gekom het. In die laaste plek in watter mate die viering van hierdie dag steeds nagekom word en waarmee dit gevul moes wees.

Dit is opvallend dat wanneer De Wet in sy laaste rede by die Teologiese Skool op 27 Oktober 1944 optree hy 'n lesing aangebied het met die vraag: "Is Kerkhervorming vandag moontlik?" Opvallend is die groot klemverskuiwing wat De Wet vroeg in sy bediening en dan later naby die einde van sy bediening in die GKSA rondom die verstaan van Hervorming ondergaan het. Dit is 'n aspek wat by die bestudering van De Wet se teologiese klemverskuiwings besondere aandag moet ontvang. Dit bly merkwaardig dat De Wet se bediening in die GKSA in 'n sekere sin rondom sy verstaan van Hervorming begin het en dan ook weer aan die einde rondom sy verstaan van Hervorming geëindig het.

In dieselfde teologiese werk waarin De Wet die Hervorming aan die orde stel, hanteer hy die betekenis van die Gelofte wat 'n merkwaardige teologiese moment in die geskiedenis van die Afrikaner tydens die Groot Trek in 1838 na vore bring. In die tyd van De Wet se vroeëre bediening was die viering van die Gelofte bekend as "Dingaansdag". Hy het oor twee aspekte van die Gelofte gepredik. Eerstens hanteer hy die vraag rondom "Die erve van ons vadere". Tweedens sluit hy hierdie eerste teologiese publikasie van hom af met die aangrypende titel: "Rachels stem uit Rama".

In hierdie besinning rondom die Gelofte raak De Wet (1917:26) aspekte aan soos die bewering "dat ons voorouers grond geroof het van die inboorlinge". Dis 'n saak wat steeds in die spervuur van sosio-politiese denke in Suid-Afrika na 100 jaar nie afgehandel en uitgepraat is nie. Op 'n sterk beredeneerde wyse het De Wet hierdie bewerings weerlê. Die gevaar van eksemplarisme is wel sterk in van hierdie preke teenwoordig soos die volgende voorbeeld aantoon:

> "Op en uit die erve is ons als volk bestem om te bestaan en voort te bestaan; maar seker nie minder is ons gehoue om daaruit die diens van God te onderhou. Nou gaan dit met ons viral in die laatste tijd soals met Naboth... Daar is Achabs wat besig is om ons erve in besit te neem..." (De Wet, 1917:27).

In al hierdie preke is die noue verbintenis wat hy tussen kerk en volkskap plaas opvallend. Daar is egter geen aanduiding dat hy in die begin van sy teologiese arbeid 'n volkskerk-gedagte voorgestaan het nie. Hy wou duidelik die Hervorming (Reformasie) van die 16de eeu tot die Afrikanervolk met sy viering op Dingaansdae laat spreek. Vir De Wet geld die koninkryk van God ook vir die politiek.

4.3.2 GEWETENSKLOUSULE EN INKORPORASIE VAN UNIVERSITEIT

De Wet (1918:6) het baie vroeg in sy bediening in besonder klem gelê op die versorging van jongmense en die besondere onderrig wat hulle moes ontvang. Hy het vanuit Steynsburg in *Die Kerkblad* gepleit vir 'n tipe van "Jeugdag" vir jongmense in die GKSA. Hy het voorgestel dat, wat hy `n "Jubileumdag" genoem het, elke jaar op 11 Februarie gehou moes word - die datum wat as stigtingsdatum van die GKSA onderskei word. Hy wou op dié wyse die jongmense in besonder laat saamwerk vir die uitbreiding van die Jubileumfonds by die Teologiese Skool.

So het De Wet (1919:12) volgehou om op teologiese sake wat in Potchefstroom aan die orde was, vanuit Steynsburg bepaalde aksente te lê. Die saak rondom die "Inkorporasie" en dan die afskaffing van die "gewetensklousule" by die onderrig in Potchefstroom het hy met beredeneerde standpunte onder die opskrif geplaas: "Waar staan ons?". Hiermee het hy aangedui dat hy nie huiwer om sulke sake polities na vore te bring nie. In 'n skrywe in *Die Kerkblad* lewer hy 'n ernstige pleidooi dat daar parlementslede verkies moes word wat werklik die "christelike karakter van die volk" moes kon benadruk. De Wet pleit dat mense nie verkies moes word, net omdat hulle "nasionaal is of 'n goeie spiets kan afsteek nie". De Wet se standpunt oor "subsidie" kom ook hierin na vore waar hy pleit dat die Staat gewys moes word op die verpligting van subsidie sonder dat hulle enige invloed op die Christelike karakter van die kollege mog uitoefen. Daarin

lewer hy tegelyk ’n pleidooi dat samewerking met ander kerkverbande wat op dieselfde belydenisgrondslag staan, gekoester moes word.

Die sake rondom die Teologiese Skool en die Universiteit het by De Wet voortdurend ernstige aandag geniet. Dit is van die sake wat in die tyd toe daar spanning teen De Wet opgebou het, deur homself voorgehou is as die eintlike rede waarom hy “uitgedryf word”. De Wet het voortdurend aandag gegee aan hoe ooreenkomste tussen opvoedkundige rigtings daar moet uitsien. Gewoonlik het hy dit dan teologies en polities beredeneer.

4.3.3 DIE KOLLEGIALE KERKREG

Die grootste teologiese bydrae wat De Wet vanuit Steynsburg gelewer het, was sy doktorale proefskrif getiteld “Die Kollegiale Kerkreg”. Hy het hierdie studie vanaf Januarie 1920 tot Junie 1921 in Nederland voltooi. Sy promotor was dr. HH Kuyper, ’n seun van die bekende dr. Abraham Kuyper by die Vrije Universiteit in Amsterdam. In die proefskrif is die besondere teologiese klem wat De Wet veral op die kerkregtelike literatuur vanuit Duitsland geplaas het, opvallend.

De Wet het in hierdie studie gekonsentreer op die verskynsel en gevaar van kollegialisme wat op kerkregtelike gebied groot skade aangerig het. Die teologiese aksente in hierdie studie word in drie rigtings uiteengesit. Dit begin deur die geskiedenis van die kollegiale kerkreg aan te dui. Daarna word die beginsels van die kollegiale kerkreg aan die orde gestel en dit eindig met ’n kritiese beoordeling van die kollegiale kerkreg.

Dit is steeds ’n proefskrif enig in sy soort wat ’n besondere bydrae in die geskiedenis van alle Suid-Afrikaanse kerke lewer. Deur hierdie studie het De Wet ’n kerkregtelike bydrae gelewer wat vroeg reeds in die NG Kerk as ’n keerpunt in kerkregtelike denke beskou is. Louw (2009:159) wys daarop hoe De Wet deur hierdie studie op die persoon van BB Keet, wat as kerkregtelike in die NG Kerk baanbrekerswerk gedoen het, ’n bepalende invloed uitgeoefen het.

In die geskiedenis van die kollegiale kerkreg was De Wet se vertrekpunt dat groot gebeurtenisse en verandering wat in die wêreld plaasvind, altyd voorafgegaan is deur ’n groot verandering in lewens- en wêreldbeskouing. De Wet wys hoe die historiese ontwikkeling van die Aufklärung geboorte gegee het aan ’n kollegiale sisteem en aan die voltooiing daarvan. Hiervolgens word “die wil van die lede, die wet van die Kerk”. Algaande verdwyn die vreugde uit die christendom, geen entoesiasme, geen kleur meer nie, die lewe word ’n uitreik “insigself”. Dit is die tyd waar

daar al meer met die historiese Jesus “gedweep word”, terwyl van Christus “enkel en alleen net ’n goeie voorbeeld” gemaak word

Uit die as van hierdie verslane teologie het die figuur van Schleiermacher opgekom. Hy het gemeen om dit weer te herstel maar het dit eintlik net nog verder aangetas deur sy “teologie van die objek (kennis van God) en van sy principium en (God) van sy Heilige Skrif beroof”.

De Wet het vroeg in sy bediening dit duidelik gemaak dat hy homself goed op hoogte gebring het met die groot invloed wat Schleiermacher teologies wêreldwyd uitgeoefen het. De Wet se latere inougurele rede toe hy as professor in 1925 bevestig is, het in ’n groot deel daarvan teen die teologie van Schleiermacher gewaarsku. Daarin het De Wet homself nog sterk tot Abraham Kuyper aangetrokke gevoel en het hy die kritiek wat Kuyper op Schleiermacher uitspreek sy eie gemaak.

Dit is duidelik dat in die verloop van De Wet se teologiese denke en aksente sy liefde vir Abraham Kuyper se teologie al hoe meer getaan het, dermate dat van De Wet se studente, onder andere die latere dr. KS van Wyk de Vries (1967:31), die volgende opmerking rondom De Wet en JD du Toit gemaak het:

> “In my teologiese opleiding het ek te doen gekry met aan die een kant sterk afkeer teen Kuyper (in die dogmatiekklasse by wyle dr. C. J. H. de Wet) en aan die ander kant sterk aanhang van Kuyper (in die Homiletiek, Ensiklopedie. Liturgiek en later Dogmatiek by wyle dr. J. D. du Toit)”

Waar De Wet in die tweede hoofdeel van sy proefskrif die besondere beginsels van die kollegiale kerkreg beklemtoon, lewer hy weereens ’n waardevolle bydrae hoe hierdie beginsels in verskillende wêrelddele na vore gekom het. Hierin onderskei hy drie wêrelddele nl. Duitsland, Nederland en Suid-Afrika.

De Wet beskou Duitsland as die oorsprong van kollegiale kerkreg en dat dit in Duitsland tot “sy suiwerste openbaring kom” (De Wet,1921:102). In Nederland (1921:71) sien De Wet die kollegiale beginsels soos volg aan die werk. Dit het soos in Duitsland begin met wat op staatkundige gebied gebeur het. Die kollegiale idee vind sy oorsprong in die landswet waar die Staat vir die Kerk voorskryf wat die bepalinge behoort te wees.

De Wet vind die begin van die kollegialistiese beginsels in Suid-Afrika in die werk van JA de Mist (1804) aan die Kaap. Die begin lê in Suid-Afrika, soos in Duitsland, soos in Nederland in ’n

staatsbeskouing. Dit is elke keer staatkundige verwagtinge wat oor die kerk sy kop uitsteek. De Wet beskou dr. JT van der Kemp as “egte kind van die Franse Rewolusie” wat vir De Mist die “suidafrikaanse bodem al voorberei het”.

Kortom het die kollegiale beginsels in Suid-Afrika daarop neergekom dat die Kerk ’n genootskap in en onder die Staat is waarvan die bestuur by die Staat berus en die “ambsdraers in die Kerk is dan eintlik niks anders nie als ambtenare van die Genootskap en van die Staat” (De Wet,1921:93). De Wet is van mening dat dit wat “Jansen in 1815 vir die Nederlandse Kerk beoog, “dit het Mr. De Mist, in hoofsaak reeds in 1804 vir die Suidafrikaanse Kerk opgedis...” (De Wet,1921:93).

De Wet (1921:102) het by die beoordeling van die kollegiale kerkreg homself tot Duitsland beperk, “omdat die kollegialisme daar ontstaan het, als ook omdat dit daar tot sy suiwerste openbaring gekom het”. De Wet maak dit duidelik dat hy in die beoordeling op geen “eng-kerkistiese standpunt” staan nie en voeg daaraan toe dat kerkistiese argumente “allermins wenselik in die teenwoordige tyd” is. Hy maak dit duidelik dat kollegialisme tas die Kerk “in haar grondbeginsels aan”.

Hy laat sy beoordeling op twee terreine fokus: Eers op die kerkbegrip en daarna op “kerklike mag en amb”. Volgens De Wet definieer kollegialisme die Kerk soos volg:

> “Volgens die kollegiale kerkreg, is die Kerk 'n genootschap in die Staat soals alle andere vereeniginge, ontstaan deur die vrije wil van indiwidue, en ‘aus dieser Idee fliessen die Rechte der Kirche...'' (De Wet,1921:102).

De Wet kan beskou word as van die eerste Suid-Afrikaanse teoloë in die GKSA wat op ’n besondere wyse erns gemaak het met wat in Duitsland en in die Duitse teologie aan die orde was. Dit wil lyk of daar ná hierdie studie van De Wet in alle geval nie weer deur enige Suid-Afrikaanse teoloog so breedvoerig op die verskynsel van kollegialisme in die kerkregering mee gehandel is nie.

4.3.4 DE WET EN JESUS SE BERGPREDIKASIE

In 1922 toe De Wet minder as ’n jaar gelede van Nederland teruggekeer het, het hy ’n verdere besondere teologiese bydrae gelewer in sy eerste groot preekbundel wat hy rondom Jesus se bergpredikasie laat verskyn het. Jesus was vir hom hierin “die groot Leraar” en De Wet het daarin

geslaag om op insiggewende wyse veral met die saligsprekinge om te gaan. In sestien preke het De Wet die aksente geplaas op besondere aspekte van hierdie eerste preek van Jesus op aarde.

In sy prediking was dit deurgaans merkwaardig hoe hy ou waarhede nuut kon uitspreek. Dit is talle se getuienis wat hom kon hoor preek. Hierdie bundel dra die voorwoord van JD du Toit (1922:ii) waarin Du Toit in besonder melding maak hoe die "Here aan De Wet die gawe gegee het om die Woord vir ons te open". Die bundel rondom die Bergpredikasie het De Wet in 1927 opgevolg met 'n tweede nuwe uitgawe, toe hy alreeds by die Teologiese Skool was en hy weer 'n reeks preke rondom hierdie eerste preek van Jesus op aarde gelewer het.

4.4 TEOLOGIESE AKSENTE IN DE WET SE BEDIENING AS PROFESSOR

De Wet se mees prominente werke kom uit die tyd toe hy as teoloog en professor aan die Teologiese Skool Potchefstroom gearbei het. Hier was hy vanaf 1924 tot die hartseer dae in 1946 toe sy bediening so skielik, vir hom hartseer en skokkend, geëindig het. In die tyd van langer as 21 jaar het hy baie artikels, boeke en ook bydraes tot ander boeke gelewer.

Sy mees selfstandige bydraes in die tyd wat hy aan die Teologiese Skool verbonde was, is die grootste deel Dogmatiek, terwyl sy liefde vir Eksegese en Hermeneutiek nie agterweë gebly het nie.

Hy publiseer 'n verskeidenheid artikels wat handel oor kerklike verhoudinge en natuurlik sy ander groot liefde, die politiek, laat hom oor Staatkunde en volkere-verhoudinge in Bybelse perspektief nie stil nie.

4.4.1 SAMEWERKING TUSSEN VERSKILLENDE KERKE

Soos wat De Wet as jong predikant in Steynsburg aanduiding gegee het dat daar besliste samewerking tussen die "Hollandse kerke" moes wees, het hy hierdie pleidooi ook in Februarie 1925 in Potchefstroom ook gelewer. Hy skryf in *Die Kerkblad* (1925:18), enkele dae voordat hy as professor bevestig is dat "elkeen wat die Kerk van Christus lief het, sal sekerlik instem met die wens". Hierin laat De Wet hom wel baie duidelik uit dat "daar 'n misverstand bestaan omtrent die saak van samewerking, waarop dit tog eindelik neerkom. Ek meen ons moet onderskeid maak tussen samewerking en samesmelting of vereniging". Hy wys dan op die nodigheid, selfs dringendheid, van samewerking, waar hy verwys na onderwys, algemene bid- en dankdae,

Sabbatsheiliging, ens., as terreine waarop samewerking moes geskied. In dieselfde artikel spreek De Wet sy dankbaarheid uit oor ’n besluit van die laaste Sinode dat hulle vir hierdie skakeling “’n Korresponderende kerkraad met die binnelandse kerke aangewys” het.

De Wet beskryf in dieselfde artikel waarom hy wel van mening is dat “samesmelting” nie moontlik nie. Hy stel dit op daardie stadium soos volg:

> “Samesmelting is egter heel iets anders en gryp veel dieper in. Dit beteken binne-kerklike erkenning, waardeur alle verskille moet verval en die verskillende kerke eindelik weer één kerk moet word. Dit skyn my onmoontlik, omdat dan elke kerk sekere beginsels sal moet prysgee. Waarom is daar verskil in die kerke? Nie omdat ons nie dieselfde Heilige Skrif en dieselfde Belydenisskrifte het nie; maar omdat ons die Skrif nie eners beskou en verklaar en gevolglik ook nie die Belydenisskrifte...”

De Wet gaan dan verder en beklemtoon dat die verskil in opvatting en verklaring van die Heilige Skrif die hoofoorsaak van hierdie verskille is. Dit bring ’n verskil teweeg in, soos hy dit opsom, “prediking, in liturgie, in sakramentsbediening, in kerkregering en tug”. Hy sluit af deur te sê: “En dis prinsipiële verskille”. Weereens beskou hy hierdie verskille as nie genoegsaam om soos hy dit noem, daar nie ”buitekerklik saamgewerk en mekaar verdra in ’n Christelike gees” nie. Verskille moes volgens hom ”gesond en Christelik” hanteer word. Terwyl hy in die volgende week die derde professor in Teologie in die GKSA geword het, is sy pleidooi in die laaste sin baie duidelik dat daar ’n konferensie gehou moes word waar die kerke hierdie verskille moes bespreek en daar besluit moes word tot die “regte weg tot samewerking? Mag daar ’n weg gevind word daarmee.”

Dit is ook opvallend dat met De Wet se bevestiging, daar op die dag van bevestiging melding gemaak is van verteenwoordigers vanuit die NG Kerk in Stellenbosch wat die bevestiging bygewoon het. In sy bedankings het De Wet van hierdie teenwoordigheid melding gemaak. Sy woorde was veral gerig tot die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch waar hy hom soos volg aangespreek het:

> “Ook u hooggeleerde Prof. Dr. G Cillie, Rektor van die Uniwersiteit van Stellenbosch, my opregte dank vir u oorkoms, belangstelling en hartelike woorde. Ek dink terug aan my tyd toe ek as leerling aan u voete gesit het. Dis nie alleen vir my persoon nie, maar ook vir ons Teol. Skool en P.U.K. ’n eer dat u in ons midde is. Mag u besoek daartoe strek dat ’n nouere kontak tussen Stellenbos en Potchefstroom bewerk word en mag die Here u seën in u gewigtige taak”

Met hierdie teologiese aksent word aangedui dat De Wet deurlopend die noodsaak kon aandui dat daar tussen kerke met ’n reformatoriese grondslag volgehoue samewerking moes plaasvind. Dit wil voorkom of hy in die aandrang tot samewerking in sy latere bediening die klem heelwat verskuif het, waarop gelet sal moet word.

4.4.2 FILOSOFIESE EN VULGÊRE (ALGEMENE) CHRISTENDOM

De Wet het in Februarie 1925 met sy inougurele rede duidelik aangetoon dat sekere filosofiese veronderstellings en afleidings wat hy in 1921 met sy proefskrif na vore gebring het, nog sterker beklemtoon moes word. In sy rede, met hierdie ietwat vreemde titel “Die Filosofiese en vulgêre Christendom”, het hy daarop gewys hoe daar deur talle filosofiese ontwikkelinge ’n vervlakking in die Christendom gekom het - De Wet dui dit oorhoofs aan as ’n vulgêre Christendom. Die woord vulgêr in hierdie konteks dui bloot op erge vervlakking.

De Wet (1925:16) het daarop gewys hoe die metodistiese bekeringsprediking daarop uit is om “die massas te wil bekeer deur 'n utopiese skildering van die hemel of deur vreesaanjaging vir die hel, 'n bangmaker met die “Groot Vuur”. De Wet was van mening dat in Suid-Afrika was “Protestantse Christendom vinnig op weg om, aan die een kant, filosofies, rasionalisties en ongelowig te word. En dit onder die invloed van 'n ongelowige wetenskap, wat besig is om die opkomende geslag los te ruk van Gods Woord en die Kerk”. Dan wys hy verder daarop dat daar in Suid-Afrika nog baie onder die vaandel van die Christendom staan, maar dan voeg hy by “daar is voortekens dat die ongeloof sy kop gaan opsteek. Die stryd tussen geloof en wetenskap wat Nederland in die 19-de eeu deurgemaak het, wag ons hier in die 20ste eeu”.

De Wet se siening oor hoe die Christendom veralgemeen (vervlak) , m.a.w. dit wat hy beskou as ’n vulgêre Christendom was waar die kerkverband en gewoon die kerklike besef wegsterf. Hy noem dit “die gevolg van gebrek aan ware godsdiens in hart en lewe. Die enige begrip van godsdiens is nog veelal net om aan een of ander kerk te behoort, om kerk-toe te gaan en huisgodsdiens te hou. Maar waar die lewende geloof gemis word, daar word sulke godsdiens 'n las: dit bring die mens daartoe om bygelowig te word...” In hierdie aangrypende rede wys hy daarop dat die meeste lidmate kon nie meer rekenskap gee waarom hul christene was en wat dit beteken nie. “Godsdiens en kerk word 'n oorgeërfde besigheid” (De Wet,1925:15-16).

Dit val op dat De Wet sy skerp bewoording soos o.a. in van die voorbeelde hierbo aangehaal, deurgaans in sy tyd as professor gehandhaaf het. Wanneer hy as rektor van die Teologiese Skool met sy Sluitingsrede 20 jaar later in Oktober 1944 op baie van hierdie skerp bewoordinge rondom kerk-wees terugkeer, met die kritiese vraag “Is Kerkhervorming vandag moontlik?” dan is dit baie duidelik dat De Wet dieselfde kritiese vrae soos reeds in sy inougurele rede aangedui, net nog weer duideliker, dalk nog weer skerper vra.

’n Poging tot ’n eerlike kyk op hierdie sluitingsrede vind ’n deurlopende tema wat hy met sy proefskrif, met sy inougurele rede en dan met sy Sluitingsrede bly handhaaf, nl. dat daar ’n verderflike proses in die boesem van die Protestantisme besig was om plaas te vind. As hy dit in 1925 sê dan is dit vir die groter gehoor in die GKSA nog hoorbaar, waarom sou hulle De Wet, 20 jaar later, oor dieselfde tendense nie meer wou hoor nie? In 1944 maak De Wet nie minder sterk stellinge as in 1925 nie, maar het dit in Oktober 1944 as deel van die groot leergeding teen hom ontaard.

Hier word net op ’n enkele oorvleueling tussen sy Inougurele rede en sy Sluitingsrede gewys: waar hy in 1925 dit gestel het dat “alger in Suid-Afrika nog veelal onder die vaandel van die Christendom gegaan, maar daar is voortekens dat die ongeloof sy kop gaan opsteek.” In 1944 wys hy daarop “die groot aanklag teen die Protestantse kerke van die 20ste eeu was dat hulle, globaal beskou, in eie boesem die ongeloof huisves, bewus of onbewus.” Later stel hy dit nog skerper dat “...hierdie verderflike proses word elke dag in die boesem van Protestantisme voortgesit en blykbaar kraai daar geen haan na nie! Dit skyn of die Protestante van die 20ste eeu eintlik nie meer weet wat dit beteken om te glo nie: ons dink blykbaar ons kan maar glo wat en soos ons wil en darem nog christen mense wees!”

4.4.3 VERHOUDING TUSSEN GELOOF EN WETENSKAP

Nog ’n saak waarop De Wet as professor vroeg reeds as klem gelê het, was die verhouding tussen geloof en wetenskap. Aan die einde van 1925 het hy versigtige waardering in *Die Kerkblad* (1925:16) teenoor die NG Kerk uitgespreek dat hy gunstige voortekens by hulle bemerk in hulle ontwikkelde siening rondom evolusie. De Wet was van mening dat die GKSA in hierdie stryd tussen geloof en wetenskap waar die Evolusieleer as “wetenskaplik” die bo-toon gevoer het, te lank ’n stem roepende in die woestyn was. Die aksent wat hy reeds met samewerking tussen die kerkverbande beklemtoon het, word op die wyse nog verder uitgebrei.

Hy het ook die ander kerkverbande se steun versoek in die poging dat daar van die owerhede toestemming verkry moes word om dosente aan ’n toets van regsinnigheid te onderwerp voordat hulle enige aanstelling by enige Universiteit kon ontvang. Hiermee saam het De Wet gepleit vir ’n gesamentlike kongres tussen die kerkverbande dat hulle as kerke moes protesteer teen die Evolusieleer wat aanleiding tot ongeloof in die “inrigtings vir Hoër Onderwys in ons land” meegebring het. De Wet het beklemtoon dat die Evolusieleer wel aan Universiteite doseer moes word, maar dat dit as ’n “blote hipotese” gesien moes word en nie as die “enigste en ewige waarheid en wysheid” geleer moes word nie. Hy het gepleit dat teoloë die evolusie-teorie nie net op teologies-filosofiese gebied bestry nie, maar dat hulle hulself so sal toerus met kennis dat hulle die voorstanders van evolusie op hulle eie terrein sou kon aanvat.

De Wet het die volgende jaar van Februarie tot April 1926 die aksente nog duideliker gelê deur ’n hele reeks artikels wat hy in *Die Kerkblad* rondom die “Bybel en evolusie” gepubliseer het. Hy noem dit ’n “Gelowige geknoei”.

Dit is duidelik dat De Wet aan die begin van sy bediening as professor die fokus op hierdie aspek van geloof en wetenskap geplaas het. In September 1926 het hy weer volledig in *Die Kerkblad* (1926:16-17) verslag gedoen oor ’n boekie wat in Amerika verskyn het onder die titel “The battle of the churches”. Hierin was weereens vir De Wet die vraag wat in die brandpunt staan: “Is ewolusie waar, of die Woord van God?”. De Wet maak dit duidelik dat in hierdie stryd wat hy op dié wyse tussen geloof en wetenskap bemerk het ’n baie dieper saak geleë was, nl. dat gaan om “die verlossing van die mens.” De Wet stel beredeneerd dié sake aan die orde deur te verwys na Pelagius en die Remonstrante se dwalinge betreffende hierdie saak wat in wese selfverlossing predik. Hierin onderstreep De Wet die belang van die Hervorming en dan veral die Dordtse Sinode (1618/19) wat ’n suiwere verlossingsleer en suiwere heilsweg gehandhaaf het.

De Wet sien die Modernistiese rigting van sy tyd in bondgenootskap met die Evolusieleer wat ook weer die selfverlossing verkondig. Hiermee saam beskou hy die Modernisme as “’n geesteskind van die Remonstrantisme”. De Wet het in hierdie benadering ’n oproep tot die GKSA gerig dat waar die drie formuliere van eenheid aanvaar word dit “ook die beslissing moet lewer teen die moderne selfverlossingsleer”. Die pleidooi wat De Wet verder hierin lewer was dat die kerkverband in geheel hierdie saak in wat hy noem in ’n “Generale Sinode” sou moes hanteer want dit is duidelik dat De Wet op hierdie stadium van gevoele was dat hy hier spreek “van die Geref. Kerke, omdat eintlik net die Kalvinisme die suiwere verlossingsleer het.” Dit wil voorkom

of De Wet in sy pleidooi ekumeniese bedoelinge gehad het deur ander Gereformeerde Kerke in ander wêrelddele tot hierdie stryd op te roep.

Hierdie artikel waarin De Wet duidelik gefokus het op die stryd tussen geloof en wetenskap het gemaak dat hy die eerste keer begin praat het van 'n "eie teologiese tydskrif". Hy wys daarop dat *Die Kerkblad* nie aan die doel sou kon beantwoord nie en dadelik voeg hy daaraan toe dat met "Het Zoeklicht" kan hy nie saamwerk nie, want "hy is die Modernisme te gunste gesind en dis ook selfverlagend om jou aan die grille en krulle van Zoeklicht oor te gee wat stukke uitkrap uit dit wat hom nie bevel." De Wet wys daarop dat daar met "Die Ou Paaie" saamgewerk kon word, maar hy wou hulle nie in die verleentheid plaas nie, want die "opposisie sal hom dadelik vereenselwig met 'n Dopper-beweging, want hulle is vir die Doppers net so bang as vir die Roomse."

Vanuit hierdie benadering is dit duidelik dat die oproep tot 'n eie teologiese tydskrif gekom het rondom die vraagstuk oor die verhouding tussen geloof en wetenskap. De Wet het in die besondere beklemtoon dat hy oortuig was dat dit alleen in 'n eietydse tydskrif hanteer kan word. Dit sou egter nog meer as 2 jaar se stryd verg om aan hierdie eerste eietydse teologiese tydskrif in die GKSA beslag te gee.

4.4.4 VERSTAAN VAN INSPIRASIE EN SKRIFGESAG

De Wet het baie uitgebreid en by vele geleenthede sy teologiese denke rondom die inspirasie van God se Woord en die erkenning van die gesag van God se Woord laat wentel. Vir De Wet het die Skrif as norm vir die lewe gedien. As 'n prominente lid van die "Kristelike Unie" het De Wet (1926:10) dit as hooftaak beskou dat die gesag van die Skrif deur hulle werksaamhede uitgebou moes word.

In die konferensies wat deur hierdie Unie byeengeroep is, het De Wet herhaaldelik die pleidooi gelewer dat "'n wetenskaplik gevormde mens van ons moderne tyd nog vas kan staan op die grondslag van die Skepper se geopenbaarde Woord en hoe daarteenoor die leringe van die ewolusie-dogma, die geologie, die astronomie, die onveranderlike natuurwet, in sover hulle in stryd is met die Skrif, geen bewyskrag besit nie". In dieselfde tyd het De Wet (1926:11) dit gestel dat daar wêreldwyd al meer 'n geneigdheid bestaan "om die gesag van die Skrif te vervang met die gesag van die rede en die natuur, veral op die krag van die gepopulariseerde Ewolusie-dogma". De Wet was as mondstuk vir die Kristelike Unie baie besorg as hy stel dat "die welsyn

van Suid-Afrika en sy volk afhang van geloof in die Woord van God en gehoorsaamheid aan Sy wet. En hierdie woord en wet is vir hom die ganse Heilige Skrif".

De Wet (1930:1) het hom al meer daarop toegespits om in sy teologiese aksente oor die inspirasie van die Skrif verantwoording te doen. Dit het uitgeloop op 'n drieledige reeks in *Die Kerkblad* (2 Des.1930:1752-1753; 16 Des 1930:1777-1778; 20 Jan 1931:1799-1800) waarin hy aandag gee aan "wat is inspirasie?" en daarna watter dwalinge daar "omtrent die inspirasie" bestaan en in die laaste aflewering gee hy "die bewyse vir inspirasie".

Rondom die vraag wat as inspirasie beskou moes word, is dit opmerklik dat De Wet (1930:1) alreeds 'n leemte in die belydenisskrifte opmerk wat hy van mening was aangespreek behoort te word. Die feit dat De Wet later al meer leemtes en kritiese aanmerkings rondom die belydenisskrifte gemaak het, kan alreeds in 1930 as merker beskou word dat De Wet se beskouing oor die belydenisskrifte wel 'n ander toon aangeneem het as wat destyds in die breër omgang van die GKSA met die belydenisskrifte die geval was. Hy stel dat " met die oog op die tyd is dit jammer dat die Kerk nie in sy belydenisskrifte 'n duideliker omskrywing van die inspirasie gegee het nie, maar ons moet onthou dat die Inspirasieleer nooit betwis was nie..."

Vir De Wet was inspirasie van die Skrif op twee maniere te onderskei. Aan die een kant was die uitdrukking dat God Hom geopenbaar het, 'n bewys dat God Hom nie "onbetuig laat nie". Die openbaring van God se almag en goddelikheid kon in die algemene sin opgevat word, maar ook die feit dat God Hom nie aan die mens onbetuig laat nie, laat God "Hom voel aan die mens in sy bestuur van die wêreldloop, in die geskiedenis en persoonlike lewe, aan hart en gewete". Dit alles was vir De Wet nog openbaring in die algemene sin van die woord.

Hier kan opgemerk word dat in baie ander gevalle waar 'n leergeding ontstaan het, soos die Janssen-saak in Amerika (1922) en die Geelkerken-saak in Nederland (1926) en selfs die Du Plessis-saak in Stellenbosch (1928), was die Inspirasieleer deel van die leergeding teen die genoemde teoloë. Wanneer daar later by De Wet van 'n leergeding ter sprake kom, het geen van die nege klagtes teen hom pertinent oor sy Inspirasieleer gehandel nie.

4.4.5 MENSBESKOUING

De Wet (*Die Kerkblad*, 1932:270) het in sy mensbeskouing sterk gewaak teen 'n panteïstiese beskouing. Hy was van mening dat selfs gereformeerde teoloë nie altyd van die panteïsme

vrykom nie. In sy beredenering rondom Genesis 1:26-27 was hy van mening dat hy nog nooit 'n behoorlike verklaring van die Skrifgedeeltes gekry het nie.[55] Alhoewel die gedeeltes 'n wesentlike invloed uitoefen op die mensbeskouing sien De Wet die gereformeerde verklaring as dit wat hom die meeste bevredig. Nogtans beweer hy dat daar in hierdie verklaring groot tekortkominge bestaan. Hy sien in sommige se gereformeerde verklaring ook alreeds 'n panteïstiese gevaar.

In die Panteïsme wat volgens De Wet uit die Griekse filosofie spruit waarin gepoog word om God en mens op een of ander wyse te vereenselwig, word die menslike siel beskou as 'n "deel of 'n vonk van die Goddelike gees".

De Wet was in sy mensbeskouing van mening dat die mens tweeledig uit siel en liggaam bestaan en hy verwerp die drieledige beskouing dat die mens gees, siel en liggaam was. Verder was hy oortuig dat daar alleen 'n regte mensbeskouing na vore kon kom as daar op 'n teïstiese wyse in plaas van 'n panteïstiese, rasionalistiese en deïstiese wyse na die mens gekyk word.

In Christus sien hy die tweede Adam en die mens word deur Christus na die beeld van God herskep in ware kennis, geregtigheid en heiligheid. Dit is die mens se volle geskape wese na die beeld van God wat maak dat die mens in so 'n besondere verhouding met God kon staan. Tog waarsku De Wet dat die mens nie gesien kon word as "wesensbeeld" van God nie, want alleen Christus is die "wesensbeeld" van God. De Wet verkies in sy mensbeskouing om eerder te praat van die mens as die "werksbeeld van God". So vorm die mens die vernaamste werk van God wat die mens in staat stel om deur sy "sielsvermoëns" die beste en duidelikste getuienis van God as sy Maker te gee. Opmerklik is dat De Wet in sy mensbeskouing die mens in sy totaliteit as aardgebonde beskou. Selfs in De Wet se eskatologie was die mens steeds deel van die aarde soos hy dit stel: "Die Skrif ken net een plek waar die nuwe mensheid God sal dien en dis op hierdie aarde wat 'n nuwe aarde sal wees".

4.4.6 ONTSTAAN VAN VOLKE EN VOLKERE-VERHOUDINGE

De Wet se aktiewe politieke loopbaan en die besondere ywer waarin hy sy politiese roeping uitgeleef het (sien hfst. 3), het teweeggebring dat hy hom oor volke en volkere-verhouding op verskeie terreine uitgelaat het. De Wet was reeds 'n hele aantal jare aan die Teologiese Skool werksaam toe hy in 1937 hom teologies oor die ontstaan van volke en die verhoudinge tussen die volke verantwoord het.

[55] Hierdie opmerking is later in die leergeding teen De Wet gehou.

Hy het wel al tien jaar tevore in *Die Kerkblad* (1928:331) 'n artikel geskryf oor gewoontes en gebruike van die swartmense. Dit is duidelik dat hy 'n besondere belangstelling in die onderskeie volke in die wêreld gehad het. Rondom die swartmense het hy vir 'n gebalanseerde houding gepleit teenoor die gebruike van die mense. Hy het veral die standpunt gehuldig dat daar nie gewerk kon word met die gedagte dat die swartmense tot op sekere hoogte steeds hulle gelowe mog behou "al word hulle christene". Hy was oortuig dat daar fyn onderskeiding sou moes plaasvind.

So sien hy die die swartmense se "verering van geeste" as "bygeloof" en selfs "ongeloof" wat net deur oortuigingswerk by die mense verander kon word. In die sendingveld het De Wet die standpunt gehuldig dat daar nie ingrypend op die aspek van veelwywery ingegryp moes word nie. Hy was van mening dat dit bepaalde onreg teenoor die vroue kon teweegbring wat skielik deur hulle man eenkant gestoot word. Ook by gewoontes soos "bierdrink" kon daar nie summier op totale onthouding aangedring word nie. De Wet het gepleit vir 'n benadering dat die swartmense eers geleer word dat drank in matigheid gebruik kan word.

Voordat daar in die breëre na sy teologiese beskouing oor volke gehandel word, word eers gekyk na die "Staatkunde van die Voortrekkers" wat vir De Wet 'n besondere veld van ondersoek was (*Die Kerkblad*, 7 Des 1938:21). Hy beskou die Groot Trek by uitstek as "'n staatkundige beweging gedra deur die Kalvinistiese godsdiens met sy vryheidsin". De Wet beskou dit as 'n vervalsing om die kultuur of die ekonomiese lewe as hoofmotiewe by die Groot Trek te betrek. Hy noem dat die twee "grondsuile van die staatkunde van die Voortrekkers was Christelik en Republikeins". Sy tipering om hierdie mense christelik te noem lê daarin dat hulle die "christelike beginsels, gees en rigting die rigsnoer op alle terreine van die lewe gemaak het". De Wet was oortuig dat selfs hulle wetgewing op die christelike manier "gemaak en uitgevoer was". Dit is opmerklik dat hierdie teologiese aksente rondom volkere en hulle verhoudinge in hoofsaak saamval met die tyd waarin hy as staatkunde "student" 'n MA-verhandeling oor die konstitusies van Suid-Afrika voltooi het.

As uitvloeisel van sy verhandeling het hy in *Die Kerkblad* (1938:21) gewys dat hoe die Voortrekkers hulle christenskap uitgeleef het "nie net 'n aangeplakte Christelike stuk vernis is, soos ons vandag in die politiek aantref nie. In die praktyk het hierdie Christelike baie mooi uitgekom in die naturellepolitiek van die Voortrekkers wat berus het op segregasie en geregtigheid. Asook in die onderwys wat Christelik-nasionaal was".

De Wet stel ook dat die “Voortrekkers was nie afgeslote en bekrompe mense in hul Republieke nie” (*Die Kerkblad,* 1938:21). ’n “Ware demokrasie” bestaan vir De Wet daarin dat gesag nie verdeel moes word nie, maar “dat die volk sy staatshoof kies”. Volgens De Wet het genl. Hendrik Potgieter tot die beste verwesenliking gekom in wat De Wet glo die ware demokrasie vereis. Hiervolgens dra die staatshoof ’n drievoudige gesag. So ’n hoof moes in sy wetgewende mag met raad en daad deur sy regering bygestaan word, terwyl die Volksraad as verteenwoordigers van die volk die belange van die volk by die staatshoof sou bring. Die regters moes as instrumente die regspleging uitoefen en die amptenare die administrasie behartig. “Valse demokrasie” is vir De Wet in ooreenstemming met wat in Suid-Afrika die oorkoepelende standpunt is. Owerheidsgesag word hierin in drie verdeel waar die wetgewende, die regsprekende en die uitvoerende gesag verdeelde funksies ontvang, sodat die staatshoof en regering die uitvoerende gesag besit, die Volksraad die wetgewende gesag en die regters die regsprekende gesag verkry. De Wet noem dit wat as algemeen staande praktyk in demokratiese regerings beskou kon word, as “valse demokrasie”. Hy sien die oorsprong daarvan nie soseer in die vryheidsdenke van die Franse Rewolusie nie, maar hy sien hierdie “valse demokrasie” as ’n voortvloeiing van die Engelse konstitusionele demokrasie.

4.4.6.1 TEOLOGIESE BESINNING RONDOM DIE ONTSTAAN VAN VOLKERE

Die gebeure rondom die sondvloed gee vir De Wet rede om te glo dat die impak wat soveel waters gelyk op die aardbol gehad het, ’n totaal omvormde wêreld (geografies, aardrykskundig, klimatologies, polities) daargestel het (*Die Kerkblad*, 1937:11,13). Die verbond van die Here, nou in die reënboog geteken, is as ’n boog oor ’n totaal nuwe geskiedenis gespan. Hoe omvorm die menslike genetika voor die tyd al mog gewees het, raak vir De Wet irrelevant, want alle menslike genetika sou ná die sondvloed weer net met die 8 mense moes begin.

Vir die teologiese aksent wat De Wet op die ontstaan van volke plaas, steun hy hoofsaaklik op gebeure in Genesis. Genesis 9 gee vir De Wet (*Die Kerkblad*, 1937:9) die siel van die volkewêreld en Genesis 10 waar die lande, tale, geslagte en nasies telkens aangestip word, is volgens De Wet die beliggaming van dit waarmee die “volketafel” tot vandag toe mee gedek is.

Dit wat Noag oor sy seuns (en ingesluit hulle drie vroue) geprofeteer het (vgl. Gen.9:19; 24-27) is vir De Wet die verwesenliking van volkere se ontstaan. Ook die volke se verspreiding, hulle gewoontes en grondgebied, hulle voorkoms, hulle nageslag en toekoms, hulle eindbestemming, sien De Wet as die ontvouing van hoe volkere se verhouding met mekaar sou wees.

Die groot beginpunt is Sem. “Geseënd is die Here, die God van Sem” (vgl.Gen.9:26) is vir De Wet ’n “baie positiewe profesie”, want hierin sien hy die Israel van die Ou Testament na vore kom. Hierdie Israel het die draers van die besondere openbaring geword om in en deur Abraham God se genade en God se verbond vir alle gelowiges te ontsluit. Na die verstrooiing by Babel het Sem nie ver wegbeweeg nie. Die volk uit hom ontstaan sou min of meer sentraal bly met wat as Mesopotamië en as Kanaän bekend staan.

Daarna sien De Wet vir Jafet as die begin van ’n uitgebreide profesie. Hy lê die klem op Genesis 9:27: “Mag God aan Jafet ruimte verskaf en mag hy woon in die tente van Sem”. Dit beskou De Wet ook as ’n baie “positiewe profesie”. Hierin sien hy die volke se uitbreiding oor die ganse aarde. Die nageslagte van Jafet het groot volke geword. Hieruit sou ook groot kulture voortspruit Dit sou ’n wêreldkultuur kon word as ons maar net aan die Grieks-Romeinse kultuur dink. Die Jafetiete het na die toring van Babel die noorde en weste van die aardbol inbeweeg. Die Indo-Germaanse volke wat later ’n groot deel van die Europeërs sou word, het deur die Afrikaner nog meer kon deel in die nog groter ruimtes van Afrika. Die ruimtes aanvanklik aan Jafet toegesê het werklik baie groot geword. De Wet verklaar dat waar God uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak het om oor die hele aarde te woon, het Jafet steeds ruimte in Sem se tent gehad. Dit impliseer dat die nageslag van Jafet mag deel in die verlossing en in die Verlosser wat daar uit daardie tent gekom het. Die Één wat as Verlosser uit die tent gekom het dui vir De Wet op die koms van Christus.

Die teologiese klem wat De Wet in sy volkere-sieninge rondom Gam (vgl.Gen.9:25,26b,27c) aandui, is toegespits op sy verwerping van die siening dat die swart volke van die wêreld met die vloek aan Kanaän verbind moes word. Vir De Wet is dit duidelik dat die vloek in alle geval net aan een kleinseun van Gam, nl. Kanaän, toegesê is en dat dit ’n plaaslike en tydelike vervloeking was.

De Wet is oortuig dat waar Sem en Jafet se geslagte mekaar weer in Christus (lees in Sem se tent) kon vind, is Gam se geslagte in hulle ooswaartse rigting losgelaat en het die kinders van Gam nooit weer dié van Sem en Jafet as volke gevind nie. Die voortstuwing van Kain duur voort nadat hy sy broer Abel doodgeslaan het. Gam en sy nageslag het volgens De Wet net nog meer oos getrek, want toe Kain van die Here se aangesig weggegaan het, het hy ooste toe getrek. Die gevolg van ongeloof is by Gam, net soos by Kain, in ’n skeiding tussen Oos en Wes afgeteken. Hiervolgens word die Eufraat-rivier as die skeidslyn tussen oos en wes beskou.

De Wet het in 1951 hom weer oor sy volkere-beskouing verantwoord. Hieruit is duidelik dat die Tweede Wêreldoorlog sy eerste teologiese beskouinge rondom volkere beïnvloed het. Die gebeure in die sake teen hom was toe al verby. Duidelik het De Wet nie in sy teologiese arbeid gaan lê nie, maar het hy al skerper sake, soos sy volkere-beskouing, duideliker uitgelig. Hy het hierdie latere beskouing oor volkere veral in sy publikasie getiteld, "Wagter hoe laat is dit*",* neerslag gegee. Die verbande tussen godsdiens (teologie), die handel en die wetenskap word al skerper aangedui. Hy wys op die gevaar dat valse teologie 'n handlanger vir die valse wetenskap kan word. Wanneer hy Daniël en Openbaring se verskillende apokaliptiese gedeeltes hanteer, val 'n groot deel van sy teologiese klem op die monsteragtige diere in hierdie boeke. Hy verklaar dit soos volg:

> "Die dier uit die aarde is die valse profeet wat met twee horings na vore kom. Die twee horings is die valse godsdiens en valse wetenskap wat altyd min of meer met mekaar wil saamgaan. 'n Dialoog tussen teologie en wetenskap wat uiters gevaarlik gaan word. Hy lyk soos 'n lam maar hy praat soos 'n draak."

4.5 PLEIDOOI VIR 'N EIE VAKWETENSKAPLIKE TYDSKRIF

De Wet het in 1926, kort na sy koms by die Teologiese Skool, al begin pleit vir die oprigting van 'n eie teologiese (ook filosofiese) vakwetenskaplike tydskrif. Hy het in 1927 met hierdie aandrang volgehou. In Julie 1928 is hierdie ideaal verwesenlik met die verskyning van die eerste tydskrif van so 'n besondere aard, getiteld *Die Wagtoring.* De Wet het aanvanklik as hoofredakteur van hierdie tydskrif gedien.

Hy stel in die eerste uitgawe se redaksionele voorwoord dat die blad hoofsaaklik teologies moes wees, maar dat daar elke keer een of twee ander onderwerpe ook sou wees. Hy maak dit duidelik dat die fokus veral teen die "Modernisme" sou wees, want dit bring die Heilige Skrif in gedrang.

De Wet se eie bydrae tot die eerste uitgawe is getiteld "Onderskeidingswerk". Daarin is opvallend hoe hy steeds met teologiese werke en gedagterigtings vanuit `n Duitse rigting besig was. Sy vertrekpunt was die werke van 'n Duitse "godsdienswysgeer", Rudolf Eucken, wat die vraag gevra het of ons nog Christene kon wees? Dit is duidelik dat De Wet werke gebruik het met kritiek oor sake waaroor hyself krities staan, sonder om klakkeloos die *status quo* van sy eie omstandighede en teologiese insigte te aanvaar (*Die Wagtoring,* Jul 1928:1). Hy sluit sy eerste artikel af deur te stel:

> "Dit sal die rigting van *Die Wagtoring* wees: verbind aan die Kalvinisme van die verlede, arbeid op sy grondslag in die hede en die blik gerig op sy ontwikkeling in die toekoms."

Prof. J Chr Coetzee gee nog verder duidelikheid oor De Wet se ideale rondom die stigting van 'n eie tydskrif. Volgens Coetzee het dit om baie meer gegaan as net 'n teologiese tydskrif. Die tydskrif het vir vyf jaar voortgegaan met vier-en-twintig uitgawes wat in die tyd verskyn het. Die artikels waarin De Wet hom teologies laat geld het, dra 'n verskeidenheid van temas. Coetzee (1959) gee De Wet se besondere bydrae soos volg weer met die nommer van uitgawe tussen hakies (Wikiwand. 2016. *Casparus de Wet - Wikiwand*. [ONLINE] Available at:http://www.wikiwand.com/af/Casparus_de_Wet. [Accessed 19 May 2016]):

> Onderskeidingswerk (1), Die Nuwe Aarde (1 en 2), Die Heilige Skrif en Openbaring van God (3), Oorsprong van die Dinge (4), Wat is Sonde? (5),Wêreldeinde (7), Die Posisie van die Vrou (9), Die Godsdiens (13 en 14), Karl Barth (15), Wysgerige Elemente in die Christelike Teologie (16), Wedergeboorte van die Verstand (20), Wordende Wêreld (22) en Bybelse Opvoeding (23).

In 1933 het die tydskrif *Koers* in die plek van *Die Wagtoring* begin verskyn. *Koers* se missie was dieselfde as dié van *Die Wagtoring*, naamlik om die beginsels van die Heilige Skrif volgens Calvinistiese interpretasie op die verskillende lewensterreine te propageer, "om in die lig van die beginsels van Gods heilige openbaring, asook in die lig van ons eie Christelike volksverlede, koers aan te gee op die verskillende terreine van ons volkslewe." (Van der Schyff, 2003:393):

Hierdie baanbrekerswerk van De Wet is selfs in Nederland hoog aangeprys. Hulle noem dit "Een stem uit Potchefstroom":

> "Een stem uit Potchefstroom. Er zijn vele stemmen in Zuid-Afrika die de moeite van het beluisteren waard zijn. Daaronder zeker een stem uit Potchefstroom, de oude vesting van het calvinisme en republicanisme in Zuid-Afrika. Vroeger verscheen daar *Die Wagtoring* dat de Potchefstroomsche inzichten vertolkte. Thans is daarin verandering gekomen...Is daarom de opvolger van *Die Wagtoring*, *Koers* genoemd? ? Wil Potchefstroom nu meer actief optreden en "koers" geven aan het schip van Staat? ...Wij weten het niet, doch het zou niet te verwonderen zijn nu het republicanisme zoo onbarmhartig wordt afgewezen door de leiders van beide groote partijen..." (Van der Schyff, 2003:394).

4.6 DE WET SE TEOLOGIESE BESINNING OOR DIE DOEL EN BETEKENIS VAN DIE BELYDENISSKRIFTE

In die historiese verloop van die sake teen prof. De Wet sal daar meer uitgebreid hieroor gehandel word. Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk is dit wel belangrik om daarop te let dat De Wet in 1932 in sy bediening as professor bepaalde leemtes in die belydenisskrifte aangedui het. Sy standpunt was dat die kerk al vir 2000 jaar besig was om belydenisskrifte op te stel en dat daar sekerlik nog baie sulke geskrifte in die toekoms sou ontstaan (*Die Wagtoring,* Feb. 1932:1).

De Wet het in sy teologiese benadering tot die belydenisskrifte die vraag gevra na wat die doelstellings van belydenisskrifte was. Vir hom lê die betekenis daarin dat belydenisskrifte is dokumente “van geestelike ervaring” is. Tog wil De Wet in sy teologiese onderskeid die belydenisskrifte beskou as iets veel meer as net “godsdienstige ervaring”. Hy beskou die belydenisskrifte as “vrug van die leiding en verligting van die Heilige Gees in die kerk, dis die insig wat die kerk onder verligting van die Heilige Gees gekry het in die heilswaarhede van die Skrif”.

De Wet sien in sy teologiese benadering tot die belydenisskrifte dat daar in hoofsaak drieërlei doelstellings vir die bestaan van die belydenisskrifte is. Eerstens beskou hy die belydenis as ’n “protes van die kerk teen die ongelowige wêreld met sy godsdiens en lewens- en wêreldbeskouing”. In dieselfde sin is die belydenis dan toegespits as “protes teen die valse geloof in die kerk self, teen kettery en dwaling in leer en lewe”. In die tweede plek sien De Wet die teologiese doel van belydenisskrifte as hoe die kerk “homself rekenskap gee van sy geloof deur sy belydenis, nie net teenoor die buitewêreld nie, maar ook vir homself, dis ’n diepere bewuswording van die kerk van sy geloofsinhoud soos dit uit die Skrif geput word”. Vir De Wet is die laaste en finale doel van die belydenisskrifte dat dit “vorm die basis en band van eenheid vir die kerk”.

De Wet het vanuit sy beskouing oor die belydenisskrifte wel duidelik iets van sy kerkbeskouing weergegee:

> “Eintlik moes daar net één kerk met één belydenis gewees het teenoor die ongeloof, maar weens die sondewerking is hier ook meer en minder suiwerheid, vandaar die kerkgroepe, waarvan elk sy eie belydenis het en vir sulke kerkgroep vorm die belydenis ’n eenheidsband. Dis net die Twaalf Artikels wat ons miskien as ’n algemene basis en band vir die hele christendom kan beskou. Sodanige basis en band waarborg die bestaan en voortbestaan van die kerk.”

Vir De Wet handel die inhoud van die belydenisskrifte in hoofsaak oor God, mens en sonde, Christus en verlossing en die voleinding. Ten opsigte van die laaste saak, nl. die voleinding sien De Wet groot leemtes in die belydenisskrifte. Hy stel dit soos volg: “Oor die vierde hoofpunt nl. die voleinding het die ou Christelike kerk nie gehandel nie, selfs die Hervorming was op hierdie punt maar swak - dit was geen strydpunt nie”.

De Wet se siening rondom die toekoms van die belydenisskrifte was dat daar ontwikkeling was en moes wees. Stilstand beteken vir hom “verstening”. Dan stel De Wet dit dat sommige vir ’n hersiening van die belydenisskrifte pleit, maar hy beskou hierdie beskouing as onmoontlik. Hy motiveer dit soos volg:

> Die belydenisskrifte is geskiedkundig-geworde dokumente wat nie gewysig of uitgebou kan word nie. Die Chr. Kerk het in sy dogmageskiedenis ook nooit hierdie weg gevolg nie, bv. die Sinode van Chalcedon het nie die belydenis van Nicea gaan wysig of uitbou nie, of die Hervormingskerke het nie die belydenisse van die ou Chr. Kerk gaan wysig nie; nee, die kerk het elke keer wanneer dit nodig geword het 'n nuwe belydenis opgestel—'n nuwe belydenis wat aansluit by die oue en as 't ware op sy skouers staan...”

De Wet was van mening dat ’n nuwe belydenis dringend nodig geword het. Hy het dit aan die hand van vier punte gemotiveer:

> “...Allereers die dogma oor God. Onder invloed van die evolusie kry die Christelike wêreld al meer en meer ’n godsvoorstelling wat radikaal verskil van dié wat ons belydenis leer. Dis nodig dat die kerk nader en duideliker sy godsopvatting sal formuleer. So ook wat betref die Heilige Skrif en sy inspirasie sal ’n nadere omskrywing baie verwarring voorkom.
>
> In die tweede plek is dit seker nodig dat die leerstuk oor Christus se nature duideliker omskryf word, bv. leer ons belydenis dat Christus net één persoon gehad het, nl. die goddelike en so ja, is dit nie ’n beperking van sy mensheid nie; ’n mens sonder ’n menslike persoon is tog moeilik denkbaar; sulke en ander moeilikhede het seker ’n duideliker verklaring nodig.
>
> Ten derde: die leerstuk oor die kerk is tamelik vaag en onverstaanbaar, veral wat betref die onsigbare en sigbare kerk en die kwessie van die ambte in die kerk.
>
> Ten slotte, die voleindingsleer is die groot saak vir die toekoms. Die toestand na die dood en die finale verblyfplek van Gods volk na die voleinding—dis gedagtes wat duideliker moet vertolk word

> in die toekoms—die grootse Skrifgedagte van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde moet nader ontwikkel word.
>
> Uit die voorgaande blyk dit ons duidelik dat 'n nuwe belydenis wenslik en noodsaaklik is...”

Dit wat De Wet as tweede motivering in 1932 gestel het, rondom die Persoon en die nature van Christus is deel van die wesentlike aspekte van die nege punte waarin hy aangekla was. Sy derde motivering is eintlik ook aanvegbaar, maar het op daardie stadium geen reaksie ontlok nie. Dit was reeds twaalf jaar geskrywe voordat daar in besonderhede daarmee gehandel is.

4.7 TEOLOGIESE OMWENTELING RONDOM TWEEDE WÊRELDOORLOG

Die Tweede Wêreldoorlog wat in 1945 geëindig het, het gelowiges wêreldwyd verwar en verdeel. Dit het wêreldwyd ’n teologiese omwenteling teweeggebring waar teoloë ingrypende vrae moes beantwoord oor hoe God so ’n ingryping en slagting in mense se lewens kon toelaat. Olivier (2002:256) het ook gewys op die emosionele impak wat die oorlog op die lewens van mense gehad het. Bekende teoloë soos Barth, Holwerda, Schilder en Bonhoeffer is maar enkele name wat ’n hoë prys, selfs sommige van hulle met hulle lewens, oor hulle standpunte teen die oorlog moes betaal. Van Tonder (2013:12) sluit hierby aan deur die geestesklimaat in Suid-Afrika te beskryf as ’n tyd van erge verdeeldheid en dat daar baie politieke woelinge en verskille in Afrikanergeledere bestaan het. Die vorige hoofstuk van hierdie studie het ook daarop ingegaan. Al was die teoloë in Suid-Afrika nie so intens by dié oorlog betrek nie, kan aanvaar word dat die verwarring wat daarna voortgespruit het, ook ter plaatse sy tol geëis het.

Mense se lewensomstandighede is op elke denkbare terrein van hulle lewe geraak en die ekonomie en die sedelike lewe was in baie opsigte die merkers van hoe groot die ingrype van die oorlog op die lewens van mense was. Van Tonder (2013:135) het daarin geslaag om aan te toon dat in die GKSA die pastorale versorging van mense wat maatskaplik en finansieel deur die oorlog geraak is, tot ’n groot mate net op die plaaslike diakonieë afgestem was. Dit val ook op dat De Wet met die rol van diakens groot erns gemaak het en selfs met tye ’n minderheidsrapport saam met PJS de Klerk oor die plek van diakonieë opgestel het.

Dit was ook die tyd wat die verhouding tussen Staat en Kerk sterk ideologies bepaal was. Veral tydens en ná die oorlog het hierdie impak eerder toegeneem as wat dit afgeneem het. Ideologiese denkraamwerke het duidelik aangetoon dat heersende ideologiese voorkeure binne kerklike geledere bepaald ’n invloed uitgeoefen het op die verhouding van Kerk en Staat

(Olivier:2002:256). Die saak wat Olivier wil bewys is dat daar eintlik meer rondom ideologie as teologie gewerk is met al die omwentelinge wat rondom die oorlog plaasgevind het. Dit was ’n tyd van verdiepte spanning. Die vraag vir De Wet en vir vele andere wat met ewe groot erns gevra moes word, was hoe daar wel daarin geslaag is dat die bediening van die evangelie wel met groter erns kon plaasvind en dat hierdie bediening tog groter moes wees as enige politieke verskille.

Teologiese vraagstukke en besinnings wat na die oorlogstydperk sterk na vore getree het, was ook van die sake waaroor De Wet besin het. Die skeppingsleer en die mens as beelddraer van God, die besinning oor die persoon en nature van Christus, die leer oor die verkiesing en verwerping en die verstaan van erfsonde was ná die oorlog van die sake wat deeglike besinning geverg het. Terselfdertyd het die vraag na wat die ware Kerk is weereens sterk na vore gekom. Opmerklik dat die latere klagtes teen De Wet ’n duidelike korrelaat vertoon met die teologiese temas wat na die oorlog sterk op die voorgrond gestaan het. Dit wil voorkom of die De Wet voor die oorlog oor kardinale aspekte in die teologie anders oor sake gedink het as die De Wet ná die oorlog. Dit wat as na-oorlogse verwarring by baie teoloë in daardie tyd deurgeskemer het, het klaarblyklik vir De Wet nie heeltemal verbygegaan nie.

Van Wyk (1979:28) toon insiggewend aan dat die teologie in Suid-Afrika tydens en na die oorlog tot nog ’n groot mate deur Nederland gedikteer is en dat daar eintlik uit Suid-Afrikaanse bodem baie min teologiese diepgang voortgespruit het. Prof. S du Toit het in 1945 vir De Wet beskuldig dat hy die afgelope tien jaar vanuit sy vakgebiede geen nuwe boeke vir die biblioteek bestel het nie. Dit sluit die tydperk in wat in hoofsaak met die tyd van die oorlog oorvleuel. In watter mate nuwe boekbestellings moontlik was, is seker ook nie so maklik om te beantwoord nie.
Volgens Van Wyk (1979:28) is daar in die GKSA maar hier en daar werke van blywende waarde gepubliseer wat hoofsaaklik rondom tekskritiek, hermeneutiek en besondere kanoniek na vore gekom het. Op die terrein van die Nuwe Testament uit die GKSA was dit omtrent net PJS de Klerk wat hier sy studie rondom Hebreërs kon plaas en JH Kroeze het geslaag met twee Ou-Testamentiese werke rondom Job en Josua.

Van Wyk gee toe dat op die terrein van die Ou Testament die GKSA algaande beter begin presteer het waar S du Toit en Kroeze hulleself onderskei het - S. du Toit met sy Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament en Kroeze met die Handboek Bybelse Geskiedenis. Van Wyk wil vir S du Toit die pluimpie gee dat hy mettertyd daarin kon slaag om breed te werk en studente in staat kon stel om van alle standpunte wyd kennis te neem. Dit wat

deur Van Wyk aan S du Toit ná die oorlog as pluimpie gegee word, is juis dit waarvan Du Toit De Wet beskuldig het, nl. dat hy eintlik geen wesentlike bydrae meer tot die Teologiese Skool gelewer het nie. Du Toit het nog verder gegaan en dit gestel dat die vakke wat De Wet op daardie stadium na die oorlog gegee het, soos Hermeneutiek en Kategese, "het nie tot hulle reg gekom nie".

Die felle kritiek van S Du Toit teen De Wet, staan nie los van kritiek wat De Wet weer op sy beurt in dieselfde tyd teen teoloë in Potchefstroom gehad het nie. De Wet stel dat teoloë in Potchefstroom en die GKSA in die algemeen gelei word deur 'n gees van "dor-verstandelike objektivisme". Hy beskuldig die leiers dat hulle die uitverkiesing en verbond misbruik en dit vir hulle net dien "as 'n vyeblaar waaragter die mens sy persoonlike verantwoordelikheid ten opsigte van die Evangelie-roeping kan wegdoesel".

Moontlik hou die kritiek wat De Wet op teoloë in die GKSA gehad het verband met Van Wyk se siening. Van Wyk het in 1979 raakgesien dat die teologiese publikasies in en direk na die oorlogtyd 'n geneigdheid tot wydlopigheid en beslis 'n groot vaagheid oor eie standpunt vertoon het. De Wet se probleem was dat hy algaande gemerk het hoe daar in die GKSA eintlik maar net 'n napratery van ander erkende groot teoloë besig was om plaas te vind. De Wet het dit as onhoudbaar beskryf omdat volgens hom die "opinies van enkelinge bo Skrif en Konfessie gestel word" (*Die Westelike Stem*, 23 Feb. 1946).

Ná die oorlog het hierdie toedrag in sy oë beslis nie verbeter nie. Van Wyk (1979:32) noem JD du Toit die eerste "dogmatikus van naam" en vir 'n latere student van De Wet, SCW Duvenage as die "veelsydigste dogmatikus tot sover", maar dit kan sterk betwyfel word of De Wet met Van Wyk hierdie siening sou deel wat na-oorlogse teologiese bydraes aanbetref. Die enigste plek wat Van Wyk (1979:36) wel vir De Wet in sy teologiese bydraes voor en ná die oorlog in besonder vermeld, was De Wet se bydrae saam met prof. J Chr Coetzee rondom die besinning van wat kategese moes wees. Al het Du Toit vir De Wet beskuldig van geen besondere bydraes nie, selfs nie op die gebied van Kategetiek nie, is hier darem die teendeel gegee.

Wat pastorale versorging in die tyd van die oorlog betref, is die GKSA in sy klein verband nie sterk op die voorgrond nie. Die groot "teenstander" van De Wet, ds. JV Coetzee, word deur Van Tonder (2013:152) uitgesonder as 'n man wat werklik 'n bydrae probeer lewer het tot lidmate se versorging in uniform, interneringskampe en gevangenisse. Coetzee het hom ook as "veldprediker" in die tyd vir sodanige oorlog-geraaktes rondom Potchefstroom beskikbaar gestel en het ook katkisasie by die Jeugbrigade gegee. Hierin spreek die groot vertroue wat Coetzee in

JD du Toit gehad het, dat selfs toe hy die aanstelling as veldprediker gekry het, hy die sake veel eerder met Du Toit as selfs met sy kerkraad bespreek het (Van Tonder, 2013:153). Hy is daaroor verkwalik en streng vermaan. Nodeloos om te sê dat Coetzee nooit die verhouding met De Wet gekoester het soos hy sy verhouding met JD du Toit gekoester het nie. Veral in hierdie tyd van oorlog was De Wet en Coetzee eintlik met 'n oorlog in die kleine teen mekaar besig.

4.8 TEOLOGIESE KLEMVERSKUIWINGS WAT IN DE WET SE TEOLOGIESE LOOPBAAN UITSTAAN

Die teologiese klemverskuiwings wat duidelik in De Wet se loopbaan onderskei kan word, het 'n lang tydsverloop gehad.

Dit is duidelik dat met sy koms in Potchefstroom hy as een van maar net drie teologiese professore in Potchefstroom nie bereid sou wees om maar net as hulle naprater en hulle volgeling bekend te staan nie. Die mees prominente lid van die driemanskap was sekerlik JD du Toit, beter bekend as Totius. De Wet het wel by verskillende geleenthede met die grootste waardering van JD du Toit se teologiese vertrekpunte melding gemaak. Dit is dieselfde tyd dat De Wet die klem gelê het op leersuiwerheid. Hy het in *Die Kerkblad* (16 Okt. 1929: 558-559) 'n artikel gepubliseer, getiteld "Die maatstaf vir regsinnigheid". In dieselfde artikel het hy die mening uitgespreek dat daar oor leersuiwerheid streng gewaak moes word en daar met die tug oor enige afwykinge wat mag voorkom gewaak moes word.

De Wet het met sy ander kollega, nl. prof. JA du Plessis, deurlopend 'n baie goeie verhouding gehad tot Du Plessis in 1935 onverwags oorlede is. Vir Du Plessis en De Wet se nou samewerking en teologiese ooreenkomste kan na twee vergelykende studies verwys word om te bepaal hoe groot die werklike ooreenkomste tussen die twee kollegas inderdaad was. Du Plessis het teenoor sy naamgenoot in Stellenbosch 'n reeks artikels opgestel om die GKSA teenoor die Stellenbosse Du Plessis te verdedig. Hulle het later verskyn onder die titel "Die Gereformeerde Kerk en Kerkregering gehandhaaf teen Prof. Dr. J. du Plessis". As daar na De Wet se indringende publikasie nl. "Die Bybel en die Christus van die Bybel" wat in 1931 verskyn het, verwys word, is dit opvallend hoe hierdie twee kollegas besonderlik met mekaar kon saamwerk. Op al die temas wat Du Plessis aan sy naamgenoot in Stellenbosch as punte van dispuut deurgegee het, kom De Wet 'n jaar later terug en is die ooreenkomste tussen die twee Potchefstroomse teoloë duidelik merkbaar.

JD du Toit is op sy beurt op unieke wyse by die kerkstryd in Stellenbosch, tot selfs in die hofstryd, betrek. Al drie die teologiese professore by die Teologiese Skool in Potchefstroom was op besondere wyse deur gebeure in Stellenbosch geraak. Alhoewel De Wet en JD du Toit vanuit hulle teologiese besinning rondom die gesag van die Skrif en die verstaan van hoe die Skrif geïnspireerd as Woord van God beskou kan word en hulle volkere-beskouings grootliks met mekaar ooreenstem, is dit duidelik dat daar wel ander teologiese sake was wat vroeg reeds daarop kon dui dat De Wet die klem anders as sy onmiddellike kollegas begin lê het.

Die eerste baie duidelike aanduiding kom kort ná die hofstryd in Stellenbosch toe De Wet in 1932 in sy waardering van die belydenisskrifte, in teenstelling met JD du Toit, tog sterk verskille en leemtes rondom die belydenisskrifte bekendmaak. Of gebeure in Stellenbosch wat op daardie stadium die hele land in beroering gebring het, wel by De Wet teologiese klemverskuiwing kon laat ondergaan, is nie duidelik aantoonbaar nie, maar kan nie heeltemal uitgesluit word nie. In watter mate De Wet se vroeëre lidmaatskap van die NG Kerk hierin ook ’n rol kon speel, kan nie onderskat word nie. De Wet was nou bereid om krities na die belydenisskrifte te kyk en het verskillende leemtes daarbinne aangedui wat tot op hierdie stadium in die GKSA iets ongehoord was. De Wet ervaar al hoe groter leemtes in die belydenis wat hy openlik aandui as vaaghede, onverstaanbaarheid en onduidelikhede. Hier kan met reg gevra word in hoe ’n mate die belydenisskrifte vir De Wet al meer net ’n riglyn vir die geloof geword het en vir hom nie meer die dogmatiese grondslag vir die eenheid van die Kerk was nie.

De Wet beskou die belydenis se godsvoorstelling, die belydenis aangaande die inspirasie van die Skrif en die dogma rondom die nature van Christus as redes om ’n nuwe belydenisskrif voor te stel. Die sterkste kritiese uitspraak wat De Wet op daardie stadium teen die belydenisskrifte gehad het, was die belydenis aangaande die Kerk. Hierin is ’n duidelike klemverskuiwing by De Wet merkbaar. Hy ervaar ’n vaagheid en onverstaanbaarheid in hoe die belydenisskrifte kerkwees vertolk. Dit gaan in besonder vir hom oor die sigbare en onsigbare kerk, maar merkwaardig selfs oor die ampte in die kerk het De Wet kritiese vrae wat hy glo uit die belydenisskrifte onbeantwoord bly.

In Junie 1942 bring De Wet weereens die belydenisskrifte in twyfelagtige lig. Steeds gaan dit vir hom oor die leerstuk van die Kerk. Hy skryf ’n meditasie vanuit 1 Thessalonicense 2:7,11 waar hy openlik teen die belydenis en dan skynbaar vir die Woord van die Here ’n keuse doen. De Wet skryf oor die leerstuk van die Kerk vanuit die belydenis soos volg:

> "Die dogmatiek met sy leerstuk oor die kerk, kan nooit hierdie werk so fyn, diep en teer beskryf as wat die Skrif dit hier vertolk nie! Sal ons dan nie maar die Skrif neem vir ons belydenis-boek en preek-boek en sing-boek en ja miskien ook bid-boek nie."

Die tema van sondige kerk-verdeeldheid en -verskeurdheid in die Suid-Afrikaanse konteks van gereformeerde protestantisme is 'n saak wat by De Wet al hoe meer klem ontvang het. Hy het in sy laaste veertien jare as professor in Potchefstroom klaarblyklik al hoe meer onder die indruk gekom dat hierdie verdeeldheid tussen die drie bestaande Afrikaanse kerkverbande, nl. die GKSA, die NG Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk, nie uit die weggeruim sou word nie. Hy het die Suid-Afrikaanse kerklike bevolking van 'n al hoe groter louheid, 'n kerklike onvolwassenheid en 'n geestelike ondergang beskuldig, wat verander sou moes voordat daar weer 'n gees van hervorming in die land sou kon plaasvind. Op watter stadium hy die klem so sterk verskuif het dat hy gemeen het dat daar inderwaarheid 'n nuwe kerkverband uit die drie bestaande verbande sou moes voortkom, is nie duidelik nie. Dat daar wel stelselmatig by hom sodanige klemverskuiwing plaasgevind het, is duidelik. Sy rektorale afsluitingsrede in Oktober 1944 aan die Teologiese Skool in Potchefstroom toon aan hoe ingrypend die klemverskuiwing by hom reeds was.

Aan die einde van 1932 was dit duidelik dat De Wet hom steeds openlik distansieer van 'n evolusionistiese verstaan van mens-wees, maar tog het hy kritiese vrae oor hoe Gen. 1:26-27 in die gereformeerde teologie verklaar word. Hy stel dat die gereformeerde verklaring vir hom nog die mees aanneemlikste was maar hy sê ook dat in die gereformeerde verklarings daar reeds 'n panteïstiese gevaar skuil.

4.8.1 DE WET IS GOED ONDERLÊ IN DUITSE TEOLOGIE EN STROMINGE

Dit is van besondere belang om vroeg reeds in De Wet se teologiese handelwyses daarmee rekening te hou dat hy in Potchefstroom sekerlik die mees gelese teoloog rondom die Duitse literatuur en Duitse teologiese beskouinge gereken kan word.

In die Duitse teologiese wêreld waarin De Wet hom diep ingegrawe het, het hy sekerlik met sy studies in Europa al kon begin onderskei hoe daar groot teologiese verskille tussen Nederland en Duitsland bestaan het. Sy proefskrif rondom "Kollegiale Kerkreg" gee hiervan duidelike blyke. Die grootste dele van sy proefskrif is aanhalings uit Duitse literatuur wat reeds daarop dui dat hy hom in die grootste deel van sy teologiese denke nie uit Nederland nie, maar uit Duitsland laat voed het. Die Duitsers en Nederlanders dra in hulle teologiese beskouinge definitiewe

klemverskille en dit is opmerklik duidelik dat hierdie klemverskille ook op die persoon van De Wet oorgedra kon word.

De Wet se verduideliking van sy verstaan van die nature van Christus, veral met ’n groter beklemtoning van Jesus se mensheid, sy Mens vir God wees, maar ook sy Mens vir ander mense wees, en ook sy redenasies rondom die *filioque-leer* en sy mensbeskouing wat sy volksbeskouing kon insluit, dra Duitse merkers in sy teologie. Algaande kon hierdie Duitse merkers ook ’n klemverskuiwing in De Wet se teologie teweegbring het.

De Wet het met die teologie van Karl Barth groot erns gemaak. Hy het wel krities teenoor Barth se dialektiese teologie gestaan. Hy noem dit ook ’n “krisis-teologie” wat hy in 1931 ook “die jongste teologiese rigting” noem (*Die Wagtoring,* Junie 1931:1). Wanneer hy vir Barth in sy grondgedagte ontleed, dan wys hy op Barth wat geworstel het met wat ’n preek is en hoe moet daarna geluister moes word.

Vir Barth was prediking die wese van die kerklike verkondiging en dit was “veronderstel om gesagvol, verantwoordelik en geloofwaardig” te wees. Barth sien die mens en die wêreld in ’n krisis voor God. Om van God en die mens tegelyk te praat, word van twee absolute teenstellings gepraat - dit is so goed om van lewe en dood te spreek. Daarom dat De Wet daarop wys dat Barth ook die “profeet van die Absolute” genoem is. “God is vir die wêreld en die mens die gans Andere, die Onbekende”.

Die mens in die paradys het dit nie geweet nie en daarom was die mens “gelukkig in sy onskuld”. Die proefgebod het die mens tot die bewuswording laat kom dat hy “iets anders as God is” en dit het die mens in kompetisie met God laat tree, om soos God te word. Volgens De Wet sien Barth die resultaat van hierdie kompetisie in die menslike geskiedenis, die kultuur wat sy hoogste vorm vind in die godsdiens. Vir die mens het sy grootste vraag geword hoe hy verlos sou kon word “uit sy masker waarin hy te lande gekom het”. Hierdie masker dui vir Barth op die mens se persoonlikheid wat hy ontwikkel het en die hoogtepunt van hierdie ontwikkeling was sy “godsdienstige persoonlikheid”.

Daarna het De Wet in die Sluitingsrede wat hy in 1931 by die Teologiese Skool gelewer het, in besonderhede ingegaan op Barth se godsbeskouing, sy mensbeskouing, sy sondeleer, die verlossingsweg en die Woord van God. Volgens Barth het die Woord van God drie gestaltes nl. die menswording van God, die Bybel en dan die kerklike prediking.

Die Woord van God is ’n “beweging”, ’n handeling van God Self. Die Bybel bevat volgens Barth net menslike getuienis oor die openbaring van God. Volgens De Wet (1931:11) wou Barth van die inspirasie en die onfeilbaarheid van die Bybel niks weet nie. De Wet (1931:5) het vroeër reeds aangetoon dat vir Barth die Ou Testament geen openbaring van God is nie, maar wel ’n voorspelling (Weissagung) van die komende openbaring in Christus. Na Christus sien Barth ook nie die Nuwe Testament as openbaring van God nie, maar slegs ’n getuienis van die openbaring wat reeds gekom het. Al openbaring wat daar werklik kon wees, was dan die 33 jaar van Christus se lewe op aarde.

Hierdie koms van Christus was wel vir Barth ’n openbaring bó die geskiedenis, bó die tyd verhewe. De Wet wys ook daarop dat vir Barth openbaring vertikaal van bo af was en dit kon nie horisontaal in die loop van die geskiedenis geplaas word nie. Die openbaring in Christus was dus ’n vertikale inslaan van God van bó af in die wêreld. Dit het net een maal gebeur en daarom wou Barth niks weet van die begrip “openbaringsgeskiedenis” nie. Volgens De Wet het Barth die Drie-Eenheid van God eintlik as drie “synsvorme” beskryf. Eers het God as Vader gekom, toe as Seun en eindelik as die Heilige Gees. Dit staan heeltemal in spanning met wat die belydenisse uit die Reformasie oor God se Drie-Eenheid bely.

Dit is in baie opsigte onregverdig om De Wet as die Karl Barth van Suid-Afrika te probeer beskryf. Daar is soveel ingrypende verskille wat tussen hulle twee gemaak kan word. Maar dit is wel opvallend dat daar sekere aspekte in albei se teologieë bestaan wat iets van raakvlakke vertoon.

Prof. S du Toit het in 1945 daarop gewys hoe De Wet bly vassteek het en weggeskram het van die woord “Openbaringsgeskiedenis”. De Wet het verkies om van hierdie Vakgroep te praat as “Bybelse teologie”, al was die aandrang van die twee Du Toit-professore later teen hom al hoe groter om van die benaming Bybelse teologie weg te beweeg. Was dit maar net koppigheid of was dit iets van ’n Barthiaanse beskouing wat by De Wet vasgesteek het? Dieselfde gedagtegang kom voor rondom die *Filioque-leer*. Wanneer De Wet studente leer dat hy nie altyd oortuig is van die volle konsekwensies van die *Filioque-leer* nie, is die vraag of Barth hierdie leer aanvaar het. Dis te betwyfel, want Barth het die Drie-Eenheid as synsvorme van dieselfde God gesien waar die Een oorgaan in die ander en nie die Een uit die ander gekom het nie. Dit sou vir Barth nie logies wees om te glo dat die Heilige Gees van die Vader en die Seun uitgegaan het nie.

As De Wet oor sy lering aangekla word wanneer hy die studente die leer oor die erfsonde oordra, is dit weer ’n vraag, soos daar sterk rigtings in die Duitse teologie bestaan wat nie die *filioque-leer* handhaaf nie, is dit nie ’n moontlikheid dat vanuit die teologie van Barth sekere aspekte in die gereformeerde teologie deur Barth geraak is nie? In De Wet se leer oor die erfsonde is hy beskuldig dat hy ’n realiteitsbeskouing in die oordrag van sonde beklemtoon en nie genoegsaam die federatiewe beskouing respekteer nie. Dit kan heel moontlik vanuit Barth se dialektiese teologie verklaar word dat die onmiddellike realiteit van God se inslaan van bo na onder (dit wat in ’n realiteitsbeskouing meewerk en nie soseer ’n federatiewe klem daarstel nie), wel by De Wet in sy leer oor die erfsonde kon vassteek.

So sal daar talle voorbeelde kan wees wat daarop wys hoe De Wet ingrypend van Barth verskil, maar daar is waarskynlik velde in die teologie waarin hulle dalk al nader aan mekaar beweeg het, sonder dat De Wet dit erken het.

Tog is dit opmerklik hoe Heyns (1964:8) Karl Barth op ’n teologiese en wysgerig- antropologiese wyse beoordeel. Hierdie oriëntering herinner sterk aan hoe De Wet teologies geopereer het, in ag genome die klemverskuiwings wat daar by hom plaasgevind het.

Heyns beskou Barth se teologiese arbeid as in hoofsaak ’n “reaksie-teologie”. Heyns stel: “dat die teologie van Barth reaksionêr van opset was, staan vas”. Daar is talle voorbeelde in die politiek maar ook in sy teologiese arbeid wat aantoon dat De Wet vanuit bepaalde gebeure teologies gereageer het. De Wet se diepe teleurstellings in sy politieke loopbaan het bepaalde bittere gevolge en reaksies in van sy teologiese uitsprake gehad. Hierdie bitterheid spreek in hoe maklik hy op algemene wyse sommer die hele Suid-Afrikaanse bevolking nie net polities nie, maar ook geestelik kon verkleineer en afmaak. Dit kan De Wet se teologie, ook soos by Barth, onder die noemer plaas van hoofsaaklik reaksie-teologie.

Nog ’n duidelike ooreenkoms tussen De Wet en Barth is dat albei groot erns gemaak het met die filosofiese wortels waaruit hulle teologiese beoefening voortgespruit het. Al dra De Wet se doktorale studie die titel van “Kollegiale Kerkreg” is dit opmerklik hoe ’n groot deel van hierdie studie eintlik vertolking is van filosofiese konstruksies en filosofiese denkbeelde . De Wet se latere inougurele rede in 1925 en sy optrede as rektor in 1944 met sy afsluitingsrede was altyd nog deurspek met ’n bepaald duidelik filosofiese ondertoon, dalk selfs meer filosofie as teologie wat daarin na vore gekom het. Die kritiek wat De Wet, maar ook Karl Barth, teen die invloedryke Schleiermacher met Schleiermacher se klem op die “vrome gemoed” gehad het, dra ook

merkwaardige ooreenkomste. Hoe die mens in die middelpunt gestel word, is vir De Wet net so problematies as wat dit vir Barth ’n probleem was.

4.8.2 ’N AL HOE GROTER VERSKUIWING WEG VAN DIE NEO-CALVINISME

Hier is die opmerking van dr. KS van Wyk de Vries (1967:31) van besondere belang:

> “In my teologiese opleiding het ek te doen gekry met aan die een kant sterk afkeer teen Kuyper (in die dogmatiekklasse by wyle dr. C. J. H. de Wet) en aan die ander kant sterk aanhang van Kuyper (in die Homiletiek, Ensiklopedie, Liturgiek en later Dogmatiek by wyle dr. J. D. du Toit”

De Wet se stadige maar sekere distansiëring van die teologie van Abraham Kuyper is ’n duidelike klemverskuiwing wat plaasgevind het. Dit het hom natuurlik in die kringe van die neo-calvinistiese teoloë waarin hy aanvanklik met sy oorkom na Potchefstroom baie tuis en gerekend kon wees, ’n al hoe groter verstoteling onder hulle gemaak. Op grondvlak is dit duidelik waar De Wet in neo-calvinistiese kringe aanvanklik as gerekende teoloog beskou was, is hy mettertyd al meer uit die kringe verstoot is.

Die bekende “Koers in die Krisis” publikasies wat as versamelwerk deur die Federasie van die Calvinistiese Studenteverenigings in Suid-Afrika uitgegee is, kan beskou word as ’n vlagskip van die neo-calvinisme. In die eerste uitgawe in 1935 is dit opvallend dat juis De Wet genader is om ’n bydrae te lewer tot die neo-calvinistiese beskouing rondom die Bybel. De Wet se referaat het nog gehandel oor “Bybelgeloof-Bybelkritiek-Bybelfoute”. In ’n daaropvolgende publikasie, met dieselfde titel in 1941 uitgegee, het De Wet weer in die neo-calvinistiese konteks ’n bydrae gelewer oor die plek van die volk Israel onder die volke. Dit blyk die laaste groot bydrae te wees wat in wetenskaplike formaat uit neo-calvinistiese kringe deur De Wet aangebied is.

Net ’n jaar later in Augustus 1942 verskyn daar ’n publikasie getiteld “Die kosbare goud (Gereformeerde Geloofsleer)” wat uitsluitlik deur predikante en teoloë vanuit die GKSA saamgestel is. Hierdie boek is gebaseer op en ontleen sy indeling aan die Nederlandse Geloofsbelydenis. Dit is opmerklik dat uit die lys van nagenoeg 30 predikante en teoloë wat aan hierdie publikasie meegewerk het, en waar die meeste van die 33 onderwerpe direk verband hou met De Wet se vakgebied, daar geen bydrae van De Wet in hierdie bundel verskyn nie.

Dit wil voorkom of hy nie langer kans gesien het om op hierdie gebied enige bydraes te lewer nie, of meer waarskynlik is dat hy met opset in die opstel van medewerkers eenvoudig net oorgeslaan

is.[56] Die medewerkers stel in hulle redaksionele voorwoord dat hulle in alle geval geen groot verskille tussen hulle beleef het nie. Die redakteurs van die bundel, DN Kotzé en JV Coetzee, stel kategories in die voorwoord dat "teenstrydighede wat skadelik kan werk, kom, sover ons kan oordeel, in die boek nie voor nie. Waar daar hier en daar 'n verskil van opvatting voorkom, is dit beperk tot algemeen gangbare menings onder gereformeerdes wat eweneens geld van ander moeilike punte waaroor daar verskil van opvatting onder gereformeerdes bestaan".

Selfs De Wet se kollegas wat op daardie stadium saam met hom aan die Teologiese Skool verbonde was, met name prof. JD du Toit en sy seun prof. S du Toit, het tussen hulle twee, vier bydraes tot hierdie besondere publikasie gelewer, maar De Wet se naam skitter in sy afwesigheid. Dit wil voorkom of daar vanuit breëre kringe in die GKSA al die standpunt begin deurskemer het dat De Wet se bydrae iets kon wees wat "skadelik" kon meewerk. Heel waarskynlik was dit alreeds 'n aanduiding dat die samestellers nie meer die volle vertroue in hom oorgehad het as wat daar aanvanklik bestaan het nie. Dit gee ook 'n aanduiding van die mate waartoe daar reeds 'n klemverskuiwing in De Wet se teologie te bespeur was.

Daar word wyd bespiegel dat die huwelik van De Wet in April 1944 met 'n prominente NG dame, me. Erasmus, wat reeds vir jare 'n leiersrol in die CSV-kringe in die NG Kerk gespeel het, wel op die teologie van De Wet sekere klemverskuiwings kon laat plaasvind het. Die Kuratorium en S. du Toit het in van die vergaderings van die Kuratore vrae oor De Wet se eggenote gevra. So het ASE Yssel, JP Jooste en S. du Toit al drie by geleenthede daarop gewys hoe De Wet verander het na sy huwelik (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr.-Mei 1945).

Daar is bewyse dat De Wet in die CSV-kringe al meer waardering vir sy werk begin ontvang het en dat die CSV die wydste publikasie verleen het aan De Wet se latere werke, in besonder ook sy sluitingsrede by die Teologiese Skool Potchefstroom. Die tydskrif, *Die Oorvloedige lewe,* in hoofsaak gedra deur die Andrew Murray Gebeds-Unie begin van De Wet se artikels publiseer, soos aanvaar kan word in redelike medewerking met sy laaste eggenoot. Die sluitingsrede is eintlik 'n goeie en finale bewys van die al groter klemverskuiwing wat in De Wet se teologie plaasgevind het, waar hy die vraag gestel het "Is Kerkhervorming vandag moontlik?" en hy

[56] Dit moet wel in gedagte gehou word dat De Wet se eggenote reeds in 1942 ernstig siek was, daar sy lang tye vanweë suikersiekte gely het. Sy is in 1943 oorlede. Dit kan wees dat waar De Wet sy vrou in haar lyding op besondere wyse bystand verleen het, hy eenvoudig nie sy weg oopgesien het om tot die bundel enige bydrae te lewer nie. Die emosionele impak van sy eggenote se siekte, lang lyding en sterwe word wyd erken en na haar sterwe is aan De Wet "deernisverlof" verleen om hierdie terugslae te bowe te kom.

grotendeels negatief op sy eie vraag gereageer het, sou dit van die bestaande kerkverbande in Suid-Afrika moes afhang.

4.9 TEOLOGIESE IMPLIKASIES WAT HIERDIE VERSKUIWINGS TOT GEVOLG KON HÊ

Waar De Wet as jongeling voortdurend vertroud en geken was in wat later in die NG Kerk as ’n besondere evangelikaalse spiritualiteit bekend geword het, is De Wet op sy oudag (weer) al meer daardeur aangetrek.

De Wet het al meer tekens begin toon dat hy ’n al hoe groter afkeer begin toon in ’n tipe van fundamentalistiese omgang met die Skrif waarin die aanvaarding van onfeilbare waarhede en die dogma rondom God se absolute soewereiniteit en die leerstuk oor die uitverkiesing ’n dominante rol in die neo-calvinisme vervul het. Brümmer (2013:1) bewys hoe dit op die persoon van DF Malan ingewerk het. Dit is byna of daar ’n dualisme in Malan na vore gekom het, want godsdienstig teologies het Malan ’n groot afkeer in die neo-calvinistiese benadering gehad, ook soos dit in Potchefstroom na vore gekom het. Malan sou godsdienstig ’n goeie eksponent en verlengstuk van Johannes du Plessis se teologie kon word. Tog was Malan polities die teenpool van wat sy godsdienstige beskouing was. Polities was Malan bekend as konserwatief en behoudend.

Die jonge DF Malan was wat De Wet op sy ouer wordende leeftyd waarskynlik al hoe meer openlik nagestreef het. Die klem word dan nie geplaas op God se soewereine handelinge met die mens nie, maar in plaas van hierdie rasionele benadering tot die geloofswaarhede word daar ’n al hoe groter emosionele behoefte in die mens se verhouding tot God beleef. Die dogmatiese teoloog het in De Wet se geval al meer die etiese teoloog begin word. Die etiese teoloë word deur Brümmer bestempel as diegene wat hulle nie soveel met die suiwerheid van die leer wil bemoei nie, maar veel eerder die klem op die lewe plaas deur ’n intieme persoonlike verhouding met God as die primêre van hulle godsdiens uit te leef. Hiervolgens word aansluiting gevind by die piëtistiese spiritualiteit van die Réveil wat as inspirasiebron deur die volgelinge voorgehou word. Dis mense wat in lyn met die vroeëre Stellenbosse teoloë soos die bekende Murray familie, Nicolaas Hofmeyr en JI Marais wat graag hulle geloof as eties en eksistensieel wou beskryf en nie soseer intellektueel en verstandelik in die geloof wou voortleef nie. Dit bring in alle geval binne en buite die mens ongeëwenaarde spanning as daar doelbewus teen die dogmatiese en klaarblyklik vir die etiese kant gekies word.

4.10 SLOT

Die hoofstuk het op 37 jaar van teologiese arbeid van De Wet klem gelê. As gevolg van die feit dat De Wet 'n groot deel van sy jeug in die NG Kerk deurgebring het en sy eerste teologiese blootstelling en opleiding aan die Victoria Kollege in Stellenbosch gehad het, het hierdie hoofstuk gepoog om vas te stel watter teologiese invloede daar op De Wet in sy eerste teologiese leerskool was. Waar Stellenbosch se professore, by wie De Wet sy eerste studiejare deurgebring het, die rigting van die "revivalism" gevolg het, word aanvaar dat hierin 'n element van die mistieke tradisie geleer is, wat wys in die rigting van die Réveil. Die Réveil het oorgegaan na die Etiese rigting en die Etiese rigting het weer momentum gegee aan wat Brümmer die evangelikaalse spiritualiteit noem. In hierdie spiritualiteit word daar geen kritiese vrae gevra oor die hou van bidure, die beweging tot opwekkingsdienste, alles in die poging dat God sy Heilige Gees in ruimer mate oor die mens moet uitstort nie. Die strewe dat hernude uitstortings van die Gees so nodig is, het die klem in Pinksterbidure geword. Hiermee saam is die uitverkiesingsleer wel met die mond bely, maar in die hart was daar 'n baie groter affiniteit vir die gedagte dat God se liefde veel wyer moet strek as wat die Dordtse opvatting dit vertolk.

In latere hoofstukke waar die leergeding teen De Wet in besonderhede hanteer sal word, stel De Wet self dat hy die persoonlike en subjektiewe in die geloof wil benadruk en daarom is hy as "ketter" uitgekryt. Hierdie uitspraak gee bewyse dat De Wet in sy latere jare al meer na die gees en rigting van teoloë soos die vroeëre Andrew Murray teruggekeer het, terwyl hy aanvanklik as jong teoloog en as neo-calvinis baie meer kritiek teen die evangelikaalse rigting gehad het.

De Wet se teologiese bediening van 21 jaar nadat hy in 1925 as derde teologiese professor in Potchefstroom beroep is, het in die hoofstuk die grootste klem ontvang. Daar is hartlik saamgewerk, daar was eenstemmige getuienis van De Wet en sy kollegas in Potchefstroom, wat prof. JD du Toit en later ook prof. JA du Plessis ingesluit het, dat prof. JA du Plessis in Stellenbosch met die sogenaamde Du Plessis-saak teologies gestuit moes word. In Potchefstroom het hulle geglo dat Du Plessis in werklikheid aan die Modernisme nuwe stukrag verleen. De Wet het geywer vir 'n eie teologiese tydskrif, wat calvinisties, gereformeerd en eietyds moes wees, wat *Het Zoeklicht* in sy "dwaalligte" anders moes weerspreek as wat *Die Ou Paaie*, eintlik maar ook poog, maar tog het daar iets ontbreek van die werklik deurtastende Dooyeweerd-Stoker-filosofie wat in Potchefstroom sy eie bane oopgekap het. Die tydskrif het *Die Wagtoring* geheet en De Wet het sy ideaal verwesenlik om die tydskrif so gevestig te kry, dat gesê kan word dat die tydskrif eintlik nog steeds bestaan, maar nou net al jare bekend as *Koers* wat die waardige

titel-vervanging van *Die Wagtoring* is, maar met dieselfde gees en rigting soos aanvanklik deur De Wet bepleit.

De Wet het benewens sy tydskrif en proefskrif wat as *magnum opus* op die terrein van die onderskeiding van kollegiale kerkreg gelees kan word, sekerlik sy tweede grootste teologiese werk gelewer met die boek getiteld “Die Bybel en die Christus van die Bybel” wat in 1931 verskyn het. Hierin het De Wet eintlik al die temas wat met die Du Plessis-saak saamgegaan het op gereformeerde grondslag aangesny.

Tog het die kritiese nalees van hierdie publikasie en veral sy siening oor die belydenisskrifte die begin aangedui van ’n teologiese verskuiwing wat besig was om plaas te vind. In die boek begin De Wet om al meer oor die nature van Christus sekere formulerings te gebruik en sekere vraagstukke so te beskrywe dat daar aanvanklik geglo is dat dit is seker maar net die De Wet manier is, wat nie onnodig bevraagteken moes word nie. Dit was ook die tyd van De Wet se grootste jare as “politikus” (vgl. hfst. 3). Politiek kan van mense groot vriende maak, maar van ander weer tegelyk groot “vyande”. Dat daar vir De Wet groot vyandskap uit sy politieke storms voortgekom het, is reeds aangetoon. Die vraagtekens oor sy politiek het klaarblyklik by mense ook teologiese vraagtekens opgeroep.

Teologies was hy steeds baie aktief al het die politiek hom besig gehou, en het hy veral gereeld in *Die Kerkblad* geskrywe. Die reekse en reekse meditasies wat De Wet na die dood van prof. JA du Plessis (16 Feb. 1935) as sy gereelde rubriek vir die volgende 10 jaar oorgeneem het, was besonder gewild. De Wet het weereens hierop sy eie stempel afgedruk, maar tog het die teologiese moeilikhede vir hom eintlik met hierdie meditasies begin. Al was sekere artikels in *Die Wagtoring* alreeds ’n aanduiding van ’n komende verskil, was dit beskou as teologies-wetenskaplik en mog daar wetenskaplik meer krities beweeg word as wat in die normale kerklike omgang toegelaat sou word.

In die normale kerklike omgang was dit die meditasies wat hom die gramskap in die intiemste kringe van gereformeerde teoloë in die GKSA op die hals gehaal het. Sy meditasies oor Job en Jakob en Melgisedek bevat nie net vreemde voorveronderstellings nie, maar in die formulerings is die redaksie-kommissie van *Die Kerkblad* daarbý gebring om hom te versoek om eers terug te hou en te besin, en dan te publiseer, maar De Wet het aangedring op die publikasie van die Job-meditasie. Die redaksie plaas ’n kort voetnoot aan die Job-meditasie se einde wat dit teologies

bevraagteken, maar hierdie was nie ’n kort vuur wat toe begin brand het nie - die vure het teologies langer, wyer en al hoër rondom De Wet begin brand.

In studente-geledere word De Wet se klas-aantekeninge agter sy rug aan JV Coetzee voorsien want, so het die studente gesê, daar is ’n dualisme in die Teol. Skool. De Wet leer anders as wat JD du Toit en sy seun S. du Toit hulle leer. Hierdie studente-aantekeninge word deurgekam en daar word tot die slotsom gekom dat De Wet se “dwalinge”nie maar net meditasie-gebaseerd is nie, maar teologies verword. Dit bestryk ’n wye spektrum van die teologie en wesentlike elemente van die gereformeerde teologie.

Teologiese vraagtekens word oor De Wet geplaas insake die filioque-leer, die nature van Christus, die uitverkiesing en verwerping, die erfsonde en die gesag van die belydenisskrifte. Die vure het die hoogte ingeskiet toe De Wet op 27 Oktober 1944 as rektor die jaar se sluitingsrede aangebied het, met talle kritiese vrae vanuit sy kerk-beskouing. Daar is gesê dat De Wet glo die kerk kweek ongeloof, die kerk word tussen sy mure ’n vesting vir kerkisme en fariseïsme, die Here kan dit nie meer aanneem wat ons as “Kerk” beskryf nie en om dit dinamies te maak, is beweer dat De Wet glo die Kerk kan nie meer hervorm nie, maar dat daar ’n nuwe stigting, ’n nuwe kerkverband, gevorm moes word.

Op 59-jarige ouderdom was De Wet saam met sy nuwe eggenote tuis in bewegings soos die Christelike Studentevereniging (CSV) wat in verskeie opsigte ’n metodistiese benadering in sy teologie voorgestaan het. Hy het as professor by die Teologiese Skool vanaf 1944 al meer eredienste in die NG Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk begin bywoon en selfs daarin begin voorgaan. Die Andrew Murray Gebedsunie het ook al meer publisiteit aan van De Wet se werke verleen. Die saadjie van ’n sekere vorm van Metodisme, sommige noem dit ’n Skotse Calvinisme, wat as jongman by De Wet nie grond tot ontkieming kon vind nie, het later in die ouere De Wet sterker na vore gekom.

De Wet het al meer trekke begin toon soos hyself die subjektiewe en persoonlike in die geloof wou benadruk, naamlik dat daar ’n soeke was na ’n diep persoonlike ervaring van gemeenskap met God wat sterk klem lê op ’n vroom lewe voor God. Hy het homself op `n later stadium in sy teologiese aksente sterk uitgespreek teen teoloë wat hy as napraters van o.a. Kuyper en Bavinck beskou het.

Verder het die hoofstuk kon aantoon dat selfs in die tyd wat De Wet as neo-calvinis nog met waardering van Kuyper en ander Nederlandse teoloë en hulle teologiese aksente melding gemaak het, hy in Potchefstroom die mees gelese teoloog rondom die Duitse literatuur en Duitse teologiese beskouinge was. Sy proefskrif en selfs sy eerste artikel in *Die Wagtoring* wemel van Duitse aanhalings. Dit kom voor of `n groot deel van De Wet se teologiese raamwerk deur Duitse teoloë en filosowe soos Rudolf Eucken gevorm is. De Wet was in sy tyd die teoloog in die GKSA wat blyk die beste vertolking van die teologie van Karl Barth kon weergee. Hy het hom in 'n artikel hieroor goed bewys.

De Wet se Sluitingsrede in 1931 by die Teologiese Skool gelewer, gee verdere bewyse dat hy homself in die teologie van Karl Barth goed ingegrawe het. De Wet het die moeilike konsepte in hierdie teologie kon aandui, wat ook as 'n "krisis-teologie" of "dialektiese teologie" bekendgestel is. De Wet slaag daarin om o.a. Barth se godsbegrip, sy mensbeskouing, sy leer oor die sonde, sy kerkbeskouing, sy beskouing oor openbaring en sy leer oor die verlossing krities te ontleed. Al hierdie aspekte is sake waaroor De Wet in sy eie teologiese raamwerk en nadenke homself in Potchefstroom sterk uitgespreek het, al het dit van hom op daardie stadium 'n politiese of teologiese verantwoording geverg.

Dit kon moontlik aanleiding gegee het dat De Wet se leer oor die erfsonde wat later ook onder verdenking begin staan het, teweeggebring is veral vanweë invloede uit die Duitse teologie. Daaroor sal daar later meer duidelikheid gegee moet word, veral waar hoofstuk 6 die teologiese aksente in die klag teen De Wet hanteer.

Hierin is aangedui dat De Wet homself 'n dubbele dosis teologie uit die Engelse metodisme, via Stellenbosch en die Duitse piëtisme, via sy nagraadse studies en liefde vir die Duitse teologie, ingegee het. Latere uitlatings wat De Wet gemaak het, naamlik dat hy in Potchefstroom al meer bemerk het "`n gees van dor-verstandelike objektivisme (voorwerpelikheid) waardeur die Uitverkiesing en Genadeverbond veelal moet dien net as 'n vyeblad waaragter die mens sy persoonlike verantwoordelikheid ten opsigte van die Evangelie-roeping kan wegdoesel", wys duidelik in die rigting dat die gees van die evangelikaalse spiritualiteit, soos Brümmer dit gedefinieer het, die oorhand oor De Wet begin kry het.

Dit het teweeggebring dat die teologiestudente die eerste hoorders was, wat al meer in die Dogmatiek-klasse leringe gehoor het wat in spanning gekom het met wat hulle by JD du Toit en S du Toit in dieselfde tyd geleer is. Hierdie dualisme in die leer word in die volgende hoofstukke

in meer besonderhede benader. Die volgende hoofstuk wil die historiese verloop tot hierdie saak aantoon. Dan volg die teologiese aksente van die klag teen De Wet. Daarna word die kerkregtelike raamwerk gebied waarbinne die saak geplaas word. Hiervolgens sal daar dan ’n kerkregtelike beoordeling van die saak gegee moet word.

HOOFSTUK 5

DIE HISTORIESE VERLOOP VAN DIE SAAK TEEN DE WET

Oorsig:

5.1 Inleiding
5.2 Heel vroegste aanduidings
5.3 Groot gebeure en sake
5.4 Hartseer afloop van die saak
5.5 Slot

5.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk wil ’n historiese raamwerk bied van hoe die De Wet saak verloop het. In die vorige hoofstukke is die persoon en roeping van CJH de Wet nagevors. Daar is gekyk na die familie waaruit hy gekom het. Die feit dat De Wet ’n groot rol in die Suid-Afrikaanse politieke landskap vervul het, is nagegaan. Dit was noodsaaklik dat daar na De Wet as teoloog gekyk word. Die vorige hoofstuk het die besondere aksente in De Wet se teologiese denke aangedui.

Hierin is reeds opgemerk dat daar tekens van afwykings in van hierdie denke voorgekom het. Om werklik die De Wet-saak te beoordeel moet sy denke oor spesifieke sake beoordeel word. In wat tot die klag teen De Wet aanleiding gegee het, is daar nege sake vasgestel. ’n Volgende hoofstuk sal in besonderhede hierdie nege sake hanteer, maar vir die historiese plasing van die sake is daar drie sake wat met eksegetiese vertolking van bepaalde Skrifgedeeltes verband het, daar is vyf dogmatiese sake wat die Gereformeerde leer wesentlik raak en dan is De Wet se kerkbeskouing (sy ekklesiologie) ook betrek. Hierdie eksegeties-teologiese, dogmaties-teologiese aksente in die klag teen De Wet moet ook in ’n teologies-kerkregtelike raamwerk geplaas word ten einde die saak in sy geheel, nie net histories nie, maar ook kerkregtelik te beoordeel.

Hierdie hoofstuk is bepaald histories gerig om ’n tydraamwerk vas te stel en die verskillende gebeure kronologies geordend na vore te bring. Daar word eerstens gekyk na wat die vroegste aanduidings was wat daarop kon wys dat hier ’n leergeding ter sprake kan kom. Daarna word

die werklike groot gebeure en sake aangedui. Dit neem die grootste gedeelte van die hoofstuk in beslag. Die hartseer en ernstige afloop van die saak word hierby ingesluit.

5.2 HEEL VROEGSTE AANDUIDINGS

JV Coetzee het teologiese uitsprake van De Wet tot so ver terug as Oktober 1928 nagevors. Coetzee het in sy latere korrespondensie daarop gewys dat De Wet al met die eerste jaargang van *Die Wagtoring* in Oktober 1928 die skeppingsverhaal rondom tyd, ruimte en stof aanvegbaar voorstel.

5.2.1 FEBRUARIE 1932: 'N DUIDELIKE VERSKIL RONDOM DIE BELYDENISSKRIFTE WORD OPGEMERK

JV Coetzee het daarop gewys dat in 1932 daar nog duideliker sake na vore gekom het. Volgens Coetzee was dit die eerste aanduiding dat De Wet oor die persoon en die nature van Christus 'n verkeerde leer na vore gebring het. Hiervolgens vind De Wet dit onmoontlik dat daar by Christus net van een Persoon maar twee nature sprake kon wees. Volgens De Wet is 'n "mens sonder 'n menslike persoon" moeilik denkbaar. Dit is op hierdie punt dat De Wet gestel het dat daar 'n nuwe belydenisskrif moes kom dat die onvolledige en onduidelike belydenis oor Christus reggestel kon word. De Wet was van mening dat om van Christus as net een persoon te spreek, 'n beperking van sy mensheid is (GKSAA: JV Coetzee Versameling, 1945.2). De Wet het in die artikel verdere vraagtekens oor die Belydenisskrifte geplaas omdat hy van mening was die belydenis sou vanweë die invloed van die evolusieleer 'n nog duideliker Godsvoorstelling moes formuleer. Verder het hy gesê dat die belydenis oor die voleindingsleer in baie opsigte onvolledig was. De Wet het die belydenis se uitsprake oor die kerk as "taamlik vaag en onverstaanbaar" voorgestel.

De Wet het in 1932 'n breedvoerige resensie gelewer oor 'n boek van dr. HP Wolmarans, "Die mens naar die beeld van God". In die resensie het De Wet beweer dat hy tot op daardie stadium nog geen bevredigende verklaring vir Gen. 1:26-27 kon vind nie. De Wet het wel bygevoeg: "Van alger wat sover gegee is vind ons die Geref. opvatting nog die beste, mits ons die panteïstiese gevaar wat ook daar dreig beslis afwys" (*Die Kerkblad,* 2 Nov. 1932:270-271).

Hierdie voorbeelde dien as die heel vroegste aanduidings dat De Wet oor heelwat sake in die Belydenisskrifte vraagtekens gestel het. Die verwysings na Genesis waaroor De Wet eksegeties sekere vrae en tekortkominge aangedui het, was as minder ernstig beoordeel.

Dit is opvallend dat vanaf 1932 tot 1942 daar geen verdere voorbeelde bestaan het wat aangedui is dat De Wet sekere sake kontensieus gestel het nie. Dit was ’n geval van tien jaar stilte voor die storm.

5.2.2 DIE STILTE WORD VERBREEK

In Mei 1942 was daar ’n beswaar van ’n br. Hangelbroek van Brits in *Die Kerkblad* (22 Mei 1942:10) teen ’n aantal stellinge waarin De Wet hom sterk uitgelaat het, bv. dat sommige in die naam van “Christelike sendingswerk” in die Ooste eintlik net agter hulle skatte aan was.

Hangelbroek het dit veral gehad teen die “onkiesche” taalgebruik in die verwysing na *torre* en *bloedsuiers*. De Wet het die misverstand duidelik opgeklaar deur te stel dat hy die werk van sendelinge hoog ag, maar dat staatsmanne en handelaars die Oosterlinge in die naam van sending uitsuig.

In Junie 1942-word van die sake wat reeds tien jaar gelede aangeraak was, weer aangeroer. Dit begin in *Die Kerkblad* (5 Jun. 1942:6) waar De Wet weer ’n stelling gemaak het waarin hy die belydenisskrifte as twyfelagtig voorstel. Hy worstel weer met die belydenisskrifte se leerstuk oor die Kerk en wek die indruk dat hy die belydenisskrifte teen die Woord van die Here wou opstel deur in sy meditasie rondom 1 Thessalonicense 2:7,11 die opskrif te maak. “...soos ’n pleegmoeder...soos ’n vader...”

In dieselfde jaar, drie maande later, word beweer dat De Wet geleer het dat die erfsonde nie werklik sonde is wat deur God in die weg van die verbond toegereken word nie (*Die Kerkblad*, 21 Augustus 1942:7). Dit is afgelei uit ’n meditasie rondom Absalom, die seun van Dawid, wat gesterf het en Dawid uitroep: “... ag as ek self maar in jou plek gesterf het…” (2 Sam 18:33).

Elf maande later is daar op 9 Jul 1943 nuwe aantygings teen De Wet, nl. dat hy die leer oor die uitverkiesing en verwerping verdraaid voorstel. Hy het volgens hierdie aantygings beweer dat daar in die Woord van die Here geen bewyse bestaan vir die ewige verkiesing nie. Die klagtes dat De Wet van mening is dat die mens homself in Adam verwerp het en dat die verworpenes mense is wat nie daar moes gewees het nie, word aangebied.

In die jaar 1944 het die meeste aantygings en probleme na vore gekom. Dit begin in Maart 1944 met 'n skrywe van WP du Plessis (*Die Kerkblad,* 3 Maart 1944:17) wat weereens rondom die leer van die uitverkiesing sekere bedenkinge teen De Wet na vore gebring het. Die bedenkinge het voortgespruit uit 'n meditasie van De Wet wat in *Die Kerkblad* 4 Feb. 1944 verskyn het. Hiervolgens wil Du Plessis van De Wet 'n nadere verklaring verkry oor die gronde waarop De Wet kan beweer dat sekeres na die sondeval uitverkies is en nie voor die grondlegging van die wêreld nie.

Vanuit Burgersdorp is daar in 1944 die eerste keer sprake dat lidmate aandui hulle hoor iets van 'n dubbele vertolking van die leer uit Potchefstroom (GKSAA, Teol. Skool Kuratorium Bylaes, 2.1.3.7: 12/44, Des 1944). Die brief noem egter geen name nie, maar maak die stelling dat die "fondamente van ons Kerk" geraak word. Dan sinspeel die skrywe daarop dat sekere professore nie langer die beginsel van demokrasie handhaaf nie, maar aanhangers van 'n gesagstaat is, terwyl ander professore nog wel demokrasie respekteer. Burgersdorp motiveer hulle skrywe deur te verklaar dat ons Kerkregeringstelsel nog altyd demokraties van aard was. Al is hierdie eintlik 'n sosio-politiese skrywe en in sy wese geen kerklike saak nie, vind dit grond in die studie omdat dit aanduiding begin gee het dat die professore nie uit een mond praat nie. Dit is 'n saak wat met die studente-aantekeninge op baie duideliker wyse na vore gekom het.

5.3 GROOT GEBEURE EN SAKE

5.3.1 MEDITASIES

Die meditasie wat op 18 Feb. 1944 verskyn het, het aan die leergeskil momentum verleen wat daartoe gelei het dat nog meer meditasies spoedig onder verdenking gekom het.

Die meditasie wat openlike verskil tussen De Wet en die redaksie van *Die Kerkblad* tot gevolg gehad het, het gehandel oor die droom wat Jakob by Beth-El gehad het (*Die Kerkblad,* 18 Feb. 1944:9) Die beswaar teen die meditasie was dat De Wet God sou voorstel as dat Jakob die Here net as "lokale Here" beskou het. Die meditasie het spesifiek gehandel oor die woorde in Gen. 32:24 waar daar staan: "Maar Jakob het alleen agtergebly..."

De Wet is deur die redaksie van *Die Kerkblad* genader en gevra dat hy die publikasie van die meditasie moes heroorweeg. De Wet het nie daartoe ingestem nie en het daarop aangedring dat die meditasie onveranderd geplaas word, steeds as deel van die rubriek wat hy alreeds vir nege

jaar hanteer en versorg het Die redaksie het hulleself geroepe gevoel om dan wel die meditasie te plaas met ’n voetnoot aan die einde. So het die redaksie se voetnoot gelui:

> “Op sekere beskouinge in hierdie en ander Meditasies sal die Redaksie later terugkom.”

Hierdie voetnoot het baie ongelukkigheid by De Wet veroorsaak, in dié mate dat hy dit as “laakbare metode” in die volle verloop van die saak bly beskou het.

Op hierdie voetnoot van 18 Feb. 1944 is daar op 3 Maart 1944 teruggekom. Dit geskied in ’n uitgebreide artikel wat die opskrif dra van “Opmerkinge van die redaksie i.v.m. sekere meditasies”. Die redaksie het wel vooraf De Wet se aandag gevestig op, soos hulle dit stel, “uitsprake in genoemde meditasies waarteen hulle beswaar het”. Daar is aan die hand gedoen dat De Wet óf die meditasies sal terugneem óf wysig. De Wet het daarop aangedring dat die Meditasie geplaas moet word omdat dit “sy weloorwoë mening uitdruk”. In dieselfde konteks het De Wet dit gestel dat hy reaksie sou verwelkom. Hy het nie voorsien dat die saak wel hierdie verloop sou neem nie.

Die meditasie wat daarna onder die grootste verdenking kom, is die een wat op 17 Maart 1944 verskyn het. Die meditasie het oor Job gehandel na aanleiding van die woorde in Job 42:5:
“ ... maar nou het my oog U gesien”. Daar staan uitdrukkinge in hierdie meditasie waarteen die redaksie nog meer beswaar gehad het.

Die saak waarteen die redaksie die grootste beswaar gehad het, was dat die meditasie vir Job in hoofstuk 1 voorstel as nie volkome gelowige nie. Hy was nog nie waarlik wedergebore nie. Hy was maar nog op die eerste sport van die genadeleer wat hy nog moes opklim na die deurbreking tot die ware geloof.

In dieselfde meditasie word daar na Melgisedek verwys. Hierdie vergelyking vanuit Job wat vir Melgisedek betrek, het gemaak dat hierdie meditasie nog meer besware opgeroep het. Al was Melgisedek net ’n verwysing in die oordenking rondom Job, het die klagte en besware van die redaksie apart oor Melgisedek gehandel. Vir De Wet was Job een soos Melgisedek. Die meditasie laat die moontlikheid dat Melgisedek eers priester van ’n onbekende god kon gewees het.

Die opmerkinge rondom Job en Melgisedek, veral méér na die einde van hierdie meditasie, het die beswaar versterk dat hy Job ook met Jakob in verband gebring het. Jakob se Jabbok en Pniël laat De Wet glo dat Job ook sy Jabbok en Pniël gehad het.

Daar het nog heelwat ander besware ingestroom waarin nie net die Jakob-meditasie onder die soeklig van "dwaling" geval het nie, maar op 6 April 1944 het ook De Wet se siening oor Job die meeste besware ontlok.

Dit is duidelik dat De Wet se meditasies al meer onder 'n vergrootglas geplaas is. Die redaksie het hierna op hulle voetnoot teruggekom en in heelwat uitgawes van *Die Kerkblad* is daar "opmerkings" oor De Wet se meditasies gelewer, veral op die punte waaroor die redaksie oortuig was dat De Wet die lesers van die blad op 'n dwaalspoor geplaas het. Die redaksie het hulle eie eksegese in besonderhede weergegee, waarvan die lengte van hulle "opmerkings" die oorspronklike meditasie seker drie maal oortref het. Op 21 April 1944 het die redaksie steeds met dieselfde werkswyse volhard en hulle elke keer direk teenoor De Wet opgestel.

De Wet het op 5 Mei 1944 ernstig beswaar gemaak teen hierdie optrede van die redaksie. Hy het 'n brief aan *Die Kerkblad* geskryf waarin hy stel dat hulle 'n groot gedeelte van die waarheid verswyg het. Hy bevestig dat twee redaksielede met hom oor die meditasies gepraat het met die versoek om dit nie te publiseer nie. Hy het egter geweier en op publikasie aangedring omdat, volgens hom, die redaksie geen "leertug" het oor stukke wat in *Die Kerkblad* verskyn nie. Hy het egter nooit aan hulle toestemming gegee dat hulle onder sy meditasie 'n voetnoot plaas en daarna met 'n reeks artikels teen die meditasies beswaar maak nie. De Wet bevestig dat as hy gestel het dat hy reaksie sou verwelkom dan moes mense aparte artikels hieroor geskryf het en nie dit op die wyse teenoor hom opgestel het nie. De Wet se ernstige beswaar was dat hierdie metode van die redaksie "plaas hom onder verdenking van kettery by die kerk".

Daar het heelwat ander reaksies na vore gekom. Regoor Suid-Afrika was daar wye reaksie. Daar was die lidmate wat gevoel het die twisgeskryf binnekort in 'n kerkstryd kon ontaard.

5.3.2 VERLOOP VAN GEBEURE RONDOM STUDENTE SE KLASAANTEKENINGE

In die derde kwartaal (Sept.) van 1944 het 'n hele aantal teologiese studente ds. JV Coetzee besoek met die vraag wat hulle te doen staan omdat daar volgens hulle 'n "dualisme in hulle opleiding" bestaan. Ds. JV Coetzee was die enigste predikant in Potchefstroom wat terselfdertyd

op die Kuratorium van die Teologiese Skool gedien het. Die studente het hulle aantygings teen De Wet met ds. Coetzee bespreek sonder om vooraf vir De Wet van hierdie handelinge te verwittig. Volgens Coetzee se getuienis het hy etlike dae in worsteling verkeer oor die wyse waarop hy aantygings moes beoordeel. Hy het besluit om die klasaantekeninge van die betrokke studente aan te vra om, soos hy dit stel, “myself sodoende op hoogte te stel van die inhoud daarvan”. Coetzee bevestig dat die studente sy aanvra van hulle aantekeninge “moeilik sou kon weier”. Coetzee het hierna die aantekeninge noukeurig deurgegaan en onderling vergelyk. Die studente wie se aantekeninge ter sprake was, is by name, D Kempff, SCW Duvenage, ZC Grobler, J Postma, GHJ Kruger, HA Louw, FW Buytendach, SJ du Plessis en AJ Pelser.

In November 1944 het Coetzee tydens die gewone Kuratorevergaderings die klagtes van die studente die eerste keer ter tafel gelê. (Die saak rondom die sluitingsrede, 27 Okt 1944 was toe ook alreeds aan die gang). Dit was nou reeds 6 maande nadat De Wet hom oor bepaalde aantygings en werkswyses rondom sy gepubliseerde meditasies en hoe dit beoordeel is, moes verweer. By die meditasies was Coetzee reeds ’n klaer saam met die twee ander redaksielede, ds. TT Spoelstra (voorsitter) en prof. S du Toit van *Die Kerkblad*. Weer is Coetzee prominent in die studente se klagtes. Coetzee stel dat hy in die teenwoordigheid van De Wet hierdie saak die eerste keer aan die Kuratorium voorgelê het. In dieselfde verslag het Coetzee aangedui dat hy reeds ’n breedvoerige ondersoek van die aantekeninge begin maak het en hoe sy bevinding met de vergelyking van verskillende studente se aantekeninge met mekaar ooreenstem.

Volgens Coetzee se getuienis was De Wet se onmiddellike verweer dat hy die juistheid van die aantekeninge betwis en dat “hy nie verantwoordelik is vir wat studente uit sy klaswerk opskrywe nie, dat die aantekeninge vals en leuenagtig is en dat die studente van so ’n lae intellektuele gehalte is dat hulle hom nie reg gerapporteer het nie”.

Coetzee het toe nog verder gegaan en na afloop van die November sitting van die Kuratorium met bepaalde predikante begin skakel wat reeds in die bediening gestaan het, maar wat kort tevore as studente nog klas by De Wet gehad het. Coetzee motiveer hierdie optrede as sou hy hierdeur in staat wees om nog beter vergelykings en kontrole te doen in reaksie op De Wet se ontkenning in die November 1944 Kuratorium - vergaderings. Die predikante met wie Coetzee aanvanklik geskakel het, was BR Kruger, predikant in Springs, PJ Coetzee, predikant in Benoni, GCP van der Vyver, predikant in Colesberg en later ook met die pas afgestudeerde NT Snyman, toe predikant in Oos-Londen.

5.3.3 SLUITINGSREDE VAN TEOLOGIESE SKOOL: 27 OKTOBER 1944

Intussen, nog voor die Kuratorium-vergaderings in November 1944 kon plaasvind om reeds ’n hele aantal sake rondom prof. De Wet te hanteer, was daar die volgende ongelukkigheid. Dit was die gebruik dat die dienende en uitgaande rektor, in dié geval De Wet, ’n sluitingsrede moes hou om die jaar se werksaamhede by die Teologiese Skool af te sluit. Die vraag wat De Wet as tema by hierdie afsluiting gestel het, was: “Is Kerkhervorming vandag nog moontlik?”

Opmerklik dat die kritiek wat hy in 1932 op die bestaande Afrikaanse kerkverbande uitgespreek het, weer met hierdie sluitingsrede na vore gekom het. Hy het 12 jaar terug in *“Die Wagtoring”* geskrywe dat die kerke hulle sou moes verootmoedig voor die Here en die Here smeek vir die gees van hervorming in sy Kerk. Daarmee saam het hy die metafoor gebruik dat daar nie tans ’n tydsgees van geestelike hoogwater beleef word nie, maar het hy gestel, dat dit nou “geestelike laagwater” was.

Uitdrukkinge wat De Wet in sy sluitingsrede gebruik het wat veral kritiek ontlok het, was dat hy geglo het “hervorming” was ’n onmoontlikheid in enige van die drie Protestants Afrikaanse kerke. Daar sou nie “kerkherstel” kon plaasvind nie, maar daar sou weer “kerkstigting” moes plaasvind. In die slot van hierdie voordrag het De Wet, wat geklink het soos ’n oproep tot sy gehoor, gevra of daar nie uit al die kerke ’n uittrede sou moes plaasvind en oorgegaan word tot die stigting van wat hy genoem het ’n “Skrifkerk” .

5.3.4 KOLLEGAS TREE TOE TOT DIE GESKIL

Op 9 Nov. 1944 het prof. J Chr Coetzee ’n skrywe aan die skriba van die kuratore gerig waarin hy hom “as lidmaat van die Gereformeerde Kerk” verplig voel om ’n skrywe na aanleiding van die rektorale sluitingsrede te rig (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, Bylaag 10 (by art 16)/44, 2.1.3.6.Nov. 1944). Sy besorgdheid handel veral oor drie punte: die feit dat De Wet gesê het die kerk, insluitende die GKSA, was mensverankerd, kerkisties en fariseïsties. Hiermee saam dat De Wet dit as stelling uitspreek dat die GKSA moes hervorm maar nie kon hervorm nie. Die laaste punt waaroor die grootste besorgdheid ontstaan het, was dat daar gesê is uit “al drie die Afrikaanse kerke in SA moet ’n Skrifkerk gevorm of herstig word.”

Coetzee gee kennis dat hy ’n nadere verklaring hieroor verlang soos hy ook in sy skrywe aan die Kuratorium noem. Hy meld dat hy wel met prof. De Wet oor sy afleidings gepraat het en hom van sy skrywe ingelig het.

JD du Toit het op 14 November 1944 ten volle tot die saak toegetree en het dwarsdeur die saak ’n baie prominente rol gespeel. Eers het hy ’n dag voor die Kuratorium-vergadering met De Wet vergader, wat later blyk vir Du Toit geen gerustheid en broederlike gesindheid gebied het nie. Terwyl die Kuratorium - vergaderings in Potchefstroom net ’n aanvang geneem het, het Du Toit ’n persoonlike verklaring ingedien (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, Bylaag 11/44, 2.1.3.6.Nov. 1944). Hy stel dat hy “teenoor ’n kollega met wie ek jare lank saamgewerk het, nie mag swyg nie”. Dan maak Du Toit dit duidelik dat hy op verskeie aspekte van De Wet se sluitingsrede beswaar maak, soos dit gepubliseer staan. Hyself het nie die voordrag mooi kon hoor nie. Du Toit is veral gegrief deur die laaste deel waar daar staan dat ’n uittrede sal moet kom om ’n Skrifkerk te vorm. Du Toit sluit sy “persoonlike verklaring” af deur sy hartseer soos volg te betuig: “Inmiddels wens ek dit te betreur dat hierdie stem insae uittreding van die Teol. Skool uitgegaan het, die citadel van die Geref. Kerk”. Dan bevestig Du Toit dat hy hoop die Kuratorium sou spoedig ’n oplossing vind. As dit nie gebeur nie sou hy hom “op die Sinode moet beroep. As ook daar geen genoegdoening kom, sal ek my mandaat as professor aan die Teol. Skool in die hande van die kuratore lê”.

Op 16 Nov. 1944 het JD du Toit die saak nog verder gevoer. Hy was tydens die Kuratorium - vergadering teenwoordig waarin hy reeds ’n hele aantal vrae voorberei het wat hy as nadere verklaring aan De Wet voorgehou het. JD du Toit het benewens die vrae soos hierbo aangedui, ook 10 ander voorbereide vrae gereed gehad, waarvoor hy die opskrif gegee het: “Vrae i.v.m. met meditasies” . Prof. S du Toit het dieselfde werkswyse as sy pa gevolg en het op die 16 Nov. 1944 ook ’n stel vrae gereed gehad. Hy het dit bloot die opskrif gegee: “Vrae aan prof. De Wet”.

5.3.5 “MOEILIKHEDE AAN DIE TEOLOGIESE SKOOL”

Op die 16de November 1944 is daar ’n verdere dokument aan die kuratore voorgelê met die opskrif “Moeilikhede aan die Teologiese Skool” (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, 2.1.3.6, Bylaag 21/44, Nov. 1944). Hierdie dokument bevat reeds in getikte formaat die skrywe en vrae van J Chr Coetzee, die vrae van JD du Toit en S du Toit.

Dit is vroeg reeds opvallend hoe nougeset alle dokumentasie i.v.m. die saak van De Wet hanteer is om handgeskrewe dokumente en briewe so gou moontlik in getikte formaat oor te sit. Laasgenoemde dokument het egter nie net met die vorige stel vrae van die twee Du Toit-professore volstaan nie, maar het ’n stel vrae gemerk as Vrae C en D bygevoeg wat nog ’n ekstra 16 vrae bygevoeg het. Sommige vrae het oorvleuel en in totaal is daar oor die 30 vrae voorgelê. Dit wil voorkom of een van die ekstra vraestellers ds. JV Coetzee kon wees, wat sy eie vrae noukeurig bygewerk en bygevoeg het. JV Coetzee was op die stadium die enigste wat direk met die studente se aantekeninge begin werk het. Alhoewel Coetzee self ook ’n redaksielid van *Die Kerkblad* was en sekere vrae rondom De Wet se meditasies kon opstel was hy veral prominent in die studente se klagtes. Hy was die persoon wat die saak in ’n negepunt-klag na vore gebring en word aanvaar die meese van sy vrae het met die studente se aantekeninge verband gehou (GKSAA, JV Coetzee Versameling, Diverse, Geskrifte en Bylaes, 1944-1950).

5.3.6 REDAKSIE KOMMISSIE SE VERSLAG VAN GEBEURE

Op die 16 de November 1944 het die redaksiekommissie van *Die Kerkblad* (TT Spoelstra, S du Toit, JV Coetzee) ’n verslag van hulle werksaamhede aan die Kuratorium voorgelê. ’n Groot deel van die verslag is gewy aan die proses wat met die meditasies van De Wet gevolg is, toe dit klaarblyklik na dwaling begin lyk het. Die redaksie het aan die Kuratorium dit beklemtoon dat hulle as redaksie heeltemal eenstemmig met mekaar was in verband met die optrede sowel as in verband met die inhoud van daardie artikels (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, Bylaes, 2.1.3.6. Bylaag 30/44, Nov. 1944).

Tydens die lewering van die verslag is ook ’n onderhoud met De Wet gevoer. Die stenografiese weergawe van die onderhoud dui alreeds op groot spanning en verskille wat na vore gekom het. Die gesprekke was egter baie wyer as net die meditasies. De Wet het op verskeie aspekte groot ongelukkigheid geopenbaar wat hy telkens as “laakbare metodes” aangedui het in die wyse waarop daar teen hom opgetree is. Hy vind die redaksie se optrede met die voetnoot as laakbaar, so ook JV Coetzee se optrede wat agter sy rug die studente te woord gestaan het en met hulle aantekeninge begin werk het. De Wet betrek dan die hele Kuratorium by hierdie “laakbaarheid” omdat dit na sy mening duidelik was dat die Kuratorium nie die redaksie en die optrede van JV Coetzee as werklik laakbaar beskou het nie.

Verder voer De Wet in hierdie onderhoud aan dat daar eensydig gehandel word en dat selektief net briewe van lesers in *Die Kerkblad* geplaas is wat hom in ’n swak lig stel. Hy sou verkies dat

as daar briewe gepubliseer moes word, dit al die briewe moes wees. Daarna bevestig De Wet op geen onduidelike wyse sy weersin in hoe onaanvaarbaar hy die plaas van ’n voetnota onderaan sy een meditasie gevind het.

In die lang onderhoud kom ook heelwat teologies-dogmatiese sake voor wat op die einde die wese van die teologiese klag teen hom bevat het.

Op Saterdag 18 Nov. 1944 met die week se Kuratorium-vergaderings byna op ’n end, is weer ’n amptelike skrywe aan De Wet gerig (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, 2.1.3.6, Bylaag 27a/44, Nov. 1944). Dit handel daaroor dat die Kuratorium besluit het om met ’n subkommissie die saak verder te hanteer en dat hierdie subkommissie reeds ’n rapport saamgestel het na aanleiding van die broederlike onderhoud wat op 16 Nov.1944 plaasgevind het.

Die subkommissie het tegelyk aan De Wet gestel dat “noudat die vraagpunte skriftelik aan u voorgelê is, of u meen dat ’n antwoord daarop veel vroeër as 12 Jan 1945 ingehandig sal word”. Hulle stel die verwagting dat De Wet hulle op dieselfde dag voor 7:30 sou antwoord wanneer hulle weer sou vergader.

Intussen het dit aan die lig gekom dat benewens die spanning wat daar tussen die Du Toit-professore en De Wet aan die opbou was, was daar ook onmin tussen die studente (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, 2.1.3.6, Bylaag 1, Nov. 1944). Die Teologiese Studentevereniging (T.S.V.) het geskeur en die Senaat het soos volg berig: “ ... dat daar op die oomblik so ’n verwarring heers dat twee besture nou selfs op die bestuurskap aanspraak maak ...”

In dieselfde tyd het De Wet in ’n kort skrywe aan die redaksie van *Die Kerkblad* kennis gegee dat hy nie verder enige meditasies gaan skrywe nie (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, 2.1.3.6, Bylaag 7/44, Nov. 1944). [57] Kort hierna het hy in ’n skerp bewoorde brief die redaksie beskuldig van “huigelary” toe hulle hom wou bedank het vir al die jare wat hy hierdie “Meditasies” geskrywe het (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, 2.1.3.6. Nov. 1944).

[57] Ds. ASE Yssel het hierdie taak toe by De Wet oorgeneem. Dit het in *Die Kerkblad* ook nie meer as “Meditasies” bekend gestaan nie, maar was hierdie Skrifoordenkings voortaan bekend as “Bo berge uit...”

5.3.7 DE WET MAAK OMMESWAAI?

Op die 30ste Nov. 1944 het De Wet, wat beskou kan word as iets van ’n ommeswaai, besluit om die leerstellige vrae wat aan hom voorgelê is, nie te beantwoord nie (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, 2.1.3.7, Bylaag 14/44, Des 1944). Hy skryf aan die voorsitter van die kuratorium “die saak (waaroor die ‘Vraestelle’ handel) het my oorval: ek het nie behoorlike tyd vooraf kennis gekry dat daar besware teen my ingebring sou word nie en my gesondheidstoestand was sleg, ek kon die saak dus nie behoorlik oorweeg nie”.

Hy maak dit aan die Kuratorium baie duidelik dat hy net bereid sal wees om vrae na aanleiding van sy Sluitingsrede te beantwoord. Die rede wat hy voortdurend aangevoer het waarom hy nie bereid sou wees om op die ander sake (meditasies, studente-aantekeninge) enige vrae te beantwoord nie, was omdat daar “die mees laakbare metodes teen my toegepas is”. Hy stel dat as hy sou toelaat dat hulle hom op hierdie sake ondervra hy in werklikheid hierdie laakbare metodes sou goedkeur en hy sodoende “sy gewete verkrag” en daarvoor sien hy nie kans nie. Hy sou net bereid wees om op hierdie ander sake ondervra te word as die regte metodes gebruik sou word.

Hierdie verweer kan in sekere sin as ommeswaai gesien word. Tog is dit duidelik dat selfs met die “onderhoud”, waarvan De Wet nou beweer dat sy gesondheid nie goed was nie, hy dit duidelik gemaak het dat wat die meditasies en studente-aantekeninge betref, hy nie bereid was om die metode van werk en die materie as inhoud van hierdie sake van mekaar te skei nie. Hy het by die Novembermaand 1944 maand se Kuratorium-vergaderings genoem dat al sou hulle wag tot Novembermaand van die volgende jaar, sou hy nog nie geantwoord het nie.

In die ondersoek is indringend nagevors of De Wet besig was om van die inhoudelike van die klagtes weg te deins. Dit kom voor of hy alle ondersoeke van verkeerde metodiek (prosedurele onreg) beskuldig.

5.3.8 DESEMBER 1944: ’N MAAND VAN BAIE WOELINGE OM HIERDIE SAAK

Die skriba van die kuratore, ds. TT Spoelstra, het beslis sy hande vol gehad om al die korrespondensie en voorsorg tot behoorlike hantering van die saak in plek te kry. Na hulle De Wet se brief (30 Nov. 1944) met bepaalde voorwaardes ontvang het, skryf Spoelstra op 1 Des. 1944 nie alleen aan De Wet ’n erkenning van ontvangs van hierdie voorwaardes nie, maar was

hy en die voorsitter van die Kuratorium, ds. ID Krüger, op dieselfde datum reeds in korrespondensie. Spoelstra wys Krüger daarop dat dit hom voorkom of dit vir De Wet eintlik nie "gaan oor die saak nie", maar oor die "laakbare metodes" (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, 2.1.3.7, Bylaag 17/44, Des 1944).

Op 5 Des. 1944 skrywe De Wet weer aan die Kuratorium as bevestiging, van sy eie onderstreping: "Ek het sekere kondisies gestel ... wat my sluitingsrede betref is ek (volgens punt a) van my brief dato 30/11/44 bereid om 'n samespreking te hê. Wat sekere meditasies en my doseerwerk aan die Teol. Skool betref (punt b) van my brief dato 30/11/44 bly ek nog by my kondisie wat daar gestel is" (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, 2.1.3.7, Bylaag 13/44, Des 1944).

Dan verklaar De Wet hom bereid dat hierdie samespreking iewers in die middel Desember kon geskied, maar bevestig hy dat vanweë gesondheidsredes dit alles in Potchefstroom sou moes plaasvind (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, 2.1.3.7, Bylaag 14/44, Des 1944).

Op 7 Des 1944 dien 'n skrywe van die skriba (aan die Kuratorium) as bevestiging dat Dinsdag 19 Des. 1944 as datum vir die spesiale Kuratorium-vergadering vasgestel is (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, 2.1.3.7, Bylaag 19/44, Des 1944). In dieselfde skrywe maak die skriba dit duidelik dat regsadvies m.b.t. die Sinode wat voor die deur was, reeds verkry is. Die advies is verkry in "'n poging om 'n 2de Sinode te vermy. Die vergadering is belê vir 9 uur by die Teol. Skool-saal in Potchefstroom.

Op die 13de Des. 1944 word weer 'n brief aan CJH de Wet geskryf ter bevestiging van die 19de Des. se spesiale Kuratorium - vergadering. Die brief sluit af met: "Alle korrespondensie sal aan die Kuratore wat alleen daarop kan ingaan, voorgelê word" (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, 2.1.3.7, Bylaag 14/44. Des 1944).

Voordat De Wet hierdie brief, op 13 Des 1944 geskryf, kon ontvang, was daar 'n handgeskrewe brief van hom gedateer 12 Des. 1944, waarin hy nou, ten minste vir die derde maal, sy voorwaardes tot samespreking bevestig (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, 2.1.3.7, Bylaag 14/44. Des 1944).

5.3.9 SPESIALE VERGADERING KURATORIUM: 19 DESEMBER1944

Hierdie buitengewone vergadering deur die Kuratorium in Potchefstroom byeengeroep, het met baie oor en weer korrespondensie plaasgevind. (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, 2.1.3.7, Bylaag 20/44. Des 1944). Dit was ’n vergadering wat ’n belangrike wending in die hele saak gebring het. Dit was gou duidelik dat die partye in die geding in groot spanning met mekaar verkeer het.

Die konstituering van die vergadering het nuwe rolspelers na vore gebring. Ander administratiewe reëlings is getref, o.a. twee dames, mee. Botha en Jooste, is aangestel om as stenograwe tydens die vergaderings op te tree. Die motivering vir die stenograwe se teenwoordigheid was volgens Spoelstra “ter beskerming van prof. De Wet asook die Kuratorium.”

Volgens die notule is die twee dames reeds by konstituering onder eed geplaas nl. dat hulle “’n belofte van geheimhouding” moes aflê (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, 2.1.3.7, Bylaag 20/44. Des 1944). ’n Ander belangrike gebeurtenis voor die saak ter tafel gekom het, was dat op versoek van ds. ASE Yssel “die ondertekeningsformulier gelees moes word”.

Alhoewel die voorsitter laat notuleer het dat die vergadering eintlik net ’n voortsetting van die Novembermaand vergadering was (art 2 notule), is prof. Ferdie Postma as Rektor van die P.U.K. vir C.H.O en as deel van die Senaat van die Teol. Skool op die vergadering verwelkom.

De Wet was ontevrede oor die stenograwe, sowel as prof. F Postma se teenwoordigheid op die vergadering (GKSAA, JV Coetzee Versameling, Diverse, Geskrifte en Bylaes, Bylaag 44/1, 1944-1950). De Wet het beswaar gemaak dat daar enige persone op die vergadering was wat nie aan die Kuratorium behoort nie. Postma het gemeen omdat hy lid van die Teologiese Senaat was, hy teenwoordig mog wees, maar was bereid om wel die vergadering te verlaat, wat hy dan ook gedoen het. Die twee ander teologiese professore, te wete prof. JD du Toit en prof. S du Toit was ook op die vergadering teenwoordig. Oor JD du Toit was daar ook bepaalde vrae, maar De Wet het van die begin af ingestem dat hy teenwoordig mog bly. Du Toit het homself as “beswaarde” beskryf en hy was bereid om net die deel van die vergadering by te woon as dit oor sy beswaar handel. Die vergadering het egter anders geoordeel (JV Coetzee-versameling). Opmerklik dat Krüger hierdie vergadering beskryf het as ’n “broederlike samespreking”.

'n Ander rolspeler deur die Kuratorium betrek was adv. F. Rumpff.[58] TT Spoelstra het reeds by konstituering laat blyk dat hy as skriba vir Rumpff betrek het rakende wetsadvies i.v.m. prosedure.

Toe die sake ter tafel geneem is vir die vasstelling van die agenda het die Kuratorium besluit dat hulle "aan die hand van die punte in die stukke wat aan dr. De Wet gestuur is oor te gaan tot 'n samespreking". Dit lyk op die stadium of daar gepoog is om nie gehoor te gee aan die sake waaroor De Wet (ten minste reeds drie maal) gesê het hy nie bereid sou wees om dit enigsins te bespreek nie.

Die notule laat blyk dat daar tydens die vergadering eintlik maar 'n dooiepunt bereik is. In die historiese verloop is daar aan die einde van die vergadering ten einde laaste besluit dat lede uit die Kuratorium in samewerking met adv. F. Rumpff 'n konsep-voorstel sou voorberei. Hierna het die Kuratorium vir PJS de Klerk, SJ van der Walt, DG Venter, weer in oorleg met adv. Rumpff aangewys. Die skriba sou so gou moontlik die afskrif van die voorstel aan De Wet besorg. Dit het ingesluit dat De Wet spoedig verwittig moes word dat 'n voordrag tydens die Sinode gemaak sou word. Die Sinode sou dan verder oor hierdie saak moes oordeel.

Die voorstel van die subkommissie soos deur die Kuratorium goedgekeur, was reeds op 20 Des. 1944 aan De Wet deurgegee. Dit het ingesluit dat nog die Redaksiekommissie, nog die optrede van Coetzee en al die ander kuratore rondom die studente-aantekeninge *mala fide* bedoelinge gehad het.

Op dieselfde dag, maar in 'n aparte skrywe, is daar aan De Wet deurgegee "dat die eerwaarde Kuratore in sy vergadering van 19 Desember 1944 besluit het om 'n voordrag te maak aan die Generale Sinode wat DV sitting neem op Potchefstroom op 25 Januarie 1945 en volgende dae in verband met u voorstelling van sekere leerstukke. Hierdie voordrag sal hoofsaaklik dieselfde veld dek, as die vraagpunte aan u gestel in ons skrywe van 18 November 1944".

5.3.10 DE WET DIEN BESWAARSKRIF IN BY DIE SINODE VAN 1945

Net die volgende dag, 21 Desember 1944, het De Wet op bogenoemde skrywe geantwoord met erkenning van die ontvangs van al twee die bogenoemde skrywes. Dan voeg hy by: "Ek wens hiermee aan die Kuratorium kennis te gee dat ek 'n beswaarskrif by die volgende eerwaarde

[58] Adv. F Rumpff was ID Krüger, voorsitter van die Kuratorium, se skoonseun omdat hy met ID Krüger se dogter, Monica getroud was. Rumpff was die seun van ds. Derk en mev. Femke Rumpff.

Sinode gaan indien teen die handelinge van die Kuratorium teenoor my persoon en werk. Ingesluit 'n kopie van die beswaarskrif".

Dit is duidelik dat De Wet onmiddellik werk gemaak het van hierdie beswaarskrif om dit so gou moontlik gereed te kry. Die beswaarskrif, wat hoofsaaklik drie gronde bevat en waarteen De Wet by elke geleentheid nog sy besware geopper het, was elke keer "die laakbare metodes" wat gevolg is. Dit handel oor die laakbare metode van die redaksie van *Die Kerkblad* met die meditasie; die laakbare metode van JV Coetzee met sy doseerwerk aan die Teol. Skool en hoe hy toegelaat het dat die teologiese studente uit sy klas by hom "nuus gaan aandra het" en dat Coetzee aan hulle 'n gunstige oor verleen het. Die beswaar sluit in hoe Coetzee ook sy klaswerk "deursnuffel" het - Dit alles agter sy rug. Die laaste grond van beswaar is gerig teen die besluit van die Kuratorium om hom rondom sekere leerstukke aan te kla "vir kettery". Volgens hom geskied hierdie aanklag sonder enige "geldige gronde of bewyse".

5.3.11 KURATORIUM SE VOORDRAG AAN DIE SINODE 1945

Op die 23ste Desember 1944 het die Kuratorium hulle voordrag aan die Sinode gereed gehad en dit is op 26 Desember 1944 met 'n gewaarmerkte kopie aan De Wet gestuur, daar die Sinode op 24 Januarie 1945 sou begin. Dit het aan De Wet omtrent presies een maand tyd gegee om hom op hierdie sake voor te berei. Die sake soos reeds dikwels aangetoon word in 'n volledige skrywe uiteengesit. Hierin is alreeds deur die skriba van die kuratore, TT Spoelstra, 'n goeie historiese raamwerk verskaf oor hoe die saak verloop het.

In dieselfde skrywe versoek Spoelstra dat die oorspronklike kopie van die sluitingsrede aan hom voorsien word in die lig daarvan dat De Wet gestel het dat daar bepaalde foute was soos die sluitingsrede elders gepubliseer staan. Spoelstra bied aan dat hy hierdie kopieë sou vermeerder want hy voorsien dat aan elke afgevaardigde tydens die Sinode 'n afskrif van die rede gegee sou moes word. Dit is duidelik dat hierdie voordrag van De Wet in Oktober 1944 'n wesentlike deel van die saak uitgemaak het. Die inhoud van die voordrag bring baie duidelik die nege gronde van die klagte na vore, waarin aanvaar kan word, dat dit die wesentlike inhoud van die saak was waarbinne De Wet aangekla is.

- Hy word aangekla omdat hy in stryd met die leerstuk aangaande die Filioque aan die studente die dwaling geleer het, nl. dat die Heilige Gees alleen van die Vader uitgaan en nie ook van die Seun nie.

- Hy word aangekla aangaande die nature van Christus dat hy aan studente geleer het dat in Christus twee persone en een wese is.
- Hy word aangekla aangaande die verkiesing en verwerping, nl. dat hy aan die studente geleer het dat die Heilige Skrif nie direkte bewyse vir ’n ewige verkiesing en verwerping gee nie, dat die mens homself verwerp in Adam en dat die verworpenes mense is wat daar nie moes gewees het nie, terwyl die uitverkorenes mense is wat daar sou wees as daar geen sonde was nie.
- Hy word aangekla aangaande die erfsonde, nl. dat hy geleer het dat die erfsonde nie deur God toegereken word in die weg van die verbond nie.
- Hy word aangekla aangaande die Belydenisskrifte, nl. dat hy die gesag daarvan twyfelagtig voorgestel het.

Aangaande de Wet se meditasies wat in 1944 in *Die Kerkblad* verskyn het, het daar dan die drie aanklagte gevolg:

- Hy word aangekla omdat hy aangaande Job geleer het dat hy eers op die ashoop wedergebore is, wat in stryd is met die gegewens van die Skrif.
- Hy word aangekla omdat hy aangaande Jakob geleer het dat hy (Jakob) by Bet-el die Here net as lokale Here beskou het, wat in stryd is met die gegewens van die Skrif.
- Hy word aangekla omdat hy aangaande Melgisedek geleer het dat hy nie priester van die ware God was nie, wat in stryd is met die gegewens van die Skrif.

Die laaste wesentlike grond tot ’n klag teen De Wet het berus op die sluitingsrede wat in Oktober 1944 aangebied is. Hierin word die klag soos volg met vyf onderafdelings uiteengesit.
Die sluitingsrede gee rede tot die klag want het De Wet beweer:

- Dat elkeen van die drie kerke in S.A. homself as die enigste ware kerk op aarde beskou het;
- Dat die Here ons aanbidding tussen die kerkmure nie kon aanneem nie omdat dit gehul was in die kleed van kerkisme en fariseïsme;
- Dat niemand hom blykbaar daaroor bekommer nie dat die ongeloof stelselmatig gekweek word nie;
- Dat kerkhervorming in S.A. onder sulke omstandighede ’n uitgeslote saak was;
- Dat die komende stryd sou losbreek op die punt van "ongeloof" in die kerk en die eis van sifting tussen geloof en ongeloof en geloof beteken persoonlike volle geloof, dit is

> persoonlik glo aan die volle Skrif en in die volle Christus van die Skrif en in die volle God van die Skrif.

Die samevatting tot hierdie laaste klag was dan dit waarteen die Kuratorium hulle veral opgestel het, omdat De Wet se gevolgtrekking in sy sluitingsrede was:

> " ... Alleen so 'n geloof kan weer "Christelike vryheid bring. Almal wat so glo moet en sal mekaar vind: uit al drie Afr. kerke. Sal hulle nie moet uittree en Skrif-kerk vorm nie? Dit sal die beslissende vraag wees."

Die Kuratorium het hulle voordrag (aanklag) aan die Sinode afgesluit "dat hierdie punte so algemeen gestel ag ons in stryd met die "Openlike verklaring van die Geref. Kerke".

Op 13 Januarie 1945, bykans 10 dae voor die aanvang van die Sinode, het die skriba van die Kuratorium (op aanbeveling van adv. F. Rumpff) andermaal aan De Wet geskrywe met wat hy noem daar "volledigheidshalwe" gehandel moet word en om "misverstand te voorkom". Dan wys Spoelstra daarop dat die Sinode gevra sou word om "die voordrag te ondersoek, die nodige getuienis in verband met die voordrag te hoor en sy bevinding en beslissing oor die saak te gee". Verder is in die skrywe dan op De Wet se teenwoordigheid aangedring omdat vir die behandeling van die saak hy teenwoordig sou moes wees. Die skrywe sluit af rakende die studente-aantekeninge. Hier staan: "Soos in die voordrag met enkele woorde aangedui is, sal klas-aantekeninge van verskillende studente oor verskillende jare, as bewys-materiaal gebruik word".

Intussen was daar tussen die lede van die Kuratorium ook 'n ernstige "haakplek". Ds. DG Venter wat as skriba vir die subkommissie gedien het om die saak namens die Kuratorium voor te berei was beswaard omdat hy van mening was daar wederregtelik sekere veranderinge aan die konsep-voordrag gemaak is. Dit raak o.a. insette wat JD du Toit gelewer het. Die wysigings het skynbaar plaasgevind omdat Du Toit, na hy die dokumentasie van die Desember-vergaderings weer gelees het, sekere besware aan Spoelstra uitgewys het wat hy meen verkeerde formulerings was. Spoelstra het dit toe op versoek van Du Toit gewysig. Spoelstra verduidelik in 'n brief aan Venter op 12 Jan 1945 dat Du Toit as professor in Kerkreg oor sake geraadpleeg is en vandaar spruit die veranderinge.

Venter beweer daar was 'n magsposisie vanuit Potchefstroom wat stukke en sake ooreenkomstig eie handelinge wou rig en stuur. In besonder wou hy die skriba, ds. TT Spoelstra, van hierdie magsvergryp impliseer. Verdere oor en weer korrespondensie tussen die skriba, ds. Venter, en

ds. ID Krüger bewys dat die verwikkeling in ernstige lig gesien is. Gegewe die jaar-einde en die begin van ’n nuwe jaar was dit vir die skriba baie moeilik om na behore te korrespondeer. Dit het grootliks tot hierdie gebeure aanleiding gegee.

Daar is tussen die partye besluit om so gou moontlik te vergader om uitsluitsel te verkry. Dit sou voor die Sinode moes plaasvind. Die onenigheid is die oggend voor die Sinode begin het, heeltemal uit die weg geruim. Volgens Spoelstra het hy net die kerkregtelike korrektheid getoets van twee konsepte wat op daardie stadium ter oorweging was om aan die Sinode voor te lê. Spoelstra bevestig dat daar in alle geval nog geen finaal goedgekeurde dokument was, voordat die Kuratorium dit nie in geheel dit alles goedgekeur en saam tot ’n afgehandelde offisiële dokument besluit het nie. Venter se beswaar was in wese voortydig.

5.3.12 SINODESITTING 24 JANUARIE 1945 EN VOLGENDE DAE

Op dieselfde dag as wat die Sinode begin het, het die Kuratorium eers weer ’n spesiale vergadering gehou. Dit was die derde vergadering in ’n kort tyd, soos deur voorsitter, ID Krüger, opgemerk “dat dit sekerlik nog nie veel gebeur het nie”.

Die moderamen wat vir hierdie 28ste Sinodale vergadering in die geskiedenis van die GKSA verkies is, was ds. ID Krüger (ook voorsitter van die Kuratorium), ds. DN Kotzé (vise-voorsitter), dr. JP Jooste (skriba - ook kurator) en dr. BJ de Klerk (adjunk-skriba). Opmerklik dat twee van die lede van die moderamen ook as kuratore reeds ten nouste met die De Wet-saak gemoeid was.

Op Vrydagoggend, 26 Januarie 1945, het die De Wet- saak vir die eerste keer op die tafel van die Sinode gekom. Sake is *in camera* hanteer waartydens die voorsitter van die vergadering, ds. ID Krüger, vanweë sy betrokkenheid by die saak die stoel as voorsitter aan ds. DN Kotzé oorgegee het. Die moderamen ondergaan verdere veranderinge want WJ Snyman het toe ondervoorsitter geword, BJ de Klerk skriba en PGW Snyman is as adjunk-skriba aangewys.

Dit blyk daar was weer ongelukkigheid van De Wet se kant oor die teenwoordigheid van prof. F Postma op die vergadering, wat die Sinode kort tevore namens die Universiteit (Raad en Senaat van die P.U.K. vir C.H.O.) toegespreek het (Acta, 1945:55). Postma het, soos afgelei kan word, hierdie keer sterker op sy teenwoordigheid aangedring, as wat hy dit by die Kuratorium-vergaderings gedoen het. Hy wat deel was van die Senaat van die Teol. Skool het gemeen hier

teenwoordig te moet wees. Daar word dan ’n kommissie aangewys om op die saak in te gaan. Die kommissie was HJR du Plessis, PJS de Klerk en prof. S du Toit. Die kommissie moes nog staande die Sinode hulle ondersoek afhandel.

Nadat alle stukke reeds uitgedeel en aan die Sinode gestel is (Acta 1945:55-59), klaarblyklik ook in verkeerde volgorde, want eerste is die Kuratorium se voordrag deur die voorsitter gelees en daarna De Wet se beswaarskrif. Dan is na die sluitingsrede, met De Wet se toestemming, vermenigvuldig en uitgedeel. Alles was alreeds op die tafel en was reeds gestel toe daar klaarblyklik oor die volgorde van die vergadering, wat ’n groot saak van orde was, uitsluitsel moes kom. Art 45 (Acta,1945:59) stel dat “na lang bespreking wat gegaan het oor die orde wat gevolg moet word, kom die volgende ordevoorstel ter tafel...”. Dan word ’n kommissie van regsadvies aangewys wat uit 5 lede bestaan het “om saam met die moderamen die prosedure vas te stel wat gevolg moet word”. Die kommissie wat hiervoor aangewys is, is prof. JD du Toit, ds. A Duvenage, ds. JP van den Berg, dr. JM de Wet en dr. SP van der Walt (Acta, 1945:59).

Nadat ’n aantal ander sake toe afgehandel is, het die kommissie oor die volgorde, heelwat later die dag, weer tot die vergadering gekom met die regte voorstel: “Die kommissie beveel aan dat die beswaarskrif van prof. dr. CJH de Wet eerste aan die orde sal kom d.w.s. punte (a), (b) en (c), maar dat die eerw. Kuratore geleentheid gegee word om vooraf hulle verweer daarteenoor in gereedheid te bring” (Acta, 1945:79). In hierdie voorbereiding tot die verweer is besluit dat ID Krüger as voorsitter van die Kuratorium eers inleidend sou spreek en dan sou hy tegelyk, volgens die konsep aan hom voorgehou, die verweer teen punte a en b van die beswaarskrif voorhou. Dan is daar besluit dat in die verweer teen die derde beswaar van De Wet eers JV Coetzee toeligting sou gee rondom die saak van die studente-aantekeninge. Daarna sou TT Spoelstra sake rondom die meditasies hanteer. JP Jooste sou die beswaar rakende die sluitingsrede toelig en aan die einde sou ASE Yssel samevattend afsluit.

5.3.13 DE WET VERDEDIG SY BESWAARSKRIF

Op Maandagmôre, 29 Januarie, het De Wet toe die eerste geleentheid gekry om sy beswaarskrif toe te lig (Acta,1945:99). Uit die stenografiese gegewens blyk dat De Wet diep ongelukkig was, omdat hy nie vooraf die Kuratorium se verweerskrif teen sy beswaarskrif onder oë gehad het nie. De Wet stel dat hy ook tyd sou benodig om hom vanuit hierdie verweerskrif voor te berei. Dan stel De Wet dit ook: “Dit gaan oor metode, nie oor die inhoud nie”. De Wet vervolg deur te sê” “Die verweerskrif teen my beswaarskrif moet eers aan my oorhandig word en ek moet tyd hê vir

voorbereiding. Dis my heilige reg". In hierdie inleiding stel De Wet dat hy hom wel sou neerlê by die orde van die voorsitter maar hy beskou "dat dit nie reg is nie om met die saak te begin nie".

Dan tree dr. JM de Wet (op daardie stadium predikant van die Geref. Kerk Innesdal, Pretoria) ook toe tot die gesprek. JM de Wet beweer dat daar tydens die kommissie-vergadering duidelik uitgespreek is dat sowel die aanklaers as die verweerders van mekaar se stukke moes kon kennis neem. Dan volg JM de Wet met die woorde: "As u dit vrystel dat die kuratore na hulle goeddunke die materie kan behandel en nie net sover dit die prosedure raak nie, sal ek daarteen beswaar maak as meer behandel word".

De Wet het in die verdediging van sy beswaarskrif dit gestel en die hoop uitgespreek dat "ons padlangs sal loop". 'n Groot deel het nog weer vir hom gegaan oor die "laakbare metodes" wat die Kuratorium goedgekeur het. De Wet beklemtoon "dit gaan oor die kwessie van die manier van optrede". Daarna het hy vervolg deur in sy verdediging rondom die meditasies te sê dat dit "uit drie trappe" bestaan. Alles begin weer by die voetnoot wat hy beskou het as 'n "onverdiende belediging. Dis nie 'n metode wat in *Die Kerkblad* pas nie. Dit mag miskien by die publieke pers, maar nie in *Die Kerkblad* nie...". Hy verwys ook na die versoek dat hy hulle gevra het om dit nie so te doen nie, maar hulle het dit "in die wind geslaan". Die tweede "trap" gaan vir De Wet daaroor dat "die redaksie het gaan skryf. Hulle het die onderhoud bekend gemaak" Dan beweer De Wet weereens hoe hulle al in die inleiding die feite verdraaid voorgestel het, nl. dat hy sou gesê het dat hy reaksie sou verwelkom. De Wet stel dat sy bedoeling was dat hulleself "behoorlike artikels moet gaan skryf en dit nie aan my artikel koppel nie". Hierdie deel was De Wet se beklemtoning "hulle moes die inhoud van my gesprek reg gegee het". Die derde trap in De Wet se verdediging noem hy "toe het hulle voortgegaan en 'n reeks artikels geskryf en wel in die trant dat die anderkant teen my en vir hulle tel. By die lesers het hulle probeer die idee wek dat hulle reg is en ek verkeerd (ketters). Die redaksie het my in verdenking gestel van kettery. Hulle het die lesers beïnvloed. Dit is deur die Kuratore goedgekeur". As De Wet hierdie eerste deel van sy verdediging afsluit dan sê hy "as Evangeliedienaars wat as verstandige mense moet optree moes geweet het dat dit seermaak. Al twaalf briewe veroordeel die optrede van hulle. Dis duidelik 'n geval van prejudisering, Nou kom hulle my aankla".

Die punt b in die verdediging van sy beswaarskrif noem hy "die mees laakbare metode in verband met my doseerwerk". Dit handel oor die studente soos wat hy dit noem "agter my rug gaan nuusdra het. Hoe hulle gemeen het ek verkondig kettery..." Hy stel dat hulle na hom moes gekom het. Dan wys De Wet daarop dat selfs die Kuratorium hierdie toedrag erken het. "Hiermee erken

hulle dat hulle is op die verkeerde weg. Daar is 'n beter weg" De Wet herhaal dat "van studente is dit mees laakbaar. Ek beskou dit immoreel (in die betekenis van die woord) dat ds. Coetzee gunstige oor verleen het aan die nuusdraende studente". De Wet vervolg deur te vra of Coetzee bereid sou wees om te antwoord maar gaan hy "agter my rug om by die Kuratorium te gaan aankla. In die kerk mag dit nie gebeur nie, al geskied dit ook in die wêreld. Die kuratore keur dit goed omdat hy dit nie afgekeur het nie. Die Kuratorium gee toe dat hulle metode verkeerd is". Dan vervolg De Wet met punt c in die verdediging van sy beswaarskrif. Hy gee dit die opskrif "kettery". Hierin stel hy dat wanneer al die punte opgeneem is waarmee hulle meen hy in stryd met die Skrif en die konfessie mee gehandel het, dan was dit nie nodig om 'n mooi naam vir 'n lelike saak te gebruik nie. Op die stadium het daar uit die vergadering 'n uitroep gekom dat hy harder moes praat, hulle kon nie hoor nie. De Wet reageer deur na sy gesondheid te verwys omdat "my bors is sleg".

De Wet verwys in besonderhede ook na die optrede van J Chr Coetzee en JD du Toit. Van J Chr Coetzee stel hy dat hy het met sy besware na my gekom het. Volgens De Wet het hulle dit bespreek en Coetzee het gesê "goed ek sal gaan lees en sake oordink en u laat weet of ek na die Kuratore sal gaan. Sonder dat hy my weer kom sien het die saak by die Kuratore gaan bring".

De Wet stel JD du Toit se optrede ook in bedenklike lig omdat hy sy besware kom maak het die dag net voor die Kuratorium vergader het. Hy bevestig dat hy Du Toit nie kon bevredig nie en voeg hy by "dis hulle saak". Rondom Du Toit en J Chr Coetzee was De Wet se woorde baie skerp. Hy stel dat "as hulle iets anders daarin soek as wat ek daarin lê is dit hulle saak, maar dan verwag ek dat hulle my behoorlik vooraf kennis gee. Prof. Du Toit het gesê dat hy die rede nie gehoor het nie en nie kon hoor nie. Dan moet hy nie ander vervolg nie- as jy nie kan hoor nie". Hierdie deel sluit De Wet af deur te sê dat hy wou beklemtoon dat daar eintlik geen behoorlike samespreking voor die tyd was nie. "Dit is nie wat in alle reg en geregtigheid vereis word nie. Globaal kan ek sê: Ek het geen behoorlike kennis gekry nie dat die dinge opgedis sal word nie. Sake het my oorval".

In die historiese verloop het De Wet op die Sinode rondom die nadere verklaring wat van hom vereis kon word, dit gestel dat daar aan hom 'n vraelys van 31 vrae opgestel is om skriftelik te antwoord. Hy erken sy aanvanklike reaksie as hy sê "op die oomblik het ek nie gereageer nie". Dan vervolg hy dat hy gevoel het "... ek moet gaan eksamen skryf. My gesondheid was sleg. Ek kon dit nie oorweeg nie. Op 30 Nov. my brief gestuur. 'n Samespreking is nie 'n 'sameskrywing'

nie. ’n Mens verstaan tog nie wat ’n ander skryf nie. Wat help dit om te skryf? Die Kuratore wil van my ’n leerjonge maak wat eksamen moet skryf. Ek is al ’n bietjie te oud daarvoor ...” .

In die laaste deel van De Wet se verdediging het daar heelwat verrassende aspekte in die verloop na vore gekom. Hy noem die Kuratorium se voordrag wat nog gelewer moes word ’n “aanklagbrief”. Dan stel hy dat daar is geen geldige gronde of bewyse was nie. Die hof moet goeie gronde hê. Later kom die bewyse. Mag nie sommer uit willekeur aankla nie. Wat is nou die gronde waarop ek aangekla word”. Oor die doseerwerk stel De Wet dat alles gegrond is op aantekening van die studente en volgens hom was dit ongeldig. Hy was verder van mening dat “die aantekeninge van studente wil sê dat die kuratore nooit gehoor en gesien het nie. Hulle gaan af op wat ander sê. Dis hoor-sê – dis niks werd nie. Watter waarborg het hulle hiervoor? Die studente kan dinge inskryf wat hulle met opset inskryf. Dit beteken niks nie. Geen hof sal hiervan nota neem nie. Die Kerk van die Here ook nie. Trouens uit wat ek nou sien nl. dat ek so iets sou gesê het, waar die studente so sê is dit vir my ’n bewys dat hulle begripsvermoë uiters swak is, ek sien nou dat ek met groot kinders te doen het. Die aantekeninge is ’n ongeldige grond.” De Wet het daarna weer na sy meditasies teruggekeer en dit gestel dat die enigste grond wat daar beweer word is “my eksegese. Dis die Skrif maar die eksegese daarvan. Dis geen grond van beskuldiging nie. Ons belydenis lê nie ’n eksegese vas nie. Die Kuratore se eksegese is reg, al die ander is in stryd daarmee. Die Sinode het nog nooit so gesê nie. Van wanneer af is die Kuratore outoritatief? Ek bots met die Kuratore en nie met die Skrif nie. Ek ontken dat ek met die Skrif bots. Ek is nie bereid om ’n tradisionele naprater te wees nie.”

In die verloop van die verdediging van sy sluitingsrede stel De Wet aan die Sinode dat die beswaardes aan hierdie voordrag hulle eie interpretasie geheg het. Daardie vyf onderafdelings waaroor hy op grond van sy sluitingsrede aangekla is, beskou hy in alle gevalle as net hulle eie interpretasie. Hy sê dat “ ... hulle gee die interpretasie. Jy kan nie ’n ander mens se woorde interpreteer nie. Ek alleen en niemand anders kan dit verklaar. Dit wat betref my sluitingsrede”.

Hierna het De Wet seker van die skerpste uitlatings gemaak wat nie met die beswaarskrif of die voordrag van die Kuratorium direkte verband gehou het nie, maar wat in die verloop van die saak baie duidelik meegespreek het. De Wet beskou dit as sy “heilige plig” dit wat hy as diepste oorsaak van hier aanklag aandui. Hy stel dit dat in Potchefstroom waar hy woon en werk ’n ongesonde en sieklike groepsgees sou heers. De Wet isoleer homself heeltemal deur sy verdere motivering: “ ... en omdat ek nie bereid is kop in een mus met hulle te wees nie, daarom word ek beskou as die swartskaap, die sondebok en feitelik uitgeskuif. Dit rig hom in die laaste jare op

die kontraktuele verband. Ek stem nie saam met die meerderheid nie. Nou word ek bestempel as die opstruksiemaker, die dwarstrekker, die rusiemaker ...". Hy bevestig dan sy ware gevoelens as hy stel: "Ek eis my onverbiddelike reg. Van die P.U.K. is die twisappel in die Teol. Skool en Geref. Kerke gewerp. Ek verduur bitterheid en onreg. Ek is verontreg- my spreekreg is my ontneem. Ek is uitgeskel vir 'n opstruksiemaker. As 'n liggaam sulke metodes gebruik – kan jy verstaan dat dit 'n georganiseerde poging is om iets teen jou te kry en voor die Sinode te bring. Ek wil my gewete ontlug. Dis 'n benarde toestand. Om niks te kon sê nie. Ek het gevoel dit word vir my onmoontlik om nog te werk."

Hier kom ter sprake wat in hierdie hele historiese verloop nog nie eers een maal genoem was nie en dit wat hy hier as groot rede (en hartseer) rondom die verhouding tussen die Teol. Skool en die P.U.K. vir C.H.O. hanteer, soos hy dit sien. Hy het werklik geglo hy word eintlik "georganiseerd uitgewerk" . Dit is sekerlik ook nou duideliker waarom hy elke keer beswaar gemaak het oor die teenwoordigheid van prof. F. Postma wanneer die sake rondom hom (De Wet) self hanteer is. Postma het die belange van die Universiteit waarvan hy Rektor was, natuurlik voorop gestel. De Wet beleef baie spanninge rondom die voorgenome kontraktuele band (ooreenkoms) wat tussen die twee inrigtings op hande was.

5.3.13.1 DIE KURATORIUM VERWEER HULLE TEEN DIE BESWAARSKRIF

Volgens art 75 van die Acta (1945:99) het ds. ID Krüger dieselfde Maandagmôre die wyse van optrede van die Kuratorium verdedig. Krüger bevestig aan die Sinode dat dit "met innige leedwese is" dat hy hier staan. Dan voeg hy hierby "maar dit is omdat ons moet; omdat ons op die vergaderinge nie kon vorder nie". In die eerste deel wys Krüger daarop as De Wet beweer dat hy "nie kennis gekry het nie" dan was dit nie waar nie. Krüger se bewys was *Die Kerkblad*, van 19 Mei 1944 waar die Redaksie reeds die opmerking gemaak het dat hulle die saak by die Kuratorium sou rapporteer.

Krüger vervolg deur te wys dat "die Kuratorium tree op as 'n liggaam, nie persoonlik of individueel nie. Die moeilikheid het hom aan die Kuratorium opgedring. Die Kuratorium het alles probeer om dit uit die weg te kry, maar mag hom nie skuldig maak aan ontrou nie. Mag nie van die wagpos weghol nie: ons staan as wagters op die mure van die Teol. Skool. Aan ons is 'n mandaat gegee". Krüger het vir die Sinode uit die Teol. Skool-boekie die mandaat ten volle voorgelees. Dit gaan vir Krüger oor die behartiging van belange van die Teol. Skool. "Ons alle belange" stel hy dit. Dan wys Krüger verder dat hy op die vergadering vir De Wet daaraan herinner het dat hulle as

Kuratorium belas was met hierdie taak en dat die Kuratorium aan die Sinode verantwoording moes doen van sy opdrag. So bevestig Krüger dat die kuratore "het nie kans gesien om terug te staan nie. Ons is almal bedienaars van die Woord. Ons het almal 'n formulier onderteken. Ons mag nie toelaat dat verkeerde dinge verkondig word nie.Ook nie deur professore nie. Die Kuratorium is van oordeel dat die geagte professor gefouteer het". Dan wys Krüger ook op hoe sake histories verloop het. Hy stel dat hulle met die professor die saak vooraf bespreek het. Hy het nie toegestem nie. Hy wys hoe hulle daarop aangedring het dat dit nie 'n persoonlike saak was nie, maar "'n saak van die Kerk". Krüger bevestig dat hulle die opdrag van die Sinode 1936 (p 101 & 102) aangehaal het deur hom op die ondertekeningsformulier te wys.

Krüger het, nadat hy weer in besonderhede met die "Ondertekeningsformulier" gehandel het, daarop gewys dat hulle hoegenaamd nie "vervolgsugtig is nie". Hy stel dat as dit so was, moes "De Wet hier gesit het as 'n geskorste man". Dan bevestig Krüger hulle kerkregtelike posisie in die verloop van sake. Hy sê dat die Kuratorium die mag het om hom voorlopig te kon skors. "Die prof. het 'n opdrag, 'n heilige opdrag, deur u gegee en as hy enige beswaar het teen enige punt kan hy dit vir u tot u kennis gebring het". Krüger het in besonderhede die historiese verloop van sake deurgegee. Hy het ook gewys hoe De Wet elke keer gereageer het. Krüger stel dit: "Hy neem die houding in van ek sal dit doen en dit nie doen nie. Hy skryf die Kuratore voor". Krüger laat dit duidelik uitkom hoe die Redaksie van *Die Kerkblad* hom kans gegee het, hoe hy in die Kuratorium gevra is of hy weet hy wat hy doen, of hy bewus was dat hy die werk van die Kuratorium striem en hoe hy hulle op 'n dooiepunt gebring het. Dan wys Krüger hoe De Wet hierdie vergaderings verlaat het en wat vir hulle oorgebly het, was om rekenskap te gee van hulle rentmeesterskap. Oor De Wet se houding rondom ds. JV Coetzee was Krüger se afleiding wat De Wet vir homself uitgemaak het: "Coetzee jy is my vyand, jy vervolg my! Is dit 'n wonder dat 'n mens bang word- die studente word bestempel as mense van 'n baie leë intelligensie – maar tog slaag hulle 'met lof' op aanbeveling van die professor."

Krüger spreek iets van 'n verontwaardiging uit omdat hulle as Kuratorium wat waak vir die vreemde vuur op die altaar word hulle nou beskuldig is van laakbare metodes omdat hulle luister na senior studente wat bestem is vir diens in die Kerk.

Nadat Krüger nog weer op verskeie aspekte in die historiese verloop van die saak gewys het, het hy afgesluit:

> "Ten slotte wil ek net nog daarop wys dat die prof. leef in vervreemding in sy Kerk, vervreem hom van die Kuratore, van almal. Hy moet van alles kennisgewing kry, anders hou hy daar nie rekening

> mee nie. Moet die belangstelling dan net van een kant kom? Waar is die liefde van Christus wat die broederkring opsoek? Die saak sal ook deur ander toegelig word. Dis vir u om te oordeel of die Kuratore nodeloos, troueloos, sonder liefde opgetree het? Is dit laakbaar? Is dit die dank aan die Kerk van die geagte professor?"

Hierna het ds. JV Coetzee die volgende verweer rondom die studente hanteer. Dit het grootliks ooreengestem met wat reeds by herhaling in hierdie historiese verloop van gebeure aangedui is. Coetzee het wel weer bevestig dat hierdie studente manne was wat binne 2 jaar in die bediening van die Woord sou staan en wat dieselfde formulier sou moes onderteken. Hy bevestig ook weer hoe hy met hierdie saak geworstel het en niemand kon raadpleeg nie. Hy sê onder andere: "In die nag skrik ek met 'n skok wakker. Ek besluit toe om die aantekeninge van die studente na te gaan..." Nadat aan hom die vraag gevra is waarom hy nie die professor se aantekeninge gevra het nie was Coetzee se verweer dat hy dit nie aan hom sou gegee het nie. Coetzee voeg hieraan toe: "... dit gaan nie oor wat in sy diktate staan nie, maar oor wat hy sê".

Dan verwys Coetzee weer daarna dat hy in teenwoordigheid van De Wet sy besware op die Kuratorium-vergadering gebring het. Dit het nie agter sy rug gebeur nie. Omdat De Wet die studente so afgemaak het as "nuusdraers...agterklappers" stel Coetzee dat dit hom laat besluit het om ook die aantekeninge van predikante te vra. Hy sê: "Ek het lukraak gevra. Hulle het nie van mekaar geweet nie. Gekry vanaf 1932-1944. Aantekeninge oor Dogmatiek en Bybel Teologie". Toe het Coetzee in sy verweer teen die beswaarskrif daartoe oorgegaan deur aan die Sinode te sê: "Ek sal kortliks probeer aantoon wat die afwykinge was, waarteen beswaar gemaak is en wat as laakbare metodes bestempel is".

Op hierdie stadium het JM de Wet weer beswaar gemaak wat aanvaar kon word as 'n punt van orde. De Wet het gestel "dit raak die prosedure, as die tyd daar was, sou ons dit wil hoor- maar dit hoort nie nou hier nie. Ek vra die reg van die saak". Die voorsitter, ds. DN Kotzé het wel toe gereël dat Coetzee maar kan voortgaan. Toe Coetzee 'n tweede maal die leerstukke na vore wil bring, in besonder die saak rondom die Filioque-leer, het JM de Wet weer onderbreek en gesê: "Ek maak beswaar teen die prosedure. Die Kuratore moet 'n verweer skriftelik opstel- dit gaan oor die beginsel op die spel. Ek wil myself regverdig. Ek maak beswaar teen die reëling dat die inhoud van die saak geraak word". Op daardie stadium het ds. NH van der Walt 'n beroep op die voorsitter gedoen dat hy die orde moet reël. In dieselfde tyd het JM de Wet gestel dat "ek maak beswaar dat die materie van die saak behandel word". Toe het ds. JH Boneschans ook teëgewerp dat hy beswaar maak "dat lede van die kommissie onderling verdeeld is en die Sinode mislei sal word". Die voorsitter het toe weer gereël dat Coetzee kon voortgaan.

Die Kuratorium se verweer is toe deur TT Spoelstra verder geneem wat die saak rondom die meditasies hanteer het. Daarna het Jooste oor die sluitingsrede gehandel. Ds. Yssel het toe alles verder toegelig. Hy het toe ook gewaarsku dat De Wet nie mag poog "om nou net met 'n algemene opmerking, ontkenning die saak afdoen nie".

Op die einde het JD du Toit die woord geneem. Hy het die Sinode baie lank toegespreek. Hy het net nog die eerste deel van sy voordrag kon lewer toe daar besluit is om eers van die saak af te stap en die oomblik as die saak weer hervat sou word sou JD du Toit dan eerste weer 'n spreekbeurt kry. Op Donderdag 1 Feb. 1945 het Du Toit weer gepraat. Die Maandag het Du Toit begin deur aan die Sinode te sê:

> "Dit was die minste van my gedagte dat die Geref. Kerk nog 'n leerstryd sou moes deurstaan. Die Kerk is klein en dit is die suiwer leer wat hom saambind. Bowendien is 'n leerstryd altyd baie pynlik en onaangenaam. As jy egter nie kan swyg nie moet jy praat. Ek voel gedruk en sou liewer geswyg het, maar kan en mag nie.
>
> Ek hoor so veel spreek van metode en prosedure. Ek wil sê: Die klasse van die Teol. Skool moet haas begin en ek moet weet wat is gaande met die Teol. Skool. U kan my nie met metodes na die Skool stuur nie. Dit help my en die kerk niks. As ouers se kind in gevaar is dan red hulle hom en staan nie en praat oor metodes nie. Ek is nou 41 jaar aan die Skool verbonde. Amper 'n halwe eeu. Ek het in al die tyd nie die Skool in so 'n krisis gesien as waarin dit nou verkeer nie."

5.3.13.2 DE WET SE REPLIEK

Die repliek wat De Wet daardie Donderdag ,1 Feb 1945, kon lewer, na alles wat oor hom en sy saak gesê is, het hy begin deur te stel dat hy van mening was dat die Kuratorium in hulle verdediging meer sy persoon aangeval het as wat daar werklik met die saak gewerk is. Verder was hy van mening hy is nog meer verdag gemaak en daar is verder agterdog gesaai. Dan wys hy in besonder op die "toespraak" van ID Krüger. De Wet stel: "Byna die hele toespraak is gewy teen my persoon. Ek is eersugtig, 'n gemene wese soos ek hier geskilder is".

De Wet het die Sinode daarop wou wys dat JV Coetzee besig was met "karakteraantasting nl. dat ek aan die Teol. Skool sit vir 12 jaar en studente inspuitings gee teen die kerk- en enige hof sal hom vir karakterskending skuldig vind- Ek sal egter nie na die hof gaan nie". De Wet vra ook

die Sinode: “U kan oordeel oor die persoon wat so vuil spel speel. As dit so is as wat ds. Coetzee gestel het, dan sal ek vandag my prof. neerlê. Ek daag enige persoon uit dit te bewys”.

Daarna in sy repliek teen ASE Yssel meen De Wet dat Yssel probeer aantoon het dat hy wat De Wet is, het die saak publiek gemaak. De Wet is oortuig: “Wat dit publiek gemaak het, is die redaksiekommissie met sy reeks artikels”. Dan stel hy verder: “Hy (Yssel) beweer dat die Kuratore probeer het om my te spaar. As ek van hulle spaarliefde moes leef was ek al lankal dood. Daar is vyandskap en venyn. Ek het hulle spaar nie nodig nie, sal dit self doen. Ek eis net reg”.

Op JD du Toit se bydrae was De Wet se eerste woorde: “Ek wil my verbasing uitspreek dat die prof. in Kerkreg sê dat prosedure is van minder belang. Hy het die beeld gebruik van ’n kind wat in die put lê, dan moet (1) regte pad na put geneem word (2) op die regte metode afklim, nie sommer afspring nie. Dis eenvoudig bluf, ’n kerk moet orde handhaaf...eers handhaaf. Waar verdraaiing van orde is, kan geen reg plaasvind nie”.

Dan kom De Wet in sy repliek terug na die aspek van die studente-aantekeninge. Hy wys daarop dat die studente nie in besit was van sy diktate nie. Dit alles handel net oor aantekeninge. Hy wys weer daarop dat dit nie betroubaar kon wees nie, want die student skryf af wat hy wou. Daar is geen waarborg dat hulle reg was nie. Hy wys hoe daar dan eintlik met brokstukke van die geskrifte omgegaan is. De Wet spreek weer oor JD du Toit en sê dat hy hom verwonder dat die studente nie vroeëre gepraat het nie. De Wet gee weer die versekering dat hulle beslis mog praat maar nie agter sy rug om nie. Hy beleef dit as onchristelik. Dan weer die oproep: “Ons moet kerkregtelik suiwer bly”.

De Wet het verder rondom die studente-aantekeninge gevoel dat Coetzee wel selektief te werk gegaan het. Hy het net aantekeninge van sekere studente en sekere predikante gevra. De Wet vra dan die vraag: “Waarom nie al die aantekeninge van al die studente en al die predikante nie, wat my as ketter beskou. Ek kan ook ’n stapel byeenbring . Maar dit het geen bewyswaarde nie. Dit gaan nou al vir 12 jaar aan, volgens ds. Coetzee. Dis snaaks dat die Kuratore dit nou eers merk. Dat wagters elf jaar geslaap het en nou wakker skrik en die ketter voor die Sinode bring. Die vraag is: kan die wagters langer wagters bly!”. Waar dit gehandel het oor die verskillende leerstellige sake was De Wet se repliek dat “die Geref. Kerk het nog nooit ’n verklaring van sy konfessie gegee nie. Ook nie die of die persoon se verklaring geyk nie. Ek het niks met Kuyper of Bavinck te doen nie. Ek hou my aan die konfessie en aan die Skrif. Ek het reg om te verskil.

Ek het nooit beloof om hulle na te volg nie. Dis al wat ek beloof het, nl. te hou aan die konfessie en die Skrif. As ek met hulle saamstem gebruik ek dit. Om te sê dat ek die fondamente loswikkel is 'n vuige aantyging".

De Wet het verder oor die leerstukke en die manier waarop hy sy klasse aanbied uitgewei. Hy stel dat hy aan die studente genoem het dat dit "diep leerstukke" was. Dan voeg hy by dat "ek vir hulle dit alsydig behandel". De Wet gee ook bevestiging dat hy "wys nie net op die Geref. beskouing nie, maar ook op afwykende rigtinge. Ek erken dat ek krities teenoor allerhande opvattings staan. Gesonde kritiek is nodig. Daar moet ontwikkeling wees. As ons net napraat, stagneer ons. Ek was krities. My bedoeling was nie om die Kerk of die Skrif te raak nie".

De Wet wys nie net op sy klasmetode nie, maar ook sy praatmetode: "As ek beginne praat ek vinnig tot die einde- ek verbaas my dat hulle iets kon afneem. Ek verbaas my nie dat hulle verkeerde opvattinge kry nie. As ek hulle onder die verkeerde indruk gebring het, spyt dit my. Dit was hulle plig om my te kom vra. Ek sou dit toegejuig het, maar nou het hulle gaan nuusdra. Ek het aan prof. Du Toit en ander gevra hoekom hulle nie kom praat nie. Agter my rug om..."

De Wet het daarna in besonderhede ingegaan op die sake oor die Filioque-leer, die nature van Christus, die saak rondom verkiesing en verwerping, die erfsonde-kwessie en hoe hy hierdie leerstukke verstaan, hoe hy meen hy dit aan die studente geleer het en dikwels gewys op sake wat hyself in die leerstukke baie mee geworstel het. Daarna het hy sy meditasies (Job, Jakob-lokale Here, Melgisedek) aan die orde gestel, asook sy siening rondom die belydenisskrifte. Hy het daarna met die sluitingsrede (hy noem dit redevoering) wat ook groot onmin veroorsaak het, afgesluit. Hy stel dat dr. Jooste se toespraak hieromtrent "was maar tamelik flou..."

Daar was toe geleentheid tydens die Sinode vir vrae aan De Wet. Dit wil voorkom of die Sinodegangers redelik ruim daarvan gebruik gemaak het. Onder die vraestellers was broeders Hogendyk, Van Jaarsveld, Yssel, SJ van der Walt, M Postma, HJ Venter, Schutte, NH van der Walt, PGW Snyman, JD du Toit, I Lessing, JH Boneschans, S du Toit, Hollenbach, BJ de Wet, DCS van der Merwe, WF Venter, Van Ryssen, SP van der Walt, PJS de Klerk en skynbaar ook nog andere. Die geleentheid tot vrae is in die Acta (1945:157) apart weergegee waar daar dan ook staan "waarvan ruim gebruik gemaak is".

Die voorsitter het dit duidelik gemaak dat hierdie hele Donderdag (1 Feb. 1945) wat aan die saak afgestaan was, so gebruik is om te bepaal "of die kuratore rede gehad om te kom klae". Die

uitnodiging is toe gerig dat almal (professore en Kuratorium ingesluit) geleentheid sou kry om deel te neem aan die bespreking, “maar prof. De Wet sal alle geleentheid kry om te antwoord. Verder sal die moderamen die prosedure van stap tot stap vasstel” (Acta, 1945:157).

5.3.13.3 UITSPRAAK OOR DIE BESWAARSKRIF

Op Vrydagoggend, 2 Feb. 1945, is op voorstel van ds. JA Schutte en ds. CE Malan besluit om die beswaarskrif van De Wet en die voordrag van die Kuratore na ’n kommissie te verwys, “’n voorstel hieroor te formuleer en aan die vergadering voor te lê” (Acta, 1945:157). Die kommissielede wat opdrag ontvang het om met die saak na die Sinode terug te kom was WJ Snyman (sameroeper), JM de Wet (rapporteur), ELJ Venter, JP van der Berg (almal predikante) en ouderlinge was BJ de Klerk (Theunissen),CJH Schute en CJH Pretorius. Dit is opmerklik dat al twee die sake na dieselfde kommissie verwys is vir verdere hantering.

Die uitdaging aan die kommissie was om te handel met twee selfstandige sake. As die kommissie die saak sou benader asof hulle eintlik net met één saak handel, is daar ruimte geskep vir regskrenking. Dit sou so maklik wees om die beswaarskrif eintlik maar gewoon in die lig van die voordrag van die Kuratorium af te wys en in wese net met die Kuratorium se saak, verder die hele vergadering se besluite in ’n bepaalde koers af te dwing.

Op Saterdag, 3 Feb. 1945, het die kommissie die eerste van die twee opdragte kon afhandel wat moes besluit oor die beswaarskrif van De Wet. Die rapporteur was JM de Wet. Die kommissie wat die beswaarskrif moes ondersoek se rapport is aanvaar waarvan die uitspraak was dat De Wet nie op enige van sy beswaargronde geslaag het nie.

Die kommissie het wel geoordeel dat “die beste weg sou gewees het dat die redaksie-kommissie van *Die Kerkblad* die meditasies waarin betwisbare beskouings voorkom, nie geplaas het nie”. Nogtans het hulle De Wet op hierdie eerste grond nie gelyk gegee nie, want hulle aanbeveling was omdat De Wet wel die mandaat gehad het om die redaksie tot publisering te verplig, daarom het die kommissie in die besondere geval geoordeel dat “die plasing van 'n voetnoot nie laakbaar genoem kan word nie.” Die kommissie het terselfdertyd geoordeel dat waar De Wet beweer het dat die redaksie die onderhoud met De Wet verdraaid voorgestel het, dat hy hierdie punt nie kon bewys nie. Die kommissie was terselfdertyd van oordeel dat De Wet se bewering dat die redaksie sekere dele van hulle onderhoud met De Wet in die inleiding van hulle artikelreeks verswyg het, prof. De Wet nie werklik benadeel is nie. Weereens was daar volgens hulle geen bewys dat die

voetnoot op die wyse De Wet kon benadeel nie. Steeds in die raamwerk van die meditasies het die kommissie geoordeel dat die artikelreeks op sigself nie laakbaar genoem kon word nie, want De Wet het self die redaksie-kommissie uitgenooi en hiermee die reg gegee om op sy meditasies te reageer. In verband met die verdere beswaar wat De Wet gemaak het dat hy hierdeur in die kerkverband onder verdenking gestel is, het hulle hom ook nie toegegee nie, want die aard van die saak bepaal in alle geval dat standpunt teenoor standpunt gestel sou moes word.

Die tweede afdeling van beswaar in verband met die laakbare metode van JV Coetzee met die studente-aantekeninge beweer, bevat 'n tweeledige aanbeveling. Die kommissie was van oordeel dat Coetzee se optrede nie as verkeerd beskou kon word nie deurdat hy die klagtes van die studente ontvang en sodoende die besondere informasie van hulle verkry het nie. Die kommissie het wel sy besorgdheid uitgespreek dat Coetzee op sy eie die saak verder gevoer het en nog aantekeninge opgevra het, sonder dat hy die mandaat/opdrag daarvoor ontvang het.

I.v.m. die derde afdeling van De Wet se beswaarskrif, wat ook in die geheel afgewys is, bevestig die kommissie dat die Kuratorium die volle reg het om van De Wet 'n nadere verklaring van sekere leerpunte te vra. Die saak waaroor die Kuratorium hom wou ondervra handel in alle geval oor gewigtige aspekte van die Gereformeerde leer. Die kommissie het hierin dan ook reeds geoordeel dat al nege die sake as gewigtige sake in die leer beskou moes word.

Op die voorstel van prof. G Dekker en gesekondeer deur ds. M. Postma is die rapport so goedgekeur. Die saak is toe verder na die Kuratorium verwys om staande hierdie vergadering af te handel. Hulle opdrag was om te handel "volgens sinodale besluit 1936, art 100". Die voorstel is toe verder met "algemene stemme" aangeneem. (Acta,1945:161). Dit het eenvoudig daarop neergekom dat daar volgens die Ondertekeningsformulier met die saak gewerk moes word. Dit moet in gedagte gehou word dat die kommissie die ander deel van hulle opdrag nog moes afhandel om met die voordrag van die Kuratorium te handel. Dit moes ook staande die Sinode gebeur.

5.3.14 KONTRAKTUELE OOREENKOMS TUSSEN TEOLOGIESE SKOOL EN P.U.K.

Daar is vroeër reeds aangetoon dat De Wet die kontraktuele ooreenkoms wat staande die Sinode gefinaliseer moes word, as 'n groot faktor in die saak teen hom beskou het. Hy het hieroor sterk uitsprake gemaak en dat hierdie ooreenkoms eintlik daartoe bygedra het dat hy toe as 'n "swartskaap en as sondebok" uitgeskuif is. Hy is teen die ooreenkoms in sy huidige voorstel

gekant en daarom het sy kollegas hom as die “opstruksiemaker, die dwarstrekker, die rusiemaker” beskou.

Die ooreenkoms het in sy vroeëre vorme wel bepaalde samewerking tussen die Teol. Skool en die P.U.K. vir C.H.O. bepaal, wat vanaf 1936 reeds in plek begin kom het. De Wet het daarmee saamgewerk en hy was gewillig om daarin saam te werk. Die vorige Sinode in 1942 het nog weer tot verdere reëlings ooreengekom. So was dit geen geringe taak om die verhouding tussen die twee Inrigtings uit te bou nie. In 1945 het hierdie samewerking eintlik so uitgegroei dat daar besluit is om in die verhoudinge toe kontraktueel in ’n ooreenkoms vas te lê. De Wet en PJS de Klerk het dit teen hierdie kontraktuele verband gehad wat toe staande die Sinode voorgestel is.

Die voorstel geskied 75 jaar nadat daar in 1869 in die GKSA met selfstandige teologiese opleiding begin kon word. Daar is met groot dankbaarheid teruggekyk, oor ’n tydperk van 75 jaar waarin teologiese opleiding uit die GKSA op so ’n unieke wyse kon voortgaan. Dieselfde Sinode het op Dinsdag, 30 Januarie 1945, (Acta, 1945:128) hierdie mylpaal gevier deur die hele dag van die Sinode aan hierdie jubileum-vieringe te wy. Opvallend is dat De Wet se oudste kollega, die ander teologiese prof., JD du Toit, met hierdie verrigtinge uitgesonder en ’n gelukwense aan hom en ds. GHJ Kruger gemaak is rondom hulle 40 jarige ampsbediening.

Opmerklik dat die naam van De Wet in die feesverrigtinge nêrens voorkom nie, alhoewel hy op die stadium reeds 21 jare van sy lewe voltyds met teologiese opleiding besig was. Alles staan in skrille kontras met die groot waardering vir JD du Toit se werk en teenoor hom, die krisis en neerhalende wyse waarmee daar met De Wet in sy werk mee gehandel moes word. Dit is waarskynlik ’n bevestiging van De Wet se gevoelens oor die mate waarin hy reeds, soos hy dit gestel het, “uitgeskuif word”.

Ná die fees, vyf dae later op 5 Februarie 1945, moes besluit word of die ooreenkoms tussen die “twee Inrigtings” moes plaasvind of nie. Met ’n groot meerderheid het 10 van die 12 lede van die deputaatskap se name in die meerderheidsrapport gestaan, wat aangedui het dat hulle sterk gestaan het ten gunste van so ’n nuwe ooreenkoms. By die minderheidsrapport, wat so ’n ooreenkoms sterk afgewys het, het net twee name, dié van PJS de Klerk en CJH de Wet, gestaan.

Toe daar in die voortgang van sake gestem moes word, het die Sinode van 1945 die minderheidsrapport van De Wet en De Klerk “met groot meerderheid van stemme” verwerp (Acta,

1945:172). Dit is duidelik die saak van De Wet het nog ’n diepe seer (en terugslag) in homself meegebring.

5.3.15 KURATORIUM SE VOORDRAG EN DE WET SE BEVESTIGING

Op Dinsdag, 6 Februarie 1945, het die saak van De Wet tydens die Sinode ’n aanvanklik meer positiewe wending begin neem. Dit was duidelik die Kuratorium het hard aan hulle opdrag moes werk en die voorsitter van die Sinode, ds. ID Krüger, was lang tye nie in die vergadering nie, en daar kan aanvaar word dat hy en die Kuratorium indringend met die saak van De Wet besig was (vgl. Acta, 1945:182). Die vise-voorsitter, ds. DN Kotzé, het as voorsitter talle “normale sake” in die Sinode laat voortgaan en baie besluite is onder sy voorsitterskap geneem.

Op die middag van 6 Februarie 1945 het die kommissie wat met die beswaarskrif en die Kuratorium-voordrag moes handel, na die Sinode teruggekeer met die grootste deel van hulle opdrag, op 2 en 4 Februarie aan hulle gegee (Art 156), om “volgens sinodale besluit 1936, art 100” met De Wet te handel, uitgevoer. Dit het alles ingesluit wat ooreenkomstig die Ondertekeningsformulier tussen die Kuratorium en De Wet mee gehandel kon word. Met die rapport het die voorsitter van die Kuratorium, ds. ID Krüger, eers namens die Kuratorium ’n voordrag gelees wat verband gehou het met die werk van De Wet (Acta, 1945:184).

Dit is in die Handelinge volledig as bylaag 7 vervat en lui soos volg (Acta, 1945: 216):

> “Die Kuratorium wil in aansluiting by u genome besluit van verlede Saterdag, in sake prof. CJH de Wet die volgende voordrag by u indien, naamlik dat prof. CJH de Wet, volgens objektiewe getuienis, soos voorhande in die bewuste meditasies, studente-aantekeninge en sluitingsrede, bewus of onbewus geleer en geskrywe het, wat volgens mening van die Kuratore strydig is met die H. Skrif en Belydenisskrifte – ‘sien voordrag van die Kuratore’- 23 Desember 1944. Oor hierdie voordrag word die eerwaarde Sinode se oordeel nou gevra.
>
> Verder wens die Kuratore te rapporteer dat ’n onderhoud met prof. CJH de Wet gehou is in ’n broederlike gees en oorhandig aan u ’n geskrewe stuk wat van die geagte professor ontvang is “

In die voorlopige rapport het daar baie meer positiewe getuienis na vore gekom. Vir die eerste keer het De Wet ingestem om beter en meer inskiklike samewerking te gee. Vir die eerste keer sedert die saak tot ’n bepaalde punt gebring moes word, kon daar deur die voorsitter van die Kuratorium gemeld word dat die onderhoud “in ’n broederlike gees” kon plaasvind. Dit kom voor

dat direk nadat Krüger hierdie voorlopige rapport wat hy namens die Kuratorium kon voorgehou het, De Wet daartoe oorgegaan het, sonder dat daar enigiets daartussen gebeur of besluit is, om ook sy voordrag skriftelik en mondeling voor te hou. Hierdie verslag het die opskrif verkry van die "Bevestiging" van De Wet. Dit is as Bylaag 8 in die Handelinge van 1945 se Sinode volledig vervat (Acta, 1945:217).

In hierdie "Bevestiging" het De Wet hom soos volg uitgespreek:

> "...Ek wens hiermee te bevestig wat ek in verband met die nege geskilpunte (kyk stuk van Kuratorium) verklaar het:—
>
> 1. *Filioque:* Ek het die pro-argumente eerste verduidelik en toe die kontra-argumente, Ek het gesê die laaste is taamlik sterk. maar ek verwerp dit en aanvaar die Filioque.
>
> 2. *Nature van Christus:* Ek het nooit geleer dat Christus 'twee persone en een wese' was nie. Ek het die leerstuk alsydig behandel en ek aanvaar die Konfessie heelhartig.
>
> 3. *Verkiesing en verwerping:* Ek het nooit geleer dat die Skrif nie direkte bewyse gee vir die verkiesing en verwerping nie: my reeks meditasies, oor verkiesing en verwerping weerspreek hierdie bewering. Ek het gesê dat die mens deur sy val in die paradys homself verwerplik gemaak het. Die uitverkorenes vorm die essensiële lede van die menslike geslag en sou daar wees ook as daar nie sonde was nie, soos hulle nou daar is al is daar sonde, want God se plan met die menslike geslag kan nie deur die sonde gewysig word nie. Die verworpenes is die formele lede van die menslike geslag. Die vraag of die verworpenes daar sou gewees het as daar nie sonde was nie het ek net in die midde gestel na aanleiding van Christus se uitspraak oor Judas, ens. Dis seker 'n saak wat nader ondersoek moet word.
>
> 4. *Erfsonde:* Die term 'erfsonde' is 'n minder gelukkig gekose term, omdat dit die indruk wek dat die bedorwenheid waarmee elke mens ontvang en gebore word net federalisties verklaar kan word, en ek meen dit moet ook realisties verklaar word, hoewel die federalistiese weg die basis vorm.
>
> 5. *Belydenisskrifte:* Ek het nooit die gesag van die Belydenisskrifte ondermyn nie. Ek het geleer dat hulle nie oordryf maar ook nie onderskat moet word nie. Die Belydenisskrifte is die naaste en die Skrif die laaste norm vir ons leer en lewe. As daar beswaar teen 'n artikel van konfessie gemaak word, dan moet die konfessie getoets word aan die Skrif. Ek aanvaar die Belydenisskrifte heelhartig.
>
> 6. *Meditasies:* Die meditasie oor Job (waarin ook oor Melgisédek geskryf is) beskou ek as vervalle, en die woorde in die meditasie oor Jakob wat verskil veroorsaak het, is ek bereid om te skrap.
>
> 7. *Sluitingsrede:* Ek het met hierdie rede bedoel om te waarsku teen wat ek as die grootste gevaar beskou, nl. die ongeloof wat openbaar word in kerkisme en fariseïsme. Verder het ek probeer om kerkeenheid te bevorder in die sin waarin ons Openlike Verklaring dit opvat, nl. dat alle ware gelowiges in een kerklike gemeenskap verenig mag word. Ek het glad nie bedoel om die Geref. Kerk te ondermyn nie.

Geteken CJH de Wet
6 Febr. 1945" (Acta, 1945: 217-218)

Direk na hierdie bevestiging het die voorsitter versoek "dat die tydelike moderam 'n oomblik apart gaan". Dit is toegestaan. Vgl. art 213 (Acta, 1945:185). Dit wil voorkom, sonder finale bewyse, alhoewel dit 'n wesentlike prosedure in die verloop van die saak kon wees, dat Krüger versoek het om net 'n rukkie afsonderlik met die tydelike moderamen te konsulteer.

Dit was die laaste dag van die Sinode, 7 Febr. 1945, en De Wet se "Bevestiging" die vorige dag sou nog vars in almal se geheue kon bly vassteek. Dit was alreeds op hierdie Dinsdag duidelik dat die Kuratorium nie heeltemal die "Bevestiging" en die orde daarmee saam vertrou het nie.

Daarom die kortstondige konsultasie met die tydelike moderamen en daarom ook die voorstel aan die Sinode dat aan die kommissie wat met De Wet se beswaarskrif moes handel, nou ook die Kuratorium-voordrag nog verder toevertrou moes word.

Intussen het dit die Woensdag-middag bekend geword, soos deur die tydelike vise-voorsitter van die moderamen, ds. WJ Snyman, aan die Sinode gerapporteer, dat die Kuratorium en die moderamen (nie die tydelike moderamen nie) vir adv. F Rumpff "oor sekere punte moes raadpleeg" (vgl. Art 248). Vir die eerste keer is in die handelinge van sake die naam van adv. F Rumpff (Acta, 1945:194) direk genoem. Presies watter punte ter sprake was, is nie duidelik nie. Daar is net gestel dat die advokaat die werk *"pro Deo"* gedoen het, wat geen kostes meegebring het nie, met die aanbeveling om aan hom 'n honorarium te gee.

Dit kan aanvaar word dat die Kuratorium, met die advies so pas van die advokaat verkry, dit so gou moontlik met die kommissie, wat die saak verder met De Wet moes hanteer, wou opneem. Hulle sou die advokaat se bydrae in die finale besluitneming wou laat vergestalt. Die kommissie wat nou direk met die saak werk, sou met hierdie advies rekening moes hou. Op die wyse het die Kuratorium daarin geslaag om hulle stempel op die finale besluitneming af te druk. Of het hulle so gehoop?

5.3.15.1 NIE "DEFINITIEWE SKULDIGVERKLARING" NIE?

Dié Woensdag-middag, 7 Feb. 1945 was die sewe-man kommissie weer by monde van De Wet se broerskind, JM de Wet, gereed om te rapporteer. Die rapport lui soos volg: "

A. Voordrag:
Dat volgens aantekeninge van studente wat die kommissie ter insae gehad het:

a) Punt 1 van die voordrag van die eerw. Kuratorium gehandhaaf moet word: Filioque word in die aantekeninge problematies gestel.

b) Punt 2 van die voordrag gehandhaaf moet word. Volgens aantekeninge het prof. Dr. CJH de Wet bedenkings teen die uitdrukking: 2 nature in een persoon.

c) Naas die uitdrukking 'nie direkte bewyse' kom egter ook voor die uitdrukking 'nie baie direkte bewyse nie'. Origens moet hierdie punt (punt 3) gehandhaaf word.

d) Voordrag punt 4 gehandhaaf moet word. Die realistiese beskouing word benadruk in die aantekeninge ten koste van die federalistiese.

e) Punt 5 moet gehandhaaf word. Die belydenisskrifte word volgens aantekeninge onderskat.

f) Volgens meditasies het prof. de Wet aangaande Job geleer het dat hy eers op die ashoop wedergebore is. Dit gaan in teen uitdruklike uitsprake van die Heilige Skrif (bv., Job 1:1, en Job 1:8). Aangaande Melgisedek het prof. de Wet 'n moontlikheid gestel wat ook indruis teen uitdruklike uitsprake van die Heilige Skrif (Gen. 14: 18, Hebr. 7:1, 3).

Punte 6 en 8 van die voordrag moet derhalwe gehandhaaf word.

Aangaande Jakob is 'lokale Here 'n misleidende uitdrukking om aan te dui dat die Verbondsgod Homself ook hier in Bet-El openbaar.

Wat die sluitingsrede betref word die besware van die kuratorium gehandhaaf.

B. Die Getuienis:

a) Die genoemde beskouinge aangaande Job, Jakob, Melgisedek staan in die meditasies van die hand van prof. De Wet self in *Die Kerkblad*. Die aangaande die Kerk in 'n afgedrukte redevoering. Dit dien as afdoende bewyse dat prof. de Wet homself skuldig gemaak het aan die verspreiding van afwykende beskouinge.

b) Die beskouinge aangaande die leerstukke van die Filioque, die twee nature van Christus, verkiesing en verwerping, erfsonde en die gesag van die belydenisskrifte is gevind in studente-aantekeninge. Versterk deur uitlatinge in *Die Kerkblad* verkry hierdie studente-aantekeninge as getuienis groot gewig, egter nie so dat dit sou kon lei tot tot definitiewe skuldigverklaring nie, maar wel om die regsinnigheid van prof. de Wet onder ernstige verdenking te plaas.

C. Die Aanbeveling.

U kommissie beveel derhalwe aan dat in die plek van die Bevestiging, wat ingehandig is, prof. de Wet onderwerp word aan die volgende toets van regsinnigheid:

1. Aanvaar prof. de Wet die Filioque. d.w.s. die leer dat die Heilige Gees uitgaan van die Vader en die Seun in ooreenstemming met ons konfessie?
2. Aanvaar prof. de Wet onomwonde die leerstuk dat in die Middelaar die goddelike en die menslike natuur onafskeidelik verenig is, in ooreenstemming met ons konfessie ?

3. Aanvaar prof. de Wet dat vir die leer van die uitverkiesing en verwerping daar in die Heilige Skrif direkte en duidelike uitsprake bestaan? En verwerp prof. de Wet verder die leerstelling dat die mens homself verwerp deur sy sonde in Adam ?

4. Aanvaar prof. de Wet heelhartig die leer dat die erfsonde deur God toegereken word in die weg van die verbond ?

5. Aanvaar prof. de Wet heelhartig die belydenisskrifte as synde volkome in ooreenstemming met die Heilige Skrif? Wil prof. de Wet onderneem om sy kolleges so in rig dat nie twyfel nie, maar vertroue by die studente in ons belydenisskrifte gewek word ?

6. Trek prof. de Wet die bewering dat Job eers op die ashoop wedergebore is, onvoorwaardelik terug as synde in direkte teëspraak met die Heilige Skrif: Job 1:1, Job 1:8 ?

7. Stem prof. de Wet toe dat Jakob in Genesis 28:17 in die woorde: 'waarlik, die Here is op hierdie plek en ek het dit nie geweet nie' nie wil uitspreek dat God 'n lokale God is nie, maar hier net wil uitspreek dat Jakob hier ondervind dat die Verbondsgod Homself ook hier in Bet-el aan hom openbaar soos God Homself in die tent van Isak openbaar?

8. Trek prof. de Wet die moontlikheid, wat hy in verband met Melgisedek gestel het, terug as synde in direkte teëspraak met die Heilige Skrif, Gen. 14:18 en Hebr. 7:1 en 3?

9. Sien prof. de Wet af van die gedagte van die Skrifkerk wat deur uittrede uit die drie Afrikaanse Kerke gevorm moet word, soos gestel in die sluitingsrede as synde in stryd met die openlike verklaring van ons Kerk?"

In die rapport soos hierbo weergegee en veral dan die laaste rapport wat in die verloop van die saak daardie nag van 7 Feb. 1945 mee afgesluit is, lê kerkhistories en kerkregtelik vir die res van hierdie studie groot betekenis in opgesluit. Dit is histories en kerkregtelik van belang dat in die verdere hantering van die saak nie net deeglik van die inhoud van elke rapport kennis geneem word nie, maar dat die onmiddellike historiese verband tussen die twee rapporte voortdurend vasgehou word. Daarsonder sal die kerkregtelike betekenis van wat in die res van 1945 gebeur het, moeilik ontrafel kan word.

In die rapport soos hierbo genoem moet veral gelet word op die B-afdeling wat bekend staan as "Die Getuienis" veral dan nou ook die heel laaste sinnetjie: "..., egter nie so dat dit sou kon lei tot tot definitiewe skuldigverklaring nie. maar wel om die regsinnigheid van prof. de Wet onder ernstige verdenking te plaas." Hierdie enkele sin moet in gedagte gehou word, want die geheel van hierdie rapport en veral dan die volgende rapport wat ID Krüger nog dieselfde nag van 7 Feb. 1945 gelewer het, het 'n duidelike verband maar het mekaar in 'n sekere sin ook weerspreek, want De Wet het hom dikwels op hierdie bogenoemde rapport beroep waar dit uitdruklik staan daar nie "definitiewe skuldigverklaring" gegee kon word nie. (Die Kuratorium het hulle weer op hulle rapport beroep wat dan nou later gevolg het).

Nadat JM de Wet hierdie rapport gelewer het, het die moderamen weer vir ’n “pouse” gevra om die prosedure vas te stel wat verder gevolg moes word. Daarna het die voorsitter, ds. Kotzé, elke punt in die rapport op sy eie gestel dat daaroor gestem kon word. Al die punte soos puntsgewys aan die orde gestel in die rapport van die kommissie is “met meerderheid aangeneem”. Die hele vergadering het “eenparig gekonformeer” met die genome besluite oor punte A en B van die kommissierapport. Dit is duidelik die laaste sin van afdeling B is ook deur die hele Sinode aangeneem.

5.3.15.2 DIE “ACHILLIES HEEL” VAN HIERDIE SAAK

Daarna het ds. WJ Snyman, as onder-voorsitter, punt C van die kommissierapport aan die orde gestel. Daar is genotuleer dat De Wet “op die vrae bevestigend” geantwoord het. Nadat WJ Snyman vir De Wet al die voorbereide vrae gevra het, het Kotzé as tydelike voorsitter vir De Wet gevra of hy hartlike berou oor hierdie gebeure voor die Sinode kon betuig. De Wet het aan Kotzé gesê – “nee... jy het nie die reg om my hierdie vraag te vra nie”. Hierdie gebeure het in die hele saak soos ’n *“achillies heel”* van die saak geword, dit wat heeltyd aan die hakskeen bly byt het - ’n klein probleempie wat inderdaad daarin geslaag het om die hele saak te verongeluk. Hierdie laaste vraag staan nie spesifiek in die Acta van die Sinode genotuleer nie, maar is in hierdie saak voortdurend weer na vore gebring.

Nadat die kommissie se rapport afgehandel is, WJ Snyman al die voorbereide vrae gevra het en DN Kotzé die onverwagse vraag gevra het, het De Wet se konformering byna n “liturgiese” reaksie tot gevolg gehad. Kotzé het as voorsitter die volle vergadering gevra om op te staan om daarmee hulle instemming te betuig. Die saak is toe weer na die Kuratorium toe terugverwys.

5.3.16 DIE SINODE SLUIT AF MAAR MET DIE SAAK WORD NIE AFGESLUIT NIE

In die aand-ure van 7 Febr. 1945 was die laaste woord rondom De Wet nog nie gespreek nie, terwyl die Sinode begin gereedmaak het om af te sluit. Die Kuratorium by monde van hulle voorsitter, ID Krüger, het hierdie Woensdagnag die volgende voordrag aan die Sinode voorgelees, nadat die saak weer na hulle terugverwys is.

> “Eerwaarde voorsitter en broeders, In aansluiting by die Sinode-besluit (Handel. 1936, bl. 100) en in uitvoering van u opdrag vanmiddag om, na skuldigbevinding van prof. dr. C. J. H. de Wet op grond van die feit dat hy geleer en geskrywe het wat in stryd is en geblyk het met Skrif en

> Konfessie (sien voordrag van Kuratore d.d. 23 Des. 1944 en die kommissie-rapport van die Sinode-notule onder art. 215, wat eenparig deur die Sinode aangeneem is), adviseer die Kuratore as volg:—
>
> a) Met innige dank is kennis geneem deur die eerw. Sinode van dr. de Wet se openlike herroeping van al die aan hom voorgehoue afwykinge.
>
> b) Ongelukkig het die professor op die besliste vraag van die eerw. voorsitter, ds. D. N. Kotzé, in gebreke gebly om sy hartlike berou oor die gebeurde te betuig.
>
> c) Waar prof. de Wet se afwykende leer en die daaropvolgende skuldigbevinding van só ingrypende aard is — waar hy so 'n vertrouensposisie asook van grote verantwoordelikheid aan die Skool van die Kerk beklee, maar dit so geweldig geskok het, soos hierbo vermeld— daar beveel die Kuratore by die eerwaarde Sinode aan om aan prof. de Wet bedenktyd van drie maande te gee om sy posisie aan die Teologiese Skool in oorweging te neem, na afloop waarvan die professor skriftelike verklaring sal doen voor die Kuratorium, waarna die Kuratorium volgens gegewe sinodale mandaat verder as gevolmagtigdes van die Generale Sinode sal optree."
>
> Geteken ID Krüger as voorsitter en TT Spoelstra as skriba

Nadat die rapport gelewer is, het twee ouderlinge HJ Hollenbach van die gemeente Eendracht en Jan Breek (Vgl. Acta, 1945:5), van die gemeente Clewer, wat duidelik nie met die Kuratorium se rapport en aanbevelings ingestem het nie, 'n ander voorstel ingedien. Hulle het dit as amendement wou laat dien (Acta, 1945:201) maar toe die inhoud daarvan nagegaan is, was dit 'n vraag of dit werklik net as amendement kon dien. Hulle "amendement" het dit gestel dat De Wet se eerlike en duidelike verklaring van regsinnigheid reeds deur die Sinode aanvaar was. Hulle voeg daarby dat hulle oortuig was dat De Wet geen kettery of bewuste ondermyning bedoel het nie. "Ons versoek ewenwel die geagte professor in die toekoms uiters versigtig en positief te wees by die behandeling van kontensieuse sake". Daarna is duidelik genotuleer dat Hollenbach en Breek se voorstel is met meerderheid van stemme verwerp is. Dit kom in 'n latere stenografiese opmerking van JD du Toit na vore dat daar 17 stemme vir hierdie voorstel was.

Dit is in die notule nie duidelik of die voorsitter eers oor die amendement, wat die regte prosedure sou wees, laat stem het nie (vgl. Acta (1945:202). As die orde reg gevolg sou wees, moes die stemming oor die amendement eerste gevolg het en daarna as dit afgewys is, kon die voorstel van oudl. GA van der Walt en ds. NH van der Walt eers weer in sy oorspronklike vorm ter tafel gekom het.

Die laaste twee rapporte (kommissierapport en Kuratoriumrapport) het die saak in sy hele verloop ten nouste beïnvloed en bemoeilik. De Wet wou hom meestal op besluite in die kommissie-

rapport beroep en die Kuratorium het hulle meestal weer beroep op besluite in hierdie laaste rapport geneem.

Vir De Wet het daardie onder-afdeling van die sinnetjie in afdeling B van die kommissierapport groot betekenis ingehou dat daardeur gesê is, daar was nie " ... definitiewe skuldigverklaring nie..." alhoewel sy regsinnigheid onder ernstige verdenking geplaas is. Die Kuratorium het hulleself in hulle rapport oor hierdie skuldigverklaring baie sterker uitgedruk waar afdeling C van hulle rapport eintlik neerkom op "definitiewe skuldigverklaring". Hulle voorstel lees: "Waar prof. de Wet se afwykende leer en die daaropvolgende skuldigbevinding van só ingrypende aard is — waar hy so 'n vertrouensposisie asook van grote verantwoordelikheid aan die Skool van die Kerk beklee, maar dit so geweldig geskok het ..."

Die Sinode het die saak bemoeilik want dit het 'n kommissie-rapport goedgekeur wat stel, "... daar was geen definitiewe skuldigverklaring nie", maar dieselfde Sinode keer ook 'n Kuratorium rapport goed waar daar o.a. staan " .. daar was skuldigbevinding van so 'n ingrypende aard ..."

De Wet het dit in die verdere verloop van die saak heeltyd ontken dat daar 'n ernstige skuldigbevinding plaasgevind het, in die lig van sy beroep op die kommissie-rapport soos deur die Sinode goedgekeur. Dit blyk dat in die historiese verloop van die saak twee besluite te wees wat voortdurend teen mekaar gestel sou word. So het hierdie Sinode verdaag met die De Wet-saak sekerlik op baie mense se lippe, maar beslis nog nie afgehandel nie. In die gebeure wat strek vanaf De Wet se "Bevestiging", daarna die vroeëre beswaarskrif-kommissie wat dieselfde kommissie van oordeel oor die Kuratorium-voordrag moes word, daarna nog weer ondervraging wat De Wet na oordeel van die Sinode bevestigend kon antwoord, tot die Kuratorium se finale voordrag aan die Sinode, kom duidelik spanninge en inkonsekwenthede na vore.

Dit wat 'n groot saak geword het, was die onverwagse vraag van DN Kotzé aan De Wet of daar waarlik berou by hom bestaan het. De Wet het hierdie vraag sekerlik nie verwag nie en nog minder geantwoord soos verwag kon word. Dit het die saak tot 'n groot mate in 'n rigting gestuur wat nie voorsien kon word nie.

5.3.17 TOETS VAN REGSINNIGHEID WORD NOU 'N "BEDENKTYD" –

In die rapport van die Kuratorium is dit goedgekeur dat daar aan De Wet 'n "bedenktyd" van drie maande gegee moes word. Die rapport het dit wel duidelik gestel dat in hierdie drie maande moet

De Wet sy posisie aan die Skool weer in oorweging neem. Na afloop van die drie maande moes hy weer 'n skriftelike verklaring voor die Kuratorium doen. Die Kuratorium het, wat hierdie saak betref eintlik 'n wye mandaat ontvang want het die Sinode besluit dat "die Kuratorium volgens gegewe sinodale mandaat verder as gevolmagtigdes van die Generale Sinode sal optree."

Daar is heelwat getuienis wat aandui dat De Wet eintlik vanaf 8 Februarie 1945 tot en met die Kuratorium-vergadering van 8 Mei oor heelwat aspekte in die duister gelaat is. Hy moes self uitvind wanneer die bedenktyd sou verstryk. Daar is aanvanklik aan hom geen formele getuienis en bevestiging van datums gegee nie. Dit wil voorkom of daar geen pastorale gesprek, enige ondersteuning, aanmoediging, bemoediging aan De Wet in hierdie tyd van die Kuratorium se kant aangebied is, wat hom op enige wyse kon help nie.

Dit is wel duidelik dat De Wet in die "bedenktyd" op verskillende plekke gepreek het, ook al meer in die NG Kerk en Ned. Herv. Kerk. Dit opsigself het weer vir sommige van die kuratore 'n kerkregtelike verleentheid en strydpunt geword. JV Coetzee het hom sterk hierteen uitgespreek toe dit op Ventersdorp plaasgevind het terwyl twee ander kuratore, nl. PJS de Klerk weer met waardering getuig het van De Wet se prediking in Pretoria-Oos en ander gemeentes in Pretoria en DG Venter dieselfde positiewe getuienis na vore gebring het met De Wet se optrede in Steynsburg. Hiermee is 'n vorm van verdeeldheid onder die Kuratorium in die eerste drie maande van 1945 sigbaar.

De Wet het middel Feb. 1945 die inisiatief geneem en sekere sake vir homself probeer uitstryk. Hy het begin om die amptelike Sinode-besluite aan te vra. Op die 13de Februarie 1945 rig TT Spoelstra, as sekretaris-penningmeester, 'n skrywe aan De Wet na aanleiding van 'n telefoniese gesprek. Spoelstra doen aan De Wet sy belofte gestand waar De Wet aan Spoelstra "sekere Sinodale besluite" gevra het. Spoelstra stuur aan hom 'n kopie van die notule soos dit reeds vermenigvuldig is en ook 'n register van 'n lys besluite wat dan direk op De Wet betrekking sou kon hê.

In 'n brief van 3 Maart 1945 (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.1, Bylaag 3/45, Jan – Maart 1945) was TT Spoelstra en ID Krüger met mekaar in korrespondensie, soos Spoelstra dit noem, "insake die kwessie re Dr. De Wet" Die brief bevat 'n paar opmerkings wat in die saak nie verbygegaan kan word nie. Eerstens is daar onduidelikheid oor wanneer De Wet se bedenktyd moes verstryk. Spoelstra skryf aan Krüger: "Ek het geen opdrag om hom kennis te gee wanneer sy bedenktyd verloop nie en hy skriftelik moet antwoord nie". Dan vra Spoelstra of De Wet nie

namens die Kuratorium kennis moes kry wanneer sy skriftelike antwoord ingehandig moes word nie. In dieselfde sin is Spoelstra van mening dat De Wet nie toegelaat mag word om enige klasse te gee tot daar eers weer ’n Kuratorium-sitting plaasgevind het nie.

Daar word dan verder in die brief oor ’n moontlike datum gepraat. Spoelstra se voorstel was om die Kuratorium-vergadering te hou in die tyd wat die P.U.K.-Raad sou vergader. Die Kuratorium sou op 8 Mei 1945 kon vergader. Dit sou dan presies 3 maande wees nadat die Sinode in Februarie afgehandel is. Spoelstra pleit dan ook dat daar vir die vergadering genoegsame tyd vir die behoorlike behandeling van die saak moes wees. Die einde van Spoelstra se skrywe aan Krüger gee bepaalde gevoelens van Spoelstra self weer, wat baie duidelik sy motiewe by so ’n komende vergadering vroegtydig uitspreek. Hy skryf: “... daar is baie op die spel en ek meen dat die kompromiegees nou maar oor boord moet gaan en spykers met koppe geslaan moet word”.

Krüger antwoord Spoelstra in ’n skrywe op 8 Maart 1945 (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.1, Bylaag 4/45, Jan-Maart 1945). Krüger wou dat die vergadering ’n keer in die Suide, m.a.w. dan in Bloemfontein, moes plaasvind. Die datum van die 1ste of 8ste Mei is deur Krüger voorgehou. Krüger maak dit duidelik dat “prof. De Wet dan ook teenwoordig sal moet wees. Dan skryf Krüger verder: “Ek neem aan dat prof. De Wet skriftelike kennisgewing ontvang het waaruit die aanvang van sy bedenktyd vir hom duidelik was. Ek meen dat hy nou of bietjie later offisiële kennis moet kry van die plek, dag en datum van die spesiale Kuratorium-sitting, ook wanneer hy persoonlik daar verwag word”. Dan sluit Krüger sy brief af met die versoek: “Indien nodig moet hy geadviseer word om geen klas te gee, nie voor saak afgehandel is. Pleeg adv. Rumpff maar weer vir raad”.

Op die 16de Maart 1945 vind daardie verdere oor en weer korrespondensie tussen De Wet en die skriba van die Kuratorium plaas (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.1, Bylaag 7/45, Jan-Maart 1945). Spoelstra bevestig aan De Wet dat sy bedenktyd begin het op die datum waarop die Sinode hulle besluit geneem het. Dan stel Spoelstra “u verlof duur dus tot 8 Mei”. Volgens die skrywe het die “bedenktyd” tegelyk De Wet se verlof ingesluit. Spoelstra herinner De Wet aan die skriftelike verklaring wat hy voor 8 Mei sou moes aflê. Dan bevestig Spoelstra weer die datum en plek van die vergadering. Aan ID Krüger se versoek dat dit hierdie keer in Bloemfontein moes plaasvind, is daar nie gehoor gegee nie.

De Wet het op Spoelstra se skrywe gou geantwoord en hierdie eerste brief van De Wet wys alreeds dat die “bedenktyd” geensins die uitwerking gehad het, waarop daar dalk gehoop is nie:

> "In verband met u brief van 16 Maart 1945 wil ek u graag daarop wys dat in die Sinodebesluit van 8 Feb. 45 daar geen melding gemaak word van verloftyd van drie maande aan my nie. Maar ook al sou die Sinode aan my so 'n verlof gegee het, dan sal dit ongelukkig vir my onmoontlik wees om dit ten volle te gebruik omdat my werk dit nie toelaat nie. My werk hoop op en as ek eers 8 Mei met my klaswerk moet begin, dan sal ek glad nie deurkom met die jaar se werk nie. Volgens toerbeurt het ek langverlof vanjaar tot 16 Apr 1945; ek sal dan weer moet begin met my klaswerk om deur te kom".

Die skrywe soos hierbo aangehaal, getuig van bepaalde wanindrukke waaronder De Wet verkeer het, maar tegelyk kan afgelei word dat harde woorde weer binnekort sou val. Hy was steeds nie bereid om sy samewerking ten volle te gee nie. Voortdurend was daar 'n poging om van sy kant op sy manier die sake te vertolk.

5.3.18 DIE SAAK DUI OP GEEN VERBETERING NIE

In die tydperk, Maart tot Mei 1945, kom daar al meer sake van ongelukkigheid na vore (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.1, Bylaag 11/45, Jan-Maart 1945) . Een so 'n saak wat groot ongelukkigheid by De Wet geskep het, was 'n besluit van die kerkraad van die Geref. Kerk Potchefstroom (geneem op 17 Maart 1945) wat De Wet hulle kansel verbied het. De Wet het hierdie saak in 'n skrywe van 26 Maart 1945 met die Kuratorium opgeneem. Hy was van mening dat die Kuratorium by hierdie saak behoort in te gryp want soos hy dit beskou het, was dit 'n "vorm van sensuur" wat die Kerkraad teen hom toegepas het.

Intussen het die Teologiese Senaat tot die saak toegetree. Daar is op 6 Maart 1945 deur die Senaat bevestig dat De Wet geen klasse mog aanbied nie. ID Krüger skrywe op 24 Maart 1945 dat "hy gaan akkoord met die besluit van die Teologiese Senaat wat op 22 Maart 1945 weer hulle besluit herbevestig het (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 12/45, Apr-Mei 1945). Krüger waarsku in hierdie brief dat "ingeval prof. De Wet met klas gee sou wil begin vóór sy saak in die reine is, ondergetekende sowel as die Teologiese Senaat hom moet adviseur om daarmee te wag tot die spesiale Kuratore-sitting, in opdrag van die Generale Sinode" Dan stel Krüger verder: "Ek voeg hierby dat hierdie advies welgemeen maar bewus in alle erns geskied".

Op 29 Maart 1945 het De Wet weer die pen opgeneem, nou rondom wat die Teologiese Senaat besluit het (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 16/45, Apr-Mei 1945). Hy skrywe:

> "In verband met u brief van 28 Maart 1945 namens die Teologiese Senaat wens ek u soos volg te antwoord: Omdat die voorsitter van die Kuratorium, asook die Teologiese Senaat my versoek om nie klas te gee nie, voor 8 Mei a.s., sal ek my onthou van klas gee. Ek erken hierdeur egter glad nie dat ek nie reg het om klas te gee nie. Met my BD-klaswerk sal ek natuurlik 11 April begin."

Dit word al duideliker dat verhoudinge tussen De Wet en die Kuratorium en nou ook die Teologiese Senaat besig was om nog verder te versleg en te verbrokkel. Dit blyk dat daar het in die "bedenktyd" geen verbetering op enige wyse kon plaasgevind het nie. Moontlik is net die teenoorgestelde bereik as wat die doel van die "bedenktyd" was.

Op 2 Apr 1946 spreek S du Toit weer skriftelik oor die saak . (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 17/45, Apr-Mei 1945). Hy skryf aan die Kuratorium dat hy van voorneme was om die spesiale vergadering in Mei-maand by te woon. Hy verseker hulle dat hy hom sal hou aan die laaste Sinodebesluit in die verband. Du Toit sluit sy brief soos volg af: "Aangesien ek gedurende die afwesigheid van prof. De Wet waarneem as rektor sal ek baie graag 'n geleentheid wil hê om aan die eerw. Kuratorium mee te deel hoe die ontwikkeling van sake na die sitting van die Gen.Sinode was".

5.3.19 DIE VERHOUDING MET DIE STUDENTE BLY OP 'N LAAGTEPUNT

Verder is daar op 1 Mei 1945 ook deur die Senaat kennis geneem hoe verhoudinge tussen De Wet en die studente al meer vertroebel het (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 25/45, Apr-Mei 1945). Dit is opgeneem nadat De Wet reeds in Nov. 1944 skriftelik aan die hand van prof. S du Toit aan die Senaat kennis gegee het "dat hy nie meer sal deelneem aan enige geestelike werk ten bate van studente van die Teol. Skool nie", want De Wet was van mening dat hulle dit nie waardeer nie en ook dat "daar onder die studente nuusdraers is wat buite die klaskamer gaan oorvertel wat hy in die klasse met hulle behandel. Wie die studente is wat dit doen, weet hy nie, maar dit het tot sy kennis gekom dat daar studente is wat buitekant gaan oorvertel wat hy met hulle in sy klasse bespreek". De Wet het bygevoeg: "Hy wil sulke nuusdraers nie in sy huis hê nie".

5.3.20 DE WET ONSEKER OOR WAT REGTIG VAN HOM VERWAG WORD

Gedurende April 1945 het daar heelwat sake voorgekom wat laat blyk dat De Wet onseker was oor wat van hom in die tyd verwag is. Vanaf die begin van April 1945 het De Wet rondom die saak van 'n skriftelike verklaring meer duidelikheid probeer kry. Hy het in persoon met Spoelstra

daaroor gaan praat waarin hy laat blyk het dat hy gedink het dit ’n dokument moes wees wat die Kuratorium sou opstel en hy dit dan moes onderskryf en onderteken. Hy maak dit op verskeie wyses duidelik dat hy gemeen het dat die Kuratorium sodanige dokument moes opstel. Hy het ook gestel dat hy dit minstens “een week voor die tyd (moet) ontvang vir oorweging, voordat hy dit kan onderteken” (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 19/45, Apr-Mei 1945).

Op 11 April 1945 was die skriba, TT Spoelstra, weer met die voorsitter van die Kuratorium in ’n skrywe besig oor wat van De Wet verwag kon word (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 19/45, Apr-Mei 1945). Spoelstra maak dit duidelik dat hy aan De Wet gestel het dat hyself sodanige dokument moes indien. Verder bevestig Spoelstra aan die voorsitter dat as dit op stuk van sake gebeur dat daar op 8 Mei 1945 nog geen dokument aan die hand van De Wet voorberei was nie, hulle dan nog weer ’n buitengewone vergadering sou moes hou. Spoelstra stel aan Krüger weer iets van sy eie vooroordele: “Deur sy beskouing skuif hy die onus van hom op kuratore wat ek meen wat ons nie moet toelaat nie”.

Krüger antwoord Spoelstra op 14 April 1945 bevestigend en wel met die duidelike vereistes waaraan die skriftelike verklaring moes voldoen (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 19/45, Apr-Mei 1945). Hy stel:

> “Wat insake die skriftelike verklaring dien, dat van dr. De Wet volgens Sinodebesluit ’n baie duidelike en pertinente skriftelike verklaring op 8 Mei 1945 verwag word, wat tewens die hele veld sal dek waaroor dit op die jongste generale Sinode te Potchefstroom gegaan het, alwaar hy ook skuldig bevind is op al die punte in die bewuste memo of voordrag.”

Dit is duidelik dat die voorsitter van die Kuratorium self ook nie duidelik was oor wat verwag is nie en hy homself openlik direk weerspreek. Op 8 Maart 1945 het Krüger se skrywe nog soos volg gelui (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 4/45, Apr-Mei 1945):

> “Met die skriftelike verklaring van die sinodale besluit het ek destyds bedoel dat die Kuratore self dit sal goedkeur (daarom moet soiets tydig vóór die sitting deur kuratore...opgestel word - en juridies ook in orde wees, soos ek voorheen geskrywe het- hierdie dokument sal prof. moet onderteken). Die gedeelte in hakies geld alleen as hy gekontinueer word as professor”.

Op 17 April 1945 het Spoelstra ’n brief per gesertifiseerde pos aan De Wet besorg, waarin hy die woorde wat Krüger in sy laaste brief aan hom geskrywe het, verbatim aanhaal (GKSAA,

Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 20/45, Apr-Mei 1945). Dit blyk dat De Wet geen onsekerheid oor hierdie vereiste meer kon hê nie.

De Wet het in dieselfde tyd 'n ander onsekerheid gehad. Hy het aan Spoelstra geskrywe rondom bepalinge in die "Teologiese Skoolboekie". Spoelstra het hom op 18 April 1945 rakende die vrae geantwoord (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 21/45, Apr-Mei 1945). Die laaste punt waarop Spoelstra gewys het, het gehandel rondom die ontslag van professore. Dit kan afgelei word dat De Wet die vraag betreffende sy eie posisie laat nagaan het. Die antwoord volgens die "boekie" soos dan ook in hierdie tyd gewysig is, het bepaal dat "die Kuratorium reël alle sake in verband met die ontslag in sover dit die Teol. Skool betref, maar in sover dit die emeritering van die professore as predikante betref moet die kerkraad van die gemeente aan wie die prof. laaste verbonde was, optree volgens Kerkorde en Sinodale besluit. Dieselfde reëling geld in geval van skorsing en afsetting".

Op die 19de April 1945 het De Wet weer aan die Kuratorium geskrywe (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 22/45, Apr-Mei 1945). Hy stel dat dit vir hom nog glad nie duidelik was wat die Kuratorium van hom verwag het nie. Hy voeg by dat "ek sal egter 'n verklaring ten beste opstel". In dieselfde skrywe maak hy ernstig beswaar dat daar in die brief van die Kuratorium gestaan het dat hy op al die punte skuldig bevind was. Hy stel dat hy dit beslis ontken.

5.3.21 GEMEENTES BETUIG STEEDS HULLE MEELEWING MET HIERDIE SAAK

In die tyd wat die spesiale Kuratorium-vergadering besig was om vinnig nader te kom, om opnuut weer die hele saak met De Wet in behandeling te neem, het verskeie gemeentes uit die kerkverband hulle meelewing en hulle versekering van voorbidding in hierdie saak te kenne gegee (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 23-24/45, Apr-Mei 1945). Skrywes kom meestal uit gemeentes wat deel gevorm het van klassis Pretoria.

Die Gereformeerde Kerk Alberton het gemeen dat daar nou 'n einde aan die saak moes kom en "om prof. De Wet in sy amp te herstel met die oog op die rus en vrede in ons gemeentes" (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 31/45, Apr-Mei 1945). Hierdie gemeentes wat almal uit die destydse klassis Pretoria reageer het, het in die Kuratorium-geledere heelwat ongemak veroorsaak omdat die Kuratorium oortuig was dat hulle opdrag nog nie afgehandel was nie.

In dieselfde konteks van gemeentes se meelewing in hierdie saak is vanaf Johannesburg-Noord ’n brief ontvang waarin daar ook namens die klassis beweer word dat daar ’n bepaalde teenstrydigheid bestaan. Hulle stel dit soos volg (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 24/45, Apr-Mei 1945):

> “Namens die klassis moet ondergetekende ook nog onder u vriendelike aandag bring die blykbare teenstrydigheid tussen die Sinodebesluit van 1936 (Art 100 Handelinge Sinode 1936- laaste deel) en van die 1945. Punt 3 van Art 244, (Handelinge Sinode 1945), met die versoek om daarmee rekening te hou in voorkomende gevalle.”

Hier blyk inderdaad iets van ’n “teenstrydigheid” te wees, want in 1936, met die finale bepalings rondom die Ondertekeningsformulier het die reg tot afsetting alleen deur ’n Generale Sinode kon plaasvind wat na gelang van die Kuratorium se voordrag die besluit tot afsetting kon neem, maar so ’n meerdere kerklike vergadering kon ook sonder sodanige voordrag professore uit die amp afsit. ’’n Kuratorium kon wel selfstandig tot tydelike skorsing besluit maar nie oor finale afsetting nie.

Met die wysigings in die Teologiese Skoolboekie soos in 1945 aangebring bepaal punt 3 dat daar eintlik aan die Kuratorium wyer magte verleen moes word in vergelyking met die bepalings in die Ondertekeningsformulier. In die boekie is daar by punt 4 bygevoeg: “Die Kuratorium reël alle sake in verband met die ontslag insover dit die Teologiese Skool betref...” Hierdie aanbevelings wat in 1945 so goedgekeur is, eindig dan dat by skorsing en afsetting van professore ook die Kerkraad van die gemeente aan wie die professor laaste verbonde was ’n bepaalde verantwoordelikheid in die verband moes dra. Daar was nie meer sprake van ’n Sinode wat moes optree nie, maar die Kuratorium in samewerking met ’n bepaalde Kerkraad het die handelende liggaam geword. So ’n Kerkraad moes dan optree volgens die Kerkorde en Sinodale besluite.

5.3.22 DE WET DIEN SY SKRIFTELIKE VERKLARING IN

Op die 1ste Mei 1945 het De Wet aan die Kuratore sy “Skriftelike verklaring voorgelê” (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 26/45, Apr-Mei 1945). Dit moes al die sake wat tot hier hom onder verdenking geplaas het, weer insluit. Sy verklaring lees soos volg:

> “Eerw. here, volgens u brief van 17 April ‘45 moet die "Skriftelike Verklaring” gaan oor al die punte vervat in die "voordrag”, van die Kuratorium aan die Eerw. Sinode.
> Daar was nege-punte.

Ek verklaar nou in verband met elkeen as volg

Punt I: dat die Filioque d.w.s. die leer dat die Heilige Gees uitgaan van die Vader en die Seun in ooreenstemming met ons konfessie is.

Punt II: dat ek onomwonde die leerstuk dat in die Middelaar die goddelike en die menslike natuur onafskeidelik verenig is, aanvaar in ooreenstemming met ons konfessie.

Punt III: dat ek aanvaar dat vir die leer van die uitverkiesing en die verwerping daar in die Heilige Skrif direkte en duidelike uitsprake bestaan. En dat ek die leerstelling verwerp nl. dat die mens homself verwerp deur sy sonde in Adam.

Punt IV: dat ek heelhartig aanvaar die leer dat die erfsonde deur God toegereken word in die weg van die verbond.

Punt V: dat ek heelhartig aanvaar die belydenisskrifte as synde volkome in ooreenstemming met die Heilige Skrif. En dat ek onderneem om my kolleges so in te rig dat nie twyfel nie, maar vertroue by die studente in ons belydenisskrifte gewek word.

Punt VI: dat ek die bewering dat Job eers op die ashoop wedergebore is onvoorwaardelik terug trek as synde in direkte stryd (teëspraak) met die Heilige Skrif (Job 1 vers 1 en 8).

Punt Vll: dat ek toestem dat Jakob in Gen. 28:17 in die woorde: "waarlik, die Here is op hierdie plek en ek het dit nie geweet nie", nie wil uitspreek dat God 'n lokale God is nie, maar hier net wil uitspreek dat Jakob hier ondervind dat die Verbonds God Homself ook hier in Bet-El aan hom openbaar soos God Homself in die tent van Isak openbaar het.

Punt VIII: dat ek terug trek die moontlikheid wat ek in verband met Melgisedek gestel het, as synde in direkte stryd (teëspraak) met die heilige Skrif (Gen.14:I8 en Hebr.7:1,3. Ns. Die moontlikheid beteken die moontlikheid dat Melgisedek 'n heidense priester was.

Punt IX: dat ek afsien van die gedagte van die Skrifkerk, wat deur uittrede uit die drie Afrikaanse kerke gevorm moet word soos gestel in die Sluitingsrede as synde in stryd met die openlike verklaring van ons kerk.

Met agting

Die uwe,

Potchefstrooms 1.5.45.

Onderteken CJH de Wet."

In die historiese verloop van die saak het De Wet net die volgende dag 'n ietwat "vreemde" brief geskryf. Hy noem dit 'n "Addendum by Skriftelike verklaring" (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 29/45, Apr-Mei 1945). (Hierdie brief het hy skynbaar eers die dag met die onderhoud aan hulle oorhandig en was dit nie vooraf aan hulle bekend nie.)

Hierdie brief lui soos volg:

> "Eerw here, In verband met die "bedenktyd" in die Sinode-besluit van 8 Feb. '45 die volgende: die Geref. Kerke het my geplaas aan die Teol. Skool as professor en die Kerk het my nog nie verplaas nie.
> Die jongste Sinode van die Geref. Kerk het my behalwe op 'n paar ondergeskikte punte op al die hoofsake waaroor ek aangekla was onskuldig bevind.
> Op grond van bogenoemde feite beskou ek dit my roeping en plig om te bly aan die Teol. Skool en die Kerk te dien.
> Met agting. Die uwe CJH de Wet
> Potch 2 / 5 /45"

Dit is duidelik dat hierdie twee briewe baie vrae en ongelukkigheid by die Kuratorium sou veroorsaak. Die wese van 1945 se Sinode besluit het De Wet gemis want dit wil voorkom asof die Sinode het met "Bedenktyd" bedoel het hy moes behoorlik gaan dink en dan daarna daaroor skryf (gee skriftelike verklaring). Hierdie goeie bedoelinge van die Sinode-besluit is ongelukkig nooit behoorlik gekommunikeer nie en is deur baie ander faktore nie behoorlik nagekom nie, wat die saak in al groter moeilikheid laat kom het.

5.3.23 WEEREENS SPESIALE KURATORE-VERGADERING: 8-10 MEI 1945

Op hierdie twee dae, Dinsdag tot Woensdag, 8 en 9 Mei 1945, was die Kuratorium weer rondom die saak met De Wet byeen (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945). Almal teenwoordig was reeds goed met die saak bekend en het ingesluit prof. JD du Toit en sy seun prof. S du Toit. Laasgenoemde moes hom die vorige keer onttrek.

Hierdie twee dae met hierdie twaalf manne sal allerweë as van deurslaggewende belang in die hele saak beskou kan word. Dit was 'n vergadering wat met baie voorbereiding maar ook net so baie vrae voorafgegaan is. Dit was 'n vergadering waarin al die rolspelers, die Kuratorium en die twee Du Toit- professore aan die een kant, en De Wet aan die ander kant se gevoelens tot by 'n punt gebring moes word, dat die saak toe afgehandel moes word. Baie het 'n houding begin inneem van reg of weg. In 'n groot mate het dit uit die stenografiese weergawe duidelik na vore gekom dat JD du Toit en JV Coetzee by name gevoel het dat die laaste Sinode die saak swak hanteer het en daar halwe werk gedoen is wat reggemaak sou moet word (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945). JD du Toit het gevoel dat daar "moet radikaal opgetree word". Hy het verder gesê dat hy vanaf die Sinode se einde nie 'n dag of nag behoorlik geslaap het nie. JV Coetzee was ontevrede oor die Sinode die studente-aantekeninge nie as afdoende bewys wou aanvaar om sekere afwykinge te bewys nie.

In watter mate De Wet in die vergadering sou saamwerk en watter rol die Kuratorium werklik tot afhandeling van die saak kon dien, was die vrae wat na antwoorde gesmag het. Die stenografiese opname van die vergadering is ’n lange dokument van 36 bladsye (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945). Die getikte notule daarenteen is maar 5 bladsye, met alles baie kernagtig saamgevat (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 32/45, Apr-Mei 1945). Baie duidelik het twee van die kuratore, PJS de Klerk en DG Venter op die stadium ook tot by ’n punt gekom waarin hulle geglo het dat daar op die stadium regskrenking teen De Wet plaasvind. Dit wat as groot vraag aan die adres van hierdie studie gerig is, is of daar kerkregtelik korrek met die geroepe professorCJH de Wet in hierdie tyd gehandel is.

Die eerste saak wat uit die stenografiese weergawe opval is dat die Kuratorium eers sonder De Wet byeengekom het. Daar is ’n hele oggend alleen vergader en is De Wet eers na twee uur daardie middag ingeroep. Elke lid het breedvoerig en vir homself geleentheid ontvang om soos wat die saak tot nou ontwikkel het, sy bydrae en gevoelens te kon lewer. Dit het gou uit die vergadering duidelik geword dat sommige lede van mening was dat die saak met De Wet nou afgehandel kon word. Hieronder kan die stem van PJS de Klerk en DG Venter geplaas word as lede wat groter waardering vir die “Skriftelike Verklaring” betoon het in vergelyking weer met ander kuratore wat niks anders as hulle diepe teleurstelling daarmee en met die ontwikkeling van die saak in geheel, betuig het nie. Van die skerpste reaksies op hierdie verklaring het gekom van JD du Toit. De Wet se laaste verklaring oor die Skrifkerk en die nature van Christus het Du Toit nog glad bevredig nie.

De Wet het by sy latere verskyning in die vergadering, soos met vorige geleenthede openlik beswaar geopper oor sekere persone se teenwoordigheid op die vergadering met sy saak aan die orde. Die moeilike persoonlikheid en die reguit en besliste (dalk kort-af) wyse waarop De Wet homself gehandhaaf het, was uit die staanspoor vir die Kuratorium weer duidelik. Die wyse waarop hy hulle vrae dikwels vertolk het en die vraesteller aangeval het, sal moeilik sy gelyke kry. Dit was gou baie duidelik dat De Wet en die Kuratorium se gesprek met mekaar op die ou bitter onaangenaamhede sou afstuur, wat alles daarop dui dat in die afgelope drie maande daar geen verbetering van verhoudinge plaasgevind het nie. Dit lyk eerder of dit veel meer versleg het.

Dit was deur hierdie saak ’n groot probleem en het klaarblyklik ’n al hoe groter probleem geword in die tragiese botsing van persoonlikhede wat maar net nie kon end kry nie.

Met hierdie vergadering het die Senaat en prof. S du Toit op hulle teenwoordigheid aangedring. Du Toit het o.a. daarop gewys dat sy sake in die verlede bespreek was, veral rondom die ongelukkigheid met Du Toit se aanstelling as professor, en toe was De Wet wel teenwoordig en was daar nie geëis dat hy nie teenwoordig mog wees nie. Verder het Du Toit die Sinode-besluit onderstreep wat sy teenwoordigheid magtig. Die saak is by wyse van stemming beslis en De Klerk het voorgestel dat net die Kuratorium "soos die vorige kere" teenwoordig mog wees. Daar was egter geen sekondant vir De Klerk se voorstel nie en almal het die vergadering bygewoon, soos op die vergadering besluit was.

Daar is met die aanvang van die vergadering baie gou aan De Wet duidelik gemaak dat die Kuratorium nie tevrede was met sy antwoord in die "Skriftelike Verklaring" aan hulle voorsien nie (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 32-33/45, Apr-Mei 1945). De Wet het dadelik laat blyk dat hy dan nie weet wat om te antwoord nie, want al wat hy verstaan was dat daar 'n skriftelike verklaring van hom geëis is. Volgens die voorsitter slaag De Wet nie daarin om tot die wese van die saak deur te dring nie. De Wet moes hiervolgens duideliker rekenskap vanuit die voordrag (art 262, Acta:1945) van die Kuratorium lewer en is die voordrag ook weer hardop in die vergadering aan hom voorgehou.

Een ander belangrike aspek wat in die buitengewone Kuratorium-vergadering na vore gekom het, was dat JD du Toit die gedagte van 'n buitengewone Sinode op die tafel van die Kuratorium gebring het. Hy het dit baie sterk gestel: "Ek wil die Sinode ontmoet, waarom sal hulle die halwe werk nie regmaak nie?" Verder het hy genoem dat " ... ek moet as professor weet op watter basis ek staan. Daar moet baie radikaal opgetree word. Die Sinode moet al die punte en meer gehad het en nie gevra het, bely jy dit en dat nie, maar verwerp jy dit en dat..." Later in die onderhoud stel Du Toit dan die noodsaak tot so 'n Sinode nog weer as hy stel: "Laat ons liewer die dinge in sy grond aanpak. Laat ons 'n Sinode kry. Stel 'n studie kommissie aan. Dit lyk of die broeders skrikkerig is. Laat prof. De Wet sy volle reg kry, maar ook die Teol. Skool..."

5.3.24 GEEN BEVREDIGENDE OPLOSSING

Hierdie twee-dae lange Kuratorium-vergadering het op Woensdag, 9 Mei 1945, aan die einde van die vergadering besluit dat daar 'n sub-kommissie weer 'n opdrag moes ontvang om 'n rapport saam te stel. In die rapport is die volgende vier sake duidelik aangedui wat volgens die Kuratorium die saak tot op hierdie punt gebring het. Dit bevat in wese die raamwerk van wat as "nuwe klag" deurlopend in die saak teen De Wet gedien het.

- Daar is by De Wet geen blyke van boetvaardigheid oor sy afwykinge van die Gereformeerde leer nie, ondanks die tyd van bedenking.
- Die professor beweer dat hy slegs op ondergeskikte punte deur die Sinode skuldig bevind is, maar op die bepaalde leerpunte onskuldig bevind is.
- Hy beweer dat hy in sy kolleges hom ook nooit skuldig gemaak het aan afwykinge van Skrif en Konfessie nie.
- Hy het gedurende onderhoude 'n gees van insubordinasie (verset) geopenbaar het teenoor die Sinode-besluit en teenoor die Kuratore.

Die Kuratorium het op die 9de Mei die besluit geneem om ’n kommissie te benoem wat *de novo* op die hele saak moes ingaan. Hulle ontvang ook magte om “aanvullenderwys” te rapporteer (Acta, 1946:37). Aan die kommissie is drie maande tyd gegee om hierdie opdrag af te handel. Die Kuratorium het toe reeds besluit dat na afhandeling van hierdie kommissie se werk sal die noodsaaklikheid vir die byeenroep van ’n buitengewone Sinode weer oorweeg sou word. Weereens is bevestig dat De Wet geen klasse mog aanbied nie.

Dr. PJS de Klerk het na die rapport goedgekeur is, daarop aangedring dat sy naam aangeteken moet word dat hy in die minderheid gestem het. Sy standpunt was dat “prof. De Wet weereens- en dit skriftelik opnuut hom gekonformeer het soos hy reeds op die laasgehoue Sinode dit mondelings gedoen het (art 252- Handelinge Sinode)”. Daarna het ds. Yssel weer vir De Klerk met twee vrae tot verantwoording wou roep en ook geëis dat hierdie vrae “op rekord geplaas moet word”.

Sy eerste vraag was: “Is u tevrede met die verloop van gister en met die optrede van Dr. De Wet. De Klerk het geantwoord: “Ek is vir die grootste gedeelte tevrede met die optrede van dr. De Wet. Spyt is vir my meer as genoeg”. Die tweede vraag was: Het dr. De Wet u ten volle satisfaksie gegee? Daarop het De Klerk geantwoord: “Ek weier om te antwoord”.

Op 17 Mei 1945 het De Klerk weer aan die Kuratorium oor die saak geskrywe met die versoek dat die notule van hierdie vergadering sake nog duideliker moes stel. (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.3, Bylaag 6a/45, Jun-Jul 1945) De Klerk stel voor dat die notule die gebeure so moes verwoord: “Hierdie besluit is met groot meerderheid (of met alg. stemme) geneem, behalwe dr. De Klerk. Hy het versoek dat hy in die minderheid gestem het omdat prof. De Wet weereens-

en dit skriftelik - opnuut) hom gekonformeer het soos hy reeds op die laasgenoemde Sinode mondelings gedoen het, art 252 Handelinge van die Sinode)".

As die subkommissie, soos in die rapport goedgekeur om oor die saak in sy geheel en ook aanvullenderwys 'n rapport binne 3 maande by die Kuratorium in te dien, is prof. JD du Toit en ds. JV Coetzee aangewys (Art 18 Notule).

Daar is intussen reëlings getref dat die vakke van De Wet deur die twee professore waargeneem sou word. Die Kuratorium het gevra dat hulle reëlings onder mekaar sou tref en dit so goed as moontlik behartig in die tussentyd wat De Wet nie optree nie (Art 20 Notule).

Daar is verder besluit dat die "waarnemende Rektor word benoem om as Rektor verder te ageer". (Art 17 Notule)

Waar die saak van die "professorale preekbeurte" nou 'n sensitiewe kwessie geword het, en Potchefstroom en Bloemfontein vir De Wet nie toegelaat het om die Woord op hulle kansels te bedien nie, is besluit: "die saak van die professorale preekbeurt beskou die kuratore dat dit 'n saak van die plaaslike kerkraad is" (Art 21 Notule).

Omtrent drie weke na die Kuratorium-vergadering, op 21 Mei 1945, het ds. DG Venter van Steynsburg, wat die laaste Kuratorium-vergadering vanweë sterfte in die familie vroeër moes verlaat, in talle opsigte sy misnoeë met gebeure betuig. Sy misnoeë spruit uit die notule van hierdie vergadering. Dit wil voorkom of hy en dr. De Klerk in baie opsigte dieselfde standpunt oor verwikkelinge gedeel het. Venter stel sy saak net minder reguit. Hy stel o.a. dat daar ongesonde invloed en druk was om 'n spesiale Sinode te hou. Die gedagte is selfs al in stukke gepubliseer. Hy maak ook ten sterkste beswaar teen die woorde "en ook aanvullenderwys" wat daarop dui dat die Kuratorium as deputate besig was om hulle eie opdrag uit te brei. Daarmee het hy bepaald probleme gehad. Oor die feit dat die Kuratorium ook besluit het dat De Wet na Mei-maand steeds geen klasse mog aanbied nie, stel hy: "daarmee het die Kuratore veel verder gegaan as die Sinode self. Watter gronde is daarvoor aan te voer om tot hierdie dissiplinêre stap oor te gaan".

Dan het Venter met ds. TT Spoelstra 'n eie appeltjie te skil gehad. Dit blyk dat Spoelstra uit hoofde van sy skribaat en as penningmeester sitting in hierdie vergaderings verkry het, maar Venter het ervaar dat Spoelstra die vergadering al te veel "beinfluenseer". Hy stel dat hy van mening was

dat Spoelstra nie toegelaat mog word om oor die saak te praat nie, omdat hy nie self kurator was nie.

Oor die publisering van die saak was dit vir hom vreemd dat die redaksiekommissie so prominent na vore getree het, terwyl die opdrag tydens die Sinode was dat die moderamen in oorleg met die professor in Kerkreg hierdie opdrag moes uitvoer. Venter was van gevoele dat die vorige moderamen en Du Toit besig was om hulle verpligtinge op 'n "heel ondergeskikte kommissie" af te skuif.

5.3.25 DE WET WORD VAN DIE NUUTSTE VERWIKKELINGE VERWITTIG

Op die volgende dag, 9 Mei 1945, is De Wet reeds ten volle van die besluit soos deur die Kuratorium op die vorige dag geneem, verwittig. Daar is ook 'n kennisgewing na die kerke in Potchefstroom, Bloemfontein en ook die Rektor van die P.U.K. vir C.H.O uitgestuur wat hierdie besluit amptelik bevestig het.

In die argiefstukke is 'n nota wat die opskrif dra "Telefoniese oproep 10vm. Saterdagoggend" (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 34/45, Apr-Mei 1945). Dit het plaasgevind op 12 Mei 1945. De Wet vra aan Spoelstra of hy voorsitter van die Redaksie van *Die Kerkblad* is. Spoelstra antwoord bevestigend. Dan stel De Wet dat hy verneem "dat julle die stukke oor my saak gaan publiseer". In die gesprek stel De Wet dat die publikasie "'n beskuldiging en bekladding van my sal wees". Dan volg dat hy hulle ernstig maar tog dringend versoek om dit nie te doen nie. Uit die gesprek, soos later met 'n brief bevestig, het De Wet dit as sy reg beskou dat met so 'n plasing daar gelyktydig 'n weerlegging van hom moes verskyn. De Wet het daarop aangedring dat dit in dieselfde publikasie moes geskied. Daarna het Spoelstra verwys na *Die Maandbode* wat ook al sekere stukke gepubliseer het en ook dat "De Klerk geëis het dat die klassis-verslag geplaas word". De Wet gee toe dat hierdie stukke wat verskyn het, spreek "wel in my guns".

De Wet het bevestig dat hy die saak skriftelik gaan opvolg wat hy ook op 18 Mei 1945 gedoen het. Daarin het hy o.a. geskryf: "... Die publikasie sal nog meer onrus in ons kerk bring en ek beskou die publikasie as onreg teen my persoon" (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 19/45; vgl. ook Bylaag 35a/45, Apr-Mei 1945).

5.3.26 DAAR WORD NOG MEER AANTEKENINGE GEVRA

Die volgende week, op 15 en 16 Mei 1945, het die skriba aan verskeie predikante briewe uitgestuur met die opskrif “Persoonlik en Konfidensieel”. Die skrywes is ’n bewys dat daar gepoog is om nog meer aantekeninge te bekom in die ondersoek na die saak teen De Wet. Die volgende predikante, SCW Duvenage (De Aar), Joh. Postma (Lindley), SJ van der Walt (Burgersdorp) en JW Janse van Ryssen (Middelburg KP) het almal dieselfde skrywe ontvang met “’n beleefde versoek aan u te rig om u klasaantekeninge i.v.m. Dogmatiek en Bybelse Teologie aan ondergetekende te stuur vir nagaan deur ’n spesiale kommissie daartoe deur die Kuratore aangestel om op die saak in sy breë omvang in te gaan”. Uit ander korrespondensie blyk dat nog meer aantekeninge op 17 Julie 1945 van predikante aangevra is.

Dit kan aanvaar word dat die kommissie bestaande uit JD du Toit en JV Coetzee aan Spoelstra die versoek gerig het om hierdie aantekeninge aan te vra. Dit bevestig dat Coetzee, ten spyte van die laaste Sinode se bedenkinge aangaande die bewyskrag van sodanige aantekeninge, nie bereid was om van sy reeds ingeslane weg af te wyk nie. Du Toit het reeds sy stem by Coetzee gevoeg omdat hy oortuig was dat die Janssen-saak in Amerika aangetoon het dat sodanige aantekeninge van deurslaggewende getuienis beskou moes word, anders as wat die laaste Sinode in Potchefstroom geoordeel het.

In die verdere aanvraag van aantekeninge van broeders wat reeds in die bediening gestaan het, was daar ten minste drie predikante wat skriftelik nie ingestem het om hulle aantekeninge te voorsien nie. DJ van der Walt, toe predikant van die Geref. Kerk Koster stel op 23 Julie 1945 dit baie duidelik dat hy na aanleiding van De Wet se voordrag op die Sinode heeltemal deur sy optrede gerusgestel is en “dat hy nog regsinnig is”. Van der Walt skryf dan verder: “Ek kan nie verstaan waarom u weer op die hoofsaak wil terugkom nie. Sover my bekend het prof. De Wet nog nie weer sedert die Sinode-sitting geleer of geskryf wat in stryd is met die Skrif en die belydenis nie” (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.3, Bylaag 48/45, Jun-Jul 1945).

Nog ’n predikant wat geweier het om aantekeninge te voorsien, alhoewel op ’n baie laat stadium, was ds. JJS Venter, predikant van Ermelo op daardie stadium. Sy argumente sluit in hoofsaak aan by dié van ds. Van der Walt as hy op 2 Aug. 1945 skrywe dat dit volgens hom nie nodig was om verdere ondersoek i.v.m. hierdie vraagpunte in te stel nie. Hy stel: “Indien die prof. t.o.v. hierdie punte gedwaal het, dan het hy nou weer opnuut die regte belydenis aanvaar, mondeling en skriftelik en is dit nie nodig nou nog verder te twis nie. Gee hom nou kans om hierdie ‘nuwe’

belydenis te leer en uit te leef" (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.4, Bylaag 9/45, Aug. 1945).

Ds. JW Jansen van Ryssen (Middelburg KP) het in 'n sterk bewoorde brief op 12 Junie 1945 sy weiering tot die verskaffing van aantekeninge die breedvoerigste gemotiveer (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.3, Bylaag 49/45, Jun-Jul 1945). Van Ryssen was nie bereid om hom te "vereenselwig met die optrede van die kuratore na die Sinodesitting nie". Hy stel dat hy rondom leer 'n onverdraagsame benadering volg maar as dit gaan om 'n persoon "wil ek graag baie verdraagsaam wees". Dan stel hy dat hy "meen dat die kuratore deur weer 'n nuwe leerkwessie te soek 'n groot taktiese flater begaan het". Hy voeg by dat hulle nie nou weer sou regkry "om prof. De Wet as ketter veroordeel te kry nie. Hulle maak van hom in die oog van die kerklike publiek slegs 'n martelaar". In sy brief maak hy dan die volgende stelling dat hy dink dat "in die breë van die hele saak is daar 'n persoonlike kwessie en dit gaan om die persoon van prof. De Wet. Jansen van Ryssen wys op die gevaar dat volgens hom was dit nie reg "om 'n leerkwessie te soek en dit dan as hefboom te gebruik om van sy moeilike teenwoordigheid ontslae te raak nie". Van Ryssen sluit af met die bede dat die kerk van skeurings en onverkwiklike tweedrag gespaar sou bly.

TT Spoelstra het op 2 Julie 1945 in 'n breedvoerige skrywe op ds. Jansen van Ryssen se skrywe geantwoord. Van die kant van Spoelstra is dit duidelik dat hy gepoog het om grondig op Jansen van Ryssen se stellings in te gaan. Hy het o.a. vir Jansen van Ryssen daarop gewys dat hulle al soveel geduld met De Wet betoon het, dat daar nie gesê kan word dat die Kuratorium onverdraagsaam is nie. Die feit dat Jansen van Ryssen die kuratore beskuldig het dat hulle besig was om 'n "nuwe saak" teen De Wet te begin, het Spoelstra baie breedvoerig op hierdie beskuldiging ingegaan.

5.3.27 DIE SAAK WORD GEPUBLISEER MET DE WET SE WEERLEGGING

Die laaste Sinode se besluit dat aan die moderamen opdrag gegee moes word om aan die kerkverband, in oorleg met die prof. in Kerkreg (JD du Toit), die gemeentes op hoogte te bring oor die verloop van die saak, was in Mei-maand nog nie uitgevoer nie. Intussen het die dringendheid van die saak wel voortdurend aandag gekry, maar bepaalde regsbeginsels wat voorgehou is het die publisering van die saak bemoeilik. Die feit dat die saak nog *sub-judice* was, was een van die beginsels.

In die laaste Kuratorium-vergadering (8 Mei 1945) was dit die saak wat in die gesprek eerste na vore gekom het. PJS de Klerk wou onmiddellik weet waarom die saak nog nie gepubliseer is nie. S du Toit het geantwoord, "dat hiermee begin was, maar dat die prof. in Kerkreg en ook die Regsadviseur van gedagte was dit liewer nagelaat moet word uit konsiderasie vir die persoon van dr. De Wet, terwyl die saak in die stadium is". Die regsadviseur van wie hier sprake is, was prof. LJ du Plessis (Wikus).[59] Hy het aan JD du Toit in die tyd breedvoerige regsadvies verleen, wat daartoe gelei het dat die saak tot op daardie stadium nie in *Die Kerkblad* gepubliseer is nie. Du Plessis het in sy advies daarop gewys dat daar moeilik in die saak die beswaar van laster ingebring kon word. Die belangrikste rede waarom Du Plessis gemeen het publisering eers uitgestel moet word, was die moontlikheid dat daar intussen 'n bevredigende skikking kon plaasvind en dat De Wet heeltemal met die besluite van die Sinode kon konformeer. Dan moes die publikasie nie in die pad van die skikking staan nie. Du Plessis was egter van mening dat publikasie van alle stukke wel na die Mei 1945 vergadering kon geskied omdat De Wet in verskillende gemeentes opgetree en gerugte versprei het dat daar onbillik teenoor hom opgetree word. Op die wyse was Du Plessis van mening dat De Wet se optrede gestuit moes word deur die belang van die Kerk bó die van die ontevrede lid te stel. Du Plessis bevestig hierdeur dat hy ook van mening was dat nie 'n onmiddellike oplossing vir die saak in die vooruitsig was nie. Op die laaste vraag, nl. of De Wet toegelaat mag word om op publikasie van sy verweer aan te dring het Du Plessis gemeen dat die Kuratorium as gevolmagtigdes daaroor moes besluit. In die lig van die feit dat die saak nog *sub judice* was, waarsku Du Plessis dat daar nie in *Die Kerkblad* 'n oor en weer skrywery toegelaat kon word nie. Du Plessis beskryf die Kuratorium as "die regter in hierdie saak" Hulleself sou moes besluit oor sodanige publikasie.

Daar het heelwat korrespondensie tussen die lede van die Kuratorium rondom die aangeleentheid na vore gekom. Die meeste lede was aanvanklik daarteen gekant dat 'n "Weerlegging" van De Wet se kant ook gepubliseer moes word. Daar was wel 'n paar gunstige stemme wat tot publikasie van die offisiële stukke en De Wet se "weerlegging" daarmee saam ingestem het.

JM de Wet het die De Wet-saak in die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Innesdal ten volle laat dien. Op 26 Mei 1945 was daar 'n lang skrywe wat talle aspekte van die saak uitgelig het. (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 40/45, Apr-Mei 1945). Die Kerkraad was glad nie tevrede met die verloop van sake nie. Hulle was ook erg gekant teen enige publisering

[59] Dit is dieselfde prof. LJ du Plessis wat in die politiek baie nou met De Wet saamgewerk het, maar het hulle paaie polities uitmekaar geloop het. Volgens Moodie (1980:44) het Du Plessis later vir De Wet beskryf as 'n "inconvincible schismatic".

van die stukke, terwyl die beskikbaarstelling van sekere amptelike stukke in hierdie saak, toe hulle dit aangevra het, deur die Kuratorium geweier is.

Die publikasie het wel op 8 Junie 1945 (7-9) in *Die Kerkblad* verskyn . Uit die opskrif blyk duidelik dat baie groot noukeurigheid en sorg hieraan verleen is: “Offisiële stukke i.v.m. die saak van Prof. Dr. CJH de Wet”.[60] In hierdie amptelike verskyning is toe wel die “Weerlegging” van De Wet ten volle in dieselfde uitgawe opgeneem.

In ’n skrywe op 2 Junie 1945 aan Dr. PJS de Klerk kom dit na vore dat De Klerk as prominente lid van die Kuratorium op 18 Mei 1945 op plasing van die “Weerlegging” aangedring het (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.3, Bylaag 52/45, Jun-Jul 1945). TT Spoelstra, in sy hoedanigheid as skriba van die Kuratorium, het in *Die Kerkblad* bevestig dat die Kuratorium op ’n later datum weer ’n verweer op De Wet se weerlegging sou publiseer. Die “Weerlegging” is gefokus op kardinale aspekte in die saak en word daarom woordeliks weergegee om De Wet binne, wat as nuwe raamwerk van klagvorming beskou kan word, deur middel van sy onmiddellike verweer direk weer te gee. Hy het hierdie weerlegging op15 Mei 1945 opgestel:

> “...In verband met u brief van 9 Mei '45, waarin u besluit my meegedeel word en waarin u my van verskillende dinge beskuldig, antwoord ek u as volg:
>
> 1. Ek kan my nie neerlê by die metode en prosedure wat gevolg is deur die Kuratorium nie, en behou my die reg voor om, in geval dit nodig word, my reg te soek by die Sinode. Ek beskou u besluit dus nie ter sake nie. Maar om misverstand te voorkom, moet ek dit weerlê soos volg:-
> 2. (a) U beskuldig my dat ek onboetvaardig is. Ek moet dit beslis ontken. Ek het op die jongste Sinode verklaar en ek het dit ook op die jongste Kuratoresitting weer verklaar ‘dat dit my baie spyt dat ek dinge geskryf het wat aanstoot gegee het, maar dit was nie so bedoel’.
>
> (b) U beskuldig my dat ek beweer dat ek net op onder-geskikte punte skuldig bevind is, maar nie op die bepaalde leerpunte nie. Ja, ek beweer dit en as bewys dat my bewering reg is verwys ek u na afdeling B punte (a) en (b) van die Kommissieraport wat deur die Sinode aangeneem is (kyk Sinodale Handelinge arts. 250 to 252)
>
> Punte (a) en (b) lui as volg :—
>
> (a) Die genoemde beskouinge aangaande Job, Jakob, Melgisedek staan in die meditasies van die hand van prof. de Wet self in *Die Kerkblad*. Die aangaande die Kerk in 'n afgedrukte redevoering. Dit dien as afdoende bewyse dat prof. de Wet, homself skuldig gemaak het aan die verspreiding van afwykende beskouinge.

[60] ’n Opvoubare biljet in plakkaat-tipe hoë kwaliteit papier is ook in die argiefstukke gevind met die volle beriggewing soos op 8 Junie 1945 verskyn. Hierdie biljet wek die indruk dat verspreiding wyer geskied het as net onder die lesers van *Die Kerkblad.*

(b) Die beskouings aangaande die leerstukke van die filioque, die twee nature van Christus, verkiesing en verwerping, erfsonde en die gesag van die belydenisskrifte is gevind in studente-aantekeninge. Versterk deur uitlatings in *Die Kerkblad* verkry hierdie studente aantekeninge as getuienis groot gewig, egter nie so dat dit sou kon lei tot definitiewe skuldig verklaring nie, maar wel om die regsinnigheid van prof. de Wet onder ernstige verdenking te plaas. Buitendien, die Sinode het my nege vrae gestel in verband met die saak en ek het dit bevestigend geantwoord ; en daarmee was die saak *afgehandel*.

(c) U beskuldig my dat ek beweer dat ek in my klaswerk nie afgewyk het van Skrif en Konfessie nie. Ja, ek beweer dit en as bewys dat my bewering reg is verwys ek u na afdeling B punt (b) hierbo genoem.

(d) U beskuldig my dat ek my verset teen die Sinode-besluit en die Kuratorium. Dit ontken ek beslis. Ek moet myself maar net *verdedig* teen die beledigende en onbillike houding en optrede van die voorsitter van die Kuratorium teenoor my.

(e) U wil 'n *tweede* saak oor kettery teen my aan die gang sit. U het nie die reg om dit te doen nie. U het eenmaal reeds die kans gehad. Ek sal hierdie tweede saak beslis van die hand wys en my op die Sinode beroep.

(f) U belet my om klas te gee. Ek sal my onthou daarvan maar onder die sterkste protes, want daar is geen gegronde redes daarvoor nie. Die Kuratorium verskuif die afhandeling van die saak teen my, terwyl ek ondertussen onder verdenking van kettery en onregsinnigheid by die kerk gehou word. Ek sien nie kans om langer so vervolg te word nie.

3. Inmiddels hoop ek dat deur een of ander vorm van bemiddeling daar nog 'n oplossing vir die saak gevind sal word.

Met agting.
Die uwe,
C. J. H. DE WET."

In die weerlegging kom daar 'n hele paar sake na vore waarop in besonder die aandag gevestig moet word.

- De Wet is self ten gunste daarvan dat 'n Sinode die saak sal moet beredder. Hy het nie daarvoor teruggedeins dat sake weer na 'n Sinode sal moet gaan nie.
- Sy "spyt" word weer betuig; dit wat deur sommige Kuratore nie aanvaar word dat hy hiermee daadwerklike berou bedoel nie.
- Dit bly vir hom moeilik om te aanvaar dat hy in wese op al die sake skuldig bevind is wat hy in hierdie weerlegging nog 'n maal probeer ontken.
- De Wet maak dit duidelik dat hierdie saak nie meer oor die leersake gaan nie, maar dat sy persoon onder skoot is; dat hy in persoon vervolg word.

- Hy beweer dat die voorsitter van die Kuratorium, ds. ID Krüger uitgesonder moet word as beledigend en onbillik teenoor hom.
- Hy ervaar hierdie gebeure as 'n "tweede aanslag" wat daarop neerkom dat daar *de novo* beweringe teenoor hom gemaak word. Hy stel dat hy dit nie sal toelaat nie. Weereens is hy van mening dat 'n Sinode sal moet reg laat geskied.
- In die laaste plek wil hy die hoop uitspreek dat as daar bemiddeling plaasvind daar 'n oplossing vir die saak gevind mag word.

Hierdie laaste punt wat De Wet gemaak het, was 'n aanduiding dat hy moontlik na aanleiding van 'n sekere skrywe uit Pretoria, gehoop het daar vir hom uitkoms mag wees. Dit kan nie vir 'n feit aanvaar word dat De Wet met die opstel van sy "Weerlegging" reeds van die pogings van sodanige komitee bewus was nie, maar dit kan ook nie uitgesluit word nie.

Ds. DG Venter van Steynsburg, een van die kuratore, het in 'n brief op 21 Mei 1945 hierdie derde punt in De Wet se skrywe as baie gunstig aangevoer (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.4, Bylaag 10.4/ Aug. 1945). Hy doen 'n beroep op die ander kuratore as hy skryf:

> "Lê dit nie op die Kuratorium nou die verantwoordelikheid om sy versoeningsgesindheid te toon nie? Hier is nou die kans om, waar in die Kuratorevergadering die Sinodebesluit as halwe werk, selfs knoeiwerk bestempel is, reg te maak en uit die weg te kry nie, teenoor die bewering van die kuratore dat dr. De Wet skuldig is aan insubordinasie."

5.3.28 POGINGS TOT BEMIDDELING EN NUWE REGSADVIES

Die skrywe soos hierbo na verwys het op 26 Mei 1945 na twee rigtings uitgegaan. Daar is aan De Wet self geskrywe terwyl 'n brief met basies dieselfde inhoud na ID Krüger, voorsitter van die Kuratorium gegaan het. Dr. Jan Schutte, predikant van die Geref. Kerk Pretoria en ds. A. Duvenage, predikant van die Geref. kerke Daspoort/Eloffsdal saam met dr. JM de Wet, predikant van die Geref. Kerk Innesdal, en ds. CE Malan, toe die predikant van die Geref. Kerk Pretoria-Noord, het hulleself tot 'n "bemiddelingskomitee" georganiseer en aangebied om tussen De Wet en die Kuratorium op te tree. Duvenage was uit hierdie komitee as voorsitter aangewys en Schutte het as skriba gedien (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 41a-42/45, Apr-Mei 1945).

Die versoek in hierdie skrywe het op die Kuratorium 'n drieledige oproep laat uitgaan:

1. Die kuratore is versoek om uit hulle geledere ’n kommissie te benoem wat met die bemiddelingskomitee samesprekings kon voer.
2. Hulle maak in besonder ’n appèl op die voorsitter se gesindheid dat hy sou saamwerk en hulle versoek goedgunstiglik sou oorweeg.
3. Hulle gee die versekering dat die komitee se poging tot versoening versigtig hanteer sou word en dat geen van die partye enigsins mag voel hulle word geprejudiseer as die saak ’n verdere verloop mag aanneem nie.

Die skrywe aan CJH de Wet met basies dieselfde strekking maak op hom ’n tweeledige beroep:

1. Hy het homself bereid verklaar tot sodanige samesprekings.
2. Hy is ook verseker van die versigtige hantering van die saak en “dat wat in hierdie saak gedoen word en reeds gedoen is geen liggaam of persoon sal prejudiseer nie, as die saak verder sy loop neem nie.”

Op 29 Mei 1945 het die voorsitter, ID Krüger, op hierdie versoek instemmend gereageer (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 43/45, Apr-Mei 1945). Hy stel dat “hy waardeer die erns en die volgehoue poging van die komitee, soos ook aan my meegedeel deur ds. Yssel. Dis ook my biddende begeerte dat die saak in orde mag gebring word tot welsyn van kerk en skool, waarvan ons slegs dienaars is.” Dan stel Krüger dat die beste geleentheid vir die komitee om die Kuratorium te ontmoet die daaropvolgende vergadering sou wees, waarvan hy nog nie die datum kon verstrek nie. Hy wys die komitee daarop dat hulle rol wel net bemiddelend sou kon wees. Hy sluit af deur daarop te wys dat hy nie weet hoe ’n “ontmoeting op ’n ander tyd en wyse sal kan geskied nie”.

Op 26 Julie 1945 is deur die skriba van die Kuratorium aan die kommissie kennis gegee dat hulle bereid was tot sodanige ontmoeting op 15 Augustus 1945 (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.3, Bylaag 47/45, Jun-Jul 1945).

Intussen het Spoelstra alreeds op 25 Jun. 1945 aan ID Krüger bepaalde reëlings rondom ’n volgende Kuratorium-vergadering ter oorweging voorgelê, afhangende van die tweeman-subkommissie, JD du Toit en JV Coetzee se vordering met die laaste omvangryke opdrag aan hulle gegee.

In die skrywe laat Spoelstra hom weer soos vantevore in meer besonderhede oor die verloop van sake uit met bevestiging van eie opinie (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.3, Bylaag 51/45, Jun-Jul 1945). Een hiervan was dat Spoelstra oor die “bemiddelingskomitee” sekere

voorbehoude uitgespreek het. Spoelstra stel dat “hulleself nie weet wat hulle wil nie”. Hy bevestig dat S du Toit onder dieselfde indruk verkeer het. JD du Toit het ook weereens sy dringendheid oor die saak uitgespreek wat duidelik op Spoelstra indruk gemaak het dat hulle nie mag toelaat dat sodanige komitee die saak “laat sloer nie”.

Hiermee saam is dit duidelik dat adv. F. Rumpff met tye nie beskikbaar is as regsadviseur was nie en dat Spoelstra bevestig het dat “met prof. Wiekus het ons meermale reeds gespreek”. Hiervolgens is prof. Du Plessis se advies dat die Kuratorium “nie magte het om af te sit nie Dat dit ook by ’n hof sake moeilik sal stel”. Dan stel Spoelstra dat hy oortuig was dat ’n Sinode oor die saak weer bymekaar sou moes kom.

5.3.29 DE WET GESKORS

So asof uit die bloute kom die volgende kennisname op 2 Julie 1945 na vore wat deur die skriba van Bloemfontein aan Spoelstra gestuur is vir publikasie in die volgende Kerkblad (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.3, Bylaag 50/45, Jun-Jul 1945).

Die skrywe dra die opskrif:

> “Gepubliseer ter kennisname van die Kerkrade van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika”.

Die res van die skrywe lui soos volg:

> “Na behandeling van die gevoerde korrespondensies tussen die eerw. Kerkraad van die Gereformeerde Gemeente, Bloemfontein en sy emeritus leraar, Dr. CJH de Wet, uit watter korrespondensie 'n gees van ongeseglikheid en van volhardende insubordinasie aan die herhaalde versoeke van sy Kerkraad duidelik geblyk het - die versoeke naamlik, om onder die huidige omstandighede, solank sy saak, soos dit voor die Generale Sinode van 1945 gedien het, nog nie afgehandel is nie, hom voortaan liewers van die waarneming van preekbeurte in die Gereformeerde Gemeentes te onthou - so besluit hierdie Gekombineerde Kerkraadsvergadering met leedwese om genoemde emeritus leraar volgens Arts. 79 en 80 K.O. hiermee dadelik te skors in die uitoefening van sy diens as bedienaar van Woord en Sakramente sowel binne as buite die Gereformeerde Kerkverband, tot tyd en wyl die eerw.. Algemene Vergadering van die OVS oor hierdie skorsing en die aanklewe daarvan verder sal besluit.
> Namens die Gekombineerde Kerkraad,
> ID Krüger Voorsitter
> PH v.d. Linde – Scriba”

Die optrede en besluit van die kerke-vergadering (classis-contracta) in die Vrystaat gehou, kom in verskeie opsigte vreemd voor en het heelwat kritiese vrae laat ontstaan. Die direkte toepassing van Art 79/80 KO kom in die hele historiese verloop nou vir die eerste maal na vore.

Hierdie "skorsing" staan waarskynlik in verband met die gebeure wat Spoelstra op 25 Junie 1946 in 'n skrywe aan ID Krüger meegedeel het (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.3, Bylaag 51/45, Jun-Jul 1945). Hy stel dat "Sondag 'n week gelede het dr. De Wet weer in die Hervormde Kerk alhier gepreek. Hy het nie na die Nagmaal gekom nie, omdat hy beskou dat die kerkraad hom gesensureer het en sê glo dat hy nie hier Nagmaal sal gebruik nie, maar dat hulle besluit net Potchefstroom raak en nie ander gemeentes nie, dus sal hy wel elders kan Nagmaal gebruik".

In die lig van gebeure soos deur Spoelstra bevestig, wil dit al meer voorkom of die besluit tot skorsing meer uit verleentheid as uit oortuiging geneem is. Daarom dat selfs gemeen is dat skorsing "sowel binne as buite die Gereformeerde Kerkverband" geldig kon wees.

5.3.30 SPESIALE KURATORE-SITTING: 14-15 AUGUSTUS 1945

In die volgende drie maande, Mei – Aug. 1945, het seker die mees uitgebreide navorsing en voorbereiding vir die saak, wat nou reeds in sy formele handelinge byna 'n volle jaar aan die gang was, plaasgevind. Die grootste werk in die tyd is deur JD du Toit en JV Coetzee gedoen; hulle wat as "Kommissie ad-hoc" bekendgestaan het met die opdrag om die saak "in sy hele omvang en ook aanvullenderwyse rapport binne ongeveer drie maande by die Kuratorium in te dien" (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.4, Bylaag Aug. 2/45, Aug. 1945). Hulle rapport is as pre-advies in die saak hanteer.

Die resultaat van hulle werk was 'n 51-bladsye getikte rapport bestaande uit twee hoofdele. Die eerste deel het die "meer formele aspekte" van die saak nagegaan en die tweede 'n "materiële deel", wat bykans twee-derdes van die rapport uitmaak, het op die nege punte wat as kerndeel in hierdie hele leergeding aanhangig gemaak is, ingegaan. Hierdie deel het 'n diep teologiese ondertoon aan die rapport verleen. Dit is sake wat in die volgende hoofstuk van die studie in baie meer besonderhede nagegaan sal word. Die rapport stel dat gepoog is om veral die laaste 8-9 jaar van De Wet se werk aan die Teol.Skool die tydraam van ondersoek gemaak het.

Sake wat die rapport in sy formele deel hanteer het, sluit in wat die verwagtinge kon wees rondom die drie maande bedenktyd wat aan De Wet gegee was. Daarin is twee groot moontlikhede voorgehou. Die eerste moontlikheid - wat hulle duidelik verkies - was dat De Wet moes besef dat hy soveel vertroue geskok het dat hy eiewillig sy diens sou beëindig. Die tweede was dat De Wet besluit, soos hy wel gedoen het, om nog aan die Skool verbonde te bly. Daarin sien hulle ook weer twee moontlikhede. De Wet erken alles wat hy verkeerd geleer en gedoen het, hy het waarlik berou daaroor en dan sou die Kuratorium kon oorweeg om aan hom ’n proeftyd te gee sodat hy dan op die wyse met sy dienswerk kon voortgaan. Dit het ook volgens die Rapport nie gerealiseer nie. Dit wat volgens getuienis van die kommissie werklikheid geword het, is dat sonder erkenning van skuld en dat daar geen boetvaardigheid bestaan het nie, hy tog nog daarop aangedring het om by die Skool aan te gaan.

Daarna is die Mei-maand se bevindinge van die Kuratorium tesame met die gepubliseerde “Weerlegging” van De Wet as bewysmateriaal gebruik om alles wat De Wet as teenargumente gebruik het, te weerlê. Dit gaan in hoofsaak oor die “geen boetvaardigheid”, dat hy beweer dat hy net aan “ondergeskikte punte” skuldig bevind was, dat hy in sy klasse hom nooit aan afwykinge van Skrif of belydenis skuldig gemaak het nie, en laastens, wat ’n groot probleem blyk te wees, sy “gees van insubordinasie (verset) teenoor die Sinodebesluit en die Kuratore”.

Behalwe dat die pre-adviesrapport veral die eerste drie sake in groot besonderhede behandel het, is daar ook baie kerkregtelike aandag gegee aan die bewering dat hier eintlik ’n tweede saak teen De Wet begin is.

5.3.31 GEMEENTES VERMAAN NOG WEER TOT UITERSTE VERSIGTIGHEID

Uit die skrywes van kerke is dit duidelik dat die saak op verskeie plaaslike gemeentes se tafels beroering veroorsaak het. Op 12 Julie 1945 stel die skriba van die Geref. Kerk Koster, LA Venter, “dat lidmate erg ontsteld voel oor die verloop van die saak van prof. Dr. CJH de Wet ...”. Dan skryf Venter verder (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.4, Bylaag VI/1945 Aug, Aug. 1945):

> “En na deeglike bespreking het die eerw. Kerkraad gevoel dat hy hom nog nie kan en wil uitspreek oor die saak self nie, aangesien die saak nog nie finaal afgehandel is nie.

> Die Kerkraad het egter sonder teëstem besluit "om die eerw. Kuratore beleefd te versoek om ter wille van die eenheid en die toekomstige welsyn van ons kerk en die Teologiese Skool verder uiters versigtig te handel in die saak van prof. Dr. CJH de Wet".

5.3.32 REGSADVIES WORD NOG WYER INGEWIN

In 'n skrywe van 10 Aug. 1945, kort voor die volgende spesiale Kuratorium-vergadering, het adv. F. Rumpff in sy dekbrief tot die voorsiening van nog meerdere regsadvies laat blyk dat hy ook 'n "adv. De Wet KC" (albei van die Advokate kamers-Tudor gebou) in hierdie saak betrek het (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.4, Bylaag 10/45, Aug. 1945). Rumpff voorsien aan ds. JV Coetzee bepaalde adviese, maar die groot vraag wat Rumpff-hulle nie behoorlik kon beantwoord nie, was: "Soos u sien het ons twyfel in verband met die omvang wat gegee moet word aan die betekenis van die woord 'gegewe mandaat' in die Sinodale opdrag".

Dit is duidelik dat JV Coetzee het in sy skrywes rondom die verkryging van regsmenings 'n uitgebreide "memorandum" opgestel het met baie historiese gegewens. Die menings soos deur die advokate gelewer, aan die hand van vier vooraf opgestelde vrae, is weereens regstegnies in breë besonderhede geskryf. Hulle was wel versigtig om aan die Kuratorium te veel magte te verleen. Hulle laat blyk dat die Kuratorium nie alleen kon besluit dat iemand afgesit kan word nie. Hulle glo wel daar was niks wat die Kuratorium belet "om die saak weer voor die Sinode te bring nie al sou hul 'n mandaat gehad het om self met die saak volledig te handel en daar is niks om die Sinode te belet om die hele saak weer te oorweeg nie en die kwessie van tug self te beslis met die oog op verdere ontwikkelings. Daar is ook niks om te belet dat die kuratorium verdere klagtes teen die prof. opper nie. As verdere klagtes geopper word moet prof. De Wet natuurlik die geleentheid gegee word om te antwoord op sulke klagtes. En as die Sinode alleen die kwessie van tug wil besluit sonder verdere klagtes dan is dit ook wenslik dat die prof. die geleentheid gegee word om sy standpunt te verduidelik".

Die afsluiting van hierdie regsmening val vreemd op as daar in die laaste plek aan Coetzee geskrywe word:

> "Ten slotte wil ons daarop wys dat dit blyk dat dit nie nodig is om die professor te ontslaan weens wangedrag nie, maar dat om moeite te voorkom sy dienste beëindig kan word (volgens ons inligting) deur gewone kennisgewing van beëindiging van sy diens. So 'n kennisgewing moet in ons mening geskied deur of op las van die Sinode. Veiligheidshalwe moet so 'n kennisgewing drie maande bevat".

5.3.33 DE WET VERLANG GEWAARMERKTE AFSKRIFTE

'n Enkele dag voor die volgende Kuratorium-vergadering skryf De Wet op13 Augustus 1945 dat hy gewaarmerkte afskrifte van die Kuratorium verlang (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.4, Bylaag VIII/1945 Aug, Aug. 1945). Die gewaarmerkte stukke moes wees die "notule van die Kuratorevergadering van 8 Mei 1945 en die van môre (14 Aug. 1945) in soverre as die notule handel oor die saak teen my. Onder notule verstaan ek ook alle offisiële stukke bv. bylae, wat by die notule hoort".

Hieruit kan afgelei word dat De Wet die "kommissie ad-hoc", wat in sy pre-advies reeds 'n baie uitgebreide dokument gereed gehad het, versoek het om hulle dokument ook aan hom te voorsien. Dit is vreemd dat De Wet 'n dag voor die vergadering nog nie daardie uitgebreide dokument onder oë gehad het nie en hy op die wyse dit moes aanvra, terwyl dit alles op hom betrekking gehad het. Andersyds kan dit wees dat hy wel die gewone dokument as ander party in die saak ontvang het, wel nie gewaarmerk nie, maar van dieselfde inhoud as wat al die ander kuratore ontvang het.

Op 20 Aug. 1945, na die Kuratorium-vergadering reeds plaasgevind het, antwoord Spoelstra eers op die aanvraag van gewaarmerkte afskrifte (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.4, Bylaag VIIIa/1945 Aug, Aug. 1945). Die antwoord stel dat "ooreenkomstig Geref. Kerklike praktyk word aan die betrokke persone slegs 'n afskrif gestuur van die besluite wat op hulle betrekking het. Dit het gebeur na die vergadering van 8 Mei en nou stuur ek u die besluit van 14 en 15 Aug., saam met die goedgekeurde pre-advies wat in die besluit vermeld word". (Vgl. ook Art 16 Notule van die Kuratore verg op 14-15 Aug. 1945- JV Coetzee-versameling).

Hierdie antwoord het die reg meer ingewikkeld gemaak. Dit kan aanvaar word dat De Wet om homself na behore voor te berei, hy sekerlik van die uitgebreide rapport van pre-advies moes kennis geneem het, veral van die uitgebreide dele oor die leergeding - dit saam met die voorwaarde dat hy dit nie as goedgekeurde stuk moes aanvaar nie. Vir die Augustus-maand-vergadering is dit belangrik om in gedagte te hou dat De Wet op geen stadium daar teenwoordig was nie. Hy is nie opgeroep nie en het ook geen verlange uitgespreek om wel daar te wees nie.

Spoelstra het wel tydens die Sinode-sitting in Feb. 1946 bevestig dat De Wet van die Mei 1945-vergadering se notules, waar daar inderwaarheid 'n raamwerk tot 'n voortgesette klag goedgekeur

was (vgl. Acta, 1946:39), sowel as die inhoud van die Aug. 1945 Kuratorium-vergadering, 'n kopie van alle dokumentasie voorsien is.

5.3.34 DIE BESLUITE VAN HIERDIE VERGADERING

Een van die eerste besluite van die vergadering in Augustus was om die besluit van Mei-maand te herroep waar ontevredenheid uitgespreek was oor kerke in Klassis-Pretoria wat na oordeel van die Kuratorium by die saak ingemeng het, terwyl dit nog *sub judice* was. Die besluit in Mei het nog verder gegaan deur aan te beveel dat van hierdie inmenging by 'n volgende Sinode rapport gedoen sou word. Dit wil voorkom of die besluit in sy geheel herroep is.

Hierna het die Kuratorium vir die eerste keer as vergadering die toetrede van die "Bemiddelingskomitee" tot die saak bespreek. Daar is besluit om die vier predikante van Pretoria die volgende dag, 15 Aug. 1945 op die vergadering te woord te staan.

Die belangrikste taak in die Kuratorium-vergadering was die behandeling en goedkeuring van die lywige rapport van Du Toit en Coetzee wat by die Mei-maand vergadering as sub-kommissie die opdrag ontvang het om die saak in sy hele omvang te bring tot die punte waar dit werklik op aankom. Hierdie groot werk is met groot sorg nie alleen deur die sub-kommissie tot afhandeling gebring nie, maar die Kuratorium het in hulle vergadering besondere aandag aan die werk gelewer om dit goed te keur. Die wysiging van meer as 50 van die punte, soos in die pre-advies na vore gekom het, spreek opsigself van die harde werk en dan veral die afronding van die punte oor die leergeding. Dit toon aan dat die Kuratorium op die rapport goed voorberei was en hulleself diep daar ingegrawe het.

Daarna is die rapport op voorstel van ds. ASE Yssel met as sekondant ds. JH Kruger met groot dank aanvaar, waar die wysiginge soos voorgestel ook goedgekeur is. Ds. DG Venter was van mening dat die gedeelte wat handel oor die "wese van God" nie in die rapport tuishoort nie, maar slegs as bylaag moes dien. Sy voorstel is nie aanvaar nie.

'n Verdere besluit wat wye implikasies kon hê, was om die sub-kommissie se opdrag te kontinueer. Dit het aan die kommissie die vryheid gegee om steeds na meer punte in die leergeding te delf en as daar na hulle oordeel uitbreiding op van die sake moes plaasvind, hulle daarmee die bylaag tot hulle rapport kon aanvul. Dit het wel daarop uitgeloop dat daar later weer

nog heelwat punte bygevoeg is, wat in Feb. 1946 se Sinode-sitting as nog ’n addisionele bylaag goedgekeur is.

Die betrokke Kuratorium-vergadering kon ook die finale getekende kopie van die kontraktuele ooreenkoms tussen die Universiteit en die Teol. Skool in ontvangs neem. Teen hierdie saak het De Wet baie teenstand gebied, maar op die einde net kennis van moes neem. Intussen is die besluit van De Wet om as professor by die Universiteit te bedank wat reeds vanaf 30 Junie 1945 van krag was, in verskeie opsigte rondom sy problematiek hanteer.[61] Dit het die saak geraak dat iemand se werk by die Teol. Skool nie noodwendig verbind is aan ooreenkomste met die Universiteit nie. Die gebeure rondom De Wet het indirek aanleiding gegee tot wysigings in dié verband. Voortaan sou die bepaling geld dat geen bedanking by die Universiteit of *vice versa* kan plaasvind sonder ingrypende beïnvloeding van die persoon se posisie by die ander instansie nie.

5.3.35 DIE BEMIDDELINGSKOMITEE HET MAAR GEKOM EN GEGAAN

Hierdie komitee van 4 predikante uit Pretoria, waarvan De Wet heelwat verwag het, het die Kuratorium die eerste keer op 15 Aug. 1945 te woord gestaan. Dr. JM de Wet het in die ontmoeting dit duidelik gemaak dat hulle met toestemming en medewete van CJH de Wet daar teenwoordig was. Dit bevestig net nog weer die hoop wat De Wet in sy saak rondom die komitee gekoester het. Ds. A Duvenage het in die grootste deel van die ontmoeting die woord gevoer. Die saak rondom hulle hulp het eintlik maar doodgeloop met die aanbod “hulle bied hulle hulp aan as hulle kan help”.

Intussen kom dit al meer na vore dat PJS de Klerk wat by vorige vergaderings van die Kuratorium in baie opsigte ’n ander benadering tot De Wet gevolg het en hom meer ter wille wou wees, nie meer daarmee volgehou het nie. Dit was op sy voorstel dat die bemiddelingskomitee ook die uitgebreide werk van die Kuratorium se sub-kommissie moes ontvang, gesekondeer deur SJ van der Walt. In meer opsigte, soos die saak in sy laaste fases ontwikkel het, kom dit voor of De Klerk al meer met die res van die Kuratorium in dieselfde rigting saamgeloop het. Die Kuratorium het met die komitee ooreengekom dat ds. JV Coetzee hulle van die verdere verloop van die saak op hoogte sou hou.

[61] In die saak van De Wet kan genoem word dat hy na sy “bedenktyd” vir ’n paar maande klasse by die Universiteit waargeneem het, voordat daar weer van alle kante ingegryp is om hom “die gee van kolleges te ontsê”.

Die mededeling van JM de Wet dat CJH de Wet hulle betrokkenheid steun, was waarmee die komitee die vergadering verlaat het en hulle was nooit weer prominent in die saak nie. Wel, net JM de Wet, wat in Feb. 1946 gepoog het om 'n minderheidsrapport in sy eie persoon te laat dien, maar nie meer verbind aan die bepaalde komitee nie.

Die kostes om hierdie vergadering by te woon was ook op rekening van die komitee, wat wel 'n reiskoste-eis ingedien het, maar die Kuratorium het besluit dat dit "hulle spyt dat hulle geen magtiging het om hierdie rekening goed te keur vir uitbetaling" nie (Art 19- Notule verg Kuratore, Aug. 1945- JV Coetzee versameling).

In die buitengewone Sinode aan die begin van 1946 is daarvan kennis geneem dat deur hierdie komitee nie "enige definitiewe resultaat bereik is" nie (Acta, 1946:40).

5.3.36 WEERLEGGING WORD IN ONTVANGS GENEEM

In Augustus 1945 het die Kuratorium as vergadering die eerste keer met De Wet se "Weerlegging" soos reeds in Junie 1945 in *Die Kerkblad* gepubliseer, amptelik gehandel (GKSAA, Art 13 - Notule verg Kuratore, Aug. 1945 - JV Coetzee versameling). Dit het redelike verwikkelinge in die saak teweeggebring wat in die res van die historiese verloop aangetoon word. Dit is belangrik dat die kommissie van pre-advies wel in hulle rapport al daarmee gewerk het.

5.3.37 PUBLISERING VAN DIE RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE PRE-ADVIES

Oor die publisering van die Kommissie ad-hoc se pre-advies was daar in die Kuratorium-vergadering 'n klein verskil van mening (GKSAA, Art 20- Notule verg Kuratore, Aug. 1945- JV Coetzee versameling). Van die lede (ID Krüger, JV Coetzee) het voorgestel dat dit net deur die prof. in Kerkreg nog weer nagesien en gekeur moes word en dan gepubliseer word. Die voorstel van ASE Yssel en DG Venter wat wel aanvaar is, het anders gelui: dat die stuk wat deur die Kuratorium goedgekeur is, eers aan De Wet gestuur moes word en dat dit nie gepubliseer sou word voordat De Wet se antwoord ontvang is nie. Hy het ses weke ontvang om te reageer. Oor volle publikasie sou dan eers by die Nov.-maand vergadering besluit word.

'n Daaropvolgende besluit, soos deur PJS de Klerk voorgestel en deur JP Jooste gesekondeer, was dat De Wet nie net skriftelik moes antwoord op die kommissie se rapport van pre-advies soos deur die Kuratorium goedgekeur nie, maar hulle verwag verdere skriftelike beantwoording van

die punte a, b, c en d, van die Kuratorium-besluit soos gepubliseer in *Die Kerkblad* van 8 Junie 1945. Dit kom daarop neer hy moes nadere rekenskap gee oor die feit dat hy geen boetvaardigheid getoon het nie, dat hy beweer hy slegs op ondergeskikte punte skuldig bevind is, dat hy beweer hy nooit in sy klasse afwykende leerstellinge voorgehou het nie en dat hy 'n gees van verset (insubordinasie) teenoor die Kuratorium-besluit en Sinode-besluit openbaar het (GKSAA, Art 21- Notule verg Kuratore, Aug. 1945- JV Coetzee versameling).

Die besluit het verder ingehou dat De De Wet weer by 'n volgende vergadering voor die Kuratorium sou moes verskyn. Hierdie verdere beplande handelinge moes so gou moontlik aan De Wet gestuur word en sou ook onmiddellik in *Die Kerkblad* gepubliseer word. Oor die publikasie van die pre-advies sou wel eers later besluit word. Weereens is bevestig dat hy tot Nov. 1945 geen klasse mag gee nie.

5.3.38 DE WET MAAK 'N "AANBOD" IN WAT HY NOEM DIE "ANTWOORD"

In reaksie op die besluit van die Kuratore-vergadering in Augustus-maand waarin De Wet binne ses weke bepaalde vereistes soos hierbo genoem, moes nakom, het hy, op 14 Sept. 1945 aan die Kuratorium 'n aanbod gemaak. Hy versoek dat daar 'n broederlike samespreking gehou moes word oor die nege punte. Verder maak De Wet die voorstel dat as daar dan steeds verskille tussen hom en die Kuratorium na vore sou kom dat net hierdie verskilpunte gerapporteer word en die Sinode oor hierdie punte uitspraak lewer.

Die volledige dokument, soos deur De Wet opgestel, gee duidelike bewyse dat daar nog groot verskille bestaan het en wat geen oplossing op daardie stadium gebied kon word nie. Hy verdeel dit ook soos die kommissie van die Kuratorium dit gedoen het, deur eerste na die formele aspekte van die saak te verwys en daarna word die materiële aspekte hanteer. Die dokument word afgesluit deur wat De Wet noem 'n "Nadere verklaring".

Die antwoord word ter wille van die waarde van die inhoud en vir die vertolking van die verdere verloop van die saak volledig weergegee. De Wet self gee die stuk die aanvanklike titel van die "Antwoord" (Acta, 1946:107-109; *Die Kerkblad*, 9 Nov. 1945:21-22).

“In verband met u besluit van 14 en 15 Augustus 1945, antwoord ek u as volg

A. FORMELE ASPEK VAN DIE SAAK.

Wat betref die formele aspek van die saak soos vervat in u besluit en in deel A van die ‘Pre-advies’ - wat u my gestuur het, bly ek by my ‘Weerlegging- soos gepubliseer in *Die Kerkblad* van 8 Junie 1945; behalwe (I) by punt (a) van my Weerlegging wat handel oor die kwessie van ‘berou’ wil ek byvoeg of het die Kuratorium 'n Roomse biegstoel geword? (II) by punt (d) van my Weerlegging wat handel oor die ‘verset’ teen die Sinode-besluit wil ek byvoeg : die Kuratorium beskuldig my van verset teen die Sinode-besluit van 8 Febr. 1945, maar dit is in werklikheid die Kuratorium wat kritiek uitoefen op die laaste Sinode soos blyk uit die Pre-advies: in punt A, I, c(v) van die Pre-advies word gesê, dat studente-aantekeninge wel terdeë as bewyse kan geld’ en onder die inleiding tot punt B word gesê : ‘vir ons is genoegsame bewys vir wat werklik geleer is’, terwyl die Sinode gesê het dat dit nie afdoende bewyskrag het nie; onder punt A, I, (ii) word gesê die Sinode se nege vrae aan my was ‘nie volledig nie’ ; terwyl die Sinode dit as volledig beskou het. Maar genoeg: die verset van die Kuratorium is seker duidelik! Verder wil ek nog die volgende opmerking maak:-

1. Die Kuratorium gee aanhalings uit outoriteite van oorsee. Watter waarborg het die Kuratorium dat hierdie oorsese praktyke altyd reg en billik was?
2. Die Kuratorium gee aanhalings (onder 'punt B, 1 ; B, 2, ens.) van woorde wat die scriba van die Kuratorium op die laaste Sinode uit my mond sou opgeteken het. Wie het aan die Skriba opdrag gegee om sodanige optekening te maak en watter waarborg het die Kuratorium dat hierdie opgetekende woorde korrek is? Dit lyk baie na ‘spioenasie-werk’ wat net veragting verdien.
3. Teen die einde van punt B, 1 van die Pre-advies word gesê dat daar nog meer beskuldiginge gereed lê. So word ek nog meer onder verdenking by die kerk gestel. Waarom het die Kuratorium nie op die jongste Sinode alles opgedis nie? Die Kuratorium het tog agt tot nege jaar tyd gehad om dit op te spoor (kyk einde van inleiding tot punt B van Pre-advies).
4. Die blykbare poging om deur die woorde ‘wat die Professor oor bevattingsvermoë van die studente gedurende die Sinode gesê het, sal ons in stilte passeer"’(punt 1, c(v) van Pre-advies) 'n wanverhouding tussen die teologiese studente en my te bewerk, verdien seker ook net veragting.
5. Wanvoorstellings oor sake word gegee, blykbaar omdat die Kuratorium net op studente-aantekeninge afgaan, bv. as onder punt B, 4 van die Pre-advies gesê word dat my translasie-teorie 'n ‘skerper vorm van die tradusianisme’ is, dan blyk dit dat die subkommissie vir Pre-advies self geen benul van die translasie-teorie gehad het nie.
6. Dit word beweer (inleiding van punt A van Pre-advies) dat die saak teen my nog nie afgehandel is nie weens ‘die houding van 'die Professor’-. Die ware feite is egter dat die Kuratorium die saak teen my (na sy formele aspek) nie wil afhandel nie, omdat die Kuratorium my op allerhande maniere wil dwing om te bedank of af te tree as professor. Ek sal dit beslis nie doen nie.

7. Ek betreur dit dat die Kuratorium sy besluit van 14 en 15 Aug. 1945 reeds gepubliseer het (in *Die Kerkblad* van 7 Sept 1945) voordat my antwoord daarop ontvang was en dus ook gelyktydig gepubliseer kon word. Ek voel dit aan as onreg en onbillik. Ek moet die Kuratorium ook dringend versoek om, as die Pre-advies gepubliseer word in *Die Kerkblad*, ook my 'Antwoord'- gelyktydig daarmee te publiseer. Dit is net maar reg en billik.

8. Ingeval die Kuratorium op sy sitting in November 1945 die saak teen my nie bevredigend kan afhandel nie, dan sal ek my op die Algemene Sinode beroep, en aan die eerw. Partikuliere Sinodes van die drie Provinsies vra om 'n Algemene Sinode vir April 1946 (as dit enigsins moontlik is) aan te vra.

Verder, om misverstand te voorkom, verduidelik ek net die volgende:

1. Met 'ondergeskikte punte' - in my Addendum van 8 Mei 1945 bedoel ek net punte wat nie definitiewe leerstukke bevat nie.

2. Met 'onskuldig' in dieselfde Addendum bedoel ek 'nie skuldig nie'. So het ek ook die punte mondeling aan die Kuratorium verduidelik met ons onderhoud van 8 Mei 1945.

B. MATERIËLE ASPEK VAN DIE SAAK

Wat die materie van die saak betref, soos vervat in deel B van die 'Pre-advies'', spyt dit my dat ek nie daarop kan ingaan nie, omdat ek meen dat die laaste Sinode die saak afgehandel het wat sy materie betref. Ek bly dus, wat die materie van die saak betref, by die toets van regsinnigheid waaraan ek onderwerp was deur die laaste Sinode, en by die Verklaring wat ek op 1 Mei 1945 by die Kuratorium ingedien het (kyk *Die Kerkblad*, 8 Junie 1945). Verder bly ek ook by die uitspraak van die laaste Sinode, nl. dat studente-aantekeninge geen afdoende bewyskrag het nie. Die Kuratorium het dus nie die reg om die saak teen my voort te sit (wat die materie betref) of om dit uit te brei of 'n nuwe saak teen my te begin nie.

Waar dit egter uit die Pre-advies blyk dat die Kuratorium nie tevrede is met my Addendum oor die 'bedenktyd' nie, en dat die Kuratorium ook 'n waarborg vir my Gereformeerdheid wil hê, daar is ek bereid om 'n Nadere Verklaring in my Antwoord in te voeg en ek hoop dit sal die Kuratorium bevredig.

NADERE VERKLARING.

In verband met die 'bedenktyd' wat die laaste Eerw. Generale Sinode aan my gegee het, wil ek graag die volgende nader verklaring maak, en ek hoop dat dit bevrediging sal gee aan almal wat in twyfel is oor my gevoelens as professor.

1. Wat betref my werk aan die Teologiese Skool kan ek opregtelik verklaar dat ek nog geheg is aan die Geref. Kerk en aan ons Teologiese Skool, waaraan ek nou al twintig jaar arbei. Ek verkies derhalwe om nog langer aan die Skool te arbei solank as die Here my die krag daartoe gee en ek hoop dat die nodige samewerking aan die Skool nog daar sal wees.

> 2. Wat betref my gesindheid en houding teenoor Geref. leer kan ek opregtelik en hartlik verklaar, dat ek nog net so dink en voel soos vroeër; en dat die Woord van God en ons Belydenisskrifte vir my nog net so dierbaar is soos vroeër; en dat ek in leer en lewe nog steeds hierdie maatstaf wil handhaaf. En as ek in die verlede iets geskryf het wat die indruk gewek het asof ek nie meer so dink en voel soos in die verlede nie, dan spyt dit my baie, maar dit was nie so bedoel nie."

Dit is opmerklik dat die "Antwoord" van De Wet wat hy later as 'n "aanbod" vertolk", op so 'n laat stadium plaasgevind het. Benewens die aspekte waarin hy steeds die Kuratorium verwyt het, was, dat hy omtrent al 10 maande tevore versoek was om 'n nadere verklaring te gee, wat hy geweier het. As hy heelwat vroeër ten minste net die sekerheid kon gee, wat hy nou in sy gewete neergepen het, dan was soveel ongelukkigheid, venyn en verwyte in die saak, moontlik nie so op die voorgrond nie.

In dieselfde tyd het De Wet weer daarop aangedring dat hy bogenoemde antwoord gepubliseer wou sien as die Kuratorium tot publisering van die rapport tot Pre-Advies ooreengekom het. Hy stel dat "ek waardeer wat u laas gedoen het re publikasie van my stukke".

Hy sluit bogenoemde skrywe af met net 'n terloopse versoek, maar in die konteks van die historiese verloop van die saak was dit 'n drastiese stap wat geneem is. De Wet versoek vroegtydige kennisname van die datum vir die volgende vergadering waarvoor hy die opdrag ontvang het om te verskyn, want, stel hy: "ek sal net vir daardie dag kan ingaan na Potch, want my huis op Potch is verhuur en ek bly op die plaas".

5.3.39 VERVROEGDE KURATORE-VERGADERING: 24-26 OKTOBER 1945

Die vergadering moes weer deur baie voorbereiding gaan. Op 21 Sept 1945 het die voorsitter reeds in 'n brief die hoop uitgespreek dat die Oktober-vergadering die Nov.-maand- vergadering moes vervang en die eksaminering van studente wat gewoonlik in November plaasvind deur 'n "daartoe aangewese komitee gedaan sal word" (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.5, Bylaag 1/45, Sept. – Okt. 1945). Op hierdie vergadering is begin deur te wys op "die donker wêreldtoestand, en ons eie kerk". Die "donker" was sekerlik die nadraai van die Tweede Wêreldoorlog, maar die Kuratorium het ook die saak rondom De Wet as 'n donker tyd beleef. Op die vergadering was dr. SJ van der Walt afwesig weens siekte en kon daar nie 'n sekundus in sy plek opgeroep word nie (GKSAA, Art 2, Notule verg Kuratore, Okt. 1945- JV Coetzee versameling).

Die vergadering is gekonstitueer met die agt kuratore (hulle was normaalweg nege), die twee Du Toit-professore, TT Spoelstra weer as skriba en F Postma wat ook teenwoordig was. Die antwoord van De Wet soos reeds op 14 Sept. 1945 aan hulle gestuur, was eerste op die agenda en het volgens die notule wye bespreking uitgelok. Die besluit wat daaroor geneem is, staan genotuleer: "Die Kuratore het die antwoord van prof. De Wet gehoor en verklaar hulle nie tevrede daarmee nie daarom benoem die Kuratore 'n subkommissie om hulle bevindinge vas te stel en 'n voorstel van pre-advies voor die vergadering te lê." Op hierdie kommissie is ASE Yssel as sameroeper, DG Venter, JV Coetzee en prof. JD du Toit aangewys. Hulle moes ook adviseer rakende die ontmoeting met De Wet wat later sou plaasvind (GKSAA, Art 4-6- Notule verg Kuratore, Okt. 1945- JV Coetzee versameling).

Die gesprek het later die dag plaasgevind, nadat die vergadering eers deur die kommissie geadviseer is (GKSAA, Art 18- Notule verg Kuratore, Okt. 1945- JV Coetzee versameling). De Wet het toe tydens die vergadering sy versoek tot 'n broederlike samespreking bevestig en was bereid om oor al die punte te spreek. "As die kuratore bevind dat daar verskil tussen hulle en hom op sekere punte bestaan, die kuratore dan die verskilpunte by die Sinode rapporteer en die Sinode versoek om 'n studiekommissie te benoem, sodat na die bestudering van die hele saak uitspraak gedoen kan word, waarby hy hom sal neerlê, mits die inhoud van die samespreking geen gebruik gemaak word vir 'n aanklag teen hom nie" (vgl*. Die Kerkblad*, 9 Nov. 1945:22). Die Kuratorium het De Wet hierna verskoon om oor sy voorstel te handel. Sy aanbod was in alle geval duidelik dat hy bereid was om oor al die punte te spreek. Die saak is toe na dieselfde sub-kommissie verwys soos vroeër die dag aangewys.

5.3.40 'N BROEDERLIKE "SAMESPREKING" MET DUIDELIKE VOORWAARDES EN VRAE

In beginsel is die broederlike samespreking toegestaan en sou daardie Donderdag-middag plaasvind, maar onder bepaalde voorwaardes. Toe hulle die prof. weer ontmoet het, was daar 19 vrae voorberei en het hulle ook die voorwaardes tot hierdie gesprek uiteengesit (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.5, Bylaag VIII a en b, Sept. – Okt. 1945).

Die Kuratorium het op skrif inleidend gestel dat "hulle bly is ... dat hy uiteindelik ingewillig het om op die materie van die saak in te gaan en aangebied het om dit te doen in 'n onderhoud met die kuratore". Hiermee saam het hulle die feit betreur dat daar nou eers gedoen kon word wat hulle in Nov. 1944 en by elke volgende vergadering al wou gedoen het.

As voorwaardes vir die onderhoud het die Kuratorium gestel dat “die onderhoud nie bedoel is om te bemiddel tussen standpunt en standpunt nie. Dit is vanself uitgesluit waar ons met sulke ernstige dinge besig is”. ’n Tweede voorwaarde het gehandel oor die studente-aantekeninge. De Wet moes besef dat hulle as Kuratorium voor ’n beslissende keuse staan. De Wet sou nou net met ’n “ja” of ’n “nee” moes bevestig dat die aantekeninge die waarheid praat en dat hy skuldig was aan afdwaling of “nee ek is nie skuldig nie”. Die onderhoud sal dus moet dien om eventueel “meer lig op hierdie antitese te werp”.

Die derde aspek wat De Wet voorgestel het, is dat dat as daar moontlik verskille sou wees, dit dan eers aan die Sinode voorgelê moes word. Die Kuratorium het besluit hulle sal eenvoudig die verskille konstateer en aan die Sinode rapporteer soos die verskille in die onderhoud “openbaar mag word”.

Nog ’n voorwaarde was dat die materie van die pre-advies punt vir punt met die prof. bespreek sou word.

Aanvanklik is daar ooreengekom dat die skriba noukeurig aantekening van die onderhoud sou hou, maar dit is later op die oorspronklike argiefstuk doodgetrek. Geen sodanige dokument kon ook opgespoor word nie.

Die 19 vrae wat voorberei is, het daarop ingegaan waarom hy toe bereid sou wees om die materie van die pre-advies te bespreek, terwyl hy voorheen dit geweier het. Die afwyking van Skrif en konfessie wys in sy klaswerk en hy sou moes verduidelik hoe dit met sy ontkenning van hierdie feit gerym het. Hy sou moes verklaar waar het die studente-aantekeninge ontstaan het as hy nie die dinge gesê het wat die studente geskryf het nie. Hy sou ook die eenstemmigheid tussen die aantekeninge moes verklaar.

Daarna is ’n aantal vrae rondom die *Filioque-leer* saamgestel en is ’n vraag rondom die Sinode van Chalcedon met die twee-nature leer voorberei. Hy sou gevra word na hoe hy die ondertekening van die ondertekeningsformulier beskou. Hy sou sy voortdurende gebruik van die terme God-Christus en mens-Christus wat Calvyn so duidelik afgewys het, moes nader verklaar. Sy verwysing na “hy nie kan verstaan dat Christus ’n onpersoonlike mens was nie en dat daar nie soiets bestaan nie”, sou nader verklaar moes word. Dis ’n saak wat hy alreeds in *Die Wagtoring* na verwys het. Hy sou moes verklaar hoe hy dan die Konfessie verstaan.

Daarna is vrae voorberei wat wentel rondom vreemde uitdrukkinge wat hy rondom die Raadsplan van God gebruik het, bv. dat “die Raadsplan van God ’n plan is met twee moontlikhede en dat die werklikheid van die mens se kiesvryheid afhang” Ander vrae rondom die uitverkiesing en verwerping en die saak rondom “infralapsarisme” is ook voorberei. De Wet se siening oor die verbond en dat hy dit aan die hand van die translasieteorie hanteer, was ook ’n voorbereide vraag.

Verdere vrae het gehandel oor uitsprake soos dat die konfessie die geloof te veel wou reglementeer, terwyl hy dan ook nog kon sê dat die belydenis vir hom “dierbaar is”. Die Kuratorium wou hom ook ondervra na sy nouere bande met die CSV waar hulle ook sy Okt.1944 -sluitingsrede wyd gepubliseer het.

De Wet se verklaring van Gen. 1:1 waarin staan dat “hemel is gelyk aan ruimte (relasiebegrip) en aarde is gelyk aan oerstof” was ook onder die voorbereide vrae. Daar was ook ’n vraag na hoekom hy die beeld van God gestel het as “die formele refleksie van die geskape heerlikheid van God”. Die vraag was hoekom hy nie bly by die gereformeerde teologie en die konfessie nie. Die voorlaaste vraag het daaroor gehandel dat hy aan die studente gestel het dat ouderlinge geen leertug oor predikante kon uitoefen nie en of hy nog by hierdie siening handhaaf Die laaste vraag het weer teruggekom na die aspek van berou of spyt.

Hierdie voorwaardes en die diepliggende vrae was alles voorbereid, maar De Wet wou nie daarby inval nie. Dit het later geblyk dat hy veral nie kon saamgaan met die voorwaarde dat die Kuratorium nie sy voorstel wou aanvaar dat “moontlike verskille” slegs gerapporteer sou word en dat ’n studie-kommissie daarna moes handel nie. Die Kuratorium het gevoel daar sou moes aangekla kon word.

Dit staan genotuleer “dat hy nie kans sien om ’n samespreking volgens die reëling van die Kuratore te hou nie”. Hy het bevestig dat hy sou bly weier om op die vrae in te gaan en dat hy weier “om op voorwaardes soos deur die Kuratore gestel ’n samespreking te hou, omdat die Kuratore nie aan sy voorwaardes voldoen nie”. Hierna het De Wet bevestig dat hy kennis gee “dat hy hom op die Sinode gaan beroep” en dat hy “die Kuratore en die Senaat aankla weens magsmisbruik”. Toe het De Wet die vergadering verlaat (GKSAA, Art 21, Notule verg Kuratore, Okt. 1945, JV Coetzee versameling).

5.3.41 ’N SINODE MOET BYEENKOM

Na hierdie gebeure is besluit “om vroeg volgende jaar die Sinode byeen te kry en hiervoor toestemming van die part-Sinodes te vra”. Die Vrydag-oggend is besluit om die pre-advies met al die ander stukke, De Wet se antwoord daarop en die goedgekeurde rapport wat die ad-hoc kommissie tydens hierdie vergadering opgestel het in die volgende Kerkblad te publiseer. Dit het alles in *Die Kerkblad* van 9 Nov. 1945 verskyn wat bykans die hele uitgawe gevul het Die laaste besluit van die Okt.-vergadering was “om die Roepende Kerkraad te vra ’n spesiale Sinode volgens Art. 50 KO op te roep einde Januarie of DV begin Februarie 1946” (GKSAA, Art 36-38, Notule verg Kuratore, Okt. 1945, JV Coetzee versameling).

5.3.42 VERHOUDINGE OP ’N LAAGTEPUNT: DE WET LÊ KLAGTES NA VELE KANTE

Nadat die saak in Oktober 1945 net nog verdere spanning en verwydering gebring het, het De Wet na verskeie kante klagtes begin lê wat by die eersvolgende Sinode moes dien.

Eers was daar in Nov.-maand waarin die Kuratorium gewoonlik vergader het, ’n vergadering van 'n subkommissie van die Kuratorium op 15-16 Nov. 1945 . Drie van die kuratore, te wete JV Coetzee, JP Jooste en PJS de Klerk was teenwoordig, die twee Du Toit-professore en TT Spoelstra. JV Coetzee is gekies om op die vergadering as voorsitter op te tree (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.6, Bylaag 1/45, Nov – Des 1945).

Die subkommissie het volgens art 5 van die notule opdrag ontvang om nog weer aantekeningboeke op te vra. Dit moes kom van die studente wat Apr-Jun 1944 klas by De Wet geloop het. Hierdie aantekeninge sou nog verder in ’n addendum ingewerk word ter inhandiging by die Spesiale Sinode (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.6, Bylaag 1/45, Nov – Des 1945).

Op die vergadering is ’n redelike lang skrywe van De Wet hanteer, geskryf op 6 Nov. 1945 (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.6, Bylaag 2/45, Nov – Des 1945). Hierdie skrywe bevat heelwat inligting, ingesluit dit wat De Wet as “regstellings” beskou het, wat anders was as wat die notule van die Kuratorium-vergadering in Okt. die sake beoordeel het. Dit was ’n stuk wat De Wet vereis het ook in *Die Kerkblad* moes verskyn onder die titel: “Wanvoorstellings weerlê”. Vir die historiese waarde hiervan word die volledige stuk hier aangehaal (Acta, 1946:42):

"Eerw. here, Op u stuk ('bevinding'),van 26 Okt '45 is my antwoord as volg:

1) Wat die 'Opdrag' aan die Kuratorium (punt A-I) betref bly ek by my standpunt dat die Kuratorium geen opdrag van die laaste Sinode gekry het om die materie van die sake teen my weer te behandel nie.

2) die bewering dat ek 'kleinlike aanmerking van minderwaardige en beledigende aard' (punt A-v-a) gemaak het is onwaar; ek het op feite gewys, maar die gesindheid en houding van die Kuratorium teenoor my is 'kleinlik' en daarom soek Kuratorium 'kleinlikheid' by my.

3) die bewering (punt A-6-b) dat ek gesê het dat ek my sal neerlê by die uitspraak van die Sinode is onwaar, ek het nooit so iets gesê nie. As ek die uitspraak van die Sinode hoor en ek kan my daarby neerlê, sal ek dit natuurlik doen.

4) wat punt A-6-c betref word verswyg dat ek beswaar gemaak het teen die voorstelling asof ek nou die 'materie' van die saak wil behandel as beskuldigde met die Kuratorium as aanklaer. Ek het aangebied om op die materie in te gaan in 'n broederlike samespreking waar geen 'aanklaer' en 'aangeklaagde' is nie maar net 'n broederlike gedagtewisseling om mekaar te verstaan.

5) die woord 'rapporteer' (punt A-6-c-3) is nie gebruik nie maar wel die uitdrukking 'voordrag maak' wat insluit die moontlikheid van aankla.

6) wat die 'Bevinding' van die Kuratorium (punt B) betref bly ek by die uitspraak van die Sinode; nl. dat studente- aantekeninge geen afdoende bewyskrag het terwyl die Kuratorium blykbaar beter weet as die Sinode en sê die aantekeninge het afdoende bewyskrag.

7) dis onwaar dat ek die letterlike, die historiese en tradisionele sin van die Konfessie nie aanneem nie, of dat ek die Konfessie wil toets (punt B 2): ek het geen 'gravamen' of beswaar teen enige artikel van ons konfessie nie; maar ek weier om 'n tradisionele naprater te wees, dit is, 'n naprater van dié of dié teoloog en ek stel geen leerstelling disputabel nie (punt B-3) maar ek weier om die Kuratorium se opinie oor die leerstellings as finaal te beskou: net die Sinode kan die konfessie verklaar.

8) dis onwaar dat ek my 'Sluitingsrede' deur middel van die CSV gepubliseer het; inteendeel die CSV het my gevra of hulle dit kan publiseer en dis gevra voordat nog 'n saak teen my begin is en dis gepubliseer (in die 'Oorvloedige lewe') sonder die 'Skrifkerk-sin wat deur die Sinode afgekeur is. Dis ook onwaar dat die Sinode 'verskillende uitsprake in die sluitingsrede veroordeel het: die Sinode het net één kwessie nl. die 'Skrifkerk' afgekeur. Op watter gronde kon ek die versoek van CSV geweier het? Dis tog 'n Christelike Vereniging. As *Die Kerkblad* dit gevra het vir publikasie sou ek dit baie graag gegee het.

Maar wat dan van Kurator JV. Coetzee wat aan 'n buitelandse blad (Missionary monthly) van Amerika) sy eie relaas van die saak teen my geskryf het (en die kurator het boonop nog etlike onwaarhede daarin vertel) nog voor die Kuratorium in Mei '45 vergader het om die saak te behandel en die kurator het sy relaas gepubliseer in daardie tydskrif (Aug. '45) nog voor die Kuratorium die saak afgehandel het. Of weet die Kuratore nié van die vrypostige transaksie nie".

Op die vergadering van ’n subkommissie van die Kuratorium is ook kennis gegee dat hy die Kuratorium by die komende Sinode gaan “aankla vir magsmisbruik”. De Wet stel in ’n skrywe, alreeds op 26 Okt. 1945 geskryf, dat hy net skriftelik bevestig wat sy mondelinge kennisgewing reeds in Oktober 1945 tydens die vervroegde Kuratorium-vergadering uitgespel het. Hy het dit gestel dat hulle later ’n afskrif van die “aanklagskrif” sou ontvang (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.6, Bylaag 6/45, Nov – Des 1945). Hiervan het hy eers op 27 Des. 1945 werk gemaak.

Op 7 Nov. 1945 het De Wet die publisering van die saak in sy volle strekking in *Die Kerkblad* vereis, maar hy was van mening dat onreg gedy deurdat die bevinding van die Kuratorium geplaas is, terwyl hy nie die reg ontvang het om te “antwoord op hierdie bevinding nie”. Hy sou verlang het dat dit in dieselfde uitgawe van die *Die Kerkblad* moes verskyn (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.6, Bylaag 4/45, Nov – Des 1945). Dit is die stuk soos bogenoem na verwys nl. “Wanvoorstellings weerlê”.

Daar is aanvanklik baie gehuiwer om hierdie skrywe te publiseer. De Wet het naderhand die redaksie van *Die Kerkblad* gedreig, dat as hulle dit nie voor 7 Des. 1945 sou publiseer nie, hy na ander uitweë sou soek om dit ter perse te laat gaan. Hy spreek egter die vertroue uit dat hy hoop dit nie nodig sou wees nie. Op 10 Des. 1945 het TT Spoelstra bevestig dat dit wel later geplaas sou word. (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.1, Bylaag IVf, Jan – Aug 1946).

Al hierdie skrywes dui daarop dat die verhoudinge tussen De Wet aan die een kant en die Kuratorium, die Senaat van die Teol. Skool en veral sy verhouding met JD du Toit aan die ander kant swakker was as ooit te vore. In talle opsigte was De Wet se verhouding met JV Coetzee lank reeds nie goed nie, maar toe het sy verhouding met JD du Toit dieselfde laagtepunt bereik.

5.3.42.1 INHOUDELIKE VAN DIE BESWAARSKRIFTE

Die beswaarskrif teen die Kuratorium was op 27 Des. 1945 gereed en het volgens ’n kort dekbriefie drie afskrifte bevat, vir die Sinode, vir die Kuratorium en vir die Teol. Skool elk ’n afskrif. Vir die laat indiening hiervan, heelwat later as wat sekerlik verwag is, is die redes onbekend. Dit was ’n saak wat by die beoordeling van ontvanklikheid tydens die Sinode ook weer ter sprake sou kom. Sulke geskrifte moes gewoonlik twee maande voor die tyd beskikbaar gewees het. ’n Nota op van die argiefstukke het dofweg aangeteken dat dit ’n week laat was. Sy beswaarskrif teen die Senaat dra dieselfde datum en maak ook nie die redes vir die laat indiening bekend nie.

Dit is opmerklik dat die Handelinge van die Sinode 1946 volledig met oorspronklike dokumentasie gevul is, maar van die beswaarskrifte hier ter sprake kon net die argiefstukke opgespoor word. Of dit bloot 'n oorsigfout by die samestelling van die Handelinge was en of dit wel met opset uit die verloop van sake gehou is, is nie bekend nie.

Die beswaarskrif lui soos volg:

> Dit spyt my, maar ek is verplig om die Kuratorium van die Teologiese skool by u Eerwaarde vergadering aan te kla vir misbruik van mag teen my deur die volgende ultra vires handelinge teen my sedert die laaste Algemene Sinode:
>
> a) Die Kuratorium het die materiële aspek van die saak teen my wat op die laaste Sinode afgehandel is weer hervat en dit uitgebrei en selfs nuwe punte van beskuldiging opgestel. Die laaste Sinode het geen sodanige opdrag aan die Kuratorium gegee nie. Met die oog op die moontlike gevolge van die saak teen my het ek drie maande bedenktyd gekry en moes daarna 'n verklaring indien by die Kuratorium en hierdie verklaring moes deur die Kuratorium behandel word. Dis al wat in die Sinodale besluit staan.
> b) Die Kuratorium het nie reg gehad om my te belet om klas te gee nie. So 'n verbod om klas te gee (en ook ander ampswerk te verrig) kan alleen geskied weens die wangedrag of valse leer (kyk Teol. Skoolboekie bladsy 12 punt (g)). Die Kuratorium het nooit enige bewys gelewer dat ek sedert die laaste Sinode my skuldig gemaak het aan wangedrag of valse leer nie; en tog het die Kuratorium my belet om klas te gee en ander ampswerk te verrig.
> c) Die Kuratorium het geen opdrag van die laaste Sinode om boete en berou van my af te pers nie. Die Kuratorium het egter probeer om dit te doen deur my te belet om klas te gee en ander ampswerk te verrig, en deur my op allerhande maniere te beledig bv. die gewese voorsitter van die Kuratorium het my vergelyk by Judas wat net spyt maar nie berou gehad het nie.
> d) Die Kuratorium het *Die Kerkblad* misbruik vir sy eie voordeel maar vir my nadeel. Dit is 'n handeling ultra vires, want *Die Kerkblad* is nie die lyfblad van die Kuratorium nie, maar dis die orgaan van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika. Twee voorbeelde staaf my bewering:
>
> 1. Die Kuratorium het my ses weke tyd gegee om te antwoord op sy besluit (vier punte en Preadvies) van 14 en 15 Aug `45. Maar voor die ses weke om was, het die Kuratorium die vier punte gepubliseer in *Die Kerkblad* van 7 Sept `45, sodat my antwoord nie gelyktydig gepubliseer kon word nie. Die plan om die vier punte te publiseer is vir my verswyg.
> 2. Die Kuratorium het sy "Bevinding" van 26 Okt `45 in *Die Kerkblad* van 9 Nov `45 gepubliseer sonder om vir my 'n kans en geleentheid te gee om daarop te antwoord, sodat my antwoord gelyktydig gepubliseer kon word. Ek het die 'Bevinding' eers 5 Nov `45 ontvang. Die plan om dit te publiseer is ook weer vir my verswyg. Oor die publikasie van my antwoord sou op 15 Nov `45 beslis word. Tot vandag toe is daar nog niks beslis nie!

e) Die notule van die Kuratore-vergadering van 8 Mei `45 en volgende dae is vir my geweier. Ek vra die Eerw. Sinode om genoemde notule oop te lê vir insae en ook om die inroep van getuie toe te laat in verband met die verhouding van die Kuratorium tot die laakbare optrede van die Kerkrade van Potchefstroom en Bloemfontein teen my. As uit die notule of uit die getuienis mag blyk dat die Kuratorium mede-aandadig is vir hierdie laakbare optrede, dan sal ek sodanige mede-aandadigheid beskou as 'n ultra vires handeling van die Kuratorium teen my.

De Wet se dreigende aanklagte het nog verder gegaan. Hy het op 23 Nov. 1945 die eerste kennisgewing tot nog 'n verdere klag ingedien wat veral teen die Senaat van die Teol. Skool gerig was (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.6, Bylaag 4/45, Nov – Des 1945). Die kennisgewing het soos volg gelui:

"Eerw. here, Ek moet u hiermee kennis gee dat ek beskou u optrede (individueel en gesamentlik) teen my in die loop van 1945 as handelinge ultra vires en is die misbruik van mag teen my; as u nie hierdie optrede herroep en die onreg my aangedoen verwyder, sal ek verplig wees om u by die eersvolgende Alg. Sinode aan te kla vir misbruik van mag teen my. My beswaar teen u optrede berus op die volgende feite:

a) Prot. J.D. du Toit het op die laaste Sinode aktief teen my opgetree en my openlik en publiek voor die Eerw. Sinode beskuldig van kettery. So 'n optrede val buite die bevoegdheid van 'n teol. professor of 'n lid van die Teol.-Senaat of van die Senaat as liggaam. Hierdie optrede is gedoen met die medewete van die ander drie lede van die Senaat en het nie daarteen gereageer nie, en derhalwe moet die Senaat as liggaam mede-aanspreeklik gehou word vir die optrede van Prof. JD du Toit.

b) die Teologiese Senaat het op 22 Maart 1945 offisieel besluit om aan my kennis te gee dat ek my van alle ampswerk moet onthou. So 'n besluit is 'n ultra vires handeling, omdat dit buite die bevoegdheid van die senaat val om my te belet om ampswerk te verrig. Die Kuratorium mag ook nie so 'n magtiging aan die Senaat gee nie. Verder het die Senaat hom op 27 Maart 1945 vereenselwig met die advies van die voorsitter van die Kuratorium - 'n advies wat feitlik neerkom op 'n verbod aan my om klas te gee. So 'n vereenselwiging is ook 'n handeling ultra vires.

c) In Gewaarmerkte afskrif van die notule van die Kuratore-vergadering van 8 Mei 1945 is my geweier. Ek sal die eersvolgende Sinode vra om die notule oop te lê vir insae. As dit mag blyk dat 'n lid van die Teol., Senaat gedien het op die sub-kommissie vir pre-advies dan sal ek sodanige optrede van so 'n lid beskou as 'n handeling ultra vires want die Pre-advies wat uitgebring is, is nie objektiewe advies nie - en selfs dit sou ook ultra vires wees want 'n lid van die Senaat kan nie adviseer oor sake wat buite die bevoegdheid van die Senaat lê nie - maar dis 'n subjektiewe aanval op my en 'n beskuldiging en 'n bekladding van my persoon en werk. En omdat hierdie optrede met mede-wete van die Senaat gebeur het, moet ook die Senaat as liggaam daarvoor mede-aanspreeklik gehou word".

Die uiteindelike beswaarskrif teen die Senaat wat ook eers op 27 Ds. 1945 ingedien is, se bewoording is in wese dieselfde as die bewoording soos hierbo in die kennisgewing tot sodanige klag. Dit is vreemd dat hy so vroegtydig die kennisgewings uitgestuur het en selfs die bewoording van die twee beswaarskrifte al grootliks geformuleer gehad het, maar die uiteindelike beswaarskrifte baie later uitgestuur het. Die rede waarom hy die beswaarskrifte op so 'n laat stadium ingedien het, welwetende dat die aspek van ontvanklikheid hierdeur in die gedrang mag kom, is onbekend.

5.3.42.2 MINDERHEIDSRAPPORT - JM DE WET

Hier dien verwys te word na 'n "Minderheidsrapport" wat dr. JM de Wet, broerskind van CJH de Wet, met die oog op die Buitengewone Sinode ingedien het. Daar is geen datering op die oorspronklike gevind nie wat dit bemoeilik om die presiese kalenderplasing na te gaan. Die vermoede is dat die brief ook eers aan die einde van Des. 1945 deurgestuur is.

In die latere verloop van sake was hierdie geskrif ook stief behandel en is die inhoudelike nêrens tydens die verrigtinge na behore verreken nie. Dit was as geskrif nie-ontvanklik vir die Sinode beskou, vanweë redes soos later in die verloop van die Sinode aangedui is. Dr. JM de Wet se skrywe lui soos volg:

> Na aanleiding van u opdrag (kyk art 262 acta Sinode 1945) wens u deputaat as volg te rapporteer:
>
> 1. Prof. de Wet het, na die bedenktyd van 3 maande in sy verklaring die 9 vrae genoem in art. 249 en aan hom gestel as 'n toets van regsinnigheid deur die Sinode van 1945 in bevestigende sin geantwoord (vgl. Prof. de Wet se verklaring van 1 Mei 1945) en het verder sy begeerte te kenne gegee om langer aan die skool te bly en die kerk te dien. (vgl. Prof. de Wet se verklaring op 8 Mei 1945); Die Kuratorium het bewysmateriaal van die leer van die professor ingesamel.
> 2. U deputaat adviseer dat die Eerw. Sinode nou, na aanleiding van die verklarings van die professor en die versamelde en voorhande synde bewysmateriaal van die leer van die professor soos in die studente aantekeninge en in geskrifte gereflekteer, sal beslis welke waarde hy heg aan die genoemde verklarings van die professor en die studente aantekeninge met die reflekse daarvan en verder adviseer u deputaat dat die Eerw. Sinode in belang van ons kerk en skool stappe sal neem om 'n waarborg van regsinnigheid van die professor te verseker waaronder u deputaat wil noem vir oorweging daar die Sinode 'n toets van regsinnigheid in kontrêre sin.

5.3.42.3 SKRYWE VAN LIDMATE VAN STEYNSBURG

Daar is tydens die Sinode ook kennis geneem van “versoekskrifte van ’n aantal lidmate van Steynsburg” (Acta, 1946,23,33) . Dit kan aanvaar word dit was versoeke dat daar ten gunste van De Wet gehandel moes word. De Wet se eerste gemeente, soos in hoofstuk 2 in die biografiese gegewens verwerk, was Steynsburg en hy was in sy bediening aldaar geliefd gewees. Daar kon in die argivale materiaal geen materieel gevind word wat die inhoud van die versoekskrifte kon weergee nie.

5.3.43 OPROEP BUITENGEWONE SINODE

Teen die tyd was dit ’n uitgemaakte saak dat De Wet en almal wat in die saak vir en teen hom was, hulle enigste uitkoms in ’n buitengewone Sinode gestel het. Dikwels word daar in die laaste deel van die saak in die opbou na hierdie tipe Sinode in die oorspronklike dokumentasie verwys na ’n “Spesiale Sinode”. Kerkregtelik sou daar egter van ’n “buitengewone Sinode” gepraat word wat volgens die Handelinge van die Sinode kerkordelik kragtens Art 50 KO gereël moes word. Dit word duidelik as ’n “buitengewone vergadering” aangedui. Vanweë die feit dat daar net ’n jaar gelede ’n Sinode plaasgevind het en ’n groot deel van die tyd reeds aan die De Wet-saak afgestaan is, was dit uiteraard nodig dat die noodsaaklikheid (*necessitas*) van so ’n buitengewone Sinode goed gemotiveerd moes wees. Die roepende Kerkraad, Potchefstroom, het vanweë die kort tydsverloop wyslik besluit dat daar van geen “vervroegde Sinode” sprake kon wees nie.

Alreeds is toestemming verkry van twee Partikuliere Sinodes, nl. Kaapland op 1 Des. 1945 en Transvaal, ook op 1 Des. 1945, om so ’n oproep te laat uitgaan (Acta, 1946:15-18). Die Algemene Vergadering van die OVS het aanvanklik besluit dat dit vir hulle onmoontlik was om so ’n oproep te laat uitgaan. Dit was vir hulle ook nie moontlik om ’n vervroegde sitting van hulle Partikuliere Sinode te laat plaasvind nie, soos wel met die ander twee Partikuliere Sinodes die geval was nie. Dit het egter geen verskil gemaak nie, want die vereiste was dat as twee Partikuliere Sinodes sodanige oproep steun daar in alle geval daaraan gehoor gegee moes word. Dit val op dat die Partikuliere Sinode van Transvaal in die saak verder gegaan het as dié van Kaapland, want in die Feb. 1946-vergadering word kennis gegee dat daar uit die Partikuliere Sinode ook alreeds ’n kommissie van pre-advies gehandel het wat by die Sinode 1946 ’n gewaarmerkte kopie van hulle rapport ingehandig het (vgl. Acta, 1946:18).

Op die 4de Des. 1945 het die roepende Kerkraad, die Geref. Kerk Potchefstroom sodanige oproep laat uitgaan (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.6, Bylaag 6/45, Nov – Des 1945). Die voorsitter van die roepende Kerkraad het gemeld dat hy reeds op 27 Oktober 1945 van die Kuratorium die volgende skrywe ontvang het:

> "Op sy jongste sitting alhier op 24-26 Oktober het die eerw. Kuratorium van die Teologiese Skool besluit om die roepende kerkraad van die Generale Sinode vriendelik en dringend te versoek om 'n spesiale Sinode op te roep volgens At 50 KO, indien moontlik teen die einde van Januarie 1946".

Die dringendheid van die Sinode is aanvanklik aan die hand van drie sake gemotiveer:

1. "Die Kuratorium van die Teol. Skool in staat te stel om rapport te doen van die uitvoering van sy opdrag deur die jongste Sinode aan hom verstrek" (art 262 van die Handelinge van die Sinode van Potchefstroom 1945.)
2. Die stukke wat deur die Kuratorium voorgelê sou word, te behandel.
3. Uitspraak te gee in die saak van prof. CJH de Wet volgens voordrag van die Kuratorium.

In die verdere motivering het die roepende Kerkraad dit bevestig dat die gewigtigheid van die De Wet-saak daarin lê dat die Kuratorium aan die roepende kerkraad berig het "dat hy (Kuratorium) nie tot 'n bevredigende oplossing van die saak in verband met prof. dr. CJH de Wet kon kom nie en van oordeel is dat die enigste weg wat nog oopbly, 'n samekoms van die generale Sinode is".

Behalwe dat 'n leergeding teen 'n teologiese professor hierdie Sinode uniek en buitengewoon in die geskiedenis van die GKSA gemaak het, lê die uniekheid van die Sinode ook daarin dat daar vir die eerste keer daadwerklik vergestalting gegee kon word aan die oproep tot 'n ekumeniese Sinode wat vir Aug. 1946 in die vooruitsig gestel is.

Ironies is dat die Buitengewone Sinode in 1946 in Suid-Afrika twee totaal uiteenlopende sake moes hanteer. Die een was 'n saak tot bitter en groot hartseer vir almal daar teenwoordig, terwyl die oproep tot 'n Ekumeniese Sinode weer vir almal 'n saak van groot blydskap was. Die Ekumeniese Sinode was 'n saak waarna uitgesien kon word, omdat die Tweede Wêreldoorlog so pas verby was, en daar soveel rede vir die kerke van Nederland (GKN) en Suid- Afrika (GKSA) was om in die na-oorlog omstandighede met die Christelik Gereformeerde Kerk in Amerika saam te kom, soos beplan in Aug. 1946. Vir prof. G.Ch. Aalders was so 'n samekoms van verdere dringende belang omdat hulle in Nederland ook met 'n leer-krisis op daardie stadium geworstel

het, wat by hulle kerke reeds tot 'n skeuring aanleiding gegee het.[62] Dit is nie duidelik of die kerke in Nederland en Amerika wel van die leer-krisis in Suid-Afrika op daardie stadium rondom De Wet bewus was nie. Dit val op dat nog prof. Aalders (Nederland), nog dr. Hoogstra (Amerika) in hulle skrywes wel geen melding maak van die krisis waarmee hierdie Sinode in SA moes handel nie. Aan die ander kant kon die kerke in Amerika wel reeds hiervan kennis geneem het, want De Wet het wel al vroeër verwys na Coetzee wat "aan 'n buitelandse blad (Missionary Monthly van Amerika) sy eie relaas van die saak teen my geskryf het ... " (vgl. Acta, 1946:43).

5.3.43.1 DE WET VRA OPROEP VAN SINODE

De Wet het op sy beurt op 7 Desember 1945 ook 'n oproep tot die samekoms van 'n buitengewone Sinode gedoen. Sy versoek het soos volg gelui:

> "Dit spyt my maar ek is verplig om my tot u te wend met die versoek dat u Eerw. Vergadering 'n spesiale Alg. Sinode aanvra so spoedig moontlik. Die redes vir my versoek is die volgende:
>
> a) Die Kuratorium van die Teol. Skool kan of wil blykbaar nie die saak teen my afhandel nie. In verband met die "bedenktyd" wat die laaste Alg. Sinode aan my gegee het, en in verband met my posisie aan die Teol. Skool, het ek 'n verklaring (addendum) by die Kuratorium ingedien op 8 Mei 1945. Dit het die Kuratorium nie bevredig nie. Toe het ek n tweede nadere 'verklaring' ingedien op 14-9-45. Dit het ook nie bevredig nie. Op die Kuratorevergadering van 25 Okt 1945 het ek toe n aanbod aan die Kuratorium gedoen namelik: dat ons 'n broederlike samespreking hou oor die nege punte wat op die laaste Alg. Sinode gedien het; en as daar verskille tussen die Kuratorium en my mag wees, dan sal die Kuratorium sodanige verskilpunte aan die eersvolgende Alg. Sinode rapporteer en die Sinode vir 'n uitspraak vra. Ook hierdie aanbod het die Kuratorium van die hand gewys. Nou voel ek my genoodsaak om my op die Alg. Sinode te beroep om hierdie saak finaal af te handel.
> b) Dit is nou al byna 'n jaar dat ek salaris van die kerk ontvang, maar die geleentheid word my ontneem om vir die kerk dienste te verrig. Dit word 'n onhoudbare toestand.
>
> Deur gedurig die afhandeling van die saak teen my te verskuif word daar 'n sedelike pressie op my toegepas wat ek as uiters onbillik beskou."

Die Kerkraad van Potchefstroom het De Wet die volgende dag op sy skrywe geantwoord deur hom te verwys na *Die Kerkblad* waarin die oproep tot sodanige Sinode reeds verskyn het. Die

[62] Die krisis waarna Aalders verwys het, wat so 'n ekumeniese samekoms volgens hom baie dringend gemaak het, is die vraagstuk oor die veronderstelde wedergeboorte, waaraan Kuyper vanaf 1905 beslag gegee het, maar intussen het prof. Klaas Schilder en Greijdanus hierdie leerstuk van Kuyper wou betwis, wat volgens Aalders 'n geforseerde skeuring geword het.

Kerkraad het gemeen dat daar dan nie verdere aandag aan sy skrywe verleen moes word nie, tensy De Wet anders oordeel. Omdat De Wet nie aanvanklik op hulle skrywe gereageer het nie, het hulle nog weer 'n afskrif van die brief hom per hand ook afgegee. Hulle het nie weer van De Wet in die verband gehoor nie (Acta,1946:20). Dit is van belang om in die historiese verloop raak te sien, dat De Wet van sy kant die volgende drie sake beklemtoon het. De Wet wys daarop dat hy na sy bedenktyd 'n verklaring opgestel het (Mei 1945), maar volgens die Kuratorium was dit nie goed genoeg nie. Hy wys daarna op sy "nadere verklaring" op 14 September 1945, "dit het ook nie bevredig nie". Daarna het hy nog weer 'n aanbod wou maak tot 'n "broederlike samespreking oor die nege punte ... ook hierdie aanbod het die Kuratorium van die hand gewys".

5.4 HARTSEER AFLOOP VAN DIE SAAK

5.4.1 DIE SINODE SE VERLOOP

Nadat die vergadering gekonstitueer het, was die Moderamen vir hierdie Sinode soos volg verkies. Die voorsitter was ds. WJ Snyman en die onder-voorsitter ds. PGW Snyman, op daardie stadium predikant in Rhodesië (vandag Zimbabwe). As skriba is dr. BJ de Klerk en as hulp-skriba dr. SP van der Walt verkies.

Ds. ID Krüger en DN Kotzé was vanweë hulle rolle as voorsitters by die vorige Sinode nie een weer as voorsitter beskikbaar nie. Ds. WJ Snyman wat nou as voorsitter gedien het, het wel by die vorige Sinode met tye die rol van onder-voorsitter vervul in die tye wat DN Kotzé, die vorige onder-voorsitter vir die grootste deel van die De Wet saak in 1945 as voorsitter moes dien, vanweë ID Krüger se noue betrokkenheid by die Kuratore as voorsitter. Daar is aan die begin van die vergadering weereens gehou by die reëling dat die vergadering meestal in camera (agter geslote deure) sou plaasvind(Acta,1946:21).

Die opmerking van ID Krüger, 8 maande vantevore, dat die bespreking van die De Wet saak op die vorige Sinode in die openbaar moes gewees het, is nie deurgevoer nie. Dit kan aanvaar word dat Krüger reeds vroeg van die gedagte afgesien het.

Later is weer gepraat oor die wenslikheid dat die saak in camera hanteer moes word (Acta, 1946:34). Die besluit om die behandeling van die saak agter geslote deure te hou, is gehandhaaf, nieteenstaande dat JV Coetzee en oudl. JP Snyman van mening was dat kerkraadslede welkom moes wees om te kom luister. Hulle voorstel is verwerp.

5.4.2 "ERNSTIGE ONGEREELDHEID" VIND PLAAS

Reeds tydens die verkiesing van die Moderamen is daar 'n ernstige beswaar deur ds. JV Coetzee gemaak "teen 'n ernstige ongereeldheid" dat die ouderling van Innesdal 'n stuk in die Sinode gesirkuleer het "wat nog nie deur die Sinode in ontvangs geneem is nie, terwyl die vergadering nog nie eers gekonstitueer is nie". Die ouderling is toe verplig om die uitgedeelde kopieë weer terug te neem (Acta, 1946:13)

Presies wat die inhoud van die uitgedeelde dokument was, word nie aangetoon nie. Dit kon moontlik kopieë van 'n "minderheidsrapport" van dr. JM de Wet, die predikant van Innesdal gewees, wat die ouderling JH Coetzee wat as sekundus die vergadering bygewoon het, uit onkunde laat optree het. Daar is geen bewyse dat hier kwade bedoelings was nie. Na konstituering het dr. JM de Wet in alle geval sy verskoning aangebied "vir die onreëlmatigheid" wat voorgekom het (Acta, 1946:21).

5.4.3 ANDER VERTEENWOORDIGERS OP DIE SINODE

In die rol as adviseurs was die twee Du Toit-professore op die Sinode teenwoordig. CJH de Wet is saam met hulle as professore van die Teol. Skool verwelkom. Dit kan aanvaar word dat De Wet in die ander saak van die Sinode, rakende die Ekumeniese Sinode, as adviseur erken sou word, maar vir die grootste saak van die Sinode, wat sy eie persoon so wesentlik raak, sou hy nie as adviseur mag opgetree het nie. Ds. JA van Rooy, op daardie stadium die oudste predikant in die kerkverband, is in besonder verwelkom. Prof. F Postma as Rektor van die Universiteit en ook as verteenwoordiger van die Senaat was op die vergadering as afgevaardigde en dan ook TT Spoelstra as deel van die deputaatskap vir korrespondensie en ook in sy administratiewe rol wat hy in opdrag van die Kuratorium hier moes vervul.

'n Vyftal jong predikante het vir die eerste keer op 'n Sinode sitting geneem, te wete GPL van der Linde, J Postma, TN. Venter, SJ du Plessis en KS van Wyk de Vries. Die meeste van hierdie jongmanne se aantekeninge, toe hulle nog studente was, sou in die saak teen De Wet weer ter sprake kom.

Die vraagstuk dat 'n jong predikant sy spreek- en keurstem verbeur wanneer sy klasaantekeninge in die saak gebruik sou word, was nie meer daar nie. Op getuienis van TT Spoelstra was dit reeds by die vorige Sinode reggestel.

5.4.4 STUKKE WAT LAAT INGEHANDIG IS

Die Sinode moes vroeg sy handelinge bepaal in die lig van ’n aanvullende rapport en ander stukke wat eers na 18 Desember 1945 ingedien is. Eerstens oordeel die deputaatskap vir korrespondensie dat die Aanvullende Rapport van die Kuratorium, alhoewel eers later ingedien, as ontvanklik beskou moes word, omdat dit “konform die oproep van die Sinode is”.

Oor vier ander stukke nl. twee beswaarskrifte van De Wet, ’n versoekskrif van Steynsburg-lidmate en ’n minderheidsrapport van JM de Wet) het die rapporteur ds. TT Spoelstra wel die Sinode se besluit gevra, want, soos hy dit gestel het: “Hierdie stukke is na die oortuiging van u Deputaatskap nie konform die oproeping van die Sinode nie, maar aangesien dit wel sydelings verband hou met die saak wat op die Sinode behandel word, sal u Eerw. Vergadering moet beslis oor die ontvanklikheid al dan nie” (Acta, 1946:23).

Daar was ook twee ander geskrifte van heeltemal ander sake wat uit die staanspoor as nie-ontvanklik verklaar is, omdat die Sinode “vir ’n spesiale doel byeengeroep is”.

Direk hierna is besluit dat die saak waaroor uitsluitsel gevra word, as ’n “pre-alabele” saak beskou moes word en is ’n kommissie van pre-advies aangewys, bestaande uit 5 lede: drie ouderlinge, EJ Smit (Laeveld), CJH Pretorius (was in Jan 1945 op die kommissie wat toe ook oor De Wet se beswaarskrif en later oor die Kuratorium se voordrag moes handel), JF Venter en twee predikante, ds. A. Duvenage (Daspoort- was ook voorsitter van die vroeëre bemiddelingskomitee) en dr. ELJ Venter (Aliwal-Noord) as sameroeper. Hulle opdrag was om saam met die Moderamen die Sinode oor die ontvanklikheid van die laat stukke te adviseer.

5.4.4.1 BEOORDELING VAN ONTVANKLIKHEID

Die kommissie oor ontvanklikheid het redelik vinnig hulle opdrag voltooi en het dieselfde dag tydens die laat-middag vergadering reeds hulle bevinding bekend gemaak. Volgens die Acta (1946:33) word alles kort en saaklik gerapporteer. Die aanbeveling was dat albei die beswaarskrifte van De Wet en die Minderheidsrapport van sy broerskind, dr. JM de Wet, as “nie-ontvanklik” verklaar moes word. Die versoekskrif van ’n aantal lidmate van die Gerf Kerk Steynsburg is eweneens as nie-ontvanklik beskou. Die Sinode het al hierdie aanbevelings aanvaar.

Die rede vir die nie-ontvanklikheid van De Wet se twee beswaarskrifte word in die Acta (1946:33) bloot net aangedui dat De Wet nie met hierdie beswaarskrifte die regte kerklike prosedure gevolg het nie, want hy het “geen toestemming van die twee Part-Sinodes verkry nie, volgens Art 50 KO”. Die feit dat hierdie geskrifte ook te laat ingedien is, word nie as genotuleerde rede aangedui nie, hoewel op die argiefstukke ’n pen nota daarop wys dat hulle eintlik ’n week te laat was.

Die rede vir die nie-ontvanklikheid van dr. JM de Wet se rapport dui ook op ’n prosedurele tekort. Sy geskrif was nie-ontvanklik, want word genotuleer: “... in die aanvullende rapport van die Kuratorium daar by die Deputate van korrespondensie geen melding van gemaak is nie”. Op die handgeskrewe oorspronklike dokument van JM de Wet is nêrens enige datum aangedui nie, wat dit problematies maak in die plasing van die historiese verloop van hierdie dokument.

5.4.5 DIE BEHANDELING VAN DIE SAAK

Nadat die twee beswaarskrifte, ander geskrifte en JM de Wet se minderheidsrapport as nie-ontvanklik verklaar is, kon daar met die behandeling van die saak begin word. Die voorstel van die moderamen was om dadelik die saak net te stel, daarna in twee groot kommissies te verdeel, wat daarmee moes handel en weer aan die Sinode rapporteer (Acta,1946:34). Dit het impliseer dat die saak na sy aard in twee groepe ingedeel is, nl. ’n Dogmatiese kommissie om in besonder met die leersake te handel. ’n Kerkregtelike kommissie wat die saak sou hanteer in verband met die kerkregtelike aspekte wat die nodige aandag vereis het.

Die voorstel was dat albei die kommissies uit ’n groot aantal lede bestaan. Die voorstel vir die Dogmatiese kommissie was elf lede: dr. ELJ Venter (weer sameroeper soos by die beswaarskrif-beoordeling), BJ de Klerk (predikant van Bloemfontein in ID Krüger se plek- skriba van hierdie sinode), A Duvenage, DCS van der Merwe, JW J van Ryssen, PW van der Walt en saam met die ses predikante ook vyf ouderlinge: Nic van der Walt, D Grobler, JD Venter, GL Myburgh en GAE Coetzee. Die Kerkregtelike kommissie was die predikante DN Kotzé (sameroeper), PGW Snyman, SP van der Walt , BJ de Klerk (Klerksdorp) en WF Venter en saam met hulle ses ouderlinge: EJ Smit, PH van der Linde, weer CJH Pretorius, NW van der Walt, Dirk Venter en JJ Henning. Alle afgevaardigdes was welkom om by die kommissies in te skakel en ook daar bydraes te lewer.

PJS de Klerk, ondersteun deur oudl. HJ Hollenbach[63], het oor die orde van die vergadering 'n ander voorstel gehad: voordat die kommissies met enige werksaamhede kon begin moes die saak eers na behore aangehoor word. Met ander woorde dat die Kuratorium nie net die saak sou stel nie, maar dat hulle alreeds die volledige rapport sou lewer en dat De Wet daarna geleentheid gegee sou word om hom in die teenwoordigheid van die volle vergadering te verdedig. Hierdie voorstel het ingehou dat die formele kant eerste hanteer word en dan die materiële kant. Daarna kon daar verder oor die orde van die vergadering besluit word. Die voorstel het sekerlik nie die hantering soos reeds deur die Moderamen voorgestel is, uitgesluit nie. Hierdie voorstel van De Klerk is verwerp en die vergadering het gebly by die voorstel van die Moderamen.

5.4.6 RAPPORTERING

ID Krüger, as voorsitter van die Kuratorium het die inleidende gedeelte van die rapport hanteer waar hy gewys het op "agt Kuratore–vergaderings wat onder moeilike en opofferende omstandighede groot koste vir die kerkverband teweeggebring het." (Acta,1946:35)

Daarna is begin om die ander rapporte volledig aan die Sinode voor te lees. Dit het verskeie rapporte ingesluit en die Kuratorium het baie moeite gedoen om die saak in sy historiese verloop so volledig as moontlik weer te gee. Dit het meeste van die rapporte en heelwat van De Wet se briewe en ander geskrifte ingesluit. De Wet se Mei-maand verklaring, sy Aug.-maand "nadere verklaring" en ook Okt.- maand se "Aanbod" kom in die Aanvullende Kuratore-rapport na vore. Die eerste rapport, soos voltooi op 2 Des. 1945, het bykans 7 bladsye in die Acta opgeneem (vgl. Acta, 1946:35-41). Spoelstra het dikwels daarop klem gelê dat hierdie sake soos gerapporteer ook in *Die Kerkblad* van 9 Nov. 1945 verskyn het. Hierdie spesifieke uitgawe van *Die Kerkblad* is tydens die Sinode as amptelike stuk beskou soos wat 'n Agenda van 'n vergadering beskou moes word. Die Rapport van die "Deputaatskap vir korrespondensie" bevestig in een van hulle rapporte hierdie toedrag as hulle rapporteer "dit was nie meer moontlik om die agenda in druk te besorg nie, omdat die drukkerye reeds oorvol is en die tyd te beperk om alles geset te kry. Daarom word dit deels gelewer in *Die Kerkblad* van 9 November gepubliseer en deels soos deur die kantoor van die Administratiewe Buro vermenigvuldig" (vgl. Acta, 1946:22-23).

Die Aanvullende rapport van die Kuratorium wat kort voor die Sinodesitting gefinaliseer moes word, was nog 'n lywiger rapport. Spoelstra het die Donderdag- aand van die 7de Februarie

[63] Hollenbach het in 1945 se Sinode saam met J Breek hom reeds sterk uitgespreek teen 'n voortsetting van die saak teen De Wet.

daaruit nog byna 10 bladsye voorgelees (Acta, 1946: 41-51) voordat die sitting daardie aand verdaag het. Dit het weereens verskeie dokumentasie en briewe ingesluit wat in die historiese verloop van die saak opgebou het. De Wet se laaste skrywe direk aan die Kuratorium op 6 Nov. 1945 waar hy dit "Wanvoorstellings weerlê" genoem het, is ook op versoek van die voorsitter van die Kuratorium volledig voorgehou (vgl. Acta, 1946:42) en direk hierna is 'n dokument voorgehou wat die Kuratorium voorberei het en wat op 21 Desember 1945 ook in *Die Kerkblad* gepubliseer was, weer geskryf in reaksie op De Wet se "Wanvoorstellings weerlê (vgl. Acta, 1946:44-51).

In hierdie Aanvullende Kuratorium-rapport kom 'n saak na vore wat in die Kuratorium-vergaderings en stenografiese geskrifte en selfs in die amptelike notules nooit baie duidelik uitgewys is nie, nl. dat De Wet tog heelwat klasse in 1945 aangebied het, waarvan daar nooit vroeër die jaar behoorlik rekenskap of verslag oor gedoen was nie. Dit het aanvanklik gelyk of hy byna geen klasse aangebied het nie. Tog maak die Kuratorium in hulle aanvullende rapport 'n aparte saak daarvoor uit om as deel van hulle klag teen De Wet te rapporteer "Insake kollege-Bybelse teologie deur prof. De Wet gegee gedurende April – Junie 1945". Daarin word veral na verdere "afwykinge" verwys wat na hulle mening veral uit Genesis na vore kom. Dit word aangebied om daarmee aan die Sinode te bewys dat De Wet ná 1945 se Sinode dan nog weer afwykende leer sou verkondig het en hy nie by sy verskeie "beloftes" van Sinode 1945 gehou het nie (Acta, 1946:41). Dit was die rapport waarmee Spoelstra die Donderdag-aand mee moes afsluit (Acta, 1946:51).

Dit kan aanvaar word as 'n dag wat De Wet as 'n groot terugslag in sy saak beskou het, want die Sinode het die dag geweier om albei sy beswaarskrifte ter tafel te neem, so ook sy broerskind, JM de Wet, se minderheidsrapport, asook oud-lidmate van Steynsburg se skrywe ten gunste van hom - al hierdie geskrifte was reeds gemerk "nie-ontvanklik".

5.4.7 VRYDAG-OGGEND: 8 FEBRUARIE 1946 SE "VAAR HEEN"- BRIEF

Die Vrydag-oggend is die vergadering hervat waar daar na die opening eers heelwat mosies hanteer is (Acta, 1946:51). Dit het ingesluit mosies van roubeklag rondom baie afgevaardigdes se geliefdes wat in die afgelope tyd gesterf het. Heelwat van hierdie hartseer en sterftes het ook met die pas afgelope oorlog verband gehou. Tussen die gestorwenes was persone wat 'n prominente rol in De Wet se lewe vervul het. Prof. SO Los se dood, by wie De Wet nog as student in Potchefstroom klas ontvang het, is berig, en ook uit Nederland was daar reeds vroeër

berig dat prof. HH Kuyper in daardie jaar oorlede is. Hy was 26 jaar tevore nog De Wet se studieleier gewees.

Direk na hierdie mosies staan genotuleer dat die vergadering het eintlik maar net voortgegaan het soos hulle die vorige aand geëindig het. Niks nuut, wat nuwe opspraak kon verwek, het plaasgevind nie. Daar staan genotuleer: “Die rapport van die Kuratorium word nou verder voorgelees (sien Art 38)” (Acta, 1946:52). 'n Voorstel dat daar nog meer leeswerk sou kom, is aanvaar. “In verband met die gedeelte: Insake Kollege en Bybelse teologie deur prof. De Wet gegee gedurende April-Junie 1945 maak ds. ID Krüger – dr. PJS de Klerk[64] ’n voorstel om dit ook te behandel op hierdie Sinode. Aangeneem”. Dit het sekerlik nog heelwat bladsye en ’n groot deel van daardie Vrydag in beslag geneem.

Intussen, terwyl die voorlesing aan die gang was, het die berig die vergadering bereik (Acta, 1946:52) dat De Wet, wat in alle geval daardie Vrydag-môre nie by die Sinode opgedaag het nie, bedank het. Hy het in ’n kort, maar baie skerp en direk op die man af skrywe dit duidelik gemaak: hy breek alle bande. Sy bande met die P.U.K. vir C.H.O. waarmee hy formeel alreeds in die middel van 1945 gebreek het, het nou ’n totale breek met alle ander Instansies ingesluit. Hy het as professor by die Teol. Skool bedank, hy was geen lidmaat meer van die Geref. Kerk Potchefstroom nie en hy het dit duidelik gemaak dat hy met hierdie Sinode wat tans aan die gang was, hy niks mee verder te doen wou hê nie.

5.4.8 DIE “BEDENKTYD” HET ’N “VAAR HEEN”- TYD GEWORD

Die berig wat daardie Vrydag-môre die vergadering ingekom het, was ’n brief deur De Wet geskryf en lui soos volg:

> “Dit is vir my duidelik dat die meerderheid van die Sinode nie van plan is om reg aan my te laat geskied nie. Uit die vorm van optrede van die moderamen en die meerderheid van die Sinode is dit duidelik dat dit ’n vooraf beplande optrede is. Maar ek het nog nie eerloos geword nie. Ek beskou dit as nutteloos om langer die Kerkverband met die Geref. kerk te handhaaf. Ek daag die Kuratorium en die meerderheid van die Sinode voor die regterstoel van God: Hy sal beslis tussen ons. Vaar heen”.
>
> Get. C.J.H. de Wet
>
> 8 Feb. 1946.

[64] Die feit dat PJS de Klerk hier as deel van die voorstel genoem word, gee verdere bewys dat sy steun aan De Wet het minder geword. Hy voeg hom nou by die voorsitter van die Kuratorium wat van die begin af De Wet in hierdie saak niks wou toegee nie. De Wet het Krüger uitgesonder in die spanning wat hy met die Kuratorium gehad het.

Direk hiermee saam verskyn 'n briefie op die blou skryfblok-papier waarop so baie van sy geskrifte gekom het: "Neem hiermee kennis dat ek bedank as professor aan die Teol. Skool van die Geref. Kerk in SA" (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.5.1, Bylaag XVI, Jan – Aug 1946).

Op presies dieselfde datum, 8 Feb. 1945, het De Wet se "bedenktyd" begin, presies 'n jaar later kom hierdie "Vaar heen"- brief. 'n Jaar wat die historiese verloop van sake nie makliker gemaak het nie, maar net moeiliker. Die Sinode was maar in sy derde dag. Die derde dag het so pas begin. Sake was eintlik nog nie eers na behore gestel nie.

Wat vir CJH de Wet tot hierdie punt gedryf het en finaal sy besluit laat neem het, is sekerlik toe te skryf aan wat hy op sy driftige manier telkens beklemtoon het nl. dat hy voel hy word vervolg, of om dit nog krasser te stel soos hy dit gestel het, "hy word verketter". Sy weerlegginge en "spyt" wat hy uitgespreek het, was inderdaad sekerlik nie genoeg nie. Die aspek van ware berou en hoe dit betoon moes word, het hierdie saak histories, maar ook in baie ander opsigte, verkeerd laat loop.

Die laaste druppel wat die emmer laat oorloop het, blyk die vorige dag se gebeure te wees nl. dat al wat hy van sy kant tot die vergadering kon byvoeg was sy twee beswaarskrifte en daarop is die stempel geplaas: "Nie-ontvanklik". Die Part-Sinodes wou nie daaraan vat nie en dit is die enigste bewys tot nie-ontvanklikheid wat in die notule van die Alg. Sinode neergestip is (Acta, 1946:33). Oor die ander geargiveerde dokument oor nie-ontvanklikheid sê die amptelike notule niks nie. Die Handelinge van die vergadering verhaal net dat by die twee Part-Sinodes geen toestemming verkry is nie (Acta, 1946:33). Dit was duidelik dat die Kuratorium vooraf uitgebreide dokumentasie voorberei het om hierdie beswaarskrifte as "nie-ontvanklik" te bewys. Een van die belangrike redes vir die kuratore om die beswaarskrifte op die Sinode ook as nie-ontvanklik van die tafel te vee was, soos hulle gestel het: "as die aanklagskrif deur die Sinode behandel word, verkry prof. De Wet tog wat hy verlang en wat die Part-sinodes hom nie toegestaan het nie, nl. 'n sinode waarop hy as aanklaer optree en die kuratore die aangeklaagdes is ..."

Dit wat teen De Wet getel het, het net te veel geword. Hoekom die beswaarskrifte so hanteer is, bly 'n moeilike vraag waarop kerkregtelik dieper ingegaan sal word. De Wet het op 7 Des 1945 die kerkraad van Potchefstroom versoek dat hy graag 'n buitengewone Sinode wou saamroep om die saak te hanteer. Die kerkraad het hom die volgende dag daarop gewys dat hulle alreeds sodanige oproep laat uitgaan het en hulle nie die nodigheid kon insien dat hy van sy kant ook sodanige oproep moet maak nie, tensy De Wet anders oordeel (Acta, 1946:20). Dit wil voorkom

of De Wet ernstiger daarop moes aandring dat van sy kant sy oproep en kennisgewing van beswaarskrifte ook deur Partikuliere Sinodes hanteer moes word, wat die Sinode dan wel verplig sou wees om aan die beswaarskrifte aandag te gee, as De Wet die kerklike weg reg sou gevolg het. Die kerkraad van Potchefstroom dra deels skuld deur aan De Wet voor te hou hulle nie aandag aan sy skrywe gaan verleen nie, want die oproep tot so 'n buitengewone Sinode is reeds gedoen. Inderwaarheid het hierdie toe 'n valse gerusstelling geskep wat kerkregtelik De Wet se saak van sy kant erg benadeel het.

5.5 SLOT

Hierdie uitgebreide hoofstuk beskryf hoofsaaklik die laaste jaar se verloop van die De Wet-saak in sy geheel. Dit dien as 'n kern-hoofstuk wat die historiese verloop van die saak so noukeurig moontlik probeer weergee het. De Wet se persoonlikheid van 'n man gevorderd in jare, op die stadium 59 jaar oud, gee blyke van onverwerkte trauma, wat hy moontlik self nog nie sy vrou se langdurige siekte en dood kon verwerk het nie. Redelik gou na haar dood het hy hom in 'n huwelik ingelaat met 'n oujongnooi, sterk van persoonlikheid en ingegrawe in 'n baie meer charismaties- en gevoelsgedrewe belewing van haar godsdiens as wat De Wet op daardie stadium aan gewoond was, maar hom tog aangetrek het. In sy jeugjare was hy wel in Stellenbosch aan dit wat soortgelyk in mense se geloofsbelewing was, baie meer blootgestel, tog het hy hom op daardie stadium daarteen uitgespreek.

Heelwat ander probleemareas is in die hoofstuk aangedui en sal in die volgende hoofstukke dieper op ingegaan word. Die feit dat De Wet op 'n vroeëre los nota op 'n gradedag aan Jan Reinecke geskryf het: "Ek sal in botsing met ons kerke kom. Kan nie aan 'n kerk behoort wat net aan 'n halwe Bybel glo nie, om die politiek reg te kry, moet ons net een boere Kalv. kerk kry..."

Hierdie is 'n gelade maar terloopse opmerking - die "Sluitingsrede", twee maande later, se weergalming. Toe alreeds het die Meditasies en die studente se aantekeninge die grootste deel van die leergeding ingelei. Hierdie hoofstuk het reeds aangedui dat nog voordat daar inhoudelik met die leergeding gewerk kon word, was verhoudinge tussen De Wet en die Du Toit-professore as kollegas onder geweldige druk gewees. De Wet se verhouding met die voorsitter van die Kuratorium, ID Krüger, was so sleg dat dit sekerlik beswaarlik nog slegter kon wees. Die stenografiese weergawes van gesprekke van De Wet met die Kuratorium gee die indruk dat De Wet dikwels skerp, op die man af, sarkasties en met afjak reageer het. Kortaf antwoorde en ontkenning het die draagwydte daarvan oorspan. Dit kom tegelyk voor of daar meestal van die

kant van die Kuratorium nie daarin geslaag kon word om die atmosfeer van gesprekke in 'n meer gesonde toestand te omskep nie. De Wet se verhouding met die studente wat hy as "nuusdraers" uitgemaak het, was nie goed nie. Sy skrywe in Nov. 1944 getuig daarvan dat hy reeds besluit het om nie eers op pastorale basis (met geen geestelike werk) met enige van die studente langer geassosieer wou wees nie.

In die hoofstuk kan verder afgelei word dat hier in talle opsigte direk botsende persoonlikhede ter sprake kom. Die verhouding met JV Coetzee getuig die beste hiervan, maar het De Wet se verhouding met JD du Toit het op so 'n punt gekom, dat dit geheel botsend was. In talle studies is JD du Toit as gematig, saggeaard, man van deernis en liefde uitgebeeld, die digter en vertolker van diep menslike gevoelens, maar in sy verhouding met De Wet was daar later min van die eienskappe aan die werk. Die vraag kan na weerskante gevra word: Is die voorstelling van Du Toit as sagte en vredeliewende mens nie in die verlede so verromantiseer dat dit nie volkome in lyn is met wie hy werklik was nie, of het De Wet op sy beurt werklik so hard en onversetlik geword dat selfs iemand soos JD du Toit dit nie meer kon uitstaan nie?

De Wet se persoonlikheid, op sy beurt, was duidelik in lyn met wat psigobiografiese studies rondom sy oom, genl. CR de Wet, kon aantoon, nl. woede-uitbarstings, ongeduld en frustrasie was nie ongekend nie. Die studie deur Riana Henning (2010:169) spesifiek oor genl. CR de Wet se persoonlikheids-beskrywing gedoen, in samehang met Hélène Lewis-Opperman se studie (2017) van "Trans- en inter generasie trauma", werp moontlik psigologies- en sosiologiese lig op CJH de Wet waar die stenografiese opnames in alle geval getoon het dat hy 'n baie moeilike persoonlikheid gehad het. Dit is in hierdie hoofstuk bevestig deur Jansen van Ryssen wat geskryf het dat De Wet "van so 'n geaardheid is dat dit moeilik en soms seker onmoontlik is om met hom saam te werk". Die gevolgtrekking wat die hoofstuk maak, dui op die bevestiging dat De Wet se persoonlikheid en die persoonlike botsings in die historiese verloop van die saak van so 'n intensiteit getuig, dat herstel in die saak menslik gesproke onmoontlik was.

Die studie wat histories-kerkregtelik die saak wil dien, sal benewens die aspek van erge botsing van persoonlikhede in die volgende hoofstuk die afgebakende teologiese aksente in die klag ondersoek. Dit moet gedoen word met die gedagte dat prof. S du Toit van mening was "die nege punte is net 'n bloemlesing". Hy het die gedagte uitgespreek dat daar dalk eerder net een klag ingedien moes word nl. die van "Biblisisme". JD du Toit het ook gewys op nog meer afwykinge. Daar sal ook hierop ingegaan moet word.

HOOFSTUK 6

DIE TEOLOGIES-DOGMATIESE AKSENTE VAN DIE KLAG TEEN DE WET

Oorsig

6.1 Inleiding
6.2 Teologies-dogmatiese aksente in die eksegese
6.3 De Wet se eksegese rondom Jakob
6.4 De Wet se eksegese oor Job
6.5 De Wet se eksegetiese klem op Melgisedek
6.6 De Wet verklaar van sy eie eksegetiese beklemtoninge as “vervalle” en herroep hulle
6.7 Teologies-dogmatiese aksente in die Dogmatiek en Bybelse Teologie
6.8 JD du Toit sien die teologiese verskille in baie ernstige lig
6.9 Filioque leer
6.10 Oor die persoon en die nature van Christus
6.11 Oor verkiesing en verwerping
6.12 Oor die erfsonde
6.13 Oor die gesag van die belydenisskrifte
6.14 Die sluitingsrede
6.15 Die laaste woorde in die teologiese klagtes
6.16 Slot

6.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die historiese verloop van die saak behandel. Daarin het dit al duidelik geword dat verskeie teologiese kwessies rondom De Wet oor ’n lang tyd ontwikkel het. Hulle is beskou as in spanning met die gereformeerde leer. In sy publikasies, maar veral in sy doseerwerk, het sy klaers groot verskille met die gereformeerde leer en belydenis opgemerk. Hierdie hoofstuk wil veral op hierdie verskille fokus om vas te stel of hierdie verskille werklik so ernstig was dat daar ’n leerklag teen De Wet moes dien.

Die gevaar kan nie uit die oog verloor word soos ’n jong predikant in daardie tyd, ds. JW Jansen van Ryssen opgemerk het: “Myns insiens is dit nie reg om leerkwessie te soek en dit dan as

hefboom te gebruik om van sy moeilike teenwoordigheid ontslae te raak nie" (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.3, Bylaag 49/45, Jun-Jul 1945). Die geldigheid van hierdie waarskuwing word in hierdie hoofstuk getoets.

Uit die aard van die klag is dit teologies-dogmatiese verskille wat veral die aandag trek. Omdat die doseerwerk van De Wet die hoofstroom van verdenking gevoed het, sal hierin ook vergelykend met klasaantekeninge van studente gewerk word. Dit sluit verskeie studente in wat in meer as 'n dekade by De Wet klas ontvang het. Die lys van studente wie se aantekeninge bekom is, bevat name soos FW Buytendach, SCW Duvenage, D Kempff, GHJ Kruger, HA Louw, J Postma, ZC Grobler en AJ Pelser (GKSAA, Teologiese Studente aantekeninge, 1.7-1.15). In die private versameling van JV Coetzee het hy in sy persoonlike voorbereiding en korrespondensie rondom die saak die name van heelwat ander persone weergegee wat hulle by die saak betrek het (GKSAA: JV Coetzee versameling. 1944-1950.2). Persone wie se klasaantekeninge nie deel uitmaak van die versameling wat tans in die argief bestaan nie, maar wel name deur Coetzee genoem is, is onder meer NT Snyman, BR Krüger, PJ Coetzee, Jons Postma en GCP van der Vyver.

Die teologiese vakke ter sprake is veral Dogmatiek en Bybelse Teologie. Dit vereis 'n dogmatologiese benadering in hierdie hoofstuk.

Om dit wat die ad-hoc kommissie van die Kuratorium, JD du Toit en JV Coetzee oor 'n tydperk van drie maande in hulle werk as preadvies aangebied het, was in wese die vasstelling en beklemtoning van die bepaalde aksente. Daarom word aanvaar dat dit wat die hoofstuk sal aksentueer 'n bepaalde korrelaat sal vertoon met wat die omvattende werk van die twee bekwame teoloë in drie maande na vore gebring het.

Die aksente wat deurlopend in die bedenkinge voorgehou is, het neergekom op vyf kernsake in die Dogmatiek, drie eksegetiese kwessies en die laaste saak dra 'n ekklesiologiese klem wat bepaald gaan oor die wese van die Kerk. Dit wat met die Dogmatiek verband hou, was De Wet se siening oor die Filioque-leer, sy beskouing oor die persoon en die nature van Christus en daarna is sy klaswerk rondom uitsprake van die Uitverkiesing en die Verbond betrek. Die vierde dogmatiese saak was sy uitsprake oor die erfsonde en dit wat laastens dogmatologies verband hou, gaan oor sy beskouing rondom die gesag van die belydenisskrifte. Die drie eksegetiese kwessies wat eintlik die eerste vuur van ondersoek aangesteek het, was De Wet se meditasies soos in 1944 in *Die Kerkblad* gepubliseer. Dit sentreer veral rondom drie Ou-Testamentiese

figure: Job, Jakob en Melgisedek. Job se wedergeboorte was volgens De Wet, eers op die ashoop, Jakob se uitspraak dat God op hierdie plek is, beteken vir Jakob dat Hy 'n lokale Here is en was Melgisedek noodwendig 'n gelowige priester-koning? Die ekklesiologiese saak is die vraag na die Skrifkerk: wat word bedoel as daar reguit gesê word, dat die ware gelowiges moet uitbeweeg om 'n Skrifkerk te vorm?

Die hoofstuk gaan die teologiese aksente kronologies aan die hand van die historiese lyn van gebeure navors. Dit is anders as wat JD du Toit en Coetzee gedoen het, deur die Dogmatiek-vraagstukke eerste te stel, dan die vraag na die Kerk en laaste die Eksegese.

Dit wat eerste gebeur het (Feb-Mrt 1944 se meditasies) was eksegetiese vraagstukke en daarom sal De Wet se teologiese aksente in sy eksegese die eerste klem dra. Hierna het die studente in September 1944 na JV Coetzee gegaan met die bekommernis dat hulle 'n dualisme in hulle onderrig beleef. JV Coetzee het telkens hierna uitgebreid verduidelik hoe hierdie saak rondom die aantekeninge ontwikkel het. Hy stel dat die gebeure met die meditasies hom en De Wet reeds in spanning geplaas het en hy nie sy weg kon oopsien om met die aantekeninge hom óók daaroor te konfronteer nie. Coetzee motiveer verder dat hy in alle geval nie dink die saak met die studente is 'n persoonlike saak tussen hom en die professor nie en kon hy homself as kurator "moeilik kompromitteer" om dit anders te gedoen het. Coetzee glo nie dit sou 'n oplossing wees om te "probeer om met persoonlike onderhoude dit weg te babbel nie" (GKSAA: JV Coetzee Versameling, 1945).

Dit het die hele ondersoek na die aantekeninge van die studente teweeggebring. Uiteindelik het hierdie ondersoek die hele dogmatologiese kader binnegetree. Alles saamgevat het dit op vyf sentrale dogmatiese temas uitgeloop soos reeds aangedui. Dit is die tweede hooffokus wat die grootste deel van die hoofstuk in beslag neem.

Die laaste is die sluitingsrede in Oktober 1944 met die gedagte van die Skrifkerk. Hierteen het proff. J. Chr Coetzee en JD du Toit die sterkste kapsie gemaak (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, 2.1.3.6, Bylaag 21/44, Nov. 1944). In die vroegste hantering van die saak is dit opvallend dat hierdie aspek aanvanklik die grootste klem gedra het, maar later in die hantering van die sake na die agterste kaders geskuif is.

6.2 TEOLOGIES- DOGMATIESE AKSENTE IN DIE EKSEGESE

6.2.1 DE WET SE EIE METODE VAN EKSEGESE

Inleidend word vanuit die stenografiese opnames ’n aantal stellings van De Wet oor die doen van eksegese nagegaan, voordat die kwessies rondom Jakob, Job en Melgisedek beoordeel word. De Wet het in van die onderhoude wat met groot spanning en onenigheid gepaard gegaan het, wel sy metode van eksegese beklemtoon. Toe hy in ’n onderhoud met die redaksie van *Die Kerkblad* betrokke was, het hy gesê (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, 2.1.3.6, Bylaag 20 Nov. 1944, 1944 November):

> “Wie sê dat Job se gangbare verklaring is die regte. Ek verklaar hom vir myself. Ek gee nie ’n verklaring vir andere nie. Ek het niks met ander te doen nie. Op watter gronde? Begrip in die OT is uitwendig. Job sê van ‘hoorsê’ Hy het nooit self God ontmoet nie - wat word van eksegese as ons net mense napraat”.

In ’n latere stenografiese weergawe wat tydens die Sinode in Januarie 1945 afgeneem is, waar De Wet besig was om sy beswaarskrif te verdedig, praat hy weer oor sy metode van eksegese. Dan sê hy (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, 2.1.4.1, Bylaag 10/45/ vanaf bl.6, Jan – Maart 1945):

> “Op watter grond beskuldig hulle my? Die enigste grond is my eksegese. Dis die Skrif maar die eksegese daarvan. Dis geen grond van beskuldiging nie. Ons belydenis lê nie ’n eksegese vas nie. Die Kuratore se eksegese is reg, al die ander is in stryd daarmee. Die Sinode het nog nooit so gesê nie. Van wanneer af is die Kuratore outoritatief? Ek bots met die Kuratore en nie met die Skrif nie. Ek ontken dat ek met die Skrif bots. Ek is nie bereid om ’n tradisionele naprater te wees nie.”

Teenoor die Kuratorium het De Wet in dieselfde tyd verklaar dat hy “uitwendig ’n teks verklaar”. Dit sluit aan by wat hy vroeër gesê het, nl. dat sy begrip in die Ou Testament uitwendig is.

Oor dit wat De Wet hier oor sy eie metode van eksegese gesê het, het iemand soos PJS de Klerk, wat later ook teologiese professor in Potchefstroom geword het, gestel dat De Wet “is oorspronklik in sy denke”. Hy het bygevoeg dat wanneer De Wet aanvanklik gehoor word, dan mag dit snaaks klink, maar De Klerk sê verder: “by nadere verklaring dan is dit nie meer so snaaks nie.” Dit is sekerlik ’n aksent wat in De Wet se teologie en veral in sy vertolking van sy eksegese ’n rol kon speel.

6.3 DE WET SE EKSEGESE RONDOM JAKOB

Die "Meditasie" oor Jakob was die begin van alle vure (*Die Kerkblad,* 18 Feb. 1944:9). Die een wat hierna volg waarin De Wet oor Job gehandel het, was die grootste van al die vure (*Die Kerkblad,* 17 Maart 1944:7). Die derde eksegetiese gedeelte wat eintlik in dieselfde meditasie as Job voorgekom het, lyk die warmste van al hierdie vure te wees.

Die meditasie oor Jakob het spesifiek gehandel oor die woorde in Gen. 32:24 waar daar staan: "Maar Jakob het alleen agtergebly ..."

Die feit dat Jakob kon dink God is net 'n lokale Here het die klem in hierdie klag gevorm. De Wet het dit in die meditasie soos volg gestel:

> " ... Waarlik die Here is op hierdie plek en ék het dit nie geweet nie'! Ja Jakob jy het nog gedink dat God net maar 'n lokale Here is: net maar in Kanaän woon! ..."

Die redaksie het aan die einde van hierdie meditasie die volgende voetnoot geplaas: "Op sekere beskouinge in hierdie en ander Meditasies sal die Redaksie later terugkom."[65] Die aksent wat De Wet in hierdie meditasie gelê het, is verder gewikkel in die teologies moeilike vraagstukke rondom die verband tussen die uitverkiesing, roeping, verbond, wedergeboorte en geloof.

Ander aksente wat De Wet hier gelê het, was o.a. dat Jakob vóór die worsteling aan die Jabbok nog nie wedergebore sou wees nie. Daarby het die redaksie gevra of Jakob vóór Pniel eintlik net nog van die Here gehoor het en verlore was, maar dat hy ná Pniel nooit weer sy Jakob-natuur vertoon het nie, maar Israel was en sou bly.

Die teologiese aksente wat die Kuratorium op Jakob geplaas het teenoor dié van De Wet dat Jakob sou gedink het dat God maar net in Kanaän woon, is wyd versprei. Hulle stel o.a. dat toe Abraham vir Sodom en Gomorra pleit, hy vir die Here gesê het: "Sal die Regter van die ganse aarde geen reg doen nie?" Abraham het dus geweet dat die Here Regter van die ganse aarde is en nie net aan Kanaän of aan 'n sekere plek in Kanaän gebonde is nie. As Jakob vertrek voeg Isak hom toe: Mag God almagtig (el-Shaddai) jou seën. Wat meer is: in die droomopenbaring by

[65] Die hoofstuk rondom die historiese verloop van die saak het dikwels hierna verwys. Dit is duidelik uit die voetnoot dat hulle reeds oor die meditasie van Job beskik het al was dit nog nie gepubliseer nie. Daarom die byvoeging "... in hierdie en ander Meditasies".

Bet-el beloof die Here hom: “Kyk, ek is met jou en sal jou bewaar orals waar jy heengaan en Ek sal jou terugbring in hierdie land”. (Gen. 28:15) In dieselfde hoofstuk staan duidelik dat Jakob op pad was na Paddan Aram (28:2,5,7). Uit die woorde van die Here volg derhalwe dat Hy ook met hom in Paddan Aram sou wees. Hoe kon die Here dan net lokaal by Bet-el wees? Al wat ons uit die woorde van Jakob kan aflei is dat hy ‘n besondere betekenis aan die plek toegeken het, anders sou hy in stryd met sy eie gelofte handel: As God met my sal wees om my te bewaar op die pad wat ek moet gaan, m.a.w. op die pad na Paddan Aram. (vs.20).

Die aksent wat De Wet twee weke later op Job gelê het, wat nie heeltemal los staan van die meditasie rondom Jakob nie, het die agterdog rondom dieselfde aksente net verdiep.

6.4 DE WET SE EKSEGESE OOR JOB

Die aksent wat De Wet op Job gelê het (*Die Kerkblad,* 17 Maart. 1944:7) is weereens ’n saak rondom die verstaan van die verbond, die uitverkiesing en wedergeboorte. Hiermee het hy beweer daar kon uitverkorenes wees wat nog nie in die verbond staan nie en daarom ook nog nie wedergebore was nie. In sy meditasie het De Wet dit soos volg gestel:

> “Die derde toneel: dit is Job op sy ashoop! Ja, dit is Job wat volgens die gangbare opvatting ’n christenmens was en ook onskuldig aan die ramp wat hom getref het. Maar selfs daar op die ashoop vertoon Job nie die geloof met sy vrugte nie en spreek hy nie die taal van die geloof nie, nie vóór die deurbrekingspunt en veral die breekpunt in sy lewe nie.
>
> Sodan, was hy nie miskien nog maar ’n heidenmens nie: een wat egter hoog opgeklomme was: hy was inderdaad ’n kultuurmens: tot op die hoogste sport van die seënleer: maar tog nog nie gestaan op die eerste sport van die genadeleer nie!”

Aan die einde van die meditasie word die teologiese aksente op mekaar gestapel en nog heelwat meer oor Job gesê:

> Ja, die Heilige het oorwin: van hoor het Job gekom tot sien: sy Jabbok was sy ashoop: en daar was ook sy Pniel: God sien ... deur die geloof wat hy nou ook as gawe ontvang het: noudat hy wedergebore is: sy hart het ingegee vir die Here en sy lewe is gered: sy “lot is verander”: hy is godsdienstig-sedelik-wedergebore!
>
> En daarom kan hy nou voorbidder word vir sy vriende en die Here het die einde van Job meer geseën as sy begin!”

> O, Here hoe wonderlik is u weë! Job het lank geleef: onwedergebore, maar hy het gesterf wedergebore! Sodan: hy was ’n uitverkorene onder die heidene! Want met Jakob by die Jabbok ’n geweldige worsteling tot verminking en met Paulus op die weg na Damaskus ’n geweldige lig-omstraling tot nederwerping en met Job op die ashoop ’n oorgewing tot geweldige aantasting: almal tog net floue afbeeldings van die geestelike geweld Gods tot wedergeboorte en geloof ... “

In hierdie meditasie wat die groot vure van agterdog laat brand het, het De Wet die klem anders gelê as wat die gangbare verklaring was. Gewoonlik word aanvaar dat Job vanaf Job 1 reeds ’n kind van die Here was (vgl. Job 1:1,8); daar word aanvaar hy het geglo, hy dra reeds die vrugte van die geloof en hy was reeds wedergebore.

De Wet het gesê dat dit moontlik betwyfel kon word. De Wet doen dit aan die hand van wat Job veral in hfst. 42:5 gesê het: “...maar nou het my oog U gesien”. Dit wat Job nou as wedergeborene kon sien, laat De Wet wonder of Job in hfst. 1 nog nie kon sien nie, want toe was hy nog nie daar waar die wedergeboorte in volle sin die mens bring nie. Hiervolgens het hy eers op die ashoop in die volle sin ’n wedergeborene geword.

Dit is belangrik dat De Wet later in van die moeilike gesprekke met die redaksie van *Die Kerkblad* wat stenografies opgeneem is, beklemtoon dat hy net die vraag gevra het en nie noodwendig dit as ’n uitgemaakte saak beskou het dat Job nog nie alreeds in Job 1 wedergebore was nie. Hy gee drie voorbeelde van mense wat in die verbond was, maar toe nog nie as wedergeborenes bekend was nie. Hulle wedergeboorte het later gekom. Dit is Jakob by die Jabbok, Job op die ashoop en Paulus op die pad na Damaskus. Hiermee saam sê De Wet dat hy dit by Job nie as ’n voldonge feit gestel het dat hy op die ashoop nog nie wedergebore was nie. Hy wys daarop dat hy dit vragenderwys gestel het ... “ek het nie gesê: hy is ’n heidenmens nie”.

6.4.1 DIE BEWEERDE DWALING IN DE WET SE EKSEGESE

Dit wat De Wet hier eksegeties beweer is in baie opsigte sterk veroordelend afgewys. In die afwysing word aanvaar dat De Wet afwyk van die gangbare opvatting. Dit het hy wel al eksegeties erken.

Dit wat die redaksie vanaf 6 Apr. 1944 begin het om met hulle eie eksegese deurlopend teenoor dié van De Wet te stel, was van die begin af baie veroordelend teenoor wat De Wet gesê het. Hulle skryf o.a. in *Die Kerkblad* (6 Apr. 1944:8):

> " ... Hierdie bewerings van die geagte professor kan ons nie rym met die gegewens van die Bybel nie. Hulle is die vrug van die beskouing van die professor dat Job op die ashoop wedergebore geword is. Aan hierdie voorgestelde beskouing maak die professor dan alles diensbaar. Omdat hy vir homself die beskouing gevorm het dat Job daar op die ashoop wedergebore is en dat dit beginpunt is van genadelewe by Job, moet hy noodwendig Job voor daardie tyd voorstel as 'n heiden, 'n nie-gelowige, iemand wat nog nie op die eerste sport van die genadeleer staan nie, maar hierdie beskouing word van buite ingedra en dan word die gegewens van die boek Job hierby aangepas..."

Die redaksie het dan baie breedvoerig daarop ingegaan om aan te toon dat Job 1:1 vir Job baie duidelik openbaar as 'n man "vroom en opreg, godvresend en een wat afgewyk het van die kwaad". Die vier dinge wat van Job gesê word, word deur die redaksie as uitgangspunt vir die hele geskiedenis van Job aanvaar. Die woorde vir vroom en opreg, "taam" en "jashar" is die getuienis van die Here Self. 'n Getuienis wat deur die Here herhaal is. Duidelik toon die redaksie dan aan hoe "taam" in sy grondbetekenis op volmaaktheid dui. Daar word al dieper ingegaan op die wyere betekenis van die woord wat dui op "vroom" en "opreg", "regskape en ten volle aan God oorgegee word" daar al dieper op ingegaan met baie Skrifbewyse van waar die woord oral voorkom.

Vanuit die verband van hierdie twee woorde word daar dan afgelei dat *taam* Job in 'n goeie *regs*verhouding tot God plaas en dat die wyse waarop dit tot openbaring gekom het, aangedui word deur *jashar* wat wys op die heiligheid van sy wandel. Hulle eksegetiese slotsom is:

> "So was dit ook met Job. Hy was *"taam"* en *"jashar",* d.w.s. die goeie *regs*verhouding waarin hy tot God gestaan het, het tot openbaring gekom in die *heiligheid* van sy wandel. Die regverdigmaking het vooraf gegaan en daaruit het die heiligmaking voortgevloei en die regverdigmaking was ook werksaam en en aktief in heiligmaking."

Die redaksie konkludeer dan dat die getuienis van die Skrif oorweldigend teen die voorstelling van De Wet is en leer ons dat Job, voordat hy op die ashoop te lande gekom het, 'n geregverdigde en geheiligde mens was. Die res van die opmerkings word nog skerper as daar verder op die volgende bewering van De Wet gefokus word. Volgens De Wet het Job daar op die ashoop nie die geloof met sy vrugte vertoon nie en nie die taal van die geloof gespreek nie.

Volgens die redaksie het De Wet nie onbevange eksegese gedoen nie...

> "Dit is nie onbevange eksegese wat die geagte skrywer tot hierdie konklusie gelei het nie, maar sy vooropgevatte beskouing dat Job voor daardie tyd 'n onwedergebore mens was en 'n heiden wat nog nie in die verbond gestaan het nie en dat sy wedergeboorte eers plaasgevind het daar op die ashoop, toe God hom aangespreek het. Hierdie verkeerde beskouing het hom daartoe gelei om die duidelike getuienisse van die Skrif in hierdie verband te misken."

Die redaksie het in hulle beweerde dwalinge in De Wet se meditasie nog lank nie met bg. soort "opmerkinge" opgehou nie. Op 21 April 1944 het die redaksie in *Die Kerkblad* daarop voortgebou deur aan te toon hoe anders hulle die klem by Job lê, wat sekerlik neergekom het op die mees gangbare opvatting in die gereformeerde geloofswêreld. Hier is wel ook iets van 'n breedsprakigheid en tegelyk 'n ironie. Die redaksie se behandeling van hulle besware teenoor De Wet se enkele meditasie is seker meer as vyf maal die lengte van die aanvanklike meditasie.

6.4.2 JD DU TOIT EN DE WET SE OPENLIKE KONFRONTASIE MET MEKAAR

In verskeie opsigte het dit al duideliker geword hoe JD du Toit die teologiese klem by heelwat méér sake anders as De Wet gelê het. In van die eerste openlike konfrontasies lê dit op die terrein van die eksegese.

JD du Toit verwoord dit soos volg (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, 2.1.3.6, Bylaag 21/44, Nov. 1944):

> "U moet my verskoon. Ek kry swaar om te praat, deurdat ek my gedagtes moeilik kan formuleer as gevolg van 'n swaar aanval van migraine. Ek wil 'n kort woord objektief sê. Ek kom daar ten sterkste teen op dat dit gaan oor sienswyses. Daar kan geen verskil oor Job wees nie. Dit gaan oor metode van eksegese. Grosheide wys op die beperktheid van eksegese. As die Skrif interpreteer is dit afgedaan. Die Skrif sê Job was godvresend, afgewyk van die kwaad. Dan het ons geen reg om iets anders te sê nie. Ons moet ons daarby neerlê."

De Wet reageer kortweg op JD du Toit se stelling met die vraag:

> "Wie sê dat Job se gangbare verklaring is die regte. Ek verklaar hom vir myself. Ek gee nie 'n verklaring vir andere nie. Ek het niks met ander te doen nie. Op watter gronde? Begrip in die OT is uitwendig. Job sê van 'hoorsê' Hy het nooit self God ontmoet nie - wat word van eksegese as ons net mense napraat..."

As De Wet hom later weer teen die felle kritiek oor die meditasie moet verweer, dan stel hy volgens die stenograaf dit soos volg (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, 2.1.3.6, Bylaag 21/44, Nov. 1944):

> "Job: Dis nie leerkwessies nie, maar Skrifverklaring. Job het eers op die ashoop tot wedergeboorte gekom. Job kon buite die verbond gewees het. My gronde: Kuyper sê- "Regverdiging" of "opregte" beteken vir Israel 'n uitwendige begrip. Dit sien op die uitwendige nakoming van die verbondseise. Job se vier woorde. Hulle sê een en diesselfde: Job was uitwendig onbesproke. Job se hart was vir God nie reg nie en nie vir sy medemens nie . God het op die ashoop sy geloofsoog oopgemaak. Dis 'n kwessie van eksegese. Dit wil nie sê dat Job in beginsel wedergebore was. As uitverkorene moes hy 'n sluimerende wedergeboorte gehad het. Ek wil dit ook sê van Jakob - sluimerende wedergeboorte gehad het."

6.5 DE WET SE EKSEGETIESE KLEM OP MELGISEDEK

In dieselfde uitgawe van *Die Kerkblad* (17 Maart 1944:7) waar De Wet oor Job gehandel het, kom hy ook by die figuur van Melgisedek uit. Die vergelyking van Job met Melgisedek het gemaak dat nog groter besware teen sy oordenking opgebou is. Die redaksie het in hulle klagte en besware heeltemal apart op Melgisedek gewys. Direk in aansluiting by Job het De Wet oor Melgisedek soos volg gemediteer:

> "Een soos *Melgisedek* wat ''n "priester van die allerhoogste God" was, of soos die onbekende volgens Hebreërs 6" wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld ... "

Dit kan met reg afgelei word dat die teologiese klem wat De Wet vragenderwys op Job geplaas het, het hy net so op Melgisedek toegepas het. Hy skryf "was hy (Job) nie miskien nog maar 'n heidenmens nie: een wat egter hoogopgeklomme was: hy was inderdaad 'n kultuurmens: tot op die hoogste sport van die seën-leer: maar tog nog nie gestaan op die eerste sport van die genade-leer nie: Een soos Melgisedek wat 'n 'priester van die allerhoogste God' was ..."

Die Kuratorium het later in van hulle onderhoude met De Wet daarop gewys hoe hulle oortuig was dat hy die teologiese klem verkeerd gelê het. Verkeerd in die sin dat Melgisedek priester was van 'n hoë (die hoogste) heidense god, en dus nog 'n heidenmens was. Dat hy dan eintlik 'n afgodspriester was.

In van die latere onderhoude waarin De Wet homself moes verantwoord oor Melgisedek het hy dit weer ’n bietjie anders gestel.

> “Melgisedek was ’n priester van die ‘allerhoogste God’ kon moontlik beteken die henoteïstiese God, die “top” God. Maar daardeur wil ek nie sê dat hy nie priester van die ware God was nie. Die Here gebruik heidene in sy diens bv. Bileam. Ek wil toegee dat hy priester van die ware God was van die tyd wat God hom gebruik het in sy diens. Dis ’n kwessie van Skrifverklaring. Ek is dus nie ’n ketter wat die Skrif wil verkrag nie.

6.5.1 DE WET SE BEWEERDE DWALING MET MELGISEDEK

Die Kuratore het daarin geslaag om presies aan te dui waar hulle met De Wet oor Melgisedek ingrypend verskil het. In Gen.14 is die oorspronklike woord wat met allerhoogste God vertaal word: El Eljoon. In Gen.14:18-22 kom die naam El Eljoon verskillende kere voor. Daar staan dat Melgisedek priester was van El Eljoon. Hy seën Abraham in die naam van El Eljoon wat hemel en aarde besit: en loof El Eljoon wat die vyande van Abraham in sy hande gegee het. Abraham het hom erken as priester van El Eljoon en sê: ek het my hand opgesteek na Jahweh, El Eljoon. (die Here die Allerhoogste God) wat hemel en aarde besit. Hoewel die woord El ook gebruik word vir die heidense God, beteken dit in die Skrif wanneer dit in verbinding met Eljoon of Shaddai gebruik word altyd die ware God. Indien dit hier op die heidense God moes dui, dan is dit die enigste plek in die Skrif.

Abraham het hom erken as sy meerdere, en as priester van die lewende God. Vgl. Herb.7:7. Uit hierdie Skrifgedeelte is dit duidelik dat dit op niks anders as op die ware God kan slaan nie.

6.6 DE WET VERKLAAR VAN SY EIE EKSEGETIESE BEKLEMTONINGE AS “VERVALLE” EN HERROEP HULLE

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat De Wet self oor dinge wat hy veral in van sy laaste meditasies gesê het, sy spyt die duidelikste bekend gemaak het. Al het sy spyt wel die ander sake rondom die studente-aantekeninge en sluitingsrede ingesluit, wil dit voorkom of sy spyt rondom die meditasies, wat hom na aan die hart gelê het, hom die seerste gemaak het.[66] Sekerlik het hy erken dat hy baie versigtiger moes wees in sy kritiese omgaan met “gangbare opvattings”.

[66] Hy was vanaf 1935 al met die meditasies besig. Ononderbroke het hy bykans tien jaar van sy lewe hieraan gewy(1 Mei 1935 – Des 1944. ’n Verdere bewys dat hierdie meditasies na aan sy hart gebly het,

Hier word in herinnering geroep wat De Wet by die uitgee van sy eerste bundel, *Dit is die Here,* in 1943 rondom die meditasies self in sy voorwoord gestel het hoe, nl. hoe moeilik dit was om die meditasies te skryf en om die teologiese klem wel reg te lê. Hy verduidelik dat dit iets was wat nie eenduidig benader kon word of eenduidig geantwoord kon word nie. Hierin bring hy na vore hoe hy dikwels die teologiese klem beleef en gelê het:

> "Meditasies is nie 'redenering' nie, maar meditering, nie verklaring nie, maar vertolking. En jy kan nie aldag meditasies skrywe nie, soms loop jy maande lank rond, droog en leeg; en dan meteens, storm dit op jou af sodat jy nie kan voorbly om te skrywe nie. Hier is jy nie vry om te kies wat jy wil nie en om te mediteer soos jy wil nie, maar die Skrif bepaal jou stof en jou manier van oorpeinsing..."

In dieselfde tyd, Nov. 1943, het hy sy pad saam met JD du Toit nog so gunstig beoordeel. Hy skryf oor hierdie pad:

> "Prof. JD du Toit wat my tog op die spoor van meditering gebring het. In 'n gesprek wat ek eendag met die geagte professor gehad het oor meditasies, het hy vir my 'n definisie gegee van 'n meditasie; hy het gesê: ' om te mediteer beteken om aldeur die tema vas te hou en dit dan te omwewe met bevindelikhede'..."

In die geval van die meditasies oor Jakob en Job het hy erken dat hy die teologiese klem anders kon gelê het. Op 6 Februarie 1945 tydens die sinode wat die eerste keer die "klagte" moes hanteer, het prof. De Wet reeds te kenne gegee waartoe hy met sy problematiese meditasies bereid was (Acta, 1945:217):

> *"Meditasies:* Die meditasie oor Job (waarin ook oor Melgisedek geskryf is) beskou ek as *vervalle* en die woorde in die meditasie oor Jakob wat verskil veroorsaak het, is ek bereid om te skrap."

Die volgende dag (7 Feb. 1945) het die sinode by monde van die Kuratorium ook die volgende dankwoorde uitgespreek:

> "Met innige dank is kennis geneem deur die eerw. sinode van dr. De Wet se openlike herroeping van al die aan hom voorgehoue afwykinge."

---

is die feit dat hy selfs tot so laat as in 1957, twee jaar voor sy dood (18/10/1959), nog weer 'n bundel meditasies laat herdruk en uitgegee het. Die titel hiervan is: *Het jy my lief?* Hy het op 21 April 1944 'n meditasie oor die teks in Joh.21 geskryf en die titel van sy latere bundel daaraan ontleen. De Wet se eerste meditasie-bundel, getiteld *Dit is die Here,* is ook aan Joh. 21 ontleen.

Op 1 Mei 1945 het prof. de Wet wat die meditasies betref, hom weer as volg in sy “Bevestigende Verklaring” uitgelaat:

> “...dat ek die bewering dat Job eers op die ashoop wedergebore is onvoorwaardelik terugtrek as synde in direkte stryd (teëspraak) met die Heilige Skrif (Job 1 vers 1 en 8) ... dat ek toestem dat Jakob in Gen. 28:17 in die woorde “waarlik die Here is op hierdie plek en ek het dit nie geweet nie” nie wil uitspreek dat God ’n lokale God is nie, maar hier net wil uitspreek dat Jakob hier ondervind dat die Verbonds- God Homself ook hier in Bet-El aan hom openbaar soos God Homself in die tent van Isak openbaar.”

De Wet het op 1 Mei 1945 die saak tot op die been gesny deur harde dinge oor homself te erken. Rondom die verwysing na Melgisedek het hy erken:

> “...dat ek terugtrek die moontlikheid wat ek in verband met Melgisedek gestel het, as synde in direkte stryd (teëspraak) met die Heilige Skrif. (Gen. 14:18 en Hebr. 7:1,3) [Ns. Die *moontlikheid* beteken die moontlikheid dat Melgisedek ’n *heidense* priester was]”

In die konteks van net die meditasies is dit duidelik: De Wet het met sy eksegese langs gevaarlike bane begin beweeg. Uit die beredenering rondom Job wil dit voorkom of daar beter begrip moes wees vir die verklarings-moontlikhede (hermeneutiek?) wat hy aangebied het. Oor Jakob kan volstaan word met die opmerking dat ander meer daarin gelees het, as wat hy daarmee bedoel het. In sy erkenning rondom Melgisedek spreek hy tereg die hardste oordeel oor homself uit as hy verklaar: “..., as synde in direkte stryd (teëspraak) met die Heilige Skrif”. As navorsingsvraag kan aanvaar word dat met De Wet se eksegetiese aanpak daar wel bevestigend van ’n “hermeneutiese kortsluiting” (vgl. pt. 1.3.5) gepraat kan word. Alhoewel die term “hermeneutiek” in geen van die gelese geskrifte gebruik word nie, kan aanvaar word dat tussen De Wet en die Kuratorium en veral tussen De Wet en sy twee Du Toit kollegas, verskille in eksegese alreeds op ’n hermeneutiese probleem dui waar De Wet self erken het dat dit ’n saak van interpretasie was. Wie van die interpretasie in sy eksegese praat is in die midde van ’n hermeneutiese proses, al staan dit onder ander aksente beskryf,

6.7 TEOLOGIES-DOGMATIESE AKSENTE IN DIE DOGMATIEK EN BYBELSE TEOLOGIE

Die aanklagte op hierdie terrein was hoofsaaklik gebaseer op die klasaantekeninge van studente en van predikante, wat toe al tien jaar in die bediening was. Dit gee inderdaad rekenskap van

sake waaroor ingrypende verskille bestaan. Hierin kan aanvaar word lê die ernstigste aantygings. Iemand soos JD du Toit het hulle in 'n baie ernstig lig beskou en reeds by die Kuratorium-vergadering in November 1944 hom sterk daaroor uitgelaat. Hy het vooraf 'n hele persoonlike verklaring uitgewerk wat wys op die verskille wat daar tussen hom en De Wet aan die opbou was. Toe het dit in hoofsaak rondom die Skrifkerk gedagte gegaan, maar daar was duidelik ook ander verskille wat met die teologiese aksente in die saak verband hou (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, 2.1.3.6, Bylaag 20 Nov. 1944, 1944 November).

6.7.1 DIE SELEKSIE VAN DIE GROOT TEMAS (AKSENTE) WAS IN HOOFSAAK JV COETZEE EN LATER OOK JD DU TOIT SE WERK

Die temas wat die groot bekommernis oor De Wet se teologie na vore gebring het, is aanvanklik deur JV Coetzee uitgekies. Hy het later daarop gewys dat dit net 'n seleksie was en dat daar nog baie ander sake was wat met die temas nie verband hou nie, maar wat opsigself groot velde van verdenking ontbloot het. Prof. S du Toit het voorgestel dat hierdie sake maar net 'n "bloemlesing" van nog baie ander dwalinge vorm. JV Coetzee het later in samewerking met JD du Toit temas ingesluit soos die verstaan van die wese en eienskappe van God (Acta, 1946:113) en ook weer ander eksegetiese kwessies in die "voorbeelde van De Wet se Skrifverklaring (Addendum II) (Acta, 1946:118). Hierin is veral Gen. 1:1 betrek. De Wet sou hierdie eerste verse in die Bybel al heeltemal verkeerd uitgelê het. De Wet het hier die klem gelê dat "God het geskape tyd, ruimte en stof ... hemel beteken letterlik 'uitgebreidheid of verhewendheid en dus ruimte; 'aarde' beteken stof, stof in die sin van materie en dan blykbaar oerwaterstof. Oerstof is dus in die begin "ingeskape" en God het nie uit niks geskape nie, maar alles vanuit hierdie "oerwater" geskep. Nog 'n teks van De Wet se eksegese as verkeerd beskou is en wat later as addendum gedien het, maar nie by die hooftemas was nie, is Openbaring 21: "En die see was daar nie meer nie" (Acta, 1946:124). Hiervolgens het De Wet geoordeel dat dit nie beteken daar sal geen see meer wees nie, maar net die ou see was verby, soos die ou hemel en aarde verby sal wees. Die ou see is wat die aarde wil verwoes, die see as verwoester sal daar nie meer wees nie. De Wet het dit gestel: "Die see sal nie meer 'n mag wees, wat die aarde wil vernietig nie". Volgens sommige aantekeninge dat die see se woede sal mak word, hy sal sy diens doen, nie meer storms nie".

'n Derde aksent waarop De Wet volgens latere getuienis van die Kuratorium die klem verkeerd gelê het, was die verstaan rondom die "beeld van God" (Acta, 1946:121). Dit is ook op die einde in 'n uitgebreide addendum deur JV Coetzee en JD du Toit bygevoeg as teologiese aksent wat hanteer moes word. Die laaste kategorie van teologiese aksente wat deur Du Toit en Coetzee

saamgestel is, is “Addendum III” genoem (Acta, 1946:125). Hierin is veral op aksente gelet wat met die kerkregering verband hou. Hierin lê ’n besondere aspek wat volgens JD du Toit vir De Wet sterk onder verdenking geplaas het nl.: “die tugmag van ouderlinge”.

Die drie groot “Addendums” is later bygevoeg en hou nie noodwendig verband met die nege punte wat vir lank, selfs op Sinode 1945, die hooftemas van verdenking gevorm het nie.

Die feit bly dat Coetzee die man was wat aanvanklik die temas die eerste keer soos volg voorgestel het (GKSAA, JV Coetzee Versameling, Diverse, Geskrifte en Bylaes, Bylaag Aug./2/45, 1944-1950): die Filioque leer, leer van verkiesing en verwerping, Erfsonde, leer van die heilsmiddelaar. Later is nog weer hierop uitgebrei. Coetzee het almal weer daaraan herinner hoe hy vantevore dit beredeneerd aan hulle voorgehou het. Hy herinner hulle ook weer hoe De Wet dit alles as leuens afgemaak het.

Hierdie spesifieke aksente het vroeg reeds onder die Kuratorium begin bekendstaan as die art. 8 saak. Dit kan aanvaar word dat toe hulle by ’n formulering van die probleme gekom het, was die nommer van hierdie saak in hulle notule as art. 8 aangedui.

6.8 JD DU TOIT SIEN DIE TEOLOGIESE VERSKILLE IN BAIE ERNSTIGE LIG

Soos die saak gevorder het, het die erns waarmee JD du Toit die verskille bejeën het al duideliker geword. Van sy eerste opmerkings wat in die stenografie nagelees kan word, praat hy soos volg in die lig van studente wat na hom gekom het met betrekking tot ’n sekere dualisme in hulle onderrig. JD du Toit stel die aksente soos volg (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, 2.1.3.6, Bylaag 20 Nov. 1944, 1944 November):

> “Inderdaad is dit vir my so ernstig as wat ek in my verklaring uiteensit. Ek wil die toetrede van die Teol. Skool aan u voorlê. Ek het aan dr. De Wet ’n kopie gegee. Ek is jammer dat dr. De Wet my opmerking nie wil hoor nie (toe hy my vra watter moeilikhede) maar dat studente na my gekom het oor punte wat ek anders doseer as hy. Ek het aan hulle gesê dat ek nie regter is oor onderwys van ’n kollega nie. Gesê: Julle weet wat my standpunt is. Ek sal dit nie beoordeel tensy dit skriftelik voor my lê nie. Dr. De Wet het aan my gesê: jy moes die studente weggejaag het: hulle is nuusdraers. Gisteraand laat het een van die studente na my gekom om ekskuus te vra en gesê dr. De Wet het hom beskuldig dat hy nuusdraer is, terwyl hy werklik nie bedoel het om nuus te dra nie, maar vir homself helderheid wou verkry...”

Volgens JD du Toit het die studente ook veral dogmatiese sake aangeraak:

> "Die studente...het gekom in volle erns en sonder enige kwasi bedoelings. Ook oor die belydenisskrifte het studente my gevra. As ek dit hoor kan ek nie swyg nie. Ek is meer as 41 jaar aan die skool verbonde. So 'n kritieke standpunt soos vandag is my nie bekend nie. In my hele lewe nog nie met so iets na 'n meerdere vergadering gekom nie. Ek wil nie teenoor een Gereformeerde lidmaat skuldig staan nie, om te sê; Daar was sulke toestande en julle het nie gepraat nie.

Op die buitengewone kuratore-vergadering van die 19de Desember 1944 het JD du Toit nog meer indringend op van hierdie aksente teruggekom (GKSAA, Teol. Skool Kuratorium Bylaes, 2.1.3.7., Des 1944). Hy verduidelik weer hoe hy deur studente genader was en hulle hul kommer oor De Wet se lesings en selfs sy bevraagtekening rondom leertug die klasruimtes ingestuur het. Du Toit stel dat hy aan die studente verduidelik het: "Ek oordeel nie oor wat 'n ander professor geleer het nie". Verder wou Du Toit die studente gerusstel dat hulle weet wat hy (Du Toit) hulle geleer het, "jy weet wat die Kerk jou leer. Jy behoort self te oordeel uit die Bevestigingsformulier".

Du Toit wys daarop hoe 'n bepaalde student beweer het dat De Wet van mening is dat ook die Bevestigingsformulier is verkeerd. Du Toit sê hy het daarop nie verder gereageer nie, maar toe die 6de Sept. (1944) aanbreek, het die eerstejaar-studente weer 'n ander vraag gestel oor die "gesag van die belydenisskrifte na aanleiding van wat (deur De Wet) hulle voorgelees is uit Hoedemaker". Dit was vir Du Toit baie moeilik en hy het maar net weer vir die studente gesê "ek gaan nie verder daaroor praat nie". Du Toit beklemtoon dat vanaf die studente se kant "daar 'n erns vir my gestraal het uit die gesigte van die studente sodat ek hulle nie somar heengestuur het nie, maar hulle het my wel laat voel, wat my posisie is".

Du Toit brei nog heelwat uit oor die positiewe gesindheid en die besondere moeilikheid waarin hy verkeer het en hoe hy geen seggenskap oor mede-professore kon hê nie en daarom nie so direk by die saak kon inmeng nie, "maar die gedagte was nie om dit daarby te laat nie". Dan bevestig Du Toit sy siening dat hy oortuig was dat "'n kerklike vergadering het die reg om sekere vrae te stel". Hierna bring Du Toit die Geelkerken-saak in Nederland na vore, wat hy glo bepaald sekere raakpunte het met die saak soos vir hulle nou met De Wet voorhande. Du Toit wys ook hoe Geelkerken gepoog het "allerlei besware te maak van prosedure." Geelkerken het selfs beweer dat daar geen reg bestaan om hom sekere vrae rondom bedenkinge in sy teologie te vra nie. Hierdie aspek sal by die kerkregtelike raamwerk van die saak in meer besonderhede hanteer word.

De Wet se verweer was lank dat hy nie kon pa-staan vir die aantekeninge, wat hy vir hulle dikteer het nie. “Ek behandel dogmatiek en hulle neem self aantekeninge af, dus wat hulle afneem is hulle eie interpretasie van wat ek sê”. JD du Toit en die res van die Kuratorium wou op hierdie punt hoegenaamd nie toegee nie. JD du Toit se advies was dat hulle op die saak self moes ingaan en dat die allerlei besware verbygegaan moes word.

Du Toit het geglo die enigste manier om vas te stel of daar “met die studente fout is” was dat De Wet self die saak (die teologiese klemverskille) sou aandui. Du Toit was oortuig dat die studente hierdie verskille ernstig bedoel het en daarom het hy dit ook as ’n ernstige saak beskou. Du Toit wys verder daarop dat hy wel vir De Wet van die studente vertel het en De Wet toe gevra het: “Waarom het jy hulle nie weggeja nie?” De Wet het dit selfs later in rassistiese terme aan Du Toit gestel. Daarna stel Du Toit dat De Wet hom daarop gewys het (gedreig het) dat as hy saak wou maak hy dit reeds vroeër moes gedoen het. In die vergadering van 19 Des. 1944 was Du Toit oortuig dat “as daar moeilikheid is by die Teol. Skool kan ons nie daaraan dink om ’n jaar te wag nie”.

In van die laaste geslote ontmoetings (8 Mei 1945) wat die Kuratorium en die Du Toit-professore met De Wet gehad het, het JD du Toit hom in vergelyking met ander kere se skerp uitlatings, sekerlik by hierdie geleentheid die skerpste uitgelaat (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945). JD du Toit het nie alleen die Sinode van 1945 as “halwe werk” beskou nie, maar het sterk klem geplaas op die verstaan van berou, die werklike betekenis daarvan en De Wet se totale gebrek daaraan. JD du Toit het later in die onderhoud gesê dat “die saak van berou maak vir my alles uit”.

In die onderhoud het JD du Toit laat blyk dat hy hom die saak persoonlik sterk aangetrek het. Na die Sinode van 1945 het hy geen dag of nag behoorlike rus gehad nie. Hy het gestel dat hulle reguit moes praat. Hy sê verder: “As ek die sondebok moet word, kan dit maar - ek was dit altyd. Ek het vir baie jare stilgebly - ek verwyt my dit. Ek het bedek en probeer keer, nou kan ek nie langer nie. Ons het hier te doen met ’n geval van afdwaling wat minstens ’n paar jaar aan die gang is wat die dinge geleer is”. Later voeg JD du Toit by: “Daar moet “baie radikaal opgetree word”. Nog later het hy weer sy persoon direk betrek toe hy ’n beroep op die Kuratore gemaak het dat daar ’n studie-kommissie en ’n spesiale Sinode sou moes kom. Hy sê:

> "...dit lyk of die broeders half-skrikkerig is. Laat prof. De Wet sy volle reg kry, maar ook die Teol. Skool. Ek het vir die Teol. Skool al deur baie gegaan. Eer en oneer. Goeie en slegte gerugte. Ek sal dit weer doen. Ek sal by die Skool val. Ek het niks persoonlik teen prof. De Wet nie. Ek het hom altyd beskerm. Dis my selfs verwyt. As hierdie soort dinge nie verander nie, kan dit nie langer nie. Sy dwalinge staan ten ewige daar in die diktate opgeteken. As daar nie verandering kom nie sal ek sy dwaalleer bestry, so ver ek kan op al my kolleges. Dit is vir my 'n hartseer - dit gaan in teen al die drade van my siel. Ek wil nie twis nie, maar ek moet opreg wees teenoor die Kuratore, die Kerk, myself en God..."

Dit wat JD du Toit veral in 'n baie ernstige lig gesien het, volgens die stenografie van Mei-maand, was die verstaan rondom die twee nature van Christus. JD du Toit het telkens na hierdie tema teruggekeer. Vir JD du Toit was die groot probleem dat die vorige Sinode eintlik die saak waarom dit eintlik gaan gemis het. Hy stel "die kwessie gaan oor die God Christus wat gaan in die mens Christus. Calvyn sê dis kettery. Dit kom telkens voor in die diktaat. Hoe kan jy verder afwyk van die konfessie. Dit gaan verder daaroor dat die mens Christus nie Middelaar kan wees nie". Meer aan die einde van die 36-bladsye stenografie maak JD du Toit die merkwaardige opmerking rondom die aksente van die saak. Hy stel dit soos volg:

> "Hier in dieselfde straat ± 1933 toe ek nog met die Bybelvertaling besig was, het 'n student reeds aan my gesê: ek glo nie dat die Here Jesus sonder 'n menslike Ek kon bestaan het. Ek het hom ingevlieg en gesê dis kettery en ek wil dit nie weer hoor nie. Ons het met iets te doen wat lankal aan die gang is..."

6.9 FILIOQUE-LEER

Die eerste aksent in die vyf groot dogmatiese verskille het deurlopend gedui op 'n ernstige teologiese verskil in die Filioque-leer. Die voordrag van die Kuratorium dui hierdie aksent soos volg aan:

> "Dat prof. dr de Wet, volgens aantekeninge van studente, aangaande die leerstuk van die Filioque aan studente geleer het dat die Heilige Gees alleen van die Vader uitgaan en nie ook van die Seun nie, wat in stryd is met die Nedl. Geloofsbelydenis, art.8 en 11, Geloofsbelydenis Nicea en Athanasius (23).
> Art. 11 van ons Belydenis stel vas: 'Ons glo en bely ook dat die Heilige Gees van ewigheid af van die Vader en die Seun uitgaan'. Dit was die belydenis van die Westerse Kerk sedert dit geyk is in die sinode van Toledo, 589nC.

Al het De Wet later probeer om hierin 'n regstelling te maak, was die Kuratorium by monde van hulle kommissie pre-advies glad nie gerusgestel nie. Hulle opmerkings hieroor is soos volg: "Die prof. het nie herroep wat hy op hierdie punt in stryd met die belydenis geleer het nie. Wat die professor inderdaad geleer het, is 'n leer wat met ons Konfessie in stryd is. Hieromtrent gee die klasaantekeninge 'n ondubbelsinnige getuienis."

Uit die aantekeninge van SCW Duvenage en FW Buytendach blyk dat De Wet die volgende rondom die Filioque-leer gesê het. Buytendach se aantekeninge stel dit soos volg:

> "Die Filioque is nie deur 'n Algemene sinode in die ou Kerk aanvaar nie; alleen deur 'n provinsiale. Geen bewys vir Filioque in Skrif nie. Gaan die Gees ook uit van die Seun? Dr. De Wet reken hierdie opvatting kan nie bewys word uit die Skrif nie. Hy reken dat die Heilige Gees volgens Skrif nie uit die Seun ook uitgaan nie. (i) Die Seun gaan uit van die Vader (gegenereer). Die parallel daarvan is dat ook die Gees ewig uit die Vader uitgaan (spireer). Die Gees gaan dus ook uit van die Vader alleen. (ii) en deur die Vader. Weer die parallel: ook die Heilige Gees word gestuur deur die Vader alleen."

Veral kom van die teologiese aksente ook soos deur SCW Duvenage neergepen:

> "Dis die leerstuk (van die Filioque) wat sê dat die H. Gees ewig gespireer word ook deur die Seun, net soos die Seun ewig gegenereer word. Die H. Gees word dus nie net deur die Vader maar ook deur die Seun gespireer. Dr. De Wet neem dit nie aan nie. Hy sê die Gees word net deur die Vader gespireer net soos die Seun ewig deur die Vader gegenereer word. Ander bewys hiervoor is dat die Skrif baie meer spreek van die Gees van die Vader. Gees is wel 'n persoon maar tog bedoel dit dat God of die Vader die Gees spireer. Christus het self gesê: My Vader sal julle 'n ander Trooster stuur. Die Gees as die uitgestorte van die Vader, staan tog in nou verband met die Seun, maar hieruit kan ons nog nie aflei dat Christus ook saam met die Vader die Gees spireer en stuur."

Volgens GHJ Kruger sou De Wet ook gesê het:

> "Filioque is kwessie of H.Gees net van Vader uitgaan of van Seun. Dit maak nie vir ons saak nie". Onderstreping na mens.

Die kommissie van pre-advies wys daarop hoe hierdie leerstuk vir hulle van groot belang is. Hulle haal vir JH Bavinck, Honig en Abraham Kuyper aan. Eers Bavinck wat gesê het:

> "Voor de Grieken (die Oosterse Kerk wat die Filioque verwerp) ligt de eenheid des wezens en de wortel der triniteit niet in de Goddelijke natuur alz zoodanig maar in den persoon des Vaders ...Maar daaruit volgt, dat Zoon en Geest nu ook naast elkander komen te staan ... (Geref. Dogmatiek, bl.237).

Dan volg ook Abraham Kuyper:

> "Kuyper wy anderhalwe bladsy aan die praktiese belang van hierdie leerstuk en sê o.m.: "Loochent men het Filioque, ... dan komt men er toe om de sfeer van den Heiligen Geest te isoleeren ... en wel zoo, dat het verband tusschen het werk van den Heiligen Geest en dat van den Zoon teloor gaat. Het verlossingswerk wordt dan van ondergeschikte waarde, en het komt alleen aan op de heiligmaking ... In de Grieksche Kerk ziet men, wat er van geworden is. Die kerk zelve beteekent weinig meer, zij heeft haar voornaamste steunpunt in het kloosterleven ... Drijft men alleen op de eenheid van een opgewonden geestesleven, dan komt men uit bij de Kwakers, Darbisten, en Plymouth Brethern ... Vraag dan of niet metterdaad de isoleering van den heiligen Geest er toe leidt om het Christendom af te breken." (Dictaten Dogmatiek, uitg. Kok, I bl.232).

Dit is weereens belangrik om die aksent wat De Wet hier gelê het, raak te sien as 'n bepaalde vorm van kritiek op die belydenis maar hy het volgens die stenografiese verslag, in die verband ook gesê en dit selfs ook voor die Sinode verklaar:

> "Ek wys nie net op die gereformeerde beskouing nie, maar ook op afwykende rigtinge. Ek erken dat ek krities teenoor allerlei opvattinge staan. Gesonde kritiek is nodig. Daar moet ontwikkeling wees. As ons net napraat, stagneer ons. Ek was krities."

Later het die kommissie pre-advies nog skerper kritiek uitgespreek, veral in die lig van die feit dat De Wet nie aarsel om gesaghebbende teoloë se standpunte te bevraagteken en openlik uit te daag nie.

> "Kritiek is geoefen op ons konfessie insake die persoonsverhoudinge in die Drieënheid, sodat dit nie verwonderlik hoef te wees nie as ook ander sake rakende die wese van God soos deur ons teoloë voorgedra, krities ter sprake kom nie. Hierdie sake het vanself in die dogmatiek 'n onderlinge verband."

In die verdere beredenering van hierdie saak is die aantekeninge van veral Buytendach en Pelser weer betrek. Volgens Buytendach het De Wet in die klas gesê:

> Heidene soos Plato sê: God is aseitas, d.i. die absolute syn ... God is die Onveranderlike en daardeur beskryf hulle Hom as die syn. Hierdie heidens-wysgerige gedagte kom ook in Christelike teologie en bly daar. Eerstens deur Augustinus. Sy gedagte is dan ook dat God syn is. Verder kom dit via Calvyn tot die Geref. teologie. Hy wil alleen die deugde van God behandel maar daardeur skemer die synsgedagte. Eindelik laat Kuyper dit nog sterker deurdring in die Gereformeerde teologie. Die Gereformeerde teologie lê in die verklaring van die Konfessie (nadruk) op die wese in plaas van die geestelike en daaruit ontspin dan die heidens-wysgerige gedagte ... Ons kan geen vergelyking tref tussen God en mens nie: God is absolute synde en die mens is relatiewe syn. Dit is onsin. God is wel die absolute grondsyn."

Hierin word gewys hoe De Wet volgens Duvenage gepraat het van God as die "synsgrond"... "God laat alles syn. God is die agtergrond en Hy laat ons syn. Die mens syn dus, en nie relatief nie". Volgens die Kuratorium was Kempff en Postma se aantekeninge weer grootliks ooreenstemmend.

Die kommissie van pre-advies het ook krities teenoor De Wet gestaan as De Wet gewaarsku het teenoor "sogenaamde wysgerige inkruipsels". Hulle stel vir verder soos volg:

> "Ten slotte wil ons in hierdie samehang opmerk dat daar geen beswaar bestaan as dogmatici 'n betere terminologie voorstaan ingeval die bestaande nie houdbaar is nie. Maar die beweringe van die professor is van dié aard dat afwyking van die eeue-oue tradisionele lyn van die Christelike en Gereformeerde teologie hier nie geregverdig kan word nie. Hierdie saak is vir ons hoë erns. En wel omdat ons teoloë hulle van oudsher gebaseer het op die rotsbodem van die heilige Skrif".

Dan word De Wet nog weer bygehaal nadat reeds te kenne gegee is dat hierdie punt afgesluit is. Dit gaan oor die feit dat De Wet oor die term "Kategismusprediking" krities gestaan het en selfs daarteen gekant was. Kempff se aantekeninge word hier teen De Wet gehou. Hieroor het De Wet hom soos volg verweer:

> "Die kategismus word ook as gogga teen my gebruik. Wat beweer word, is nie waar nie. Ek het gesê dat die term nie reg is nie, nie gereformeerde nie. Jy kan net uit die Woord van God preek. Om te praat van Kategismusprediking is verkeerde term. Moet woord gebruik: Kategismusverklaring. Kategismus is leerboek, nie preekboek nie".

6.10 OOR DIE PERSOON EN NATURE VAN CHRISTUS

6.10.1 DE WET SE VROEËRE CHRISTOLOGIE

Die leerstellinge rondom die Christologie het by De Wet oor ’n geruime tyd besondere aandag geniet. Die aksente wat De Wet sedert 1931 in die leerstuk geplaas het, is in sy gepubliseerde werk *Die Bybel en die Christus van die Bybel* baie prominent. Insiggewend is dat al die kritici van De Wet wat op sy verkeerde beskouinge in sy Christologie die klem laat val het, hierdie groot werk van De Wet buite rekening laat. Nêrens is daar in die ruim gesprekke soos stenografies opgeteken, of in enige van die Kuratorium-rapporte, in amptelike verslae of enige notules, soos deurgegaan, eers na sy prominente werk in die verband verwys nie.

De Wet het telkens daarop gewys dat die godheid in die verklaring van Christus nie bewys kon word nie, want wie dit histories wou doen, sou misluk. Hiermee stel De Wet (1931:123) dit dat vir die “ongelowige Bybel-kritiseerder” ’n “Jesus-probleem” mag wees, maar vir die gelowige “is dit die verborgenheid van die godsaligheid wat groot is, maar in aanbidding tog geglo moet word (kyk 1 Tim 3:16)” (De Wet,1931:123).

6.10.2 DIE MENSWORDING VAN CHRISTUS

In sy boek van 1931 beskou De Wet in sy Christologie die menswording van Christus (1931:25) nie as ’n direkte strydpunt nie. Hy is wel van mening dat die menswording in noue verband staan met die dwalings omtrent Christus.

Aangesien De Wet rondom hierdie spesifieke aspek in sy klaswerk en leer aangekla is, word hieronder sy eie uiteensettinge van Christus se mensheid en menswording meer volledig weergegee. Hy het sekere dele van die leer so geformuleer dat dit toe reeds vreemd na vore gekom het en van hom ’n nadere verklaring kon verg. Hiervan is die volgende aanhalings enkele voorbeelde:

> “ ... Die Nuwe Testament leer ons dan ook nie 'n ‘lydende God’ nie. Die gedagte van 'n ‘sterwende en herrysende God-Heiland’ is heidens en nie Bybels en Christelik nie. As die Bybel en die Christendom soiets leer dan kan dit nie gehandhaaf word teenoor die heidendom en evolusie nie wat 'n ‘wordende God’ leer ... Dus: Christus as die Seun van God het Sy aangenome mensheid gebruik as instrument waarin en waardeur Hy sy middelaarswerk verrig het ...

> ... maar wel so moet ons die menswording verstaan nl. dat die Seun van God deur die werking van die Heilige Gees in die skoot van die maagd Maria en uit haar vlees en bloed die mens Christus in embrio skeppend toeberei het, en dit wel as instrument of orgaan vir sy middelaarswerk. Dus, soos God Adam se liggaam uit die stof skeppend geformeer het en 'n siel daarin geblaas (d.i. ingeskep) het, so het die Seun van God deur die werking van die Heilige Gees die liggaam van Christus uit die vlees en bloed van Maria skeppend toeberei en 'n siel daarin ingeskep.
>
> Hy kon ook nie 'n aardse vader gehad het nie, want dan kon Hy nie Middelaar wees nie, aangesien die Seun Hom dan nie kon toeberei in Maria tot instrument vir Sy middelaarswerk nie.
>
> ... Tog skryf die Bybel soms blykbaar aan die God Christus menslike kenmerke toe bv. dat die Seun van God vir ons sonde gely het ens., en aan die mens Christus soms goddelike kenmerke bv. dat die Seun van die mens ewig was ens. Hierdie *"usus promiscuus"* (deurmekaar gebruik) van die twee name moet egter verklaar word uit die feit dat Christus as Seun van God sy middelaarswerk deur die mens Christus verrig het, en dat die godheid en mensheid van Christus op 'n vir ons onverstaanbare en onverklaarbare wyse verenig was sonder dat egter die goddelike en menslike in Christus vermeng was, want die Bybel onderskei deurgaans die goddelike en menslike prinsipieel en absoluut. Hierdie godheid en mensheid van Christus en hulle verhouding tot mekaar was dan ook altyd 'n probleem en strydpunt in die Christelike Kerk" (De Wet,1931:125-128).

6.10.3 JV COETZEE BESKOU HIERDIE AS DIE GROOT KNOOPPUNT

In JV Coetzee se eie voorbereiding rondom die saak was De Wet se Christologiese leer eintlik Coetzee se vertrekpunt. Dit beteken dat hierdie leerstuk oor Christus se persoon en die nature van Christus as een van die mees ernstige verskille deur Coetzee beskou is. Hierin word die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 19, en uitsprake van die "formule van Chalcedon"[67] sterk betrek.

De Wet is daarvan verdink dat hy geleer het dat Christus as Middelaar twee persone het. Hy het dan 'n goddelike en 'n menslike persoon. Vir De Wet was dit onaanvaarbaar om te bely dat Christus as onpersoonlike mens voorgestel moes word. Volgens JV Coetzee (brief einde 1945) sou De Wet dan ook gesê het "ek kan nie verstaan dat Christus 'n onpersoonlike mens was nie.

[67] Die vierde ekumeniese Sinode van Chalcedon gehou in 451 nC waar al die kerke uit die Ooste teenwoordig was, maar uit die Weste slegs Rome en uit Afrika net een diaken. Dit word nogtans beskou as die grootste sinode van die ou kerk met 500 biskoppe teenwoordig. Die sinode het 'n duidelike besluit oor die persoon en die nature van Christus geneem. Die besluit sê dat Christus twee nature het in een persoon en die twee nature in die een persoon is onvermengd, onveranderd, ongedeeld en ongeskei (D'Assonville, 1992:62).

Daar bestaan nie soiets nie. Elke mens het sy ek. Ons konfessie sê onpersoonlike mens – ek kan dit nie verstaan nie" (GKSAA: JV Coetzee Versameling, 1945.2).

De Wet het twee terme gebruik om uitdrukking aan sy twee-persone leer oor Christus te gee deurdat hy verwys het na die God Christus en die mens Christus. Volgens Coetzee en verskeie klasaantekeninge was daar nie twyfel dat De Wet hom nie ten volle kon versoen met die belydenis in die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 19 dat die twee nature verenig is in een persoon nie.

Dit kan volgens Coetzee aangetoon word dat De Wet selfs gesê het die uitspraak van die formule van Chalcedon was verkeerd en panteïsties. Van die klasaantekeninge gee dit weer dat De Wet gesê het die Gereformeerdes het hierdie twee nature in een persoon aanvaar. Weer stel De Wet dat hy dit as panteïsties en as onduidelik beskou. In 'n skrywe het De Wet hom op die aantygings dat hy vreemde terme soos "God Christus" en "mens Christus gebruik", soos volg verweer:

> "Nou die uitdrukking: God Christus en mens Christus. Ek wil my op die Skrif beroep: Thomas sê My Here en my God. Op ander plekke word weer gepraat van die mens Jesus. As die Skrif dit sê is dit reg; as ek dit sê is dit verkeerd, kettery. Al wat ek bedoel het, is om die twee duidelik te stel, niks meer nie." (GKSAA: JV Coetzee Versameling, 1945.2).
>
> .

In sy verdere aanbieding het De Wet dit soos volg gestel. De Wet sien die God Christus is gebore in die mens Jesus. Die mens Jesus is nie die Seun van God nie. Uit die aantekeninge van GCP van der Vyver het JV Coetzee die volgende ingrypende leer rondom die menswording van Christus aangebied. De Wet stel dit:

> "Dit nie God is wat mens geword het nie. God kan nie ly en sterf nie; dit is menslik; net so min as wat 'n mens God kan word. God word mens, d.w.s. die Seun het ingedaal in die skoot van die maagd Maria en Hy het daar uit die vlees en bloed van Maria vir Hom die mens Christus geskep of toeberei om vir Hom, nl. die God Christus, die instrument te wees om sy Middelaarswerk te doen. Die God Christus is Middelaar. Hy bly in Triniteit ewig God. Christus as God word nie mens nie. Christus as tweede Persoon word mens. Die embrio in die moederskoot is nie die God Christus nie, maar die mens Christus, maar as tempel van die God Christus" (GKSAA: JV Coetzee Versameling, 1945.2).

De Wet se siening oor die vleeswording van Jesus Christus is verder ondersoek aan die hand van die aantekeninge van heelwat studente uit verskillende jare en met kruisverwysings gekontroleer. Jons Postma skryf byvoorbeeld in sy aantekeninge:

> "Die Menswording. Ook vleeswording, nie natuurwording nie. Wie het mens geword? Nie God nie. Christus as die Tweede Persoon het mens geword. Het Christus se Persoon mens geword en sy wese nie? (Sy wese is goddelik). As dit nie so is nie, dan moes daar skeiding kom tussen persoon en wese en dit is nie moontlik nie. "Word" is nie oorgaan in iets anders nie. Menswording is gelyk aan mensaanneming of vleesaanneming, d.w.s. Christus as God het die menslike aangeneem. Hy het self ingegaan in die skoot van Maria en het self deur die werking van die Heilige Gees uit die vlees en bloed van die maagd Maria vir Hom 'n mens Jesus voorberei. Hy moes hom gevestig het in 'n organisme sodat die mense Hom kan verstaan. Die mens is instrumenteel vir die God Christus. Christus het God gebly. Die ontvangenis was 'n groot wonder" (GKSAA: JV Coetzee Versameling, 1945.2).

In die aantekeninge word keer op keer verwys na hoe De Wet die natureleer rondom Christus aangebied het en hoe Hy aan die Vader gesubordineer is. Hierin het De Wet gestel dat hy vier stadia sien:

- Hy is onderworpe reeds in die ewigheid aan die Vader, in die *pactum salutis* van God.
- Toe die mens geskape is en geval het volgens die plan van God, moes die mens Christus in die tyd intree as Middelaar.
  Dit het twee stadia:
- In die Ou Testament het Hy nog net ingetree as nog-nie-vleesgeworde Middelaar.
- In die Nuwe Testament. Die menswording van die Middelaar. Nou kry ons twee: Die God Christus en die mens Christus. Nou kry jy 'n dubbele onderwerping.

6.10.4 HOE HIERDIE AKSENT IN DIE FINALE KLAG VERVAT IS

Daar is begin deur daarop te wys dat volgens aantekeninge van studente De Wet "aangaande die nature van Christus aan studente geleer het dat in Christus twee persone en een wese is, wat in stryd is met die Nederlandse Geloofsbelydenis, art.19, Heidelbergse Kategismus Sondag 14, vr.35."

Al het De Wet hom verskeie male en met groot frustrasie rondom die leerstuk probeer verdedig, is daar volgehou dat "ten prinsipale gaan dit nie oor die vereniging van die twee nature nie, maar wel hieroor dat deur die professor geleer is dat die Middelaar 'n goddelike en menslike persoon is. Ons word nie ingelig nie omtrent die *juxta posisie*[68] wat by herhaling aangetref word, nl. 'die

[68] Naasmekaarstelling

God Christus' en 'die mens Christus.' Dit beheers blykbaar die hele beskouing van die professor. Blykbaar is dit die twee spille waarom alles by die professor draai."

Dan vervolg die Kuratorium deur hier na een van De Wet se meditasies te verwys:

> "... Ook in *Die Kerkblad* van 17 Desember 1943 vind ons in die meditasie vir Kersfees hierdie woorde: 'En dan: dat die God Christus moes verskyn in die mens Christus wat Hy in en uit die vlees en bloed van die maagd Maria deur die werking van die Heilige Gees vir Hom toeberei het as instument: dit op sigself is reeds vernedering'. Volgens die aantekeninge is die "God Christus" eigenlik alleen Heilsmiddelaar terwyl die "mens Christus" alleen instrument is wat die Heilsmiddelaarswerk doen vir die "God Christus".

Volgens JD du Toit was hierdie "dwaling" van De Wet 'n rigting waarteen Calvyn alreeds ernstig gewaarsku het. Du Toit waarsku in die stenografie soos volg:

> "Dit word duidelik deur Calvyn aangetoon in sy preek oor 1 Tim. 3:16: "Deur die woord vlees verklaar Paulus dat Christus waarlik mens was, en dat Hy met ons natuur bekleed was; maar tegelykertyd toon hy met die woord geopenbaar aan dat daar twee nature was. Ons moet ons nie inbeeld nie 'n Jesus Christus wat God is en 'n ander Jesus Christus wat mens is, maar ons moet weet dat Hy alleen beide God en mens is. Laat ons onderskei sy twee nature, om te kan weet dat Hy die Seun van God is wat ons broeder is". Calvyn gaan dan voort met sy skerpe kritiek op die stelling dat daar 'n Christus is wat God is en 'n ander Christus wat mens is en bestry die ou afdwaling wat toe weer die kop uitgesteek het." [69]

Die Kuratorium het verder daarop gewys, soos Coetzee dit ook apart bevestig het, dat die Sinode van Chalcedon hierin onder die loep gekom het. In die aantekeninge van die studente staan:

> "Die Gereformeerdes het op voetspoor van Chalcedon die twee-nature-leer gehandhaaf en ook panteïsties geword ... *Forma unionis*: Christus was 'n onpersoonlike mens. Twee nature in een persoon – onhoudbaar *Effects unionis*: uitwerkings: i) die mededeling van eienskappe sodat die goddelike en menslike eienskappe meegedeel is aan die persoon van Christus – puur panteïsties."

[69] JV Coetzee het in die argiefstuk hier met 'n potlood aangedui dat Calvyn hier sou kon verwys na die dwaling van Nestorius.

Hierdie aantekening kom uit die notas van SCW Duvenage en kruisvergelyk met die aantekeninge van J. Postma, GHJ Kruger en heelwat ander studente. Die Kuratorium wys in die verband ook na wat De Wet self op die Sinode in 1945 verklaar het:

> "Ek kan nie verstaan dat Christus 'n onpersoonlike mens was nie. Daar bestaan nie so iets nie. Elke mens het sy "ek". Ons konfessie sê: onpersoonlike mens – ek kan dit nie verstaan nie. Net glo".

In hulle slotredes het die Kuratorium daarop gesinspeel dat hierdie van die oudste afwykinge in De Wet se leer blyk te wees. Hulle het spore daarvan opgetel in *Die Wagtoring* van Februarie 1932. Hierin is 'n duidelike bewys dat nog JD du Toit, nog Coetzee of enige kurator erns gemaak het met De Wet se werk, *Die Bybel en die Christus van die Bybel*. Dit is in 1931 gepubliseer.

6.11 OOR VERKIESING EN VERWERPING

Volgens die student-aantekeninge het De Wet geleer dat die heilige Skrif nie direkte bewyse vir 'n ewige verkiesing en verwerping gee nie. Hiervolgens het die mens homself in Adam verwerp. Uit dieselfde aantekeninge kom dit na vore dat De Wet verder geleer het dat die verworpenes mense is wat nie daar moes gewees het nie, terwyl die uitverkorenes mense is wat daar sou wees as daar geen sonde was nie. De Wet se meditasie in *Die Kerkblad* van 9 Julie 1934 word in die leerstuk betrek.

De Wet se verweer in hierdie verband staan soos volg:

> "Ek het nooit geleer dat die Skrif nie direkte bewyse gee vir die verkiesing en verwerping nie: my reeks meditasies oor verkiesing en verwerping weerspreek hierdie bewering. Ek het gesê dat die mens deur sy val in die paradys homself verwerplik gemaak het. Die uitverkorenes vorm die essensiële lede van die menslike geslag en sou daar wees ook as daar nie sonde was nie, soos hulle nou daar is al is daar sonde, want God se plan met die menslike geslag kan nie deur die sonde gewysig word nie. Die verworpenes is die formele lede van die menslike geslag. Die vraag of die verworpenes daar sou gewees het as daar nie sonde was nie het ek net in die midde gestel na aanleiding van Christus se uitspraak oor Judas, ens. Dis seker 'n saak wat nader ondersoek moet word".

De Wet het in van die ondervragings dit bevestig dat hy aanvaar dat daar vir die leer oor die uitverkiesing en verwerping daar direkte en duidelike uitsprake bestaan.

In ’n vroeëre stenografiese weergawe het hy dit soos volg gestel:

> “Ek sê dat die OT leer die uitverkiesing tot diens maar met 'n ewigheidsagtergrond. Onder die NT word die ewigheidsverkiesing duidelik geleer. Die mens het as’t ware in Adam hom verwerplik gemaak. Deur die sondeval het elke mens in Adam God reg gegee om hom te verwerp. Die essensiële lede van die menslike geslag is die uitverkorenes. Die verworpenes is mense wat daar nie moes gewees het nie. Ek het hierdie saak in die lig van die NT as 'n vraag gestel. Die skerp uitsprake van Christus moet ons gaan ondersoek en dit i.v.m. die leer van die verworpenes stel, bv. Judas.”

Hiermee saam het De Wet in die ondervraging bevestig dat hy die leerstelling verwerp dat die mens homself deur sy sonde in Adam verwerp het. Die teologiese aksent wat die Kuratorium teen De Wet bly stel het, is die feit dat hy van mening was dat daar ook tekste is “wat nie direkte bewyse is” nie, al word die tekste as sg. bewyse aangevoer. Hiernaas het De Wet oor die aspek van “oorbevolking” in verband met die leerstuk van die uitverkiesing baie aanvegbare stellings in die klas gemaak.

Heelwat studente-aantekeninge bevestig dat hy gepraat het van die “afgekapte takke van die mensheidsboom”, bedoelende die verworpenes. In die aantekeninge kom dit na vore dat hy met die afkapping bedoel het dat dit mense is wat geen mense moes gewees het nie. Hulle moes nie as mense erken geword het nie. In die verband het hy Judas as verraaier van Jesus genoem. Hy verbind die Here Jesus se uitspraak, naamilk dat dit beter sou gewees het as Judas nie gebore was nie, om hierdie aspek te verduidelik.

6.11.1 JV COETZEE SE UITBREIDING HIEROP

JV Coetzee het in sy eie aantekeninge op die aspek van De Wet se leer oor verkiesing en verwerping heelwat breër gewerk. Die vergelyking met die menslikheidsboom is ’n metafoor wat De Wet volgens Coetzee aan Kuyper ontleen het, met dan De Wet se eie toepassings. Kuyper het graag gepraat van die uitverkorenes as die boom van die menslike geslag waar die uitverkorenes die eintlike boom is en die verworpenes die takke wat afgekap word. Verder stel Coetzee dat De Wet in sy klasse geleer het dat God se verkiesing ’n besoeking aan die mens is, ’n positiewe daad van besoeking en verwerping is ’n verbygaan. In dié sin is die verwerping ’n negatiewe daad van God, terwyl dit die mens bly wat homself verwerp het deur die val in Adam. Dan stel De Wet dat God dit so gewil het, nie as tiran nie, maar omdat - as ewige motivering - die

uitverkorenes die eintlike mensheid is, hulle is die mensheid soos dit moes gewees het en die afkapping is eintlik ’n nie-erkenning; hulle moes geen mense gewees het nie.

Coetzee het in die klas-aantekeninge verskeie aksente rondom die aspek van oorbevolking gevind. De Wet het geleer as daar nie sonde was nie, dan sou daar nie oorbevolking gewees het nie. Daar sou net die bepaalde getal (*certus numerus*) gewees het. De Wet beweer dat sonde die voortplantingsproses verskerp en oordryf het. Sonde bring mee dat die mens die beheer oor die geslagtelike lewe verloor het. In die verband het De Wet genoem dat die “Oosterse volke is die sonde *per excessum* (deur oordaad) en hoe meer ooswaarts, hoe groter die getalle”. Daar is te veel mense, nie uit die sonde nie, maar vanweë die sonde. Dan het De Wet die gelykenis van die saaier ook in die leer van die verkiesing betrek deur te stel dat hiervolgens omtrent een-derde mense wat uitverkore is en twee-derdes verworpenes. Daar sou net die een-derde gewees het as daar nie sonde was nie.

Wanneer De Wet, volgens Coetzee, die genade van God by hierdie leerstuk betrek was genade alreeds in die “lendene van Adam toegepas”. In die lendene van Adam was die hele menslike geslag. In Adam se “lendene was daar dan meer moontlikhede as wat werklikhede sou wees”. Die beperking sou gewees het in die moederskoot van Eva. Adam gee dan uitvoering aan die werklikhede wat alles in verskillende moontlikhede vervat is en Eva dra die beperktheid. Dan stel De Wet verder dat “deur die sonde het daar ’n prikkeling gekom en so kom daar meer mense”. Dit is meer as wat volgens God se oorspronklike plan daar moes wees. Die meer was ’n moontlikheid wat nooit ’n werklikheid moes geword het nie. Die sonde het die meer ’n werklikheid gemaak. God kan hulle nie opneem in die *certus numerus* nie. In die lang relaas stel De Wet dit as “daar by God net een plan was maar met twee moontlikhede en dit het vasgesit aan die redelik-sedelike aard van die mens”. Verder sê hy: “as die mens in sonde val, kan God nie ingryp sonder om mens se aard te vernietig nie. God kan net waarsku, vermaan en straf. Die verkeerde moontlikheid of moontlikheid tot verkeerde weg het werklikheid geword. Dus die *massa perditionis* was ook in die lendene van Adam gewees.” Dan stel De Wet volgens Coetzee dat “deur die verkiesing en verwerping handhaaf God die oorspronklike bedoeling wat Hy met die menslike geslag gehad het. Dit skyn die motief te wees agter die verkiesing en verwerping”. Dit kom neer op ’n handhawing van die oorspronklike getal van die menslike geslag en by die verworpenes op “die wegwerping van die wat ekstra bygekom het deur die sonde” .

6.11.2 KURATORIUM SE FINALE RAPPORT HIEROMTRENT

In die vasstelling van die finale rapport waar JD du Toit en JV Coetzee saamgewerk het, kom baie van Coetzee se oorspronklike raamwerk weer na vore. In die finale voordrag teen De Wet se teologiese aksente beslaan die leerstukke oor die verkiesing en verwerping en oor die "gesag van die belydenisskrifte" die grootste gedeelte.

Verder is dit opmerklik dat bepaalde teologiese aksente in die klag net nog weer breër uitgewerk is. Dit nadat heelwat meer studente-aantekeninge betrek is.

Die twee teoloë is van mening dat De Wet se eintlike aksent in sy leer oor die uitverkiesing en verwerping geleë is in sy beskouing oor die Raad van God. Hulle stel dit soos volg:

> "Dit hang ten nouste saam met wat hier in geding is. Ons bedoel die beskouing van die professor in verband met die raad van God.
>
> Hy self lê die verband as hy spreek oor die drie 'kringe" of "sirkels'. Die *decretum Dei* (besluit van God) gaan, sê hy:
>
> 1. oor alles, d.w.s. oor die redelose skepping ....
> 2. oor wat ons kan noem predestinasie ....wat gaan oor alle redelik – sedelike wesens (bepaling van hulle lewensloop, daarby die verantwoordelikheid van die mens), en
> 3. nog 'n kleiner kring: die verkiesing, d.w.s. uitverkiesing ....By die verkiesing gaan dit oor die ewige lewe.
>
> Nou sê die aantekeninge aangaande die raad (besluit, wêreldplan) van God die volgende: 'God se wêreldplan was 'n eenheid maar 'n plan met twee moontlikhede wat reg teenoor mekaar staan. As mens (die) goeie gekies het, sou hy in ander rigting gegaan het met glad 'n ander soort wêreld ... Mens het kiesvryheid gehad. Hy het vir die sonde gekies. Die moontlikheid het nou werklikheid geword. Die skepping van God moet dus deur die sonde-proses deur ontwikkel ... Een plan en twee moonbtlikhede dus. God het dus die moontlikheid van die sonde in sy plan opgeneem. God het plan gemaak met moontlikheid van kwaad daarin opgesluit, en toe kwaad werklik kom, was dit op rekening van die mens wat in sy kiesvryheid die kwaad gekies het. God is dus nie outeur van die kwaad nie. Hoe moet ons dit verklaar dat daar eintlik 'n ander aarde ontwikkel het? Dis een plan met twee moontlikhede. Die moontlikheid lê in die kiesvryheid ... Vir ons is sondige wêreld en sondelose wêreld twee aparte skynbaar teenstrydighede. God het pit geplant en mens kon beslis of ontkieming buite sonde om sou gaan al dan nie. Pit het meer moontlikhede as wat tot uiting kom. Dis waarskynlik. So is plan ook één, maar keuse bepaal ontplooiing. God se wêreldplan was een plan, maar 'n plan met twee moontlikhede wat reg teenoor mekaar staan. Mens moes kies."

Die Kuratorium beredeneer die saak rondom een raad maar met twee moontlikhede as ondenkbaar. Hulle stel dit soos volg:

> "Hieraan voeg ons toe dat 'n raad van God met twee moontlikhede ondenkbaar is, want van twee dinge kan hier net een aangeneem word: óf daar is 'n ewig-vaste raad van God, maar dan is daar geen twee moontlikhede nie, óf daar is twee moontlikhede, maar dan is daar geen ewig-vaste raad van God nie. Om dan nog te spreek van één raad, gaan nie op nie. Die moontlikhede is 'n deling van die raad van God wat in stryd is met die eenheid (*unitas*) en eenvoudigheid (*simplicitas*) van God self.
>
> Hoe moet dit alles gerym word met die uitspraak van die professor in sy 'Bevestiging': "God se plan met die menslike geslag kan nie deur die sonde gewysig word nie?'
>
> Dat God in sy wêreldplan twee moontlikhede opgeneem het, het ons by die Gereformeerde dogmatici nie gevind nie. Wel het Gomarus en Walaeus ook gespreek van 'n middelkennis, maar nie in die sin van die Jesuïete Fonseca en Molina nie. Wat Gomarus en Walaeus bedoel het, was gans iets anders en het betrekking op die kondisionele verband waarin ons as mense lewe. Dit is by God bekend en deur Hom gewil.
>
> Om 'n voorbeeld te noem wat deur die voorstanders van die *scientia media* misbruik is: Jesus sê in Matt.11:21: 'As in Tirus en Sidon die kragtige dade plaasgevind het wat in julle (Gorasin en Betsaida) plaasgevind het, sou hulle hul lankal in sak en as bekeer het.' Tereg sê Dr. Hepp: 'Gorazin en Betsaida, die worden niet voorgesteld als een aflezing van het besluit. Van geen besluit is sprake....God had zelf de mogelijkheid afgesneden door het niet laten werken van die wonderen. Als possibilia (moontlikhede) wordt dit voor de menschen gesteld." (Eigenschappen,75).

6.12 OOR DIE ERFSONDE

In die vierde dogmatiese saak in die reeks van nege groot klagtes wat teen De Wet ingedien is, het die patroon van die wyse van aanklag dieselfde gebly. Dit is weereens 'n tema deur JV Coetzee nagespoor, deur JD du Toit onderstreep, albei deur JV Coetzee en JD du Toit verwerk en dan deur die Kuratorium voorgehou as 'n groot saak en 'n rede om 'n klag te lê. In die verwerking van hierdie aksente is weereens sterk op die Belydenisskrifte geleun en ook op die welbekende en geëerde dogmatici van die tyd. Hierin was Bavinck, Kuyper en Hepp klaarblyklik die manne wie se groot werke die groot verweer kon afrond.

6.12.1 JV COETZEE SE AANVANKLIKE NASPORING

In die private versameling van JV Coetzee wys hy daarop dat De Wet in die leerstuk oor die erfsonde baie gewerk het met die gedagte wat genoem is “die translasie-teorie”. Dit is die vraagstuk na die ontstaan van die mens. In die opsig is elke mens in Adam geskape, wel na siel en liggaam. Die mens word soos ’n sel uit die lendene van Adam oorgedra. In die sel sit sowel die liggaam as die siel “in die kiem in”. Wanneer die regte tydstip aanbreek en die bepaalde kindjie uit sy ouers voortkom en homself vind, dan het die sel uit Adam sy bepaalde oordrag gehad. Die voorgeslagte is in wese niks anders as “kanale waardeur die selle kom”. Verder vertolk Coetzee vir De Wet in die sin dat De Wet geglo het dat “aksidenteel of formeel” oefen die voorgeslagte invloed uit “op die sel wat besig is om na die moederskoot toe te kom en die ouers oefen die vernaamste aksidentele invloed uit”.

Dit wat die translasie-teorie hierbo weergee bring De Wet dan in verband met sy leer oor die erfsonde. Coetzee wys daarop dat De Wet volmondig en heelhartig die totale val van die mens onderskryf. Die probleem volgens Coetzee is De Wet se bevraagtekening van die Kategismus wat stel dat ons hierdie verdorwenheid van ons ouers geërf het. Volgens De Wet moet ons praat van die “*peccatum originale*”. Dit kom daarop neer daar moet eerder van “oorspronklike sonde” in plaas van “erfsonde” gepraat word. Dit hou verband met De Wet se siening oor voortplanting en wat hy daarby met oorbevolking en die vervallenheid en sonde van die mens in verband gebring het. Later stel De Wet volgens van hierdie aantekeninge dit nog duideliker as hy stel dat “die mens erf nie sonde nie, net so min as die genade. Die ou naam is ‘*peccatum originale*’ dit is die regte woord. “Jy erf niks nie, maar ontvang net jou eie sonde. Hoe kom jy daaraan? Omdat jy met siel en liggaam nie van jou voorgeslag kom nie, maar uit die lende van Adam. Jou ouers is maar net die kanaal. Jou ouers is die naaste skakel en Adam is die finale skakel...”

Ons erf nie soseer ons verdorwenheid van ons ouers nie, maar in Adam se lendene is die mens reeds verdorwe want elke mens het saam met Adam geval. De Wet stel dit soos volg: “jy was potensieel-aktief saam met Adam en die aksidentele het in die loop van eeue bygekom. Nou word ’n mens gebore in sonde en ongeregtigheid”. Dan motiveer De Wet verder dat “jy kan nie van jouself erf nie en ons moet liewer van oorspronklike sonde as van erfsonde praat”. Hierin beweer De Wet dat die Engelse kerke en selfs die vroeg-christelike kerke nog die regte term gebruik het.

As Coetzee aanvanklik vir ds. BR Kruger en prop. J. Postma uit hul studente-aantekeninge aanhaal, voordat JD du Toit ook by die nasporing betrek was, dan wys die jongmanne reeds op De Wet se gedagtegang. Die vraag na erfsonde en waar dit vandaan kom het volgens die aantekeninge vir De Wet direk verband gehou met die vraag waar jy jou siel en liggaam kry. De Wet stel dat "God het baie duidelik 'n mens geskep en meteens geskep. Ons moet die eenheid van die mens handhaaf".

Translasie wys daarop dat "liggaam en siel het gelyktydig ontstaan. Elke mens was *"in nuce* in Adam se lendene opgesluit". Die voorgeslag is die kanaal, nie meganies maar organies. Daarin lê ook die aksidentele en essensiële kwaliteite. Dan voeg De Wet by:

> " ... essensieel het God by Adam die menslike semen geskep. God skep dus potensieel die mensheid. Dis verbysterend vir ons. Essensieel dus het mens sy liggaam en siel gekry deur die skepping van God. Elke mens is in 'n sel in Adam geskep. Dis vreeslik ingewikkeld. Langs hierdie weg is dit moontlik dat mens deur 'n sel voortgekom het. Ons het saam met Adam (as selle) geval. Lendene bly nie onaktief as mens iets doen nie. Adam se daad het 'n impressie op sy lendene gehad. Dis liggaam en siel se geraamte in Adam ..."

In sy latere beredenering stel De Wet dat Adam "reeds sy sondestempels op ons afgedruk het". De Wet vervolg deur by te voeg "Adam nie so 'n groot sondaar soos ons nie, want hy staan aan die begin van die stryd. Adam het net 'snaps' geneem en ons moet dit ontwikkel. Die mens word elke dag slegter gebore en word sieklik ..."

6.12.2 DIE TEOLOGIESE AKSENT TOT FINALE RAPPORT VERWERK

In die finale rapport soos deur kommissie ad-hoc in sy pre-advies voorgelê en deur die Kuratorium hulle eie gemaak is die studente-aantekeninge weer prominent. Hiervolgens stel hulle De Wet se teologiese aksent soos volg:

> "... dat prof. dr. De Wet volgens aantekeninge van studente aangaande die erfsonde geleer het dat die erfsonde nie deur God toegereken word in die weg van die verbond nie, wat in stryd is met c.3 en 4 van die Dordtse Leerreëls en art.15 Ned. Geloofsbelydenis en Sondag 3 vr.7 Heid. Kategisme. Vgl. in hierdie verband ook *Die Kerkblad* 21 Augustus, 1942."

Dan word daar ook na De Wet se "Bevestiging" tydens die Sinode van 1945 terugbeweeg waarin hy gestel het:

> "Die term erfsonde is 'n minder gelukkige gekose term, omdat dit die druk wek dat die bedorwenheid waarmee elke mens ontvang en gebore word, net federalisties verklaar kan word, en ek meen dit moet ook realisties verklaar word, hoewel die federalistiese weg die basis is."

De Wet het by ondervraging bevestig dat hy glo dat die erfsonde deur God langs die weg van die verbond toegereken word. Die Kuratorium se kernprobleem was dat De Wet die "realistiese beskouing" meer benadruk het "ten koste van die federalistiese". Na lang aanhalings word die groot vraag vir die Kuratorium of die verbond (federalistiese) wel die kern in hierdie saak uitmaak:

> "... of hier wel die verbond as "basis" geneem is, soos die professor in sy "Bevestiging" te kenne gee. Van die drie opvattings: fisiese, psigiese en verbondmatige, word gesê dat hulle nie bevredig nie. Van die verbondsgedagte word gesê dat dit hier nie ontbreek nie 'Verbondsgedagte verdwyn hier nie.' Dié saak word dan in vyf reëls afgedoen, terwyl die sg. translasie-teorie uitvoerig bespreek word. Ons kan dus verstaan dat die sinodale kommissie ad hoc gerapporteer het: 'Die realistiese beskouing word benadruk in die aantekeninge ten koste van die federalistiese.'
>
> So seer word die translasie-teorie benadruk dat ons lees: 'Dit beteken dat jy niks erf nie maar jy ontvang net jou eie sonde. Die mens erf nie sonde nie. 'Elke mens is in 'n sel in Adam aanwesig gewees. Langs die weg is elke mens voortgeplant as 'n eie sel. Ons erf dus ons eie sonde want ons het saam met Adam geval."

Hiermee het De Wet volgens die Kuratorium weereens die grense van die Belydenisskrifte oorskry. Hulle beredeneer dit soos volg:

> "Hoe moet ons nou ons belydenis verstaan wat oor die erfsonde verklaar: 'Dit is 'n verdorwenheid van die hele natuur en 'n oorgeerfde gebrek." (art.15)?
>
> Wat die kwessie van kreasianisme (God skep die siel) en tradusianisme (die siel ontstaan langs die weg van natuurlike voortplanting) betref, op die saak self gaan ons in sy breë omvang hier uiteraard nie in nie. Ons konstateer alleen dat die Gereformeerdes, op enkele ná, vir die kreasianisme party gekies het". Vgl. Bavinck, Geref. Dogmatiek II, 2de uitgaaf, 625.

Vir die Kuratorium word dit 'n groot problem, veral as hulle hulself in die posisie van die studente indink. Hulle skets hulle worsteling direk uit studente-aantekeninge o.a. van D Kempff:

> "Liggaam van ouers en siel word ingeskep in embrio op bepaalde tydstip. Dit sou beteken nog 'n gedurige skepping en sou beteken dat siel iets goddeliks is en ou dualisme tussen gees en stof

> word gehandhaaf ... Kreasianisme sê liggaam van ouers maar siel ingeskape in liggaam – siel nie van ouers nie – net liggaam – heidens wysgerige gedagte – siel beskou as heilig en nie langs besoedelde weg van voortplanting kan ontstaan nie. Dit bevredig nie."

Die Kuratorium gaan voort deur daarop te wys hulle ook nie die saak tussen die teorieë gaan probeer besleg nie, maar noem wel dat `n weg gevind sou moes word om dit vir studente meer verstaanbaar te maak.

> "Nou gaan ons die pleit tussen dié teorieë nie besleg nie. Waar ons op attent moet maak, is dat wel kritiek geoefen word op die kreasianisme, terwyl die groot moeilikhede in verband met die tradusianisme (breed deur Honig ontwikkel in sy rede oor *Creatianisme* en *Traducianisme*) net aangedui word as 'onbevredigend.' Aan die ander kant word dit aangedui as 'meer logies', as 'wel op die spoor, maar onduidelik' en as 'handhawing van die mens' .
>
> Ons kan dus nie sien hoe studente kragtens die aantekeninge 'n behoorlike en ewewigtige begrip van die stand van die kwessie kon verkry nie ..."

6.12.2.1 DE WET SE VREEMDE MANIER VAN UITDRUKKINGE SKEP 'N VERDERE PROBLEEM

Dit is beslis nie net op die terrein van die erfsonde dat De Wet se vreemde uitdrukkinge 'n wesentlike probleem in die hele saak was nie. De Wet het 'n manier gehad om – terwyl hy dalk gewoon die gereformeerde standpunt bedoel – sake wel so vreemd (oorspronklik?) uit te druk, dat daar net verwarring kom. In die opsig het hy nooit bedoel om gereformeerd bevraagtekenend te wees nie, maar hy klink inderdaad glad nie meer gereformeerd nie. Die Kuratorium het die saak ook by die aspek van die erfsonde uitgewys. Hulle som sodanige vreemde uitdrukkinge soos volg op:

> "Skerpe, aan ons onbekende, uitdrukkinge kom voor in wat die studente aangeteken het, bv. 'Jy erf dus nie van Adam nie, maar van jouself en dus nie eintlik praat van erfsonde ... Translasie: in Adam se lende is jy bedorwe, want jy het saam met Adam geval, want jy was potensieel-aktief saam met hom en aksidentele het in loop van eeue bygekom. Elke mens vind homself terug as hy gebore word As mens gebore word dan is hy al eeuelange swerweling'.

Die Kuratorium se finale opsomming by die leerstuk was om met die volgende stelling te volstaan: "Dat die translasie-teorie ons verder bring, kan ons nie insien nie, veral as die federalistiese beskouing ontbreek of nie ten volle benadruk word nie."

6.13 OOR DIE GESAG VAN DIE BELYDENISSKRIFTE

Oor die gesag van die belydenisskrifte het De Wet die langste onder kritiek deurgeloop. Die feit dat hy al in Feb. 1932 begin pleit het vir 'n "nuwe belydenis", soos in *Die Wagtoring* weergegee, het op al hoe meer kritiek uitgeloop. Dit is dan ook geen wonder nie dat die kuratore in hulle voorbereiding tot die finale klag wat teen De Wet opgestel is, hieraan breedvoerig aandag gegee het. Dit is in lengte gemeet die omvattendste afdeling wat hulle in die materiële aspekte van hulle rapport opgestel het. Verskeie aspekte wat die belydenisskrifte raak is aan die orde. Hierin kon verwag word dat aksente soos die gesag van die belydenisskrifte en die binding aan die belydenis, die verhouding tussen Skrif en belydenis, die pleidooi tot voortdurende uitbreiding van die belydenis, alles sake is waaroor De Wet homself moes verantwoord.

De Wet het ontken dat hy ooit die gesag van die belydenisskrifte bevraagteken het. Hy stel dat hy geleer het dat "hulle nie oordryf, maar ook nie onderskat moet word nie". Sy standpunt was dat "die Belydenisskrifte is die naaste en die Skrif die laaste norm vir ons leer en lewe. As daar beswaar teen 'n artikel van konfessie gemaak word, dan moet konfessie getoets word aan die Skrif. Ek aanvaar die Belydenisskrifte heelhartig."

Uit die onderhoude wat gevoer is, soos stenografies aangeteken, het De Wet sy standpunt oor die Belydenisskrifte op verskeie punte verwoord. Dit is soos volg opgeteken:

> "Wat is die funksie van die belydenisskrifte? Ek het gesê ons moet dit nie verafgod nie! Net God se Woord is onfeilbaar. Die konfessie moet aan die Skrif getoets word deur die Sinode. Ek het bedoel as daar 'n botsing kom. In al die kerke vandag- ook in die GK is daar rigtings wat die Konfessie oordryf, ook geringskat. Albei is verkeerd. Die Skrif is die laaste norm, die konfessie is die naaste norm. Die Kategismus prediking. Die term is nie reg nie nie. Ongereformeerd. Jy kan net uit die Woord van God preek ... Die Skrif is die bron van ons prediking, belydenis, sing en bid..."

Die Kuratorium was egter van oortuiging dat hy die Belydenisskrifte onderskat het. Daarvoor het hulle weer alle moeite gedoen om die studente-aantekeninge deur te kam in wat hulle tot hierdie punt gebring het. Hulle noem dit "sitate wat deur studente opgeteken is" om hierdie punt te bewys. De Wet se standpunt word deur die samevoeging van aantekeninge soos volg weergegee:

> "As daar verskille kom in verklaring, wie moet beslis? Volgens watter norme ... Sulke verskille word besleg nie deur 'n soort pous nie, maar hier moet teruggegryp word na die belydenisskrifte. Dis

> norm. Die konfessie is die beliggaming van die kerk se leer. Kort samevatting van die kerk se opvatting van die Bybel. Maar ook oor die konfessie se verklaring kom daar verskil. Of konfessie sê min oor 'n saak, bv. inspirasie. Oor kerk ook nie duidelikheid nie – ware en valse kerk ens. nie duidelik omskryf nie. Kerk moet beslis wat staan in konfessie as daar geskil is. Maar sê nou daar word beweer dat konfessie nie volgens Skrif is nie; dan moet die kerk die konfessie toets aan die Skrif. Skrif is dus finaliter norm. Is dit egter in orde om konfessie ook as norm te neem? Oorspronklike bedoeling was nie om dit as objektiewe norm daar te stel nie. Later word dit wel eis vir toegang tot 'n kerk. Eers het konfessie alleen bedoel: getuienisse teenoor goddelose wêreld; hartlike opregte uiting van jou geloofsoortuiging. Pragtig. Veral in 17e en 18e eeu verloop die hervorming in ortodoksisme, neo-skolastisisme, kerkisme. Opdroging van geestelike lewe. Merk verskil nou in doel van konfessie.

In die opsig gaan De Wet verder en verwys veral na hoe die Dordtse Leerreëls na sy mening "oordryf" word. Hy stel dit soos volg:

> "Konfessie, bv. Dordtse Leerreëls word intellektuele, objektiewe norm. As jy hier afwyk en daar afwyk, kom jy onder sensuur, ens. Dit word regulasies waaraan jy gebind is, objektief, om aan die sekere kerk te behoort. Maar kan jy die geloof reglementeer? Dit lei tot magtelose objektivisme. Konfessie is objek nou en geen warme opbruising van innerlike geloofslewe nie. Daarby: konfessie is feilbaar menslik, hoe kan jy dan konfessie as norm neem? Ons dwaal vandag. Mensewerk, konfessie word bo Woord van God gestel. Konfessie wel onder leiding van Heilige Gees, maar nog feilbaar en geloof kan nie daardeur gereglementeer word nie. Ons moet weer terug na die waaragtige norm: Woord van God en konfessie moet hulpmiddel bly."

Die studente-aantekeninge bevestig telkens dat De Wet in sy gemoed oortuig was dat die "konfessie" oorbeklemtoon word. Dit bring talle ander vrae na vore as gesê word dat die Konfessie is die "naaste norm" is en die Skrif die "laaste norm".

Hierby bring hy "Kategismusprediking" ook onder die loep. Is dit nie prediking van mensewoord nie. Volgens die Kuratorium se afleiding kon hulle nie anders as om te vermoed dat De Wet voel die Konfessie baie gebreke het, soos om nie na behore die skeppingsleer te vertolk nie, (oor hoe God geskep het), die gebrekkige inligting oor inspirasie en dat selfs oor Christus meer bely moes word.

Hy gee iets daarvan weer wanneer hy die konfessie beskou as 'n "feilbare iets" en stel dat dit nie oordryf en in die plek van die Skrif mag kom nie.

6.13.1 DE WET PLEIT BAIE LANK VIR ’N OFFISIËLE VERKLARING VAN DIE BELYDENIS

De Wet het dikwels rondom die belydenisskrifte die gedagte geopper dat solank die Kerk nie ’n offisiële verklaring van die Konfessie gee nie, daar altyd iets van ’n onbeholpenheid en gebrokenheid rondom die hantering van die belydenisskrifte na vore sou kom. In hierdie verband het een student aangeteken dat De Wet gestel het dat daar moes “’n konfessie oor die konfessie kom”.

De Wet stel dat die konfessie se “oorspronklike getuienisse was teen die Roomse en die goddelose wêreld”. Toe het daarin ’n “hartlike ontboeseming” plaasgevind. Dit het hierdie diepe hartsgesindheid verloor. Weereens skryf ’n student dat De Wet die Dordtse Leerreëls ook so sien: 'n “objektiewe, dorre, spitsvondige, intellektualistiese norm – objektiewe reglementering”.

Die Kuratorium wys ook op SCW Duvenage se aantekeninge oor die verklaring van die belydenis:

> “Konfessie kan ook verskil van opinie inhou. Dink aan stryd van prof. du Plessis. Op punt van uitverkiesing het moderne sowel as die ortodokse kant hulle beroep op die konfessie. Om dus te sê: die konfessie is norm, help jou niks want dit kan verskillend verklaar word. Individuele teoloë kan aangehaal word, maar dit is nog nie offisieel die kerk nie. Die kerk moet dus eintlik ‘n offisiële verklaring van die konfessie laat skryf. Maar dit mag nie, want dan kry ons letterknegtery. Buitendien kan die kerk ook nie sekere teoloë as sy teoloë aanvaar nie. Die sinode in die kerk moet dit (die verskil) met meerderheid van stemme beslis. In dié sin kan kerk wel sy konfessie verklaar.”

Die feit dat De Wet oortuig was dat daar vanuit die kerke vir die Kerk ’n offisiële verklaring van die Konfessie moes kom, is dikwels deur studente aangeteken. Die Kuratorium het die teologiese aksente in De Wet se beskouing oor die belydenisskrifte in sewe punte saamgevat:

1. Kragtens hulle karakter is die belydenisskrifte absoluut onderworpe aan die Skrif; daarom moet hulle ook, as dit nodig blyk, aan die Skrif getoets word. Daaromtrent bestaan geen verskil nie.
2. Die belydeniskerk moet ook ‘n belydende kerk wees, d.w.s. ons moet by die konfessie lewe.
3. By ons in Suid-Afrika is geen gevaar vir “letterknegtery” of oorbeklemtoning nie. Die gevare is leervryheid en leeronverskilligheid.
4. Ons vaders wou die geloof nie “reglementeer” nie. Hulle wou uitdrukking gee in duidelike woorde aan hulle geloofsinhoud.
5. Die kerk hoef nie gedurig sy belydenis te revideer nie. As by meerdere vergaderings instemming gevra word, is dit nie om telkens te ondersoek of ons saamstem in die belydenis van die waarheid nie, maar om te betuig dat ons saamstem.

6. Die konfessie kan nie net “hooflyne” gee nie. Veeleer moet ons aanneem dat “in het opstellen van belijdenisschriften de natuurlijke strekking ligt om ze steeds enger, of wil men rijker te maken.” (Grosheide, a.w.p.161) Dit met die oog op nuut-opkomende dwalinge.
7. Dit is nie juis altans volgens A. Rotterdam, om te sê: “Oorspronklike bedoeling was nie om dit as objektiewe norm daar te stel nie – net getuienisse teenoor die goddelose wêreld.” Rotterdam sê (i) dit was ‘n getuienis “voor God, voor den koning, voor de Staten, ja voor de gansche wêreld,” maar hy voeg (ii) daaraan toe dat die gelowiges hulle wou suiwer van die blaam dat hulle by die wederdorpers en ander dwaalgeeste behoort. “Dus weden de belijders der waarheid des te nauwer aan elkander verbonden en den eenvoudigen een korte weg aangewezen van hetgeen zij gelooven en belijden moesten tot zaligheid” (Zions Roem en Sterkte, ed. Kuyper, bl.10).

De Wet het voortdurend die saak aangeraak dat hy oortuig is die belydenisskrifte offisieel deur die Kerk amptelik (eietyds?) verklaar moes word. Sy betoog was dat as die Kerk nie ’n amptelike verklaring gee nie, dan word die belydenis eintlik ’n “band wat nie bind nie”. Daar moes dus ’n bepaalde maatstaf wees waarmee die verklaring gekontroleer kon word. Soos De Wet aan die studente dit verduidelik het:

> “En as die sin van die belydenisskrifte nie duidelik is nie, sodat hulle op hulle beurt ook alweer ‘n verklaring nodig het, dan is hulle geen “Formuliere van Eenheid” nie, maar van “Verwarring”.

Wyer gesien dui dit daarop dat De Wet van mening was dat die historiese geankerdheid waarbinne elke belydenisskrif sy ontstaan gehad het, die gesag van hierdie geskrif aantas. Daar moes vanuit die belydenis weer eietyds en toepaslik nuut gedink word, wel binne die breër verbande van die geskrif soos dit aangebied word, maar losgemaak van die historiese band wat beperkend die geskrif tydgebonde maak. De Wet het daarom gesmag na `n verklaring in sy tyd vir sy tyd. Daarom dat die belydenis uit sy verouderdheid losgeruk moes kon word, wat sou maak dat dit weer nuwe historie kon aanspreek. Duidelik het die menings hier tussen De Wet en hulle wat as Kuratore toesig moes hou, ook oor die betekenis van die belydenis in professore se leer en lewens uitmekaar geloop.

6.13.2 DIE KURATORIUM BETREK WEEREENS DIE WYER VERBAND

Die Kuratorium het weereens “sitate” aangehaal wat hierdie problematiek van De Wet uitgeklaar het. Hulle het groot gedeeltes van Nederlandse teoloë aangehaal wat wys op die teologiese klem hoe hulle gedink het hierdie belydenisse uitgelê moes word. Hulle was van mening dat daar nie gewerk kon word sonder om die groot teoloë aan die woord te stel nie. Die mense van wie De

Wet in sy beklemtoning gesê het dat hy nie net naprater wou wees nie. Die Kuratorium stel by monde van Du Toit en Coetzee hulle standpunt soos volg:

> "As dit eenmaal by ons tot uitbou van die belydenis kom, hoe gering dan ook al, sal die werke van Kuyper en Bavinck seker 'n woordjie meespreek. Daarom dring ons aan op bestudering van wat dié manne gelewer het. Tewens merk ons op dat ons nie alleen 'n Gereformeerde leer toegedaan is nie, maar ook 'n Gereformeerde rigting, en dit is sekerlik die wens van die Gereformeerde kerk dat die studente hulle self met hulle gedagtes langs die tradisionele lyn sal voortbeweeg. Daarom bly die bestudering van Kuyper, Bavinck en ander Gereformeerde teoloë 'n onafwykbare eis."

Hiermee saam is daarop gewys hoe hierdie teologiese werke van Kuyper en andere telkens die belydenisskrifte as uitgangspunt neem. Hulle teologie word hierdeur beheers.

In hierdie leerstuk waar De Wet onder verdenking staan was die sg. Kategismuspreek ook deel van die probleem. Eers word weer daarop gewys dat De Wet geglo het dat dit eintlik 'n verkeerde term is. Stenografies is aangeteken dat hy van mening was "dat jy kan net uit die Woord van God preek. Volgens hom is dit 'n verkeerde term om van Kategismusprediking te praat. Dan bevestig De Wet, soos vantevore aangedui, dat hy verkies om te praat van Kategismusverklaring. "Kategismus is 'n leerboek nie 'n preekboek nie".

Die Kuratorium was van mening dat De Wet met 'n valse probleemstelling besig was. Volgens hulle maak "hy 'n onderskeid wat geen verskil aandui nie". En dan word weer een van die bekende teoloë van daardie tyd, T Hoekstra, se gedagtes teen dié van De Wet opgestel. Hoekstra het in 'n lywige werk dit gestel, waarin hy ook weer van die vroeëre gereformeerde vaders aangehaal het, nl. dat "de verklaring van de Catehismus in die namiddag-godsdienstoefening zonder twijfel als een predicatie werd opgevat". Hiermee staan Art 68 van die Dordtse Kerkorde ook in lyn.[70] Hoekstra vervolg verder deur te bevestig dat hier ons vaders die regte spoor gehou het as hy stel "'n godsdiensoefening" in Naam van die Here kan sonder die bediening van die Woord nie bestaan nie, "daar de preek het vernaamste cultische element is".

'n Aanhaling uit Hoekstra word gebruik om De Wet tereg te wys: "de heilsleer in de Catechismus vervat, is een korte samevatting van den hoofdinhoud van onderscheidene plaatsen der Schrift

[70] Art 68 KO lui soos volg: "Die bedienaars van die Woord moet op Sondag, gewoonlik in die tweede diens, die hoofinhoud van die Christelike leer soos vervat in die Heidelbergse Kategismus uitlê en soveel moontlik jaarliks afhandel volgens die Sondagsafdeling daarvan."

wier inhoud tot een geheel is samegevoegd". Hiervolgens is dit volgens die Kuratorium nie die Kategismus wat gepreek word nie, maar die christelike leer wat in die Kategismus vervat is wat uitgelê en verklaar moes word. Daarna word bevestig dat die professor in Homiletiek (moontlik JD du Toit self as mede-opsteller van die rapport) duidelik sê hoe hy hierdie prediking sien. Hy beskou die sg. Kategismuspreek steeds in sy wese Skrifprediking. Du Toit beskou sy homiletiese klas in lyn met Hoekstra wat gesê het:

> "Wanneer voor de voorlezing van de Schrift een gedeelte der heilige Schrift gekozen wordt, dat de voornaamste bewijsplaatsen (bij de vrae afgedrukt) voor de Zondagsafdeling bevat en deze voorlesing van de Schrift de rechte plaats verkrijgt in den cultus (erediens) ... is tegelijk aan bovengenoemden liturgischen eisch beantwoord, nl. om 'n teks of Skrifdeel as uitgangspunt te neem".

6.14 DIE SLUITINGSREDE: 27 OKTOBER 1944

Alhoewel die sluitingsrede[71] met die opskrif:"Is kerkhervorming vandag nog moontlik?" in die finale klag die "slotrede" tot al die aanklagte teen De Wet vorm, is dit hierdie rede wat onder die meeste kritiek deurgeloop het. Die rede is wyd gepubliseer en is histories gesien, eerste in die lys van kritiese vrae. Aanvanklik het die Kuratorium hulle felle kritiek net hierop toegespits. Dit gesien in die konteks dat De Wet aanvanklik botweg geweier het om met die Kuratorium saam te werk as hulle dit sou waag om die agenda tot ander sake uit te brei. Vir baie lank was De Wet net bereid tot "nadere verklaring" van hierdie een saak, nl. die sluitingsrede. Met al die ander sake is vanweë sy weiering vir langer as 'n jaar geen behoorlike vordering gemaak nie. De Wet het die ander sake voortdurend in die wolk van die prosedurele onreg geplaas wat hom laat glo het dat as 'n saak nie op die regte wyse ter tafel gekom het nie, nie daaroor gepraat mag word nie.
Oor die sluitingsrede is daar die meeste gepraat, die meeste gedebatteer en die meeste baklei. Die stenografiese weergawes wys dat gesprekke baie emosie ontlok het. Met die sluitingsrede is De Wet inderwaarheid verdink van 'n poging om aan nuwe kerklike strukture stimulus te gee, wat iets anders was as net 'n voortsetting van die drie grootste Afrikaanse kerkverbande wat op daardie stadium bestaan het.

Een van die eerste "hoorders" van hierdie sluitingsrede by die Teologiese Skool was prof. J Chr Coetzee. Hy het die teologiese klem geplaas op bepaalde afleidinge wat hy gemaak het. Sy vrae het bepaalde teologiese aksente by De Wet bevraagteken: is De Wet van mening dat die

[71] De Wet het verkies om hieroor te praat as 'n "redevoering".

bestaande kerke, insluitend die Geref. kerke, mensverankerd, kerkisties en fariseïsties is? Die ander logiese vraag by hom was of hervorming dan werklik onmoontlik geword het. Dit was asof prof. J Chr Coetzee die vrae maar net in De Wet se midde gelaat het en nie werklik van hom 'n antwoord verwag het nie. Daar bestaan argivaal nie enige aanduiding van enige persoonlike antwoord aan die professor in opvoedkunde nie, wat in 1943 nog baie naby De Wet gestaan het. In die uitwerk van 'n nuwe Kategetiese handboek, getiteld *Die Beginsels, Metode en Geskiedenis van die Kategetiese onderwys* kon De Wet en Coetzee as mede-outeurs ten nouste saamwerk.

Die volgende is toe prof. JD du Toit ingrypend op hierdie sluitingsrede ingegaan het. Hy het trouens 'n persoonlike verklaring uitgereik om sy misnoeë en bekommernis te verwoord wat moontlik daarop dui dat hy en prof. J Chr Coetzee intussen oor hierdie saak gepraat het en tot optrede geroepe was. Du Toit se "persoonlike verklaring" lê inderdaad 'n hele reeks teologiese kwessies bloot. Sy verklaring lui soos volg:

> "Dit gaan my ter harte om hierdie verklaring te doen. Ek meen agter dat ek ook teenoor 'n kollega met wie ek jare lank saamgewerk het, nie mag swyg nie.
>
> Waar ek teen wil opkom, is veral die slot van die rede wat prof. De Wet by die sluiting van die lesse op 27 Oktober jl. gehou het en gepubliseer is in die Westelike Stem.
>
> Daarin kom hierdie woorde voor: 'Alleen so 'n geloof (persoonlike en volle) kan weer Christelike vryheid bring. Almal wat so glo moet en sal mekaar vind uit die drie Afrikaanse kerke. Sal hulle nie moet uittree en 'n Skrif-kerk vorm nie? Dit sal die beslissende vraag wees!'
>
> Die term Skrif-kerk word nie nader omskrywe nie. Volgens my oortuiging is die Geref. Kerk 'n Skrif of liewer Skrifmatige Kerk aangesien al die Bybelboeke met die naam in art 4 genoem word en daarvan in art 5 bely word. Ons glo sonder enige twyfel alles wat daarin vervat is.
>
> Maar so 'n Skrif-kerk word blykbaar in die rede nie bedoel nie. Sprake is van al drie die Afrikaanse kerke en dan volg die vraag: 'Sal hulle nie moet uittree nie en 'n Skrif-kerk vorm nie?' Hier is sprake van uittree. Hoe die uittreding moet geskied, daarvan word niks gemeld nie. Ons sal dus moet wag op 'n meer positiewe omskrywing van hierdie naam.
>
> Inmiddels wens ek dit te betreur dat hierdie stem insae uittreding van die Teol. Skool uitgegaan het, die citadel van die Geref. Kerk.

> Ek hoop dat in die kuratore vergadering ’n oplossing gevind sal word. Indien nie, dan sal ek my op die sinode moet beroep. As ook daar geen genoegdoening kom, sal ek my mandaat as professor aan die Teol. Skool in die hande van die kuratore lê.

Uit hierdie verklaring van JD du Toit is die erns duidelik waarmee hy die sake na vore gebring het. Hy giet nie alleen sy skrywe in die vorm van ’n persoonlike verklaring nie, maar sluit in duidelike taal af met watter stappe hy meen kerkregtelik gevolg moes word om ’n regstelling van De Wet te verkry. Die sinsnede dat hy as professor ’n besondere mandaat verkry het om by die Kuratorium op uitkoms aan te dring, val ietwat vreemd op die oor. Die drastiese optrede van JD du Toit is verder merkwaardig vanweë die feit dat hy erken het dat hyself nie die sluitingsrede gehoor het nie. In die Sinode 1945 het De Wet tydens die verdediging van sy beswaarskrif dit aan JD du Toit gestel volgens die stenografiese optekening van die gebeure:

> “... Prof. J Chr Coetzee het met sy besware na my gekom. Na bespreking gesê: goed ek sal gaan lees en sake oordink en u laat weet of ek na die Kuratore sal gaan. Sonder dat hy my weer kom sien het die saak by die Kuratore gaan bring. Wat dr. JD du Toit betref. Hy het sy besware gemaak één dag vóór Kuratore vergader het. Hy het gespreek maar was blykbaar nie bevredig nie. Dis hulle saak. As hulle iets anders daarin soek as wat ek daarin lê is dit hulle saak, maar dan verwag ek dat hulle my behoorlik vooraf kennis gee. Prof. Du Toit het gesê dat hy die rede nie gehoor het nie en nie kon hoor nie. Dan moet hy nie ander vervolg nie- as jy nie kan hoor nie. De Wet beklemtoon dat daar eintlik geen behoorlike samespreking voor die tyd was nie. Dit is nie wat in alle reg en geregtigheid vereis word nie. Globaal kan ek sê: Ek het geen behoorlike kennis gekry nie dat die dinge opgedis sal word nie. Sake het my oorval.”

Een van die Kuratore, PJS de Klerk, het op ’n redelik vroeë stadium aangedui dat hy talle ooreenkomste sien tussen De Wet se sluitingsrede en ’n voordrag wat De Wet op daardie stadium, kort tevore, tydens ’n predikante-konferensie in Bloemfontein gelewer het. JD du Toit se verweer teen De Klerk se opmerking was dat toe hy in Bloemfontein hierna geluister het, was dit vir hom ’n heeltemal “akademiese kwessie”. Hy het maar gemeen De Wet handel oor so ’n “soort super-kerk. Gemeen dis net ’n liefhebbery en sal oorwaai. Daar was nie sprake van ’n 4de kerk nie...”

In die Desember Kuratorium-vergadering het De Wet inderdaad baie duideliker toeligting begin gee wat sy teologiese bedoeling met hierdie rede en sy toespraak in Bloemfontein was. Hy waarsku vir JD du Toit dat hy besig was om te wil interpreteer wat die toespraak gesê het en wat nie sy bedoeling was nie. De Wet stel dat sy hoofpunt by sy rede was dat ons nie nou bygeloof

kry nie, maar ongeloof. Dan stel De Wet dat hy in Bloemfontein en in *Die Kerkblad* en weer met die sluitingsrede dieselfde gesê het.

De Wet gee dan weer wat hy in sy rede bedoel het:

> "Dat al die ware gelowiges uit al drie kerke moet saamkom. Die sigbare kerk was nooit bereid om hom te hervorm nie. Ek sê nie dat die Geref. Kerk so bedorwe is nie. Sal seker 95% van die Geref. Kerk vir die Skrif-kerk kry. Ek het nie in besonderhede ingegaan nie. Ek het dit globaal beskou, nie in besonderhede ingegaan nie..."

Die stenografiese weergawes wys op 'n hele aantal teologiese beklemtoninge van De Wet. Hy sê nogmaals dat daar veel meer van sy rede gemaak word as wat die bedoeling was. Op die vraag na die wese van die Skrif-kerk het De Wet geantwoord die Skrif-kerk is gewoon die wat glo aan die volle Skrif en hulle dra die kenmerke van die Skrif-kerk. De Wet sê "Die Skrif-kerk is nie die gogga nie. Ek het dit maar gebruik om uit te druk dat die Skrif die saak is waarin ons moet glo".

De Wet het in die Desember Kuratorium-vergadering verder daarop gewys dat hy geen kerkverband in besonderhede uitgesonder het nie, maar dat hy uitdruklik gesê het "dat die ongeloof baie erger as die bygeloof" is. "Ek het net oor die groot tema gehandel van die ongeloof in die kerk". Op 'n vraag van JD du Toit maak De Wet dit nog weer duidelik dat hy nie gesê het lidmate van die GKSA "moet uittree nie". De Wet antwoord op 'n vraag van ASE Yssel dat hy niks oor die leer van enige kerk gehandel het nie. Hy wou ook nie dat daar gekyk moet word na hervorming van die leer nie, maar dat daar hervorming van die lewe moet plaasvind.

As JD du Toit in sy eie beklemtoning aanhoudend die saak terugvoer na wat met "uittrede" bedoel word, maak De Wet in die stenografie in 'n lang antwoord aan Du Toit duidelik dat hierdie klein sinnetjie heeltemal oorspeel word. Hy sê "as die kerk hom hervorm dan sal daar geen uittreding wees nie. Ek het eenvoudig net die punt aangeroer en nou word alles daarop neergewerp".

PJS de Klerk wou by De Wet weet of hy nie maar eintlik bedoel het die drie Afrikaanse kerke moes tot eenheid kom en "dat dan die uitweg in die toekoms moet wees dat daar uittreding uit die drie Afrikaanse kerke moet kom. Dan is die bedoeling dat ons moet uittree". Soos in die Nov.-maand samespreking wys De Klerk weer op wat De Wet in Bloemfontein gesê het "toe die kwessie van kerkvereniging ter sprake was". De Wet maak dit duidelik dat hy nie in kerkvereniging

glo nie. De Wet verwys na ’n artikel in *Die Kerkblad* waar hy gesê het: “Kerkhervorming of stigting is die weg”.

Prof. S du Toit het in die gesprek met ’n ander teologiese klem tot De Wet gekom. Hy het die saak rondom die sigbare en onsigbare kerk benader. Dit klink aanvanklik of De Wet met Du Toit se soort van samevatting instemming betuig het. As Du Toit wys op hoe die suiwering deur tug moes plaasvind dan was De Wet weereens van mening dat hy nooit oor kerke spesifiek en by name wou handel nie en hy oor die algemeen gepraat het. In die opsig moet De Wet se stelling ook beskou word: “Met die Geref. Kerk het ek in die eerste instansie niks te doen nie. Wat gee ’n suiwere leer en ’n heidense lewe”.

Prof. S du Toit het by ’n latere geleentheid nog weer sy klem op die sluitingsrede uitgelig as hy aan De Wet vra met wat hy bedoel as hy sê “daar is eintlik net een kerk, nl. die sigbare en die is in drie verdeel, elkeen waarvan homself beskou as die enigste ware kerk op aarde”. Hy voeg dan die vraag daaraan toe of “die Geref. Kerk homself ook as die enigste ware kerk op aarde beskou?” Onder van die ander vrae is ook of De Wet Kategismusprediking in die kerk as noodsaaklik beskou? S du Toit se laaste vraag was: “Word ook in die Geref. Kerk stelselmatig die ongeloof gewerk?”

Wanneer JD du Toit op die “mensverankerdheid” van die Protestantse kerke wys, “maar ons wil darem tog Kalvinisties heet”. De Wet reageer hierop deur daarop te wys dat mense te veel in die organisatoriese van kerk-wees verstrengel geraak het. Hoe min word daar waarlik oor Christene gepraat, hy stel dit: “ons is Kristene, dit is die naam wat die Skrif ons gee. Dit is nie mens-verankerd nie, dit is Kristen-verankerd. Die kerke is tog nie die organisasie nie, dit is tog die lede wat die kerk uitmaak”.

6.14.1 DIT WAAROP DIE SLUITINGSREDE VIR DIE KURATORIUM AANKOM

Daar is reeds op gewys dat JD du Toit se persoonlike verklaring sterk invloed op die Kuratorium gehad het. Sodanig dat die Kuratorium in hulle teologiese aksente wat hulle op die sluitingsrede geplaas het, JD du Toit se punte maar net so oorgeneem het. Hulle het dit wel korter verwerk, in bepaalde punte saamgevat en een aksent 'n bietjie verder gevoer deur die sluitingsrede met die kerke se “Openlike verklaring” in verband te bring. Op die punt van die “Openlike verklaring” was hulle baie beslis en het van De Wet meer duidelikheid vereis. Die aksente wat die Kuratorium op

die Sluitingsrede geplaas het, het hulleself by wyse van vraagstelling en redestelling na vore gebring. Daar is verwag dat De Wet op hierdie vyf vrae en stellinge sou moes antwoord:

a) dat elkeen van die drie kerke in S.A. homself as die enigste ware kerk op aarde beskou
b) dat die Here ons aanbidding tussen die kerkmure nie kan aanneem nie omdat dit gehul is in die kleed van kerkisme en fariseïsme;
c) dat blykbaar niemand hom daaroor bekommer nie dat die ongeloof stelselmatig gekweek word
d) dat kerkhervorming in S.A. onder sulke omstandighede uitgeslote saak is
e) dat die komende stryd sal losbreek op die punt van "ongeloof" in die kerk en die eis van sifting tussen geloof en ongeloof en geloof beteken persoonlike volle geloof d.i persoonlik glo aan die volle Skrif en in die volle Christus van die Skrif en in die volle God van die Skrif.

Die groot vraag het egter vasgesteek by die oproep wat aan die einde gestel was, nl. dat "... almal wat so glo moet en sal mekaar vind uit al drie Afrikaanse kerke. Sal hulle nie moet uittree en Skrif-kerk vorm nie? Dit sal die beslissende vraag wees".

6.14.2 DIE SLUITINGSREDE SE IMPAK BEGIN 1946

Waar daar aanvanklik hoofsaaklik op die sluitingsrede gekonsentreer was en hierdie gebeurtenis die meeste teologiese aksente van al die sake ontvang het, is dit opvallend dat in die finale nege-punt klag van die Kuratorium hierdie saak en gebeurtenis nie meer die prominente plek ingeneem het nie, maar as die laaste punt in die hele leergeding hanteer is. Nogtans is daar in die finale rapport steeds ernstige vrae oor hierdie sluitingsrede hanteer. Steeds het dit 'n hooffokus gebly, gesien in die lig van die eksegetiese vraagstukke en ook die dogmatiese probleme wat saam met hierdie saak as die drie groot fokusareas in die klagtes teen De Wet aangedui is.

Die kernvraag sou steeds wees wat De Wet bedoel as hy in die sluitingsrede stel dat "alle ware gelowiges moet uitbeweeg en 'n Skrif-kerk vorm". Vir die Kuratorium was hierdie baie duidelik 'n ekklesiologiese aangeleentheid en moes daar reg geskied in wat as die wese van die Kerk beskou moes word. Volgens alle aanduiding was die Kuratorium steeds vasgevang in die probleem dat die "professor nie die besware van die kuratore ondervang het nie". Die Kuratorium het bevestig dat hulle die besluit op grond van JD du Toit en Coetzee se rapport van pre-advies geneem het. Hulle stel die probleem soos volg:

> "In hierdie 'Bevestiging' het die professor nie die besware van Kuratore ondervang nie. Blykbaar het hy die 'Skrifkerk – gedagte bly handhaaf en ten onregte probeer dek met die Openlike Verklaring van ons Kerk.
>
> Die Sinodale kommissie ad hoc, na wie die saak daarna verwys is, het toe gerapporteer dat 'die besware' van Kuratore, wat die sluitingsrede betref, gehandhaaf moet word.
>
> Daarna is deur die voorsitter van die kommissie aan die professor gevra: 'Sien prof. de Wet af van die gedagte van die Skrifkerk, wat deur uittrede uit die drie Afrikaanse Kerke gevorm moet word, soos gestel in die sluitingsrede, as synde in stryd met die openlike verklaring van ons kerk?' Hierop is geantwoord: ja. Blykens die aanhef van die voordrag van Kuratore gaan dit in hierdie punt oor die kerk.
>
> U kommissie het nou ook die aantekeninge van die studente nagegaan waarin die dogmatiese onderwys van die professor oor die leerstuk van die kerk gereflekteer word, en hy is oortuig dat die moeilikheid lê by die beskouinge van die professor oor die kerk."

Die Kuratorium het toegegee dat De Wet sy woorde herroep het rondom uittrede uit die drie Afrikaanse kerke en nie weer diep daarop ingegaan nie. Hulle het egter volgehou dat daar "ander besware" was wat nie weggeneem is nie. Dan kom hulle terug na hoofsaaklik die vrae waarop prof. S du Toit heel aan die begin van die saak die teologiese klem geplaas het, nl. die onderskeid tussen die sigbare en die onsigbare kerk en ook die verhouding wat daar tussen die sigbare en die onsigbare moes wees. Dit blyk vir die Kuratorium volgens studente-aantekeninge steeds 'n groot probleem te gewees het.

Volgens SCW Duvenage se aantekeninge is die volgende notas nagespoor:

> "Is onsigbare kerk iets wat ons nie kan sien nie? 'n Ware gelowige moet gesien kan word. Die bedoeling is dat die kerk nie as geheel optree op 'n sekere plek nie. Die onsigbare kerk is 'n ongekonstitueerde, ongeorganiseerde vergadering, bestaande uit individue."

ZC Grobler se weergawe van notas uit dieselfde klas lui soos volg:

> "Onsigbare kerk bestaan net in individue en as sodanig nie sigbaar as geheel nie. (Ons) moet organisasie van kerk wegdink as ons onsigbare kerk wil verstaan."

Die teologiese klem wat die Kuratorium hier wou plaas was om daarop te wys:

> *"*... dat in die onderwys aan die studente nie voldoende verduidelik is nie waarom ons aan die onsigbare kerk vashou. Immers is die strydende kerk onsigbaar:
>
> (a) in sy werklike lidmate, met gewisse onderkenning en uitsondering van die hipokriete. By God alleen is die ware lede van die kerk onfeilbaar bekend. Hy ken alleen sy kerk uit sy ewige verkiesing;
> (b) In sy innerlike wese. Die kerk leef 'n verborge lewe, Kol.3.3 en die lewe van die kerk is met Christus verborge in God.
>
> Maar intussen is die kerk nie iets alleen inwendigs of volstrek onsigbaar nie, sodat dit in sy onsigbaarheid alleen die ware kerk sou wees. Inteendeel wil die lewe van die kerk openbaar word, en besit dit na sy eie aard die aanleg en trek om na buite te tree in belydenis, gemeenskapsoefening en deur werking en invloed op die wêreld. Calvyn sê: *Hinc nascitur nobis et emergit conspicua oculis nostris ecclesiac facies.* Institusie IV,1,9.

Die Kuratorium het by die werkswyse van die kommissie ad-hoc voortgegaan deur die standaardwerke, ook weer van Bavinck te raadpleeg:

> "Onzichtbaar is de kerk niet te nemen .... omdat de kerk op aarde in vele plaatsen en landen door ons niet gezien wordt ... De onderscheiding van zichtbare en onzichtbare kerk is alleen op die *ecclesia militans* (strydende kerk) van toepassing en duidt aan dat de kerk naar haar geestelijke zijde of in haar ware leden onzichtbaar is. "De onderscheiding van zichtbare en onzichtbare kerk diende oorspronkelijk alleen om tegenover Rome uit te spreken, dat het wezen der kerk in het onzichtbare lag, ...maar volstrekt niet om aan de zichtbaarheid, aan de realiteit der kerk afbreuk te doen."

Uit die notas van SCW Duvenage is dit duidelik dat De Wet wel die klem op heel ander punte laat val het. Duvenage het geskryf:

> "Die sigbare kerk – dit is 'n geïnstitueerde liggaam van gelowiges wat ampte instel .... is dit die openbaring van die onsigbare kerk? Is dit moontlik? Dr. De Wet weet nie, want sigbare kerk is tog nie suiwer nie en hoe kan dit 'n suiwere kerk tot openbaring bring? ....Ons neem maar aan dat sigbare kerk is die sigbaarwording van die onsigbare kerk."

Uit die kontrole met Duvenage kom nog meer aksente in De Wet se beskouing na vore waar sy notas lees:

> "Ons klou te veel vas aan sigbaarheid en ons stry dan sgn. vir God. Dis verkeerd en daardeur laat ons die onsigbare kerk los."

Die Kuratorium se afleiding in die verband was:

> Hieruit kom twee sake na vore.
> a. ‘n sekere onderskatting van die sigbare kerk;
> b. ‘n sekere dualisme tussen die sigbare en die onsigbare kerk.

Dan word Bavinck weer breed aangehaal:

> “Bij andere kerken buiten de Gereformeerde en Lutherse werd het verband dikwerf geheel verbroken, en de onzichtbare kerk aan de zichtbare of deze aan gene opgeofferd..... Hetzelfde beginsel ligt ten grondslag aan allerlei secten die later binnen den kring van het Protestantisme zijn optreden.” (Dogm.IV, 2e uitgaaf 314). “Op het eerste standpunt (wat bv. die strydende kerk op aarde omskrywe as vergadering van volmaaktes) wordt de kerk geheel en al onzichtbaar, blijft zij een idee en treedt niet in de werkelijkheid op” (Dogm. IV, 2e uitgaaf,330). “Zichtbare en onzichtbare kerk zijn.....twee zijden van dezelfde kerk.” IV, 2e uitgaaf, 333)”

Wanneer Duvenage se notas verder vergelykend hanteer is, sien die Kuratorium nog meer probleme in De Wet se kerkbeskouing. Veral waar Duvenage dan skrywe:

> “Ons verobjektiveer die kerk te veel. Die sigbare bestaan tog ook uit lidmate en hulle moet ook waarmerke hê.”

Met hierdie in gedagte het die kommissie ad-hoc weer gemeen daar vir hulle meer lig rondom De Wet se sluitingsrede opgegaan het. Hulle sê dit ook:

> En in die lig hiervan word nou meer verstaanbaar wat ons lees in die sluitingsrede: ‘Maar hierdie proses (van kerksplitsing) het in die 20e eeu sy hoogtepunt bereik, en in Suid-Afrika seker sy hoogste hoogtepunt: ons ken eintlik maar net een soort kerk, nl. die sigbare ... En die magtige saak waaroor dit moet gaan, is dié van sifting tussen geloof en ongeloof, en geloof beteken persoonlike en volle geloof, dit is, persoonlik glo aan die volle Skrif en in die volle Christus van die Skrif en in die volle God van die Skrif ! Alleen so ‘n geloof kan weer Christelike vryheid bring. Almal wat só glo, moet en sal mekaar vind: uit aldrie die Afrikaanse kerke. Sal hulle nie moet uittree en ‘n Skrifkerk vorm nie? Dit sal die beslissende vraag wees.’

Hierdie aanhaling uit die sluitingsrede het Du Toit en Coetzee as slotsom in hulle rapport soos volg laat skrywe:

Hieruit word duidelik wat die professor bedoel: 'Ons verobjektiveer die kerk te veel. Die sigbare kerk bestaan tog ook uit lidmate en hulle moet hul waarmerke hê.'

Dit is te objektief. Die nadruk moet meer subjektief gelê word: op die geloof en lewe van die lidmate van die kerk.

Nou vra ons: Hoe die 'sifting tussen geloof en ongeloof' plaasvind? Kan dit anders gebeur as deur die vrae wat vir die Openbare Belydenis van geloof aan ons jeugdige belyders voorgehou word:

1) Glo en bely u dat die leer wat in die Ou en Nuwe Testament vervat, en in die Formuliere van Enigheid van die Geref. Kerk uitgedruk is en in die Christelike kerk alhier geleer word, die waaragtige en volkome leer van die saligheid is?

2) Is dit u voorneme om, deur die genade van God, by dié leer te volhard, u lewe en saligheid buite uself in Christus te soek, die God van u Doop lief te hê, die wêreld te versaak, u oue mens te kruisig, en hierdie belydenis deur 'n godsalige lewe te bevestig?

Die "magtige saak" is vir ons egter nie alleen die toetsing van lidmate nie, maar veral die objektiewe merktekens van die ware kerk ..." (Dogm. IV, 2e uitgaaf, 340,341).

6.15 DIE SLOTWOORDE VAN DIE TEOLOGIESE KLAGTES

Met die slotrede het Du Toit en Coetzee weer die saak rondom die meditasies na vore gebring, maar wel met waardering oor die meditasies wat herroep is. Hulle het egter volgehou deur daarop te wys dat die nasporing in die studente-aantekeninge talle ander vreemde Skrifverklarings onder hulle aandag gebring het. Hulle wou nie in besonderhede daarop ingaan nie, maar het wel die voorbeelde daarvan in hulle aantekeninge kon verstrek.

6.16 SLOT

In hierdie hoofstuk is breedvoerig gepoog om duidelik die sake na vore te bring wat in die De Wet-saak die hoofelemente van die teologiese klag teen hom uitgemaak het. Dit moet erken word dat so 'n wye verskeidenheid van sake en selfs sake wat nie noodwendig altyd in direkte verband met mekaar staan nie, groter moeilikhede in die reeds moeilike saak kon veroorsaak het. Dit het aan die opstellers wat die klag moes kristalliseer en formuleer besondere uitdagings gestel, soos hulleself erken het.

Die inleidende vraagstelling, soos aan die begin van die hoofstuk gestel, was of die verskeidenheid sake wel sake van ernstige aard was? Die gevolgtrekking is dat dit wel ernstige

en wesentlike sake is. Die moeite om die sake te ondersoek het getuig dat hier werklik ’n leerkwessie was en hoegenaamd nie net as “hefboom gedien het” om van ’n moeilike persoonlikheid ontslae te raak nie. Die waarskuwing van Van Ryssen dat dit eintlik die geval was, word dan afgewys. Aan die ander kant kan nie ontken word nie dat De Wet werklik ’n moeilike man was, wat baie moeilik was om mee saam te werk. Die saak rondom die botsing van persoonlikhede is in die vorige hoofstuk reeds aangedui. Dit wil voorkom of daar gepoog was om die man en sy saak op so ’n wyse te onderskei, dat die ondersoek na die teologies-dogmatiese aksente nie net ’n dekmantel was om van die man met sy moeilike persoonlikheid ontslae te raak nie.

In die Kuratorium-vergadering van Mei 1945 het prof. S du Toit, nog voordat hierdie kommissie ad-hoc die opdrag tot die breedvoerige ondersoek van die leerkwessie ontvang het, aangedui watter moeite hy alreeds met die saak ondervind het. Hy gee ’n duidelike aanduiding van waar hy dink die teologiese klem geplaas moes word. Hy stel dat:

> “...ek het baie oor die saak gedink. Ek het so aangevoel. In die saak is daar sekere swakheid. Die hele saak is nie voorgelê nie. Die nege sake is net ’n bloemlesing. Hulle (die Sinode 1945) het met die vrae gemeen dat hulle die wind uit ons seile geneem het. Ons moes maar net een klag genoem het nl. Biblisisme, so het ’n broeder aan my gesê. Vir 10 jaar het ek stilgebly. In die toekoms sal die Kuratore meer kontrole hê.”

Dan maak S du Toit die volgende gevolgtrekking, soos in die stenografie opgeteken (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945):

> “Eers het ek gemeen dat ons met Biblisisme te doen het. Nou is dit my egter duidelik, veral na ’n lesing van ds. Koornhof van die NG Kerk dat ons te doen het met die konsekwensies van die Metodisme en wat die Skrifkerk betref met sektarisme. Baie van ons jong predikante het nie ’n dogmatiese agtergrond nie”

Die twee opstellers van die rapport (JD du Toit en JV Coetzee), wat die sake vanaf die Mei-maand 1945 Kuratorium-vergadering tot in die fynste besonderhede vir die buitengewone Sinode van 1946 neergepen het, het bewys dat hulle werklik daarna gestreef het om gereformeerd te wees. In hulle besondere strewes wat verder getuig van ’n wye en goeie belesenheid van die groot teologiese rigtings, teologiese werke en teologiese skrywers van hulle tyd, is dit opvallend dat daar wel met verloop van tyd nie meer op hierdie wyse en met sake van hierdie aard, in vandag se tyd, so omgegaan sal word nie.

Die wyse waarop De Wet die teologiese aksente in sy tyd hanteer het en dan sy eie aksent daarop geplaas het, maak hom waarskynlik van die eerste teoloë in die GKSA waarna verwys kon word as iemand wat poog om "toegepaste teologie" te beoefen. Volgens prof. Koos Vorster (*Die Kerkblad,* 2008:10-11) wil so 'n teoloog daarna strewe om op die wyse die "relevansie van die Christelike geloof oortuigend uit te wys". Sou die rol wat De Wet vervul het nie eintlik alreeds as `n vroeë vorm van "toegepaste teologie" in die hedendaagse denke gesien kon word, maar dat die GKSA nie daarvoor ontvanklik was nie?!

JD du Toit en JV Coetzee sou in sekere opsigte in hulle teologiese benadering en teologiese aksente van die De Wet-saak deur hedendaagse teoloë van 'n fundamentalistiese benadering beskuldig kon word. In hierdie konteks verwys Vorster (*Die Kerkblad,* 2010:10-11) na die fundamentaliste as mense met 'n "ivoortoring-teologie". Grönum (2008:4) het in sy studie waar hy 'n hele aantal prominente teoloë in die GKSA aan die hand van 'n sekere fundamentalistiese model getoets het, inderdaad bevind dat die Du Toit vader en seun (JD du Toit en S du Toit) en JV Coetzee aan die hand van die model in baie opsigte 'n fundamentalistiese benadering getoon het. Dit kan selfs aanvaar word dat teoloë wat op daardie stadium nie aan die vereistes van so 'n model voldoen het nie, sou De Wet ook hieraan getoets moes word, sy teologie ook onder verdenking geplaas sou wees soos wat met De Wet gebeur het. Hy is beskuldig van Metodis tot Biblisis, hy is verkleineer tot 'n dwaalleraar, 'n ketter.

Hy het nou maar eenmaal in sy ouer jare daarin geslaag om die teologiese aksente van sake net anders te lê. Iemand soos JD du Toit, wat vir lank so 'n noue en mooi pad met De Wet kon loop, het iets van hierdie andersheid tot sy eie groot frustrasie uitgedruk na aanleiding van die totaal stemme wat vir De Wet in Januarie 1945 se Sinode gestem het. Hy sê "dat daar nog 17 stemme vir hom was verbaas my. Daar moes nie een gewees het nie. Ons moet waak dat die leerverskille nie uit die oog verloor word nie. Ek verwyt my dat ek ter wille van vrede stilgebly het- het lankal gemerk dat daar iets verkeerd is" (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945).

Die verdere uitdaging in die studie is om vanuit hierdie hoofstuk wat wye teologiese aksente na vore gebring het, te kom by 'n prinsipieel kerkregtelike raamwerk waarbinne die saak geplaas kan word. Aan die een kant moet dit in gedagte gehou word dat hierdie aspek JD du Toit baie ontevrede gelaat het sodat hy die Sinode 1945 beskuldig het van "halwe werk"; aan die ander kant het mense soos PJS de Klerk en DG Venter, as deel van die Kuratorium van daardie tyd, vir lank bly pleit vir 'n kerkregtelike benadering wat anders moes wees as hoe die res van die

Kuratorium gedink het. Die volgende hoofstuk sal hierdie kerkregtelike bevoegdhede en ander kerkregtelike aspekte van die saak na vore bring.

HOOFSTUK 7

DIE KERKREGTELIKE RAAMWERK VAN DIE SAAK

Oorsig

7.1 Inleiding
7.2 Kerkregtelike beginsels en riglyne
7.3 Kerkregtelike bevoegdhede van die Kuratorium
7.4 Kerkregtelike bevoegdhede van die Kerkrade
7.5 Kerkregtelike bevoegdhede van die meerdere vergaderings
7.6 Kerkregtelike raamwerk van soortgelyke sake
7.7 Slot

7.1 INLEIDING

Die De Wet-saak het in die kerklike gemeenskap van die GKSA plaasgevind. CJH de Wet is die eerste teologiese professor wat vanuit hierdie kerklike gemeenskap op sulke ernstige klagtes aangekla was. Die navorsingsvrae vir hierdie hoofstuk is hoe daar kerkregtelik met De Wet gehandel en of daar tekens van kerkregtelike onreg teenoor De Wet is. Die vorige twee hoofstukke het gewys op die historiese verloop van die saak (hoofstuk 5) en op die erns van die klagtes (hoofstuk 6). In altwee hoofstukke is vasgestel dat die saak ’n redelik lang historiese verloop gehad het en dat dit veral vanaf 1944 in ’n leergeding ontwikkel het. Die erns van die leergeding is dat dit deurslaggewende aspekte van die Gereformeerde belydenis insluit. Tegelyk het hierdie saak ’n ernstige bedreiging vir die belewing van eenheid in die kerkverband geword.

Die hoofstuk se vertrekpunt is die kerkregtelike beginsels en riglyne vir hierdie saak. Daarna word die verskillende kerkregtelike bevoegdhede van die verskillende partye wat by die saak betrokke geraak het, beskryf. Hierin word veral onderskei tussen wat die Kuratorium en die Teologiese Senaat in die hantering van die saak ingeneem het. Daar word aanvaar dat die Senaat nooit selfstandig in die saak kon handel nie, maar altyd in oorleg met die Kuratorium. Hulle bevoegdheid was aan die van Kuratorium ondergeskik. Die Kuratorium het ook in die De Wet-saak geen afhandelingsbevoegdheid gehad nie. Hulle het in die tyd kragtens art 49 KO gewoon as ’n “sinodale deputaatskap” gefunksioneer. Die oortuiging in hierdie tyd was dat leersake en leergedinge alleen op Sinodes hanteer moes word.

Die twee kerkrade, nl. die Gereformeerde Kerk Potchefstroom en die Gereformeerde Kerk Bloemfontein, kan as twee selfstandige partye in die saak beskou word. Albei het ’n kerkregtelike funksie gehad om na te kom. Daar moet veral in gedagte gehou word, soos wat daar kerkregtelik in hierdie tyd gehandel was, dat die laaste gemeente waar ’n professor as predikant gearbei het, steeds ’n kerkregtelike rol moes vervul. In hierdie geval is dit die Gereformeerde Kerk Bloemfontein. Die finale bevoegdheid het berus by die onderskeie Sinodes wat die saak aan die begin van 1945 en weer aan die begin van 1946 by ’n buitengewone Sinode hanteer het. Die hoofstuk toon aan watter bevoegdheid hierdie meerdere vergaderings werklik in die saak kon hê en of hulle werklik na oordeel van verskillende rolspelers in die saak hulle bevoegdheid en besluitneming ordelik hanteer en afgehandel het. Dit hang alles nog weer saam met die vraag: hoe is daar kerkregtelik met De Wet gehandel?

Tegelyk sal die hoofstuk poog om die optrede van die ander rolspelers in die saak kerkregtelik te beoordeel. JD du Toit en S du Toit as teologiese professore en as kollegas van De Wet, het rigtinggewende leiding gegee in die konkretisering van die klag. Ander rolspelers was die redaksiekommissie van *Die Kerkblad,* die studente met hulle aantekeninge, ds. JV Coetzee, as studenteleraar en kurator en veral die optrede van die voorsitter van die Kuratorium, ds. ID. Krüger. Van die ander agt lede in die Kuratorium het PJS de Klerk en DG Venter sterk standpunte ingeneem. Tot kort voor die einde van die saak was hulle oortuig dat daar wel onreg teenoor De Wet gepleeg is. Benewens JV Coetzee wat ’n sterk “teenstander” van De Wet was, het ASE Yssel ook sterk standpunte, dikwels op kerkregtelike gronde, teen De Wet beredeneer. TT Spoelstra wat as skriba in die saak ’n baie groot rol gespeel het, was deurgaans ten volle oortuig dat daar streng teen De Wet opgetree moes word.

Dit is opvallend dat al die Potchefstromers van daardie tyd, JD du Toit, S, du Toit, JV Coetzee en TT Spoelstra, wat daagliks naby De Wet gelewe het, die felste teenstanders van hom was. ID Krüger, wat vanaf 1923 tot 1930 in Potchefstroom gewoon het en in daardie tyd De Wet se predikant was, was as voorsitter van die Kuratorium sterk teen De Wet gekant.

Die laaste deel van die hoofstuk behandel ander soortgelyke sake. Hulle kerkregtelike raamwerk word nagegaan en vergelyk met die wyse waarop die De Wet-saak hanteer is. Daar is voor die Sinode van 1946 deur die rolspelers erken dat daar veral twee ander vergelykbare sake was, nl. een in Amerika oor die leergeding met R Janssen in 1922 en die ander in Assen, Nederland, oor JG Geelkerken in 1926. Daar is staande die Sinode van 1946 erken dat daar na die voorbeeld

en analogie van hierdie twee sake sekere optredes gevolg is. Watter kerkregtelike optrede dit was en wat die vergelyking met die sake kon inhou, word nagegaan.

Hiermee saam word twee leergedinge wat in Suid-Afrika baie aandag getrek het vergelykend bekyk. Die saak teen prof. Johannes du Plessis in Stellenbosch, vanaf 1928-1932, het baie prominensie in die NG Kerk geniet en word tot vandag toe dikwels na verwys. Vyftien jaar na die De Wet–saak, in 1961, was daar in die geledere van die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n groot leergeding teen prof. AS Geyser. Die vraag is of hierdie laaste groot leergeding wat baie prominent in die Afrikaanse kerke na vore gekom het, enigsins vergelykbaar is met die De Wet-saak.

7.2 KERKREGTELIKE BEGINSELS EN RIGLYNE TER SPRAKE

Die breë raamwerk vir die kerkregtelike beoordeling van die saak hang ten nouste saam met watter beginsels en riglyne daar gewerk moet word. Dit is beginsels en riglyne waaroor De Wet homself baie goed kon verantwoord. Hy is die man wat al in 1929 'n artikel geskryf het met die titel: "Wat is die maatstaf vir regsinnigheid?" (*Die Kerkblad,* 2 Apr. 1929:59). De Wet het in die artikel dit benadruk dat 'n kerk se "konfessie is sy maatstaf vir regsinnigheid". Hiermee saam het De Wet dit bevestig dat so 'n konfessie die maatstaf bly solank "daar geen wettige gronde aangevoer kan word om die konfessie te hersien, te wysig of selfs uit te brei nie; en sodanige wysiging of uitbreiding moet dan volgens die maatstaf van die Skrif geskied". De Wet het die artikel afgesluit met hierdie woorde:

> " ... As daar in 'n kerk leergeskille van ingrypende aard ontstaan, dan is dit seker nie net wenslik maar absoluut nodig, dat sodanige kerk in saamwerking sal tree met die kerkgroep wat dieselfde konfessie het, om sodoende 'n groep-uitspraak te kry oor die punte in geding."

In die verband van die kerkregtelike beoordeling van 'n leergeding bepaal die Kerkorde die beginsels en riglyne, soos veral bepaal deur Art. 53 en 54 Dordtse KO en ook Art 79 en 80 Dordtse KO. Wanneer daar in ongehoorsaamheid gehandel word, kom daar 'n bepaalde bevoegdheid en verantwoordelikheid ter sprake wat deur gepaste dissiplinêre optrede gevolg moet word.

7.2.1 KERKREGTELIKE OORSIG ARTIKEL 53 EN 54 KERKORDE

In art 53 en 54 KO word vereis dat professore aan die Teol. Skool die drie Formuliere van eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht 1618-1619, moet onderskryf en onderteken. Die

ondertekeningsformulier wat gegeld het in die tyd van ondertekening vir De Wet is in 1936 herbevestig op die Sinode in Bethulie (Acta,1936:49)

Oor die betekenis van die ondertekening van hierdie formulier stel Bouwman (1970:660) dat “om goed toezicht te houden op de ambtelijke personen hebben de Gereformeerden allerlei maatregelen verordend. Allereerst moest daarvoor dienen de censuur in den kerkeraad door de broeders onderling, voorts de ondertekening der geloofsbelijdenis...” Bouwman stel dan dat die ondertekening van die formulier gelykstaande is aan die ondertekening van ’n geloofsbelydenis.

Spoelstra (1989:125) wys daarop dat “die Kuratorium tree in tugsake teenoor ’n professor volgens die ondertekeningsformulier op...”. Alhoewel daar volgens Visser (1982:416) geen direkte strafbepaling in art 53 en 54 KO ingevoeg is nie, is dit logies dat so ’n bepaling veronderstel moet word. Wanneer ’n professor sou weier om dit te onderteken, word hy metterdaad in sy diens geskors en as hy hardnekkig bly weier moet hy heeltemal uit sy diens afgesit word. Howell (2004:65) is van mening dat die ondertekening van die Formuliere ’n onderneming impliseer om die Skrif op ’n bepaalde wyse te hanteer. Daarmee word ook artikels 2-7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis onderskryf, waardeur die bedienaar homself aan die belydenis verbind omdat dit volgens die sg. *quia* standpunt in alles met die Woord van God ooreenstem.

Howell (2004:76) wys verder daarop dat besware teen die Nederlandse Geloofsbelydenis, waar dit as getuienis na buite gaan, streng hanteer moet word. Volgens hom mag geen ampsdraer of gelowige “binne die kerkverband besware teen die Nederlandse Geloofsbelydenis publiseer of sekere artikels daarvan probeer verdag maak nie”. Dit dien as onderneming wat dan reeds by Art 53 KO moet geld. Die eerbare wyse van optrede is wanneer daar onsekerheid bestaan of afwyking van die Skrif vermoed word, om die kerklike weg noukeurig te volg.

Volgens Howell (2004:76) moet ampsdraers wat vraagtekens oor sekere dele van die Nederlandse Geloofsbelydenis plaas, maar dit nie langs die kerklike weg hanteer nie, tot “daadwerklike afsetting uit die amp lei”. In De Wet se geval is dit aangetoon dat hy in sy verwysing na die belydenisskrifte reeds in 1931 spesifiek artikels uit die Nederlandse Geloofsbelydenis of as onvolledig of as nie duidelik genoeg nie of as gewoon verkeerd bestempel het. Oor die inspirasie van die Skrif het hy die Nederlandse Geloofsbelydenis as gebrekkig beskou, oor die belydenis aangaande die Kerk was die Nederlandse Geloofsbelydenis vir hom nie duidelik nie, en oor die persoon en die nature van Christus het De Wet in ’n stadium die Nederlandse Geloofsbelydenis as “verkeerd” beskryf, nl. dat Christus nie net een Persoon kon wees nie.

Visser (1999:164) wys daarop dat die “onderskryf en onderteken” van die belydenis nie dieselfde betekenis het nie. Onderskrywing van die belydenis vind volgens hom nie plaas by die bevestiging in die amp nie, al word dit wel veronderstel. Die werklike onderskrywing en ondertekening vind plaas ná die bevestiging, wanneer die ondertekeningsformulier aangehoor word, waartydens hy die belydenis stilswyend in die hart onderskryf en wanneer hy daarna die ondertekeningsformulier onderteken, bekragtig hy sy onderskrywing van die belydenis.

Die handelinge van onderskryf en onderteken het De Wet twee maal as professor uitgevoer. Die eerste keer het hy in 1925 die Belydenis onderteken toe hy as professor bevestig is. Op daardie stadium is nog die ondertekeningsformulier van die Sinode van Dordrecht (1618/19) gebruik wanneer professore in hulle diens bevestig is. In 1936 is daar deur die Sinode in Bethulie ’n gewysigde formulier opgestel, wat in hoofsaak met die formulier van Dordrecht (1618/19) ooreenstem. Die professore moes hierdie gewysigde formulier weereens onderteken. Daar is geen aanduiding dat De Wet met die onderskrywing en ondertekening ooit enige bedenkinge daarteen gehad het nie. Ook toe al die professore in 1936 sodanige formulier weer moes onderteken, het hy ten volle daartoe ingestem.

Du Plooy (1991:78) het met ’n verwysing na die De Wet-saak die binding aan die belydenisskrifte volgens die ondertekeningsformulier beredeneer. Hy stel dit dat in die GKSA die ondertekeningsformulier van Dordrecht (1618/19) nog altyd geld en dit is wat onderskryf en onderteken moet word. Dit is die De Wet–saak wat Du Plooy (1991:79) die punt laat beklemtoon dat die “gevoele” in die GKSA is dat die Dordtse ondertekeningsformulier, wat die *quia* standpunt handhaaf, bewys dat die GKSA nie direkte uitspraak lewer oor die gesag en binding aan die belydenisskrifte nie. Tog sien Du Plooy die De Wet–saak as “verhelderend en interessant” as dit gaan om ’n “nadere verklaring” van die Gereformeerde belydenis - dit wat by verskillende geleenthede van De Wet gevra is. In dié opsig gaan dit spesifiek oor die aard, gesag en binding aan die belydenisskrifte, die drie aspekte wat deur die ondertekeningsformulier duidelik aangestip word.

Du Plooy (1991:79) beklemtoon dat ’n ondertekenaar van die ondertekeningsformulier hom aan die letterlike leer van die belydenis bind. Dit kom neer op ’n onvoorwaardelike binding. Hy verwys na die standpunte van Kuyper, Grosheide, Bavinck en Groen van Prinsterer wat meen dat die ondertekening van die formulier ’n juridies-kerkregtelike band skep en ’n juridies-konfessionele rigting aandui.

By die saak van De Wet was dit die uitgangspunt dat daar stewig aan die letterlike bewoording en reëling van die ondertekeningsformulier vasgehou moes word. Du Plooy (1991:79) beskou veral van die Sinode van 1946 se verklaring wat oor die aangeleentheid uitgereik is, as besonder insiggewend. Daarin is dit duidelik dat die GKSA dit gestel het dat hulle die Drie Formuliere van enigheid in die "letterlike en historiese sin" wou omhels. Daarmee het die kerke dan self 'n "nadere verklaring" gegee: hulle is oortuig dat die belydenisskrifte in alles met die Woord van God ooreenkom. Dit word so aanvaar, solank die teendeel voor die bevoegde kerklike vergadering nie bewys is nie (Du Plooy, 1991:79).

Hierin word nie net 'n binding in die "gees en strekking" van die belydenisskrifte voorgehou nie, maar 'n "juridies-kerkregtelike" band. Dit is volgens Du Plooy (1991:80) deur die geskiedenis opvallend dat teoloë van die GKSA besondere waarde heg aan die bindende krag van die belydenisskrifte, hoewel hulle soms as gevolg hiervan as "fundamentalisties" of "konfessionalisties" geëtiketteer word. De Wet het ook in die rigting van hierdie beskuldiging geneig toe hy die GKSA verlaat het en die Kerk van "dor-verstandelike objektivisme (voorwerpelikheid)" beskuldig het.

7.2.1.1 DIE INHOUD VAN DIE ONDERTEKENINGSFORMULIER

In die ondertekeningsformulier kan die volgende elemente onderskei word (vgl. Howell, 2004:67).

- 'n Plegtige verklaring van instemming dat die leer in alles met God se Woord ooreenkom;
- 'n belofte om die leer soos in die Drie Formuliere van Eenheid saamgevat, getrou voor te staan en te bevorder en alle dwalinge teen te staan;
- die verpligting om in geval van twyfel alle besware voor 'n kerklike vergadering te toets en om homself te onderwerp aan die oordeel van daardie vergadering en
- die verbintenis om homself gewilliglik te onderwerp aan 'n ondersoek deur die vergadering, terwyl hy die reg tot appèl behou indien hy meen dat hy onbillik behandel is of dat die uitspraak van die kerklike vergadering nie regverdig is nie

Die formulier soos in 1936 vasgestel, lui soos volg:

> "Ons ondergetekendes, Hoogleraars en Lektore aan die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, verklaar opregtelik en met 'n goeie gewete voor die Here met hierdie ondertekening van ons dat ons van harte van gevoele is en glo dat al die artikels en stukke van die leer wat in die Belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika saamgevat is, in alles ooreenkom met die Woord van God.

> Ons verbind ons om hierdie leer ywerig te leer en getrou te verdedig sonder om daarteen openlik of heimlik, direk of indirek, te leer of te skrywe, en dat ons alle dwalinge sal teëstaan wat met hierdie leer stry en sal help om dit te weer. Verder beloof ons dat as ons enige beswaar mag hê teen hierdie leer of enige punt daarvan, ons hierdie beswaar ter kennis sal bring van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, in Generale Sinode vergader, sodat die Sinode daaroor kan oordeel. terwyl ons bereid is om ons gewillig aan die oordeel van die Sinode te onderwerp. Desgelyks verklaar ons dat, as die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika te eniger tyd, weens gewigtige redes, dit nodig mag oordeel om, tot behoud van die eenheid en die suiwerheid van die leer. van ons 'n nadere verklaring van ons gevoele oor enige punt van die Gereformeerde belydenis te eis, ons altyd daartoe bereid is.
>
> Dit alles op straf van suspendering van ons dienste as ons daarteen handel".

In 1939 het die professore, waarby De Wet na alle waarskynlikheid ingesluit is, 'n ondertekeningsformulier vir proponente opgestel. Dit is by die Sinode in Bloemfontein goedgekeur (Acta, 1939:45). Weereens het die formulier nie afgewyk van die basiese raamwerk van die ondertekeningsformulier soos by Dordrecht (1618/19) ooreengekom nie.

Die formulier vir proponente lui soos volg (Acta,1939:45):

> Ons ondergetekendes, Proponente, verklaar opregtelik en met 'n goeie gewete voor die Here met hierdie ondertekening van ons dat ons van harte van gevoele is en glo dat al die artikels en stukke van die leer wat in die Belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika saamgevat is, in alles ooreenkom met die woord van God.
>
> Ons verbind ons om hierdie leer ywerig te leer en getrou te verdedig sowel wanneer ons geroep word om voor die gemeente op te tree, as andersins, sonder om daarteen openlik of heimlik, direk of indirek, iets te leer of te skrywe, en dat ons alle dwalinge sal teëstaan wat met hierdie leer stry, en sal help om dit te weer. Verder beloof ons, as ons enige beswaar mag hê teen hierdie leer of enige punt daarvan, dat ons hierdie beswaar ter kennis sal bring van die eerwaarde Kuratore van die Teologiese Skool as kerklike gedeputeerdes ad hoc, sodat daaroor geoordeel kan word, terwyl ons bereid is om ons gewillig aan die oordeel van die eerwaarde Kuratore en verder van die betrokke kerkraad of klassis te onderwerp.
>
> Desgeliks verklaar ons dat, as die eerwaarde Kuratore of die genoemde kerklike vergaderings te eniger tyd, weens gewigtige redes, dit nodig mag oordeel om, tot behoud van die eenheid en die suiwerheid van die leer, van ons 'n nadere verklaring oor ons gevoele oor enige punt van die Gereformeerde belydenis te eis, ons altyd daartoe bereid is.

> Dit alles op straffe dat, as ons hierteen handel, deur die eerwaarde Kuratore ons die reg ontneem sal word om voor die gemeente op te tree.

7.2.1.2 WAARIN VERSKIL DIE FORMULIERE?

Tussen die twee formuliere is daar uiteraard verskille wat by die verskeie ampte pas (Spoelstra, 1989:299). ’n Ander opvallende verskil is die onderskeid in die handelende liggaam wat moet optree as daar verskille met die leer ontstaan. In die formulier van 1936 vir die professore word die Kuratorium nêrens spesifiek by name genoem as die handelende liggaam wat selfstandig en finaal sal kan oordeel en optree nie, maar word alleen aan die Sinode by wyse van die kerke wat in vergadering byeen is, sodanige mandaat toevertrou.

Dit sou veronderstel kon word, al is dit nie so uiteengesit nie, dat by ’n professor is die Kuratorium se posisie eintlik maar dieselfde as teenoor ’n proponent. Die Kuratorium is en bly die “kerklike gedeputeerdes ad-hoc”, ongeag of hulle met ’n professor vanuit die kerke of ’n student vanuit die kerke moet handel. Die Kuratorium het op daardie stadium geen mandaat uit hulleself gehad nie, maar kon alleen net in belang van ’n Sinode na vore tree en optree. Hulle is nooit vanuit hulleself tot selfstandige afhandeling van ’n saak teen ’n professor“ gedeputeer” gewees nie. Hulle dien as “gedeputeerdes ad-hoc”.

By die ondertekening van die formulier vir proponente kom dit voor of die mandaat aan die Kuratorium ’n redelike uitbreiding ondergaan het. Die Kuratorium word die liggaam waar die leer onder verdenking eerstens aangemeld moet word. Die Kuratorium ontvang by proponente die volle reg om ’n nadere verklaring van ’n student op te eis as dit om gewigtige redes gaan en mag ’n student die reg ontneem om verder voor ’n gemeente op te tree.

Sodanige bepalings is nie vir die Kuratorium teenoor ’n professor duidelik en direk uitgespel nie. Dit moet waarskynlik in die saak teen De Wet verreken word. Die Kuratorium moes deurentyd erken en verreken wanneer en hoe ’n professor nie meer onder hulle handelinge en besluite staan nie, maar onder die handelinge en besluite van ’n Sinode te staan moet kom. Die Kuratorium as “gedeputeerdes ad-hoc” van die Sinode moet wel rekenskap (verslag) oor hulle eie handelinge met die professor kan gee, maar die verdere handelinge moet dié wees van die Sinode en nie dié van die Kuratorium nie.

In die hantering van die saak met De Wet is die belangrikheid van die ondertekening van die belydenis dikwels ter sprake gebring. Die Kuratorium het soos een man die belangrikheid van die ondertekeningsformulier raakgesien. Die ondertekeningsformulier was hulle vertrekpunt toe daar met die De Wet–saak begin is. Tydens die buitengewone Kuratorium-vergadering wat in Desember 1944 vergader het, was die voorstel van ASE Yssel dat "die ondertekeningsformulier gelees moes word" (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, 2.1.3.7, Bylaag 20/44. Des 1944). Die formulier het as't ware deel uitgemaak van die konstituering van die buitengewone vergadering.

JV Coetzee het in sy worsteling rondom die studente-aantekeninge al daarop gewys dat die studente manne was wat ook so 'n soortgelyke formulier sou moes onderteken (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, 2.1.3.6, Bylaag 20 Nov. 1944, Nov. 1944).

Volgens die handelinge van die Sinode van 1945 is by die aanvang van die hantering van die saak, besluit dat die kommissie wat die saak moes hanteer alleen kon handel "volgens sinodale besluit 1936, art 100". Die voorstel is toe verder met "algemene stemme aangeneem. (Acta,1945:161). Die besluit kom daarop neer dat gehandel moes word ooreenkomstig die ondertekeningsformulier van 1936. Daarvolgens moes die kommissie ondersoek instel kragtens Art 53 KO wat vir professore, predikante, ouderlinge en diakens gegeld het.

Samevattend kan gestel word dat die belangrikheid en die betekenis van die ondertekeningsformulier van die begin af in die De Wet-saak ter sprake was. Dit is duidelik dat die partye wat met die saak gehandel het, steeds gepoog het om die belang van Art 53 KO in die saak na te kom.

7.2.1.3 DE WET SE NAKOMING VAN ARTIKEL 53 EN 54 KO

Uit artikel 53 KO vloei voort dat spesifieke bepalinge in die ondertekeningsformulier nagekom moet word en in werking tree as dit nie nagekom word nie. Die voorhandliggende handelinge wat nagekom moet word, is:

1. Dat die professor onderneem dat wanneer hy enige beswaar teen enige punt van die Gereformeerde leer (belydenis) sou hê, hy die kerke hierin sodanig vertrou dat hy onmiddellik (die Kuratorium) daarvan in kennis sal stel en dat hierdie kennisgewing deur

die kerke in medewerking met die Kuratorium in ’n sinodale vergadering in behandeling geneem sal word.

2. Die vergaderde Sinode sal oor sodanige beswaar oordeel en die professor beloof om hom vrywillig aan die oordeel van hierdie vergadering te onderwerp. Die onderwerping sluit sekerlik sy leer en sy persoon in. As hy verkeerd geleer het en dit is aangetoon, moet hy sy leer wysig en dit aan die leer van die Sinode onderwerp. Sy persoon moet saamwerk wat ’n gees van onderwerping met die besluit van die Sinode openbaar.
3. Die verdere bepaling, in noue aansluiting by die vorige punt, spreek die gewigtigheid van so ’n saak en die gesindheid van ’n professor gelyktydig aan. Die gewigtigheid lê daarin dat sodanige sinodale vergadering die volle reg het om op enige stadium en om watter rede ook al, wat wel as gewigtige rede erken moet word, ’n nadere verklaring te mag eis. Die vraag na die nadere verklaring mag oor enige punt van die Gereformeerde belydenis handel. Die professor beloof met hierdie ondertekening dat wat sy gevoele ook al oor sodanige punt mag wees, hy ten volle sal saamwerk en bereid sal wees om die hele saak nader te verklaar.

Al drie die bogenoemde handelinge is die breë kerkregtelike raamwerk waarbinne daar kragtens Artikels 53 en 54 KO met De Wet gehandel is. Hy het egter nie met een van hierdie drie punte sy samewerking gegee nie. In die opsig het De Wet duidelik sy ondertekening van die ondertekeningsformulier versaak. Alleen op grond daarvan sou hy afgesit kon word.

7.2.2 KERKREGTELIKE OORSIG ARTIKEL 79 EN 80 KERKORDE

Die kerkregtelike beginsels in die twee artikels van die Dordtse Kerkorde in artikels 79 en 80 KO vervat, is ingebed in wat as bediening van die sleutels van die hemelryk verstaan word (Spoelstra, 1989:387). Visser (1982:390) beskryf tug oor ampsdraers as sleutelmag. Spoelstra (1989:428) verskil met Visser hierin dat ampstug volgens art. 79 KO nie ook as die hantering van die sleutelmag beskou kan word nie, want dan sou afsetting uit die amp volgens Spoelstra ook “uitsluiting uit die koninkryk” beteken, wat nie aanvaar kan word nie.

Tug gaan in alle geval oor hoe daar gelewe, maar ook hoe daar geleer word. Visser (1982:391) bevestig dat by die tug oor die leer en by die tug oor die lewenswandel is die een so belangrik soos die ander is. Die twee kan nooit waterdig vanmekaar geskei word nie. Schokking (1902:282) wys daarop dat wanneer ’n leergeding na vore tree daar gewoonlik “drie lijnen telkens elkander kruisten”. Dan noem hy die drie lyne. Dit begin gewoonlik met ’n eie dogmatiese verskil. Daarna

is daar ’n vergryp om die kerklike orde wat die leer wil handhaaf te bevraagteken; selfs deur invloede van buite word hierdie vergrype gehandhaaf. In die laaste verloop sien Schokking dat hierdie vergrype gewoonlik ’n toestand van verwarring skep wat die saak onnodig kan uitrek. En, soos hy dan stel, hierdie langdradige verloop “gaf dikwijls aanleiding tot groote beroeringen”. In die saak van De Wet val dit op hoe Schokking in sy “kruising van lyne” as reg bewys is.

Die leer is dit wat ’n gelowige bely in antwoord op die Woord van God. Wanneer kerklike tug ter sprake kom, moet aangetoon word dat daar verset teen Christus plaasvind (Spoelstra, 1989:387). ’n Belangrike aspek wat Spoelstra (1989:428) aantoon, wat by die De Wet-saak in gedagte gehou moet word, is dat artikel 79 KO handel oor die heiligheid van die amp (sy ampswaardigheid). As daar by die tug oor ampsdraers oor die afsetting uit die amp besluit moet word, gaan dit nie daaroor of die sondaar diep berou betoon of nie. Tug oor ampsdraers dra altyd ’n dwingende en straffende karakter wat selfs ook “as afskrikmiddel mag dien”. Die aspek van berou behoort, volgens Spoelstra, by artikel 79 KO, geen rol te speel nie.

Bouwman (1912:181) is van mening dat leertug uit die “karakter van die kerk” moet voortvloei. Hiervolgens moet die kerk altyd ’n belydende kerk wees en die belydenis moet gehandhaaf word. Schokking (1902:267) wys daarop dat in leertug die reg van God moet geld dat die Woord gehandhaaf word en nie die dwaling nie. Hy wys daarop dat hierdie tug geestelike welstand nastreef. Die gelowiges moet in staat gestel word om geestelik te groei en die tug oor leersake is dat gelowiges hulle “bekwaamheid kan behou om in die wêreld ’n onverswakte getuienis te laat hoor...” Die diepliggende doel van die tug oor leersake is om die een wat dwaal as lid van die liggaam te probeer genees van sy dwaling (Visser,1982:390, vgl. ook Schokking, 1902:295).

Visser (1982:392) wys daarop dat in die meeste gevalle dwaalleer in die Kerk ernstige gevolge het, meer ernstig as die gevolge wat by die oortreding van lewenswandel volg. Dit word bevestig dat dwaalleer in baie gevalle verskeurende gevolge kan hê. Daarom dat art 80 KO dit spesifiek noem dat valse leer en ketterye as “die eerste van die vernaamste strafwaardige sondes by ampsdraers genoem word” (Visser, 1982:392).

In hierdie studie is aangetoon dat De Wet in die tyd wat die leergeding al duideliker geword het, óók al meer onder invloed van die “etiese rigting” gekom het. Visser (1982:392) is van mening dat navolgers van die etiese rigting bewuste voorstanders van die tug oor die lewenswandel is, “maar dat hulle van leertug” niks wil weet nie.

Wanneer daar getug moet word in die handhawing van die suiwere leer moet daar altyd aan die hand van die belydenis gehandel word. Die belydenis wat altyd aan die Woord van God toetsbaar is, maak kerk-wees moontlik, maar terselfdertyd is die belydenis die naspreek van God se Woord, wat woorde van eenheid (*homologia*) daarstel (Spoelstra, 1989:392). Daar moet uit een mond bely kan word om die ideaal van kerk-wees en die eenheid van die Kerk sigbaar tot openbaring te bring.

Hierdie sigbare nastrewe tot ware kerkwees is waar gelowiges erken dat hulle aan Christus en deur Hom aan God maar ook aan mekaar gebind is. Die geloof bepaal die wese van die leer maar ook die wese van ware kerklike eenheid.

Wanneer iemand as professor geroep is, moet hy altyd in belang van eenheid en in die belang van die kerkverband handel. Art. 18 KO gee benewens die primêre opdrag dat professore bedienaars van die Woord moet oplei, die duidelike bepaling dat dit in suiwerheid van die leer moet geskied. Hulle moet waarlik "professore in die teologiese" kan wees, soos die ou bewoording van Art 18 KO gelui het (Du Plooy, 2014:9). Du Plooy (2014:4) wys daarop hoe Calvyn dit beklemtoon het dat die onderrig aan die jeug in suiwerheid moet geskied en "nie deur onkunde of verkeerde opvattings geskaad mag word nie". Die teologiese professor moet volgens Art 18 KO selfs in staat wees om die ware suiwere leer teen ketterye en dwalinge te verdedig. Die wyse waarop die kerke hierdie verantwoordelikheid nakom kan alleen by wyse van die geroepe professore geskied.

Die oomblik wanneer valse leer (ook by 'n professor) ter sprake kom, word die eer van God aangetas. Tegelyk word die band wat kerke aan Christus bind, dit wat die kerkverband daarstel, aangetas. In die geval waar art 79 KO ter sprake kom, het dit met tugreg te make. Tugreg het volgens Visser (1983:16) altyd met sekere begrensings van die bevoegdheid te make. 'n Kerkraad erken vrywillig bepaalde begrensings. In die geval van 'n professor, waar die Kuratorium in groot mate die rol van 'n kerkraad moet vervul, het die Kuratorium in die tyd van die De Wet–saak vrywillig tot die begrensing ooreengekom dat 'n meerdere vergadering (die Sinode) op een of ander wyse by die tugproses ingeskakel moes word. Dit gee volgens Visser (1982:16) in alle geval net meer regsekerheid in die hele proses.

Oor die bestaansreg, wat nog te sê die tugreg, van meerdere vergaderings was daar oor die jare ernstige verskil van mening gewees (Du Plooy, 1988:22). Hierdie studie gaan by die behandeling van die Sinodes se bevoegdheid verder hierop in, sonder om werklik die saak in sy volle diepte

te hanteer. Vir nou is dit belangrik om te weet dat in die tyd van die De Wet-saak 'n Sinode die finale besluit neem, nie net oor die bevestiging, onderhouding en emeritering van professore nie, maar ook oor hulle ontslag. In die geval het die besluit tot afsetting ooreenkomstig art 79/80 Kerkorde by 'n Sinode berus. Sinode 1936 se besluit het bepaal (Acta, 1936:102):

> "Die skorsing of afsetting van professore weens of valse leer vind plaas, na voordrag van die Kuratore, deur die Generale Sinode, wat egter nie gebind is aan sodanige voordrag nie ..."

7.2.2.1 KERKREGTELIKE TOEPASSING VAN ARTIKELS 79 EN 80 KO

In die manier waarop daar met die bepalings van Artikel 79 en 80 KO in die De Wet–saak gehandel is, is daar baie gebreke. Dit hou moontlik verband met die vraagstuk in die Kerkreg wat handel oor die begrippe *ius constitum* (geldende reg) en *ius constituendum* (die reg soos dit behoort te wees) (Visser, 1986: 27). Du Plooy (1989:10) het in 'n artikel oor *Kollegialisme* ruim en met vrug gebruik gemaak van De Wet se studie in 1921 wat in besonder die "Kollegiale Kerkreg" bestudeer het. Hierin beskou Du Plooy die *ius constituendum* as die reg van Christus as Hoof van die Kerk wat nagespeur en gedien moet word. Die *ius constituendum* laat in die opsig die Woord en die belydenis tot hulle reg kom.

Die Kuratorium het in hulle hantering van die De Wet-saak dikwels verwys na Art 79 KO en in die verwysing gesinspeel op die reg soos dit behoort te geld (*ius constituendum*). Nietemin het die saak nooit tot 'n duidelik toegepaste ordelike hantering van Art 79 KO gevorder nie. Dit was asof in die De Wet-saak die *ius constitum* (geldende reg) heeltyd die *ius constituendum* (reg soos dit behoort te geld) oorspeel het. Wanneer Visser (1986:27) hierdie botsing van reg beskryf as "soos 'n huis wat teen homself verdeeld was", lyk dit 'n redelike raak beskrywing vir die verloop van die De Wet–saak te wees. Dit bring baie spanning in enige saak en die De Wet-saak is hierby nie uitgesluit nie.

Dit kom daarop neer dat deur die toedoen van baie faktore - waar nie alleen die Kuratorium te blameer is nie, maar ook die feit dat die saak elke keer moes wag dat 'n Sinode uitsluitsel moes gee - nie behoorlik gevorder kon word nie. Dit het uitgeloop op 'n onhoudbare toestand. Veral in die sg "bedenktyd" wat aan De Wet gegee is, het die saak verwikkeld begin raak met wat in Visser (1986:27) se terme beskryf kan word as die spanningslyn wat tussen reg en plig aan die opbou was.

Die erns en omvang van De Wet se afwykinge in die leer is aangetoon en dikwels uitgewys. Die *reg* soos dit behoort te wees, moes alreeds baie vroeër in die saak sy loop geneem het. Tog het

die Kuratorium die *plig* gehad om eers te moes wag tot die Sinode weer kon sit en uitspraak kon gee. Dit wil lyk of die bevoegdhede (geldende reg) wat die Kuratorium op daardie stadium gehad het, hulle in baie opsigte verhoed het om behoorlik met art 79/80 KO te handel. Daar was net dreigemente (met Art 79 KO) en geen daadwerklike optrede nie.

Die naaste wat die saak aan werklike skorsing gevorder het, was op 2 Julie 1945. Die Gereformeerde Kerk Bloemfontein, De Wet se laaste gemeente as predikant, het uiteindelik in die saak na vore getree toe hulle hom "geskors" het (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.3, Bylaag 50/45, Jun-Jul 1945). Uit hierdie besluit van Bloemfontein, soos later aangetoon sal word, het baie meer vrae as antwoorde voortgevloei. Hier moet in gedagte gehou word dat in die tyd van die saak van De Wet die reël nog nie gegeld het dat wanneer 'n predikant tot die diens van professor beroep was, hy van sy laaste gemeente, volgens Art 10 KO, losgemaak was nie. Hy het op 'n bepaalde wyse aan sy laaste gemeente verbonde gebly. Die gemeente moes die band met hom bly behou, ingesluit die bepalings van Art 13 KO en selfs die toesig oor die dienswerk van die professor(artt.2 en 18 KO).

Dit is eers na die De Wet–saak dat die Kerkreg in die GKSA geoordeel het dat 'n professor vir sy dienswerk aan die Teol. Skool aan al die plaaslike kerke in die kerkverband gelykelik verbind is. Later het die opdrag tot toesig sodanig verskuif dat al die kerke in die kerkverband deur middel van hulle afgevaardigdes (Kuratorium en Beroepingsvergadering) toesig hou. In die tyd van De Wet was dit die taak van die plaaslike kerk waar hy inwoon en waar hy vandaan kom. Die bevoegdheid tot toesig was op die wyse aan twee plaaslike kerke toegesê en nie aan alle kerke in die kerkverband nie (Acta, 1991:734).

ID Krüger het tydens die Sinode in Februarie 1945 die feit dat hulle De Wet nie geskors het nie, as bewys voorgehou dat hulle nie "vervolgsugtig" was nie. Hy het gestel dat as hulle vervolgsugtig was, kon "De Wet hier gesit het as 'n geskorste man. Die kuratore het die mag om dit voorlopig te doen. Die prof. het 'n opdrag, 'n heilige opdrag, deur u gegee en as hy enige beswaar het teen enige punt kan hy dit vir u tot u kennis gebring het" (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.1, Bylaag 1, Jan-Maart 1945). Hier het ID Krüger net Art 79 KO as 'n dreigement gebruik.

Daar is wel 'n saak uit te maak dat die besluit van Februarie 1945, waar De Wet op verpligte verloftyd geplaas is en die Sinode op aanbeveling van die Kuratorium besluit het dat daar drie maande "bedenktyd" is, as vorm van skorsing beskou kon word. Veral in hierdie drie maande

was daar baie verwarring en die proses is swak deur die Kuratorium gekommunikeer. Dit is reeds in hoofstuk 5 in die historiese verloop van die saak aangedui.

Die “bedenktyd” word in alle geval nêrens met die term “skors” verbind nie, maar in sekere opsigte is De Wet soos ’n voorlopig geskorste behandel. Die Kuratorium het hom sekere handelinge streng verbied, met die bepaling dat hy geen klasse mog aanbied nie. Hierdie verbod op sy klaswerk is ná Mei 1945 op twee opeenvolgende Kuratorium-vergaderings, in Aug. 1945 en Okt. 1945, bevestig. In die geval het die Kuratorium steeds binne hulle mandaat opgetree want die Sinode in 1936 besluit dat “Kuratore sal die reg hê om professore weens ’n beskuldiging van wangedrag of van valse leer tydelik die gee van kolleges te ontsê, met behoud van salaris, tot tyd en wyl die Sinode daaroor beslis” (Acta, 1936:102). Die “ontsê” van kolleges word egter nie direk deur die Sinode as ’n voorlopige skorsing aangedui nie en die Sinodebesluit het geen duidelikheid gebied of dit wel daarmee in verband staan nie.

Tog blyk die wanorde en die verwarring in die De Wet–saak voort te duur, want hy het hom nie aan hierdie verbod op sy doseerwerk deur die jaar gebind nie. Sekerlik nie net omdat hy moedswillig was nie, maar vanweë swak hantering van wat die verbod tot klaswerk werklik behels het. Begin Januarie 1946 is daar deur die Kuratorium ’n verdere uitbreiding (Addendum 3) van klagtes oor De Wet se Bybelse Teologie-klasse na vore gebring, nie omdat hy wel klas gegee het nie, maar die Addendum wou beweer daar was in die drie maande, van April tot Junie 1945, verdere dwaalleer verkondig (Acta, 1946:49). Daar word nêrens ’n woord gesê oor die feit dat hy wel klas gegee het in die tyd toe hy daarvan weerhou was nie.

Die vreemde wyse waarop net gedeeltelik art 79 KO toegepas is, gee ’n bipolêre toepassing van besluite. Hy was wel doseerwerk verbied, maar daar was nooit ’n definitiewe besluit deur die Kuratorium geneem dat hy nie mog preek nie (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Apr-Mei 1945). Die Kuratorium het die toelating tot die kansel as ’n saak vir die plaaslike kerkraad beskou en wou nie daarby inmeng nie. Dit kon kragtens Art 30 KO so ingesien en aanvaar word, maar dit het wel by verskeie geleenthede heelwat kerkregtelike verwarring in die saak veroorsaak. Inderdaad staan die getuienis dat hy gereeld en op baie plekke in die land in 1945 met Woordbediening voortgegaan het (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Apr-Mei 1945). Net die kerkrade van Potchefstroom en Bloemfontein het hom amptelik hulle kansels verbied.

In die opsig het die gedeeltelike toepassing van art 79 KO die saak net verder onordelik gelaat. Dit het neergekom op ’n inkonsekwente toepassing van die tug wat een kerkraad soos

Potchefstroom hom hulle kansel verbied en hom selfs die vrymoedigheid ontneem het om daar Nagmaal te gebruik. Tog het hy hierdie vorm van "sensuur" (Art. 76 KO), soos wat hyself Potchefstroom se optrede en besluite beskryf het, nie gehonoreer nie, want hy het wel elders nie net gepreek nie, maar het TT Spoelstra het getuienis gelewer dat hy ook elders Nagmaal gevier het (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.3, Bylaag 51/45, Jun-Jul 1945). Dit alles gee 'n duidelike beeld van 'n baie onordelike toepassing van Art 79 KO (ook Art 76 KO). Die Kuratorium was blykbaar op geen stadium by magte en ook nie in staat om orde in sake te bring nie.

PJS de Klerk en DG Venter, twee van die prominente kuratore in die saak, wat hulle vir lank aan die kant van De Wet geskaar het, het weer op 'n ander wyse die saak rondom art 79/80 KO uitgelig. Volgens De Klerk het De Wet daarop aangedring om wel met sy klaswerk ná sy bedenktyd voort te gaan, want soos De Klerk dit gestel het, dat De Wet van oordeel was dat as die "wettige tyd" verstryk het en hy dan steeds nie sy klasse aanbied nie, "dan skors hy homself" (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945). Volgens De Klerk het De Wet dan om "versigtigheidsonthalwe wou klas gee".

DG Venter was met die saak op reeds 'n gevorderde stadium, heeltemal teen skorsing gekant. In die Mei 1945- Kuratorium-vergadering stel hy: "As oor skorsing en afsetting gepraat word, kan ons ons nie meer handhaaf nie. Kan nie meer oor sy regsinnigheid twyfel nie" (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945). Op dieselfde vergadering sê hy later:

> "Ek weet nie of ons die gronde het om hom te skors nie. Waarmee gaan ons so 'n daad op die Sinode verdedig. Ek kan nie daartoe oortuig voel nie. My gedagte vanaf vanmiddag is dat ons De Wet laat aangaan met sy werk. Ons neem kennis van sy verklaring maar ook dat dit nie bevredig nie. Ook dat die samespreking gehou is Laat hom aangaan tot Desember onder sekere voorwaardes nl. (1) Sy onderwys staan onder streng toesig. (2) Dogmatiek word van hom weggeneem. (3) Met die Nov.- verg. 'n deeglik opgestelde stuk voorlê."

Direk teenoor die standpunt van DG Venter stel JH Kruger van Postmasburg: "Ons is hier om die Sinodebesluit uit te voer. Daar bly net een ding oor en dit is skors ..." (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945). Kruger het sy begrip van skorsing later nader verklaar:

> "... die prof. is nog erger as ooit tevore. Ons sal niks vorder nie. Ons kan hom suspendeer tot Nov. of tot die Sinode sit. Maar om nog met die man aan te gaan, kan nie. Elke dag is ons nadeel. Soms het ons soos vir 'n warm ding geskrik. Of ons nou bang is of nie, dit maak nie saak nie. As ons ferm optree staan ons sterk, tree ons swak op dan is ons hopeloos".

Die meerderheid van die Kuratorium het in 'n sekere sin hulle plig tot artikel 79 vroeg reeds in die saak besef, maar hulle het nie na behore die reg gehad om dit toe te pas nie. Daardie reg het alleen 'n Sinode kon uitoefen en soos talle rolspelers aangedui het, veral dan JD du Toit, het die Sinode van 1945 hulle in hierdie plig, wat die Sinode se reg moes wees, in die steek gelaat. Du Toit was van mening dat die Sinode "halwe werk" gedoen het (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945).
Die feit is dat De Wet self in die midde van die Kuratorium-vergadering in Mei 1945 die verband tussen die Sinode-besluit en skorsing uiteengesit het wat geen kurator kon weerlê nie (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945). Hy stel dit soos volg:

> "Die Sinode het niks met berou te doen gehad nie. Sulke dinge kan nie gekonkludeer word uit "bedenktyd" nie. Dit moet swart op wit staan. Die Sinode het my nie gesensureer nie en ook nie geskors nie. Julle diskrimineer teen my. Die Kuratore gee hulle interpretasie van die besluit en hulle mag nie. Dan moet die Sinode sy besluit interpreteer."

Die standpunt van De Wet maak dit duidelik dat hy van mening was dat Art 79 KO op geen stadium nog van toepassing gemaak was nie. Hy beskou die Kuratorium se optrede as kwaadwillig, diskrimenerend en eiegeregtig. Dit wys terselfdertyd dat De Wet hom deur die bedienende norm *(norma ministrans),* wat die kerkorde veronderstel is om te wees, nie sou laat bedien nie, veral nie solank dit in die hande van die Kuratorium gelaat is nie. Dit was die Kuratorium wat die grootste deel van die saak moes hanteer. Dit beteken dat nog dieper op hulle bevoegdhede gelet moet word.

7.3 KERKREGTELIKE BEVOEGDHEDE VAN DIE KURATORIUM

As Een wat oor alle ampsdraers die tug moet kan uitoefen, word Jesus Christus as die absolute Sleuteldraer en Gesagdraer erken. Christus moet as subjek van die tug ook in die beoordeling van die De Wet-saak erken word, waarby Hy mense as instrumente gebruik. Christus word in die toepassing van art 79 KO, soos reeds hierbo aangedui, as die subjek van die tug erken en kan, volgens Visser (1982:17), die mense wat hierdie tug moet uitoefen as die "bedienende

subjekte" gereken word. So word die rol van die Kuratorium en die twee kerkrade wat die primêre rol vervul, by die De Wet-saak, as "bedienende subjekte" verstaan.

7.3.1 DIE KURATORIUM SE ROL EN BEVOEGDHEDE

Oor die Kuratorium van die Teologiese Skool se rol en bevoegdhede het oor die jare groot veranderinge in denkwyses plaasgevind. Vanaf 1866 was die uitgangspunt dat kerke studente tot teologiese studies moes toelaat. Die uitgangspunt was aanvanklik dat 'n Sinodale Kommissie volgens Dordtse Kerkorde art 51 KO saamgestel moes word wat op verteenwoordigingsbasis twee predikante uit elke Algemene Vergadering benoem wat voortaan kandidate vir die bediening sou ondersoek en toelaat (Acta, 1991:496).

Toe die eerste Teologiese Skool in Burgersdorp in 1869 tot stand gekom het, was hierdie Sinodale Kommissie die eerste keer as 'n Kuratorium saamgestel. Die basis vir verteenwoordiging was steeds dat twee lede "van ieder land" m.a.w. uit elke provinsie (provinsiale kerke) word twee lede benoem, wat op die Kuratorium moes dien. Die provinsies wat erken is waaruit lede aangewys moes word, was Kaapland, Transvaal en die OVS . Toe is vir die eerste keer die duidelike bepaling neergelê dat die Kuratorium moes handel op presies dieselfde wyse as wat die vroeëre Sinodale Kommissie dit gedoen het, waar hulle alle aspekte van die versorging en verantwoordelikheid van teologiese opleiding moes hanteer.

Aan hierdie Kuratorium is toe die bevoegdheid van 'n "collegie" gegee wat 'n belangrike kerkregtelike implikasie teweeggebring het, want dit beteken die Kuratorium het 'n kerklike liggaam geword wat moes handel soos die Sinode gehandel het en nog moes handel. Hulle was wel nie gewone deputate in die sin van Art 49 KO nie, maar moes wel aan die Sinode van die uitvoering van hulle opdragte verslag doen (Visser, 1999:210). Die benaming "Kieskollege" het later die benaming "collegie" vervang. Daarna is die naam weer verander na "Beroepingsvergadering".

Die dosente (professore) van die Teologiese Skool, wat as predikante opgelei moes wees, was manne wat vanaf 1869 deur die Sinode aangewys is. So het dit vir 'n aantal jare gebeur dat Sinodes verantwoordelik was vir die beroeping van professore. Vanaf 1904 het die bevoegdheid van die Kuratorium sodanig verander dat nie meer Sinodes die beroeping van professore behartig het nie, maar het die kerke besluit om voortaan hulle beroeping van die professore deur 'n uitgebreide Kuratorium wat nou as "Kieskollege" gefunksioneer het, uit te voer. Die "Kieskollege"

bestaan uit vier lede, waarvan twee kuratore was, uit elk van die bogenoemde provinsies (Acta, 1991:496). Dit het dan 'n kerklike liggaam geword met dubbel die getal van die Kuratorium.

In die "Teologiese Skoolboekie", soos in 1926 uitgegee, is daar 'n "Kuratore reglement". Dit gee die normale vergader-datums en maak voorsiening vir buitengewone vergaderings (1926:11). In De Wet se geval was die kuratore verskeie male vir buitengewone sittings opgeroep. 'n Vergadering van die Kuratorium kan alleen konstitueer as daar twee-derdes van die lede teenwoordig is. Wanneer 'n kurator nie teenwoordig kon wees nie, was dit sy plig om sy sekundus op te roep. Die notule boek word deur die Rektor van die Teologiese Skool in bewaring gehou en nie deur die skriba soos verwag nie. 'n Ander belangrike aspek in die Reglement van die Kuratorium is dat die penningmeester/skriba as volle lid van die Kuratorium erken word. In die hantering van die De Wet-saak waar TT Spoelstra as skriba gedien het, moes hy as volle lid van die Kuratorium erken word. Sy direkte en soms skerp uitsprake in die saak getuig dat hy beslis die bevoegdheid gehad het om as kurator homself te handhaaf. Die feit dat DG Venter met tye Spoelstra se posisie in die Kuratorium bevraagteken het, is kontra die Reglement. Aan die Kuratorium is volgens die Teologiese Skoolboekie die sorg van die Teologiese Skool opgedra. Hulle is ook die Trustees van die Skooleiendomme en fondse en moet by elke Sinode verslag doen". Dit sluit aan by die resente beskouing van Du Plooy (2014:9) waar hy die kuratore se taak en funksie as onontbeerlik beskou. Volgens hom is die Kuratorium 'n beheerstruktuur vir die Teologiese Skool om as "toesighouers en versorgers van die teologiese professore" op te tree. Daar is wel 'n begrensing. Dit is nie die Kuratorium se taak om soos die professore, kragtens Art 18 KO, in diens van die Teologie te tree nie. Heeltemal tereg is Du Plooy (2014:9) van mening dat die Kuratorium se taak en verantwoordelikheid in die besluite van Sinodes gereël word en nie in art 18 van die Kerkorde nie.

In 1942 het die Kuratorium 'n naamsverandering ondergaan en is toe genoem "Deputate ter behartiging van die belange van die Teologiese Skool" (Acta, 1991:496). Die Reglement van die Teologiese Skool het in dieselfde tyd die Kuratorium beskou as "Deputate van die Nasionale Sinode". Dit is redelik kort vóór die De Wet-saak 'n aanvang geneem het, dat die bevoegdheid van die Kuratorium bepaalde wysigings ondergaan het. Hulle "werksaamhede is verminder" om "teen die skyn te waak" dat hulle nie 'n kerklike vergadering op hulle eie kan vorm nie. (Die bevoegdheid van 'n *synodus contracta* is toe nog nie aan hulle toegeken nie.) Hulle is as deputate erken wat deur die Partikuliere Sinodes soos Deputate volgens art 49 KO benoem word, maar inhoudelik word hulle op 'n ander wyse afgevaardig as wat met ander Art. 49 Deputate die geval is. Hulle rapporteer nie terug aan die Partikuliere Sinode wat hulle benoem het nie, maar hulle

rapport moet op 'n Nasionale (Algemene) Sinode dien. In 1942 het die "Kieskollege", wat niks anders as 'n uitgebreide Kuratorium was nie, ook as "Deputate van die Nasionale Sinode bekend gestaan (Acta, 1991:497).

Dit is belangrik om in die saak van De Wet dit in gedagte te hou dat die Kuratorium op daardie stadium eintlik maar gefunksioneer het soos 'n "sinodale deputaatskap", kragtens Art 49 KO. Kerke het nog gesamentlik hulle toesig en regering oor professore uitgeoefen en is leersake en leergedinge alleen op Sinodes hanteer. Soos in De Wet se geval was 'n volle sinodale vergadering hierby betrek. Dit sluit in dat die Kuratorium beslis nie die volmag gehad het as dit gekom het by die tughandeling oor professore nie.[72] Die vrae en problematiek dat Sinodes as tugvergaderings moes funksioneer, is by die kerkregtelike oorsig rondom art 79 KO reeds aangedui.

Samevattend kan ons stel dat daar in die De Wet–saak geen afhandelingsbevoegdheid aan 'n Kuratorium verleen is nie. Die Kuratorium kon deur hulle eie handelinge en besluite 'n professor nie afsit nie, selfs al het hulle beperkte bevoegdheid gehad as dit gekom het by skorsing. Dit kom voor of hulle bevoegdheid net tot voorlopige skorsing gestrek het. Hulle kon moontlik meer as 'n beheerstruktuur beskou word as 'n regeerliggaam. Eers later het die verskuiwing plaasgevind dat hulle as regeerliggaam mog optree vir kerke in diens van kerke t.o.v. die volle belange van die Teologiese Skool en teologiese professore.

By die regsbevoegdheid van die Kuratorium moet deurentyd in gedagte gehou word dat die Kuratorium nog altyd in die kerkregering as 'n geroepe "struktuur" beskou is wat moet optree in die Naam en op die gesag van die Koning van die kerk, Jesus Christus, volgens die beginsels van sy Woord. Dit ten spyte van die verandering wat daar in die beskouing oor die Kuratorium oor jare plaasgevind het en minder of meer regsbevoegdheid aan hulle toegeken is. Daar kan nie in die beoordeling van die Kuratorium se optrede met algemeen-juridiese terme gewerk word nie.

[72] Dit is eers vanaf 1973, lank ná die De Wet-saak dat hierdie tugbevoegdheid al meer na die vergaderings van Kuratoriums en Kieskolleges (Beroepingsvergaderings) oorgegaan het, wat selfs afhandelingsbevoegdheid (verkies en gevolmagtig) t.o.v. die tug oor professore ontvang het. 'n Kuratorium kan nou in sy eie handelinge professore skors en selfs afsit, wat in die tyd van De Wet nie die geval was nie. Vanaf 1973 het die Kuratorium en die Kieskollege as 'n *"synodus contracta* (kerklike vergadering) kon begin funksioneer, wat hierdie toedrag verander het. As *"synodus contracta"* het die Kuratorium sodanige afhandelingsbevoegdheid en kan besluite van die Kuratorium op appèl geneem word om op 'n Nasionale Sinode uitspraak te gee. In die tyd van De Wet sou 'n Sinode nie 'n appèl teen 'n besluit van die Kuratorium ter tafel kon neem nie, want die kuratore het eintlik maar soos deputate volgens art 49 KO net besluite en opdragte van die Sinode uitgevoer.

In die tyd van die De Wet-saak is daar skynbaar nog gedink dat ’n Kuratorium wat self ’n klag saamgestel en geformuleer het, nie die klag verder mog neem nie, want dan was hy gelyktydig klaer en regter in eie saak. Hy moes die klag aan die Sinode voordra en dan sou die Sinode daaroor beslis. Daarom was daar die vroeëre besluit dat as die Kuratorium klaer was, mog hy nie ook regter wees nie. Intussen het wat hierdie uitgangspunt betref groot wysigings plaasgevind en beskou Visser (1999:289) sodanige denke as “ernstige dwaling” dat daar met algemeen-juridiese terme op die terrein van die kerkreg gewerk word.

Met die 1945-Sinode het daar nog verdere wysigings in die bevoegdhede van die Kuratorium na vore getree (Acta, 1945:192), soos reeds, in hoofstuk 5 genoem. Die kerkraad van Johannesburg-Noord het beweer dat ná die 1945-Sinode ’n teenstrydigheid bestaan het tussen wat in die Teologiese Skoolboekie aangebring is in vergelyking met die ondertekeningsformulier. Daar is veral na punte 3 en 4 in die Teologiese Skoolboekie verwys wat wyer magte aan die Kuratorium verleen het. Soos aangetoon, is daar ’n punt 4 bygevoeg wat stel: “Die Kuratorium reël alle sake in verband met die ontslag insover dit die Teologiese Skool betref...”

Die saak het op daardie stadium nog redelike kerkregtelike verwarring veroorsaak, want die kerkraad waar ’n professor laaste predikant was, is direk betrek. Dit kom vir die Kerkraad van Johannesburg-Noord daarop neer (en hulle interpretasie lyk reg te wees) dat by skorsing en afsetting van professore (vgl Acta, 1945:192) nie meer sprake was van ’n Sinode wat alleen moes optree nie, maar dat die Kuratorium in samewerking met ’n bepaalde Kerkraad die handelende liggaam moes word. So ’n Kerkraad moes dan optree volgens die Kerkorde en Sinodale besluite. In 1945 is besluit: “ ... Dieselfde reëling geld in geval van skorsing en afsetting ... “ (Acta, 1945:192).

Steeds gee dit geen afhandelingsbevoegdheid aan die Kuratorium nie, maar moes die kuratore weereens in oorleg optree, nie net na gelang van bepaalde Sinodebesluite nie, maar ook met ’n bepaalde Kerkraad. Dit was die laaste Kerkraad wat die professor kragtens artt. 11,13 en 20 KO versorg het toe hy daar predikant was en nou sake betreffende art 79 en 80 KO met hulle vroeëre bedienaar van die Woord moes help hanteer.

7.3.1.1 DIE SENAAT VAN DIE TEOLOGIESE SKOOL

In die De Wet–saak kom die naam van die Teologiese Senaat dikwels na vore. In die geval word dikwels na prof. F Postma verwys wat namens die Senaat teenwoordig wou wees, maar is hy,

veral aan die begin van die saak op beswaar van De Wet, geen sitting toegestaan nie, omdat hyself nie as kurator kon dien nie. In 1945 is daar spesifiek oor die senaat se regte en bevoegdhede nog duideliker besluite geneem (Acta, 1945:192). Die besluit het gelui:

> "Senaatslede het die reg om alle vergaderinge van die Kuratorium en Sinode by te woon in adviserende hoedanigheid behalwe wanneer hierdie liggaam self om gewigtige redes besluit dat hulle hulself liewer moet onttrek ..."

Prof. Postma was op daardie stadium Rektor van die P.U.K. vir C.H.O. Die verband tussen die Teologiese Skool en die Potchefstroomse Universiteitskollege het reeds vir jare bestaan en is nog weer in 1926, kort na De Wet se bevestiging as professor, herbevestig. Prof. Postma het in 1926 self die artikel in die "Teologiese Skoolboekie" wat hierdie verband beskrywe, uiteengesit.

Daarin is sewe punte neergestip wat die verband tussen die twee Inrigtings gereël het. Dit kom kortliks daarop neer dat daar wedersydse verteenwoordiging sou wees. Die Kuratorium het in die geval die verantwoordelikheid gehad om een van die Teologiese professore op die Raad van die P.U.K. te benoem, maar die P.U.K. het van sy kant ook weer een van sy professore moes benoem om op die Senaat van die Teologiese Skool sitting te neem, wel as adviserende lid.

In die saak van De Wet het F Postma dan as die lid van die P.U.K. Raad gedien en het JV Coetzee, wel nie as teologiese professor nie, maar van die kant van die Kuratorium as hulle verteenwoordiger op die Raad by die P.U.K. gedien. In die vraagstuk rondom die studente-aantekeninge het hy melding gemaak dat hy selfs as skriba by die Senaat gedien het.

'n Verdere reëling tussen die twee Inrigtings, waarmee die De Wet-saak diep in verwikkeld geraak het, is dat teologiese professore deur die Raad van die P.U.K. as spesiale lektore benoem is, wat dan by die P.U.K. klasse aangebied het. Hierdie lektore kry sitting in die Senaat van die P.U.K. en word as volle stemgeregtigde lede gereken. Tegelyk het die reëling tussen die twee Inrigtings gegeld dat die Kuratorium ook professore van die P.U.K. kon nader om as spesiale lektore by die Teologiese Skool diens te doen. In die opsig het prof. Postma dikwels klasse by die Teologiese Skool aangebied in die hoedanigheid dat hy deur die Kuratorium daartoe versoek en aangestel is.

F Postma het uit sy hoedanigheid as Rektor van die P.U.K. en as spesiale lektor by die Teol. Skool en as lid van die Teologiese Senaat by die Teologiese Skool 'n groot rol by die Teologiese Skool vervul en het in die De Wet–saak besliste belang by die saak gehad, omdat De Wet weer

op sy beurt wel “spesiale lektor” by die P.U.K was; ’n funksie wat De Wet in Nov. 1944 op redelik ontaktvolle wyse eensydig beëindig het met ’n kennisgewing dat hy nog net tot Junie 1945 bereid sou wees om by die P.U.K. betrokke te wees.

Die optrede was vir Postma ’n groot skok en die verhoudinge tussen hom en De Wet het nie goed afgeloop nie. Postma het in sy eie woorde die P.U.K. en sy eie posisie teenoor De Wet in die Kuratorium-vergadering van 8 Mei 1945 soos volg uitgedruk. (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945):

> “Ek wil nie veel praat nie. Meer i.v.m. die P.U.K. Ons was in baie groot moeilikheid. Die geloofsleer sou prof. De Wet neem. Dit was sy beurt. Toe hy gevra word sê hy net, hy is nie verplig. Dis ’n vrywillige saak. Toe lewer hy sy rede oor die Skrifkerk. Dadelik het ek besluit dat al wil hy nou ook weer klas gee ek dit nie sal toelaat nie. Daar is studente van al die kerke en ek wil nie moeilikheid met al die kerke hê nie. Ek het egter die saak bietjie laat rus. Toe skryf hy dat hy nie kan nie. Ek het dit dadelik aangeneem. Toe kom die volgende moeilikheid. Onmiddellik na die Sinode ontvang ons sy bedanking. Ook dit is aangeneem want ek wou die moeilikhede wat hier is daar uithou, daarom niks daaroor gerapporteer nie. Die raad betaal hom nog ten volle tot 30 Junie 1945. Ek het geluister na die toespraak van die oudste professor.[73] Ek wil liewer nie nou praat oor die Teol. Skool nie. Wat die P.U.K. betref sal ek beslis weier dat die een prof. die ander moet bestry, want waar is jou studente dan? Ek sou hom liewer vra om nie op te tree nie. As dit die geval is by die P.U.K., wat is dan die toestand hier? U gaan ’n verwarring kry. Die geestelike vernietiging en kerk is onberekenbaar. Ek beskou dat die hele saak deeglik ondersoek word. Daarom is nodig dat u ’n behoorlike studie-kommissie benoem. So kan u nie aangaan nie. Daar moet helderheid kom”.

Dit is duidelik dat die twee Inrigtings tot en met 1945, toe daar ’n baie vaster kontraktuele ooreenkoms tot stand gekom het, wel so selfstandig en in die mate onafhanklik van mekaar kon funksioneer, dat in De Wet se geval sy beëindiging van sy dienste by die P.U.K. nie enige direkte effek met sy aanstelling as teologiese professor by die Teol. Skool kon uitoefen nie. Ná 1945 het die ooreenkoms hier rondom verander. De Wet sou na 1945 nie die Inrigtings so onafhanklik van mekaar kon beskou en benader nie. Die nuwe kontraktuele ooreenkoms waarteen De Wet en PJS de Klerk sterk gekant was, waaraan alreeds vanaf 1936 besondere aandag bestee was het ’n baie groter “aanhanklikheid” tot mekaar beteken, sonder noodwendige opgee van elk se selfstandigheid. De Wet het wel anders daaroor gevoel.

[73] Hierdie is sekerlik ’n verwysing na JD du Toit (Totius).

Al het die Senaat redelike belang by die De Wet-saak kon aandui, het die Senaat geen magte en bevoegdhede gehad om die saak met De Wet selfstandig te hanteer nie. Daarom kan in die studie kennis geneem word dat die plek en funksie wat die Senaat in die De Wet–saak kon inneem alleenlik deur die Kuratorium geskied het. Hulle het geen direkte bevoegdheid hierin gehad nie. Postma het van sy kant dit duidelik gemaak dat hy en sy Raad en die Senaat van die P.U.K. hulle ten volle by hierdie reëling neergelê het. Geen optrede van die kant van die P.U.K. dui op pogings of onordelikhede om die saak, los van die Kuratorium, aan te spreek nie. Postma veral, wat later sterk teen De Wet gekant was, het in die volle verloop van die saak hom slegs tot die Kuratorium gewend.

7.3.2 DIE KURATORIUM EN "NADERE VERKLARING"

Hierdie hoofstuk het reeds die deurslaggewende betekenis van die ondertekeningsformulier in die saak aangetoon. Van die belangrikste bevoegdhede wat vanuit hierdie formulier na vore kom is die verkryging van 'n "nadere verklaring". Die nadere verklaring soos in die ondertekeningsformulier afgespreek kan enige tyd gevra word. Waar dit handel oor "gewigtige sake" by professore het die Kuratorium die mandaat as gevolmagtigdes om 'n nadere verklaring ter eniger tyd van 'n professor te mag vra. Hierin word veral beklemtoon dat dit oor enige punt van die Gereformeerde belydenis mag handel en die "gevoele" daaroor bekend gemaak moet word.

Die Kuratorium het in Nov. 1944 ooreenkomstig die bepalinge in die ondertekeningsformulier 'n nadere verklaring van De Wet gevra. Daar was van verskeie kante verskillende vrae skriftelik voorberei. Die Kuratorium en die twee Du Toit-professore het in die werk gestel om 'n "nadere verklaring" te vra, soos deur die ondertekeningsformulier vereis (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, Bylaag 11/44, 2.1.3.6.Nov. 1944).

Benewens skriftelike vrae, wat lyk toepaslike vrae te wees, was daar al op die Nov.1944 Kuratorium-vergadering hard probeer om die nadere verklaring op mondeling wyse te bekom (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, Bylaag 30/44, 2.1.3.6.Nov. 1944). Van die kuratore soos ASE Yssel het gestel dat daar nou baie verwarring heers en dat De Wet gevra moes word om antwoorde op al die besware te gee. Daarna stel HJR du Plessis dat die dinge daar buite "wyd bekend" was. Mense vra baie vrae. Hy aanvaar dat De Wet goed instudeer is met die meditasies en ook sy sluitingsrede. Dan maak Du Plessis die volgende voorstel:

> "...Dat ons as kuratore van prof. De Wet 'n verklaring vra, op of vóór die Sinode. Bevredig die verklaring ons dan kan ons sê: Alles is reg - indien nie, dan kan die Sinode oordeel. Die kuratore moet dan 'n week voor die Sinode sit."

Dit was op hierdie stadium dat ID Krüger as voorsitter van die Kuratorium die verkryging van 'n volle nadere verklaring in werking gestel het deur 'n voorstel in te dien dat hulle as Kuratorium "'n kommissie sal benoem om vrae te formuleer om voor die Kuratorium te lê (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, Bylaag 30/44, 2.1.3.6.Nov. 1944). Dit het geskied met inagneming van die reeds ingehandigde vrae wat proff. J Chr Coetzee en JD du Toit, met die inhandiging van sy "Persoonlike verklaring", reeds opgestel het. Prof. S du Toit het ook vrae opgestel gehad. Dit sou vir finale goedkeuring aan De Wet voorgelê word. Daarna het die kommissie die opstel van vrae nog verder gevoer en twee ekstra stelle vrae onder die letters C en D bygevoeg, wat nog 'n ekstra 16 vrae teweeggebring het. Uiteindelik is daar 31 vrae opgestel om aan die "Nadere ondervraging" reg te laat geskied. Nog 'n latere skrywe bevestig hierdie gebeure deur in 'n brief aan De Wet te bevestig: "...noudat die vraagpunte skriftelik aan u voorgelê is, of u meen dat 'n antwoord daarop veel vroeër as 12 Jan 1945 ingehandig sal word" (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, 2.1.3.6, Bylaag 27a/44, Nov. 1944).

Op hierdie stadium het De Wet nog nie die indruk gewek dat hy nie met die besluite in die Kuratorium se verkryging tot 'n "nadere verklaring" ernstige verskille gehad het nie. Hy het nog op 18 Nov. 1944 aan Krüger as voorsitter van die Kuratorium geskrywe dat hy sou poog om voor 12 Jan 1945 sy antwoorde op die gestelde vrae gereed te hê. Die groot verskille het so bietjie meer as twee weke later duidelik geword toe De Wet verskeie menings huldig oor sy beantwoording van die vrae (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, 2.1.3.7, Bylaag 14/44, Des 1944). Hy het o.a. soos volg geskrywe:

> "...Eerwaarde here, die jongste kuratore-vergadering het die saak (waaroor die "Vraestelle" handel) my werklik opgeval: ek het nie behoorlike tyd vooraf kennis gekry dat daar besware teen my sou ingebring word nie, my gesondheidstoestand was sleg, ek kon die saak dus nie behoorlik oorweeg nie.
>
> Na ryper oorweging moet ek u meedeel:
>
> a) wat my sluitingsrede betref, vind ek dit onmoontlik om my te onderwerp aan skriftelike eksamenstelsel asof ek nog skooljonge is; ek voel dit aan as onverdiende belediging; sover ek weet het "broederlike onderhoud" tog altyd beteken "broederlike samespreking"; buitendien sal ek die geskrewene tog ook maar weer nader moet verklaar soos blyk uit die geval van geskrewe sluitingsrede. Wat die "sluitingsrede" betref: ek is gewillig om hieroor met u

broederlike samespreking te hê; as u nie bevredig word nie en meen dat u die saak voor die Sinode moet bring dan sal ek die sluitingsrede voor die Sinode verdedig.

b) Wat betref die "Vraestelle" oor sekere meditasies en oor my doseerwerk aan die Teologiese Skool: ek sien nie kans om op hierdie saak in te gaan nie, omdat in verband daarmee mees laakbare metodes teen my toegepas is: eers deur die Redaksie-kommissie van *Die Kerkblad* in verband mat sekere meditasies, en toe deur Ds. JV Coetzee in verband met my doseerwerk aan die Teol. Skool; en die Kuratore het hierdie laakbare metode goedgekeur; as ek op hierdie saak sou ingaan dan sou ek hierdie laakbare metodes goedkeur en daardeur sou ek my gewete verkrag, en hiervoor sien ek nie kans nie, as u die regte metodes toepas, dan is ek gewillig om met u broederlike samespreking te hê; as u in hierdie saak nie bevredig word nie en u meen dat u die saak voor die Sinode moet bring, dan sal ek my besware teen die gewraakte metodes voor die Sinode verdedig. Ek hoop egter dat vir hierdie moeilikhede 'n bevredigende oplossing gevind sal word, sodat dit nie na die Sinode hoef te gaan nie."

In die kerkregtelike vertolking van gebeure kom dit daarop neer dat De Wet besluit het om met dit wat regmatig van hom vereis kon word, nie saam te werk nie. Dit kan gestel word dat De Wet se aanvanklike gesindheid en optrede daartoe gelei dat daar nie behoorlik met die saak gevorder kon word nie en dat hy daarvoor die die skuld moes dra. Dit was 'n regverdige poging van die Kuratorium van 'n bevoegde vergadering om van hom 'n behoorlike nadere verklaring te vra.

Die Kuratorium het hulle verskeie kere oor hulle stryd rondom die verkryging van 'n nadere verklaring uitgespreek (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, 2.1.3.7. Des. 1944). TT Spoelstra het hierdie probleem waarskynlik die beste opgesom in Desember 1944:

"Die Kuratorium van die Teol. Skool het by geleentheid van sy sitting in Nov. j.l. beraadslaag in verband met moeilikhede aan die Teol. Skool en het van prof.de Wet nadere verklaring van sy gevoele gevra deur middel van bepaalde vrae aangaande sy sluitingsrede van 27 Okt.1944, sekere meditasies in *Die Kerkblad* en klasaantekeninge wat deur studente van sy lesinge gemaak is. Met sy hooggel. is 'n broederlike samespreking gereël op 19 Des. j.l. Op hierdie samespreking is alleen die sluitingsrede bespreek. Sy hooggel. het beslis geweier om enige vrae oor die meditasies en sy doseerwerk te beantwoord op grond van besware teen die wyse waarop die informasie verkry is ..."

ID Krüger het die Kuratorium se frustrasie tot die verkryging van 'n nadere verklaring in Feb. 1945 soos volg verwoord in sy verweer teen De Wet se beswaarskrif (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.1, Bylaag 1, Jan-Maart 1945):

> "Moet ons hier staan of weghol? - Nee ons moet God meer gehoorsaam wees. Ons het gehandel met heilige oortuiging. Ons het die professor twee geleenthede gegee en met alle liefde bejeën, maar wat sê hy? 'Ek is nie 'n skooljonge nie' Die prof. sê 'ek strem hom in die weg'. Nou vra hy die beskerming van die Sinode vir sy persoon en sy werk-nie vir God. Kerk en saak en skool. Nou word Kuratore bygesleep dat hulle nie gewaak het nie! Ons dank die broeders vir die werk gedoen. Ons is ver weg. Ons erken dit het lank aangehou, lank geduur. Ons het geen verdenking gehad en die prof. ten volle vertrou. Daar lê 'n stapel getuienis..."

7.3.2.1 DE WET SE LATERE VERKLARINGS

Tydens die 1945-Sinode, op die voorlaaste dag, 6 Februarie 1945, het De Wet wel vir die eerste keer beter gehoor begin gee aan die verkryging van 'n nadere verklaring. Die eerste meer positiewe teken was dit wat De Wet genoem het, 'n "Bevestiging". Dit is in Bylaag 8 in die Handelinge van 1945 se Sinode volledig vervat (Acta, 1945:217). Hierdie "Bevestiging" het die Kuratorium nie ten volle bevredig en gerusgestel nie, want al het De Wet dit toe dalk vir eerste keer as 'n "nadere verklaring" op al nege die aanklagte aangebied, is dit nie ten volle deur die Kuratorium as "nadere verklaring" aanvaar nie. Hulle bedenkinge is verder versterk deur regsadvies soos van adv. Rumpff verkry. Dit was ook die rede waarom hulle De Wet staande die Sinode van 1945 'n "toets van regsinnigheid" laat doen het, maar wat ook skipbreuk gely het, vanweë De Wet se weiering om op die voorsitter se vraag heel aan die einde, sy hartlike berou oor die gebeure te betuig (Acta, 1945:201).

In Mei 1945 het De Wet na die besluit van die Sinode van Jan-Feb. 1945 dat hy 'n "skriftelike verklaring" na sy bedenktyd moes indien, weer met iets van 'n "nadere verklaring" vorendag gekom (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, April - Mei 1945). Hy het hierdie verklaring op 1 Mei 1945 ingedien, wat eintlik neerkom op 'n herhaling van sy "Bevestiging" tydens die vorige Sinode. Hy wys weer op die nege aanklagte en verklaar sommige aspekte nog duideliker. Vergelykend kan die twee nadere verklarings van De Wet soos volg gesien word.

Bevestiging: 6 Februarie 1945	Skriftelike verklaring: 1 Mei 1945 –
1. *Filioque:* Ek het die pro-argumente eerste verduidelik en toe die kontra-argumente, Ek het gesê die laaste is taamlik sterk. maar ek verwerp dit en aanvaar die Filioque.	Punt I: dat die Filioque d.w.s. die leer dat die Heilige Gees uitgaan van die Vader en die Seun in ooreenstemming met ons konfessie is.

2. *Nature van Christus:* Ek het nooit geleer dat Christus 'twee persone en een wese' was nie. Ek het die leerstuk alsydig behandel en ek aanvaar die Konfessie heelhartig.	Punt II: dat ek onomwonde die leerstuk dat in die Middelaar die goddelike en die menslike natuur onafskeidelik verenig is, aanvaar in ooreenstemming met ons konfessie.
3. *Verkiesing en verwerping:* Ek het nooit geleer dat die Skrif nie direkte bewyse gee vir die verkiesing en verwerping nie: my reeks meditasies, oor verkiesing en verwerping weerspreek hierdie bewering. Ek het gesê dat die mens deur sy val in die paradys homself verwerplik gemaak het. Die uitverkorenes vorm die essensiële lede van die menslike geslag en sou daar wees ook as daar nie sonde was nie, soos hulle nou daar is al is daar sonde, want God se plan met die menslike geslag kan nie deur die sonde gewysig word nie. Die verworpenes is die formele lede van die menslike geslag. Die vraag of die verworpenes daar sou gewees het as daar nie sonde was nie het ek net in die midde gestel na aanleiding van Christus se uitspraak oor Judas, ens. Dis seker 'n saak wat nader ondersoek moet word.	Punt III: dat ek aanvaar dat vir die leer van die uitverkiesing en die verwerping daar in die Heilige Skrif direkte en duidelike uitsprake bestaan. En dat ek die leerstelling verwerp nl. dat die mens homself verwerp deur sy sonde in Adam.
5. *Belydenisskrifte:* Ek het nooit die gesag van die Belydenisskrifte ondermyn nie. Ek het geleer dat hulle nie oordryf maar ook nie onderskat moet word nie. Die Belydenisskrifte is die naaste en die Skrif die laaste norm vir ons leer en lewe. As daar beswaar teen 'n artikel van konfessie gemaak word, dan moet die konfessie getoets word aan die Skrif. Ek aanvaar die Belydenisskrifte heelhartig.	Punt V: dat ek heelhartig aanvaar die belydenisskrifte as synde volkome in ooreenstemming met die Heilige Skrif. En dat ek onderneem om my kolleges so in te rig dat nie twyfel nie, maar vertroue by die studente in ons belydenisskrifte gewek word.
6. *Meditasies:* Die meditasie oor Job (waarin ook oor Melgisédek geskryf is) beskou ek as vervalle,	Punt VI: dat ek die bewering dat Job eers op die ashoop wedergebore is onvoorwaardelik terug

en die woorde in die meditasie oor Jakob wat verskil veroorsaak het, is ek bereid om te skrap.	trek as synde in direkte stryd (teëspraak) met die Heilige Skrif (Job 1 vers 1 en 8).
7. ... die woorde in die meditasie oor Jakob wat verskil veroorsaak het, is ek bereid om te skrap.	Punt VII: dat ek toestem dat Jakob in Gen. 28:17 in die woorde: "waarlik, die Here is op hierdie plek en ek het dit nie geweet nie", nie wil uitspreek dat God 'n lokale God is nie, maar hier net wil uitspreek dat Jakob hier ondervind dat die Verbonds God Homself ook hier in Bet-El aan hom openbaar soos God Homself in die tent van Isak openbaar het.
8. *Meditasies:* Die meditasie oor Job (waarin ook oor Melgisédek geskryf is) beskou ek as vervalle, en die woorde in die meditasie oor Jakob wat verskil veroorsaak het, is ek bereid om te skrap.	Punt VIII: dat ek terug trek die moontlikheid wat ek in verband met Melgisedek gestel het, as synde in direkte stryd (teëspraak) met die heilige Skrif (Gen.14:I8 en Hebr.7:1,3. Ns. Die moontlikheid beteken die moontlikheid dat Melgisedek 'n heidense priester was.
9. *Sluitingsrede:* Ek het met hierdie rede bedoel om te waarsku teen wat ek as die grootste gevaar beskou, nl. die ongeloof wat openbaar word in kerkisme en fariseïsme. Verder het ek probeer om kerkeenheid te bevorder in die sin waarin ons Openlike Verklaring dit opvat, nl. dat alle ware gelowiges in een kerklike gemeenskap verenig mag word. Ek het glad nie bedoel om die Geref. Kerk te ondermyn nie.	Punt IX: dat ek afsien van die gedagte van die Skrifkerk, wat deur uittrede uit die drie Afrikaanse kerke gevorm moet word soos gestel in die Sluitingsrede as synde in stryd met die openlike verklaring van ons kerk.

Wanneer hierdie "Skriftelike verklaring" in samehang met De Wet se eerste "Bevestiging" en nog weer daarna, dit wat in die "toets van regsinnigheid" van hom vereis is, is die raamwerk waarin sake geplaas word, basies dieselfde. Hy gee wel in sekere opsig nog duideliker verklaring as hy oor die Filioque-leer handel deur nie weer te verwys na hoe dit wel ook anders geleer is nie. Hy bevestig die Filioque-leer as in ooreenstemming met "ons konfessie" maar bly in gebreke om

pertinent aan te dui dat hyself in sy hart dit soos die konfessie onderskryf. Dit kon wel veronderstel word, maar sou beter gewees het as hy dit duideliker kon bevestig.

Sy leer oor die Christologie stel hy nou wel duidelik en moes tot dankbaarheid stem. So ook oor die uitverkiesing en verwerping. Dit behoort ook verblydend te wees dat hy die leer oor die erfsonde nou net federalisties wou onderskryf en nie meer soveel ruimte aan die realistiese beskouing verleen het nie. Sy heelhartige aanvaarding van die Belydenisskrifte moes tot vreugde gelei het. Al die bedenklike uitsprake rondom sy Meditasies (Jakob, Job en Melgisedek) het hy nou meer uitgebreid herroep, wat daarop dui hy hiermee ook vrede kon maak. Hy erken selfs dat hy in sekere opsigte in teëspraak met die Skrif gespreek het. Dit is 'n harde erkenning wat hy oor homself uitspreek wat nie maklik moes wees nie.

Opmerklik dat waar hy in sy Bevestiging nog sy uitsprake rondom die Skrifkerk wou regverdig deur te beweer hy juis deur sy oproep tot die Skrifkerk die openlike verklaring aan gehoor wou gee, hy nou in die "Skriftelike verklaring" eintlik die teendeel erken het, nl. dat die Sluitingsrede "as synde in stryd met die openlike verklaring van ons kerk", staan.

7.3.2.2 TEKORTKOMINGE IN DIE "NADERE VERKLARINGS"

De Wet maak in sy "Skriftelike Verklaring" in Mei 1945, waar hy eintlik die beste geleentheid tot nadere verklaring gehad het, geen melding van die "Bedenktyd" en watter betekenis dit tot sodanige verklaring kon bydra nie. Dit wil voorkom dat hy met opset nie hierna verwys nie. Die vraag na hartlike berou het hy in hierdie verklaring geen woord oor gerep nie.

Dit kan aanvaar word dat dit die twee sake (bedenktyd en hartlike berou) sou wees waaruit die Kuratorium hulle voortgesette kerkregtelike raamwerk sou saamstel, as hulle weer die saak hervat. Duidelik het De Wet anders daaroor gedink. Met die Mei 1945 Kuratorium- vergadering was die meerderheid van die Kuratorium al meer oortuig dat daar geen vordering met die saak gemaak is nie. Die Skriftelike Verklaring het hulle nie bevredig nie. ASE Yssel het met die Kuratorium-vergadering in Mei 1945 in die onderlinge samespraak weggespring met sy "teleurstelling" in hierdie Skriftelike antwoord (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945). ID Krüger het dit direk aan De Wet gestel dat hy wat De Wet is nie daarin kon slaag om tot die wese van die saak deur te dring nie.

Een van die skerpste reaksies op hierdie verklaring het gekom van JD du Toit (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945). JD du Toit se skerp reaksies en kerkregtelike raamwerk in die saak word later breedvoerig hanteer. JH Kruger van Postmasburg het sy teleurstelling in Mei 1945 soos volg verwoord: " ... die professor staan nog net soos hy gestaan het. Die prof. moet self die saak regmaak". Rondom die saak was Kruger van mening dat hierin kon "nog die grootste kettery verkondig word. Die prof. moet verklaar dat hy sy sienswyse verander het. Op die verklaring voor ons kan ons nie besluit tot herstel nie. Ons stuur dit aan hom terug en sê ons is nie tevrede nie. Miskien kan hy of ons iets opstel..." (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945).

7.3.2.3 DIE KURATORIUM EN DE WET SE "LAASTE VERKLARING"

In Oktober 1945 is van die laaste verklarings van De Wet op Kuratorium-vergaderings hanteer. De Wet het hom nou weer bereid verklaar in wat hy'n "broederlike samespreking" genoem het (GKSAA, Art 4-6- Notule verg Kuratore, Okt. 1945- JV Coetzee versameling). De Wet het tydens die Kuratorium-vergadering sy versoek tot 'n broederlike samespreking bevestig en was bereid om oor al die punte te spreek. Hy het voorgestel dat as die Kuratorium bevind dat daar verskille op sekere punte bestaan, die Kuratorium dan die verskilpunte by die Sinode moes rapporteer. Die Sinode kon dan versoek word om 'n studiekommissie te benoem, sodat na die bestudering van die hele saak, uitspraak gegee kon word. De Wet het gestel dat hy hom by so 'n uitspraak sou neerlê. De Wet het wel 'n verdere voorwaarde in die samesprekings met die Kuratorium gehad, nl. dat van "die inhoud van die samespreking geen gebruik gemaak word vir 'n aanklag teen hom nie" (vgl. *Die Kerkblad*, 9 Nov. 1945:22).

Hierdie versoek van De Wet kom neer op wat in die latere ontwikkeling van die Kerkreg beskou kan word as die onderskeid tussen *judisiële en justisiële tug.* Sadler (1979:29) wys daarop dat hierdie begrippe in sy (Sadler) se tyd nog nuut was en die implikasies nog nie volledig uitgewerk was nie. Vir die tyd van De Wet word aanvaar dat dit heeltemal onbekende begrippe was. De Wet se voorstel lyk wel in die rigting van 'n judisiële benadering te beweeg.

Met die judisiële benadering word daar 'n beperking geplaas dat iemand net 'n beoordeling *(iuducium)* sal uitspreek as hy leerdwaling vermoed, maar nie sal verder gaan deur met tug oor die beweerde dwaling op te tree nie. In die justisiële benadering gaan dit nie net om 'n beoordeling van die leerdwaling nie, maar word dit gevolg met daadwerklike toepassing van die tug. In die justisiële benadering kan die dwaalleraar geskors en uit sy amp afgesit word. Visser (1982:141)

noem dat by die judisiële benadering daar net van vermaning en bestraffing sprake is, terwyl die justisiële benadering skorsing en afsetting insluit. Volgens Visser (1982:141) mag daar nie by vermaning vasgesteek word wanneer 'n ernstige dwaling of growwe sonde ter sprake kom nie. Daarom dat Visser (1982:148) hierdie twee terme verwerp, want volgens hom is dit vreemde begrippe wat uit die strafreg ontleen is. Spoelstra (1989:443) daarenteen is meer tegemoetkomend teenoor hierdie terme veral as daar twee aspekte van dieselfde tughandeling onderskei kan word en daar nie sommer al te gou en maklik van die judisiële na die justisiële oorgegaan word nie. Spoelstra beroep hom op Calvyn waar hy stel dat daar met tye met die judisiële volstaan kan word, want nie elke afwyking van die leer bring noodwendig die eenheid van die kerk in die gedrang nie.

By die De Wet-saak is die broederlike samespreking in beginsel toegestaan. Dit sou daardie Donderdag-middag plaasvind, wel onder bepaalde voorwaardes. Die Kuratorium het De Wet ontmoet met 19 voorbereide vrae en hulle voorwaardes tot hierdie gesprek uiteengesit (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.5, Bylaag VIII a en b, Sept. – Okt. 1945).

Die Kuratorium het op skrif inleidend gestel dat "hulle bly is ... dat hy uiteindelik ingewillig het om op die materie van die saak in te gaan en aangebied het om dit te doen in 'n onderhoud met die Kuratore". Hiermee saam het hulle die feit betreur dat dit wat hulle in Nov. 1944 en by elke volgende vergadering al wou gedoen het, nou eers gedoen kon word.

As voorwaardes vir die onderhoud het die Kuratorium gestel dat "die onderhoud nie bedoel is om te bemiddel tussen standpunt en standpunt nie. Dit is vanself uitgesluit waar ons met sulke ernstige dinge besig is". Hierin het die Kuratorium in beginsel net 'n judisiële benadering afgewys en het erken dat dit 'n justisiële benadering kon word. 'n Tweede voorwaarde het gehandel oor die studente-aantekeninge. De Wet moes besef dat hulle as Kuratorium voor 'n beslissende keuse staan. De Wet sou nou net met 'n "ja" of 'n "nee" moes bevestig dat die aantekeninge praat die waarheid praat en dat hy skuldig was aan afdwaling of "nee ek is nie skuldig nie". Die onderhoud sou dus moes dien om eventueel meer lig op hierdie antitese te werp".

Die derde voorwaarde wat De Wet gestel het, was dat as daar moontlik verskille was, dit eers aan die Sinode voorgelê moes word. Die Kuratorium het besluit hulle sou eenvoudig die verskille konstateer en aan die Sinode rapporteer soos die verskille in die onderhoud "openbaar mag word".

Nog ’n voorwaarde was dat die materie van die pre-advies, soos deur JD du Toit en JV Coetzee opgestel en deur die kuratore by Augustus-maand se vergadering reeds goedgekeur, punt vir punt bespreek sou word.

Aanvanklik is daar ooreengekom dat die skriba noukeurig sal aantekening sou hou van die onderhoud, maar dit is later op die oorspronklike argiefstuk doodgetrek.

Die 19 vrae wat voorberei is, het daarop ingegaan waarom hy nou bereid sou wees om die materie van die pre-advies te bespreek, terwyl hy voorheen dit geweier het. Die afwyking van Skrif en konfessie wys in sy klaswerk en hy sou moes verduidelik hoe dit rym dit met sy ontkenning van hierdie feit. Hy sou moes verklaar waar het die studente-aantekeninge ontstaan het as hy nie die dinge gesê het wat die studente geskryf het nie. Hy sou ook die eenstemmigheid tussen die aantekeninge moes verklaar.

Daarna is ’n aantal vrae rondom die Filioque-leer saamgestel; daar is ook ’n vraag voorberei rondom die Sinode van Chalcedon met die twee-nature leer. Hy sou gevra word hoe hy die ondertekening van die ondertekeningsformulier beskou. Hy sou sy voortdurende gebruik van die terme God-Christus en mens-Christus, wat Calvyn so duidelik afgewys het, moes nader verklaar. Sy verwysing dat “hy nie kan verstaan dat Christus ’n onpersoonlike mens was nie en dat daar nie soiets bestaan nie”, sou nader verklaar moes word. Dis ’n saak wat hy alreeds in *Die Wagtoring* na verwys het. Hy sou moes verklaar hoe hy dan die Konfessie verstaan.

Daarna is vrae voorberei wat wentel rondom vreemde uitdrukkinge wat hy rondom die Raadsplan van God gebruik het, bv. dat “die Raadsplan van God ’n plan is met twee moontlikhede en dat die werklikheid van die mens se kiesvryheid afhang” Ander vrae rondom die uitverkiesing en verwerping en die saak rondom “infralapsarisme” is ook voorberei. De Wet se siening oor die verbond en dat hy dit aan die hand van die translasieteorie hanteer, was ook ’n voorbereide vraag.

Verdere vrae het gehandel oor waarom hy van mening was dat die konfessie die geloof te veel wou reglementeer. Hoe kon hy dan ook nog sê dat die belydenis vir hom “dierbaar is”. Die Kuratorium wou hom ook ondervra na sy nouere bande met die CSV, waar die CSV sy Okt.1944 -sluitingsrede wyd gepubliseer het.

De Wet se verklaring van Gen. 1:1 waarin staan dat “hemel is gelyk aan ruimte (relasiebegrip) en aarde is gelyk aan oerstof” was ook onder die voorbereide vrae. Daar was ook ’n vraag na

hoekom hy die beeld van God gestel het as “die formele refleksie van die geskape heerlikheid van God”. Die vraag was hoekom hy nie bly by die gereformeerde teologie en die konfessie nie? Die voorlaaste vraag het gehandel oor waarom hy aan die studente gestel het dat ouderlinge geen leertug oor predikante kon uitoefen nie. Bly hy nog by hierdie siening? Die laaste vraag het weer teruggekom na die aspek van berou of spyt.

Hierdie voorwaardes en die diepliggende vrae was alles voorberei, maar De Wet wou nie daarby inval nie. Dit het later geblyk dat hy veral nie kon saamgaan met die voorwaarde dat die Kuratorium nie sy voorstel wou aanvaar dat “moontlike verskille” slegs gerapporteer sou word en dat ’n studie kommissie daarna moes handel nie. Die Kuratorium het gevoel daar sou aangekla moes kon word.

Dit staan genotuleer “dat hy nie kans sien om ’n samespreking volgens die reëling van die Kuratore te hou nie”. Hy het bevestig dat hy sou bly weier om op die vrae in te gaan en dat hy weier “om op voorwaardes soos deur die Kuratore gestel ’n samespreking te hou, omdat die Kuratore nie aan sy voorwaardes voldoen nie”. Hierna het De Wet bevestig dat hy kennis gee “dat hy hom op die Sinode gaan beroep” en dat hy “die Kuratore en die Senaat aankla weens magsmisbruik”. Toe het De Wet die vergadering verlaat (GKSAA, Art 21, Notule verg Kuratore, Okt. 1945, JV Coetzee versameling).

Dit kom al duideliker na vore dat De Wet by sy verhoor nie behoorlik geleentheid wou gee dat basiese regsbeginsels teen hom toegepas kon word nie. Hy het nie die beginsel erken dat iemand anders sy saak moes kon ondersoek en daaroor moes oordeel nie. Klaarblyklik het hy aanvaar dat dit nie van toepassing was nie, terwyl die beginsels te alle tye toegepas moes word. Hy as aangeklaagde het beslis die reg om sy saak behoorlik te stel maar hy mog nie regter in sy eie saak wees wat die ondersoek sodanig bemoeilik dat hy vooraf te kenne wou gee wat die uitspraak behoort te wees nie. Die ondertekeningsformulier waaraan hy onderworpe was, het die besliste bevoegdheid aan die Kuratorium en ook die Sinodes van daardie tyd gegee dat daar oor sy leer en sy optrede geoordeel mog word. Dit kom voor of hy hierdie basiese reg reeds met die aanvang van die saak teen hom nie wou begryp of erken nie.

Samevattend kan gestel word dat in al die pogings soos deur die Kuratorium aangewend om ’n nadere verklaring te verkry, waarop hulle in alle opsigte geregtig was, nie een van die verklarings ten volle bevredigend was nie. Twee kuratore, PJS de Klerk en DG Venter, het wel tot met die Mei 1945 vergadering in ’n groot mate hulle met De Wet se verklarings vereenselwig. Die twee

was oortuig dat hy nie langer onder verdenking op grond van sy nadere verklarings moes staan nie. Die ander kuratore was hoegenaamd nie tevrede nie en die verklarings het hulle nie oortuig nie. Dit kom voor of PJS de Klerk en DG Venter op 'n laat stadium in 1945, rondom Aug.-Okt. 1945, ook nie meer oortuig was dat De Wet in sy dienswerk sou kon voortgaan nie. Op die laaste vergaderings van die Kuratorium in Augustus 1945 en die vergadering in Oktober 1945 was nog De Klerk, nog Venter deur De Wet se voorstelle beïndruk.

7.3.3 KURATORIUM ONTVANG SINODALE MANDAAT AS "GEVOLMAGTIGDES"

Daar is reeds na verwys dat die Kuratorium in die saak met De Wet geen afhandelingsbevoegdheid gehad het nie en dat hulle as "gedeputeerdes ad-hoc" beskou is. Hulle het kragtens Art 49 KO as 'n "sinodale deputaatskap" gefunksioneer. Dit was die tyd waarin leersake en leergedinge alleen op Sinodes hanteer kon word en die beskouing was dat dit net 'n sinodale meerdere vergadering kon wees wat die tipe van sake mog afhandel. Daar was op daardie stadium, kragtens art 30 KO, die oortuiging, dat 'n leergeding met 'n professor by so 'n meerdere vergadering tuishoort en daar geen mindere vergadering kon wees wat so 'n saak kon afhandel nie.

Daarom is die besluit van die Sinode op 7 Feb. 1945, wat in daardie laatnag ure geneem is, merkwaardig dat die Kuratorium "volgens gegewe sinodale mandaat verder as gevolmagtigdes van die Generale Sinode sal optree." Steeds het die Sinode nie afhandelingsbevoegdheid aan die Kuratorium verleen nie, maar hierin is reeds in die rigting beweeg dat 'n Kuratorium as 'n "gevolmagtigde vergadering" beskou is, wat iets van die bevoegdheid van 'n *synodus contracta* aan die Kuratorium verleen het, wat in latere jare, lank na die De Wet- saak, heeltemal in dié rigting beweeg het. Dit kan aanvaar word dat die saak met De Wet al die weg daarvoor begin voorberei het. Spoelstra het in 'n skrywe op 16 Maart 1945 aan De Wet die besluit van die Sinode sodanig bevestig dat hy op 8 Mei 1945 voor die Kuratorium moes verskyn "waarna die Kuratorium volgens gegewe Sinodale mandaat verder as gevolmagtigdes van die Generale Sinode sal optree".

Dit was duidelik dat die kuratore nie heeltemal met mekaar saamgestem het wat hierdie mandaat alles sou insluit nie. ID Krüger, die voorsitter van die Kuratorium, het in sy woorde dit sodanig geïnterpreteer dat aan hulle, die "kuratore is die mag gegee om op te tree, afgesien van die gevolge". Hierin lê vir Krüger 'n kernsaak dat hulle sou moes bepaal of De Wet volhard "in sy bewering van onskuld. Watter houding gaan hy nou inneem? Sal hy weer optree soos laas dat

ek moes vra regeer die Kuratore of u professor?". 'n Belangrike aspek in die verstaan van "volmag" is dat Krüger gewerk het met die feit dat daar alreeds 'n skuldigbevinding plaasgevind het. Krüger vra of hulle "as gevolmagtigdes maar net magteloos daar sit en hulle sien die hele sirkelgang van die saak maar weer van vooraf?". Krüger sien die kerkregtelike verloop van die saak moontlik in drie rigtings ontwikkel as hy praat van: "skuldigbevinding, berou, bedanking ..." (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945).

Krüger noem ook later in die stenografies-genoteerde gesprek dat die Kuratorium as gevolmagtigdes die mag het om De Wet te skors. In hierdie dokument waarin ID Krüger dit as 'n "flater" bestempel dat die saak *in camera* hanteer was, sluit hy af met iets van hulle mandaat wat hulle verkeerd uitgevoer het. Hy sê in Mei 1945: "So kan ons nie verder aangaan nie. Moet ons op die vrees-element optree? Daardie soort heelmeesters wat stinkende wonde veroorsaak. Ons het gefouteer. Ons wou sag wees i.p.v. skors". Dit bring weereens 'n aspek van art 79 KO na vore waaroor daar nie heeltemal eensgesindheid onder die kuratore was nie.

PJS de Klerk het met sy voorsitter op dieselfde vergadering oor die implikasies van die Kuratorium as "gevolmagtigdes" skerp verskil. De Klerk het in die verband ook Art 79 KO betrek as hy sê: " ... as hier gespreek word van gevolmagtigdes - maar daar moet 'n definitiewe opdrag wees. Anders gaan ons die werk van die Sinode doen. Ons regsadvies kort voor die Sinode was om oor te gaan tot skorsing, nie afsetting nie".

JP Jooste het die saak rondom hulle as "gevolmagtigdes", en dat hulle nou die mandaat ontvang het om self met die saak verder te handel, soos volg in De Wet se teenwoordigheid verduidelik: die Kuratorium as mandaathouers moes die finale oordeel gee of dinge met De Wet weer reg was. Al het die Sinode 'n ernstige graad van afwyking raakgesien en is daar reeds 'n graad van skuldigbevinding aangedui wou die Sinode eintlik vir De Wet nog die voordeel van die twyfel gee omdat daar gedink is sy "Bevestiging" en sy "toets van regsinnigheid" het moontlik die saak in die regte rigting begin stuur. Die Sinode wou deur die Kuratorium bepaal of daar 'n moontlikheid tot herstel was en die professor toets of hy op die regte pad sou kon volhard (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945). Hy moes daaroor dink (bedenktyd) en dan daarna daaroor skryf (gee skriftelike verklaring).

Samevattend kan gestel word dat die Sinode van 1945 het aan die Kuratorium 'n nuwe bevoegdheid toegestaan het. Dit is duidelik dat die kuratore onderling nie heeltemal eenstemmig was wat hierdie "volmag" alles insluit nie. PJS de Klerk het hulle rol gewoon nog gesien as

sinodaal gedeputeerdes, kragtens Art 49 KO, wat ’n duidelike opdrag van die Sinode ontvang het om af te handel. Volgens De Klerk mog daardie opdrag nie verder strek as net om De Wet voorlopig te skors nie. ID Krüger het wel iets meer hierin gelees, nl. dat hulle nou mog optree “afgesien van die gevolge ...” Daarmee word bedoel dat, as die gevolg dan afsetting moes wees, dan moes hulle as Kuratorium in daardie rigting begin werk, maar daar moes daadwerklike optrede volg.

Dit bevestig Krüger se gevoele wat hy al voor die Sinode van 1945 op 19 Desember 1944 in ’n laatnag vergadering van die Kuratorium sterk uitgedruk het toe hy gestel het: “Ek meen ons moet ’n end maak aan die saak” (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, 2.1.3.7, Bylaag 18/44. Des 1944) . TT Spoelstra se vertolking van hulle as Kuratorium wat nou as gevolmagtigdes die saak moet hanteer gee moontlik skynbaar die beste samevatting van hoe hy hulle bevoegdheid verstaan het as hy in ’n brief aan ID Krüger op 3 Maart 1945 skrywe “..daar is baie op die spel en ek meen dat die kompromiegees nou maar oor boord moet gaan en spykers met koppe geslaan moet word” (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.1, Bylaag 3/45, Jan.-Maart 1945).

7.3.4 KURATORIUM EN BEDENKTYD

Die rapport van die Kuratorium wat in die laatnag-ure van 7 Februarie 1945 goedgekeur is, die heel laaste rapport op die Sinode, het die saak kerkregtelik verder gerig. Die besluit rakende De Wet se bedenktyd het ’n al hoe moeiliker saak op die tafel van die Kuratorium geword. Die aanbeveling wat as besluit van die Sinode in punt c goedgekeur is, lui soos volg:

> “ ... Waar prof. de Wet se afwykende leer en die daaropvolgende skuldigbevinding van só ingrypende aard is — waar hy so ’n vertrouensposisie asook van grote verantwoordelikheid aan die Skool van die Kerk beklee, maar dit so geweldig geskok het, soos hierbo vermeld-daar beveel die Kuratore by die eerwaarde Sinode aan om aan prof. de Wet bedenktyd van drie maande te gee om sy posisie aan die Teologiese Skool in oorweging te neem, na afloop waarvan die professor skriftelike verklaring sal doen voor die Kuratorium, waarna die Kuratorium volgens gegewe sinodale mandaat verder as gevolmagtigdes van die Generale Sinode sal optree.”

Die besluit vereis in meer as een opsig uitklaring. In watter opsig kan die “bedenktyd” nie as `n tydelike skorsing beskou word nie? De Wet is wel in sekere opsigte behandel as ’n tydelik geskorste. Dit wil voorkom of sommige lede van die Kuratorium die praktyk rondom Art 79 KO gedeeltelik probeer toepas het sonder om aan die werklike voorwaardes van Art 79 KO te voldoen. Verder is dit onduidelik wat presies daarmee bedoel word dat De Wet in die tyd moet

besin “om sy posisie aan die Teologiese Skool in oorweging te neem”. Is daar bedoel dat hy hom maar eerder op ’n vorm van vroeëre emeritaat moes begin voorberei? Op die stadium was dit onduidelik.

Dit kom later al duideliker na vore dat die meeste kuratore in hulle harte bedoel het, “bedenktyd” moet “bedanktyd” word. Alles moes daarop afgestem word om dit op die vinnigste, gemaklikste wyse te bereik, al het niemand dit hardop uitgespreek nie. Daar is gehoop dat De Wet self sou insien dat hy nie langer hier kon werk nie. Hy moes dit as geleentheid aangryp om uit te tree. Daar is geglo dat De Wet in die tyd sou besef hoe groot die skok in vertroue was en dat daar eintlik net één uitweg was nl. dat hy sy amp eiewillig neerlê. Die bedenktyd sou hom genoeg tyd en ruimte gee om dit vrywillig te doen.

Yssel het in die stenografie ’n redelike wye vertolking van bedenktyd gebied. Hy het drie sake hier aangemerk. Vir hom beteken bedenktyd dat die persoon moes oorweeg of hy bly by wat hy geleer het. Hy moes sy posisie aan die Skool oorweeg, nl. die vraag of hy aan die Skool verbonde kon bly. ’n Volgende saak in bedenktyd is “of die professor weer kan harmonieus saamwerk”. Die laaste wat Yssel hier bedink het, was: “Is dit tot opbou van die Skool” (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945).

Bedenktyd het buiten die bg. oogmerk tot vrywillige neerlegging van amp, volgens sommige kuratore ’n vorm van “sensuur” (artt. 71-76 KO) beteken. Daar is selfs na verwys as die *“abstentio simplex”* wat in die Kerkreg na vore kom. De Wet mog dan volgens hulle in die tyd nêrens gepreek het nie (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945).

Die feit dat daar heelwat getuies was, selfs van die kuratore, wat oor De Wet se prediking in die tyd bly getuig het, was deel van die struikelblokke in hierdie tyd. Twee van die kuratore, (PJS de Klerk, DG Venter) het van hierdie preke gehoor en dit as stigtelik aangeprys, terwyl andere (JV Coetzee) anders oortuig was. Coetzee was veral rondom gebeure in Ventersdorp, waar hy konsulent was, baie ontsteld. Hy het daarop gewys hoe omgekrap De Wet die gemeente gehad het toe hy in die tyd weer die “Skrifkerk-gedagte” gepropageer het (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945).

De Wet se eie weergawe van “bedenktyd” wys hoe ver die broeders uitmekaar gestaan het. Hy het dit reguit gesê: “Ek het niks te bedink gehad nie. Die bedenktyd is aan my opgedring. Ek bly in my werk. Die kerk het my hier gestel, die kerk het my nie verplaas en my nie skuldig bevind,

behalwe op ’n paar ondergeskikte punte. Die saamwerking hang van die Kuratore af” (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945).

Die saak het met hierdie bedenktyd in al hoe groter moeilikheid geraak waarvoor daar nie maklike oplossings gevind is nie.

Die Sinodebesluit by monde van die Kuratorium het “bedenktyd” genoem maar geen spesifieke datums, geen duidelike voorwaardes daaraan verbind nie. (Al voorwaardes wat lyk voorwaardes in die Sinodebesluit te kon wees, bevat net twee punte: hy moes sy posisie by die Teol. Skool in oorweging neem en hy moes na dié tyd ’n “skriftelike verklaring” voorsien).

Die vrae was baie meer as die antwoorde wat in die tyd gebied kon word. In watter mate mog De Wet nog weer by die Universiteit en Teol. Skool met van sy ander werk en ander klasse voortgaan? In watter mate mog hy wel met die studente kontak behou? Is daar sekere belemmeringe op sy ampswerk geplaas dat hy mog preek of nie mog preek nie? Het hy onder sensuur gestaan? Is art 71-76 KO enigsins ter sprake, want leer en lewe kan tog ook nie so waterdig vanmekaar geskei wees nie? As dit kerkregtelik bedink word soos ID Krüger in sy rapport se eerste bepaling gestel het dat “sy skuldigbevinding rondom sy afwykende leer is ernstig, is ingrypend en het die vertrouensverhouding diep geskok”, dan kon daar nie berus word dat Art 71-76 KO nie ook ordelik toegepas sou moes word nie.

Die verloop van gebeure tydens die bedenktyd het na verskeie kante onsekerheid veroorsaak. In die historiese verloop van sake is daar aangedui dat daar geen sekerheid was wanneer De Wet se bedenktyd moes verstryk nie. Tog gee Spoelstra ongevraagd sy regsadvies aan Krüger nl. dat hy van mening was dat De Wet nie toegelaat mog word om enige klasse te gee tot daar eers weer ’n Kuratorium-sitting plaasgevind het nie.

Krüger se antwoord aan Spoelstra rakende die bedenktyd illustreer die swak kommunikasie net nog verder (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.1, Bylaag 4/45, Jan-Maart 1945). Krüger skryf aan Spoelstra “Ek neem aan dat prof. De Wet skriftelike kennisgewing ontvang het waaruit die aanvang van sy bedenktyd vir hom duidelik was. Ek meen dat hy nou of bietjie later offisiële kennis moet kry van die plek, dag en datum van die spesiale kuratore-sitting, ook wanneer hy persoonlik daar verwag word”. Daar was nog geen besluit geneem nie, maar Krüger maak wel sekere aannames waaruit blyk dat die saak nie ordelik hanteer was nie.

Die kommunikasie tussen Spoelstra en De Wet bewys die onsekerheid oor die bedenktyd net nog meer. Dit het nou 'n vermenging tussen verlof en "bedenktyd" geword. De Wet gee rondom die bedenktyd aan Spoelstra antwoord, nl. dat daar in die Sinodebesluit niks gestaan het van verlof nie. (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.1, Bylaag 7/45, Jan-Maart 1945). Dan voeg hy egter by:

> " ... Maar ook al sou die Sinode aan my so 'n verlof gegee het, dan sal dit ongelukkig vir my onmoontlik wees om dit ten volle te gebruik omdat my werk dit nie toelaat nie. My werk hoop op en as ek eers 8 Mei met my klaswerk moet begin, dan sal ek glad nie deurkom met die jaar se werk nie. Volgens toerbeurt het ek langverlof vanjaar tot 16 Apr 1945; ek sal dan weer moet begin met my klaswerk om deur te kom".

In die historiese verloop van die saak is die onsekerheid wat De Wet gehad het rondom die "Skriftelike verklaring" wat hy in die bedenktyd moes voorberei, reeds aangedui. Daarin is gewys hoe ID Krüger eers van mening was dat hulle as Kuratorium 'n skrywe sou voorberei wat deur De Wet onderskryf en onderteken moes word. Kort daarna dan word dit 'n geval van dat De Wet alleen 'n skrywe moet opstel en dit as sy "Skriftelike verklaring" moes aanbied. Dit dui op 'n gebrek aan konsekwentheid.

Tot en met die vergadering in Mei 1945 is daar geen behoorlike advies aan De Wet gebied wat met die "Skriftelike verklaring" bedoel is nie, maar toe hy dit wel in Mei 1945 aanbied, het die meeste van die kuratore hulle ontevredenheid oor en teleurstelling in sy gepoogde verklaring uitgespreek.
Aan die einde van die bedenktyd op 8 Mei 1945 was dit baie duidelik dat hierdie drie maande by De Wet alles behalwe die uitwerking gehad het wat daarmee beoog was. Veral gegewe die briefie wat De Wet aan die Kuratorium die vorige week al voorberei het waarin staan: "Die jongste Sinode van die Geref. Kerk het my behalwe op 'n paar ondergeskikte punte op al die hoofsake waaroor ek aangekla was onskuldig bevind."

Samevattend kan dit gestel word dat die "bedenktyd" geen positiewe uitwerking in die saak gehad het nie. Dit het kerkregtelik sake net meer verwar en pastoraal gesien het daar geen verandering in De Wet se gesindheid of enige verhoudinge gekom nie.

7.3.5 DIE KURATORIUM EN DIE DU TOIT TEOLOGIESE PROFESSORE

7.3.5.1 JD DU TOIT SE KERKREGTELIKE ROL IN DIE SAAK

Die persoon wat in die vergaderings van die Kuratorium die grootste kerkregtelike bydraes gelewer het, was JD du Toit. Hoe verder die saak gevorder het, hoe meer het Du Toit sy ontevredenheid oor die rigting van die saak uitgespreek In Mei 1945 bevestig hy aan die Kuratorium dat "in my persoonlike verklaring het ek gesê: as ek geen tevredenheid kry nie sal ek my mandaat in die hande van die kuratore lê. Na die Sinode het ek egter besluit om nie van die skool weg te gaan nie vóór die saak nie in orde is nie". Die Kuratorium was beïndruk met Du Toit se bydraes in die saak. In die stenografie van Mei 1945 se vergadering is geskryf: "Die voorsitter bedank dr. Du Toit vir die duidelike uiteensetting" (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945).

Du Toit het van die begin af na homself as 'n "beswaarde" in die saak verwys. Hy het sy "persoonlike verklaring" as beswaar ingedien met die hoop dat "in die kuratore vergadering 'n oplossing gevind sal word. Indien nie, dan sal ek my op die Sinode moet beroep. As ook daar geen genoegdoening kom, sal ek my mandaat as professor aan die Teol. Skool in die hande van die kuratore lê".

Du Toit se betrokkenheid het vroeg in Januarie 1945 by DG Venter, as skriba van 'n sub-kommissie van die Kuratorium, ongelukkigheid veroorsaak. Dit handel o.a. oor wysigings wat in 'n rapport aangebring is op aanbeveling van Du Toit, waaroor Venter gevoel het dat hy in die saak verbygegaan was. Venter skryf aan die skriba: "Ek voel my as lid van die subkommissie en van die kuratorium baie veronreg en beswaard..." Dan gaan 'n groot deel van Venter se beswaar oor wysigings wat in Potchefstroom gemaak is, waarby JD du Toit direk betrokke was en waaroor Venter van mening was dat hulle die saak in Potchefstroom dryf soos dit hulle pas.

Die skriba se antwoorde het Venter nie bevredig nie as Venter in 'n brief vra:

- Wie is die "ons" wat op Potchefstroom "drie dae" gesit het "op die saak"?
- Watter magtiging van die kuratore hierdie "ons" van Potchefstroom het?
- Watter reg het die "ons" van Potchefstroom om ''n stuk wat deur 'n gemagtigde subkommissie opgestel is in so 'n uiters gewigtige saak eiemagtig, sonder die wete en oordeel van die subkommissie, as 'n offisiële stuk van die Kuratorium aan die Algemene Sinode uit te stuur en openbaar te maak?

- Is dit nie ’n mosie van wantroue in die subkommissie en in die kuratore nie? Of is hulle alleen die hen wat die eiers moet uitbroei?

TT Spoelstra het daarna aan Venter verduidelik dat hy vir Du Toit as professor in Kerkreg oor sake geraadpleeg het en vandaar spruit die veranderinge. Volgens Spoelstra het hy net die kerkregtelike korrektheid getoets van twee konsepte wat op daardie stadium ter oorweging was om aan die Sinode voor te lê. Dit gee weereens ’n bewys dat die insette en invloed van JD du Toit in die saak hooggeskat was.

In die historiese verloop van die saak is verwys na die omvattende bydrae wat Du Toit as verweerder teen De Wet se beswaarskrif gestel het. Hy het die feit dat De Wet sy kerkregtelike verweer hoofsaaklik rondom prosedurele onreg gebaseer het en nie werklik die inhoudelike van die saak wou aanspreek nie, sterk teëgegaan. Daarmee saam het Du Toit se besorgdheid oor die studente duidelik gespreek. Soos hy tydens die Sinode dit gestel het:

> “Ek hoor so veel spreek van metode en prosedure. Ek wil sê: Die klasse van die Teol. Skool moet haas begin en ek moet weet wat is gaande met die Teol. Skool. U kan my nie met metodes na die Skool stuur nie. Dit help my en die kerk niks. As ouers se kind in gevaar is dan red hulle hom en staan nie en praat oor metodes nie. Ek is nou 41 jaar aan die Skool verbonde. Amper ’n halwe eeu. Ek het in al die tyd nie die Skool in so ’n krisis gesien as waarin dit nou verkeer nie.”

Toe daar aan die einde van 1945 se Sinode besluit is dat die gemeentes op hoogte gebring moes word oor hoe die saak in die Sinode verloop het, is hierdie opdrag aan Du Toit gegee. Daar is deurentyd baie vertroue in Du Toit se bydraes en skrywes rondom die saak bewys. Die Sinode was oortuig dat Du Toit in staat was om op ’n kerkregtelik verantwoordbare wyse die saak in sy volle omvang op te stel.

Tegelyk is aangetoon dat die dringendheid rondom ’n buitengewone Sinode by Du Toit ontstaan het. Hy het die saak kerkregtelik gemotiveer. Die noodsaaklikheid (*necessitas*) was volgens hom maklik om aan te toon as hy daarop wys wat van so ’n Sinode verwag kan word. “Die Sinode moet self al die punte en meer gehad het en nie gevra het bely jy dit en dat nie, maar verwerp jy dit en dat.” Du Toit het in Mei 1945 aan die Kuratorium gestel: “Laat ons liewer die dinge in sy grond aanpak. Laat ons ’n Sinode kry. Stel ’n studie-komm. aan. Dit lyk of die broeders self skrikkerig is. Laat prof. De Wet sy volle reg kry, maar ook die Teol. Skool”.

In dieselfde vergadering in Mei 1945 het du Toit dikwels die woord gevoer. Hy het sy bedenkinge uitgespreek oor wat sy eie posisie sou wees as hy met De Wet as kollega moes voortgaan en daar in wese niks verander het nie. Volgens Du Toit was daar by De Wet werklik geen behoorlike teken van verandering nie, terwyl die bedenktyd volgens Du Toit in wese moes beteken dat daar verandering sou wees. Hy vra of daar weer 'n basis kon wees "van harmonieus saamwerk". Dit het vir hom gevoel dat as daar maar net 'n bars toegepleister word, dit maar net weer sou oopgaan.

Dit val op hoe Du Toit sy persoon al meer in die saak na vore bring. Hy het dit so verwoord:

> "Ek het vir die Teol. Skool al deur baie gegaan. Eer en oneer. Goeie en slegte gerugte. Ek sal dit weer doen. Ek sal by die skool val. Ek het niks persoonlik teen prof. De Wet nie. Ek het hom altyd beskerm. Dis my selfs verwyt. As hierdie soort dinge nie verander nie kan dit nie langer nie. Sy dwalinge staan ten ewige daar in die diktate opgeteken. As daar nie verandering kom nie, sal ek sy dwaalleer bestry so vêr ek kan op al my kolleges..."

Daarom het Du Toit dit sterk gestel dat daar "moet radikaal opgetree word". Hy verklaar hoe hy vanaf die Sinode se einde nie 'n dag of nag behoorlik geslaap het nie. In die latere verloop dan sien Du Toit homself weereens in sy volle wese by die saak betrokke. Sy digtersiel het self meegespreek as hy stel:

> "Wat staan ons hier voor? Ek wil nou reguit praat. As ek die sondebok moet word, kan dit maar - ek was dit altyd. Ek het vir baie jare stilgebly ek verwyt my dit. Ek het bedek en probeer keer. Nou kan dit nie langer nie ... Dit is vir my 'n hartseer – dit gaan in teen al die drade van my siel. Ek wil nie twis nie, maar ek moet opreg wees teenoor die Kuratore, die kerk, myself en God..."

Uit die kerkregtelike verantwoording van die kant van JD du Toit kan afgelei word dat hy deurlopend, eerlik en openhartig sy diepste kommer en besorgdheid oor die saak met die Kuratorium hanteer het. Van die kant van die Kuratorium was dit duidelik dat hulle baie waarde aan Du Toit se betrokkenheid by die saak geheg het.

Die feit is dat Du Toit oortuig was dat die saak weer in sy grond aangepak moes word en dat daar 'n Sinode moes kom waarvoor, volgens Du Toit 'n studie-kommissie nodig was wat op die hele saak sou moes werk. Hy het sekerlik nie bedoel dat hy die man op die kommissie moes wees nie, maar die Kuratorium het wel so gedink.

Hulle het vir hom en JV Coetzee in Mei 1945 so ’n opdrag gegee om dan weliswaar die saak in sy grond aan te pak. Dit was die aanleiding dat daar in drie maande ’n baie stewige studie rapport saamgestel is, wat die saak in verskeie opsigte aangespreek het. Baie addisionele studente en oud-studente se aantekeninge is aangevra en verwerk. Daar was gepoog om die saak van alle kante te ondersoek en die resultate te verwerk. In die tyd is daar op gereelde basis met regsgeleerdes gekonsulteer, met name LJ du Plessis en adv. Rumpff. Du Plessis is deur Du Toit genader veral rakende die opdrag oor die publisering van die saak in *Die Kerkblad.* Daarin het Du Plessis vir Du Toit bedien met ’n twee-bladsye brief, waarin verskeie regskwessies uiteengesit is, net oor hierdie een aangeleentheid. Du Toit het hom stiptelik by Du Plessis se advies gehou toe die publisering van die saak kon plaasvind.

In die studie kom dit na vore dat die Kuratorium en die professore dikwels advies by wat hulle beskou het as betroubare regsgeleerdes gesoek het. Die advies was ook maklik bekombaar. Adv. F. Rumpff was die skoonseun van die voorsitter van die Kuratorium, ID Krüger, wat hierdie kontak na ’n hooggeleerde in regsake, wat later ’n hoofregter in die Suid-Afrikaanse reg geword het, baie maklik gemaak het. Prof. LJ du Plessis was gerekend en bekend vir sy regsgeleerdheid in die Potchefstroomse kringe tot wie hulle ook gemaklik kon nader.

’n Voor die hand liggende rede vir die optrede is dat hulle besef het dat alhoewel daar met ’n kerkregtelike saak gewerk is daar in die tyd ’n onsekerheid was hoe ’n burgerlike hof oor die saak sou oordeel wat nou wel kerkregtelik hanteer moes word. Die vrees wat JD du Toit self kon ervaar, hoe hy oortuig was met sy betrokkenheid by die Du Plessis-saak in Stellenbosch dat Du Plessis wel aan dwaalleer skuldig bevind moes word, maar tog is Du Plessis agterna deur ’n burgerlike hof in sy reg gelykgestel en is die kerklike vergadering tot orde gedaag.

Die voortdurende navraag by gewoon regsgeleerdes onderstreep drie sake:

1. Hulle erken die gemeenskaplikhede tussen die gewone reg en die Kerkreg, wat in alle opsigte erken moes word. Dit kom voor of hulle nie altyd genoegsaam met die verskille tussen hierdie twee tipes reg gehandel het nie.
2. Hulle was uiters versigtig dat as hierdie saak in ’n burgerlike hof behandel sou word dit nie dieselfde verloop moes hê as wat met die Du Plessis-saak die geval was nie.
3. Daar was by die twee Du Toit-professore en die Kuratorium ’n groot onsekerheid in hierdie tydvak wat hulle magte en bevoegdhede werklik was. Dit was ’n tyd in die kerke se geskiedenis waar daar ’n al groter neiging ontstaan het om op ’n kollegialistiese wyse met

> die Kerkreg om te gaan, nl. dat sogenaamde “hoër strukture” die uitkoms en uitslag moes bied. Die blote feit dat die De Wet-saak op die oordeel van Sinodes moes wag, gee reeds ’n aanduiding dat alhoewel daar op talle gebiede sterk afwykende standpunte teenoor Kollegialisme geopper was, die Kuratorium en die professore hulle eerder op regsgeleerdes en gevestigde strukture wou beroep. Dit het klaarblyklik aan hulle net meer sekerheid vir hulle saak verleen, wat hulle andersins nie sou gehad het nie.

In Augustus 1945 het hierdie kommissie van pre-advies, Du Toit en JV Coetzee, ’n 51 bladsye getikte rapport vir die Kuratorium gereed gehad. In die geskiedenis van die GKSA is selde, indien ooit, ’n rapport met so ’n wye verskeidenheid dogmatiese, eksegetiese en kerkregtelike kwessies voorberei en hanteer. Du Toit het vir die uitdaging, wat sterk dogmatiese en kerkregtelike aandag vereis het, nie teruggedeins nie. Eksegese was in alle geval Du Toit se spesialisveld.

Die eerste buitengewone Sinode wat daar in die GKSA plaasgevind het, kom ook in sy grond van Du Toit af. Hy het die leergeding so ernstig gesien dat hy geen ander oplossing kon sien as dat ’n hele Sinode weer oor hierdie saak sou moes saamkom nie. So ’n Sinode sou ’n groot kerkregtelike impak op die hele kerkverband hê. Du Toit het hierdie dringendheid nie net aangevoel nie, maar het dit herhaaldelik bewoord en homself oor die dringendheid en die noodsaak vir so ’n Sinode verantwoord.

Hierdie noodsaak wat JD du Toit telkens verwoord, toon deurlopend wel ’n groot gebrek, nl. dat JD du Toit self nie ’n klag onder art 79/80 KO kon of wou lê nie. Hy het verwag ’n Sinode moes die saak ondersoek en regstel. ’n Duidelik geformuleerde klag van sy kant sou die saak in sy behandeling baie kon vergemaklik, maar dit het nooit van Du Toit se kant na vore gekom nie. Dit onderstreep weereens die kwessie dat alhoewel JD du Toit as professor in Kerkreg op die stadium gedien het, dit nie sy spesialisveld was nie en hy daarbinne moeite ervaar het om prosesse wat kerkregtelik gevolg moes word, duidelik weer te gee. Die feit dat daar in die tyd ’n groter neiging was tot die verenigingsreg wat die basis tot ’n kollegialistiese benadering bied, het JD du Toit nie ontkom nie. Dit het in die De Wet-saak baie skade veroorsaak om die saak na behore te kon behandel en te kon afhandel.

7.3.5.2 S DU TOIT SE KERKREGTELIKE ROL IN DIE SAAK

Prof. S du Toit was deel van die redaksiekommissie van *Die Kerkblad.* Alhoewel hy nie deel van die eerste besoek aan De Wet was toe daar oor probleme met die meditasies gepraat was nie,

het hy baie gou by die saak betrokke geraak. S du Toit was saam met sy pa JD du Toit ten nouste by die opstel van die vrae betrokke toe daar in die begin van die saak gepoog is om van De Wet 'n nadere verklaring te verkry. Dit was ook hy wat onmiddellik na die "opskorting" van De Wet se werk by die Teologiese Skool in die plek van De Wet waarnemende rektor geword het. Dit het hom in verskeie opsigte nader aan die saak gebring, ook in die kerkregtelike hantering daarvan. S du Toit het as teoloog en akademikus van die grootste bydraes en kritiek oor De Wet se volgehoue betrokkenheid by die P.U.K vir C.H.O na vore gebring. Oor die toelating van De Wet as "buitengewone dosent" by die P.U.K. vir C.H.O. het S du Toit heelwat bedenkinge uitgespreek. Hy het op grond van die nuwe kontraktuele ooreenkoms wat tussen die twee Inrigtings vanaf 1945 tot stand gekom het, geglo dat daar kerkregtelike gronde was om De Wet nie langer toe te laat nie. S du Toit het dit reguit gestel dat "al sal die prof. weer vra om terug te kom, dat ek dit sal bestry" (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945).

S du Toit het in sy worsteling met die saak 'n keer 'n duidelike verband tussen die dogmatiese en kerkregtelike konsekwensies van die saak gelê. Soos in die vorige hoofstuk hierna verwys, waar dit veral die dogmatiese aksente raak, het Du Toit dit gestel:

> "...ek het baie oor die saak gedink. Ek het so aangevoel. In die saak is daar sekere swakheid. Die hele saak is nie voorgelê nie. Die nege sake is net 'n bloemlesing. Hulle (die Sinode 1945) het met die vrae gemeen dat hulle die wind uit ons suile geneem het. Ons moes maar net een klag genoem het nl. Biblisisme, so het 'n broeder aan my gesê. Vir 10 jaar het ek stilgebly. In die toekoms sal die Kuratore meer kontrole hê. Eers het ek gemeen dat ons met Biblisisme te doen het. Nou is dit my egter duidelik, veral na 'n lesing van ds. Koornhof van die NG Kerk dat ons te doen het met die konsekwensies van die Metodisme en wat die Skrifkerk betref met sektarisme. Baie van ons jong predikante het nie 'n dogmatiese agtergrond nie" (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945).

Hierdie uitspraak van S du Toit beredeneer saam met die dogmatiese kwessies die eintlike kerkregtelike implikasies. Du Toit noem dat die saak kerkregtelik 'n sekere swakheid vertoon. Die swakheid het vir hom op meer terreine na vore gekom. Hy was van mening dat daar te veel teologiese kwessies aan die begin van die saak ingebring is. Kerkregtelik wou hy beweer dit sou beter gewees het as hulle net op een aspek van die saak gefokus het, nl. De Wet se afwyking wat hy tipeer as "Biblisisme". Volgens hom sou die meer gerigte benadering De Wet se afwykinge ook as "Metodisme" kon aandui. Verder sien hy dat die Skrif-kerk "dwaling" vir hom afstuur op "sektarisme". Dit blyk dat S du Toit in plaas van die negepunt-klag kerkregtelik eerder 'n driepunt-klag bedink het.

De Wet se werkywer was vir S du Toit 'n groot bron van kommer. Ook die feit dat De Wet, soos hy dit gestel het, " ... nie wil saamwerk nie. By alles wat ekstra kom dan sê hy net: Ek is nie daarvoor benoem nie. Hy het ons nog altyd verhinder en gedwarsboom om die naam Bybelse Teologie te verander na Openbaringsgeskiedenis. Nou is dit gedoen" (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945).

Volgens hom het De Wet net tweederdes van die BA-werk gedoen, terwyl die ander twee professore hoofsaaklik Teologiese skoolwerk gedoen het. Hy wys ook op De Wet se houding teenoor die Biblioteek. In tien jaar se tyd is daar volgens Du Toit "van sy departement nog geen boeke aangekoop nie. Daar word geen bestelling deur hom gemaak nie". Hy noem verder dat van die vakke wat De Wet gee, soos Hermeneutiek en Kategese "het nie tot hulle reg gekom nie" (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945).

Later vervolg Du Toit met iets van sy eie waarneming. "Ek het die indruk gekry dat prof. De Wet nie meer in die Geref. rigting gaan nie. Prof. De Wet is reeds vir 20 jaar aan die skool en dit wil my voorkom of hy in die jare tot 'n eie teologiese stelsel gekom het. Nou is die vraag. Kan hy sy sielstoestand verander? Wat word dan van sy hele sisteem wat hy opgebou het. Ek het probeer en my uiterste gedoen om saam te werk, maar het dit nie reggekry nie".

De Wet se al hoe gereelder bywoning van eredienste in ander kerkverbande is deur S du Toit onder die Kuratorium se aandag gebring. Du Toit het De Wet gevra of dit so is dat na wat hy verneem "hy besoek meermale die ander kerk. As ek met studente praat waarom hulle gaan dan sê hulle ons gaan agter ons teologiese prof. aan na die ander kerk. Hierdie skool is die Geref. Teol. Skool, so anders is dit nie (om 'n term van prof. De Wet te gebruik)" (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945).

S du Toit het saam met TT Spoelstra hulle bedenkinge uitgespreek toe daar op 'n stadium 'n bemiddelingskomitee vanuit Pretoria saamgestel is wat gepoog het om van buite as onbetrokke partye vrede in die saak te bemiddel. JD du Toit, S du Toit en TT Spoelstra het in die Kuratorium-vergadering dit duidelik gemaak dat hulle nie mag toelaat dat sodanige komitee die saak "laat sloer nie" (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.3, Bylaag 51/45, Jun-Jul 1945).

S du Toit het oor De Wet se tweede huwelik baie persoonlik gehandel. Du Toit stel dat sy houding teenoor De Wet was nog altyd "baie broederlik" was. Hy stel dit dat hy en JV Coetzee spesiaal na die huweliksbevestiging gegaan het. Daarna het hulle saam met die Admin. Buro 'n gesellige

ontvangs gereël wat spesiaal op die Teol. Skool se gronde moes plaasvind. Dan sê Du Toit dit alles “met die hoop en verwagting ... dat hulle ook hulle sal ingooi in die werksaamhede. Ons het hulle gaan besoek. Desember al meer as ’n jaar en hulle was nie by ons nie. Ek het ’n toets van een saak gemaak. Die prof. vra nooit hoe gaan dit met jou nie. Ek het dit eers altyd gedoen, later nie meer nie. Hierdie dinge hinder ’n mens” (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945). .

In die opsig was De Wet se antwoord: “Dis alles insinuasies, ek werp dit met veragting van my af” (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945). Op hierdie harde antwoord van insinuasies het ID Krüger skerp op De Wet se ontkenning reageer. Krüger het homself as voorsitter van die Kuratorium die rol tot beskerming van die twee Du Toit-professore sterk aangevoel. Krüger se antwoord op die sg. insinuasies lui soos volg:

> “Nou wil ek ook insinuasies maak. Soos die prof. in die verlede aangegaan het, kan dit nie verder aangaan nie. Ek wil hier ook een en ander meedeel. Op die Sinode het die prof. ons beskuldig as ’n vyandsgroep- hy is vreemdeling in sy eie kring. Hy breek ons saak af. Daar is by hom geen berou. Hy interpreteer die Sinode-besluit soos hy wil. Hy hang aan een sinnetjie en sit die ‘fullstop’ waar hy wil. As die toestand verder moet duur dat hier met twee monde gepraat word- word dit onmoontlik. Hoe gouer hoe eerder dit beëindig word, des te beter. Jy sou verwag dat hy ten minste hier en daar sou gesê het... ‘Ja, broeder, ons het lank geslaap, soos u gesê het, ons moes al lankal getug het. Dit was u woorde. Dis baie hard, baie jammer. Wat die werkverdeling betref kan dit nie so bly nie. Dis in die kerkverband wat die prof. staan. Hulle moet saamwerk. Dit gaan nie aan om maar net heeldag sê: ‘nee, ek wil nie, of kan nie. Ons wil ’n oplossing soek, maar by u is geen boetvaardigheid nie. Ons as Kuratore is ook nie langer gediend met wat wil julle hê- ek het gesê”.

Uit albei die Du Toit-professore se bydraes en bedenkinge in die saak kan afgelei word dat hulle in velerlei opsigte nie bereid was om De Wet langer as kollega te akkommodeer nie. Hulle het sterk standpunte ingeneem wat laat blyk dat hulle moeilikheid met die saak nie net gestrek het tot die inhoudelike van die leergeding nie, maar hulle beleef De Wet ook as ’n moeilike persoon om mee saam te werk. Hierdie interpersoonlike verhoudinge wat so sterk onder druk gekom het, gee die idee van erge verbrokkelde verhoudinge.

JD du Toit het homself later telkens verwyt dat hy nie al vroeër hierop ag geslaan het nie. Dit kom daarop neer dat hy die houding ingeneem het dat hy die saak te lank pastoraal probeer hanteer het en te veel van die kerkregtelike optrede en konsekwensies weggeskram het. Dit het volgens hom op die lange duur baie meer skade in die hele verloop van die saak veroorsaak.

7.3.6 KURATORIUM SE HANTERING EN OORDEEL OOR STUDENTE-AANTEKENINGE

Die studente-aantekeninge is die deel van die saak waaroor De Wet reguit teenoor die Kuratorium gestel het: “Ons moet kerkregtelik suiwer bly ... ”. In 1945 het hy in sy verdere verweer dit nog duideliker gestel:

> “Dis snaaks dat kurator Coetzee net van sekere studente en sekere predikante aangevra het. Waarom nie al die aantekeninge van al die studente en al die predikante nie, wat my as ketter beskou. Ek kan ook ’n stapel byeenbring . Maar dit het geen bewyswaarde nie. Dit gaan nou al vir 12 jaar aan, volgens ds. Coetzee. Dis snaaks dat die Kuratore dit nou eers merk. Dat wagters elf jaar geslaap het en nou wakker skrik en die ketter voor die Sinode bring. Die vraag is: kan die wagters langer wagters bly!”

Die studente-aantekeninge, waaruit ’n groot deel van die klag teen De Wet saamgestel was, is kerkregtelik deur JV Coetzee gebruik om dit van die sterkste getuienis teen De Wet te maak. Coetzee is in hierdie poging ten volle deur JD du Toit gesteun. Hulle het as kommissie in die voorlaaste verwerkings van die uitgebreide klag teen De Wet al sterker op ten minste 12 jaar se aantekeninge gewerk. Hiermee het hulle grootliks daarin geslaag om die meerderheid van die Kuratorium te oortuig dat die aantekeninge op afwykinge dui wat dogmaties ’n deurlopende tendens gevorm het. Dit het in hoofsaak die raamwerk van die negepunt-klag gevorm. De Wet se voortdurende bevraagtekening van hierdie bewys-materiaal dat die aantekeninge getuig van studente wat nie akademies op standaard was nie, het moeilik oortuig.

Daar was ’n stadium in die saak waarin De Wet begin toegee het dat die afwykinge in die aantekeninge in sy metode van klas-aanbieding kon lê. Hy het erken dat hy sake dikwels na alle kante stel wat in sy vinnige behandeling van leringe daartoe kon lei dat studente nie altyd behoorlik kon neerskryf en onderskei tussen wat hyself as die ware leer aanbied en die afwykinge wat hy tegelyk opnoem nie. Volgens hom, op grond van hierdie metode, kon dit lyk of die afwykende leer dan wel sy eie oortuiging bevat.

De Wet het bevestig dat die studente nie in besit van sy diktate was nie. Dit alles handel net oor aantekeninge. Hy wys weer daarop dat dit nie betroubaar kon wees nie, want die student skryf af wat hy wil. Daar was geen waarborg dat hulle reg was nie. Hy wys hoe daar dan eintlik met brokstukke van die geskrifte omgegaan was.

Hierdie verduideliking wat De Wet gegee het, het ’n gedeelte van die Kuratorium en ’n beduidende deel van die Sinode in 1945 tot groot mate oortuig. Hulle het De Wet hierin die voordeel van die twyfel gegee. Die regskommissie van die Januarie 1945 Sinode se bevinding was dat daar nie soveel in hierdie notas ingelees moes word nie. Coetzee het die kommissie beskuldig dat hulle “onderskat die bewyskrag” van sodanige aantekeninge. Die besluit het bepaal dat alleen die studente-aantekeninge nie tot “definitiewe skuldigverklaring” kan lei nie.

JV Coetzee en JD du Toit het in die hele verloop van die saak geen twyfel gehad dat die aantekeninge van die studente die eintlike saak vir hulle uitgemaak het nie Die bewyskrag van studente-aantekeninge in die Janssen-saak in Amerika, wat later in die hoofstuk meer na vore sal kom, het vir Coetzee en Du Toit laat glo dieselfde bewyskrag moet in die De Wet-saak gehandhaaf word. In Amerika is die kerkregtelike waarde van die studente-aantekeninge soos volg beoordeel:

> "Als basis voor ons onderzoek hebben wij dus slechts de laatstgenoemde 'Notes'. Wat betreft hun waarde als kenbron van Prof. Janssens onderwijs nam uwe Comm. het standpunt in dat dit onderwijs wel terdege gereflecteerd wordt in de Student en Individual Notes, in het midden latend met welke mate van precisiteit" (Acta Synodi, 1922:132).

Dit val op dat in die motivering om die studente-aantekeninge in die saak te betrek daar nooit deur die betrokkenes of die Sinodes na die Skrifbeginsel verwys is, nl. dat in die mond van twee of drie getuies die waarheid vasstaan nie (vgl. Matt. 18:16). Die feit is waar meer studente se aantekening ooreenstem, behoort dit wel as bewys te gedien het. As die Skrifbeginsel na behore uitgelig was, kan aanvaar word die gebruik van studente-aantekeninge sou in alle geval op sterker gronde gemotiveer kon word. Selfs die Sinode van 1945 se waarskuwing rondom studente-aantekeninge sou waarskynlik dan anders daar kon uitsien.

Al was daar in die saak teen De Wet deurlopend gepoog om soveel as moontlik aantekeninge te versamel, is dit kerkregtelik van belang om in gedagte te hou dat daar studente was wat geweier het om hulle aantekeninge vir hierdie doel aan te bied. Hoofstuk 5 het dit breedvoerig met voorbeelde aangedui. Die hoofrede van diegene wat geweier het om hulle aantekeninge beskikbaar te stel, was dat hulle die saak tydens die Sinode 1945 teen De Wet as ’n afgehandelde saak beskou het en die noodsaak om weer ’n nuwe saak teen De Wet te begin nie genoegsaam aangedui was nie. Al word nêrens deur diegene wat geweier het om hulle aantekeninge beskikbaar te stel na Art 46 Dordtse KO verwys nie, kan uit hulle beredenering dit afgelei word. ’n Sinode mag nie ’n saak wat afgehandel is weer ter tafel neem nie, tensy die werklike noodsaak

om die besluit wat geneem was te verander, wel na behore aangedui is. As daar nie nuwe bewyse en ’n nuwe saak aangedui kon word nie, mog volgens die broeders die saak nie weer op die tafel kom nie. Onder diegene wat geweier het was mense soos ds. DJ van der Walt wat geskryf het: “Ek kan nie verstaan waarom u weer op die hoofsaak wil terugkom nie. Sover my bekend het prof. De Wet nog nie weer sedert die Sinode-sitting geleer of geskryf wat in stryd is met die Skrif en die belydenis nie” (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.3, Bylaag 48/45, Jun-Jul 1945). JJS Venter, predikant van Ermelo dui aan dat hy moeg was vir die kerklike getwis. JW Jansen van Ryssen (Middelburg KP) was oortuig daar mog nie weer ’n “nuwe saak” teen De Wet begin word nie, terwyl hy die saak as afgehandel beskou het (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.3, Bylaag 49/45, Jun-Jul 1945).

In die kerkregtelike beoordeling oor die waardebepaling wat die Kuratorium oor die studente-aantekeninge gemaak het, moet die baie moeite wat hiermee gemaak is, erken word. Dit is asof van die kuratore, ook JD du Toit, oortuig was dat hierdie aantekeninge die grootste bewyskrag in die saak bevat om De Wet se dwalinge bloot te lê. Die Sinode was nie ten volle oortuig dat die aantekeninge die finale bewyslas vir definitiewe skuldigbevinding kon wees nie. Hierin het die Sinode nie net van lede van die Kuratorium verskil nie, maar is daar ekumenies verskil met wat in Amerika in ’n soortgelyke saak met R Janssen vanaf 1920 tot 1922 die bevinding was.

7.3.7 KURATORIUM SE BEVINDING OOR SKULDIGBEVINDING EN BEROU

Die twee aspekte, skuldigbevinding en berou, wat die kerkregtelike bevoegdheid van die Kuratorium in hierdie studie aantoon, vorm deel van die basis van enige kerkregtelike regsaak. Reg en geregtigheid is die boustene van regspraak. Reg en onreg moet altyd van mekaar geskei word. Daar kan geen beoordeling wees voordat reg en onreg nie van mekaar geskei is nie. Die Kuratorium het volgehou dat hulle die reg aan hulle kant stel. De Wet het volgehou dat daar ’n proses van onreg besig was om teen hom plaas te vind. Reg is iets wat nagejaag moet word, veral as dit gaan om die geregtigheid wat voor die Here moet standhou. Waar onreg heers moet daar verandering kom. Die verandering dui op herstel en genesing, dan kan daar normalisering plaasvind. Alles deel van wat aanvaar kan word die Kuratorium en De Wet na gesmag het in hulle stryd met mekaar wat al erger geword het.

Wanneer daar deur die Kuratorium in die saak teen De Wet gehandel is met die veronderstelling dat hy by die eerste kerkregtelike beoordeling van die saak tydens die Sinode in 1945 skuldig bevind was, loop die Kuratorium en De Wet se paaie direk uiteen. Hierdie mees basiese juridiese

vraagstuk of daar wel of nie ’n skuldigbevinding was bepaal die hele wese en verdere kerkregtelike toedrag van die saak. Volgens De Wet is hy slegs op ondergeskikte punte in die leer skuldig bevind terwyl die meerderheid van die Kuratorium oortuig was dat hy ten volle skuldig bevind is:

> “Waar prof. de Wet se afwykende leer en die daaropvolgende skuldigbevinding van só ingrypende aard is - waar hy so ’n vertrouensposisie asook van grote verantwoordelikheid aan die Skool van die Kerk beklee, maar dit so geweldig geskok het ...” (Acta, 1945:201).

Volgens hierdie goedgekeurde Sinode-besluit het die Kuratorium die skuldigbevinding vertolk. Die Kuratorium se inleidende sin in hulle laaste rapport op Sinode 1945 maak reeds melding van ’n “skuldigbevinding”. Ook het ID Krüger aan Spoelstra geskryf “ ... alwaar hy ook skuldig bevind is op al die punte in die bewuste memo of voordrag.”

Dit is asof De Wet dit net nie kon raaksien of wou insien nie. In reaksie op Krüger se skrywe was De Wet se reaksie: “ ... Wat die bewering betref dat ek op die jongste Sinode skuldig bevind is, op al die punte, in die bewuste memo of voordrag’ – ek moet dit beslis ontken.” So ’n paar weke later tydens die Kuratorium-vergadering in Mei het hy ’n brief ingehandig waarin hy dit weer soos volg stel: “ ... Die jongste Sinode van die Geref. Kerk het my behalwe op ’n paar ondergeskikte punte op al die hoofsake waaroor ek aangekla was onskuldig bevind...” Hiervolgens beskou De Wet die sluitingsrede en die meditasies as ondergeskikte dele van die saak.

In die woordewisseling tussen ID Krüger en De Wet, aan die begin van 8 Mei 1945 se Kuratorium-vergadering word hierdie saak duidelik geïllustreer en die skerpte van die verskille goed aangedui. Krüger het aan De Wet gestel: “Die Sinode het u op die 9 punte skuldig bevind”. De Wet se onmiddellike reaksie was: “Die Sinode het my nie skuldig bevind sonder meer”. Dan reageer Krüger weer skerp: “Is dit u houding wat u inneem?” De Wet maak dit net ’n teenvraag: “Is dit ook u houding wat u inneem. U moet u in ag neem.” Dan verbind Krüger die aspek van skuldigbevinding onmiddellik aan die gebrekkige berou:

> “U praat negatief van a tot z. Ons wil hê dat u, u moet uitspreek oor u berou. Die Kuratore moet oortuig wees van u berou. Hoe eerder hoe beter vir u om dit goed te besef. As dit u geestestoestand is, hoe eerder hoe beter as u sê: hier kan ek nie langer bly nie, hier kan ek nie langer werk nie. U het gesê hier is mense wat u vervolg. U het nie geantwoord op wat u gevra is nie. Dis weer dieselfde houding wat ons van u kry. Ons wil nou u antwoord hê. Is daar berou of nie. Die Kuratore het weer koste en moeite gedoen. Ek doen nogmaals ’n ernstige beroep op u om te antwoord op die vraag...”

Later word dit al duideliker dat hy het sy ontkenning van definitiewe skuldigbevinding gebaseer het op ’n onderdeel van die kommissierapport, deur dieselfde Sinode goedgekeur, wat bepaal:

> “Versterk deur uitlatings in *Die Kerkblad* verkry hierdie studente aantekeninge as getuienis groot gewig, **egter nie só dat dit sou kon lei tot definitiewe skuldig verklaring nie**, *(beklemtoning PJV)* maar wel om die regsinningheid van Prof. de Wet onder ernstige verdenking te plaas ...” (Acta, 1945:195).

Soos die beklemtoning aandui het De Wet sy graad van minder ernstige skuldigbevinding op hierdie beklemtoonde deel van die saamgestelde sin laat afhang. Hiervan het alles vir hom afgehang en hom laat glo dat hy slegs op ondergeskikte punte skuldig bevind was. Daar was net ernstige “verdenking” wat hy beweer nie bewys was nie.

Vir die manier waarop die Kuratorium die graad van skuldigbevinding beredeneer kan die kerkregtelike beredenering van ASE Yssel as voorbeeld dien:

> “Dit skyn my dat ons nou eers vir onsself behoorlik moet vasstel die draagkrag van die besluit van die Sinode. Wat betref afsetting deur die Sinode het hulle hom die voordeel van die twyfel gegee. Tog is dit bedenklik gestel. Dr. De Wet grond sy bewering op die wetsidee - as jy voordeel van twyfel kry is jy onskuldig. Hy is egter in sekere graad skuldig gevind. Dit vasstel waar ons nou onsself rekenskap gee. Vasstel wat sy dwaling en afwykinge was. Miskien dit weer aan hom voorlê. Ons moet ons uiterste bes doen met lankmoedigheid. Dr. De Wet se idee skyn my dit te wees - min verskil van mening oor mate van tugtiging wat hy moet ondergaan. Hy staan by groot minderheid. Gee ook nie om vir kerkskeuring nie. Hy wil nie buk onder die Sinode besluit nie. Hy wil ’n deel van die Kerk teen ons uitspeel. Ons moet dus keer dat die kerk nie skeur nie. Ons moet kyk watter gevolge daar kan wees en die wapen wat ons moet gebruik....” (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945).

Al was daar aanvanklik deur die meerderheid van die Kuratorium aanvaar dat hy skuldig bevind is, bewys Yssel se woorde dat dit later nie meer vir hulle as ’n reeds bewysde saak gelyk het nie. Daar was ’n vorm van “kerkregtelike weerspreking” in die Sinode 1945 se laaste Kuratorium rapport as dit met die laaste kommissieraport vergelyk word. Albei was goedgekeurde rapporte. De Wet het hierdie kommissierapport ten alle tye tot sy voordeel gebruik. Hy het later sy bedoeling met hy is “onskuldig” bevind nader gedefinieer deur daarop te wys dat dit beteken hy is nie “skuldig bewys” nie.

In die regswêreld wat De Wet in die Kerkreg toepas, is dit ’n aanvaarde beginsel wat moet geld dat solank die bewys tot skuldigbevinding uitstaande is, moet die beskuldigde as “onskuldig” beskou word.

Hierdie volgehoue ontkenning van De Wet, dat hy nie werklik skuldig bevind is nie, het uiteindelik daartoe aanleiding gegee dat die Kuratorium hom weer formeel begin aankla het - nou nie meer hoofsaaklik ’n dogmatiese klag met nege leerstellinge nie. Die volgende fase van die Kuratorium se aanklagte teen De Wet het ’n al hoe sterker kerkregtelike gerigtheid aangeneem toe hulle op 9 Mei 1945 dit soos volg verwoord:

- Dat daar geen blyke van boetvaardigheid deur dr. de Wet geopenbaar is oor sy afwykinge van die Geref. leer nie, ondanks die tyd van bedenking.
- Dat die professor beweer dat hy slegs op ondergeskikte punte deur die Sinode skuldig bevind is, maar op die bepaalde leerpunte onskuldig bevind is.
- Dat hy beweer dat hy in sy kolleges hom ook nooit skuldig gemaak het aan afwykinge van Skrif en Konfessie nie.
- Dat hy gedurende onderhoude 'n gees van insubordinasie (verset) geopenbaar het teenoor die Sinode-besluit en teenoor die Kuratore.

Wanneer daar in die eerste deel van hierdie meer kerkregtelik-gerigte klag ingegaan word, word die aspek van “boetvaardigheid” as ’n belangrike deel aangedui. Hier moet in gedagte gehou word dat ’n kerkregtelike soos B Spoelstra, die latere seun van TT Spoelstra, in sy omvattende werk rondom die kerkreg en kerkregering oortuig is dat die aspek van berou by die besluitneming rondom art 79 KO geen rol behoort te speel nie (Spoelstra, 1989:428). In die laaste punt word die gebrek aan boetvaardigheid ’n nog skerper saak: daar is verset; daar kom insubordinasie voor. Vir die Kuratorium was die bewys van berou of die afwesigheid daarvan ’n baie belangrike aspek, terwyl dit volgens kundiges in die Kerkreg nie so deurslaggewend in tugsake rakende Art 79/80 KO behoort te wees nie.

Hierdie deel van die saak het die *achillieshiel* van die saak geword. Die feit dat De Wet nie bereid was om “hartlike berou oor al die gebeurde” openlik te betuig nie, het eintlik die karakter en rigting van die saak verander. Daar kan aanvaar word dat as De Wet in die laatnag van 7 Februarie 1945 sy berou uitgespreek en dit hartgrondig kon gedoen het, dit die einde van die saak kon beteken het. Die bevoegdheid om hom dan nog weer aan te kla, sou ’n heel nuwe saak met nuwe materie moes bewys.

De Wet het volgehou dat “berou” nie iets is wat mense voor mekaar uitspreek, asof mense berou teenoor mekaar moet bewys nie. Hy glo berou “is ’n woord wat gebruik word teenoor God en spyt word gebruik teenoor mense” (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945). De Wet het wel by verskillende geleenthede sy spyt oor die saak baie duidelik gemaak. DG Venter, as kurator, het hom daarop gewys dat “berou” ’n term is wat ook in die Kerkorde gebruik word. De Wet het egter volgehou deur Venter te antwoord: “Met spyt het ek alles gesê wat ek kan sê. Wat u onder berou verstaan, verstaan ek onder spyt”.

Hierdie onderskeid wat De Wet teologies probeer regverdig, het die meerderheid van die Kuratorium geensins oortuig nie. JD du Toit het oor hierdie deel van die saak sterk standpunte gehandhaaf. Hy het geglo dat vergewing alleen moontlik kon wees as daar ware berou bestaan. Du Toit het dit so sterk gestel dat “die saak van berou maak vir my alles uit ...“(GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945).

Daar was wel van die kuratore, soos PJS de Klerk, wat geglo het dat dit nie reg was om De Wet die vraag na sy berou te vra nie. De Klerk was, soos De Wet, oortuig die voorsitter het nie die reg tot hierdie vraag gehad nie en niemand was op die vraag voorbereid nie. De Klerk was van mening dat daar kerkregtelik gewerk moes word met wat ooreengekom was en wat voor die tyd van mekaar verwag kon word. Volgens hom moes die saak rondom berou ’n ander kerkregtelike pad gevolg het. Soos De Klerk dit voorgestel het, so kon dit kerkregtelik oorweeg word: “Ek meen op hierdie punt kan dr. De Wet ons ’n getekende kopie indien”.

De Klerk het nie die Kuratorium van sy voorstel kon oortuig nie. Dit kan aanvaar word dat die meerderheid van die Kuratorium het die saak van berou en die bevoegdheid om dit wel van De Wet te mag eis, nie prysgegee het nie. De Wet het in die Mei 1945 Kuratorium-vergadering bevestig dat “ ... Hoe duidelik het ek gesê dat as ek enigiets geskryf het wat seergemaak het, dan het ek spyt”. Hy stel ook dat hy op geen stadium kon dink dat sulke dinge “teen hom uitgehaal sal word nie”. ID Krüger wys die vergadering daarop “dat ons nie vir sy part berou kan hê nie. Ons het gesoebat: prof. het u berou. Hierop het hy nie eers geantwoord nie”.

Hiermee is aangetoon dat die Kuratorium se benadering tot die “skuldigbevinding” en hulle duidelike eis dat berou uitgespreek en bewys moes kon word, vir die Kuratorium die kerkregtelike crux van die saak geword het. Hierdie twéé sake het die skeiding tussen De Wet en die Kuratorium nog meer vergroot. Hulle klag dat daar by De Wet geen boetvaardigheid was nie en

sy ontkenning van “geen definitiewe skuldigbevinding” het die Kuratorium se kerkregtelike bevoegdheid in die saak verskerp. Dit het veroorsaak dat die oorheersend dogmatiese aanslag wat die leergeding in die begin gehad het, aan die Kuratorium se kant ’n al hoe sterker kerkregtelike fokus gekry het.

7.4 KERKREGTELIKE BEVOEGDHEDE VAN DIE KERKRADE

Volgens die belydenis bestaan daar geen ander kerklike vergadering as net ’n kerkraad nie (vgl. art. 30 Nederlandse Geloofsbelydenis). Alle ander kerklike meerdere vergaderings is geen vergaderings uit hulleself nie, maar is gewoon net vergaderings van meer kerke (kerkrade) wat daar (ver)teenwoordig is (Visser, 1999:123). Artikel 29 KO onderskei tereg meer kerklike vergaderings as net die kerkraad, maar dit beteken gewoon dat ’n meerdere vergadering nie ’n hoëre vergadering in sy bevoegdheid is nie, maar al vier die meerdere vergaderings het kragtens Art 29 KO dieselfde bevoegdheid. Daarom, wanneer daar oor opsig en tug oor predikante gehandel moet word, is die vergadering van ouderlinge (kerkraad) die primêre liggaam wat hieroor moet besluit, maar hulle kan en mag dit nie alleen wil doen nie. Visser (1982:16) toon duidelik aan dat ouderlinge in die amp van regering tugreg besit, met die begrensing daaraan verbonde. Dit is ’n begrensing waarbinne kerke gesamentlik en vrywillig met mekaar ooreengekom het, dat meerdere vergaderings in die tug oor predikante gesamentlik en afsonderlik en in oorleg met die kerkraad daaroor moet besluit. By die tug oor predikante word gepraat van “naburige kerkrade” wat in wese ’n *“classis contracta”* vorm, omdat meer kerke teenwoordig moet wees. Die begrensing bepaal dat daar in alle gevalle by tug oor predikante ’n meerdere vergadering in die tugproses ingeskakel sal word.

Professore is nie anders as predikante in die opsig dat hulle as bedienaars van die Woord optree nie, maar wel volgens Art 2 KO in wat genoem word ’n “eiesoortige diens”. Professore aan die Teologiese Skool staan beslis nie los van die ander dienste nie, maar volgens Visser (1999:4) kan dit beskou word as ’n “differensiasie van die diens van die bedienaars van die Woord”. In sekere opsig kan dit dan beskou word as ’n vorm van “toegespitste diens van die bedienaar van die Woord”.

Hierdie eiesoortige en toegespitste diens van professore vereis eerstens dat hulle in die geval van ’n leergeding met dieselfde maat gemeet en met dieselfde beginsels gewerk sal word, as in die geval van ’n predikant. En tweedens, dat ook ’n eiesoortige en toegespitste tugproses gevolg moet word, waarby die kerke nie uitgesluit mag word nie. Kerkrade wat ’n besondere

verantwoordelikheid teenoor professore dra, moet altyd in die bediening van professore ingesluit bly. Die professor staan in alle geval kragtens Art 18 KO met die opleiding van toekomstige bedienaars van die Woord in diens van die kerke.

Omdat al die kerke in kerkverband by ’n leergeding belang het, is daar wel die eiesoortige en toegespitste rol wat die Kuratorium in die tugproses moet vervul. Die Kuratorium moet die belange en leer by die Teologiese Skool bevorder en beskerm. In hierdie hoofstuk is reeds die moeilike rol van die kuratore in die De Wet–saak bespreek.

In die toesig oor die dienswerk van professore moet tussen drie belangegroepe onderskei word. Behalwe die Kuratorium is daar ook twee ander kerkrade wat bepaalde bevoegdhede in ’n leergeding moet uitoefen. Van vroeg af aan is reeds bepaal dat as daar sake rondom die lewensgedrag van ’n professor ontstaan, die Kerkraad van die gemeente waar die professor tans woonagtig is daarin die leiding sal neem en sal handel (dit betref al die sake wat met art 71-76 KO verband mag hou). Dit kan egter van die Kerkraad verwag word om die Kuratorium ten volle op hoogte te hou in die verloop en hantering van sulke sake. Aan die ander kant, as dit sake rondom die leer van ’n professor is, (veral dan die sake wat Art 79-80 KO ter sprake bring), sal die Kuratorium weer die leiding neem en insgelyks die Kerkraad wat oor die lewe van die professor toesig moet hou, daarvan ten volle op hoogte hou.

In die tyd wat die De Wet–saak gedien het, was, soos reeds vroeër in die hoofstuk aangedui, die kerkraad van die gemeente waarin die professor laaste as predikant gearbei het, ook ’n deelgenoot in al die aspekte van die professor se dienswerk. Dit sluit in sy versorging, sy emeritering en selfs sy ontslag op eervolle of oneervolle wyse (afsetting). In die laaste geval word so ’n kerkraad by albei die aspekte van de professor se dienswerk (sy leer en lewe) nie uitgesluit nie. Die twee kerkrade wat in die geval van De Wet tot bogenoemde bevoegdhede geroep was, was die kerkrade van Potchefstroom en Bloemfontein.

7.4.1 KERKRAAD POTCHEFSTROOM

Die Gereformeerde Kerk Potchefstroom was De Wet se tuisgemeente. As predikant in die gemeente het JV Coetzee op daardie stadium gedien. JV Coetzee was in 1915 ’n klasmaat van De Wet asook DG Venter. Coetzee het in 1916, in dieselfde jaar as De Wet, in die bediening getree in die Gereformeerde Kerk Piet Retief. DG Venter was op sy beurt weer die latere predikant van Steynsburg wat vir lank in die saak teen De Wet, hom ten gunste van De Wet

beywer het. De Wet se eerste gemeente was ook Steynsburg waar hy vanaf 1916 gearbei het. Dit val op dat daar heelwat klasmaats was wat in hierdie saak bymekaar en teen mekaar te staan gekom het.

JV Coetzee was later predikant van die Gereformeerde Kerk Frankfort, voordat hy predikant in Potchefstroom geword het. In Frankfort het Coetzee al sterk standpunt teen sekere rigtings moes inneem, veral waar Frankfort vir lang tye stryd gevoer het met lidmate van chiliastiese oortuigings in eie geledere en naburige gemeentes. Coetzee se opvolger in Frankfort, JJH Booysen, het sake op die spits gedryf, met 'n klag teen Lindley se predikant, HPhJ Pasch, wat chiliasties-gesinde lidmate binne die grense van Frankfort vanuit Lindley bedien het (Venter, 2014:139). Coetzee sou deur daardie stryd nie lig geraak gewees het nie en was ingestel en voorbereid om streng teen "afwykende rigtings" op te tree.

JV Coetzee was predikant van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom vanaf 1930 tot met sy dood in 1952. Voor JV Coetzee was ID Krüger vanaf 1923 tot 1930 predikant in Potchefstroom. Dit val op dat ID Krüger, voorsitter van die Kuratorium in die tyd van die De Wet–saak en JV Coetzee, wat ook 'n groot rol in die saak gespeel het, albei predikante in De Wet se tuisgemeente was. Hulle het De Wet geestelik en pastoraal moes bedien, vanaf 1925, lank voordat daar nog sprake van 'n leergeding teen De Wet was.

In hierdie studie is al dikwels aangetoon dat JV Coetzee as kurator 'n prominente rol in die saak gespeel het. Hy was die persoon wat die saak op meer as een manier op die tafel van die Kuratorium geplaas het. As lid van die redaksiekommissie by *Die Kerkblad* het hy 'n groot rol in die bedenklike meditasies gespeel. Hy was ook die een wat baie prominent gehandel het met die studente-aantekeninge as getuienis teen De Wet. In die klag met die nege punte teen De Wet was Coetzee die hoof-samesteller van veral die vyf dogmatiese sake. De Wet het in die tyd sy predikant se rol as baie negatief ervaar in die opstel van die inligting wat in die saak teen hom gebruik is.

De Wet se eerste beswaarskrif wat hy in die saak aangebied het, was veral gekant teen Coetzee se rol in die saak as lid van die redaksiekommissie, maar egter nog meer gekant teen Coetzee se groot rol met die studente-aantekeninge. Hieroor skryf De Wet:

> " ... Teen die mees laakbare metode wat kurator JV Coetzee toegepas het teen my in verband met my doseerwerk aan die Teol. Skool: sekere Teol. Studente het uit my klaswerk nuus gaan aandra by kurator Coetzee, agter my rug om; kurator Coetzee het hulle 'n gunstige oor verleen en selfs

> hulle 'aantekeninge' oor my klaswerk opgevra en dit deursnuffel om besware teen my doseerwerk te kry, toe het hy, alles nog agter my rug om, die gewaande besware gaan opdis voor die Kuratorium (November-vergadering) as beskuldigings teen my doseerwerk ..."

Dit is baie duidelik dat Coetzee in die saak geen moeite ontsien het, om so 'n sterk saak as moontlik teen De Wet op te stel nie. Hy was die man wat geglo het dat daar al sedert 1932 - toe was Coetzee maar 2 jaar in Potchefstroom was - sekere dwaalrigtings by De Wet aangedui kon word. Daarom kan aanvaar word dat terwyl Coetzee so 'n prominente rol in die saak teen De Wet ingeneem het, die Kerkraad van Potchefstroom dieselfde negatiwiteit teenoor De Wet geopenbaar het. Daar is duidelike bewyse dat die Kerkraad met hulle predikant oortuig was dat daar optrede kragtens Artt 79 en 80 KO teen De Wet moes wees.

In die geval waar die Kerkraad van Potchefstroom teen De Wet kon optree, het hulle ook dadelik opgetree. Die ergste wat De Wet dit beleef het, is toe hy as professor, wat gereeld die professorale preekbeurte in Potchefstroom waargeneem het, op 17 Maart 1945 die volgende brief van die Kerkraad van Potchefstroom ontvang het:

> "Nadat die kerkraad art 262 van die notule van die jongste Sinode voorgelê deur die eerw. Voorsitter as deputaat van die kerkraad ter Sinode gehoor het, besluit die kerkraad om aan sy kommissie vir die reëling van die dienste kennis te gee dat prof. dr. De Wet nie versoek sal word om enige dienste in hierdie gemeente waar te neem nie tot tyd en wyl sy saak afgehandel is en die kerkraad verder besluit."

De Wet se onmiddellike antwoord spreek kerkregtelik op twee gronde. Die eerste is dat hy oortuig was dat hierdie 'n saak was wat die Kuratorium behoort te hanteer en teen die Kerkraad behoort op te tree. Hy het op 26 Maart 1945 aan die Kuratorium 'n brief geskryf met die volgende inhoud:

> "Ek wens hiermee my ernstige beswaar by die Kuratorium van die Teol. Skool in te dien teen die besluit van die eerw. Kerkraad van die Geref. Kerk van Potchefstroom, geneem op 17 Maart 1945. Deur hierdie besluit hef die eerw. Kerkraad my professorale preekbeurte op. Ek beskou dat dit nie sonder toestemming van die Kuratorium kan geskied nie en ook dat dit 'n vorm van sensuur is wat die eerw. Kerkraad teen my toepas."

Die tweede grond is dat De Wet die optrede van die Kerkraad van Potchefstroom as 'n vorm van sensuur beskou het, sonder dat die nodige stappe tot die toepassing van hierdie sensuur, kragtens Artt. 71-76 KO, teen hom gevolg was. Dit kom in van die stenografiese verslae duidelik na vore dat JV Coetzee De Wet as "voorlopig geskorste" beskou het en daarom die versoek en

leiding in sy Kerkraad gebied het, dat daar kragtens Art 76 KO teen De Wet opgetree moes word. Om hom die kansel te verbied sou neerkom om hom ook die tafel van die Here te verbied. Dit was hoe De Wet in alle geval hierdie besluit van Potchefstroom geïnterpreteer het. Coetzee en die Kerkraad van Potchefstroom het De Wet in die tyd van "verharding" van dwaalleer verdink en daarom die afhouding van die kansel (en van Nagmaal).

Dat De Wet hierdie saak by die Kuratorium aangegee het, lyk 'n vreemde kerkregtelike handeling te wees. Die kerklike weg wat hy behoort te gevolg het, is om met art 46 KO 'n beswaarskrif by die Kerkraad van Potchefstroom in te dien, maar daar is geen bewyse dat hy hierdie stap eers oorweeg het nie. In alle geval kan aanvaar word dat hy in Coetzee en die betrokke Kerkraad geen vertroue meer gehad het nie. Daarom het hy dit blykbaar nie eers oorweeg om by die besluitnemende vergadering beswaar te maak nie.

Sy beswaar kom wel neer op 'n vorm van appèl (Art 31 KO) wat hy by die Kuratorium inlewer. Hyself beskryf dit nie as appèl nie, maar die kerkregtelike strekking kom wel daarop neer. Hy onderskei drie gronde:

1. dat die Kerkraad van Potchefstroom nie toestemming gehad het om so 'n besluit te mag neem nie;
2. dat so 'n besluit net geneem kon word met toestemming van die Kuratorium;
3. dat hierdie 'n vorm van sensuur was wat die Kerkraad teen hom toepas.

Daar is tereg deur die Kuratorium besluit dat hierdie saak vir hulle nie ontvanklik was nie en nie op hulle tafel tuishoort nie. In alle geval was die Kuratorium op daardie stadium slegs "gedeputeerdes ad-hoc" wat geen opdrag van 'n Sinode ontvang het om met die professorale preekbeurte in verskillende kerke te mog inmeng nie. So 'n besluit sou neerkom op die indringing in die diens van 'n ander, waar veral Art 30 en ook Art 84 KO streng teen sulke oortredings waarsku. Die selfstandigheid van die plaaslike Kerk is 'n saak wat ook deur 'n Kuratorium ten alle tye gerespekteer moet word. In alle geval was die Kuratorium nie kerkregtelik in 'n posisie gestel om as appèl-liggaam te mag funksioneer nie.
Die Kuratorium het die saak nie ontvang nie en aan De Wet dit duidelik gemaak dat hulle nie by die besluit van Potchefstroom mog inmeng nie. Dit was 'n saak wat die Kuratorium geglo het kragtens Art 30 KO hanteer moes word.

Nogtans is dit opmerklik dat die Kuratorium op geen wyse aan die kerkverband op daardie stadium leiding wou bied wat hulle as De Wet se kerkregtelike posisie beskou het nie. In die geval

was daar geen sekerheid of hy wel as “voorlopig geskorste” beskou moes word nie. Die meeste ander gemeentes het hom nog ten volle in diens beskou, waar hy selfs tydens sy bedenktyd op uitnodiging in talle van die gemeentes die Woord bedien het. Kuratore PJS de Klerk en DG Venter het in die Kuratorium-vergadering in Mei 1945 die kerkrade van Potchefstroom en Bloemfontein verkwalik dat hulle eensydig tugmaatreëls teen De Wet toepas waar daar op die Kuratorium-vergadering nie sprake van was nie. Die twee kuratore het dit duidelik gemaak met watter groot vrug die Woordbediening in die onderskeie gemeentes in die tyd ontvang is. JV Coetzee, wat ook konsulent van die Gereformeerde Kerk Ventersdorp was, het weer die teendeel probeer bewys, nl. dat De Wet in sy Woordbediening steeds die “Skrifkerk” bepleit het.

Samevattend kan gestel word dat Potchefstroom sekerlik die reg en die bevoegdheid gehad het om tydens die De Wet-saak hom hulle kansel te verbied. ’n Kerkraad kan selfstandig besluit wie en wie nie tot die kansel toegelaat kan word. Potchefstroom se Kerkraad was sekerlik by magte om meer duidelikheid van die Kuratorium te verkry oor wat De Wet se werklike kerkregtelike posisie behoort te gewees het. Hulle het egter nie daardie weg ingegaan nie om sodoende eenvormige besluitneming oor sy posisie te kon bekom nie. Hulle oorweging was klaarblyklik om in die lig van die onsekerheid en twyfel oor De Wet se regsinnigheid en omdat die saak nog nie afgehandel was nie, hom dan hulle kansel te verbied. Dit dien dan nie noodwendig reeds as ’n tughandeling nie maar was gewoon ’n ordereëling terwyl die saak ondersoek is. Die Kerkraad het in alle geval niemand se toestemming nodig gehad om so ’n besluit te neem nie. De Wet het van sy kant die volle reg gehad om teen so ’n besluit teenoor die Kerkraad beswaar te maak.

Dit het in alle geval bygedra tot groot onsekerheid en het selfs tot ’n mate van wanorde in die saak gelei. Die kerke wat die eenheid rondom die saak moes beleef, is tot groot mate in die duister gelaat. Die Kerkraad van Potchefstroom het verkeerdelik ander Kerkrade verkwalik wat wel De Wet op hulle kansels verwelkom het. Selfs is daar getuienis dat De Wet elders Nagmaal gebruik het in die tyd wat Potchefstroom se kansel vir hom ontoeganklik was.

7.4.2 KERKRAAD BLOEMFONTEIN

Daar is vroeër in die studie aangetoon dat die Kerkraad van ’n gemeente waaraan ’n teologiese professor die laaste verbonde was, voordat hy professor geword het, kerkregtelik ’n bepaalde bevoegdheid insake die ampswerk van ’n professor toegeken is. Dit sluit in dat as daar tug handelinge ter sprake kom, so ’n kerkraad ook bepaalde besluite en optredes moes nakom. Dit

raak in besonder die posisie van die Gereformeerde Kerk Bloemfontein waar De Wet vir ’n baie kort tyd (1923-1925) gearbei het, voordat hy teologiese professor geword het.

In die saak teen De Wet was dit in alle geval ID Krüger, voorsitter van die Kuratorium, maar ook predikant van Bloemfontein, wat hier na vore kom. ID Krüger het diep spore in Bloemfontein getrap waar hy in twee tydperke dieselfde gemeente bedien het. Hy was predikant in Bloemfontein vanaf 1916 tot 1923 en daarna vanaf 1923 tot 1930 predikant in Potchefstroom. In 1930 het hy weer as predikant na Bloemfontein teruggekeer, in die plek van CWM du Toit en Bloemfontein toe vir 15 jaar, tot 1945 bedien. Vanaf 1945 tot 1949 was hy predikant van Venterstad.

ID Krüger en De Wet se paaie het dikwels gekruis. Die feit dat hulle in dieselfde jaar in die bediening gekom het, wys dat hulle as teologiese studente in dieselfde klas was en tegelyk in dieselfde jaar beroepbaar gestel was. De Wet is toe na Steynsburg beroep en ID Krüger na Bloemfontein. Toe ID Krüger in 1923 Bloemfontein vir die eerste keer verlaat, was sy opvolger De Wet. De Wet het ’n baie kort verblyf in Bloemfontein gehad voordat hy as beroepe teologiese professor na Potchefstroom verhuis het. Sy predikant in Potchefstroom was vanaf 1925 tot 1930 toe weer niemand anders nie as ID Krüger.

In die saak teen De Wet was ID Krüger voorsitter van die Kuratorium wat sterk teen De Wet se verdere bediening gekant was en Krüger het in die hele saak van die skerpste uitsprake teen De Wet gemaak. Krüger het hom beywer dat daar ’n einde aan De Wet se bediening gemaak moes word. Hy was die man wat op 19 Des 1944 in van die stenografiese opnames in daardie laatnag gesê het: “Laat ons ’n end maak aan hierdie saak ...”

Soos dit met JV Coetzee die geval was in die Gereformeerde Kerk Potchefstroom, so sou dit ook wees met ID Krüger, die predikant van die Gereformeerde Kerk Bloemfontein. As voorsitter van die Kerkraad van Bloemfontein en met besliste vooropgestelde standpunte teen De Wet, sou hy sy Kerkraad beslis van sy eie standpunte kon oortuig het. Die kerkraad van Bloemfontein is die enigste in hierdie hele geding wat op ’n laat stadium in die saak teen De Wet ’n spesifieke besluit kragtens Art 79/80 KO teen De Wet uitgespreek het.

Soos in die historiese verloop van die saak reeds aangedui, het Bloemfontein op 2 Julie 1945 besluit dat De Wet geskors moes word. Die skorsingsbrief word ter wille van die kerkregtelike implikasies ten volle weergegee.

Die opskrif is alreeds gelade:

> "Gepubliseer ter kennisname van die Kerkrade van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika".

Die res van die skrywe lui soos volg:

> "Na behandeling van die gevoerde korrespondensies tussen die eerw. Kerkraad van die Gereformeerde Gemeente, Bloemfontein en sy emeritus leraar, Dr. CJH de Wet, uit watter korrespondensie 'n gees van ongeseglikheid en van volhardende insubordinasie aan die herhaalde versoeke van sy Kerkraad duidelik geblyk het - die versoeke naamlik, om onder die huidige omstandighede, solank sy saak, soos dit voor die Generale Sinode van 1945 gedien het, nog nie afgehandel is nie, hom voortaan liewers van die waarneming van preekbeurte in die Gereformeerde Gemeentes te onthou - so besluit hierdie Gekombineerde Kerkraadsvergadering met leedwese om genoemde emeritus leraar volgens Arts. 79 en 80 K.O. hiermee dadelik te skors in die uitoefening van sy diens as bedienaar van Woord en Sakramente sowel binne as buite die Gereformeerde Kerkverband, tot tyd en wyl die eerw. Algemene Vergadering van die OVS oor hierdie skorsing en die aanklewe daarvan verder sal besluit.
> Namens die Gekombineerde Kerkraad,
> ID Krüger Voorsitter
> PH v.d. Linde – Scriba"

Kerkregtelik laat hierdie skrywe 'n klomp vrae ontstaan, soos minstens die volgende:

- Hoekom is daar vroeër gehuiwer om Art 79-80 op die wyse van toepassing te maak?
- Watter nuwe *prima facie* getuienis is daar dat hulle nou op onmiddelike skorsing besluit wat nie ten minste 18 maande gelede al daar was nie?
- Die besluit van die laaste Kuratorium-vergadering in Mei 1945 was duidelik, nl. dat om De Wet op die kansel toe te laat, 'n saak vir die plaaslike kerkraad was om daaroor te besluit. Hoekom word hierdie vryheid nou anders as in die lig van die Kuratorium-besluit beoordeel, terwyl die voorsitter van die Kuratorium, wat ook voorsitter van die Kerkraad in Bloemfontein was, welbewus die Kuratorium-besluit moes ken en eerbiedig.
- Die bewoording "om hom voortaan liewers van die waarneming van preekbeurte in die Gereformeerde Gemeentes te onthou" is vreemd gestel. So asof dit steeds nie 'n saak van normale skorsing was nie. In die geval van daadwerklike skorsing word daar nie 'n versoek aan kerkrade gerig nie, maar dan is die onderlinge afspraak duidelik dat in so 'n

geval dit nie ’n versoek is nie, maar ’n duidelike kerkregtelike bepaling dat in die kerkverband die geskorste nie met die taak mag voortgaan nie.

- In watter mate daar van skorsing sprake kan wees deur te stel dat die persoon sowel “binne- as buite die Gereformeerde Kerkverband” geskors is, is eweneens ’n vreemde benadering. Geen kerklike vergadering kan besluite neem, selfs nie oor skorsing nie, wat buite die kerkverband as geldend en van krag beskou kan word nie. Daar kan wel kennis gegee word, maar dit kan nie buite die kerkverband `n afdwingbare besluit wees nie. Boonop kom met hierdie benadering Art 30 en 31 KO in die gedrang.

Samevattend kan op grond van hierdie besluit en skrywe van die Gereformeerde Kerk Bloemfontein dieselfde gesê word as by die Gereformeerde Kerk Potchefstroom. Alhoewel die skrywe poog om ’n definitiewe toepassing van Art 79/80 KO te wees, is daar baie onsekerheid oor wat werklik met die besluit bereik is. De Wet het hom nie aan hierdie besluit gebonde geag nie. Al wat daardeur bereik is, was dat hy soos in Potchefstroom, ook nie in Bloemfontein in Woordbediening sou voorgaan nie.

Bloemfontein het kerkregtelik die reg gehad om in hierdie tydvak, waar ’n teologiese professor se laaste gemeente as predikant tugreg kragtens art 79 KO kon toepas, hom wel voorlopig te skors. In daardie opsig het hulle nie buite hulle bevoegdheid opgetree in ’n poging om art 79 KO toe te pas nie, maar die uiteindelike gebrekkige wyse waarop dit hanteer is en daar geen duidelike definitiewe besluite en optredes kragtens art 79 KO kon volg nie, het ’n groot leemte in die saak gelaat.

Die twee kerkrade het hom wel as “voorlopig geskors” in die kerkverband beskou en hom so voorgehou. Bloemfontein het wel ’n bietjie verder as Potchefstroom probeer gaan en die res van die kerkverband probeer oortuig dat De Wet wel voorlopig geskors was. Hulle aanbieding van die saak was egter nie oortuigend nie. Daar word meer met ’n beroep op die kerkverband gewerk, as wat daar werklike besluite kon wees, waarby die kerkverband kragtens Art 31 KO hulle moes neerlê. Die probleem, ook vir die Kerkraad, was dat die Kuratorium in alle geval misluk het om aan die Kerkraad sodanige besluite te lewer waarmee hulle kon handel, al was hulle voorsitter op daardie stadium ook voorsitter van die Kuratorium. Op die Kuratorium en op sy Kerkraad blyk die kerkregtelike leiding van ID Krüger in die saak baie gebrekkig te wees. Dit wat hierdie besluit van die Kerkraad in ’n nog meer bedenklike lig stel, is reeds in die historiese verloop van die saak genoem: die “skorsing” staan waarskynlik in verband met die gebeure wat Spoelstra op 25 Junie 1946 in ’n skrywe aan ID Krüger meegedeel het (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.3,

Bylaag 51/45, Jun-Jul 1945). Hy stel dat “Sondag ’n week gelede het dr. De Wet weer in die Hervormde Kerk alhier gepreek. Hy het nie na die Nagmaal gekom nie, omdat hy beskou dat die kerkraad hom gesensureer het en sê glo dat hy nie hier Nagmaal sal gebruik nie, maar dat hulle besluit net Potchefstroom raak en nie ander gemeentes nie, dus sal hy wel elders kan Nagmaal gebruik”.

Hierdie skrywe van Spoelstra gee net verdere bevestiging dat kerkregtelik die saak op talle los skroewe rond gegly het. Dit geld ook vir die twee plaaslike Kerkrade wat ’n bepaalde verantwoordelikheid en bevoegdheid in die saak gehad het.

7.5 KERKREGTELIKE BEVOEGDHEDE VAN DIE MEERDERE VERGADERINGS

Kerklike vergaderings word deur CJ Smit (1983:127) beskou as toegespitste dienswerk. Artikels 29 tot 52 KO reël alle vorme van sodanige samekomste of vergaderings. Smit wys daarop dat kerklike vergaderings moet “ingeweef word” in die patroon waarvolgens Christus sy kerk deur die diens van die mens regeer. Daar mag nooit aanvaar word dat ’n besluit van ’n meerdere vergadering meer gesag en groter bevoegdheid besit as dit wat op ’n mindere vergadering besluit is nie. ’n Sinode het geen ander gesag as die van ’n kerkraad nie en ’n Sinode is eintlik maar net meer kerkrade wat saam vergader (vgl. Art 33 KO). Die Koningskap van Jesus Christus moet in alle vergaderings gerealiseer word deur te begin en af te sluit met die aanroeping van die Naam van die Here (Art 32,40 KO). Smit (1983:129) wys verder daarop dat ook by kerklike tug die geestelike karakter van Christus se Koningskap gehandhaaf moet word.

Smit (1983:129) is van mening dat in kerklike vergaderings altyd die prinsipiële onderskeid tussen die kerklike tug en die burgerlike straf altyd gehandhaaf moet word. In die De Wet-saak is daar by verskeie geleenthede van sg. regsgeleerdes se hulp en bydraes gebruik gemaak, o.a. adv. F Rumpff, prof. LJ du Plessis en ook andere in hulle regspraktyk. Dit is ’n onderskeid waarop fyn gelet moes word in die saak, nl. in watter mate die regsgeleerdes eintlik meer in die rigting van strafreg as kerkreg geadviseer het. Kerklike tug mag nooit oor straf of vergelding handel nie en daarom word by die tug geen opsluiting of boetes gehef nie.
Alle kerklike vergaderings se besluite, selfs as dit gaan oor die klag teen dwaalleer en die moontlike tug wat daaruit mag voortspruit, moet in hulle oorwegings en by die toepassing van die tug op die Woord van God berus. Die Koningskap van Christus moet deur die Bybelse grense van die kerk tot uitdrukking gebring word.

Ook in ’n moeilike saak, soos met De Wet die geval was, moet dit duidelik gemaak word dat hy nie as ’n vyand nie, maar as broeder behandel moes word (vgl. 2 Thess. 3:14-15). Du Plooy (1987:2) wys daarop dat in die Kerkreg dikwels met unieke sake gewerk word. Daarin is daar eiesoortige reg, geregtigheid en die orde van God ter sprake. Hiermee saam moet in berekening gebring word dat die kerk die duurgekoopte liggaam van Christus is, ook wanneer kerke in ’n vergadering saam is. Die ware Kerk moet met die reg en die geregtigheid van God werk, maar tegelyk moet die barmhartigheid, liefde en genade wat God in Jesus Christus bewerk het deur die kerk gekonkretiseer word. Dit is waarvoor God sy Kerk as ’n unieke en nuwe skepping laat ontstaan het.

7.5.1 DIE SINODES MOET KERKLIKE REGSPRAAK LEWER

In die hele saak met De Wet en hoe die saak by die Sinodes uitgekom het, kan aanvaar word dat daar eintlik ’n soeke was na kerklike regspraak. Dit was ’n soeke na die verstaan en die verkryging van wat reg is en wat die geregtigheid in die saak behoort te wees.

Twee deurslaggewende aspekte wat in die regspraak as uitgangspunt moet dien en wat in alle geval in die saak nagegaan moet word, is of daar werklik gepoog is om na mekaar te luister, wat ook genoem word die “*audi alteram partem-reël”* (hoor ook die ander party) (Spoelstra, 1989:206). In die saak van De Wet moet dit as ’n basiese regsreël beskou word dat daar na mekaar geluister moes word. Die vraag in die saak is, is daar werklik na mekaar geluister, hoe is daar gepoog om werklik te luister?

Hierin geld in alle geval ’n ander basiese reël wat vir al die partye in die saak na vore moes kom, ook vir De Wet, nl. dat niemand oor homself kan oordeel soos ’n ander oordeel nie. In die opsig kan niemand ook oor homself regspreek nie. Elkeen wat dit wil doen, moet by voorbaat besef dat hy/sy geprejudiseerd staan. Regspraak deur myself oor myself kan nie as ware regspraak erken word nie. Spoelstra (1989:206) wys daarop dat regspraak absolute onpartydigheid vereis, anders is dit vir die Here ’n gruwel. Daarom moes die Sinodes in die De Wet-saak en in die reg wat hier vereis is, rekenskap gee dat hulle werklik onbevooroordeeld kon luister na die stem van hom wat van leerdwaling beskuldig was voordat die Sinode ook sy stem voeg by hulle wat die aangeklaagde van “kettery” beskuldig het.

’n Ander basiese regsreël waaraan die Sinodes in hulle ondersoeke na gelang van die beweerde dwaalleer teen De Wet ondersoek moes doen, is wat in Latyn genoem word *“Nemo debet esse*

judex in propria causa" (Niemand kan regter in sy eie saak wees nie). Spoelstra (1989:211) wys hoe 'n oud-hoofregter na hierdie uitspraak verwys het as die mees basiese reël in enige reg, en in kerklike regspraak is dit ewe geldig (vgl. ook Visser, 1999:154, 291). Hierdie reëls soos bo genoem, word ook na verwys as die sg. "reëls van natuurlike geregtigheid". Dit is reëls wat in alle geval Skriftuurlik begrond staan.

Dit pas om hier na die Du Plessis-saak in Stellenbosch te verwys waar die hof ten gunste van Du Plessis beslis het en wat eintlik op twee gronde deur regter Gardiner beslis is.

1. Die Kerk mag nie sy eie reëls oortree nie en moet ten alle tye sy eie reëls in ag neem
2. Die Kerk moet ooreenkomstig die eise van natuurlike geregtigheid optree.

Sadler (1979:43,45) beskryf hierdie as twee soorte "foute" wat dikwels in kerklike ondersoeke begaan word. In die saak van Du Plessis het die regter bevind dat die saak teen hom geprejudiseer was omdat die persone wat die saak in 1930 ondersoek het, basies dieselfde mense was wat in 1928 ook in die ondersoek betrokke was. Die kerk het (a) hierin sy eie reëls oortree en (b) regter in hulle eie saak geword. Hulle kon nie as onpartydige party meer oor die saak oordeel nie.

Hiermee saam moet verreken word dat die beginsel van onpartydigheid ten nouste saamhang met die beginsel van "natuurlike geregtigheid" m.a.w. die aangeklaagde moet 'n onpartydige verhoor kan kry. Hierin kan die *audi alteram partem* reël veronderstel word. Dit is natuurlik net reg dat daar behoorlik na mekaar geluister sal word en die ander kant van die saak werklik gehoor word. Hierin kan nog fyner onderskei word, nl. dat daar in die ondersoek nie onreëlmatigheid mag wees nie (m.a.w. dat jy regter in jou eie saak mag wees nie) en tweedens daar nie *mala fides* (kwade bedoelings) mag wees en iemand 'n kerklike aangeleentheid (kerkleer) kan gebruik om ter kwader trou te handel nie (Sadler, 1979:44).

Meijer (2006:85) wys daarop dat kerklike regspraak dikwels te make het met struikelblokke wat uit die weg geruim moet word. Wanneer daar verontregting vermoed word, soos wat die saak met De Wet duidelik verontregting aan sy kant beweer het, moet die verontregting ondersoek word en reggestel kan word.

In 'n saak wat leerdwaling ondersoek, word die regspraak bemoeilik omdat dit nie net handel oor vrede en versoening tussen twee partye nie, maar die bewaring en uitbouing van die suiwere en

die gesonde leer wat die mens moet voorafgaan en selfs belangriker is as net die vrede tussen mense. Nogtans word aanvaar, ook waar 'n meerdere vergadering leerdwaling moet ondersoek, dat die oordeel nie by een mens berus nie, maar dat die oordeel deur 'n wettige kerklike vergadering moet geskied. Die ander vereistes wat Meijer (2006:85) neerstip is dat in kerklike regspraak moet dit wat billik en goed is nagejaag moet word. Selfs in 'n ondersoek na beweerde dwaalleer moet daar geen begeerte wees om die sg dwaalleraar skade aan te doen en wraak teenoor mekaar te neem nie. Bitterheid, haat en twisgierigheid moet ten alle koste voorkom word, so ook die volhardende en blindelingse soeke na eiegeregtigheid.

De Wet se beroep op die meerdere vergaderings was duidelik 'n beroep op kerklike regspraak. Selfs in sy beroep op die Kuratorium, toe dit gehandel het oor die Geref. Kerk Potchefstroom wat hom hulle kansel verbied het, wou hy kerklike regspraak ontvang.

Die vraag of meerdere vergaderings selfstandige tugreg het of nie, word al lankal deur kerkregtelikes van alle kante beredeneer. Die argumente is geneig om tussen die twee uiterste pole van Independentisme en Kollegialisme rond te val met heelwat tussen-in variasies. Spoelstra (1989:429) wys daarop dat "meerdere vergaderings" nie buite rekening gelaat kan word nie. Soos wat "meerdere vergaderings" 'n plek in die regering van die plaaslike kerk moet hê, so is dit van groot belang dat wanneer daar met professore gehandel word die meerdere vergaderings se rol en betekenis in die Kuratorium sy plek moet hê. In die geval van teologiese professore het die Kuratorium na analogie grotendeels die rol van die kerkraad vervul.

In die laaste jare is daar sterk uitsprake gemaak oor die vraag of 'n Sinode nie self 'n besluit tot skorsing en afsetting kan neem nie. Du Plooy (1982:146) het die saak nog vragenderwys gestel of kerke in kerkverband (bv. in hulle meerdere vergaderings) enigsins 'n funksie te verrig het in die hantering van die tug as bediening van die sleutelmag. Hy het die vraag ook anders gestel, nl. of die heiligheid van God dit nie noodsaaklik kan maak dat kerke in kerkverband soms gemeenskaplik moet oordeel oor die uitoefening van die kerklike tug nie? Du Plooy se vertrekpunt is in alle geval dat die heiligheid van God voorop gestel moet word. Hieruit kan afgelei word dat die ware leer ook as heilig beskou moet word. Howell (2004:191) is van mening, met 'n beroep op Meijer (sr.), dat 'n Sinode nie self 'n besluit tot skorsing en afsetting kan neem nie. Die nuutste denke hieromtrent is dat 'n Sinode nie die kerkregtelike optrede van tug oor professore mag uitvoer nie. Dit word selfs as miskenning van die kerkorde van die GKSA beskou. Volgens Howell e.a. gaan hierdie denke oor tugreg van meerdere vergaderings in teen alle goeie gereformeerde kerkreg en word as vorm van sinodekrasie beskryf (Howell, 2004:191).

Die kerkregtelike bevoegdhede van ’n Sinode in die tyd van die saak teen De Wet was in alle geval presies wat hierdie latere uitsprake van Howell, Meijer (sr.) e.s.m. nie mee rekening hou nie. In die vroeëre geskiedenis van die GKSA, waar dit gegaan het oor kerkregtelike optrede teen ’n professor, is aanvaar dat dit in die hande van ’n Sinode gelaat moet word.[74] Alleen volgens ’n Sinodebesluit kon skorsing en beslis afsetting van ’n professor geskied. Die Kuratorium kon wel net voorlopig skors. Niks van die verdere handelinge in Art 79 en 80 KO kon teen ’n professor plaasvind as ’n Sinode nie daaroor besluit het nie, alles op voordrag van die Kuratorium waar die Sinode op geen wyse aan sodanige voordrag gebind is nie (Acta, 1936:102).

Volgens latere vertolking kan ’n meerdere vergadering alleen in hoogs uitsonderlike gevalle op ’n kerkregtelike wyse ingryp, bv. wanneer in die geval van ’n professor die Kuratorium na regte moet optree en dan nie optree nie. In die geval van JG Geelkerken, wat later in die hoofstuk weer aan die orde kom, is daar bewyse hoe gevaarlik die kwessie van leertug kan word as ’n Sinode so ’n saak op die spits dryf. Spoelstra (1989:430) is van mening dat meerdere vergaderings eintlik ’n “patetiese onvermoë” na vore bring waar dit oor tughandelinge by professore handel. Volgens hom slaag hulle nie daarin “om die beginsels van die Skrif en Heilige Gees en prosedure van die Kerkorde te handhaaf nie”. Later verwys hy weer na Nederland wat ’n droewige geskiedenis van leertug agter die rug het (Spoelstra, 1989:443). Spoelstra voeg hom by Visser wat gestel het dat kerkrade in baie gevalle die regsbeginsels beter as Sinodes in baie van die leergedinge toegepas het.

Die Geelkerken saak is ’n geval waarmee aanvaar kan word beide die Sinodes van 1945 en 1946 baie goed op hoogte was. Dit het gemaak dat veral Sinode 1945 die saak met De Wet baie versigtig hanteer het. Volgens JD du Toit wat op daardie stadium ’n kollega van De Wet was, maar ook professor in Kerkreg, was die behandeling van die saak deur Sinode 1945 “halwe werk”. Ander stenografiese opnames voeg die naam van JV Coetzee ook hierby: hy en JD du Toit het gevoel dat die Sinode van 1945 die saak van De Wet swak hanteer het en hulle “halwe werk sal moet regmaak” (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945). Daar was wel ander stemme wat anders oor die Sinode van 1945 geoordeel het. BJ de Klerk, wat as adjunk-skriba op die moderamen van Sinode 1945 gedien het, het weer sy tevredenheid met die werk van Sinode 1945 uitgespreek (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 35/45, Apr-Mei 1945).

[74] Die latere behandeling van die Geelkerken-saak sal hierop terugkom deur aan te toon dat dit eintlik die gevolg is van die *nieuwe kerkrecht* wat in 1926 in Nederland met die Geelkerken-saak posgevat het.

In die finale beoordeling van die saak (vgl. hfst. 8) sal die huidige posisie in sake tug oor teologiese professore duideliker na vore kom. In die huidige 2014-Teologiese Skoolboekie (nou bekend as die Prospektus) word aangedui hoe die tug oor teologiese professore behoort te verloop en kan aanvaar word dat daar drastiese wysigings en ingrype plaasgevind het in vergelyking met hoe die De Wet-saak hanteer was. Die huidige Prospektus poog breedvoerig om die besluite van die Algemene Sinodes sedert 1985 saam te vat. Tegelyk is dit 'n erkenning dat die meer kollegialistiese benadering tot die saak in die tyd van die hantering van die De Wet-saak heeltemal van afgestap is en nie eers meer ter oorweging gestel kon word nie.

Dit is van belang dat in die hantering van die volgende afdelings van hierdie studie daar 'n leerproses in die toepassing hiervan aan die gang was wat by die De Wet-saak talle leemtes blootgelê het. Die De Wet-saak, soos al duideliker aangedui, wys dat daar in die toepassing van tug oor professore baie onsekerheid bestaan het en dat daar baie met besluite rondgeval is oor wat die partye in die geding te doen gestaan het. Dit verklaar tegelyk die groot onus wat die Kuratorium op die ervaring en geleerdheid van burgerlike regsgeleerdes, soos adv. F Rumpff en prof. LJ du Plessis gelê het om hulle, vanuit die burgerlike regslewe al meer in die saak te adviseur omdat daar in die stadium vanuit die kerklike reg nie behoorlike leiding kon plaasvind nie. Die Kuratorium se fokus op die Geelkerken-saak in Assen-Nederland (1926) en veral die Janssen-saak in Amerika (1922) wys verder in die rigting van hoe hier plaaslik met die saak kerkregtelik rondgetas is en hoe onseker die partye in die saak met tye voorgekom het. Die feit dat 'n Kuratorium op daardie stadium gewoon as 'n sinodale deputaatskap kragtens art 49 KO moes funksioneer, lê in alle geval in die kern van die problematiek van die swak hantering, soos JD du Toit en JV Coetzee, dit albei met die Sinode van 1945 beskou het. Hieraan word gepoog nou meer besondere aandag te skenk.

7.5.2 KERKREGTELIKE SAKE WAT SINODE 1945 MOES HANTEER

Hierbo is reeds aangedui dat dit kerkregtelik in die tyd van De Wet aanvaar was, dat alleen Sinodes oor professore se leer uitspraak kon gee in moontlike leergedinge wat afsetting kon insluit. Daar is gewys op die potensiële probleme, tekortkominge en gevare in so 'n werkswyse. Die toets wat kerkregtelik hieruit volg is om te bepaal of die Sinode 1945 net nog 'n voorbeeld was van wat Spoelstra (1989:443) beskryf as sinodes se droewige geskiedenis van leertug. Hy praat ook van 'n patetiese onvermoë wat by meerdere vergaderings na vore kom by tug oor professore (Spoelstra,1989:430).

Die Sinode in 1945 moes kerkregtelik, wat die De Wet-saak betref, hoofsaaklik met die volgende sake en stukke op die tafel moes handel. De Wet se beswaarskrif (Acta, 1945:57-58); die voordrag van die Kuratorium (Acta, 1945:55-56); De Wet se Bevestiging (Acta,1945:216); Kuratorium se reaksie op die "Bevestiging" (Acta, 1945:216); Kommissie ad-hoc voordrag (Acta, 1945:194-196); Kuratorium se finale voordrag (Acta, 1945:201); en Voorsitter Sinode se berou-vraag (Acta, 1945:201).

7.5.2.1 DE WET SE BESWAARSKRIF

Die ordelike indiening van hierdie beswaarskrif is in hoofstuk 5 aangebied. Hiermee saam is die inhoudelike van die beswaarskrif weergegee. Dit het hoofsaaklik gewys op De Wet se beswaar teen 'n voetnoot van die redaksiekommissie by een van sy meditasies wat hy as 'n "laakbare metode" beskryf het. Tegelyk het hy JV Coetzee se optrede met die studente-aantekeninge as nog meer laakbaar beskou en laastens het sy beswaarskrif beweer dat die Kuratorium se voordrag aan die Sinode, wat staande hierdie vergadering hom van "kettery" beskuldig het, "sonder enige geldige gronde of bewyse is".

Die hantering van die beswaarskrif laat kerkregtelik heelwat vrae ontstaan. Dit kom voor of daar staande die Sinode verwarring bestaan het of die beswaarskrif eerste behandel moes word en of die voordrag van die Kuratorium wat die beweerde dwalinge bevat, nie eerste behandel moes word nie. Die verwarring het verdiep want die voordrag van die Kuratorium is heel aan die begin van die hantering van die saak al voorgelees (vgl. Acta, 1945:55, Art 42). Die Sinode is reeds ten volle aan die inhoud van die Kuratorium se voordrag blootgestel en het daarvan kennis geneem nog voordat die beswaarskrif van De Wet aangebied is.

Dit laat kerkregtelik die vraag waarom die beginsel dat regspraak altyd voorrang moet verkry, hier nie nagekom is nie. 'n Beswaarskrif vereis tog regspraak en moes eerste behandel word voordat die Voordrag kon dien? Is daar na behore rekening gehou met die gevaar van prejudisering deur die Voordrag voorrang te verleen en daarna eers die beswaarskrif ter tafel te neem? Hiermee kon daar reeds 'n sekere ingesteldheid teenoor die beswaarskrif geskep word wat dit onmoontlik maak om sover moontlik objektief die regspraak met die beswaarskrif uit te oefen.
Die Sinode het wel teruggekrabbel toe 'n kommissie aangewys is om die Sinode oor die "orde wat gevolg moet word" te adviseer (Acta, 1945:59, Art 45). Prejudisering kon toe reeds plaasgevind het. Op hierdie kommissie verskyn eerste die naam van JD du Toit (Acta, 1945:49,

Art 46), wat in die saak al so diep betrokke geraak het en wie se betrokkenheid sekerlik wyd bekend was. Was dit nodig om hom sommer op die eerste kommissie wat in die saak moes help adviseer, aan te wys? Is die gevaar van om "regter in jou eie saak te wees" al van die begin af na behore verreken?

Hiermee saam word 'n familielid van De Wet, nl. JM de Wet, by hierdie eerste kommissie saam met JD du Toit betrek. Alhoewel aanvaar kan word dat familiebande ondergeskik aan die kerklike sake moet wees, is dit nodig om iemand in so 'n posisie te stel, hom selfs rapporteur van die kommissie te maak, sodat van die persoon verwag word om nie alleen in die besluitneming nie, maar ook in sy uitspraak uitgeken te kan word as een wat kontra sy oom handel? Was daar nie ander geskikte broeders wat hierdie taak kon uitvoer nie? Dit was sekerlik nie nodig om die gevaar te skep om dinge in 'n spesifieke familie wat alreeds in spanning oor 'n saak kon verkeer, net nog meer gespanne vir die individue te maak.

Die voorstel van hierdie kommissie, nl. dat die beswaarskrif wel eerste moes dien, is agterna ordelik toegepas. Die vraag is of prejudisering nie toe reeds plaasgevind het nie? Wanneer 'n vergadering sy eie reëls sommer uit die staanspoor oortree en dan skielik weer die reëls in plek bring, maak dit die skade wat by die eerste oortreding begaan is, noodwendig ongedaan?

'n Volgende kerkregtelike vraagstuk is dat die Kuratorium klaarblyklik nie voorbereid was om hulleself heel eerste teen De Wet se beswaarskrif te verweer nie. Daar is aan hulle ruim tyd toegestaan om hulle verweer na behore voor te berei wat hulle toe wel gedoen het. Toe die vergadering die beswaarskrif inhoudelik in die volle vergadering begin hanteer, het De Wet beswaar gemaak dat hy hom nie op hulle verweer kon voorberei nie. Hierteen kan gestel word dat De Wet nie noodwendig geregtig was op, of soos hy dit noem die "heilige reg" gehad het, om hom op sy beurt eers weer op die verweer voor te berei, voordat die saak kon begin dien nie. Kerkregtelik kan dit onhoudbaar raak as elke party nog elke keer weer tyd wil afdwing vir nog verdere voorbereiding en sal die saak dus nooit kan begin nie. JM de Wet het hierin aangevoer dat daar wel in die kommissie verklaar is dat die aanklaer en die verweerders van mekaar se stukke kennis moes neem. As die verweerders, in dié geval die Kuratorium, onderneem het om aan De Wet hulle voorbereiding voor die tyd beskikbaar te stel en hulle nie woord gehou het nie, soos JM de Wet wel beweer het, dan is hiervoor 'n ander saak uit te maak. Dit kom neer op 'n onderneming waartoe hulle nie verplig kon word nie, maar vir die een wat sy woord gee, moes sy woord sy eer wees. Die Sinode moes in die geval seker gemaak het of so 'n "belofte" wel gemaak is. Op sigwaarde wil dit voorkom of die Sinode die saak maar net sy loop laat neem het en van

De Wet verwag het om voort te gaan, sonder dat hy op die Kuratorium se verweer voorbereid was.

In die aanbieding van die verweer wat geruime tyd van die vergadering opgeneem het, het JV Coetzee oor die studente-aantekeninge en sy bevindinge begin spreek. JM de Wet maak hieroor beswaar omdat hy prosedurele onreg vermoed het. Volgens hom moes die formele van die inhoudelike geskei word. Hy stel 'n punt van orde waarin hy sê: " ... dit raak die prosedure, as die tyd daar was, sou ons dit wil hoor, maar dit hoort nie nou hier nie. Ek vra die reg van die saak ..." Om in antwoord op CJH de Wet se beswaarskrif alreeds inhoudelik op die nege punte van die Kuratorium se leerklag in te gaan en voor te gee dat jy klaer in die saak is, in plaas van die verweerder wat op die punte van die beswaarskrif moes konsentreer, lyk vir JM de Wet nie heeltemal reg te wees nie. Die voorsitter van die Sinode, op daardie stadium DN Kotzé, het nie hierop wou ag slaan nie en het Coetzee toegelaat om op sy ingeslane weg voort te gaan.

Hierna is aan JD du Toit, wat nie kurator was nie, ruim geleentheid gegee om in die tyd wat die Kuratore hulle verweer laat dien het, die Sinode oor die saak baie lank toe te spreek. Op Maandag 29 Jan 1945 kry Du Toit nie klaar gepraat nie, want dit was duidelik hy het baie op die hart gehad. Wanneer die Sinode op Donderdag, 1 Feb. 1945, weer na die saak terugkeer, was nog weer aan Du Toit die geleentheid gegee om hom uit te spreek oor wat hy die Maandag nie kon klaarkry nie (Acta, 1945:156, art 119).

'n Adviseur op 'n Sinode is veronderstel om net advies te gee, oor die saak waarin sy advies verlang word en oor dit wat van hom gevra is. Veral waar dit nou 'n uitspraak in 'n regsaak moet wees, terwyl die uitspraak deur die vergadering nog gelewer moet word, moet 'n teologiese professor baie versigtiger wees.

JD du Toit was wel by die Sinode adviseur en hy het ten opsigte van hierdie saak ook 'n ander betrokkenheid as lid van die Senaat gehad. Dit plaas hom in die posisie dat hy saam met die Kuratorium die saak moes hanteer. Sy posisie was inderdaad baie moeilik want vanuit die Senaat kon hy ruim geleentheid ontvang om hom baie duidelik en breedvoerig oor die saak uit te spreek. Die kernprobleem raak meer ingewikkeld want as adviseur moes hy sy perke respekteer maar as deel van die Senaat moes hy tegelyk sy kant behoorlik kon uitspreek, wat hy inderdaad gedoen het.

Vir hom was die gevaar nie soseer dat hy te veel kon praat nie, maar die inhoud van wat hy sê was die gevaarliker deel. Inhoudelik het hy hom nie as adviseur nie, maar as senaatslid laat geld. Sy dubbele rol op hierdie Sinode het hom in ’n sterk posisie geplaas wat so maklik misbruik kon gewees het. Daar kan aanvaar word dat die blote feit dat Du Toit wel baie op die Sinode van 1945 gepraat het, dit nie soseer hom regter in sy eie saak gemaak het nie. Hy praat wel oor die saak en hy wou die saak dien, wat nie mog insluit dat hy te veel oor sy eie saak en sy eie persoon mag praat nie. Du Toit het nie na behore hierin geslaag nie, want talle verwysings na homself, sy eie jare lange verbintenis en opofferings tot hierdie Skool kom sterk na vore. Ook vorige ervarings (sekerlik ’n verwysing na die Du Plessis-saak in Stellenbosch) en hoe drasties hy sekere stappe sou neem as hierdie saak nie na behore hanteer en afgehandel sou word nie, laat groot onsekerheid of hy nie wel in groot mate regter in sy eie saak geword het nie.

In ’n leergeding kan ongevraagde “advies”, wat eintlik geen advies is nie, maar ’n eie standpunt, ’n baie ongesonde saak midde in die hantering van die saak word, veral as dit kom van die professor in Kerkreg. Du Toit in sy persoon het so ten nouste by die saak betrokke geraak dat sy toespraak beslis nie net meer oor advies kon handel nie, maar het hy hom as senaatslid sterk gehandhaaf. Hy moes sy eie posisie meer duidelik en versigtiger verklaar het.

Du Toit het sekerlik goed bedoel deur sy hele persoon in die begin van die saak uit te stort, as hy verwys na hoe lank hy al by die Skool was, hoe hy al ’n leerstryd as pynlik en bitter en onaangenaam beleef het, alles dinge wat waar en eerlik gesê is. Die vraag is, mag hy dit nou hier gesê het, moes hy werklik toegelaat word om hom so lank uit te spreek. Dat hy veel respek onder die afgevaardigdes in hierdie vergadering gehad het, kan aanvaar word. Dit is by ander geleenthede tydens die tydsduur van dieselfde Sinode nog weer aan hom bewys (vgl. o.a. Acta, 1945:128). Ook toe Du Toit later gevra is om nog langer as professor aan te bly, blyk dit weer baie duidelik. Daar is genotuleer: “Die mosie word algemeen aangeneem en die vergadering betuig sy instemming deur op te staan ...” (vgl. Acta, 1945:194).

Daar kan geen twyfel wees dat JD du Toit ’n hoë profiel onder die afgevaardigdes geniet het en in sy persoon wyd gerespekteerd was. Daarom, moet so ’n professor soveel te meer versigtig wees om sy eie standpunt nie sommer van die begin af reeds so duidelik te maak nie, sodat dit eintlik nie anders kan nie, dat sy standpunt ook die standpunt van die Sinode word. Wanneer dit gebeur, het ’n professor, al is hy JD du Toit, in sy optrede te ver gegaan. Advies mag nie toesprake word om ’n hele Sinode na jou kant te oortuig nie - dan is dit lankal nie meer kerkregtelike advies nie. Dan kan daar van gesonde regspraak in wat die Sinode alleen oor moet

besluit, nie meer sprake wees nie. Spoelstra (1989:201) dui heeltemal tereg aan dat kerklike besluite behoort nie op die menings van adviseurs behoort te berus nie, maar op die reg wat die advies aan die vergadering blootlê. Hy voeg daarby daar kan advies wees wat tot regskrenking lei.

Daar kan kerkregtelik aanvaar word dat JD du Toit vanaf die begin 'n baie groot invloed op die saak uitgeoefen het. Tydens die Sinode van 1945 het hy baie duidelik soos 'n party in die geding opgetree. Dit maak hom in die kerkregtelike beoordeling van sy eie rol voortaan 'n regter in eie saak. Du Toit, as prof. in Kerkreg, sou hom in die hantering van die saak nie meer as adviseur in die saak mag voorgehou het nie. Die kerkregtelike rol van adviseur op 'n Sinode wat in die meeste sake van die professor in Kerkreg *ex officio* verwag word, sou Du Toit, wat die saak betref, nie meer na reg kon vervul nie.

JD du Toit se seun, S du Toit, is hierby ingesluit. Al het S du Toit se betrokkenheid in die saak eers ná Sinode 1945, veral deur die loop van 1945, al sterker na vore gekom, het hy reeds in die Kuratoriumvergaderings van Nov. en Des 1944 en vroeg in Jan 1945 tot dié mate tot die saak toegetree, dat hy moeilik net advies kon gee. Hy was reeds gekompromitteer met sy pa se standpunte, sodanig dat hy vroeg reeds net so 'n groot teenstander teen De Wet was as wat sy pa dit was.

Later sal nog weer aangetoon word, dat die buitengewone Sinode 1946, wat oor die De Wet-saak opgeroep was, 'n "breinkind" van JD du Toit was. Die vraag wat indringend gevra kan word, is of Du Toit nie ongesonde druk uitgeoefen het dat 'n buitengewone sinode moes plaasvind nie. Du Toit het meestal min teenstand uit die Kuratorium gehad. Net PJS de Klerk en DG Venter was by tye bereid om Du Toit teen te spreek. DG Venter het alleen gestaan as dit gegaan het om ernstige kritiek teen Du Toit, soos reeds vroeër in die hoofstuk aangetoon. Dit laat die vraag ontstaan of die buitengewone Sinode van 1946 hoegenaamd opgeroep moes gewees het, want die aansporing en die noodsaak tot so 'n handeling behoort uit die kerke na vore te kom en nie van die professore aan die Teologiese Skool nie.

7.5.2.2 DIE VOORDRAG VAN DIE KURATORIUM

In die aanloop tot die voorbereiding vir die Voordrag van die Kuratorium is daar 'n aantal opmerkings in briewe gemaak. Veral die korrespondensie tussen die skriba van die Kuratorium, TT Spoelstra, en die voorsitter van die Kuratorium verdien aandag. In van die eerste briewe maak

Spoelstra in 'n skrywe aan Krüger die opmerking dat dit vir De Wet nie gaan "oor die saak nie", maar oor "die laakbare metodes". Dan word die vraag deur Spoelstra gestel: "Is heiligheidsskending gepleeg? Dit wil so lyk" (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, 2.1.3.7, Bylaag 17/44, Des 1944).

Die vraag is of lede van die Kuratorium, al is dit net in persoonlike onderlinge korrespondensie, hulleself sulke opmerkings mag veroorloof. Die persoon van De Wet en sy saak word hiermee geëtiketteer. Die *audi alteram partem* reël eis dat die ander kant van die saak onpartydig en behoorlik gehoor moes kon word. Deur sulke opmerkings word onpartydigheid in die wiele gery.

Krüger se antwoord aan Spoelstra getuig eweneens van iemand wat nie bereid was om hierdie reëls na behore toe te pas nie. Hy skryf aan Spoelstra: "Laakbare metodes wat nog bewys moet word, in waar? ... " Krüger maak nog 'n opmerking wat lees: " ... anders is sy ekskuus weer: dáárop is ek nie voorbereid nie! Mag hy dan nou al, op die stadium begin dikteer? (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium Bylaes, 2.1.3.7, Bylaag 18/44. Des 1944). Hiermee saamgelees die opmerking in van die stenografiese materiaal wat Krüger op 19 Des 1944 laat in die nag gemaak het: "Ek meen ons moet 'n end maak aan die saak". Dit kan wees dat Krüger met hierdie opmerking gewoon bedoel het dat die kerkregtelike proses nou op regmatige wyse sy loop moes neem en dat hy nie bloot 'n vinnige einde aan hierdie saak bepleit het nie. In alle geval, as hy met so 'n opmerking 'n vinnige einde en klaarmaak met die saak voor oë gehad het, dui dit op verontregting.

Deurgaans is dit duidelik De Wet en Krüger was soos vet en vuur bymekaar. De Wet was ewenwel geen voorbeeld van geduld nie en sy opmerkings teenoor Krüger het sekerlik Krüger se negatiewe antwoorde aangevuur. Ook die feit dat De Wet hom blatant as regter in sy eie saak wou bly handhaaf, het Krüger, as voorsitter van die Kuratorium, wat veronderstel was om tyd en geleentheid te ontvang om as regmatige liggaam na behore oor die saak te oordeel, warm onder die kraag gehad. De Wet het op geen wyse dit vir die Kuratorium makliker gemaak nie. Hy het sy eie saak heeltyd probeer beoordeel, sonder om die oordeel wat die kuratore ook moes gee, nugter en rasioneel aan te hoor en te probeer verwerk.

Die feit dat adv. F Rumpff wat ten nouste by die saak betrek was, tegelyk 'n skoonseun van ID Krüger was en hy hom so maklik op die regsadvies van Rumpff kon beroep, het gemoedere net verder opgejaag, alhoewel De Wet eers ná die 1946-Sinode die nepotistiese neiging wat in die

saak na vore kon kom, aangeroer het. In die verloop van die saak het De Wet, so ver vasgestel kon word, nêrens op die gevaar van nepotisme gewys nie.

De Wet het met verloop van die saak al minder daarin kon slaag om homself so te beheer dat hy bloot net sy saak kerkregtelik moes stel en sy eie saak nie moes probeer dien, deur ook regter in sy eie saak te wou wees nie. Nog ’n opvallende kenmerk van De Wet is dat hyself hom nooit op ander regspersone tot wie hy sekerlik toegang kon hê, beroep het nie. Hy het nêrens, sover vasgestel kon word, hom op andere se regsadvies beroep of gepoog om so ’n goedgesinde regspersoon vir sy kant van die saak te betrek nie.

Die Voordrag van die Kuratorium is in die vorige hoofstukke breedvoerig behandel. Dit is belangrik om in die opstel van die Voordrag die insette van adv. F Rumpff deurgaans in gedagte te hou. Spoelstra het aanvanklik aangedui hy het Rumpff betrek “rakende wetsadvies i.v.m. die prosedure”. Die versoek kom dan klaarblyklik nie direk van Krüger af nie. Die bydraes van Rumpff deur die verloop van die saak moes versigtig oorweeg word t.o.v. wat presies onder prosedurele wetsadvies verstaan moes word.

Dit is wel duidelik Rumpff is in die fynste besonderhede van die saak ingetrek. Nêrens kon ’n duidelike besluit gevind word dat die Kuratorium as liggaam of die Senaat of die Sinode formeel as kerklike liggaam vir Rumpff as regsadviseur benoem het nie. Al besluit in dié verband was die woorde van Spoelstra dat hy as persoon en skriba van die Kuratorium vir Rumpff “rakende wetsadvies i.v.m. die prosedure” genader het. Daar is geen besluit opgespoor wat kon aandui dat Spoelstra die opdrag hiertoe gehad het nie. In alle geval, die goeie en gemaklike verhouding tussen ID Krüger en Rumpff, as skoonpa en skoonseun, was as geen struikelblok en gevaar in die saak voorgehou nie en was die toegang tot Rumpff hierdeur maklik gemaak. Die saak is waarskynlik heel informeel hanteer toe Rumpff betrek was.

Die presiese draagwydte van wat Spoelstra met die uitdrukking “rakende wetsadvies i.v.m. die prosedure” bedoel het, word ook ’n vraag op sy eie. Die feit dat ’n saak van sy vorm en inhoud nie geskei kan word nie was sekerlik aan die orde. Rumpff sou noodwendig dieper moes ingaan as bloot net die organisatoriese vrae wat gevra sou word. Die geheim sou wees om sy formele antwoorde, ook wat die inhoud van die saak betref, so te hanteer dat dit bloot as advies oorweeg kon word en nie noodwendig die handelswyses van die Kuratorium moes begin voorskryf en dikteer nie.

Dit kom voor of dit wat die gevaar in hierdie handelinge was al meer na prosedurele voorskrifte vir die Kuratorium gegeld het. Die Kuratorium het hulle in baie groot mate deur ID Krüger se skoonseun, adv. Rumpff, laat lei. Sodoende was daar ’n gevaar, soos Spoelstra in sy skrywe aan Jansen van Ryssen toegegee het, dat die Kerkreg en die gewone reg (burgerlike reg) nie goed genoeg van mekaar onderskei word nie. Die balans wat hier na gesoek moes word was nie na behore gevind nie. Die burgerlike reg en die Kerkreg het wel ’n fyn balans en ooreenkoms, veral betreffende die toepassing van die regsbeginsels van die sg natuurlike geregtigheid.

Daar is sterk bewyse dat die Kuratorium al hulle eerste Voordrag vir hierdie saak, nie selfstandig nie, maar grootliks met die raamwerk wat adv. Rumpff voorgestel het, saamgestel het. Rumpff huiwer nie om in sy eerste brief betreffende die saak, wat meer as 1200 woorde bevat, die hele saak, soos hy dit sien, deur te werk nie. Hy handel oor die proses rondom die inhandiging van die klag, die erns van die klagtes, die ondertekeningsformulier en oor die regte van die Kuratorium, waaroor hy skryf: “Dit is duidelik dat aan die Kuratorium die reg gegee is, in geval van 'n dringende noodsaaklikheid, bv. ernstige wangedrag of ernstige kettery, om te suspendeer ...” Dan gaan sy bydrae nog verder:

> “ ... So 'n suspendering kan plaasvind sonder enige ondersoek, dit hang alles af van die aard van die klagte. Valse leer, volgens my opinie, is dit die plig van die Kuratore, in die eerste plek, om na te gaan, wat is die erns van hierdie klag. Is dit 'n besonder ernstige klagte of nie? As dit beskou word dat dit voor die Sinode gelê gaan word, dan moet oorweeg word, wat gaan die Kuratore vir die Sinode vra om te doen, as dit bewys word dat daar grond is vir hierdie klagte, wat gaan die Kuratore vir die Sinode vra, wat moet gebeur - dit is die grootste oorweging wat die Kuratore so gou moontlik moet beslis want van dit hang af die vorming van prosedure wat hierna gevolg gaan word.”

Dan gaan Rumpff verder deur na die Du Plessis-saak te verwys, waar hy bevestig dat Du Plessis se “hele saak is opgestel op die prosedure”. Verder wys hy die Kuratorium daarop:

> “ ... Aangesien die moontlikheid daar is dat dit as 'n ernstige klagte kan beskou word, dat die Sinode die grootste stap kan doen, is dit derhalwe van groot belang dat daar moontlik ’n hofsaak kan uitspruit. Ek lê dit alles aan u voor, om te verhoed dat as die ergste gebeur, ’n verkeerde prosedure gevolg word, waarby die ander dan sal suksesvol wees...”

Die magte en bevoegdhede en tydsraamwerk waaraan die Kuratorium gebonde moes wees, word in volle besonderhede deur Rumpff beredeneer. Dit staan buite alle twyfel dat Rumpff in

die voorbereiding vir die saak nie net “met wetsadvies betreffende die prosedure van die saak” gehandel het nie, maar sy bydraes het die kerkregtelike aspekte op talle gronde begrens en belyn.

Die Kuratorium het nie gehuiwer om in die voorbereiding vir die saak met Rumpff indringend te konsulteer nie. Nooit is deur die Kuratorium geoordeel dat Rumpff sy eie perke oorskry en dat daar van sy kant by die saak ingedring word nie. Hulle het al Rumpff se bydraes hartlik verwelkom. Rumpff het met die Kuratorium-vergadering in Desember 1944 o.a. gereageer op ’n vraag van Jooste wat hulle as Kuratorium te doen staan omdat De Wet te kenne gegee het dat hy sy saak by die Sinode sou toets. Rumpff se antwoord het daarop neergekom dat De Wet eintlik nog geen saak het om by die Sinode aanhangig te maak nie, omdat hy nog nie amptelik aangekla was nie.

De Klerk wou by Rumpff weet of hulle elke klag of beswaar onder bepaalde punte van die belydenis moes kon aantoon. Rumpff het hierop ontkennend geantwoord en gewys dat ’n klag geheel sonder die belydenis ingebring kon word. Soos hy dit gestel het” “Skorsing of afsetting hoef nie juis oor die belydenis te gaan nie”. Dan wys Rumpff daarop, alhoewel hy De Wet glad nie by name noem nie, dat “gebrek aan temperament” kan ook ’n rede tot afsetting kon wees.

Daar is nog talle voorbeelde waar Rumpff om sy kundigheid genader is. Daar kan geen twyfel wees dat so ’n persoon sy kundigheid beskikbaar mag stel nie, maar dan sonder om die kerkregtelike aangeleenthede sodanig te beïnvloed dat dit later nie meer gesonde Kerkreg is wat spreek nie. Rumpff het beslis die gawes en die mandaat gehad om indringend by die saak betrek te word maar moet daar gekonkludeer word, soos hieronder verder aangedui dat die onderskeiding tussen die burgerlike reg (gewone reg) en die Kerkreg nie genoeg verreken is nie.

TT Spoelstra het kort na die Sinode in 1945 ’n afleiding gemaak oor die rol van die regspersone F Rumpff en LJ du Plessis in die saak. Dit gee beslis kerkregtelike nadenke as hy vir Jansen van Ryssen skrywe dat daar weer orde sou moes kom kragtens die aard van kerklike vergaderings. Spoelstra noem dat ’n Sinode ’n verkeerde prosedure kon volg wat lyk soos die by hoër howe. Hy sluit sy brief met voorbehoud af as hy stel dat hy miskien alleen staan in sy beskouing wat hy aan niemand wou opdring nie, maar hy bevestig weereens “ek voel oortuig dat ons meer moet terugkeer na die kerklike prosedure volgens die Kerkorde en nie ons laat lei deur die wêreldlike hof nie omdat die een met tug en die ander met straf te doen het (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.3, Bylaag 49/45, Jun-Jul 1945).

7.5.2.2.1 DIESELFDE KOMMISSIE HANTEER BESWAARSKRIF EN KURATORIUM SE VOORDRAG

Dit is ’n feit dat dieselfde kommissie die twee deurslaggewende sake moes hanteer waarin die een saak regspraak vereis het (Beswaarskrif), terwyl dieselfde kommissie ook die Voordrag van die Kuratorium moes beoordeel, “’n voorstel hieroor te formuleer en aan die vergadering voor te lê” (Acta, 1945:157). Daar kan kerkregtelik gevra word in watter opsig so ’n kommissie daarin sou kon slaag om met albei hierdie sake *de novo* te handel in die besef dat dit twee selfstandige sake was. Die voortydige hantering van die Voordrag van die Kuratorium sou so deurslaggewend kon deurwerk dat met die Beswaarskrif daar moeilik objektief regspraak gelewer kon word.

As die kommissie die saak sou benader asof hulle eintlik net met één saak handel, is daar nie moontlik ruimte geskep vir regskrenking nie? Om die beswaarskrif gewoon in die lig van die Voordrag van die Kuratorium af te wys sou moontlik kon teweegbring dat die Kuratorium-saak die hele vergadering in ’n bepaalde rigting dwing. In die kerkregtelike beoordeling van die saak lyk dit of die twee sake nie so met mekaar vermeng hanteer moes gewees het nie.

Die beter kerklike orde wat moes plaasvind, is dat die Beswaarskrif in geheel eers hanteer en afgehandel moes gewees het en die uitspraak reeds ten volle bekend moes gewees het. Dan, ongeag wat die uitspraak ook mog wees, selfs al was De Wet moontlik op van sy beswaargronde gedeeltelik gelyk gegee, was om dan ’n heel ander kommissie te benoem wat verder moes handel. Sodanige kommissie se opdrag sou kon wees om in die lig van die Beswaarskrif wat reeds afgehandel was, leiding en uitspraak te gee rakende die Voordrag en die gevolge wat in die Voordrag verreken moes word in die lig van die geslaagde en nie-geslaagde gronde wat met die Beswaarskrif reeds aangedui en uitspraak oor gelewer was.

Twee ander ondergeskikte punte wat in die uitspraak rakende De Wet se Beswaarskrif wel beklemtoon moet word, was die twee punte waaroor die kommissie hom in hulle uitspraak gedeeltelik gelyk gegee het, maar met die beperking dat dit nie die wese van die uitspraak kon bepaal of beïnvloed nie.

Die eerste saak raak De Wet nie direk nie, maar spreek wel die reg in hierdie saak aan. Vir ’n Redakteur (of in die geval ’n Redaksie-kommissie) kom die reg volkome toe om ’n artikel te weier en nie te publiseer as die inhoud nie voldoen aan wat verwag word of die ware leer naspreek of misverstand en misleiding kan veroorsaak nie. In die geval is die mandaat van die skrywer, al is

sy opdraggewer die Kuratorium, ondergeskik aan wat die Redaksie of Redakteur van so ’n betrokke blad se besluit aangaande ’n bepaalde artikel is. So ’n weiering sou in alle geval gemotiveerd moes geskied.

Die ander deel van die uitspraak in hierdie beswaarskrif oor die studente-aantekeninge kon moontlik vir Coetzee laat besef tot waar sy beperkinge en selfbeheersing as kurator behoort te gestrek het. Die feit is dat Coetzee se opdraggewer die Kuratorium gebly het, al beklee hyself hoe ’n gerespekteerde posisie daarin en al het hy net die beste bedoelinge gekoester, was dit die liggaam (Kuratorium) wat moet handel en besluit wanneer daar ingrypend met studente en personeel omgegaan moes word wat hulle lewens ook ingrypend kon beïnvloed of verander.

Is daar nie vir elke student en kurator ’n teregwysing daarin vervat in die opvra van aantekeninge en die inwin van getuienis nog voordat daar behoorlik deur die Kuratorium besin was oor die werkswyse en die manier waarop die beweerde leerstellinge getoets kon word nie? Nog ’n vraag is in watter mate voortydige optrede die saak in sy geheel verder kon geprejudiseer het. Die vraag wat hiermee saamgaan is of JV Coetzee se optrede nie die Kuratorium in so ’n mate kon kompromitteer dat sy werkswyse nou verder deur die Kuratorium voortgesit moes word nie.

Dit wat hier moontlik as kerkregtelike bevraagtekening teen JV Coetzee voorgehou word, neem nie weg dat hy as klaer in die saak wel die reg gehad het om ter wille van goeie voorbereiding vir sy klag op eie verantwoordelikheid vrywillige getuienisse by sy klag kon insluit nie. Dit beteken dan ook dat ’n Kuratorium by wyse van sy eie inligting of getuienisse of beoordeling ook ’n klag kan indien teen ’n teologiese professor en die saak verder kan ondersoek en hanteer wat nie beteken dat die Kuratorium as regter in sy eie saak optree nie. Vir dit wat binne die Kuratorium as regsreël geld, sonder dat die Kuratorium dan as regter in sy eie saak beoordeel kan word, geld ewenwel vir ’n kurator wat van buite sy getuienisse goed voorberei en dit dan vir behandeling by die Kuratorium inhandig. In die opsig is die saak nie geprejudiseer nie en dit maak hierdie kurator nie regter in sy eie saak nie, want dit was in alle geval nie sy saak wat aangebied is nie. Die feit dat die Kuratorium Coetzee se optrede gekondoneer het en daar geen druk op hom uitgeoefen was om sodanige getuienisse aan te bied nie en hy nêrens aan oortreding van die negende gebod beskuldig was nie, blyk dat De Wet in sy beswaarskrif nie die harde beskuldiging teen Coetzee kon bewys wat hy wel beweer het nie.

7.5.2.3 DE WET SE BEVESTIGING

Nadat De Wet se eerste beswaarskrif op geen van sy punte geslaag het nie, was De Wet se indiening van ’n Bevestiging ’n wending in die saak wat kerkregtelik geweeg moes word. Die inhoud van hierdie Bevestiging is in hfst. 5 weergegee. Dit dui op ’n besondere positiewe wending in die saak. Die vraag is of daar werklik genoeg positiewe terugvoer in die baie meer positiewe samewerking wat De Wet wou begin toon, aangebied is. Vir die eerste keer het De Wet ingestem om beter en meer inskiklike samewerking te gee. In die kerkregtelike raamwerk moes dit as ’n baie positiewe moment aangegryp gewees het.

Op daardie stadium het ID Krüger nog vóór die Bevestiging mondeling aangebied is, dit beskou as “objektiewe getuienis” wat bewustelik of selfs onbewustelik na vore gekom het. Al het De Wet sekere erkennings en toegewings gemaak, het die Kuratorium volhard in die siening dat die leerstukke steeds as deel van die leergeding beskou moes word. Die saak is wel nou na die Sinode verwys om te oordeel.

Die Bevestiging gee getuienis van enkele punte waarin De Wet erken dat hy strydig opgetree het, maar in die geheel gesien is dit asof hy die raamwerk van die vertolking van standpunte en gebeure sodanig toelig, dat hy in die meeste gevalle eintlik net misverstaan is. Op die stadium het De Wet nog nie sy spyt betuig nie, al het hy sekere erkennings gemaak.

7.5.2.4 KURATORIUM SE REAKSIE OP DIE BEVESTIGING

Die Kuratorium se reaksie op hierdie Bevestiging moet kerkregtelik getoets word. Die voorsitter van die Kuratorium het “versoek dat die tydelike moderamen ’n oomblik apart gaan”. Dit kan aanvaar word dat die Kuratorium in die oomblikke nadat De Wet die baie meer positiewe Bevestiging gelewer het, daar besluit moes word wat om nou verder daarmee te maak.

Sou die Kuratorium in die oomblikke die tydelike moderamen van advies mog bedien? Wat in die paar minute van ’n vinnige onderlinge “konsultasie” alles gesê is en wie almal dáárby betrokke was, sal niemand finaal kan bepaal nie. Dit staan nêrens genotuleer nie. Al wat genotuleer staan, is dat hierdie versoek “toegestaan” is. Die Sinode was ook nie deur die Bevestiging heeltemal oortuig nie en het eintlik die kuratore in staat gestel om steeds hulle stempel op die finale besluitneming af te druk.

Al wat verder genotuleer staan, is dat die vergadering weer “in komitee” gegaan het (vgl. art. 215 Acta, 1945:185). Die moderamen, wat skynbaar deur die Kuratorium geadviseer is, rig die versoek aan die Sinode dat die kommissie wat benoem was om De Wet se beswaarskrif te hanteer en af te handel - ook die kommissie moes wees wat die saak nou voorhande verder moes hanteer. Daar was geen vrae oor tot watter mate die kommissie reeds deur die beswaarskrif geprejudisieer was nie en watter objektiewe ondersoek hulle nou nog sou kon lewer nie. Die tydelike moderamen se advies is eenvoudig net so deur die Sinode aangeneem.

Dit wat die saak in die kritiese beoordeling moes afvra was of die Kuratorium se erkenning dat hulle intussen direk na hierdie onverwagse Bevestiging van De Wet indringend met adv. Rumpff geskakel het, wel in orde was. Die Sinode het nie aan die Kuratorium die opdrag gegee om direk na De Wet se Bevestiging met die regsgeleerdes te skakel nie.

Rumpff was iemand wat nie meer as onpartydig in die saak beskou kon word nie. Daarvoor het die Kuratorium hom reeds as party in die geding betrek.

Rumpff was nie as afgevaardigde op die vergadering teenwoordig nie. Kragtens Art 33 KO het daar geen geloofsbrief van hom op hierdie vergadering gedien nie. As dit bloot gegaan het om sy kundigheid oor regsake en hy op die wyse versoek was om die Sinode oor ’n bepaalde regskwessie te adviseer, kan die optrede nie veroordeel word nie. Dit gaan dan om kundigheid wat staande die Sinode nie so onmiddellik beskikbaar was nie en is daar werklik dan ’n behoefte gewees om met ’n kundige van buite te skakel? So ’n kundige moet uiters versigtig wees in wat sy advies dan is om nie die vergadering op ’n heel ander spoor te wil lei, anders as die rigting wat die vergadering reeds met verantwoording begin ingaan het nie.

Die Sinode het hierdie werkswyse, nl. dat regspersone hulle agenda bepaal en selfs begin uitbrei, goedgekeur. Art 33 KO bepaal dat daar geen oop agenda tydens meerdere kerklike vergaderings mag wees nie. Die Kuratorium mag nie aandadig wees dat ’n vergadering daartoe verplig word om sy agenda oop te stel nie.

Nog ’n kerkregtelike vraag is waarom die Kuratorium nie oortuig was dat die Sinode die saak self kon afhandel nie. Dit is tog ’n saak wat by hierdie Sinode tuisgehoort het om self oor hulle eie sake te besluit. Dit wat afgehandel moet kan word, kragtens Art 30 KO, moet ’n Sinode self wil afhandel. Die saak het by die Sinode tuisgehoort en moes kragtens Art 31 KO die saak na behore

kon afhandel. Die Kuratorium was nie veronderstel om dit op die stadium namens die Sinode te wou doen nie.

Ten opsigte van De Wet se Bevestiging is besluit om daaraan geen selfstandige kerkregtelike waarde of staanplek te verleen nie. Moontlik het die vroeëre waarskuwing van Yssel hierin ’n rol gespeel toe hy in die Kuratorium se verweer op De Wet se Beswaarskrif al gestel het dat De Wet nie mog poog “om nou net met ’n algemene opmerking, erkenning, die saak afdoen nie”.

’n Deurlopende probleem in die saak kom keer op keer na vore, nl. dat daar by talle rolspelers ’n groot onsekerheid was oor hoe so ’n saak werklik hanteer moes word. Of die tugreg by die Sinode tuishoort, of hoort dit tuis by die twee Kerkrade soos vroeër bespreek of hoort dit grootliks tuis by die Kuratorium om werklik die saak te bewys.

7.5.2.5 KOMMISSIE AD-HOC VOORDRAG

Die seweman-kommissie wat nou vir ’n derde maal in dieselfde saak aanbevelings moes maak, is in hulle laaste rapport op die Sinode aan die hand van die voordrag van die Kuratorium gedwing om die implikasies en bepalinge soos deur die Kuratorium voorgehou nou tot aanbevelings te verwerk. Dit dui grotendeels op geen selfstandige ondersoek en studiewerk nie, wat in alle geval moeilik op daardie laat stadium van die Sinode sou kon plaasvind. Dit kan aanvaar word dat hierdie kommissie bloot daarna gestreef het om sekere bewerings en bevindinge, wat hulle reeds deur die Kuratorium voorgehou was, vir De Wet daardeur tot openbare erkenning te dwing. Hulle het grootliks daarin geslaag al was die Kuratorium steeds nie hierdeur bevredig nie.

De Wet lyk nog verder terug te buig en in die plek van sy “Bevestiging” sekere erkennings te maak toe hy byna as laaste agendapunt op die Sinode aan “’n toets van regsinnigheid” onderwerp is. Dit kom inderdaad voor asof hy bereid was om meer toe te gee en meer erkennings te maak as wat in die vorige twee maande op geen wyse bereik kon word nie.

Die kommissie ad-hoc se laaste rapport op hierdie Sinode (Acta, 1945:194-196) wat in hoofsaak op die Kuratorium se Voordrag moes antwoord, het in sy eie “getuienis” De Wet op al die punte weer tot verantwoording geroep. Dit sluit al die sake in wat De Wet met sy Bevestiging alreeds erken het. Hier word ’n tweede konformering van hom geëis wat hy nie op sy eie voordrag nie, maar met dié van die Sinode sy moontlike skuld in die saak na vore moes bring.

Die kommissie ad-hoc het in hulle getuienis wel die deur op twee maniere oopgelaat deur in die laaste deel van hulle getuienis ernstige bedenkinge oor De Wet se leersuiwerheid uit te spreek, maar het onmiddellik toegegee dat hier wel sake was wat nie kon lei "tot definitiewe skuldigverklaring" nie.

Daarna was die kommissie se aanbeveling dat De Wet 'n toets van regsinnigheid moes aflê. Dit kan aanvaar word dat die bedoeling van die kommissie was om die saak hiermee vir die Sinode af te handel. Heel waarskynlik het die Sinode dit ook as laaste handeling beskou. Op daardie stadium kon niemand die gebeure voorsien wat direk uit hierdie "toets" voortgespruit het nie. Die kommissie het nege vrae teties voorbereid aangebied wat De Wet as bevestiging van sy leer aan die Sinode bevestigend moes beantwoord. In al die sake het De Wet gekonformeer.

Oor hierdie vrae het JD du Toit gevoel dat die Sinode vir De Wet 'n tweede deur kerkregtelik oopgelaat het. Du Toit het beswaar gehad en gemeen dat die Sinode die saak kerkregtelik anders moes hanteer het. Volgens hom moes die vrae nie teties aan De Wet gestel gewees het van "glo jy dit of glo jy dat" nie, maar die toets van regsinnigheid moes antiteties gefokus het op De Wet se afwykinge. Die toets moes volgens Du Toit eerder gevra het: "verwerp jy dit en dat". Dit sou De Wet gedwing het om sy afwykinge te erken en sy leringe grondig te wysig.

Die kommissie-rapport is kerkregtelik in twee afdelings hanteer. Die voordrag en getuienis van die kommissie is noukeurig hanteer waar Kotzé as voorsitter op elke punt laat stem het en die rapport as deeglik deurgewerk beskou kon word. Die toets tot regsinnigheid is met 'n onderbreking in die Sinode nog weer oor besin en die voorsitter van die kommissie, WJ Snyman, het al nege die vrae aan die orde gestel. Hierin het De Wet weereens instemmend en bevestigend sy leer verklaar. Dit kan moontlik as derde konformering van sy kant beskou word.

Die krisis het direk hierna gevolg. Ná Snyman se vrae het Kotzé as voorsitter De Wet tot nog verdere konformering uitgedaag deur aan hom die vraag na hartgrondige berou te vra. De Wet het die vraag sekerlik nie verwag nie en hy was nie bereid om hierop sy berou te betuig nie. Vir die grootste deel van hierdie nagtelike deel van die Sinode het dit neergekom op "geen boetvaardigheid".

De Wet het die laaste vraag na berou deurgaans baie negatief ervaar en dit het hom laat voel of hy hierdeur in 'n "Roomse biegstoel" gedwing is. Hierdie enkele vraag het kerkregtelik die saak sodanig gewysig dat die Kuratorium, én die grootste deel van die afgevaardigdes oortuig was dat

die saak nou nie meer as afgehandel beskou kon word nie, ten spyte van ’n aanbeveling wat daardie middag reeds gelewer, goedgekeur en afgehandel was.

Hierin word gekonkludeer dat die vraag na berou so laat daardie nag, waarop niemand voorbereid was nie en wat nie as afgespreekte vereiste ooreengekom was nie, as buite orde beskou kon word. Weereens word bevestig, en dit vorm deel van hierdie laatnag-problematiek dat, omdat daar geen behoorlike klag kragtens art 79/80 KO bestaan waarvolgens gehandel en besluit kon word nie, sulke “verrassingselemente” soos die vraag na berou probleme veroorsaak, maar nêrens is behoorlik aangetoon waaroor die berou spesifiek moes handel nie. Hy is nie kragtens Art 79/80 KO werklik aan enigiets skuldig bevind nie.

7.5.2.6 KURATORIUM SE FINALE VOORDRAG

Die Kuratorium het tydens die Sinode van 1945 in die laat-nag ure van 7 Feb. 1945 kerkregtelik die laaste woord gespreek. Hulleself het weer ’n voordrag voorberei wat met dank kennis neem van De Wet se “openlike herroeping van al die aan hom voorgehoue afwykinge”. Dadelik bevraagteken (betwyfel) hulle dan De Wet se herroeping omdat hy nie sy hartlike berou oor die gebeure betuig het nie.

Dit het die Kuratorium daartoe genoop om nie het alleen De Wet se leer en gesindheid weer onder verdenking te stel nie, maar die Kuratorium het as’t ware met die opstel van ’n nuwe rapport die agenda uitgebrei en vir hulleself ’n kerkregtelike posisie beding. Kerkregtelik is dit moeilik aanvaarbaar, want gewoonlik moet toekomstige opdragte oor nie-afgehandelde sake andersom hanteer word. Dat die Kuratorium hulle eie opdragte beding, lyk nie soos eervolle optrede nie. Hier is in alle geval ’n saak weer ter tafel geneem wat eintlik as afgehandel beskou moes word deur die “toets van regsinnigheid” af te handel.

In die geval kom dit voor dat die Kuratorium vir hulleself ’n nuwe mandaat en opdragte uitgewerk het en verwag het dat die Sinode moes dit aanvaar deur hulle met hierdie mandaat te vertrou. Om as “gevolmagtigdes van die Generale Sinode op te tree” is woorde wat die Kuratorium aan hulleself toegeken het en inderdaad deur die Sinode toegestaan was ten spyte van twee broeders, HJ Hollenbach en Jan Breek, se besware dat die De Wet-saak tereg as kerkregtelik afgehandel beskou moes word.

Die twee broeders se kerkregtelike nugterheid waarin die Sinode 1945 hulleself deur hulle handelinge ingeplaas het, word misgekyk. 'n Sinode kan nie 'n rapport van die kommissie ad-hoc eers onvoorwaardelik goedkeur en dan skielik deur 'n onvoorsiene insident staande die vergadering sy reeds afgehandelde besluit/e ongedaan wil maak nie. Dit dui op 'n vergadering wat nie bereid is om met sy agenda en besluite soos reeds goedgekeur, te volstaan nie. Dit gaan noodwendig op onordelikheid uitloop, wat die saak in 1945 gekenmerk het.

7.5.2.7 VOORSITTER SINODE SE "BEROU-VRAAG"

Die laaste saak op die Sinode 1945, wat eintlik nie ter tafel was nie, maar deur Kotzé 'n saak ter tafel gemaak is, nl. om vir De Wet sy hartlike berou oor afgelope gebeure te vra, het die saak in sy diepste wese geraak. Dit het aan 'n saak wat afgehandel kon gewees het, nuwe eise gestel. Kerkregtelikes wys daarop dat berou baie versigtig mee gehandel moet word. Dit is 'n saak wat baie moeilik 'n kerkregtelike maatstaf gemaak kan word. Berou is 'n saak wat na die hart en die gewete spreek en nie na die uitwendige waar die leer en die lewe gesien kan word nie.

Hier moet verder in gedagte gehou word dat daar 'n onderskeid tussen tug oor 'n ampsdraer en oor hom as lidmaat moes wees. Berou oor 'n growwe sonde wat afsetting verdien, kan nie deur berou ongedaan gemaak word nie. Die vraag na verdere ampsgeskiktheid moes dan die groter oorweging wees. Tog moet aanvaar word dat berou wel te make het met die aangeklaagde se geloofslewe en weer toelating tot die sakramente kragtens Art 71 tot 77 van die Kerkorde. Alhoewel Art 79-80 KO nie van Art 71-77 KO geskei kan word nie is hier 'n duidelike onderskeid wat gehandhaaf moes word. Moontlik was Kotzé se bedoeling met die berou-vraag of De Wet se erkenning van sonde en dwaalleer opreg en eerlik bedoel was. Dan is dit 'n saak anders as net blote berou wat wel bepaalde berou moes insluit. Dit het in alle opsigte die saak verder gekompliseer.

Alhoewel die kerkregtelike hantering van die De Wet-saak nooit na behore in die toepassing van Art 79/80 KO geplaas was nie, het sommige geoordeel dat De Wet tug en sensuur verdien het. Daarom dat hulle sekere maatreëls soos 'n preekverbod en doseerverbod kon regverdig. Die kerkregtelike dilemma is dat as daar 'n volle Art 79/80 kerkregtelike handeling teen De Wet gevolg was, selfs dan is kerkregtelikes van oordeel dat die mate van berou geen maatstaf mog wees in die beoordeling van 'n saak waaroor Art 79/80 KO moes besluit nie. In watter mate so 'n vraag geregverdig mag word waar Art 79/80 KO nie na behore toegepas is nie, het eintlik die saak kerkregtelik net verder bemoeilik.

Die innerlike van die mens is vir ander mense nie leesbaar nie, daarom die versigtigheid wat die Here sy kinders vermaan om nie te oordeel na wat nie gesien kan word nie. Die meerderheid van die Sinode 1945 het geoordeel dat net die feit dat De Wet nie bereid was om sy berou hartgrondig met die mond te betuig nie, daarop gedui het dat daar nie berou bestaan het nie. Dit het 'n Sinode afgesluit wat op talle aspekte van die Gereformeerde kerkregering gefaal het. Dit herinner aan die woorde van Spoelstra (1989:430) wat van ander sinodes gesê het dat dit 'n "patetiese onvermoë" geopenbaar het waar dit oor tughandelinge by professore handel. Verskeie regsbeginsels wat in so 'n saak behoort te dien, is na goeddunke aangepas waarvan die laaste twee teenstrydige rapporte die beste bewyse lewer.

7.5.3 KERKREGTELIKE SAKE WAT DIE BUITENGEWONE SINODE 1946 MOES HANTEER

7.5.3.1 SAKE WAT DIE SINODE VOORAFGEGAAN HET

Die buitengewone Sinode 1946 moes kerkregtelik met die buitengewone handelinge wat in die verloop van die jaar 1945 plaasgevind het, rekening hou. Die afloop van De Wet se bedenktyd, die skriftelike verklaring, die onvermoë om na behore die *audi alteram partem* reël toe te pas, het vordering in die saak bemoelik. Die Kuratorium-vergaderings (Mei, Augustus, Oktober 1945), waarin De Wet en die Kuratorium na mekaar moes luister, gee deurlopende getuienis van konflik en onenigheid wat hoegenaamd nie 'n behoorlike luister na mekaar moontlik gemaak het nie. Die soeke en bevestiging van "hartlike berou" wat die Kuratorium van De Wet wou afdwing, het in alle opsigte agterweë gebly.

Die Kuratorium het nie by hulle eie reëls gehou deur hulle eerste voorneme om van De Wet in Mei 1945 'n Skriftelike verklaring te vereis soos deur hulleself opgestel en wat hy moes onderskryf en onderteken nie. Hulle het nooit die opdrag uitgevoer nie en op die einde die onus op De Wet oorgeskuif sodat hy hulle van so 'n verklaring moes voorsien. Die droewige uitslag van die Mei 1945 Kuratorium-vergadering wat die grootste konflik in die hele verloop van die saak bevat, is in 'n groot mate toe te skryf aan hierdie verklaring wat nie tot sy reg gekom het nie.

'n Opgestelde Kuratorium–verklaring, soos aanvanklik ooreengekom, wat die agenda en orde van 'n vergadering kon bepaal, kon moontlik die onordelike vergadering voorkom het. Wanneer De Wet deur die voorsitter daarvan beskuldig word dat hy nie die vermoë openbaar om tot die wese van die saak deur te dring nie, is die vraag waarom is die wese nie in die eerste plek deur in 'n

goed voorbereide verklaring uiteengesit nie? Die verklaring sou kon aandui waar die Kuratorium en De Wet in die wese van die saak verskil.

Die Kuratorium het kerkregtelik gefaal in hulle bediening van die drie maande bedenktyd om De Wet na behore te oortuig dat hulle medestanders in die saak kon wees, as De Wet ooreenkomstig die belydenis hulle kon oortuig dat hy teruggekeer het na wat van hom verwag word. Dit wat hy in Aug. 1945 elke keer bevestig het, nl. dat "**...**Wat betref my werk aan die Teologiese Skool kan ek opregtelik verklaar dat ek nog geheg is aan die Geref. Kerk en aan ons Teologiese Skool, waaraan ek nou al twintig jaar arbei. Ek verkies derhalwe om nog langer aan die Skool te arbei solank as die Here my die krag daartoe gee en ek hoop dat die nodige samewerking aan die Skool nog daar sal wees". n dieselfde tyd het sy verklaring nog dieper gegryp as hy stel: ... "Wat betref my gesindheid en houding teenoor Geref. leer kan ek opregtelik en hartlik verklaar, dat ek nog net so dink en voel soos vroeër; en dat die Woord van God en ons Belydenisskrifte vir my nog net so dierbaar is soos vroeër; en dat ek in leer en lewe nog steeds hierdie maatstaf wil handhaaf. En as ek in die verlede iets geskryf het wat die indruk gewek het asof ek nie meer so dink en voel soos in die verlede nie, dan spyt dit my baie, maar dit was nie so bedoel nie".

Dit was asof uitsprake van De Wet, soos hierbo aangehaal, nie geglo is nie en dit was so goed asof hy dit nie uitgespreek het nie. Dit bewys die verkeerde ingesteldheid wat albei die partye lankal reeds in die saak teen mekaar opgebou het. Om nog weer behoorlik na mekaar te probeer luister het nie plaasgevind nie.

In hierdie proses het die Kuratorium hulle toesighoudende verantwoordelikheid nie reg uitgeoefen nie, wat in alle geval die moontlikheid tot verklarende en versoenende gesprekvoering onmoontlik gemaak het. Die Kuratorium was in die meerderheid van sy lede in die res van 1945 ingestel om as teenstanders van De Wet hom van sy diens af te sit. De Wet se voorstel tot *judisiële* vorm van tug in plaas van die *justisiële* benadering wat die Kuratorium gevolg het, het die breuk tussen die kuratore en De Wet net nog verder versleg.

JD du Toit, as teologiese professor, kon op geen manier aanvaar dat De Wet weer toegelaat mog word om Dogmatiek te doseer nie. Hy het hom beswaarlik in die posisie kon sien om De Wet gewoon net weer as mede-kollega te aanvaar. Hy stel ook dat "duisende ponde geld is niks in vergelyking met die kleinood van die suiwere leer nie". Dan verwys Du Toit hoe diep gewortel die probleem eintlik lê. Hy het verwys na die student in sy straat wat ± 1933 al oor die nature van Christus gedwaal het. Volgens Du Toit het die student aan hom gesê dat "ek glo nie dat die Here

Jesus sonder ’n menslike Ek kon bestaan het”. Hierna stel JD du Toit dat “ek het hom ingevlieg en gesê dis kettery en ek wil dit nie weer hoor nie. Ons het met iets te doen wat lankal aan die gang is...”

Du Toit het bevestig dat hy De Wet se diktate nagegaan het. Hy wys dan hoe die verskillende kommissies van die vorige Sinode nie behoorlike werk gedoen het nie. Du Toit het aan geen ander uitkoms kon dink as dat ’n buitengewone Sinode sou moes vergader nie. Daar is talle bewyse dat hy oortuig was dat De Wet kragtens Art 79/80 KO skuldig bevind sou word en daar ’n einde aan sy dienswerk gemaak sou kon word. Du Toit het selfs geredeneer dat die kerkverband dit nie as ’n skande moes beskou dat daar by die vorige Sinode wel foute gemaak is en De Wet se dienste nie toe al reeds beëindig is nie. Du Toit stel dit soos volg:

> “Dis nie ’n skande vir ons nie. Neem Holland en Amerika. Verskillende sinodes was daarmee besig. Hier het ons te doen met leerkwessies en wil dit oplos in twee maande. Hoe kan dit verder: die Kuratore het besluit net ’n paar punte na vore te bring. Dit help nie om te probeer die gevaar omseil nie...”

Dan bevestig Du Toit weer sy kerkregtelike denke: “Ek is daarvoor - laat die Sinode bymekaarkom. Die feit dat die kuratore bereid is om die Sinode byeen te roep toon aan ‘they will face the music”. Du Toit het hierby gevoeg. “Ons het hier te doen met ’n baie baie ernstige saak en mag nie daaroor heenstap nie”.

TT Spoelstra en ID Krüger se onderlinge korrespondensie wat vóór die Sinode 1945 al opmerkings teenoor mekaar bevat het wat daarop dui dat hulle met sterk vooroordele teen De Wet handel, het ná die Sinode 1945 voortgeduur. Spoelstra skryf aan Krüger: “ ... daar is baie op die spel en ek meen dat die kompromiegees nou maar oor boord moet gaan en spykers met koppe geslaan moet word”. Spoelstra se vooroordele in die kerkregtelike proses het met verloop van tyd aangegroei. In nog ’n latere skrywe aan Krüger was hy van mening dat De Wet besig was om die onus van hom op die Kuratorium te skuif wat hy meen hulle nie mog toelaat nie.

Sulke tipe van vooroordele in ’n saak gee net nog verder bewys dat kerkregtelik so ’n persoon onbekwaam is om in die werklike ondersoek te oordeel, onbekwaam, want die persoon is deur sy uitgesproke vooroordele en veroordeling van die ander party besig om sy eerlike en objektiewe beoordeling van die waarheid in gedrang te bring.

7.5.3.1.1 SAAK OOR BEROU WORD DIE UITEINDELIKE KERKREGTELIKE WIG

Die vooroordele het nog wyer gestrek. Dikwels is op die aspek van berou die klem geplaas en dat daar geen vergewing kon wees as daar nie berou was nie. JD du Toit het dit gestel dat "oor die leer is nie net 'n 'ja' genoeg nie, maar daar is berou nodig. Vergewing volg alleen op as daar waarlik berou is. Dis nie hierdie of daardie sonde waaroor 'n persoon onder sensuur kom nie, maar hy is sensurabel oor hardnekkigheid". Dit is duidelik dat uitsprake van Rutgers in die tyd goed nagevors was. JV Coetzee het gestel dat. "... Ek het onlangs prof. Rutgers nagelees: 'hy sê 'n ampsdraer kan berou net op één wyse betoon en dit is deur die amp neer te lê".

Die feit dat De Wet volhardend geweier het om hartlike berou te betuig en wel dikwels sy spyt in die verloop van die saak bevestig het, is dikwels in hierdie studie getoon. Dit het 'n al hoe groter wig tussen hom en die Kuratorium gevorm. Hieruit kan afgelei word dat daar rondom die aspek van berou duidelike verwarring in hierdie saak was. Verkeerde leerstellings kan in alle geval nie reggemaak word deur net berou en vergewing te betuig nie, maar kan alleen reggestel word aan die hand van die belydenis en hierdie leerstellings gemeet aan die belydenis weer reg te bely. Daarom was die vraag na De Wet se berou tydens die Sinode 1945 'n vreemde benadering. Dit gaan in alle geval nie om vergiffenis en vergewing rondom wat die persoon se standpunte was nie, maar dit moet handel oor wat geleer word en of dit reg of verkeerd is.

In die kerkregtelike denke in die toepassing van Art 71 tot 78 KO kan die deurslaggewende betekenis van berou nie onderskat word nie. Daarin is dit duidelik dat tug hoegenaamd nog nie sy doel bereik het, as daar nie tot berou gekom word nie.

Rutgers (1918:105) word tereg deur die Kuratorium aangehaal, waar Rutgers die belang van berou soos volg onderstreep:

> " ... Bij kerkedienaren moet de echtheid van schuldbelijdenis en berouw daaruit blijken, dat iemand zich zelven onwaardig keurt den dienst te blijven waarnemen, en dat hij uit zich zelven ontslag vraagt uit zijnen dienst; en in zoodanig geval zal dit ook moeten verleend worden. Dan is het het beste, dat de zoodanige zijn ambt niet blijft waarnemen."

Daar is in die toepassing van die tug geen duidelike besluite deur die Kuratorium teen De Wet geneem nie en is nêrens enige getuienis opgeteken dat De Wet van die sakramente afgehou was nie. Omdat die toepassing van die tug nie na behore nagekom was nie, is dit vreemd dat die aandrang op De Wet se berou so sterk was. Dit is duidelik dat De Wet in die saak teen hom

anders oortuig was. Omdat De Wet in sy saak nie op grond van art 79 KO aan enige dwaalleer skuldig bevind en bewys was nie, laat dit hom in alle geval in die duister oor wat presies die inhoud dan was waaroor hy skuldbelydenis en berou moes betoon.

Die kerkregtelike krisis in die geval van De Wet is die feit dat hy ontken het dat hy hom aan enige growwe sonde skuldig gemaak het. Hy het volgehou dat hy slegs op ondergeskikte punte skuldig bevind is, maar wat volgens hom nie die leer op enige wyse in die gedrang gebring het nie. Die kommissierapport van 1945 het hierin 'n bevestiging vir De Wet gebied (Acta, 1945: 195) waarin hy 'n klein deeltjie van 'n sinsnede tot sy voordeel kon misbruik as daar genotuleer staan dat al die sake nie " ... kon lei tot definitiewe skuldigverklaring nie ..." De Wet het in die geheel die besluit van die Sinode nie na behore wou vertolk dat hy aan die verspreiding van afwykende beskouinge skuldig bevind was en dat sy regsinnigheid wel onder ernstige verdenking geplaas was nie.

Die spyt wat De Wet betuig het, beskryf hy as deel van 'n proses waarin hy nie doelbewus van die leer afgewyk het nie, maar dat hy in sy vertolking en dosering van die leer nie reg verstaan was nie. Hieroor het hy innige spyt betuig, maar dit is nie deur die Kuratorium as werklike berou aanvaar nie. Hierdie optrede van die Kuratorium kan gesien word as 'n kernfout wat die Kuratorium in hulle optrede begaan het.

Die vraag wat kerkregtelik nie in die saak tot 'n einde gebring is nie, is in alle geval of diepe berou by die tug oor ampsdraers die finale uitslag mag bepaal. Soos reeds vantevore daarop gewys, was die tug nie behoorlik op De Wet toegepas nie en selfs as daar tug toegepas sou gewees het dan is daar kerkregtelikes wat van mening is dat "by die tug oor ampsdraers moet egter oor afsetting uit die amp besluit word ongeag die vraag of die sondaar diep berou betoon het ..." (Spoelstra, 1989:428). Visser (1999:294) sien wel die plek van berou in Art 79/80 KO en meen dat die "egtheid van berou" wel beoordeel moet kan word en baie daarvan afhang.

Oor die belangrikheid van berou in die tugprosedure kan geen twyfel wees nie, maar of dit wel op so 'n wyse van De Wet gevra en afgedwing kon word, het 'n onbeantwoorde vraag gebly omdat De Wet van mening was dat die Here alleen oor ware berou kan oordeel. De Wet se laaste beswaarskrif kort voor die Sinode van 1946 het die saak rondom berou vanuit sy verstaan en belewenis soos volg vertolk:

> " ... Die Kuratorium het geen opdrag van die laaste Sinode om boete en berou van my af te pers nie. Die Kuratorium het egter probeer om dit te doen deur my te belet om klas te gee en ander

ampswerk te verrig, en deur my op allerhande maniere te beledig bv. die gewese voorsitter van die Kuratorium het my vergelyk by Judas wat net spyt maar nie berou gehad het nie..."

7.5.3.2 DIE KURATORIUM SE VYF REDES VIR 'N BUITENGEWONE SINODE

Die Kuratorium het in vyf redes saamgevat waarom hulle in die saak tot 'n buitengewone Sinode besluit het.

1. Die feit dat De Wet ontken het dat hy by die vorige Sinode in al die wesentlike sake reeds skuldig bevind was. Dit was vir die Kuratorium 'n groot probleem dat De Wet hierdie houding ingeneem het. De Wet se vertolking van "nie skuldig bevind nie" en dat hy slegs aan "ondergeskikte punte" skuldig was, is deur De Wet gehandhaaf.
   Met "ondergeskikte punte" het De Wet bedoel "punte wat nie definitiewe leerstukke bevat nie". Met die uitdrukking "onskuldig" het De Wet bedoel dat hy nie aan hierdie definitiewe leerstukke "skuldig is nie".

   Vir die Kuratorium was dit 'n probleem dat Sinode 1945 nie 'n fyner onderskeid gemaak het nie. Die feit dat hulle "skuldigbevinding" nie op grond van hoofsake en bysake aangedui het nie, het volgens hulle De Wet verkeerdelik in die posisie geplaas om aan te neem dat hy "op al die hoofsake nie skuldig bevind is nie".

2. In die verdere motivering vir 'n buitengewone Sinode was die Kuratorium oortuig dat De Wet wel van die hoofsake afgewyk het. Die kuratore het veral weer terugverwys na hoe De Wet die twee nature van Christus in sy doseerwerk en skryfwerk geleer het. Dit was vir hulle die duidelikste bewys tot watter mate De Wet wel afgewyk het en besig was om te dwaal.

3. Die Kuratorium het oor De Wet se "gebrek aan boetvaardigheid" 'n groot noodsaak tot 'n buitengewone Sinode bepleit. Die saak rondom berou is vroeër in die hoofstuk breedvoerig hanteer.

4. As voorlaaste rede vir 'n buitengewone Sinode het hulle De Wet se insubordinasie (verset) aangevoer. Hiervoor is die ondertekeningsformulier as uitgangspunt geneem en dat De Wet daarin beloof het om hom gewillig aan die oordeel van die Sinode te onderwerp. Die feit dat De Wet gestel het dat hy hom nie sonder meer sal neerlê by die besluit van die

Sinode nie, word deur die Kuratorium as bewys van hierdie insubordinasie na vore gebring.

5. Die laaste rede betrek die ondertekeningsformulier nog verder. Die feit dat die ondertekenaar beloof om hierdie leer “ywerig te leer en getrou te verdedig, sonder om daarteen openlik of heimlik, direk of indirek te leer of te skrywe en dat hy alle dwalinge sal teëstaan wat met hierdie leer stry en sal help om dit te weer en as hy enige beswaar mag hê teen hierdie leer of enige punt daarvan dat hy dit dan sal bekendmaak ... ” Die feit dat De Wet nie hierdie besware van hom “ter kennis” gebring het nie en dat hy wel geleer het “wat stry met die belydenisskrifte” het volgens die Kuratorium die noodsaak tot hierdie buitengewone Sinode nog verder aangedui.

7.5.3.3 ’N KERKREGTELIKE PROSES WAT AL SKEWER TREK

’n Saak wat kerkregtelik al meer in die jaar van 1945 uitgestaan het, is die Kuratorium se al groter steun op burgerlike regsgeleerdes. Dit wil voorkom of hulle in die sake wat regsdenke vereis het, elke keer op adv. F. Rumpff of prof. LJ. Du Plessis teruggeval het. Krüger het Spoelstra gedurig versoek dat hy Rumpff om raad moes raadpleeg.

Hierin word dit ’n al meer skeefgetrekte kerkregtelike proses wat nie die basis van prosedure in die Gereformeerde regsbeginsels en Kerkregering fundeer nie, maar was die saak al meer geskoei op hoe kundiges in die regswêreld op nie-kerklike wyse die reg gefundeer het. Hiermee het die uitgangspunt dat kerklike sake op kerklike wyse, selfs in die toepassing van die tug moet geskied, al meer skipbreuk begin ly (vgl. Art 30 KO). In van die adviese wat Rumpff en Du Plessis gegee het, het hulle gepoog om die beginsels van die Kerkreg wel na te kom, maar vanuit dieselfde skrywes was daar in die verdere behandeling ’n al groter neiging om uitkoms in die gewone burgerlike reg voor te stel. Dit bewys weereens die onsekerheid waarmee die Kuratorium in die tyd mee gehandel het waar dit die eerste keer gebeur het dat hulle met ’n leergeding so direk teen ’n teologiese professor moes handel. Daar was nie soos vandag ’n vooraf uitgewerkte prosedureel deurdinkte skema om mee te handel nie. Daardie leemte het hulle by die regsgeleerdes probeer vul.

In die laaste maande in die voorbereiding vir die saak, waar dit reeds duidelik was dat daar aan die begin van 1946 ’n buitengewone Sinode vir die behandeling van die saak opgeroep sou word, was Rumpff se persoon baie prominent. Ook ’n kollega van hom, adv. KC De Wet, was vooraf

in die saak genader. Tog was dit net Rumpff en Du Plesiss wat elke keer direk by die besprekings betrokke was (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.4, Bylaag 10/45, Aug. 1945). Op die stadium was prof. Wikus du Plessis al meermale in die saak ingetrek gewees. Volgens TT Spoelstra se persoonlike en konfidensiële verslag wat hy op 23 Des. 1945 na twee ander kuratore uitgestuur het, stel hy dat hulle as lede van die subkommissie wat betrokke was by die opstelling van die Rapport aan die Sinode met die regsgeleerdes gesamentlik gekonsulteer het. Verskeie sake was aan die orde maar in die eerste plek het dit gegaan oor die vraag of die rapporte soos deur hulle vir die Sinode voorberei, solank na die gemeentes gestuur moes word. Spoelstra stel:

> "... dat die finale advies is dat dit nie aan die Kerkrade gestuur moet word nie (alhoewel die besluit hieroor nie duidelik is nie) . Die gevoele van ons was dat as die finale voordrag nou reeds uitgestuur word dit aanleiding sal gee tot allerlei ongewenste moontlikhede en dat beweer sal word, maar die saak is reeds afgedaan, waarvoor moet ons na Potch gaan net om te gaan bekragtig wat reeds deur die Kuratorium afgehandel is".

Hierdie voorbehoud en vrese, bewys hoe skeefgetrek die kerkregtelike proses inderwaarheid was. Die feit dat gestel word dat sekere inligting met opset van Kerkrade weerhou moes word in die opstelling van die Kuratorium se finale rapport, dui op geen gesonde kerkregtelike basis nie. 'n Ander saak wat met hierdie advokate hanteer is, was watter geskrifte De Wet mog toekom en watter geskrifte hy dan per implikasie nie voor die tyd mog ontvang het nie. Die vraag was of aan hom alleen mog toekom dit wat wel aan die Kerkrade gestuur sou word. Spoelstra het aangedui dat dit die groot rede was waarom hulle as subkommissie in Potchefstroom indringend en baie lank met Rumpff en Du Plessis in Potchefstroom gekonsulteer het. Op 21 Des 1945 het een so 'n konsultasie bykans ses ure geduur. Spoelstra bevestig die volgende in hulle indringende gesprekvoering met die regsgeleerdes:

> "...ook hier was in die begin baie verskil van gevoele, veral oor sekere punte en aspekte, maar na breedvoerige bespreking is eenstemmigheid bereik. Al die broeders het gevoel dat ons nou op die gevaarlikste moment staan wat betref die prosedure en dat gewaak moet word dat daar nie nou 'n tegniese fout begaan moet word nie, wat vergaande gevolge vir die Kerk kan het nie..."

Dan vervolg Spoelstra met die regsgeleerdes se verdere bydrae:

> "Beide Wetsgeleerdes is baie definitief op een punt veral nl. dat dr. De Wet nou reeds moet kennis kry van die voordrag (offisieel deur die Kuratorium of deur die scriba) sodat hy sy verdediging kan voorberei. As dit nie geskied nie gee dit 'n tegniese deur om by uit te stap en die sinode magteloos te stel 'n besluit te neem en indien dan tog 'n besluit geneem word, gee dit die opening om 'n

> poging te maak vir ’n hofsaak. Dit sal dus a) die werk van die sinode baie vertraag (miskien wel die sinode eers moet laat verdaag vir ’n tyd) b) die primêre beginsel van reg skade aandoen nl. dat ’n persoon duidelik moet weet waarop hy hom moet verdedig”.

Spoelstra stel nog verder dat die advokate se raad was dat alle stukke wat onder die Kuratorium versprei was, ook na De Wet deurgegee moes word. Anders mog dit rede wees wat die saak “kan vertroebel en weer geleentheid gee vir die saai van agterdog”.

’n Vraag waarmee hierdie regsgeleerdes geworstel en waaroor hulle twyfel uitgespreek het, blyk uit die woorde van adv. Rumpff: “Soos u sien het ons twyfel in verband met die omvang wat gegee moet word aan die betekenis van die woord ‘gegewe mandaat’ in die Sinodale opdrag”.

Die twyfel het nie die regsgeleerdes verhinder om soos aan hulle versoek was, baie breedvoerig die Kuratorium met hulle advies voor te gaan nie. Volgens hierdie regsadvies was daar niks wat die Kuratorium kon verhinder om die saak weer voor die Sinode te bring nie. Al het hulle as kuratore wel die mandaat ontvang om voluit met die saak te kon handel, mog die Sinode ook weer die hele saak oorweeg om “oor die kwessie van tug self te besluit met die oog op verdere ontwikkelings”. Die regsgeleerdes laat hulle nog dieper vanuit hulle regskennis op die gebied van die Kerkreg geld. Hulle was van mening dat niks die Kuratorium kon belet om verdere klagtes teen De Wet te opper nie. Hulle maak dit egter duidelik: “ ... As verdere klagtes geopper word moet prof. De Wet natuurlik die geleentheid gegee word om te antwoord op sulke klagtes. En as die sinode alleen die kwessie van tug wil besluit sonder verdere klagtes dan is dit ook wenslik dat die prof. die geleentheid gegee word om sy standpunt te verduidelik”. Hier word bewys hoe ernstig en oortuigend Rumpff wel gepoog het om met die Kerkorde in die hand goeie en logiese kerkregtelike advies aan te bied. Dit stem mooi ooreen met die belangrike beginsel van natuurlike geregtigheid dat albei partye die reg het om gehoor te word.

In die laaste plek gee Rumpff nog weer bewyse hoe hulle as regsgeleerdes die Kerkreg kon skeeftrek as hy heeltemal van die Kerkreg (Art 79/80 KO) wegbeweeg en hy in sy slotparagraaf aan JV Coetzee die volgende nie-kerkregtelike regsmening gee:

> “Ten slotte wil ons daarop wys dat dit blyk dat dit nie nodig is om die professor te ontslaan weens wangedrag nie, maar dat om moeite te voorkom sy dienste beëindig kan word (volgens ons inligting) deur gewone kennisgewing van beëindiging van sy diens. So ’n kennisgewing moet in ons mening geskied deur of op las van die Sinode. Veiligheidshalwe moet so ’n kennisgewing drie maande bevat”.

7.5.3.4 'N GEWORSTEL RONDOM FINALE "VOORDRAG"-FORMULERING

Die finale formulering van die Kuratorium-voordrag wat nooit as 'n klag aangedui is nie - het met heelwat besinning gepaard gegaan, waarby weereens die regsgeleerdes die Kuratorium grootliks bygestaan het. Hier het die saak in Des 1945 op geen wyse kerkregtelik sy finale beslag gekry nie, maar die regsgeleerdes het vanuit hulle denke die saak georden en die voordrag is eers daarna kerkregtelik aangebied. Die inleidende rede vir die voordrag van die Kuratorium was soos volg: " ... dat prof. De Wet uit sy amp as professor aan die Teol. Skool ontset sal word om die volgende redes ..." Dan word die volgende drie redes as motivering gegee:

1. Valse leer
2. Insubordinasie en onboetvaardigheid
3. Verbreking van aangegane verbintenis

Hierdie drie punte vergelyk soos volg met die Kuratorium se aanvanklike formulering:

Kuratorium	**Regsgeleerdes**
Dat daar geen blyke van boetvaardigheid deur dr. de Wet geopenbaar is oor sy afwykinge van die Geref. leer nie, ondanks die tyd van bedenking.	Insubordinasie en onboetvaardigheid
Dat die professor beweer dat hy slegs op ondergeskikte punte deur die Sinode skuldig bevind is, maar op die bepaalde leerpunte onskuldig bevind is.	
Dat hy beweer dat hy in sy kolleges hom ook nooit skuldig gemaak het aan afwykinge van Skrif en Confessie nie.	Valse leer
Dat hy gedurende onderhoude 'n gees van insubordinasie (verset) geopenbaar het teenoor die Sinode-besluit en teenoor die Kuratore.	

	Verbreking van aangegane verbintenis

Hieruit word afgelei dat die finale voordrag groot ooreenkomste toon met die kerkregtelike gedagtegang soos dit vroeër die jaar aangebied was. Die “verbreking van aangegane verbintenis” was ’n nuwe formulering wat uit die regsgeleerdes se oogpunt nie net dui op oortreding van die Ondertekeningsformulier nie. Ten opsigte van die nuwe verbintenis wat tussen die P.U.K. vir C.H.O en die Teol. Skool ontstaan het en wat De Wet op geen wyse gehonoreer het nie. Die gevoele was dat De Wet hieroor aangekla kon word.

JV Coetzee het in sy formulering ’n ander voorstel gehad wat hy soos volg gestel het (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.5.1, Bylaag 5/46, Jan – Aug 1946).

1. “Dat prof. De Wet in sy onderwys afgewyk het van die gereformeerde leer en oor ’n geruime tyd onderwys gegee het wat nie gereformeerd van gehalte was nie.
2. Dat hy insubordinasie betoon het en geopenbaar het dat hy onboetvaardig is oor sy afwykinge en insubordinasie.
3. Dat hy aangegane verbintenis met die kerk verbreek het”

Coetzee se voorstel kom grootliks ooreen met die advies van die regsgeleerdes. Hiermee saam kan aanvaar word dat sy bevindinge uit die studente-aantekeninge duideliker vergestalting moes kry in ’n klag oor “onderwys wat nie gereformeerd van gehalte was nie”. Die gedagte dat die verkeerde onderwys oor ’n lang tyd gestrek het, was tegelyk Coetzee se kerkregtelike voorstel.

In hierdie voorstel is dit opvallend dat op geen wyse na Art 79/80 KO verwys is nie. Dit wil selfs lyk asof die gedagte van ’n klag wat gelê moes word om die saak kerkregtelik wel aan die orde te stel op ’n vreemde wyse omseil is.

7.5.3.5 DIE SINODE VERKLAAR SEKERE SAKE VROEG REEDS “NIE-ONTVANKLIK”

Die Kuratorium se uitgebreide voordrag, hulle preadvies rapport, ’n verdere addendum en hulle bevinding is alles sake waaroor die Sinode ingelig was en oor hulle ontvanklikheid was daar geen probleme nie. Oor vier ander stukke, twee beswaarskrifte van De Wet self, ’n versoekskrif van Steynsburg-lidmate en ’n minderheidsrapport van JM de Wet, het die betrokke deputate baie getwyfel. Die rapporteur, TT Spoelstra, het die Sinode se besluit gevra want, soos hy dit stel: “Hierdie stukke is na die oortuiging van u Deputaatskap nie konform die oproeping van die Sinode

nie, maar aangesien dit wel sydelings verband hou met die saak wat op die Sinode behandel word, sal u Eerw. Vergadering moet beslis oor die ontvanklikheid al dan nie" (Acta, 1946:23).

Die kommissie het baie vinnig die ontvanklikheid beoordeel en het dieselfde middag hulle bevinding bekend gemaak. Volgens die Acta (1946:33) is alles kort en saaklik gerapporteer. Die aanbeveling was dat albei die beswaarskrifte van De Wet en die Minderheidsrapport van sy broerskind, dr. JM de Wet, as "nie-ontvanklik" verklaar moes word. Die versoekskrif van 'n aantal lidmate van die Gerf Kerk Steynsburg is eweneens as nie-ontvanklik beskou. Die Sinode het al hierdie aanbevelings aanvaar.

Die rede vir die nie-ontvanklikheid van De Wet se twee beswaarskrifte word in die Acta (1946:33) aangedui as dat De Wet nie met hierdie beswaarskrifte die regte kerklike prosedure gevolg het nie, want hy het "geen toestemming van die twee Part-Sinodes verkry nie, volgens Art 50 KO".

Die kerkregtelike rede tot die verwerping van De Wet se beswaarskrifte het op dieper redes gedui as net die rede wat genotuleer staan. Daar was meer regstegniese redes wat aangebied kon word, maar dit is opvallend dat die skriba van die buitengewone Sinode geen melding daarvan gemaak het nie.

Dit staan in verband met die optredes van die Partikuliere Sinodes Transvaal en Kaapland wat De Wet se eie oproep tot 'n buitengewone Sinode moes behandel, ooreenkomstig Art 50 KO. Die oorspronklike skrywes van De Wet aan die Partikuliere Sinodes is nie in die argief gevind nie, maar uit ander argiefstukke het wel geblyk dat De Wet aan die twee Partikuliere Sinodes in hoofsaak geskrywe het oor wat in Aug. 1945 gebeur het.

Dit het gehandel oor De Wet se *judisiële* versoek tot die Kuratorium dat hy hulle 'n broederlike onderhoud tot die onderhawige verskilpunte aangebied het, maar met die voorwaarde dat die inligting en wyse van gesprekvoering nie mog dien tot 'n rede wat die Kuratorium kon aangryp om hom dan weer aan te kla nie. Die feit dat die Kuratorium op 'n *justisiële* benadering aangedring het en met opset van die benadering van De Wet hulleself verskoon het, het gemaak dat De Wet hom na die Partikuliere Sinodes gewend het om 'n buitengewone Sinode op te roep. Die Kuratorium was van mening dat die benadering, soos De Wet voorgestel het, daarop neerkom dat hulle en uiteindelik die Sinode deur so 'n benadering "die konfessie disputabel" stel.

Die Kuratorium het geredeneer dat De Wet se versoek aan die Partikuliere Sinodes wat dan uiteindelik tot sy beswaarskrifte gelei het, as nie-ontvanklik beskou moes word. In die argiefstukke is daar ten minste drie stelle dokumente wat almal vooraf voorbereide redes bevat waarom De Wet se beswaarskrifte teen die Kuratorium en die Senaat as nie-ontvanklik beskou en hanteer moes word.

Hierdie inligting was reeds aan die Partikuliere Sinodes bekend. Toe De Wet hulle genader het met die versoek tot ’n buitengewone Sinode met as motivering die Aug.- maand gebeure, het die Partikuliere Sinodes hom reeds die rug toegekeer gehad. Die effek hiervan was dat dit vir die buitengewone Sinode agterna baie maklik was om gewoon regstegnies De Wet se twee beswaarskrifte af te wys met ’n halwe waarheid dat hy nie die regte kerkregtelike prosedure gevolg het om toestemming van die twee Partikuliere Sinodes te verkry om kragtens Art 50 KO sy stukke by die buitengewone Sinode te kan indien nie.

Die volle waarheid is dat hy gepoog het om die kerkregtelike weg te loop en dat hy tyd verspil het deur ook die Partikuliere Sinodes tot ’n *judisiële* benadering in die saak te probeer oortuig. As hy gewoon en betyds sy beswaarskrifte op die agenda van die Partikuliere Sinodes laat dien het, sou daar nie rede kon gewees het om hulle regstegnies by die buitengewone vergadering net as nie-ontvanklik af te wys nie. De Wet self was die rede tot die regstegniese ondergang van sy beswaarskrifte. Die vereiste was dat sulke geskrifte ten minste 8 weke voor die tyd reeds ingehandig moes wees. De Wet het baie vroeg – reeds in Okt. 1945 – al die moontlikheid tot die beswaarskrifte genoem en kennis hiervan gegee, maar die werklike datum van inhandiging van die beswaarskrifte was toe meer as ’n week te laat.

Dit is in alle geval duidelik dat die Kuratorium nie gehuiwer het om meer te doen as net om ’n Voordrag te lewer op die buitengewone Sinode om De Wet te laat afsit nie. Hulle het nog verder gegaan en uitgebreide dokumentasie voorberei sodat geen stuk van De Wet ter tafel mog kom en hulle as Kuratorium in die posisie van verweer geplaas mog word nie. Die Kuratorium stel in van die uitgebreide beredenerings dat as “die aanklagskrif deur die sinode behandel word, verkry prof. De Wet tog wat hy verlang en wat die Part-sinodes hom nie toegestaan het nie, nl. ’n sinode waarop hy as aanklaer optree en die kuratore die aangeklaagdes is ...”

Die benadering van die Kuratorium om te wil sorg dat De Wet se “aanklaggeskrif” nie behandel sal word nie, is in werklikheid ’n poging om alles van hom en sy medestanders van die tafel te

vee. Dit dui op ’n oortreding van die *audi alteram partem* reël. Daar was geen saak van De Wet se kant op die tafel waardeur ook na sy kant van die saak geluister kon word nie.

Om met halwe waarhede die ander party se geskrifte so te hanteer en die proses so te verswak dat hy geen kans gebied was om sy besware gewoon net te mog stel nie, waar hy waarlik gepoog het om die kerkregtelike pad te volg, strek die Partikuliere Sinodes en ook die buitengewone Sinode nie tot eer nie. Die Partikuliere Sinodes het toegelaat dat hulle sodanig beïnvloed kon word dat hulle alreeds die kerkregtelike pad vir De Wet regstegnies kon afsny. Die buitengewone Sinode het net bevestig dat die pad vir hom reeds by die Partikuliere Sinodes toegemaak was.

Die voorbereiding van die veelvuldige geskrifte wat daarop gefokus was om De Wet se beswaarskrifte as nie-ontvanklik te kan beoordeel, is blykbaar hoofsaaklik deur die Kuratorium en weereens JD du Toit as professor in Kerkreg, opgestel. Moet besluite oor ontvanklikheid van beswaarskrifte nie geneem word deur selfstandige, sover moontlik objektiewe beoordeling in verslae van onbetrokke gedeputeerdes wat bepaalde reëls volg en nie geprejudiseer die handeling vooruitloop of uitvoer nie?

Wanneer De Wet in sy sterk bewoorde brief die Sinode met ’n “Vaar heen” op 8 Feb.1946 wegstuur en hy homself nie meer as deel van die kerkregtelike proses beskou nie, maak hy die stelling dat hulle nie van plan was om reg aan hom te laat geskied nie en boonop dat dit vir hom duidelik geword het, dat die Sinode met “vooraf beplande optrede ...” handel.

Hier moet gekonstateer word dat De Wet nie verkeerd was nie. Sy saak was te midde van die Sinode so geprejudiseer en so hanteer dat die mees basiese regsbeginsels nie eers nagekom is nie: die beginsel dat die ander party behoorlik gehoor moes word en die beginsel dat niemand regter in sy eie saak mag wees nie.

Dat daar kerkregtelike groot onreg teen De Wet begaan was, kom ook voor in ’n persoonlike brief van ’n skoolhoof, mnr. Venter, in Boshoff wat hy op 24 Maart 1946 aan een van die redaksielede van *Die Kerkblad* (waarskynlik TT Spoelstra of JV Coetzee) geskryf het (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.5.1, Bylaag 10/46, Jan – Aug 1946). In die brief het die skoolhoof heelwat bedenkinge oor die rol wat JD du Toit nog by die Teol. Skool moes vervul en dan stel hy: “as ek lid van die sinode was, sou ek gestem het dat aan hom sy welverdiende rus moet gegee word. Geen mens is onmisbaar nie. Dit het ek as onderwyser wel honderdkeer ondervind ... “

Volgens Venter was De Wet die een wat eintlik die Teol. Skool op sy skouers gedra het “al die jare toe dr. Du Toit Bybelvertaler was ...” Verder beskryf Venter dat hy in die De Wet-saak en in die toepassing van die kerklike reg sien dat “dinge in ons kerk aangaan wat nie goed is nie, maar niks word gedaan nie. En dit is opmerklik, foute wat ons kerk begaan, wreek hulleself op geen onsekere wyse. As dit te laat is, dan skrik ons wakker ...” CP Venter bevestig in sy brief:

> “Ek meen ook dat die Kuratorium geen verduideliking aan my verskuldig is nie. Hulle het seker volmag, maar intussen broei die onrus voort. Ek gaan baie rond en het kontakte met baie gemeentes in die OVS en ek verseker jou dat ek van baie mense weet, wat in hulle gemoedere beswaard is. Vir my en baie ander is die De Wet-saak in windsels gehul. Ek het *Die Kerkblad* gelees en herlees, maar die agtergrond makeer. Ons magtigste prediker, wat as sulks van sy skouers af uitgesteek het bo al ons predikante, is uit die kerk uit ...”

7.6 KERKREGTELIKE RAAMWERK VAN SOORTGELYKE SAKE

7.6.1 SOORTGELYKE SAAK TEEN JANSSEN IN DIE NOORDE VAN AMERIKA

In die twintigerjare van die vorige eeu het ’n saak in die Noorde van Amerika (Grand Rapids, Michigan VSA) in die kerkverband van die Christelijke Gereformeerde Kerk teen ’n dr. R Janssen na vore gekom. Heelwat van die kuratore en beide die Du Toit-professore in die saak teen De Wet het van hierdie saak in Amerika melding gemaak. Prof. S du Toit het op 8 Mei 1945 daarop gewys dat De Wet beweer hy was net op ondergeskikte punte skuldig bevind. Dan sê hy aan die kuratore: “Ek verwys na die gevalle Geelkerken en Janssen. Dit was in beide gevalle slegs eksegetiese punte” (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945).

Die probleem oor Janssen het ontstaan in die geledere van vier teologiese professore, Ten Hoor, Heyns, Berkhof en Volbeda. Hulle het ’n beswaarskrif ingedien teen die onderwys van dr. Janssen (Acta Synodi, 1920:79). Dit lyk ’n saak te wees wat hoofsaaklik gegrond was op Janssen se beskouing rondom die verstaan van die inspirasie van die Skrif en wat dan verband hou met die handhawing van die gesag van God se Woord. Later is breedvoerig aangedui dat dit die gesag, die geloofwaardigheid en die onfeilbaarheid van die Skrif raak (Acta Synodi, 1920:80). Die kern van die geding was hoe hy hierdie belangrike leerstuk aan die studente geleer het. Volgens die professore het Janssen sekere wanopvattinge by die studente laat ontstaan.

Dit was ’n saak wat al in 1919 begin het toe die vier professore die eerste keer hulle beswaar teen die onderwys van Janssen in die Kuratorium-vergadering laat aanteken het. Die Kuratorium

het toe ’n kommissie saamgestel om na die regsinnigheid van Janssen ondersoek in te stel. Na die kommissie sy ondersoek afgehandel het, vind hulle Janssen onskuldig en is daar eintlik ’n vermaning aan die vier professore gerig. Hulle besluit was:

> "The Board of Trustees expressed their disapproval of the fact that the four Professors came with this document to the Board before having personally conferred with Prof. Janssen on these matters."

Die kommissie het selfs ’n tweede rapport uitgebring waarin daar bevind is:

> "the Board expressed their full confidence in Prof. Janssen, ‘omdat wij iemand voor onschuldig houden zoolang zijn schuld niet bewezen is.”

In die volgende jaar, 1920, is die kerkregtelike raamwerk van die saak nog duideliker aangedui. Die professore stel dat hulle in wese nie beswaar maak teen wat die Kuratorium se optrede en besluit was nie, maar die beswaarskrif was steeds gerig teen die onderwys van Janssen. Die professore stel kerkregtelik dat hulle eintlik van hulle onbetwisbare reg van appèl gebruik maak en vra die Sinode, waarvan die Kuratorium slegs Deputate was, om nou self (*de novo)* die saak te ondersoek. Na die ondersoek afgehandel was, het die Sinode se kommissie by monde van G Hoeksema as rapporteur die volgende ses punte na vore gebring.

- Daar word weer aanbeveel dat die professore eers met Janssen self moes gepraat het.
- Die kommissie is oortuig dat Janssen “stelde zich zeer beslist op het standpunt van de woordelijke inspiratie der Heilige Schrift, en haar absoluut gezag voor geloof en leven”.
- Dit het vir die kommissie nie duidelik geword dat Janssen se leer nie versoenbaar is met die Gereformeerde leer oor inspirasie nie.
- Dit het wel vir die kommissie na vore gekom dat Janssen in sy verklaring van die Heilige Skrif soms soveel nadruk op die menslike faktor en op natuurlike middele kan lê dat dit vir sommige studente kan voorkom of die Goddelike faktor nie tot sy volle reg kom nie.
- Die kommissie het volkome saamgestem met die punt in die Kuratorium rapport dat Janssen hom moet beywer om sake te vermy wat aanleiding tot misverstand kan gee. Hy moet homself in sy doseerwerk dissiplineer en homself so duidelik uitspreek dat misverstand ook sover moontlik uitgesluit kon word.
- Die laaste aanbeveling van die kommissie is blykbaar goed oorweeg. Die kommissie beveel aan dat as die Sinode nie in hierdie gevolgtrekkinge genoeg rustigheid kan verkry

> nie, hulle 'n kommissie (deputate) moet aanwys, manne wat bekwaam is, om die besware teen Janssen se onderwys grondig te ondersoek en op die volgende Sinode te rapporteer.

Dit is duidelik dat aan die begin van die Sinode baie tyd aan die saak afgestaan is en dat anders as in die De Wet-saak daar nie eers op die einde by die wese van die saak uitgekom is nie. Die ses punte van die kommissie is afsonderlik behandel en die eerste aanbeveling wat gelui het dat die vier professore eers met Janssen afsonderlik die saak moes opgeneem het, is verwerp (Acta Synodi, 1920:95). Die tweede aanbeveling is aanvaar, nl. dat sy leer oor die Inspirasie van die Skrif nie noodwendig onder verdenking hoef te staan nie. Ook die res van die aanbevelings van die kommissie is almal met kleiner wysigings aanvaar.

Daarna is genotuleer dat Janssen van die vloer af die Sinode toegespreek het en sy onderneming gegee het dat hy sal poog om sake te vermy wat tot misverstand aanleiding kon gee en hom in sy doseerwerk "zoo duidelijk zich te zullen uitspreken in zijn onderwijs, dat misvatting uitgesloten is". Daarna het die "President der Synode" alle lede van die Teologiese Fakulteit opgeroep om die eenheid onder hulle ernstig en opreg te soek.

7.6.1.1 DIE JANSSEN-SAAK IN 1922 WÉÉR TER TAFEL

JD du Toit het in Mei 1945 verwys na die Sinode van 1922 as hy stel: "... vgl. hier die saak van Janssen in Amerika, eers deur Sinode onskuldig gevind en toe deur die volgende Sinode afgesit". JV Coetzee het later in 1945 in 'n skrywe aan Spoelstra weer na die Janssen saak verwys, waar Coetzee van mening was dat die Janssen saak aangetoon het dat al is iets nie noodwendig as vals bewys nie, dit steeds kan afwyk van die gereformeerde lyn en 'n klag daarteen moontlik is. TT Spoelstra het in sy skrywe aan ds. Jansen van Ryssen ook laat blyk dat die Janssen saak in hulle Kuratorium-ontmoetings en gesprekke prominente aandag gekry het. Spoelstra het uitgebreid aan Jansen van Ryssen geskryf:

> "Ek verwys u maar net na die saak van Jansen in Amerika wat in 1920 deur die sinode onskuldig gevind is en vrygespreek is en tog in 1922 afgesit is en dit omdat in 1920 geen genoegsame getuienisse voorhande was nie, maar na die tyd op dieselfde sake meerdere getuienisse gelewer is. Wat meer is hy is skuldig bevind op wat genoem is 'student notes'.

Die Acta van die Sinode van 1922 toon inderdaad dat die saak rondom Janssen nog geensins tot 'n oplossing gekom het nie

Die verdere merkwaardige ooreenkomste tussen die Janssen-saak en die De Wet-saak is die poging van Janssen om van die begin af allerhande prosedurele besware te opper wat daarop dui dat die Sinode baie aandag moes gee aan wat prosedureel aan die gang was voordat die werklike materie van die saak ter tafel kon kom. Die eerste was 'n skrywe van Janssen, nl. dat hy van mening was dat "'een fair' trial in zijne zaak hier ter Synode ten eenenmale eene onmogelijkheid geworden is". Janssen poog om aan te dui dat die verskillende lede op die kommissie(s) reeds in verskeie ander hoedanighede by die saak betrokke geraak het en niemand van hulle meer enige objektiewe bydrae kon lewer nie. Hy wys by name op al die predikante en professore wat alreeds in die openbaar self hulle standpunte oor die saak bekendgemaak het. Daarom sien hy hierdie as baie "onbillijke omstandigheden" en was hy oortuig dat hier geen regverdige behandeling van en uitspraak oor hierdie saak moontlik was nie (Acta Synodi, 1922:27).

Die tweede beswaar wat hy skriftelik ingedien het, was dat die saak nie wettig op die tafel gekom het nie. Dit gaan vir Janssen weereens daarom dat sake agter sy rug gebeur het. Niemand van die beswaardes het eers met homself gepraat voordat hulle die saak verder geneem het nie. Die derde rede vir sy beswaar is, waarmee die meeste vergelykings met die De Wet-saak gemaak is, was die gebruikmaking van studente-aantekeninge en dat hy beweer hulle hierdeur 'n nuwe saak begin het wat met die vorige Sinode reeds afgewys was.

Janssen skryf soos volg:

> "...Integendeel zijn de beschuldigers van ondergetekende met Geref. bezwaren en beschuldigingen, gebaseerd veelal op geheel nieuw materiaal uit de Student Notes, door middel van de kerkelijke en niet- kerkelijke bladen, door middel van geschriften die zij in groote hoeveelheden gratis hebben verspreid, tot de volksmassa gegaan en hebben ons Christelijk Geref. Volk, onze Geref. Geref. Kerken in beroering weten te brengen ..."

Janssen beskryf dit as 'n onregverdige en onkerklike aksie. Die vierde beswaar wat Janssen rondom prosedure op die Sinode gebring het, bewoord hy soos volg:

> "Eindelijk dient in dit verband er op gewezen dat ook de benoemingen van afgevaardigden naar de Synode plaats hebben gehad te midden van dezelfde onrechtvaardiglijk teweeggebrachte beroering, met andere woorden, afgevaardigden naar de Synode zijn gekozen toen de kerken onder den invloed waren van de onrechtvaardige en onkerkrechterlijke actie zijner tegenstanders."

Dit het daarop neergekom dat Janssen geen samewerking gaan verleen so lank die “probleme” wat hy aangedui het nie uit die weg geruim was nie. Hy het kennis gegee dat hy hom aan hulle ondersoek onttrek het en dat hulle hom na behandeling van hierdie skrywe die besluit van die Sinode moes meedeel. Die besluit is dan ook toe so gou moontlik aan Janssen deurgegee (Acta Synodi, 1922:31).

Die Sinode het oor die verskillende punte in Janssen se skrywe soos volg geoordeel. Die feit dat Janssen beweer het dat hy geen kans staan dat hier ’n regverdige verhoor sou plaasvind nie, beskou hulle as ongegronde beskuldiging teen die Sinode. Hulle begrond dit verder deur daarop te wys dat verreweg die meeste afgevaardigdes hulle nog nooit in die openbaar oor Janssen se onderwys uitgespreek het nie. Hulle wys ook daarop dat hier voor- en teenstanders van sy onderwys op die Sinode teenwoordig was. Die vier professore, kon Janssen verseker wees, sou nie as pre-adviseurs in hierdie kommissie inspraak lewer nie. Hulle wys Janssen verder daarop dat hy van die verkeerde veronderstelling uitgegaan het as hy van mening was dat diegene wat beswaar teen sy doseerwerk kon opper nie in die besluitneming mog deelneem nie.

Die beswaar wat Janssen geopper het nl. dat die saak op onwettige wyse op die tafel gekom het, is ook van die hand gewys. Hierin was die kommissie van oordeel dat aangesien die klag van kerkrade en classes teen hom gekom het, daar geen “publieke agitatie” was nie. Hulle herinner hom aan die feit dat daar reeds in September 1920 voor die “publieke agitatie” plaasgevind het, daar reeds ’n beswaar op die tafel was. Die kommissie wou op daardie stadium geen uitspraak lewer oor die kerkregtelike posisie van die publieke agitatie wat wel later plaasgevind het nie. Die saak, soos wel teen hom ingedien, word as ontvanklik verklaar. Ten opsigte van die volgende beskuldiging, nl. dat die ondersoekers in die saak self nie in alles gereformeerd was nie stel die kommissie dat hulle “in good and regular standing zijn”. Ten opsigte van die laaste saak waarmee Janssen sy skrywe afgesluit het, nl. dat hy homself van die ondersoek van die saak teen hom gaan onttrek, beveel die kommissie aan dat waar die saak wettig op die tafel gekom het hy hom wel aan die ondersoek sou moes onderwerp. Hulle bevestig dat sou dit gebeur dat hy hom nie aan die ondersoek sal onderwerp nie, die kommissie steeds geregtig was om met die ondersoek voort te gaan. Die materie van die saak wat in die meerderheid- en minderheidsrapport reeds vervat was, sou as basis dien.

7.6.1.2 STUDENTE-AANTEKENINGE WORD ’N AL HOE PROMINENTER DEEL

Janssen het rondom die studente-aantekeninge aangedui dat hy en die kerkraad van Broadway, wat teen die besluit van 1920 beswaar gemaak het, ook bevestiging gekry het dat die Sinode nou met nuwe aantekeninge te make gehad het wat nie by die vorige Sinode in behandeling was nie. Janssen stel dat die studente-materiaal in alle geval eers weer aan homself en die Kuratorium voorgelê en getoets moes word, voordat die waarde daarvan in hierdie Sinode erken mog word. Janssen het volgehou dat die “publieke agitatie” teen hom die eintlike oorsaak was dat hierdie saak weer op die tafel van die Sinode gekom het. Dit verbaas hom dat die kommissie kon stel dat die wettige publieke agitasie geen rol in hierdie klagtes gespeel het nie en dat hulle nie uitspraak kon gee oor die wettige en onwettige agitasies nie, maar tog het hulle alreeds van ’n “wettige agitatie” gepraat.

Janssen het weereens bevestig dat solank hierdie besware nie uit die weg geruim was nie hy nie voor die kommissie sou verskyn nie. Hy voeg daaraan toe as die saak weer in die “kerkrechtelijke banen geleidt wordt, we ten volle bereid zijn op alle mogelijke bezwaren tegen ons onderwijs ingebracht, in te gaan ...” Hy het selfs die wens uitgespreek dat hulle daartoe in staat mog wees.

Die Sinode het egter besluit, staande in die breë vergadering, na aanleiding van Janssen se laaste skrywe “dat de materie van het meerderheids- en minderheids-rapport in verband met 'de Students Notes’ als basis van onderzoek zal dienen”.

Die kommissie het op 1 Julie 1922 gerapporteer dat hulle Janssen versoek het om met die kommissie saam te werk en hom skriftelike uitgenooi om sy eie aantekeninge te gebruik en al die ander materiaal wat uit die minder- en meerderheidsrapport aangehaal is met sy eie notas te vergelyk en te korrigeer. Die kommissie se werkswyse is op die punt goedgekeur deur selfs aan Janssen geleentheid te gee dat as hy op sy eie bestaande notas nog aanvullende aantekeninge wou maak hy daartoe gemagtig was. Die kommissie het verder gerapporteer dat hulle Janssen verseker het dat hy volle geleentheid sou ontvang om hom op alle aspekte van die saak te verdedig, hetsy sake wat in die aantekeninge betwis kon word of enige sake in van die rapporte reeds ingedien.

Janssen het wel die kommissie weer te woord gestaan, maar in plaas van om in besonderhede op die aantekeninge in te gaan, het hy verkies om ’n afsonderlike geskrewe stuk in te dien. Hy

wou daaroor nie verder praat nie en hom steeds nie aan die ondersoek onderwerp nie. Die kommissie het toe sonder hom hulle werk voortgesit.

Wanneer die kommissie rapport lewer het hulle die saak soos volg benader. Eerstens het hulle gewys op die onderhandelinge wat hulle met Janssen self weer probeer voer het. Daarna gaan hulle baie breedvoerig in op al die “ingekomen stukken”. Dit behels die grootste deel van hulle rapport.

Baie vergelykbaar met die De Wet-saak het die kommissie ’n deeglike rapport van die historiese verloop van die saak aangebied. Dit beskryf waar dit alles begin het en die Kuratorium gerapporteer het dat Janssen se leer oor die inspirasie van die Skrif nie onder verdenking was nie, maar dat die klassis van Grand Rapids Wes bewyse gelewer het wat duidelik op die teendeel wys. Daarna het die kommissie aangetoon hoe hulle aan die hand van talle gedeeltes in die Ou Testament soos uit Josua en Rigters, die studente se aantekeninge vergelyk het en hoe die wonderwerke in die Ou Testament deur Janssen aan die studente geleer was. Hy wou eintlik nooit erken dat iets ’n groot wonder kon wees nie, maar eerder verkies het om die wonders as die resultaat van God se spesiale (besondere) voorsienigheid te leer. So het hy die stilstand van son en maan en dies meer verklaar.

’n Belangrike aspek wat die kommissie in dié verband na vore gebring het, was dat die Sinode moes vasstel of Janssen se uitsprake nie maar net die toets van die Reformasie kon deurstaan nie, maar of sy leringe bo hierdie toets kon uitstyg en wel aan die standaarde van wat gestel was, kon voldoen.

Die kommissie het voortgegaan om talle gegewens te kontroleer. In baie van hierdie vergelykings is gevalle gevind wat vandag ’n hermeneutiese vraagstuk genoem sou kan word. Die vraag is of bepaalde gedeeltes openbarings-histories of grammatikaal-histories eksegetiseer word met God as die Gewer en Bron van wat geopenbaar is, m.a.w., is hier ’n openbaring van bó na onder, of is dit eerder, soos Janssen met die Skrif omgegaan het, ’n geval waar eerder van ónder na bo gekyk moes word. Dit wat vandag in die hermeneutiek beskou sal word as ’n meer sosio-historiese of sosio-politieke benadering. Die voorbeeld by Janssen wat die kommissie as voorbeeld na verwys is Dawid se strewe om vir God ’n tempel te bou. Dit het nie soseer gespruit uit ’n gelowige hart wat in oorgawe God wil dien nie, maar dat Dawid eerder na mag en aansien gestrewe het en ’n paleis en tempel wou bou wat die heidense volke rondom hom se tempels en huise moes kon oortref. Dawid wou sy tempel groter maak as wat die tempel van Dagon was.

Die kommissie verwys hierna as ’n rasionalistiese verklaring van 1 Kronieke 17 (Acta Synodi, 1922:91).

Die gevolgtrekking waartoe hierdie kommissie gekom het, was om aan die studente-aantekeninge ’n baie prominente plek in die ondersoek te gee. Hulle stel dit soos volg: “Door de Students en individual Notes is sedert de Synode van 1920 veel meer licht ontstoken over het onderwijs van Prof. Janssen.
’n Latere konklusie waaraan die Sinode sy goedkeuring gegee het, lui:

> "Als basis voor ons onderzoek hebben wij dus slechts de laatstgenoemde 'Notes'. Wat betreft hun waarde als kenbron van Prof. Janssens onderwijs nam uwe Comm. het standpunt in dat dit onderwijs wel terdege gereflecteerd wordt in de Student en Individual Notes, in het midden latend met welke mate van precisiteit."

Oor Janssen se wyse van eksegese dat om empiries en krities met die Skrif om te gaan, was daar groot vraagtekens. Dit bring die groot saak rondom Janssen weer na vore: hoe kan hy dan nog glo dat hierdie Bybel die geïnspireerde Woord van God is. Hulle wys op die gevaar van hoe die bronne-hipotese teorie hom in konflik gebring het met die gereformeerde inspirasie begrip (Acta Synodi, 1922:132). Die laaste besluit aangaande Janssen se leergeding is dat daar biddend die aangesig van die Here opgesoek moes word. Daarna is gevra wat met prof. Janssen gedoen moet word en die volgende voorstel is toe as besluit goedgekeur:

> “Aangezien het onderwijs van Prof. Janssen, zooals gereflecteerd in de ‘Students en Individual Notes’, gebleken is ongereformeerd te zijn van gehalte, en
> Aangezien Prof. Janssen door zijn insubordinatie het der Synode onmogelijk gemaakt heeft in haar onderzoek achter de ‘Student Notes’ terug te gaan,
> Oordeelt uwe Comm. dat de Synode tot de droeve taak geroepen wordt Prof. Janssen uit zijn ambt te ontslaan, overeenkomstig het Onderteekenings-formulier, waar we
> lezen als volgt...”

Janssen het wel ná die besluit geneem is, protes aangeteken. In hoofsaak het hy gewaarsku hoe studente-aantekeninge uit verband geruk kan word en daar slegs op enkele van hierdie uit verband gehaalde sinsnedes gekonsentreer word. Weereens het Janssen beweer dat dit vir hom lyk dat sommige besware teen studente-aantekeninge, wat na sy mening eg gereformeerd is, eerder daarop wys dat die een wat sodanige aantekeninge kritiseer, afgewyk het van die gereformeerde denke. Hy het die Sinode weer herinner dat hy aan die begin gestel het dat as hulle na die gereformeerde kerkregtelike hantering van die saak kon terugkeer, hy inderdaad met

hulle in die ondersoek sal saamwerk. Die einde dui daarop dat dit na sy mening nie gebeur het nie.

Dit wil uit die saak van Janssen blyk dat hier inderdaad groot ooreenkomste met die saak van De Wet na vore kom. Daar kon tereg deur die Du Toit-professore en talle lede van die Kuratorium na hierdie saak verwys word as wyse waarop sake in Potchefstroom vergelyk kon word. Daar is egter deur die Sinode-kommissie van 1945 ’n ander tipe waarde geheg aan die werklike oortuigingskrag van studente-aantekeninge as wat 25 jaar vroeër in Amerika die geval was. Tereg is daar in Potchefstroom groter versigtigheid uitgespreek oor die finale maatstaf van oortuiging, wat in sodanige aantekeninge nie op sigself gevind kon word nie.

Verdere vergelykings met die Janssen-saak is dat hierdie Sinode in 1920 en in 1922 die saak vroeg reeds aan die orde gestel het en daar deurlopend duidelike besluite geneem was. Die De Wet-saak in 1945 was in sy wese eers op die heel laaste dag en aan die einde van die agenda gehanteer. Die besluitneming was nie baie duidelik nie en om die probleem te vererger was daar ’n dualisme in die kommissie-rapport, wat in sekere sin “geen definitiewe skuldig-bevinding” vanuit ’n sekere beskouing, kon inkorporeer. Die Kuratorium-rapport het weer ’n volle skuldig-bevinding wou konkludeer, wat in spanning met die kommissie-rapport was. Om sake te vererger het die Sinode met die Hollenbach-Breek voorstel aan die einde te doen gehad, wat die onsekerheid rondom De Wet se werklike posisie na Sinode 1945 uitgelig het. Dit het die saak in verskeie opsigte erg benadeel, soos vantevore reeds op gewys.

Die grootste verskil tussen die Janssen-saak en die De Wet-saak is dat die professore in die Janssen-saak baie beslis as ’n party in die geding beskou was. Daar is streng daarteen gewaak dat hierdie vier professore nie in hulle hoedanigheid as adviseurs hulle hand oorspeel nie en regters in hulle eie saak word nie. Al het Janssen die professore en die Sinode in 1922 beskuldig dat die professore te veel invloed in die saak het, is die indruk dat die Sinode hom tereg op die teendeel van hulle handelinge gewys het.

In die De Wet-saak lyk ongelukkig die teendeel waar te wees. Die Du Toit-professore is as klaers maar tegelyk as adviseurs in die ruimste mate deur die Kuratorium en die Sinodes van 1945 en 1946 geleenthede gebied om die saak van hulle kant af sterk te stel. Selfs in die finale besluitneming het die Du Toit-professore hulleself duidelik laat geld, sodat daar nooit na behore verreken was in watter mate hierdie professore reeds regters in hulle eie saak geword het nie.

Dit kon voorkom gewees het. Die Janssen-saak wat wyd aangehaal was, gee ’n duidelike voorbeeld dat as ’n professor ’n klaer in saak wil wees, hy op geen wyse meer volle erkenning as adviseur in dieselfde saak mag ontvang nie. By die De Wet-saak is die onderskeiding nie gehandhaaf nie. Dit was een van die groot oorsake van die tragiese afloop van die De Wet-saak.

7.6.2 SOORTGELYKE SAAK TEEN GEELKERKEN IN NEDERLAND

Die naam van JG Geelkerken is ook deur JD du Toit die eerste keer in verband met die hantering van die De Wet-saak geopper. In die stenografiese weergawe het Du Toit die Kuratorium gewys op De Wet se totale gebrek aan berou toe die voorsitter hom gevra het of hy wel berou oor sy leer en optrede betoon? Volgens JD du Toit:

> “Toe sê hy nee. Dis onbillik my die vraag te stel. Daar word gesê die voorsitter het nie reg gehad die vraag te stel nie. Ons verwys u na Schouten in die Geelkerken saak en sy optrede as voorsitter”.

PJS de Klerk wat aanvanklik op heelwat gronde met JD du Toit verskille aangetoon het i.v.m. die hantering van die De Wet-saak, het op sy beurt ook na die Geelkerken-saak verwys. De Klerk se verwysing na Geelkerken is dat hy hom wel by die konfessie neergelê het maar nie wou erken dat sy eksegese verkeerd was nie.

Spoelstra (1989:443) beskou die Geelkerken-saak as maar een van die tragiese voorbeelde in Nederland as hy stel “die Geref. Kerke van Nederland het ’n droewige geskiedenis van ‘leertug’, byvoorbeeld met Geelkerken 1926 en Schilder, 1944, agter die rug. Waar Du Toit van mening is die Nederlanders stel hier ’n voorbeeld, is Spoelstra van mening die geskiedenis is tragies. Vir Howell (2004:190) is die saak van Geelkerken een van die sake waarin leerverskille op die spits gedryf was. Golverdingen (2001) beskou die saak van Geelkerken as die begin van redelik ingrypende verandering wat daar in kerkregtelike denke plaasgevind het. Plaatjies-Van Huffel (2008:79) sien dit as ’n “kerkregtelike wisseling” wat met die Geelkerken-saak op die buitengewone Sinode van Assen in 1926 plaasgevind het.

Barnard (1994) wys daarop hoe die saak van Geelkerken nie maklik oorskat kon word nie. Geelkerken het die gemoedere in die “Gereformeerde Kerken in Nederland” (GKN) omtrent in dieselfde tyd as die Jansen-saak in Amerika in beroering gehad. Johannes Gerardus Geelkerken (1879-1960) het die kerkverband wat op daardie stadium maar nog 30 jaar bestaan het, tot in sy fondasies geruk. As student het Geelkerken al ’n groot rol onder jongmense begin speel. Hy was toe voorsitter van die “Nederlandsche Christen Studenten Vereniging”. Toe die Sinode op

Leeuwarden in 1920 ’n besluit geneem het waarin hulle sekere bedenkinge en voorwaardes aan die studentevereniging gestel het, het Geelkerken ernstige beswaar aangeteken en die besluit openlik vanaf die kansels waar hy gepreek het, bekritiseer. In dieselfde tyd het Geelkerken hom al meer beywer vir vernuwing in die liturgie. Hy wou o.a. dat daar in die gemeentesang al meer gesange ingebring moes word.

Die saak teen Geelkerken het op 23 Maart 1924 begin toe Geelkerken die aand ’n Kategismuspreek in die Schinkelkerk in Amsterdam-Suid oor Sondag 3 gepreek het waarin hy die sondeval in Genesis se begin hanteer het. Die aand was daar 18 ouderlinge teenwoordig wat oor die Woordbediening toesig moes hou. Die beweerde dwaling het gehandel oor die sonde van Adam en Eva waar ’n br H Marinus, as lidmaat van die gemeente, oortuig was dat Geelkerken dwaalleer rondom die versoeking en val van die mens in die paradys verkondig het (Visser, 1982:279). Howell (2004:290) beskryf die leergeding teen Geelkerken dat hy die gebeure van Genesis 1 tot 3 as geensins “zintuiglik waarneembare werklijkheden” beskou het nie. Geelkerken het ’n letterlike verklaring uit die begin van Genesis onder verdenking gestel. Marinus het sy beswaar op 26 Maart 1924 ingedien. Die kerkraad van die gemeente bevind op 3 April 1924 die broeder se besware ongegrond.

Volgens Plaatjies-van Huffel (2008:79) was dit van die begin af duidelik dat die kerkraad in Amsterdam-Suid hulle openlik aan die kant van Geelkerken geskaar het. Marinus besluit om met die saak voort te gaan en wend hom die volgende maand (13 Mei 1924) tot die klassis Amsterdam. Die klassis het ’n kommissie aangewys wat bestaan het uit ds. JL Schouten (Amsterdam) en ds. JE Vonkenberg (Huizen) en oudl. H Bomas (Hilversum). In 1946 het JD du Toit hom positief uitgespreek oor Schouten se rol as voorsitter en oor sy standpunt in die berou-vraagstuk.

Die kommissie met Schouten as voorsitter het hulle ondersoek begin deur ’n afskrif van die bedenklike preek, waarvan Geelkerken hulle slegs ’n preekskets kon voorsien en ’n verklaring van die 18 ouderlinge te bestudeer. Die ouderlinge het bevestig dat die preekskets ’n getroue weergawe van die preek was. Dit het die kommissie oortuig en so was aan die Klassis gerapporteer dat Marinus die preek nie reg verstaan het nie. Die Klassis weier om pertinent uitspraak te gee en verwys die saak weer terug na die Kerkraad met die advies dat Marinus en sy Kerkraad hierdie tweërlei interpretasie van Geelkerken se preek self moet hanteer en tot oplossing moes bring. Die Kerkraad het aanvanklik net weer die wyksouderling na Marinus gestuur om die saak met hom te bespreek. Marinus dring daarop aan om die saak met die hele

kerkraad te bespreek. Dit het veroorsaak dat die Kerkraad die saak weer vir ’n geruime tyd moes uitstel.

Marinus is steeds nie tevrede nie en kom weer terug na die Klassis, wel nou met ’n beswaarskrif. Marinus bevestig dat andere dieselfde dwaling in die preek gehoor het en hy nie verkeerd verstaan het nie. Hy gaan verder en stel dat hy die Kerkraad as onbevoeg beskou om langer in die saak te oordeel want hulle weier om ander getuies se soortgelyke verklarings oor die preek te ondersoek. Marinus se versoek was dat die Klassis nou die saak grondig moes ondersoek. Aan die einde van 1924 bevestig die Kerkraad weereens in ’n skrywe aan Marinus dat hy baie beslis net die preek verkeerd verstaan het.

Op 10 Des. 1924 het die Klassis weer Marinus se beswaarskrif bespreek en verwys dit weer na die kommissie waarvan Schouten die voorsitter was. In Maart 1925 rapporteer die kommissie dat Geelkerken en die ouderlinge saam met hom en Marinus met die lidmate as getuies saam met hom, twee onversoenbare getuienisse en gesindhede na vore bring. Marinus het nog verder in die beweerde klag gegaan en bevestig dat Geelkerken van oortuiging was dat die digterlike voorstellings wat die sondeval bewoord moeilik vanuit die teks met die werklike gebeurtenisse in verband gebring kon word. Geelkerken het gestel dat die digterlike en die werklike voorstelling nie vanmekaar onderskei kon word nie. In hierdie geval besluit die Klassis dat hy dan wel van Geelkerken ’n nadere verklaring oor sy beskouing van die sondeval sou vra.

Toe hierdie advies bespreek word, het die afgevaardigdes van Amsterdam-Suid besluit dat die Klassis ook nie meer bevoeg was om die saak verder te hanteer nie, omdat hulle blykbaar die Klassis as regter in hulle eie saak beskou. Die Klassis het wel van Geelkerken en Amsterdam-Suid gepoog ’n nadere verklaring te vra, maar dié is hulle toe geweier. Die saak gaan in alle geval toe verder en Marinus het as klaer in die saak hom na die Partikuliere Sinode van Noord-Holland gewend. Intussen het die Klassis besluit dat hulle die “ondertekeningsformulier inwerking zou stellen, met de daarbij behorende gerechvaardige verdenking”. Tegelyk was besluit dat deputate van die Partikuliere-Sinode van Noord-Holland, ooreenkomstig artikel 49 KO, na die volgende buitengewone Klassis-vergadering genooi moes word.

Op hierdie vergadering het die saak ’n ernstige wending begin aanneem. Daar was besluit dat ’n voorlopige skorsing wel kon plaasvind en die deputate van die Partikuliere-Sinode het hulle oordeel uitgespreek dat die Klassis as ten volle bevoeg beskou moes word om Marinus se tweede beswaarskrif te hanteer en dat hulle nie as regter in eie saak beskou kon word nie. Daar was

volgens hierdie deputate se oordeel nuwe inligting in die tweede beswaarskrif vervat en die feit dat die beswaarskrif nie inhoudelik hanteer was nie, maak dat die klassis die saak kon hanteer. Verder het die deputate geoordeel dat Geelkerken weer ’n nadere verklaring gevra kon word. Geelkerken het op sy beurt gestel dat hy nie dink so ’n verklaring kan van hom afgedwing word nie, maar dat hy dit wel in oorweging sou neem. Hy het egter nie met die deputate van die Partikuliere Sinode se voorstel kon saamgaan nie. Intussen het hy wel bevestig dat hy die verhaal van Gen. 3 as geskiedenis aanvaar en deur hom so verkondig word. Dit kom weereens daarop neer dat beweer word dat Marinus en sy medestanders se beskuldiging van Geelkerken ongegrond was.

Nogtans wil Geelkerken nie ’n nadere verklaring aflê nie wat die deputate daartoe noop om hom dan te dwing om op grond van die ondertekeningsformulier ’n nadere verklaring af te lê. Die vergadering het weer vir ’n tyd lank verdaag en intussen het die kommissie en die deputate van die Partikuliere Sinode vir prof. H. Kuyper om kerkregtelike advies genader. Tegelyk het daar van Amsterdam-Suid uitgebreide propaganda vir hulle saak plaasgevind.

Toe die vergadering weer op 22 Apr. 1925 bymekaargekom het, het Geelkerken se volgehoue weiering om vrae met ’n nadere verklaring te beantwoord, die bedenkinge teen hom laat aangroei. Daar was wel, soos met die De Wet-Saak, in ’n stadium voorgestel om ’n meer *judisiële* benadering (vriendelike samespreking) met Geelkerken te hou, maar die vergadering het die voorstel verwerp. In die res van 1925 was daar oor en weer korrespondensie waarin Geelkerken aanmekaar gepoog het om die klassis daarop te wys dat hy onregverdig onder verdenking gestel word. Hy stem in die tyd ook nie in tot die “inwerking stellen van het ondertekeningsformulier” nie. Volgens hom was daar geen sprake “van gerechtvaardige verdenking” nie. Hy het te kenne gegee dat hy hom ook na die Partikuliere-Sinode gaan wend.

Geelkerken wou die verwysing na bekende teoloë se opvattinge nie sonder meer aanvaar nie. Hy waarsku teen ’n opvatting dat “... in stede van een of andere populaire of traditionele, doch niet confessioneel vastgelegde ‘verklaring’ of ‘opvatting’ als de eenig mogelijke te fixeeren ...” Daar moet volgens hom volle vryheid wees om “wetenschaplijke exegese die zich gebonden erkent aan het Woord en doordrongen is van geloovigen eerbied voor het Woord, volle vrijheid moet blijven om den zin van genoemde mededeelingen al zuiverder te trachten te vatten. Kortom, ook hier geldt, wat onze Geloofsbelijdenis zegt in haar 7de Artikel: ‘Men mag ook geener menschen schriften, hoe heilig zij geweest zijn, gelijk stellen met de goddelijke Schrifturen, noch

de gewoonte met de waarheid Gods (want de waarheid is boven alles), noch de groote menigte, noch de oudheid".

Geelkerken het volgehou dat die "ondertekeningsformulier was ten onrechte in werking gesteld". Geelkerken stel verder dat die toesig wat die Kerkraad van Amsterdam-Suid uitgeoefen het heeltemal voldoende was en dat 'n Klassis nie moet probeer om hierdie toesig oor te neem nie. Die kommissie, met Schouten as voorsitter, soos deur die Klassis benoem, het onder baie kritiek van Geelkerken deurgeloop. Hy het in talle opsigte hulle bevoegdheid bevraagteken. Hy het hulle verder verkwalik oor uitsprake wat hulle alreeds in die kerklike pers laat verskyn het.

Die teologiese professore het in die saak op 'n vreemde wyse toegetree. Volgens Barnard (1994: 67) het hulle wel eenparige advies uitgespreek. Hulle was van mening dat dit heeltemal in orde is om van Geelkerken 'n nadere verklaring te verwag. Hulle bevestig dat Geelkerken se uitgangspunt rondom Gen. 2 en 3 sekere bedenklike elemente bevat. Volgens hulle tas hy die historisiteit van Gen. 2 en 3 aan en kom hy in stryd met die Nederlandse Geloofsbelydenis. Dit was ook op advies van hierdie "theologische hoogleraren" ... "dat de classis de particuliere synode zou moeten verzoeken zich in verbinding te stellen met de synodale kerk van Assen opdat een buitengewone generale synode bijeengeroepen zou worden ten einde over deze zaak in haar geheel een beslissing te nemen". Dit is duidelik dat hierdie teologiese "hoogleraren" hulleself beskou het as manne wat met groot gesag hulleself by die saak kon voeg.

Soos die Geelkerken-saak gevorder het, het die vraag na die betekenis van die kerkverband en die gesag en die bevoegdhede van die meerdere vergaderings 'n baie dringende saak geword. Ook die rol van teologiese professore kom al skerper in die kollig. Veral gesien in die lig dat ongeag wat die Kerkraad van Amsterdam-Suid oor hulle predikant en sy leer se standpunt was, was dit 'n geval van meerdere vergaderings wat besluite neem. Die standpunt was dat in die geval die Kerkraad die saak nie meer kon hanteer nie.

Dit dui op 'n groot kerkregtelike wisseling. Sommige soos Plaatjies-Van Huffel (2008:78) verwys hierna as die "openbare diskoers oor die *oud kerkrecht* en *nieuwe kerkrecht*". Sy beskou die "hoogleraren" HH Kuyper en H Bouwman as die manne wat die koerswending van 'n oue kerkreg na 'n nuwe kerkreg veroorsaak het. In die "oud kerkrecht "staan die voorstanders in lyn met die leiers van die Doleansie van 1886 wat sterk klem plaas op die plaaslike kerk wat nie deur sinodale beleid en handelinge in sake voorgeskryf en voorgegaan mog word in wat hulle as selfstandige kerke oor hulleself kon besluit en kon afhandel nie. In lyn met die "oud kerkrecht" word die

kerkorde van die Sinode van Dordrecht 1618/19 hooggeag. Plaatjies-Van Huffel wys daarop dat die "nieuwe kerkrecht" met die Geelkerken-saak al sterker begin inwortel het. Dit het aan meerdere vergaderings baie meer gesag gegee as wat dit in 1892 nog die geval was. Sy beskou die "nieuwe kerkrecht" as die ontwikkeling in die GKN waar dit al meer vasgelê is dat 'n meerdere vergadering "'n regspersoonlikheid het" (2008:78).

Dit het in kerkregtelike geledere groot diskussies en probleme veroorsaak. Selfs kerkregtelikes soos M Bouwman en veral ook HH Kuyper het met hierdie kerkregtelike ommeswaai of soos wat Plaatjies-Van Huffel dit noem die "kerkregtelike wisseling van 1926" begin kleitrap. Dit was toe te skryf aan sekere beskouings en misopvattings wat kerkregtelikes vir Rutgers en selfs Voetius met 'n ander bril laat lees het, waarvan hulle erken dat dit hulle eie sienswyses verander het. In 1923 was HH Kuyper, twee jaar nadat De Wet by hom gepromoveer het, nog vas oortuig dat 'n Sinode nie 'n Kerkraad sou kon afsit nie. Hy het dit volgens Plaatjies-Van Huffel (2008:82) prinsipieel kon afwys.

Dit het in die Geelkerken-saak ingrypend ingewerk. Dit is opmerklik dat HH Kuyper, kort voor die De Wet-saak in 1944, sekere erkennings in sy drastiese verskuiwing van kerkregtelike denke gemaak het, wat ook genoem was "de biecht van HH Kuyper" (Golverdingen,2001:8). Dit kom daarop neer dat beweer word dat selfs iemand soos Rutgers al vir Voetius nie reg gelees het nie en dit het aan Voetius 'n independentistiese kleur gegee wat kon veroorsaak dat meerdere vergaderings nie tot hulle reg kom nie.

Vóór die Sinode van Assen was dit in die "oud kerkrecht" (Doleansiekerkreg) onmoontlik dat 'n meerdere vergadering soos 'n Klassis of 'n Sinode so by 'n plaaslike Kerkraad kon ingryp, dat selfs aan 'n Sinode die reg toegesê was om ouderlinge en diakens af te sit, wat hulleself teen Geelkerken se afsetting uitgespreek het. Die gevolg was dat almal op die Kerkraad van Amsterdam-Suid, wat hulle aan Geelkerken se kant gestel het, afgesit is. Hulle was aangekla van "skeurmakery" en uiteindelik is 27 ouderlinge en 14 diakens sinodaal afgesit. Hierdie afsetting is vanaf die kansel van die naburige Amsterdam-gemeente afgekondig.

In die verdere verloop van die saak word tereg deur Visser (1982:372) vraagtekens geplaas oor die wyse waarop meerdere vergaderings hulle in die saak kon indring, omdat Art 30 KO bepaal dat sake wat op 'n mindere vergadering afgehandel kan word, nie op 'n meerdere vergadering behandel mag word nie. Hy beskou die Geelkerken-saak as een van die tragiese voorbeelde wat in die verkeerde toepassing van Art 30 KO na vore kom. Hy gebruik Geelkerken as voorbeeld

om aan te dui hoe sake rondom Art 30 KO ’n verkeerde ontwikkeling begin volg en uiteindelik word Art 30 KO verkeerd toegepas. Visser se standpunt kom neer op wat later genoem word “oud kerkrecht” (Doleansiekerkreg) wat dan volgens ander nie rekening hou met die groot “kerkregtelike wisseling” wat vanaf 1924 begin vorm aanneem het nie.

Plaatjies-Van Huffel (2008:3) wys daarop dat die term “oud kerkrecht” na die Sinode van Assen met die Geelkerken-saak al meer in gebruik geraak het. Die Sinode van Assen (1926) het veel groter bevoegdheid aan meerdere vergaderings met die tuguitoefening oor ampsdraers toegestaan. Volgens Plaatjies-Van Huffel (2008:3) het die diskoers m.b.t. “die oud kerkrecht” en die “nieuwe kerkrecht” veral vanaf 1937 verskerp toe daar al meer met hierdie nuwe denke gewerk word in die verskyning van M Bouwman se dissertasie “Voetius over het gezag der synoden”. Dit alles vind plaas nie lank voor die De Wet-saak nie en sou klaarblyklik ’n redelike groot invloed daarop kon uitoefen.

Visser (1982:373) spreek baie duidelik sy bedenkinge oor die Geelkerken-saak uit. Hy vra of so ’n “buitengewone generale synode” die saak hoegenaamd in behandeling kon geneem het. Howell (2004:191) voeg hom hierby en meen dat die saak waaroor die Sinode hierdie besluite geneem het nie op hulle tafel moes gewees het nie. Barnard (1994:68) wys daarop dat die kerkraad van Amsterdam-Suid hierdie standpunt rondom Art 30 KO vanuit die “oud-kerkrecht” gehandhaaf het. Daarom dat die Kerkraad van Amsterdam-Suid geglo het dat die samekoms van die Sinode onwettig was.

Soos wat later met die De Wet-saak gedoen was, was dit met Geelkerken in 1926 ook die geval dat twee kommissies vanuit die Sinode benoem is om respektiewelik die saak na sy kerkregtelike kant en na sy dogmatiese kant te beoordeel. In die geval van Geelkerken wys Barnard (1994:68) daarop dat daar ’n voortdurende uitbreiding op die saak plaasgevind het. By Geelkerken is sy beskouing oor Job later betrek. Daar is besluit om hierdie nuwe sake wel toe te laat omdat daar aan die Partikuliere Sinode gevra was om die hele saak oor te neem. Geelkerken het, soos De Wet 20 jaar later, ’n groot deel van die verskille toegeskryf aan eksegese en hy het gestel dat “vrijheid van exegese vastgehouden moest worden”.

JC Aalders (1927:7), in simpatie met Geelkerken, beskou hierdie saak in meer as een opsig as ’n verskil in teologiese benadering, maar die Kerk in Nederland het, volgens Aalders, deur hierdie saak aan geloofwaardigheid ingeboet. Hy sien ’n kultuur-proses en ’n kultuuromgewing en ’n kultuurlewe ontwikkel waarin die stedelike jongmens besig is om van die platteland vervreemd te

raak. Daar is nie meer net geloofsvrae nie, maar ook word al hoe meer kultuurvrae wakker gemaak. So ontstaan daar ’n stryd tussen die ou geloofstradisies en die nuwe kultuurvrae. Volgens Aalders het Geelkerken hierdie probleem raakgesien en is hy daaroor verkwalik. Dit is dan nie maar gewoon net ’n stryd tussen die oue en die nuwe, of die fundamentele en die moderne mens nie, maar lê die stryd eintlik baie dieper en meer kompleks.

Voorlopig kan gestel word dat die “nieuwe kerkrecht” ’n beduidende invloed op die De Wet-saak gehad het. Dit was in alle geval die wyse waarop die saak hanteer was. ’n Meerdere vergadering (Sinode) het die saak wou hanteer, sonder dat daar ooit gevra was, of die saak nie op ’n ander wyse deur ’n mindere vergadering hanteer en afgehandel kon word nie. Art 30 KO is hiervolgens op die wyse van die “nieuwe kerkrecht” geïnterpreteer. Met reg kan hierdie tipe Kerkreg beskou word as dit wat beskryf is as ’n tragiese onvermoë om leertug na behore te behandel.

7.6.3 SOORTGELYKE SAKE IN DIE SUIDE VAN AFRIKA

7.6.3.1 DIE SAAK TEEN PROF. JOHANNES DU PLESSIS

In Suid-Afrika was daar voor die saak teen prof. Johannes du Plessis (1868-1935) ook ander leergeding-sake. As voorbeelde van predikante wat pertinent in leergedinge betrokke was, kan die name van TF Burgers en JJ Kotzé genoem word (Sadler, 1979:40). Burgers, NG-predikant van Hanover, latere president van die ZAR, het die persoonlike bestaan van die duiwel bevraagteken, ook die sondeloosheid van Christus se menslike natuur, die voortbestaan van die menslike siel na die dood en ook die opstanding van die dode. Kotzé, NG-predikant van Darling, se leerstryd het weer ontwikkel rondom die sestigste vraag van die Heidelbergse Kategismus. Sy standpunt was dat hy hoegenaamd nie kon preek wat daar bely word nie. Hy beskou nie alleen die Kategismus in die gedeelte as in stryd met homself nie, maar staan daar volgens Kotzé in die antwoord woorde wat ’n heiden nie eers oor homself kan uitspreek nie, of hy moet een duiwel wees, wat nog te sê dat ’n Christen van homself mag sê dat die mens tot alle boosheid geneig is.

Visser (1982:377) beskou die sake van Burgers en Kotzé in alle geval as manne wat as verdedigers van die moderne rigting opgetree het. Hy sien die stryd in hierdie tyd as tegelyk ’n stryd wat teen die liberalisme gevoer was en wat al meer gespanne tye teweeggebring het. In albei se gevalle is daar, volgens Visser (1982:377), gewerk met die Reglemente van 1824 en 1842 wat die bevoegdheid om tug oor predikante uit te voer aan die Ring of ’n Sinode toegeskryf het. Hierdie meerdere vergadering ontvang selfs tugreg. Visser hanteer hierdie aspek krities,

maar bly in gebreke om die verband te trek tussen wat later in die GKSA as deel van die "nieuwe kerkrecht" vanaf 1926 na vore gekom het. In 'n breuk met die Doleansiekerkreg is daar grotendeels maar op die spoor van die Reglemente begin loop. Visser en Plaatjies-Van Huffel bly in gebreke om 'n duideliker verband tussen die vroeëre Reglemente van 1824 en 1842 en die sg "nieuwe kerkrecht" aan te toon. Die vroeëre Reglemente en die "nieuwe kerkrecht" het hulle daarvoor beywer om in die tugprosedures oor ampsdraers die onus al hoe meer op die meerdere vergaderings te plaas.

Opmerklik is dat hierdie kerklike meerdere vergaderings in sovele gevalle as dit later by 'n burgerlike hofsaak gekom het, as "verloorder" daar moes wegstap. In die Kotzé-saak, in die Du Plessis-saak, in die latere Geyser-saak was dit telkens die geval gewees. De Wet het egter by sy onderneming gebly dat hy sy saak nie in 'n burgerlike hof verder sou voer nie. Dit moet hom ter ere gegee word dat hy sy woord gehou het in 'n saak wat so anders kon uitloop as die burgerlike hof hierin toegelaat moes word.

Al is daar heelwat ander sake en leergedinge wat genoem kan word, het daar nie weer 'n saak wat as leergeding so prominent na vore gekom het, as die saak teen prof. Johannes du Plessis nie. Die saak het die NG Kerk vanaf 1928 tot 1932 besig gehou en veral die Sinodes van 1928 en 1930 wat op 'n besondere wyse aan die saak aandag moes gee (Du Plooy, 1991:81).

Die saak word deur van die kerklike historici, soos JW Hofmeyr (1986:4), een van die laaste suiwer teologiese stryde genoem, waar daar in die laaste 50 jaar nie weer so 'n saak in Suid-Afrika was nie. Hofmeyr noem wel die Du Plessis-saak as die enigste een waarvan hy rekenskap kon gee, sonder om van die De Wet-saak melding te maak, wat waarskynlik vir hom onbekend was. Die De Wet-saak kan ná die Du Plessis-saak as 'n suiwer teologiese stryd tipeer word. Volgens Hofmeyr (1986:8) was die klag teen Du Plessis, soos met die Janssen-saak in Amerika, 'n beswaar teen sy Inspirasieleer. Du Plessis was van mening dat die Skrif nie in al sy dele as onfeilbaar geïnspireerd beskou kon word nie. Daar was ook besware teen sy histories-kritiese standpunte oor die Ou Testament. FS Malan (1933:91) stel hierdie punt onder Du Plessis se standpunt oor die Hoër Kritiek. Hiervolgens word 'n kritiese rekonstruksie van die geskiedenis van Israel geregverdig. Die gang van die geskiedenis soos dit in die Skrif aan die lig kom, word in verskeie opsigte omgekeer en selfs word dele ontken. Die outeurskap van Moses met betrekking tot die Pentateug word in geheel ontken.

Strauss (2014:54) wys daarop dat hierdie sienings veral in die blad *Het Zoeklicht* gepubliseer was. Hofmeyr (1986:8) wys ook daarop dat Du Plessis oor sy beskouinge aangaande die Persoon van Christus aangekla was. Dit vorm moontlik 'n sydelingse raakvlak tussen die Du Plessis-saak en die De Wet-saak. Alhoewel De Wet se beskouing oor die nature van Christus beslis nie soos by Du Plessis daarop neergekom het dat Christus bepaalde goddelike eienskappe afgelê het toe Hy mens geword het nie. Malan (1933:91) verwys hierna as die *Kenosis-leer* wat verder daarop dui dat Du Plessis aangekla was dat hy Christus na sy mensheid as onkundig oor die Ou Testament beoordeel het en geen gesaghebbende oordeel as Mens oor die Ou Testament sou kon lewer nie. Strauss (2014:54) wys daarop dat Du Plessis se standpunt daarop neerkom dat die inspirasie van die Bybel beteken dat dit wel met gesag praat as dit oor saligmakende kennis gaan, maar oor die historiese, geografiese en chronologiese gegewens in die Skrif is die Bybel nie noodwendig reg nie. Daarom dat Du Plessis dit duidelik gemaak het: "Om te zeggen de Bijbel is, het-woord Gods ... sou misleidend zijn" (Strauss, 2014:54). Hierdie beskouing oor die Skrif het later daarop uitgeloop dat daar oor die Bybel gesê word dat dit 'n "tendensboek" is (Strauss:2014:55).

Die Du Plessis-saak het volgens ander kerkregtelikes wel nog ander rakelingse verbande met die De Wet-saak. Du Plooy (1991:81) sien in albei die sake besondere gevalle waar die uitoefening van leertug plaasgevind het. In die geval van Du Plessis het die letterlike binding aan die belydenisskrifte 'n prominente aspek van die saak geword, waar van De Wet se standpunte oor die belydenisskrifte ook onder verdenking was. Malan (1933:91) verwys na hierdie punt as 'n vraag m.b.t. tot die toelatingsbelofte. Hiervolgens het Du Plessis die reg voorgestaan dat 'n leraar sy gevoele wat in stryd is met die belydenisskrifte openbaar mag maak sonder om hulle eers aan die Sinode bekend te maak.

Hofmeyr (1986:6) verwys in die Du Plessis-saak ook na die Geelkerken-saak wat reeds in die vorige punt behandel is. Hy assosieer hierdie sake as verskille wat ontstaan in die stryd "tussen fundamentalisme en modernisme". Meijer (2011:230) praat ook van die merkwaardige ooreenkomste tussen die kerklike twiste in Nederland en Suid-Afrika, waar hy dan na Geelkerken en Du Plessis verwys. Meijer (2011:229) wys verder daarop dat Du Plessis onder die studente baie geliefd was. Verder is Meijer (2011:229) van mening dat die Du Plessis-saak op 'n ander probleem in die NG Kerk wys. Hy praat van die "akkommoderende houding" wat homself telkens in die NG Kerk wreek. Volgens hom het die akkommoderende houding wat die NG Kerk in die 19de eeu ten opsigte van die liberale rigting ingeneem het in die Du Plessis-saak in die 20ste eeu weer na vore gekom. Meijer (2011:229) sien hoe daar telkens oor die leer afwysende uitsprake

kon kom, maar dat die leraar - mits sy invloed beperk kan word - dan wel getolereer word. Stauss (2014:55) voer hierdie argument nog verder deur daarop te wys dat omtrent al die sake waaroor Du Plessis aangekla en afgesit was, vandag deur die grootste deel van die NG Kerk as gangbare standpunte aanvaar word. Dit moet dan gesien word dat Du Plessis nooit verkeerd was nie. Hy was in die opsig dan net sy tyd vooruit. Meijer (2011:230) wys op die 350-jarige herdenkingsuitgawe waarin gestel word dat Du Plessis beslis nie gedwaal het nie, maar dat hy net sy tyd vooruit was. Dieselfde het volgens Meijer (2011:230) in die Geelkerken-saak gebeur. In 1967 (sewe jaar na Geelkerken se dood) het die Gereformeerde Kerke in Nederland hulle uitsprake en vonnis oor Geelkerken herroep.

In sy verweer wou Du Plessis beslis korreksies aanbring op die punte van die klag teen hom. Hy het wat sy Inspirasieleer betref dit ontken dat hy nie alle dele van die Skrif as geïnspireerd beskou het nie. Hy het wel geglo dat die Skrif onfeilbaar geïnspireerd was vir die doel waarvoor die Skrif daar is. Volgens hom moet daar ’n definitiewe onderskeid tussen onfeilbaarheid en feilloosheid gemaak word. Hy en De Wet se standpunte het weereens ’n sydelingse raakvlak as Du Plessis dit stel dat die belydenisskrifte nie na behore ’n leerstuk oor die inspirasie van die Skrif bied nie. Oor sy aansluiting by die Hoër Kritiek het Du Plessis daarop gewys dat hy beslis nie al die bevindings van die Wellhausen-skool onomwonde aanvaar nie. Volgens Malan (1933:92) sou Du Plessis die metodes van die Hoër Kritiek kon onderskryf, maar nie hulle resultate nie. Wat betref die *Kenosis-leer* moet daar baie fyner onderskei word, as wat die oorspronklike klag dit gewoon geformuleer het. Du Plessis stel dat Christus sy goddelike eienskappe ontdaan het (buite werking gestel het) met sy menswording, maar dat hy beslis nie die besit daarvan verloor het nie. Stauss (2014:55) wys daarop dat die *Kenosis-leer* vir Du Plessis beteken het dat by Christus se menswording Hy sy goddelike eienskappe van almag, alomteenwoordigheid en alwetendheid afgelê het.

In die geval van Du Plessis sien Hofmeyr (1986:7) die begin van die saak al so vroeg as 1910 waar daar in Stellenbosch deur WA Joubert in sy proefskrif goeie aanklank by A Kuyper en H Bavinck gevind was. (In hoofstuk 4 is daar reeds na WA Joubert verwys, waar sy kleinniggie die moeder van JD du Toit was.) Die vroeëre De Wet was in alle geval net so Kuyperiaans en Bavinck-gesind as wat Joubert dit kon wees. Dit het De Wet in sy 1931-publikasie getiteld “Die Bybel en die Christus van die Bybel” in van die grootste dele van die publikasie in direkte stryd met Du Plessis in Stellenbosch gebring. Dit bewys dat De Wet hierdie publikasie grotendeels uitgegee het in reaksie op en as gevolg van die Du Plessis-saak.

In sy vroeëre lewe en werk was De Wet duidelik deel van die geledere waar Kotzé (1984:120) vir Du Plessis kon aanhaal dat die Gereformeerde Kerk poog meer Kuyperiaans te wees as Kuyper self en meer Dordts te wees as Dordt en meer Calvinisties as Calvyn te wees. Du Plessis het die Gereformeerde kerkverband as aanmatigend beleef en hy en SO Los was later in 'n onverkwiklike pennestryd gewikkel gewees (Kotze, 1984:120). .Deist (1986:37) verwys ook hierna hoe Du Plessis die NG Kerk se leertradisie "skerp afgegrens het van die Enkel Gereformeerde tradisie". Volgens Deist het Du Plessis daarin geslaag om die verskil tussen die GKSA en die NG Kerk te definieer kragtens die verhouding tussen geloof en rede. Bavinck het hierin verkies om te praat van geloof en rede, spesifiek in die volgorde, terwyl Doedes sou verkies om eerder te praat van rede en geloof. Hiervolgens het Du Plessis gemeen die eerste is meer filosofies van aard terwyl die tweede dan meer teologies beskou kon word. Verder het Du Plessis die GKSA beskuldig dat hulle verwarrend met die geloof omgaan deur nie na behore die saligmakende geloof te onderskei van 'n eksistensiële geloof nie. Hierbinne maak Du Plessis die onderskeid dat die geloof wat nie direk saligmakend beskou kan word nie as 'n meer filosofiese geloof beskou moes word. M.a.w. die geloof wat te doen het met wetenskapsbeoefening, of die geloof aan my eie bestaan, of die geloof aan die werklikheid van die eksterne wêreld, of aan die betroubaarheid van my sintuie nie so maklik verwar moet word met die saligmakende geloof, soos wat hy glo in die GKSA gebeur nie.

In hierdie studie is reeds verwys na De Wet wat as bondgenoot van prof. JA du Plessis in Potchefstroom, toe hy ewe hard saam met Du Plessis teen sy naamgenoot in Stellenbosch die stryd opgeneem het.

Dit sou op daardie stadium baie ver van De Wet se gedagtes gewees het om te dink dat hy in sy persoon ook in 'n leerstryd (en Kerkstryd) gedompel sou raak, soos sy vroeëre teenstander in Stellenbosch. De Wet sou moeilik erken dat daar selfs later sekere raakvlakke tussen hom en Du Plessis in Stellenbosch gesoek sou word. De Wet het naderhand 'n karakter in sy teologie ontwikkel wat die evangelikaalse (evangeliese) rigting ten koste van die dogmatiese bepleit, asof die dogmatiek en selfs Kuyper en Bavinck nie herlewing nie, maar 'n doodse ortodoksie veroorsaak. Van sulke mense het hy hom voorgeneem om nie maar net hulle naprater te wees nie.

Nogtans is daar geen bewyse dat De Wet 'n voorstander van die Hoëre Kritiek was, of dat hy 'n teologiese modernis wou word, of dat daar oor sy beskouing van die inspirasie van die Skrif of die erkenning van die gesag van die Skrif vraagtekens geplaas kon word nie. Al het De Wet oor

sy beskouing van die nature van Christus onder verdenking gekom, was dit wel ook ver verwyder van Du Plessis en later ook AS Geyser se beskouing oor Filippense 2:7 met die sg *Kenosis- leer*. In dié opsig maak dit die De Wet-saak heeltemal anders as die Janssen-saak in Amerika of die Du Plessis-saak, waar Du Plessis (en ook Janssen) wel oor al hierdie aspekte in hulle sake aangekla was. De Wet se saak was anders, het op 'n heeltemal ander vlak gelê en moes waarskynlik ook heeltemal anders hanteer gewees het. Ongelukkig het nog die Kuratorium, nog die Sinodes in 1945 en 1946 daarin kon slaag om teologiese leergedinge fyner te onderskei. In De Wet se geval was 'n *judisiële* benadering moontlik geregverdig in plaas daarvan om bloot die *justisiële* benadering in hierdie leergeding na te jaag.

7.6.3.2 DIE SAAK TEEN PROF. AS GEYSER

Die saak teen prof. Albertus Stephanus Geyser (1935 - 1986) in 1961, 15 jaar na die De Wet-saak, is in verskeie opsigte 'n vergelykbare saak in die Ned. Herv. Kerk. Geyser was in Sept./Okt. 1961 aangekla vir "kettery en ongehoorsaamheid" (insubordinasie). Sy skuldigbevinding vind op 4 Apr.1962 plaas. Die term insubordinasie was by die De Wet-saak ook prominent gewees. Geyser is egter op die insubordinasie klag vrygespreek, maar skuldig bevind op die klag van kettery. 'n Terloopse opmerking van Dreyer (2015:195) bevestig dat Geyser, net soos De Wet, 'n baie moeilike persoonlikheid gehad het, iemand wat moeilik was om mee oor die weg te kom.

Dit neem nie weg dat soos De Wet kon Geyser getipeer word as hoogs-intelligent en baie welsprekend. Hy kon deur emosioneel belaaide preke en toesprake 'n gehoor boei. Eienskappe wat van De Wet ook gegeld het. Eerder is daar reeds na die skoolhoof van Boshoff, CP Venter, verwys wat De Wet bestempel het as "ons magtigste prediker, wat as sulks van sy skouers af uitgesteek het bo al ons predikante ..."

In die leergeding teen Geyser, anders as in die geval van De Wet met nege gronde vir 'n klag, was daar teen Geyser se beweerde dwaalleer vier velde van ondersoek. Die klaers het klagtes saamgestel rondom Geyser se Christologie, sy Ekklesiologie, sy Pneumatologie en laastens sy verset deur woord en/of daad en/of geskrif teen wet en/of besluite van die Kerk. Op sy Christologie was hy skuldig bevind, op sy ekklesiologie was hy nie skuldig bevind nie, ook op sy Pneumatologie was daar gaan skuldigbevinding nie. Interessant genoeg was die uitspraak op die laaste deel van die klagstaat wat o.a. die Wêreldraad van Kerke betrek en ook Artikel 3 van die Kerkwet van die Kerk, dat daar sterk aanwysings is dat Geyser hom aan die deel van die klag

skuldig gemaak het, maar omdat die klaers hulle klag nie afdoende bewys het nie, gee die Kommissie die aangeklaagde die voordeel van die twyfel en bevind hom onskuldig.

In die Christologiese-klag was hoofsaaklik Geyser se eksegese van Fil. 2:6-11 onder verdenking gestel gewees. Soos in die De Wet-saak is Geyser ook deur uitlatings tydens sy onderrig aan studente onder verdenking geplaas. Van Aarde (1992:164) wys daarop dat studente in 1961 'n klag van dwaalleer oor Geyser se Christologie, pneumatologie en antropologie teen hulle professor aanhangig gemaak het. Van Aarde beweer dat Geyser alreeds in 1946 sekere vrae rondom Rom 1:3-4 en Fil. 2:6-10 na vore gebring het, wat dan 15 jaar later eers op die spits gedryf word. Geyser tipeer sy eksegese as tipiese Pauliniese antitetiese formules wat gebou is met die boustene van die dialektiese antinomieë soos vlees-gees, geboorte-opstanding en vernedering-verhoging. Verder word beweer dat Geyser veral in die klaskamer oor die betekenis van sy eksegese vir die kerklike belydenis heelwat studente ontstel en van hom vervreem het. Labuschagne (2011:13) is van mening dat prof. A Pont studente teen Geyser opgehits het en dat Pont in besonder drie senior studente sou opgesteek het om Geyser "op ketterij te betrappen". Van Aarde (2014:7) het later van tyd ook die mening uitgespreek dat die studente teen Geyser opgesteek was. Dreyer (2015:191) wys daarop dat Geyser aanvanklik sy diepe teleurstelling uitgespreek het dat sy eie studente klagtes van dwaalleer teen hom gelê het. Geyser het van die begin af hierdie klagtes heftig ontken.

Die bewerings oor erge politieke kwaadwilligheid in die saak het nie eers later na vore gekom nie. Dreyer (JGM Dreyer van Potchefstroom) het al in Aug. 1962 'n brief in *Die Hervormer* (Aug. 1962:15) beantwoord waar daar baie kort na die Geyser-saak al beweer was "dat iedereen weet dat prof. Geyser nooit aangeklaagde zou zijn als hij zich niet tegen het apartheidsbeleid in de kerk had gekeerd". Dreyer ontken hierdie beskuldigings op verskillende gronde deur daarop te wys dat as die bewerings waar moes wees dit as deel van die klag "daar 'n ellelange verhoor" na vore moes gekom het. Volgens Dreyer het dit "nouliks ter sprake gekom ..." Oor die beskuldiging dat die drie studente teen Geyser gebruik was, is Dreyer baie duidelik in sy vraag teenoor die beskuldiging: "Wie is hier die mens. Dink u waarlik dat die manne wat die pynlike saak moes verhoor, sulke skurke was? ..."

In die opsig verskil die Geyser-saak van die De Wet-saak. Alhoewel in albei die sake die rol van studente as deurslaggewend beskou word, is daar by die De Wet-saak nie enige aanduiding gevind dat of JV Coetzee of JD du Toit, wat albei direk deur studente genader was oor De Wet se dualisme in sy klasse, enige skuld moes dra dat hulle die studente teen De Wet opgesteek het

nie. Dit kom voor of JD du Toit vir lank probeer wegskram het deur nie aanvanklik 'n oor vir die studente te wees wanneer hulle oor De Wet se leringe bedenkinge teenoor hom uitgespreek het nie. Selfs by JV Coetzee, alhoewel hy 'n baie gunstige oor vir die studente gebied het in hulle klagtes oor De Wet se klaswerk, is daar nie bewyse dat die saak eintlik by Coetzee begin het en hy die studente teen De Wet opgehits het nie. In dié geval is die Geyser-saak anders as die De Wet-saak alhoewel albei sake ten nouste met klaswerk verbind is.

Nieteenstaande die ou en nuwe gerugte dat studente in hierdie saak teen Geyser opgesteek was, het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in Jun. 1962 in *Die Hervormer* baie breedvoerig hulle "Bevinding en uitspraak met betrekking tot die klag teen Prof. Dr. AS Geyser" gepubliseer. In 'n baie lang uiteensetting is daar gepoog om oor die saak rekenskap te gee. Dit herinner aan die werkswyse met die De Wet-saak toe omtrent die hele uitgawes van Jun. 1945 en Nov. 1945 van *Die Kerkblad* daaraan gewy was om die De Wet-saak in sy verloop en vordering aan die kerklike publiek te vertolk. Die uiteensetting in *Die Hervormer* gee inderdaad rekenskap van 'n intense suiwer teologiese stryd wat in verskeie opsigte die *mala fide* bewerings en die stelling dat studente slegs misbruik was, problematies maak.

Geyser se Christologie was onder verdenking omdat hy geleer het dat Christus in sy status voor sy menswording, sowel as daarna, ondergeskik was aan God. Hiermee saam sou Geyser ook leer dat die "post-eksistente Christus hoër status beklee as die pre-ëksistente Christus. Volgens Geyser verkondig Fil. 2 in hierdie verse 'n "statusverskil" by Christus na wat sy mensheid aangaan.

In die verdediging van Geyser is hierdie eerste klag ontken omdat die Kerk se standpunt nog altyd was dat die Skrif vry is van enige vorm van belydenisdwang. Dit gee hiervolgens aan die eksegeet 'n vryheid in die beoefening van die "eksegetiese eksperiment sonder inagneming van die inhoud van die Belydenisskrifte". Die Algemene kommissie het in hulle bevinding toegegee dat die Nederduitsch Hervormde Kerk wel oortuig is dat die Skrif vry is van "belydenisdwang" maar dit beteken nie dat leraars in hierdie Kerk leervryheid mag beoefen nie. Die Algemene kommissie het baie breedvoerig ingegaan op die aspek van vryheid van eksegese en die vryheid van die individuele eksegeet.

In hierdie ondersoek is, soos met die De Wet-saak, studente se aantekeninge met mekaar vergelyk. Daar word wel openlik die name van die studente genoem (WCM de Beer, E

Engelbrecht en HG van der Westhuizen) en word nie gepoog, soos in die De Wet-saak, om die verskillende studente met net kodes aan te dui om hulle identiteit te probeer beskerm nie.

'n Besondere verwysing wat in die regsprosedure gemeld word, is die uitspraak van die Algemene kommissie dat "die Kerk aanvaar naamlik die goeie trou en opregtheid van elkeen van sy lidmate totdat die teendeel bewys is. Daarom ken die Kerk by die ondersoek van 'n klag eintlik nie sulke oorwegings soos kwaadwilligheid en instigasie nie". In hierdie vertrekpunt kom 'n groot verskil met die De Wet-saak na vore. By die Kuratorium was dit een van die groot sake op hulle "klagstaat" dat De Wet benewens die afwesigheid van berou (boetvaardigheid) daar telkens beweer is dat De Wet 'n gees van insubordinasie (verset) geopenbaar het. Dit het as hoofrede in 'n klag teen De Wet bly staan.

In die ekklesiologiese sfeer van die klag teen Geyser was beweer dat hy 'n gevaarlike neiging getoon het om die "suiwer Reformatoriese belydenis ten aansien van die Kerk" te verlaat. In van die studente-aantekeninge was o.a. 'n opmerking gemaak dat "die Kerk is 'n humanistiese instituut: sy taak is om ordinêre geregtigheid te handhaaf. Daar is iets groter as orde en dit is gewone sosiale geregtigheid". Alhoewel hierdie en ander ekklesiologiese uitsprake in die studente-aantekeninge gevind was, was die uitspraak dat daar nie voldoende bewyse gelewer was dat Geyser in sy doseerwerk die belydenisuitsprake oor die Kerk weerstaan het nie. Geyser is op hierdie punt van die klag vrygespreek.

Rondom die Pneumatologie het die klaers (studente) 'n vreemde klag na vore gebring. Hulle het gestel dat Geyser die werk van die Heilige Gees verswyg het in gevalle waar dit wel ter sprake moes kom. Die bewering dat iemand iets moes gesê het en niks gesê het nie, kan op geen wyse die grond vir 'n klag wees nie. Heeltemal tereg is Geyser ook hierin vrygespreek.

Oor die laaste veld van die klagstaat waarin beweer is dat Geyser hom teen die wette/bepalings en besluite van die Kerk verset, is hy eweneens onskuldig bevind. Selfs sy uitsprake teen Artikel 3 van die Kerkwet was vir die kommissie nie voldoende vir 'n definitiewe skuldigbevinding nie.
Al was Geyser op drie van die vier punte in die klagstaat vrygespreek, was die Algemene Kommissie van oordeel dat die eerste saak rakende sy Christologie so ernstig beskou moes word as wat die studente dit beleef het, nl. dat hy besig was om Christus "te verkleineer". Omdat die kommissie van oordeel was dat Geyser in hierdie deel van die leergeding so ernstig oortree het en hy eintlik teenoor verskeie partye in die saak hom hierin verhard het en volhard het om Christus as "minder God" voor te hou, is hy aan 'n baie ernstige saak skuldig bevind.

Sy saak is enduit gevoer en hy is op 8 Mei 1962 skuldig bevind en afgesit. Sy afsetting het teweeggebring dat twee ander prominente teoloë in die Nederduitsch Hervormde Kerk direk hierdeur geraak is. Prof. A. Van Selms het vanweë die Geyser saak sy ontslag aangevra en prof. Casper Labuschagne wie se simpatie ook by Geyser gelê het, is ontslaan. Geyser het na sy afsetting hom op die burgerlike hof (regbank) beroep en sy saak is op 1 Mei 1963 in die Hooggeregshof aangehoor. Op 15 Mei 1963 het die saak volgens Dreyer (2015:195) dramaties geëindig toe daar op ampsherstel vir Geyser besluit was. Die kerkverband het al die regskoste moes betaal. Dreyer stel dat die kerkverband besef het dat hulle die hofsaak sou verloor en daarom het die Algemene Kommissie in die openbaar die saak teruggetrek en erken dat hulle 'n *bona fide* en onbedoelde fout in die interpretasie van Geyser se beskouing gemaak het.

Van Wyk (2016:1) beweer dat die klag van leerdwaling teen Geyser terugskouend bevestig kan word as 'n klag wat vermeng was met Geyser se ongelukkigheid oor Artikel 3 van die destydse Kerkwet en alles wat daarmee saamgegaan het. Dit lyk of daar met hierdie stelling van Van Wyk versigtiger omgegaan moet word. Dit kom voor asof Van Wyk nie na behore verreken het dat Geyser wat Artikel 3 van hulle Kerkwet raak, juis die voordeel van die twyfel ontvang het en Geyser hierop onskuldig bevind was. Dieselfde geld vir Labuschagne wat gewoon oor die werklik teologiese stryd waarin Geyser hom geplaas het, verbykyk en die saak dan in geheel in sosio-politieke vaarwater plaas.

Labuschagne het Suid-Afrika in 1967 verlaat en toe in Nederland gaan woon. Hy het hoogleraar in die Ou Testament by die Rijksuniveriteit in Groningen geword. In 2011 het hy nog weer breedvoerig na Geyser verwys, terwyl hy eintlik Beyers Naudé se verset teen apartheid hanteer het. In hierdie verset was Geyser in noue bondgenootskap met Naudé .

Die Geyser-saak dra 'n sware vrag politiek met dit saam, maar dit was 'n politieke drama heeltemal anders as wat met De Wet die geval was. In die geval van Geyser word uit talle oorde vermoed dat die Afrikaner-Broederbond die saak gedryf het en daar 'n kerklike prys daarvoor betaal moes word (Dreyer, 2015:192; Labuschagne, 2011:16; Van Aarde e.a., 2014:6-7). De Wet se politieke lewe kan in hoofstuk 3 nagegaan word. Geyser se politieke lewe is in baie opsigte die absolute teenpool van De Wet s'n. De Wet sou in sy volkere en staatsbeskouing hoegenaamd nie met Geyser oor sy stryd teen apartheid saamgestem het nie. Albei, Geyser en De Wet, gee die bewys - dit maak nie saak aan watter kant van die politieke spektrum hulle hulself bevind het nie - dat wie diep in die party-politieke lewe ingegrawe word, sal vroeër of later ondervind, dat

teologies moet hulle hul oor hul politiek verantwoord en moontlik selfs ’n teologiese prys betaal vir ’n politieke wildernis waarin hulle hulself in begewe het.

7.7 SLOT

Die kerkregtelike beoordeling van die De Wet-saak in hierdie hoofstuk het ’n groot probleemarea in die studie bestryk. Die De Wet-saak was die eerste in die geskiedenis van die GKSA waar ’n professor verbonde aan die Teol. Skool in ’n leergeding aangekla was. In so ’n saak is daar kerkregtelike beginsels ter sprake wat as rigtinggewend beskou moes word.

De Wet se studie in Kerkreg en van sy artikels, soos “Wat is die maatstaf vir regsinnigheid”, toon aan dat hy die belangrikheid van leertug besef het. Sy uitgangspunt in 1929 was duidelik dat geen leervryheid geduld mag word nie. Hy het gestel dat om allerhande vorme van leervryheid te verdra en te tolereer as ’n teken van swakheid beskou moet word.

In die kerkregtelike raamwerk wat De Wet self in daardie tyd neergelê het, het hy drie riglyne onderskei. Eerstens kan net geoordeel word oor wat geskryf, gedoen of gesê was. Hy het dit gestel dat oor die hart kan geen Kerk oordeel nie. Hiermee saam was sy tweede uitgangspunt dat teoloë of kerkmanne se oordeel nie as finale maatstaf gebruik mag word nie. In die laaste plek stel De Wet dat alleen die Woord van God en die Kerk se konfessie die finale maatstaf vir regsinnigheid kan wees.

Benewens die vereistes soos deur De Wet self aangedui, is die volgende kerkregtelike raamwerk in die studie gebruik. Die vereiste dat in regspraak daar behoorlik na mekaar geluister moet word en direk hiermee saam dat geen persoon regter in eie saak mag wees nie, moet na behore nagekom en getoets word. Daarsonder kan geen gesonde regshandeling en tugprosedure volg as aan hierdie twee basiese vereistes nie voldoen word nie.

Verder het kerkregtelikes dit telkens bevestig, selfs as burgerlike howe (regbanke) in kerklike regsgedinge betrokke moes raak, dat die nakoming van twee ander vereistes in die proses van uitspraak getoets moet word. Die Kerk moet aan sy eie reëls gebonde bly en dit nougeset uitvoer. Hiermee saam moet altyd geld dat kerklike tug ’n geestelike karakter moet dra en nie as kerklike vergelding of as wêreldlike strafmiddel beskou mag word nie.

Die reëls van natuurlike geregtigheid word in alle gevalle in howe getoets waar kerke in sake by howe hulleself moes verdedig. Gemene spel, bedrog, oneerlikheid, ongerymdhede, oorskryding van mag (*ultra vires*) en kwade bedoelings (*mala fide)* moet in die Kerke as nog meer onaanvaarbaar beskou word, as wat dit in die burgerlike lewe en howe die geval is. Wie hierin oortree staan reeds skuldig sonder dat die skuld in die eintlike saak nog na behore aangetoon is.

In die hoofstuk is gepoog om onder meer aan De Wet se eie vereistes te voldoen, waaroor hy hom uitgelaat het, lank vóór hy besef het dat hyself in ’’n leergeding aangekla sou word.

In die ondersoek is verder nagevors wat die plek van artt 53 en 54 KO en van artt 79 en 80 KO in die saak behoort te vervul. Kragtens artt 53 en 54 KO het die Kuratorium in gebreke gebly om onmiddellik voorlopig te skors toe dit al duidelik geword het dat De Wet nie bereid was om soos vereis deur die ondertekeningsformulier ’n nadere verklaring te gee nie. Die Kuratorium het wel die erns van die saak voorgehou, maar nie na behore die middele (Art 79/80 KO) wat in so ’n ernstige geding behoort te geld, aangewend nie. Daar kon net op grond van hierdie optrede alreeds afsetting gevolg het, as die saak daarop sou moes uitloop. Die gebrekkige toepassing van Art. 79/80 KO in die saak, het tot ’n groot mate die verloop sodanig uitgerek dat die reg al meer verwikkeld begin raak het. De Wet het self hom skuldig gemaak deur talle voorbeelde waar hy as regter in sy eie saak hom wou handhaaf. In plaas dat hy van die begin af saamgewerk het in die noodsaak tot ’n nadere verklaring wat van hom geëis kon word en na behore daaraan aandag gegee en hierdie verklaring gebied het, was hy eerder daarop uit om sy klaers te wil aankla in wat hulle prosedure was. Hy wou heeltyd sy eie optrede regverdig en sonder om die klagtes na behore te weerlê verkies hy eerder om hom as regter in sy eie saak voor te doen. Hierdie optrede het die kerkregtelike proses wat gevolg moes word sodanig gedwarsboom dat hy self die verantwoordelikheid moet aanvaar vir ’n uitgerekte en onverkwiklike kerkregtelike proses wat gevolg het.

In die begin van die hoofstuk is as doel gestel om ook die ander rolspelers in die saak in hulle kerkregtelike bevoegdhede te beoordeel. Daar is hoofsaaklik tussen drie soorte rolspelers onderskei. Die Kuratorium se rol en bevoegdheid is nagegaan, so ook spesifieke Kerkrade en laastens is daar op die meerdere vergaderings in die saak gefokus. Veral twee Sinodes, dié van 1945 en die buitengewone Sinode van 1946, wat hoofsaaklik vir die De Wet-saak opgeroep was, moes kerkregtelik behandel en beoordeel word.

Die optrede van die Kuratorium was deurslaggewend in die saak. In die middel van die saak was ook die Kerke waarmee De Wet 'n besondere verband moes onderhou. Dit was Kerke wat kerkregtelik direk tot die saak moes meespreek nl. De Wet se tuisgemeente, die Gereformeerde Kerk Potchefstroom met hulle leraar, ds. JV Coetzee, wat in die kerkregtelike proses 'n groot teenstander van De Wet was. Die ander Kerk in die saak betrokke, was die Gereformeerde Kerk Bloemfontein, waar die kerkregtelike bepaling nog gegeld het dat 'n hoogleraar se laaste gemeente, voordat hy tot professor geroep was, geen losmaking (kragtens Art 10 KO) aan die professor kon verleen nie, maar hom moes vrystel om sy roeping kragtens Art 18 KO in die kerkverband te volvoer. In die verband het die Gereformeerde Kerk Bloemfontein in die saak teen De Wet moes help regspreek.

Deel van die problematiek was dat die twee gemeentes se predikante ook op die Kuratorium gedien het. De Wet se leraar in Potchefstroom, ds. JV Coetzee, het 'n baie prominente rol in die Kuratorium in die saak teen hom vervul. Die predikant van die Gerf Kerk Bloemfontein, op daardie stadium ds. ID Krüger, was die voorsitter van die Kuratorium. Hy het homself baie vroeg in die saak as 'n sterk teenstander teen De Wet laat geld. Die saak het nog nie eers na behore gedien nie, toe het Krüger volgens 'n stenograaf die opmerking gemaak: "Ek meen ons moet 'n end maak aan die saak"

JV Coetzee kan as leidinggewend in die saak teen De Wet beskou word. Hy het begin met die bymekaarmaak van die studente-aantekeninge en die saak in Nov 1944 na die Kuratorium gebring wat De Wet in sy doseerwerk onder verdenking geplaas het. Hiermee saam was JV Coetzee redaksielid van *Die Kerkblad*, waarin hy net so 'n prominente rol gespeel het. Reeds vanaf Feb. 1944 het daar vanaf Coetzee en die ander redaksielede, TT Spoelstra en S du Toit, bepaalde aksies gevolg, omdat De Wet na die mening van die redaksie alreeds grof oortree het deur Meditasies te plaas, wat na hulle mening as dwaalleer voorgekom het. JV Coetzee het uiteindelik 'n drie-dubbele bevoegdheid in die saak gehad. Vanuit De Wet se tuisgemeente, vanuit die Kuratorium waar hy reeds as klaer ook gedien het en vanuit die redaksie van *Die Kerkblad.*

JV Coetzee en ID Krüger se bevoegdhede in die saak het diep en wyd inslag gevind. Hulle het vanuit die Kerkrade waar hulle voorsitters was en vanuit die Kuratorium waarop hulle deurslaggewende inspraak kon lewer, die geleentheid gehad om baie sterk invloed op die saak uit te oefen. Kerkregtelik dui hierdie insprake op geen gesonde verdeling van bevoegdhede nie.

Albei hierdie rolspelers was vanaf die begin van die saak openlike teenstanders van De Wet. Hulle ontvang as't ware meer as "dubbele magte" wat so maklik oorskry kon word.

In hierdie reeds ongesonde verdeling van bevoegdhede moet dadelik die naam van JD du Toit bygevoeg word. Hy het as teologiese professor reeds vir 20 jaar saam met De Wet by die Teol. Skool gedien. In vorige hoofstukke is hulle besonder goeie verhouding en band aangetoon, maar Du Toit se rol in die De Wet-saak moes noodwendig in hierdie kerkregtelike beoordeling nagevors word.

JD du Toit was soos al die ander rolspelers in hulle kerkregtelike bevoegdhede telkens in die posisie om behoorlik na De Wet te probeer luister. Met so 'n moeilike persoonlikheid soos De Wet gehad het, wat dit net nog moeiliker gemaak het om sy kant van die saak te hoor, kom dit voor asof JD du Toit en sy seun-kollega, S du Toit, by 'n punt gekom het waar hulle nie meer na hom kon luister nie. Verhoudinge tussen die twee Du Toit-professore aan die een kant en De Wet aan die ander kant, waar daar geen ander ongebonde teologiese professor was nie, net hulle drie, het 'n laagtepunt bereik, was uiters gespanne en sonder 'n gevoel van sensiwiteit en begrip vir mekaar. Dit kan afgelei word dat JD du Toit en sy seun, S du Toit, saam soos een man teen De Wet gehandel het. Hier word eweneens met sensitiwiteit en hartseer gekonkludeer dat die Du Toit-professore kerkregtelik in die De Wet-saak vanweë hulle optredes die kerkregtelike beginsels op talle gebiede oortree het.

JD du Toit as klaer was reeds vanaf die begin as klaer by die saak betrek, toe hy in Nov. 1944 'n persoonlike verklaring ingedien het, met 'n dreigement daarin vervat. Hy moes as klaer, maar ook as adviseur, as professor en as kollega 'n baie moeilike plek in die saak vir homself afbaken. Die Sinode benoem hom selfs op kommissies in die saak, wat op geen balans dui nie.

JD du Toit laat hom dit alles welgeval. In die midde van die hantering van die saak, by De Wet se eerste beswaarskrif, waar Du Toit veronderstel was om net as adviseur te dien, vind hy geleentheid om die Sinode by twee aparte geleenthede wat oor verskillende dae sou strek sy klagtes oor De Wet toe te lig, sonder dat hyself onderskei dat hy nie langer as adviseur hierin mag dien nie. Daar word aanvaar dat hy hierdie spreekbeurte as lid van die Senaat opgeneem het. Dit impliseer dat hy dan nie meer as adviseur kon dien nie. Dit kom voor of die Sinodes nie behoorlik hierin 'n onderskeid gehandhaaf het nie.

JD du Toit het waarskynlik met die beste bedoelings wat daar kon wees, dit sou kon regverdig. Hy wou sy ywer, nougesetheid en omgee vir die suiwere gereformeerde leer, vir die Teol. Skool en vir die kerke wat hy, soos hy meermale gesê het, reeds langer as 40 jaar gedien het, nie alles ter wille van 'n individu, wat dan De Wet was, op die spel plaas nie. Die Kuratorium het net twee lede, PJS de Klerk en DG Venter in hierdie tyd gehad wat tekens getoon het om, waar hulle glo dat JD du Toit verkeerd was, hom teë te spreek. Die res van die Kuratorium was sulke getroue ondersteuners en navolgers van JD du Toit, soos veral JV Coetzee en ASE Yssel op talle ander gebiede van hulle dienswerk bewys het, dat hulle groot opofferings sou maak net om JD du Toit ter wille te wees.

In die latere verloop was JD du Toit nog weer prominent toe hy en JV Coetzee saam as kommissie pre-advies van die Kuratorium opdrag ontvang het om vanaf Mei 1945 die saak weer in sy hele omvang te ondersoek en rapport te lewer wat in Aug. 1945 afgehandel moes wees. Hulle ontvang selfs toestemming om nuwe sake by te voeg wat die saak dalk mog vereis. De Wet het al meer van die metode wat gevolg was verskil, omdat hy van mening was die saak met die toets van regsinnigheid afgehandel was.

In die hoofstuk is ook die twee Sinodes wat by die saak betrokke was kerkregtelik beoordeel en tot die gevolgtrekking gekom dat by albei die meerdere vergaderings daar gebeure en besluite was, wat op ernstige kerkregtelike leemtes gedui het.

Van hierdie leemtes wat op regskrenking kon dui, is die volgende:

- Die Sinode 1945 benoem persone om met die De Wet-saak te handel wat as party in die geding beskou kon word. Op die wyse word hulle regter in hulle eie saak gemaak.
- Die Sinode 1945 het aanvanklik in gebreke gebly om regspraak in die saak voorrang te verleen en het begin deur aan die Kuratorium-voordrag die voorrang te gee.
- Die gevaar van prejudisering is nie raakgesien nie. Die kommissie wat oor die beswaarskrif moes handel, kon reeds as te geprejudiseerd beskou word om daarna ook nog met die Kuratorium-voordrag te kan handel. In die geval sou die reg beter gedien kon wees as twee afsonderlike kommissies die twee sake (beswaarskrif en Kuratorium-voordrag) afsonderlik ondersoek het. Aparte bevindinge van hulle resultate sou die gevaar van prejudisering uitgeskakel het.
- Daar word nie tydens die Sinode 1945 onderskei tussen JD du Toit se rol as klaer en sy rol as adviseur nie.

- JD du Toit word die ruimste geleentheid gebied om tydens die behandeling van die beswaarskrif sy rol as adviseur heeltemal te oorspan en op te tree as klaer waar dit net om sy advies moes handel.
- Die rol van burgerlike regsgeleerdes is selfs tydens die Sinode 1945 as deurslaggewend hanteer. Toe De Wet sy onderneming tot regstelling en sy verklaring tot voortgesette regsinnigheid aangebied het in die vorm van sy Bevestiging, is dit tragies dat die Sinode adv. Rumpff se inspraak van buite die Sinode via die Kuratorium toelaat en die Sinode nie sonder hom sy eie besluit kon neem oor die Bevestiging wat hulle aangebied was nie.
- Die Sinode hou nie by sy eie reëls deur die toets van regsinnigheid aanvanklik as laaste toetssteen tot De Wet aan te bied en daarna die prosedure verander deur hierdie toets van regsinnigheid nie die laaste toetssteen te maak nie.
- Die Sinode het sy eie agenda uitgebrei deur nie die vise-voorsitter daarop te wys dat sy berou-vraag nie vooraf bekend was nie en niemand daarop voorbereid kon wees toe hy die vraag gestel het nie. Al die ander vrae in die toets tot regsinnigheid was vooraf afgespreek en goedgekeur. Die laaste berou - vraag sou kon dien as dit wel vooraf goedgekeur en afgespreek was.
- Die Sinode 1945 keur twee teenstrydige rapporte (Acta, 1945:194, art 249 in vergelyking met Acta, 1945:201, art 262) goed wat in die res van die saak groot verwarring na De Wet en na die kant van die Kuratorium veroorsaak het.
- Die drie maande bedenktyd het soos ’n wig tussen die Kuratorium en De Wet ingedring.
- In die tyd het die Kuratorium geen behoorlike riglyne en afsprake gebied wat hierdie bedenktyd veronderstel was om te bereik nie. In die geval sou die toepassing van ’n “proeftyd” die saak beter kon gedien het.
- Die Kuratorium hou nie by sy eie reëls deur die opdrag van die Sinode dat ’n Skriftelike verklaring na De Wet se bedenktyd ingedien moes word, behoorlik na te kom nie.
- Daar was aanvanklik deur die voorsitter van die Kuratorium onderneem dat hulle as kuratore ’n Skriftelike verklaring sal opstel wat dan deur De Wet onderskryf en onderteken moes word. Op dié wyse sou die kuratore tot die wese van die saak kon deurdring. Kort hierna verander die Kuratorium hulle onderneming (wat maak dat hulle nie by hulle eie reëls hou nie) en word by De Wet aangedring om self die Skriftelike verklaring op te stel en aan te bied. Om hom dan te beskuldig dat sy verklaring nie bevredig nie en nie tot die wese deurdring nie, vertroebel die saak net nog verder.
- Die onordelike toepassing van Art 79 KO (selfs ook die Geref. Kerke Potchefstroom en Bloemfontein se toepassing van Art 76 KO deur ’n preekverbod met “sensuur” in verband

te bring) dui op kerkregtelike verwarring. Dit het nie net vir De Wet nie, maar ook talle gemeentes in die kerkverband kerkregtelik verward gelaat.

- Vir die Kuratorium om hom van alle doseerwerk te verbied wat as voorlopige skorsing beskou kon word, sonder om as Kuratorium aan die kerke mee te deel dat 'n klasverbod ook 'n preekverbod behoort in te sluit, wys op verdere onordelikheid in die gedeeltelike toepassing van art 79 KO.
- Die Sinode se uitspraak dat studente-aantekeninge nie as finale bewyskrag mag dien nie, word deur die Du Toit-professore en die meerderheid van die kuratore nie as bindend beskou nie, terwyl 'n binding aan kerklike besluite van hulle vereis kon word kragtens art 31 KO. Hulle gaan voort deur net nog meer aantekeninge te bekom asof hierdie aantekeninge finale bewyskrag moes lewer.
- Die Kuratorium se finale rapport is hoofsaaklik op nog meer studente-aantekeninge gebaseer, asof die besluit oor die studente-aantekeninge nie geneem was nie.
- Die Kuratorium en die Du Toit-professore gee voorrang aan die presedentereg – wat nie volgens Gereformeerde Kerkregering mag gebeur nie - omdat die aantekeninge in die Janssen-saak deurslaggewend was, moes dit hier as deurslaggewend tot definitiewe skuldigbevinding lei, al het die Sinode reeds in 1945 anders besluit.
- Die klem op dogmatiese sake in die klag van 1945 het later in 'n meer kerkregtelik-gerigte klag verander, sonder dat met nuwe bewyse behoorlik aangetoon was dat die klag verander moet word. Nou het "insubordinasie", "onboetvaardigheid" en die "verbreking van aangegane verbintenis" die klem ontvang, meer as wat die klem aanvanklik op leerkwessies geplaas was.
- In die hoofstuk is duidelike bewyse gelewer dat daar "inderdaad vooraf beplande optrede was" om De Wet se laaste twee beswaarskrifte van die begin af as "nie-ontvanklik" uit te rangeer. Daarin is geslaag, wat die kerkregtelike raamwerk waarbinne die Kuratorium en die Du Toit-professore hierdie saak laat dien het, baie bedenklik gemaak het.
- Die werklike vraag is of die buitengewone Sinode hoegenaamd opgeroep moes gewees het, want die noodsaak vir so 'n buitengewone vergadering is nie na behore aangedui nie. Die De Wet-saak was in wese by die vorige Sinode afgehandel. Daar kon moontlik net beter prosedures in plek geplaas gewees het om oor die leer wat hy hom opnuut aan verbind het behoorlike daaroor toesig te hou.
- Die verhouding tussen De Wet en die Du Toit-professore moes as pastorale kwessie hanteer en opgelos kon word.

HOOFSTUK 8

DIE FINALE BEOORDELING VAN DIE SAAK

Oorsig

8.1 Inleiding
8.2 In watter mate was CJH de Wet regter in eie saak?
8.3 Was die De Wet-kant van die saak enduit gehoor?
8.4 In watter mate was die buitengewone Sinode geprejudiseer?
8.5 Die gevaar van nepotisme in hierdie saak
8.6 Het De Wet se politieke stryd die kerkstryd binnegedring?
8.7 Die persoonlikheid van CJH de Wet en die invloed hiervan
8.8 Ander berigte oor hierdie saak
8.9 Watter riglyne (besluite) dien tans vir soortgelyke sake?
8.10 Slot

8.1 INLEIDING

CJH de Wet is in die kerklike geledere grootliks ’n vergete figuur en wat sy bydraes in die teologiese wetenskap betref ’n onderskatte figuur. Sy lewe en werk word oorskadu deur die mees onverkwiklike leer-stryd en kerk-stryd wat daar tot vandag toe in die GKSA was. In die spesifieke kerkverband het nog nie weer so ’n hewige leergeding ontstaan soos wat met die De Wet-saak die geval was nie.

In hierdie studie is aan die persoon, die roeping en werk van CJH de Wet besondere aandag geskenk. Tegelykertyd is gepoog om aan die De Wet-saak meer as net historiese aandag te gee deur aan die verloop en afloop van die saak ’n kerkregtelike beoordeling toe te voeg.

Die hoofstuk wil soos die vorige hoofstukke daarna streef om die feite grotendeels vir sigself te laat spreek. Hieruit is sekere kerkregtelike afleidings gemaak.

As sentraal-teoretiese argument het hierdie studie gestel dat die kerkregtelike hantering van die saak op ernstige leemtes dui. Die implikasie hiervan is dat daar kerkregtelike onreg teenoor De Wet begaan kon gewees het. In die finale beoordeling word kortliks na hierdie leemtes terugverwys en aangedui waarop die leemtes uitgeloop het.

Alhoewel CJH de Wet ’n groot deel van sy lewe net soveel politikus, was, as teoloog was, moet daar finaal geoordeel word of sy politieke stryd nie noodwendig tot sy teologiese stryd aanleiding kon gegee het nie.

De Wet was iemand met ’n baie komplekse, humeurige persoonlikheid wat nie gehuiwer het om sy teenparty kort-af, vyandig en beledigend aan te spreek nie. Hier word finaal gepoog om vas te stel in watter mate hierdie tipe persoonlikheid moontlik ’n deurslaggewende rol in die verloop van die saak gehad het.

Daar is aangedui dat so ’n hewige teologiese stryd met ’n teologiese professor in die jongste geskiedenis van die GKSA ongekend is. Dit beteken nie dat dit nie weer kan voorkom nie. Dit sal dan hanteer moet word. Die vraag waarmee hierdie studie afsluit is: Watter besluite rakende tugprosedures oor teologiese professore is die afgelope 50 jaar geneem? Is daar enige lesse geleer? Dit wil voorkom of daar ingrypend anders opgetree sal moet word in soortgelyke toekomstige gevalle. Wat het gemaak dat die tugprosedure vandag heeltemal anders is as wat by die De Wet-saak die geval was?

Die huidige Prospektus gee ’n prinsipiële raamwerk van hoe daar met tug kragtens art 79-80 KO teenoor ’n teologiese professor opgetree moet word. ’n Prosedurele vergelyking tussen die De Wet-saak en ’n soortgelyke saak wat dalk nou moet dien, behoort aan te dui watter verkeerde prosedures en optredes by die De Wet-saak gevolg was wat nie weer herhaal mag word nie. Dit alles het sekerlik ook pastorale implikasies. Daarom word kortliks aandag gegee aan die waarde van ’n meer pastorale benadering. Daar mag in alle geval nooit ’n waterdigte skeiding tussen die kerkregtelike hantering en die pastorale versorging van die partye betrokke wees nie.

8.2 IN WATTER MATE WAS CJH DE WET REGTER IN EIE SAAK?

Die feit dat De Wet homself nie gehou het aan bepalings ooreenkomstig die ondertekenings-formulier wat hy in sy bediening as professor twee maal onderteken het nie, is ’n ernstige oortreding van sy kant. Die ondertekeningsformulier is baie duidelik in die vereistes en toepassing daarvan dat daar van De Wet ’n nadere verklaring oor alle aspekte van die leer ooreenkomstig die gereformeerde belydenis gevra mog word en dat hy ten alle tye daartoe bereid moes wees om sodanige verklaring volledig te lewer. De Wet se volgehoue weiering om die duidelik voortspruitende vrae oor die wesentlike aspekte van die leergeding geensins volledig te beantwoord nie, het hom met reg net nog onder verdere verdenking geplaas.

Die beginsel bekend as *"Nemo debet esse judex in propria causa"* (niemand kan regter in sy eie saak wees nie) is beslis nie deur De Wet deursien en onderhou nie. Die feit dat hy homself in die posisie gestel het dat hy alleen wou besluit op watter aspekte van die saak hy bereid sou wees om te antwoord en dat – soos hy mondeling en skriftelik duidelik gemaak het – hy botweg sou weier om op die meeste van die vrae te antwoord, dui op 'n ingrypende poging van sy kant om homself regter in sy eie saak te wou maak. Sy verweer dat hy hom nie in die saak soos 'n skoolkind sou laat behandel nie, is 'n tragiese houding wat op geen feite berus dat enigeen in hulle vraagstelling hom verkleineerd en kinderagtig behandel het nie. Sy verdere verweer dat die inligting waarmee die Kuratorium gewerk het prosedureel met verkeerde metodes verkry was en dat dit hom skynbaar die reg gegee het om dan nie op die vrae te antwoord nie, is 'n nog duideliker bewys hoe De Wet homself regter in sy eie saak wou gemaak het.

Hierdie gesindheid en houding wat De Wet vanuit die staanspoor ingeneem het, het vir die Kuratorium die hantering van die saak sodanig bemoeilik dat hulle gesprekke en vordering met sake teen De Wet op dooiepunte uitgeloop het. Dit was al voordat Sinode 1945 kon plaasvind en voordat op enige wyse behoorlik aan die saak aandag geskenk kon word. Die feit dat hy wel vooraf aangedui het dat hy tot nadere verklaring bereid was en agterna heeltemal omgeswaai het, was hoegenaamd nie bevorderlik vir die saak nie. Dit sou op sigself as rede tot 'n verdere klag teen hom kon dien.

De Wet was onversetlik in sy geskrifte en aanbiedinge oor sy verkwaliking van die redaksie van *Die Kerkblad* se optrede met die voetnota en die daaropvolgende uitgebreide kommentaar op sy meditasies in *Die Kerkblad*. Deur die redaksie se werkswyse was hy in die oog en oor van die kerklike publiek op talle aspekte reeds as 'n "dwaalleraar" voorgehou. Dit gee begrip aan De Wet se harde antwoorde en weiering dat as 'n proses so verkeerd begin het, om dan nie verder aan die proses mee te werk nie. De Wet se beskrywing van hierdie gebeure as "laakbare metodes" wat teen hom toegepas was, dra na eie oortuiging self "laakbare" kenmerke. Hierby moet in gedagte gehou word dat De Wet hom toe reeds as "regter" ook oor sy eie artikels en meditasies wou handhaaf.

Die feit dat twee van die redaksielede vir De Wet met van hierdie meditasies voor publikasie gaan spreek het en hom versoek het om die publisering van die meditasies te heroorweeg omdat hulle as redaksie sekere probleme met die inhoud daarvan kon voorsien, moes hom laat herbesin het. Die feit dat hy op publisering aangedring het en hy die redaksie in geen onduidelike taal daarop gewys het dat hulle geen toesig oor hom en sy meditasies kon uitoefen nie en hulle feitlik geen

tugreg oor hom besit het nie, gee ook weer beter begrip waarom die redaksie met ’n voetnoot en daaropvolgende uitgebreide kommentaar gereageer het om De Wet se moontlik verkeerde Skrifuitleg reg te stel. Daar was nie noodwendig *mala fides* bedoelings in die redaksie se werkswyse nie, alhoewel hulle met ’n ander werkswyse die saak baie ellende kon bespaar het.

De Wet se uitgangspunt was duidelik dat eksegese altyd nog weer getoets en verander kon word, terwyl die redaksie van mening was dat sekere eksegetiese resultate as vas en onveranderlik beskou moes word en dat openlike verskille oor sodanige eksegetiese uitsprake nie toegelaat mog word nie. De Wet het gemeen dat gesprekvoering, selfs oor diepliggende verskille, gesonde openbare debat behoort te bevorder. Hy het aanvanklik aan die redaksielede wat hom kom spreek, het dit oopgestel dat hy reaksie op sy meditasies sou verwelkom. De Wet se bedoeling was duidelik nie ’n voetnota wat hom in sy eksegese etiketteer het nie en dat reaksie noodwendig ’n aanval op sy eksegetiese werk moes impliseer nie. Daarin het hy en die redaksie mekaar misverstaan en het hulle onderskeie optredes in hulle verweer na die tyd hierdie misverstand onderstreep.

Die redaksie het grootliks gefouteer in wat hulle mandaat was om artikels (De Wet se meditasies ingesluit) wat verwarring en aanstoot kon gee, publikasie te weier sonder enige verduideliking, verpligting of vrees om oor sodanige weiering verkwalik te word. Die reg van plasing het by die redaksie berus, maar hulle het dit self nie besef en toegepas nie. Dit kan hoegenaamd nie as tugreg beskou word soos wat De Wet hulle wou verkwalik as hulle nie sy meditasies sou plaas nie.

Dit bied in alle geval geen grond vir De Wet om die ondertekeningsformulier te ondermyn omdat die redaksie verkeerdelik gehandel het nie. Daarin het De Wet grof oortree deur inhoudelik homself van verantwoordelikheid te wou verskoon waar hy verantwoording moes doen. Alleen hierdie ondermyning van die ondertekeningsformulier sou kragtens art 79-80 KO aanleiding kon gee tot afsetting wanneer iemand hardnekkig volhard om geen behoorlike nadere verklaring te wou bied nie. Geen professor kan op die wyse homself as regter in sy eie saak wil bly handhaaf nie.

De Wet se volgehoue pogings om as regter in sy eie saak homself te bly handhaaf het met die gebeure rondom die studente-aantekeninge aangehou. JV Coetzee was in alle geval in ’n uiters kwesbare situasie gestel. Hy was leraar van die studente en van De Wet, ’n kurator en skriba van die Teologiese Senaat en ook ’n vriend en vertroueling van JD du Toit. Die feit dat JD du

Toit lank voor Coetzee al deur studente genader was oor wat die studente as dualisme in die leer tussen die Du Toit-professore en De Wet se klaswerk vertolk het, maak dit ’n saak van groot waarskynlikheid dat die Du Toit-professore met Coetzee hierdie spanning sou moes hanteer, nog lank voor daar enige student by Coetzee opgedaag het.

In verduidelikings en erkennings van JD du Toit, nl. hoe hy lankal reeds van die dualisme bewus was en hy later homself verkwalik het dat hy nie vroeër betrokke wou raak nie, maak die waarskynlikheid net groter dat die nuus rondom probleme met De Wet se leer nie die eerste keer deur studente se aankoms by Coetzee gebreek is nie. Coetzee was deur die studente se klag eintlik tot optrede gedwing wat JV Coetzee en die Du Toit-professore tot op daardie stadium nog probeer vermy het. Du Toit het sy aanvanklike vermyding van konflik voluit erken en stel hy dit tot groot verwyt van homself. Coetzee se erkenning van worsteling en langdurige slapeloosheid rondom hierdie saak nadat die studente hom genader het, getuig van optrede en besluite wat moeilik tot by hierdie punt gevorder het.

Dit verskoon Coetzee op geen wyse dat hy wel die saak anders kon hanteer het deur eers met De Wet die saak direk op te neem en die studente ook na De Wet te stuur om hierdie geding op die wyse te probeer oplos en as dit dan nie sou slaag nie, tot verdere optrede oor te gaan.

Vir De Wet om JV Coetzee en JD du Toit van “agterklappery” te beskuldig en voor te gee dat hy geensins van hierdie studente se ongelukkigheid bewus was voordat Coetzee in Nov. 1944 die saak amptelik op die agenda van die Kuratorium geplaas het, oortuig nie. De Wet het sedert Mei 1943 in gebeure met die studente van die Calvinistiese Studierigting en ook met ’n Jongeliede Vereniging-kongres (JV-kongres) te kenne gegee dat sake tussen hom en van hierdie jongmense nie pluis is nie en hy het hom al meer van betrokkenheid by hulle sake gedistansieer. Hy het self in ’n skrywe aan die Kuratorium in 1943 openlik verklaar dat hy hom van sake wat betrokkenheid op breëre vlak by die studente betref, gaan distansieer.

Hier kan aanvaar word dat in hierdie problematiek daar ’n politieke angel versteek was, want waar De Wet aanvanklik baie polities betrokke was en noodwendig die studente in sy politiek wou saamneem, het daar vervreemding tussen hom en van die studente op politieke terrein begin plaasvind. Een van De Wet se vroeëre politieke vertrouelinge, NGS van der Walt, het dit as student kon bevestig. De Wet se politieke vervreemding van prof. LJ du Plessis wat op sy beurt groot aanhang onder studente kon geniet, het die vervreemding tussen die politieke strydrosse se verhoudinge op studentevlak direk beïnvloed. De Wet se verklaring in Mei 1943 dat studente

sy beskouing van sake opvat as “opposisie”, gee duidelik die indruk dat sake tussen hom en van die studente meer as net teologies versteur was. Daar was ook politieke steurnisse.

Die feit dat hierdie versteurde verhoudinge De Wet se klaswerk en sy verhouding met teologiese studente direk moes raak, moes nie as verrassing voorgehou word nie. De Wet was bewus dat hier sake aan die opbou was, wat net groter probleme kon word as hy dit nie betyds tussen hom en die studente gaan regstel het nie. De Wet se tegniek om hom maar net te wou onttrek van strukture, gebeure en sake wat hom nie langer aangestaan het nie, en hy geen poging aangewend het om sodanige verhoudinge te herstel nie, is al ’n merker dat hy moeilik samewerking sou gaan verleen het waar dit met die studente-aantekeninge nou dringend noodsaaklik geword het. Hy het weereens getoon dat hy eerder sou poog om regter in sy eie saak te wees toe die studente-aantekeninge op die lappe gekom het. Die feit dat hy homself inhoudelik van die aantekeninge wou verskoon en dat dit nie na behore behandel moes word nie, was weereens op grond van prosedurele besware hoe hierdie saak verloop het en hoe hierdie aantekeninge bekom is. Dit strek De Wet in sy saak nie tot eer nie waar hy weereens gepoog het om regter in sy eie saak te wees. Dit kom voor of die besluit van die Sinode 1945 rondom sy beswaarskrifte kerkregtelik nugtere regspraak was.

Die afwysing van sy beswaarskrifte toe dit in die Sinode 1945 behandel is, toon tereg aan dat De Wet se pogings om as regter in sy eie saak homself te wou handhaaf, nie die saak kon dien nie. Dit is in die finale beoordeling vreemd dat die Sinode nie duideliker in die beredenering en afwysing van De Wet se beswaargronde hom daarop gewys het hoe onaanvaarbaar sy welbewuste pogings was om regter in sy eie sake te wou wees nie.

De Wet het beslis nie genoegsaam met die beginsel rekening gehou dat jyself beslis nie oor jou eie saak regspraak kan lewer nie. Hy het die geleentheid om behoorlik getuienis tot sy saak te lewer (nadere verklaring) onderbenut en gepoog om dit wat hom nie toekom nie, nl. regspraak oor sy eie saak, verkeerdelik probeer aangryp. Regspraak vereis in alle geval absolute onpartydigheid. Daarom kan niemand vir homself probeer regspreek soos wat De Wet gedoen het nie.

Hy het die sg. prosedurele onreg wat teen hom begaan was en wat die Sinode 1945 selfs in ’n mate toegegee het, heeltemal oorspeel en nie besef hoe hy eintlik hierdeur geprejudiseerd tot sy eie situasie staan en hy veel eerder tyd en aandag daaraan moes bestee het om sy beweerde verkeerde leerstellings nader te verklaar sodat dit deur die bevoegde persone en vergaderings

behoorlik ondersoek en reggestel kon word. Op die wyse kon hy veel eerder vroegtydig erken het hoe sy aanbieding van sekere leerstellings wel tot dwaling en misverstand aanleiding kon gegee het, wat hy wel later toegegee het.

8.2.1 IS DAAR 'N HERMENEUTIESE "KORTSLUITING" IN DIE SAAK?

De Wet se benadering tot eksegese het duidelik hermeneutiese implikasies. Dit kan in verband gebring word met wat Vorster in *Die Kerkblad* (2008:10-11) onderskei as "aangepaste teologie" of wat in De Wet se geval "toegepaste teologie" genoem sou kon word. Alhoewel daar aan die einde van De Wet se bediening in die GKSA pogings was om hom van aangepaste teologie te verwyt, soos wel met Du Plessis in Stellenbosch en met Geyser in Pretoria in sekere opsigte die geval kon wees, moet De Wet se eksegetiese benadering wel anders beoordeel word.

Alhoewel De Wet hom oor die nature van Christus, die gesag van die belydenisskrifte en die skeppingswerk van God op wyses uitgedruk het wat tot klagvorming teen hom gelei het, is sy saak wel anders as diegene wat Vorster in die kader van aangepaste teologie plaas. Vorster sien aangepaste teologie in werking wanneer die Christelike godsdiens net as nog 'n spirituele uiting beskou word wat daarop uit is om die Christelike dogmas en belydenisse af te takel. Hiervolgens is die Christelike godsdiens verskraal tot 'n lewenswyse wat slegs op bepaalde etiese beginsels berus. Die resultate en bevindinge van die wetenskap moet die program van die godsdiens beheers en moet godsdiens altyd wetenskaplik gemaak word sodat dit vir intelligente mense aanvaarbaar kan wees. Selfs al moet sekere vroeëre godsdienstige opvattings met heeltemal nuwe inhoud gevul word, moet die teologie daarby aanpas.

Britz (2002:355) het aangetoon hoe daar vier jaar ná die De Wet-saak in die vroë vyftigerjare van die vorige eeu in die NG-Kerk oor Skrifbeskouing en hermeneutiek opnuut geworstel was en dat die worsteling steeds voortduur. Die historiese lyne wat Britz hermeneuties trek, wys duidelik op twee hermeneutiese standpunte wat Britz as 'n dilemma vir die NG Kerk kon beskryf. Verder wys Britz hoe hierdie saak vanaf 1950, vier jaar na die De Wet-saak, ontvou het. Dit wat Vorster beskryf as aangepaste teologie is wat in Britz (2002:358) se terminologie as 'n "moderne verklaringsmetode" beskryf kan word "waar die totale vermensliking van die Woord van God op die spits gedryf word om die heil vir die moderne mens aanvaarbaar te maak". De Wet se hermeneutiek het beslis nie op hierdie metode berus nie en al was hy eksegeties aangekla, was dit nie op die gronde wat die aangepaste teologie (moderne verklaringsmetode) voorstaan nie.

'n Verdere beskuldiging teen de Wet, nl. om hom in die kader van die Du Plessis-saak en die Geyser-saak te plaas, lyk eweneens nie geregverdig nie. Alhoewel De Wet op grond van sekere beskouinge rondom die nature van Christus in sy *kenosis*-leer aangekla was, kan Du Plessis se leer oor die kenosis en De Wet se leer daaroor nie gelykgestel word nie. De Wet het hom voorgestel dat die God Christus in die mens Christus ingegaan het en dat Christus as 'n "menslike Ek" bestaan het wat hom in eie Persoon uitgesonder het en nie net op 'n menslike natuur en goddelike natuur in die een Goddelike Persoon Christus gedui het nie. By De Wet was daar nie sprake dat Hy Christus na sy mensheid as onkundig oor die Ou Testament beskou het nie. En ook nie van Du Plessis se Inspirasieleer dat die Bybel slegs geïnspireer is waar dit oor saligmakende kennis gaan, maar dat die hele Bybel beslis nie noodwendig as Woord van God beskou kan word nie. Niemand kon De Wet aankla dat sy standpunte op soortgelyke dwaling gedui het nie.

De Wet se benadering kan veel eerder as toegepaste teologie beskou word. De Wet kom duidelik in opstand teen wat Vorster later genoem het, "ivoortoring-teologie". Dit is 'n fundamentalistiese benadering wat poog om in isolasie sekere wetenskaplike feite wat bepaald in die geloof 'n rol behoort te speel, te ontken. Vorster staan baie krities teenoor hierdie ivoortoring-benadering wat wetenskaplike getuienisse oor die ouderdom van die aarde, die bestaan van dinosourusse, die wonder van genetika en die wonderlike samestelling van die menslike brein en die voorkoms van depressie so krities moontlik bejeën omdat dit met tradisies en ou opvattinge oor die Skrif in spanning geplaas word. De Wet was in sy teologie en hermeneutiese benadering meer ontvanklik vir latere tendense wat in die toegepaste teologie na vore gekom het, sonder dat hy hoegenaamd kon weet dat sy benadering, soos sy verklaring van die worsteling rondom Job, later as toegepaste teologie beskryf kon word. Sy eie tydgenote in die GKSA was waarskynlik met sekere aspekte van die fundamentalistiese benadering wat 'n ivoortoring teologie impliseer so ingeweef, dat hulle dit as die enigste gesonde gereformeerde teologiese benadering beskou het, soos Grönum in 2008 o.a. vir JD du Toit, S du Toit en JV Coetzee herevalueer in hulle fundamentalistiese denkmodelle. Sou dieselfde toets op De Wet toegepas word, is dit 'n saak van groot waarskynlikheid dat De Wet in sy Skrifbeskouing en handhawing van Skrifgesag by dieselfde fundamentalistiese denkmodel sou inpas. De Wet het wel sy eie verskil met die bogenoemde teoloë beskryf, nl. dat hulle deur "'n gees van tradisionele napratery (napraat van sekere teoloë) beheers word". In Vorster se terme kan dit as ivoortoring-teoloë beskryf word. De Wet het die tendens nog meer intens beleef as hy stel dat die "opinies van enkelinge bo Skrif en Konfessie gestel word".

'n Ander skoonseun van ID Krüger, die NG-teoloog PA Verhoef[75], het in sy intreerede in 1950, vier jaar na die De Wet-saak, as professor aan die Kweekskool op Stellenbosch standpunte gehuldig wat op daardie stadium nie ernstige verskille met De Wet se benadering tot die Skrif vertoon het nie. ID Krüger het wel De Wet in sy standpunte fel bestry, maar getuienisse dat hy met sy teoloog skoonseun, PA Verhoef, ernstig teologies verskil het, ontbreek. Trouens dit wil voorkom of ID Krüger by sy skoonseun goeie inspraak verkry het, want Verhoef het Krüger se preke so hoog aangeslaan dat hy in 1998 'n bundel gepubliseer het, getiteld: "Ds. ID Krüger : Die mens en sy preke".

Verhoef het heel tereg in 1950 waardering betuig dat die Ou Testament uit die kloue van die Wellhausen-skool losraak en dat daar nuwe insig en waardering vir die openbaringskarakter van die Ou Testament na vore gekom het. De Wet het op daardie stadium meer kritiek teenoor Kuyper betuig as wat Verhoef, merkwaardig genoeg vanuit NG geledere, van sy standpunte by Kuyper wou laat aansluit. Tog is daar genoeg gronde om te aanvaar dat De Wet in 1946 en Verhoef in 1950 se teologiese beskouinge en aanvaarding van die gesag van die Skrif en hulle uitgangspunte rondom die Inspirasieleer en veral die openbaringskarakter van die Skrif grootliks ooreengestem het. Hoekom Krüger vir De Wet in sy beoefening van teologie fel bestry, maar sy skoonseun nie in die stryd betrek het nie, is 'n goeie aanduiding dat die stryd teen De Wet later so ontaard het dat dit eintlik om baie meer as teologiese verskille gehandel het. Persoonlikheidskonflik, spanning tussen individue en gewoon onverbiddelike onversoenbaarheid het die drakrag en draagwydte van die saak teen De Wet gevorm. De Wet het met sy handhawing van eie reg en hoe hy homself as regter in sy eie saak wou laat geld, die saak verby breekpunt gedryf.

Die feit dat De Wet met sy standpunte onmiddellik na sy verlating van die GKSA weer ontvangs en toelating as bedienaar van die Woord in die laat veertiger, vroeg vyftigerjare, in die NG Kerk ontvang het, wys dat hy en Verhoef wat mekaar goed sou ken, met mekaar 'n verdere pad kon saamstap. Britz is van mening dat die NG Kerk op daardie stadium wat sy Skrifbeskouing en hermeneutiese spoor betref, nog grotendeels op die regte pad was. Wanneer Britz (2002:358) twee Skrif-standpunte in die hedendaagse NG Kerk behandel, kan tereg gevra word wanneer hy krities na Ben du Toit verwys, of Ben du Toit se ontsporing beslis nie by die De Wet-Verhoef-lyn aansluiting vind nie, maar grotendeels herlei sou kon word na die beskouinge in die Du Plessis-saak. In Vorster se terme sou dit ook weer as 'n vorm van aangepaste teologie beskou kon word.

[75] Adv. F. Rumpff en prof. Pieter Verhoef is deur hulle onderskeie huwelike met dogters van ID Krüger swaers van mekaar en het elk op sy terrein hulle in die Regte en in die Teologie onderskei.

In die finale beoordeling van ’n moontlik hermeneutiese kortsluiting wat tussen De Wet en sy Du Toit kollegas ontstaan het, kan aanvaar word dat De Wet al meer van ’n metodistiese benadering in sy teologie en hermeneutiek verdink was. S du Toit het hom in Mei 1945 in alle geval van Biblisisme en Metodisme beskuldig. Veral JD du Toit was hierop so bedag dat as enige saak net ’n sweempie van ’n metodistiese neiging getoon het, hy dit onmiddellik sou kon aandui en wou afweer. JD du Toit se proefskrif, in 1903 onder H Kuyper voltooi, se titel was dan ook “Het Methodisme”. Sy studies as jongman in Nederland was afgestem om die metodisme in die geloof te ken, af te weer en te bestry. JD du Toit sou homself nooit van hierdie benadering kon losmaak nie. In De Wet se laaste verklaring as lid van die GKSA is die volgende sinsnede van groot belang as hy dit soos volg stel:

> “Die Geref. Kerk word in die meeste van sy leiers beheers deur ’n gees van dor-verstandelike objektivisme (voorwerpelikheid) waardeur die Uitverkiesing en Genadeverbond veelal moet dien net as ’n vyeblad waaragter die mens sy persoonlike verantwoordelikheid ten opsigte van die Evangelie-roeping kan wegdoesel. Omdat ek die persoonlike en subjektiewe benadruk het, daarom is ek uitgekryt vir ’n ketter. Ek het geestelik honger en dors gely in die ‘citadel’ van die Gereformeerdes. Ek sien nie langer kans daarvoor nie.”

Die beklemtoning van die persoonlike en subjektiewe, soos De Wet in sy latere teologiese uitgangspunte dit voorgestaan het, is presies die uitgangspunt wat ander teoloë as ’n metodistiese benadering beskou het. Andere, soos Brümmer (2016:339), is natuurlik weer oortuig dat dit nie as metodisties beskou moet word nie, maar as deel van ’n evangeliese spiritualiteit. Wanneer De Wet die GKSA op die einde beskuldig van ’n “dor-verstandelike objektivisme" waarin hy al meer "geestelik honger en dors" gely het, herinner dit nogal sterk aan die aanhaling wat Brümmer (2016:339) van prof. JI Marais opgediep het, toe Marais in reaksie op JD du Toit se proefskrif geskryf het: “Waarlik met só ’n dooie, ongevoelige ortodoksie hoef ’n mens jou nie te verwonder nie as die kerk meer lyk op ’n vallei van doodsbeendere as op ’n woonplek van God in die Gees”.

Strauss (2016:54) slaag ook daarin om hierdie stroming wat De Wet aan die einde van sy tyd in die GKSA al meer begin aanhang het, as in lyn met die vroeëre opwekkingsbewegings te beskou wat die NG Kerk veral kwesbaar vir die charismatiese bewegings van die 20ste eeu gemaak het. Brümmer (2016:339) wys daarop dat Du Toit met sy Kuyperiaanse perspektief homself sterk uitgelaat het oor die Strewersvereniging in die NG Kerk wat Du Toit as tipiese vrug van die Metodisme beskou het en daarom “ongereformeerd” was. De Wet se tweede eggenote wat haar leiersrol in die CSV na haar huwelik met De Wet voortgesit het, het gemaak dat De Wet al meer hierdie “evangeliese spiritualiteit” begin koester het - tendens wat hy natuurlik in sy vroeëre

teologie fel bestry het. Du Toit sou die CSV gewoon beskou as ’n verlengstuk van die vroeëre Strewersvereniging en hy sou dit per implikasie ook as metodisties ongereformeerd kon bestempel het. Dit is dan ook nie verbasend dat 'n hermeneutiese “kortsluiting” in die De Wet-saak na vore gekom het nie.

8.3 WAS DIE DE WET-KANT VAN DIE SAAK ENDUIT GEHOOR?

Die beginsel om nie jou eie regter te wil wees nie, het, soos reeds aangedui, De Wet sterk onder verdenking gestel. Die volgende beginsel wat direk hiermee saamgelees moet word, is of albei kante van die saak behoorlik gehoor is. In regsterme staan dit bekend as die *audi alteram partem*-reël. Hiervolgens moet die partye onbevooroordeeld na mekaar kan luister, standpunte en bepaalde sieninge moet teen mekaar opgeweeg kan word. Objektiewe beoordeling van die saak en die optrede van die persoon moet van mekaar onderskei kan word. In baie gevalle is dit moeilik haalbaar, maar moet altyd nagestreef word.

In die behandeling van die De Wet-saak en die finale beoordeling van hoe die saak aan die *audi alteram partem*-reël gehoor gegee is, toon die saak van die grootste gebreke wat daar kon wees. Daar het nie ’n Kuratorium-vergadering aan die einde van 1944, dwarsdeur 1945 en selfs aan die begin van 1946 verby gegaan nie of De Wet was opgeroep om homself in hierdie vergaderings te verweer en waar sekere standpunte teenoor mekaar opgeweeg moes word. Dit was veel eerder ’n getwis en duidelike botsing van persoonlikhede as ’n opweeg van standpunte was. TT Spoelstra (Acta, 1946:35) het genoem dat agt Kuratore-vergaderings met hierdie saak besig was in moeilike en opofferende omstandighede. Die studie het reeds in hoofstuk 5 en veral ook in hoofstuk 7 duidelike bewyse uit van die stenografiese opnames uitgelig wat aangetoon het hoe daar van albei kante nie daarin geslaag kon word om behoorlik met mekaar te praat en na mekaar te luister nie.

Die feit dat die Kuratorium gewerk het met ’n vertrekpunt dat De Wet reeds in 1945 se Sinode duidelik en definitief skuldig bevind was en De Wet met hierdie eerste vertrekpunt van die Kuratorium homself hoegenaamd nie kon vereenselwig nie, het die saak in die luister na mekaar vanuit die staanspoor laat ontspoor. Dit kan in die finale beoordeling aanvaar word dat as partye nie eers oor die basis van ’n vorige skuldig of nie-skuldig bevinding met mekaar kon ooreenkom nie, daar in die res van die gesprekke geen behoorlike luister en verdere ingrawe in die verskille sou kon plaasvind nie.

Die verdere bewys dat De Wet in sy drie maande “bedenktyd” op geen wyse aan die doelstellings van hierdie drie maande kon voldoen nie, gee verdere bewyse van hoe min daar in die tyd enige poging tot behoorlike gesprekvoering tussen hom en van die Potchefstroomse kuratore en professore was. As daar nie gesonde onderlinge gesprekke in die sleutelperiode van drie maande in die saak kon wees nie, hoe kon daar hoegenaamd na die drie maande gevorder word om dan na mekaar te wou luister?

Dit lyk ook of die oorgrote deel van die Kuratorium nie enige noemenswaardige moeite wou doen om in die drie maande met De Wet kontak te maak nie. Dit terwyl die skerp punt van spanninge wel van ID Krüger se kant gekom het, maar hy het hom hoofsaaklik rondom die Potchefstroom-kring van betrokkenes by die saak geskaar. In die geval het Krüger in baie gevalle tot ’n skerp aanval teenoor De Wet oorgegaan en het hy die voorsitter-stoel alles behalwe neutraal beset. Dit geld in die meeste gevalle waar De Wet nie geskroom het om ook die Kuratorium mondelings aan te val nie. Die wyse van om mekaar in gesprekke aan te val, skakel ook in die meeste gevalle die doelwit van behoorlike luister na mekaar by voorbaat uit.

In die opsig kan nie aanvaar word dat De Wet alleen die oorwig van blaam in die verontregting van die *audi alteram partem*-reël moes dra nie. Die stenografiese opnames dra die bewyse dat daar gepoog was om baie te praat en min te luister. Dit op sigself is al ’n doodsteek vir die belangrike reël. De Wet het self so dikwels in sy reaksie gepoog om homself in die gelyk te probeer stel en sy eie vraagstelling en standpunte so sterk na vore gebring dat dit voorkom asof hy nie eintlik aan die vraag wat oorspronklik aan hom gestel was, die nodige aandag gegee het deur net gewoon die vraag te beantwoord nie.

Die finale bevinding t.o.v. die toepassing van hierdie besonder belangrike regsbeginsel dat daar behoorlik na mekaar geluister moes word, het hoegenaamd nie plaasgevind nie. De Wet staan hieraan skuldig maar die meeste lede van die Kuratorium het hulle ewe min aan die belangrike reël gehou. Dit het ongelukkig teweeggebring dat die saak nooit end-uit gehoor was nie en die verbreking van alle bande het op die einde gevolg.

8.4 IN WATTER MATE WAS DIE BUITENGEWONE SINODE GEPREJUDISEER?

Die Sinode 1946 wat as buitengewone Sinode gedien het, word in die beoordeling weereens kortliks in sy voorbereiding, opening en verloop finaal beoordeel. Oor die erns van die saak en

die noodsaaklikheid dat dit dringend hanteer moes word, was daar by alle partye eenstemmigheid.

Die formele vereistes vir die oproep tot ’n buitengewone Sinode benadruk dat hierdie noodsaak deur twee ander Partikuliere Sinodes erken moes word. Die agenda vir die buitengewone vergadering moes alreeds by die Partikuliere Sinodes bekend wees. Daar kon nie na die Partikuliere Sinodes se besluite nog ander sake na willekeur by die agenda van die buitengewone vergadering toegevoeg word nie. Daar was ook die duidelike sperdatum dat alle stukke betreffende die saak, agt weke voor die tyd, ingehandig moes wees om behoorlike voorbereiding en afhandeling van die saak moontlik te maak. Dit kom voor of die formele vereistes vir die oproep tot so ’n buitengewone vergadering, kragtens Art.50 KO, wel vooraf deur die Kuratorium en die Du Toit-professore goed nagevors was.

In hulle aanloop tot die saak word voortdurend gemeld dat die Kuratorium geleentheid wou ontvang om rapport te doen van hulle vorige opdrag wat aan die einde van Sinode 1945 aan hulle gegee was. Die Kuratorium het versoek dat alle stukke deur hulle aan die Sinode voorgelê behandel moes word. Laastens het hulle die buitengewone Sinode versoek dat daar uitspraak gegee moes word in die saak van prof. CJH de Wet na voordrag van die Kuratorium.

In die opsig wat al die presiese vereistes was, kom dit voor of De Wet met opset of moontlik vanweë nalatigheid in die duister gelaat was. Hyself kon waarskynlik ook meer moeite gedoen het om homself op volle hoogte van al die vereistes te stel. Dit moet in aanmerking geneem word dat daar nog nooit vantevore in die GKSA sodanige buitengewone Sinode plaasgevind het nie en kon dit so maklik gebeur het dat sekere prosedurele vereistes en handelinge wat gevolg moes word, nie by al die partye ewe bekend was nie; dit lyk beslis asof dit by De Wet die geval was. Dit blyk duidelik dat De Wet onbewus was dat as hy sy saak met beswaarskrifte by die buitengewone Sinode wou laat dien, hierdie beswaarskrifte volgens vereistes vir ’n buitengewone Sinode alreeds op die Partikuliere Sinodes bekend moes wees alhoewel die Partikuliere Sinodes dit nie sou kon afhandel nie. Die sg. kerklike weg (Art 30 KO) wat gevolg moes word voordat ’n saak, insluitend beswaarskrifte, op ’n buitengewone Sinode behandel kon word, het De Wet en sy broerskind, JM de Wet en die Steynsburg-lidmate, volgens oordeel van ’n kommissie van die buitengewone Sinode, nie gevolg nie. Dit was klaarblyklik die aanleiding dat al hierdie geskrifte uiteindelik as nie-ontvanklik by die buitengewone Sinode verklaar was. Hierdie hartseer toedrag verdien nadere toeligting.

De Wet se skrywe op 27 Nov 1945 aan die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom waar De Wet op sy beurt ook sodanige buitengewone Sinode aangevra het, moes duidelik in die finale beoordeling in aanmerking geneem word. Hierdie skrywe van De Wet het aan JV Coetzee, die voorsitter van die roepende Kerkraad Potchefstroom, en aan die Kerkraad self ruim geleentheid gebied om die vereistes tot so 'n sinode volledig met De Wet op te neem. Wat die formele aspekte van die saak betref, mag niemand in die duister gelaat word nie. De Wet het in sy skrywe aan die Kerkraad aangevoer dat die noodsaak tot die buitengewone Sinode sy mening was dat die Kuratorium die saak teen hom nie "kan of wil afhandel nie". Hy voel hom in die duister waarom sy "verklaring" wat op 8 Mei 1945 ingehandig was, die Kuratorium nie kon bevredig nie. Hy verwys dan ook na sy volgende nog "naderende verklaring" wat hy op 14 September 1945 ingehandig het wat die Kuratorium ewe min bevredig het. Daarna verwys hy na sy aanbod om met die *judisiële* benadering van tug die Kuratorium geleentheid te gee om oor al nege punte wat by die vorige Sinode gedien het weereens broederlike samesprekings te voer. Die aanbod wat hy aan die einde van Oktober 1945 gemaak het, het hy nog weereens bevestig. De Wet noem dat hy oortuig was dat as daar na so 'n broederlike gesprek steeds kardinale punte van verskil sou voorkom, die Kuratorium dan hierdie verskilpunte na die Sinode kon neem. De Wet se voorstel was dat daar net oor hierdie verskilpunte uitspraak moes kom wat nie noodwendig dan 'n uitspraak oor hom en sy amp, kragtens art 79-80 KO insluit nie, en hy per implikasie dan afgesit kon word nie. Hy was bereid om hom by die uitspraak van leer soos die Sinode dit dan bied, neer te lê. Hy verwyt die Kuratorium dat hulle ook hierdie aanbod van die hand gewys het. Daarom, so stel De Wet dit, dat hy op die Algemene Sinode 'n beroep gedoen het om die saak finaal af te handel. Hy voeg hieraan toe dat hy al byna 'n jaar salaris ontvang het, maar hy die geleentheid ontneem is om "vir die kerk dienste te lewer. Dit word 'n onhoudbare toestand". De Wet sluit sy brief af met die mening dat die afhandeling van die saak gedurig verskuif was en dat, soos hy dit stel, "sedelike pressie op my toegepas [is] wat ek as uiters onbillik beskou" (Acta, 1946:19).

Opmerklik dat De Wet in hierdie skrywe geen melding maak van die beswaarskrifte wat dan uiteindelik die manier moes wees waarop hy sy kant van die saak by die buitengewone Sinode wou laat dien nie. Hierdie leemte is later heeltemal uitgebuit. Dit was wel al vantevore deur De Wet aan die Kuratorium bevestig dat hy sy saak by wyse van beswaarskrifte sou wou laat dien en JV Coetzee, as kurator, was terdeë bewus dat sodanige handeling in De Wet se benadering tot die buitengewone Sinode gevolg sou word. Waarom daar nie toe reeds gepoog is om De Wet na behore van die formele aspekte van die saak op hoogte te bring nie, soos dat sy beswaarskrifte volledig en betyds ingedien moes word, dat hy sy kant van die saak volledig moes kon stel en so meer, dui op onreg wat teenoor De Wet begaan was. De Wet was self lidmaat van die gemeente

en die reg het hom toegekom om wat die formele aspekte en vereistes van die saak betref, net soveel op hoogte gebring te word as wat enige lidmaat in sy onsekerheid oor vereistes vir ’n eerste buitengewone Sinode in hom kon ronddra.

Die antwoord op die skrywe van De Wet wat die Kerkraad op 7 Desember behandel het en op 8 Desember 1945 geskryf is, is baie gebrekkig en formeel: net ’n bevestiging dat die Kerkraad as roepende Kerkraad in *Die Kerkblad* van 7 Des 1945 reeds ’n kennisgewing laat verskyn het dat so ’n Sinode dan wel vir 6 Februarie 1946 opgeroep was. Die skrywe aan die hand van die skriba van die Geref. Kerk Potchefstroom eindig met ’n vae vraag: “Graag verneem die eerw. Kerkraad van u of u, met die oog hierop, verlang dat die kerkraad u skrywe bogenoem nog verder sal behandel”. Die Kerkraad het verwag De Wet moes hulle nou eers op hulle skrywe antwoord voordat hulle met hom enige verdere sake sou opneem. Intussen was die geleentheid om De Wet volledig op hoogte te stel, nl. watter vereistes hy by die buitengewone Sinode se samestelling van agenda sou moes nakom, eenvoudig net verswyg; wat later kerkregtelike onreg teenoor De Wet meegebring het.

Intussen was De Wet se predikant, JV Coetzee, wel deel van die Kuratorium waar daar in Januarie 1946 met die fynste kam deur De Wet se beswaarskrifte gewerk is, om as hulle die beswaarskrifte nie formeel van die tafel kon weghou nie, daar dan sekerlik gronde moes wees om dit inhoudelik as nie-ontvanklik te kon hanteer. Die Du Toit-professore en die Kuratorium se ellelange rapporte het in Januarie 1946 al gereed gelê, sonder dat enige Sinode nog op enige wyse aan die beswaarskrifte oorweging kon skenk. Die Kuratorium was in hulle rapporte selfs slaggereed om antwoorde aan te bied wat die uitslag op hierdie beswaarskrifte moes wees. Hier het die Kuratorium en die twee oorblywende Du Toit-professore die saak in die grootste mate geprejudiseer as wat moontlik was. Dit dui op besliste kerkregtelike onreg wat teenoor De Wet begaan was.

Tussen die rapporte deur die Kuratorium opgestel, is ’n duidelike rapport (gemerk persoonlik en vertroulik) waarin hulle vooraf al oor die “ontvanklikheid van die Aanklagskrif van Prof. De Wet teen die Kuratorium en die Teol. Senaat” gehandel het. Dit is duidelik dat hierdie rapport van terdeë navorsing vir die vereistes van ’n buitengewone Sinode goeie rekenskap gegee het (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.5.1, Bylaag VI, 1945-1946). Daar is werke van Voetius geraadpleeg en volledig aangehaal, met Ch Hodge is daar sekere standpunte gedeel en self het die Kuratorium gepoog om die korrelaat tussen hulle oproep en dié van die Sinode van Dordrecht 1618/19 aan te dui.

Hier is ter sprake spesifieke dokumente in die argiefstukke gemerk met die opskrif “Persoonlik en vertroulik” (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.5.1, Bylaag 5/46, Jan – Aug 1946). Spoelstra se dekbrief dui die datum by die voltooiing van die dokument aan as 1 Januarie 1946, terwyl ID Krüger met ’n datum van 23 Des 1945 bevestig dat die dokument beslis vooraf onder van die Kuratore “in sirkulasie” was (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.5.1, Bylaag 6/46, Jan – Aug 1946). Aanvanklik dui die eerste lesers aan dat ID Krüger en DG Venter deeglik van hierdie inhoud kennis geneem het. Krüger gee in feite met enkele wysigings sy goedkeuring aan sodanige dokument.

Die inhoud van die dokument dui op ’n hele uitgebreide regsvergadering wat vooraf met adv. F Rumpff en prof. LJ du Plessis gehou was. Spoelstra en moontlik die hele sub-kommissie in Potchefstroom het met die regskundiges gekonsulteer oor hoe die saak hanteer moes word. Spoelstra bevestig: “Dit het alhier geskied op Vrydag 21 Des, van 10 - 3:30 ...” In die voorafgaande paragrawe van die rapport is diepliggende regskwessies hanteer: wie en wat en wanneer sekere dokumentasie sekere betrokkenes mog toekom en wat andere weer nie mog toekom nie.

Daar is op twee groot sake deurslaggewend besluit. Die finale aanklag teen De Wet kom op dieselfde neer soos reeds telkens verwoord, maar nou is dit (in regstaal) in drie sake saamgevat: “dat prof. De Wet uit sy amp as professor aan die Teol. Skool ontset sal word om die volgende redes: a) Valse leer, b) insubordinasie en onboetvaardigheid c) verbreking van aangegane verbintenisse”. Die ander regskwessie wat die dokument met die regsgeleerdes uitgeklaar het, is wat De Wet vooraf mog toekom en wat nie. In sy verslag stel Spoelstra:

> “Beide wetgeleerdes is baie definitief op een punt veral nl. dat dr. De Wet nou reeds moet kennis kry van die voordrag (offisieel deur die Kuratorium of deur die scriba) sodat hy sy verdediging kan voorberei. As dit nie geskied nie gee dit ’n tegniese deur om by uit te stap en die sinode magteloos te stel ’n besluit te neem en indien dan tog ’n besluit geneem word, gee dit die opening om ’n poging te maak vir ’n hofsaak. Dit sal dus a) die werk van die sinode baie vertraag (miskien wel die sinode eers moet laat verdaag vir ’n tyd) b) die primêre beginsel van reg skade aandoen nl. dat ’n persoon duidelik moet weet waarop hy hom moet verdedig”.

Dit is duidelik dat De Wet in sy “vaar heen” brief nie verkeerd was deur te beweer dat daar baie vooraf beplanning vir die Sinode plaasgevind het nie. Die moeiliker vraag is of dit noodwendig verkeerd was. Die vraag word moeiliker as alles daarop afgestem was om De Wet afgesit te kry. Is dit werklik nog die saak wat gedien word of het dit al meer begin handel om van ’n bepaalde

persoon ontslae te raak? Die teologiese vraag sal wees: wanneer word in werklikheid die sesde gebod oortree en dit nogal met 'n opgaaf van teologiese redes.

Die skrywe van die Kuratorium in hulle voorbereiding om De Wet se beswaarskrifte by voorbaat as nie-ontvanklik te bestempel, bevat ook die volgende paragraaf:

> "... Ook in hierdie lig kry die aanklag 'n bedenklike karakter. Maar - en nou kom nog die belangrikste - as hierdie aanklagskrif deur die Sinode behandel word, verkry prof. De Wet tog wat hy verlang en wat die Part-sinodes hom nie toegestaan het nie, nl. 'n sinode waarop hy as aanklaer optree en die Kuratore die aangeklaagdes is ..."

Hierdie paragraaf gee seker die duidelikste onderstreping dat daar blatant gepoog is om die saak sodanig te prejudiseer dat daar geen ruimte mog wees dat die "Aanklagskrif" nie deur die Sinode behandel mog word nie, want dan, volgens hierdie benadering, sou De Wet toegelaat word om te doen wat hom hoegenaamd nie toekom nie. Die pogings tot prejudisering van die saak was in die skrywes vervleg.

Die summiere prosedurele afwysing deur gewoon De Wet se beswaarskrifte, JM de Wet se beswaarskrif en selfs die lidmate van Steynsburg se skrywe wel tydens die Sinode, soos lank vooraf beplan, as nie-ontvanklik te kon verklaar wys na 'n groot leemte in die saak waardeur die geleentheid tot regsherstel misgekyk is. Op die wyse is die saak sodanig geprejudiseer dat dit op growwe kerkregtelike onreg teenoor De Wet gedui het.

Ook die opening van JV Coetzee wat op 6 Februarie 1946 plaasgevind het, moet as vorm van prejudisering van hierdie Sinode oorweeg word. Coetzee het in sy openingswoorde gemeld dat daar in die geskiedenis van die Nederlandse Kerke waarmee die GKSA noue betrekkinge gehandhaaf het, net twee sulke buitengewone Sinodes tot nog toe kon plaasvind. Volgens hom was die Sinode van Dordrecht 1618/19 'n soortgelyke buitengewone vergadering en dan weer heelwat later, was die Sinode van Assen in 1926, twintig jaar voor die De Wet-saak, 'n soortgelyke buitengewone vergadering (Acta, 1946:7). Coetzee het aangedui dat hulle met die voorbeeld van Assen rekening gehou het.

Alreeds met die opening van die buitengewone Sinode 1946 was daar van die noodsaaklikheid vir die eerste buitengewone Sinode in die geskiedenis van die GKSA melding gemaak. Uit die verdere openingswoorde waarmee JV Coetzee hierdie vergadering geopen het, het hy talle sulke tussen-in opmerkings gemaak wat krities nagelees en kerkregtelik oordink moes word. Die

gevaar van prejudisering skuil al in die opening wat daartoe kon lei dat hierdie buitengewone meerdere vergadering vooraf beïnvloed was en nie meer die saak regverdig sou kon oordeel nie.

In die opening, nog voor die konstituering van die vergadering, is die aanwesiges daarop gewys dat die Teologiese Skool "met 'n moeilike en delikate situasie te make" het en dat dit "die kerklike hemel nie onbewolk laat nie". Dit sou moontlik as blote informatiewe inligting beskou kon word wat by die opening van die vergadering kon tuishoort. Die vraag is egter, moes die vergadering nie self kon oordeel oor die moeilike situasie en hoe delikaat dit mog wees nie. Was dit vir Coetzee nodig om hierdie sake so vooruit te loop. Later in dieselfde openingsrede is in besonderhede daarop ingegaan dat die Teol. Skool al vir 76 jaar 'n bolwerk van die Gereformeerde Belydenis was en dat dit die eerste keer was dat die kerke met so 'n leerkwessie in hulle eie boesem te doen het. Coetzee voeg hieraan toe dat wat sake "hoog ernstig en delikaat maak is die feit dat hierdie leergeding aan die Teologiese Skool ontstaan het en dat 'n Hoogleraar daarin betrokke is".

Dan vervolg Coetzee dat "u deputate vir die versorging, beheer en toesig oor die Teologiese Skool, die Kuratorium, aan u sal rapporteer en u moet die moeilike taak verrig om hulle rapport te behandel oor die onderwys en optrede van een van die hoogleraars ..." (Acta, 1946:9). Al het Coetzee later laat blyk dat daar tot die Here genader moes word om die "beslissinge te neem wat nodig is om die rus in die kerk te herstel en die belange van die Skool te dien en te bevorder" kom dit voor of hy kerkregtelik nie verskoon kon word in die wyse waarop daar vooraf beïnvloeding van hom na hierdie vergadering uitgegaan het nie, wat nie anders as 'n vorm van *prejudisering* in die saak beskou kan word nie.

De Wet se skrywe op 8 Feb. 1946 oor die saak gee getuienis dat hy gevoel het hy dwarsdeur die loop van 1945 so behandel was dat "kerklike mag teen my misbruik is en daardeur is ek veronreg". Tegelyk stel hy dat die Sinode 1946 hierdie misbruik en onreg nie verwyder het nie. Die vergadering was maar drie dae aan die gang en presies op die datum, 'n jaar vroeër, het De Wet se "bedenktyd" begin.

Die laaste druppel wat De Wet se emmer laat oorloop het, was hierdie prejudisering van die saak wat so duidelik ooglopend plaasgevind het en toegelaat was. Vanuit De Wet se kant gesien is veral die vorige dag se gebeure van deurslaggewende belang. Al wat hy van sy kant tot die vergadering kon voeg was sy twee beswaarskrifte. En daarop is die stempel geplaas: "Nie-ontvanklik". Oor die ander geargiveerde dokument oor nie-ontvanklikheid sê die amptelike notule

niks nie. Die Handelinge van die vergadering verhaal net dat by die twee Partikuliere Sinodes geen toestemming verkry was nie (Acta, 1946:33). Oor die feit dat De Wet alles saamgevat het in die twee harde woorde van “vaar heen” is die finale beoordeling dat die prejudisering van die saak vir De Wet net te veel geword het.

8.4.1 WAS DIE BUITENGEWONE SINODE WERKLIK NODIG?

In hierdie studie het die primêre bronne die duidelikste getuienis gegee dat die gedagte tot ’n buitengewone Sinode hoofsaaklik uit die kerkregtelike denke van die Kerkreg-professor op daardie stadium, JD du Toit, ontstaan het (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945). Dit is duidelik dat Du Toit met die afloop van die 1945-Sinode se behandeling van die leergeding op geen wyse tevrede was nie. Hy het daarvan geen geheim gemaak nie. Hy het alreeds by die eerste en beste geleentheid toe die Kuratorium weer in Mei 1945 kon vergader, dit as die enigste uitweg in hierdie saak voorgehou dat daar weer ’n Sinode opgeroep moes word. Dit sou duidelik as ’n buitengewone Sinode moes dien. Dit wil voorkom of die gedagte by Du Toit nie tydens daardie eerste Kuratorium-vergadering in Mei 1945 ontstaan het nie, maar alreeds in die eerste drie maande van De Wet se bedenktyd.

Du Toit was op geen wyse beïndruk met De Wet se aanbiedinge tydens die Sinode van 1945 nie, nie met sy Bevestiging, nie met die toets van regsinnigheid, nie met die Sinode 1945-kommissie se rapport oor die bedenktyd en ook nie met die latere poging van De Wet se Mei 1945 skriftelike verklaring nie. Om van De Wet se laaste aanbiedinge, die een wat hy “Die Antwoord” genoem het, en sy “Nadere Verklaring”, waarin De Wet opnuut sy liefde vir die kerke, die belydenis en die leer benadruk het, nie eers te praat nie. De Wet het duidelik sekere leerstellinge wat agterdog en dwaling kon veroorsaak, aangepas en al meer toegegee dat sy leer misverstand kon veroorsaak het. Hy het selfs sake herroep en sy diepste spyt oor van die gebeure uitgespreek, maar teen die du Toit-huise wat twee prominente families by die Teologiese Skool uitgemaak het, het De Wet hom soos teen ’n muur vasgeloop.

De Wet was oortuig dat die toets van regsinnigheid wat in Sinode 1945 vir hom aangebied was, die saak teen hom tot 'n einde kon bring. As hy die toets van regsinnigheid in sy gewete, voor die Here en met die Sinode as die getuies daarvan kon afhandel, dan sou daar van die leergeding afgestap kon word (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945). PJS de Klerk as kurator het dit ook so verstaan en hy kon bevestig dat De Wet van mening was dat by die “beantwoording van die vrae was die saak afgedaan ...”

Uiteindelik is die berou-vraag van 1945 nog ’n bewys van ’n Sinode wat sy eie reëls verbreek het. As daar nie so ’n groot saak rondom hierdie berou-aspek gemaak was nie, dan het 1946 se buitengewone Sinode eintlik geen nuwe bene gehad om op te staan nie. Die feit bly staan dat die wyse waarop daar berou van De Wet geëis was, wat later die groot saak teen hom geword het, was nooit afgespreek nie. Die deurslaggewende vraag van Kotzé, as voorsitter, was hoegenaamd nie vooraf gereël of met mekaar ooreengekom nie. Die vraag was buite orde en dit het eintlik ’n groot deel van wat later gevolg het buite orde gestel. ’n Sinode se openlike verklaring en kredensiebriewe is die bewyse en gee die vereistes dat daar gewerk word met wat daar van mekaar verwag mag word (vgl. Art. 33 KO). Daarbinne word die reëls afgespreek en daarbuite mag daar nie beweeg word nie. Die feit is dat ’n Sinode wat bereid was om by sy eie reëls te hou, wat kerkregtelik so nodig is, mag nie toelaat dat sulke tipe vrae die Sinode dwing om sy eie reëls te verbreek nie. Kotzé met sy berou-vraag aan die einde van Sinode 1945, het die Sinode gedwing om hierdie reël te oortree, al was dit sekerlik met die beste bedoelinge gedoen.

Die Sinode van 1945 was die getuienis dat De Wet wel bevestigend op al die sake geantwoord het en om dit daarna te hanteer asof De Wet in die proses geveins het, strek die Kuratorium, die professore en uiteindelik die Sinode nie tot eer nie (Acta, 1945:194-196). Niemand het die vraag en die oproep tot berou as die gepoogde finale woord in hierdie saak kon voorsien nie (Acta, 1945:201). Dit sal altyd ’n gewetensvraag bly, waaroor niemand sal kan oordeel nie, of De Wet nie in sy gemoed en oortuigings voor God berou wou betoon nie, maar hy nie deur mense daarmee oploop geneem wou word nie. Veral nie waar dit in sy geval, en dit deur hom so bevestigend hanteer was, hierdie berou as ’n baie persoonlike saak tussen hom en die Here beskou het nie (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945). Soos wat De Wet in die verband teenoor Venter geantwoord het, so het hy geglo dat “berou “is ’n woord wat gebruik word teenoor God en spyt word gebruik teenoor mense”. Later het hy gestel: “Wat u onder berou verstaan, verstaan ek onder spyt”.

In al hierdie pogings het niks JD du Toit kon oortuig om af te sien van sy gedagte van ’n buitengewone Sinode nie en dat so ’n Sinode De Wet moes aankla kragtens Art 79-80 KO en dat die saak op so ’n wyse tot ’n einde gebring moes word (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945).

Die vertrouensbreuk met De Wet en die agterdog teen sy onderwys het by die du Toit-professore met verloop van tyd aangegroei. JD du Toit het hierin die leiding geneem om die Kuratorium en

dan uiteindelik die kerke voor te gaan in ’n proses (en protes) wat hy oortuig was alleen ’n buitengewone Sinode sou kon hanteer en kon afhandel. Dit kom voor of du Toit selfs enige teenstand vanuit die Kuratorium teen hierdie gedagtegang van die Du Toit-professore moeilik kon hanteer (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945).

DG Venter en PJS de Klerk was die enigste lede in die Kuratorium wat aanvanklik krities teenoor Du Toit se voorstel vir 'n buitengewone sinode gestaan het. Venter was duidelik in sy kritiek dat daar “ongesonde invloed en druk is om ’n spesiale Sinode te hou. Die gedagte is selfs al in stukke gepubliseer”.

Die vraag wat hier kerkregtelik bly staan, is waarom die Kuratorium en uiteindelik die kerke toegelaat het dat daar geen ander uitkoms vir die saak ingesien kon word as dat net ’n buitengewone sinode sou moes vergader nie. ’n Streng proeftyd met deeglike aandag oor die beweerde dwaalleer was in die saak aan die begin van 1945 nog nie onmoontlik gewees nie. DG Venter het as kurator dit vroeg in 1945 nog weer bevestig dat “een ding staan vas dat hy bly by die belydenis staan. As hy fout gemaak het neem hy dit terug – hy het spyt – onthou hy het vir 20 jaar gestaan. Om voor Sinode dit en dat terug te trek is nie so maklik nie. Hy het gekapituleer. Ons moet herstel wat nog te herstel is. Nie in die wind slaan nie. Die vraag is die manier hoe – nou beleid vaslê”.

Goeie kerkregtelike aandag op pastorale wyse toegepas sou die saak waarskynlik veel beter gedien het. Die ongesonde onus wat al meer op die wêreldse reg en prosedures geplaas was, met die al groter leiding wat van adv F Rumpff en LJ du Plessis uitgegaan het, het die saak nie tot die einde toe kon dien nie.

JD du Toit het tydens Sinode 1945 nie net stemme gemaak nie, maar ook stemme getel. Hy was die man wat gesê het daar het sewentien vir De Wet tydens Sinode 1945 gestem, wat daar nie moes wees nie (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.4.2, Bylaag 33/45, Apr-Mei 1945). Hierdie tipe opmerkings strek Du Toit nie tot eer nie. Die feit dat JD du Toit vir ’n buitengewone sinode gevra het en uiteindelik met sy sterk invloed en gewaardeerde werk op die kerkverband kon “afdwing”, het hierdie buitengewone Sinode tot stand gebring. Dit sou nie nodig gewees het as die Sinode van 1945 wel net by sy eie reëls sou gebly het nie. Daar was ooreengekom dat die saak met De Wet deur ’n toets van regsinnigheid afgedaan kon word en dat hy daarvolgens sy roeping en werk sou kon voortsit.

8.5 DIE GEVAAR VAN NEPOTISME IN HIERDIE SAAK

Die gevaar van nepotisme is nooit na behore in ag geneem nie. Dit geld nie net tussen die twee Du Toit-professore nie. Ook die feit dat die vergaderinge nie altyd deeglik daarmee rekening gehou het dat die voorsitter van die Kuratorium, ID Krüger, sy skoonseun, adv. F. Rumpff, op elke denkbare manier by die saak betrek het nie, wys op hierdie gevaar. Selfs tydens die 1945 Sinode-sitting was daar eers weer van buite met Rumpff "gekonsulteer", en dit nadat die Sinode van sekere sake binne die verloop van die hantering van die saak kennis geneem het en De Wet reeds kennis gegee het in watter opsigte hy van sy kant bereid was om die skade wat hy kon veroorsaak, te herstel. Die Sinode moes ooreenkomstig die verloop en die bevestiging van De Wet, sy eie besluite kon geneem het. Krüger se konsultasie met sy skoonseun, waar sake op daardie stadium afgesluit kon word, dui op kerkregtelike inmenging. Hier is van buite die Sinode weer direkte inspraak in die saak toegelaat.

Die gevaar van nepotisme in regspraak is groot en in De Wet se geval wil dit voorkom of die saak nie daarvan gevrywaar was nie. Die feit dat JD du Toit en sy seun S du Toit, (De Wet se enigste kollegas by die Teologiese Skool), al meer soos een man begin opstaan het, het die saak bemoeilik. Talle stenografiese opnames wys hoe S du Toit, veral ná Sinode 1945, grootliks sy pa in sy saak teen De Wet gesteun het. Omdat die gevaar van nepotisme in die saak so groot was moet die vraag gevra word, of S du Toit hom nie eerder in die kerkregtelike regspleging hier weer moes onttrek het nie. Daar is aanduidings dat S du Toit wel voor die Sinode van 1945 hom grootliks van die saak onttrek gehad het. Die gebeure na Sinode 1945, wat hierdie studie in baie opsigte as 'n onordelike voortsetting van die saak beskou, spreek al meer van S du Toit se betrokkenheid by die saak en dat hy nie rekening gehou het met die gevaar van nepotisme nie.

De Wet het hierdie gevaar nie direk as nepotisme bestempel nie, maar in sy laaste skrywe rondom hierdie saak het hy redes gegee waarom "ek uit die Gereformeerde Kerk uitgedryf is" en dan lui sy heel eerste sin:

> "Daar heers in die hoofstad van die Gereformeerdes 'n ongesonde en sieklike groepsgees, wat van buite af ondersteun word en wat vol is van afguns en naywer. Omdat ek nie kop in een mus daarmee wou saamgaan nie, daarom moes ek uit die sinagoge gewerp word en enige middel was goed om hierdie doel te bereik ..."

Dit wat De Wet bestempel het as 'n "ongesonde en sieklike groepsgees" was 'n wesentlike gevaar in die saak, maar bewyse ontbreek om aan te toon dat familie-verbintenisse sodanig aangewend

was dat die hantering van die saak direk daardeur bepaal was. Dit is wel op ongesonde wyse daardeur beïnvloed. Die neiging tot nepotisme kan nie heeltemal ontken word nie.

8.6 HET DE WET SE POLITIEKE STRYD DIE KERKSTRYD BINNEGEDRING?

Daar was min teoloë in die GKSA, indien enige, wat tegelyk as teologiese professor so ’n besonder aktiewe belangstelling en rol in die Suid-Afrikaanse politieke konteks gespeel het as CJH de Wet nie. Alhoewel JD du Toit self nie teruggedeins het om in besonder betrokke te raak by sake wat sosio-politiese aandag geverg het nie, moet daar tussen Du Toit en De Wet se betrokkenheid by politieke sake goed onderskei word. Du Toit was by die tragiese dood en begrafnis van genl. JH de la Rey in pastorale hoedanigheid en as liturg tydens die begrafnis aktief betrokke gewees. Hy het selfs tydens hierdie verrigtinge uitsprake kon maak wat in die emosioneel en aktueel-politieke konteks as party-politiese motiewe geïnterpreteer kon word. Die dood van De la Rey val in besonder saam met die gebeure van die 1914-Rebellie wat wys op die gelade politieke atmosfeer wat toe in die land geheers het. Du Toit het homself egter nooit so direk by die dag tot dag aktiewe partypolitiek ingewerp soos in De Wet se geval nie (vgl. hoofstuk 3).

Du Toit het wel nie gehuiwer om homself as calvinis en neo-calvinis te laat ken en op talle verhoë met party-politiese medestanders te verskyn nie. In daardie opsig was daar groot ooreenkomste tussen hom en De Wet. Benewens die gebeure by De la Rey se begrafnis was hy in 1914 behulpsaam by die skrywe van die Nasionale Party se program van beginsels. JD du Toit se mees aktiewe optrede in politieke verband was seker toe hy as opsteller van ’n “plegtige verklaring” by Monumentkoppie op 9 Sept. 1939 voor ’n baie groot skare opgetree het. Die verklaring het iets van die vorm van ’n eed-aflegging aangeneem. Die teenwoordiges het na Du Toit se plegtige verklaring moes reageer deur hulle hande op te steek en op die wyse aan God en aan mekaar hulle woord te gee dat hulle mekaar se hande sou vasgryp om dit nie weer te los nie. Dit val op dat Du Toit nie lank na die "eed-aflegging" by Monumentkoppie nie, berou gekry het oor die onenigheid en “broedertwis” wat hy by die Afrikaners bemerk het. Hy het sy hartseer en besorgdheid oor die Afrikaner se optrede wat ook die Afrikaner se politieke verskeurdheid insluit, betreur.

Du Toit het by sosio-politieke organisasies soos die Reddingsdaadbond sy volle gewig ingegooi. Hy was ’n gewilde prediker en spreker by Geloftefeeste. In polities gespanne tye het hy hom direk teenoor die politiek van die dag laat geld waar hy ’n aktiewe teenstander van Jan Smuts se

holisme in sy politiek was. Verder het hy ook aan politieke gevangenes aandag gegee, soos in die tyd toe die bekende NG predikant en neo-calvinis JD (Koot) Vorster geïnterneer was en hy aan hom studie-leiding verleen het. JD du Toit het kort voor sy dood in 1953 by die vooraand van die algemene verkiesing van daardie jaar nog weer ’n ope brief aan die Afrikaner gerig waarin hy sy politieke besorgdheid uitgespreek het.

Sover vasgestel kon word, was daar nie direkte onenigheid tussen JD du Toit en De Wet se sieninge wat die politiek aanbetref nie. Dit is betwyfelbaar of De Wet in dieselfde mate as Du Toit daarin geslaag het om te sorg dat sy party-politieke stryde nie sy kerklike geloofwaardigheid in gedrang sou bring nie. Du Toit het op politieke terrein nie so deurlopend prominent na vore getree soos met De Wet die geval was nie.

Die brief van die kerkraad van Burgersdorp wat in 1944 aan die Kuratorium gerig was insake hulle besorgdheid oor politieke verskille tussen die professore, gee iets van ’n aanduiding dat De Wet se politieke stryde wel ook sy kerklike stryd nie onaangeraak gelaat het nie (GKSAA, Teol. Skool Kuratorium Bylaes, 2.1.3.7: 12/44, Des 1944). Die Kerkraad van Burgersdorp se bekommernis oor die drie teologiese professore was dat “sommige professore hang die beginsel aan van die Gesagstaat en die Leierskap beginsel, ander is vir die Demokrasie. Hierdie raak ook ons Kerkregeringstelsel wat nog altyd demokraties van aard was”.

Die skrywe soos hierbo aangehaal, bewys dat De Wet se politieke stryd beslis ook implikasies kon hê vir die kerkstryd waarin hy beland het. Daar is egter geen rede om te aanvaar dat die leergeding teen De Wet uit politieke bybedoelings en met behulp van die destydse geheime Broederbond geïnisieer en aangevuur was nie. In die geval van die leerklag teen AS Geyser is dit redelik bekend dat sy leergeding en kerkstryd blatant uit die Broederbond en party-politiek gestook was.

De Wet was 'n aktiewe lid van die Broederbond en hy het hulle doelstellings en belange aktief uitgeleef. Nogtans is daar geen bewyse om aan te toon dat De Wet se politieke stryd direk die kerkstryd binnegedring het nie. Dat daar wel beïnvloeding vanuit De Wet se politieke aspirasies na sy kerklike oortuigings en roeping was, kan aanvaar word. Die skrywe van Burgersdorp gee ’n kort opsomming van spanninge en probleme wat vanuit die politiek by die Teologiese Skool aan die opbou kon wees. Die duidelikste bewys dat daar wel uit De Wet se politieke oortuigings redelik sterk kerklike beïnvloeding plaasgevind het, was die nota wat hy aan Jan Reinecke gerig het. Daarin het De Wet aan Reinecke meegedeel dat hy al meer in botsing met die kerke kom.

Hierin het De Wet gestel: “Kan nie aan ’n kerk hoort wat net aan ’n halwe Bybel glo nie, om die politiek reg te kry, moet ons net een boere Kalv kerk kry.” Hierin is ’n ruiterlike erkenning van De Wet dat hy kerklik direk deur politieke motiewe en rigtings beïnvloed kon word.

8.7 DIE PERSOONLIKHEID VAN CJH DE WET EN DIE INVLOED HIERVAN

Jansen van Ryssen het in 1945 geskryf dat De Wet “van so ’n geaardheid is dat dit moeilik en soms seker onmoontlik is om met hom saam te werk”. Die stenografiese rekords van gesprekke wat in hierdie studie betrek is, toon bladsy na bladsy aan dat, waar De Wet en die Kuratorium rondom die saak gesprek moes voer en daar nadere duidelikheid verkry moes word, dit telkens op 'n dooiepunt uitgeloop het vanweë persoonlikhede wat nie ordentlik met mekaar gesprek kon voer nie. Die saak het vanaf sy ontstaan direk met botsende persoonlikhede te make gehad en die partye kon as gevolg daarvan nie na mekaar kon luister nie. Die beste van hierdie voorbeelde kom waarskynlik weer uit die mond van JD du Toit met die aanvang van die saak toe hy ’n verklaring in dié verband opgestel het. Hy wou ’n dag voor hy sy verklaring kon voorlê met De Wet oor die saak begin praat, maar Du Toit se frustrasie wat hy daarmee beleef het, is duidelik verwoord as hy stel:

> “Ek is jammer dat dr. De Wet my opmerking nie wil hoor nie (toe hy my vra watter moeilikhede) maar dat studente na my gekom het oor punte wat ek anders doseer as hy. Ek het aan hulle gesê dat ek nie regter is oor onderwys van ’n kollega nie. Gesê: Julle weet wat my standpunt is. Ek sal dit nie beoordeel tensy dit skriftelik voor my lê nie. Dr. De Wet het aan my gesê: jy moes die studente weggejaag het: hulle is nuusdraers. Gisteraand laat het een van die studente na my gekom om ekskuus te vra en gesê dr. De Wet het hom beskuldig dat hy nuusdraer is, terwyl hy werklik nie bedoel het om nuus te dra nie, maar vir homself helderheid wou verkry...”

In die vergaderings met die Kuratorium was oor en weer beskuldigings aan die orde van die dag en kon daar nie behoorlik tot die wese van die probleme deurgedring word nie, wat waarskynlik grootliks verband gehou het met De Wet se moeilike persoonlikheid wat hy deurlopend openbaar het. Dit geld teenoor die Kuratorium, sy twee kollegas en die studente. In van die opmerkings wat ook vroeg in die saak gemaak was, het hy sy gesindheid teenoor al hierdie partye soos volg uitgespreek:

> “... Wat ds. Coetzee (JV Coetzee) betref – hy spring hier op in die midde van die vergadering oor wat hy by die studente uitgesnuif het, sonder vooraf my te vra of kennis te gee. Afgesien van die onchristelikheid en onbroederlikheid is ek bereid ’n verklaring te gee – ons weet wat prosedure is.

> Ek praat van prosedure van die drie persone. Wat studente gedoen het, is niks anders as "nuusdraery" . Verbeel u dat hulle na 'n ander professor sou gaan. Dis uiters laakbaar. Ek word uitgesnuffel en uitgesnuif. Dis gemeen. As hulle by my sou kom sou ek hulle wegja soos kaffers.[76] As hulle gekom het en sê, jy sê dit, ander prof. sê dat, Coetzee sê dit, dan sou ek dit aan hulle verklaar het.
>
> Ek is jammer dat ds. Coetzee en dr. Du Toit hulle ore aan hulle geleen het. Ek neem hulle dit kwalik. Dis onkollegiaal. Ek wil nie nou 'n verklaring gee nie. Die studente neem af (teken aan), maar hulle begripsvermoë is uiters swak. Die van 'n kind. Dis leuens. Ek het nie soiets gesê nie. Ek is enige tyd bereid my verder te verklaar..."

JP Jooste het in van hierdie botsings dit 'n keer prontuit gestel dat hy voel dat hulle as kuratore deur die professor soos kinders behandel is. Jooste het dit veral teen De Wet wat gesê het: "Ek het niks met hulle te doen nie". Jooste gaan verder dat "hier word 'n toestand geskep dat ons nie meer vrymoedigheid het om hier te sit nie. Dit is baie onaangenaam maar ek wil notuleer hê dat ek protesteer teen die wyse waarop die liggaam hier behandel is. Daar is nie enkel respek vir hierdie liggaam betoon terwyl ons met sulk 'n ernstige saak besig is en ek maak beswaar daarteen. Ek wil my beswaar laat notuleer..."

Die botsing van persoonlikhede het in baie gevalle so beledigend teenoor mekaar geraak dat die saak enduit hierdeur in die wiele gery is. De Wet en veral twee lede van die Kuratorium se persoonlikhede het in die verloop van die hele saak met mekaar gebots. JV Coetzee en De Wet se botsings het 'n vroeë aanloop gehad. In 1942 het Coetzee in *Die Kerkblad* opgemerk dat De Wet se reaksie was van so 'n aard dat dit was asof hy "van twee kante klappe om sy ore gekry het" (*Die Kerkblad,* 19 Junie 1942:14). Coetzee het egter van sy kant kategories ontken dat die saak 'n langer aanloop van persoonlike botsings gehad het. In Desember 1944 het Coetzee hulle verhouding soos volg voorgestel:

> "Ek is 14 jaar predikant op Potchefstroom, 14 jaar lid van die Senaat van die Teologiese skool en vir die grootste gedeelte sekretaris van die Senaat, en persoonlike rusies en persoonlike kwessies tussen my en die professor was daar nie. Dit kan ek met 'n rein gewete verklaar. Daar was by my geen animus gewees nie, ook nou nie."

[76] Rassistiese terme is in van die oorspronklike dokumentasie gebruik. Hier en elders behou vir historiese akkuraatheid.

In ’n mate weerspreek dit Coetzee se latere aanduidings dat hy De Wet klaarblyklik al baie lank verdink het van afwykinge in die leer. ID Krüger en De Wet se verhoudinge was in die tyd van die hantering van die saak deurlopend onder die grootste druk en De Wet het by talle geleenthede sy direkte misnoeë en persoonlike botsing met Krüger uitgespreek. In De Wet se laaste beswaarskrif wat die Sinode 1946 as nie-ontvanklik beskou het, is die twee name, nl. dié van JD du Toit en ID Krüger, die laaste weerspieëling van botsende persoonlikhede. Oor ID Krüger het De Wet in sy beswaar gestel:

> “U beskuldig my dat ek my verset teen die Sinode-besluit en die Kuratorium. Dit ontken ek beslis. Ek moet myself maar net verdedig teen die beledigende en onbillike houding en optrede van die voorsitter van die Kuratorium teenoor my ...”

De Wet het in sy laaste beswaarskrif ook sy botsing met Du Toit verwoord. Hy het veral gevoel dat Du Toit sy mag teenoor hom misbruik het. Die beswaarskrif was deur Sinode 1946 as nie-ontvanklik verklaar en daar is nooit oor die volgende beswaar uitspraak gegee nie:

> “Prot. J.D. du Toit het op die laaste Sinode aktief teen my opgetree en my openlik en publiek voor die Eerw. Sinode beskuldig van kettery. So ’n optrede val buite die bevoegdheid van ’n teol. professor of ’n lid van die Teol. -Senaat of van die Senaat as liggaam.”

De Wet se persoonlikheid was klaarblyklik aangrensend aan die persoonlikheid van sy oom, genl. CR de Wet, soos beskryf deur Henning in ’n psigo-biografiese studie. Henning (2010:186) wys daarop hoe CR de Wet met tye intense emosies ervaar en humeurig gereageer het. Sy verwys na die beledigende wyse waarop hy ’n keer teenoor ’n magistraat opgetree het en ook hoe sy eie burgers onder sy humeur deurgeloop het. Sy eie burgers het na sy sin te stadig beweeg na hulle oorwinning by Mostertshoek en dit het die vyand weer kans gegee om hulle in te haal. Daar was insidente waar CR de Wet van sy burgers met ’n sambok bygekom het, maar, gee Henning (2010:251) dadelik toe, dat hy dit gedoen het nie vanuit woede en frustrasie nie, maar om orde en dissipline in die kommando’s te handhaaf. Henning (2010:226) stel dat CR de Wet se vlakke van vyandiggesindheid en impulsiwiteit as hoog beskryf moes word. Volgens dieselfde navorser was CR de Wet se neiging tot vyandiggesindheid deel van De Wet se geaardheid “wat een van aktiwiteit en selfgeldendheid was” (Henning, 2010:227). Die psigo-biograaf het gevind dat humeurigheid as eienskap deurgaans in CR de Wet se lewe teenwoordig was.

In hierdie studie is bevind dat CJH de Wet beslis van hierdie De Wet-karakter en -eienskappe vertoon het. Hierdie finale gevolgtrekking word bevestig deur die studie van Hélène Opperman-

Lewis. Die vraag na wie ’n mens is en wat hy besig is om te doen, jou identiteit en optrede, word blootgelê in die wyse waarop vernedering en skaamkry hanteer word. Opperman-Lewis is van mening dat erge vernedering en skaamte, soos wat in die Tweede Vryheidsoorlog en veral in die konsentrasiekampe ervaar was, die direkte oorsake is dat ’n hele nageslag geneties ’n wraak-motief saamdra om dit wat hulle oorgekom het, ook weer aan ander te doen. Sy beskryf dit as ’n proses van transgenerasie trauma.

In CJH de Wet se geval kan die erge emosionele (psigologiese) kragte van hoe hy in hierdie posisie verneder moes gevoel het en selfs skaamte wat hy hieroor ervaar het, nie vir ’n enkele oomblik onderskat word nie. Tegelyk is karaktereienskappe dikwels geneties verbind en waar CR de Wet in die genetika aan CJH de Wet verbind staan, is dit merkwaardig hoe ’n doktorale psigo-biografiese studie oor CR de Wet lig kon werp op sy broerskind, CJH de Wet.

De Wet het teen die einde van die saak JD du Toit beskou as die man wat hom aktief en in die openbaar die meeste aangeval en seergemaak het, soos De Wet dit self gestel het, as handelinge *ultra vires.* De Wet het Du Toit beskou as een wat in baie opsigte buite sy bevoegdhede opgetree het om van hom by die Teologiese Skool ontslae te raak.

Van JD du Toit se seun, prof. S du Toit, moes De Wet van die bitterste opmerkings aanhoor. S du Toit het De Wet in sy huwelik, in sy roeping, in sy arbeidsbesef, in sy getrouheid, in sy geloofsbelewing aangevat. Veel nader kan een mens nie oor ’n ander uitspraak wil lewer en oor ’n ander wil oordeel nie. S du Toit het dit wel in Mei 1945 op al die terreine gedoen. Nadat S du Toit hom daaroor uitgespreek het, was De Wet se reaksie tekenend van die breuk wat daar tussen hom en die Du Toit-familie ontstaan het, toe hy gesê het: “Dis alles insinuasies, ek werp dit met veragting van my af”.

In CJH de Wet se laat volwasse lewe, 59 jaar oud, toe die saak teen hom die ergste was, was hy nie meer bereid om soos ’n kind behandel te word nie. Dit was van sy grootste redes dat hy nie “meer skooljonge” was wat deur ondervraging by wyse van die nadere verklaring aan ander se vrae onderwerp wou word nie. Dit kom voor asof hierdie weiering tot ondervraging nie net voortgespruit het uit verhardheid en moedswilligheid nie, maar wie psigo-biografies die familie ontleed, soos wat Riana Henning (2010) met genl. CR de Wet gedoen het, sal agterkom dat hardkoppigheid ’n uitstaande kenmerk van die familie was. Dit is die eienskappe wat van CR de Wet ’n bittereinder in oorlogstyd en oorlogstryd gemaak het. Om instemmend te wees, was nòg van CR de Wet, nòg van CJH de Wet, ’n sterk kenmerk.

8.8 ANDER BERIGTE OOR HIERDIE SAAK

Na afloop van die saak is daar heelwat publisiteit daaraan verleen waarin ander navorsers hulle eie waarnemings en afleidings gemaak het. Eerstens word hier gewys op ’n verkeerde afleiding wat ’n gerespekteerde kerkhistorikus in die GKSA rakende hierdie saak en die invloed wat JD du Toit op hierdie saak gehad het. Vervolgens word gelet of daar later verbeterde verhoudings na vore gekom het toe die grootste deel van die stof oor die saak gaan lê het. Hiermee saam word kortliks gelet op ’n getuienis buite die kerkverband waar ’n ander historikus sy mening oor die saak gegee het.

8.8.1 WEERLEGGING VAN SEKERE VERKEERDE AFLEIDINGS

VE d’Assonville (1993:231), intensiewe navorser rondom JD du Toit, stel die volgende na hy hierdie tragiese verhaal rondom De Wet in een paragraaf moes opsom:

> “Alhoewel Totius nie in die brandpunt van hierdie saak gestaan het nie, het dit nie in sy vel gaan sit nie. Inteendeel, dit het hom waarskynlik geknak; nie net innerlik geestelik nie, maar ook innerlik fisies – ’n hartaandoening na die spesiale Sinode.”

Alhoewel D’Assonville se werk rondom JD du Toit getuig van gedeë navorsing, het hy dit wel op die een punt heeltemal mis. Die teendeel is waar. JD du Toit was in ’n sekere opsig meer as net in die brandpunt van die De Wet-saak. Hierdie studie het bewys dat JD du Toit letterlik in die middelpunt van die brandpunt was. De Wet se beswaarskrif in 1946 wat hy teen die Senaat opgestel het, was in `n bepaalde lig gesien, eintlik ’n beswaarskrif teen Du Toit self. Sy eerste punt van beswaar teen die Senaat lui in De Wet se eie woorde (GKSAA, Teologiese Skool Kuratorium, 2.1.5.1, Bylaag IX(a), Jan – Aug 1946):

> “Prof. J.D. du Toit het op die laaste Sinode aktief teen my opgetree en my openlik en publiek voor die Eerw. Sinode beskuldig van kettery. So ’n optrede val buite die bevoegdheid van ’n teol. professor of ’n lid van die Teol.-Senaat of van die Senaat as liggaam. Hierdie optrede is gedoen met die medewete van die ander drie lede van die Senaat en het nie daarteen gereageer nie, en derhalwe moet die Senaat as liggaam mede-aanspreeklik gehou word vir die optrede van Prof. JD du Toit.”

D’Assonville se afleiding dat JD du Toit se gesondheid ná die de Wet-saak nooit weer na behore herstel het nie, kan met reg afgelei word. Du Toit het na die De Wet-saak nog sewe jaar gelewe

en hy is op 1 Julie 1953 oorlede, ses jaar voor De Wet se oorlye op 18 Oktober 1959. Daar is geen getuienis oor hoe hulle verhouding werklik agterna was nie. Daar is redes om te vermoed dat dit wel weer kon verbeter het, maar dat dit ooit weer was soos in die jare wat JD du Toit die voorreg tot die skryf van voorwoorde in De Wet se geskrifte kon kry, is te betwyfel.

8.8.2 VERBETERDE VERHOUDINGS TREE LATER NA VORE

DN Kotzé, wat as waarnemende voorsitter in 1945 vir De Wet met die vraag oor sy daadwerklike berou gekonfronteer het en wat uiteindelik meegewerk het dat die saak tot sy tragiese afloop voortgestu het, beskryf 36 jaar later, in 1982, die volgende gebeure:

> "Toe ek in 1955 as predikant van die Gereformeerde Kerk Ventersdorp bevestig is, was prof. en mev. De Wet, toe lidmate van die N.G. Kerk Ventersdorp, woonagtig op 'n plaas wat aan hom behoort het, ongeveer 6 of 8 km van die dorp af. Hulle was van die eerste mense wat ons na ons aankoms kom besoek het, en dit was 'n aangename kuier. Kort daarna was ek en my vrou vir 'n kuier by hulle, en dié was net so aangenaam. Met die viering van sy sewentigste verjaarsdag was daar 'n saamtrek van 'n hele klompie by hulle op die plaas, en ek het die voorreg gehad om, na 'n vriendelike uitnodiging, ook daar te wees. Die geagte professor se gesondheid het nie lank daarna nie so agteruitgegaan dat hulle na die dorp moes verhuis. Daar het ek hulle verskillende kere besoek. Op 'n keer kom ek by hom in, hy was ernstig siek in die bed en toe ek hom groet, gryp hy my hand met altwee sy hande en hou dit so vas, terwyl hy met 'n bewoë stem sê : 'Broeder!' Vriende het ons meegedeel dat mev. De Wet vir hulle gesê het dat haar man meer hou van die besoeke van Gereformeerdes as van die ander vriende. Ek glo dat professor De Wet na vele worstelinge tot besinning gekom het en dat die Here hom begenadig het deur die ware berou in sy hart te skenk. Dis waar dat hy nie so ver gekom het om belydenis by die kuratorium en ook by 'n nasionale sinode van die Gereformeerde Kerk te doen nie, maar ek meen dat sy hele houding en optrede van die laaste tydjie 'n gebaar was van sy ware berou. 'Hy is wonderbaar van raad, groot van beleid' (Jes. 28:9)."

Die mooi getuienis is kosbaar, maar die feit dat De Wet nooit weer sy weg kon oopsien om na die GKSA terug te keer nie, bly 'n tragiese afloop. Hy het dit nooit weer probeer nie, waar hy wel uit oortuiging as jongman die GKSA vir die NG-Kerk kon verruil, het sy lewensloop in die NG-kerk geëindig tot sy sterwe op 18 Oktober 1959. Prof. PJ Coetzee het in 2003 (*Die Kerkblad,* 2003:13) en prof. LJ Botha het in 2006 (*Die Kerkblad,* 2006:12) die tragiese afloop van die saak weer na vore gebring toe daar aan hulle gevra was of die De Wet-saak nie 'n ander uitkoms kon gehad het nie. Coetzee, wie se studente-aantekeninge betrek was en wat in 1946 'n jong predikant was, se antwoord was dat ons in die kerke veronderstel was om mekaar se voete te was en nie mekaar

se koppe nie. Coetzee bevestig dat die nege gronde wel ernstige afwykinge vertoon het en dat hy oor hierdie uitlatings voor stok gekry moes word. Coetzee was wel duidelik dat JD du Toit van die groot aanhitsers in hierdie saak was. Coetzee was nie bereid om name te noem nie, maar vanuit die studie kan Du Toit se naam bevestig word. Coetzee stel dit soos volg:

> " ... Daar was wel rede om die professor oor sekere uitlatings in die klas voor stok te kry. Daarmee het ek as jong predikant op die spesiale sinode saamgestem. Die sinode het hom ook waardig gedra. Daar was egter broeders, onder wie 'n professor, wat kwaai gevoelens gewek het volgens my aanvoeling, deur 'n stok in die bynes te steek. Hulle het seker gedink dit is 'n bokskryt. Dit kon in hulle geval en by ons almal 'n beter smaak gelaat het as ons van harte saam kon sing: *Hoe goed is dit – 'n huis vol lieflikhede ... so sal die liefde liefde wek* (Ps. 133:1). Is dit genoeg – in die wyse van doen – in ag geneem dat ons met 'n gekweste man te doen gehad het? By hierdie groot man, 'n geestelike reus in sy eensaamheid, met sy klein hartjie en sy vrou met haar jare lange swak gesondheid kon daar seker gevolglik vir meer deernis plek gemaak gewees het."[77]

LJ Botha se reaksie was korter maar nog meer reguit:

> "Die De Wet-saak bly vir my 'n tragiese gebeurtenis wat my opnuut in die hart gegryp het, toe ek hom saam met my broer kort voor sy afsterwe op sy plaas in Ventersdorp besoek het. Ons het hom daar op sy siekbed aangetref – alleen, met slegs 'n bediende wat vir hom gesorg het. Ons het nie 'n woord oor die "tragiese" saak gepraat nie. Ek noem dit 'n tragiese saak, want dit bevat soveel vertroulike en sensitiewe elemente dat ek dit liewer nie in 'n openbare gesprek wil bespreek nie."

Uit hierdie teoloë, wat albei later as teologiese professore gedien het, se antwoorde word die saak as 'n tragiese gebeurtenis bestempel waarvan die uitslag anders kon gewees het. Hierdie studie staan in lyn met wat die twee professore se gevoelens was. Oor Botha se verwysing na "vertroulike en sensitiewe elemente" wil die studie die versugting uitspreek dat hulle wel aan die lig moes kom om sonder om individue te benadeel, die saak te kon oorweeg en sover moontlik kerkregtelik te kon beoordeel.

[77] Coetzee verwys na De Wet se eerste eggenote wat vir lank baie siek was en inderdaad vir De Wet 'n baie moeilike tyd in sy lewe was. Die verwysing na 'n "klein hartjie" val vreemd op, want die wyse waarop De Wet in die saak na vore getree het, is nie een wat in die opsig 'n "klein hartjie" gehad het nie.

8.8.3 GETUIENISSE BUITE DIE KERKVERBAND

Die skerpste reaksie tydens en na afloop van die De Wet-saak wat buite die kerkverband na vore gekom het, het gekom van prof. SP Engelbrecht wat in 1945, nog vóór die buitengewone Sinode plaasgevind het, al kommentaar op die saak begin lewer het. Engelbrecht was in daardie tyd ’n bekende en gerespekteerde teoloog en kerkhistorikus in die Ned. Herv. Kerk. Dit het plaasgevind teen die agtergrond waar hy en JV Coetzee met mekaar in ’n eietydse onverkwiklike woordestryd gewikkel was oor die regverdiging en relevansie van neo-calvinisme in die GKSA. Engelbrecht was in die opsig in lyn met van die kritiek wat ook uit Stellenbosch teen calvinisme geopper was en hy het nie gehuiwer om sy kritiek reguit en openlik in hulle kerklike blad, *Die Hervormer,* die offisiële orgaan van die kerkverband, te publiseer nie.

Engelbrecht het calvinisme soos dit in die GKSA begin vorm aanneem het, uitgemaak as geen ware calvinisme meer nie, maar as ’n soort van afwyking van calvinisme wat besig was om plaas te vind. Coetzee het toe vir Engelbrecht woorde in die mond gevoeg asof Engelbrecht die calvinisme wat as neo-calvinisme in die GKSA aangehang word, as ’n “verbastering” van calvinisme beskou het. Engelbrecht het Coetzee baie verkwalik oor die woord “verbastering” wat nie uit Engelbrecht se pen gekom het nie. Coetzee het wel ’n woord geskep wat dui op die strekking van Engelbrecht se argumentasie. Op die wyse kon Coetzee die karikatuur wat hy van Engelbrecht se argumente gemaak het, afskiet en dan sy eie standpunte daaraan toevoeg. Op die manier word die ander persoon aangeval op standpunte wat die skrywer self as standpunte van sy teenparty opgestel het.

In die opsig sou De Wet in sy latere kritiek teen die GKSA grootliks met Engelbrecht se vertolking van die neo-calvinisme in die GKSA kon saamgestem het, maar daar is geen bewyse dat De Wet en Engelbrecht wel met mekaar saamgespan het en direk ooreengestem het in hoe Engelbrecht dit beskou het nie. Dit kan wel aanvaar word dat De Wet en Engelbrecht aan mekaar goed bekend was en dat Engelbrecht hom volledig aan die kant van De Wet in die De Wet-saak gevoeg het.

Engelbrecht het JV Coetzee direk van liefdeloosheid en verdagmakery beskuldig, nie net teenoor hom wat Engelbrecht is nie, maar hy gebruik ook die De Wet-saak as voorbeeld hoe hierdie verdagmakery in die boesem van die GKSA met De Wet kon plaasvind en hoe dit selfs geduld kon word. Engelbrecht beskryf sy waarneming soos volg:

> "... As ds. Coetzee en prof. S du Toit teen een van hulle eie professore, laasgenoemde teen 'n mede-kollega, so optree, hoe dan nie teen predikante en professore van ander Kerke nie? Sommige Gereformeerde broeders in ons land is vandat hulle onder die bekoring van dr. Kuyper en die Neo-Calvinisme gekom het, baie aggressief en bedrewe in die kuns om ander mense verdag te maak..."

JV Coetzee het in Des 1946, tien maande nadat die De Wet-saak nou afgehandel was weer met 'n opvolgpublikasie teen Engelbrecht gereageer in wat hy genoem het, *Geskiedenis-versaking – revisie van 'n 'gekorrigeerde' brosjure van prof. Dr. SP Engelbrecht.* Hierin verwys JV Coetzee na Engelbrecht se vroeëre verwysing na die De Wet-saak as 'n "jammerlike haastigheid" (Coetzee, 1946:6). Coetzee gebruik neerhalende terme teenoor Engelbrecht soos dat 'n vroeëre geskrif van Engelbrecht wat hy eers uitgestuur het en toe van publikasie onttrek het, as 'n "ongebore kindjie" die wêreld ingestuur is en wat hy dan in besonderhede in metaforiese taal as ontbrekende liggaamsdele van die "kindjie" van Engelbrecht verkleineer. Die vergelykings in die geskrif van Coetzee was kerklike debat-voering nie waardig nie.

Die geskrif van Coetzee teen Engelbrecht waarin hy die De Wet-saak weer in Desember 1946 in besonderhede na vore gebring het, toon dat Coetzee op daardie stadium steeds oortuig was dat hulle regverdiging vir hulle optrede kon vind. Die styl waarin Coetzee vir Engelbrecht in 1946 probeer verkleineer het, grens beslis aan dit wat De Wet in sy behandeling van Coetzee as 'n "laakbare metode" beskryf het en moes Coetzee in wat hy dikwels as regverdiging vir sy saak wou laat dien, nie geëer word nie. Van die elemente in Coetzee se optrede teenoor Engelbrecht toon dieselfde tendens wat teen De Wet gevolg was, wat kerklike regspraak ook nie waardig was nie.

8.9 WATTER RIGLYNE (BESLUITE) DIEN TANS VIR SOORTGELYKE SAKE

Daar is vroeër in hierdie studie gemeld dat met die tug oor professore daar groot veranderinge in kerke se beskouinge ingetree het. Die nuutste denke hieromtrent is dat 'n Sinode nie die kerkregtelike optrede van tug oor professore moet hanteer nie. Dit impliseer 'n ingrypende verskil in vergelyking met die De Wet-saak. Die jongste kerkregtelike beskouinge hieromtrent word deur kerkregtelikes soos Howell (2004:191) as 'n vorm van sinodokrasie beskryf as 'n sinode by 'n besluit van skorsing of afsetting betrek sou word. Howell (2004:191) beskryf dit verder as 'n miskenning van die Kerkorde en "gaan lynreg in teen alle goeie gereformeerde kerkreg". Die beginsel is dat 'n teologiese professor gelyklik aan al die plaaslike kerke in die kerkverband

verbonde is (Visser, 1999:73; vgl. ook Acta, 1973:315). Daarom hou al die kerke gesamentlik toesig oor die dienswerk van die professore deur middel van die Kuratorium.

Dit val op dat met die tug oor professore in die GKSA tot in 1991 daar steeds groot onsekerheid was. Die studierapport van die Kuratorium wat in 1991 aan die Sinode voorgelê is, dra die opskrif: "Onsekerheid oor tug oor professore" (Acta, 1991:729). Die inleidende paragraaf stel dit verder soos volg:

> "Dit is nie duidelik hoe die kwessie van tug oor professore gehanteer moet word nie en die Sinodale Actas gee skynbaar teenstrydige uitsprake ..."

In hierdie rapport is dit duidelik dat daar toe deeglik oor die saak herbesin en 'n baie volledige rapport het oor die saak gedien.[78] Daar was 'n prinsipiële besinning met ook die uitgangspunt dat die aard van die dienswerk van 'n professor is 'n "verbesondering van die dienswerk van 'n predikant" (Acta, 1991:730). Tegelyk word aanvaar dat kragtens die Kerkorde (artt. 2 en 18) is die diens van 'n professor 'n afsonderlike diens. In die opsig het daar weereens ingrypende wysigings in vergelyking met die De Wet-saak na vore gekom. In die huidige beskouing word 'n geroepe predikant as professor volgens art 10 KO van die gemeente waar hy laaste gedien het losgemaak en word hy met sy bevestiging in die diens van professor aan al die kerke gelykelik verbind.

In die hantering van die De Wet-saak was De Wet nog aan die Gereformeerde Kerk Bloemfontein verantwoording verskuldig omdat hy nie van hulle losgemaak was toe hy in 1925 professor geword het nie. Al was dit 21 jaar later wat die De Wet-saak gedien het, het Bloemfontein nog 'n verantwoordelikheid moes dra. Die saak met De Wet het heel waarskynlik al die eerste keer aangetoon hoe onprakties en onmoontlik dit vir 'n plaaslike kerkraad is om na 'n lang tyd en ook ver vanaf Potchefstroom waar die professore meestal gesetel was, so 'n verantwoordelikheid na behore na te kom.

[78] Dit val op dat daar in 1991 in alle opsigte oor die dienswerk en tug oor professore opnuut besin was. Tog was daar nog weer in 1994 verdere besinning nodig omdat 'n beswaarskrif teen 1991 se besluit oor sekere aspekte van die tug oor professore opnuut nagegaan was. Visser (1994:462), opsteller van die beswaarskrif het die 1991- besluit oor wie die tug moet uitoefen in prinsipe en praktyk onbevredigend gevind. In 1991 was die besluit dat die Kuratorium verantwoordelik moet wees vir die toesig oor die professore en die Beroepingsvergadering (Breë Kuratorium) die tug by professore moes hanteer. Met reg het Visser geredeneer dat daar onnodig onderskeid tussen toesig en tug gemaak word. Sy pleidooi dat die Kuratorium die volle verantwoordelikheid moet dra oor alle aspekte van die professore se dienswerk, wat desnoods tug insluit, is nie deur die 1994-Sinode toegestaan nie. Hiervolgens besit die Breë Kuratorium (Beroepingsvergadering) tugreg wat verskil van die tugreg van gewoon die Kuratorium.

8.9.1 DIE TUG OOR PROFESSORE– ENKELE VOORGESTELDE RIGLYNE

Die bevoegdheid tot afhandeling van ’n moontlike tughandeling teen ’n professor kragtens Art 79-80 KO word tans gesien in dié lig dat die Kuratorium as ’n *synodus contracta* handel wat in die tyd van die De Wet-saak nie die geval was nie. As sodanig verrig die Kuratorium “’n besondere kerkregeringstaak met die oog op die voorsiening vir, die sorg van en die toesig oor die diens van predikantsopleiding” (Prospektus, 2014:9). Die 1994-Sinodebesluit (Acta, 1994:465) het bevestig dat gewoon die Kuratorium kan oordeel oor die voorlopige skorsing en skorsing van ’n teologiese professor. As daar oor afsetting besluit moet word, moet die Breë Kuratorium (Beroepingsvergadering) met sy ekstra 12 lede opgeroep word om oor afsetting te oordeel.

Die Breë Kuratorium is nie net verantwoordelik vir die verkiesing en beroeping van professore nie, maar moet hulle die tug oor professore ooreenkomstig 79-80 van die Kerkorde uitoefen (Prospektus, 2014:16). Dit kom daarop neer dat die volledige tugprosedure tussen die Breë Kuratorium en die plaaslike kerkraad, waar die professor lidmaat is, afgehandel kan word.

Die huidige Kuratorium funksioneer in alle geval as ’n beperkte vergadering van kerke en daarom kan hulle alleen kragtens beperkte opdragte handel. Die opdragte sluit in alle sake kragtens art 18 KO wat nie net die opleiding van bedienaars van die Woord behels nie, maar ook dat die professore die Skrif moet uitlê en die suiwere leer teen ketterye en dwalinge moet verdedig. As die professor se eie uitleg van die Skrif of sy verkondiging en verdediging van die suiwere leer sodanige ernstige gebreke toon dat dit aanleiding tot “ketterye en dwalinge” kan gee, moet daar deur die Kuratorium opgetree word.

Die Ondertekeningsformulier (vgl. Art 53 KO) speel steeds ’n deurslaggewende rol in die aanvang van die ondersoek deur die Kuratorium as daar enige bedenklike leer teen 'n professor vermoed en aanhangig gemaak word . Daarom stel die Prospektus (2014: 24) dit as duidelike opdrag dat die Kuratorium moet toesien dat professore in terme van Artikel 53 van die Kerkorde die Ondertekeningsformulier in die openbaar moet onderteken. Die inhoud van die Ondertekeningsformulier soos in 1936[79] vasgestel, het sedertdien geen wesentlike verandering in sy vernaamste punte ondergaan nie, maar is deurlopend taalkundig hersien en die nuutste, 1988-Ondertekeningsformulier, lees soos volg (Prospektus, 2014:24; Acta, 1988:409):

[79] In die nuutste Prospektus (2014:24) word daar foutiewelik na 1930 se Sinodebesluit verwys. Die betrokke Sinode wat hiermee gehandel het, het in 1936 plaasgevind (vgl. Acta, 1936:101).

> "Ek, die ondergetekende, professor beroep vir die opleiding van predikante, verklaar met hierdie ondertekening van my opreg en met 'n goeie gewete voor die Here dat ek van harte glo en oortuig is dat al die artikels en leerstukke wat in die Drie Formuliere van Eenheid, tewete die Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en Dordtse Leerreëls, soos aanvaar in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, alles met die Woord van God ooreenstem.
>
> Ek sal hierdie leer ywerig verkondig en getrou verdedig sonder om openlik of heimlik, regstreeks of onregstreeks iets daarteen te leer of te skrywe, en ek sal alles wat daarmee in stryd is, teëstaan en help om dit te weer.
>
> As ek ooit enige beswaar teen hierdie leer of enige onderdeel daarvan mag hê, sal ek die beswaar aan die Kuratorium onder wie se toesig ek dien, voorlê. As 'n Kerkraad, Kuratorium of enige Sinode weens gewigtige redes dit nodig ag om vir die behoud van die eenheid en suiwerheid van die leer van my 'n nadere verklaring van my opvatting oor enige punt van die Gereformeerde belydenis te vra, sal ek te alle tye bereid wees om dit te gee sodat die Kerke daaroor kan oordeel. Ek sal my aan die oordeel van die Kuratorium en Breë Kuratorium onderwerp, behoudens die reg in artikel 31 Kerkorde vervat.
>
> Gedurende die tyd van appèl sal ek my onderwerp aan die uitspraak en oordeel van die betrokke vergadering.
>
> Ek verklaar dat ek begryp dat indien ek ooit in stryd met bostaande sou handel, ek metterdaad in my diens geskors en my diens beëindig mag word."

Daar het wel m.b.t. die eis vir 'n nadere verklaring die grootste verandering t.o.v. die vorige en die huidige Ondertekeningsformuliere plaasgevind. Die 1936-formulier (Acta 1936:101) het hierdie eis soos volg verwoord:

> "Desgelyks verklaar ons dat, as die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika te eniger tyd, weens gewigtige redes, dit nodig mag oordeel om, tot behoud van die eenheid en die suiwerheid van die leer. van ons 'n nadere verklaring van ons gevoele oor enige punt van die Gereformeerde belydenis te eis, ons altyd daartoe bereid is."

In die nuutste, 1988-Ondertekeningsformulier, lui hierdie eis tot 'n nadere verklaring dan soos volg:

> "As 'n Kerkraad, Kuratorium of enige Sinode weens gewigtige redes dit nodig ag om vir die behoud van die eenheid en suiwerheid van die leer van my 'n nadere verklaring van my opvatting oor enige

> punt van die Gereformeerde belydenis te vra, sal ek te alle tye bereid wees om dit te gee sodat die Kerke[80] daaroor kan oordeel ..."

Hier het groot verbetering ingetree, nie alleen met betrekking tot die taalkundige versorging van sodanige dokument nie, maar die formulering is baie duideliker oor watter kerklike vergaderings sodanige nadere verklaring mag aanvra. In die feit dat die Ondertekeningsformulier stel dat die Kerke hieroor moet oordeel, is die kerkregtelike uitgangspunt heeltemal tereg dat Kerke hierin die eerste en direkte belang ontvang, maar die bevoegdheid tot die uitvoering en afhandeling van hierdie aanvraag berus uitsluitlik by die Kuratorium en die Breë Kuratorium. Van die kollegialistiese uitgangspunt dat al hierdie vraagstukke by 'n "Generale Sinode" tuishoort, is heeltemal afgesien. Die gevaar tot 'n kollegialistiese benadering en hantering van sodanige tugprosedure is deur die huidige prosedure goed ondervang.

Die Breë Kuratorium, vroeër ook genoem die Beroepingsvergadering, dra tans volle afhandelingbevoegdheid om in tugsake teen professore te handel en dit af te handel. Dit voorkom al die onduidelikheid en prosedurele struikelblokke wat by die De Wet-saak ter sprake gekom het. Daar het wel in 1945 'n treetjie van kerkregtelike verskuiwing (verbetering?) plaasgevind toe daar met die De Wet-saak besluit is dat "die Kuratorium volgens gegewe sinodale mandaat verder as gevolmagtigdes van die Generale Sinode sal optree" (Acta, 1945:201).

Hierdie 1945-oorweging en besluit dra reeds die kiem wat in die huidige kerkregtelike hantering van sodanige sake tot sy volle konsekwensies uitgevoer is en kerkregtelike praktyk geword het. Die oorspronklike oorweging, soos in 1945 ooreengekom, dra steeds kollegialistiese merkers asof 'n Sinode 'n mandaat op sy eie kan toeken, sonder dat die aanvraag en noodsaak via die kerke op die tafel van die Sinode gekom het. Wanneer 'n sinodale vergadering vir homself 'n eie mandaat toeken en dit sommer dan weer aan ander gedeputeerdes as opdragte deurgee, wat nie via die selfstandige plaaslike kerke voor gevra is nie, dra dit reeds 'n kollegialistiese gevaar. Die huidige benadering het hierdie gevaar raakgesien en ondervang.

Vroeër is daar na die Breë Kuratorium as die "Beroepingsvergadering" verwys (Acta, 1991:507). Dit is uitsluitlik die Breë Kuratorium wat nou rondom leergedinge met teologiese professore kan handel. Die Breë Kuratorium funksioneer net soos die gewone Kuratorium as 'n *synodus*

[80] In 1991 was die voorstel dat die woord Kerke vervang moet word met die woorde "Kuratorium alleen" (Acta, 1991:732). Dit bevestig dat aan die Breë Kuratorium die volle bevoegdheid verleen is om in die geval van tugbediening aan professore die saak ten volle te behandel en af te handel. Dit sluit 'n besluit oor afsetting in.

contracta en moet hulle saam met die Kuratorium aan die Algemene Sinode oor hulle handelinge rapporteer (Prospektus, 2014:15; Acta, 1973:315). Die Breë Kuratorium word deur die Kuratorium opgeroep wanneer dit nodig is. Die professore kan nie lede van die Kuratorium of Breë Kuratorium wees nie. In die nuutste Prospektus (2014:11) word dit duidelik gestel dat die Breë Kuratorium opgeroep moet word as daar van die toepassing van tug oor 'n teologiese professor kragtens artikels 79 en 80 KO sprake is.

Sedert 1991 is die besluit dat die Breë Kuratorium (Beroepingsvergadering) die verantwoordelikheid dra om die tug ooreenkomstig artikels 79 en 80 KO oor die professore uit te oefen. Sedertdien is die vertrekpunt soos volg goedgekeur:

> "Die Kuratorium is verantwoordelik vir toesig oor en die Beroepingsvergadering vir die tug ten opsigte van die dienswerk as professor ooreenkomstig artikels 79, 80, KO. Die Kuratorium en die Beroepings-vergadering is nie bevoeg om toesig en tug in terme van artikels 71-78, KO uit te oefen nie aangesien die professor nie lidmaat van die Kuratorium of die Beroepingsvergadering is nie."

Die prosedure waarvolgens die tug uitgeoefen moet word, is soos volg vasgestel, goedgekeur en gemotiveer (Acta, 1991:731):

> Die afhandeling van die tug kragtens artt. 79-80, KO oor 'n professor hoort tuis by die Beroepingsvergadering (Breë Kuratorium) wat hom beroep het. Dit kan gebeur dat die Kuratorium 'n klag teen 'n professor moet inisieer. Indien 'n klag ontvang word, moet die Kuratorium die aanvanklike beoordeling van die klag doen. Dit bring mee dat dit reeds in die vroeë stadium 'n mate van standpuntinname moet meebring. In so 'n belangrike saak kan dit voordele inhou as die Kuratorium na die aanvanklike aksie uitgebrei word.

Samevattend kan die volgende afleidings rondom die tug oor professore in die huidige situasie gemaak word:

- Die kerkraad waar die professor lidmaat is, oefen die tug oor hom as lidmaat uit ooreenkomstig artikels 71-78, KO.
- Die Beroepingsvergadering (Breë Kuratorium) oefen die tug oor professore uit ooreenkomstig artikels 79-80.
- Die kerkraad waar die professor lidmaat is, hou toesig oor sy leer en lewe. Indien 'n professor hom in leer en/of lewe misgaan, en dit sou tot die toepassing van artikel 76, KO lei, moet die kerkraad die Kuratorium daarvan in kennis stel. Wanneer artikel 76 ter sprake is, het dit ook implikasies vir die dienswerk van die professor en behoort die toepassing

van artikels 78 en 80, KO deeglike oorweging te geniet. Laasgenoemde is egter die verantwoordelikheid van die Beroepingsvergadering (Breë Kuratorium).

- Wanneer 'n klaarblyklik gegronde beskuldiging teen 'n professor tydens sy diens ooreenkomstig artikel 18 KO ontstaan, moet die kerkraad waar die klag ingedien is, die klag formuleer en met die nodige bewysmateriaal aan die Kuratorium deurgee sodat volgens artt.79 en 80, KO gehandel kan word.

8.10 SLOT

In die slot van hierdie voorlaaste hoofstuk kan gestel word dat met die finale beoordeling van die saak dit duidelik is dat daar ’n groot verbetering in denke en prosedurele werkswyse in tug teenoor professore plaasgevind het as wat met die De Wet-saak die geval was. In die De Wet-saak was die kuratore gewoon beskou as deputate kragtens art 49 KO wat na gelang van ’n wel omskrewe opdrag moes handel en kon hulle hoegenaamd nie tugsake oor professore alleen afhandel nie.

Die Kuratorium in die De Wet-saak was in verskeie opsigte onseker en in die duister gelaat oor wat mog hulle doen, wat hulle moes doen en watter bevoegdhede hulle hoegenaamd nie toegekom het nie. Dit gee klaarblyklik die rede waarom die mees basiese prosedure kragtens art 79 – 80 KO nie eers deur die Kuratorium in die De Wet-saak nagekom was nie, want daar was geen duidelike prosedures wat hulle kon volg vir 'n besluit oor voorlopige skorsing en finale skorsing nie. Ook het hulle geen bevoegdheid tot afsetting gehad nie. Volgens die 1946-opvatting was afsetting van teologiese professore geheel en al so kollegialisties opgevat dat dit net ’n Sinode in die breedste verband mog wees wat daaroor besluit. Dit is waarom die Kuratorium in die De Wet-saak oortuig was dat hulle verantwoordelikheid net by klagvorming berus het, maar dat die werklike tughandelinge kragtens Art 79-80 KO soos voorlopige skorsing, finale skorsing en die laaste besluit oor afsetting op geen stadium hulle verantwoordelikheid kon wees nie. Die kerkraad van Bloemfontein was die naaste wat aan die woord skorsing gekom het, maar was hulle duidelik so onseker en onoortuigend in hulle optrede en korrespondensie aan die kerkverband dat dit meer geklink het na ’n pleidooi vir voorlopige skorsing as wat dit werklik as ’n skorsings-besluit beskou kon word.

Daar was in die tyd van die De Wet-saak grootliks gehandel na analogie van die hantering van die Geelkerken-saak in Nederland in 1926. Die Geelkerken-saak is egter deur talle kerkregtelikes bestempel as ’n ingrypende afwyking van die Doleansiekerkreg (deur sommige beskou as *oud kerkrecht*) en het die Geelkerken-saak die begin gevorm van wat as die *nieuwe kerkrecht* beskou

is wat aan Sinodes baie groter mag en bevoegdheid verleen het om by sake van plaaslike Kerkrade in te gryp. By die De Wet-saak is gepoog om dit in lyn van die nieuwe kerkrecht te hanteer wat wel deeglik bewys dat daar eintlik ’n sterk kollegialistiese gevaar in hierdie soort kerkreg skuilhou.

Die studie het gepoog om die feite grotendeels vir sigself te laat spreek en sekere afleidings te maak, met die onmiddellike erkenning dat kerkregtelik so maklik gefaal kan word in sommige van die afleidings. Om krities teenoor gerespekteerde persone te moes staan, mense te moes beskryf wat in die kerkverband en in die geskiedenis van die land diep spore gelaat het, soos JD du Toit, of soos JV Coetzee, maak ’n finale beoordeling van die saak besonder moeilik.

As in die finale beoordeling dan skerp kritiek na van die persone gegaan het, is gepoog om die beoordeling te doen op wat die optrede was, sonder om die persone in die gerespekteerde plek wat hulle in die geskiedenis verdien het, openlik of indirek teen te spreek of te benadeel. Die liefde en respek wat daar vir JD du Toit vóór hierdie studie was, kan steeds dieselfde liefde en respek ná hierdie studie wees.

Alhoewel daar in die vorige hoofstuk en weer met hierdie hoofstuk sekere kerkregtelike waarnemings en interpretasies voorkom, wat hopelik deur verdere navorsers geëvalueer sal word, wil hierdie hoofstuk volstaan deur te erken dat daar nie finaal uitspraak in die saak gegee kan word nie. Die saak is eenvoudig net te kompleks om net met ’n swart-wit skema te kan werk en te aanvaar De Wet was reg en die kerkverband (Kuratorium) verkeerd, of die kerkverband (Kuratorium) was inderdaad reg en De Wet moes as “ketter” uitstap.

HOOFSTUK 9

SAMEVATTING EN FINALE GEVOLGTREKKINGS

Oorsig

9.1 Inleiding
9.2 Samevatting van hoofstukke
9.3 Finale gevolgtrekkings
9.4 Finale bevinding

9.1 INLEIDING

In hierdie laaste hoofstuk word eerstens ’n samevatting gegee van wat in die voorafgaande hoofstukke behandel is en laastens word finale gevolgtrekkings gemaak.

Die vrae wat hierdie studie gerig het, was die volgende:

- Was daar enige politieke beïnvloeding in hierdie saak?
- Kan De Wet se teologiese denke en aksente her-evalueer word?
- Is wesentlike regsbeginsels reg toegepas?
- Wat was die rol van die botsing van persoonlikhede in hierdie saak?
- Moes die vereiste tot berou so deurslaggewend in hierdie saak gewees het?
- Hoe kon die tragiese afloop van die saak voorkom gewees het?

9.2 SAMEVATTING VAN HOOFSTUKKE

In **hoofstuk 2** is De Wet se kinder-, studente- en bedieningsjare nagevors. CJH de Wet was deel van ’n groot en invloedryke familie, waarvan sy oom, die beroemde genl. CR de Wet. CJH de Wet se vader, Johannes Marthinus de Wet was getroud met Lasya Christina (Sara) Kruger, ’n niggie van president Paul Kruger. Die grootste deel van Paul Kruger se familie was lidmate van verskillende Gereformeerde gemeentes. Waarskynlik was JM de Wet se aangetrokkenheid tot die Gereformeerde Kerke deur sy vrou aangespoor. ‘n Familiebron beweer ook dat vader De Wet sy baie jong seun aangemoedig het om as hy predikant wou word, dit in die Gereformeerde Kerk moes wees.

Hoofstuk 9

CJH de Wet is op 23 Maart 1887 as elfde kind uit ’n totaal van 13 kinders in die distrik Ladybrand op die plaas Juist Zoo gebore. Sy ouers het albei tydens die Tweede Vryheidsoorlog gesterf, sy vader op die slagveld in Magersfontein en sy moeder in die Springfontein- konsentrasiekamp toe De Wet twaalf jaar oud was. As jongeling tydens die Tweede Vryheidsoorlog doen hy diens in die voorrade-afdeling voordat hy gevange geneem en na die eiland St Helena verban was. Op die eiland het hy ernstig siek geword, maar goed herstel. Na die oorlog weier hy om die eed van getrouheid aan Brittanje af te lê. Die finansiële opbrengs van sy gestorwe ouers se plaas het De Wet in staat gestel om verder te gaan studeer. Hy voltooi sy skoolopleiding in Wellington en was daarna as teologiese student by die Victoria Kollege (die latere Universiteit van Stellenbosch) ingeskryf.

De Wet het besluit om predikant in die GKSA te word, toe hy sy studies in 1912 in Potchefstroom voortgesit het. JD du Toit was toe die enigste voltydse teologiese professor en De Wet het die grootste deel van sy teologiese opleiding onder hom ontvang. Prof. Jan Lion Cachet het aanvanklik nog vir nege maande aan De Wet teologiese onderrig gebied. Toe SO Los hom vanaf die begin van 1914 by die Teol. Skool gevoeg het, het De Wet by hom ook klas gekry. In dieselfde jaar van Los se koms, is die 27-jarige De Wet met ’n weduwee Maria Magdalena Johanna Wessels getroud. De Wet se tuisgemeente was toe die Gereformeerde Kerk Potchefstroom met ds. WJ de Klerk as leraar. Dit was polities ’n spanningsvolle tyd met die uitbreek van die Rebellie (1914/15) waarin De Wet se oom, genl. CR de Wet ’n leidende rol gespeel het. Ook ds. WJ de Klerk en prof. Ferdie Postma was almal rebelle-gesind. Die politiese verdeeldheid in die gemeente en gemeenskap het diep gesny. De Wet het sy studies aan die einde van 1915 voltooi en ’n beroep na die Gereformeerde Kerk Steynsburg aanvaar.

Vir De Wet het daar agt seënryke bedieningsjare in hierdie gemeente gevolg. In hierdie gemeente het hy die band tussen kerk en skool stewig gevestig. Steynsburg was op daardie stadium die bakermat van die CNO-skole-beweging en talle jong gereformeerde onderwysers is daar opgelei. Kenmerkend van De Wet se bediening aan die jeug was sy groot bydrae tot die stigting van ’n Jongeliedevereniging en dat hy vanuit Steynsburg die belange van die Teol. Skool te Potchefstroom op sy hart gedra het.

In hierdie eerste gemeente, nadat De Wet in 1919 ernstig siek was, het hy toestemming ontvang om in 1920 na Nederland vir verdere studie te vertrek. Sy studieveld was Kerkreg en hy het sy proefskrif getiteld, *Die Kollegiale Kerkreg,* in 1921 onder prof. HH Kuyper voltooi. De Wet het hom deurlopend vir die bevordering van die Afrikaanse taal beywer. Sy proefskrif word deur

sommige as die eerste volwaardige Afrikaanse proefskrif in Nederland op die gebied van die Kerkreg beskou.

In die lente van 1923 het De Wet se bediening in sy tweede gemeente, die Geref. Kerk Bloemfontein begin. De Wet was in die gemeente en die kerkverband bekend as 'n goeie prediker. Hy het hier skaars twee jaar gearbei toe hy op 38-jarige ouderdom as derde professor in die Teologie na Potchefstroom beroep is. Op 11 Februarie 1925 was hy deur Ds. Dirk Postma, predikant van Burgersdorp en voorsitter van die Kuratorium as professor bevestig. De Wet was van die begin af verantwoordelik om die Dogmatiekklasse waar te neem. Op akademiese gebied het hy benewens sy teologiese kwalifikasies ook 'n graad in ekonomie (B-Econ) en 'n MA-graad in Staatsleer verwerf. Boonop het hy net 'n paar vakke vir 'n LL.B- graad gekort. Sy wyse van klasaanbieding is vroeg reeds deur studente beskryf as van iemand met eie insigte en flonkerende gedagtes wat nuwe bane ooptrap. Geen student het sy klasse vervelig gevind nie. Die leergeding teen prof. JA, du Plessis het vanaf 1928 baie wyer as net Stellenbosch gestrek. Vanuit Potchefstroom was De Wet deel van die professore wat sterk teen Du Plessis standpunt ingeneem het.

De Wet skryf in die tyd 'n boek getiteld, *Die Bybel en die Christus van die Bybel,* waarin hy met name sy sterk verskille met die Stellenbosse JA du Plessis uitspel. Dieselfde boek toon reeds aan dat - al handel een van die ingrypende verskille van De Wet met Du Plessis oor die persoon en die nature van Christus - De Wet self vreemde uitdrukkings in sy Christologie begin gebruik het. Dat die twee nature van Christus, sy menslike en goddelike natuur, saamgevat is in een Persoon met Christus as God maar dieselfde Persoon ook as ten volle mens, maak dat De Wet praat van die God-Christus en die mens-Christus. Daarin beredeneer Hy Christus se menswording op 'n wyse wat onbekend is aan die gereformeerde belydenis en vreemd aan byvoorbeeld art 19 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

De Wet het as nuweling-professor eie inisiatiewe aan die dag gelê. Hy het hom vroeg reeds vir 'n eie teologiese tydskrif beywer wat in 1928 gerealiseer het in wat bekend was as *Die Wagtoring.* 'n Tydskrif wat later die tydskrif *Koers* geword het. Na die skielike oorlye van JA du Plessis in 1935 het De Wet vir die volgende tien jaar 'n vaste rubriek by *Die Kerkblad* oorgeneem, bekend as Meditasies. Dit was veral De Wet se gepubliseerde teologiese bydraes in albei die tydskrifte, *Die Wagtoring* en *Die Kerkblad,* wat gemaak het dat hy met verloop van tyd oor van sy teologiese standpunte onder verdenking gekom het. In *Die Wagtoring* het hy gepleit vir 'n nuwe belydenisskrif. Die verdenking van die meditasies in *Die Kerkblad* was die begin van al meer

openlike teenstand wat rondom sekere teologiese uitsprake aan die opbou was. Die laaste groepe studente wat by hom klas ontvang het, het beweer hulle ondervind ’n dualisme. Dit het daarop neergekom dat hulle beweer dat De Wet anders leer as wat JD du Toit en S du Toit geleer het.

Hoofstuk 3 gee aandag aan De Wet se aktiewe politieke loopbaan en die spanninge wat dit veroorsaak het. Benewens De Wet se sterk neo-calvinistiese uitkyk in sy vroeëre teologiese beskouing, was sy politiese beskouing in geheel republikeinsgesind gewees. In die dertigerjare van die vorige eeu het CJH de Wet as ’n teenstander van Hertzog en Smuts die partypolitieke wêreld betree. Dit was ekonomies swaar tye met die depressie, die nadraai daarvan en al hoe meer verstedeliking. Tegelyk was daar ’n herrysende Afrikaner-nasionalisme aan die opbou.

Hertzog en Smuts se Verenigde Party het DF Malan gedryf tot sy eie partyvorming wat bekend gestaan het as die gesuiwerde Nasionale Party. Al was DF Malan en CJH de Wet van heeltemal verskillende teologiese rigtings oortuig en Malan ’n sterk aanhanger van prof. JA du Plessis in Stellenbosch, het albei nou hoofsaaklik dieselfde politieke pad gevolg. Maar dit het gou geblyk dat hulle nie saam dieselfde juk kan trek nie. DF Malan, self ’n teoloog, was alles behalwe as ’n neo-calvinis bekend, maar deur sy Afrikaner-nasionalisme was hy vir baie neo-calviniste ’n leier om na te volg.

Adv. JG Strijdom wat as Transvaalse leier in die Malan-party na vore gekom het, het aanvanklik daaraan gedink om De Wet as mede-leier en politieke bondgenoot op te neem. De Wet het aanvanklik talle politieke verhoë met Strijdom in die ou Transvaal gedeel. De Wet, Strijdom en Mabel Jansen - bekend as die driemanskap - was tegelyk gekies om as Transvaalse leiers vir die gesuiwerde Nasionale Party die pad te baan. Dit alles het gebeur nadat De Wet in 1934 tot 1935 vinnig politiese opgang gemaak. het. Hy was toe veral deur Potchefstromers gesteun, insluitend LJ du Plessis en ds. WJ de Klerk, registrateur van die P.U.K. en die skoonpa van JG Strijdom. In die tyd voltooi De Wet ’n Magistergraad in Staatsleer getiteld, *Die Republikeinse konstitusies van Suid-Afrika.* Nog voor hy as leier in die driemanskap verkies was, was De Wet ook op die hoofbestuur van die Federale Raad verkies waarop hy ook saam met mev. Jansen, adv. Strijdom en dr. Wassenaar gedien het. De Wet het vroeg reeds in die politiek die belang van die koerantwese besef en hom aanvanklik beywer vir ’n nuwe koerant, bekend as *Die Republikein.* Dit is juis die koerantwese en die stryd daarbinne wat later De Wet polities gekelder het.

Aanvanklik was De Wet in die nuwe party bekend as ’n “eenheidsoeker” en ’n belangrike denker in die opstel van die party se “program van beginsels”. Die Afrikaner-Broederbond het De Wet aanvanklik in sy opgang sterk gesteun. Hy was as gerespekteerde lid in die geheime organisasie geag. Die vinnige opgang het vinnig gekwyn, want dit gou duidelik geword dat De Wet ’n moeilike man was om mee saam te werk. Strijdom se aanvanklike hartlikheid het begin taan en De Wet se groot stryd met en teleurstelling in ander mense het net so ’n groot politieke sneeubaleffek gehad as wat dit later in die kerklike lewe na vore gekom het. Later het van die ander leiers, selfs die hoofleier DF Malan, al meer krities na De Wet en gebeure in Transvaal verwys. Daar is deur Malan en selfs deur Strijdom smalend na die driemanskap-verkiesing as ’n “Potchefstroom-besluit” verwys.

In die lente van 1937 was dit al duidelik dat De Wet se persoonlikheid en sy politieke aanslag hom sleg te pas sou kom. Hy het uit die party bedank wat aanvanklik te wyte was aan die botsings rondom die finalisering van die party se “program van beginsels” en aan De Wet se Republikeinse ideaal wat te “vurig” was vir hulle wat meer geneig was om party-politieke bo republikeinse ideale te stel. De Wet was van mening dat die party se “program van beginsels” ’n te gebrekkige Christelike grondslag vertoon.

Die groot breek met die politiek was in die koerantwêreld. Hier het die teologiese professor volgens sommige navorsers “heeltemal omgespring”. ’n Beskuldiging wat later in die leergeding ook gemaak kon word, want toe De Wet in Nov. 1944 bereid was om saam te werk en ’n nadere verklaring oor spesifieke leersake af te lê, het hy hierin ook die “omspring-taktiek” toegepas. Tegelyk moet in gedagte gehou word dat De Wet bedenkinge gehad het oor die Kaapse Nasionaliste se invloed op die koerante met hulle lou republikanisme. Die spanninge oor watter koerant voorkeur moes kry en of dit ’n dagblad-onderneming moes wees of nie, het tussen De Wet en hulle wat as nuwe manne in die Transvaal na vore gekom het, soos HF Verwoerd, politieke verwydering gebring. Die koerantstryd het volgens navorsers De Wet as ’n verbitterde mens gelaat. Hy was ook getipeer as iemand wat ’n “baie eng siening van die Afrikaner gehad het”. Die verbitterdheid kon in alle geval na sy teologiese leerstoel oorbeweeg het. Ander het hom ’n “vereensaamde politikus” genoem.

De Wet se sterk weerstand teen wat in Duitsland polities aan die gebeur was en in Suid-Afrika tot ’n groot mate in die Ossewabrandwag (OB) voortgestu het, het hom in hierdie geledere geen politiese, staatkundige of kulturele tuiste gebied nie. Alles terreine wat die OB voor sy totale

ontaarding as dié oplossing vir Suid-Afrika voorgehou het. De Wet se boekie getiteld, *Vreemde gedagtes,* was in hoofsaak teen die OB gemik gewees.

De Wet se politieke geskrifte het alles bygedra tot seker sy omvattendste staatkundige geskrif getiteld: *Ons Christelike Republiek.* In al hierdie geskrifte is daar niemand wat De Wet kon beskuldig dat hy homself nie baie duidelik en op die man af staatkundig uitgespreek het nie. Heel waarskynlik te reguit en te outoritêr vir die man op straat wat nie sy staatkundige en teologiese onderbou kon waardeer nie. Dit saamgelees met De Wet se moeilike persoonlikheid het ’n politieke bondgenootskap met hom baie moeilik gemaak. Ook De Wet se openlike anti-demokratiese standpunte en sy aanhoudende kritiek op ’n party-politieke stelsel het hom soos ’n eensame reier in die politieke woestyn ingedryf.

Daar is tot die slotsom gekom dat De Wet se politieke roeping en lewe ’n besliste invloed op sy teologiese denkwêreld moes gehad het. In die onmiddellike akademiese omgewing van die Teologiese . Skool en die Universiteit in Potchefstroom het hy al meer onbemind en vereensaam geraak, terwyl sy vrou ook al sieker geword het. LJ du Plessis, JD du Toit, S du Toit, JV Coetzee, J Chr Coetzee, TT Spoelstra, almal manne met wie De Wet akademies-teologies sterk bande kon hê en ook gehad het, het hom al meer weggestoot. Dit bly opvallend dat HG Stoker in die De Wet-politiek en in die latere De Wet-saak se naam nêrens voorkom nie. Klaarblyklik het hy hom met opset uit hierdie onverkwiklike stryd gehou. De Wet se politieke wrywing het heel waarskynlik ook in sy teologiese denke kortsluitings veroorsaak. Dit het hom in sy klaswerk, in sy verhouding met die studente en veral in sy verhouding met sy onmiddellike kollegas, die Du Toit-professore, op grondvlak die meeste gewreek.

In **hoofstuk 4** is daar in besonder gelet op watter aksente daar in De Wet se teologiese denke uitgesonder kon word. Hierdie hoofstuk poog om ’n voëlvlug oor sy teologie te bied met wat hy in Stellenbosch al geleer was. Die geestes- en teologiese- klimaat in Stellenbosch het besondere aandag geniet. Hier het De Wet nie saam met die algemene evangelikaalse-rigting beweeg nie.[81] De Wet het bekend geraak met die werke en rigting van WA Joubert en SJ du Toit wat as die neo-calviniste van die Wes-Kaap uitgesonder kon word. Talle ooreenkomste tussen SJ du Toit en CJH de Wet sou aangetoon kon word. Dit was alles in groot spanning met wat prof. Johannes du Plessis in Stellenbosch voorgestaan het.

[81] Sommige verwys hierna as ’n metodistiese rigting wat uit die *revivalism* voortgespruit het.

Dit was ’n teologiese besluit en nie ’n politieke besluit nie wat hom uiteindelik na Potchefstroom laat gaan het. Die verskille tussen die gereformeerde leer en die metodisme wat JD du Toit by sy studente ingeskerp het, het nie by De Wet verbygegaan nie.

As predikant en teoloog in die eerste gemeente, Steynsburg, het hy in sy bediening op die betekenis van die 16de eeuse Hervorming die klem geplaas. Die betekenis van die Hervorming het deur sy teologiese lewe soos ’n stroompie bly vloei. Sy laaste amptelike optrede as Rektor van die Teol. Skool Potchefstroom het gehandel oor die vraag: *Is kerkhervorming vandag nog moontlik?* Spesifiek oor hierdie aanbieding was JD du Toit en J Chr Coetzee bereid om hom aan te kla.

As jong predikant het De Wet die betekenis van die Gelofte van 1838 in die Afrikaner se geskiedenis beklemtoon. Dit kom duidelik na vore dat De Wet se beskouing oor sy volk en die beskouing oor die ware Kerk vir hom sake was wat vereis het dat die verbande tussen volk en kerk duidelik raakgesien moes word. Daar is wel geen bewyse dat hy ’n volkskerkgedagte bepleit het nie. Opvallend in De Wet se verdere teologiese arbeid is die klem wat hy op die bediening van jongmense geplaas het. Die jongmens en sy belange het hy vooropgestel, ook in sy ywer dat die gewetensklousule by die onderrig in Potchefstroom afgeskaf moes word.

Die grootste teologiese werk wat De Wet as jongman in die teologie gelewer het, was sy proefskrif oor “Die Kollegiale Kerkreg”. De Wet het kon aantoon hoe wyd en ingrypend die beginsels van die kollegiale kerkreg toegepas was. Hy het verder gewys op die spanning en selfs skeuringe wat hierdie tipe Kerkreg veroorsaak het. Hy wys op die groot invloed wat Schleiermacher nie alleen op die teologie uitgeoefen het nie, maar veral ook op die toepassing van die Kollegialisme in die praktyk van kerkwees. De Wet het hom sy lewe lank goed op hoogte gehou met die groot invloed wat Schleiermacher teologies wêreldwyd uitgeoefen het. ’n Groot deel van sy latere inougurele rede toe hy as professor bevestig is, het hy gewy aan waarskuwings teen die teologie van Schleiermacher.

De Wet het aangedui dat in kollegialistiese kringe Christus se Hoofskap oor sy Kerk net tot die geestelike lewe beperk word. Verder het De Wet aangetoon dat in kollegialistiese geledere die sigbare en onsigbare Kerk nie net onderskei word nie, maar totaal geskei is. Christus word feitlik net as Hoof van die onsigbare Kerk beskou. Op die wyse word die Kerk as liggaam van Christus in twee geskeur.

De Wet was die eerste in Suid-Afrika wat teologies-kerkregtelik kon aantoon dat in kollegialistiese geledere die kerk nie as ’n stigting van God nie, maar as ’n vereniging van mense beskou word. Die sigbare kerk is hiervolgens ’n blote menslike instituut. In die kollegialistiese kerkbegrip bepaal nie die doop en geloof wie deel van die Kerk is nie, maar die vrywillige besluit van die enkeling om lidmaat te word, die eie aanneming. So word die band tussen koninkryk en kerk asook die band tussen die Ou Testamentiese volk van God en die Nuwe Testamenties Kerk afgesny. Die kollegialistiese kerkbegrip verwring ook die ampsbegrip want dit beroof die amp van sy goddelike oorsprong. Die priesterskap van alle gelowiges moes plek maak vir die enkeling in gesagsposisies wat die wil van die meerderheid moet kan uitvoer.

Dit val op dat De Wet van jongs af gewaarsku het teen “eng kerkistiese standpunte”. Hy het hom hierin sterk uitgedruk en was waarskynlik dikwels verkeerd vertolk as hy stel dat kerkistiese argumente “allermins wenselik in die teenwoordige tyd” is. Sy laaste rede as rektor waarin hy weer eens gepleit het vir ’n Skrif-kerk, was nogmaals in baie opsigte ’n uitvaar teen kerkisme. Hieroor het sy kollegas hom selfs verkwalik.

‘n Verdere teologiese aksent van De Wet was hoe hy die verhouding tussen geloof en wetenskap gesien het. Hierin het De Wet veral die stryd teen die Evolusieleer van Darwin teologies en wetenskaplik aangeknoop. Hy het daarin geslaag om die Modernisme in die Teologie as in noue bondgenootskap met die Evolusieleer te bewys. Hierdie aspek van die teologie was De Wet se groot dryfkrag om die tydskrif *Die Wagtoring* op die been te bring, wat later as die tydskrif *Koers* tot vandag die verhouding tussen geloof en wetenskap van verskeie kante belig en reformatories aanspreek.

’n Ander teologiese aksent wat De Wet kenmerk was sy verstaan van Skrifgesag en die Inspirasieleer. In die Janssen-saak in Amerika, die Geelkerken-saak in Nederland (Assen) en ook in die Du Plessis-saak in Stellenbosch was hulle beskouing oor wat die Skrifinspirasie is in baie opsigte die groot rede tot die leergeding teen hulle. In De Wet se geval was dit anders. S du Toit het later in die rigting probeer praat deur De Wet van Biblisisme in sy Skrifbeskouing te beskuldig wat per definisie sy Inspirasieleer kon betrek, maar Du Toit het totaal in gebreke gebly om enige bewys te lewer en het geen steun vir sy bewerings kon vind nie. De Wet was wel oortuig dat die Belydenisskrifte se belydenis en vertolking oor wat die Skrifinspirasie alles insluit veel te wense oorlaat en dieper en meer volledig moes wees.

Laasgenoemde aksent het wel later ’n deel van die bedenkinge teen De Wet geword omdat hy daarmee die Belydenisskrifte onder verdenking geplaas het. De Wet se besinning oor die doel en betekenis van die Belydenisskrifte en ook van sy ander teologiese aksente het hom vroeg reeds in die spervuur geplaas. Hy het gepleit vir nog nuwer belydenisskrifte wat na vore moet kom, omdat die huidige Belydenisskrifte volgens hom uitgebrei moet kan word. Die sienswyse was later een van die groot dryfkragte vir sy aanklaers om sy teologie in bedenklike lig te stel. Opmerklik is dat ’n ander prominente teoloog in die GKSA, prof. JH van Wyk, 23 jaar na die De Wet-saak, in 1974, steeds die brandende vraag kon vra met sy artikel: *Die vraag na ’n nuwe Belydenisskrif.* Van Wyk se argumente kom in hoofsaak met die van De Wet ooreen, maar die verskil is dat Van Wyk hierin nie gesien is as een wat die “konfessie disputabel stel” nie, soos wel die geval was in die klag teen De Wet.

De Wet het hom in sy teologiese aksente ook op die terrein van die antropologie begewe. Hieroor het velerlei artikels uit sy pen gevloei en nie alleen oor wat dit beteken om na die beeld van God geskape te wees nie. Omdat politiek en sy staatsbeskouing so ’n groot rol in sy lewe gespeel het (vgl. hfst. 3), het hy hom veral in die staatkunde van die Voortrekker ingegrawe en hulle godsdienstig-teologies ontleed. Dit alles het hom later gelei tot die skryf van reekse artikels met aanvegbare stellings oor die ontstaan van volkere.

In die laaste besinning oor De Wet se teologiese aksente het die hoofstuk gewys op teologiese omwentelinge rondom die Tweede Wêreldoorlog. Die De Wet-saak het met hierdie omwentelinge saamgeval. Dit het tot ’n besinning gelei oor De Wet se redes vir sy duidelike teologiese klemverskuiwings. Party sal dit selfs ’n teologiese omwenteling of ’n teologiese ommeswaai noem, terug na die evangelikaalse rigting (terug na ’n metodistiese stroming) in Stellenbosch, waarvan hy as jongman doelbewus weg beweeg het.

In sy laat-middeljare wou De Wet allermins as Kuyperiaans, as neo-calvinisties, of as maar net ’n naprater van ander groot teoloë bekend staan nie. In die lig van De Wet se goed onderlegde Duitse beklemtoninge in sy teologie is egter besin oor die moontlike invloed van Karl Barth op De Wet. Daar is gepoog om vas te stel watter raakvlakke daar tussen Barth se reaksie-teologie en De Wet se aangepaste-teologie kon wees.

Die hoofstuk sluit af deur te wys op die groot invloed wat De Wet se laaste eggenote teologies op hom kon hê. Al hierdie groot klemverskuiwings het inderdaad ’n ommeswaai in De Wet se

teologie veroorsaak. Hierdie ommeswaai kan beskou word as die groot rede waarom daar gekom kon word by die De Wet-saak, die eerste groot leergeding in die GKSA.

In **hoofstuk 5** is die historiese verloop van die De Wet-saak nagespoor. Dit vorm die historiese basis van die studie, waarvolgens die breedvoerigste hoofstuk in die studie, nl. hoofstuk 7 die kerkregtelike vertolking en beoordeling van die saak moes bied. Hoofstuk 5 het aangedui dat daar selfs so vroeg as in 1928 in van De Wet se eerste artikels in Die Wagtoring vanuit Gen. 1:1 al spore lê van ’n moontlike leergeding. Die verskil lê in De Wet se verklaring van die heel eerste verse in die Bybel dat God tyd, ruimte en stof geskape het. Ruimte is dit wat die hemele insluit, aarde beteken vir hom stof, stof soos in materie wat hy as oerwaterstof beskryf en dat God uit hierdie “oerwater” die aarde geskep het. Na De Wet se eksegese van Gen.1 het sy beskouing oor die belydenisskrifte groter verskille begin aandui. In 1932 het hy verskeie bedenkinge teen die belydenisskrifte na vore gebring.

Sedert die vroegste moontlike verskille het meer as ’n dekade verloop toe die De Wet-saak te midde van die Tweede Wêreldoorlog (1942-1945) in ’n oorlog in die kleine in Potchefstroom ontaard het. In Junie 1942 was daar tekens van ’n teologiese bedenking oor ’n meditasie waarin gevoel is dat De Wet weer die belydenisskrifte as twyfelagtig voorstel. Kort hierna in Augustus 1942 het hy ook onder briewe deurgeloop oor ’n uitspraak in ’n meditasie rondom die erfsonde. Elf maande later, in Jul. 1943, het weer vrae ingekom wat beweer dat hy die leer oor die uitverkiesing en verwerping verdraaid voorstel.

In die jaar 1944 het die dam se wal gebreek. Veral De Wet se leer oor die uitverkiesing het weer in die spervuur gekom. Die kerkraad van Burgersdorp skryf in dieselfde tyd ’n brief waarin hulle nie teologies sake bespreek nie, maar navraag doen oor gerugte dat die drie professore by die Teol. Skool nie staatkundig oor demokrasie dieselfde dink nie.

Dit wat in 1944 die grootste ongelukkigheid gebring het en dwarsdeur hierdie leergeding ’n rol sou bly speel was die meditasies wat De Wet in Feb.- Mrt. 1944 in Die Kerkblad gepubliseer het. Toe het selfs die redaksie van Die Kerkblad tot die stryd toegetree, eers met ’n afvaardiging om De Wet te versoek of hy nie sy eerste bedenklike meditasie wil heroorweeg of dit van publikasie onttrek nie. De Wet het geweier en op publikasie aangedring, selfs met die versoek dat daar skriftelik gesprek gevoer kan word as andere eksegeties met hom verskil. Die redaksie het verkies om ’n voetnoot onderaan De Wet se eerste meditasie te plaas wat dit duidelik maak dat hulle met De Wet verskil en hulle op sy beskouings in volgende uitgawes sal terugkom.

Vanaf die begin van Maart 1944 het die redaksie hulle reaksie polemies gerig en geen geheim daarvan gemaak dat hulle De Wet van dwaalleer beskuldig nie. Dit was duidelik hulle beskou die verskille in ernstiger lig as bloot eksegetiese vertrekpunte en beklemtoninge wat mag verskil. De Wet was baie ongelukkig omdat hy in die kerkverband en wyer eintlik van kettery beskuldig was. Hy het nooit kon voorsien dat 'n polemiese en eensydige vertolking op hierdie meditasies sou volg nie. Veral ook nie toe De Wet in sy volgende meditasie oor Job die draaipunt van Job se wedergeboorte en bekering anders voorgestel het, anders as wat die tradisionele eksegese oor Job hom van die begin af as ten volle wedergebore en as kind van God voorstel. De Wet se eksegese het daarop gedui dat Job eers na die ashoop nog duideliker vrug van sy wedergeboorte kon bied en toe eers werklik bekeerd was. Hieruit het nog 'n verdere bedenking oor De Wet gekom omdat hy in die Job-meditasie oor Melgisedek gesê het dat hy eers priester van 'n afgod kon gewees het.

Na die meditasies het 'n nog groter stryd gevolg toe teologiese studente in September 1944, sonder om De Wet daaroor te spreek, by JV Coetzee verdere ongelukkigheid en moontlike leerprobleme na vore gebring het. Coetzee was ook 'n redaksielid van Die Kerkblad wat alreeds by die saak oor die meditasies betrokke geraak het. Die studente het vir Coetzee raad gevra omdat hulle 'n dualisme in die leer op die Teologiese Skool ervaar het. Hierin is beweer dat die Du Toit-professore en De Wet as professor mekaar op kardinale punte in die leer weerspreek het. Dit het later aan die lig gekom dat JD du Toit as teologiese professor reeds baie vroeër as Coetzee oor hierdie dualisme in die leer gekonfronteer was, maar dat hy op daardie stadium gehuiwer het om betrokke te raak.

Coetzee het op sy beurt die studente se klas-aantekeninge opgeëis en dit sy werk gemaak om self vas te stel wat daarin geskrywe staan. Deur vergelyking en vertolking van die aantekeninge het hy probeer vasstel wat De Wet se leer aan die studente was. Dit het Coetzee daartoe gebring dat hy vyf dogmatiese sake in De Wet se leer onderskei het waarvan hy oortuig was dat hulle De Wet onder verdenking plaas.

Intussen vind nog 'n groot ongelukkigheid plaas toe De Wet as rektor aan die einde van Oktober 1944 sy sluitingsrede by die Teol. Skool gelewer het. De Wet het 'n vraag gevra wat ook die tema van sy rede was: Is Kerkhervorming vandag nog moontlik? De Wet het sy tema sodanig ingekleur dat dit geblyk het dat hy die drie Protestants-Afrikaanse kerke (GKSA, NG Kerk en Ned. Herv. Kerk) as kerke beskou wat geeneen 'n toekoms met ware hervorming meer kon bied nie.

Prof. J. Chr. Coetzee was die eerste wat openlik beswaar oor hierdie rede geuiter het, maar ook JD du Toit. Hy het gekla dat hy vanweë gehoorverlies nie die rede mooi kon hoor nie en eers gereageer het toe die rede vroeg in November 1944 in Die Westelike Stem gepubliseer was. Albei het wel vooraf met De Wet hulle besware oor hierdie rede bespreek, maar was nie gerusgestel nie.

In die eerste November 1944 Kuratorium-vergadering was dit uit die staanspoor baie duidelik dat De Wet aan die een kant en die Kuratorium en die Du Toit-professore aan die ander kant mekaar in die hantering en die inhoud van die saak fel teëgegaan het. Alhoewel De Wet aanvanklik die indruk gewek het dat hy tot 'n nadere verklaring ingestem het, het hy baie kort hierna sy eie voorwaardes en bepalings oor die wyse waarop die nadere verklaring verkry mog word, neergelê. Die Kuratorium het hom baie verkwalik oor die gesindheid en die voorwaardes waarmee De Wet hulle in hulle opdragte en pogings om die saak te hanteer gedwarsboom het. Veral die voorsitter van die Kuratorium, ID Krüger, en ook JV Coetzee en JD du Toit was prominent in die spanning wat in die geledere van die Kuratorium opgebou het en hulle redelik gou daartoe gedwing het om te besluit dat hierdie 'n saak sou moes wees wat op die eersvolgende Sinode hanteer moes word.

Die Kuratorium het onmiddellik werk daarvan gemaak om 'n uitgebreide voordrag voor te berei wat hulle kant van die saak op die Sinode ter tafel sou bring. Hierdie voordrag het gefokus op die nege punte van leerdwaling waarvan die kuratore oortuig was dat De Wet deur sy meditasies en doseerwerk en afsluitingsrede hom skuldig gemaak het. Op sy beurt het De Wet 'n beswaarskrif ingedien waarin hy hoofsaaklik op drie gronde regskrenking teenoor hom beweer het.

In die Kuratorium se voorbereiding vir die saak het hulle van die begin af nie gehuiwer om adv. F Rumpff, die skoonseun van ds. ID Krüger, by talle aspekte van die saak te betrek nie. Dit het teweeggebring dat die De Wet-saak wat bedoel was om op alle punte 'n kerkregtelike saak te wees, in die voorbereiding en die hantering daarvan op talle punte deur die burgerlike reg beïnvloed is. Die burgerlike regsgeleerdes, F Rumpff en prof. LJ du Plessis, het wel in hulle advies met die kerkregtelike aspekte van die saak rekening gehou, maar die Kuratorium het hulle sodanig deur die burgerlike regsadvies laat beïnvloed dat daar afwykinge in die Kerkreg voorgekom het.

Die toedrag het teweeggebring dat benewens die feit dat die Kuratorium se hantering van die saak op verskeie aspekte 'n onsekerheid geopenbaar het, daar nooit behoorlik gevorder was met

die toepassing van Art 79-80 KO nie. Daar was op geen stadium sprake van voorlopige/tydelike skorsing nie, daar was geen formele neerlê van 'n klag wat as prima-facie getuienis kon dien dat De Wet formeel 'n klag teen hom ontvang het nie. Die voordrag van die Kuratorium was nie aangebied as 'n formele klag nie, maar daar is gewerk asof die Sinode kragtens Art 79-80 KO moes handel. Die voordrag van die Kuratorium het basies net verslag van hulle werk en bevindinge gebied. In hierdie tyd het daar in kerklike geledere 'n kollegialistiese oortuiging geleef dat 'n Sinode sodanige klagvorming en ondersoek en selfs afsetting moes hanteer en dat kuratore slegs as art 49 KO-Deputate funksioneer volgens duidelik afgebakende opdragte. Dit het groot verwarring en leemtes in die kerkregtelik proses teweeggebring. Intussen het daar groot spanning tussen gemeentes ontstaan. Heelwat gemeentes in die omgewing van Pretoria en Johannesburg het hulle aan die kant van De Wet geskaar, terwyl heelwat ander gemeentes, veral in die distrik van Potchefstroom, oortuig was dat De Wet sodanig afgewyk het dat afsetting die gevolg sou moes wees.

Tydens die Sinode van 1945 was die leemtes nie opgelos nie en op verskeie punte kon aangetoon word hoe die Sinode in die hantering en afhandeling van die saak kleigetrap het. Die hoofstuk het aangetoon hoe daar op die laaste dag van die Sinode, tot in die laatnag-ure nog geen uitkoms en besluit in die saak gevolg het nie.

Op die laaste dag het 'n kommissie se voorstel gedien dat as De Wet 'n "toets van regsinnigheid" volledig op al nege punte bevestig en afhandel en hy al die sake waarvan hy aangekla was, herroep (wat hy reeds vroeër die Sinode by wyse van 'n "bevestiging" aangedui het hy bereid was om te doen) kon die saak afgehandel word en kon hy weereens met sy roeping voortgaan. Hierdie rapport is goedgekeur. Hierdie kommissie het die erns van die klagtes soos deur die Kuratorium aangebied onderstreep en aangedui dat De Wet op talle van hierdie punte wel afwykende leer aangebied het. Op sekere punte wat veral deur die klasaantekeninge verkry was, het die rapport dit egter gestel dat hierdie bevindinge van die Kuratorium op "geen definitiewe skuldigbevinding" kon dui nie.

Later die dag tot in die laatnag-ure het die Kuratorium nog weer 'n voordrag gelewer wat in duidelike spanning was met die kommissie-rapport wat vroeër die dag gedien het. Die Kuratorium se laaste skriftelike rapport het gevolg nadat De Wet vroeër die dag, direk na afloop van die toets van regsinnigheid, wel al die vrae soos aan hom gestel positief en tot bevrediging van die vraagsteller kon antwoord. De Wet het hiervolgens die gereformeerde leer en sy liefde vir die gereformeerde belydenis onderstreep en het hy sy "spyt" uitgespreek oor punte waarvolgens sy

leer dan as dwaling vertolk sou kon word, maar hy het die Sinode verseker dat dit nie so bedoel was nie.

Dit was duidelik dat De Wet sy vroeëre hardnekkige weiering tot erkenning en samewerking prysgegee en talle punte toegegee het. Op daardie stadium was dit deur die Sinode aanvaar. Die tydelike voorsitter, ds. DN Kotzé, dit afsluitend aan De Wet gevra of hy wel “innige berou” aan die Sinode betuig oor die leer en gebeure wat tot hierdie saak gelei het. De Wet het geweier om die gevraagde berou aan te bied en het gestel dat die voorsitter nie die reg het om hom hierdie vraag te vra nie.

Die enkele vraag het veroorsaak dat die grootste vordering wat in die saak gemaak kon word, verongeluk was. Die Kuratorium het in daardie laatnag, direk voor die afsluiting van die Sinode, hulle eie rapport staande die Sinode aangebied wat hulle die bevoegdheid en ruimte kon bied tot drastiese ingrype en verdere optrede in verband met hierdie saak. De Wet was verplig tot ’n drie maande bedenktyd waartydens hy geen klasse mog aanbied nie en hy sy posisie by die Teologiese Skool in “oorweging moes neem”.Hy moes aan die einde van die drie maande ’n “skriftelike rapport” indien. Tegelyk het die Sinode dit goedgekeur dat die Kuratorium ’n uitbreiding in hulle bevoegdheid ontvang deur dit goed te keur dat die “Kuratorium volgens gegewe sinodale mandaat verder as gevolmagtiges van die Generale Sinode sal optree”.

In die res van 1945 het die meeste tyd van die Kuratorium se werk weer met hierdie saak voortgegaan. Na die drie maande was dit duidelik dat die bedenktyd geen resultate kon oplewer nie. Die “skriftelike verklaring” wat De Wet by die Mei 1945 Kuratorium-vergadering ingedien het, het die meerderheid kuratore geensins bevredig nie. De Wet was op sy beurt bitter ontevrede oor die toepassing van die bedenktyd en wat die Kuratorium daaruit afgelei het, is dat daar met die saak voortgegaan moes word. JD du Toit het in Mei 1945 in geen onduidelike taal dit gestel dat hy oortuig was ’n buitengewone Sinode opgeroep moes word om die Sinode 1945 se “halwe werk” reg te maak.

Die stenografiese getuienis bevat talle voorbeelde van twis en onenigheid wat in die gesprekke gevolg het toe De Wet en die Kuratorium saamgekom het. ’n Kernprobleem was die verskil tussen die kuratore wat aanvaar het dat De Wet reeds met die Sinode 1945 op alle punte skuldig bevind was en hy sy skuld ten volle moes erken. Dit teenoor De Wet wat hoegenaamd nie erken het dat hy skuldig was nie. Volgens hom was daar slegs ondergeskikte punte waaruit ’n mate van skuld kon voortspruit, maar in die wese van die saak was hy van mening dat hy nie skuldig was nie.

Die Kuratorium het vanaf Mei 1945 aan JD du Toit en JV Coetzee opdrag gegee om die saak weer grondig te hanteer en dat hulle ’n rapport moes saamstel wat op alle aspekte van die saak moes ingaan en binne drie maande volledig verslag moes lewer. Dit het uitgeloop op ’n baie omvattende studierapport wat in Augustus 1945 aan die Kuratorium aangebied is. Daar was opnuut met predikante en studente geskakel om nog meer uitgebreide studente-aantekeninge te bekom en ingegaan op gebeure en sake wat vantevore nie vermeld was nie.

Hierdie rapport van pre-advies is volledig deur die Kuratorium met nog verdere uitbreidings aanvaar en dit het hulle basis-dokument geword. De Wet is opgeroep om hierdie rapport te weerlê waarin hy baie teenkanting en ongelukkigheid getoon het. Dit was duidelik dat De Wet op geen wyse tot verdere justisiële optrede in die hantering van die saak teen hom bereid was nie. Hy was oortuig dat sake teen hom hervat word wat reeds tydens Sinode 1945 afgehandel was. Die Kuratorium was in alle geval van die teendeel oortuig. As die Kuratorium tot ’n judisiële benadering van die saak teen hom sou oorgaan, sou hy wel bereid wees om saam te werk en die saak dan so af te handel. Die Kuratorium was nie tot so ’n benadering in die hantering van die saak bereid nie.

Teendie einde van 1945 was dit duidelik dat daar geen behoorlike vordering in die saak gemaak kon word nie. Al die partye betrokke was oortuig dat weer ’n vergadering van alle kerke wat as ’n buitengewone Sinode kragtens art 50 KO saamgeroep moes word, hierdie saak sou kon afhandel. De Wet het vroeg reeds kennis gegee van twee beswaarskrifte wat hy van voorneme was by hierdie buitengewone Sinode in te dien en waarin hy in hoofsaak die Kuratorium maar ook die Senaat en dan veral prof. JD du Toit beskuldig van magsmisbruik (ultra vires) teen hom.

Die oproep en samestelling van die agenda en instemming van ten minste twee Partikuliere Sinodes tot die oproep van so ’n buitengewone vergadering het spoedig gevolg. De Wet het van sy kant ook deur die Kerkraad van Potchefstroom, wat as roepende Kerkraad gedien het, ’n buitengewone Sinode versoek. Die Kerkraad het hom ingelig dat die versoek en oproep reeds aandag gekry het en as hy verdere optrede verlang hy hulle dienooreenkomstig moes inlig. De Wet was klaarblyklik nie ten volle op hoogte oor al die vereistes tot so ’n oproep en samestelling van die agenda van ’n buitengewone Sinode nie. Met die beswaarskrifte wat hy van sy kant by die buitengewone Sinode wou laat dien, het hy die kerklike weg nie ten volle nagekom nie. Hy het nie binne die voorgeskrewe tydperk gebly nie wat vereis was om sy beswaarskrifte bekend te stel en deur die Partikuliere Sinodes oor besluit moes word as deel van die agenda van die buitengewone Sinode. Intussen het lede van die Kuratorium, asook prof. LJ du Plessis en adv.

F Rumpff, al in Des. 1945 en in Jan. 1946, saamgekom en gedetailleerde rapporte opgestel vir die geval dat as die Sinode op enige wyse sou oorweeg om die beswaarskrifte ter tafel te neem, hulle grondig voorbereid was om te verseker dat die beswaarskrifte as nie-ontvanklik beskou sou word.

Die Sinode het op 6 Februarie 1946 begin. Die Acta dra die hartseer bewys dat De Wet wat ook vir so ’n sinode gevra het, baie vroeg daarvan oortuig was dat hierdie Sinode ook nie sy saak kon dien nie. Dit nadat sy beswaarskrifte inderdaad as nie-ontvanklik verklaar was en hy hom alleen op ’n justisiële hantering van sy saak sou moes verweer. Hy kon voorspel dat hy inderdaad as professor aangekla, skuldig bevind en afgesit sou word. De Wet het daarvoor nie kans gesien nie en was oortuig dat die Sinode geen ware reg sou laat geskied nie. Aan die begin van die derde dag van die Sinode, op 8 Feb. 1946, het hy nie eers in persoon opgedaag nie, maar slegs ’n skrywe laat dien waarin hy sy oortuiging meedeel dat hy op geen wyse verder aan die Sinode gaan deelneem nie, dat hy as professor en lidmaat van die GKSA bedank en alle bande verbreek. Hy het sy brief aan die Sinode afgesluit met die bittere woorde “vaar heen”. Hy het dit onder andere gestel dat die Here die finale oordeel sal gee en alle partye voor die regterstoel van God gedaag. Kort hierna het hy ’n persverklaring uitgereik waarin hy breedvoerig handel oor sy oortuigings en gebeure onder die bitter opskrif “Waarom ek uit die Gereformeerde Kerk uitgedryf is”.

In **hoofstuk 6** het hierdie studie die teologies-dogmatiese aksente van die klagtes wat teen De Wet ingedien was nagegaan. Die hoofstuk het bevind dat al hierdie sake wesentlike aspekte van die gereformeerde leer en belydenis insluit en dat ingrypende afwykinge van hierdie leer inderdaad tot ernstige klagvorming en afsetting uit die amp, kragtens art 79-80 KO, kon lei.

Die eerste deel het gehandel oor die eksegetiese verskille wat daar was. Dit het die meditasies betrek waaroor die redaksie van *Die Kerkblad* eksegeties van De Wet verskil het. In die meeste gevalle het hier ongewone aksente rondom die verstaan van die verbond, die uitverkiesing en die wedergeboorte aan die orde gekom. By Jakob was die beweerde afwyking dat De Wet van mening was dat Jakob die Here as “lokale Here” gesien het en op die wyse as plekgebonde beskou het. By Job was die kern van die beweerde afwyking dat De Wet Job voorgestel het as een wat eers op die ashoop tot die ware bekering gekom het. By Melgisedek was die probleem dat De Wet ruimte gelaat het dat Melgisedek wel eers ’n heidense priester-koning was. De Wet het in sy eksegese duidelik van die gangbare opvattings afgewyk en erken hy wou andere nie bloot napraat nie. Die redaksie van *Die Kerkblad* het hierdie afwykinge as dwaalleer opgeneem

en in ’n eie reeks artikels die erns van hierdie afwykinge probeer aantoon. Dit was die aansteek van die eerste groot vure wat tussen die partye begin brand het.

Die eksegetiese verskille het baie gou oorgeloop na beweerde dogmatiese dwalinge waarvan De Wet beskuldig was. Hierin het JV Coetzee die leiding geneem om De Wet van dogmatiese afwykinge te beskuldig. Hierdie beweerde dwalinge was aan die hand van sy doseerwerk wat by wyse van studente-aantekeninge bekom was, voorgehou. Hieruit was hy benewens die drie eksegetiese “klagtes” wat reeds teen hom gehou was van ’n verdere vyf dogmatiese sake beskuldig waarin hy na bewering gedwaal het. Dit het gehandel oor die filioque-leer, oor die persoon en nature van Christus, oor die uitverkiesing en verwerping, oor die erfsonde en oor die gesag van die belydenisskrifte.

Met betrekking tot die filioque-leer was De Wet daarvan beskuldig dat hy nie die leer wou aanvaar dat die Heilige Gees ook van die Seun uitgaan nie. De Wet het gestel dat hy geen Skrifgronde vir sodanige leer vind nie.

Oor die leer aangaande die persoon en die nature van Christus waaraan De Wet reeds in van sy vroegste publikasies nl. *Die Bybel en die Christus van die Bybel* breedvoerig aandag gegee het, is hy daarvan beskuldig dat hy Christus as twee persone sien.

Oor De Wet se leer rondom die uitverkiesing en verwerping is hy aangekla omdat hy gestel het dat die verworpenes mense was wat nie daar moes gewees het nie. As daar nie ’n sondeval was nie, dan was alle mense uitverkorenes en hulle was die enigste mense wat veronderstel was om daar te wees. Die uitverkorenes is die eintlike mensheid, die mensheid soos dit moes gewees het. In die saak het De Wet sy leer al meer aanvegbaar voorgestel as hy van mening was dat sonde die voortplantingsproses by die mens verskerp en oordryf het. Dit was volgens hom die eintlike rede vir die probleem van oorbevolking in die wêreld.

In De Wet se leer oor die erfsonde is hy daarvan beskuldig dat hy die klem te veel op die translasie-teorie laat val het en hy te min die federatiewe in die leer oor die erfsonde beklemtoon het. Hy het selfs met die term erfsonde geworstel want hy het geglo daar moes eerder met die term “oorspronklike sonde” gewerk word.

Die laaste sterk dogmatiese saak waarvan De Wet aangekla was, was omdat hy na bewering die gesag van die belydenisskrifte bevraagteken het. Oor sake soos die Skeppingsleer, die

Inspirasieleer, weereens die Christologie en ook die leer oor die Kerk was volgens De Wet 'n nuwe belydenis nodig. Hy het geglo dat oor hierdie sake 'n duideliker belydenis dringend nodig was omdat die die huidige belydenisse nie genoegsaam hieraan aandag gegee het nie. In dieselfde konteks het De Wet die mening gehuldig dat die Dordtse Leerreëls te skolasties voorkom, as 'n "intellektuele en objektiewe norm". Dit poog om geloof te reglementeer wat lei tot "magtelose objektivisme". De Wet het ook kritiek gehad teen die term "Kategismus-prediking" en het hy voortdurend vermaan dat die belydenis wel belangrik was maar nie oorbeklemtoon moes word nie.

Die laaste saak wat op 'n klag teen De Wet uitgeloop het, was sy rektorale afsluitingsrede, gelewer op 27 Oktober 1944. De Wet het die standpunt gestel dat ware hervorming in die bestaande kerkverbande nie meer moontlik was nie. Die genoemde geleerdes het De Wet hieroor van kerkskeuring beskuldig wat baie ernstige verskille met hom teweeggebring het.

In die ondersoek na die beweerde dwalinge het die Kuratorium, wat geen behoorlike nadere verklaring van De Wet op die meeste van die beskuldigings kon verkry nie, besluit om in die verloop van 1945 'n omvattende ondersoek na al die sake te onderneem. Hulle het in hoofsaak by wyse van 'n ad hoc-kommissie (kommissie pre-advies), bestaande uit JV Coetzee en JD du Toit, 'n drie maande lange studie onderneem wat op al nege sake grondig ingegaan het. Dit het gelei tot 'n baie breedvoerige rapport wat al die sake as bewese dwalinge by De Wet wou aantoon. Die tweeman-kommissie het uitgebreide bevoegdhede ontvang. Hulle was toegelaat om nog meer studente-aantekeninge aan te vra en om as daar later nog meer sake as beweerde dwalinge na vore kom, dit ook aanvullenderwys te rapporteer.

In die verdere uitgebreide ondersoeke na die beweerde dwalinge was daar aanvanklik veral twee kuratore, nl. PJS de Klerk en DG Venter, wat oortuig was dat hulle as kuratore besig was om kerkregtelike onreg teenoor De Wet te pleeg. De Klerk en Venter het nie die erns van die beweerde dwalings op enige stadium ontken nie, maar was van oortuiging dat De Wet sy beweerde dwalings herroep het en daaroor sy spyt uitgespreek het. Die saak is volgens die twee kuratore tydens die Sinode van 1945 afgehandel. Op die Sinode het De Wet nie alleen toegegee dat daar sekere misvattings oor van sy leerstellings kon ontstaan het nie, maar hy het ook 'n toets van regsinnigheid geslaag. Aan hom moes weer die geleentheid gebied word om sy roeping te hervat en met sy klaswerk voort te gaan.

Die twee Du Toit-professore wat as enigste kollegas van De Wet by die Teologiese Skool gedien het en die grootste deel van die Kuratorium, insluitende die voorsitter van die kuratore, ds. ID Krüger, was op geen wyse en op geen stadium deur De Wet se optrede gerusgestel dat hy langer met die gereformeerde leer vertrou kon word nie. Dit het JD du Toit kort na die Sinode in 1945 oortuig dat die enigste wyse hoe daar 'n einde aan die saak gemaak kon word, was dat 'n buitengewone Sinode opgeroep moes word om die saak in sy volle omvang te hanteer en om duideliker en finale besluite oor die toekoms van De Wet by die Teologiese Skool te neem. JD du Toit het die Sinode van 1945 se besluite rondom De Wet as "halwe werk" bestempel. Hy is deur die meerderheid van die Kuratorium in sy versoek tot 'n buitengewone Sinode ondersteun. JV Coetzee het as vertroueling van Du Toit, maar ook as voorsitter van die roepende Kerkraad vir sodanige Sinode, geen klip onaangeroer gelaat om die pad vir so 'n Sinode te baan nie. Daar is deeglike voorbereiding gedoen en die regskenners op die gebied van die burgerlike reg wat reeds diep in die De Wet-saak ingegrawe was, adv. F. Rumpff en prof. LJ du Plessis, was weereens oor talle aspekte van die saak genader. Hulle het 'n eiesoortige stempel op die saak afgedruk wat veroorsaak het dat die nuwe fase van die saak teen De Wet nie meer so 'n sterk dogmatiese ondertoon gedra het nie, maar nou meer kerkregtelik aangebied was om die dienste van De Wet by die Teologiese Skool te beëindig.

Die hoofstuk het afgesluit deur De Wet in die hedendaagse konteks voor te hou as moontlik van die eerste teoloë wat in sy beoefening van die teologie beheers was deur 'n vorm van "toegepaste teologie" wat nie verwar mag word met wat as "aangepaste teologie" beskryf word nie. Al was De Wet nie geïsoleerd van 'n fundamentalistiese benadering in die aksente wat hy teologies gelê het nie, is hy waarskynlik van die eerste teoloë in die GKSA wat gepoog het om minder fundamentalisties in sy teologiese omvang te werk te gaan.

In **hoofstuk 7** is daar in hoofsaak 'n kerkregtelike raamwerk van die saak gebied. Hierin is kerkregtelike beginsels en riglyne vasgestel waarvolgens so 'n leergeding behandel moes word. Daar bestaan geen twyfel dat dwaalleer in die Kerk altyd ernstige gevolge het nie.

Die verskillende bevoegdhede van die partye wat by die De Wet-saak betrokke was, is vasgestel, veral van drie partye in die saak. Daar is nagegaan wat die bevoegdhede van die Kuratorium, die bevoegdhede van die twee Kerkrade betrokke by die saak en die rol van die meerdere vergaderings destyds by so 'n leergeding was.

De Wet was in die vereistes wat ’n kerklike leergeding vereis het, goed onderlê. Hyself is die outeur van ’n uitgebreide artikel, gepubliseer in 1929, wat die vraag gevra het: “Wat is die maatstaf vir regsinnigheid?”. Hy gee goeie rekenskap van hoe so ’n leergeding behoort te verloop het. Dit kan aanvaar word dat in die tyd van die sg. Du Plessis-saak in die NG-Kerk die sterk dryfveer was om oor hierdie tipe sake sekere standpunte en riglyne vas te stel.

In die hoofstuk is die deurslaggewende rol wat die Ondertekeningsformulier kragtens artt 53 en 54 KO behoort te speel, uitgelig. Die onderskrywing en ondertekening van hierdie formulier het ingesluit dat ’n persoon wanneer hy ’n nadere verklaring van sy leer gevra word, hy dit sal aanbied en hy altyd daartoe bereid sal wees. Hiermee saam stel die formulier dit duidelik dat ’n kerklike vergadering die onsekere leer sal toets en dat die persoon hom in die tyd van ondersoek aan die oordeel van so ’n vergadering sal onderwerp en self ook in die ondersoek sal saamwerk, alhoewel hy die reg van appèl teen onbillike verhore en besluite wat regskrenkend mag wees voorbehou.

Benewens die kerkregtelike funksie van die ondertekeningsformulier in die saak, is ook die besondere belang van artt. 79-80 KO in die saak nagegaan. Dit handel in besonder oor die belang en proses van tug oor ampsdraers. In art 79 KO word veral die heiligheid van die amp voor oë gehou. Die tug oor ampsdraers gaan om die amp te beskerm en dat die bediening daarvan nie langer beklad mag word nie. So dien die tug in die geval ook as straf- en afskrikmiddel. Oor die aspek van berou en tot watter mate berou getoon moes word, is verskeie kerkregtelikes van mening dat dit by artt. 79-80 KO geen deurslaggewende rol behoort te speel nie. In die kerkregtelike ondersoek van so ’n saak is dit van groot belang om die suiwerheid van die leer na behore aan die hand van die belydenis te toets. Hiervolgens moet die waarheid en die eenheid in die leer gehandhaaf word. Die eenheid van die Kerk wat ’n eenheid in leer, diens en tug voor oë moet hou, moet op die wyse sigbaar tot openbaring kom.

Art. 18 KO is ’n verdere belangrike saak in sodanige kerkregtelike ondersoek. Hiervolgens maak professore ’n belofte dat hulle van voorneme is om “professore in die teologie” te wees wat in hulle opleiding aan studente altyd daarna sal streef dat hulle opleiding in suiwerheid van die leer sal geskied. Verder bepaal hierdie artikel dat die professore in staat moet wees om die suiwere leer teen ketterye en dwalinge te verdedig.

Die kerkregtelike bevoegdhede van die kerklike liggaam wat as Kuratorium funksioneer het in die De Wet-saak van sy grootste uitdagings moes trotseer. Die lede van hierdie liggaam was nog

nooit vantevore by so ’n leergeding betrokke nie en kon op geen voorbeeld en ervaring oor so ’n saak op eie bodem terugval nie. Hierdie saak was die eerste wat teen ’n teologiese professor in die GKSA voorgekom het. Slegs JD du Toit wat as teologiese professor gedien het, was by die Du Plessis-saak in Stellenbosch, meer as vyftien jaar voor die De Wet-saak, betrokke gewees. Du Toit het na daardie leergeding verwys toe hy wankelrig gehoop het dat dieselfde tipe onaangenaamheid die GKSA gespaar sou bly.

Daarbenewens was die bevoegdheid van die Kuratorium van so ’n aard dat hulle op daardie stadium op geen wyse as ’n *synodus contracta* erken was nie. Hulle kerkregtelike posisie was alleen te vergelyk met ander deputaatskappe wat kragtens Art 49 KO saamgestel is met ’n beperkte mag volgens duidelik gegewe opdragte wat hulle nie mag oorskry en uitbrei nie. Dit het teweeggebring dat die Kuratorium in die tyd van die hantering van die De Wet-saak eintlik maar gefunksioneer het as ’n sinodale deputaatskap.

Daar was in die tyd ’n baie duideliker kollegialistiese uitkyk en aanvaarding as vandag dat Sinodes wel ‘n sekere prominensie en voortbestaan na afhandeling van sy agenda moes ontvang. Alleen volgens besluit van ‘n sinode is professore aangestel en hieruit het logies voortgevloei dat leersake en leergedinge teen ’n teologiese professor alleen by ’n sinode finaal hanteer kon word. Die Kuratorium was baie meer ’n beheerstruktuur as wat hulle as regeerliggaam beskou kon word. Dit het gemaak dat die Kuratorium geen afhandelingsbevoegdheid gehad het nie. Die mees ingrypende besluit wat die Kuratorium op daardie stadium kragtens art 79-80 KO teen ’n teologiese professor kon neem, was om hom voorlopig te skors.

Bogenoemde beperkte bevoegdheid van die Kuratorium het groot versigtigheid en verwarring in die saak na vore laat kom. Daar was nie eers deur die Kuratorium op enige stadium in die hantering van die saak op voorlopige skorsing van De Wet ooreengekom nie, alhoewel sodanige besluit wel binne hulle bevoegdheid was. Dit het nie alleen by hulle verwarring veroorsaak nie, maar het De Wet self in baie opsigte deur die hantering van die saak teen hom verward gelaat. So was hy verbied dat hy die grootste deel van 1945 geen van sy klasse mog aanbied nie, maar was daar nooit na die kerke gekommunikeer dat Kerkrade hom as voorlopig geskorste moes beskou nie.

Selfs nadat die Sinode van 1945 die Kuratorium se bevoegdheid op kollegialistiese wyse uitgebrei het deur aan hulle ’n “sinodale mandaat te gee om verder as gevolmagtigdes van die Generale Sinode op te tree”, het dit hulle steeds nie gebring om tot voorlopige skorsing van De Wet ooreen

te kom nie. Steeds was daar net op die verbod in sy klaswerk besluit. Dit was duidelik dat in die geledere van die Kuratorium daar nie eenstemmigheid was tot hoe ver hulle mandaat gestrek het nie. PJS de Klerk was oortuig dat daar alleen van gevolmagtigdes sprake kon wees as daar 'n definitiewe opdrag met hierdie mandaat saamgegaan het.

Die kerkregtelike verwarring wat na verskeie kante voortgeduur het, het 'n belemmering op sake geplaas. Die veronderstelling was dat Sinode 1945 eintlik die saak in 'n duidelike rigting en tot afhandeling sou bring, maar dit het nie gebeur nie. Die verskilpunt wat van die grootste moeilikheid in die saak ná 1945 veroorsaak het, was tot watter mate De Wet tydens Sinode 1945 wel skuldig bevind was. Sy eie opvatting was dat hy slegs op 'n paar ondergeskikte punte skuldig was waaroor hy dan in alle geval reeds sy skuld erken het en die saak as afgehandel wou beskou. Die meerderheid van die Kuratorium het deurgaans na die Sinode van 1945 dit aan De Wet wou voorhou dat hy op al die punte skuldig bevind was en hulle het hom op geen wyse gelyk gegee dat daar nie reeds 'n definitiewe skuldigbevinding plaasgevind het nie.

Hiermee saam het die Kuratorium dit gedurigdeur in die regsproses teen De Wet gestel dat hy geen behoorlike berou wou betoon ná hy dan reeds skuldig bevind was nie. Dit wat De Wet as sy "spyt" in die saak betuig het, was vir die kuratore nie genoegsame berou nie. Die saak van berou en die gebrek daaraan by De Wet het by die Kuratorium in die latere hantering van die saak in felle verwyte teenoor mekaar ontaard. De Wet het al meer die klag moes aanhoor dat hy "geen blyke van boetvaardigheid geopenbaar het nie". Hiermee saam was hy daarvan beskuldig dat hy "gedurende onderhoude 'n gees van subordinasie (verset)" bly toon het.

Die sg. bedenktyd het die spanning tussen De Wet en die Kuratorium net verder verhoog. Nie een van die pogings wat De Wet tot herstel in die saak voorgestel het, is aanvaar nie. Waar De Wet in die latere verloop 'n meer *judisiële* benadering in die hantering en afhandeling van die saak voorgestel het, was die Kuratorium oortuig dat alleen 'n *justisiële* benadering gevolg moes word.

Dit is verder duidelik dat die twee Du Toit-professore wat as teologiese professore die enigste kollegas van De Wet by die Teologiese Skool was, op geen wyse toegeeflik geraak het toe die saak op daardie stadium reeds in 'n sekere sin ontaard het nie. Die twee professore het sowel op die Kuratorium as op die Senaat deurslaggewende invloed uitgeoefen en voortdurend bedenkinge oor De Wet se leersuiwerheid, werksvermoë en huweliksituasie bly opper. Hulle het ernstige bedenkinge teenoor De Wet se lojaliteit aan die GKSA voorgehou en was selfs van

mening dat hulle twyfel of hy selfs langer as roepingsgetrou in sy amp beskou kon word. S du Toit het so ver gegaan om te beweer dat De Wet eintlik al geruime tyd besig was om sy eie teologiese stelsel en sisteem te ontwikkel wat dit onmoontlik maak om “sy sielstoestand te verander”.

Op die wyse het die Du Toits nie die Kuratorium se taak geensins vergemaklik nie, maar indirek die Kuratorium in ’n rigting gestuur wat die saak by ’n buitengewone Sinode moes uitbring wat, van hulle kant gesien, die uitweg moes wees om De Wet in sy verdere bediening as teologiese professor te stuit en hom af te sit. JV Coetzee en ASE Yssel, as kuratore maar ook as vriende en bondgenote van die twee Du Toits, het op talle ander terreine met hulle saamgewerk en het aan hulle as teologiese professore ’n al hoe gunstiger oor verleen om tot by ’n besluit wat ’n buitengewone Sinode sou vereis, te vorder.

Nie net die tweemanskap van die twee Du Toit-professore was in die kerkregtelike proses teenstanders van De Wet nie, maar ook die tweemanskap van adv. F Rumpff en prof. LJ du Plessis, albei gerespekteerde regsgeleerdes in Potchefstroom, het die Kuratorium voortdurend met regsadvies bedien wanneer hulle daarvoor gevra was. Adv. F Rumpff, ook ’n skoonseun van die voorsitter van die kuratore, ID Krüger, en van die begin van die saak ten nouste betrek, het nie gehuiwer om vanuit sy regsagtergrond die Kuratorium met advies te bedien nie. Die Kuratorium het van hulle kant nie gehuiwer om hierdie advies getrou na te volg nie. Later in die saak het TT Spoelstra gewaarsku dat die saak al te veel die voorbeeld van ’n saak in ’n burgerlike geregshof begin aanneem.

Tot en met die buitengewone Sinode van 1946 is egter steeds volhard om advies van die twee burgerlike regsgeleerdes te verkry. Rumpff het laat blyk dat hy wel kennis dra van gebeure in die vroeëre Du Plessis-saak in die NG Kerk waar Du Plessis sy saak by ’n geregshof in sy guns kon laat draai het. Rumpff was duidelik in sy advies dat hy poog om dit vir De Wet onmoontlik te maak om by ’n gewone geregshof sukses te behaal. De Wet het egter al aan die begin van die saak dit duidelik gestel dat hy nooit die weg na ’n burgerlike hof sou volg nie en aan dié onderneming het hy getrou gebly.

Die twee gemeentes wat in die kerkregtelike hantering van die saak teen De Wet besondere aandag moes ontvang, was die Gereformeerde Kerk Potchefstroom en die Gereformeerde Kerk Bloemfontein. Op daardie stadium was die Kerk in Potchefstroom De Wet se tuisgemeente. Kerkregtelik was die uitgangspunt destyds dat ’n teologiese professor wat sy leer en lewe betref

nie alleen onder toesig van ’n Kerkraad was waar hy huidig as lidmaat dien nie, maar moes die gemeente waar hy laaste as predikant gedien het en waarvan hy nie losmaking ontvang het nie, al was hy as professor beroep, deurentyd ’n kerkregtelike verantwoordelikheid nakom. Om die rede is die Gereformeerde Kerk Bloemfontein ook in die saak betrek. Die probleem in albei die gemeentes was van dieselfde aard. In Potchefstroom was die voorsitter van die Kerkraad en De Wet se predikant, ds. JV Coetzee, ook op talle wyses alreeds by die saak betrek. Hy kon hoegenaamd nie meer as onbevooroordeeld in die kerkregtelike beoordeling van die saak beskou word nie. In die kerkregtelike raamwerk moes daarmee sekerlik beter rekening gehou gewees het. In die geval van Bloemfontein was die predikant en voorsitter van die Kerkraad, ds. ID Krüger, ook voorsitter van die Kuratorium. Hy het, net soos Coetzee, geen geheim daarvan gemaak, nog vóór die saak behoorlik sy verloop geneem het, dat hy eintlik alreeds op skuldigbevinding besluit het, al was dit nog nie eers behoorlik bewys nie.

In so ’n benadering kom die mees basies regsreëls in die gedrang, nl. dat die ander kant van die saak behoorlik gehoor moet word (die sg “*audi alteram partem-reël”*) en ook dat geen persoon regter in sy eie saak mag wees nie (*“nemo debet esse judex in propria causa”*). Coetzee en Krüger wat so prominent in die saak was, kan in die finale beoordeling van die saak nie daarvan verskoon word dat hulle eintlik die “reëls van natuurlike geregtigheid” verontagsaam het nie.

Soos De Wet van sy kant geen behoorlike samewerking tot ’n behoorlike verhoor wou lewer nie en hom telkens as regter in sy eie saak voorgehou het deur sy optredes, verbale uitbarstings en voorbehoude, so het die Kuratorium in die hantering van die saak hulle met basiese regsreëls misgaan. In die klimaat waar die mees basiese regsreëls in die kerkregtelike hantering van die saak nie na behore nagekom was nie, kon ’n gesonde en deurdagte besluitneming oor die saak nie gedy het nie.

Al het die Gereformeerde Kerk Bloemfontein op ’n heel later stadium in die saak wel tot voorlopige skorsing wou ooreenkom, was die basiese uitvoering van die besluit net so gebrekkig. Geen behoorlike uitvoering van Bloemfontein se besluit het êrens in die kerkverband posgevat nie. Dit was net Potchefstroom en Bloemfontein se Kerkrade wat formele besluite geneem het om De Wet hulle kansels te verbied. Altwee het gehuiwer om te stel dat hulle dit op kerkregtelik dissiplinêre wyse (kragtens Art 79/80 KO) besluit het en hulle besluite eintlik maar net voorgehou as dit wat tydelik moes dien terwyl die saak as *“sub-judice”* beskou moes word. De Wet was voortdurend nog deur ander gemeentes uitgenooi om met Woordbediening (en kan aanvaar word ook met sakramentsbediening) voort te gaan.

Met betrekking tot die kerkregtelike bevoegdhede van die meerdere vergadering wat in die saak regspraak moes lewer is die beginsel van die "*audi alteram partem*-reël" (hoor die ander kant van die saak) weer ter sprake gebring. Die ander beginsel wat nagekom moes word, was dat niemand regter in sy eie saak mag wees nie (*"Nemo debet esse judex in propria causa"*). Die betrokke meerdere vergaderings moes verder bewys lewer dat hulle nie in die saak geprejudiseerd staan nie wat absolute onpartydigheid van hierdie vergaderings vereis het. Al hierdie reëls, wat ook genoem word "die reëls van natuurlike geregtigheid," moes toegepas gewees het op die stukke waaroor die Sinode besluite moes neem.

In die kerkregtelike beoordeling van die saak is daar op heelwat leemtes gewys. Die hantering van De Wet se beswaarskrif tydens Sinode 1945 het gewys hoe die Sinode geprejudiseer daarmee gehandel het. Die Voordrag van die Kuratorium het alreeds gedeeltelik begin dien voordat daar besef was dat regspraak oor 'n beswaarskrif voorrang moes verkry. Die Sinode was in hulle beoordeling van die beswaarskrif reeds deur die Kuratorium-voordrag beïnvloed gewees.

'n Volgende kerkregtelike leemte wat al tydens Sinode 1945 na vore gekom het, was die duidelike wyse waarop JD du Toit gepoog het om die saak te beïnvloed. Hy was as adviseur en as lid van die Senaat teenwoordig en kon duidelik die Sinode beïnvloed het toe hy by twee geleenthede die Sinode vir lang tye oor die saak toegespreek het en sy funksie as adviseur en as lid van die Senaat nie vanmekaar geskei het nie. Die vermenging van die twee rolle kon geen gesonde advies aan die Sinode gebied het nie, maar eerder 'n bepaalde beïnvloeding in die saak teweeggebring het. Daar kon nie finaal bewys word tot watter mate Du Toit sy posisie misbruik het nie, maar dat die gevaar bestaan het, is seker en ook dat Du Toit wel die saak beïnvloed het.

Dit geld ook van S du Toit, JD du Toit se seun, maar tegelyk ook teologiese professor. Op duidelike wyse kon aangetoon word dat hy vanaf die begin van die saak met van sy pa se standpunte gekompromitteer was.

Die aandrang wat die twee Du Toit-professore as De Wet se kollegas maar ook as pa en seun gehad het dat 'n buitengewone Sinode moes plaasvind om finaal oor die saak te beslis dui op verdere druk wat tydens die saak na vore gekom het. Die aandrang tot so 'n buitengewone Sinode wat nie uit die kerke na vore gekom het nie, maar aanvanklik vanuit individue by die Teologiese Skool wat groot invloed in die Kuratorium en selfs in van die kerke gehad het, bring noodwendig die vraag of die buitengewone Sinode van 1946 hoegenaamd moes plaasgevind het.

Die vraag wat hierby hoort is of die saak nie op ’n ander wyse as net deur ’n Sinode en weer ’n buitengewone Sinode hanteer kon word nie. De Wet het reeds aan die einde van Sinode 1945 sy voorneme duidelik gemaak dat hy bevestig het dat hy die groot sake wat beroering kon bring of herroep het of sodanig gewysig het dat dit hom in sy toets van regsinnigheid laat slaag het. Om die saak op aandrang van individue verder te wou voer waar daar eintlik geen nuwe gebeurtenis of enige ander vorm van lering na vore gekom het wat nie reeds by die Sinode van 1945 ter tafel was nie, dui gewoon op geen gesonde Kerkreg nie. ’n Sinode wat daartoe geneig is om sy eie agenda uit te brei wat aan die einde van die Sinode van 1945 met die beïnvloeding en op aandrang van die Kuratorium geskied het, het die saak op ’n spoor geplaas wat noodwendig op groot ongelukkigheid moes uitloop.

In die laaste maande van die saak in 1945 het die saak die grootste laagtepunte bereik wat in talle opsigte daarop gedui het dat regsherstel na watter kant ook al, moeilik bereik sou word. Dit wil selfs voorkom dat daar by die Kuratorium ’n al hoe groter aandrang en beplanning was dat De Wet uit sy amp verwyder sou moes word. Die doel het ’n groter saak geword as noodwendig die metode wat gevolg was. Wanneer regskrenking reeds plaasgevind het, sal dit enige poging tot regsherstel in alle geval net nog moeiliker maak.

’n Verdere tragiese feit is dat die stukke wat De Wet se kant van die saak moes stel tydens die buitengewone Sinode van 1946 vroeg reeds as “nie-ontvanklik” verklaar was. Dit het alles op regstegniese gronde geskied. Die stukke wat onder dieselfde oordeel gekom het is veral De Wet se twee beswaarskrifte, JM de Wet se beswaarskrif en ’n skrywe van ’n aantal lidmate van Steynsburg.

Die drie voorafopgestelde rapporte wat die Kuratorium, die professore en die regsgeleerdes gesamentlik groot aandag aan bestee het met die uitsluitlike doel dat De Wet se beswaarskrifte teen die Kuratorium en die Senaat as nie-ontvanklik uitgemaak moes word, bring weereens kerkregtelike ongerymdheid na vore. Hierdie drie rapporte het nie alleen die saak rondom ontvanklikheid aan formele vereistes getoets nie, maar het ook die inhoud van De Wet se beswaarskrifte reeds sodanig verwerk en vervat dat dit nie anders gesien kan word as ’n vorm van prejudisering in hoe die Sinode nie die saak oor ontvanklikheid selfstandig kon hanteer nie. Die *audi alteram partem* reël het met soveel vooraf beïnvloeding geen gesonde grond tot nakoming gevind nie. Daar is duidelike tendense in die rapporte om die Sinode vooraf te beïnvloed in die beoordeling van die saak. JV Coetzee se opening by die Sinode het ook

tendensieus voorgekom in hoe hy die Sinode wou beïnvloed in die hantering en erns van die saak.

Daar was tydens Sinode 1946 geen stuk van De Wet op die tafel waardeur daar ook na sy kant van die saak geluister kon word nie. Die blote belofte dat daar aan hom ruim geleentheid gebied sou word om sy kant van die saak mondelings te stel was vir hom geen waarborg dat geregtigheid wel kon geskied nie. Hy was van die teendeel oortuig en sy tragiese "bedankingsbriewe" onderstreep die totale wantroue wat hierdie kerkregtelike proses by hom gelaat het.

Die hoofstuk sluit af om na vier soortgelyke sake te kyk wat lig op die De Wet-saak kon werp. Die Janssen-saak in die noorde van Amerika, die Geelkerken-saak in Nederland en dan twee soortgelyke sake in Suid-Afrika nl. die Du Plessis-saak in Stellenbosch en die latere saak teen AS Geyser in Pretoria poog om die kerkregtelike raamwerk van hierdie sake teen dié van De Wet te ondersoek en te toets.

In **hoofstuk 8** is in die De Wet-saak 'n finale beoordeling gebied. Daar is bevind dat De Wet se weiering om na behore die beginsels en beloftes kragtens die Ondertekeningsformulier na te kom, tot afsetting kon lei. Die wyse waarop hy homself as regter in sy eie saak wou handhaaf is 'n ernstige leemte en die Kuratorium was nie in staat om hom tot orde te bring nie. De Wet se verweer dat hy hom nie soos 'n skoolkind sou laat behandel nie dui op 'n tragiese houding terwyl daar geen bewyse gevind kon word dat iemand in hulle vraagstelling hom verkleineerd en kinderagtig behandel het nie. Die feit dat De Wet aanvanklik ingestem het om die vrae te antwoord en onverwags daarna heeltemal omgeswaai het met sy eie voorbehoude en voorwaardes het die saak erg benadeel. De Wet se houding hieromtrent nl. dat daar prosedureel deur verkeerde metodes bepaalde inligting verkry was wat hom dan by voorbaat nog meer reg sou gee om nie na behore die vrae te antwoord nie is 'n nog duideliker bewys hoe daar van sy kant gepoog is om regter in sy eie saak te wees.

Ten opsigte van die optrede van die redaksie van *Die Kerkblad* was De Wet se poging om hom hierin ook as "regter" oor sy eie artikels en meditasies te wou handhaaf, deel van die verkeerde benadering en werkswyses wat die saak vroeg reeds gekenmerk het. Daar moet wel begrip getoon word dat die metode wat deur die redaksie gevolg was om De Wet in *Die Kerkblad* onder verdenking te bring deur hulle voetnota en om hom agterna met volgende uitgawes openlik van verkeerde eksegese en uitleg te beskuldig en dadelik 'n sg. korrektief op sy werk voor te stel en te wil aanbring nie vir De Wet of die redaksie 'n eerbare uitkoms kon bied nie. Daar is bevind dat

die redaksie met ’n ander werkswyse baie ellende kon voorkom het. Hulle kon gewoon publikasie nie toegelaat het nie wat in alle geval dan die onus op De Wet sou geplaas het om die saak verder te hanteer of te herbesin en is hy nie sommer by voorbaat in die kerklike publiek onder verdenking gestel nie.

In die saak wat met die studente-aantekeninge in ’n nog meer verwikkelde stryd ontaard het, het De Wet hom nog weer aan dieselfde oortreding nl. om regter in sy eie saak te wees, skuldig gemaak. JV Coetzee was in dieselfde gebeure in ’n baie moeilike en kwesbare posisie gestel. Die studie het bevind die mees eerbare weg was om die studente eers weer na De Wet terug te stuur om op die wyse aan ’n broederlike weg voorrang te verleen voordat daar sommer ingrypend en direk op die Kuratorium ’n appèl geplaas was om die saak onmiddellik in ’n vorm van klagvorming te moes hanteer. Hierin het JV Coetzee sy eie posisie nog meer onder verdenking gebring deurdat hy op ’n wyse homself in die proses wou ingrawe nog voordat die Kuratorium na behore kon bepaal watter werkswyse in die ondersoek na die saak gevolg moes word. JV Coetzee het ’n ondersoek begin nog voordat hy opdrag en toestemming daarvoor gehad het, wat vroeg reeds wys dat hy in sy optrede hy die saak nie reg dien nie. Die gevaar van om die saak te prejudiseer is deur Coetzee se optrede nie raakgesien nie. Hy het ook die kuratore wetend of onwetend met van sy bevindinge gekompromitteer wat nie die saak op ’n ooreengekome weg geplaas het nie.

In De Wet se metode van Skrifverklaring (hermeneutiek) kon daar nie bewyse gevind word dat hy nie by die reëls van gesonde Skrifverklaring gehou het nie. Die feit dat sy eksegetiese resultate verskil het van wat in bepaalde Skrifgedeeltes die gangbare opvatting was, het hom nie noodwendig laat dwaal nie. De Wet was beslis nie ’n voorstander van die moderne verklaringsmetode wat deur Vorster (2008:10-11) gesien word as ’n vorm van “aangepaste teologie” nie. In die terminologie wat Vorster aanlê, is De Wet waarskynlik van die eerste teoloë wat met ’n vorm van “toegepaste teologie” na vore gekom het.

Verder is die klag teen De Wet wat oor die nature van Christus gehandel het (*kenosis-leer*) op ’n ernstige afwyking gedui, maar is eweneens nie te vergelyk met die wyse waarop Du Plessis en AS Geyser oor spesifiek hierdie saak skuldig bevind was nie. De Wet het beslis nie soos Du Plessis wou glo dat Christus op so ’n wyse as mens van sy goddelike natuur afgesien het dat Hy as onkundig oor die Ou Testament beskou kon word nie. Verder het De Wet nie soos Du Plessis wou aanvaar dat wat die Inspirasie van die Skrif betref die Bybel slegs geïnspireer is waar dit oor

saligmakende kennis handel nie. Dat De Wet wel kritiese vrae oor sekere vorme van fundamentalisme in die GKSA begin vra het, is aangetoon.

De Wet het duidelik die gesag van die Skrif erken, sy Inspirasieleer het die openbaringskarakter van die Skrif gedien wat al meer daarop dui dat ’n groot deel van die saak wat teen De Wet gevoer was deur persoonlike onenigheid en spanning aangevuur en nie soseer deur teologiese dwalinge waarvan hy nie wou afsien nie. Hy het duidelik te kenne gegee dat waar hy kon dwaal en daar misverstand kon wees, hy dit sou wou regstel. De Wet se opname as teoloog en predikant in die NG Kerk, direk na afloop van die saak wat selfs deur ID Krüger se ander skoonseun, PA Verhoef, ’n uiters bekwame en wyd erkende teoloog en eksegeet in die NG Kerk nie teëgestaan was nie, dui verder in die rigting dat De Wet nie teologies aan growwe dwalinge hom heeltyd wou vergryp nie. Toe hy die sake wou regstel, was die geleentheid hom nie na behore gegun nie.

Die ondersoek in die saak het verder bevind dat die regsbeginsel wat as die *audi alteram partem*-reël beskou word, nie nagekom was nie. Daar is moeilik met mekaar gepraat en moeilik na mekaar geluister. Die oortreding van hierdie reël tesame met die neiging om regter in jou eie saak te wees wat van De Wet se kant maar ook van sekere kuratore se kant skeefgetrek was, het die reg in die saak skeefgetrek. In die geval van die toepassing van hierdie twee basiese regsreëls toon die saak van die grootste gebreke wat daar kon wees.

In die ondersoek na die mate waarin die buitengewone Sinode van 1946 geprejudiseer was, het daar heelwat gebeure na vore gekom wat in hierdie rigting gedui het. De Wet se beswaarskrifte was deur aparte ondersoeke in Potchefstroom voortydig aan bepaalde ondersoeke en kriteria onderwerp. Nog voordat die buitengewone Sinode 1946 self na behore sy eie ondersoek en uitspraak oor ontvanklikheid kon lewer, was die Kuratorium deur sy eie werkswyse gereed om die Sinode hierin voor te gaan en klaar om aan die Sinode verslag te lewer in ’n drietal rapporte wat nie-ontvanklikheid van De Wet se geskrifte aanbeveel het. Dit is as ’n vorm van prejudisering in die saak aangedui. Dit het aan De Wet geen geleentheid wou bied om van sy kant die sake waaroor hy meen verontreg te wees, skriftelik met die nodige getuienis na vore te bring nie.

Die ondersoek van die saak het die noodsaak tot die oproep van ’n buitengewone Sinode bevraagteken. Die feit dat veral JD du Toit as teologiese professor en sy seun in dieselfde hoedanigheid as sy pa die Kuratorium tot so ’n noodsaak en oproep kon oortuig bring kritiese vrae. Dit was nie kerke (of die kerkverband) wat direk van hierdie noodsaak oortuig was nie maar individue, wel teologiese professore, wat die kerke tot so ’n buitengewone stap gebring het.

Enkelinge wat wel ’n prominente rol in ’n kerkverband mag vervul, sal altyd nog versigtiger moet wees om nie die hele kerkverband op sleeptou te wil neem nie, waarvan wel by die De Wet-saak tekens was. Dit is by nabaat ’n vraag of die Sinode van 1946 wel anders oor die saak sou kon oordeel as wat by Sinode 1945 reeds gedoen was.

Oor die gevaar van nepotisme het die studie bevind dat dit nie raakgesien was nie. Die feit dat die voorsitter van die Kuratorium, ID Krüger, onmiddellik sy regsgeleerde skoonseun, op daardie stadium adv. F Rumpff in die grootste dele van die saak betrek het, het reeds in ’n gevaarlike rigting begin wys. De Wet se enigste twee kollegas by die Teologiese Skool, die pa en seun, JD Du Toit en S Du Toit, wat albei sterk teen De Wet gestaan het, het die Kuratorium in talle opsigte tot voorwaardes in die saak gebring toe hulle albei nie langer kans gesien het om saam met De Wet te werk nie. Dit dui eweneens op die gevaar van nepotisme in die saak.

In die hoofstuk is daar oorweging geskenk of De Wet se felle politieke stryd waar hy homself in talle kringe polities ongewild gelaat het, nie ook ’n groot deel die kerkstryd veroorsaak het nie. Alhoewel De Wet polities baie aktief was, selfs meer as sy twee Du Toit-kollegas, was daar nie party-politieke spanning tussen hulle nie. JD du Toit was wel minder in die party-politiek betrokke as De Wet maar vir die grootste deel het hulle oor politieke sake saamgestem. Met gevalle wat hoofstuk 8 aangetoon het nl. dat JD du Toit wel op politieke verhoë en by volksbyeenkomste opgetree het, het De Wet homself vereenselwig. Daar kon in die studie ook geen bewyse gevind word dat die Broederbond wat aanvanklik as organisasie ’n groot bondgenoot van De Wet was later teen hom gedraai het nie. In die Geyser-saak word daar groot gewag gemaak dat die teologiese stryd teen Geyser eintlik ’n Broederbond-gedryfde aksie was en dat die teologiese klagtes eintlik maar net ’n politieke dekmantel was om Geyser polities by te kom. In De Wet se geval kon geen grond vir sodanige bewerings gevind word nie.

Die hoofstuk het as deel van die finale beoordeling bevind dat De Wet se persoonlikheid en die wyse waarop humeure kon opvlam ’n groot struikelblok dwarsdeur hierdie saak was. Dit blyk uit talle vergaderings se notules. Die persoonlike opmerkings wat in hierdie spanningsvolle tye teenoor mekaar geuiter was, was dikwels nog net meer vet in die vuur. Om nie behoorlik te luister wat die een party teenoor die ander duidelik wou maak nie, het gewys op ’n gebrek aan inskiklikheid by De Wet. Hy het dikwels melding gemaak van “sy heilige reg”.

Hierdie persoonlikheid wat De Wet in groot spanning gebring het, is deur sy kollegas en van die kuratore ook nie reg hanteer nie. Dit val op hoe daar dikwels in die Kuratorium-vergaderings nie

na behore teologies oor sake besin was nie, maar daar getwis was oor die een se woord en dan weer die ander se weerwoord. Die studie het tot die verdere gevolgtrekking kon kom, na aanleiding van Riana Henning se uitgebreide studie rondom genl. CR de Wet waarin sy op 'n spesifieke psigobiografiese model gewerk het om 'n ontleding van CR de Wet se persoonlikheid te bied, daar tussen CR de Wet en sy broerskind, CJH de Wet, groot ooreenkomste bestaan het. Dit bevestig tegelyk 'n bevinding van Hélène Lewis dat geneties daar tussen opvolgende geslagte groot oordragte van persoonlikhede kan plaasvind en dat transgenerasie sterk verband hou met sake soos trauma, met woede, skaamte, vernedering en wraak.

Reeds aan die begin van die studie is aangetoon dat ander in-diepte studies oor die De Wet-saak nog nie vantevore aangepak was nie. Daarom is gepoog om na te gaan watter ander berigte daar oor hierdie saak was. VE d'Assonville wat rondom SJ du Toit en dan veral vergelykend met JD du Toit omvangryke werke gelewer het, se slotsom is nie korrek nie. D'Assonville is van mening dat "Totius nie in die brandpunt van hierdie saak gestaan het nie". Die finale gevolgtrekking wat hierdie studie maak is om te aanvaar dat as daar werklik een persoon was wat werklik ten volle in die brandpunt van die De Wet-saak geplaas moes word, dan was dit JD du Toit.

Die hoofstuk het tegelyk bevind dat daar wel later, nadat De Wet hom weer by die NG Kerk gevoeg het, met van sy eweknieë in die GKSA met herstelde verhoudings saamgewerk was. DNG Kotzé getuig van 'n latere besondere verhouding met De Wet. Ten opsigte van die verhouding met die Du Toit-professore en ook met JV Coetzee kon nie bewyse gevind word dat dit weer heeltemal goed voortgegaan het nie. JV Coetzee het na afloop van die saak steeds op 'n strenge wyse ook vir SP Engelbrecht uit die Nederduitsch Hervormde Kerk voor stok wou kry oor Engelbrecht se gevoelens oor die De Wet-saak. Teoloë soos LJ Botha en PJ Coetzee uit de GKSA wat De Wet persoonlik geken het, selfs tot kort voor sy sterwe, was van mening dat De Wet se toegeneentheid tot die GKSA altyd daar was. Beide hierdie manne was oortuig dat as die saak anders en reg hanteer was die uitslag nie sou wees wat op die einde die tragiese afloop was nie.

Die hoofstuk het in van sy laaste bevindinge aandag gegee aan watter riglyne en besluite daar tans in die GKSA geld as 'n soortgelyke saak weer na vore sou kom. Dit val op dat daar in die wesentlike van die saak heeltemal anders gehandel sal word as wat met die De Wet-saak die geval was.

9.3 FINALE GEVOLGTREKKINGS

9.3.1 POLITIEKE BEÏNVLOEDING VAN DIE SAAK

De Wet se politieke optrede het geskied in ’n tyd waarin verskeie Afrikaanse gereformeerde predikante uit al die Afrikaanse kerkverbande ten nouste by party-politieke sake betrokke geraak het. Die sosio-politiese omstandighede en nood van die Afrikaner het in verskeie opsigte sodanige betrokkenheid noodsaaklik gemaak.

De Wet het akademiese werk op die terrein van die Staatkunde gelewer, o.a. 'n M-verhandeling oor die Konstitusies van Suid-Afrika wat hoog waardeer was. De Wet het ook nie geaarsel om sy politieke standpunte kras en reguit te stel nie. In die meeste van sy politieke optredes is hy aanvanklik deur die Universiteit en die meeste van sy kollegas goed ondersteun en beskerm. Die Broederbond was vir hom ’n troue bondgenoot in sy politiek. Sy prominente leiersrol wat in die politiek aan hom toegewys was, het vroeg reeds sy swakste mondering ontbloot nl. dat hy dit moeilik gevind het om met ander saam te werk. Hy kon polities geen kompromie-voorstelle en besluite aanvaar nie.Sy eie party-leiding het hom vroeg reeds verstoot, o.a. dr. DF Malan en adv. JG Strijdom.

Die studie het geen bewyse kon vind dat die De Wet-saak wat kerklik gewoed het vanuit die politiek en die Broederbond aangevuur was nie. Die politiek lyk geen noemenswaardige rol in die saak te gespeel het nie en was nie daardeur beïnvloed nie.

9.3.2 HER-EVALUERING VAN DE WET SE TEOLOGIESE DENKE EN AKSENTE

De Wet se teologiese denke en aksente het reeds in die laat-twintigerjare, kort nadat hy teologiese professor geword het, uitsprake bevat wat hom vir misverstand kon blootstel.

Die na-oorlogse omstandighede waarin kerke en teoloë hulle na die Tweede Wêreldoorlog in 1945 bevind het, het maatskaplik en teologies groot uitdagings gebied. Dit kom voor asof die meeste van die teologiese sake waarin De Wet van dwalinge beskuldig was in die jare wat die oorlog gewoed het, by homself al meer nadenke geverg het.De Wet het deur die na-oorlogse omstandighede en deur sy eie politieke oortuigings ’n eie katarsis moes deurgaan.

De Wet se eiesoortige formulering van sake wat dikwels op die oor af kon klink of dit in stryd met sekere ou opvattinge staan, het hom in die kritieke tye nog meer blootgestel. Daar is in die

teologiese klagtes teen De Wet nie altyd gereken dat sekere verklarings van sy kant wel by ander buitelandse teoloë in dieselfde tyd as De Wet weerklank kon vind nie, soos ook Holwerda se siening oor die wedergeboorte. Die aansluiting wat De Wet in van sy sieninge selfs by Karl Barth kon hê, is in die grootste deel van die klagtes teen hom nie verreken nie.

In De Wet se latere teologie (veral na sy tweede huwelik en deur beïnvloeding van sy eggenote) kon talle aksente herlei word na wat ook bekend staan as deel van die “evangelikaalse spiritualiteit” (vgl. Brümmer, 2017).Hierdie verandering by De Wet is deur JD du Toit en S du Toit as metodisties getipeer. In dieselfde tyd het De Wet al meer kritiek teen ’n neo-calvinistiese benadering in die teologie geopper.

De Wet se saak is teologies heeltemal anders as die Du Plessis-saak in Stellenbosch. Die hermeneutiese proses wat rondom Du Plessis ontwikkel het, is deur sommige as ’n “hermeneutic revolution” (vgl. Cochrane) beskryf terwyl daar geen sulke aantygings teen De Wet se metode van hermeneutiek bewys kon word nie. De Wet het hom beslis nie openlik vir ’n paradigmaskuif in die Skrifbeskouing van die GKSA beywer nie en was krities ingestel op talle aspekte wat ’n modernistiese tendens in die postmodernisme weergee.

Gesien die aksentuering van Vorster (2008:10) op die verskil tussen “aangepaste teologie” en “toegepaste teologie”, is De Wet waarskynlik van die eerste eksponente van “toegepaste teologie”, terwyl Du Plessis met ’n vorm van “aangepaste teologie” besig was.

De Wet kan ook as voorloper beskou word van wat Grönum en Janse Van Rensburg (2004:581) later beskou het as dat die sosiohistoriese konteks in die eksegeseproses as onontbeerlik beskou moet word. In die tyd van die De Wet-saak was daar in die GKSA nie die nodige ruimte en respek vir mekaar om die sosiohistoriese gegewens in ’n teks sodanig anders te interpreteer dat dit selfs in die eksegetiese proses op ’n verskil in eksegese kon uitloop nie. De Wet se vraag na Melgisedek se omstandighede voordat hy die gelowige priester-koning kon wees of die sosiohistoriese omstandighede waarin Jakob verkeer het in die droom waar hy God op daardie plek histories beleef het en sielkundig daardeur geraak was, bring in sy eksegese sosiohistoriese vrae na vore. Die eksegetiese proses waarin De Wet die sosiohistoriese omstandighede van individue probeer nagaan het, wat ook uit sy hantering van Job se wedergeboorte blyk, het hom in die GKSA onder verdenking gebring.

Grönum (2008:69) het in sy studie bevestig wat De Wet gedurende die saak teen hom reeds in 1946 beweer het nl. dat die teoloë wat in die tyd die meeste respek kon afdwing nie voorstanders was van “objektiewe wetenskaplike arbeid” nie. Waar Grönum en Janse Van Rensburg (2004:580-581) in die latere tyd die plek en konstruksie van ’n sosiohistoriese konteks as een van die groot debatte beskryf sonder dat enige van hulle grondig van dwaalleer aangekla kon word, is die hartseer in De Wet se geval waar hy net meer as sewentig jaar vroeër hom aan dieselfde “debat” wou blootstel, dit nie as deel van ’n geregverdigde debat beskou was nie, maar hy summier van dwaling en kettery verdink was.

Jooste (2011:125) het aangedui hoe die GKSA in die langer as sewentig jaar na die De Wet-saak erken dat al het teoloë dieselfde Skrifbeskoulike vertrekpunte en aanvaar hulle gesamentlik die duidelikheid van die Skrifopenbaring, daar tog ’n verskil kan lê op die vlak van verskillende eksegetiese bevindinge wat nie noodwendig mekaar moet verketter nie. Daar word aanvaar dat al het De Wet as professor en teoloog in die GKSA grotendeels in vergetelheid geraak, hy van die eerste teoloë in die GKSA was wat op ’n selfstandige wyse uiting wou gee aan ’n denkraamwerk wat anders lyk as die heersende fundamentalistiese model wat gegeld het.

9.3.3 DIE TOEPASSING VAN BELANGRIKE REGSBEGINSELS

In die hantering van die De Wet-saak het hierdie studie bevind dat die grootste leemtes (onreg) wat na vore gekom het, het op grond van kerkregtelike regsbeginsels geskied. Waar ’n professor in diens van die Teologie (vgl. Art 18 KO) se beoefening van sy diens onder verdenking kom, is waar die Kuratorium na vore moet kom. Van die posisie waarin die Kuratorium hulleself tydens die saak bevind het, het niemand van die kuratore in die GKSA nog ooit enige ervaring gehad nie.

Daar is in die De Wet-saak op soortgelyke sake in die buiteland teruggeval waarvan die bekendste vir hulle die Janssen-saak in Amerika (1922), die Geelkerken-saak in Nederland (1926) en dan die Du Plessis-saak in Suid-Afrika (1931) was.

Die gevaar van nepotisme is in die ondersoek en behandeling van die saak nooit na behore verreken nie.

Die GKSA het tot selfs op die Sinode van 1991 (45 jaar na die De Wet-saak) weereens gekonstateer dat “dit is nie duidelik hoe die kwessie van tug oor professore gehanteer moet word nie en die Sinodale Actas gee skynbaar teenstrydige uitsprake” (Acta, 1991:729-730).

In die De Wet-saak moes veral Art 79-80 KO na behore uitgevoer word waar die tug oor ampsdraers, ingesluit teologiese professore, primêr daaroor handel dat oor die heiligheid van die amp gewaak moet word. In die geval van die De Wet-saak het die kuratore nie geaarsel om onmiddellik hulle taak en roeping as Kuratorium op te neem nie. Daar moet in gedagte gehou word dat die Kuratorium in dié tyd as ’n art. 49 KO deputaatskap beskou was wat alleen ’n welomskrewe opdrag moes uitvoer en daaroor verslag moes kon lewer.

Die latere ontwikkeling dat ’n Kuratorium as ’n *synodus contracta* sekere afhandelingsbevoegdheid ontvang, selfs om ’n professor af te sit, was nog glad nie erken nie. Die beskouing was dat alleen ’n Algemene Sinode oor so ’n ernstige saak soos afsetting van ’n teologiese professor finaal kon besluit. Die kuratore het nooit na behore die basiese beginsels van Art 79-80 KO nagekom nie.

Dit sluit die twee Kerkrade waaraan De Wet verbonde was, nl. die Gereformeerde Kerk Bloemfontein en die Gereformeerde Kerk Potchefstroom in.

De Wet het vanweë sy posisie en persoonlikheid op geen stadium dit vir die Kuratorium en vir die twee Kerkrade makliker gemaak in wat die verstaan en uitvoering en afhandeling van hulle uiteindelike taak in die hele proses mog wees nie. In die vroegste hantering van die saak waar die Kuratorium op grond van Art 53 KO m.b.t. die ondertekening en onderskrywing van die Ondertekeningsformulier ’n nadere verklaring gevra het, het De Wet nie na behore die reg aan die Kuratorium verleen gerespekteer om omvattend hierdie geldige vrae op ’n verantwoordbare wyse aan hom voorsien, te beantwoord nie. Die ondermyning van die Ondertekeningsformulier is alreeds genoegsame grond waarop hy aangekla en afgesit kon word.

De Wet se optrede om op verskillende wyses regter in sy eie saak te wees deur eerder sy aanklaers te wou aankla in wat hulle prosedure was, het die saak net meer en meer vertroebel.

Nooit was daar van die Kuratorium se kant ’n definitiewe besluit tot voorlopige skorsing geneem nie wat wel binne hulle bevoegdheid was.

Die Gereformeerde Kerk Bloemfontein het op ’n heel laat stadium te kenne gegee dat De Wet as voorlopig geskors beskou moes word maar die Kerkraad kon nie die kerkverband van die geldigheid van sy besluit oortuig nie.

Die gevaar van prejudisering in die saak is nie na behore gerespekteer nie.

Die belangrike beginsel wat as die “*audi alteram partem*-reël*”* bekendstaan, is deurgaans in die saak deur verskillende partye ondermyn.

Daar was ’n duidelike tendens dat JD du Toit gepoog het om die saak te beïnvloed. Du Toit het die Sinode 1945 verder kon beïnvloed in die wyse waarop hy by twee geleenthede die Sinode lang tye oor die saak toegespreek en sy funksie as adviseur nie na behore geskei het van sy plek as lid van die Senaat nie.

Die Sinode van 1945 het die saak kon afhandel deurdat daar aan De Wet op grond van sy “Bevestiging” wat hy skriftelik ingedien het, nog weer geleentheid gegee was om ’n toets van regsinnigheid voor die Sinode af te lê. Volgens getuienis van die kommissie wat die vrae moes hanteer en dan uiteindelik die Sinode wat finaal moes besluit oor De Wet se herroeping van sake, was daar aanvanklik in sy guns besluit dat hy hierdie toets geslaag het. De Wet het sy spyt oor die hele saak duidelik uitgespreek. Die krisis wat op die laaste nag van die Sinode in 1945 veroorsaak is, was ’n vraag van die waarnemende voorsitter waarop niemand voorbereid was of De Wet in die hele saak ook sy hartlike berou sou betuig nie. De Wet se weiering om die enkele vraag te beantwoord het teweeggebring dat daar besluit was dat die saak nie tydens die Sinode 1945 afgehandel kon word nie. Die twee teenstrydige rapporte van die Sinode 1945 waarin die kommissierapport melding maak van dat studente-aantekeninge geen “definitiewe skuldigbevinding” kon aantoon nie, maar waar die Kuratorium se rapport op ingrypende en ernstige dwaalleer gedui het, het by alle betrokkenes net nog groter verwarring veroorsaak.

Die Kuratorium ontvang toe nuwe opdragte en bevoegdheid om gegewe ’n “sinodale mandaat” met die saak voort te gaan. Hierna het ’n tyd van al meer spanning opgebou. Daar was deur die Kuratorium die verwagting geskep dat die drie maande bedenktyd wat verleen was, De Wet tot eiewillige neerlegging van sy amp moes gebring het.

De Wet het in die nuwe ontwikkeling van die saak dit net nog moeiliker vir die Kuratorium gemaak deurdat hy en die Kuratorium oor die mees basiese uitgangspunt, nl. die graad van sy

skuldigbevinding tydens Sinode 1945, op geen stadium kon ooreenkom nie. JD du Toit het daarop aangedring dat ’n buitengewone Sinode oor die saak gehou sou moes word.

In die laaste maande van die saak in 1945 het die saak die grootste laagtepunte bereik wat in talle opsigte daarop gedui het dat regsherstel na watter kant ook al beskou, moeilik bereik sou word. Die feit dat al die stukke wat De Wet se kant van die saak moes stel tydens die buitengewone Sinode 1946 vroeg reeds as “nie-ontvanklik” verklaar was, het hom sy vertroue in die kerkregtelike proses laat verloor.

In die ondersoek het dit al duideliker geblyk dat al die partye op talle regsbeginsels oortree het wat die proses van regsherstel in die saak so nadelig geraak het dat die hartseer gebeure aan die begin van 1946 waar De Wet alle bande met die GKSA verbreek het, eintlik as onafwendbaar bevind moes word.

9.3.4 DIE ROL VAN DIE BOTSING VAN PERSOONLIKHEDE

Die invloed en die impak van die botsing van persoonlikhede mag hoegenaamd nie in die saak onderskat word nie. De Wet se persoonlikheid was duidelik in lyn met ’n studie wat ’n psigobiografiese persoonlikheidsbeskrywing van sy oom, genl. CR de Wet bied. (vgl. R. Henning, 2010).

Eienskappe soos woede-uitbarstings, ongeduld, verbittering en frustrasie kon ook by CJH de Wet se laat-middeljare (50 jaar en ouer) al meer opgemerk word.

Talle optredes van De Wet, hetsy in die politiek of kerklike lewe, dui daarop dat De Wet nie teenstand goed hanteer het nie en dat hy geneig was om hom dan al meer te onttrek.

De Wet se verhouding met jongmense en studente dui in sy vroeë- en middel- volwassenheid (ouderdom 24-48) op baie goeie bande en betrekkinge wat hy met jongmense kon handhaaf. Dit blyk sy laat-volwasse jare het ernstige krisisse teweeggebring wat insluit die moeilike verwerking van sy eggenote se jare lange lyding en haar uiteindelike dood. In dieselfde tyd het De Wet al meer sy ontnugtering en teleurstelling in jongmense uitgespreek en al meer kennis begin gee van onttrekking van aktiwiteite waar studente betrokke was.

De Wet se tweede huwelik het persoonlikheids- en teologiese spanninge teweeggebring wat deur studente en De Wet se kollegas beleef was.

De Wet se persoonlike geloofslewe het al meer begin neig na meer vorme van groter subjektiewe belewing, aangehelp deur sy eggenote se geloofslewe, wat hom teologies en kerklik in die GKSA vervreemd gelaat het. Inderwaarheid was hierdie 'n terugkeer na wat hy in sy studentetyd in Stellenbosch gehad het en waarteen hy toe gekant was. Die subjektiewe in die geloof en hoe hy dit kon beleef het vir hom meer as net 'n teologiese aanvoeling gelyk maar het hy sy behoefte daarna bevestig.

Dit kan aanvaar word dat De Wet se persoonlikheid veral botsend met JV Coetzee, ID Krüger en later ook al meer met JD du Toit geraak het. JV Coetzee en De Wet was nog vóór die saak al meermale in verskille met mekaar betrokke waar die een nie gehuiwer het om die ander in sy persoon aan te spreek nie.JV Coetzee het kategories ontken dat daar enige ander agenda van sy kant teen De Wet was, as net dat hy gereformeerde leersuiwerheid saam met sy kollegas nastreef. JV Coetzee se onverkwiklike skrywes in dieselfde tyd van die saak aan SP Engelbrecht wys watter moeilike en botsende persoonlikheid ook Coetzee in sy karakter gehad het.

9.3.5 DIE ROL VAN SPYT EN BEROU IN HIERDIE SAAK

De Wet se weiering om berou uit te spreek het aan die einde van Sinode 1945 'n baie deurslaggewende wending in die saak gebring. Dit kan as die "achillieshiel" van die saak beskou word.

Die drie maande bedenktyd wat direk gevolg het na De Wet se weiering, het nie by hom 'n latere berou-uitspraak teweeggebring nie. De Wet het gestel dat die onverbiddelike aandrang op sy berou hom laat voel of hy hierdeur in 'n "Roomse biegstelsel" gedwing word. De Wet was van mening dat die Kuratorium nie opdrag gehad het "om boete en berou van my af te pers nie".

Dit is egter nie 'n uitgemaakte saak dat as De Wet in hierdie berou meegewerk het, die saak dan wel beëindig sou gewees het nie. Verkeerde leerstellings kan in alle geval nie deur berou alleen reggemaak word nie.

Daar is ook nêrens deur die verloop van die hele saak behoorlik aangetoon waaroor die berou spesifiek moes handel nie.

De Wet het wel in Mei 1945 bevestig dat wat andere onder berou verstaan, was wat hy bedoel as hy sy spyt oor die saak betuig. Hierdie “spyt” was nie vir die meerderheid van die kuratore en die Du Toit-professore aanvaarbaar nie.

Die Kuratorium en die Du Toit-professore het aan die mondelingse gebrek aan berou-betoning ’n kerkregtelike dinamika verleen. JD du Toit het dit gestel dat die “saak van berou maak vir my alles uit”.

Die teologiese betekenis wat De Wet aan berou verbind het nl. dat daar alleen teenoor die Here berou betuig kon word en dat ons as mense net nodig het om ons “spyt” teenoor mekaar uit te spreek, is nie korrek nie.

Daar is onder kerkregtelikes ’n verskil oor watter rol die betoning van berou by die besluitneming rondom art 79 KO behoort te speel. Spoelstra (1989:428) is van mening dat die aspek van berou by die besluitneming rondom art 79 KO geen rol behoort te speel nie. Visser (1999:294) sien wel ’n plek vir berou in art 79/80 KO en meen dat “die egtheid van berou” wel beoordeel moet word en baie daarvan afhang.

Berou het te make met die aangeklaagde se geloofslewe en kan nie by art 79/80 KO sentraal staan nie, maar is wel sentraal in artt 71-77 van die Kerkorde.

In die Geelkerken-saak in Nederland was die aspek van berou ook in die branding van die saak.

Die onverwagse vraag na De Wet se berou word in hierdie studie as buite orde beskou. Hierdie studie het Spoelstra (1989:430) se uitspraak bevestig dat Sinodes nog altyd “’n patetiese onvermoë” geopenbaar het waar dit oor tughandelinge by professore handel.

9.3.6 HOE KON DIE TRAGIESE AFLOOP VAN DIE SAAK VOORKOM GEWEES HET?

’n Behoorlike klagvorming, die versameling van *bona fide prima-facie* getuienis en ’n regte toepassing van art 79/80 KO in die saak, sou die saak nie so gou laat ontspoor het nie.

De Wet se onverantwoordelike en volgehoue poging om nie na behore die sake ten grondslag van die Ondertekeningsformulier (Art 53 KO) te honoreer nie, moes strenger toegepas gewees

het en kon sy volhardende hardnekkigheid om nie na behore daaraan gehoor te gee nie tot sy afsetting gelei het.

De Wet se volhardende pogings om regter in sy eie saak te wou wees, moes duideliker aan die orde gekom en aan hom uitgespel gewees het en dat hy nie toegelaat mog word om in hierdie poging te volhard nie.

Die erns van die klagtes teen De Wet moes gehandhaaf gewees het, maar na sy “Bevestiging” om werklik die sake reg te stel en hom te hou by wat in ’n proeftyd getoets kon word, sou hy sekerlik met die gawes wat hy lewenslank getoon het daar by hom was, in sy roeping kon voortgaan.

Die Kuratorium moes die pastorale nood by De Wet en die Du Toit-professore beter ontleed het deur die spanning wat daar vóór die saak al by die twee partye aan die opbou was, ernstiger op te neem in ’n poging om dit by te lê. Daar moes beter pogings deur die Kuratorium aangewend gewees het om deur middel van ’n pastorale proses De Wet se frustrasies en woede te help hanteer.

Die individue in die Kuratorium moes strenger gewaak het teen groepvorming, teen die gevaar van nepotisme en om individue soos JD du Toit se woord swaarder te laat weeg as dié van ander, net omdat JD du Toit gespreek het. Teen JD du Toit en JV Coetzee se pogings tot werklike vooraf beïnvloeding in die saak wat tot prejudisering in die saak aanleiding kon gee, moes daar strenger gewaak gewees het.

Die Sinode 1945 het die saak heeltemal laat ontspoor deurdat daar rapporte was wat mekaar weerspreek het. Dieselfde Sinode het ernstig fouteer deur sy eie agenda uit te brei deur die saak teen De Wet te laat voortduur nadat die Sinode sy eie reëls verbreek het deur eers voor te gee die toets van regsinnigheid was bedoel om die saak af te handel en daarna tog nog weer ruimte te gee vir die kuratore om met die saak voort te gaan.

Die toestaan van die “bedenktyd” en die bedoeling daarmee moes baie duideliker uitgespel gewees het.

’n Buitengewone Sinode het die saak in sy latere verwikkeling hoegenaamd nie kon dien nie en moes nie plaasgevind het nie. ’n Sinode wat poog om so ’n tughandeling te hanteer, tree

kollegialisties op en burgerlike hofuitsprake teen ander teologiese professore in Suid-Afrika het getoon hoe streng daar gewoon met die reëls van natuurlike geregtigheid omgegaan moet word. Die ander saak wat howe getoon het in hulle uitsprake die deurslag gee, is om wel die kerkverband te toets in watter mate hy by sy eie reëls (sy eie Kerkorde) gehou het. Hierin het die GKSA teenoor De Wet gefaal.

Dit is met dankbaarheid wat aanvaar kan word dat sou ’n soortgelyke saak hanteer word, dit deur die Kuratorium as *“synodus contracta”* opgeneem sal kan word en dat die lede van die Breë Kuratorium met opregtheid en versigtigheid so ’n saak sal kan afhandel.

9.4 FINALE BEVINDING

Dit bring hierdie studie tot die finale punt om te erken, wat die sentrale teologiese argument ook was, dat die hantering van die saak teen prof. CJH de Wet op baie ernstige leemtes dui wat inderdaad bewys dat daar kerkregtelike onreg teen sy persoon, sy roeping, sy bediening en sy doseerwerk plaasgevind het.

BRONNELYS

Aalders, J.C. 1927. Assen's Leerbeslissing toegelicht en getoetst. Amsterdam: Uitgawe N.V. Boekhandel. W. Tên Have.

Adonis, J. 1994. Christianity in South Africa since 1948 [Electronic Logos Library System.] (*In* Hofmeyr, J. & Pillay. G., *eds.* A History of Christianity in South-Africa: Volume 1. Chapter 8. Pretoria: HAUM).

Anon. s.a. "Onbekende skrywe oor oupa".

Anon. 1916. Kerknieuws: Steynsburg. *Het Kerkblad*, 8(349):6-7.

Anon. 1923. Kerknuus: Steynsburg- prof. dr CJH de Wet. *Die Kerkblad*, 23(520): 6-7.

Anon. 1923. Kerknuus Bloemfontein: Dr De Wet verwelkom. *Die Kerkblad*, 23(520): 6-7.

Anon. 1925. Kerk en skool. *Die Kerkblad*, 25(551):13.

Anon. 1925. Afskeid van dr C.J.H.de Wet. *Die Kerkblad*, 25(551):15-16.

Anon. 1943. In memoriam: Mev.prof. C.J.H. de Wet. *Die Kerkblad*, 46(960):4.

Anon. 1944. Meditasies word gestaak. *Die Kerkblad*, 47(1006):3.

Anon. 1944. Nuwe boeke: Dit is die Here. *Die Kerkblad*, 46(980):8.

Anon. 1944. Verwelkoming Mev. prof. De Wet. *Die Kerkblad*, 47 (991):9.

Anon. 1959. Dr. C.J.H. de Wet heengegaan. *Die Kerkblad*, 61(1520):3.

Barnard, T.R. 1994. De wissel verlegd: Een onderzoek naar het denken over de tuchtmacht der meerdere vergaderingen binnen de gereformeerde kerken in Nederland tussen 1880 en 1940. http://www.kerkrecht.nl/content/barnard-tj-1994 Datum van gebruik: 23 Mrt 2018.

Basson, J.L. 1980. JG Strijdom: Sy politieke loopbaan van 1929 tot 1948. Pretoria: Wonderboom Uitgewers.

Blake, A. 2010. Boereverraaier: Teregstellings tydens die Anglo-Boereoorlog. Kaapstad: Tafelberg.

Blake, A. 2016. Broedertwis Bittereinder en Joiner: Christiaan en Piet de Wet [Kindle uitg.] Beskikbaar: http://www.amazon.com

Bloomberg, C.& Dubow, S. 1990. Christian Nationalism and the rise of the The Afrikaner-Broederbond in South Africa 1918-48. Londen: Macmillan.

Bosch, DJ, 1984. The roots and fruits of Afrikaner civil religion. (*In* Hofmeyr, W.J., Vorster, W.S., *eds.* New faces of Africa. Pretoria: University of South-Africa. p. 14-35).

Botha, L. 1944. Waardering vir prof. De Wet se meditasies. *Die Kerkblad*, 46(980): 12.

Bouwman, H. 1912. De Kerkelijke Tucht. Kampen: JH Kok.

Bouwman, H. 1970. Gereformeerd Kerkrecht: Tweede deel. Kampen: JH Kok NV.

Breytenbach, J.H. 1971. Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902. Deel II. Die eerste Britse offensief. Pretoria: Die Staatsdrukker.

Britz, R.M. 1985. Oor die kerkbegrip en ordening van die kerklike sake by die Nederduitse Gereformeerde Kerk. *Ned.Geref. Teologiese Tydskrif,* 26(4): 432-451.

Britz, R.M. 2002. Twee standpunte oor die Skrif ... en ’n dilemma vir die NG Kerk. *Ned.Geref. Teologiese Tydskrif*, 43 (3-4): 354-367.

Brown, E. 1979. Die spoor wat die Ned. Geref. Kerk in sy kerkregering en kerkreg gedurende die 20ste eeu gevolg het. *Ned.Geref. Teologiese Tydskrif*, 20(4): 277-304.

Brown, E. 1993. Die invloed van Abraham Kuyper op ds. S.J. du Toit. *In die Skriflig,* 27(3): 385-412.

Bronnelys

Brümmer, V. 2013. Vroom of regsinnig. Teologie in die NG Kerk. Wellington: Bybel-Media.

Brümmer, V. 2013. DF Malan en die Hoër Kritiek. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 54 (3&4):1-13.

Brümmer, V. 2016. Uitverkiesing en evangeliese spiritualiteit. *Litnet,* 29 Mrt. 13(1): 322-344. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2016/05/LitNet_Akademies_13-1_Brummer_322-344.pdf Datum van gebruik: 30 Mei 2016.

Brümmer, V. 2016. Uitverkiesing en evangelikaalse spiritualiteit: die "Bekommerd" -debat. *Litnet,* 24 Okt. 13(3): 495-509. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2016/12/LitNet_Akademies_13-3_Brummer_495-509.pdf Datum van gebruik: 30 Mei 2016.

Brümmer, V. 2017. Uitverkiesing en evangelikaalse spiritualiteit: die neocalvinisme in Suid-Afrika. *Litnet*, 16 Feb*.* 14(1): 151-168. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2017/06/Litnet_Akademies_14-1_Brummer_151-168.pdf Datum van gebruik: 30 Mei 2017.

Buys, P.W. 1975. Metodistiese invloede in Suid-Afrika. (*In* Buys, P.W., Coetzee, P.J., Van der Vyver, G.C.P., *reds*. "Revival" of Reformasie? 'n Studie oor Metodisme. Reeks as Geesteswetenskappe, nr. 18. Wetenskaplike Bydraes van die P.U. vir C.H.O. p. 38 -90).

Buytendach, F.W. (GKSAA) Teologiese Studente Aantekeninge. 1.7-1.15.

Cameron, T. 1994. Jan Smuts: An illustrated Biography. Cape Town: Human & Rousseau.

Christelijke Gereformeerde Kerk. 1920. Acta der Synode 1920 gehouden van 16 Juni tot 30 Juni 1922 te Grand Rapids, Mich., VSA.

Christelijke Gereformeerde Kerk. 1922. Acta der Synode 1922 gehouden van 21 Juni tot 5 Juli 1922 te Orange City, Iowa, VSA.

Coertzen, P. 2009. Hoofstuk 1: 1652-1963. Die ontstaanskenmerke van die Teologiese Seminarium, 1814-1909 (*In* Coertzen, P., *red.* Teologie Stellenbosch 150+. Die verhaal van teologiese opleiding op Stellenbosch - die mense en die geboue. Parow: Trinity Litho p. 6-13).

Coetzee, C.F.C. 1986. Die werk van die Heilige Gees in die teologiese denke van Andrew Murray. Potchefstroom: P.U. vir C.H.O. (Proefskrif - ThD)

Coetzee, J.C. 1959. Prof.dr.C.J.H. de Wet (’n Persoonlike waardering). http://www.koersjournal.org.za/index.php/koers/article/viewFile/2067/2163 Datum van gebruik: 20 Mei 2016.

Coetzee, J.V. 1942. Prof. CJH de Wet en CNO. *Die Kerkblad,* 45(948):14-15.

Coetzee, J.V. 1943. Neo-Calvinisme- Verbastering of regte ontwikkeling. Potchefstroom: Die Calvyn Jubileum Boekefonds.

Coetzee, J.V. & Spoelstra, T.T. 1944. Opmerkinge van die redaksie i.v.m. sekere meditasies. *Die Kerkblad*, 46(987):10-11.

Coetzee, J.V. & Spoelstra, T.T. 1944. Opmerkinge van die redaksie i.v.m. sekere meditasies: Vervolg: Melgisedek. *Die Kerkblad*, 46(988):9-10.

Coetzee, J.V. & Spoelstra, T.T. 1944. Opmerkinge van die redaksie i.v.m. sekere meditasies (IV) - Job (1). *Die Kerkblad*, 47(989):8-10.

Coetzee, J.V. & Spoelstra, T.T. 1944. Opmerkinge van die redaksie i.v.m. sekere meditasies (V) - Job (2). *Die Kerkblad*, 47(990):9-10.

Coetzee, J.V. & Spoelstra, T.T. 1944. Offisiele berigte: Redaksioneel. *Die Kerkblad*, 47(992):3.

Coetzee, J.V. 1947. Geskiedenisversaking revisie van ’n “Gekorrigeerde” Brosjure van Prof. Dr. SP. Engelbrecht. Potchefstroom: Calvyn-Jubileumboekefonds.

Coetzee, M., Hansen, L. & Vosloo, R. 2013. Vreesloos gehoorsaam - ’n Keur uit Beyers Naude se preke van 1939 tot 1997. Stellenbosch: Sun Press.

Coetzee, P.J. 1975. Die Metodisme deur die bril van die Gereformeerde leer. (*In* Buys, P.W., Coetzee, P.J., Van der Vyver, G.C.P., *reds.* “Revival” of Reformasie? ’n Studie oor Metodisme. Reeks as Geesteswetenskappe, nr. 18. Wetenskaplike Bydraes van die P.U. vir C.H.O. p.16-37).

Coetzer, A., Coetzer, P. & Le Roux, H. 1991. Generaal Hertzog in beeld. Johannesburg: Perskor Boekdrukkery.

Cochrane, J. 1994. Christianity during a period of 'national consolidation'. [Electronic Logos Library System.] (*In* J. Hofmeyr, & G. Pillay., *eds.* A History of Christianity in South Africa: Volume 1. Chapter 7. Pretoria: HAUM).

Cuthbertson, G. 1994. Christianity, imperialism and colonial warfare. [Electronic Logos Library System.] (*In* Hofmeyr, J. & Pillay, G. *eds.* A History of Christianity in South-Africa: Volume 1. Chapter 5. Pretoria: HAUM).

D’Assonville, V.E. 1971. Dr. JD du Toit (Totius) se opleiding en vorming as predikant. Potchefstroom: P.U. vir C.H.O. (Verhandeling – ThM).

D’ Assonvolle, V.E. 1992. Gids vir Kerkgeskiedenis. Potchefstroom: Marnix

D’Assonville, V.E. 1993. Dit is Totius. JD du Toit 1877-1953. Lynnwoodrif: Marnix.

D’Assonville, V.E. 1996. Majuba: Dramatiese voorvalle in die Eerste Vryheidsoorlog:1880-1881. Weltevrenpark: Marnix.

D’Assonville, V.E. 1999. SJ du Toit. Van die Paarl (1847-1911). Weltevredenpark: Marnix.

D’Assonville, V.E. 2010. Generaal De Wet in die Vredefortkoepel. Pretoria: Marnix.

Davey, A.M. 1969. Van die statuut van Westminster tot die Republiek van Suid-Afrika. (*In* Muller, C.F.J. *red*., 500 Jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis. Pretoria: Academica. p. 371-401).

De Jong, J. 1918. Verklaring van de Kerkenordening van de Nationale Synode van Dordrect van 1618 – 1619: College voordrachten van Prof. Dr. FL Rutgers over Gereformeerd Kerkrecht. Rotterdam: Libertas.

De Klerk, FW. 1999. Die outobiografie: die laaste trek - ’n nuwe begin. Kaapstad: Human & Rousseau.

De Wet, C.J.H. 1917. Om te doen gedenk: Vijf Leeredene. Steynsburg: Gereformeerde Gymnasium.

De Wet, C.J.H. 1918. Een "Jubileum-Dag" Jubileumdag vir Jubileumfonds. *Het Kerkblad,* 25 (406):6.

De Wet, C.J.H. 1919. Waar staan ons: Die kwessie van inkorporasie. *Het Kerkblad,* 21(430):12.

De Wet, C.J.H. 1921. Die Kollegiale Kerkreg. Amsterdam: HA van Bottenburg. Vrije Universiteit te Amsterdam. (Proefskrif-ThD).

De Wet, C.J.H. 1922. Die Bergpredikasie: 'n Verklaring van Matteus 5-7 (Ook vir gebruik as preekbundel). Kaapstad: Nasionale Pers Beperk.

De Wet, C.J.H. 1925. Korrespondensie: Samewerking tussen Hollandse Kerke. *Die Kerkblad,* 25(549):18.

De Wet, C.J.H. 1925. Filosofiese en vulgêre Christendom. (Inougurele Rede). Bloemfontein: Nasionale Pers Beperk.

De Wet, C.J.H. 1925. Samewerking tussen Hollandse Kerke. *Die Kerkblad,* 25(549):18.

De Wet, C.J.H & Postma, M. 1926. Minderheidsrapport Diakonale amp. *Die Kerkblad,* 27(580):19-20.

De Wet, C.J.H. & Du Plessis, L.J. 1926. Die Woord van God teen die Mens se Woord: 'n Konferensie ter verdediging van die Skrifgesag. *Die Kerkblad,* 27(585):10-11.

De Wet, C.J.H. 1926. Die Stryd. *Die Kerkblad,* 27(586):16-17.

De Wet, C.J.H. 1927. Luther en Kalvyn. *Die Kerkblad,* 28(612):266-267.

De Wet, C.J.H. 1928. Die Wagtoring. *Die Kerkblad,* 29(626):92.

De Wet, C.J.H. 1928. Gebruike by die Kaffers. *Die Kerkblad*, 29(635):331-332.

De Wet, C.J.H. 1928. Onderskeidingswerk. *Die Wagtoring: Tydskrif vir die bevordering van die Kalvinisme,* 1(1):5-14.

De Wet, C.J.H. 1928. Ons Tydskrif. *Die Kerkblad,* 28(620):468.

De Wet, C.J.H. 1929. Wat is die maatstaf vir regsinnigheid? *Die Kerkblad*, 29(645):558-559.

De Wet, C.J.H. 1930. Die inspirasie van die Bybel (I). *Die Kerkblad,* 31(684):1752-1753.

De Wet, C.J.H. 1930. Die inspirasie van die Bybel (II). *Die Kerkblad,* 31(685):1777-1778.

De Wet, C.J.H. 1931. Die inspirasie van die Bybel (III). *Die Kerkblad,* 31(686):1799-1800.

De Wet, C.J.H. 1931. Die Bybel en die Christus van die Bybel. Potchefstroom: Die Weste Drukkery.

De Wet, C.J.H. 1931. Karl Barth: Die jongste teologiese rigting. *Die Wagtoring,* 4(15):1-19.

De Wet, C.J.H. 1932. God en Mens. *Die Kerkblad,* 33(728):269-271.

De Wet, C.J.H. 1935. Bybelgeloof: Bybelkritiek- Bybelfoute. (*In* Stoker, H., Potgieter, F., *reds*. Koers in die krisis. Deel 1. Stellenbosch: Pro Ecclesia Drukkery. p. 89-96).

De Wet, C.J.H. 1935. Bybelse opvoeding. *Die Kerkblad,* 36(782):5-7.

De Wet, C.J.H. 1935. Die Republikeinse konstitusies van Suid-Afrika. Potchefstroom : PU vir CHO (Verhandeling - MA).

De Wet, C.J.H. 1935. Meditasie: Ek gaan sterwe. *Die Kerkblad,* 35(784):49-50.

De Wet, C.J.H. 1937. Die Skrif en die volkewereld (I). *Die Kerkblad,* 64(844):9-13.

De Wet, C.J.H. 1937. Die Skrif en die volkewereld (II). *Die Kerkblad,* 64(845):11-17.

De Wet, C.J.H. 1937. Korrespondensie: Die oorsaak van mislukking. *Die Kerkblad,* 64(839):27-28.

De Wet, C.J.H. 1938. Die Staatkunde van die Voortrekkers. *Die Kerkblad,* 64(867):21-23.

De Wet, C.J.H. 1939. Meditasie: 'n Boek gesien. (*Die Almanak GKSA*, p.143-145).

De Wet, C.J.H. 1940. Ons Christelike Republiek. Pretoria: Sentrale Propaganda komitee vir Christelik-Republikeinse Politiek in Suid-Afrika. Pretoria: Die Goede Hoop Drukkery.

De Wet, C.J.H. 1941. Die Jode as probleem:- Die volk Israel onder die volke. (*In* Stoker, H., Vorster, J. *reds*. Koers in die krisis. Deel 3. Stellenbosch: Pro-Ecclesia Drukkery. p.220-230).

De Wet, C.J.H. 1941. Korrespondensie: Die Balling. *Die Kerkblad,* 44(932):17.

De Wet, C.J.H. 1942. Meditasie: ... so sê die Here, HERE: 'n Vyand!...Amos 3:11. *Die Kerkblad,* 44(939):6-7.

De Wet, C.J.H. 1942. Die volk Israel. *Die Kerkblad,* 44(940):14.

De Wet, C.J.H. 1942. Korrespondensie: Eensydig (CNO). *Die Kerkblad,* 45(946):10.

De Wet, C.J.H. 1942. Meditasie: ... soos 'n pleegmoeder...soos 'n vader -1 Thes 2:7 en 11. *Die Kerkblad,* 45(947):6-7.

De Wet, CJH. 1942. Korrespondensie: Verduideliking. *Die Kerkblad,* 45(947):10.

De Wet, C.J.H. 1942. Meditasie: ... as as ek maar in jou plek gesterf het!...2 Sam 18:33. *Die Kerkblad,* 45(953):7-8.

Bronnelys

De Wet, C.J.H. 1942. 'n Uitdaging. *Die Kerkblad,* 45(957):13.

De Wet, C.J.H. 1942. Korrespondensie: Ongegronde bewerings. *Die Kerkblad,* 45(960):15.

De Wet, C.J.H. 1942. Meditasie: Jehovah jireh... Gen 22:14. (*Die Almanak GKSA*, p.151-153).

De Wet, C.J.H. & Coetzee, J.C. 1943. Die beginsels, metode en geskiedenis van die kategetiese onderwys. Kaapstad: Naionale Pers Beperk.

De Wet, C.J.H. 1944. Meditasie: (Nuwejaar) ... die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand. - 2 Petr.3:10. *Die Kerkblad,* 46(984):8-9.

De Wet, C.J.H. 1944. *Dit is die Here: Meditasies.* Pretoria: J.L. van Schaik Bpk.

De Wet, C.J.H. 1944. Meditasie: (Uitverkiesing en verwerping voortgesit) ... beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak. *Die Kerkblad,* 46(985):7.

De Wet, C.J.H. 1944. Meditasie: Maar Jakob het alleen agtergebly. *Die Kerkblad,* 46(986):9.

De Wet, C.J.H. 1944. Meditasie: ... die ontydig geborene. *Die Kerkblad,* 46(987):7.

De Wet, C.J.H. 1944. Meditasie: ... maar nou het my oog U gesien. *Die Kerkblad,* 46(988):7.

De Wet, C.J.H. 1944. Meditasie: ... oorgelewer... opgewek-Rom 4:25. *Die Kerkblad,* 47(989):3.

De Wet, C.J.H. 1944. Meditasie: ... het jy my lief?... Joh.21:17. *Die Kerkblad,* 47(990): 8.

De Wet, C.J.H. 1944. Verswege waarheid. *Die Kerkblad,* 47(991):8.

De Wet, C.J.H. 1944. Die Kerkhervorming van die sestiende eeu: Sy betekenis vir die twintigste-eeuse Protestantse Christendom. *Die Westelike stem*: 6, 6 Nov.

De Wet, C.J.H. 1945. Beswaarskrif van prof. De Wet. *Die Kerkblad,* 47(1016):4-5.

De Wet, C.J.H. 1945. Antwoord van prof. De Wet op besluit van Kuratorium van 14,15 Augustus 1945. *Die Kerkblad*, 47(1026):21-22.

De Wet, C.J.H. 1945. Is Kerkhervorming vandag moontlik? CSV-Reeks (A No.58), Kaapstad: Citadel Pers.

De Wet, C.J.H. 1945. Is Kerkhervorming vandag moontlik? *Die oorvloedige lewe*. 13(2):17-18.

De Wet, C.J.H. 1946. Verklaring: Waarom ek uit die Gereformeerde Kerk uitgedryf is. *Die Westelike stem:* 6, 23 Feb.

De Wet, C.J.H. 1951. Wagter: Hoe laat is dit? Die wêreldgebeure beskou in die lig van die Skrifprofesie*.* Ventersdorp : Die Oog.

De Wet, C.J.H. 1957. Het jy My lief? Meditasies*.* Elsiesrivier: Nasionale Handelsdrukkery Bpk.

De Wet, C.J.H. s.a. Vreemde gedagtes. Studiestuk. Potchefstroom: Christelik Republikeinse Studievereniging.

De Wet, H.C. 2001. Familie De Wet – 300 jaar. Florida.

De Wet, H.C. 2001. Familie De Wet - 300 jaar: Family De Wet - 300 years. https://www.wikitree.com/photo.php/9/99/De_Wet-389.pdf Datum van gebruik: 28 Jun. 2016.

De Wet, J.M. 1977. Herinneringe uit my bedieningstyd te Ventersdorp. (*In* Van der Merwe, L.J. *red.* Die Gereformeerde Kerk Ventersdorp. Potchefstroom: Potchefstroom Herald. p.14-19).

Deist, F.E. 1986. Johannes du Plessis en die Belydenisskrifte. *Theologia Evangelica,* 19(1):36-65.

Deist, F.E. 1991. Objektiewe Skrifuitleg? Kanttekeninge by Skrifuitleg in die Ned Geref Kerk 1930-1990. *Hervormde Teologiese Studies*, 47(2):367-385.

Die Kerkraad. 1960. Die Gereformeerde Kerk Burgersdorp: Gestig 21 Januarie 1860 op die plaas Roosterhoek. Burgersdorp: Potchefstroom Herald.

Bronnelys

Die Kerksaak. 1931. Die Kerksaak tussen Prof. J. du Plessis en die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika: 'n Woordelikse verslag van die verrigtinge met die uitspraak in die Hooggeregshof Kaapstad, November-Desember 1931. Kaapstad: Nasionale Pers Beperk.

Dommisse, E. & Esterhuyse, W. 2005. Anton Rupert: 'n Lewensverhaal. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Dreyer, J.G.M. 1962. Die Tugsaak teen prof. Geyser. *Die Hervormer,* 53 (5):15.

Dreyer, W. 2015. In Pursuit of Justice. Albert Geyser's story as told by the media. *Studia Historiae Ecclesiasticae,* 41(3):184-197.

Dreyer, W. 2016. Heretic or rebel? The heresy trial of Albert Geyser. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies,* 72(4):1-10.

Du Plessis, J. 1912. Boekbeschouwing: De Geschiedenis van de Christelike kerk. *De Kerkbode,* 3(1): 14-15.

Du Plessis, J.A. 1925. Die Gereformeerde Kerk en Kerkregering gehandhaaf teen Prof.Dr. J. du Plessis van Stellenbosch. Bloemfontein: Nasionale Pers Beperk.

Du Plessis, S.J. 1952. "President Kruger aan die woord". Potgietersrust: Die Môrester Drukkery.

Du Plessis, S.J. 1969. Die Suid-Afrikaanse Republiek. (*In* Muller, C.F.J., *red.* 500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis. Pretoria: Nasionale Handelsdrukkery Bpk. p. 223-262).

Du Plessis, W.P. 1944. Korrespondensie: Die meditasie van dr. De Wet. *Die Kerkblad,* 46 (987):17.

Du Plessis, W.P. 1988. Die Gereformeerde Kerke en die 1914-Rebellie. Potchefstroom: PU vir CHO (Proefskrif – ThD).

Du Plooy, A le R. 1982. Kerkverband: 'n Gereformeerde Kerkregtelike studie. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif – ThD).

Du Plooy, A le R. 1988. Die verband tussen die Skrif, konfessie en kerkorde volgens die gereformeerde kerkreg: Intreerede op 16 Oktober 1987. http://www.kerkrecht.nl/content/du-plooy-le-r-1988 Datum van gebruik: 22 Mrt. 2018.

Du Plooy, A le R. 1989. Kollegialisme. *In die Skriflig,* 23(3):1-11.

Du Plooy, A le R. 1991. 'n Inleidende bespreking oor die aard en gesag van die binding aan die belydenisskrifte. *In die Skriflig,* 25(1): 71-95.

Du Plooy, A le R. 2002. A. Reformed Theological perspective on the Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika and Apartheid. *Studia Historiae Ecclesiasticae,* 28(1):1-24.

Du Plooy, A le R. 2014. Calvyn se vierde diens, die doktore-amp, en artikel 18 van die kerkorde van Dordrecht 1618 en 1619: 'n Kritiese refleksie. *In die Skriflig,* 48(2):1-11.

Du Toit, J.D. 1911. De zestiende-eeuwse prof.etie en haar betekenis voor onze tijd: Rede gehouden bij de aanvaarding van het hoogleraarsambt in de theologie aan de Theologiese School te Potchefstroom op Zaterdag 15 April 1911. Potchefstroom: A.H. Koomans.

Du Toit, J.D. 1914. Methode van echte studie: Een gelegenheidswoord. Potchefstroom: A.H. Koomans, Boekhandelaar.

Du Toit, J.D. 1916. Preek-Methode: Rede gehou bij die oordrag van die rektoraat aan die Theolog.Skool te Potchefstroom, op 2 Desember 1916. Potchefstroom: A.H. Koomans.

Du Toit, J.D. 1917. Ds. S.J. du Toit. In weg en werk. 'n Periode van Afrikaanse oplewing. Paarl: Paarl Drukpers Maatschappij Beperkt.

Duval, H. 2012. Origin of the name 'De Wet'. http://www.hankduval. duetnet. com/index. php/mnu_dewetfamily/anecdotes/225-origin-of-the-name-de-wet Date of access: 27 March 2015.

Duval, H. 2012 Jacobus de Wet born January 17,1673. http://www.hankduval.duetnet.com/index.php/mnu_dewetfamily/biographies/234-1-jacobus-de-wet-born-january-17,-1673 Date of access: 27 March 2015.

Duval, H. 2012. Wife of Voortrekker Piet Retief. http://www.hankduval.duetnet.com/index.php/mnu_dewetfamily/biographies/231-wife-of-voortrekker-piet-Retief Date of access: 27 March 2015.

Duval, H. 2012. Jacobus Ignatius (Oupa Kootjie) de Wet born Jul 13,1823. http://www.hankduval.duetnet.com/index.php/mnu_dewetfamily/biographies/271-41-jacobus-ignatius-oupa-kootjie-de-wet-born-jul-13,-1823 Date of access: 27 March 2015.

Duvenage, S.C.W. Argief (GKSAA) Teologiese Studente Aantekeninge. 1.7-1.15 (1.7).

Eglington, J. 2012. Trinity and Organism: Towards a New Reading of Herman Bavinck's Organic Motif. Londen: Bloomsbury.

Engelbrecht, S.P. 1945. Neo-Calvinisme: Ontwikkeling en afwyking. Pretoria: HAUM.

Fourie, D. 1980. Diskussie oor Kerk en Kerkverband. *In die Skriflig,* 14(55):46-48.

Gedenkboek, 1932. Gedenkboek: Die Gereformeerde Kerk van Steynsburg, K.P.: Gestig 7 Desember 1872. Steynsburg: Steynsburg Drukkery.

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika-Argief (GKSAA). Notules van die kerkraad van Steynsburg (08.01.1915-16.01.1925)1.1.5.

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika-Argief (GKSAA). Notules van die kerkraad van Bloemfontein (02.04.1921-07.05.1927)1.1.3.

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika-Argief (GKSAA). Notules van die kerkraad van Lindley (13.02.1926-21.08.1942)1.1.3.

Gereformeerde kerke in Suid-Afrika, 1935. Ds. LP Vorster. (*Die Almanak GKSA,* p. 201-202).

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika-Argief (GKSAA). Teologiese Skool: Kuratorium Bylaes (1941-1944). 2.1.3.

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika-Argief (GKSAA). Teologiese Skool: Kuratorium Bylaes (1945). 2.1.4.

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika-Argief (GKSAA). Teologiese Skool: Kuratorium Bylaes (1945). 2.1.5.

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika- Argief (GKSAA). Teologiese Studente Aantekeninge (1.7—1.15).

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika-Argief (GKSAA). JV Coetzee versameling. Diverse Geskiedenis en Artikels.

Giliomee, H. 2004. Die Afrikaners: 'n Biografie. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk.

Giliomee, H., & Grundlingh, H. 2007. Depressie en oorlog (*In* Giliomee, H., Mbenga, B., *reds.* Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika. Kaapstad: Tafelberg. p. 283-303).

Giliomee, H. 2012. Afrikanernasionalisme. (*In* Pretorius, F., *red.* Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag. Kaapstad: Tafelberg. p. 246-262).

Giliomee, H. 2012. 'n "Gesuiwerde" nasionalisme, 1924-1948. (*In* Pretorius, F., *red.* Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag. Geskiedeniskommissie van die die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns: Tafelberg. p. 263- 278).

Giliomee, H. 2012. Die laaste Afrikaner-leiers: 'n Opperste toets van mag. Kaapstad: Tafelberg.

GKSA. 1916. De Gereformeerde Gemeenten van Zuid-Afrika. De Handelingen van de 18e Algemene Synodale Vergadering, vergaderd te Potchefstroom op de 9de Maart 1916 en volgende dagen. Pretoria: N.D. van Reyden.

GKSA. 1939. Handelinge van die 26ste Sinodale vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika in sitting byeen te Bloemfontein. OVS op Woensdag 23 Maart 1939 en volgende dae. Potchefstroom: Die Westelike Stem.

Bronnelys

GKSA. 1945. Handelinge van die 28ste Sinodale vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika in sitting byeen te Potchefstroom op Woensdag 24 Januarie 1945 en volgende dae. Pretoria: Caxton.

GKSA. 1946. Handelinge van die 29e Sinodale vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika in sitting byeen te Potchefstroom op Woensdag 6 Februarie 1946 en volgende dae. Potchefstroom: Die Westelike Stem Drukkers.

GKSA. 1979. Handelinge van die veertigste Sinode te Potchefstroom op 10 Januarie 1979 en volgende dae. Potchefstroom. Potcefstroom Herald (Edms.) Bpk.

GKSA. 1991. Handelinge van die vier-en-veertigste Nasionale Sinode te Potchefstroom op 7 Januarie 1991 en volgende dae. Potchefstroom. Potcefstroom Herald (Edms.) Bpk.

GKSA. 1994. Handelinge van die vyf-en-veertigste Nasionale Sinode te Potchefstroom op 3 Januarie 1994 en volgende dae. Potchefstroom. Potcefstroom Herald (Edms.) Bpk.

Golverdingen, M. 2001. De strijd om het kerkrecht in de Gereformeerde Kerken in Nederland van 1926 tot 1944. http://www.kerkrecht.nl/content/golverdingen-m-2001-h3 Datum van gebruik: 11 Apr. 2018.

Grobler, Z.C. Argief (GKSAA) Teologiese Studente Aantekeninge. 1.7-1.15 (1.8).

Hamersma, T., Los. S.O. & Du Toit, J.D. 1911. De geschiedenis van de Christelike Kerk. Potchefstroom: “Het Westen” – Drukkerij.

Grönum, N. & Janse van Rensburg, J.J. 2004. Die Gereformeerde Skrifbeskouing en die verkenning van die sosiohistoriese konteks in die eksegese proses. *In die Skriflig*, 38(4):579-592.

Grönum, N. 2008. Hermeneutiese vertrekpunte in die GKSA in 'n post-moderne denkklimaat: 'n evaluering. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif - PhD).

Hanekom, T.N. 1951. Die Liberale rigting in Suid-Afrika. ’n Kerkhistoriese studie. Stellenbosch: Die C.S.V. – Boekhandel.

Hangelbroek, J. Korrespondensie. *Die Kerkblad*, 45(946):10.

Henning, R. 2010. Psigobiografiese persoonlikheidsbeskrywing van generaal Christiaan de Wet. Grahamstad: Rhodes Universiteit. (Proefskrif – PhD).

Heyns, J.A. 1964. Die Teologiese Antropologie van Karl Barth vanuit Wysgerig-Antropologiese Oriëntering. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Hofmeyr, J.W. 1986. Johannes du Plessis in kerkhistoriese perspektief: Ketter of profeet? *Theologia Evangelica*, 19(1):4-14.

Howell, J.H. 2004. Binding aan kerklike besluite: 'n Gereformeerd kerkregtelike studie. https://repository.nwu.ac.za/handle/10394/442.pdf. Datum van gebruik: 23 Maart 2018. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif – ThD).

Jooste, C. 2011. Sola Scriptura – Die Skrifbeskouing in die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika sedert 1959: 'n Dogmaties-historiese ondersoek. http://hdl.handle.net/10394/8408 Datum van gebruik: 24 Julie 2018. Potchefstroom: NWU. (Skripsie – ThM).

Jooste, J.P. 1958. Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1959. Potchefstroom: Potchefstroom Herald.

Jooste, J.P. 1960. Die Gereformeerde Kerk Burgersdorp: 1860-1960. Potchefstroom Herald.

Jooste, J.P.1972. Bedieningstyd dr. CJH de Wet:1916-1923 (*In* Van der Walt, C., Coetzee, J.H., *reds.* Gereformeerde Kerk Steynsburg:1872-1972. p. 25-27).

Joubert, A. 2000. Kulturele hart van die Noordoos-Kaap: Burgersdorp. Burgersdorp: Plaaslike toerismevereniging.

Kempff, D. Argief (GKSAA) Teologiese Studente Aantekeninge. 1.7-1.15.(1.9).

Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. 1962. Bevinding en uitspraak met Betrekking tot die Klag teen Prof. Dr. A.S. Geyser. *Die Hervormer*, 53(3):6-14.

Koorts, L. 2014. DF Malan en die opkoms van Afrikaner Nasionalisme. Kaapstad: Tafelberg uitgewers.

Kotzé, C.S. 1984. Die NG Kerk en die Ekumene – 1. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Kotzé, D.N.G. 1982. Ek blaai terug. Potchefstroom: Calvyn – Jubileumboekefonds.

Kruger, G.H.J. Argief (GKSAA) Teologiese Studente Aantekeninge. 1.7-1.15 (1.10).

Krüger , I.D. & Spoelstra, T.T. 1945. Offisiele stukke i.v.m. die saak van prof.dr. C.J.H. de Wet. *Die Kerkblad*, 47(1016): 4.

Kuratore rapport. 1945. Pre-Advies soos goedgekeur deur die Kuratore in hul vergadering 14 en 15 Aug. 1945. *Die Kerkblad,* 47(1026): 4-23.

Kuratore rapport. 1945. Bevinding van kuratore op hulle vergadering 24-26 Oktober 1945. *Die Kerkblad*, 47(1026): 4-20.

Labuschagne, C. 2011. Beyers Naudé en het verzet tegen de apartheid: Achtergrondinformatie van een medestrijder van het eerste uur. http://www.labuschagne.nl/artikelen/BN-lezing%202011.pdf Date of Access: 23 Mrt. 2018.

Langner, D. 2007. Knegte van die Allerhoogste teen die hele wêreld vry: Koot Vorster- Segsman of profeet? Bloemfontein: UOVS. (Proefskrif - PhD).

Langner, D. 2015. NJ Hou Koers. Pretoria: FAK.

Lewis, H.O. 2016. Apartheid: Britain's Bastard child. Wandsbeck: Reach Publisher.

Liebenberg, B.J. 1969. Die unie van Suid-Afrika tot die statuut van Westminster, 1910-1931. (*In* C. Muller., *red.* Vyfhonderd jaar: Suid-Afrikaanse Geskiedenis. Pretoria: Academica. p. 344-370).

Liebenberg, B.J. 1969. Die statuut van Westminster tot die Republiek van Suid-Afrika, 1931-1961. (*In* Muller, C.F.J. *red.* 500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis. Pretoria: Nasionale Handelsdrukkery Bpk. p. 371-401).

Lion Cachet, J. 1911. “Wie veracht den dag der kleine dingen?”: Afscheidswoord gesproken door Prof. Jan Lion-Cachet, bij het neerleggen van zijn ambt als Professor in de Theologie aan de Theologische School der Ger. Kerk van Zuid-Afrika. Potchefstroom: AH Kooman, Boek- en Muziekhandelaar.

Loots, Z.B. 1977. Kotzé, Christiaan Rudolph. (*In* Krüger, DW., Beyers, C.J. *reds*. Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, Deel III. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers. p. 489- 490).

Los, S.O. 1911. Kort Overzicht van de Geschiedenis der Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika ten dienste van mijn katechisanten. Pretoria: ND van der Reyden.

Los, S.O. 1914. De Paraenetiese Nakatechisatie: Rede gehouden bij de aanvaarding van het hoogleraarsambt in de theologie aan de Theologiese School te Potchefstroom, op Zaterdag 7 Februarie 1914. Potchefstroom: A.H. Koomans.

Los, S.O. 1919. Droomen van Millennium Zieners. Potchefstroom: A.H. Koomans.

Louw, R. 2009. Die kerkregtelike ontwikkeling van die Kaapse Kerk vanaf die stigting van die raad van kerke tot by die sinode van 1924. (*In* Die bydrae van dr. JD (Koot) Vorster tot die kerkregtelike ontwikkeling van die Ned.Geref. kerk. Pretoria: Universiteit van Pretoria. p.141-210).

Malan, F.S. 1933. Ons Kerk en prof. Du Plessis. Kaapstad: Nasionale Pers Beperk.

Marx, C. 1998. Oxwagon Sentinel: Radical Afrikaner Nationalism and the History of the Ossewabrandwag. Unisa: Unisa Press.

Meijer, G.J. 2006. Appèl met die oog op regsherstel : 'n Gereformerd kerkregtelike studie. https://repository.nwu.ac.za/handle/10394/78.pdf Datum van gebruik: 23 Maart 2018. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif – ThD).

Meijer, J.W. 2010. Tussen hamer en aambeeld Deel 3. Pretoria: Boekenhout.

Meijer, J.W. 2011. Tussen Hamer en Aambeeld. Deel 4. Pretoria: Aros-uitgewery.

Moodie, T.D. 1980. The Rise of Afrikanerdom. Power, Apartheid, and the Afrikaner Civil Religion. University of California: California Press.

Muller, C.F.J. 1990. Sonop in die Suide: Geboorte en groei van die Nasionale Pers 1915-1948. Kaapstad: Tafelberg uitgewers.

Naudé, B. 1995. My land van hoop: Die lewe van Beyers Naude. Kaapstad: Human & Rousseau.

Norman, J.A.J. 2015. Lasya Christina de Wet, f10g2. https://www.geni.com/people/Lasya-Christina-de-Wet-f10g2/6000000011863648879 Date of access: 30 Mrt 2015.

Olivier, A.R. 2002. Die NG Kerk en die Tweede Wêreldoorlog – verkennende aantekeninge oor die invloed van ideologie op die verhouding tussen kerk en staat. *Ned.Geref. Teologiese Tydskrif,* 43(1): 256-265.

Olivier, A. 2009. Hoofstuk 1; 1652-1963: Afdeling 3: Die jare van die leerstryd 1910-1935. (*In* Teologie: Stellenbosch 150+. Die verhaal van teologiese opleiding op Stellenbosch - die mense en die geboue. Wellington: Bybel-Media. p. 15-21).

Pama, C. 1983. Die groot Afrikaanse Familienaamboek. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

Papp, K.D. 2010. Die lewe en werk van ds. Kálmán Papp II (geb. 1924), met verwysing na die Hongaarse agtergrond, die Nederlandse periode en die Suid-Afrikaanse Periode. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Proefskrif – PhD).

Pauw, J.C. 2006. Beyers Naudé, The secular Christian. (*In* Hansen, L., Vosloo, R., *eds.* Oom Bey for the future: Engaging the witness of Beyers Naude. Beyers Naude Centre Series on Public Theology Volume 2: Sun Press. p. 9-15).

Pelser, A.J. Argief (GKSAA) Teologiese Studente Aantekeninge. 1.7-1.15 (1.14).

Pillay, G. 1994. Christianity in the years before union. [Electronic Logos Library System.] (*In* Hofmeyr, J. & Pillay, G. *eds.* A History of Christianity in South-Africa: Volume 1. Chapter 6. Pretoria: HAUM).

Plaatjies-Van Huffel, M. 2008. Die Doleansiekerkreg en die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Proefskrif - PhD).

Postma, D. 1924. Verkiesing derde professor. *Die Kerkblad*, 25(539):11.

Postma, D. 1924. Derde professor Teologiese Skool. *Die Kerkblad*, 25(541):13.

Postma, D. 1925. Rede gehou na aanleiding van 2 Korinthe 4:6 met die installasie van dr. C. de Wet as professor in die teologie. *Die Kerkblad,* 25(551):1-6.

Postma. J. Argief (GKSAA) Teologiese Studente Aantekeninge. 1.7-1.15 (1.15).

Prinsloo, P.J.J. 1996. Die kentering in die kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag, 1939-1940. *Koers,* 61(3):345-361.

Raath, A.W.G. 2014. Hoofstuk 5, Wes-Transvaal en die Rebellie, 1914-1915 (*In* Langner, D.J., Raath, A.W.G., *reds.* Die Afrikanerrebellie. Bloemfontein: Kraal Uitgewers p.83-108).

Ras, J.L. 1981. Jan Lion Cachet as Kerkman (1865-1912). Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif - ThD).

Redaksie, 1944. Opmerkinge van die Redaksie i.v.m. sekere meditasies. Job (1). *Die Kerkblad,* 47(989):8-10.

Redaksie, 1944. Opmerkinge van die Redaksie i.v.m. sekere meditasies. Job (2). *Die Kerkblad,* 47(990):9-10.

Sadler, T. 1979. Die kerklike tughandeling. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

Scher, D. 2012. Die vestiging van die apartheidstaat. (*In* F. Pretorius., *red.* Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag Kaapstad: Tafelberg. p.293-312).

Schokking, H. 1902. De Leertucht in de Gereformeerde Kerk van Nederland tusschen 1570 en 1620. Amsterdam: Universiteit van Amsterdam. (Proefschrift – Doctor in de Godgeleerdheid).

Scholtz, D.A. 1975. Ds. S.J. du Toit. As Kerkman en Kultuurleier. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Proefskrif – PhD).

Scholtz, G.D. 1979. Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner. Deel VII. 1924-1939. Johannesburg: Perskor Boekdrukkery.

Scholtz, G.D. 1984. Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner. Deel VIII. 1939-1948. Johannesburg: Perskor Boekdrukkery.

Scholtz, G.D. 2013. Die Rebellie 1914-1915. Johannesburg: Ultra Litho.

Scholtz, J.J.J. 1981. Pirow, Oswald. (*In* Beyers, C.J., *red.* Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, Deel IV. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing. p. 631-633).

Schutte, G.J. 2005. The Vrije Universiteit and South Africa: 125 years of sentiments and good faith. http://rozenbergquarterly.com/poem-the-vrije-universiteit-and-south-africa-125-years-of-sentiments-and-good-faith/. pdf Date of access: 7 Januarie 2017.

Smit, C.J. 1983. Wat is kerklike orde? 'n Gereformeerd Kerkregtelike studie. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling – ThM).

Smit, C.J. 1985. Kerkreg en Kerkorde: In die lig van God se reg en orde vir sy Kerk. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif – ThD).

Spoelstra, B. 1981. Calvyn se kerkreg en invloed op kerke in Suid-Afrika. *In die Skriflig*, 15(59): 4-23.

Spoelstra, B. 1989. Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering: Handboek by die Kerkorde. Pretoria: V&R Drukkery.

Steyn, R. 2015. Jan Smuts: Unafraid of Greatness. Johannesburg: Jonathan Ball Publishers.

Strauss, P. 1998. N.J. van der Merwe: Tipiese Afrikaanse neo-Calvinis van die twintiger- en dertigerjare? *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif,* 39(1&2):54-64.

Strauss, P. 2014. Gereformeerdes onder die Suiderkruis: 1652-2011. Bloemfontein: SUN MeDIA.
Theunissen, N.H. 1945. Afkoms van Wêreldberoemde Figuur: Die Familie De Wet. *Die Brandwag*: 31, 21 Des.

Thom, H. 1980. DF Malan. Kaapstad: Tafelberg.

Van Aarde, A.G. 1992. AS Geyser, teologiese dosent 1946-1961. *Hervormde Teologiese Studies,* 48(1&2):159-176.

Van Aarde, A.G., De Villiers, G.R. & Buitendag, J. 2014. The forgotten struggle of Albert Geyser against racism and apartheid. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 70(1):1-10.

Van den Brink, G. 2012. Vroom en daarom rechtzinnig: Brümmer over het primaat van de geloofsbeleving. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 53(Supplementum 3):148-157.

Van den Heever, C.M. 1946. General JBM Hertzog. Johannesburg: A.P.B. Bookstore.

Van der Linde G.P.L. 1963. Die grondbeginsels van die Presbiteriale Kerkregeringstelsel. Potchefstroom: Pro Rege-Pers Beperk.

Van der Linde, GPL. 1978. Die beoefening van die kerkreg in die Gereformeerde Kerk in S.A. sedert 1859. *In die Skriflig*, 12(48):52-72.

Van der Merwe, N.J. 2001. Die Burgemeester van Sannaspos - oorlogsoutobiografie van N.J. van der Merwe. Pretoria: Bienedell uitgewers.

Van der Schyff, P.F. 1974. Eric H. Louw in die Suid-Afrikaanse Politiek tot 1948. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif-PhD).

Van der Schyff, P.F. 2003. Hoofstuk 3.1: Konsolidasie en groei: Die gewetensklousule en die herstel van die “Verminkte vaandel” (1921-1933). (*In* Wonderdaad...! Die PUK tot 1951. Wording, vestiging en selfstandigheid. Potchefstroom: PU vir CHO. p.344-378).

Van der Schyff, P.F. 2003. Hoofstuk 3.2: Konsolidasie en groei: Konsolidasie (30-erjare). (*In* Wonderdaad...! Die PUK tot 1951. Wording, vestiging en selfstandigheid. Potchefstroom: PU vir CHO. p.379-408).

Van der Schyff, P.F. 2003. Hoofstuk 4.1: Die PUK in die samelewing: Die PUK en die politiek,30-erjare. (*In* Wonderdaad...! Die PUK tot 1951. Wording, vestiging en selfstandigheid. Potchefstroom: PU vir CHO. p.475-492).

Van der Schyff, P.F. 2003. Hoofstuk 4.3: "Storm en drang" - politiek, 40-erjare (*In* Wonderdaad...! Die PUK tot 1951. Wording, vestiging en selfstandigheid. Potchefstroom: PU vir CHO. p.513-526).

Van der Schyff, P.F. 2003. Hoofstuk 4.4: PUK en die rasse- of kleurvraagstuk: "Die grootste probleem in ons land". (*In* Wonderdaad...! Die PUK tot 1951. Wording, vestiging en selfstandigheid. Potchefstroom: PU vir CHO. p.527-554).

Van der Schyff, P.F. 2003. Hoofstuk 5.1: Handhawing van PUK-karakter. (*In* Wonderdaad...! Die PUK tot 1951. Wording, vestiging en selfstandigheid. Potchefstroom: PU vir CHO. p.527-554).

Van der Vyver, G.C.P. 1969. Prof. CJH de Wet (1887-1958) (*In* Van der Vyver, G.C.P., *red.* My erfenis vir my mooi. Potchefstroom: Kalvyn Jubileum Boekefonds p.157-158).

Van der Vyver, G.C.P. & Jooste, J.P. 1972. Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk Steynsburg: Lewensketse van afgestorwe predikante. Steynsburg: Steynsburg Drukkery.

Van der Vyver, G.C.P. 1975. Die wordingsgeskiedenis van die Metodisme. (*In* Buys, P.W., Coetzee, P.J. & Van der Vyver, G.C.P., *reds.* “Revival” of Reformasie? ’n Studie oor Metodisme. Reeks as Geesteswetenskappe, nr. 18. Wetenskaplike Bydraes van die P.U. vir C.H.O. p. 1 - 15).

Van der Vyver, M.D. 1958. Die Christelike–Nasionale Onderwysbeweging op Steynsburg:1904-1950. Potchefstroom: PU vir CHO (Verhandeling -ThM).
Van der Walt, H. 1942. Korrespondensie: Adv. Pirow en sy nuwe orde. *Die Kerkblad*, 45(959): 14.

Van der Walt, P.D. 1963. SJ du Toit. Vegter vir sy taal. Kaapstad: Human en Rousseau.

Van Jaarsveld, F.A. 1961. The awakening of Afrikaner Nationalism. Cape Town: Human & Rousseau.

Van Jaarsveld, F.A. 1975. From Van Riebeeck to Vorster 1652-1974. Johannesburg: Perskor Publishers.

Van Rensburg, A.P.J. 1977. De Wet, Casparus Jan Hendrik. (*In* Krüger, D.W., Beyers, C.J., *red.* Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, Deel III. Kaapstad: Tafelberg uitgewers. p. 235-236).

Van Schoor, M.C.E. 1969. Die Oranje-Vrystaat. (*In* Muller, C.F.J., *red.* 500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis. Pretoria: Nasionale Handelsdrukkery Bpk. p. 204-222).

Van Schoor, M.C.E. 1987. Van der Merwe, Nicolaas Johannes. (*In* Beyers, C.J., *red.* Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, Deel V. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing. p. 851- 853).

Van Til, C. 1961. Bavinck the Theologian. Philadelphia: Mauriel Jacobs inc.

Van Tonder, J.M. 2009. Die eerste honderd jaar. (*In* Lourens, S., Vorster, H., Bothma, N., Van der Merwe, N., Vorster, K., *reds.* Uit dankbaarheid – 1959 – 2009: Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. p.15-24).

Van Tonder, J.M. 2013. Die pastorale rol van die Hollands-Afrikaanse Kerke gedurende die Tweede-Wêreldoorlog (1939-1945)-'n Kerkhistoriese studie. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif – PhD).

Van Vuuren, I. 1989. Ds. J.V. Coetzee 1891-1952. (*In* Die Gereformeerde Kerk Potchefstroom: 1863-1988. Potchefstroom Herald. p. 47-48).

Van Wyk de Vries, K.S. 1967. Herwaardering van A. Kuyper se bydrae tot die Gereformeerde Teologie noodsaaklik. *In die Skriflig,* 1(2):31-44.

Van Wyk, J.H. 1974. Die vraag na 'n nuwe belydenisskrif. *In die Skriflig,* 8(32):22-33.

Van Wyk, J.H. 1980. ’n Oorsig oor die na-oorlogse teologiese ontwikkeling in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (GKSA). *In die Skriflig,* 14(54):27-50.

Van Wyk, J.H. 2003. Die redakteur gesels met Prof. P.J. Coetzee. *Die Kerkblad*, 106(3151):12-13.

Van Wyk, J.H. 2006. Die redakteur gesels met Prof. L.J. (Louis) Botha. *Die Kerkblad*,109(3191): 9-12.

Van Wyk, N. 2016. A van Selms. Die Belydenis van die Hervormers: ’n Katkisasieboek oor die Christelike Geloofsleer. *Tydskrif vir Hervormde Teologie,* 4(1):1-46.

Venter, P.J. 2014. Roeping en stryd in die kerklike bediening van HPh J Pasch en GBS Pasch. Potchefstroom: NWU-kampus. (Verhandeling-ThM).

Visser, J. 1980. Kerklike tug: Wat sê die Nuwe Testament? Pretoria: TG van Wyk Drukkers.

Visser, J. 1982. Die tug oor ampsdraers. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif – ThD).

Visser, J. 1983. Die tug oor ampsdraers. *In die Skriflig,* 17(65):16-31.

Visser, J. 1986. Die tug oor ampsdraers tydens die doleansie van 1986. *In die Skriflig,* 20(80): 25-35.

Visser, J. 1999. Die Kerkorde in Praktyk. Orkney: EFJS Drukkers.

Vorster, J.M. 2008. Aangepaste teologie, "ivoortoring"-teologie of toegepaste teologie. *Die Kerkblad*, 110(3209):10-11.

Vosloo, R. 2015. Dealing with division: Some responses to World War II within the Dutch Reformed Church on synodical and congregational level (1936-1944). *Studia Historiae Ecclesiasticae*, 40(2):57-70.

Wilkins, I. & Strydom, H. 2012. The Super Afrikaners inside the Afrikaner-Broederbond. Johannesburg & Cape Town: Jonathan Ball Publishers.

Williams, H.H. 2006. JA Heyns en die Nederduitse Gereformeerde Kerk en Apartheid. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat. (Proefskrif - PhD).